UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kernkapasiteite van die predikant as missionale leier in die vorming van ’n missionale gemeentekultuur.

deur

Gert Stefanus Cordier

Promotor: Prof CJP Niemandt

Mede-promotor: Dr J Pillay

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad PhD in die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.

Februarie 2014

© University of Pretoria

“You must be the change you wish to see in the world.”

Mahatma Gandhi

Opgedra aan:

My vrou en ons gesin.

Met dank en erkenning aan:

My promotor, Prof CJP Niemandt, vir sy leiding en ondersteuning.

My twee en twintig respondente vir julle tyd en toewyding aan missionale kerkwees.

Frederick Marais en vennote by die SAVGG wat my lewe en bediening oneindig verryk het.

Kollegas en gemeente van die NGK Randfontein-Noord sonder wie se ondersteuning hierdie navorsing onmoontlik sou wees.

Die Universiteit van Pretoria.

© University of Pretoria

SAMEVATTING

Die doelwit met hierdie navorsing is die identifisering van die kernkapasiteite waaroor 'n predikant as missionale leier binne 'n hoofstroomgemeente moet beskik ten einde die gemeente suksesvol te kan begelei in die vorming van 'n missionale gemeentekultuur en bedieningspraktyk. Die navorsing word gedoen binne die konteks van die groot paradigmatiese skuiwe in die missiologie sedert die middel van die vorige eeu, soos dit deur Leslie Newbigin geïnisieer, deur David Bosch aangevul en versterk, en deur die *Gospel and Our Culture Network* verder gevoer en uitgewerk word.

Die *missio Dei* vorm die vertrekpunt vir 'n missionale ekklesiologie. Sending is nie 'n aktiwiteit van die kerk nie, maar die handeling van God Drie-enig. Die funksie van die kerk is deelname aan die *missio Dei* in die wêreld en ganse skepping. Missionale leierskap setel nie in 'n individu of amp nie, maar ontvang sy gesag van God en is gegee aan die geloofsgemeenskap. Sodanige leierskap vervul 'n funksie radikaal verskillend van die tradisionele of kontemporêre definisie van leierskap. Missionale leierskap is in wese geloofsonderskeidend en geloofsvormend van aard en vorm binne die geloofsgemeenskap die kennis, vaardighede, houdinge en gewoontes ten einde die geloofsgemeenskap individueel en korporatief te bemagtig vir die onderskeiding van en deelname aan die *missio Dei* binne die daaglikse konteks waarbinne God die gemeente roep, vorm en stuur. Vanuit die rol wat histories en ampshalwe aan die predikant in 'n hoofstroomgemeente toegeken word, vervul die predikant 'n sleutelfunksie ten einde die gemeente suksesvol te kan begelei in die proses van aanpassende verandering en missionale gemeentevorming.

'n Kwalitatief empiriese ondersoek by gemeentes binne die Suider-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes (SAVGG) ondersoek die kernkapasiteite wat vir die predikant as missionale leier nodig is. Die ondersoek onderskei vier verskillende rolle vir die predikant as missionale leier: die predikant as apostel of gestuurde; die predikant as teoloog en taalskepper; die predikant as fasiliteerder en begeleier van die proses van aanpassende kultuurverandering; en die predikant as geestelike begeleier en mentor. Die navorsing onderskei voorts die verskillende kapasiteite (kennis, vaardighede houdinge, en gewoontes) wat kernbelangrik is vir die predikant vir die vervulling van hierdie viervoudige rol op weg na missionale gemeentevorming.

© University of Pretoria

SLEUTELTERME

Missio Dei

Missionale kerk (*misso ecclesiae*)

Missionale Leier

Predikant (as missionale leier)

Kernkapasiteite

Geloofsonderskeiding

Geloofsvorming en dissipelskap

Geloofsvormende dissiplines, -praktyke en -gewoontes

Geestelike begeleiding

Aanpassende verandering

Missionale vorming

© University of Pretoria

SUMMARY

The research goal is to identify the core-capacities needed for a minister or pastor in a mainline church in order to be able to successfully lead the congregation in the formation of a missional congregational culture and ministry. The research is done within the wider context of huge paradigm shifts in missiology since the middle of the twentieth century, as it was initiated by the work of Leslie Newbigin, explored and enriched by David Bosch, and further developed and elaborated on within the Gospel and Our Culture Network.

The *missio Dei* is the point of departure for a missional ecclesiology. Mission is not an activity of the church, but an act of God Trinity. The position and role of the church is as participants in the *missio Dei* in the world and in the whole of creation. The authority of missional leadership is not situated in a single person or in an office, but comes from God as a gift to the faith community. Such leadership differs radically in function and goal from the historical and contemporary definition of leadership. Spiritual discernment and -formation is central to missional leadership. Missional leaders cultivates within the faith community the knowledge, practices, attitudes and habits in order to empower the community individually and corporately for discernment and participation in the *missio Dei* in the daily life and context in which God has called, formed and sent the congregation. A minister or pastor in a mainline church is, given his or her historical function and role within such a congregation, a critical factor in the process of adaptive change necessary for the formation of the congregation as a missional community.

A qualitative empirical research within the context of the South-African Partnership of Missional Churches (SAPMC) explores the core-capacities necessary for the minister or pastor as a missional leader. Four different roles for the minister or pastor as missional leader are identified: the minister or pastor as apostle or missionary (one being sent); the minister as theologian and creator of language; the minister as facilitator of the process of adaptive cultural change; and the minister as spiritual director and mentor. The research in completion identify the different core-capacities (knowledge, practices, attitudes and habits) of key importance for the pastor or minister for the fulfilment of the fourfold role required for the journey towards the formation of a missional community of faith.

© University of Pretoria

KEY TERMS

Missio Dei

Missional church (*missio ecclesiae*)

Missional Leader

Minister or Pastor (as missional leader)

Core-capacities

Spiritual discernment

Spiritual formation and discipleship

Spiritual disciplines, -practices and -habits

Spiritual direction

Adaptive change

Missional formation

© University of Pretoria

INHOUDOPGAWE

1.	**INLEIDING.**	**11**
1.1.	FOKUS.	11
1.2.	NAVORSINGSPROBLEEM (KONTEKS / RASIONAAL / AGTERGROND).	11
1.3.	NAVORSINGSDOELWIT EN -HIPOTESE.	16
1.4.	NAVORSINGSONTWERP.	16
1.5.	NAVORSINGSMETODOLOGIE.	17
1.5.1.	Ontledingseenheid.	17
1.5.2.	Populasie en Data-afbakening (“Sampling”).	17
1.5.3.	Data insamelingstegniek.	18
1.5.4.	Vooraf toetsing (“piloting”).	18
1.5.5.	Datagenerering en -ontleding.	18
1.5.6.	Geloofwaardigheid.	19
1.6.	UITEENSETTING VAN STUDIE.	19
1.7.	WAARDE VAN NAVORSING.	20
1.8.	POSISIE VAN DIE NAVORSER.	21
1.9.	KONSEPTUALISERING.	21
1.9.1.	Missionale Kerk.	22
1.9.2.	Missionale gemeentekultuur en -praktyk.	22
1.9.3.	Missionale Leier.	22
1.9.4.	Predikant (as missionale leier).	23
1.9.5.	Kernkapasiteite (vir die predikant as missionale leier).	23
2.	***MISSIO DEI* EN *MISSIO ECCLESIAE.***	**25**
2.1.	FOKUS EN DOELWIT.	25
2.2.	*MISSIO DEI* EN *MISSIO ECCLESIAE.*	25
2.3.	DIE SAVGG EN “MISSIONALE KERK”.	34
2.3.1.	’n Missionale ekklesiologie vir die SAVGG?	34
2.3.2.	Die proses (SAVGG).	36
2.3.2.1.	Bronne en aanvullende literatuur.	36
2.3.2.2.	Oorsprong en vennote.	36
2.3.2.3.	Oorsig, fokusgroep en verwagte uitkoms.	37
2.3.2.4.	Vier fases.	38

© University of Pretoria

2.3.3. Sleutelkonsepte. 44
2.3.3.1. Missio Dei. 44
*2.3.3.2. Missio ecclesiae (*of gestuurde gemeente). 44
2.3.3.3. Geloofsonderskeiding. 45
2.3.3.4. Godsvrae. 45
2.3.3.5. Wandel in die Woord. 46
2.3.3.6. Wandel in die Wêreld. 47
2.3.3.7. Plons. 48
2.3.3.8. Waag om te misluk. 49
2.3.3.9. God se voorkeurtoekoms. 49
2.3.3.10. Geloofsvormende gewoontes en praktyke. 50
2.3.3.11. Geestelike dissiplines of geloofsgewoontes. 50
2.3.3.12. Vreemdeling (Verwelkoming van ... & gasvryheid). 51
2.3.3.13. Brug-gemeenskap. 51
2.3.3.14. Gestuurde roeping. 51
2.3.3.15. Gestuurde leier(s). 52
2.3.3.16. Verras deur die Heilige Gees. 52

2.4. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGE. 52

3. MISSIONALE LEIERSKAP. 63

3.1. FOKUS EN DOELWIT. 63

3.2. DIE SAVGG EN “MISSIONALE LEIERSKAP”. 64
3.2.1. Missionale gesag (Van Kooten & Barrett 2004). 66
3.2.1.1. Leierskap is ’n sleutelfaktor vir die vorming van missionale geloofsgemeenskappe. 66
3.2.1.2. Missionale leierskap vind sy oorsprong en gesag by God. 67
3.2.1.3. Missionale leierskap setel nie in die individu nie, maar in die geloofsgemeenskap. 68
3.2.1.4. Missionale leierskap kweek binne die geloofsgemeenskap die onderskeiding van missionale roeping. 69
3.2.1.5. Missionale leierskap is intensioneel om geloofvormende praktyke te vestig wat die gestuurde roeping in die lewe van die gemeente en gemeenskap demonstreer en beliggaam. 70
3.2.2. Vier fases, vyf kapasiteite (Die SAVGG proses). 71
3.2.3. Sleutelkonsepte. 82
3.2.3.1. Missionale leierskap as “geloofsonderskeiding” (“discernment”). 82
3.2.3.2. Missionale leierskap as “vorming” (“formation”). 88
3.2.3.3 Missionale leierskap as beliggaming (“embed”). 89
3.2.3.4. Missionale leierskap en roeping (“fokus”). 90
3.2.4. Gevolgtrekkinge. 92

3.3. DIE PREDIKANT AS MISSIONALE LEIER BINNE DIE SAVGG. 94
3.3.1. ’n Sleutelfaktor. 94
3.3.2. Die rol van die predikant in die SAVGG-proses. 103
3.3.3. Die persoonlike vorming van die predikant as missionale leier. 105
3.3.4. Die predikant as skepper van ’n gestuurde taal en verbeelding. 107

© University of Pretoria

3.3.5.	Die predikant as skepper van kapasiteit.	108
3.3.6.	Die predikant en die vorming van missionale geloofsgemeenskappe.	110
3.3.7.	Kernkapasiteite vir die predikant - Twee antwoorde uit die praktyk.	113
3.4.	DIE MISSIONALE LEIER – RESENTE NAVORSING VANUIT DIE MISSIOLOGIE.	114
3.4.1.	The Sky is falling?! Leaders lost in Transition. (2005).	114
3.4.2.	The missional leader. Equipping your church to reach a changing world. (2006).	115
3.4.3.	Missional Map-making. Skills for leading in times of transition. (2010).	123
3.4.4.	Gevolgtrekking.	125
3.5.	LEIERSKAP IN TRANSISIE – 'N INTERDISSIPLINÊRE GESPREK.	126
3.5.1.	C. Otto Scharmer – "Theory U".	127
3.5.1.1.	Ontdek die Blindekol.	127
3.5.1.2.	Vier veldstrukture van aandag - Vier tipes van luister.	129
3.5.1.3.	Vier vlakke van ontluiking.	132
3.5.1.4.	Die U-proses - vyf beweginge.	133
3.5.1.5.	'n Nuwe sosiale tegnologie: Sewe leierskapskapasiteite.	137
3.5.1.6.	Buigpunte: verskuif die kwaliteit van aandag.	144
3.5.1.7.	Gevolgtrekking.	147
3.5.2.	Dr I Gous - Denk- en leerstyle (breinvoorkeur).	150
3.5.3.	Dr Mariët van Niekerk – Neuroplastisiteit.	151
3.6.	SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGE.	152
4.	**EMPIRIESE ONDERSOEK.**	**157**
4.1.	FOKUS EN DOELWIT.	157
4.2.	TEORETIESE FUNDERING.	157
4.3.	NAVORSINGSMETODOLOGIE.	162
4.3.1.	Populasie en data-afbakening.	162
4.3.2.	Steekproefneming.	163
4.3.3.	Datagenerering.	164
4.3.4.	Dataontleding.	165
4.4.	NAVORSINGSBEVINDINGS.	165
4.4.1.	Missionale gemeentevorming.	167
4.4.1.1.	Gemeentetransformasie.	167
4.4.1.2.	Bydraende faktore.	186
4.4.1.3.	Uitdaginge wat gemeentes te bowe moes kom.	200

© University of Pretoria

4.4.2. Die rol en funksie van die predikant in die proses van missionale gemeentevorming. 213
4.4.2.1. Rol en funksie van die predikant. 213
4.4.2.2. Unieke en belangrikste bydrae. 226
4.4.2.3. Grootste persoonlike uitdaginge vir predikante. 231
4.4.3. Die persoon en vorming van die leraar. 240
4.4.3.1. Die transformasie van die predikant as persoon en as leraar. 240
4.4.3.2. Wat moet predikante afleer of aanleer? 247
4.4.3.3. Ander bydraende faktore. 257
4.4.4 Kernkapasiteite van die predikant as missionale leier. 259
4.4.4.1. Die predikant as apostel of gestuurde. 260
4.4.4.2. Die predikant as teoloog en taalskepper. 263
4.4.4.3. Die predikant as fasiliteerder en begeleier van die proses van aanpassende kultuurverandering. 265
4.4.4.4. Die predikant as geestelike begeleier en mentor. 273
4.4.5. Verdere Navorsing. 279

4.5. GELOOFWAARDIGHEID. 281

5. NAVORSINGSBEVINDING. 285

5.1. FOKUS EN DOELWIT. 285

5.2. SAMEVATTENDE BEVINDING. 285
5.2.1. Missionale leierskap. 285
5.2.2. Die predikant as missionale leier. 287

5.3. BEVINDING TEN OPSIGTE VAN DIE NAVORSINGSDOELWIT EN NAVORSINGSHIPOTESE. 290

5.4. VERDERE NAVORSING. 292

5.5. FINALE KONKLUSIE. 293

BYLAE A: GESPREKSRIGLYN. 294

AANHALINGS RESPONDENTE. 295

Aanhalings PR_1. 295

Aanhalings PR_2. 308

Aanhalings PR_3. 319

Aanhalings PR_4. 337

Aanhalings PR_5. 359

Aanhalings PR_6. 371

Aanhalings PR_7. 388

© University of Pretoria

Aanhalings LR_8. 402

Aanhalings LR_10. 416

Aanhalings PR_11. 426

Aanhalings PR_12. 446

Aanhalings PR_13. 461

Aanhalings PR_14. 472

Aanhalings PR_15. 487

Aanhalings PR_16. 506

Aanhalings PR_17. 520

Aanhalings PR_18. 535

Aanhalings PR_19. 552

Aanhalings LR_20. 567

Aanhalings LR_21. 582

Aanhalings LR_22. 595

Aanhalings LR_23. 606

LITERATUURVERWYSINGS. 625

© University of Pretoria

© University of Pretoria

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1. INLEIDING.

1.1. FOKUS.

Hierdie hoofstuk is inleidend en het ten doel om:

- Die rasionaal, konteks en agtergrond van die navorsing te beskryf;
- Die navorsingsprobleem, -doelwit en -hipotese te formuleer;
- Die navorsingsmetodologie te beskryf; en
- Enkele sleutel-konsepte voorlopig te omskryf.

Die volgende vrae sal in die proses aangespreek word:
Wat word ondersoek?
Waar is dit 'n probleem?
Hoekom is dit 'n probleem?
Hoe word die navorsing gedoen?
Wat word ter inleiding met "missionale kerk", "missionale leier", "predikant" en "kernkapasiteit" bedoel?

1.2. NAVORSINGSPROBLEEM (KONTEKS / RASIONAAL / AGTERGROND).

Hierdie studie word onderneem binne die **konteks** van 'n wêreldwye herontdekking van die missionale aard en gerigtheid van die plaaslike kerk (Joubert *Rapport WEEKLIKS* 2011:ii). Niemandt (2010b:5; 2013:20) praat in navolging van McNeal van 'n *"globale missionale renaissance."*[1]

Hierdie "wedergeboorte" van die kerk kan teruggevoer word na die werk en lewe van Leslie Newbigin (1909-1998). Met sy terugkeer in Engeland

[1] Dreyer (2011:16) verwys na Kärkkäinen wat op sy beurt praat van 'n "ekklesiologiese renaissance". Kärkkäinen voer drie redes hiervoor aan: 1. Die internasionale ekumeniese beweging; 2. Die groei van inheemse kerke in die Derde Wêreld; en 3. Nuwe benaderings tot kerkwees wêreldwyd. Hierdie twee bewegings is in werklikheid intens verweef. Die ontdekking van die missionale aard en wese van die kerk stimuleer wêreldwyd die besinning oor die ekklesiologie. Dreyer se proefskrif is hiervan 'n bewys (Sien bv sy samevattende hoofstuk oor 'n missionale ekklesiologie as antwoord vir die NHKA, 2011:170-224).

© University of Pretoria

(1974) na bykans veertig jaar as sendeling in Indië, ontdek hy dat diepliggende paradigmaskuiwe tydens sy afwesigheid in die Westerse kultuur plaasgevind het (Hendriks 2009:112). Christendom het plek gemaak vir 'n kultuur wat homself as post-Christelik, en selfs as post-religieus, definieer. Newbigin sou die res van sy lewe daaraan wy om die kerk op te roep tot 'n herontdekking van sy missionale roeping tot die moderne Westerse kultuur (Shenk 1998:3-6; Roxburgh 2011:34-39). Bosch (1991) het Newbigin se werk en rigting aangevul en versterk.[2] Hy bied 'n oorsigtelike beskrywing van die groot paradigmatiese verskuiwinge in die missiologie sedert die middel van die twintigste eeu (1991:368-510). Bosch wys daarop dat sending toenemend verstaan word as deelname aan die *missio Dei* (1991:389-393). Binne hierdie ontluikende paradigma kan sending nie langer ekklesiologies of soteriologies verstaan word nie, maar kan die wese van sending alleen verstaan word vanuit die wese en aard van God. Die missionale inisiatief kom van God alleen. "Mission is not primarily an activity of the church, but an attribute of God. God is a missionary God." (1991:389,390)

Hierdie eerste treë is verder gevoer deur onder andere die *Gospel and Our Culture Network*, waarbinne teoloë soos Keifert, Guder, Van Gelder en Hunsberger die werk van Newbigin en Bosch verder sou ontwikkel en belangrike leiding gee oor die missionale aard van die kerk (Niemandt 2010b:6; Roxburgh 2011:51-53). Hedendaagse leidende teologiese stemme op dié gebied is onder andere Hirsch, McNeal, Niemandt en Roxburgh (Joubert *Rapport WEEKLIKS* 2011:ii). Bosch (1991:370) se begronding van die *missio ecclesiae* in die *missio Dei* vorm wêreldwyd die teologiese raamwerk waarbinne die gesprek oor die missionale karakter van die kerk gevoer word. Vandag is daar wêreldwyd 'n groeiende konsensus in die kerk dat gestuurdheid ("mission") nie 'n funksie van die kerk is nie, maar die rede is vir die bestaan van die kerk. "...[M]ission is not just a program of the church. It defines the church as God's sent people. Either we are defined by mission, or we reduce the scope of the gospel and the mandate of the church." (Guder 1998:6). Ook Gibbs (2001:55) bevestig: "The term 'missional' ... draws attention to the essential nature and vocation of the church as God's called and sent people. It sees the church primarily as the instrument of God's mission."

Die herontdekking van die missionale aard van die kerk geskied globaal binne die konteks van die groot paradigmatiese skuiwe wat oor die afgelope dekades gemeenskappe reg oor die wêreld getransformeer het (Gibbs &

[2] Hendriks (2009:112) beskryf Newbigin en Bosch as "The two most influential theologians who influenced these movements..."

© University of Pretoria

Coffey 2001:17-40, Niemandt 2007a:10-34; Robinson 2008:17-36). Niemandt (2010c:8; 2007a:10; 2007b:48) gebruik in navolging van Sweet (2007:17-36) die term "Perfekte Storm" om die gesamentlike impak van postmodernisme, post-Christendom en globalisasie op kultuur en kerk te beskryf. Roxburgh (2005:34) merk op: "There has emerged a recognizable consensus that Western society has been moving through a period of radical transition for the last fifty years and that this process of transition is continuing to pick up speed. In other words, discontinuous change is not going away."

In Suid-Afrika het die demokratiseringsproses sedert 1994, benewens globale transisie, ook hier bygedra tot die vorming van 'n totaal nuwe landskap waarbinne geloofsgemeenskappe funksioneer (Marais 2007:2,3). Een van die gevolge hiervan is 'n toenemende marginalisering van die kerk. Hendriks (2004:20) verwys na die "disestablishment of the church". Hierdie veranderende konteks, ingebed in die globale missionale renaissance, lei ook in Suid-Afrika tot 'n herontdekking van die missionale aard van die plaaslike gemeente (Niemandt 2010b:1-6). Die *missio Dei* word ook hier die oorkoepelende paradigma in die lig waarvan al meer gemeentes hulleself verstaan. Niemandt (2010b:6) vat saam: "Dit is duidelik dat daar 'n groeiende konsensus oor die missionêre aard van die kerk is – 'n verskuiwing van 'n kerkgesentreerde sending na 'n sendingefokusde kerk."

Die vorming van 'n missionale gemeente-kultuur in 'n plaaslike gemeente is 'n ingewikkelde proses en behels diepliggende paradigmatiese veranderinge. "Unless the paradigm at the heart of the culture is changed, there can be no lasting change." (Hirsch 2006:54) Verskeie netwerke word gevorm wat ten doel het om gemeentes en leraars in dié proses van die transformasie van gemeentekultuur te begelei en te ondersteun. Een van die belangrikste hiervan is die Suider-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes (SAVGG).

Die SAVGG behels 'n netwerk van gemeentes wat, volgens die Gemeentereisgids (Uitgawe 2 – Jan 2008:1), die volgende visie deel: "om te luister na God se spesifieke roeping vir ons, om deur God gestuur te word en om deur die Heilige Gees bemagtig te word om deel te wees van God se sending in die wêreld, sodat beide ons uitreik na die gemeenskap en ons lewe saam as gemeente 'n getuienis vir Jesus Christus kan wees." Die proses wat gevolg word, is deur Pat Keifert en die *Church Innovations Institute* in Noord-Amerika (CII-NA) ontwikkel en sedert 2004 in samewerking met *Communitas* vir die Suid-Afrikaanse konteks aangepas. Gedurende hierdie drie-jaar-lange reis word gemeentes deur 'n proses van

© University of Pretoria

geloofsonderskeiding aangemoedig om stelselmatig te transformeer in die lig van God se voorkeurtoekoms en beloftes vir die gemeente (Keifert 2007:56). Die proses is gebaseer op Everett Rogers se model van ontluikende vernuwing[3] en hou rekening met die feit dat mense beduidend verskil wat betref hulle openheid tot verandering (Keifert 2007:42-52). Vier fases[4] kan in die Vennootskap-reis onderskei word. Fase 1: Ontdekking; Fase 2: Verkenning; Fase 3: Visualiseer die beliggaming van die gemeente se roeping van gestuur-wees; Fase 4: Inoefening (Keifert 2007:52-126). Gedurende elk van hierdie fases word dié kapasiteite gebou wat nodig is vir die reis. Fase 1: Luister; Fase 2: Die neem van risiko's; Fase 3: Die vermoë om te fokus; Fase 4: Inoefening en groei (SAVGG Konsultantehandleiding 2008:33-39). Die grondliggende teologie en praktiese verloop van die proses word volledig beskryf deur Keifert (2007), en kan in die SAVGG se Konsultante Handleiding (2008), Gemeentereisgids (2008), en Reisgids vir gestuurde leiers (2009) nagelees word.

Meer as 170 gemeentes van verskillende kerkverbande en enkele sinodale strukture was in 2010 reeds deel van die netwerk hiervan (Niemandt 2010a:2). Nie alle gemeentes wat by die SAVGG inskakel, is egter ewe suksesvol in die transformasieproses na 'n missionale geloofsgemeenskap nie. Van die agt gemeentes wat as deel van die Wesrand-groep die reis in Augustus 2007 begin het, het slegs vyf die proses in September 2010 voltooi. Die eerste groep van agt gemeentes uit die Vrystaat het in Februarie 2008 begin. Slegs vier hiervan het die reis in Februarie 2011 voltooi. Selfs gemeentes wat die reis voltooi, het wisselende sukses in die vorming van 'n missionale gemeente-kultuur. Evaluerings met gemeenteleiers aan die einde van die reis aan die Wesrand en Vrystaat dui daarop dat die rol van die predikant 'n bepalende faktor is vir die suksesvolle deurvoering van die proses in gemeentes. Alhoewel die predikant nie die enigste leier in missionale geloofsgemeenskappe is nie, is hy inderdaad 'n belangrike leier in die vorming van 'n missionale gemeentekultuur (Van Kooten & Barrett 2004:141,142; Roxburgh 2006:3,4; Guder 1998:183).

Die SAVGG poog om predikante (saam met hulle gemeentes) in die proses van gemeente-transformasie te begelei. Dit is egter 'n vraag of daar intensioneel genoeg gedoen word ten opsigte van die vorming van die

[3] Roxburgh & Boren (2009:140-190) stel 'n proses met vyf fases voor: bewuswording ("awareness"), ontdekking ("understanding"), evaluasie ("evaluation"), eksperimentering ("experimentation") en verbintenis ("commitment"). Hirsch & Ferguson (2009:46,47) stel 'n proses voor wat hulle noem "movementum": "Imagine, Shift, Innovate and Move".
[4] In hoofstukke 2 en 3 word 'n meer volledige beskrywing van die verskillende fases en verloop van die proses gegee.

© University of Pretoria

predikant as missionale leier. Hiervoor het leiers nuwe kapasiteite en verwysingsraamwerke nodig (Roxburgh 2006:10-13). Huidige vorme van leierskap in die kerk voldoen dikwels nie aan die Bybelse riglyne vir missionale of apostoliese leierskap nie en is diepliggend beïnvloed deur die Christendom en modernisme (Guder 1998:190-198). Leraars in die NG Kerk (en waarskynlik in die meeste hoofstroomkerke) is opgelei vir leraarskap in 'n "instandhoudings-" of "institusionele- model"[5], en nie vir missionale kerkwees nie. Ou paradigmas, vaardighede en praktyke wat geslagte lank as deurslaggewend vir leraars beskou was, word oorbodig en mag in sommige gevalle selfs struikelblokke wees in die vorming van 'n missionale gemeentekultuur en moet dus afgeleer word. Terselfdertyd word die aanleer van nuwe paradigmas, vaardighede, houdinge en gewoontes van deuslaggewende belang.

Venter (2010) ondersoek die vraag waarom die Ring van Parow oor 'n periode van twintig jaar nie daarin kon slaag om die uitdagings van demografiese veranderinge in Parow aan te spreek nie. Sy uitgangspunt is dat die transformasie van die geestelike leiers se eie voorveronderstellings, kennis, idees en praktyke onontbeerlik is vir die tye van transisie waarin ons leef. Hy bevind: "Natuurlik is daar by ons Westers gevormde, rasionele denke, 'n diep onbewuste geloof nog dat as ons net die struktuur kan verander, sal alles regkom... **Hierdie studie wil die teendeel aantoon, naamlik dat transformasie nie in struktuurverandering lê nie, maar in die transformasie van die leiers self...** Die plek vanwaar leiers opereer, moet skuif, d.w.s. hul voorveronderstellings waaruit hul onnadenkend opereer moet in die spel gebring word en geskuif word. Daarsonder is geen transformasie moontlik nie. Daarby moet ook ernstige aandag gegee word aan die **praktiese vaardighede van geestelike leiers om transformasie te begelei** en te bestuur." (2010:62,63)

Ook Niemandt (2013:45,46) sien die manier waarop leierskap in die kerk funksioneer as een van die probleme wat die kerk nie help om 'n missionale kerk te word nie. "Nog erger – dit is dalk een van die grootste hindernisse in die groei na 'n missionale kerk!" (Niemandt 2013:46) Hy verwys na 'n "leierskapskrisis" waarvan bestaande denke oor leierskap in die kerk een van die belangrike oorsake is, en sê: "Daar is eintlik niks minder as 'n leierskapsrevolusie in die kerk aan die afspeel nie." (Niemandt 2013:46)

[5] Verskillende terme word gebruik om die verskil tussen "missionale kerk" en huidige vorme van kerk-wees te beskryf. Naas "institusioneel" of "instandhouding", word "attraksioneel" ("*attractional*") ook dikwels gebruik om die heersende model te onderskei van missionale kerk-wees (Bv. Hirsch 2006:34, 37, 62, 64-65, 79, 110, 128-131, 136, 142, 147, 215-216, 275-276, 280).

© University of Pretoria

Die oogmerk van hierdie navorsing is dus die identifisering van dié kernkapasiteite (kennis, houdinge, vaardighede en gewoontes) waaroor 'n predikant as missionale leier moet beskik vir die suksesvolle vorming van 'n missionale geloofsgemeenskap. Sodoende kan leraars beter voorberei word op en beter bemagtig word vir die begeleiding van hulle gemeentes in die transformasie na missionale geloofsgemeenskappe.

1.3. NAVORSINGSDOELWIT EN -HIPOTESE.

Die sentrale *doelwit* met hierdie navorsing kan soos volg omskryf word: Die identifisering van die kernkapasiteite (*core-capacities*) waaroor 'n predikant moet beskik ten einde 'n gemeente suksesvol te begelei in die vorming van 'n missionale gemeentekultuur en -praktyk.

Die *navorsingshipotese* word geformuleer as:

1. Leierskap, en in besonder die persoon van die predikant, vervul 'n sleutelfunksie ten opsigte van die suksesvolle transformasie en vorming van 'n gemeente as 'n missionale geloofsgemeenskap.

2. Die kapasiteite waaroor die predikant as missionale leier moet beskik vir die transformasie van 'n hoofstroomgemeente na 'n missionale geloofsgemeenskap verskil wesenlik van die kapasiteite wat nodig is vir die bediening waarvoor meeste predikante opgelei is.

3. "Onderskeiding" en "vorming" is sleutelkonsepte ten opsigte van die identifisering van die kernkapasiteite wat vir hierdie proses van vorming en transformasie nodig is.

4. Die transformasie van die predikant self is die vertrekpunt vir die transformasie van die gemeente. Die transformasie van die gemeente begin by die transformasie van die predikant.

1.4. NAVORSINGSONTWERP.

Die voorgestelde navorsing word gedoen binne die veld van die Missiologie en kan daarom as *teologiese navorsing* beskryf word. Kritzinger (2000:9) beklemtoon dat die t*eologiese komponent* duidelik in die navorsingsontwerp behoort te blyk.

Die aard van die voorgestelde navorsing impliseer 'n *kwalitatiewe navorsingsontwerp*. Babbie & Mouton (2001:53,270-274) beskryf kwalitatiewe navorsing as dié generiese navorsingsparadigma in sosiale navorsing wat

© University of Pretoria

sy vertrekpunt neem vanuit die perspektief van die “insider” in sosiale optrede, ook genoem die “emic” perspektief. Binne die kwalitatiewe navorsingsparadigma het navorsers ŉ keuse uit ŉ wye verskeidenheid van navorsingsstrategieë en ontwerptipes (Fouché et al 2005:269).

Kwalitatief empiriese navorsing sluit altyd ŉ deeglike en volledige studie van relevante literatuur in die veld van navorsing in (Delport & Fouché 2005:263-265). Die literatuurstudie as eerste beweging in die navorsingsproses (hoofstukke 2 en 3) ondersoek die teologiese of teoretiese onderbou vir ŉ missionale ekklesiologie en missionale leierskap soos dit sedert Willingen (IMC 1952) ontluik en binne die SAVGG funksioneer. Die tweede beweging in die navorsingsproses (hoofstuk 4) bou hierop voort met kwalitatief empiriese ondersoek by predikante en gemeentes wat die drie-jaar proses van die SAVGG deurloop het ten einde hulle ervaringe deeglik na te vors. As laaste beweging (hoofstuk 5) word die navorsingsresultaat uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek geïntegreer ten einde ŉ kontekstueel relevante bevinding ten opsigte van die navorsingsvraag en navorsingshipotese te kan maak ter bereiking van die navorsingsdoelwit. Die *missio Dei* vorm die teologiese vertrekpunt en agtergrond van waaruit die navorsing gedoen word.

Vanweë die aard van die navorsingsontwerp beweeg die navorsing op ŉ terrein waar Missiologie en Praktiese Teologie ontmoet en ŉ interdissiplinêre benadering positief aangewend kan word. Die teoretiese fundering en navorsingsmetodologie word volledig in hoofstuk 4 (4.2 en 4.3) beskryf.

1.5. NAVORSINGSMETODOLOGIE.

1.5.1. Ontledingseenheid.

Die ondersoek fokus op leraars en gemeentes in Suid-Afrika wat tussen 2004 en 2010 die drie-jaar proses van die SAVGG voltooi het en vir ten minste twee jaar daarna bewustelik en intensioneel op die reis na missionale gemeentevorming gebly het.

1.5.2. Populasie en Data-afbakening (“Sampling”).

In kwalitatiewe navorsing is duidelike identifikasie en formulering van kriteria vir die seleksie van respondente noodsaaklik (Fouché et al 2005:328,329). In die lig van die profiel van die populasie, die beskikbaarheid van hulpbronne en die navorser se eie kennis van en betrokkenheid by die

© University of Pretoria

populasie, word die volgende kriteria vir die afbakening van respondente voorgestel:

- Predikante en lidmate binne die populasie wat as groepleiers of fasiliteerders van die SAVGG proses opgetree het.
- Bemagtigde lidmate wat met die SAVGG proses vertroud is en met behulp van groepleiers (*cluster*leiers) geïdentifiseer word.

1.5.3. Data insamelingstegniek.

Babbie & Mouton (2001:282) beklemtoon die belangrikheid van veelvoudige databronne met gevallestudies. Die mees dominante modus van data-insameling in kwalitatiewe studies is onderhoudsvoering in sy verskillende vorme (Greeff 2005:287). *In-diepte onderhoude* ("unstruck-tured interviews") is gefokus, diskursief en skep vir navorser en deelnemer ruimte om ervaringe van mense en die betekenis wat hulle daaraan heg, te verstaan (Greeff 2005:293). *Fokusgroepe* is 'n kragtige metode om die realiteit te ontbloot en komplekse gedrag en motiewe bloot te lê (Greeff 2005:301).

Die aanvanklike beplanning was om twee of drie fokusgroepe te vorm en enkele in-diepte onderhoude te doen. Na vasstelling van die steekproef het in-diepte onderhoude met respondente geblyk die beste en meer uitvoerbare opsie vir datagenerering te wees.

1.5.4. Vooraf toetsing ("piloting").

Omdat vooraf toetsing in die geval van in-diepte onderhoude wenslik is (Greeff 2005:294), is die gespreksraamwerk voor die aanvang van die onderhoudvoering deeglik met twee navorsers bespreek en getoets. In die lig van hulle terugvoer, is die raamwerk aangepas en gefinaliseer.

1.5.5. Datagenerering en -ontleding.

De Vos (2005:333) beskryf dataontleding as "the process of bringing order, structure and meaning to the mass of collected data." 'n Digitale opname van onderhoude is met die instemming van deelnemende lede gemaak. Transkribering, kodering, kategorievorming en analisering is deur die navorser gedoen word met die oog op die formulering van 'n teorie as antwoord op die navorsingsvraag, -doelwit en -hipotese.

© University of Pretoria

1.5.6. Geloofwaardigheid.

Die geloofwaardigheid van bevindinge word evalueer aan die hand van Lincoln en Guba se vier kriteria, naamlik geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en ooreenstemmendheid ("conformability") (De Vos 2005:345-347).

1.6. UITEENSETTING VAN STUDIE.

Die onderstaande raamwerk dien as vertrekpunt vir die strukturering van die navorsing en tesis:

Hoofstuk 1 – Inleidende hoofstuk

(Wat word ondersoek? Waar is dit 'n probleem? Hoekom is dit 'n probleem? Hoe word die navorsing gedoen?)
Beskryf die rasionaal, konteks en agtergrond van studie.
Formuleer navorsingsprobleem, -doelwit en -hipotese.
Beskryf navorsingsmetodologie.
Waarde van die navorsing en posisie van die navorser.
Voorlopige konseptualisering.

Hoofstuk 2 – *Missio Dei* en *missio ecclesiae*

(Watter soort kerk word voorsien? Hoe verskil dit van die huidige praktyk?)
Omskryf *missio Dei* en *missio ecclesiae*.
Die SAVGG proses en die vorming van missionale geloofsgemeenskappe.
Uitgangspunte vir 'n missionale ekklesiologie binne die SAVGG.

Hoofstuk 3 – Literatuurstudie: Missionale leierskap

(Watter soort leierskap word gevra? Hoe lyk die huidige praktyk in die kerk? Watter aanpassinge is nodig?)
Missionale leierskap binne die SAVGG.
Die rol, funksie en kapasiteite vir die predikant as missionale leier binne die SAVGG; die ontwikkeling en huidige praktyk van leierskap.
Resente navorsing vanuit die veld van die missiologie.
Relevante navorsing vanuit ander dissiplines.
Voorlopige bevindinge ten opsigte van die navorsingsvraag, -doelwit en -hipotese.

© University of Pretoria

Hoofstuk 4 – Empiriese ondersoek

(Hoe word die voorgestelde navorsing gedoen? Hoe word data-generering en -verwerking gedoen? Wat is die bevinding?)
Ontwikkeling en operasionalisering van navorsingsmetodologie.
Teoretiese fundering.
Beskryf die navorsingsmetodologie.
Aantekening van navorsingsbevindinge.
Toepassing van kriteria vir geloofwaardigheid.

Hoofstuk 5 – Beskrywing van bevindinge

(Watter antwoord bied die navorsing ten opsigte van die navorsings-vraag?)
Beskryf die samevattende navorsingsresultaat.
Bevinding ten opsigte van die navorsingsdoelwit en -hipotese.
Verdere navorsing en finale konklusie.

1.7. WAARDE VAN NAVORSING.

Mouton (2009:xi) wys daarop dat navorsing op doktorale vlak ten doel het om kennis oor ŉ bepaalde onderwerp te verdiep of om nuwe inligting te genereer. “Die proefskrif moet 'n oorspronklike bydrae tot die kennis van en insig in die betrokke dissipline lewer.” (Kritzinger 2000:31).

1. Missionale kerkwees is tans wêreldwyd ŉ brandpunt in die nadenke oor relevante kerkwees in die hedendaagse konteks. Die beoogde navorsing lewer ŉ belangrike bydrae om teoretiese uitgangspunte oor die rol van die predikant in die vorming van ŉ missionale gemeentekultuur in die praktyk te toets en sodoende die bestaande teorie te bevestig of te weerspreek. Verdere navorsingsvrae word uit die voorgenome navorsing gegenereer wat deur ander voornemende studente/navorsers opgeneem kan word.

2. Die resultate van die voorgestelde navorsing is vir die samestellers van materiaal, konsultante en fasiliteerders van die SAVGG-proses in gemeentes van wesenlike belang. Die navorsingsresultate is belangrik vir die ontwikkeling van SAVGG prosesse en materiaal en vir die vorming van konsultante, fasiliteerders en leraars wat deel is van die reis.

3. Die opleiding en vorming van leraars met die oog op missionale gemeentevorming is ŉ prioriteit in die kerk. Die navorsingsbevinding

© University of Pretoria

lewer 'n belangrike bydrae tot die beplanning van die teologiese opleiding van studente en die voortgesette vorming van predikante.

4. Op persoonlike vlak lê die waarde van die voorgenome navorsing vir my in my eie vorming as predikant in 'n missionale gemeente. Waarop behoort ek in die bediening van die gemeente waarvan ek predikant is, te fokus? Watter vaardighede het ek nodig en hoe kweek ek dit? Watter gewoontes en dissiplines kan my help om dié soort leier te vorm wat suksesvol is in die vorming van 'n missionale geloofsgemeenskap?

1.8. POSISIE VAN DIE NAVORSER.

1. Die navorser is predikant van die NG Kerk Randfontein-Noord. Die voorgestelde navorsing word daarom gedoen vanuit die praktyk van die bediening en pas volledig in by die gestuurde roeping van die gemeente waarvan die navorser 'n predikant is. Die navorsing geniet die volle steun van die gemeentelike leierskap met die verwagting dat die navorsingsresultaat die huidige bedieningspraktyk en visie van die gemeente sal versterk en ondersteun.

2. Die navorser is groepleier, fasiliteerder en direksielid van die SAVGG en sodoende betrokke by die beplanning en samestelling van materiaal vir die SAVGG proses, die vorming van predikante as missionale leiers, en die begeleiding van gemeentes op die reis na missionale gemeentevorming.

3. As voorsitter van die Sinodale Kommissie vir Predikantebegeleiding is die navorser medeverantwoordelik vir die voortgesette vorming van predikante vir die bediening binne die Sinode van Wes-Transvaal.

4. As navorser op die veld van missionale leierskap is ek betrokke by Excelsus (Sentrum vir Bedieningsontwikkeling) se jaarlikse lentekonferensie en mede-aanbieder van 'n werkswinkel oor missionale leierskap.

1.9. KONSEPTUALISERING.

Enkele sleutel-konsepte word deur die navorsingdoelwit en -hipotese aan die orde gestel en verdien om voorlopig omskryf te word. 'n Finale omskrywing van konsepte sal uiteraard in die volgende hoofstukke

© University of Pretoria

aangebied word as resultaat van die literatuurstudie en die empiriese navorsing.

1.9.1. Missionale Kerk.

'n Missionale kerk vind sy identiteit in die *missio Dei*. Kerkbegrip begin by Godsbegrip (Niemandt 2010b:8). God is die sturende God en die kerk word uitgenooi om deel te neem aan hierdie sending van God. "Die *missio Dei* bepaal die *missio ecclesiae*." (Niemandt 2010b:10). Sending word dus nie gesien as 'n taak van die kerk nie, maar as 'n eienskap van God. Só verstaan is sending nie iets wat die kerk doen nie, maar wie die kerk is. "Die kerk se roeping is nie om te stuur nie, maar om opgeneem te word in en deelhebber te wees aan God se sending na die wêreld." (Niemandt 2010b:17). Hirsch (2006:82) omskryf missionale kerk as "…a community of God's people that defines itself, and organises its life around its real purpose of being an agent of God's mission to the world. In other words, the church's true and authentic organising principle is mission".

1.9.2. Missionale gemeentekultuur en -praktyk.

Die vorming van 'n missionale gemeentekultuur en -praktyk behels diepliggende paradigmatiese skuiwe ten opsigte van die gemeentelike kultuur en bedieningspraktyk. In praktyk beteken missionale gemeentevorming die tansformasie van die gemeentekultuur vanaf 'n geloofsgemeenskap wat sy lewe en bediening vind in die opbou, instandhouding en *bediening van die gemeente aan die gemeente*, na 'n geloofsgemeenskap wat in sy lewe en bediening gefokus en gevorm word deur die gemeente se *deelname aan God se sending in die wêreld*. "The missional church perspective understands that congregations are created by the Spirit and that their existence is for the purpose of engaging the world in bringing God's redemptive work in Christ to bear on every dimension of life." (Van Gelder 2007:44). Die *missio Dei* bepaal alles wat die gemeente is en doen – van eredienste tot opleiding, van uitreike tot gemeentelewe – want die gemeente sien dit as sy roeping om te onderskei wat God besig is om in die wêreld te doen en hoe om daarby aan te sluit (Niemandt 2010b:16).

1.9.3. Missionale Leier.

Die term "missionale leier" verwys na kerklike en gemeentelike leiers wat hulle eie identiteit en rol binne die geloofsgemeenskap verstaan in die lig van die *missio ecclesiae* as uitdrukking van die *missio Dei*. Missionale leiers fokus op die vorming van geloofsgemeenskappe wat in hulle aard en

© University of Pretoria

aktiwiteite God se karakter en bedoeling met die wêreld demonstreer, en op die vorming van gelowiges as voltydse deelnemers aan God se sending op elke plek waar hulle hulleself bevind.

1.9.4. Predikant (as missionale leier).

"Predikant" verwys na 'n persoon wat in die amp van leraar bevestig is in 'n gemeente van een van die hoofstroomkerke in Suid-Afrika. Alhoewel die predikant nie die enigste leier in 'n geloofsgemeenskap is nie, vervul hy/sy, in die lig van die tradisionele rol en gesag wat in die gemeentelike bediening aan hom/haar toegeken word, 'n sleutelfunksie ten opsigte van die suksesvolle transformasie en vorming van 'n missionale gemeentekultuur en -praktyk. Hierdie navorsing fokus spesifiek op dié leraars wat hulle eie roeping in die lig van die *missio Dei* verstaan en daarom fokus op die vorming van die gemeente as 'n missionale geloofsgemeenskap.

1.9.5. Kernkapasiteite (vir die predikant as missionale leier).

Kernkapasiteite verwys na sleutelkapasiteite of -vermoëns waaroor die predikant as missionale leier moet beskik ten einde die gemeente suksesvol te kan begelei in die vorming van 'n missionale gemeentekultuur en –praktyk. Daar is 'n wesenlike verskil tussen hierdie kapasiteite en die kapasiteite wat nodig is vir die bediening waarvoor meeste predikante tradisioneel opgelei is. Binne die SAVGG verwys "kapasiteit" na die *kennis, vaardighede, houdinge en gewoontes* wat nodig is om die gemeente suksesvol vanaf instandhouding na gestuurdheid te kan begelei (Konsultantehandleiding, Byeenkoms 1 2008:27).

© University of Pretoria

© University of Pretoria

HOOFSTUK 2

MISSIO DEI EN *MISSIO ECCLESIAE*

2. *MISSIO DEI* EN *MISSIO ECCLESIAE.*

2.1. FOKUS EN DOELWIT.

Die doelwit met hierdie hoofstuk is 'n kernagtige omskrywing van sommige sleutelaspekte van 'n missionale ekklesiologie as raamwerk waarbinne missionale leierskap funksioneer. Ten einde 'n antwoord op die navorsingsvraag te kan gee, is dit nodig om eers 'n antwoord op die volgende vrae te kan gee: Hoe lyk 'n missionale gemeente? Wat is die sleutelaspekte waaraan 'n missionale gemeente uitgeken word? Hoe verskil die huidige praktyk van kerk-wees hiervan? En, watter aanpassinge is in die lig hiervan nodig?

Uiteraard val dit nie binne die fokus van hierdie hoofstuk om 'n volledige missionale ekklesiologie te beskryf nie, maar slegs om die kontoere te beskryf van die ontluikende missionale ekklesiologie soos dit gedurende die twintigste eeu en tot op hede ontwikkel het en binne die Suider-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes (SAVGG) funksioneer. Aangesien die *missio Dei* 'n sleutelbegrip hierin is, sal ons allereers die ontstaan en betekenis hiervan beskryf en terselfdertyd die implikasies hiervan vir die ekklesiologie aantoon. Die *missio Dei* konstitueer immers die *missio ecclesiae*. Vervolgens word die proses wat deur die SAVGG gevolg word, asook sleutelkonsepte wat in die loop van die proses deurlopend na vore tree, beskryf met die oog daarop om 'n missionale ekklesiologie vir die SAVGG hieruit aan te dui. Samevattend hieruit word ten slotte gepoog om die onderliggende uitgangspunte van 'n missionale ekklesiologie vir die SAVGG-proses te onderskei.

2.2. *MISSIO DEI* EN *MISSIO ECCLESIAE.*

Bosch (1991:8) wys daarop dat die missionale paradigma waarbinne die kerk funksioneer, altyd kontekstueel is. In *Transforming mission* (1991) bied hy 'n volledige bespreking van die groot paradigmatiese skuiwe in die missiologie vanaf die ontstaan van die Nuwe Testamentiese kerk tot vandag. Daar is dus geen sprake van 'n enkele universele missionale

© University of Pretoria

paradigma wat vir alle tye geldig is nie. Bosch (1991:16, 56-178) toon aan hoedat selfs binne die Nuwe Testament, wat in wese as missionale geskrif verstaan moet word, belangrike paradigmatiese verskille aangetoon kan word tussen Matteus, Lukas-Handelinge en die Pauliniese geskrifte (Sien ook Balia & Kim 2010:19-22). Hierdie verskille hang ten nouste saam met die inkarnatiewe aard van die evangelie self wat in elke tyd en konteks as't ware "vlees" word en dus herinterpreteer word ten einde kontekstueel relevant te wees vir dié spesifieke tyd.

Ons leef in 'n wêreld wat fundamenteel anders is as enige ander tyd vantevore. Individualisme, sekularisasie en materialisme bedreig nie net die geloofwaardigheid van die evangelie nie, maar lewe oor die algemeen. "We are living in a world in which faith in mammon threatens the credibility of the gospel. Market ideology is spreading the propaganda that the global market will save the world through unlimited growth. This myth is a threat not only to economic life but also to the spiritual life of people, and not only to humanity but also to the whole of creation." (WCC September, 2012:2). Die multi-religieuse en multi-kulturele konteks en nuwe kommunikasie tegnologie skep 'n groter bewussyn van die identiteit en strewes van mense uit ander kulture en godsdienste (WCC September, 2012:2). Vir die geloofsgemeenskap roep hierdie kontekstuele veranderinge belangrike vrae op: "How can we proclaim the good news and values of God's kingdom in the global market, or win over the spirit of the market? What kind of missional action can the church take in the midst of economic and ecological injustice and crisis on a global scale? ... How can we proclaim God's love and justice to a generation living in an individualized, secularized and materialized world?" (WCC September, 2012:2).

Bosch (1991:181-189) kies, in aansluiting by Küng, om die geskiedenis van die kerk aan die hand van ses opeenvolgende paradigmas te ondersoek. Küng vind op sý beurt aansluiting by Thomas Kuhn se teorie in verband met paradigma-skuiwe. Kuhn suggereer dat groot paradigmatiese skuiwe nie evolusionêr ontwikkel as voortsetting van die oue nie, maar eerder 'n revolusionêre breuk met die oue behels wat die oue nie net verbeter nie, maar mettertyd geheel en al vervang. Alhoewel paradigmaskuiwe in die teologie wesenlik van 'n ander aard is (die nuwe vervang nie noodwendig die oue nie), argumenteer Bosch dat die kerk reeds in 'n oorgangsfase is waar 'n nuwe paradigma besig is om na vore te tree. Sedert die eerste helfte van die twintigste eeu vind 'n subtiele maar beslissende skuif plaas en word die kontoere van 'n nuwe ontluikende missionale paradigma en ekklesiologie al duideliker sigbaar.

© University of Pretoria

'n Sleutelaspek van hierdie ontluikende missionale paradigma is die begronding van die missiologie in die Triniteit. Sending word toenemend verstaan as *God* se sending (Bosch 1991:389). In die voorafgaande eeue het die begronding van die sending gevarieer. Soms is sending primêr soteriologies begrond: as die redding van siele. Of dit is in kulturele terme verstaan: as die bekendstelling van die nasies van die Ooste en die Suide aan die voorregte en seëninge van die Westerse Christendom. Dikwels is sending in ekklesiastiese kategorieë verstaan: as die uitbreiding van die kerk of denominasie. Soms is dit heilshistories beskryf: as die proses waardeur die wêreld – deur middel van 'n evolusionêre proses of deur middel van 'n katastrofale gebeure - tot koninkryk van God getransformeer word. "In all these instances, and in various, frequently conflicting ways, the intrinsic interrelationship between Christology, soteriology, and the doctrine of the Trinity, so important for the early church, was gradually displaced by one of several versions of the doctrine of grace." (Bosch 1991:389).

Flett (2010:loc.100) skryf die ontwikkeling van 'n Trinitariese begronding vir die sending veral toe aan die verval van die Christendom paradigma en die gevolglike ineenstorting van die lang gevestigde verbintenis tussen die Christelike belydenis en die lewe in die wyer gemeenskap. "...[T]he church had a vital apologetic task of reestablishing a connection with the world." (Brunner aangehaal deur Flett 2010:loc.100). Vir Flett (2010:loc.117) is hierdie verhouding van die kerk met die wêreld "properly a missional one." Hiervoor is egter 'n benadering nodig waardeur die digotomie tussen kerk en sending en tussen God en God se sending deurbreek kan word. "...[T]he problem of the church's relationship to the world is consequent on treating God's own mission into the world as a second step alongside who he is in himself. With God's movement into his economy ancillary to his being, so the church's own corresponding missionary relationship with the world is ancillary to her being." (Flett 2010:loc.124). Hierdie digotomie kan nie vanuit praktiese oorweginge oorkom word nie, maar is "...'a problem of God', for it is a question of how in anticipation his being in and for himself includes human existence with him. Only in correspondence to God's overcoming of the gap between himself and the world does the church live in her connection with the world. … Mission is justified because God is a missionary God" (Flett 2010:loc.128,131).

Karl Barth is een van die eerste teoloë in die twintigste eeu wat sending beskryf as aktiwiteit van God Self (Bosch 1991:389,390). Hy word die eerste duidelike eksponent van 'n ontluikende nuwe teologiese paradigma wat radikaal van die benadering van die Verligting verskil. Onder sy invloed

© University of Pretoria

tree die idee van sending as *missio Dei* tydens die International Missional Conference (IMC) te Willingen in 1952 vir die eerste keer duidelik na vore. Alhoewel die term *missio Dei* nog nie gebruik word nie, word sending in die konteks van die Triniteit, en nie van die ekklesiologie of soteriologie nie, geplaas. Sending word gesien as 'n voortvloeisel uit die wese en aard van God. "The classical doctrine of the *missio Dei* as God the Father sending the Son, and God the Father and the Son sending the Spirit was expanded to include yet another 'movement': Father, Son and Holy Spirit sending the church into the world. As far as missionary thinking was concerned, this linking with the doctrine of the Trinity constituted an important innovation." (Bosch 1991:390).

Flett (2010:loc.144) onderskrywe Bosch (1991:389-391) se standpunt dat hierdie ontwikkeling 'n betekenisvolle skuif verteenwoordig en dat die *missio Dei* sedert Willingen die oorkoepelende paradigma word waarbinne sending voortaan wêreldwyd verstaan sou word. "In the new image mission is not primarily an activity of the church, but an attribute of God. God is a missionary God." (Bosch 1991:390; Flett 2010:loc.138). "It is not the church that has a mission of salvation to fulfil in the world; it is the mission of the Son and the Spirit through the Father that includes the church." (Moltmann aangehaal deur Bosch 1991:390).

Flett (2010) bied 'n omvattende beskrywing van die ontwikkeling van Trinitariese begronding van die *missio Dei* vanaf Barth tot op hede. Hy wys daarop dat die opgewondenheid oor die *missio Dei* as konsep net die een kant van die verhaal is. "Reference to the doctrine of the Trinity establishes a requisite formal framework, but 'God's mission' fails to draw on this doctrine for its material substance. The resulting vacuity renders *missio Dei* an elastic concept capable of accommodating an ever-lasting range of meanings." (Flett 2010:loc.144). Ten spyte hiervan kan die teologiese legitimiteit van 'n begronding van die sending in die Triniteit nie ontken word nie (Flett 2010:loc3075). Die verwarring en probleme endemies aan die *missio Dei* sedert Willingen is nie die onafwendbare gevolg van die *missio Dei* as konsep nie, maar eerder die gevolg van die handhawing van 'n onhoudbare digotomie in God Self. God se beweging na sy skepping is nie 'n tweede beweging wat van sy wese as God onderskei kan word nie. "God is a missionary God because he has determined himself to be for and with the human. The plenitude of the Father begetting the Son in the unity of the Spirit means that an 'above' and 'below' in an outward-turning history belongs to the one God's perfect life. The Father's begetting the Son is a deliberate act, not a second step alongside who God is in and for himself,

© University of Pretoria

but the determination of his own life. This act belongs to God's life from and to all eternity, for it is the nature of his perfect splendor that he is this *living* God. ... It is the nature of his glorious majesty that his being already anticipates his movement into the economy before creation of the world. God in himself bridges the gap between the above and the below and gives himself to the human as the guarantor that it so bridged." (Flett 2010:loc.3091). As God se handeling om die wêreld met Homself te versoen nie 'n tweede stap naas sy wese in en vir Homself is nie, kan daar ook geen breuk tussen die wese en handeling van die Christelike geloofsgemeenskap wees nie. "The Christian community is a missionary community, or she is not a Christian community." (Flett 2010:loc.3154).

In 2010 word die ekumeniese kerk van reg oor die wêreld betrek by die honderdjarige viering van die *World Missionary Conference* wat in 1910 in Edinburgh gehou is. Hierdie internasionale konferensie, nou bekend as Edinburgh 2010, bevestig Bosch en Flett se bevinding en dien as aanduiding van die wêreldwye aanvaarding van die *missio Dei* as oorkoepelende paradigma waarbinne sending en ekklesiologie verstaan word. 'n Internasionale span navorsers, verteenwoordigend van al die belangrike Christelike denominasies, konfessies en missionale bewegings wêreldwyd, werk saam ter voorbereiding vir die eeufees. "The Edinburgh 2010 study process is unique – it is a project of churches worldwide which is multi-regional, cross-denominational and poly-centric. Edinburgh 2010 is sponsored by all the major Christian world bodies covering the five main streams of world Christianity recognised today: Catholic, Orthodox, Protestant, Evangelical and Pentecostal." (Balia & Kim 2010:2). Die voorbereidende navorsing fokus op nege temas wat geïdentifiseer word as deurslaggewend vir sending in die een-en-twintigste eeu. Die resultate van die verskillende navorsingsgroepe word onder redakteurskap van Balia en Kim in 2010 gepubliseer onder die titel *Witnessing to Christ today*.

Veral van belang vir ons ondersoek is die eerste tema met die titel *Foundations for mission* (Balia & Kim 2010:10-33). Hierdie tema ondersoek die skuiwe in missionale refleksie sedert 1910 en demonstreer die verskillende funderinge vir sending in die ekumeniese geloofsgemeenskap (Balia & Kim 2010:11). Hierdie funderinge word in drie kategorieë ingedeel: 1. "Experiential Foundations for Mission", 2 "Biblical Foundations for Mission" en 3. "Theological Foundations for Mission". Die navorsers wys daarop dat die titel van die eeufeesvierings (*Witnessing to Christ today)* suggereer dat sending vandag steeds, soos in 1910, primêr verstaan word in verband met Christus se sending na die wêreld (Balia & Kim 2010:11).

© University of Pretoria

Belangrike fundamentele verskuiwinge het egter sedert 1910 plaasgevind. Sedert 1910 het die Christelike godsdiens in antwoord op die gebed van Edinburgh gegroei tot 'n wêreldgodsdiens met al die diversiteit wat dit meebring (Balia & Kim 2010:11). Terselfdertyd het die globale konteks waarbinne die sending van Christus plaasvind, radikaal getransformeer. Hierdie veranderinge het ook fundamentele klemverskuiwinge in die missiologie teweeg gebring. "In contrast to 1910, when the emphasis was on the *missions* of the churches, the emphasis in 2010 is on *God's mission (missio Dei)* in which Christians participate. This represents a move from 'A Church-centred mission to a mission-centred church,' and towards an exploration of missionary collaboration beyond the church. In 1910 there was frequent mention of the plurality of 'missions'; in 2010 mission is considered to be singular but, as the plural 'foundations' of this chapter's title suggests, there are many approaches to understanding and participating in mission: 'Mission is complex and multiple: witness, proclamation, catechesis, worship, enculturation, inter-faith dialogue. These activities are carried out…in concrete situations…'" (Balia & Kim 2010:11).

Teologies verskuif die fundering vir sending dus vanaf die ekklesiologie en soteriologie (alhoewel beide steeds belangrik is) "to prioritise Trinitarian reflections as being foundational for a proper understanding of and action in mission." (Balia & Kim 2010:23). Reeds die voorwoord tot *Witnessing to Christ today* stel dit duidelik dat die *missio Dei* die oorkoepelende paradigma is wat deur alle deelnemende liggame onderskryf word. "...[M]ission is recognised by all the sponsoring bodies as beginning from the initiative of God – the *missio Dei...*" (2010:4)

Hierdie skuif in fokus bring mee dat bekende temas in die missiologie in ons dag nuut interpreteer word. Balia & Kim (2010:23-27) gee 'n kort beskrywing van enkele van die belangrikstes hiervan:

- Trinitariese *missio Dei*

  Die klassieke formulering van *missio Dei* (God as sturende God) word gedurende die twintigste eeu in die ekumeniese gesprek uitgebrei om ook die kerk by God se beweging na die wêreld in te sluit. "This conviction led to a reconsideration of mission as ultimately proceeding from a Trinitarian God... The triune God '…is not a kind of intellectual capstone which can be put on to the top of the arch at the very end; it is… the presupposition without which the preaching of the Gospel... cannot begin.'" (Balia & Kim 2010:23). Sending word dus gesien as deelname aan God se sending na die wêreld. "The language of

© University of Pretoria

mutuality and reciprocity that arises from social and participative models demonstrates 'divine livingness', that enhances our understanding of mission as God's manifestation – in Christ and the Spirit – of love to whole creation, in which we are called to participate." (Balia & Kim 2010:24)

- Sending in en deur Christus en die Heilige Gees

  Die fokus op die relasionele en kommunale Triniteit moedig 'n vars verstaan van die gemeenskaplikheid en wederkerigheid tussen Christus en die Heilige Gees aan. Die opgang van Pentekostalisme gedurende die twintigste eeu en poginge om die evangelie in die geesteswêreld van primitiewe godsdienste te inkultureer, het nadenke oor die onskeibare verhouding tussen Christus en die Heilige Gees aangemoedig. "Linking Christology and pneumatology avoids exclusive Christo-centrism in our understanding of the person and work of Christ, neither neglecting the creative activity of the Spirit in creation, mission and redemption, nor emphasising a false autonomy of the Spirit that displaces Christology and the Trinity." (Balia & Kim 2010:24,25)

- Missionale ekklesiologie

  Die klemverskuiwing na die werk van die Heilige Gees ("Spirit theology") lei tot 'n missionale verstaan van die Christelike geloofsgemeenskap (kerk) en sy interne werksaamhede (liturgie). "In the symbiosis of Spirit and Christ the institutional element of the church is complemented by the charismatic element; for if Christ *institutes* the church, it is the Holy Spirit that *constitutes* her. The Spirit reminds people of Christ's way of mission and challenges the church to be a community that seeks new ways of actualizing Christ's mission." (Balia & Kim 2010:25) Sedert 1910 groei 'n nuwe fokus op ekumeniese eenheid as "common Christian witness". 'n Nuwe bewussyn ontwikkel vir die liturgiese dimensie as 'n belangrike element in ons Christelike getuienis. Die vroeëre klem op sending as rasionele oordrag van die waarheid word verdiep tot 'n meer holistiese benadering wat liturgie en sakrament insluit. Die Heilige Gees skep 'n inklusiewe gemeenskap waarin alle gelowiges bemagtig word tot getuies. Die vroeëre hiërargiese model van kerk-wees word dus vervang met die priesterskap van alle gelowiges. As deelnemend aan die koms van God se koninkryk word die kerk uitgedaag om vanuit die korporatiewe Christelike lewe te beweeg na die publieke. "Thus Christian mission

© University of Pretoria

is relational more than rational and is not limited to a proselytizing mission, but has become holistic in character; redemption from sin covers all aspects of social, moral and ecological concerns." (Balia & Kim 2010:26)

- Koninkryk en skepping

  Die verstaan van sending as God se aktiwiteit lei tot 'n verwagting van waarneembare tekens van God se teenwoordigheid en werk in die hele skepping en tot 'n beklemtoning van die koninkryk van God wat die kerk terselfdertyd insluit en oorskry (Balia & Kim 2010:26). Die gevolg is 'n inklusiewe en holistiese verstaan van sending wat 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite insluit. Paulus beskryf die aanbreek van God se koninkryk in terme van 'n nuwe skepping (2 Kor. 5:17). In die lig hiervan sluit sending 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite in: evangelisasie as aankondiging van God se aanbod van vryheid en versoening en 'n uitnodiging tot deelname in die geloofsgemeenskap en koninkryk van God, die afbreek van allerlei strukturele en ekonomiese strukture wat die bestaan van die mens en omgewing bedreig en vreedsame protes vir alternatiewe sisteme. "This moves us beyond the exclusive church-centred mission (*missio ecclesiae*) and enables us to contextualize theologies and missiologies." (Balia & Kim 2010:27). Prominente modelle vir sending wat oor die afgelope veertig jaar in prominensie gegroei het, is: Sending as *bevryding*, Sending as *dialoog* en Sending as *versoening* (Balia & Kim 2010:27-29).

  Op 10-14 Oktober 2011 vind die veertiende vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk te Boksburg plaas. Die kommissie vir gemeente-ontwikkeling lê 'n verslag oor missionale ekklesiologie aan die Sinode voor wat poog om alle vorige besluite en verslae oor die onderwerp te integreer (NGK Agenda 2011:130-141). Die verslag neem onomwonde sy vertrekpunt oor die ekklesiologie in die *missio Dei*: "Wanneer daar oor die wese van die kerk en die kerk se sending gepraat word, begin die gesprek altyd by God self. Die Drie-enige God op wie die bestaan van die kerk gerig is, is 'n sturende God. ... Die lewe van God is 'n proses van gestuurdheid: die Vader stuur die Seun, die Seun stuur die Heilige Gees. ... Vader Seun en Heilige Gees stuur die kerk in die wêreld in." (NGK Agenda 2011:131). En verder: "Sending is primêr en geheel en al die werk van die Drie-enige God, Skepper, Verlosser en Saligmaker, ter wille van die wêreld, waaraan die kerk bevoorreg is om deel te neem." 'n Verslag van die ADGO (2007) word

© University of Pretoria

aangehaal: "Bo alles glo ons dat die essensie en wese van die kerk in die *Missio Dei* omskryf word. Die kerk behoort in wese altyd op die wêreld gerig te wees en op pad na die wêreld te wees. Die kerk bestaan nie ter wille van haarself of haar lidmate nie." (NGK Agenda 2011:131). In die res van die verslag word hierdie vertrekpunt vir die lewe en werk van die NGK uitgespel.

Op 5 September 2012 keur die sentrale komitee van die WCC 'n nuwe verklaring oor sending en evangelisasie goed onder die titel: *Together towards life: Mission and evangelism in changing landscapes*." (WCC September, 2012). Hierdie verklaring word in 2013 te Busan, Korea aan die WCC voorgelê en bevestig die ekumeniese erkenning van 'n Trinitariese begronding van die sending: "Mission begins at the heart of the Triune God and the love which binds together the Holy Trinity that overflows to all humanity and creation." (WCC September, 2012:1) "The Triune God's overflowing sharing of love is the source of all mission and evangelism." (WCC September, 2012:9). Die kerk word opgeneem in die sending van God: "We are the servants of the Triune God, who has given us the mission of proclaiming the good news to all humanity and creation, especially the oppressed and the suffering people who are longing for fullness of life. ... Therefore, we are called to discern the Spirit of God wherever there is life in its fullness, particularly in terms of the liberation of the oppressed peoples, the healing and reconciliation of broken communities and the restoration of the whole creation." (WCC September, 2012:16)

In die lig van bogenoemde kan ons dus samevattend sê dat *missio Dei* inderdaad tans wêreldwyd die oorkoepelende paradigma is waarbinne die *missio ecclesiae* verstaan word. Die *missio ecclesiae* vloei voort uit die *missio Dei*. Die sending van die kerk het geen bestaansreg buite God se teenwoordigheid en werk in die wêreld (en hele skepping) nie. Terselfdertyd het die kerk wesenlik geen bestaansreg anders as deelname aan die *missio Dei* nie. "We should not subordinate mission to the church nor the church to mission; both should, rather, be taken up in the *missio Dei*, which now become the overarching concept. The *missio Dei* constitutes the *missiones ecclesiae*. The church changes from the sender to the one being sent." (Bosch 1991:370).

Dit beteken nie dat die kerk altyd en oral in missionale programme betrokke is nie. Bosch (1991:373) sluit aan by Newbigin se onderskeiding tussen die missionale *dimensie* en die missionale *intensie* van die kerk. Die missionale dimensie van die kerk omsluit

© University of Pretoria

alle aspekte van die lewe van die gemeente: onder andere aanbidding, die verwelkoming van buitestaanders, die pastoraat en die toerusting van die gemeente. Die missionale dimensie van die kerk lei egter ook tot 'n *intensionele* en *direkte* missionale betrokkenheid buite die mure van die kerk in die samelewing en breër gemeenskap. Sending mag nooit tot waarneembare missionale aktiwiteite van die kerk beperk word nie. Terselfdertyd mag dit nie daarvan geskei word nie. "Rather, mission is *missio Dei*, which seeks to subsume itself into the *missiones ecclesiae*, the missionary programs of the church. It is not the church which 'undertakes' mission; it is the *missio Dei* which constitutes the church." (Bosch 1991:519).

In die lig van twintig eeue se kerkgeskiedenis kan die ontluiking van die *missio Dei* as oorkoepelende paradigma vir die verstaan van kerk en sending dalk in sommige kringe as 'n nuwe ontwikkeling gesien word. Ons het egter reeds daarop gewys dat die *missio Dei* in die klassieke tradisie nie gebruik is om 'n aktiwiteit van die kerk te beskryf nie, maar as omskrywing van die Triniteit. In 'n sekere sin is die nuwe ontluikende paradigma dus 'n herontdekking van die paradigma waarbinne die eerste Christelike gemeentes en vroeë Christelike kerk gefunksioneer het, alhoewel dit in die konteks van ons tyd uitgebrei en nuut verkontekstualiseer word (Niemandt 2013:23).

2.3. DIE SAVGG EN "MISSIONALE KERK".

2.3.1. 'n Missionale ekklesiologie vir die SAVGG?

Die *missio Dei* vorm die teologiese paradigma waarbinne ook die SAVGG, sowel as die *Gospel and Our Culture Network*, *Allelon*, die *Church Innovations Institute* in Noord-Amerika (CII-NA) en die *Partnership for Missional Church* in Noord-Amerika (PMC-NA) funksioneer. Uit bogenoemde het reeds geblyk hoedanig die fundering van die sending in die *missio Dei* fundamentele implikasies vir die ekklesiologie het. Hierdie implikasies word omvattend en insiggewend deur Bosch (1991:368-389) beskryf. Navorsing oor 'n missionale ekklesiologie het oor die afgelope aantal jare as een van die belangrikste fokuspunte binne die missiologie na vore getree (Niemandt 2012b:1). Niemandt (2012b:1) definieer "ekklesiologie" en "missionale ekklesiologie" as volg: "Ecclesiology is a theological discipline that seeks to understand and define the church, and missional ecclesiology does this from a missional point of view where the Church is understood as a community of witness, called into being and equipped by God,

© University of Pretoria

and sent into the world to testify to and participate in Christ's work. It is the discussion of what the church is called to be and to do − its nature, its purpose, its hopes, its structure and practices."

Binne die SAVGG val die fokus nie op die omskrywing van 'n missionale ekklesiologie nie, maar op 'n *proses* wat ten oogmerk het om gemeentes te help om hul eie vokasie as deelname aan die *missio Dei* te vind binne die konteks waarbinne hulle geroep is. Swart (2007 Junie) stel dit baie duidelik dat die PMC nie 'n *program* of 'n *model* is nie, "but a process that assists local faith communities to walk their own unique journey of spiritual discernment as participants in God's mission in the world." Hy wys daarop dat 'n omskrywing van "missionale kerk" selfs bepaalde gevare vir die proses van die SAVGG inhou: "It can so easily happen in the mindsets of people that 'missional' takes on the format of just another program, model or new fashion in the church world. The idea is most certainly not first to find the correct definition and then to figure out how to be Church in terms of that definition. This will give "missional" a much too generic meaning and can easily lead to a misunderstanding of the deepest intent of the missional church discussion, namely to focus on the specific vocation of a particular and local Christian faith community that is unique compared to other Christian faith communities." (Swart 2007, June)

Tog is dit nodig om "missionale kerk", soos dit binne die SAVGG funksioneer, nader te omskryf. Die bedoeling is egter nie om 'n omvattende raamwerk vir die verstaan van "missionale kerk" aan te bied nie, maar eerder om die basiese onderliggende aannames vir missionale kerk-wees te belig (Swart, 2007 June). Wat is die mees fundamentele uitgangpunte vir 'n missionale ekklesiologie soos dit binne die SAVGG funksioneer?

Die identifisering hiervan kan uiteraard op meer as een manier gedoen word. Een vertrekpunt sou wees om die onderliggende ekklesiologie uit 'n analise van die materiaal wat binne die SAVGG gebruik word, af te lei. Die Konsultantehandleiding (2008), Gemeentereisgids (2008) en Reisgids vir Gestuurde Leierskap (2009), asook Keifert (2007) en Barrett et al (2004) sal hierin belangrike hulpbronne wees. In lyn met die prosesmatige fokus van die SAVGG kies ek vir die doel van hierdie studie eerder om die vertrekpunt vir die identifisering van die onderliggende ekklesiologie in die *proses self* te neem. My tese is dat die fundamentele ekklesiologiese uitgangspunte wat aan die proses ten grondslag lê, ten beste uit 'n analise van die proses self afgelei kan word. Daarom begin ons met 'n beskrywing van die *oorsprong, fokus, verwagte uitkoms en verloop van die proses*. Hierna word *sleutelkonsepte* wat deurgaans in die proses na vore tree, nader omskryf.

© University of Pretoria

Hopelik sal ons hieruit ten slotte in staat wees om die basiese onderliggende aannames vir “missionale kerk” binne die SAVGG af te lei.

2.3.2. Die proses (SAVGG).

2.3.2.1. Bronne en aanvullende literatuur.

Die verloop van die proses en fundamentele uitgangspunte grondliggend aan die proses word volledig beskryf in drie handleidings wat met die aanvang van die reis aan gemeentes beskikbaar gestel word: die Konsultantehandleiding (2008), Gemeentereisgids (2008) en Reisgids vir Gestuurde Leierskap (2009). Keifert (2007) en Barret et al (2004) word eweneens aan die begin van die reis aan deelnemende gemeentes beskikbaar gestel en bied belangrike aanvullende materiaal. Keifert (2007) beskryf die teologie onderliggend aan die proses, asook die verloop van die verskillende fases van die proses. Barret et al (2004) bied die resultate van navorsing wat in Noord-Amerika gedoen is in verband met die onderliggende patrone wat in ontluikende missionale gemeentes na vore tree.

Inligting oor die proses is ook beskikbaar op die webwerwe van die *Church Innovations Institute* in Noord-Amerika (http://www.church-innovations.org/) en *Communitas* in Stellenbosch (http://www.com-munitas.co.za/). Hendriks (2009:111-117) bied ’n insiggewende beskrywing van die proses met ’n kort uiteensetting van elk van die nege groepsbyeenkomste (“clusters”). Ander vennote (Sien Hendriks 2009:111) met wie ’n losse vennootskap bestaan is onder andere die *Gospel and Our Culture Movement* ((http://www.gospel-culture.org.uk/resources.htm) en *Allelon* (http://www.allelon.org.main.cfm).

2.3.2.2. Oorsprong en vennote.

Keifert (2010, December; Sien ook Hendriks 2009:109,110) gee ’n bondige beskrywing van die oorsprong van die SAVGG en sy verbintenis met die *Church Innovations Institute* in Noord-Amerika (hierna CII-NA). Donald Juel van die departement Nuwe Testament aan die Universiteit van Princeton stel in 2000 vir Coenie Burger en Pat Keifert aan mekaar voor tydens ’n besoek van Burger aan Noord-Amerika. Burger (vergesel van ’n aantal kollegas, waaronder Hendriks) volg hierdie eerste ontmoeting op met ’n besoek (in 2002, Hendriks 2009:111) aan ’n *Gospel in Our Culture Conference* waartydens Keifert en Roxburgh aanbiedinge doen oor navorsing waarmee hulle besig is in verband met kerklike en nie-kerklike sisteme en die invloed daarvan op die vorming van plaaslike missionale

© University of Pretoria

gemeentes – onder andere die werk wat deur PMC-NA gedoen word. Hierdie besoek word op sy beurt opgevolg deur ’n besoek van veertien (volgens Hendriks 2009:112, was die getal tien) leiers van plaaslike gemeentes uit Suid-Afrika aan gemeentes in Noord-Amerika wat deel uitmaak van die PMC-NA. Dit lei op sy beurt tot ’n uitnodiging aan Keifert om, vergesel van ’n aantal sleutelleiers uit Suid-Afrika, die teorie van Christelike innovasie en die reis van geloofsonderskeiding (PMC) met plaaslike kerkleiers en gemeentes te deel. Saam met Frederick Marais besoek Keifert fakulteite, leraars, lidmate en sending-verwante organisasies in die Gauteng, Oos-Kaap, Suid-Kaap en Wes-Kaap. Die SAVGG begin sy werksaamhede in 2004 (Hendriks 2009:112) en in 2005 begin die eerste vier groepe (“clusters”) in Gauteng, Port Elizabeth, George en Kaapstad. Keifert, met die ondersteuning van Pat Taylor Ellison, behartig die afrigting van fasiliteerders, gemeenteleiers, taakspanne en ondersteunende sisteme in die werk van die PMC-NA. Mettertyd word gemeentes uit meer as twaalf denominasies deel van die SAVGG. In 2010 was meer as 170 gemeentes en enkele sinodale strukture (Niemandt 2010a:2) reeds deel van die netwerk. Gemeentes uit onder andere Zambië, Zimbabwe, Botswana, Malawi en Nigerië het reeds uitnodiginge aan die SAVGG gerig om hulle op die reis na missionale kerkwees te vergesel. Keifert (2010, December) vat sy oorsig soos volg saam: “...[T]he overwhelming evaluation was one of transformation, personal and communal. The basic practices of PMC, the three phases, the Dwelling in the Word, the Congregational Discovery process, the risking to create multi-cultural bridges to members of the community, and the struggle to focus and get short lists, proved durable, dependable, and strong for most of the congregations in PMC-SA.” Hendriks (2009:112) bevestig Keifert se positiewe evaluasie: “Significant transformation has taken place in most of the congregations that departed on the missional transformation journey.”

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die proses van die SAVGG, ten spyte van enkele aanpassinge vir die plaaslike konteks, sy oorsprong het in die werk van en intens verweef is met die uitgangspunte en prosesse van PMC-NA en CII-NA.

2.3.2.3. Oorsig, fokusgroep en verwagte uitkoms.

PMC-NA gee op sy webbladsy (gelees 29 Augustus 2011) die volgende oorsig oor die proses: “Partnership for Missional Church is a journey of spiritual discernment that empowers churches worldwide to respond to God’s mission. PMC takes local congregations on a journey of discovering

© University of Pretoria

God's specific call to them for moving beyond doing mission to being missional in attitude, vision and action." (Sien ook Lundin, 2010 June). Hierdie transformasie word bevorder deur gemeentes te benader as 'n kulturele sisteem eerder as 'n organisasie (Keifert 2007:33). Die proses is dus op kulturele vernuwing eerder as organisatoriese verandering geskoei.

Die fokusgroep is plaaslike gemeentes en hulle (kerk)rade. "PMC has as its primary aim to build capacities in these congregations and judicatory bodies for the spiritual discernment of where they are, who they are, what God is doing in their midst, how God is sending them, and to whom God is sending the(m)." [sic]

Die voordele van die proses vir gemeentes word soos volg beskryf (Gelees 29 Augustus 2011. Sien ook die SAVGG Gemeentereisgids 2008:7): "The Partnership for Missional Church helps congregations grow by developing:

- A God-centered, biblical vision for mission.
- A greater sense of God's activity in their congregation and community.
- Ownership of the mission of the congregation by more members.
- Members committed to and capable of making disciples.
- Both a vision for mission and a practical action plan to achieve it.
- Strengths of the tradition of the congregation.
- Practical skills for managing change and attending to conflict.
- Dramatic expansion of lay involvement.
- A decision-making process for planning activities and budget.
- A faithful and hospitable congregation.
- Relationships with other partner congregations and partners in the broader community."

2.3.2.4. Vier fases.

Die reis na missionale transformasie is 'n drie (tot vyf) jaar proses van vier fases. Elke fase het 'n unieke fokus en poog om 'n bepaalde kapasiteit by deelnemende gemeentes te bou. Fase een fokus op *ontdekking*, strek oor drie groepsbyeenkomste ("cluster events", in Suid-Afrika gewoonlik op 'n Saterdag) en poog om die kapasitiet om te *luister* by gemeentes te bou. Fase twee (byeenkomste vier en vyf) fokus op *verkenning* en bou die kapasiteit om *risiko's* te kan neem. Fase drie (byeenkomste ses, sewe en agt) fokus op *visionering* en bou die kapasiteit om te *fokus*. Fase 4 (groepsbyeenkoms nege) fokus op *inoefening en groei* en bou die kapasiteit om *te leer en te groei*. 'n Vyfde kapasiteit, naamlik om te *deel en om mekaar te mentor*, word deurlopend tydens die duur van die proses gebou.

© University of Pretoria

(Hendriks 2009:112,113; SAVGG Gemeentereisgids 2008:8, Inleidende inligting).

Elke byeenkoms sluit sekere standaard dissiplines in: geloofsgewoontes ("spiritual pracitices") word ingeoefen; daar word gereflekteer oor die verloop van die proses, en die opleiding wat nodig is vir die reis tussen byeenkomste word gedoen. Die klem val deurgaans op leer deur ervaring.[6]

Aan die einde van byeenkoms nege (Fase 4) besluit gemeentes self oor die voortgesette pad van groei en ontwikkeling op die reis van geloofsonderskeiding en missionale transformasie. Gemeentes het die keuse om steeds as groep op vasgestelde tye byeen te kom vir ondersteuning en om by mekaar te leer. Gemeentes het ook die opsie om verder gebruik te maak van prosesse wat deur PMC-NA en die SAVGG ontwikkel word met die oog daarop om voortgesette ondersteuning te bied aan gemeentes wat daaraan 'n behoefte het.

Fase 1 – Ontdekking.

Fase een fokus op 'n groeiende *bewuswording* in die plaaslike gemeente dat 'n verandering van kultuur nodig is en op die *ontdekking* van belangrike vennote wat die gemeente op hierdie reis na transformasie kan begelei. "Through deep listening, the local congregation discovers partners on its journey of spiritual discernment." (Swart, 2007 December). Hierdie ontdekking (van vennote) geskied op drie vlakke (Swart, 2007 September): 1. Die **ontdekking van die Drie-Enige God as die belangrikste Vennoot** vir 'n missionale gemeente (Sien ook Keifert 2007:55). Dit gaan hierin om die ontdekking van "the fundamental importance of focusing on God as the primary Subject in relation to the world. The word missional, first and foremost, refers to the mission of God in the world and not the mission of the church." (Swart, 2007 September). Hierdie ontdekking word ondersteun deur die vra van "Godsvrae" en die aanleer van gewoontes soos "Wandel in die Woord." 2. **Die ontdekking van mekaar** binne die plaaslike gemeente **as vennote op die missionale reis**. God rus sy gemeente toe met gawes vir hulle deelname aan sy sending in die wêreld, onder andere gawes van leierskap. Die ontdekking van hierdie gawes, en veral die ontdekking van missionale leiers binne die gemeente wat die gemeente op die reis van geloofsonderskeiding kan begelei, is 'n belangrike fokus

[6] Sien Hirsch (2006:120-125) en Hirsch & Ferguson (2011:176-179) vir 'n insiggewende bespreking van die verskil tussen 'n Hellenistiese benadering tot onderrig ("to think our way into a new way of acting") en die Hebreeuse benadering ("to act our way into a new way of thinking"). Dissipelskap vereis die vorming van die totale mens in die konteks *van* die lewe en *vir* die lewe.

© University of Pretoria

gedurende fase een (Sien ook Keifert 2007:62-65). Gedurende fase een word gewoontes van geloofsonderskeiding ingeoefen wat leiers in staat stel om die missionale leierskap te voorsien wat nodig is vir die missionale roeping van die gemeente.[7] Leiers word geïdentifiseer en toegerus om op verskillende vlakke aan die proses deel te neem. Dit sluit 'n taakspan in wat die proses in die gemeente begelei en verseker dat die proses met die regerende liggaam van die gemeente geïntegreer word. Die luisterspan is leiers wat oor die gawe van luister beskik en lidmate aanmoedig tot 'n oop gesprek oor hul ervaring van die kultuur van die gemeente. Die luisterverslag wat hierdeur gegenereer word, is 'n belangrike dokument vir die proses van refleksie en geloofsonderskeiding. 3. Die **ontdekking van ander gemeentes as vennote** vir die plaaslike gemeente op sy missionale reis. 'n Primêre fokus van die proses in die eerste fase is die bou van gemeenskap tussen diverse gemeentes met die oog daarop om mekaar op hulle reis van geloofsonderskeiding te ondersteun en te begelei en om van mekaar te leer. Agt tot twaalf gemeentes[8] gaan saam op reis en word saamgesnoer deur die kultivering van gewoontes en praktyke van geestelike vorming en onderskeiding. Binne die PMC-NA bestaan só 'n groep meestal uit gemeentes van dieselfde denominasie en met goedkeuring van die kerkverband. Binne die SAVGG word gestreef na die grootste moontlike diversiteit binne die groep.

Fase 2 – Eksperimentering

Gedurende fase twee gaan die luister en ontdekking van fase een oor in *verkenning* en *eksperimentering*. "The focus shifts from the imaginations and actions of the early adopters and innovators in the congregation to those thoughtful, progressive leaders who can get things done and who are willing to take risks and experiment." (Swart, 2007 December).

Swart (2007 December) wys daarop dat gemeentes in tye van transisie neig tot strategiese beplanningsprosesse wat dikwels faal omdat dit nie rekening hou met die die dinamika van die dieperliggende kultuurskuif wat in sulke tye nodig is nie. Daarom fokus die proses van PMC-NA en die SAVGG gedurende die tweede jaar op die dinamika van 'n verandering in gemeentekultuur en op twee belangrike polariteite wat daarmee gepaard gaan (Swart 2007 December): 1. **Die polariteit tussen vroeë suksesse**

[7] Hendriks (2009:117) beklemtoon die belangrikheid van die vorming van leiers vir die suksesvolle transformasie van die gemeente: "[T]ransition can take place only if there are leaders who dream of an alternative future."
[8] Die getal gemeentes wat saam 'n groep vorm hang uiteraard af van die hoeveelheid gemeentes in 'n geografiese gebied wat daarin belang stel om deel te word van die reis.

© University of Pretoria

en 'n langtermyn aanpassing in gemeentekultuur. Op die reis van geloofsonderskeiding is 'n gemeente afhanklik van die bydraes en insette van beide die naellopers én die maratonatlete as hulle effektiewe verandering teweeg wil bring. Daarom fokus fase twee op die kultivering van 'n klimaat waarin die naellopers bemagtig word om onmiddellike sukses en verandering te kan bereik, terwyl die maratonatlete, wat die uitdaging van langtermyn transformasie verstaan en kan hanteer, terselfdertyd bemagtig word vir die diepliggende kultuurverandering wat nodig is ter wille van God se sending in hulle onmiddellike konteks (Sien ook Keifert 2007:75-78). Vir hierdie doel word gebruik gemaak van *Verkenningspanne* ("Missional Engagement Teams") en *plonsgroepe*. "Through the discernment and action of both the METs and Plunging Groups, as well as the interaction between the learnings from both, local congregations start to engage themselves with those people in their environment to whom God is sending them and experiment with one or two particular aspects within their system for the sake of that engagement." (Swart 2007 December). Die uiteindelike doel hiermee is die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe (of te wel "bruggemeenskappe") met diegene na wie God die gemeente stuur. Terselfdertyd word deur eksperimentering en refleksie aanpassinge in die gemeente teweeg gebring wat nodig is om hierdie nuwe ontluikende gemeenskappe verder te ontwikkel en te onderhou. 2. **Die polariteit tussen tegniese en aanpassende verandering.** *Tegniese* veranderinge is belangrik vir die hantering van probleme wat duidelik identifiseerbaar is en waarvoor die gemeente reeds oor die kundigheid beskik ten einde die probleem aan te spreek en op te los. Veranderinge aan die onderliggende sisteme en kultuur van die gemeente waarvoor geen voor die hand liggende oplossings beskikbaar is nie, is *aanpassend* van aard.[9] Hierdie soort verandering vereis 'n *eksperimentele* benadering ten einde te onderskei hoe hierdie uitdaginge hanteer kan word. "In Phase 2 congregations are asked to become intentional in learning through action and reflection." (Armstrong, 2008 September. Sien ook Keifert 2007:82).

Armstrong definieer hierdie eksperimentele benadering soos volg: "An experiment is conducting some intentional action when the outcome is uncertain, but it is done with an attitude of openness to observe the results and learn through reflection." Hierdie eksperimentering geskied onder eienaarskap van die verkennningspanne. Die fokus is op eksperimente wat op die rand van die gemeente lê en dus nie die hele sisteem bedreig indien

[9] Sien Keifert (2007:42-48, 78-82) vir 'n beskrywing van die verskil tussen organisatoriese en kulturele modelle van vernuwing.

© University of Pretoria

dit onsuksesvol is nie. Armstrong (2008 September) onderskei twee tipes eksperimente. *Formele* eksperimente word intensioneel deur die Verkenningspanne ontwerp en aangepak. *Informele* eksperimentering geskied gewoon deur waarneming van spontane aksies deur lidmate van die gemeente wat reageer op die gestuurde uitdaging wat God voor die gemeente plaas en waarop die gemeentelike leierskap die aandag fokus.

'n Eerste stap in die eksperimentele fase is die identifisering van die "vreemdelinge" na wie God die gemeente stuur. Dit word gedoen deur twee gewoontes te kweek: 1. Individue of pare *plons* by persone wat binne die gestuurde uitdaginge van die gemeente val met die doel om te luister en te leer. 2. *Gasvryheid* word gekweek deur reeds bestaande groepe in die gemeente wat daarop fokus om die "vreemdeling" in die midde van die gemeente te verwelkom (Armstrong, 2008 December). Die intensie van beide handelinge is die vorming van gemeenskappe soortgelyk aan dié van die sewentig wat in Lukas 10 deur Jesus uitgestuur is. "Through these complementary practices of going out to the stranger (Plunging) and welcoming the stranger (Hospitality), PMC congregations build real relationships and partnerships with community members they have not known. These are bridge communities... It is in the bi-cultural bridge communities that congregations come to really understand what God is doing in the community. It is not what God wants the Church to do for the community…it is what GOD is doing and wants both the Church and community to join." (Armstrong, 2008 December).

Gedurende hierdie fase leer gemeentes om te *waag* en *risiko's* te neem en ontdek dat mislukking soms 'n belangrike komponent van eksperimentering is. "The second year brings a willingness to move beyond the fear of failing to trusting God's promises to the church, and therefore to be prepared to try something new for the sake of God's mission in the world. Failing to risk is a guaranteed failure; trusting God's promises of mercy and future for the congregation is the way of discernment in and through risk and failure." (Swart, 2007 December).

Aan die einde van fase twee lê die Verkenningspan 'n verslag ("Missional Action Plan") aan die beheerliggaam van die gemeente voor vir goedkeuring en implimentering. Hierdie plan is steeds deel van die eksperimentele fase en dus voorlopig, maar is 'n belangrike deel in die proses om die gestuurde roeping van die gemeente in sy plaaslike konteks te onderskei.

© University of Pretoria

Fase 3 – Visionering en beliggaming

Gedurende fase drie word die ontdekking (fase 1) en eksperimentering (fase 2) opgeneem in ’n proses om die *missionale roeping* van die gemeente in sy plaaslike konteks te *onderskei*. ’n Visie word gevorm en in ’n strategiese plan beliggaam (Keifert 2007:85). Ten einde ’n gemeente oor die langtermyn op ’n weg van volhoubare vernuwing te laat vorder, is dit krities belangrik dat die volle gemeente betrek word by die opstel van ’n roepingsverklaring, asook by die formulering van die visie wat die gemeente se gestuurde roeping beliggaam en by ’n beplanningsproses om dié beliggaming prakties uit te voer (Keifert 2007:86,87). Die doelwit is om ’n kritiese getal lidmate se denke aan te gryp en hulle gewoontes te verander. Met “kritiese getal” word bedoel 15-20% van ’n gemeente se aktiewe lidmate.

In hierdie verband is daar twee groepe wat ’n bepalende rol in die gemeente speel. Keifert (2007:88) verwys na die eerste groep as die “trustees van die visie”, dit wil sê ’n groep binne die gemeente wat ’n *duidelike bewussyn het van die bestaansrede* vir die gemeente hierdie bewussyn ook by die res van die gemeente kweek en in stand hou. Die tweede groep is mense wat die gestuurde roeping van van die gemeente *beliggaam* deur ’n bepaalde weergawe daarvan in ’n paar paragrawe vas te lê en help om ’n duidelike prentjie te vorm van hoe hierdie roeping in die praktyk moontlik daar kan uitsien (Keifert 2007:91).

Fase drie word voltooi met die ontwikkeling van vyf dokumente wat die verdere toekoms van die gemeente vorm en stuur (Keifert 2007:91-103):

- ’n Uiteensetting van die gestuurde roeping.
- ’n Visie vir die beliggaming van die gestuurde roeping.
- ’n Strategiese bedieningsplan.
- ’n SMART plan vir aksie.
- ’n Leiersverbintenis (“staff covenant”).

Fase 4 – Leer en groei (Inoefening)

Fase 4 neem ’n aanvang met die negende en laaste groepsbyeenkoms van die drie-jaar lange reis. Gemeentes wat fases een tot drie deurloop het, ontdek aan die einde van fase drie dat hulle slegs begin het met betekenisvolle en langtermyn verandering (Lundin, 2010 June). Die reis na gestuurdheid is ’n lewenslange reis van onderskeiding, leer en groei. Daarom beplan gemeentes doelbewus om ’n missionale gemeentekultuur te vestig en die gemeente se missionale kapasiteit te verbreed (Hendriks

© University of Pretoria

2009:117). Gemeenteleiers en gemeente vorm saam 'n leer-gemeenskap en volg 'n model van spesifieke refleksie (Keifert 2007:107,108). Volgehoue opleiding word deel van die daaglike lewe van die gemeente. As leer-gemeenskap leer die gemeente saam met die mense na wie God hulle stuur én saam met hulle vennootskap-gemeentes hoe om saam-saam deel te wees van God se missie na die wêreld. Die agt patrone vir missionale gemeentes bied belangrike hulpmiddels vir gemeentes om hierin saam te leer en te groei (Keifert 2007:109-129; Barret et al 2004).

2.3.3. Sleutelkonsepte.

Gemeentes wat deelneem aan die drie (tot vyf) jaar lange reis van die SAVGG ontdek mettertyd dat 'n unieke missionale taal in die geloofsgemeenskap ontwikkel. Sekere konsepte word deurlopend gebruik en gee uitdrukking aan die unieke missionale identiteit en selfverstaan wat in die gemeente ontwikkel. "Met die Vennootskap se proses van gestuurdheid het ons begin om 'n nuwe taal te skep wat ons bestaande teologiese en bedieningstaal transformeer en uitbou." (Marais Januarie 2010:3). Meeste van hierdie uitdrukkinge het reeds in die beskrywing van die proses van die SAVGG en PMC-NA telkens na vore getree. Omdat taal 'n belangrike komponent van identiteit is, is dit ter wille van die omskrywing van 'n missionale ekklesiologie vir die SAVGG belangrik om sekere van hierdie sleutelkonsepte te lys en te verklaar.

2.3.3.1. Missio Dei.

Die *missio Dei* is die sleutelkonsep onderliggend aan die proses van die SAVGG en gee uitdrukking aan die oortuiging dat sending nie 'n aktiwiteit van die kerk is nie, maar 'n eienskap van God. "Missionaal" verwys in die eerste plek na ***God se sending*** in die wêreld (en skepping). "It is not that the church has a mission of salvation to fulfil in the world; it is the mission of the Son and the Spirit through the Father that includes the church." (Bosch 1991:390).

2.3.3.2. Missio ecclesiae (of gestuurde gemeente).

Die *missio ecclesiae* is onlosmaaklik verbonde aan die *missio Dei*. As God Homself openbaar as die "Vader wat die Seun stuur, en Vader en Seun wat die Heilige Gees stuur", kan die gemeente homself nie anders verstaan as 'n "gestuurde gemeenskap" nie. "Gestuurde gemeente" verwys dus na die wese van die gemeente as deelnemend aan God se sending in die onmiddellike konteks waarbinne God die gemeente geplaas het. "Missio"

© University of Pretoria

(sending of gestuur-wees) is nie 'n aktiwiteit van 'n sekere groep of bediening binne die gemeente nie, maar omskryf wie die gemeente as geloofsgemeenskap is in die totaliteit van sy bestaan en bediening. Die Gemeentereisgids (SAVGG Gemeentereisgids 2008:3 Inleidende inligting) verklaar "gestuur wees" soos volg: "[Gestuurde gemeentes] leer dat in deelname aan God se sending in die wêreld *beide* hulle uitreik én hulle gemeentelike lewe 'n getuienis van God se doel vir die wêreld is. Hulle uitreik is gefokus op hulle roeping om gestuur te wees. Hulle verkondig die Evangelie deur woord en daad. Hulle totale gemeentelike lewe en werk is daarop gefokus om gestuur te wees. Hulle aanbidding (d.m.v. eredienste, ens,), Bybelse opbou van dissipels, hulle kleingroepe en besluitnemingstrategieë is 'n getuienis vir Jesus Christus en die sending waarin Hy hulle lei."

2.3.3.3. Geloofsonderskeiding.

"Geloofsonderskeiding" is 'n sleutel teologiese term binne die SAVGG (Hendriks 2009:112) en gee uitdrukking aan die diepliggende oortuiging dat sending in die eerste plek *God se sending* in die wêreld is. Die wese van die gemeente is *deelname aan God se sending*.

Binne die SAVGG word dikwels na die hele proses verwys as 'n "geloofsonderskeidende reis" of 'n "reis van geloofsonderskeiding" (Byvoorbeeld Keifert 2007:53; SAVGG Konsultantehandleiding 2008:55 Byeenkoms 1). Hiermee word die SAVGG proses onderskei van ander prosesse wat in die eerste plek fokus op strategiese beplanning en bestuur. Deelname aan die *missio Dei* beteken in praktyk om gelowig te luister na God, na die wêreld waarin God ons geplaas en na God se Woord, om sodoende te onderskei waar en hoe God aan die werk is en hoe ons daaraan kan deelneem. Keifert (2007:53) stel dit so: "Teologies gesproke word julle genooi op 'n reis midde-in die werklikheid van die drie-enige God." Die SAVGG Konsultantehandleiding (2008:55 Byeenkoms 1) som dit só op: "Die SAVGG is 'n reis van geloofsonderskeiding. Dit beteken dat ons God se antwoord wil hoor – nie ons eie rasionele verstaan of eie oplossings nie, maar dié van die lewende God."

2.3.3.4. Godsvrae.

Gestuurde gemeentes leer die gewoonte om, as deel van die proses van geloofsonderskeiding, "Godsvrae" in tye van krisis en transisie te vra. Hulle vra én antwoord die volgende vyf vrae deurlopend (SAVGG Gemeentereis-gids 2008:5 Inleidende inligting):

© University of Pretoria

- *Waar is ons?*
  Gestuurde gemeentes is bewus van hulle konteks/omgewing.

- *Wie s'n is ons (aan wie behoort ons)?*
  Hierdie vraag verwys nie direk na God nie, maar is 'n uiters belangrike vraag wat gemeentes help om te verstaan dat die gemeente nie aan ons behoort nie, maar aan God; dat Christus die hoof is van die gemeente. Terselfdertyd fokus hierdie vraag die gemeente op die vreemdeling wat nog nie deel van die gemeente is nie, maar na wie God die gemeente stuur (of vir wie God na ons toe stuur) (Marais Januarie 2010:14).

- *Wat is God besig om te doen?*
  Gestuurde gemeentes kan aandui hoe God onder hulle en in die wyer wêreld aan die werk is. Hulle leer meer oor God se sending van verlossing, herstel en versoening van die wêreld deur Jesus Christus.

- *Hoe stuur God ons?*
  Gestuurde gemeentes weet hoe om te onderskei en te luister na God se spesifieke roeping vir hulle.

- *Hoe leef ons gemeente nou volgens die patroon van God se toekoms?*
  Gestuurde gemeentes wil 'n teken en voorsmaak wees van die toekoms wat God vir die hele wêreld verkies. Hulle getuig van Jesus Christus in hulle uitreik én in hulle totale lewe as gemeente.

2.3.3.5. Wandel in die Woord.

Die gewoonte om in die Woord te wandel, vervul reg deur die reis van geloofsonderskeiding 'n sleutelfunksie. "In all the SAPMC meetings Luke 10:1-12 was repeatedly read, reflected on and discussed. It becomes a well-trodden path that challenges one to 'step out' in faith on a journey across new frontiers, being guided by scriptural/spiritual principles." (Hendriks 2009:113). Filippense 2:5-11 en Matteus 25:31-46 word by geleentheid ter afwisseling van Lukas 10:1-12 gelees.

Keifert (2007:61) wys daarop dat die gewoonte om in Lukas 10:1-12 te wandel, die ontwikkeling van die hele proses diepliggend beïnvloed het: "Om in die Woord te wandel – met ander woorde om oor 'n lang tydperk en op verskeie maniere en plekke met dieselfde Skrifgedeelte besig te bly en só geloofsonderskeiding te bekom – lei daartoe dat 'n soort wonderwerk plaasvind in die hart en denke, en later in die optrede, van gemeenteleiers

© University of Pretoria

en dié wat hulle volg. Hulle begin hulle bestaan beskou as iets wat deel is van die lewe en werk van die lewende, drie-enige God van die Woord."

Gemeentes wat dié gewoonte deurlopend deel van die lewe van die gemeente maak, ondervind hoedat die transformerende krag van die Woord elke aspek van die lewe van die gemeente aanraak (Nel 2009 November; Van Gelder & Zscheile 2011:151). Eerstens transformeer hierdie gewoonte die *modus* waarmee *leraars* neig om die Skrif te hanteer. Leraars word opgelei om die Bybel vir mense te lees, dit een maal te lees en klaar te lees en om dié lesing van die teks op die tafel te sit. Die klem val dus op 'n informatiewe lees van die teks. Nel getuig: "Soos my tegniese vaardigheid met die teks toegeneem het, het my ervaring van die stem van die Here in die teks afgeneem." Deur die gewoonte om in die Woord te wandel word die leraar uitgedaag "to getting down to read with people, not once, but numerous times, not finishing reading, but getting numerous readings from different people and getting transformed by this." (Nel 2009 November). Tweedens skep hierdie gewoonte 'n ruimte vir die *transformasie* van *gemeentes* en *gelowiges*. "We could do nothing by telling people what to do, but as soon as people are invited into the text and start reading it by themselves, they are vulnerable." (Nel 2009 November). Die handeling om die Woord te lees, beteken alreeds om deel te word van die koms van God se koninkryk en van God se beweging deur sy Woord na die wêreld. "The Word shapes you like water shapes a rock – gradually." (Nel 2009 November). In plaas daarvan dus om gemeentes met allerlei metodes en tegnieke (onsuksesvol) tot transformasie te probeer oorreed, skep die gewoonte om in die Woord te wandel 'n heilige ruimte ("holy space") waarin mense ingenooi word om die Woord saam met ander te lees met die verwagting om God se stem op 'n nuwe manier te hoor en daardeur getransformeer te word. Hierdie gewoonte laat God toe om deur sy Woord 'n nuwe identiteit vir sy gemeente te skep. Derdens het hierdie gewoonte as deel van 'n geloofsonderskeidende proses ook die *vergaderinge* en *besluitnemingsprosesse* in gemeentes diepliggend beïnvloed en getransformeer. Marais (2007b) bied 'n volledige beskrywing van en riglyne vir die inrigting van geloofsonderskeidende kerkvergaderinge.

2.3.3.6. Wandel in die Wêreld.

Wandel in die Wêreld[10] sluit aan by die gewoonte om in die Woord te wandel en nooi gelowiges uit om God in hulle daaglikse kontak met mense raak te sien. God kom na ons in die "ander" met wie ons daagliks in 'n netwerk van

[10] Soms word na hierdie gewoonte verwys as "Wandel in die Son".

© University of Pretoria

verhoudinge in kontak kom. In die lig van Luk 10:1-12 word ons deur hierdie gewoonte uitgenooi om na te dink oor dié mense wat oor die afgelope week oor ons pad gekom het en vir wie ons kon “groet” of wat ons “in hulle huise” kon innooi, en waar ons dus kan “ingaan” en saam ontdek wat God van plan is om dáár te doen.

2.3.3.7. Plons.

Soos Wandel in die Woord, is die gewoonte om te plons deurslaggewend vir die geloofsonderskeidende reis na deelname aan God se sending en ’n integrale deel van die eksperimentele fase van die reis na gestuurdheid. Mouton (2009 November) omskryf plonsing as volg: “A plunge is to deliberately move from the dominant context of your culture to another culture... Without the risk of plunging, certain things will not happen. You will not experience growth in your Christian imagination.”

Mouton (2009 November) onderskei vier redes vir plonsing: 1. Om kontak te herstel (“reconnect”) met ons *konteks* en waarmee God van plan is om in ons konteks te doen. Die gewoonte om te plons help dus om ’n antwoord te vind op een van die kernvrae van gemeentes wat leef binne die raamwerk van die *missio Dei*, naamlik: Wat is God besig om hier en nou te doen aan verhoudings binne die gemeente en in die breër gemeenskap rondom ons? (Keifert 2007:65). 2. Om te groei in ons *leerbaarheid*. Wanneer gelowiges plons ervaar hulle ’n nuwe werklikheid en word hulle bewus van die noodsaaklikheid om te leer. 3. Om bewus te word van die *onsigbare mure* wat ons rondom onsself oprig en waarmee ons ander mense uithou. 4. Om *nuwe gemeenskappe* te vorm met die mense na wie God ons stuur. Die verwagting is dat God aan ons vennote in die breër gemeenskap sal skenk met wie ons ons ’n bruggemeenskap kan vorm en met wie ons kan saamwerk. “In small steps people of faith venture out of their laagers and break through cultural, class, racial, gender and language barriers. The Gospel is, and brings, good news. The experience of both this and the fact that people ’on the other side’ can be brothers and sisters is most enriching and fulfilling. Suddenly ‘others’ are no longer strangers but partners who face the same contextual realities, problems and challenges of any given society.” (Hendriks 2009:113).

Die gewoonte om te plons lê in die hart van die evangelie. Die evangelie is die goeie nuus van God as Heilige Gemeenskap wat die Seun as Vreemdeling die wêreld instuur om ons in gemeenskap met Hom te bring. Om te plons is ’n uitdrukking van dié leefstyl waarin ons met God as

© University of Pretoria

vreemdelinge die wêreld inbeweeg om daar te ontdek dat die oes reeds deur die Heilige Gees gereed gemaak is. "To plunge is not a technique, it's a lifestyle." (Mouton 2009 November).

Anders gesê: Om te plons is die inkarnasie in praktyk; 'n lewe met die gesindheid van Christus (Fil. 2:5-11). Daarom is die fokus nie om vanuit 'n posisie van mag iets vir ander te gaan doen nie, maar eerder om vanuit 'n posisie van broosheid en weerloosheid ("soos lammers tussen wolwe") te ontdek en te luister en te vra: Watter geleentheid skep die Gees vir die bou van lang termyn verhoudinge (bruggemeenskappe) met diegene saam met wie Hy ons stuur? "It's about seeking for God's guidance - by reflecting with the Word in one hand, and the world, the community God is sending us to, in the other hand - reflecting about our Christian identity and God's preferred future for us." (Mouton 2009 November).

2.3.3.8. Waag om te misluk.

"Waag om te misluk" ("risking failure") is 'n uitdrukking wat dikwels langs die weg van die geloofsonderskeidende reis na gestuur-wees, gehoor word. Die erkenning van eie onvermoë en die bereidheid om te waag, moontlik te misluk en hieruit te leer, is 'n voorvereiste om eie vrese te kan deurbreek en vanuit die private te tree na die publieke domein van God se teenwoordigheid in die wêreld (Barret et al 2004:74-83; Keifert 2007:116-119). "[W]e need to give one another permission to take the risk of making mistakes and, by reflecting on our mistakes, we learn and grow." (Mouton 2009 November).

2.3.3.9. God se voorkeurtoekoms.

Om 'n verbeelding te kweek van 'n God se nuwe toekoms vir die wêreld waarin ons leef is onontbeerlik vir elke gemeente op reis na gestuur-wees. Keifert (2007:56) stel dit só: "By die Vennootskap kom die proses van geloofsonderskeiding neer op een eenvoudige vraag: Hoe lyk die toekoms wat inpas by God se wil en belofte vir ons gemeente?" En: "... God is ... *in alle tye* lewend en teenwoordig ... Vir God is alle tye teenwoordige tyd, en die kerk het 'reeds' maar óók 'nog nie' deel aan die lewe van God in die verlede sowel as in die toekoms. Daarom het 'getrouheid' nie óf die verlede óf die toekoms in die oog nie; dit is eerder 'n kwessie van hoe die verlede ons kan help om getrou te bly aan die toekoms wat inpas by God se wil en beloftes vir ons." (Keifert 2007:57).

© University of Pretoria

2.3.3.10. Geloofsvormende gewoontes en praktyke.

Marais (2011, Oktober) onderskei vier aanpassinge wat gemeenteleiers moet maak ten einde gemeentekultuur te transformeer: 1. Vertaal die roeping of visie van die gemeente in terme van gedrag- of leefstyl. 2. Omskep hierdie gedrag in 'n gewoonte wat maklik aangeleer kan word en oor en oor ingeoefen kan word. 3. Oefen die gewoonte in totdat die deelnemers die vaardigheid bemeester het. 4. Moedig mense aan om die gewoonte oral met almal wat oor hulle pad kom te probeer.[11]

Marais (2010:4, Januarie) omskryf hierdie gewoontes as gebruike, gewoontes of tradisies wat in in 'n gemeente aangeleer en ingeoefen word ten einde 'n bepaalde kultuur te vestig. Mense wat die gewoonte eenmaal geleer het, kan dan ook weer ander help om dit aan te leer. Gewoontes wat in die proses van die SAVGG deurlopend ingeoefen word en wat ons reeds omskryf het, is onder andere: Wandel in die Woord, Wandel in die Wêreld, Plonsing en die vra van Godsvrae by kruispaaie.

2.3.3.11. Geestelike dissiplines of geloofsgewoontes.

Die Bybel speel die primêre rol in die vormig van 'n missionale geloofsgemeenskap en van 'n missionale leefstyl. Hiervoor is dit egter nodig om 'n balans te vind tussen 'n meer *informatiewe* lees van die Bybel en 'n *formatiewe* lees daarvan (van Wyk Junie 2011:3). Die oogmerk met die lees van die Bybel is nie dat ons 'n greep op die Bybel kan kry nie, maar eerder om God toe te laat om deur sy Woord 'n greep op ons te kry – om ons lewe te vorm sodat ons al meer kan leef soos Hý wil. "Een van die maniere waarop die kerk deur die eeue hierdie Christelike lewensstyl aangeleer en gekoester het, was deur praktiese geestelike gewoontes, of soos ons dit noem, *geestelike dissiplines* of *geloofsgewoontes*. Dit is eenvoudige, oordraagbare tegnieke wat in die beoefening en bemeestering daarvan jou lewe vorm en Christus gestalte in jou laat kry." (van Wyk Junie 2011:3). Gestuurde gemeentes poog dus om lidmate aan te moedig om dié geloofsgewoontes in te oefen wat hulle vorm om in hulle daaglikse omgang en lewe bewus te wees van God se teenwoordigheid, sensitief te wees vir dit wat God besig is om te doen, en om geleenthede te ontdek en te ontsluit

[11] Sien ook Marais (2010:20) vir die belangrikheid van leierskap met die aanleer en inoefening van gewoontes wat die roeping van die gemeente beliggaam.

© University of Pretoria

waar hulle met God kan meewerk in diens van sy heling en vrede vir alle mense.[12]

2.3.3.12. Vreemdeling (Verwelkoming van ... & gasvryheid).

God kom dikwels na ons deur die "ander" wat wesenlik anders is as wat ons verwag. Ons kan dus verwag om deur God verras te word. Daarom word die woord "vreemdeling" vanaf fase een in die spreektaal en denke van reisgenote ingeburger. Die gewoonte om "vreemdelinge" te verwelkom. word deur verskeie gewoontes gekweek. Tydens Wandel in die Woord word deelnemers uitgenooi om met 'n "vriendelike vreemdeling" te deel wat hulle in die Woord gehoor het en om na die ander te luister. Deur die gewoontes van plons en Wandel in die wêreld word doelgerig in die leefwêreld van die vreemdeling inbeweeg met die oog daarop om te onderskei hoe God in die lewe van die ander reeds teenwoordig is. Terselfdertyd word die gewoonte van gasvryheid in die gemeente gekweek vir die verwelkoming van die "vreemdeling" in die midde van die gemeente en in die erediens as publieke aanbidding (Sien Keifert 1992).

2.3.3.13. Bruggemeenskap.

Die vorming van "bruggemeenskappe", dit wil sê 'n gemeenskap bestaande uit lede van die gestuurde gemeente én lede van die gemeenskap na wie God die gemeente stuur, is 'n belangrike verwagte uitkoms van die eksperimentele fase van die reis. Hierdie verwagting gee uitdrukking aan die oortuiging dat God ook buite die gemeente in die gemeenskap aan die werk is. God is reeds aan die werk in die gemeenskap na wie Hy die gemeente stuur. Deelname aan die *missio Dei* veronderstel dus 'n wederkerige verhouding: gemeente en gemeenskap *ontdek saam* wat God van plan is om in daardie gemeenskap te doen en word *saam deel* van God se koninkryk van vrede en heling. 'n Christusgesindheid van ontlediging en die aflê van mag en vooroordeel is dus 'n voorvereiste vir deelname aan die *missio Dei* in die wêreld.

2.3.3.14. Gestuurde roeping.

Die formulering van die gestuurde roeping van die gemeente verwys na die resultaat van fases een tot drie. Die uitgangspunt is dat God 'n unieke

[12] *Leef anders*, 'n geloofsvormingsproses wat deur Doornpoort en Communitas ontwikkel is, is 'n voorbeeld hiervan (Nel Junie 2011:8,9). Ander waardevolle bronne en hulpmiddels vir gemeentes is Foster (2000 & 2008), Calhoun (2005), Ackerman (2010), Nicol (2007), God praat – leef luisterryk (2006) en ander materiaal van die luisterseisoen van die NG Kerk (http://www.seisoenvanluister.co.za/).

© University of Pretoria

voorkeurtoekoms vir elke plaaslike gemeente het. Die gemeente probeer nie om alles vir almal te wees nie, maar leer om te fokus op God se unieke roeping vir daardie gemeente as deelname aan God se sending in die plaaslike konteks waarbinne Hy dié gemeente geroep en gestuur het.

2.3.3.15. Gestuurde leier(s).

'n Sleutelfaktor vir die transformasie van gemeentekultuur is die vorming van missionale leiers wat geloofsonderskeidend en vanuit persoonlike geestelike dissiplines lei (Keifert 2007:86). Die ontwikkeling van leiers op alle vlakke is deurgaans 'n fokus in die proses van die SAVGG. Vaardighede wat deurgaans gekweek word, is die vermoë om goed te kan luister - na die gemeentekultuur asook na die kultuur van diegene na wie God die gemeente stuur. Missionale leiers is by uitstek skeppers van 'n klimaat waarbinne die vryheid bestaan om risiko's te neem, grense oor te steek, te eksperimenteer en te leer uit ervaringes en selfs uit mislukkings. 'n Belangrike vaardigheid is die vermoë om 'n verbeelding te skep van God se voorkeurtoekoms vir die gemeente. "[T]ransition can take place only if there are leaders who dream of an alternative future." (Hendriks 2009:117). In hoofstuk drie word die konsep van missionale leiers verder ondersoek en omskryf.

2.3.3.16. Verras deur die Heilige Gees.

Die uitdrukking "verras deur die Heilige Gees" word dikwels in gesprekke binne gestuurde gemeentes en tussen gemeentes onderling gehoor. God is deur sy Gees aan die werk in die wêreld. Die boek Handelinge vertel hoedat die vroeë kerk telkens deur die Heilige Gees verras is en neem dikwels 'n belangrike plek in die lewe van gestuurde gemeentes in. Die reis na gestuurdheid is in wese 'n geloofsonderskeidende reis tot deelname aan God se sending deur sy Gees in die wêreld.

2.4. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGE.

In die lig van bogenoemde kan ons ten slotte samevattend die onderliggende teologiese uitgangspunte vir 'n missionale ekklesiologie, soos dit ook binne die SAVGG funksioneer (en deur navorsing vanuit die missiologie ondersteun word), onderskei:

1. Binne die SAVGG is die ***missio Dei*** die mees **fundamentele uitgangspunt** vir die verstaan van kerk-wees. Sending is nie 'n taak van die kerk nie, maar 'n eienskap van God. *"God is a missionary God*

© University of Pretoria

who sends the church into the world. This understanding shifts the agency of mission from the church to God. It is God's mission that has a church rather than a church that has a mission." (Van Gelder & Zscheile 2011:4).

Die begronding vir 'n missionale ekklesiologie lê dus nie in die ekklesiologie of soteriologie nie, maar in die Triniteit - die wese van God as Vader, Seun en Heilige Gees. God openbaar Homself as Vader wat die Seun stuur, en Vader en Seun wat die Heilige Gees stuur. God is dus die handelende Persoon. Sending is altyd primêr God se sending. "The most fundamental reality for the missional church is not the mission of the Church, but the fact that God sent Jesus to save the world and sent the Spirit of Christ to sustain and recreate the world. The primary acting subject in 'missional' is God through the Spirit, not the Church; the aim is the world, not the Church." (Swart 2007 June). Marais (2009), in refleksie oor die eerste vyf jaar van die SAVGG-reis, stel dit so: "We have been converted from a focus on our own effort to a focus on the missional God, who is not only present, but is continually breaking into our reality through the work of the Holy Spirit. This conversion has everything to do with agency: who is the agent at work and who is participating in that?"

2. Die funksie van die kerk in die lig van die *missio Dei* is **deelname aan God se sending in die wêreld (en ganse skepping)** (Swart 2007 June). Die uitgangspunt is dat God aan die werk is in die wêreld. "You know you have a missional church on your hand when they recognize that they're going to meet God's mission in the world." (Keifert 2011, Oktober). Die mees wesenlike funksie van 'n missionale kerk is dus om geloofsonderskeidend te probeer vasstel waar God reeds aan die werk is en hoe ons as gestuurdes daarin opgeneem kan word (Niemandt 2012b:6). Só word die kerk deelgenoot in God se beweging na die wêreld. Die kerk bestaan dus nie ter wille van homself nie, maar ter wille van God se sending en in diens van die vervulling van God se bedoeling met die wêreld. "Missional Church always means a Christian faith community on a continuous journey, discerning the movement of God, and obediently and faithfully responding as participants in that movement." (Swart 2007 June). Die sending van die kerk het geen bestaansreg los van die sending van God nie. "...[O]nly in the hands of the sending God can it truly be called mission, not least since the missionary initiative comes from God alone." (Bosch, 1991:390).

© University of Pretoria

3. "Missionaal" verwys binne die SAVGG nie na 'n program of aktiwiteit van die gemeente, of van 'n komitee of van 'n sekere groep lidmate binne die gemeente nie, maar **definieer die identiteit van die hele gemeente**. "Conceiving the structure of the church in a consistently trinitarian fashion means conceiving not only the institution of office as such, but also the *entire (local) church* itself in correspondence to the Trinity." (Volf 1998:218). Die wese van wie die kerk is, is te vinde in die wese van Wie God is. God openbaar Homself as 'n "missionale God" ("missional God") Daarom kan die kerk homself nie anders verstaan as 'n "missionale gemeenskap" ("sent people") nie (Guder ed 1998:4). "...[I]t has taken us decades to realize that mission is not a program of the church, it defines the church as God's sent people." (Guder ed 1998:6). Daarom word binne die SAVGG onderskei tussen 'n "kerk met 'n sending" ("church with a mission") en 'n "gestuurde kerk" ("missional church"). "[T]he church is not the sender, but the one sent. … Missionary activity is not so much the work of the church as simply the Church at work. … It is a duty which pertains the *whole* Church. … Since God is a missionary God (… *missio Dei*), God's people are a missionary people." (Bosch, 1991:372). Daar kan dus nie langer gepraat word van kerk *en* sending nie, maar slegs van die sending *van* die kerk.

4. Uit bogenoemde is dit duidelik dat "missionaal" binne die SAVGG verwys na **wie die kerk** binne sy bepaalde konteks **is** ("being") en nie na 'n bepaalde **funksie** ("function") wat die kerk verrig nie (Swart 2007 June). Die klem val dus op die vorming van 'n geloofsgemeenskap wat in sy liturgie, onderlinge verhoudinge en gasvryheid teenoor vreemdelinge God se voorkeurtoekoms vir die wêreld demonstreer. "Our understanding of missional church within the PMC focusses on the *formation of Christian community* around God's mission in and for the world." (Armstrong, 2010 December, kursivering myne). "The missional focus influences everything the Church does and implicates a continued willingness to transform the culture of the local faith community for God. This aspect can have many different forms and shapes, depending on the particular situation of a specific faith community. Generally it means a church will be much more hospitable towards outsiders and strangers, and above all, to find the world a hospitable place where God is active and asking the Church to change for the sake of others." (Swart 2007 June). Terselfdertyd kry die Bybelse vorming van individuele gelowiges deurlopende aandag deur middel van die aanleer van en beoefening van geloofsvormende

© University of Pretoria

gewoontes wat elke gelowige vorm en voorberei vir sy roeping en deelname aan God se sending in die daaglikse lewe (van Wyk 2011 Junie; Nel 2011 Junie). Hirsch (2006:102) noem hierdie aspek "...that single most crucial factor that will in the end determine the quality of the whole – if we fail at this point then we must fail at all others."

5. 'n Missionale kerk is altyd **inkarnasioneel** en daarom **kontekstueel**. "The missional church is an incarnational movement sent to engage its context." (Niemandt 2012b:4). Hirsch (2006:25, 127-147) kies in dié verband om te praat van die "*missional-incarnational impulse*" van die missionale beweging. "The purpose in combining these words is to link two practices that in essence form one and the same action... [U]nless we embrace this mode, we will in effect lock up one of the genius of the apostolic church, namely, to seed and embed the gospel in different groups, cultures and societies and thus sow the seeds of rapid multiplication." (2006:128).

   Die aanname dat God vir elke gemeente in sy **plaaslike konteks** 'n unieke roeping het as deelname aan sy sending, is wesenlik binne die SAVGG. Die fokus val dus nie op die uitstuur van sendelinge nie, maar op God se sending in die onmiddellike en alledaagse konteks van die gemeente. "The popular understanding of 'mission' is for the Church to send missionaries or to be involved in mission work outside of their immediate context... [T]he **focus of missional Church** is especially within a congregation's **own context** of the culture and the community in which God places it and calls it to participate." (Swart 2007 June). In 'n sekere sin vind daar dus 'n heiliging van die wêreld en van die alledaagse lewe plaas. Marais (2009) praat in dié verband van 'n "bekering vanaf die buitengewone na die alledaagse, na die publieke lewe".[13] Die eenheid rondom Woord en sakrament loop uit op die sakrament van heling, vrede en diens in die konteks waar die lewe plaasvind. God ontmoet sy gemeente in die vreemdeling wat Hy oor ons pad stuur en in die gemeenskap saam met wie Hy ons stuur. Die wêreld is nie vyand nie, maar die terrein waar God aan die werk is. "The primary way to know what God is up to in our world when the boundary markers seem to have been erased is by entering into the ordinary, everyday life of the communities where we live." (Roxburgh 2011:132). Die opbou van die gemeente is dus nie ter wille van die

[13] Marais (2009) herinner hoedat die ontwerpspan aanvanklik geworstel het met "wandel in die wêreld", "...reflecting on how God is present in our ordinary lifes. The irony is that the conversion normally is not extraordinary, but in the everyday public life of our members."

© University of Pretoria

gemeente self nie, maar ter wille van die koninkryk in die konteks waarbinne God die gemeente geplaas het.

6. Die missionale ekklesiologie binne die SAVGG is **sterk pneumatologies gefundeer**. "[T]he church is to be viewed pneumatologically, as 'a dwelling place of God the Spirit' (Eph. 2:22), as movement of the Spirit toward the world en route to the future... When we view the church as 'community of the Spirit' we identify it pre-eminently as *missionary* community, since the Spirit is the 'go-between God'..." (Bosch 1991:378). Flett (2010:loc.2019) omskryf die werk van die Heilige Gees soos volg: "The Spirit acts to secure the human's subjective involvement in God's act, uniting the human with the history that takes place first in God's own life and then in the history of Jesus Christ with us."

   Missionale geloofsgemeenskappe leef in afhanklikheid van die krag en leiding van die Heilige Gees en verwag om voortdurend deur die inbraak van die Heilige Gees verras te word. "We have been converted from a focus on our own effort to a focus on the missional God who is not only present, but is continually breaking into our reality through the Spirit." (Marais 2009). In missionale gemeentes groei 'n bewussyn van hulle afhanklikheid van die Heilige Gees vir die onderskeiding van God se voorkeurtoekoms vir hulle. "You know you have a missional church when they engage in spiritual discernment and they have a sense of dependence upon the Holy Spirit for a sense of their future." (Keifert 2011, Oktober).

   Niemandt (2010c:7) beklemtoon eweneens die belangrikheid van 'n afhanklikheid van die Heilige Gees as waarneembare patroon in missionale gemeentes: "A missional church is a church in which discernment plays an important role. This entails discernment of how to live in this world by acknowledging the vital role of the Spirit in our interpretation of the multicultural world and God's Word. It also acknowledges the importance of waiting on God – discernment is a process that is fundamentally influenced by the Holy Spirit." Hierdie afhanklikheid van die Gees transformeer nie alleen die daaglikse lewe van die gemeente in sy omgang met die wêreld waarin God die gemeente geroep het nie, maar ook die vergaderinge en formele besluitnemingsprosesse van die gemeente word getransformeer en word toenemend ingerig as geloofsonderskeidende prosesse in afhanklikheid van die Heilige Gees.

© University of Pretoria

7. Die verstaan van sending as *missio Dei lei* tot 'n verwagting van waarneembare tekens van **God se teenwoordigheid en werk in die hele skepping** en tot 'n **beklemtoning van die koninkryk van God** wat die kerk terselfdertyd insluit en oorskry (Balia & Kim 2010:26). "*God's mission in the world is related to the reign (kingdom) of God*." (Van Gelder & Zscheile 2011:4).

   Alhoewel kerk en koninkryk nie aan mekaar gelyk gestel kan word nie, kan hulle ook nie van mekaar geskei word nie. Die kerk is tegelykertyd teken en instrument van die heerskappy van God. Wright (2011:217,218) wys daarop dat die kerk as geloofsgemeenskap deur Paulus aangekondig word as "liggaam van Christus". "This famous Pauline image is not a random 'illustration'. It expresses Paul's conviction that *this is the way in which Jesus now exercises his rule in the world – through the church, which is his Body*. Paul, rooted as he was in the ancient scriptures, knew well that the creator's plan was to look after his creation through obedient humankind. For Paul, Jesus himself is the Obedient Man who is now therefore in charge of the world; and the church is 'his body, the fullness of the one who fills all in all' (Eph. 1:23). It is this vocation that gives the church courage to stand up in the face of the bullying self-appointed masters of the word, to resist them when they are forcing their communities to go in the wrong way, while at the same time demonstrating, in its own life, that there is a different way of being human, a way pioneered and now made possible by Jesus himself." (Wright 2011:217,218).

   As deelname aan die koms van die heerskappy van God, kan die doel van sending beskryf word as "heelheid" en "shalom" vir die hele wêreld (Niemandt 2012b:5). Van Gelder en Zscheile (2011:3) stel dit soos volg: "...[M]ission is the result of God's initiative, rooted in God's purposes to restore and heal creation." Die gevolg is 'n inklusiewe en holistiese verstaan van sending wat 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite insluit. Bosch (1991:368-510) bied 'n uitvoerige bespreking van die verskillende en diverse elemente van sending wat binne die ontluikende missionale paradigma omvat word.

8. Missionale gemeentes verwag om God te ontmoet in die gemeenskap waarin Hy hulle geplaas het en het 'n **duidelike besef van God se voorkeurtoekoms** vir daardie spesifieke gemeente en gemeenskap. "A missional church has a clear sense that God has a preferred future for that local church, and that thát local church has a different place and calling (missional vocation) within the life of that community and

© University of Pretoria

within Gods mission in that community than any other church in that community ... At root a missional church is a church that recognises and anticipates that they are living out both the preferred and promised future of the Triune God; and that the Father's will in the Person of the Son (in Jesus' very Person), and by the power of the Holy Spirit, this congregation has been drawn into Gods' preferred and promised future for them." (Keifert 2011 Oktober). 'n "Missionale ekklesiologie" is dus van wesenlike belang vir deelname aan God se sending in die wêreld.

Onder die opskrif *Sending as aksie in hoop* bespreek Bosch (1991:498-510) die eskatologiese fundering van sending. Een van die mees opvallende kenmerke van die teologie van die twintigste eeu is die herontdekking van die eskatologie en 'n nuwe waardering vir die verband tussen missionale betrokkenheid en die verwagting van 'n fundamentele verandering in die toekoms van die mensdom. Sonder 'n fundamentele eskatologiese disposisie is geen outentieke sending moontlik nie. Eskatologie verteenwoordig die element van hoop in die teologie – hoop nie as verwagting van 'n herstel of terugkeer na die verlede (oorsprong) nie, maar as deurbraak na die toekoms met die verwagting van 'n nuwe begin (doel) wat die oue sal oortref. Bosch (1991:504-507) wys beide 'n eskatologisering van die geskiedenis ('n veroordeling van die huidige wêreld) en 'n historisering van die eskatologie (die *missio Dei* word verstaan as bevryding tot ware mens-wees) af. 'n Eskatologie vir sending is nodig wat tegelykertyd vanuit die toekoms gerig word en in die hier en nou georiënteer is, en terselfdertyd die reeds en die nog nie van die heerskappy van God in kreatiewe spanning hou. 'n Christelike eskatologie beweeg tegelykertyd in drie tydvakke: verlede, hede en toekoms. Die heerskappy van God het gekom, is komende en sal in volheid kom. "It is because God already rules and because we await the public manifestation of his rule that we may, in the here and now, be ambassadors of his kingdom. Christians can never be people of the status quo." (Bosch 1991:508). Dit beteken nie dat die heerskappy van God op enige wyse 'n produk van menslike ingrepe is nie. God se transformasie verskil van menslike innovasies. Uit hierdie perspektief hou die toekoms die voorrang. Die uiteindelike oorwinning bly 'n geskenk van God. Dit is God wat dinge nuut maak. Sending is dus tegelykertyd "hoop in aksie" en "aksie in hoop". "But then we must define our mission – with due humility – as participation in the *missio Dei*." (Bosch 1991:510).

© University of Pretoria

9. Die **fundamentele houding** vir deelname aan God se sending in die wêreld is die **aflegging van mag** en die omarming van eie **broosheid** en **weerloosheid.** (“Soos lammers tussen die wolwe” – Lukas 10:3). Marais (2009) wys daarop dat sending nie vir gemeentes wat aan die reis van die SAVGG deelneem, nuut is nie. “We all understood that the church should reach out across its boundaries.” Maar meestal was hierdie uitreik ‘n mags-beweging (“power-movement”) vanaf diengene wat het na diegene wat nie het nie. “The missional vision was subversive to this and challenged us to follow Jesus into His vulnerability; to empty ourselves from the power that we received as church leaders; to plunge...”

Smit (2000:1,2) skryf aangrypend oor die onderskeid wat Luther tref tussen die teologie van die heerlikheid en die teologie (Godskennis) van die kruis. Die enigste mense wat God kan ken, aldus Luther, is hulle wat God deur lyding en kruis leer ken het, *per passionibus et crucem*. “God het Hom aan ons bekend gestel, geopenbaar, te kenne gegee in die lyding en kruis van Jesus Christus. Wie God wil sien, moet dáár gaan kyk. Wie iets van God wil leer, moet dáár gaan leer. Wie God wil ken, moet dáár gaan soek. Wie Gods hartklop wil hoor, moet dáár gaan luister. Wie Gods wese wil ontdek, moet dáár gaan delf. Wie iets oor God wil sê, moet dáár stamelend, bewend, aarselend, huiwerend en vol vrees gaan leer.” (Smit 2000:1). Die evangelie van Jesus Christus is altyd evangelie van die kruis. Daarom beskryf en verstaan die missionale kerk homself nooit in triomfantelike terme nie.

Ook Bosch (1991:513-516) wys daarop dat die outentieke openbaring van die sending altyd sending *in swakheid* is. Die opgestane en verhoogde Christus is dié sentrale tema van die kerk se missionale boodskap. “The most common summary of the early church’s missionary message was witnessing to the resurrection of Christ.” (Bosch 1991:515; Sien ook 1991:116). Die heerlikheid van opstanding en hemelvaart bly egter onlosmaaklik verbonde aan die worsteling en pyn van die kruis. Die Here wat ons in sending verkondig is en bly die lydende kneg. “The principle of self-sacrificing-love is... enthroned at the very centre of the reality of universe... And this principle has to be transparent in our missionary praxis.” (Bosch 1991:516). Die opgestane Christus het steeds die merke van sy lyding gedra. Lyding en sending hoort bymekaar soos die twee betekenisse van die woord *martyria.* As Christus sy kerk stuur, is dit die merke van sy lyding

© University of Pretoria

waaraan Hy uitgeken word. Hierdie merke dien nie net as bewys van Jesus se identiteit nie, maar konstitueer tegelykertyd die model wat nagevolg moet word deur diegene vir wie Hy stuur. Dit is 'n sending van self-ontlediging en nederige diens – die kerk as kerk-vir-ander. As kerk in die teenwoordigheid van die kruis word die kerk opgeroep tot bekering voor enige betrokkenheid in sending moontlik is. As Christus 'n mens roep, roep hy hom om aan homself te sterf. "Suffering is the divine mode of activity in history... The church's mission in the world, too, is suffering..., is participation in God's existence in the world." (Bosch 1991:514),

10. Missionale gemeentes kweek die gewoonte om **risiko's** te neem en **oor grense** te beweeg ter wille van die ontmoeting en verwelkoming van die vreemdeling in die gemeente en gemeenskap. Marais (2009) wys daarop dat die leierskap van NG Kerk dit in die verlede as hulle taak gesien het om grense duidelik te definieer. Deelname aan die reis van die SAVGG het egter 'n beweging in die teenoorgestelde rigting tot gevolg: gemeentes waag dit al meer om grense oor te steek in die verwagting dat die Heilige Gees nuwe geloofsgemeenskappe in diens van sy koninkryk tot stand sal bring. Niemandt (2010c:7) beskryf twee beweginge kenmerkend van die missionale kerk in Handelinge. 1. Die verwelkoming van die vreemdeling in die midde van die gemeente: "A missional church crosses borders and overcomes the barriers that separate people from each other. The outcast and marginalised are drawn into the community." En 2. Die oorsteek van grense na buite: "A missional church understands there must be a willingness to cross whatever threshold and face whatever barrier for the sake of the gospel. Being a risk-taking community is part and parcel of the identity of a missional church."

11. 'n Wesenlike aspek in die vorming van missionale geloofsgemeenskappe is die **bemagtiging van die amp van die gelowige** en die vorming van missionale **leierskap oor die hele spektrum van die geloofsgemeenskap**. Tydens die konferensie met die vyfjarige viering van die werksaamhede van die SAVGG (Helderberg, 9-11 November 2009) is dikwels in die wandelgange opgemerk dat dit onmoontlik was om te onderskei tussen geordende en nie-geordende verteenwoordigers. 'n Nuwe styl van kerk-wees en leierskap het in missionale gemeentes ontwikkel wat die eienaarskap van kerk-wees transformeer.

© University of Pretoria

In dié proses word die taak en funksie van die geordende predikant ook getransformeer. "The movement away from ministry as the monopoly of ordained men to ministry as the responsibility of the whole people of God, ordained as well as non-ordained, is one of the most dramatic shifts taking place in the church today." (Bosch 1991:467). Hierdie beweging moet uiteraard verwelkom word, "…[f]or it is the *community* that is the primary bearer of mission." (Bosch 1191:472). Die geloofsgemeenskap is die operasionele basis waaruit die *missio Dei* voortvloei. Vir sommige beteken hierdie beweging dat weggedoen moet word met geordende ampte in die kerk. Bosch (1191:473-474) wys egter daarop dat niks hierdeur bereik sal word nie: "Some form of ordained ministry is indeed essential and constitutive ..., not as *guarantor* of the validity of the church's claim to be the dispenser of God's grace, but, at most, as *guardian*, to help keep the community faithful to the preaching and practice of apostolic Christianity... The clergy does not do this alone..., but together with the whole people of God, for all have received the Holy Spirit..."). Runge (PMC in the words of its practitioners, 2010 June – kursivering myne) reflekteer oor die verloop van die proses van die PMC in hulle gemeente en vat soos volg saam: "*A key to this process, no offense meant, is to have the pastoral team stay out of the way*. Our pastors did a phenomenal job at this. They were "hanging out" in the wings when questions arose, led many a Dwelling, encouraged participation and prayed with/for the other members of the congregation building community as a result. I truly believe that this process allows us to develop the skills needed as a community to let the HOLY SPIRIT effectively change our method of worship, evangelism, prayer and participation in the lives of our community - internal and at large."

12. Ten slotte is dit belangrik om op te merk dat 'n nuwe missionale paradigma steeds **ontluikend** is. Dalk is dit juis 'n wesenlike aspek van 'n ekklesiologie wat in die *missio Dei* begrond is. Woorde soos "afhanklik", "weerloos", "broos" ("vulnerable"), "luister", "eksperimenteer", "risiko's neem", "foute maak" gee uitdrukking aan belangrike waardes en houdinge wat kenmerkend is van missionale geloofsgemeenskappe wat die rede vir hulle bestaan in die *missio Dei* vind. Missionale kerkwees is nooit 'n bestemming nie, maar altyd 'n reis - riskant en vol onsekerhede. "It is living into God's future. It's a tremendous leap of faith to live not knowing the exact outcome, but living confidently in the fact that our life and being is in the heart of God

© University of Pretoria

whose heart is in the world which God has made." (Dale, Partners in innovation 2010 June).

© University of Pretoria

HOOFSTUK 3

MISSIONALE LEIERSKAP

3. MISSIONALE LEIERSKAP.

3.1. FOKUS EN DOELWIT.

Hoofstuk 2 het beoog om die onderliggende teologiese uitgangspunte vir ŉ missionale ekklesiologie, soos dit binne die SAVGG funksioneer, te onderskei. Twaalf sleutelaspekte is geïdentifiseer as raamwerk waarbinne missionale leierskap binne die konteks van die SAVGG funksioneer. Die vraag is nou: Watter soort leierskap word in die lig hiervan voorsien? En, meer spesifiek, watter funksie vervul ŉ leraar in een van die hoofstroomkerke ten einde die gemeente waarvan hy/sy leraar is tot die vorming van ŉ missionale geloofsgemeenskap te begelei? Is daar ou kennis, vaardighede, houdinge en gewoontes wat die vorming van missionale geloofsgemeenskappe verhinder en dalk afgeleer moet word? En watter nuwe kennis, vaardighede, houdinge en gewoontes is wesenlik vir die suksesvolle vorming van missionale geloofsgemeenskappe? Anders gevra: Wat is die kernkapasiteite waaroor ŉ leraar binne ŉ hoofstroomgemeente moet beskik ten einde ŉ gemeente binne die proses van die SAVGG te begelei tot die vorming van ŉ missionale geloofsgemeenskap?

Ten einde ŉ antwoord op dié vraag te kan gee, gaan ons as *eerste stap* (afdeling 3.2) poog om die *onderliggende beginsels vir missionale leierskap* uit die proses en ekklesiologie van die SAVGG te onderskei. Watter soort leier word deur die proses voorsien en gevorm? Wat is die fokus, aard en funksie van leierskap binne die SAVGG? Watter kapasiteite word vir leierskap veronderstel en deurlopend tydens die proses in die leierskap ingebou? As *tweede stap* (afdeling 3.3) fokus ons meer spesifiek op die *rol van die leraar* in die proses. Wat is die spesifieke rol wat die leraar in ŉ hoofstroomgemeente in hierdie proses vervul? Watter kapasiteite (kennis, vaardighede, houdinge en gewoontes) word vir die predikant veronderstel en gekweek? Hoe verskil dit van die huidige praktyk van leierskap in ŉ hoofstroomgemeente? Enkele sleutelkapasiteite wat só onderskei word, word nader ondersoek en omskryf. As d*erde stap* (afdeling 3.4) word resente navorsing oor missionale leierskap vanuit die veld van die

© University of Pretoria

missiologie ondersoek. In 'n *vierde beweging* (afdeling 3.5) gee ons aandag aan relevante navorsing vanuit die veld van *ander dissiplines*. *Ten slotte* word die *voorlopige bevindinge* (afdeling 3.6) as antwoord op die navorsingsvraag, -doelwit en -hipotese aangedui. Die materiaal van die SAVGG en relevante literatuur sal in die proses deurlopend ondersoek en met mekaar in gesprek gebring word.

Die literatuurstudie word hiermee afgehandel en vanaf hoofstuk 4 opgevolg met die generering en interpretasie van kontekstuele data uit die bedieningspraktyk.

3.2. DIE SAVGG EN "MISSIONALE LEIERSKAP".

Ons het reeds in hoofstuk 2 daarop gewys dat die SAVGG nie fokus op 'n omskrywing van 'n "missionale ekklesiologie" nie, maar op 'n *proses* wat ten doel het om gemeentes te help om hul eie roeping (*vocatio*) te vind as deelname aan die *missio Dei* binne die konteks waarin God hulle geroep, versamel en gestuur het. Wie dus 'n prentjie wil kry van die soort kerk wat as uitkoms van die proses voorsien word, sal die sleutelkonsepte hiervan uit die *proses self* moet aflei. Dít het ons in hoofstuk 2 gedoen. Uit 'n beskrywing en analise van hierdie proses is 'n aantal onderliggende teologiese uitgangspunte vir 'n missionale ekklesiologie binne die SAVGG afgelei en het 'n prentjie begin vorm van dié soort geloofsgemeenskap wat binne die SAVGG as uitkoms van die proses voorsien word.

'n Volgende stap is nou om van hieruit te vra na die soort *leierskap* wat *deur die proses veronderstel en gevorm* word. Wat is die veronderstelde fokus, aard en funksie van leierskap binne die SAVGG? Watter soort leiers word deur die proses gevorm? Watter kernkapasiteite (kennis, vaardighede, houdinge en gewoontes) word deurlopend tydens die proses in die leierskap van gemeentes ingebou en gekweek? In hierdie afdeling word hierdie aangeleentheid vanuit verskillende perspektiewe nader ondersoek met die verwagting dat dit sal bydra tot 'n antwoord op die navorsingsvraag/hipotese.

Soos met die beskrywing van 'n missionale ekklesiologie vir die SAVGG, word "missionale leierskap" eweneens nie binne die SAVGG omskryf nie. Geen uitgebreide teorie oor missionale leierskap word aangebied nie. Trouens, met 'n eerste oogopslag mag die indruk ontstaan dat binne die SAVGG relatief min oor missionale leierskap gesê word. 'n Soektog onder die tema "missional leadership" of "missional leader" op die webwerf van CII-NA het relatief min resultate gebied. Terwyl 'n hele aantal artikels

© University of Pretoria

daaraan gewy word om “missionale kerk” te omskryf, word geen artikel op die webwerf uitsluitlik gewy aan ’n beskrywing van missionale leierskap nie. Behalwe vir Van Kooten en Barrett (2004:139-148) se beskrywing van “Missional Authority”, sal ons dus, soos in die geval met die omskrywing van ’n missionale ekklesiologie, die onderliggende beginsels, fokus, waardes en kapasiteite vir missionale leierskap binne die SAVGG *uit die proses self* moet aflei.

En, soos met die omskrywing van ’n missionale ekklesiologie, hou ’n omskrywing van “missionale leierskap” vir die SAVGG eweneens selfs sekere “gevare” in. Binne die SAVGG val die fokus nie op die ontwikkeling van ’n bepaalde “model vir leierskap” nie, maar op die spesifieke en unieke roeping van ’n plaaslike geloofsgemeenskap binne sy eie konteks. Leierskap is dus nie ’n fokuspunt op sigself nie, maar staan in diens van die vorming van die geloofsgemeenskap vir deelname aan die *missio Dei* binne sy unieke konteks. ’n Beskrywing van missionale leierskap vir die SAVGG moet dus binne hierdie raamwerk gesien en verstaan word.

In die lig hiervan word missionale leierskap binne die SAVGG vanuit verskillende gesigshoeke ondersoek. 1. Ons begin met Van Kooten en Barrett (2004:139-148) se bevindinge ten opsigte van missionale gesag. 2. Daarna word die SAVGG-proses herbesoek vanuit die perspektief van missionale leierskap. Keifert (2007) se beskrywing van die proses is hierin ’n belangrike hulpbron, asook die SAVGG se Konsultantehandleiding (2008) en Gemeentereisgids (2008). Die Reisgids vir Gestuurde Leierskap (2009) fokus grotendeels op die predikant as missionale leier en sal in ’n volgende afdeling ondersoek en evalueer word. Uiteraard sal die beskrywing van die proses en die bevindinge van hoofstuk 2 oor ’n missionale ekklesiologie vir die SAVGG deurlopend van belang wees vir die onderskeiding van missionale leierskap binne die SAVGG. 3. Vier sleutelbegrippe, naamlik “geloofsonderskeiding” (“discernment”), “vorming” (“formation”), beliggaming (“embed”) en roeping (“focus”) tree deurgaans in die gesprek oor missionale leierskap na vore en word nader omskryf. 4. Dié afdeling word afgesluit met enkele samevattende bevindinge en gevolgtrekkinge oor missionale leierskap binne die SAVGG.

Terselfdertyd sal dit belangrik wees om ook kennis te neem van en in gesprek te bly met die magdom literatuur van uit die missiologie wat deurgaans hieroor op die mark verskyn.

© University of Pretoria

3.2.1. Missionale gesag (Van Kooten & Barrett 2004).

Barrett et al onderneem sedert 1998 'n studie in Amerika ten einde die belangrikste indikatore te onderskei wat kenmerkend is van gemeentes wat daarna streef om in 'n missionale rigting te groei. Die bevindinge van hierdie navorsing is opgeteken in *Treasure in clay jars* (Barrett ed, 2004) en vorm deel van die materiaal wat deur die SAVGG aan deelnemende gemeentes voorgeskryf word. Hierdie navorsing en bevindinge is dus vir ons doel van groot belang.

Barret et al (2004:139-148) onderskei missionale gesag as een van agt patrone kenmerkend aan missionale geloofsgemeenskappe. Van Kooten & Barrett (2004:139) omskryf hierdie patroon as volg: *"The Holy Spirit gives the missional church a community of persons who, in a variety of ways and with a diversity of functional roles and titles, together practices missional authority that cultivates within the community the discernment of missional vocation and is intentional about the practices that embed that vocation in the community's life."*

Van Kooten & Barrett se bevindinge word deurlopend deur ander navorsers op die gebied van missionale leierskap ondersteun. Sleutelaspekte hiervan is die volgende:

3.2.1.1. Leierskap is 'n sleutelfaktor vir die vorming van missionale geloofsgemeenskappe.

Barrett (2004:x,xi) wys daarop dat hulle aanvanklik met die beplanning van hulle navorsing nie die belangrike rol wat kerkleiers speel, opgemerk het nie. "Yet authority within the congregation was a key factor in the movement toward becoming missional."

Alhoewel die SAVGG nie 'n beskrywing van missionale leierskap bied nie, word dit uit 'n analise van die proses baie gou duidelik dat die ontwikkeling van leierskap 'n belangrike en deurlopende fokus van die proses tot missionale kerkwees is. Deur al die fases is die proses deurlopend gefokus op die ontdekking en vorming van gemeenteleiers op alle vlakke van die gemeentelike lewe wat die gemeente op hierdie geloofsonderskeidende reis van gemeente-transformasie kan begelei. Die SAVGG doen dit nie deur 'n klaargemaakte kitsresep wat alles in 'n oogwink verander nie. Die proses fokus egter deurlopend daarop om kapasiteit in die gemeentelike leierskap te ontwikkel ten einde hulle daartoe in staat te stel om die soort leierskap te kan voorsien wat die gemeente deur 'n proses van

© University of Pretoria

transformasie tot gestuur-wees kan begelei. Met kapasiteit word bedoel die kennis, vaardighede, ingesteldheid en oordraagbare gewoontes wat nodig is om die gemeente vanaf instandhouding na gestuurdheid te lei (SAVGG Konsultantehand-leiding 2008:27, Vennootskapsbyeenkoms 1).

Die belangrikheid van leierskap vir die vorming van missionale geloofsgemeenskappe word deurlopend deur ander navorsers ondersteun. Roxburgh begin sy hoofstuk oor missionale leierskap in *Missional Church* (Guder 1998:183-220) deur te wys op die belangrikheid van leierskap in die vorming van missionale geloofsgemeenskappe. "The key to the formation of missional communities is their leadership... Leadership is a critical gift, provided by the Spirit because, as the Scriptures demonstrate, fundamental change in any body of people requires leaders capable of transforming its life and being transformed themselves." (Guder 1998:183).

3.2.1.2. Missionale leierskap vind sy oorsprong en gesag by God.

"The Holy Spirit gives the missional church..." (Van Kooten & Barrett 2004:139).

Missionale leierskap funksioneer binne die paradigma van die *missio Dei*. God is die handelende Persoon. Sending is altyd primêr God se sending. Die mees fundamentele realiteit vir die kerk is nie die sending van die kerk nie, maar die sending van God in sy Seun Jesus Christus en deur die vernuwende werk van die Heilige Gees. "We believe that one of the church's fundamental problems is the notion that mission is an ecclesiocentric activity – an activity of the church along with its other ministries. A Theocentric reconceptualization is necessary." (Hendriks 2004:25).

Van Kooten & Barrett (2004:139,140) wys op die onderskeid tussen missionale gesag en die model van gesag binne die Christendom en heersende kontemporêre kultuur. Binne die Christendom en heersende kultuur word gesag tot die individuele en private sfeer gerelegeer. As uitvloeisel van die Verligting word gesag verleen deur diegene oor wie gesag uitgeoefen word. In die Bybelse paradigma kom gesag uiteindelik van God. Jesus ontvang sy gesag van God, en die kerk ontvang sy gesag van Jesus, wat die twaalf uitstuur en aan hulle mag gee om onrein geeste uit te dryf en om elke soort siekte en kwaal gesond te maak (Mat 10:1). En Hy bemagtig en stuur sy dissipels met die woorde: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde." (Mat 28:18). Missionale leierskap vind sy gesag dus nie in 'n amp of posisie nie, ook nie by die gemeente oor wie

© University of Pretoria

gesag uitgeoefen word nie, maar by God, in deelname aan God se sending in die wêreld en in 'n leefstyl van navolging van Christus in selfprysgawe, diens en onderwerping aan die wil van God (Van Kooten & Barrett 2004:140,141). "We sensed that missional leaders did not necessarily lead through their 'office.'" (Van Kooten & Barrett 2004:140).

3.2.1.3. Missionale leierskap setel nie in die individu nie, maar in die geloofsgemeenskap.

"...a community of persons who, in a variety of ways and with a diversity of functional roles and titles, together practices missional authority..." (Van Kooten & Barrett 2004:139).

Missionale leierskap vind sy gesag nie in die bekleding van 'n amp of posisie nie, maar by God. Terselfdertyd setel missionale gesag nie in die individu nie, maar in die *geloofsgemeenskap* en in die kollektiewe deelname van die span aan die proses van geloofsonderskeiding. "Virtually all the congregations we visited had multiple people in authority." (Van Kooten & Barret 2004:142). In die woorde van Robinson (2008:88): "The conversation on leadership is a simple one: if as congregation is to succeed in making change in its culture, in its ways of doing church and being church, it needs to have a *leadership team*. To put that point negatively, this is not something a pastoral leader, even a most gifted one, can pull off alone."

'n Sentrale tema in die evangelies is Jesus se verkiesing, roeping, voorbereiding en sending van 'n *gemeenskap van persone* (Van Kooten & Barrett 2004:142). Christus voorsien dat die outoriteit vir die voortsetting van sy bediening by 'n aantal persone sou berus wat hierdie verantwoordelikheid in gemeenskap met mekaar sou opneem. Ef. 4:11-16 ken 'n baie spesifieke funksie toe aan die besondere gawes met gesag in die gemeente: "om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus" sodat almal kan wees "soos 'n volgroeide mens, so volmaak en volwasse soos Christus." Die perikoop gee geen aanduiding dat een rol of gawe belangriker is as die ander nie, maar aanvaar dat almal met gesag in die gemeente saamwerk sodat die verskillende lede van die liggaam by mekaar pas en saam 'n eenheid vorm sodat elkeen sy funksie vervul ter opbou van die liggaam (Ef. 4:16).

Daarom is 'n belangrike fokus van missionale leiers die *verbreding* en *verdieping van leierskap* in die geloofsgemeenskap. Nuwe leiers word deurgaans gementor en bemagtig sodat geestelike gawes in die gemeenskap vrygestel kan word. Van Kooten & Barrett (2004:143) verwys

© University of Pretoria

hierna as "*a permission-giving structure of authority*." In 'n sekere sin word elke persoon in die geloofsgemeenskap bemagtig om 'n leier te wees binne sy eie sfeer van invloed. Leierskap word dus in sy wydste sin verstaan en het veel meer te doen met *invloed* as met rol of posisie.

Gibbs (2005:25) verwys na J Robert Clinton se definisie van leierskap: "A Christian leader is a person with a God-given capacity and the God-given responsibility to influence a specific group of God's people toward God's purpose for the group." Indien aanvaar word dat alle navolgers van Jesus Christus invloed uitoefen op die mense rondom hulle, is elke gelowige *de facto* 'n leier. Wie in 'n gegewe situasie gekies word om as leier te funksioneer, hang in 'n sekere sin af van die taak wat voorhande is en van die beskikbaarheid van 'n persoon met die toepaslike gawes. Leierskap is dus altyd relasioneel en veronderstel 'n verhouding waarbinne een persoon invloed uitoefen op die denke, gedrag, oortuigings en waardes van 'n ander. Ontluikende geloofsgemeenskappe vereis dat leiers nie in isolasie funksioneer nie, maar as deel van 'n span waarbinne rolle van tyd tot tyd verander (Gibbs 2005:25-27).

3.2.1.4. Missionale leierskap kweek binne die geloofsgemeenskap die onderskeiding van missionale roeping.

"...that cultivates within the community the discernment of missional vocation..." (Van Kooten & Barrett 2004:139).

'n Sleutelaspek van missionale leierskap is die onderskeiding van die gestuurde roeping van die gemeente. Leierskap vervul hierin 'n tweërlei funksie: Enersyds fokus die span leiers deurgaans op die onderskeiding van die gestuurde roeping vir die geloofsgemeenskap binne die konteks waarin God hulle roep, versamel en stuur. Andersyds vermenigvuldig die leierskap hulleself deur dieselfde kapasiteit by nuwe leiers in die gemeente te kweek wat op hulle beurt ander se lewens kan vorm vir deelname aan die geloofsonderskeidende reis na gestuur-wees.

Van Kooten & Barret omskryf missionale leiers in die gemeentes wat hulle ondersoek het as "carriers of vision". "Sometimes they helped formulate the vision and discern missional vocation. But they always carried vision and helped hold people accountable to the vocation to which God has called the congregation." (2004:144,145). Vergaderinge in hierdie gemeentes fokus dus nie op goeie bestuur of effektiewe tegnieke nie, maar op hoe goed die gemeente op sy missionale roeping gesentreer is.

© University of Pretoria

3.2.1.5. Missionale leierskap is intensioneel om geloofvormende praktyke te vestig wat die gestuurde roeping in die lewe van die gemeente en gemeenskap demonstreer en beliggaam.

"...and is intentional about the practices that embed that vocation in the community's life." (Van Kooten & Barrett 2004:139).

Binne die SAVGG definieer "missionaal" die identiteit van die hele gemeente in al sy aktiwiteite. "Missionaal" verwys dus nie na 'n bepaalde aktiwiteit, program of funksie van die gemeente nie, maar na *wie die kerk binne sy bepaalde konteks is*. Die sentrale fokus van missionale leiers is dus die vorming van gelowiges en geloofsgemeenskappe as teken en instrument van die komende ryk van God. "...[T]he great challenge facing many congregations today is to shift from a culture of membership to a culture of discipleship." (Robinson 2008:101 in aansluiting by Foss).

Van Kooten en Barrett (2004:142-144) vind dat leiers in missionale gemeentes deurlopend fokus op die vorming van die gemeente as 'n geloofsgemeenskap waarin elke lid deelneem aan God se sending in die wêreld. Terselfdertyd modelleer missionale leiers 'n missionale lewenspraktyk en bevorder hulle die vestiging van missionale praktyke en gewoontes sodat die gemeente in sy bestaan en optrede 'n teken en demonstrasie is van God se koningsheerskappy in Jesus Christus (Van Kooten & Barrett 2004:146-148). "The place of leadership is to be at the front of the community, living out the implications and actions of the missional church of God, so all can see what it looks like to be the people of God." (Van Kooten & Barrett 2004:148; Guder 1998:186).

Ook Roxburgh (Guder 1998:185) sien die vorming van missionale geloofsgemeenskappe "to be demonstrations of the radical new reality of Christ's reign in the midst of the world" as 'n primêre fokus van missionale leierskap. Hiervoor sal leiers die houdinge en vaardighede moet aanleer wat nodig is vir die transformasie van geloofsgemeenskappe vanaf verbruikers-georiënteerde gemeenskappe wat op die individuele behoeftes van lidmate en nie-lidmate fokus, na missionale geloofsgemeenskappe wat deur God tot Christusgelykvormigheid gevorm en gestuur is. "The needs of the churched and unchurched are not the primary agenda of leadership. The reign of God in Christ, the social reality of the redeemed community, determines the church's direction." (Guder 1998:204). "In this context, leadership is a calling that both engages the context with the gospel and leads in the formation of the disciplined community." (Guder 1998:212).

© University of Pretoria

Die belangrikheid van dissipelskap word deur verskillende teoloë beklemtoon, byvoorbeeld Hirsch (2006:101-125), Niemandt (2013:31), Robinson (2008:27-29), Van Gelder & Zscheile (2011:148-151), en Hirsch & Ferguson (2011:128-130). Hirsch (2006:102) noem dissipelskap "the most critical element in the mDNA mix." Hy verklaar: "Apostolic movements make this a core task, because when we really think about it, this is perhaps the most strategic of all church's various activities." (Hirsch 2006:113). Ook Niemandt (2013:31) verwys na dissipelskap as een van die kernwaardes van 'n missionale kerk: "'n Missionale kerk maak van mense volgelinge van Jesus." (Niemandt 2013:31).

Beliggaming ("embodiment") deur leiers is hierin van kritiese belang. "Embodiment is an important factor in the healthy leadership of all human organizations but it is absolutely crucial to the viability of the Christian movement and therefore to both discipleship and missional leadership." (Hirsch 2006:114,115). "The world needs to see what the Christian life looks like. People who think God is unnecessary, or just optional in life, need fresh images of how life is meant to be lived. They need hard evidence that following Jesus really makes a difference." (Gibbs & Coffey 2001;192).

Ook Van Kooten & Barrett wys daarop dat die transformasie van die geloofsgemeenskap begin by die transformasie van die leier self. Leiers modelleer die tipe leefstyl wat God se roeping en toekoms vir die geloofsgemeenskap demonstreer. Die passie om in navolging van Christus hulle eie weerloosheid te omarm, is 'n belangrike element hiervan. "Through the cultivation of missional practices within the congregation, those in authority foster a missional identity. They say with Paul, 'Live according to the pattern we gave you' (Phil. 3:17). 'Follow my example, as I follow the example of Christ' (1 Cor. 11:1)." (Van Kooten & Barrett 2004:148).

3.2.2. Vier fases, vyf kapasiteite (Die SAVGG proses).

PMC-NA beskryf op sy webwerf (Gelees 29 Aug. 2011) die primêre doelwit van die proses as volg: "...[T]o build capacities in these congregations and judicatory bodies for the spiritual discernment of where they are, who they are, what God is doing in their midst, how God is sending them, and to whom God is sending the(m)." [sic] Hierdie doelwit word in die SAVGG Konsultantehandleiding (2008:27 Byeenkoms1) bevestig: "SAVGG bring nie 'n klaargemaakte wonderresep en siedaar alles het verander nie. Inteendeel, alles wat ons bring, kom vanuit die ervaring wat opgedoen is, vanuit ons vermoë om kapasiteit in die Taakspanne te ontwikkel wat die reis in die gemeente gaan begelei." In elke fase fokus die proses op die bou

© University of Pretoria

van 'n spesifieke kapasiteit wat noodsaaklik is vir die reis van geloofsonderskeiding (en dus vir geloofsonderskeidende leierskap).

Dalk is dit nodig om daarop te let dat die woord "kapasiteit" binne die SAVGG in verskillende kontekste verskillend gebruik word. In die Konsultante-handleiding (2008:27 Byeenkoms 1) word die begrip "kapasiteit" soos volg verklaar: "Met kapasiteit of vermoëns word bedoel die kennis, vaardighede, ingesteldheid en oordraagbare gewoontes wat nodig is om die gemeente van instandhouding na gestuurdheid te lei." "Kapasiteit" word hier dus in sy *wyer betekenis* gebruik en verwys na die vier verskillende elemente waaruit gemeentekultuur opgebou word, naamlik kennis, vaardighede, houdinge en gewoontes. Ten opsigte van die verskillende fases van die reis word die woord "kapasiteit" in 'n *enger betekenis* gebruik en verwys dit eerder na *kern-vaardighede* waaroor leierskap in 'n gemeente moet beskik vir die reis van geloofsonderskeiding. Vyf kapasiteite (of kern-vaardighede) word gedurende die vier fases van die reis deurlopend in die leierskap van die gemeente ingebou. Hierdie vyf kapasiteite (kern-vaardighede) kan inderdaad nie van mekaar losgemaak word nie. Soos die fases (Konsultantehandleiding 2008:33 Byeenkoms 1), is die kapasiteite interafhanklik. Terwyl die proses gedurende 'n sekere fase op die een kapasiteit fokus, is die ander vier tegelykertyd tot 'n mindere of meerdere mate ook teenwoordig.

Ons het reeds die proses van die SAVGG in hoofstuk 2 omskryf met die oog op die onderskeiding van die onderliggende ekklesiologiese uitgangspunte binne die SAVGG. Ten einde die onderliggende beginsels vir "missionale leierskap" binne die SAVGG te onderskei, is dit belangrik dat ons die proses in sy verskillende fases herbesoek. Die fokus val hierdie keer veral op die identifisering en omskrywing van die verskillende kapasiteite wat deur die proses self in die gemeentelike leierskap ingebou en as onontbeerlik vir missionale leierskap veronderstel word.

Fase 1: Ontdekking - Luister.

Fase 1 strek oor byeenkomste 1 tot 3 en fokus op *ontdekking*. (Diagram 3.1).

Die *fokusgroep* vir hierdie fase is *gemeenteleiers*, *innoveerders* en *vroeë aanpassers*. 'n Belangrike fokus gedurende hierdie fase is die ontdekking en vorming van 'n diverse span leiers met verskillende gawes en opdragte op alle vlakke van die gemeente (Keifert 2007:62-65; Swart, 2007 September). Hierdie span leiers neem gesamentlik leiding vir die gemeente

© University of Pretoria

se reis van geloofsonderskeiding. Die *Taakspan* neem verantwoordelikheid vir die verloop van die proses en vir skakeling en kommunikasie met die kerkraad en die gemeente. 'n Groep *luisterleiers* luister na verskillende groepe in die gemeente (6 uit die familie, 12 uit die binnekringvreemdelinge en 6 uit die buitekringvreemdelinge) met die oog op die ontdekking van die huidige kultuur van die gemeente aan die hand van Barrett et al (2004) se agt patrone vir missionale gemeentes. 'n *Gemeenskapsanalisespan* beweeg uit na die gemeenskap en doen deur 'n luisterproses 'n analise van die nood en gawes van die gemeenskap. Terselfdertyd word leiers gevorm wat die kapasiteit het om die inligting wat deur hierdie verskillende prosesse gegenereer word in die geestelike onderskeidingsproses te integreer ten einde God se unieke en spesifieke roeping vir hierdie geloofsgemeenskap te onderskei. Deur middel van kommunikasie met die hele gemeente word deurgaans gepoog om ook die innoveerders en vroeë aanpassers reeds op hierdie stadium by die proses te betrek.




Diagram 3.1

Ons het in hoofstuk 2 bevind dat die *missio Dei* die mees fundamentele uitgangspunt vir 'n missionale ekklesiologie binne die SAVGG is. Daarom spreek dit vanself dat 'n belangrike deel van die *kennis-komponent* wat gedurende fase 1 met gemeenteleiers gedeel word, daarop gerig is om leiers te help om die implikasies van die *missio Dei* as paradigma vir kerk-wees te verstaan. God is die Subjek van die sending. Die kerk se taak is deelname aan God se sending in die wêreld. Die reis van gestuurde gemeentes is dus 'n geloofsonderskeidende reis om saam te ontdek waarmee God in ons gemeente en gemeenskap besig is en na wie die Here ons as gemeente stuur (Konsultantehandleiding 2008:21 Byeenkoms 2). As uitvloeisel hiervan ontdek leiers die verskil tussen geloofsonderskeiding en strategiese be-

© University of Pretoria

planning (Konsultantehandleiding 2008:51-53 Byeenkoms 1); die verskillende fases van kultuurverandering (Konsultantehandleiding 2008:41-43 Byeenkoms 1) en die vyf fases van besluitneming as reaksie op die verandering (Konsultantehandleiding 2008:45-47 Byeenkoms 1); mense se gereedheid vir verandering (Konsultantehandleiding 2008:47-49 Byeenkoms 1); en die verskil tussen tegniese en aanpassende verandering (Konsultantehandleiding 2008:21-25 Byeenkoms 3).

Gemeenskaplike geestelike onderskeiding (of geloofsonderskeiding) is dié *kernvaardigheid* wat *deurlopend in al die fases van die proses* gekweek word. Leiers en gemeentes word genooi tot 'n reis midde in die werklikheid van God (Keifert 2007:53). Keifert (2007:53-55) wys daarop dat baie kerkleiers se denke en stelwyse vir alle praktiese doeleindes ateïsties of minstens sekulêr is. Waar die Vennootskap in sy doel slaag, word hierdie aannames gekonfronteer en 'n veilige ruimte geskep waarin leiers en gemeentes God ontdek as 'n lewende God wat persoonlik en handelend in ons wêreld en lewe optree. As geloofsgemeenskap word ons geroep, byeengebring, gefokus en uitgestuur op God se groot missie. En dit is slegs deur geloofsonderskeiding dat ons ons plek – as gemeente én as individuele gelowiges – op hierdie reis van die lewende, drie-enige God kan verstaan (Keifert 2007:55). Die vyf kapasiteite wat deurlopend oor vier fases gebou word, vorm die onderbou en lê ten grondslag van hierdie geloofsonderskeidende reis.

Die *vaardigheid* (kapasiteit) wat gedurende fase 1 in die leierskap van die gemeente ingebou word ten einde leiers vir die geloofsonderskeidende reis voor te berei, is die kapasiteit om te *luister*. Die Konsultantehandleiding (2008:23 Byeenkoms 2) verklaar: "Om met aandag te luister is die sleutelaktiwiteit van geloofsonderskeiding. 'In spiritual discernment, we listen others into free speech.'"

Die *houding* of ingesteldheid waarmee egte luister gepaardgaan is die *aflegging van mag* en die *opskorting van eie voorveronderstellinge en vooroordele* (Konsultantehandleiding 2008:55 Byeenkoms 1; Reisgids vir Gestuurde Leierskap 2009:20-23). Luisterleiers verwag om diegene na wie hulle gestuur word as vennote in die *missio Dei* te ontdek en om saam met hulle te ontdek wat God se voorkeurtoekoms vir die gemeente en gemeenskap is. Luisterleiers neem dus 'n bedelaarsposisie in van nie-weet-nie. Slegs dan kan egte luister plaasvind.

Die *oordraagbare gewoonte* wat in fase 1 gevestig word, is *Wandel in die Woord*. Leiers en gemeentes word aangemoedig om by alle byeenkomste

© University of Pretoria

in die Woord te wandel (Luk 10:1-12). Dit lê die grondslag vir geestelike onderskeiding (Konsultantehandleiding 2008:35 Byeenkoms 1).

Die verwagte *uitkoms* vir fase 1 is: Gemeenteleiers en gemeentes ontdek die noodsaaklikheid van diepliggende gemeentetransformasie; ontdek God as Subjek van die sending; ontdek medereisgenote in die gemeente, geloofsgemeenskap en gemeenskap; ontdek die gemeentekultuur en gawes (leiers en patrone) wat God reeds aan die gemeente gegee het; en ontdek die kultuur, nood en gawes in die omringende gemeenskap.

Fase 1 word afgesluit met 'n kerkraadsretraite waartydens die taakspan en kerkraad vyf (minstens drie) gestuurde uitdaging uit die gemeenskapsanalise onderskei (Konsultantehandleiding 2008:25-29 Byeenkoms 3). Twee gestuurde verkenningspanne van twee tot vier persone elk word saamgestel om onder leiding van 'n mentor die gestuurde uitdaginge te gaan besoek om te luister en te leer. Die mentor speel hierin 'n kritiese rol, want hy/sy is die persoon wat die klimaat skep waarbinne die span kan leer deur te luister (Konsultantehandleiding 2008:29 Byeenkoms 3).

Die volgende *dokumente* word gedurende fase 1 opgestel: die leesverslag; 'n gemeenskapsanalise; en 'n implementeringsplan vir maksimum drie langtermyn doelstellings vir die prioriteitspatroon van die gemeente. Hierdie dokumente is belangrik vir die verdere proses van refleksie en geestelike onderskeiding.

Fase 2: Verkenning & Eksperimentering - Risiko's.

Fase 2 (Diagram 3.2) strek oor byeenkomste 4 en 5 en fokus op v*erkenning* en e*ksperimentering*. Hierdie is waarskynlik die mees uitdagende fase op die reis na gestuurdheid. My eie waarneming as SAVGG-konsultant is dat gemeentes wat nie oor die waagmoed beskik om die risiko's wat hierdie fase vereis, te neem nie en fase 2 óf afwater óf probeer oorslaan, nie oor die kapasiteit beskik wat nodig is vir die aanpassende veranderinge wat gestuurdheid vereis nie.

Die *fokusgroep* gedurende fase 2 is denkende, progressiewe leiers wat die proses verder kan voer en bereid is om te waag en te eksperimenteer (Swart, 2007 December), asook die vroeë meerderheid of "denkendes". Die vroeë meerderheid aanvaar verandering net voor die gemiddelde lid van die sisteem en is 'n belangrike skakel tussen die vroeë aanpassers en die laat aanpassers. Hulle is nie die leiers in verandering nie. Daarom is dit belangrik om die vroeë aanpassers reeds in fase 1 aan boord te kry. Húlle,

© University of Pretoria

en nie die predikante nie, is die beïnvloeders wat die reis aan die beweeg kry (Konsultantehandleiding 2008:49 Byeenkoms 1).

Gedurende fase 2 word die *kennis* wat reeds in fase 1 opgedoen is, ingeskerp en verdiep. Nuwe klem word gelê op insig in die *dinamika van die verandering van die kultuur* van die gemeente. Die leierskap en gemeente verstaan dat, ten einde gestuurd te kan wees, die kultuur van die gemeente moet verander. Daarvoor sal die gemeente aanpassende veranderinge moet maak. Hiervoor het die gemeente die gemeenskap na wie God hulle stuur, nodig. Die aanpassing is wedersyds: die gemeente én die gemeenskap na wie die gemeente gestuur word, word al twee uitgedaag om sekere aanpassinge te maak. Deur spanne wat kan luister en eksperimenteer, leer die leierskap en gemeente hoe om die gemeentekultuur te verander sonder om skade aan te rig (Konsultantehandleiding 2008:25,27 Byeenkoms 3). Aanpassinge word inkrementeel gedoen, sodat die hele sisteem nie tegelykertyd aangespreek word nie. Terselfdertyd ontdek die leierskap van die gemeente dat volwassenes leer deur oor hulle aksies te reflekteer (Konsultantehandleiding 2008:29 Byeenkoms 3).




Diagram 3.2

Die *oordraagbare gewoonte* wat in fase 2 gevestig word, is die gewoonte om te *plons*. Die plons het twee fases. Die eerste fase (luisterfase) fokus op *verhoudingsbou deur te luister en te reflekteer* (Sien verkenningspiraal - Konsultantehandleiding 2008:25 Byeenkoms 3). Hierdie luisterplonse (verkenning of "engagement") is wesenlik vir die verstaan en implementering van aanpassende verandering (Konsultantehandleiding 2008:13 Byeenkoms 4). Deur verkenning ontdek die taakspan en gemeente dat ons nie weet hoe om die gemeenskap na wie ons gestuur word te bereik nie; en dat ons bestaande kennis en vaardighede nie gaan

© University of Pretoria

help nie. Terselfdertyd leer ons watter vaardighede en metodiek nodig is om ons gestuurde roeping uit te leef (Konsultantehandleiding 2008:19, Byeenkoms 4). Deurlopende kommunikasie met die kerkraad en gemeente verseker dat die kerkraad vir die proses borg staan en gee aan die "laat aanpassers" 'n verdere geleentheid om deel van die proses te word. Na die luisterplonse word onder leiding van die mentor oor die proses gereflekteer en 'n antwoord op twee vrae gesoek: 1. Wat het ons geleer oor verhoudingsbou? 2. Het die vrede op hulle gebly? Ja of nee? Die luisterfase is afgehandel sodra daar sodanige verhoudings gebou is dat die gemeenskap na wie die gemeente gestuur word sáám kan beplan aan die eksperiment wat gaan volg (bruggemeenskap). Die verkenningspan dokumenteer die bevindinge en oorhandig dit aan die taakspan. Verhoudingsbou met die bruggemeenskap gaan voort totdat die taakspan gereed is om verdere stappe te neem (Konsultantehandleiding 2008:23 Byeenkoms 4). Die tweede fase (eksperimentele fase) van plonsing begin nou as die luisterplons oorgaan in 'n eksperimentele plons. Eksperimente word onderneem deur die bruggemeenskap en taakspan met goedkeuring van die kerkraad. Duidelike kommunikasie met en konsultasie van die gemeente is belangrik sodat deelname van die gemeente verkry word, paslike voorstelle uit die gemeente kan kom en sommige lidmate beweeg word om deel te neem volgens Rogers se teorie van verandering (Konsultantehandleiding 2008:17 Byeenkoms 5). Die fokus val op lae risiko eksperimente met drie doelstellings: 1. Dit bring sekerheid dat dít die mense is na wie God ons stuur. 2. Eksperimentering sal geen groot skade of ontwrigting vir die gemeente meebring nie. 3. Die eksperimente gee rigting aan die veranderinge wat beide partye moet aanbring. Die vraag of die eksperiment 'n rimpeling deur die hele sisteem sal stuur en al die fasette van die gemeentelike lewe daardeur aangepas sal word, dien as kriterium. Die eksperimentele span voer die eksperiment uit terwyl die kerkraad en gemeente deurlopend op hoogte gehou word.

Om 'n luisterplons suksesvol te betree vereis 'n dienskneg-ingesteldheid (Konsultantehandleiding 2008:41 Byeenkoms 4). Verkenningspanne word dus saamgestel uit mense met 'n *luister-ingesteldheid* wat in 'n *dienskneg gestalte* gaan om te *leer* (Konsultantehandleiding 2008:13 Byeenkoms 4). Hulle gaan na mense wat deur die kerkraad geïdentifiseer is met die oog op verhoudingsbou en het die vermoë om te luister sonder om raad te gee (Konsultantehandleiding 2008:27 Byeenkoms 3). Vanuit 'n posisie van nie-weet-nie onderwerp ons onsself as diensknegte aan die oordeel van diegene na wie God ons stuur om saam met hulle deur geloofsonderskeiding te ontdek en te beplan wat gedoen moet word. Ons

© University of Pretoria

verwag dat God die gawes wat aan húlle gegee is, gaan gebruik om óns te verander (Konsultantehandleiding 2008:15, Byeenkoms 5).

Die *vaardigheid* (kapasiteit) wat gedurende fase 2 by die leierskap van die gemeente gebou word, is die vermoë om *risiko's* te neem ter wille van die gestuurde vorming van die gemeente. Die gemeente en gemeentelike leierskap leer om dit te waag om grense oor te steek en die gemeenskap in 'n dienskneg-gestalte en met 'n luister-ingesteldheid te ontmoet. Terselfdertyd kweek die gemeente die waagmoed om te eksperimenteer, mislukking te waag, en daaruit te leer. Keifert (2012 Januarie) verwys hierna as "successful failures". Sonder die kapasiteit om risiko's te neem, mislukking te waag, daaruit te leer en weer te begin, is plonsing nie moontlik nie en verloor die gemeente 'n kernkapasiteit wat onontbeerlik is vir aanpassende verandering.

Die verwagte *uitkoms* vir fase 2 is dat die gemeente leer om die vreemdeling te ontmoet en te verwelkom in die gemeente en gemeenskap met die oog op die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe. Verwelkoming van die vreemdeling in die gemeente lei tot die vorming van 'n gasvrye gemeente. Verwelkoming van die vreemdeling in die gemeenskap lei tot die vorming van bruggemeenskappe sodat gemeente en gemeenskap mekaar kan dien. Terselfdertyd ontdek die gemeente dat hulle nie oor die vermoë beskik om die mense na wie die Here hulle stuur te bedien nie en dat hulle, deur te luister en te eksperimenteer, die nuwe vaardighede wat hiervoor nodig is, kan aanleer. Hulle ontdek ook watter gawes daar in die gemeenskap bestaan waarmee die gemeenskap hulle kan bedien.

Afgesien van die SMART-planne wat vir die beplanning van die luisterplons en eksperimentele plons opgestel word, word die volgende *dokumente* tydens fase 2 opgestel: Die luisterplons word afgesluit met die dokumentering van die *gawes en bronne van die gemeenskap* na wie God die gemeente stuur (Konsultantehandleiding 2008:27, Byeenkoms 4). 'n *Aksieplan vir gestuurdheid* ("Missional Action Plan") word na afhandeling van die eksperimentele plonse opgestel en aan die kerkraad en gemeente voorgelê vir onderskeiding en goedkeuring (Konsultantehandleiding 2008:37,45 Byeenkoms 4).

Fase 3: Visionering & Beliggaming – Fokus.

Fase 3 (Diagram 3.3) omsluit byeenkomste 6, 7 en 8 en fokus op *visionering* en *beliggaming*. Die ontdekking, verkenning en eksperimentering van fases 1 en 2 word opgeneem in 'n proses om die spesifieke roeping vir hierdie

© University of Pretoria

gemeente in sy plaaslike konteks te onderskei en daaraan uitvoering te gee. Die kerkraad neem hiervoor verantwoordelikheid en beplan 'n proses waarbinne die gemeente deur geloofsonderskeiding kan hoor na wie God hierdie gemeente stuur.

Gedurende fases 1 tot 3 is deurlopend gepoog om die gemeente op hoogte te hou van en uit te nooi tot deelname aan die proses. Deur rekening te hou met mense se aanpasbaarheid tot verandering is die *fokusgroep* telkens verbreed. Die doelwit is om by fase 3 'n kritiese getal lidmate se denke aan te gryp en hulle gewoontes te verander. Met "kritiese getal" word bedoel 15 tot 20% van die gemeente se aktiewe of meelewende lidmate.




Diagram 3.3

Die *kennis-komponent* van fase 3 fokus op die noodsaak en onderskeiding van die *gemeenteroeping*. Die leierskap van die gemeente leer wat 'n gemeenteroeping is (Konsultantehandleiding 2008:9 Byeenkoms 8), hoe om dit te bewoord (Konsultantehandleiding 2008:13,15 Byeenkoms 8), waarom dit noodsaaklik is en hoe om dit te onderskei (Konsultante-handleiding 2008:9 Byeenkoms 7).

Die *vaardigheid* (kapasiteit) wat gedurende hierdie fase in die leierskap en gemeente ingebou word, is die vermoë om te *fokus*. Geen gemeente kan alles vir almal wees nie. Die leierskap en gemeente leer dus om God se unieke belofte en voorkeurtoekoms vir hierdie spesifieke gemeente en gemeenskap te onderskei en daarop te fokus.

© University of Pretoria

Die *oordraagbare gewoonte* wat die gemeente gedurende hierdie fase aanleer ten einde die gemeenteroeping te kan onderskei, is die gewoonte om deurlopend *Godsvrae* te vra. 'n Gemeenteroeping bewoord God se beloofde en voorkeurtoekoms vir die gemeente en verduidelik na wie, hoekom en hoe God die gemeente stuur (Konsultantehandleiding 2008:9 Byeenkoms 8). Gestuurde gemeentes leer dus die gewoonte aan om deurlopend te vra Wie God is en waarmee God besig is in die kerk en in die gemeenskap (Konsultantehandleiding 2008:11 Byeenkoms 8).

Die *houding of ingesteldheid* wat die kapasiteit om te fokus ondersteun, is die verwagting dat God deur sy Gees in die gemeente en gemeenskap teenwoordig en aan die werk is. God is deur sy Gees die gemeente reeds vooruit. Die gemeente leef dus met die verwagting om opgeneem te word in die werk en beweging van die Heilige Gees. 'n Houding van *afhanklikheid van God se leiding* deur die Heilige Gees en 'n *sensitiwiteit om God se stem te hoor* is krities gedurende hierdie fase. (Konsultantehandleiding 2008:25 Byeenkoms 1).

Die verwagte *uitkoms* vir fase 3 is die onderskeiding van die gemeenteroeping en 'n plan vir die beliggaming daarvan in die gemeente en gemeenskap. Die reis na gestuurdheid beteken dat sekere dinge in die gemeente voortaan anders gedoen gaan word. Daarom word 'n gesprek gevoer met leiers en personeel wat deur die verandering geraak gaan word om hulle nuwe rolle uit te klaar met die verwagting dat 'n ooreenkoms van aanspreeklikheid/verantwoordelikheid binne 'n sisteem van genade gevestig kan word. Die verwagte uitkoms is dat elkeen se taak vir almal deursigtig is en dat amptenare mekaar verantwoordelik hou om die werk teen die regte tyd en met die regte kwaliteite af te handel (Konsultantehandleiding 2008:9 Byeenkoms 8).

Die volgende dokumente word gedurende fase 3 opgestel: 'n Bewoording van die gemeenteroeping (Konsultantehandleiding 2008:17 Byeenkoms 7); 'n Langtermyn bedieningsplan vir die voortsetting van die reis (Konsultantehandleiding 2008:13,15 Byeenkoms 8); 'n Langtermyn bedieningsplan om die roeping van die gemeente te beliggaam Konsultantehandleiding 2008:17,19 Byeenkoms 8); en 'n Leiersverbintenis ("staff covenant" - Konsultantehandleiding 2008:9,11 Byeenkoms 8).

Fase 4: Inoefening & Groei – Leer & Groei.

Fase 4 (Diagram 3.4) neem 'n aanvang met byeenkoms 9 en fokus op *inoefening* en *groei*. Tydens byeenkoms 9 word besin oor die verloop van

© University of Pretoria

die reis tot hier en die pad vorentoe. Die reis na gestuurdheid is 'n lewenslange reis en is nooit afgehandel nie. Deurlopende inoefening van vaardighede, houdinge en oordraagbare gewoontes is nodig sodat die gemeente sy gestuurde kapasiteit kan verbreed en steeds daarin kan groei.

Gedurende fase 4 bou gemeentes deurlopend die *kapasiteit* om as leergemeenskap saam met ander te *leer*, en om saam te *groei* vir deelname aan die *missio Dei* in die wêreld waarin God ons roep, versamel en stuur. Die agt patrone vir missionale gemeentes is belangrike hulpmiddels in hierdie volgehoue proses van leer en groei (Keifert 2007:109-129; Barret et al 2004).




Diagram 3.4

Die *verwagte uitkoms* vir fase 4 is die vestiging van 'n missionale gemeentekultuur en die volgehoue verbreding van die gemeente se missionale kapasiteit (Hendriks 2009:117).

Fases 1 tot 4: Kapasiteit vyf - Deel & Mentor.

'n Vyfde *kapasiteit* word deurlopend tydens die duur van die proses gebou, naamlik die vaardigheid om *met mekaar te deel* en om *mekaar te mentor*. Gemeenteleiers word dus deur al die fases van die reis deurlopend gevorm om nie net self oor die nodige kapasiteite vir missionale leierskap te beskik nie, maar word terselfdertyd bemagtig om ook in staat te wees om hierdie kapasiteite met ander te deel en hulle daarin te mentor. Die verbreding van missionale leierskap is dus 'n sentrale fokus en kapasiteit vir leierskap binne die SAVGG. Missionale leiers is in 'n sekere sin lewensafrigters wat hulleself dupliseer en ander deurlopend bemagtig vir die reis van geloofsonderskeiding. Die kapasiteit om te deel en te mentor word inderdaad vanaf byeenkoms 1 in die leierskap van gemeentes ingebou deurdat leiers en gemeentes ander leiers en gemeentes as vennote op hulle

© University of Pretoria

reis van geloofsonderskeiding ontdek met die oog daarop om mekaar te ondersteun en te begelei en om van mekaar te leer.

3.2.3. Sleutelkonsepte.

In die gesprek oor "missionale leierskap" binne die SAVGG tree sekere sleutelkonsepte deurgaans na vore. Konsepte soos "geloofsonderskeiding" ("discernment"), "vorming" ("formation"), "beliggaming" ("embed") en "fokus" ("focus") word deurgaans gehoor en is belangrike rigtingwysers na die unieke identiteit van missionale leiers binne die SAVGG. Ter wille van 'n omskrywing van "missionale leierskap" binne die SAVGG, is dit belangrik om hierdie konsepte nader te belig en te verklaar.

3.2.3.1. Missionale leierskap as "geloofsonderskeiding" ("discernment").

Die mees wesenlike uitgangspunt vir leierskap wat sy identiteit in die *missio Dei* vind, is dat God aan die werk is in die kerk en gemeenskap (en in sy ganse skepping). God is die subjek van sending, nie die kerk nie. Die funksie van die kerk is dus **deelname aan God se sending in die wêreld** en skepping. Daarom is die eerste en mees fundamentele funksie van missionale leierskap om die geloofsgemeenskap deurlopend op God te fokus en om geloofsonderskeidend te vra hoe God teenwoordig is, waar God deur sy Gees in ons konteks aan die werk is, en hoe ons as geloofsgemeenskap in God se sending opgeneem kan word. "Listening attentively to the Word, to one another, and to the world is central to participating in God's mission. The listening must be accompanied by discernment – the Christian practice of attending to God's call for Christian communities corporately and for each of us personally." (Van Gelder & Zscheile 2011:151).

Niemandt (2013:70,71) toon aan hoe belangrik die tema van die kerk as mense wat op reis is, in die Nuwe Testament is. Die kerk is altyd aan die beweeg. Daarom kan die geestelike ingesteldheid van missionale gemeentes beskryf word as "die spiritualiteit van pelgrims op reis." So 'n spiritualiteit stuur weg van die opvatting dat God ver weg en onbetrokke by die daaglikse lewe is. "'n Missionale teologie bou op God se betrokkenheid en teenwoordigheid. Dit is binne hierdie raamwerk wat missionale leierskap funksioneer. Missionale leierskap het te doen met die transformasie van mense en instellings om aan te sluit by God se sending. ... Daarom is 'onderskeiding' so belangrik – dit is die eerste en mees beslissende stap op 'n reis na missionale vernuwing ... en is een van die kernaspekte van missionale leierskap." (Niemandt 2013:71,72).

© University of Pretoria

As draers van die gestuurde roeping van die gemeente modelleer en vestig missionale leiers die geloofsonderskeidende prosesse waardeur God se wil vir individue en gemeentes onderskei word (Van Kooten & Barrett 2004:145). Die term "geloofsonderskeidende leierskap" omskryf dus 'n sleutelfunksie van leierskap binne die geloofsgemeenskap as deelname aan die *missio Dei*.

Venter (2010:126) identifiseer geloofsonderskeiding as "die enigste geloofsdissipline en vaardigheid wat ons kan help om in pas te kom met missio Dei..." Hy beoog 'n fenomenologiese omskrywing van geloofs-onderskeiding aan die hand van Otto Scharmer se ontleding van *presencing* as ontluikende leierskapsvaardigheid (2010:141-168). "Ons taak as geestelike leiers is nie om net kennis af te laai nie, maar om sensitief te wees vir die beweging van Triniteit. Ons moet leer hoe om saam met Sy mense te onderskei waarmee Hy besig is. Ons moet bereid wees om saam met Hom te begin beweeg,..." (2010:172).

In die lig van bogenoemde is dit nodig om te vra: Wat beteken "geloofsonderskeidende leierskap?" Hoe verloop die proses van geloofsonderskeiding? Watter kernkapasiteite word deur hierdie proses veronderstel en gekweek?

Die SAVGG konsultantehandleiding (2008:55 Vennootskapsbyeenkoms 1) maak die volgende onderskeid tussen 'n geloofsonderskeidende reis en strategiese beplanning: 1. God wil geken word, daarom openbaar God Homself (steeds) aan sy gemeentes. Geloofsonderskeidende leierskap is om met die verwagting te leef dat ons elke keer weer iets nuuts van God leer ken. 2. Geloofsonderskeiding is nie 'n vaardigheid nie, maar 'n gawe van God. Geloofsonderskeiding vind plaas wanneer ons in nederigheid soos bedelaars God se wil soek omdat ons nie oor die wysheid beskik nie. 3. In die proses van geloofsonderskeiding word my insigte ons insigte. God lei ons nie alleen nie, maar binne die bevestiging van die gemeenskap van die gelowiges. Geloofsonderskeiding word dus nie in isolasie gedoen nie. 4. Die beginpunt van geloofsonderskeidende luister is die doelbewuste afgee van mag en opskorting van my/ons voorveronderstellings tot 'n bedelaarsposisie van nie-weet-nie. 5. Wanneer konsensus bereik word, rus ons in die wete dat God ons geantwoord het. Dit gaan gewoonlik met 'n gevoel van vrede gepaard. In kort: geloofsonderskeiding beteken dat ons verwag om God se antwoord te hoor – nie ons eie rasionele verstaan of eie oplossings nie, maar dié van die lewende God.

© University of Pretoria

Die kapasiteit vir geloofsonderskeidende leierskap word deurlopend vanaf byeenkoms 1 tot en met byeenkoms 9 gebou. Tydens byeenkoms 2 word taakspanlede onderrig in die teorie en praktyk van geloofsonderskeiding (SAVGG Konsultantehandleiding 2008:21-31). Verskillende hulpbronne word aangebied om taakspanlede met die proses te help (SAVGG Konsultantehandleiding 2008:21).

Die proses van geloofsonderskeiding is in wese 'n luisterproses (Niemandt 2013:113-121) en geskied deur drie luister-prosesse deurgaans met mekaar in interaksie te bring. Elkeen van hierdie luister-prosesse gaan gepaard met die inoefening van houdinge en praktyke of geloofsvormende gewoontes wat egte luister ("deep listening") inoefen.

1. Luister na God – Eksegese van die Skrif (Onderskeiding van God se beloofde en voorkeurtoekoms vir die gemeente en gemeenskap)

Die eerste funksie van missionale leierskap is die onderskeiding van God se voorkeurtoekoms en wil vir hierdie spesifieke geloofsgemeenskap. Binne die SAVGG kom die proses van geloofsonderskeiding neer op een eenvoudige vraag: Hoe lyk die toekoms wat inpas by God se wil en belofte vir die gemeente? (Keifert 2007:56). Vir die suksesvolle transformasie van die gemeente is leiers wat oor 'n alternatiewe toekoms vir die gemeente kan droom, onontbeerlik (Hendriks, 2009:117; Niemandt 2013:92-99). Die Bybel is hierin normatief en formatief (Marais 2009:147). Daarom speel Wandel in die Woord in die SAVGG 'n belangrike en beslissende rol (Van Wyk 2009:7).

Van Wyk (2009:7-15) beskryf oorsigtelik die *teologiese hermeneutiek* wat aan Wandel in die Woord as Bybelleesgewoonte ten grondslag lê. Die kerk kan nooit tevrede wees om net die verklaring van 'n teksgedeelte te hoor sonder om ook die belofte, krag en oortuiging wat die teks meebring te ervaar nie. Wat dus nodig is, is 'n hermeneutiek wat 'n brug slaan tussen *verklaar* en *verstaan*, tussen die meer objektiewe, beskrywende *verklaring* van die Skrif en die meer subjektiewe, toe-eiende, toepassende *verstaan* daarvan.

Van Wyk (2009:13) vind hierin aansluiting by Calvyn se keuse vir 'n *teologiese hermeneutiek*. In aansluiting by Augustinus het Calvyn met twee basiese betekenisvlakke van die Skrif gewerk: 1. Die gewone betekenis van die teks (*simplex census*) met deeglike aandag vir die historiese konteks van die teks; 2. Die praktiese betekenis van die teks (*usus*) wat

© University of Pretoria

fokus op die betekenis van die teks vir vandag. Met hierdie perspektief bevestig Calvyn dat die Bybel vir hom die lewende stem van God is; dat 'n ware verstaan van die Skrif afhanklik is van die erkenning van en biddende vertroue op die Heilige Gees; en dat die Bybel tegelykertyd God se beloftes aan ons is (*promisio*), sy riglyne is vir 'n heilige lewe (*regula*) en sy onderrig vir die toekoms deur formasie (*institutio*) en transformasie (*eruditio*) is.

Van Wyk (2009:14,15) lê die volgende riglyne neer vir 'n verantwoordelike lees van die Bybel:

- LECTIO. Ons behoort die Bybel deeglik te lees en te herlees met alle hulpmiddele tot ons beskikking totdat ons 'n genoegsame verklaring van die teks het wat 'n verantwoordelike basis vir verstaan gee.
- USUS. Ons behoort die Bybel te lees met die oog daarop om die lewende stem van God daarin te hoor in terme van ons praktiese Christenskap.
- ORATIO. Ons behoort die Bybel te lees met die oog daarop om in praktiese gehoorsaamheid met ons hele lewe op God se stem te reageer in gebed en gedrag.
- IN DIE GEMEENSKAP VAN DIE GELOWIGES. Ons behoort die Bybel te lees saam met 'n verskeidenheid van ander gelowiges om te voorkom dat ons tevrede is met een perspektief wat maklik tot kettery of 'n ideologie kan lei.
- MET KENNIS VAN ANDER TRADISIES. Ons behoort deeglik kennis te neem van die interpretasie van die Bybel oor die eeue deur verskillende tradisies, want ons is nie die eerste gelowiges wat die Bybel lees nie.
- IN 'N VOORTGAANDE PROSES. Ons behoort nooit op te hou luister na die Bybel nie. Dit is juis in die voortgaande lees van en nadenke oor die teks saam met ander dat ons verstaan breër en dieper word, wanopvattings reggestel word, insigte bevestig word en die impak van die teks groter word. En dan gebeur die wonder dat ons lees van die Bybel uitmond in 'n verstaan wat ware gemeenskap met God moontlik maak.

Die gewoonte om in die Woord te Wandel het meer as enigiets anders bygedra tot die vorming van 'n nuwe taal en identiteit vir gestuurde gemeentes. Wanneer gemeentes die gewoonte kweek om in die Woord te wandel, gebeur die wonder en skep God deur sy Woord en Gees 'n nuwe identiteit en selfverstaan in die gemeente – 'n identiteit wat deur die Woord gevorm is. Terselfdertyd word leiers en gelowiges deur die Woord gevorm vir deelname aan die *missio Dei*. Niemandt (2013:74,75) stel dit so:

© University of Pretoria

"Geloofsonderskeiding deur in die Woord te wandel, beteken dat leiers se lewe en geloofsonderskeiding gevorm word deur omgang met die Woord van God. Hierdie geestelike vorming is een van die belangrikste uitdagings vir missionale leiers. ... Een van die heel belangrikste dinge wat leiers kan doen, is om 'n omgewing te skep waar 'n gemeente kan wandel in die Woord en kan leef in die Bybelse verhale."

2. Luister na mekaar – Eksegese van gemeentekultuur (Onderskeiding van die gawes en kultuur van die gemeente)

Gemeentelike leiers neig soms daartoe om in tye van transisie die heersende gemeentelike kultuur tot vyand te verklaar. Die SAVGG volg 'n proses van ontluikende vernuwing. 'n Kritiese vertrekpunt vir geloofsonderskeidende leierskap is dus, naas luister na God, om na die *gemeente* te luister met die oog op 'n ontdekking van die heersende *gawes en kultuur in die gemeente*. Die heersende kultuur en gawes van die gemeente is die vertrekpunt van waaruit die vernuwing begin.

Met die oog hierop word 'n groep *luisterleiers* in die gemeente gevorm wat spesifiek daarop ingestel is om opreg na ander te luister en om belangrike dele van die gemeente se storie in te samel as weerspieëling van die gemeentekultuur (SAVGG Konsultantehandleiding, 2008:81-89 Vennootskapsbyeenkoms 1). Hierdie verhale word noukeurig aangeteken en die inligting na 'n spesiaal opgeleide etnografiese span gestuur wat daarna luister, hul vernaamste bevindinge aanteken, en uiteindelik 'n "leesverslag" saamstel as weerspieëling van die kultuur van die gemeente. Nadat die luisterspan die betroubaarheid, vertroulikheid en verstaanbaarheid van die leesverslag uitgeklaar en bevestig het, word dit aan die taakspan oorhandig en die resultate hiervan met die hele gemeente gedeel en bespreek. Aan die hand van die resultate van die leesverslag en Barrett et al (2004) se agt patrone vir gestuurde gemeentes, word die taakspan getaak met die opdrag om deur 'n proses van luister en gemeentelike betrokkenheid dié drie patrone te identifiseer wat reeds as gawes deur die Heilige Gees aan die gemeente gegee is en die beste in die gemeentekultuur waarneembaar is. Hierdie gawes ("sterkpunte") vorm 'n belangrike vertrekpunt vir die transformasie van gemeentekultuur.

Luister na die gemeente is tegelykertyd luister *na* en luister *saam*. Daarom word die gemeente deurlopend deur kommunikasie en uitnodiging genooi om insette te gee en deel te neem aan die luisterproses.

© University of Pretoria

3. Luister na die wêreld – Eksegese van die konteks (Onderskeiding van God se werk in die gemeenskap)

Die sentrale fokus vir missionale leierskap is deelname van die geloofsgemeenskap aan die *missio Dei* in die onmiddellike konteks waarbinne God die gemeente roep, versamel en stuur. Die onderliggende teologiese vertrekpunt vir geloofsonderskeidende leierskap is die aanname dat God reeds in die konteks teenwoordig is en besig is om sy koninkryk van vrede, hoop en heling te vestig. Alhoewel 'n riskante onderneming, kan geloofsonderskeidende leierskap dus nie ontsnap aan die uitdaging om te onderskei hoe God in die omliggende gemeenskap teenwoordig en aan die werk is nie. Geloofsonderskeidende leierskap vereis dus nie net die kapasiteit tot verantwoordelike eksegese van die *Skrif* en *gemeente* nie, maar eksegese van die *konteks* is tegelykertyd 'n kernkapasiteit vir missionale leierskap.

Ten einde hierdie kapasiteit te kweek, leer missionale gemeentes die gewoontes om te *plons*, te *eksperimenteer*, in die *wêreld* te *wandel*, en om *Godsvrae* te vra. Al hierdie gewoontes is daarop gerig om die kapasiteit te bou om ook na diegene wat buite die kerk staan te kan luister, en te onderskei hoe God in die gemeenskap en in die vreemdelinge wat daagliks jou pad kruis, teenwoordig en werksaam is. "Unlike some ways in which discernment has classically been practiced, missional discernment must take seriously the participation of those outside the church." (Van Gelder & Zscheile 2011:152).

Niemandt (2013:81-84) wys op die persepsie dat die kerk geneig is om te fokus op die dinge "daarbo" of "hierna" en dat die alledaagse lewe dikwels afgeskeep word. Missionale leierskap is altyd kontekstueel. Die teks van die werklikheid moet geïnterpreteer word. "Wat ons nodig het, is leiers wat ook baanbrekers is – leiers wat die kerk kan help om haar weg terug na die wêreld te vind met die Woord as kompas. ... Missionale leiers is brugbouers wat nuwe wêrelde en nuwe geleenthede vir hulle gemeentes oopmaak." (Niemandt 2013:83,84). Hiervoor is 'n "hermeneutiek van liefde" nodig. "'n Hermeneutiek van liefde verwag regtig om die liefdeswerk van die lewende God in die wêreld raak te loop." (Niemandt 2013:80).

Alhoewel die drie luisterprosesse (na God, na mekaar en na die wêreld) van mekaar onderskei kan word, kan hulle nie van mekaar geskei word nie. Die luisterproses is 'n interaktiewe proses waarin die luister na God, die gemeente en die omliggende konteks deurlopend deur diep luister ("deep

© University of Pretoria

listening") met mekaar in gesprek gebring word met die verwagting om deur die Gees verras te word en God se stem vir ons in ons situasie te hoor.

Die kernkapasiteit wat hiervoor nodig is en deurgaans gekweek word, is die kapasiteit om te *luister*, na God, na mekaar en na ander, met die verwagting om deur God verras en getransformeer te word. Hierdie luister neem sy vertrekpunt in 'n houding van nie-weet-nie, die doelbewuste aflê van mag en die opskorting van eie kennis en voorveronderstellinge.

3.2.3.2. Missionale leierskap as "vorming" ("formation").

Keifert (2007:33-52) onderskei tussen *organisatoriese* versus *kulturele* verandering. Met organisatoriese verandering fokus leiers op die gemeente as organisasie en poog hulle om by 'n veranderende omgewing aan te pas deur organisatoriese veranderinge aan te bring. Die onderliggende kultuur in die gemeente en gemeenskap word in dié proses dikwels nie verreken nie, sodat organisatoriese vernuwing deur die heersende kultuur as vyand verklaar word en dus tot mislukking gedoem is. Die SAVGG benader die gemeente (in aansluiting by Everett Rogers) as 'n kulturele sisteem eerder as 'n organisasie. Binne 'n model van "verbreding en vernuwing" (Keifert 2007:42) word die gemeentekultuur vernuwe deur 'n proses van ontluiking.

Uit bogenoemde is dit reeds duidelik dat 'n gemeente vir hierdie proses van ontluikende vernuwing leiers nodig het wat radikaal verskil van huidige modelle van leierskap binne die institusionele kerk (en kontemporêre wêreld). Hiervoor is leiers nodig wat kan onderskei tussen 'n organisatoriese benadering tot verandering en die dieperliggende kulturele veranderinge wat nodig is, en wat oor die kapasiteit beskik om die gemeente as sisteem te benader en dus op *geloofsonderskeiding* staatmaak om met die gemeente se kulturele dieptewaardes in gesprek te tree met die oog op die transformasie van die gemeente tot 'n gestuurde gemeente (Keifert 2007:52). Hiervoor benodig die leiers die *kapasiteit* om oor *grense* te kan beweeg, om *risiko's* te kan neem en te *eksperimenteer*, en om in die proses *mislukking te waag* en *daaruit te leer* (Niemandt 2013:157-161).

Die transformasie van die gemeente tot gestuurde gemeente vind tegelykertyd op twee vlakke plaas. *Enersyds* fokus die leierskap op die transformasie van die gemeentekultuur (Van Gelder & Zscheile 2011:163-165). Niemandt (2013:132) stel dit so: "...[M]issionale leiers kultiveer 'n omgewing waarbinne God se werk in 'n gemeente en in 'n gemeente se konteks onderskei kan word." Hy omskryf missionale leiers dus as "...kulturele ingenieurs. Dit gaan om die aanpassing van sisteme en

© University of Pretoria

strukture ter wille van missionale effektiwiteit. Leiers bedink en skep 'n nuwe toekoms en ontwerp 'n proses van kultuurverandering." (Niemandt 2013:137). As klimaatskepper nooi die missionale leier die gemeente uit om deel te neem aan die proses van geloofsonderskeiding en is hy afhanklik van die vertroue van die lidmate van die gemeente (Niemandt 2013:135). Hierdie tipe organiese leierskap staan en val met voortdurende en intensiewe kommunikasie (Niemandt 2013:144).

Andersyds val die klem terselfdertyd op die vorming van individuele gelowiges tot 'n leefstyl van navolging van Christus en deelname aan die *missio Dei* in die erediens van die daaglikse lewe. Naas die kapasiteit wat nodig is vir gemeentetransformasie, is dit dus belangrik dat missionale leiers ook oor die kapasiteit beskik om gelowiges te vorm vir 'n lewe met die gesindheid en styl van Christus en tot gehoorsame deelname aan die *missio Dei* in hulle daaglikse lewe en konteks (Van Gelder & Zscheile 2011:153).

In 'n konteks van individualisme en 'n verbruikersmentaliteit by gelowiges in hoofstroomkerke, is die Bybelse vorming van dissipels 'n reuse uitdaging. Om leiers met hierdie transisie te help, stel Roxburgh voor dat gemeentes tegelykertyd funksioneer as "bounded and centered sets" (Guder 1998:205-212. Sien ook Robinson 2008:7,8 se beskrywing van "open, bounded and centered sets"). As "centered set" is die gemeente 'n oop gemeenskap waarin almal uitgenooi word om deel te word van die reis op weg na die formasie van 'n geloofsgemeenskap as teken en instrument van die komende ryk van God. Terselfdertyd funksioneer die gemeente as "bounded set" waarbinne 'n missionale geloofsgemeenskap vorm wat erns maak met die verbintenis, praktyke en dissiplines wat hulle onderskei as teken en demonstrasie van die komende ryk van God. Missionale leiers fokus hulle tyd, energie en denke op die toerusting en vorming van hierdie verbonde gemeenskap ("bounded set"). "The challenge facing the church is to move its members from a casual and contractual relationship to a covenant." (Gibbs & Coffey 2001:149).

3.2.3.3 Missionale leierskap as beliggaming ("embed").

Missionale leierskap fokus op die onderskeiding van die gestuurde roeping vir die gemeente. Terselfdertyd vestig en modelleer gestuurde leiers praktyke en gewoontes wat hierdie roeping prakties beliggaam en daaraan gestalte gee ("embed"). Die vorming van die gemeente as gestuurde geloofsgemeenskap begin dus by die vorming van die leier self. 'n Transformasie van gemeentekultuur kan net plaasvind indien die leiers self

© University of Pretoria

die praktyke, waardes en gewoontes van 'n gestuurde gemeente beliggaam en modelleer (Marais).

Die *integriteit en geestelike vorming van die leier self* is dus essensieel vir die vorming van missionale geloofsgemeenskappe. Martoia (2007:101) wys op die verband tussen leierskap en die vermoë om oor drumpels te kan tree. Drumpels wat oorgesteek moet word, is onder andere: buitebybelse paradigmas wat ons bediening rig, teologiese standpunte wat binne die modernisme ontstaan en herontwerp moet word en 'n wegbeweeg van moderne, kognitiewe modelle van geestelike vorming na dié wat postgeletterd, globaal, ervaringsgerig en werklik transformerend is (Martoia 2007:109,110). Die ontwikkeling van 'n intuïtiewe geestelike radar deur die dissiplines van meditasie, gebed en afsondering is hiervoor onontbeerlik. Hierdie sentiment word telkens deur navorsers bevestig (Jamieson 2007:119; Easum 2007:214,215). "What is needed is not the training of religious technicians but the formation of spiritual leaders." (Gibbs & Coffey 2001:116; 121-142). "The basic question is not how they perform, but how well they know God." (Gibbs & Coffey 2001:121). Leierskap gaan dus nie in die eerste plek oor dinge wat die leiers moet doen nie, maar oor wie hulle as mense voor God en tussen ander is (Smit 1995:12). "There is only one sustainable tool for leading change in the 21st century. This tool is the leader's Self. Your Self." (Scharmer aangehaal deur Venter 2010:171).

Niemandt (2013:53) sluit aan by Sweet (2012) en wys daarop dat die ware identiteit van die kerk geleë is in volgelingskap of dissipelskap. "Die beste manier om 'n beweging vir God se koninkryk aan die gang te kry, is om 'n volgeling te word en ander te wys hoe mens Jesus volg. Volgelingskap ... is die mees onderskatte vorm van leierskap." (Niemandt 2013:53).

3.2.3.4. Missionale leierskap en roeping ("fokus").

Missionale leiers ontwikkel die kapasiteit om die geloofsgemeenskap te *fokus* op God se belofte en voorkeurtoekoms vir daardie spesifieke gemeente in die spesifieke konteks waarbinne God hulle geroep, versamel en gestuur het.

My eie ervaring as gemeentekonsultant binne die SAVGG en as leraar van 'n gemeente wat aan die reis deelneem, is dat fokus vir gemeentes binne die konteks van die NG Kerk 'n baie moeilike en uitdagende proses is en dat min gemeentes regtig daarin slaag om die gestuurde roeping skerp genoeg te onderskei en daarop te fokus. Eerstens kan die rede hiervoor waarskynlik teruggevoer word na die Christendom-tradisie waarbinne daar

© University of Pretoria

algemene konsensus en reëls is oor hoe die lidmate van 'n gemeente bedien en pastoraal versorg behoort te word. Dieselfde bedieningspraktyke vestig dus dwarsdeur alle gemeentes binne 'n bepaalde kerkverband sodat gemeentes in 'n sekere sin duplikate van mekaar word. Tweedens bemoeilik die grootte en diversiteit van gemeentes die onderskeiding van 'n unieke fokus vir die gemeente. En derdens dra die individualisme en verbruikers-kultuur van ons tyd waarskynlik ook daartoe by dat leiers en gemeentes die onderskeiding van 'n gestuurde roeping vir die gemeente as beperkend beleef. My eie ervaring in dié verband is dat gemeentes wat daarin slaag om hulle gestuurde roeping skerp genoeg te onderskei en daarop fokus, nie die vryheid van die Gees beperk nie, maar juis ruimte skep waarbinne die Gees innoveer en stuur. Die bedoeling met fokus is dus nie om te beperk nie, maar om ruimte te skep vir innovasie en groei.

Burger (2005:25) onderskei in navolging van Paul Stevens "drie roepings" vir gelowiges: 1. *Christelike roeping* gaan oor dissipelskap en navolging van Christus, dit wat ons gewoon as Christen-wees sien. 2. *Menslike roeping* is ons roeping om in die gewone daaglikse lewe as mense van God te leef. 3. *Persoonlike roeping* het te make met ons unieke gawes, talente en passie. Hierdie "drie roepings" kan verbind word aan die werk van die drie Persone van die Drie-eenheid onderskeidelik: Christus (Christelike roeping), die Vader (menslike roeping), en die Heilige Gees (persoonlike roeping). Burger (2005:27-30) wys op die *waarde* wat die onderskeiding van 'n duidelike persoonlike roeping kan maak: roeping gee sin en betekenis, hoop en energie, koers en rigting, volharding in moeilike tye, oortuiging en passie aan die lewe, en help ons verstaan dat die Here 'n persoonlike verhouding met elkeen van ons wil hê.

Burger rig homself uiteraard daarop om individuele gelowiges te help met die onderskeiding van 'n eie en persoonlike roepingsfokus vir die gelowige self. Die onderskeid wat hy maak is egter ook waardevol indien dit toegepas word op die vlak van die geloofsgemeenskap. Die onderskeiding van *gemeentelike roeping* vir die geloofsgemeenskap, sluit nie die Christelike-, menslike- en persoonlike roeping van individuele gelowiges uit nie, maar integreer en verryk dit en ontsluit nuwe moontlikhede vir die individu en geloofsgemeenskap. Die verskillende "roepinge" moet dus voortdurend met mekaar in verband gehou en geïntegreer word. En soos die onderskeiding van 'n persoonlike roeping die lewe van die individuele gelowige verryk en transformeer, verryk en transformeer die onderskeiding van 'n gestuurde roeping vir die geloofsgemeenskap die lewe van individuele gelowiges en die geloofsgemeenskap tegelykertyd.

© University of Pretoria

3.2.4. Gevolgtrekkinge.

In die lig van bogenoemde kan as volg gekonkludeer word:

1. Die vorming van missionale leiers op alle vlakke van die gemeente is binne die proses van die SAVGG *van kritiese belang* vir die vorming van missionale geloofsgemeenskappe. Alhoewel geen teorie hieroor aangebied word nie, is die hele proses van die SAVGG deurlopend daarop gefokus om leiers te vorm wat oor die kapasiteit beskik om die proses in die gemeente te begelei.

2. Leierskap binne die SAVGG (missionale ekklesiologie) vervul 'n funksie *radikaal verskillend* van die tradisionele (of kontemporêre) definisie van leierskap. Van Kooten & Barrett (2004:139) merk op: "The chasm between the church's understanding of authority and that of the dominant culture is much wider than we realized."

3. Leierskap wat funksioneer binne die paradigma van die *missio Dei* is in wese *geloofsonderskeidend* van aard. Die fokus val nie op strategie of beplanning nie, maar op die onderskeiding van die gestuurde roeping vir die gemeente en die bemagtiging van gelowiges en gemeente vir die geloofsonderskeidende reis van deelname aan die *missio Dei* in die konteks waarbinne die gemeente geroep, versamel en gestuur is. Vir die suksesvolle transformasie van die gemeente is leiers wat oor 'n alternatiewe toekoms vir die gemeente kan droom, onontbeerlik.

4. Die *uiteindelike doel* vir missionale leierskap binne die SAVGG is die vestiging van *missionale geloofsgemeenskappe* (transformasie van gemeentekultuur) as demonstrasie van God se beloofde en voorkeurtoekoms vir die gemeente en gemeenskap. Hiervoor is leiers nodig wat kan onderskei tussen 'n organisatoriese benadering tot verandering en die dieperliggende kulturele veranderinge wat nodig is, en wat oor die kapasiteit beskik om die gemeente as sisteem te benader en met die gemeente se kulturele dieptewaardes in gesprek te tree met die oog op die transformasie van die gemeente tot 'n gestuurde gemeente.

5. Die *Bybelse vorming en dissipelskap* is deurlopend 'n prioriteit vir missionale leiers ten einde gelowiges te vorm wat leef met 'n bewussyn van God se teenwoordigheid, onderskei waar God in hulle daaglikse lewe aan die werk is en hoe hulle daarby kan inskakel, en self gevorm word om God se beloofde en voorkeurtoekoms met alle mense te deel

© University of Pretoria

en te beliggaam. Leiers beskik dus oor die kapasiteit om doelbewus praktyke en gewoontes te skep en in te oefen waardeur die gelowiges en geloofsgemeenskap gevorm word as demonstrasie en instrument van die koms van God se koningsheerskappy in Christus.

6. Die *persoon van die leier* is binne die SAVGG hierin 'n kritiese element. Leierskap veel eerder te doen met "being" as met "doing" Die transformasie van die geloofsgemeenskap begin met die transformasie van die leier(s) self. Van kritiese belang vir die leier self is dus die inoefening van geloofsvormende gewoontes en dissiplines met die oog op die vorming van 'n Bybelse identiteit en 'n leefwyse wat gestuur-wees modelleer en demonstreer. Die plek van die leier is aan die voorpunt van die geloofsgemeenskap – as demonstrasie van hoe gestuur-wees lyk en van wat dit in die praktyk beteken.

7. Die *primêre doelwit* van die reis is die *bou van kapasiteit* in missionale leiers en gemeenskappe vir die reis van geestelike onderskeiding en vorming. Onder "kapasiteit" word verstaan die kennis, vaardighede, houdinge en oordraagbare gewoontes wat nodig is as hefbome vir die transformasie van gemeentekultuur.

8. Die gawe van geloofsonderskeiding bou op *vyf kernvaardighede* (kapasiteite) wat deur leiers en gemeentes deurlopend ingeoefen word: Die vaardigheid om: 1. Te luister ("to listen others into free speech"); 2. Risiko's te neem om grense oor te steek en te eksperimenteer; 3. Te fokus; 4. Te leer en te groei; en 5. Te deel en te mentor. Hierdie kapasiteite vorm die onderbou en lê die grondslag vir geloofsonderskeidende leierskap. Leierskap word nie net bemagtig om self oor bogenoemde kapasiteite te beskik nie, maar om ook oor die vaardigheid te beskik om hierdie kapasiteite vir ander te leer.

9. Missionale gesag setel nie in 'n individu of amp nie, maar in God Self wat aan die geloofsgemeenskap 'n *gemeenskap van leiers* gee om in 'n verskeidenheid van posisies en ampte saam die missionale gesag uit te oefen wat nodig is vir die geloofsonderskeidende reis. Daarom is 'n belangrike fokus van missionale leiers die *verbreding* en *verdieping van leierskap* in die geloofsgemeenskap. Nuwe leiers word deurgaans gementor en bemagtig sodat geestelike gawes in die gemeenskap vrygestel kan word.

10. Die beginpunt van geloofsonderskeidende luister is die doelbewuste aflê van mag en opskorting van eie voorveronderstellings en die

© University of Pretoria

opneem van 'n *houding* van nie-weet-nie. Self-ontlediging, die ontdekking van eie broosheid en opneem van die gesindheid van Christus is wesenlik vir missionale leierskap as deelname aan die *missio Dei* (Marais Januarie 2009:20-23). Niemandt (2013:27) haal aan uit 'n onderhoud met prof. Jan van der Watt en noem Christus se menswording "die mees betekenisvolle gebeurtenis vir die verstaan van leierskap in die Nuwe Testament."

3.3. DIE PREDIKANT AS MISSIONALE LEIER BINNE DIE SAVGG.

In die voorafgaande afdeling het ons as eerste stap die onderliggende beginsels vir missionale leierskap uit die materiaal en proses van die SAVGG onderskei. Die volgende stap is nou om te vra na die spesifieke funksie wat 'n *predikant* in een van die hoofstroomkerke in die proses vervul. Wat is die predikant se unieke bydrae tot die proses? Watter kapasiteite (kennis, vaardighede, houdinge en gewoontes) word vir die predikant veronderstel en gekweek? En, hoe verskil dit van die huidige praktyk van leierskap in 'n hoofstroom gemeente (binne 'n Christendom paradigma)?

3.3.1. 'n Sleutelfaktor.

Ons het reeds gewys op die kritiese funksie van leierskap in die proses van die SAVGG. As dit waar is van leierskap op alle vlakke van die gemeentelike lewe, is dit in die besonder nog meer waar van die predikant. Die *Reisgids vir Gestuurde Leierskap* (2009:ii,iii) gee reeds ter inleiding erkenning aan die belangrike rol van die predikant as geestelike leier: "Ons kan sonder vrees vir teëspraak sê dat die rol van die predikant ... krities is. Krities in die sin dat dit die welslae van die reis kan maak of breek."

Die belangrike rol van die predikant in hoofstroomgemeentes word duidelik in die lig van die historiese ontwikkeling van die amp vanaf die Nuwe Testament tot op hede. Roxburgh (Guder ed 1998:190-198) beskryf hoedanig historiese ontwikkelinge en kulturele waardes die rol en gesag van die leraar in die ***Noord-Amerikaanse konteks*** diepliggend beïnvloed het. Indien die huidige rol en gesag van die predikant in 'n hoofstroomgemeente vergelyk word met die Bybelse fokus en beginsels vir leierskap, is dit duidelik dat die huidige praktyk ver verwyderd is van die apostoliese amp en beginsels vir leierskap in die Nuwe Testament.

Leierskap in die Nuwe Testament: "Gawes" (apostels, profete, evangeliste, herders en leraars) met die oog op die vorming van 'n missionale gemeenskap. Roxburgh (Guder ed 1998:183-190) bied 'n

© University of Pretoria

insiggewende *Bybelse fundering* vir missionale leierskap. Die *fokus* van leierskap binne die geloofsgemeenskap is die *vorming en toerusting van 'n gemeenskap wat God se doel en rigting in Jesus Christus demonstreer en aankondig*. "Such leadership, through the agency of the Holy Spirit, works to create a people whose life is a witness to Jesus Christ." (1998:183,184).

Hierdie fokus blyk duidelik uit Paulus se beskrywing van die bediening van die kerk in Efesiërs 4. Paulus wys deurgaans op die belangrikheid van e*enheid* binne die liggaam van Christus. Hierdie klem op die eenheid van die kerk is *missionaal*. Die eenheid van die liggaam inkarneer en demonstreer God se skeppingsbedoeling soos verklaar in Ef. 1:9-11: om alles en almal onder een Hoof te verenig, naamlik onder Jesus Christus. Die kerk, as liggaam van Christus, word geroep om hierdie nuwe realiteit in Jesus Christus in die wêreld aan te kondig en te demonstreer. Met die oog op die uitvoering van hierdie roeping gee Christus deur sy Gees aan sy gemeente *gawes* (apostels, profete, evangeliste, herders en leraars) ten einde die gelowiges saam te bind en toe te rus vir hulle bediening (Ef. 4:12) met die oog op die volvoering van God se wil (Ef. 4:13). "These ministries of leadership are given to enable the church to carry out its fundamentally missiological purpose in the world: to announce and demonstrate the new creation in Jesus Christ. This purpose necessarily involves leaders in equipping and guiding the body in those ecclesial practices that form the community in a oneness that is a living demonstration of the ethics of God's reign." (Guder ed 1998:185).

Roxburgh (1998:185-190) onderskei vier Bybelse perspektiewe onderliggend aan hierdie missionale fokus vir leierskap.

- *Missionale leierskap word gevorm deur die openbaring in Jesus Christus*. As Vervuller van die Messiaanse belofte van die koms van God se koninkryk, was Jesus se leierskap fundamenteel *apostolies*. In Jesus breek God se koninkryk deur en kom 'n nuwe sosiale orde tot stand waarin liefde en eenheid die deurslag gee. Jesus Self verklaar die doelwit van sy sending as die vorming, vervulling en bemagtiging van 'n nuwe gemeenskap, 'n nuwe volk wat deur God geskep en gestuur word. Hy roep sy volgelinge en vorm hulle as 'n demonstrasie van die karakter van die koninkryk wat Hy aankondig. Deur sy weerstand teen die magte en owerhede van sy tyd en sy gehoorsame onderwerping aan die wil van God demonstreer Christus die weg na die koninkryk van God. Leierskap in die koninkryk van God vloei voort vanuit gehoorsaamheid aan die Vader. "Therefore missional leadership requires a spirituality that lives in close relationship with and

© University of Pretoria

reliance on the directions of the Father through the Spirit. The practise of regular spiritual disciplines (the ecclesial practices) is essential for such a life in Christ's footsteps." (Guder ed 1998:186). Hierdie vorming van sy dissipels as demonstrasie van die koninkryk van God is net so sentraal tot sy apostoliese taak as die aankondiging en onderrig oor die betekenis daarvan. Só is Jesus 'n demonstrasie van wat missionale leierskap ook in ons dag beteken: "Its central focus is to be that same apostolic mandate of leading out a people as the community of the kingdom. The place of leadership is to be at the front of the community, living out the implication and actions of the missional people of God." (Guder ed 1998:186). Dit beteken dat missionale leierskap nooit in solo gedoen kan word nie, en altyd veel meer is as prediking en lering.

- *Missionale leierskap word gevorm deur die Heilige Gees se vorming van 'n na-Pinkster gemeenskap*. Die Gees inspireer en stuur die nuwe gemeenskap van God se koninkryk in die wêreld in as teken, voorsmaak, agent en instrument van God se verlossende handelinge vir die hele mensheid en skepping. Met die oog hierop roep die Gees 'n diverse span leiers met verskillende gawes wat hulle identiteit vind in die vorming van 'n geloofsgemeenskap wie se lewe getuig van die realiteit van Jesus Christus en van die teenwoordigheid van God se koninkryk in die wêreld. Die aard van missionale leierskap moet dus verstaan word teen die agtergrond van die Gees se vorming van die kerk met die oog op die wêreld. "No matter what specific forms leadership must take at any point in time, the Spirit guides leadership in order to bring into reality a future-present messianic community of the reign of God, and the Spirit equips that leadership to lead the community into missional engagement with the context in which they live." (Guder ed 1998:187).

- *Missionale leierskap word gevorm deur 'n herontdekking van die eskatologie*. "Eskatologie" verwys nie slegs na die einde van die wêreld nie, maar na die toekoms wat as nuwe orde vandag in die wêreld deurbreek en bekend is as die koninkryk van God. Die aankondiging van die nabyheid van die koninkryk van God in Jesus Christus was die verklaring dat God se toekoms – die *eskaton* – teenwoordig was in die wêreld. Die kerk is die eskatologies-teenwoordige messiaanse gemeenskap as vervulling van God se belofte. Missionale leierskap word gevorm binne die konteks van hierdie eskatologiese verstaan van die kerk en vind hulle roeping in

© University of Pretoria

die vorming van 'n gemeenskap wat deur hierdie visie gevorm word – om 'n gemeenskap van geloof, hoop en liefde te wees, 'n teken en sakrament van die koninkryk van God.

- *Missionale leierskap vorm 'n gemeenskap wat God se bedoeling vir die skepping aankondig en demonstreer*. Die skepping is 'n missionale handeling van die Drie-enige God. As *imago Dei* word die mens uitgenooi om deel te word van die realisering van God se bedoeling met die skepping. Hierdie roeping is universeel, maar word gerealiseer deur deelname aan die heling van die skepping in daardie deel van die skepping waar hierdie spesifieke geloofsgemeenskap woon en werk en is dus altyd kontekstueel. Kontekstualiteit impliseer beperkinge. Hierdie beperkinge impliseer self-kritiek ten opsigte van eie beperkinge: leiers behoort nie op te tree in die sekerheid van eie kennis en vaardighede nie, maar onder soewereiniteit van God, wat ons lei op maniere wat ons eie verstaan by verre oorskry.

Veral twee bewegings het 'n dramatiese impak gehad op die leierskap soos dit huidiglik in die kerk funksioneer: *Christendom* en *moderniteit* (Guder ed 1998:190).

Leierskap in die Christendom: Van Apostel na Priester. Alreeds in die derde eeu na Christus begin fundamentele paradigmatiese verskuiwinge binne die geloofsgemeenskap plaasvind ten opsigte van kerkbegrip en leierskap. Die missionale identiteit van die kerk verskuif algaande na die agtergrond en die kerk ontwikkel 'n meer gevestigde en georganiseerde vorm as religieuse organisasie waarbinne die middele van genade sakramenteel deur geordende priesters bemiddel word en die koninkryk van God al meer met die strukture en sakramente van die kerk geïdentifiseer word. Gepaardgaande hiermee ontwikkel 'n priesterorde waarin leierskap in die kerk algaande van die daaglikse lewe losgemaak word. Rang en orde vervang mettertyd gawe en charisma.

Konstantyn se sanksionering van die Christelike geloof in die eerste helfte van die vierde eeu bring die kerk in 'n heel nuwe verhouding met die staat en versnel hierdie proses. Die kerk beweeg vanaf die grense van die samelewing na die sentrum. Leierskap word getransformeer om by hierdie nuwe status aan te pas. Leierskap vloei nie langer voort uit gawe en funksie nie, maar 'n geïnstitusionaliseerde amp word deur middel van rang en studie verwerf en met sanksie van die staat geordineer. Klerikale beliggaming van die middele van genade en amp definieer die kerk. "The governing principle became 'No clergy, no church.' Form a community of God's people, the

© University of Pretoria

church became a 'place where' one received grace through a state-sanctioned priesthood." (Guder ed 1998:191,192). Die Christendom verteenwoordig 'n gevestigde, statiese, Christelike wêreld waarin die *missio Dei* voltooi is en lidmaatskap gelykstaande is aan burgerskap van die staat. "The church was a community focused on worship, sacrament, and spiritual care. The priest was the shepherd to a static people and the provider of the focused and limited mission of caring for the church's members by ordering and dispensing the means of grace in a geographic locale. Leadership had a settled, pastoral identity now. The apostolic, as in missional, nature of leadership evaporated under these conditions." (Guder ed 1998:192. Sien ook Robinson 2008:18-23).

Hirsch & Catchim (2012:3-26) ondersoek die verskraling wat die Christendom gebring het ten opsigte van die vyfvoudige bediening wat in Efesiërs 4:11 (apostels, profete, evangeliste, herders en leraars) deur Christus as gawes aan die gemeente gegee word, en verklaar: "Christendom church has had been run on a largely shepherd-teacher model, and because it has a privileged position in society, it has been inclined to dispense with the more missional or evangelistic ministry types (apostle, prophet, and evangelist)." (Hirsch & Catchim 2012:7).

Leierskap in die Reformasie: Van Priester na Pedagoog. Die Reformasie bring geen substansiële verandering ten opsigte van die verstaan of rol van die amp nie. Alhoewel die Reformasie poog om die amp van die gelowige te herstel met die teologie van die priesterskap van alle gelowiges (Niemandt 2007a:104) word die Christendom aannames aangaande die aard van kerklike leierskap voorgesit. "The church as static server of religious grace and power within a Christian society was neither challenged nor transformed by the Lutheran, Reformed, and Anglican reformers." (Guder ed 1998:193). Binne die Reformasie ontstaan egter 'n meer pedagogiese identiteit vir die ampte waarbinne leiers gesien word as bewaarders en beskermers van die Woord. Onderrig en prediking, toesig oor die regte leer, en behoorlike administrasie van die sakramente word normatief vir Protestantse leierskap. Leierskap bly 'n afsonderlike amp, en die kwalifikasies vir leierskap beweeg mettertyd al nader aan die kwalifikasies vir die onderwys en akademie. Selfs die priesterlike kleed word vervang met die toga – die drag van die pedagoog.

Leierskap na die Verligting: Van Pedagoog na Professioneel. Die Verligting rig nuwe uitdaginge aan die kerk en sy plek in die sosiale konteks. Kerk en teoloë poog om te reageer op die nuwe aandrang vir 'n fundering in die rede. Schleiermacher en andere poog om die plek van die teologie in

© University of Pretoria

die akademie te handhaaf met 'n nuwe model gebaseer op die wetenskaplike bestudering van die rol van religie in die kultuur. Hierdie model skep 'n paradigma vir die religieuse leier as 'n professionele persoon tussen ander en die teologiese fakulteit as gelykes met hulle ewebeelde in die empiriese wetenskappe. "Just as the faculties of law and medicine, based on scientific rationalism, trained practitioners with high levels of skill fitting their particular profession, the faculty of theology, with the same scientific rational foundations, should train clergy in the skills of ministry." (Guder ed 1998:194,195). Hierdie skuif plaas die opleiding en funksionering van kerkleierskap in 'n nuwe konteks wat deur die Verligting se kategorieë van bekwaamheid georganiseer en beheer word. "...[S]eminary training remains firmly committed to the model of preparing a professional clergy for a set of tasks considered to be 'ministry'." (Guder ed 1998:195). Hierdeur word die gawes in die nie-geordende deel van die geloofsgemeenskap ("laity") vir alle praktiese doeleindes effektiewelik uitgesluit van leierskap. Die priesterskap van alle gelowiges word deurlopend ondermyn deur die praktyk van ordinasie.

***Nuwe skuiwe in die Professionele Paradigma*.** Verstedeliking, globalisering en demografiese diversiteit lei daartoe dat die rol van die kerk verskuif vanaf die publieke na die private en individuele sfere. Ampsdraers in die kerk word gemarginaliseer en hulle dienste al meer slegs benodig tydens die oorgange van die lewe. Dit bring 'n hersiening van die rol van die amp mee. In plaas daarvan dat ampsdraers hulle marginalisering en destabilisering omarm as gawe en geleentheid om hul missionale identiteit te herontdek, verskuif hul fokus na die voorsiening in die persoonlike, individuele behoeftes van lidmate en die tegniese bestuur van groei, mark en sukses wat in die moderne kultuur so hoog geag word. Drie hersiene beelde van kerklike leierskap tree na vore: 1. Die leier as *berader*. 'n Geprivatiseerde Christendom skuif vanaf 'n teosentriese na 'n antroposentriese fokus waarin die ekklesiologie bepaal word deur menslike nood. Die pastoraat sentreer dus al meer op die verwesenliking van die menslike potensiaal van die private individu. 2. Die leier as *bestuurder*. Die moderniteit vereis dat leiers deur bestuurs- en organisatoriese vaardighede gevorm word. Die fokus van leierskap word bepaal in terme van die mark, verbruik en private persoonlike behoefte. Die bestuurder maksimaliseer organisatoriese effektiwiteit in die ontwikkeling van hulpbron-kapasiteit en markgroei. Binne hierdie model word die aard van leierskap getransformeer tot die bestuur van 'n organisasie wat gevorm word om in die geestelike behoeftes van verbruikers te voorsien en die maksimalisering van markpenetrasie met die oog op numeriese groei. 3. Die leier as *tegnikus*.

© University of Pretoria

Die tegniese toepassing van wetenskaplike rasionalisme veronderstel dat dit moontlik is om die lewe te beheer deur ons omgewing te manipuleer om die verwagte resultaat te bereik deur middel van spesifieke tegnieke. Met die regte gereedskap en vaardighede is dit altyd moontlik om die gewenste resultaat te bereik. Sodoende ontstaan die persepsie dat die regte tegniek gevind moet word ten einde die missionale visie of strategiese doelwitte te bereik. Die beeld van die leier as berader, bestuurder of tegnikus skep die verwagting dat die kerk só sy sentrale plek in die kultuur van die dag kan herwin. "But these professional forms of leadership, once adopted without critical assessment or their presumptions and functionality, drive the agendas of church leadership and become operational ecclesiologies in and of themselves." (Guder ed 1998:198).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat huidige modelle van leierskap sy fokus en identiteit veel eerder in die huidige konteks en kultuur vind as in die Woord, en in praktyk dikwels ver verwyderd is van die apostoliese leierskap van die Nuwe Testament. "While wanting to be shaped by biblical models, our current forms of leadership often do not fit the description of scriptural missional leadership just presented." (Guder ed 1998:190).

Heitink (2007:163-165) beskryf die ontwikkeling van die amp van die predikant gedurende die negentiende en twintigste eeue in die ***Nederlandse Gereformeerde konteks.*** Na die skeiding tussen kerk en staat in die negentiende eeu groei die kerk tot 'n selfstandige sosiale verband en ontstaan (wat Heitink noem) die *verenigingskerk*. Die verlies van 'n publieke funksie as gevolg van die skeiding met die staat, bring mee dat die kerk homself al meer na binne rig. Heitink (2007:163) verwys in navolging van sosioloë hierna as die "verkerkliking van die Christendom". As 'n onafhanklike vereniging los van die staat begin die kerk self kriteria vir lidmaatskap stel en word vir die eerste keer onderskei tussen binne- en buitekerklikes. Binne hierdie kerktipe kry die predikant 'n heel ander rol. "Van een openbaar ambt in een publieke kerk werd het predikantschap meer en meer een binnenkerkelijk beroep, dat zich ontwikkelde tot het bekende schaap met vijf poten." (Heitink 2007:164). Die onderrigfunksie wat deur die skoolmeester hanteer is, word na die predikant oorgedra. Die herderlike versorging van die gemeente bring mee dat individuele pastoraat 'n belangrike funksie van die predikant word. Mettertyd word sy liturgiese funksie uitgebrei. Sedert die twintigste eeu word hy ook verantwoordelik vir die opbou en bestuur van die gemeente. En met die klem op geloof as ervaring word hy ook mistagoog wat lidmate spiritueel begelei. Die aanvanklik betreklik eenvoudige amp van die predikant word dus mettertyd

© University of Pretoria

uitgebrei tot die omvattende amp van prediker, leraar, pastor, liturg, agoog, bestuurder en mistagoog. Die verenigingskerk groei uit in 'n domineeskerk. Hierdie kerk beleef 'n bloeitydperk tussen 1850 en 1960. Hegte kerkgemeenskappe met 'n groot mate van betrokkenheid ontstaan. Die predikant is die spil waarom die gemeenskap draai. Die kulturele revolusie sedert 1960 bring egter mee dat lidmate in groot getalle die kerk verlaat. Soos in die res van die Westerse wêreld word die kerk in Nederland toenemend gemarginaliseer.

Binne die ***Suider-Afrikaanse konteks*** spring die NG Kerk en ander hoofstroomkerke bogenoemde ontwikkelinge uiteraard nie vry nie. Die wortels van die NG Kerk kan histories teruggevind word in die Nederlandse Protestantisme van die sewentiende eeu. Alhoewel die kerk aan die Suidpunt van Afrika mettertyd uitgroei tot 'n selfstandige kerk, oefen die ontwikkelinge sedert die agttiende eeu in Nederland en die res van die wêreld ook hier diepliggende invloed uit op die fokus en identiteit van die amp van die leraar binne die kerk. Soos in Nederland ontwikkel die "domineeskerk" tot dié model waarvolgens gemeentes geslagte lank sou funksioneer. Tot op hede is 'n gemeente se vermoë om sy eie kerkgebou en predikant finansieel te kan bekostig die mees wesenlike kriteria waaraan 'n gemeente se bestaansreg as onafhanklike gemeente gemeet word. Veral die behoud van die predikant is ten alle tye imperatief. Gemeentes is dus bereid om eiendomme te verkoop en selfs hul eie onafhanklikheid prys te gee ter wille van die behoud van hul leraar. "Many protestant denominations like to tout the Reformation concept of the 'priesthood of all believers.' But that reality is blocked in many of those very congregations by leadership that suggests, despite its protestations to the contrary, that only those anointed with money (paid staff) and credentials (ordained clergy) are the leaders." (Sweet 2012:174).

Soos in Nederland en die res van die Westerse Christendom word ook gemeentes van die NG Kerk sedert die tweede helfte van die twintigste eeu toenemend getref deur die gesamentlike invloed van industrialisasie, globalisasie, sekularisasie en die Postmodernisme. Die isolasie as gevolg van die bewind van apartheid verskaf in 'n sekere sin 'n buffer sodat die NG Kerk die volle impak hiervan aanvanklik tot 'n mate vryspring. Sedert 1994 word Suid-Afrika egter ten volle deel van die wêreldgemeenskap en tref die volle impak van hierdie globale transisie ook die gemeenskap waaruit die lidmate van die NG Kerk grootliks bestaan. Die politieke oorgang na 'n volle demokrasie dra verder by tot 'n marginalisering van die NG Kerk binne die Suid-Afrikaanse konteks. Die gesamentlike impak van die wêreldwye

© University of Pretoria

paradigmatiese veranderinge en die nuwe sosiale orde het 'n verlammende en ontnugterende impak op die identiteit en leierskap binne die NG Kerk. Gemeentes kom toenemend finansieel onder druk. Saam daarmee verdwyn hul vermoë om die domineeskerk as enigste bekende model in stand te hou.

In hierdie lugleegte soek leiers in die NG Kerk desperaat na die herwinning van identiteit en fokus binne 'n nuwe sosiale orde. 'n Oorvloed literatuur uit die konteks van Noord-Amerika stroom die kerk binne as predikante desperaat hulp vind in nuwe paradigmas vir leierskap. Die professionele predikant as berader, tegnikus en bestuurder tree sterk na vore. Gemeentes eksperimenteer met leierleraars. Tegniese en strukturele vernuwinge in gemeentes is aan die orde van die dag. Binne 'n markgedrewe ekonomie tree predikante en gemeentes met mekaar in kompetisie ten einde markaandeel te verseker. Terwyl sommige van die groot voorstedelike gemeentes markaandeel wen, kwyn ander gemeentes wat nie oor die kapasiteit beskik om in hierdie mark mee te ding nie. Plattelandse gemeentes se vermoë om 'n leraar te bekostig word deur verstedeliking, kerkskeuring en sekularisasie geërodeer. Dit lei tot uitermate angs en spanning by die predikant wat in hierdie gemeentes in die bediening staan en voel dat hierdie mislukking die resultaat van sy eie gebrekkige tegniese vaardighede en vermoëns is.

Terwyl vele predikante steeds vasgevang is in die paradigma vir leierskap waarmee hulle opgegroei het en waarin hulle opgelei is, is daar ook diegene wat die ontnugtering en transisie omarm en soek na 'n nuwe Bybelse fokus en identiteit vir leierskap en vir die gemeente. Die SAVGG bied 'n unieke geleentheid aan predikante en gemeentes om saam te ontdek en te leer watter praktiese implikasies die *missio Dei* vir gemeentes, leiers en predikante inhou. Indien die predikant egter nie oor die kapasiteit beskik om hierdie reis na transformasie te omarm en aan te pak nie, bly die gemeente (en die predikant) vasgevang in die heersende model.

In 'n persoonlike onderhoud met Keifert (2012 Januarie) wys hy op sy kenmerkende manier daarop dat hy in sy jong dae in die bediening onbewus was van die enorme invloed wat hy as leraar in 'n gemeente uitgeoefen het. Mettertyd was hy verstom om te ontdek watter gesag hy in werklikheid in die gemeente gehad het: "...[M]ost of the time a pastor can kill it. Without must effort. It really doesn't take much effort! Isn't that something? I mean, I'm actually impressed! You know what, I was a pastor, I never thought I had that much power! I always thought: this place will be just fine with or without me! It's good to have me around... But, I mean, I'm not all thát

© University of Pretoria

critical. And now, after years working with congregations, I begin to realise: Wow! The power to kill...!"

In die lig van bogenoemde moet ons dus die *Reisgids vir Gestuurde Leierskap* (2009:ii,iii) toegee: die predikant is vanweë die posisie wat kultureel en histories in 'n gemeente aan hom toegeken word, inderdaad 'n bepalende faktor ten opsigte van die welslae van die reis. Indien die predikant om een of ander rede nie inkoop in die teologie en fokus van die proses nie, of nie aktief daarby betrokke is nie, of nie bereid is om te verander en dinge anders te begin doen nie, of nie oor die wil en kapasiteit beskik wat nodig is vir die ingewikkelde en veeleisende transformasie wat gevra word nie, is die proses by voorbaat tot mislukking gedoem. Die transformasie van die gemeente begin by die transformasie van die predikant self. Dit geld vir plattelandse en voorstedelike een-man gemeentes (familie- en pastor-grootte). Dit is ook waar van groot voorstedelike gemeentes (bedieningsgedrewe en makro-gemeentes) met twee of meer leraars. Indien die hele span nie in die proses inkoop nie, is die proses by voorbaat tot mislukking gedoem. "*And it really doesn't take much effort!*" (Keifert 2012 Januarie).

3.3.2. Die rol van die predikant in die SAVGG-proses.

Missionale leierskap setel nie in een persoon nie. Die Heilige Gees gee aan die geloofsgemeenskap 'n span leiers (gawes) wat saam die missionale gesag uitoefen vir die vorming van die geloofsgemeenskap as aankondiging en demonstrasie van God se beloofde en voorkeurtoekoms. Tog kan dit nie anders nie as dat die predikant in 'n hoofstroom-gemeente vanuit die funksie en gesag wat kerk-histories aan hom toegeken word (soos hierbo beskryf), 'n unieke funksie binne die span sal vervul nie. Ons het reeds die onderliggende beginsels vir missionale leierskap in die proses van die SAVGG onderskei. Ons volgende stap is dus om spesifiek te fokus op die rol van die *predikant* in die proses.

Die *Reisgids vir Gestuurde Leierskap* (2009:ii,iii) wys ter inleiding daarop dat die predikant op twee vlakke 'n kritiese rol vervul ten opsigte van die welslae of mislukking van die reis. Op *eerste vlak* is die rol van die predikant as *geestelike leier* onontbeerlik. Die reis na gestuurdheid is 'n geloofsonderskeidende reis. Gemeenskaplike geloofsonderskeiding is nie moontlik sonder persoonlike geloofsonderskeiding nie. Die inoefening van die basiese kapasiteite (kennis, houding, vaardigheid en oordraagbare gewoontes) waaroor die predikant as geestelike leier moet beskik ten einde hierdie geloofsonderskeidende reis te modelleer, geniet dus deurlopende

© University of Pretoria

aandag. Op 'n *tweede vlak* lê die rol van die leraar by die *begeleiding en bemagtiging van leiers en lidmate* vir hulle deelname aan die reis. Met "deelname" word bedoel dat eienaarskap vir die reis by die lidmate berus, en nie by die predikant nie. Die predikant se deelname beteken dus die bemagtiging van taakspanlede, leiers en lidmate vir die geloofsonderskeidende reis na gestuur-wees.

Ten einde die predikant op hierdie reis te begelei, ontvang elke leraar ter aanvang 'n *Reisgids vir Gestuurde Leierskap* (2009 SAVGG) met 'n verskeidenheid van hulpbronne:

- Artikels oor *gestuurde teologie*.
- *Praktyk- en proseswenke* om die gemeente en geestelike leiers te begelei om die gestuurde visie te beliggaam en nie net as teorie te bevorder nie.
- 'n Gids oor *geloofsvormende gewoontes* ten einde mekaar te help om telkens weer by God te begin.
- Riglyne vir 'n *gesonde spiritualiteit*. Gestuurdheid bring konflik en vra dat risiko's geneem word. Die rol van die geestelike leier (predikant) is om 'n ruimte te skep waarbinne die gemeente konflik en risiko's op 'n emosioneel gesonde wyse kan deurwerk.
- 'n Verskeidenheid van *programkomponente* wat die geestelike leier (predikant) kan gebruik in sy/haar begeleiding van die gemeente.

In aansluiting by bogenoemde hulpbronne wat aan leraars beskikbaar gestel word, word ook aanbeveel dat jaarliks 'n byeenkoms vir geestelike leiers gehou word. En elke predikant identifiseer 'n mentor wat hom/haar tussen vennootskapsbyeenkomste en leiersbyeenkomste deurlopend begelei in die proses van (eie) kapasiteitsbou.

Die rol van die predikant as geestelike leier word in agt punte omskryf (SAVGG Reisgids vir Gestuurde Leierskap 2009:25). Die volgende sleutelaspekte kan hieruit afgelei word:

1. Deelname aan die Taakspan – nie as leier nie, maar verkieslik as sekretaris ten einde die reis op koers te hou.
2. Persoonlike vorming deur gereelde beoefening van geloofsvormende gewoontes/geestelike dissiplines.
3. Die afrigting van die Taakspan en leiers om geloofsvormende gewoontes/geestelike dissiplines te beoefen.
4. Die skep van 'n gestuurde teologie en Christelike verbeelding by die Taakspan en leierskap tydens eredienste, Bybelstudie geleenthede en besoeke.

© University of Pretoria

5. Modellering van 'n leefstyl van gestuurdheid.
6. Verkort die lang lys van take wat gedoen moet word en fokus op gestuurdheid.

Uit bogenoemde wil dit blyk asof die bydrae van die predikant veral ten opsigte van vier sleutelareas van wesenlike belang is. Op 'n *eerste vlak* is die *persoonlike vorming* van die predikant van deurslaggewende belang. Soos reeds gesê begin die transformasie van die gemeente by die transformasie van die predikant. Die predikant modelleer in sy persoon en lewenspraktyk 'n leefstyl van gestuurdheid. Op *tweede vlak* is die predikant as bedienaar van die Woord en geestelike begeleier by uitnemendheid die skepper van 'n *gestuurde taal en verbeelding*. Die predikant lewer 'n belangrike bydrae om 'n gestuurde taal in die gemeente te skep en saam te begin droom van die alternatiewe toekoms wat in Christus deurgebreek het en waarvan die gemeente die aankondiger en demonstrasie is. Op 'n *derde vlak* is die predikant grootliks daarvoor verantwoordelik om *kapasiteit by die leierskap en gemeente in te bou* vir die geloofsonderskeidende reis na gestuurdheid. Die predikant neem nie eienaarskap vir die reis nie, maar verseker dat die Taakspan en leierskap op koers bly en oor die nodige kapasiteit beskik wat hiervoor nodig is. Op 'n *vierde vlak* fokus die predikant op die *vorming van die gemeente as missionale geloofsgemeenskap* wat in sy bestaan en optrede teken en instrument is van die komende ryk van God.

Elkeen van hierdie sleutelareas word vervolgens nader ondersoek.

3.3.3. Die persoonlike vorming van die predikant as missionale leier.

Verskillende navorsers lewer verskillende perspektiewe op die kombinasie van faktore wat bydra tot die vorming van missionale leiers (Guder 1998:212-214; Martoia 2007:99-110; Jamieson 2007:113-128; Easum 2007:207-217). Keifert (2012 Januarie) wys op die bekende spreuk van 'n Mennonitiese priester: "The transformation of the world begins with me. God takes care of the rest." Die persoonlike vorming van die predikant as missionale leier is dus die vertrekpunt vir die proses van gemeentetransformasie.

Die predikant is in die heel eerste plek geestelike leier wat 'n lewe van gestuur-wees leef en prakties demonstreer. Gestuur-wees is nie iets wat ons doen nie, maar God se werk in en deur ons. Ons leef dus met die verwagting dat God in ons daaglikse lewe en wêreld handelend teenwoordig is en dat Hy deur sy Gees in ons lewens intree om ons te vorm en deel te maak van sy sending na die wêreld. Die ontwikkeling van 'n eie geestelike

© University of Pretoria

radar of bewussyn van God se teenwoordigheid deur die daaglikse beoefening van geestelike dissiplines of geloofsvormende gewoontes is dus ononderhandelbaar.

Niemandt (2013:174-191) wys op die onmisbaarheid van 'n missionale spiritualiteit in die veranderingsproses wat so wesenlik deel van missionale leierskap is en verklaar: "Dit is onmoontlik om spiritualiteit, eerste volgelingskap en sending te skei. 'n Missionale lewe is om 'n dissipel te wees, en dit gaan hand aan hand met spiritualiteit." Missionale leierskap verg 'n dinamiese missionale spiritualiteit, wat beteken om in Christus te wees, of mens nou bid of werk of sommer net met die alledaagse dinge van die lewe besig is (Niemandt 2013:176,177). Missionale spiritualiteit behels 'n reis na binne en na buite. "Aan die een kant is dit 'n reis na jou innerlike wêreld. Dit is terselfdertyd ook 'n reis na buite, want dit gaan oor die leefwyse wat by hierdie reis pas. Innerlike verdieping lei tot 'n lewe van gestuurdheid." (Niemandt 2013:176).

Bogenoemde verklaar die herontdekking van eeue-oue geestelike dissiplines en geloofsvormende gewoontes in missionale geloofsgemeenskappe. Dissiplines en geloofsvormende gewoontes wat in die moderne era grootliks in hoofstroom kerke in onbruik verval het, word belangrike leesstof in gemeentes op weg na 'n herontdekking van hul missionale identiteit. Foster (2000 en 2008), Calhoun (2005), Nicol (2007), en Ackerman (2010) is in dié verband belangrike leesstof vir missionale leiers in hulle eie geestelike vorming en reis met God.

Die daaglikse en gereelde beoefening van geestelike dissiplines skep 'n klimaat vir leiers om in kontak te bly met die Bron van waaruit ons lewe; om God te ontdek in die daaglikse lewe en in voeling te kom met dit waarmee God besig is; en om sodoende deel te word van en opgeneem te word in God se beweging na die wêreld. Die inoefening hiervan begin by die predikant as geestelike leier in die gemeente. Indien die predikant hierdie dissiplines nie deel maak van sy/haar daaglikse roetine nie, ontneem hy/sy die Gees die geleentheid om hom/haar deur die Woord te vorm en 'n God-gesentreerde self-definisie te kweek ("a God-centred self-definition" – Keifert 2012 Januarie). So 'n predikant sal ook nie oor die geestelike energie, deursettingsvermoë en buigbaarheid beskik wat nodig is vir die lang en veeleisende reis met sy talle risiko's, mislukkings en uitdaginge nie. "Dit is nie moontlik om 'n missionale leier te wees as 'n persoon nie deur 'n diep deurleefde proses van innerlike persoonlike verandering gaan nie." (Niemandt 2013:178).

© University of Pretoria

3.3.4. Die predikant as skepper van 'n gestuurde taal en verbeelding.

Die predikant in 'n hoofstroomgemeente is by uitstek bedienaar van die Woord. Hy dra die verantwoordelikheid vir die prediking, die keuse en samestelling van Bybelstudies en hulpmiddele, leiding van vergaderinge en is verantwoordelik vir die kategetiese onderrig van dooplidmate. Ampshalwe is hy/sy dus by uitnemendheid draer van die evangelie tydens gemeentelike byeenkomste en dus 'n belangrike skepper van 'n Bybelse taal en identiteit vir die gemeente. "Taal skep werklikheid. Daarom is die manier hoedat ons oor die kerk en in die kerk praat van uiterste belang. Nuwe terminologie, nuwe maniere hoe geloof verwoord word, nuwe denke agter woorde en begrippe wat gebruik word skep nuwe werklikhede en fasiliteer transformasie." (Dreyer 2011:192). Hirsch & Ferguson (2011:96,97) bevestig: "In many ways we can say that words even define reality; change people's language, and you will in the end change their way of thinking."

Twee sleutelvaardighede word hierdeur veronderstel.

Vaardigheid in Skrifeksegese. Eksegetiese vaardigheid en 'n verantwoordelike hantering van die Skrif lê in die hart van die bediening. "At the heart of training must lie a thorough knowledge of Scripture, coupled with the exegetical skills to apply the Word of God to contemporary situation,..." (Gibbs & Coffey 2001:118). Dit gaan immers nie oor metodologie nie, maar 'n Bybels gesentreerde formasie van die kerk. Die missionale leier dra die verantwoordelikheid om toe te sien dat die geloofsgemeenskap getrou bly aan die evangelie en sy etos (Hirsch 2006:155).

Hierin is die hermeneutiese sleutel waarmee die Skrif gelees word, van wesenlike belang. My eie waarneming uit die praktyk is dat leraars dit moeilik vind om 'n missionale teologie in 'n hoofstroomgemeente te vestig. Die vraag word dikwels gevra: Hoe preek ek gestuurdheid? Indien die Bybel verstaan word as missionale geskrif (Bosch 1991:15,16), en die missionale fokus van elke teks in die eksegese en prediking gerespekteer en verreken word, word die spanning opgelos en dra elke preek by tot die vorming van 'n missionale taal en identiteit vir die gemeente. Die *missio Dei* bied die teologiese paradigma van waaruit ekklesiologiese denke en praxis voortvloei (Venter 2010:170).

Vaardigheid in kontekstuele eksegese. Niemandt (2009: 6-7) wys daarop dat 'n deeglike eksegese van die Skrif binne die Calvinistiese tradisie deurgaans beklemtoon word. 'n Missionale verstaan van die kerk binne die

© University of Pretoria

konteks van die *missio Dei* noodsaak 'n tweede vaardigheid wat ewe belangrik is - die vaardigheid om die konteks te eksegetiseer. "The work of God must be read and interpreted along with the word of God. Both are gospel narratives and each interprets the other." (Niemandt 2009:7). Hendriks (2004:27) beklemtoon eweneens die kontekstualiteit van missionale teologie: "Theology should study the global social, economic, political megatrends and how they influence our continent. What are the national and local realities with which we should deal? Asking these questions is part of the discernment process that accompanies the primary question: How we must participate in a triune God's missional praxis." Ook Gibbs (2005:10) wys daarop dat kerke wat nie daarin slaag om die tekens van die tye akkuraat te lees en te interpreteer nie, hul toekoms in gevaar stel. "Today's church leaders must be trained to observe and interpret cultural changes taking place throughout society." (Gibbs 2005:56).

3.3.5. Die predikant as skepper van kapasiteit.

Die primêre fokus van die reis van die SAVGG is om kapasiteit in kerkrade en gemeentes te bou vir die reis van geestelike vorming en onderskeiding. Met kapasiteit word bedoel kennis, vaardighede, houdinge, oordraagbare gewoontes. Die predikant as geestelike leier is primêr hiervoor verantwoordelik. As geestelike begeleier is hy verantwoordelik vir die afrigting van die Taakspan en leiers om geloofsvormende gewoontes en geestelike dissiplines te beoefen. Terselfdertyd bou die predikant die kapasiteit van leiers vir die reis van geestelike onderskeiding. Hierdie kapasiteit is nie in 'n enkele individu te vinde nie, maar veronderstel 'n span leiers wat gesamentlik oor die nodige gawes en vaardighede beskik. In die woorde van Van Kooten & Barrett (2004:139): "The Holy Spirit gives the missional church a community of persons who, in a variety of ways and with a diversity of functional roles and titles, together practices missional authority..."

Niemandt (2013:150,151; 2007a:126) wys daarop dat nadenke oor missionale kerk en missionale leierskap sterk beïnvloed word deur teologiese nadenke oor die Drie-eenheid van God. "Die kerklike lewe en leierskap moet iets wys van die lewe in die Triniteit, want dit vorm die raamwerk vir alle nadenke oor die Christelike lewe en die navolging van Christus. Net soos wat die Drie-enige God in verhouding bestaan, kan daar nie aan die kerk en leierskap in die kerk gedink word sonder om aan verhoudings te dink nie. Dit is deel van die DNS van die kerk. ... Leierskap verskuif van die een wat beheer na die een wat saamwerk en samewerking bewerk" (Niemandt

© University of Pretoria

2013:150,151; 2007a:128-131). Niemandt (2013:150,151) praat dus van missionale leierskap as "netwerkleierskap", of "spanleierskap", of "*connective leadership*", of (in navolging van Terri Elton) van die "dans van leierskap. "Leiers is nie eensame eksperts wat probleme alleen oplos nie. Leiers is sameroepers van almal wat deur die uitdaging geraak word, konvenors van 'n dansparty." (Niemandt 2013:152).

Die vorming van gelowiges sodat hulle binne die raamwerk van die *missio Dei* bewustelik in God se teenwoordigheid kan lewe en sodoende bemagtig word vir hulle roeping, is eweneens 'n wesenlike aspek van missionale leierskap (Easum 2007:214). "In the future, all leadership will be less 'informative' and more 'formative'." (Sweet 2004:37). Sweet (2010) en Hirsch (2010) bied waardevolle insette ten opsigte hiervan. Vanuit die Suid-Afrikaanse konteks verskyn deurgaans nuwe materiaal wat daarop gerig is om leiers van gestuurde gemeentes te help om dié soort gewoontes by gemeentes in te oefen wat ten grondslag lê van 'n gestuurde leefwyse (Sien byvoorbeeld van Wyk, Marais & Simpson 2009 en 2011). Ook gemeentes op grondvlak eksperimenteer met die inoefening van geloofsvormende gewoontes ten einde 'n gestuurde leefstyl in pas met die gestuurde roeping van die gemeente te vorm. (Byvoorbeeld Nel 2011 Junie – NGK Doornpoort; en Cordier, Fourie & Oliver 2011 - NGK Randfontein-Noord).

Die oordrag van gesag vanaf die solo pastor na die geloofsgemeenskap is dus 'n wesenlike funksie van die predikant as missionale leier (Mead 1996:1-15; Niemandt 2013:56,57, 167-173; Hirsch & Catchim 2012:210; Van Gelder & Zscheile 2011:155-157). Gibbs & Coffey (2001:89) praat van "permission-giving leadership" en haal vir Slocum aan: "...[T]he issue is not 'how to get the laity involved in the ministry of the church', but 'how to get the church involved in the ministry of the laity'!" Lombaard (2007:160) stel sit so: "Dit gaan oor die uitdeel van die bediening! Dit gaan oor vertroue, oor bemagtiging, en oor bediening in sy wese: Dit gaan oor *spanbou*. Oor die bediening *deur* ander mense, en nie net *aan* ander mense nie." "Missionale leierskap is 'n dans van leierskap, 'n kommunale aangeleentheid, waar die hele gemeente deelneem aan God se beweging. Dit vra om die herontdekking van die amp van die gelowige." (Niemandt 2013:168).

Niemandt (2007a:104-111) wys daarop dat ook die Reformasie nie daarin kon slaag om die teologie van die priesterskap van alle gelowiges in die praktyk te laat grondvat nie. Hy haal vir Eddie Gibbs aan wat sê dat terwyl die priester van die altaar na die kansel beweeg het, die lidmate steeds

© University of Pretoria

onbeweeglik in die banke bly sit het. “Ontluikende kerke is vasbeslote om lidmate te help om nie ’n verbruiker van geestlike *dienste* te wees nie, maar ’n deelnemer aan kerklike diensbaarheid.” (Niemandt 2007a:105). Die uitdaging om in ’n komplekse samelewing werklik ’n volledig deelnemende kerk te wees, is nie maklik en vereis onder andere dat die skeiding tussen kerk en wêreld oorbrug word (Niemandt 2007a:107); leraars en leiers ’n totaal nuwe rol sal opneem, naamlik om elke lidmaat te aktiveer en te bemagtig om soos suurdeeg oral ’n verskil te kan maak; en om ook die fokus van die erediens te verskuif en lidmate te bemagtig om verantwoordelikheid te neem vir die eredienste. Dit beteken dat ruimte geskep word vir die hele geloofsgemeenskap om deel te neem aan die erediens deur lidmate aktief te betrek by liturgiese handelinge; geleenthede geskep word sodat lidmate hulle verhale kan vertel, want dit roep die herinnering aan God se teenwoordigheid in sy kinders op; die monologiese aard van die erediens omskep word in ’n dialoog en deelname; lidmate betrek word by die voorbereiding en beplanning van die erediens; ruimte geskep word vir alle ouderdomme om saam te aanbid; en die gemeente sodoende omvorm word vanaf arbeidsveld tot arbeidsmag (Niemandt 2007a:108-11).

3.3.6. Die predikant en die vorming van missionale geloofsgemeenskappe.

Indien die predikant as missionale leier wil slaag, is vaardigheid in die vorming en transformasie van geloofsgemeenskappe belangrik. “We need to move form a *transactional* to a *formative* leadership model.” (Gibbs 2005:33). Dit sluit vaardighede in wat nodig is vir die transformasie van *bestaande geloofsgemeenskappe* sowel as kennis van en openheid vir die formasie van *nuwe vorme van geloofsgemeenskappe (*Easum 2007:2008-212).

Missionale leierskap is in wese leierskap in transisie. Dit geld in die besonder vir die predikant in ’n hoofstroomgemeente. Enersyds staan hy saam met die geloofsgemeenskap op die onseker brug tussen die ou tyd (modernisme, Christendom) en die ontluikende nuwe tyd (postmodernisme, sekularisasie, globalisasie, individualisme). Terselfdertyd is hy saam met die gemeente op weg in die soeke na ’n nuwe identiteit en selfverstaan binne die raamwerk van die *missio Dei*. Hiervoor het leiers unieke vaardighede nodig ten opsigte van die organisatoriese ontwikkeling en bestuur van komplekse sisteme (Guder 1998:209). Leiers moet baie spesifieke vaardighede, houdinge, kennis en gewoontes bemeester indien hulle daarin wil slaag om ’n doelbewuste en volhoubare transformasie in die kultuur van

© University of Pretoria

die gemeente te bewerkstellig (Marais 2010:25-50; Niemandt 2010a:8-17 en 2010c:7).

Martoia (2007:102,103) vergelyk leierskap in transisie met die sweefstokarties. In die oorgang vanaf die een sweefstok na die ander moet hy bereid wees om die oue te laat los. Leierskap in transisie beteken dus om met onsekerheid te leef. Dit behels die bereidheid om in die tussentyd te leef en die nuwe te koester terwyl die oue steeds in stand gehou word. In hierdie tussen-in fase is dit nie altyd belangrik om die regte antwoorde te ken nie, maar eerder om die vermoë te hê om die regte vrae te kan vra (Niemandt 2007b:61,158-159).

Alhoewel hierdie navorsing fokus op die transformasie van bestaande geloofsgemeenskappe in hoofstroomkerke, is nuwe gemeentevorming 'n saak wat deurlopende aandag verdien. "It is often observed that starting new congregations with a missional imagination and posture is easier than reorientating existing ones. This is so in part because the process of planting a new church is inherently missiological and open ended." (Van Gelder & Hirsch 2011:161). Deurlopende navorsing word dan ook gedoen ten opsigte van die vorming van *nuwe en vars uitdrukkinge* van geloofsgemeenskap in die veranderende konteks waarin die kerk hom tans bevind. Een voorbeeld hiervan is die Church of England se navorsing en eksperimentering ten opsigte van kerkplanting en vars uitdrukkinge van kerk-wees in die veranderende konteks in Engeland (The Archbishops' Council 2004; Cray, Mobsby & Kennedy 2010; Cray & Mobsby 2012). "Kerkplanting" verwys in dié verband na die dissipline om nuwe geloofsgemeenskappe te skep as deel van God se sending en sodoende uitdrukking te gee aan God se koninkryk in elke geografiese en kulturele konteks (The Archbishops' Council 2004:xii). Die fokus val op nuwe uitdrukkinge van geloofsgemeenskap, maar kan ook uitdrukkinge wees van bestaande geloofsgemeenskappe se soeke na 'n missionale identiteit. Breen & Absalom (2010) bied 'n verdere voorbeeld. Hulle fokus daarop om gemeentes te bemagtig om missionale groepe van tussen twintig en vyftig te vorm (nie groter as sewentig nie) wat die spesifieke fokus het om 'n bepaalde gemeenskap of netwerk van verhoudinge te bereik. Hierdie middeslag-grootte gemeenskappe ("congregations") word deur lidmate gelei en vergader verskeie kere elke maand formeel en informeel in die missionale konteks waarbinne die groep geroep en gestuur is. Wat ook al die benadering wat gevolg word, die fokus is en bly dieselfde: om gelowiges en gemeentes te bemagtig om te eksperimenteer met nuwe en vars

© University of Pretoria

uitdrukkinge van geloofsgemeenskap in elke geografiese gebied en konteks.

Dit is insiggewend dat die gesprek oor nuwe gemeentevorming ook in die Protestantse kerk in Nederland gevoer word. Dekker (2011) se benadering tot missionale kerk is sterk gefokus op die herontdekking van die historiese waardes van die reformasie en bevat geen literatuurverwysings na missionale literatuur buite die Europese konteks nie. Tog wy hy 'n hele hoofstuk (2011:157-171) aan die gesprek oor die stigting van nuwe gemeentes. Hy verklaar: "Het is in ieder geval een zeer opmerklijke ontwikkeling in de recente Nederlandse kerkgeschiedenis dat 'gemeentestichtingsprojekte' een hoge vlucht hebben genomen. Twintig jaar geleden zou niemand het voor mogelijk hebben gehouden dat de traditionele kerken hier serieus mee aan de slag zouden gaan, maar in het eerste decennium van de eenentwintigste eeuw is de 'missionaire gemeenschapsvorming' ook binnen de gevestigde kerken een belangrijk thema." (Dekker 2011:157). Na my mening sal die hoofstroomkerke in Suid-Afrika (in besonder die NG Kerk) hierdie verlore vaardigheid om nuwe geloofsgemeenskappe te vorm, dringend moet herontdek.

Hirsch & Catchim (2012:118-136) ondersoek die wese van die Nuwe Testamentiese apostolaat en bied 'n interessante perspektief op missionale leierskap en die onderskeid tussen die *transformasie van bestaande geloofsgemeenskappe* en die *vorming van nuwe missionale geloofsgemeenskappe*. In aansluiting by Scoggins onderskei Hirsch & Catchim twee funksionele modelle van apostolaat binne die Nuwe Testament: *Pauliniese apostelskap* fokus op die transkulturele vorming van nuwe missionale geloofsgemeenskappe, terwyl *Petriaanse apostelskap* neig om bestaande geloofsgemeenskappe te mobiliseer ten einde missionaal te kan wees en bly. "...[T]here is an apostolic ministry to the unreached (the Pauline), but there is also an apostolic ministry to the existing people of God (the Petrine)." (Hirsch & Catchim 2012:124). "This is particularly important when we consider that a good portion of the work that is needed in Western contexts is corrective and relates to internal, more distinctly relational issues that are likely to be more the jurisdiction of the Petrine apostle. Although the Pauline apostle is likely to extend Christianity and start new movements on new frontiers of the church, the Petrine apostle is likely to be the one to remissionalize the church as we experience it." (Hirsch & Catchim 2012:120,121). Die verskillende variante as differensiasie binne die breëre fokus van die apostoliese bediening word

© University of Pretoria

deur Hirsch & Catchim (2012:121-136) in die res van die hoofstuk verder ondersoek en uitgewerk.

3.3.7. Kernkapasiteite vir die predikant - Twee antwoorde uit die praktyk.

Twee antwoorde uit die praktyk oor kernkapasiteite vir die predikant as missionale leier binne die SAVGG sluit hierdie afdeling af.

Tydens 'n evaluering in September 2010 na die voltooiing van die drie-jaar lange proses van die SAVGG deur 'n groep gemeentes aan die Wesrand is die volgende vraag aan die betrokke leraars gevra: *Watter vaardighede beskou julle as wesenlik vir die vorming van 'n missionale gemeente?"* Hulle antwoord:

Predikante is opgelei vir die bediening in die "clergy"-model. Nuwe vaardighede ten einde binne 'n gestuurde model te funksioneer, moet dus aangeleer en gevestig word. Dit sluit die volgende in:

- Vaardighede om prosesse te bestuur is belangrik. Hoe skuif ek 'n herder-kudde gemeente na 'n gestuurde gemeente?
- Vaardighede om blokkasies te oorkom.
- Praktiese vaardighede in die vorming van 'n leefwyse van navolging van Christus (dissiplines vir lewensvorming).
- Vaardighede in die vorming van missionale (visionêre?) denke by die kerkraad en gemeente.

Op 28 Januarie 2012 wys Prof Pat Keifert (2012 Januarie) in 'n persoonlike onderhoud daarop dat navorsing oor die kapasiteite waaroor 'n predikant moet beskik ten einde die proses in 'n gemeente te begelei, huidiglik in 'n voorlopige stadium is. Sy eie aanvoeling is dat die volgende ten opsigte van die vorming van die predikant as missionale leier binne die SAVGG kern-belangrik is:

- Die vorming van 'n Christus-gesentreerde identiteit ("Christ-centred identity") deur die persoonlike inoefening van daaglikse dissiplines en geloofsvormende gewoontes is wesenlik vir die reis na gestuurdheid.
- Die kapasiteit om te luister ("to listen others into free speech").
- Die kapasiteit om risiko's te neem.
- Die kapasiteit om te misluk "and to get up right again".
- Die kapasiteit om bogenoemde aan ander te leer. "And to teach that to others" is die nie-weglaatbare agtervoegsel by elk van die bogenoemde kapasiteite.

© University of Pretoria

3.4. DIE MISSIONALE LEIER – RESENTE NAVORSING VANUIT DIE MISSIOLOGIE.

Missionale kerk-wees en -leierskap is tans wêreldwyd in die brandpunt van nadenke oor die kerk. Omvangryke navorsing word gedoen en nuwe literatuur verskyn deurlopend. Vanuit Noord-Amerika en Kanada is Roxburgh (2005, 2006, 2009, 2010, 2011), Hirsch (2006, 2010, 2011, 2012), Sweet (2004, 2007, 2010, 2012), Gibbs (2001, 2005, 2006), van Gelder (2007, 2009, 2011) en McLaren (2006) onder andere leidende teoloë op die gebied van missionale leierskap. In Engeland word opwindende eksperimente deur die Church of England en Methodist Church gedoen met die vorming van nuwe en vars uitdrukkinge van kerkwees met die oog daarop om nie-lidmate van die kerk te bereik in die konteks waarbinne hulle leef (The Archbishops' Council 2004; Cray, Mobsby & Kennedy 2010; Cray & Mobsby 2012). Graham Cray is die leier van die *Fresh Expressions team*. Uit Nederland lewer Brouwer (2009), Heitink (2007) en Dekker (2011) belangrike bydraes tot die gesprek. In die Suid-Afrikaanse konteks is Niemandt (2007a, 2007b, 2009, 2010a, 2010b, 2010c, 2012a, 2012a, 2013), Hendriks (2004, 2009), Marais (2007, 2007b, 2009, 2006 Jan., 2010, 2010 Jan., 2011 Okt.), Burger (1995, 1998, 2005), Smit (1995 red.) en Joubert (2011) belangrike stemme in die vorming van missionale leiers.

Roxburgh (2005, 2006 en 2010) werk in noue verband met die Gospel and our Culture Network (GOCN) en fokus sy navorsing op die bemagtiging van leiers in bestaande geloofsgemeenskappe ten einde die uitdaginge van diskontinue verandering te hanteer en gemeentes te vorm wat as missionale geloofsgemeenskappe fokus op die verspreiding van die evangelie in die omliggende gemeenskappe. Sy navorsing is dus vir ons doel van besondere belang ten einde 'n antwoord op die navorsingsvraag en -hipotese te kan gee.

3.4.1. The Sky is falling?! Leaders lost in Transition. (2005).

The Sky is falling?! Leaders lost in Transition (2005) fokus op die impak van transisie op gemeenteleiers. Roxburgh onderskei wesenlik twee reaksies op die uitdaginge van die tyd: "Liminals" is leiers uit 'n vorige era wat op die drumpel staan van die ontluikende nuwe toekoms en vra: Hoe lei ek 'n gemeente deur hierdie massiewe en diskontinue verandering terwyl sommige terughunker na 'n stabiele verlede en ander op soek is na 'n radikaal alternatiewe toekoms? "*Emergents*" definieer Roxburgh as 'n jonger generasie leiers wat nooit iets anders as verandering geken het nie, vol hoop en verbeelding is, maar die gevaar loop om die foute van die

© University of Pretoria

verlede te herhaal en hulleself afvra: Watter vaardighede en bronne het leiers nodig om missionale geloofsgemeenskappe van Jesus te vorm waar mense sukkel om te oorleef in 'n verwarrende, turbulente "risk society"? (2005:33). Sy boek is 'n poging om die uitdaginge waarvoor beide groepe staan te omskryf en 'n dialoog tussen die twee groepe te fasiliteer vanuit die oortuiging dat, sonder dialoog tussen dié twee groepe, dit nie moontlik sal wees om aard van die gemeenskappe wat God wil skep, te kan onderskei nie (2005:22). Roxburgh stel veilige ruimtes voor ("communitas") waarbinne gesprek moontlik is en die diversiteit van leierskap wat vir hierdie transisie nodig is, gekweek en gevorm kan word (2005:158-187).

3.4.2. The missional leader. Equipping your church to reach a changing world. (2006).

The missional leader. Equipping your church to reach a changing world (2006) is vir ons doel waarskynlik Roxburgh (saam met Romanuk) se mees relevante werk. Die vraag is: Hoe transformeer ons vanaf 'n verbruikers-model van kerk-wees na 'n kerk wat wesenlik missionaal is? Of: hoe bring ons so 'n kerk in geboorte as onsself nooit in een betrokke was nie? (2006:xiv). Roxburgh & Romanuk poog om die sleutelaspekte vir missionale leierskap te onderskei en 'n weg aan te dui vir die navigasie van die transformasieproses.

Deel 1: Die konteks en uitdaging van missionale leierskap

In *deel een* (2006:3-108) fokus Roxburgh & Romanuk op die konteks en uitdaginge van missionale leierskap. Gemeentes funksioneer in 'n samelewing waarin massiewe onreëlmatige verandering op alle vlakke plaasvind. Diskontinue of onreëlmatige verandering is *die* nuwe norm (2006:6-9; 65-67). Hierdie verandering bring mee dat baie van die vroeëre reëls en aannames vir kerkleierskap hersien en herskryf moet word. Dominante metafore vir gemeentelike leierskap is of dié van die predikant as *pastor* of dié van die predikant as *entrepreneur* (2006:26-27). Die vaardighede van pastorale leierskap waarin meeste predikante opgelei is, is in 'n tyd van diskontinue verandering nie meer effektief nie. Die nuwe situasie vereis vaardighede wat nodig is om gemeentes in 'n missionale eerder as pastorale omgewing te begelei. Hiervoor het leiers nuwe kapasiteite en nuwe verwysingsraamwerke nodig (2006:10-13). Terselfdertyd kan die gemeente as geloofsgemeenskap nie as 'n besigheidsonderneming hanteer en bestuur word nie. Strategiese beplanning en ander sodanige modelle kan die gemeente weglei daarvan om 'n getroue getuie van God se sending in ons kultuur te wees

© University of Pretoria

(2006:13,14). Nie een van bogenoemde twee metafore van leierskap (soos dit huidiglik toegepas word) kom in praktyk ooreen met die Bybelse model van leierskap nie.

Roxburgh & Romanuk (2006:27-35) stel 'n alternatiewe metafoor vir die missionale leier voor: die missionale leier as *kultiveerder* van 'n omgewing waarin God se handelinge in die gemeente en konteks onderskei kan word. Hierdie model wil die gemeente as Godsvolk ernstig vat en fokus dus op die ontwikkeling van die gawes en vermoëns van diegene wat reeds in die gemeente is.

Die volgende vier elemente is betrokke in die proses van kultivering:

- *Kweek bewustheid ("awareness") en begrip ("understanding").* Die missionale leier benodig die nodige vaardighede om drie soorte bewuswording in die gemeente te kweek: 'n bewussyn van wat God besig is om in die gemeenskap en gemeente te doen; 'n bewussyn van wat God in en deur die geloofsgemeenskap kan doen; en 'n bewussyn van wat God reeds besig is om in die konteks waarbinne die gemeente is, te doen.

- *Kweek netwerke vir gesamentlike leer ("colearning").* Om die missionale verbeelding van die gemeente te ontsluit, is dit nodig om geleenthede te skep waarbinne lidmate ruimte het om saam te eksperimenteer.

- *Kweek vars maniere om met die Skrif te verbind ("engage").* Die Skrif word dikwels misbruik vir die bereiking van eie doelwitte, in plaas daarvan om dit te hanteer as die verhaal van God se teenwoordigheid wat ons lewens rig en vorm.

- *Kweek nuwe praktyke, gewoontes en norme*. Die kweek van 'n missionale omgewing gaan nie bloot oor programme en tegnieke nie, maar oor die vorming van 'n gemeenskap waarin die gewoontes en praktyke van 'n Christelike lewe gestalte kry.

Missionale leiers verstaan en ontwikkel die kapasiteit om 'n nuwe kultuur in die gemeente te skep. Roxburgh & Romanuk (2006:25-26) wys op Heifetz se onderskeid tussen *organisatoriese* verandering en *kulturele* verandering. Organisatoriese verandering het ten doel om effektiwiteit te verhoog. Kulturele verandering poog om die onderliggende waardes en paradigmas te verander deur byvoorbeeld die fokus te verskuif vanaf die behoeftes van die self en die groep na God.

© University of Pretoria

Drie Zone Model van Leierskap

Roxburgh & Romanuk (2006:37-60) se Drie Zone Model vir Leierskap is daarop gerig om gemeenteleiers te help om die dinamika ten grondslag van die huidige krisis van kwynende geloofsgemeenskappe te verstaan. Hulle poog om met hierdie model 'n raamwerk te skep wat: 1. Leiers help om die aanpassende veranderinge in leierskapstyl te verstaan wat in tye van onreëlmatige verandering nodig is; 2. Die vaardighede en bevoegdhede te identifiseer wat in elke zone nodig is; en 3. Gemeentes help om hulle eie posisie (location) te midde van massiewe verandering te verstaan.

Diagram 3.5 illustreer die drie verskillende sones van organisatoriese kultuur wat gemeentes en denominasies op verskillende tye vorm.




Diagram 3.5

Die ontluikende zone gemeente. In hierdie zone is gemeentekultuur een van maksimale innovasie en kreatiwiteit in verhouding tot sy konteks. In die boonste segment van hierdie zone is hierdie 'n tydperk van aanpasbaarheid, eksperimentering, kreatiwiteit en kollektiewe intelligensie. Leierskap kweek ("cultivate") 'n omgewing waarin die geloofsgemeenskap saam oor God se nuwe toekoms droom eerder as dat dit deur 'n leier geïdentifiseer word. In die onderste segment van hierdie zone (eksperimentering) begin die gemeente uit die fase van ontluikende kreatiwiteit uitbeweeg. Nuwe gewoontes en strukture begin ontwikkel vanuit 'n behoefte om vorm en orde te gee aan dit wat besig is om te ontluik. Leierskap is betrokke by die ontwikkeling van strukture, gewoontes en praktyke wat die gemeente toelaat om sy betrokkenheid by sy omgewing te reguleer, terwyl gepoog word om die spanning tussen ontluikend en vaslegging ("embedding") te bly handhaaf. Leierskap in hierdie fase (2006:44,45) kom in

© University of Pretoria

wese neer op 'n leierskap wat ruimte skep vir eksperimentering, innovasie en mislukking en informele netwerkvorming sodat nuwe vorme van selfverstaan en betrokkenheid by die omgewing kan ontluik.

Die presterende zone gemeente. Gemeentes in hierdie zone beweeg vanaf die ontluikende periode van kreatiwiteit en aanpassing na 'n periode waarin die gemeente in staat is om die uitdaginge van die omgewing te hanteer. Die fokus val nou op die ontwikkeling en oordrag van vaardighede wat die gemeente suksesvol gemaak het. Gemeentes in hierdie zone groei nie soseer uit die konteks nie, maar eerder deur persone wat van gemeente verander. 'n Presterende kultuur vereis stabiliteit en kontinuïteit en vaar nie goed in tye van onreëlmatige verandering nie. Ten opsigte van leierskap in die boonste segment van hierdie zone (2006:47) is oorgelewerde vaardighede, gesentraliseerde strategiese beplanning, beheer en kontrole, komitees in plaas van netwerke, gespesialiseerde rolle en programme die norm. Die onderste segment van hierdie zone word later bespreek.

Die reaktiewe zone gemeente. Hierdie zone beskryf wat met 'n gemeente uit die presterende zone gebeur as dit met onreëlmatige verandering te doen kry.

Boonste segment. Skielik is die gewoontes en vaardighede waaraan leierskap gewoond is, nie meer toepaslik om die uitdaginge te hanteer nie. Die gevolg is verwarring, angs en konflik. Leiers reageer deur harder te werk met al minder hulpbronne wat hulle ondersteun ten einde groter effektiwiteit te verseker. Regulering word dikwels gebruik om beheer te behou. Die gevolg is 'n verlaging van produktiwiteit, verlies aan kreatiwiteit en groeiende stres.

Krisis. Geleidelik groei die besef dat die regulatoriese, prestasiegerigte benadering nie in staat is om die agteruitgang om te keer nie en bevind die gemeente homself in 'n krisis. Hierdie krisis manifesteer op verskillende maniere: angs en ongeduld met die leierskap se onvermoë om die situasie te hanteer, subtiele interne twis, partyskappe en etikettering, gebruik van ordes om beheer te behou, en onttrekking van lidmate en leiers.

Onderste segment. Die onderste segment van hierdie zone word gekenmerk deur 'n uiterste verwarde en ontmoedigde gemeente. Vir leiers in hierdie fase is daar veral twee uitdaginge: 1. Begrip vir die feit dat die uitdaginge nie langer deur vroeëre antwoorde, metodes en aannames uit die presterende zone aangespreek kan word nie; en 2. Insig dat die onstabiliteit en krisis van die reaktiewe zone nie opgelos nie, maar hanteer moet word. 'n Reaktiewe zone krisis is 'n tyd van oorgang ("transition") waarin die besef deurdring dat die verlede nie herstel kan word nie, terwyl daar nog nie sekerheid is oor hoe die nuwe

© University of Pretoria

toekoms moet lyk of geskep kan word nie. Leiers moet die versoeking weerstaan om met groot oplossings vorendag te kom en eerder die ruimte en sekuriteit skep sodat mense tot dialoog en betrokkenheid ("engagement") uitgenooi kan word. Leierskap vereis in hierdie fase 'n kombinasie van presterende en lerende organisatoriese vaardighede (2006:55).

Oorgangsfase organisasies: The presterende onderste zone. Sodra die krisis in die reaktiewe zone 'n kritieke vlak bereik, is daar vir die gemeente 'n paar opsies. 1. Om in die toestand van 'n krisis te bly en mettertyd te sterf. 2. Om 'n leier te soek met 'n groot visie en strategie. 3. Om die presterende onderste zone binne te gaan met die potensiaal om die gemeente uit te nooi om opnuut te leer hoe om nuwe maniere te ontdek van wat dit beteken om God se gemeente te wees. Laasgenoemde vra 'n bewuste keuse om die moeilike roete deur die onderste presterende zone aan te pak. Op hierdie punt is daar beduidende polarisasie in die gemeente: Een groep vereis radikale optrede en innovasie met 'n betekenisvolle skuif in leierskap en rigting. 'n Ander groep hou vas aan elemente uit die tradisie en verlede waardeur die gemeente gevorm is. Die uitdaging vir leierskap is om nie die spanning te probeer verlig deur een kant toe te laat om die agenda te bepaal nie, maar om beide kante uit te nooi om met mekaar in dialoog te tree. Dis uit hierdie spanning, wat met die hantering van polariteit gepaard gaan, dat die potensiaal vir kreatiwiteit en die ontluiking van nuwe lewe vanuit die gemeenskap self opgesluit lê. Dis egter nie 'n noodwendige of evolusionêre proses nie; die gemeente en sy leiers moet 'n bewustelike keuse maak om op hierdie weg te gaan. In hierdie periode is oorgangsleierskap nodig. Leierskap in hierdie fase neem die verandering sowel as transisie (reaksie op verandering) in ag. Die eerste taak van die leier is dus om ruimtes van veiligheid en stabiliteit te skep sodat luister en nuwe leer kan plaasvind. Terselfdertyd werk die leier met die simbole, ervaringe en verhale waardeur die realiteit van God se teenwoordigheid gekommunikeer word en 'n omgewing van luister en dialoog gekultiveer word.

Roxburgh & Romanuk (2006:59-60) vat saam met vyf basiese beginsels vir leierskap in tye van missionale transformasie: 1. Geen organisasie kan vir altyd in die presterende zone bly nie. Een of ander tyd verander die konteks sodanig dat bestaande programme, vaardighede en bronne nie meer toepaslik is nie. 2. Die tyd van reëlmatige verandering is verby. Onreëlmatige verandering is die norm. Nuwe paradigmas is nodig en die uitkoms is onbekend. 3. Gemeentes kán die aanpassings maak wat nodig is in tye van onreëlmatige verandering. Die sleutel tot missionale verandering is die innovasie van 'n aanpassende ("adaptive") kultuur. 4. Aanpassende verandering vind plaas indien 'n ontluikende zone kultuur gekweek word. Dit behels die vermoë om meervoudige

© University of Pretoria

eksperimente op die rand van die gemeente te skep en hulle dan met mekaar te verbind om 'n omgewing van saam-leer te skep. Dis 'n van-onder-af proses eerder as van-bo-na-onder. 5. Die kweek van 'n missionale gemeente vereis nuwe leierskapsvaardighede en -kapasiteite.

Deel 2: Die Missionale leier

Nadat Roxburgh en Romanuk in deel een die konteks en uitdaginge van missionale leierskap aangedui het, fokus *deel twee* (2006:111-182) op die *sleutel gereedheidsfaktore* wat hiervoor nodig is.

Roxburgh en Romanuk (2006:116-124) pleit vir 'n definisie van leierskap wat rekening hou met die unieke *telos* van leierskap binne die geloofsgemeenskap. In die vroeë kerk was die primêre taak van die leier gesien as die vorming van 'n gemeenskap in die lig van die spesifieke waardes, gewoontes en praktyke wat voortvloei uit 'n betrokkenheid ("engagement") met die Skrif. (Tertullianus word deur Roxburgh en Romanuk as voorbeeld aangehaal). Die fokus was dus op die vorming van 'n alternatiewe gemeenskap waarin God se toekoms gedemonstreer word. Die Christendom era bring egter 'n verskuiwing mee sodat leierskap al meer fokus op oorsig oor die ortodoksie, behoorlike administrasie van die sakramente en die regulering van private en geestelike praktyke wat toenemend verwyderd raak van 'n Bybelse verstaan van die gemeente as *ecclesia*.

Die inkarnasie lê ten grondslag van 'n Bybelse verstaan van leierskap. In die inkarnasie ontmoet God ons in die konkreetheid van 'n spesifieke tyd, plek en kultuur. Enige onderskeid tussen die geestelike (of innerlike) en materiële (Gnostici), die praktiese en spirituele, of die private en publieke lewe word deur die inkarnasie afgewys. Die inkarnasie dwing ons om die hele lewe te sien vanuit die perspektief van God se openbaring in Jesus Christus. Missionale leierskap gaan oor die vorming van 'n gemeenskap wat: 1. 'n *getuie is van God se handeling in Jesus Christus*, "We are not called Christians because of what we believe, but because we have been called to be disciples of Jesus. To become a disciple is not a matter of a new or changed self-understanding, but rather to become part of a different community with a different set of practices." (2006:123) 2. en *in hulle lewe as geloofsgemeenskap saam die aard van God reflekteer*. "The church was the sign, witness, and foretaste of God's life in the future of all creation." (2006:123)

Binne hierdie konteks kan enige leier in beginsel die gereedskap en vaardighede bekom wat nodig is vir missionale transformasie. Missionale transformasie vereis

© University of Pretoria

'n kombinasie van persoonlike leierkapseienskappe en spesifieke gereedheids-faktore. Roxburgh en Romanuk onderskei vier areas wat interafhanklik is (Sien diagram 3.6).




Diagram 3.6

***Self*. Die karakter van die missionale leier.**

Die self-identiteit en karakter van die missionale leier lê ten grondslag van die totaliteit van vaardighede en kapasiteite wat nodig is vir die kultivering van die missionale transformasie van die gemeente (2006:141). Die karakter (self-identiteit) van 'n missionale leier bestaan uit vier kwaliteite (2006:126-141): 1. *Persoonlike volwassenheid* word gevorm deur drie boustene: *Teenwoordigheid* by jouself en ander, *outentisiteit,* wat te doen het met betroubaarheid ("consistency") en kongruensie tussen woord en optrede, en 'n *self-bewussyn* wat ruimte laat vir persoonlike evaluasie; 2. *Konflikhantering* – missionale leiers behoort gereed te wees om konflik te skep wat mense help om anders te dink, die konflik te benoem en die oplossing daarvan te fasiliteer. 3. *Persoonlike waagmoed* is nodig ten einde in staat te wees om die regte ding te doen wanneer dit moeilik en ongemaklik is en om die persoonlike gevolge te aanvaar wat daarmee gepaardgaan om die gemeente uit bekende gewoontes en patrone na 'n alternatiewe toekoms te begelei; en 4. *Vertroue* is die gom wat 'n

© University of Pretoria

gemeenskap in staat stel om in moeilike tye vorentoe te beweeg. Vertroue vereis ooreenstemming tussen optrede en karakter.

***Mense*. Vorming van die volk van God vir 'n missionale toekoms.**
Leiers skep die moontlikheid vir die vorming van 'n missionale gemeente na die mate waarin hulle daarin slaag om hierdie proses in ander te laat ontluik. Hiervoor is vier spesifieke vaardighede nodig (2006:143-164): 1. *Kweek 'n missionale verbeelding*. Leiers kweek 'n missionale verbeelding deur te luister na en te konnekteer met die kollektiewe stories, vrese, belange en drome van die gemeente oor wie hulle is en waarheen God hulle lei, en die gemeente dan te konnekteer met die Bybelverhale en hulle uitnooi om nuwe vrae oor hulleself te vra en so God se toekoms vir hulleself te ontdek. 2. *Kultiveer groei*. Ruimte vir groei word geskep deur die inoefening van gewoontes en praktyke wat ruimte skep vir die ontwikkeling van 'n Christelike identiteit en gelowiges help om te onderskei hoedanig ons gevorm word deur gewoontes wat 'n Christelike leefstyl ondermyn. Hierdie praktyke en gewoontes sluit in: daaglikse Skriflesing en gebed ("daily offices"), inoefening van gasvryheid, en die vorming van 'n lerende gemeenskap ("practices of learning"). 3. *Bemagtig verandering*. Missionale leiers weet hoe om beide verandering en transisie (die innerlike respons op verandering) te hanteer. 4. *Skep koalisies*. "Koalisie" stam van 'n Latynse werkwoord af wat beteken "om saam te groei". Die kuns is dus om 'n ruimte en plek te skep waar mense met mekaar kan praat oor sake van gemeenskaplike belang. Hierdie koalisies is nie formele kommissies of tradisionele kleingroepe nie, maar eerder groepe met gemeenskaplike belange wat die behoefte het om met ander te konnekteer en daaroor gesprek te voer.

***Gemeente*. Vorming van 'n missionale Omgewing en Kultuur.**
Roxburgh en Romanuk (2006:166-170) bespreek die vaardighede wat hiervoor nodig is, onder vier afdelings: 1. *Lidmaat Integrasie*. Dis belangrik om geleenthede te skep waar nuwe sowel as huidige lidmate ingelig word oor die etos van die gemeente en hoe hy/sy daarby betrokke kan raak. 2. *Missionale kultuur*. Kultuur word saamgestel deur die gewoontes, oortuiginge, waardes en praktyke van 'n gemeente. Die ontwikkeling van 'n missionale kultuur is nie maklik of pynloos nie. Klein eksperimente op die rand van die gemeente bly 'n goeie manier om gemeentes uit die presterende zone te help uitbreek. 3. *Missionale praktyke* verwys na die inoefening van dié gewoontes en praktyke waardeur die identiteit van die gemeente as geloofsgemeenskap gevorm word. Dit gaan nie oor die aanleer van nuwe vaardighede nie, maar eerder oor die herontdekking van

© University of Pretoria

maniere van lewe wat eens die hartklop van Christelike gemeenskappe was. 4. *Missionale teologie*. Ten einde missionale gemeentes te skep, is dit nodig dat gemeentes deurlopend eie verhale in verbinding bring met die verhale van die Bybel. 'n Bereidheid om teologies ingelig te wees en moeilike vrae te vra oor God en waarmee Hy in Skrif en konteks besig is, is onontbeerlik vir die vorming van missionale leiers en gemeenskappe.

Konteks. **Die vermoë om die konteks met 'n Christelike verbeelding in gesprek te bring.**

Die konteks waarin gemeentes leef, verander voortdurend. Indien die inkarnasie beslissend is vir die bepaling van eie identiteit, beteken dit dat gemeentes die onmiddellike konteks waarin hulle geroep is, ernstig moet neem. Watter vaardighede het leiers hiervoor nodig? Roxburgh & Romanuk (2006:174-182) bespreek die volgende: 1. *Groeiende begrip vir die gemeenskap*. Dit is krities om lidmate te help om die gemeenskap te verstaan. Hierdie is 'n tweeledige proses waarin lidmate gehelp word om 'n nuwe perspektief op die gemeenskap te kry en gereedskap gegee word wat die Bybel toelaat om hulle aan te spreek. 2. *Lidmatebetrokkenheid*. Ontwikkel die vaardighede en gewoontes wat nodig is sodat lidmate nuwe maniere kan ontdek om met die gemeenskap buite die gemeente kontak te maak en hulle te leer ken. 3. *Missionale toekoms*. In die proses van kontakmaak met die gemeenskap en die vra van nuwe vrae, ontdek sommige mense die energie vir bedieninge in die gemeenskap. Hoe meer dit gebeur, hoe meer begin ook ander droom oor nuwe maniere om God se gemeente in die gemeenskap te wees. Missionale leiers is op die uitkyk vir geleenthede om hierdie proses te bevorder. 4. *Bybelse funderinge vir verandering*. Die uitdaging bly om die lewe van die gemeente in gesprek te bring met die Bybelse verhaal van God se bedoeling met sy skepping.

3.4.3. Missional Map-making. Skills for leading in times of transition. (2010).

Missional Map-making. Skills for leading in times of transition (2010) is Roxburgh se jongste uitgawe en sluit by bogenoemde (2005 en 2006) aan.

In *deel een* (2010:3-123) fokus Roxburgh daarop om leiers te help om die massiewe veranderinge en die impak daarvan op gemeenteleiers te verstaan. Leiers ontdek waarom ou oplossings nie langer werk nie en waarom strategiese beplanning nie die oplossing is vir gemeentes in tye van oorgang nie. Die roete-aanwysers ("maps") van 'n vorige era is doodgewoon nie meer voldoende om ons deur die nuwe tyd te navigeer nie. Die doelwit is dus om saam te ondek "how we should be cultivating local

© University of Pretoria

communities of witness and mission in a world where metrics no longer provide useful information." (2010:xvii).

In *deel twee* (2010:127-188) ondersoek Roxburgh dan 'n reeks van vier stappe "for doing missional planning or developing the skills of missional map-making in local churches." (2010:127). Die onderliggende uitgangspunt ten grondslag van die vier stappe is die oortuiging dat die aktiwiteite van die leier neerkom op die *kultivering van 'n omgewing* waarin die missionale verbeelding, identiteit en praktyke van 'n missionale gemeente kan groei en ontwikkel ("mapmakers as cultivaters of environments.") (2010:182). Die vier stappe word uitvoerig beskryf en behels die volgende: 1. *Stel vas hoe die omgewing in jou konteks verander het* (2010:127-133). Die impak van revolusionêre verandering kan dikwels eers in retrospeksie waargeneem en waardeer word. Gemeenteleiers fokus dikwels op die interne veranderlikes van kerkwees, wat nie noodwendig help om die veranderde konteks te begryp of daarmee in verbinding te kan tree nie. 'n Nuwe verbintenis met die konteks sal slegs moontlik wees as ons leer om te vra na wat met die mense in ons omgewing gebeur, aandag gee aan hulle verhale en 'n sensitiwiteit kweek vir dit wat God dalk alreeds besig is om onder hierdie mense te doen - terwyl hulle self dalk nie eers aan die kerk, of selfs aan God, dink nie. Die eerste stap op weg na die ontdekking van 'n missionale wegwyser ("missional map-making") is dus om die aard van die landskap te bepaal, nie net van die gemeenskap nie, maar ook van die kerk (2010:134). 2. *Fokus op die herstel en ontwikkeling van 'n kern-identiteit ("core identity") vir die gemeente* (2010:134-142). In die nuwe pluralistiese en oop omgewing val die onderskeidinge en bindinge wat gemeenskappe vroeër gekenmerk en onderskei het, weg. Plaaslike gemeentes kan hulleself nie langer as geslote of verbonde gemeenskappe sien nie. Die faktore wat identiteit ten opsigte van ander groepe bepaal het, het weggeval. "In this new space, one of the most critical leadership skills is the capacity to cultivate an environment that enables the re-forming of Christian life around a core identity of the Christian narrative" (2010:136). Indien gemeentes ruimtes wil wees waarin gelowiges gevorm word om vrae oor die teenwoordigheid van die Heilige Gees in hulle woonbuurte te vra, is dit nodig om 'n omgewing te skep waarbinne gelowiges veilig genoeg voel en aangemoedig word om te leer om as 'n basiese gewoonte na God en na mekaar te luister. "Missional map-making requires an environment in which the ordinary people of God are invited to re-experience the biblical narratives in the conviction and confidence that they can hear and discern the ways of God among them as a people." (2010:137). Dit is onder die gewone gelowiges dat die vaardigheid om te onderskei wat God in die

© University of Pretoria

plaaslike gemeenskap besig is om te doen, na vore sal tree. Leiers se taak is om 'n omgewing te skep waarin hierdie leefwyse in plaaslike gemeentes kan ontluik. "The new maps come from among the people. This discernment is far more a bottom-up than a top-down process." (2010:137). Ten einde hierdie ruimte in plaaslike gemeentes te kan skep, het leiers nodig om vertroue te bou in hul eie leierskap, veilige ruimtes skep waarin gelowiges hulle verhale kan vertel en hierdie verhale met die Bybelse verhaal in gesprek kan bring. 3. *Skep parallelle kulture van die koninkryk*. Die vorming van geloofsgemeenskappe van die koninkryk vereis leiers wat die vaardigheid het om gemeentes te vorm rondom die praktyke van die Christelike lewe. Gelowiges begin eenvoudige dinge doen wat die potensiaal het om 'n totaal nuwe realiteit te skep. Die eerste gemeentes het die wêreld verander deur die kultivering van praktyke en gewoontes waardeur hulle as geloofgemeenskappe gevorm is. Hierdie gewoontes sluit onder andere in: gasvryheid, omarming van die armes en die vorming van leergemeenskappe. Dit gaan hierin nie om die oplegging van nuwe reëls of laste nie, maar oor praktiese maniere om die implikasies van Romeine 12 uit te leef: "the transformation of the whole self toward God's kingdom." (2010:161) 4. *Skep vennootskappe met die omliggende woongebiede en gemeenskappe* (2010:163-182). Transformasie en innovasie is nie die resultaat van programme wat deur die leiers ontwikkel en voorgestel word nie, maar vloei voort uit die tallose maniere waarop mense in dialoog bymekaar kom. Die rol van leierskap is om te ontdek hoe om ruimtes van dialoog in en reg oor gemeenskappe te skep waarbinne mense uitgenooi word om te ontdek hoedat hulle eie stories reeds die weg wys na wat God besig is om in die gemeente en gemeenskap te doen. Leiers skep dus ruimtes waarbinne mense hulle onderskeie stories met mekaar kan verbind en uitgenooi word om te waag en te eksperimenteer.

3.4.4. Gevolgtrekking.

1. Roxburgh en Romanuk bevestig die hipotese dat leierskap 'n sleutelaspek is vir die vorming van missionale geloofsgemeenskappe.

2. Roxburgh en Romanuk se Drie Zone Leierskapsmodel sal waarskynlik meer tot die "liminals" as die "emergents" spreek, maar bied nietemin 'n nuttige lens om die verskillende fases van transformasie waardeur gemeentes gaan te verstaan en 'n begrip te kweek vir die leierskapskapasiteit en vaardighede wat in elke fase nodig is.

3. Roxburgh en Romanuk bevestig die hipotese dat die leierskapvaardighede en -kapasiteite wat vir missionale vorming nodig

© University of Pretoria

is, wesenlik verskil van vaardighede en kapasiteite wat binne die pastorale- en intrepreneursmodel van leierskap nodig is (en waarvoor meeste leraars in die kerk opgelei is).

4. Roxburgh en Romanuk bevestig die hipotese dat “vorming” en “onderskeiding” sleutelbegrippe is ten opsigte van kernkapasiteite waaroor die missionale leier moet beskik. As *kultiveerder* skep die missionale leier ’n omgewing waarin God se handelinge in die gemeente en konteks onderskei kan word en waarbinne gelowiges en die geloofsgemeenskappe gevorm kan word vir die uitlewing van hulle gestuurde roeping in die onmiddellike konteks waarbinne God hulle roep en stuur.

5. Die vorming van die predikant as missionale leier is die vertrekpunt vir die vorming van missionale geloofsgemeenskappe. Die missionale transformasie van geloofsgemeenskappe begin by die transformasie van die leier self.

3.5. LEIERSKAP IN TRANSISIE – ‘N INTERDISSIPLINÊRE GESPREK.

Missionale leierskap is in wese leierskap in transisie (oorgangs-leierskap). *Enersyds* tree die missionale leier op binne die *konteks van diskontinue verandering* en ’n aanbrekende wêreld wat in vele opsigte nog onbekend en ongedefinieerd is. *Terselfdertyd* fokus die missionale leier op die *transformasie van die gemeente* ten einde ’n geloofsgemeenskap te vorm wat sy wese en bestaansrede vind in die *missio Dei*. Die missionale leier staan dus op twee fronte op die brug tussen die oue en die ontluikende nuwe.

Terwyl teoloë worstel om die uitdaginge vir gemeenteleiers in hierdie uitdagende tye te begryp, verskyn ’n magdom literatuur terselfdertyd vanuit ander dissiplines wat daarop gerig is om gemeenskap- en sakeleiers te bemagtig vir die onvoorspelbare en diskontinue veranderinge van ons tyd. Sommige van hierdie navorsing bied belangrike perspektiewe op leierskapskwessies in ’n tyd van transisie en daag ons uit tot ’n interdissiplinêre gesprek wat wedersyds van waarde kan wees. Uiteraard is dit onmoontlik om die volledige veld van navorsing te beskryf. Ons fokus dus vir die doel van hierdie navorsing eerstens op die U-teorie van *Otto Scharmer*. Daarna verwys ons kortliks na twee aanbiedinge wat tydens ’n predikantekonferensie van die Wes-Transvaalse Sinode op 19 en 20 Maart 2012 gelewer is en na my mening relevant is tot die veld van navorsing (en

© University of Pretoria

waarskynlik verdere navorsing verdien): Prof. Ig Gous (2012 Maart) doen 'n aanbieding oor *Denk- en leerstyle (breinvoorkeur)* en Dr Mariët van Niekerk (2012 Maart) lewer 'n insiggewende bydrae oor *Neuroplastisiteit*.

3.5.1. C. Otto Scharmer – "Theory U".

'n Eerste en belangrike gespreksgenoot is C. Otto Scharmer. Venter & Hendriks (2012) het reeds sommige van die verbande tussen Scharmer se teorie en die missionale teologie uitgewys en daag die missionale beweging, na aanleiding hiervan, uit tot 'n interdissiplinêre gesprek met die sakegemeenskap oor leierskapskwessies.

Scharmer (2009) bied inderdaad met sy U-teorie ("Theory U") 'n uiters insiggewende en waardevolle teorie oor die wese en funksie van leierskap ten einde die diepliggende sistemiese veranderinge tot stand te bring wat so noodsaaklik is in ons huidige samelewing en sakegemeenskap. Hy baseer sy U-proses op 'n konsep wat hy "*presencing*" noem. *Presencing* ('n samevoeging van "presence" en "sensing") verwys na die kapasiteit van leiers individueel en kollektief om die innerlike plek ("inner place") van waaruit hulle funksioneer en aandag gee te verskuif en te verdiep. Wanneer só 'n skuif plaasvind, ontstaan 'n bewussyn van die toekoms wat besig is om te ontluik en begin mense om vanuit hierdie aanbrekende toekoms op te tree. Vir Scharmer (2009:373) is die vermoë om hierdie skuif te fasiliteer, die essensie van leierskap in die hedendaagse wêreld van diskontinue verandering. Om die begrip "*presensing*" in Afrikaans te vertaal, is uiteraard moeilik. My voorstel is die woord "***presensering***" ('n samevoeging van "presensie" en "sensering"), wat vir my gevoel linguisties en inhoudelik reg laat geskied aan die term wat deur Scharmer geskep is.

Ons gee eerstens 'n kort uiteensetting van Scharmer se teorie, en maak daarna enkele aantekeninge oor die relevansie hiervan vir die proses van die SAVGG en missionale leierskap.

3.5.1.1. Ontdek die Blindekol.

Ons leef in 'n tyd van massiewe institusionele mislukking waarin leierskap kollektief en deurlopend resultate lewer wat vir almal ongewens is (Scharmer 2009:1-4; 2011:2). Alhoewel individue en organisasies hulleself dikwels as slagoffers sien van die sosiale sisteme waarin hulle leef, word sosiale sisteme gevorm deur die optrede en interaksie van hulle lede binne die konteks. Hierdie uitgangspunt dien as vertrekpunt in die teorie van sosiale sisteme en sosiale wetenskap. *"Social systems are enacted by their*

© University of Pretoria


members in context." (Scharmer 2009:233). Aan die een kant word 'n sosiale sisteem gevorm deur die optrede en verhoudinge van die lede binne die sisteem, terwyl die sisteem op sy beurt dan weer die optrede van die lede vorm. Hierdie optrede ("enactment") vind plaas binne 'n konteks.

Vir 'n alternatiewe toekoms (wat anders is as die verlede) om te ontluik is 'n nuwe bewussyn en 'n nuwe kollektiewe leierskapskapasiteit nodig wat die uitdaginge van ons tyd op 'n meer bewustelike, intensionele en strategiese wyse kan benader. Wat nodig is, is 'n nuwe kwaliteit van konneksie, 'n nuwe manier van teenwoordig-wees by mekaar en by dit wat wag om te ontluik (2009:4). Suksesvolle leierskap is afhanklik van die kwaliteit van die aandag en intensie wat die leier in enige situasie inbring (2009:7). Twee leiers kan in dieselfde omstandighede dieselfde ding doen en tog geheel uiteenlopende uitkomste teweeg bring, afhangende van die innerlike plek ("inner place") van waaruit hulle optree (Scharmer 2009:13).

Scharmer (2003:2; 2010:3) noem hierdie innerlike plek van waaruit ons optree, die *blindekol* ('Blind Spot") van leierskap. "The blind spot is the place within or around us where our attention and intention originates." (Scharmer 2009:6). Hierdie blindekol bestaan nie net in ons kollektiewe leierskap nie, maar ook in ons alledaagse sosiale interaksies. Scharmer (2009:6) noem dit blind, omdat ons meestal onbewus is van hierdie innerlike dimensie of innerlike *bron* van waaruit ons aandag en intensie ontspring. Scharmer verwys na hierdie wyse waarop ons vanuit hierdie sinnelike dimensie in 'n gegewe situasie aandag gee, as die *veldstruktuur van aandag*. "*Collectively seeing our field of attention* – that is – collectively becoming aware of our inner places from which we operate in real time – may well be the single most important leverage point for shifting the social field in this century and beyond..." (Scharmer 2009:10).

Die onderstaande voorstelling (Diagram 3.7) belig die drie perspektiewe van die leier se werk. Organisatoriese verandering geskied op verskillende vlakke (Scharmer 2009:28). Leierskapsmodelle gee dikwels intensiewe aandag aan die *wat (*strukturering*)* en die *hoe* (prosesmatige) van leierskap ten einde verandering teweeg te bring, maar van *bron-dimensie* van leierskap weet ons baie min, ten spyte van die belangrikheid hiervan (Scharmer n.d.:2; 2010:3).

© University of Pretoria



Blindekol: Innerlike plek van waaruit ons optree

Diagram 3.7

3.5.1.2. Vier veldstrukture van aandag - Vier tipes van luister.

Ten einde effektiewe leiers te wees, moet ons eerstens die veld, of innerlike plek ("inner space"), van waaruit ons funksioneer, verstaan (Scharmer n.d.:4). Die essensie van leierskap is die vermoë die plek van waaruit individue en groepe aan 'n situasie aandag gee en gevolglik daarop reageer, te vorm en te skuif. (Scharmer 2009:11) "The trouble is that most leaders are unable to recognize, let alone change, the structural habits of attention used in their organizations." (Scharmer n.d.:2).

Scharmer (2009:11) onderskei vier verskillende veldstrukture van aandag. Die vier veldstrukture verskil van mekaar ten opsigte van die plek van waaruit die aandag (en intensie) ontspring: gewoontes ("habits"), oop verstand ("open mind"), oop hart ("open heart") en oop wil ("open will"). Die posisie van die bron van aandag in relasie tot die organisatoriese grens verskil as volg (Scharmer 2009:234. Sien Diagram 3.8):




Diagram 3.8

© University of Pretoria

- Ek-in-my: optrede vanuit die *sentrum* van jou organisatoriese grense (Veld 1).
- Ek-in-dit: optrede vanaf die *periferie* van jou organisatoriese grense (Veld 2).
- Ek-in-jou: optrede van *buite* jou organisatoriese grense (Veld 3).
- Ek-in-nou: optrede vanuit die ontluikende sfeer *van regoor* jou organisatoriese grense (Veld 4).

Elke sosiale aksie en sosiale sisteem vloei voort uit een van hierdie vier veldstrukture van aandag. Scharmer (2009:11-13) verduidelik bogenoemde onderskeid aan die hand van vier tipes van luister (Diagram 3.9).

Luistertipe 1: Aflaai ("downloading")

"Ja, ek weet dit alreeds." Indien alles wat jy hoor slegs bevestig wat jy reeds weet, luister jy in die aflaai-modus – luister as bevestiging van gewoonte vooroordele.

Luistertipe 2: Objektief of Feitelik ("object-focused or factual listening")

"O, kyk daarna!" Luister geskied deur aandag te gee aan die werklike feite sowel as aan nuwe, vreemde of nie-ooreenstemmende ("disconfirming") data. Met hierdie tipe van aandag fokus jy op dit wat verskil van dit wat jy reeds weet. Om dit reg te kry moet jy jou aandag verskuif vanaf die innerlike stem van vooroordeel na die data voor jou. Hierdie tipe luister is die basiese modus van goeie wetenskap: Jy vra vrae en gee noukeurig aandag aan die response wat die data vir jou gee. Luister geskied dus met 'n *oop verstand* ("open mind").

Luistertipe 3: Empaties ("emphatic")

"O ja, ek weet presies hoe jy voel." Hierdie derde dieper vlak van luister verskil van vlakke 1 en 2 daarin dat die oorsprong van waaruit die luister voortvloei, verskuif. Met vlakke 1 en 2 het ons luister sy oorsprong binne die grense van ons eie verstandelik-kognitiewe organisasie. Met empatiese luister verskuif ons persepsie. Ons beweeg vanaf 'n waarneming van die objektiewe wêreld tot binne-in die verhaal van 'n lewende persoon of sisteem. Hiervoor het ons 'n spesiale instrument nodig, die *oop hart* ("open heart"), of die empatiese kapasiteit om direk met 'n ander lewende persoon of sisteem te konnekteer. Wanneer dit gebeur vind 'n diepliggende

© University of Pretoria

verskuiwing plaas; ons vergeet van ons eie agenda en begin om die wêreld te sien ontvou deur die oë van die ander.

Luistertipe 4: Skeppend ("generative")

"Ek kan nie in woorde uitdruk wat ek ervaar nie. My hele wese het verlangsaam. Ek voel meer rustig en teenwoordig en meer my ware self. Ek is verbind tot iets groter as myself." Met luistertipe 4 beweeg ons *na buite* die huidige veld en verbind ons met 'n selfs dieper terrein van ontluiking. Scharmer (2009:13) verwys hierna as *skeppende luister* ("generative listening"), of luister vanuit die ontluikende veld van die toekomstige moontlikheid. Hierdie vlak van luister vereis dat ons nie net instem met ons oop hart nie, maar ook met ons *oop wil* ("open will") – ons kapasiteit om te konnekteer met die hoogste toekomstige moontlikheid wat wag om te ontluik. "We no longer look for something outside. We no longer empathize with someone in front of us. We are in an altered state – maybe 'communion' or 'grace' is the word that comes closest to the texture of this experience that refuses to be dragged onto the surface of words." (2009:13).




Diagram 3.9

Hierdie vierde vlak van luister verskil in tekstuur en uitkoms van die ander (Scharmer n.d.:3). Wanneer jy vanuit vlak een luister, *herbevestig* die gesprek dit wat jy alreeds weet. Wanneer luister vanuit vlak twee plaasvind, is die luister *nie-bevestigend* van dit wat jy alreeds weet en val die fokus op dit wat nuut is. Met luister vanuit vlak drie word jou perspektief heraangepas sodat jy die situasie sien deur die oë van die ander. Jy weet dat jy op die

© University of Pretoria

vierde vlak funksioneer indien jy aan die einde van die gesprek ontdek dat jy nie langer dieselfde persoon is wat met die gesprek begin het nie. "You have gone through a subtle but profound change. You have connected to a deeper source – to the source of who you really are and to a sense of why you are here – a connection that links you with a profound field of coming into being, with your emerging authentic Self." (Scharmer 2009:13).

3.5.1.3. Vier vlakke van ontluiking.

Die vier verskillende *veldstrukture van aandag* loop uit op vier verskillende wyses van funksionering (Scharmer 2009:235-241). Die verskillende strukture van aandag bepaal nie net die manier waarop ons luister nie, maar ook hoe groeplede met mekaar kommunikeer, en hoe organisasies hulle geometrieë van mag vorm. "Depending on the source of attention and awareness we operate from, we affect and facilitate different social dynamics and patterns. '*I attend* [this way] – *therefore it emerges* [that way]." (Scharmer 2009:235).

Die vier vlakke van ontluiking is van toepassing op alle sfere van sosiale realiteits-skepping: mikro, meso, makro en mundo. Vier fundamentele (maar meestal verborge) *meta-prosesse* vorm die wêreld waarin ons leef: denke (aandag gee - individuele aksie), gespreksvoering (taalgewing - groepe), organisering (strukturering – organisasies) en die vorming van velde van kollektiewe globale optrede (ekosisteem koördinering – globale sisteme) (Scharmer 2009:260-353; n.d.:4,5). Op die vlak van al vier meta-prosesse bestaan die behoefte om te leer om vanuit 'n diep skeppende bron (vlak 4) te funksioneer ten einde die uitdaginge van ons tyd die hoof te kan bied. Die manier waarop ons aandag gee aan 'n situasie, individueel en kollektief, bepaal die pad wat die sisteem loop en hoe dit ontluik. "On all four levels – personal, group, institutional, and global – shifting form reactive responses and quick fixes on a symptons level (Fields 1 and 2) to generative responses that adresses the systemic root issues (Fields 3 and 4) is the single most important leadership challenge of our time." (Scharmer n.d.:5).

Op mikro-vlak tree die verskillende strominge van ontluiking na vore as diskontinue skuiwe in die individuele veld van aandag:

- *Aflaai*: Persepsie hervestig patrone uit die verlede.
- *Waarneming*: Persepsie erken nie-konformerende data.
- *Aanvoeling*: Persepsie begin om vanuit die veld op te tree.
- *Presensering*: Persepsie begin om vanuit die kreatiewe bron op te tree.

© University of Pretoria

Op mesovlak tree die verskillende strominge van ontluiking na vore as diskontinue skuiwe in die veld van aandaggewing en taalskepping deur die groep:

- *Aflaai*: “Nice talk” of uitruil van beleefde frases.
- *Debat*: ‘Talking tough” of uitruil van diverse perspektiewe.
- *Dialoog*: Gesamentlike nadenke vanuit diverse perspektiewe.
- *Presensering*: Kollektiewe skepping vanuit ’n outentieke teenwoordigheid en bron van stil-wees.

Dieselfde patrone en strominge van ontluiking is ook van toepassing op makro en mundo sfere (Sien Diagram 3.10).

VELDSTRUKTUUR VAN AANDAG	MIKRO-SFEER: INDIVIDUEEL AANDAG	MESO-SFEER: GESPREK EN TAALGEWING	MAKRO-SFEER: INSTITUSIONEEL STRUKTUUR	MUNDO-SFEER: REGERINGS MEGANISME
1. EK-IN-MY	AFLAAI	AFLAAI	SENTRALISEER	HIERARGIE
2. EK-IN-DIT	WAARNEMING	DEBAT	DESENTRALI -SEER	MARK
3. EK-IN-JOU	AANVOELING	DIALOOG	NETWERKING	DIALOOG
4. EK-IN-NOU	PRESENSERING	PRESENSERING	INNOVASIE EKOSISTEEM	KOLLEKTIEWE PRESENSIE

Diagram 3.10

3.5.1.4. Die U-proses - vyf bewegings.

Die vraag is: hoe kan leierskap die beweging vanaf ’n reaktiewe respons (vlakke 1 en 2) na ’n skeppende respons (vlak 3 of 4) fasiliteer? Scharmer (2009:27-47) wy ’n hoofstuk aan die beskrywing van sy reis na die ontdekking van die U-proses. (Sien Scharmer n.d.:5 vir ’n samevatting hiervan.)

Brian Arthur onderskei twee fundamenteel verskillende bronne van waarneming (“sources of cognition”): die normale toepassing van bestaande raamwerke (aflaai of “downloading”); en toegang tot en aktivering van jou innerlike wete (“inner knowing”) (Scharmer 2009:31-34). Alle ware innovasie in besigheid, wetenskap en gemeenskap vloei voort uit die tweede tipe van waarneming. Hierdie beweging vanaf aflaai na innerlike

© University of Pretoria

wete geskied (volgens Arthur) in 'n opeenvolging van drie kern-beweginge. Diagram 3.11 bied 'n voorstelling van die drie beweginge.




Diagram 3.11

Arthur verwys na die eerste beweging as "waarneem, waarneem, waarneem". In praktyk beteken dit om op te hou aflaai en te begin om te luister. "It means to stop our habitual ways of operating and immerse ourselves in the places of most potential, the places that matter most to the situation we are dealing with." (Scharmer n.d.:5).

Na die tweede beweging verwys Arthur as "terugtrek en reflekteer: laat die innerlike wete toe om na vore te tree". Met hierdie beweging beweeg ons na die innerlike plek van stilte waar ons luister na alles wat ons in die eerste beweging geleer het en gee ons aandag aan dit wat wag om na vore te tree. Besondere aandag word gegee aan ons eie rol en reis.

Die derde beweging gaan oor "onmiddellike optrede". Die fokus val nou op prototipering van die nuwe orde ten einde die toekoms te ondersoek deur te doen. "To create a little landing strip for the future that allows for hands-on testing and experimentation." (Scharmer n.d.:5).

Scharmer (n.d.:6-8) voeg hieraan twee verdere beweginge toe en verwys na hierdie hele reis as die U-proses. In praktyk word Arthur se drie beweginge vooraf gegaan deur 'n aanvangsfase waartydens gemeenskaplike grond gebou word (ko-inisiëring of "co-initiating") en 'n samevattende fase waartydens die fokus val op die hersiening, bevestiging en bevordering van die praktiese resultate (ko-ontplooiing of "co-evolving"). Die vyf beweginge kan as volg saamgevat en voorgestel word (Sien Diagram 3.12):

© University of Pretoria




Diagram 3.12

1. ***Ko-inisiëring ("co-initiating"): Bou gemeenskaplike intensie. Stop en luister na ander en na dit waarna die lewe jou roep om te doen.***

Elke proses begin met 'n aantal sleutel-individue wat bymekaar kom met die intensie om 'n verskil te maak aan 'n situasie wat vir hulle en hulle gemeenskappe van werklike belang is. Terwyl hulle verenig en 'n kerngroep vorm, hou hulle terselfdertyd vas aan 'n gedeelde intensie ten opsigte van die doelwit, die persone wat hulle wil betrek en die proses wat hulle wil volg. 'n Proses van diep-luister ("deep listening") skep die konteks waarbinne so 'n groep gevorm word – om te luister en te hoor waartoe die lewe vir jou en ander roep om te doen.

2. ***Ko-sensering ("co-sensing"): Neem waar, neem waar, neem waar. Gaan na die plekke met die grootste potensiaal en luister met jou verstand en hart wawyd oop.***

Die beperkende faktor tot transformerende verandering is nie 'n gebrek aan ideë nie, maar 'n onvermoë om **waar te neem** ("sense") – om diep, skerp en kollektief te sien. Wanneer lede van 'n groep met diepte en helderheid saam waarneem, word hulle bewus van hulle eie kollektiewe potensiaal, byna asof 'n nuwe kollektiewe sigorgaan oopgaan. Innovasie vereis dus dat die innoveerder self plekke gaan besoek, self met mense praat, en self in voeling kom en bly met kwessies wat na vore tree. Sonder 'n direkte

© University of Pretoria

verbintenis met die konteks van 'n situasie, kan ons nie leer om kollektief te sien en op te tree nie. "What is missing most in our current organizations and societies is a set of practices that enable this kind of deep seeing – 'sensing' – to happen collectively and across boundaries. When sensing happens, the group as a whole can see the emerging opportunities and the key systemic forces at issue." (Scharmer n.d.:7).

3. ***Presensering ("presensing"): Konnekteer met die bron van inspirasie en gedeelde wil. Besoek die plek van stilte en laat die innerlike wete toe om na vore te tree.***

Aan die onderpunt van die U bereik individue en groepe 'n drempel (of keerpunt) wat figuurlik deur Scharmer beskryf word as 'n beweging deur die "die oog van die naald". Presensering behels in wese twee beweginge: *"laat gaan"* - die beweging om alles wat nie wesenlik is nie af te gooi (Scharmer verwys hierna as die "self" met die kleinletter "s"); en *"laat kom"* – om jouself terselfdertyd oop te stel vir nuwe aspekte van ons hoogste moontlike toekomstige "Self" (met die hoofletter "S"). "The essence of presencing is the experience of the coming in of the new and the transformation of the old". (Scharmer n.d.:7). As 'n groep eers hierdie drumpel oorgesteek het, bly niks meer dieselfde nie. Individuele lede en die groep as geheel begin om met 'n verhoogde vlak van energie en 'n bewussyn van die toekomstige moontlikheid te funksioneer. En dikwels begin hulle self funksioneer as 'n intensionele voertuig vir die toekoms wat vir hulle gevoel wag om te ontluik.

4. ***Ko-kreasie ("co-creation"): Modelleer (skep 'n prototipe van) die nuwe in lewende voorbeelde met die oog op eksplorasie van die toekoms deur te doen.***

Die kuns en praktyk om prototipes te skep is dikwels die ontbrekende vaardigheid in transformasie-prosesse. In vele organisasies stol die proses op hierdie punt as gevolg van analise-verlamming ("analyses paralysis"). Die uitdaging is om binne 'n baie beperkte tyd met 'n prototipe vorendag te kom wat as't ware as lanseerbasis vir die nuwe kan dien. "Prototyping demands that first you empty out all the stuff ('let go'). Then you determine what you really need ('let come') and provide prototype solutions for those real needs in real time. You observe and adapt on what happens next." (Scharmer n.d.:7). Die skepping van 'n prototipe gaan dus die analitiese proses vooraf en is deel van die waarneming en ontdekkingsproses waartydens ons die toekoms ondersoek deur te doen eerder as deur te dink en te reflekteer. Die U-proses se beweging van ko-kreasie loop dus uit op 'n groep klein lewende voorbeelde wat die toekoms ondersoek deur te doen.

© University of Pretoria

Terselfdertyd skep die beweging 'n lewende en snelgroeiende netwerk van agente van verandering wat hulle leer-ervaringe met die ontwikkelaars van ander prototipes deel en mekaar sodoende help om die uitdaginge van die innoveringsproses te pak en die hoof te bied.

5. ***Ko-ontplooiing ("co-evolving"): Beliggaam die nuwe in ekosisteme wat waarneming en optrede vanuit die geheel fasiliteer.***

Die volgende stap is om die prototipes te evalueer en dan te besluit watter van hulle die grootste impak mag hê op die betrokke sisteem of situasie. Behoorlike assessering op hierdie punt vereis dikwels die betrokkenheid van belanghebbendes uit ander organisasies en sektore. Die uiteindelike resultaat verskil dikwels grootliks van dit wat met die aanvang van die proses voorsien is. Die beweging van ko-ontplooiing loop uit op 'n innovasie-ekosisteem wat prototipes met groot hefboomkrag verbind aan die organisasies en rolspelers wat kan help om dit tot 'n volgende vlak van toetsing en waardering te voer.

Die U-proses is van toepassing op alle vlakke (van mikro tot meso) van interaksies. Toegepas op groter projekte van innovasie ontvou die proses oor langer periodes van tyd en in verkillende vorme. Die spansamestelling word tot 'n sekere mate tydens sulke prosesse gewoonlik na elke beweging aangepas en verander.

3.5.1.5. 'n Nuwe sosiale tegnologie: Sewe leierskapskapasiteite.

Die vaardigheid om as 'n span of organisasie deur die U-proses te beweeg, vereis 'n innerlike reis en harde werk – 'n nuwe sosiale tegnologie van presensering. Hierdie tegnologie is gebaseer op sewe essensiële leierskapskapasiteite wat deur 'n kerngroep gekweek moet word en waarsonder die proses nie die resultaat, soos hierbo beskryf, sal lewer nie. (Diagram 3.13. Scharmer n.d.:8-12).

1. ***Hou die Spasie oop: Luister na wat die Lewe jou roep om te doen.***

Die bou van U-Leierskap begin met die beginsel van onvoltooidheid ("incompleteness") – jy nooi ander uit om deel te word van 'n proses waarvan die uitkoms nie vooraf vasgestel is nie. "The leader must create or 'hold a space' that invites others in." (Scharmer n.d.:9).

Die sleutel tot die oophou van spasie is om te luister: na jouself (na wat die lewe jou roep om te doen), na die ander (in besonder die ander wat met

© University of Pretoria

daardie roeping verband hou), en na dit wat na vore tree uit die kollektiewe eenheid wat jy saamroep. Terselfdertyd word 'n groot mate van aandag vereis – hou die aandag gefokus op die hoogste toekomstige moontlikheid van die groep. En ten slotte laat jy intensioneel 'n groot mate van oop spasie vir ander om 'n bydrae te kan maak. "You invite others to help plan the menu, not to arrive after the dessert is in the oven." (Scharmer n.d.:9)




Diagram 3.13

2. Waarneming: Gee aandag met jou verstand wyd oop.

Die tweede kapasiteit in die U-proses is die vermoë om waar te neem met 'n oop verstand. Wanneer ons binne hierdie kognitiewe spasie funksioneer, verskuif die posisie van waar ons waarneem vanaf die sentrum na die periferie van die organisasie, op die grens tussen die waarnemer en die waargenome (Scharmer 2009:129). Drie beginsels (Scharmer 2009:130-135) help ons om vanaf aflaai na waarneming te beweeg: 1. Klaar die probleem en doelwit duidelik uit. 2. Tree die relevante konteks binne. Hoe meer kompleks die situasie, hoe belangriker is direkte kontak met die konteks. 3. Skort vooroordeel ("judgement") op en stel jouself oop vir verwondering ("connect to wonder"). "Wonder is about noticing that there is a world beyond our patterns of downloading. Wonder can be thought of as the seed from which the U process grows. Without the capacity for wonder, we will most likely remain stuck in the prison of our mental constructs". (Scharmer 2009:133,134).

© University of Pretoria

Individue vind die ontwikkeling van die kapasiteit om waar te neem ("seeing") alreeds moeilik. In die kollektiewe konteks van organisasies is die uitdaging selfs groter. "Yet it is a critical function of leading change. Some say it is *the* critical function." (Scharmer 2009:134). Die uitdaging is om 'n weg te vind om die kollektiewe kapasiteit om waar te neem te kultiveer en te bevorder. "The primary job of leadership ... is to enhance the individual and systemic capacity to see, to deeply attend to the reality that people face and enact. Thus the leader's real work is to help people discover the power of seeing and seeing together." (Scharmer 2009:135,136).

Hiervoor is 'n suspensie van vooroordeel ("Voice Of Judgement") imperatief. Suspendering van die Stem van Vooroordeel beteken die opskorting van die gewoonte om op grond van kennis vanuit die verlede te beoordeel, en om 'n nuwe spasie van navraag en verwondering te skep ten einde die plekke met die grootste potensiaal te kan betree.

3. Aanvoeling: Konnekteer met jou hart.

Die beweging na onder aan die linkerkant van die U-proses is in wese die fasilitering van 'n "oopmaak"-proses. Hierdie proses behels die instemming van drie instrumente: die oop verstand, oop hart en oop wil. Terwyl die oop verstand 'n meer bekende instrument is, betree ons met die ander twee kapasiteite 'n minder bekende terrein. Die derde kapasiteit in die U proses is die vermoë om met 'n oop hart te konnekteer met die dieper kragte van verandering.

Eleanor Rosch (Scharmer n.d.:9,10) onderskei twee tipes kognisie. Die eerste is die analitiese kennis waarop alle konvensionele kognitiewe wetenskap gebaseer is. Die tweede tipe kennis, wat betrekking het op 'n oop hart en oop wil, word verwerf deur middel van "interconnected wholes (rather than isolated contingent parts)... Such knowing is 'open', rather than determinate; and a sence of unconditional value, rather than conditional usefulness, is an inherent part of the act of knowing itself." Aksie wat uit hierdie tipe van bewussyn voortspruit is spontaan, eerder as die resultaat van besluitneming; dit is medelydend, aangesien dit op die geheel groter as die self gebaseer is; en dit kan skokkend effektief wees.

Ten einde hierdie ander kognitiewe kapasiteit te kweek, is dit nodig om mense, in spanne en in organisasies, by werklike projekte in werklike kontekste te betrek waarvoor hulle omgee en hulle te ondersteun met metodes en gereedskap wat die oop hart kultiveer. Die oop hart word

© University of Pretoria

beskikbaar wanneer ons ons kapasiteit om te waardeer en om om te gee kultiveer.

4. Presensering: Konnekteer met die Diepste Bron van jou Self en jou Wil.

Die vierde kapasiteit in die - proses is die vermoë om te konnekteer met die diepste bron van jou self en jou wil. *Presensering* verweef sensering en presensie en beteken om met die Bron van die grootste toekomstige moontlikheid te konnekteer en dit in die hede te realiseer. Presensering stem in vele opsigte met waarneming ("sensing") ooreen. Beide veronderstel 'n verskuiwing van die punt van persepsie vanaf die interne na die eksterne van die (fisiese) organisasie. "The key difference is that sensing shifts the place of perception to the current whole while presensing shifts the place of perception tot the *source* of an emerging future whole – to a future possibility that is seeking to emerge." (Scharmer 2009:163). Presensering is dus die beweging om die self te benader *vanuit die ontluikende toekoms*. "In that state we step into our real being, who we really are, our authentic self." (Scharmer 2009:163). Aan die onderpunt van die U konnekteer ons met die Self – die bron van waaruit ons kreatiwiteit voortspruit. Twee sleutelvrae lê ten grondslag van die kreatiewe proses: "Wie is my **S**elf?" en "Wat is my **W**erk?" (Scharmer 2009:164). Die "hoofletter-S Self" verteenwoordig ons "beste toekomstige moontlikheid". Die "hoofletter-W Werk" verwys nie na jou huidige werk nie, maar na jou roeping – na dit waartoe jy op aarde geroep word om te doen. Elke mens en elke gemeenskap is tweesydig: Enersyds is ons *wat ons geword het* op ons reis van die verlede na die hede – die huidige self. Aan die ander kant is daar die *dormante self, die een wat binne ons wag om gebore te word*, om in eksistensie gebring te word, om werklikheid te word deur ons reis wat voorlê. Presensering is die proses om die twee selwe te konnekteer, om na die ware outentieke self te beweeg vanuit die toekoms. Wanneer ons hierdie dieper toestand van wees binne gaan – as individue en gemeenskappe – tree ons midde in 'n toestand van fundamentele vryheid en die kapasiteit om te skep. "In crossing the threshold, we step into our real power – the power of operating from our highest future Self; the power of connecting with 'the beings who surround us'." (Scharmer 2009:189,190). Wanneer hierdie oorgang plaasvind, skep dit die gewaarwording dat dit nie langer ek is wat optree nie, maar voel ek verbind aan iets veel groters en dieper en word my optrede in 'n sekere sin intuïtief.

© University of Pretoria

5. Kristallisering: Verkry toegang tot die Krag van Intensie.

Presensering beteken om met die bron te konnekteer. *Kristallisering* beteken om hierdie verbinding te behou en om stadig die visie en intensie vir die ontluikende optrede uit te klaar (Scharmer 2009:195,202). Deur die verbintenis met ons dieper bron van kennis lewend te hou, begin ons om in te skakel op ontluikende toekomstige moontlikhede. "Acting now, from a 'different place', we are able to begin to operate from a different source. We envision, prototype and embody the new." (Scharmer 2009:192). Kristallisering beteken dus om visie en intensie vanuit ons hoogste toekomstige moontlikheid uit te klaar. Kristallisering verskil van visie in die sin dat visie vanuit enige plek gevorm kan word (selfs vanuit 'n posisie van aflaai), terwyl kristallisering sy oorsprong het "from the deeper place of knowing and the self". (Scharmer 2009:192). Presensering bring 'n subtiele skuif en identiteit en 'n ander fondament vir samewerking en saam-beweeg na 'n nuwe toekoms. "Up to this point, we have only *felt* the possibility of a future. After a presensing experience, people are now poised to bring this individual and collective potential into reality. 'We can't not do it.' The first step in this journey is to crystallize the vision and intention more clearly." (Scharmer 2009:192). Vier beginsels (Scharmer 2009:197-202) kom in spel as 'n groep in die spasie van kristallisering inbeweeg: 1. *Die krag van intensie*. 'n Klein groep verbonde persone kan die wêreld verander. 2. "*Laat kom*." Ou houdinge moet sterf en 'n spasie word geskep vir die onvangs van nuwe idees vir die prentjie van die ontluikende toekoms om duideliker te word. 3. "*Grand Will*". Terwyl ons wag vir die nuwe om te ontluik, delf ons stelselmatig in op ons dieper wil. 4. "*Venues for waking up*". Vir kristallisasie om plaas te vind word 'n sekere konteks of omgewing vereis.

Scharmer (n.d.:10) verwys na 'n opmerking deur Nick Hanauer: "Never doubt that a small group of thoughtful, committed citizens can change the world. Indeed, it is the only thing that ever has." Die verhale van feitlik alle suksesvolle en inspirerende projekte onderstreep hierdie waarneming. 'n Klein groep sleutelpersone verbind hulleself tot die doelstellinge en uitkomste van die projek. Hierdie verbonde ("committed") groep en hulle intensie beweeg in die wêreld in en skep 'n energie-veld wat begin om mense, geleenthede en bronne aan te trek wat dinge laat gebeur. As die momentum opbou, tree die kerngroep op as 'n voertuig vir die geheel om te manifesteer.

© University of Pretoria

6. Prototipering: Integreer Kop, Hart en Hand.

Die sesde kapasiteit in die U-proses is die vaardigheid om kop, hart en hand te integreer in die skepping van prototipes. Die afwaartse beweging aan die linkerkant van die U is in wese 'n oopmaak proses wat handel met die weerstand van denke, emosie en wil; die opwaartse beweging aan die regterkant van die U het te doen met 'n intensionele herintegrering van die intelligensies van die kop, hart en hand in die konteks van praktiese toepassings.

Prototipering hou in dat die toekoms ondersoek word deur te doen en te eksperimenteer: "Fail often to succeed sooner." (Scharmer 2009:203). "Prototyping allows fast-cycle feedback learning and adaptation." *Prototipering* neem die beweging van *presensering* (om met die bron te verbind) en kristallisering (om 'n beeld van die toekoms toe te laat om te ontluik) na 'n volgende vlak deur die hou-spasie ("holding place") te verdiep en deur die laat-kom proses te beweeg vanaf visionering ("envisioning") na optrede ("enacting") (Scharmer 2009:205). Prototipering vereis 'n integrasie van die intelligensie van kop, hart en hand. Sodoende word die proses tussen twee gevare genavigeer: optrede sonder denke ("mindless action") en denke sonder optrede ("action less minds").

Vier beginsels ondersteun die proses van prototipering: 1. 'n Eerste en belangrikste beginsel is om in kontak te bly met die inspirerende vonk van die toekoms wat van jou afhanklik is om te ontluik. Scharmer (2009:206-209) verwys in dié verband na Jaworski se praktyke ten einde hierdie kontak te behou: 'n *Eerste praktyk* is om aan die begin van elke dag vir jouself 'n plek van stilte te skep. 'n *Tweede stap* is om die praktyk te ontwikkel om deurlopend in voeling en kontak te bly met jou dieper intensie. 'n *Derde praktyk* is om geleenthede wat opduik aan te voel en aan te gryp soos hulle na vore tree, en dan oombliklik op te tree. 2. Bly in gesprek met die geheel ("Universe"). Tree getrou aan jou intensie in gesprek met die geheel, ontvang terugvoer wat jou help om die konsep verder te ontwikkel en vermy ontmoedigende terugvoer vanaf persone wat die status quo wil bevorder. 3. Ontwikkel so gou moontlik 'n prototipe wat jou toelaat om terugvoer te verkry en die konsep verder te ontwikkel. 4. Skep 'n veilige ruimte aan die rand van die organisasie ('landing strips") waarbinne die nuwe idee kan ontwikkel en groei deur innoverende nuwe ontwerp van infrastruktuur of deur aanpassinge binne die raamwerk van die bestaande infrastruktuur.

Drie ou vyande bedreig hierdie proses: uitvoering sonder improvisasie en nadenke (reaktiewe optrede); eindelose refleksie sonder die wil om te

© University of Pretoria

handel ("analysis paralysis"); en praat sonder 'n konneksie met die bron en sonder handeling (bla-bla-bla). Hierdie drie vyande deel dieselfde strukturele kenmerk. In plaas daarvan om die intelligensie van kop, hart en hand te balanseer, word een van die drie toegelaat om te domineer – die wil in denklose optrede, die kop in eindelose refleksie, of die hart in eindelose netwerking.

Die ontwikkeling van die nuwe volg deurgaans 'n bepaalde volgorde. 1. Dit begin met 'n ongespesifiseerde emosie of *gevoel*. 2. Hierdie gevoel transformeer in 'n aanvoeling van die *wat*: die nuwe insig of idee. 3. Die wat word in verband gebring met 'n konteks, probleem of uitdaging waar dit 'n deurbraak-innovasie kan produseer (die *waar*: die konteks). 4. Eers dan begin jy 'n vorm ontwikkel waarin die wat en die waar in 'n rasionele struktuur of vorm geplaas en aangebied word (die *waarom*: rasionele redenering). Die grootste fout in die proses van innovasie is om te begin met 'n fokus op die rasionele denke. Vir die nuwe insig om te ontwikkel, moet die ander toestande alreeds bestaan. Die konneksie met jou eie beste toekomstige moontlikheid en die skepping van kragtige deurbraak-idees vereis 'n leerproses wat die intelligensie van die hart en hand integreer – nie net die intelligensie van die kop nie.

7. Uitvoering: Bespeel die Makro Viool.

Scharmer (2009:216) demonstreer hierdie sewende kapasiteit aan die hand van die violis wat sy klein viool in die katedraal bespeel en in die proses deel word van die groter konteks (makro viool) waarin die spel plaasvind. "Playing the macro violin requires you to listen and to play form another place, from the periphery. You have the move your listening and playing from within to beyond yourself." (Scharmer n.d.:11).

Met die beweging vanaf prototipering na uitvoering verskuif die fokus dus vanaf die vorming van die mikrokosmos na die vorming en die ontwikkeling van die groter institusionele ekologie. "Once the living prototype is delivered and assessed, the question is how tot take it to the next level of its journey – how tot embed it in an institutional infrastructure that allows it to evolve by 'operating from the larger eco-system' as opposed to operating from each institution's ego-system." (Scharmer 2009:218).

Die sleutel vir die ontwikkeling van vlak 3 en 4 instellings is die skepping van effektiewe lerende infrastrukture (Scharmer 2009:225,226). By meeste sisteme, organisasies en gemeenskappe ontbreek twee noodsaaklike vereistes wat nodig is om die makro viool te kan bespeel: 1. Leiers wat die

© University of Pretoria

regte stel rolspelers byeenbring (naamlik frontlinie persone wat aan mekaar verbind is deur dieselfde waardeketting); en 2. 'n sosiale tegnologie wat 'n multi-belangegroep byeenkoms in staat stel om 'n skuif te maak vanaf debattering na ko-kreasie van die nuwe (Scharmer n.d.:12).

3.5.1.6. Buigpunte: verskuif die kwaliteit van aandag.

Die opeenvolging van waarneming, aanvoeling, presensering, kristallisering, prototipering en uitvoering beskryf die proses van kennis en sosiale realiteitsvorming. Die beweging deur die U-proses geskied egter nie vanselfsprekend nie. Ten einde die intelligensie van die oop hart, hart en wil te bereik, het die leier nodig om drie vyande te ken en te bemeester (Scharmer 2009:42-44). Die eerste vyand blokkeer die oop verstand: die Stem van Vooroordeel ("Voice of Judgement"). Indien ons nie in staat is om die Stem van Vooroordeel te blokkeer nie, sal dit onmoontlik wees om vordering te maak in die proses om toegang te kry tot ons werklike kreatiwiteit en presensie. Die tweede vyand blokkeer die oop hart: die Stem van Sinisme – dit sluit alle tipes emosionele verwydering in. Ten einde hierdie stem te blokkeer, moet ons onsself doelbewus in 'n posisie van broosheid plaas. Die derde vyand blokkeer die oop wil: die Stem van Vrees. Hierdie vrees kan baie dinge wees: vrees vir verlies van ekonomiese sekuriteit; vrees vir verstoting; vrees om as belaglik afgemaak te word; selfs vrees vir die dood. "...[M]eeting and dealing with that voice of fear is the very essence of leadership; to facilitate the letting go of the old 'self' and letting come of the new 'Self.'" (Scharmer 2009:43).

Ses onderliggende buigpunte, of verskuiwingspunte van aandag, laat die beweging deur die U toe (Sien Diagram 3.14. Scharmer 2009:36-39; 2000:16-21).

Buigpunt 1: Opskorting

Die eerste buigpunt het betrekking op die opskorting van vooroordeel en gewoontepatrone van denke. Ons optrede is dikwels gebaseer op gewoontevormende ("habitual") patrone van optrede en denke. 'n Bekende stimulus gee aanleiding tot 'n bekende respons. Organisasies laai uit gewoonte die patrone van die verlede af (Scharmer 2009:122). Om in die rigting van 'n toekomstige moontlikheid te beweeg, is dit nodig om bewus te word van – en af te sien van – die dominante modus van aflaai wat veroorsaak dat ons voortdurend die patrone van die verlede reproduseer (Scharmer 2009:119). Ten einde dit te kan doen, moet jy in staat wees om jou gewoonte-oordele op te skort en op 'n meer gedissiplineerde manier

© University of Pretoria

aandag te gee aan dit wat rondom jou gebeur (Scharmer 2009:120). Opskorting van vooroordeel beteken dat die self-opgelegde filters van waarneming afgelê word sodat jy anders kan sien en ervaar en jouself oopstel vir verwondering. "When operating from the place of downloading – that is, from within the closed boudaries of our own organization – we are captured in our old world like a prisoner in a cell: there is no way out. We see only the mental constructs that we project onto the world." (Scharmer 2009:120,121). Die opskorting van gewoonte-oordele is voorvereiste vir toetrede tot die U-proses en vir ko-sensering.




Diagram 3.14

Buigpunt 2: Verskuiwing (om na binne te draai)

Die tweede buigpunt behels 'n verskuiwing van die aandag na binne in die rigting van die bron eerder as na buite in die rigting van 'n voorwerp (Scharmer 2000:17). Wanneer vanaf waarneming na aanvoeling beweeg word, verskuif die plek van waaruit ons persepsie gevorm word vanaf die periferie van die sisteem ("from inside individual heads – looking *at* the field") tot buite die organisatoriese grense van die waarnemer (Scharmer 2009:146,147). Die persepsie van die waarnemer word gevorm *vanuit die hele veld*. Scharmer (2009:143) verwys na Senge se oortuiging dat hierdie draaipunt ("turn") in die hart lê van sisteemdenke. "It's about closing the feedback loop between people's experience of reality ('what the system is doing to us') and their sense of participation in the whole cycle of

© University of Pretoria

experience." (Scharmer 2009:143). Wanneer dít gebeur, verval die grens tussen subjek en objek en die waarnemer begin om die sisteem vanuit 'n heel ander gesigspunt te sien: 'n gesigspunt van waaruit die waarnemer homself sien as deel van die sisteem wat waargeneem word. "When a group starts to operate from such a place, its participants also begin to see their relationship to the system and how they collectively enact it." (Scharmer 2009:147).

Vier beginsels is ter sprake wanneer 'n groep in die kollektiewe veld van "sensing" inbeweeg (Scharmer 2009:147-150): 1. "*Charging the container*". Deeglike voorbereiding van hierdie spasie ten opsigte van plek, tyd en fokus is dus nodig. 2. "*Deep diving*." Ko-sensering gebeur wanneer die waarnemers as't ware in die veld "induik" en die leefwêreld van die voorwerp van navorsing binnetree. Dit oogmerk is om die waarnemer te beweeg tot 'n gefokusde en nie-veroordelende waarneming wat hulle toelaat om oop te wees vir en te konnekteer met ander gesigshoeke. "It's *not* studying your customer. It's *becoming*, *being* your patient or customer. It is living in the full *experience* of that world – and becoming one with it." (Scharmer 2009:148) 3. "*Redirecting attention*". Die doelbewuste fokus is om die aandag van die waarnemers te verskuif vanaf die "voorwerp" na die formatiewe veld of "bron" van waaruit die verskillende dele van die veld ontspring. Luister word volgehou totdat die kollektiewe patrone en formatiewe kragte onderliggend aan die verskillende dele van die veld uitkristaliseer. 'n Skuif vind plaas wanneer mense begin om hulleself as deel van die groter prentjie te sien. 4. "*Opening the heart*." "Opening the heart" beteken om die dieper vlakke van ons emosionele persepsie te besoek en te aktiveer en om ons hart en kapasiteit vir waarneming en waardering te gebruik as 'n orgaan vir waarneming. "[W]e deploy a different cognitive capacity: a knowing that emerges from the intelligence of the heart." (Scharmer 2009:161).

Buigpunt 3: Laat Gaan

Die derde buigpunt is die vermoë om te *laat gaan*. Hierdie drempel kan ook beskryf word as "surrendering into commitment" of "emptiness" (Scharmer 2000:18). "Without surrendering there can be no presensing. One switches from *looking for* to *letting come*, 'to receive that which manifests itself there, or rather that which I am capable of letting itself manifest there.'" Scharmer 2000:18).

© University of Pretoria

Buigpunt 4: Laat Kom

Die vierde drempel word beskryf as *laat kom*. Alhoewel *laat kom* in nou verband staan met laat gaan, is die beweging van laat kom in 'n ander rigting. "The switch here is from *emptiness* and *surrender* to *quickening* and *crystallizing* the emerging new. Without this reversal of attention there can be no envisioning and broadcasting of intention." (Scharmer 2000:18).

Buigpunt 5: Handeling (na buite draai)

Die vyfde draaipunt (Scharmer 2000:19) het betrekking op die handeling wat voortvloei uit die skepping van 'n gedeelde visie. Hoe volg jy die vloei en beweeg oor in onmiddellike optrede? Hoe kan jy dit wat besig is om te ontluik na vore bring?

Net soos die derde en vierde drempels (laat gaan en laat kom) mekaar weerspieël en omkeer, weerspieël die vyfde en tweede mekaar en is handeling (na buite draai) die omgekeerde van aanvoeling (na binne draai). Sonder hier beweging na buite kan daar geen optrede ("enactment") wees nie.

Buigpunt 6: Beliggaming

Die sesde en laaste buigpunt weerspieël die eerste en is die omgekeerde daarvan. Waar die eerste drempel, *opskorting*, fokus op die *suspendering* van gewoonte-roetines, fokus die sesde op institusionele beliggaming, dit wil sê op die vorming en *skepping* van nuwe organisatoriese roetines. "Here, one's focus shifts toward creating the organizational contexts, and infrastructures that will allow the new to continually unfold." (Scharmer 2000:19).

Bogenoemde buigpunte is identies op alle vlakke: mikro, meso, makro en mundo sfere (Scharmer 2009:241).

3.5.1.7. Gevolgtrekking.

Die vraag is: Wat is die relevansie van Scharmer se teorie vir die missionale teologie? Hoe ondersteun of weerspreek dit die SAVGG-proses vir gemeentelike transformasie? En, watter bydrae lewer dit om 'n antwoord te kan gee op die navorsingsvraag en -hipoteses?

1. Eerstens bevestig Scharmer dat die uitdaginge wat aan die missionale gemeente gestel word, nie aangespreek kan word deur blote tegniese of strukturele aanpassinge nie. Die antwoord lê nie in die aflaai van

© University of Pretoria

die patrone en verstaansraamwerke vanuit die verlede nie, maar moet gevind word *vanuit God se ontluikende en aanbrekende toekoms*. Missionale gemeentes streef na 'n vlak 4 verandering – 'n ontdekking van God se aankomende of voorkeurtoekoms vir sy gemeente en 'n bedieningspraktyk wat van daaruit voortvloei.

2. Tweedens bevestig Scharmer se U-teorie die waarde en integriteit van die *proses* wat deur die SAVGG gevolg word en verdiep op vele vlakke die verstaan en betekenis daarvan. Alhoewel die vier fases van die SAVGG-proses nie direk ooreenstem met Scharmer se ses beweginge (waarneming, aanvoeling, presensering, kristallisering, prototipering en uitvoering) nie, bevestig Scharmer se U-teorie grootliks die integriteit van die proses. Fase 1 (ontdekking) en die eerste deel van fase 2 (verkenning) sluit aan by Scharmer se afwaartse beweging aan die linkerkant van die U (waarneming en aanvoeling), terwyl die tweede deel van fase 2 (eksperimentering), fase 3 (visionering) en fase 4 (in-oefen en groei) Scharmer se opwaartse beweging aan die regterkant van die U (kristallisering, prototipering en uitvoering) verteenwoordig.

3. Scharmer beskryf *presensering* aan die onderkant (draaipunt) van die U as die beweging deur die "oog van die naald". Presensering is die beweging om die self te benader *vanuit die ontluikende toekoms*. "In that state we step into our real being, who we really are, our authetic self." (Scharmer 2009:163) Aan die onderpunt van die U konnekteer ons met die Self – die bron van waaruit ons kreatiwiteit voortspruit. Twee sleutelvrae lê ten grondslag van die kreatiewe proses: "Wie is my **S**elf?" en "Wat is my **W**erk?" (Scharmer 2009:164) Die "hoofletter-S Self" verteenwoordig ons "beste toekomstige moontlikheid". Die "hoofletter-W Werk" verwys nie na jou huidige werk nie, maar na jou roeping, wat jy op aarde geroep is om te doen.

   Venter & Hendriks (2012:4-15 – Sien ook Venter, 2011 Junie) wys op die noue verband tussen Scharmer se *presensering* en die betekenis en funksie van *geloofsonderskeiding* binne die proses van die SAVGG. Geloofsonderskeiding is die proses om te onderskei hoe en waar God aan die werk is (God se aanbrekende toekoms) en hoe die geloofsgemeenskap hiervan deel kan word. Hierdie proses is so wesenlik aan die proses van die SAVGG dat die hele reis as 'n geloofsonderskeidende reis beskryf word. Binne die konteks van die *missio Dei* gaan dit hierin egter nie om die ontdekking van die Self nie, maar om die ontdekking van God se herskeppende teenwoordigheid

© University of Pretoria

in ons alledaagse lewe. Geloofsonderskeiding vervul dus binne die SAVGG-proses die funksie wat presensering binne Scharmer se U-proses vervul.

4. Scharmer se klem op die kritiese belang van die oorsteek van sekere drempels (of buigpunte) vir die voortsetting van die proses bevestig die belangrikheid van houding of ingesteldheid vir die deurvoering van die SAVGG-proses. Houdinge soos die aflegging van mag, die opskorting van voorveronderstellinge, die aanname van 'n posisie van nie-weet-nie, 'n luister- en dienskneg ingesteldheid, en afhanklikheid van God se Gees verteenwoordig Scharmer se buigpunte tydens die senserings- en presenteringsfases van die U-proses, naamlik opskorting, verskuiwing, laat gaan en laat kom. En alhoewel nie so duidelik uitgespel nie, beklemtoon die SAVGG-proses ook die belangrikheid van onmiddellike optrede, waag en leer deur middel van eksperimentering en beliggaming.

5. Scharmer bevestig die volgende navorsingshipoteses:
   - Leierskap is 'n kritiese faktor is ten einde organisasies (gemeentes) in staat te stel om die uitdaginge van 'n nuwe tyd aan te spreek.

   - Die tipe leierskap wat vereis word verskil wesenlik van die model van leierskap wat fokus op die instandhouding van 'n institusionele model. Vir 'n alternatiewe toekoms (wat anders is as die verlede) om te ontluik is 'n nuwe bewussyn en 'n nuwe kollektiewe leierskapskapasiteit nodig wat die uitdaginge van ons tyd op 'n meer bewustelike, intensionele en strategiese wyse kan benader. Wat nodig is, is 'n nuwe kwaliteit van konneksie, 'n nuwe manier van teenwoordig-wees by mekaar en by dit wat wag om te ontluik (2009:4). Suksesvolle leierskap is afhanklik van die kwaliteit van die aandag en intensie wat die leier in enige situasie inbring (2009:7). Twee leiers kan in dieselfde omstandighede dieselfde ding doen en tog geheel uiteenlopende uitkomste teweeg bring, afhangende van die innerlike plek ("inner place") van waaruit hulle optree (Scharmer 2009:13). "*Collectively seeing our field of attention* – that is – collectively becoming aware of our inner places from which we operate in real time – may well be the single most important leverage point for shifting the social field in this century and beyond..." (Scharmer 2009:10).

© University of Pretoria

- Die proses van presensering is in wese 'n luister- of waarnemingproses (onderskeiding). Die beperkende faktor tot transformerende verandering is nie 'n gebrek aan ideë nie, maar 'n onvermoë om waar te neem – om diep, skerp en kollektief te sien. "What is missing most in our current organizations and societies is a set of practices that enable this kind of deep seeing – 'sensing' – to happen collectively and across boundaries. When sensing happens, the group as a whole can see the emerging opportunities and the key systemic forces at issue." (Scharmer n.d.:7).

- Die suksesvolle beweging deur die U-proses is afhanklik van 'n span leiers wat die essensiële leierskaps-kapasiteite kweek (vorming) wat vir die reis nodig is en waarsonder die proses nie die gewenste resultaat sal lewer nie (Scharmer n.d.:8). Die ontdekking van die blindekol van leierskap en die vermoë om die plek van waaruit aandag ontspring te skuif, is kern-kapasiteit vir leierskap wat uit die gevangeskap van die verlede wil uitbreek en deel word van God se aanbrekende toekoms. Die transformasie van die sisteem of organisasie begin met die transformasie van die leier self.

3.5.2. Dr I Gous - Denk- en leerstyle (breinvoorkeur).

Tydens 'n predikantekonferensie van die Wes-Transvaalse Sinode op 19 en 20 Maart 2012 doen Prof. Ig Gous (2012 Maart) van die Universiteit van Suid-Afrika 'n aanbieding oor *Denk- en leerstyle (breinvoorkeur).* Predikante word gevra om met behulp van 'n meetinstrument wat voorsien word 'n eie voorkeur denk- en leerstyl te bepaal.

Voorkeur denk- en leerstyle word aan die hand van die vier breinkwadrante (kwadrant A: links bo; kwadrant B: links onder; kwadrant C: regs onder; en kwadrant D: regs bo) omskryf. Persone wat serebraal dominant is (links en regs bo) neig tot kognitiewe en pragmatiese denke, terwyl persone met 'n limbies dominante voorkeur (links en regs onder) neig tot gevoelsmatige ("visceral") en instinktiewe denke. Die voorkeur denkstyl vir persone wat links dominant is (links bo en onder) word beskryf as realisties en "gesonde verstand" ("common sense"), terwyl die voorkeur denkstyl vir persone wat regs dominant is (regs bo en onder) idealisties en intuïtief is. Persone wat regs bo (kwadrant D) dominant is, se denkstyl word beskryf as konseptueel, sintetiserend, metafories, integrerend en visueel. Denkaktiwiteite in dié kwadrant word onder andere beskryf as ideevorming, eksperimentering,

© University of Pretoria

verbeeldingryk, sintetiserend, konseptualiserend, integrerend, strategies, onwerpend en intuïtief-probleemoplossend. Beroepselemente sluit in konsepte soos verbeeldingryk, visueel, riskant, ontwerpend en kommunikerend. Werksvereistes word beskryf as eksperimentering, visualisering, verbeelding, innovasie, strategievorming, konseptualisering, leiding, intuïtiewe probleemoplossing en kommunikasie.

Indien missionale leierskap verstaan word as leierskap in transisie, wil dit hieruit voorkom asof die vaardighede wat hiervoor nodig is, hoofsaaklik teenwoordig is by diegene met 'n regterbrein denkstyl, en veral by persone by wie kwadrant D (regs bo) dominant is. Dit laat die vraag: Indien dít die geval is, wat beteken dit ten opsigte van die vorming van die predikant as missionale leier? Beteken dit dat sommige individue vanuit breinvoorkeur natuurlikerwys oor die kapasiteit beskik om gemeenskappe in tye van transisie te lei, en ander nie? Kan dit dalk 'n verklaring bied waarom sommige leraars makliker uit die ou sisteem wegbreek en vernuwing waag as wat dit met ander die geval is? En, hoe word die kapasiteit en vaardighede wat transisie vereis gekweek by diegene by wie kwadrant D nie die dominante breinvoorkeur is nie?

Ek het bogenoemde vrae na die lesing aan Dr Gous gestel. Sy antwoord is dat daar uit die geskiedenis in elke kwadrant rolmodelle van verandering aangedui kan word. My aanvoeling is dat verdere navorsing op hierdie terrein moontlik 'n belangrike bydrae kan lewer ten opsigte van die vorming van leiers in tye van oorgang en transisie.

3.5.3. Dr Mariët van Niekerk – Neuroplastisiteit.

Dr Gous se seminaar is opgevolg deur Dr Mariët van Niekerk (2012 Maart), 'n neuroloog, met 'n lesing oor neuroplastisiteit. Neuroplastisiteit verwys na die brein se vermoë om homself te verander. Die brein is deurlopend besig om sinapse en netwerke te evalueer en te transformeer - nuwe netwerke vorm en groei en bestaande netwerke word gesnoei na aanleiding van die aanvraag. Die brein is dus deurentyd besig om homself te transformeer. Groei veronderstel 'n diskongruente proses – grense word oorgesteek en nuwe netwerke vorm deur dissipline, konsentrasie en 'n doelbewuste inoefening van nuwe gewoontes, taal en gedrag. Neuroplasitisiteit word nie gestimuleer deur gedrag wat binne die gemaksone val en waarvoor geen nadenke nodig is nie. Groei is in 'n sekere sin dus altyd seer. Stres en angs inhibeer neuroplastisiteit.

© University of Pretoria

My aanvoeling is dat Dr van Niekerk (soos Prof Ig Gous) belangrike insigte bied ten opsigte van die vorming van die predikant as missionale leier wat moontlik verdere nadenke en navorsing verdien en die potensiaal het om die proses ten opsigte van die vorming van missionale leiers vanuit neurologiese perspektief beter te verstaan. Enersyds bevestig sy dat persoonlike vorming en groei 'n doelbewuste (en pynlike) proses is waarin ou netwerke gesnoei en nuwe verbindinge gevorm word. Dit veronderstel 'n doelbewuste keuse vir diskongruensie, die oorsteek van grense, eksperimentering en volgehoue inoefening van 'n nuwe taal en gewoontes. Indien die predikant dus nie sy eie gemaksone prysgee en doelbewus nuwe horisonne visualiseer, risiko's neem en met nuwe uitdaginge eksperimenteer nie, is groei nie moontlik nie. "Leadership is often more about scars than stars." (Gibbs 2005:180). Terselfdertyd bevestig haar navorsing die waarde van die inoefening van persoonlike geloofsdissiplines vir geestelike vorming en groei. Die dissipline om daagliks by God te rus, sy Woord te bedink (meditasie), met Hom in gesprek te tree en met Hom in gemeenskap te wees (kontemplasie), is belangrike boustene vir persoonlike vorming en groei. Deur die werking van die Heilige Gees bou die predikant só die kapasiteit om stres en angs gesond te hanteer en om 'n alternatiewe toekoms vir homself en die geloofsgemeenskap te visualiseer.

3.6. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGE.

Hoofstuk 3 het beoog om die bestaande literatuur en jongste navorsing in die veld van missionale leierskap te ondersoek ten einde 'n antwoord op die navorsingsvraag te kan gee. Ons het die bestaande navorsing en literatuur vanuit verskillende perspektiewe ondersoek. Ons eerste fokus was op die materiaal en proses van die SAVGG. In 'n tweede rondte het ons resente navorsing oor missionale leierskap vanuit die veld van die missiologie ondersoek. En laastens het ons aandag gegee aan relevante navorsing vanuit die bestuurswetenskappe, asook navorsing oor die brein en breinfunksionering.

Ons sluit hoofstuk 3 af met 'n voorlopige evaluering van die navorsingshipotese in die lig van die bevindinge van die literatuurstudie:

1. *Leierskap, en in die besonder die persoon van die predikant, vervul 'n sleutelfunksie ten opsigte van die suksesvolle transformasie en vorming van 'n gemeente as 'n missionale geloofsgemeenskap.*

© University of Pretoria

Die literatuurstudie bevestig inderdaad dat leierskap 'n sleutelfaktor is ten opsigte van die vorming van missionale geloofsgemeenskappe. (3.2.1.1, 3.2.4.1, 3.4.4.1 en 3.5.1.6.5). Vanuit die amp en posisie wat histories aan 'n predikant in 'n hoofstroomgemeente toegeken word, is veral die rol van die predikant hierin van kritiese belang. (3.3.1 – 3.3.6). Die predikant kan vanuit sy amp en gesagsposisie in die gemeente inderdaad die proses maak of breek.

2. *Die kapasiteite waaroor die predikant as missionale leier moet beskik vir die transformasie van 'n hoofstroomgemeente na 'n missionale geloofsgemeenskap verskil wesenlik van die kapasiteite wat nodig is vir die bediening waarvoor die meeste predikante opgelei is.*

   'n Ondersoek na die historiese ontwikkeling van die amp van die predikant toon hoedanig die huidige paradigma vir leierskap diepliggend beïnvloed is deur die Christendom en gesekulariseerde modelle vir leierskap (3.3.1). Hierdie paradigma is in vele opsigte ver verwyder van die apostoliese model vir leierskap binne die Nuwe Testament en 'n model vir missionale leierskap soos dit binne die SAVGG voorsien word (3.2.4). In die vorming van 'n missionale geloofsgemeenskap staan die predikant op die brug tussen die instandhouding van die oue en die ontluiking van die nuwe. Die kapasiteite wat hiervoor nodig is verskil wesenlik van die kapasiteite wat nodig is vir die bediening binne die pastorale of institusionele model van kerkwees waarvoor meeste predikante in hoofstroomkerke opgelei is. Nuwe kapasiteit moet dus in die predikant en leierskap van die gemeente ingebou word ten einde hulle toe te rus en te bemagtig vir die reis van gemeentetransformasie.

3. *"Onderskeiding" en "vorming" is sleutelkonsepte ten opsigte van die identifisering van die kernkapasiteite wat vir hierdie proses van vorming en transformasie nodig is.*

   Van Saane (2012:12) wys daarop dat die term "leierskap" na hartelus gebruik word sonder dat die konsep noodwendig duidelik gedefinieer word. Sy haal Yukl aan as outoriteit ten opsigte van leierskap binne professionele organisasies. Yukl definieer leierskap soos volg: "Leadership is the process of influencing others to understand and agree about what needs to be done and how to do it, and the process of facilitating individual and collective efforts to accomplish shared objectives." (Van Saane 2012:13). Leierskap is dus die proses waarin leiers ander beïnvloed sodat laasgenoemde weet wat gedoen moet

© University of Pretoria

word, daartoe instem en saamstem met die manier waarop die doelwit bereik kan word. Terselfdertyd is leierskap die fasiliteringsproses van individuele en kollektiewe pogings vir die bereiking van die gesamentlike doelwit. Van Saane self beoog 'n definisie vir leierskap ten einde leiers in staat te stel om die kennis en vaardighede te bou wat nodig is vir geloofwaardige leierskap binne sowel as buite 'n religieuse konteks. Sy definieer leierskap as volg: "Leiderschap is het dynamische proces waarin leider en volgers elkaar beïnvloeden, zodat er (1) overeenstemming ontstaat over doel en middelen van die groep, (2) individuele leden en die groep als geheel optimaal gefaciliteerd worden in de pogingen de doelen te bereiken, en (3) het welzijn van groep en leden verhoogt wordt." (Van Saane 2012:13).

Bogenoemde definisie omskryf waarskynlik goed hoe leiers binne 'n pastorale- of professionele- of instandhoudingsparadigma oor leierskap binne die geloofsgemeenskap sal dink. Binne die paradigma van die *missio Dei* en *missio ecclesiae* verkry leierskap egter 'n heel nuwe betekenis. Missionale leierskap vind sy oorsprong en gesag by God, setel in die geloofsgemeenskap, en kweek binne die geloofsgemeenskap praktyke vir die onderskeiding van die *missio Dei* en vir die vorming van die geloofsgemeenskap vir deelname aan God se sending in die daaglikse en onmiddellike konteks waarbinne God die gemeente roep, versamel en stuur (3.2, 3.3 en 3.4).

"Onderskeiding" en "vorming" is dus inderdaad sleutelbegrippe ten opsigte van die identifisering van kernkapasiteite vir die predikant as missionale leier. Die reis op weg na die vorming van die gemeente as missionale geloofsgemeenskap is in wese 'n *geloofsonderskeidende reis*. Die kapasiteit om ruimte te skep vir diep-luister ten einde God se aanbrekende toekoms te kan onderskei, is wesenlik vir die proses. Terselfdertyd is dit nodig dat die predikant as skepper van geloofsgemeenskap oor die kapasiteit sal beskik wat nodig is om *gelowiges en gemeentes te vorm* vir deelname aan die *missio Dei*. Kennis ten opsigte van die vorming van 'n missionale leefstyl deur die inoefening van geloofsvormende gewoontes en dissiplines individueel en korporatief is hiervoor 'n voorvereiste.

4. *Die transformasie van die predikant is die vertrekpunt vir die transformasie van die gemeente. Die transformasie van die gemeente begin by die transformasie van die predikant.*

© University of Pretoria

> Die plek vir die predikant as missionale leier is aan die voorpunt van die geloofsgemeenskap. Binne die paradigma van die missio Dei kan leierskap omskryf word as “eerste volgelingskap.” (3.3.3). Die inoefening van geestelike gewoontes en dissiplines deur die predikant ten einde ’n leefstyl van gestuur-wees te modelleer, is die vertrekpunt vir die transformasie van die gemeente. Die transformasie van die gemeente begin by die transformasie van die predikant.

Die literatuurstudie as eerste fase in die navorsingsproses (1.4) is hiermee voltooi. Die fokus verskuif nou na die tweede beweging in die navorsingsproses: die generering en analisering van toepaslike data ten einde ’n betroubare antwoord op die navorsingsvraag te kan gee.

© University of Pretoria

© University of Pretoria

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE ONDERSOEK

4. EMPIRIESE ONDERSOEK.

4.1. FOKUS EN DOELWIT.

Die literatuurstudie is met hoofstuk 3 afgesluit. Die fokus verskuif nou na die generering en ontleding van toepaslike data ten einde 'n geloofwaardige en betroubare antwoord op die navorsingsvraag en –hipotese te probeer vind.

Die doelwit met hierdie hoofstuk is die ontwikkeling en operasionalisering van die navorsingsmetodologie wat aan die empiriese ondersoek ten grondslag lê. Vrae wat aan die orde gestel sal word, is onder andere: Hoe word die voorgestelde navorsing gedoen? Hoe word die data-generering en -verwerking gedoen? En, wat is die bevinding ten opsigte van die navorsingsvraag en –hipotese?

Ons begin met 'n beskrywing van die teoretiese fundering waarop die navorsing berus. Vervolgens word die navorsingsmetodologie beskryf: die identifisering van databronne; die generering, transkribering en nasien van die data; en die analisering en interpretasie van data. Daarna word die navorsingsbevindinge aangeteken. Die hoofstuk word afgesluit met die toepassing van die kriteria vir geloofwaardigheid.

4.2. TEORETIESE FUNDERING.

Ons het in hoofstuk 1 (1.2) daarop gewys dat hierdie navorsing gedoen word binne die konteks van 'n wêreldwye **herontdekking van die missionale aard en gerigtheid van die plaaslike kerk**. Sending word nie langer ekklesiologies of soteriologies verstaan nie, maar as deelname aan die *missio Dei* (Bosch 1991:389-393). As sodanig kan sending nie langer verstaan word as 'n program of aktiwiteit van die kerk nie, maar word sending gesien as die **rede vir die bestaan van die kerk**. Die term "missionaal" dui op die essensiële aard en roeping van die kerk as 'n gemeenskap wat deur God geroep en gestuur word. "It see's the church primarily as the instrument of God's mission." (Gibbs & Coffey 2001:55).

© University of Pretoria

Hoofstukke 2 en 3 ondersoek en beskryf die teologiese onderbou waarop hierdie paradigmatiese skuiwe berus. Hoofstuk 2 bied 'n kernagtige beskrywing van sleutelaspekte van 'n missionale ekklesiologie soos dit sedert Willingen (IMC 1952) ontluik en binne die SAVGG funksioneer. Sedert Willingen is die *missio Dei* die oorkoepelende paradigma waarbinne sending wêreldwyd verstaan word (2.2). Die *missio Dei* konstitueer die *missio ecclesiae (2.1).* Die kerk het dus geen bestaansreg los van sy missionale roeping as deelname aan die *missio Dei* nie. As sodanig is 'n missionale kerk altyd **inkarnasioneel** en **kontekstueel**. Die aanname is dat God vir elke gemeente in sy plaaslike konteks 'n unieke roeping het as deelname aan die *missio Dei* (2.4.5). "Missionaal" verwys na **wie die kerk in sy plaaslike konteks is**, en nie na 'n bepaalde funksie van die kerk nie (2.4.4).

Die vorming van 'n missionale gemeente-kultuur in 'n plaaslike gemeente is 'n ingewikkelde proses en behels diepliggende paradigmatiese skuiwe. Hoofstuk 3 bou voort op hoofstuk 2 en ondersoek die **aard van leierskap wat nodig is om hierdie paradigmatiese skuiwe in 'n plaaslike gemeente te fasiliteer**. Met die oog op die bereiking van die navorsingsdoelwit, val die fokus deurentyd op die kernkapasiteite waaroor die leraar moet beskik ten einde 'n gemeente tot die vorming van 'n missionale gemeentekultuur te begelei. Verskillende lense word hiervoor aangelê. As eerste beweging word missionale leierskap ondersoek vanuit die fokus en proses van die SAVGG (3.2 en 3.3). Tweedens word missionale leierskap ondersoek deur die lens van resente navorsing vanuit die veld van die missiologie (3.4). As derde beweging word ook aandag gegee aan relevante navorsing oor leierskap vanuit die veld van die bestuurswetenskappe en ander dissiplines (3.5). Die literatuurstudie oor missionale leierskap bevestig die navorsingshipotese dat leierskap 'n sleutelfaktor is ten opsigte van die vorming van missionale geloofsgemeenskappe en dat veral die rol van die predikant hierin van kritiese belang is (3.6.1). Ook die hipotese dat die aard van leierskap wat nodig is vir die vorming van missionale geloofsgemeenskappe wesenlik verskil van die tradisionele rol waarvoor predikante opgelei is, word bevestig (3.6.2). Die kapasiteite wat hiervoor nodig is verskil dus wesenlik van die kapasiteite waarvoor predikante tradisioneel gevorm en opgelei is met die oog op die bediening binne 'n pastorale of institusionele model van kerk-wees (3.6.2, 3.6.3, 3.6.4).

Die laaste beweging op ons reis (hoofstuk 4) is 'n kwalitatief empiriese ondersoek by predikante en gemeentes wat die drie-jaar proses van die

© University of Pretoria

SAVGG deurloop het ten einde hulle ervaringe deeglik na te vors en 'n kontekstueel relevante antwoord op die navorsingsvraag en -hipotese te kan gee. Omdat gemeentelike teologie en gemeentelike praxis met 'n kwalitatief empiriese ondersoek van hierdie aard ter sprake kom, beweeg ons op 'n terrein waar Missiologie en Praktiese Teologie ontmoet en 'n interdissiplinêre benadering nodig is en positief aangewend kan word. Swinton en Mowat (2006) en Hendriks (2004) dien vanuit die Praktiese Teologie as voorbeelde van so 'n interdissiplinêre metodologie en benadering waar Missiologie en Praktiese Teologie ontmoet.

Swinton en Mowat (2006:25-27) definieer Praktiese Teologie as "critical, theological reflection on the practices of the Church as they interact with the practices of the world with a view of ensuring faithful participation in the continuing mission of the triune God." Die taak van die praktiese teoloog is dan om daartoe mee te werk dat die kerk se teologiese verstaan met sy praktyke in die wêreld in ooreenstemming gebring word en sodoende verseker dat die kerk in die publieke uitdrukking van sy geloof getrou is aan die aard en handeling van die Drie-enige God. As sodanig is Praktiese Teologie 'n *fundamenteel missiologiese dissipline* wat sy doel, motivering en dinamika ontleen aan die erkenning en vasstelling van wat dit beteken om getrou aan God se sending deel te neem. Hierdie *sending van God* verskaf die *kritiese hermeneutiek* wat die praktiese teoloog in elke faset van sy taak begelei.

Hendriks (2004:19-34) beoog om 'n metodologie te definieer ten einde teologie te benader vanuit gemeentelike perspektief in 'n Afrika konteks. Sy hipotese is dat die kerk 'n wesenlike bydrae kan lewer om die talle probleme waarmee ons in Afrika gekonfronteer word, aan te spreek (Hendriks 2004:19). Hierin vervul die gemeente as plaaslike uitdrukking van die kerk in die gemeenskap 'n primêre funksie. Wanneer gemeentes en hulle teologie ter sprake kom, beweeg ons op die terrein van 'n spesifieke sub-dissipline, naamlik Praktiese Teologie. Hendriks (2004:19) definieer Praktiese Teologie as volg: Praktiese Teologie is 'n deurlopende hermeneutiese onderneming wat onderskei hoe die Woord in woord en daad in die wêreld aangekondig behoort te word.

Hendriks (2004:21) neem sy vertrekpunt vir die teologie in die aanname dat teologie basies *een dissipline* is (en nie in te veel sub-dissiplines onderverdeel moet word nie) en in wese *missionaal* van aard is. In die lig hiervan kan die volgende beginsels of riglyne vir die teologiese proses onderskei word (2004:24-34):

© University of Pretoria

- *Teologie gaan oor God*. Teologie is in wese gehoorsame deelname aan die missionale praxis van die Drie-enige God. God is in wese Drie-enig en missionaal. Die geloofsgemeenskap kan God nie werklik verstaan sonder deelname aan sy missionale praxis nie. Die wese van teologie is dus om God te ken, en om sy wil en leiding te onderskei vir die manier waarop ons deel in die *missio Dei*.
- *Teologie gaan oor die geloofsgemeenskap*. Die identiteit van die kerk vloei voort uit die wese van God. Dit beteken dat wegbeweeg word vanaf 'n praktiese teologie wat basies fokus op die toepassing van Bybelse en sistematiese teologie op die bediening van die ampte. Die geloofsgemeenskap is nie passiewe ontvangers van religieuse onderrig deur teoloë nie, maar 'n responsiewe gemeenskap wat in 'n dinamiese verhouding met die missionale God die wil van God onderskei en oorgaan tot handeling.
- *Teologie is kontekstueel*. Christelike teologie is per definisie kontekstueel en word beoefen tussen die globale en die plaaslike konteks. Teologie bestudeer dus die globale, nasionale en plaaslike realiteite waardeur die gemeentelike situasie beïnvloed word. Die vraag na die nasionale en plaaslike realiteite waarmee ons moet handel is dus deel van die primêre vraag: Hoe neem ons deel aan die missionale praxis van die Drie-enige God?
- *Teologie gaan oor interpretasie*. Die plaaslike geloofsgemeenskap leef in 'n spesifieke plek en tyd. Gelowiges behoort in staat te wees om die huidige probleme plaaslik en kontekstueel aan te spreek. Hiervoor is 'n praktiese teologie nodig wat in staat is om die probleem te formuleer en akkuraat te beskryf. Van der Ven (Hendriks 2004:28) praat in dié verband van *empiriese teologie*, omdat dit die empiriese realiteit ondersoek ten einde geloofwaardige feite te vind.
- *Teologie gaan oor die Skrif en tradisie*. Die vrae waarmee die geloofsgemeenskap gekonfronteer word, behoort aangespreek te word deur middel van 'n proses van onderskeiding waarin die Skrif 'n normatiewe funksie vervul. Teologie is in wese hermeneuties en behoort in staat te wees om die Christelike tradisie in die lig van die huidige uitdaginge te lees en dan te onderskei wat God se wil vir hierdie geloofsgemeenskap is.
- *Teologie gaan oor onderskeiding*. Dit gaan in die teologie oor die fusie van twee horisonne waar die geïnterpreteerde sosiale realiteit en die geïnterpreteerde Christelike normatiewe bronne ontmoet, ten einde visie en leiding te verskaf vir 'n geantisipeerde toekoms. Die vertrekpunt onderliggend aan hierdie proses van onderskeiding is die

© University of Pretoria

oortuiging dat die Drie-enige God die Een is wat die inisiatief neem in die skepping, verlossing en onderhouding van die skepping. Onderskeiding is dus 'n proses waarin die geloofsgemeenskap in gemeenskap met God en met mekaar op die Heilige Gees vertrou om die inisiatief te neem en die gemeenskap te begelei om God se wil te onderskei met die oog op deelname aan die *missio Dei*. In hierdie proses vervul die Skrif 'n integrale funksie en word die geloofsgemeenskap uitgedaag om alle sekondêre belange ondergeskik te stel aan die *missio Dei*. Teologie is dus nie 'n abstrakte akademiese dissipline los van die geloofsgemeenskap se lewe en worsteling om God se voortgaande handelinge te onderskei nie. "Discernment takes place in a faith-environment where personal faith is actually integrated faith, integrated in relationships, in an obedient, missionary community." (Hendriks 2004:31).

- *Teologie gaan oor die koninkryk*. In Jesus Christus het die koninkryk vlees en bloed geword. Met sy lewe, sterwe en opstanding breek 'n nuwe skepping aan. Die liefde en omgee kenmerkend aan geloofsgemeenskappe is alreeds tekenend van God se teenwoordigheid en van sy koninkryk.
- *Teologie gaan oor transformerende optrede*. 'n Missionale praxis teologie fokus nie in die eerste plek op die Skrif en tradisie met die oog daarop om sistematiese en omvattende interpretasies te maak nie, maar bedryf teologie deur eerstens op plaaslike en spesifieke aangeleenthede te fokus met die bedoeling om iets te doen aan die realiteit en probleme waarmee die geloofsgemeenskap en samelewing gekonfronteer word. Die teologie poog om die realiteite van die hede en die verlede hermeneuties te onderskei met die oog daarop om God se wil te onderskei en sodoende opgeneem te word in God se voortgaande handelinge met die oog op die realisering van die verwagte toekomstige eskatologiese realiteit. Hierdie aktiewe en reflektiewe spiraal lei tot 'n nuwe formulering van waarheid en waardes wat sistematies uitdrukking mag vind in nuwe teologiese belydenisse, maar wat veral uitdrukking vind in die lewe en getuienis van die geloofsgemeenskap. Só word aspekte van die eskatologiese toekoms in die hede gerealiseer op alle vlakke van optrede (op persoonlike vlak; op gemeentelike vlak; op die vlak van die sekulêre samelewing; op wetenskaplike vlak; en op ekologiese vlak), en word vreugde en hoop geskep.

Samevattend kan die volgende aspekte ten opsigte van die teoretiese vertrekpunt en benadering van die ondersoek beklemtoon word:

© University of Pretoria

1. Die navorsing word gedoen binne die veld van die missiologie en kan dus as *teologiese navorsing* beskryf word. Die *missio Dei* vorm die teologiese vertrekpunt en agtergrond van waaruit die navorsing gedoen word.

2. Die kwalitatiewe navorsingsontwerp veronderstel dat die teologiese ondersoek aangevul word met 'n empiriese ondersoek by predikante en gemeentes binne die konteks van die SAVGG. Die missiologiese ondersoek word dus op multidissiplinêre wyse verruim met 'n kwalitatiewe ondersoek vanuit 'n prakties-teologiese benadering.

3. Swinton en Mowat (2006) en Hendriks (2004) dien vanuit die Praktiese Teologie as illustrasie van 'n interdissiplinêre metodologie en benadering waarin Missiologie en Praktiese Teologie ontmoet.

4.3. NAVORSINGSMETODOLOGIE.

4.3.1. Populasie en data-afbakening.

Die ondersoek fokus op leraars en bemagtigde lidmate ("empowered persons") in gemeentes in Suid-Afrika wat tussen 2004 en 2010 die drie-jaar proses van die SAVGG saam met sy/haar gemeente voltooi het en vir ten minste twee jaar daarna bewustelik en intensioneel op die reis na missionale gemeentevorming gebly het. Die aanvangsdatum word op 2004 gestel omdat die eerste SAVGG groepsbyeenkoms ("cluster event") op 30 Januarie 2004 in Namibië plaasvind. Gedurende Februarie 2004 skop die SAVGG af met drie nuwe groepe ("clusters") in Suid-Afrika, onderskeidelik in Gauteng (Gauteng 1), die Wes-Kaap (Wes-Kaap 1) en die Oos-Kaap. Tot en met 2008 begin vyf ander groepe in Suid-Afrika met hulle eerste byeenkoms, naamlik Suid-Kaap (Augustus 2004), Gauteng 2 (September 2005), Kalahari (April 2006), Wes-Kaap 2 (Oktober 2006), Wesrand (Augustus 2007) en Pretoria-Noord (2008). Nuwe groepe wat hierna vorm kon uiteraard nie op datum van die ondersoek (2012) minstens vyf jaar op hul reis na missionale gemeentevorming voltooi het nie en val dus buite die kriteria wat vir data-afbakening gestel word.

'n Eerste stap was die vasstelling van die populasie van gemeentes en leraars wat binne die kriteria vir data-afbakening val. Wie is die gemeentes wat die drie jaar reis van die SAVGG voltooi het? Wie was hulle leraars? Watter van hierdie gemeentes en leraars het na voltooiing van die drie-jaar reis vir ten minste twee verdere jare op die beliggaming van die gestuurde roeping en -identiteit van die gemeente bly fokus?

© University of Pretoria

Uiteindelik het die proses van populasievasstelling geblyk meer kompleks te wees as wat die navorser aanvanklik vermoed het. Die SAVGG is 'n vrywilliger-organisasie met geen vaste of betaalde personeel nie. 'n Sentrale databasis van gemeentes wat die drie-jaar reis voltooi het, is dus nêrens beskikbaar nie. 'n Lys van gemeentes wat met die SAVGG-proses begin het, is op 23 Augustus 2012 van Me DD Robertson van Communitas verkry en met raadpleging van die onderskeie groepleiers gekontroleer.

Uit die gesprekke met die groepleiers van die nege groepe in Suid-Afrika wat binne die kriteria vir data-afbakening val is dit duidelik dat nie alle gemeentes wat met die drie-jaar proses van die SAVGG begin het, die reis voltooi het nie. Binne hierdie nege groepe het ongeveer 93 gemeentes met die reis begin, waarvan ongeveer 57 (61,3%) end-uit volhard en al nege die groepsbyeenkomste bygewoon het. Na die waarneming van die groepleiers was selfs gemeentes wat die reis voltooi het, nie almal ewe intensief op die proses van missionale gemeentevorming ingekoop nie. As gevolg van 'n verskeidenheid van faktore (onder andere: gebrekkige inkoop van leraars, verwisseling van leraars, konflik binne die gemeentelike leierskap, samesmelting van gemeentes) het sommige van die gemeentes wat die reis voltooi het, bloot van die reis "kennis geneem" of op 'n eie manier daarmee omgegaan sonder om aan al die fases van die reis die vereiste aandag te gee. Missionale transformasie was dus nie orals ewe suksesvol nie. Die uitdaging is dus om dié gemeentes te identifiseer wat die reis voltooi het én vir ten minste twee verdere jare op hulle gestuurde roeping gefokus het en dit intensioneel probeer beliggaam het. Op grond van die waarneming van groepleiers val sewe en veertig (47) gemeentes binne hierdie raamwerk. Hiervan is agt en dertig (38) van die Nederduits-Gereformeerde Kerk (NGK), twee (2) van die Nederduits-Hervormde Kerk (NHK), drie (3) van die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK), twee (2) van die Methodist Church, een (1) van die Evangelies-Lutherse Kerk en een (1) van die Congregational Church. Tagtig (80) leraars het die reis saam met hierdie gemeentes voltooi: sewentig (70) uit die NGK, drie (3) uit die NHK, drie (3) uit die VGK, twee (2) uit die Methodist Church, een (1) uit die Evangelies-Luthers Kerk en een (1) uit die Congregational Church. 'n Volledige lys van hierdie gemeentes en leraars is by die navorser beskikbaar.

4.3.2. Steekproefneming.

Steekproefneming in kwalitatiewe navorsing verskil van steekproefneming in kwantitatiewe navorsing, maar is nietemin 'n belangrike element in die proses van datagenerering in beide vorme van navorsing. Burgess

© University of Pretoria

(1984:53) wys op die onvermydelikheid van steekproefneming ten einde die veld van studie af te baken en die navorsing te fokus.

Kwalitatiewe navorsing plaas die klem op kwaliteit (in-diepte) en nie op kwantiteit nie. Dit is dus belangrik om die steekproefneming op so 'n wyse te doen dat dit verteenwoordigend van die populasie is en terselfdertyd in-diepte navraag en ondersoek ondersteun ten einde die beste moontlike antwoord op die navorsingsvraag te kan gee. Indien die seleksie vasgestel word op persone binne die populasie wat as groepleiers of fasiliteerders van die SAVGG-proses opgetree het, blyk dit 'n verteenwoordigende groep te wees wat goed met die proses vertroud is en terselfdertyd die hele spektrum van gemeentes, kerkverbande en streke dek. Aangesien slegs twee van hierdie persone nie-predikante is, is vier ander bemagtigde lidmate met behulp van die groepleiers as respondente geïdentifiseer. Dit bring die totale aantal lidmaat-respondente of ses te staan.

4.3.3. Datagenerering.

Die aanvanklike beplanning was om data-generering te doen met in-diepte onderhoude ("unstructured interviews") en fokusgroepe. In die lig van die geografiese verspreiding van die geselekteerde respondente, het in-diepte onderhoude prakties die mees uitvoerbare opsie geblyk te wees. 'n Gespreksriglyn (Bylae A) is opgestel en vooraf aan die respondente beskikbaar gestel. Dieselfde gespreksriglyn is met geringe wysiginge vir predikante- en lidmaatrespondente gebruik. Onderhoude het tussen sestig en negentig minute geduur en is met toestemming van respondente digitaal opgeneem. Respondente is vooraf oor die doel, prosedures, risiko's, voordele, regte en vertroulikheid van die navorsing ingelig. Alle respondente het 'n Ingeligte Toestemmingsvorm onderteken soos deur die Universiteit van Pretoria vereis.

Onderhoude is tussen 11 November 2012 en 12 Desember 2012 met twee en twintig respondente gedoen, waarvan sestien predikante en ses bemagtigde lidmate is. Lidmaat-respondente was drie mans en drie dames, waarvan twee uit die Wes-Kaap, twee uit Gauteng, een van die Suid-Kaap en een uit die Oos-Kaap. Vyf was lidmate van die NGK en een 'n lidmaat van die NHK. Twee van hierdie lidmate is fasiliteerders vir die SAVGG, een is betrokke by die leesverslae en nog een 'n taakspanleier.

Die groep van sestien predikant-respondente is almal manlik en het op twee na almal as fasiliteerders vir groepsbyeenkomste opgetree. Twaalf is van die NGK, twee van die VGK, en een elk van die NHK en Evangelies

© University of Pretoria

Lutherse Kerk. Ses woon tans in die Wes-Kaap, vyf in die Gauteng, drie in die Oos-Kaap en twee in die Suid-Kaap.

'n Woordelikse transkribering van alle onderhoude is gedoen en deur die navorser nagegaan en gekorrigeer. Ten einde anonimiteit te beskerm is verwysings na persone, plekke of instansies vervang met [NAAM], [DORP], [KERKVERBAND] of ander toepaslike verwysing.

4.3.4. Dataontleding.

Kodering en analisering van die onderhoude is deur die navorser gedoen met behulp van ATLAS.ti 7.

Uiteraard is die kodering en analisering van kwalitatiewe data nie 'n neutrale proses nie. Mason (2002:171) wys daarop dat "decisions about how to organize your data are not simply technical or administrative, but are ultimately part of your analytic strategy, and require you to engage fully with questions about the theoretical orientation of your study as well as the practical shape of your data". Die navorser het in die koderings- en analiseringsproses daarmee erns gemaak om reg te laat geskied aan die kontekstuele aard van die data en na die beste van sy vermoë die oorspronklike bedoeling en konteks van die respondent te respekteer.

4.4. NAVORSINGSBEVINDINGS.

Soos in die vorige afdelings beskryf is data binne 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp gegenereer, getranskribeer en nagesien, en is die analise en kodering met behulp van Atlas.ti gedoen. Die volgende afdelings het dus ten doel om die navorsingsbevindings te beskryf.

Die navorsingsdoelstelling is in hoofstuk een as volg omskryf: Die identifisering van die kernkapasiteite ("core-capacities") waaroor 'n predikant moet beskik ten einde 'n gemeente suksesvol te begelei in die vorming van 'n missionale gemeente-kultuur en praktyk. Die ontwerp van die gespreksraamwerk is gedoen met die oog daarop om toepaslike data vanuit die praktyk te genereer wat die navorser in staat kan stel om 'n relevante en geloofwaardige antwoord op die navorsingvraag te kan gee.

Die gespreksraamwerk wat vir die onderhoude gebruik is, val breedweg in vier afdelings uiteen. Die eerste afdeling handel oor *missionale gemeentevorming* en ondersoek die transformasie wat respondente waarneem in gemeentes waarby hulle betrokke is as gevolg van deelname

© University of Pretoria

aan die proses van die SAVGG, asook faktore wat hierdie transformasie ondersteun of blokkeer het. Hierdie afdeling is voorbereidend tot die volgende afdelings en stel respondente en die navorser in staat om te reflekteer oor die aard en omvang van die transformasie wat in gemeentes plaasgevind het op die reis van geloofsonderskeiding. Onderliggend is die onderskeiding van die missionale ekklesiologie (verwys hoofstuk 2) wat aan hierdie transformasie ten grondslag lê en waarbinne missionale leierskap funksioneer. Wat is na die mening van respondente die wesenskenmerke waaraan missionale gemeentes uitgeken kan word?

In die volgende drie afdelings fokus in die lig van die navorsingsdoelwit direk in op die rol van die predikant in die vorming van 'n missionale gemeente-kultuur en praktyk. Die tweede afdeling (drie vrae) ondersoek die *rol en funksie* wat respondente uit die praktyk vir *leraars* op die reis na missionale gemeentevorming onderskei. 'n Derde afdeling (vier vrae) ondersoek die *vorming en transformasie van die persoon van die leraar* op die reis na missionale gemeentevorming. En in 'n vierde afdeling word direk gevra na die onderskeiding van dié *kernkapasiteite* wat respondente as wesenlik beskou en waaroor predikante móét beskik ten einde die gemeente suksesvol te begelei in die vorming van 'n missionale gemeente-kultuur en praktyk.

Ten slotte kry respondente ook geleentheid om sake te vermeld wat na hulle mening verdere navorsing verdien ten einde die proses van missionale gemeentevorming te ondersteun en te verryk.

Uiteraard vorm die verskillende vrae 'n eenheid en is die response van die respondente met mekaar vervleg. Wat die een sien as 'n uitdaging, is vir die ander 'n kernkapasiteit. Daarby is dit in die aard van 'n kwalitatiewe ondersoek dat die response kontekstueel is en dus elkeen 'n eie nuanse het. Dieselfde konsep, byvoorbeeld "geloofsonderskeiding", kan deur die verskillende respondente in verskillende kontekste verskillend geïnterpreteer en met verskillende aspekte van leierskap of gemeentevorming in verband gebring word. Dit is dus 'n uitdaging om die response op 'n verantwoordelike wyse en met integriteit met mekaar te integreer en weer te gee sodat reg geskied aan die oorspronklike bedoeling en nuanse van die respondent.

In die lig van bogenoemde uitdaginge kies die navorser deurgaans vir 'n induktiewe benadering tot data-analise. Eerder as om 'n bepaalde skema van buite te gebruik en die data daarin te integreer, word gepoog om die kategorieë of fokusse vanuit die data self te genereer.

© University of Pretoria

Ter wille van anonimiteit word 'n nommer aan elke respondent toegeken. Nommers korreleer met die nommers soos in ATLAS.ti aan die onderskeie dokumente of respondente toegeken. Respondent 1 (R_1) word dus in ATLAS.ti gekodeer as P1 (Primary Document 1). Primary Document 9 ontbreek in ATLAS.ti. Respondente is dus genommer vanaf R_1 tot R_8, en weer vanaf R_10 tot R_23. Ter wille van onderskeiding word lidmaat-respondente met 'n "L" aangedui en predikant-respondente met 'n "P". PR_1 is dus 'n predikant en LR_8 'n lidmaatrespondent.

4.4.1. Missionale gemeentevorming.

'n Eerste afdeling van die onderhoud met respondente fokus op die vorming van missionale geloofsgemeenskappe binne die konteks van die SAVGG. Die doelwit is om respondente uit te nooi om te reflekteer oor die aard van transformasie wat in gemeentes plaasgevind het en die verhale te vertel wat hierdie veranderinge demonstreer, en om na te dink oor die belangrikste bydraende faktore tot die vorming van missionale geloofsgemeenskappe sowel as die grootste uitdaginge wat gemeentes op hulle reis na gestuurdheid te bowe moet kom.

4.4.1.1. Gemeentetransformasie.

Die eerste vraag aan respondente was: **In watter opsig, sou jy sê, verskil die gemeente vandag van die gemeente voordat julle met die reis begin het? Wat het verander?**

Die response is uiteraard kontekstueel en het daarom elkeen 'n eie klem en nuanse. Terselfdertyd is dit nie altyd moontlik om presies te bepaal tot watter mate veranderinge aan die proses van die SAVGG toegeskryf kan word nie, aangesien vele ander faktore ook 'n bydrae lewer tot missionale gemeentevorming. Dit is in die aard van die proses van die SAVGG dat dit maklik 'n ruimte skep vir ander prosesse en programme om die proses te ondersteun en verryk. Uit die onderhoude blyk byvoorbeeld dat 'n hele aantal gemeentes reeds besig was met 'n strategiese- of visioneringsproses van die een of ander aard voordat hulle by die SAVGG ingeskakel het. In sommige gemeentes was die proses van die SAVGG dus 'n voortsetting en verdieping van 'n proses wat reeds vir jare lank in die gemeente aan die gang was. Net so is daar ook respondente wat vermeld dat ander programme of prosesse deur die gemeente by die proses van SAVGG ingeskakel is en die SAVGG-proses op bepaalde punte aangevul, ondersteun of verdiep het. PR_19 (A 19:6) en LR_20 (A 20:8) vermeld byvoorbeeld 'n program vir dissipelskapsvorming wat by die SAVGG-proses

© University of Pretoria

aansluit en 'n groot bydrae lewer om die beginsels en geloofsgewoontes van gestuurdheid te vestig. LR_8 reflekteer oor bedieninge wat in die gemeente tot stand gekom het. In antwoord op die vraag of hierdie bediening 'n uitvloeisel is van die gestuurdheid van die gemeente, antwoord sy as volg: "Kyk, as 'n mens sê wat is 'n uitvloeisel van gestuurdheid, dink ek, jy kan nie. Dis baie moeilik om te sê: 'Dít is die uitvloeisel van gestuurdheid.' Want gestuurdheid is juis dat jy nie uitreike en aksies en goeters loots noodwendig nie. Jy, goed moet half meer organies ontstaan. So, omdat dit nie 'n doelgerigte 'dit is hoe ons dit nou gaan doen' ding is nie, is dit ook baie moeilik om dit te *claim* en te sê: "Maar dít is eintlik wat dit is." (A 8:39) En dit is inderdaad nie altyd so maklik om presies te sê watter transformasie die resultaat van die gestuurde proses is nie, of watter ander invloede ook 'n bydrae tot 'n bepaalde transformasie gelewer het nie.

Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat, alhoewel respondente almal bepaalde transformasie in hulle eie onderskeie gemeentes kan raaksien, hulle telkens daarop wys dat dit slegs vir 'n deel van die lidmate geld. Nie almal in 'n gemeente transformeer ewe vinnig nie. En dié verandering wat daar wel is, is soms meer subtiel as wat mens graag sou wou hoop. LR_23 verwoord dit as volg: "En ek moet sê, jy weet, as ek dink, dan dink ek die veranderinge is nie báie sigbaar nie. Jy weet, dis seker 'n bietjie méér, meer subtiel as wat 'n ou dink, maar ek dink tóg dat, daar ís 'n verandering." (A 23:1)

Trouens, uit die response is dit duidelik dat daar in alle gemeentes, naas die positiewe transformasie wat vermeld word, terselfdertyd beduidende weerstand teen transformasie is. Dit is veilig om te sê dat dít die een gemene deler is wat deur al die respondente vermeld word. Veral lidmaat-respondente wy 'n groot deel van hul onderhoude aan hierdie weerstand teen vernadering vanaf die kant van lidmate. Ons sal later meer uitvoerig hierna terugkeer as ons oor blokkasies of uitdaginge rapporteer

Watter veranderinge word wel deur die respondente waargeneem? Die volgende word vermeld:

1. **'n Groter fokus en gerigtheid in die totale bediening van die gemeente.**

Dit is 'n verklaarde doelwit van die SAVGG-proses om by gemeentes die kapasiteit te skep om te kan fokus. (SAVGG Konsultantehandleiding 2008:39, Byeenkoms 1) Uit die response van lidmate- en predikant-respondente is dit duidelik dat die proses van die SAVGG wel hierin slaag

© University of Pretoria

en dat **gemeentes se vermoë om te fokus met deelname aan die reis verbeter**. PR_4 verklaar: "Ons ís gewoon baie meer gefokus. Ek onthou as deel van die vennootskap is daar gesê die vennootskap help jou om te fokus. Ons ís baie meer gefokus..." (A 4:1)

Die vermoë om te fokus hang veral saam met die onderskeiding van die **gestuurde roeping** van die gemeente en die identifisering van **drie patrone van gestuurdheid** wat reeds die gemeente sigbaar is. Alhoewel die onderskeiding van die gestuurde roeping vir sommige gemeentes 'n uitdaging was, word dit deur PR_15 beskryf as 'n "heilsame proses" wat die gemeente bevry van angs omdat hulle as jong gemeente nie daarin kon slaag om al die bedieninge en strukture te vestig soos dit in meeste ander gemeentes is nie. "...[E]k dink dáár was 'n stuk bevryding gewees – om vir mense te sê ons hóéf nie al hierdie strukture en aksies en kommissies en goed staande te hou nie. Want dit het baie energie getap van mense en dit het nooit rêrig met hulle geresoneer nie. ... Jy het via die plons en eksperimentering gesê: 'Wie jy, dís wat die Here ons roep om spesifiek te doen'. ... Daai was vir ons 'n heilsame proses gewees. ... Om te sê: 'Maar kom ons fokus ons energie op drie of vier of vyf goed.'" (A 15:3)

LR_21 was vir ten minste vier jaar voor aansluiting by die SAVGG reeds deel van 'n visioneringsproses in die gemeente. "So toe ons in die vennootskap inkom, was daar al baie van die goed aan die gang. Maar wat die vennootskap gedoen het en die reis wat ons onderneem het saam met die paar ander gemeentes in ons *cluster*, is om ons definitief meer te fokus op daai visie. ... So dit het ons geweldig sterk aan ons visie gekoppel." (A 21:1) Die gemeente se vermoë om te fokus kom ook tot uitdrukking in 'n volgehoue fokus in die prediking en eredienste op die gemeente se drie patrone wat vanuit die leesverslag geïdentifiseer is. "Eers was erediens. Seker vir 'n jaar lank, of twee, het ons op die eredienste gefokus. Gewéldig. En vernuwing in die erediens begin. En meer lidmate in die erediens laat deelneem. En toe nou vanjaar, die hele jaar, is ons besig met dissipelskap." (A 21:3)

Ook ander respondente bevestig dat die gemeente se vermoë om te fokus verbeter het. PR_18 sê: "Daar's meer van 'n intensionaliteit, intensionele gerigtheid in die eredienste. In die beplanning en so aan." (A 18:4)

PR_15 wys daarop dat die vermoë om te fokus die gemeente in staat gestel het om die totale bediening en aanwending van hulpbronne veel beter te belyn. "...[T]oe ons dit kon identifiseer, kon ons sê: personeelaanstellings, fasiliteit-ontwikkeling, aanwending van begroting – dié goed moet belyn. Dit

© University of Pretoria

help nie jy het daai visie, maar jy spandeer nie meer energie of geld daaraan nie." (A 15:3)

PR_4, LR_10 en LR_23 wys daarop dat 'n verskerpte fokus op die gestuurde roeping die potensiaal ontsluit om die hele gemeente ter verander. PR_4 het die formulering van die gestuurde roeping beleef as die draaipunt in die transformasie van die gemeente. "Want ons gemeente het verander die oomblik toe ons daai visie bekend gemaak het. ... Dit was 'n *'wow!*' Kan ek vir jou sê, tot vandag toe is dit 'n *'wow!'*, ook vir die buitestaanders." (A 4:43) Respondente LR_10 (A 10:3) en LR_23 (A 23:4) vertel dat die betrokke gemeentes se fokus op kinders in die gemeente en gemeenskap uiteindelik die gemeente se verdraagsaamheid en kapasiteit om ook ander grense oor te steek, verbeter het. Fokus verskraal dus nie noodwendig nie, maar skep die potensiaal vir verruiming en vernuwing.

2. Gemeentes begin om 'n gestuurde taal en selfverstaan (identiteit) te ontwikkel.

Agt van die twee en twintig respondente wys daarop dat die SAVGG-proses die vorming van 'n **gestuurde taal en selfverstaan** (identiteit) in gemeentes ondersteun het. Lidmate en leierskap ontwikkel toenemend 'n begrip daarvoor dat die gemeente nie in die eerste plek ter wille van homself bestaan nie, maar ter wille van deelname aan God se sending in die wêreld.

RR_4 neem waar dat lidmate toenemend ontdek dat hulle geroep is om aan te sluit by God se sending. "[O]ns begin verstaan dat ons geroep word om aan te sluit by God se sending. Dit was 'n moeilike begrip, die *missio Dei*, aan die begin gewees, maar dis asof die gemeente stadig maar seker dit verstaan: ons sluit aan by Sy werk. Dieselfde met ons fokus, dit word dan ook ons visie wat ons beliggaam het in ons gestuurdheid. Ons sluit aan by wat God rééds gedoen het. En dit is redelik sigbaar in ons gemeente." (A 4:6)

PR_3 wys daarop dat die gemeente tien of vyftien jaar gelede nie kon praat oor die uitleef van jou geloof in die alledaagse lewe as wesenlike deel van die kerk se bestaan nie. Die taal was toe dat jy 'n verpligting het om kerk toe te kom en deel te neem aan die gemeente-aktiwiteit ter wille van die opbou van die gemeente. Hy vervolg: "Daar's nou rêrig, dink ek, na sewe jaar se reis en preke en kleingroepe in die wese van die gemeente 'n totaal ander verstaan van die wese van die kerk. Dat die kerk eintlik bestaan ter wille van mense buite die kerk. Dat die mense binne die kerk seën van die Here ontvang ter wille van mense buite die kerk. Jy hoor dit in die diskoerse.

© University of Pretoria

Jy hoor mense praat, jy weet, lidmate, kerkraadslede, by plekke waar gemeente onderskeidend is, praat hulle hierdie soort van taal." (A 3:50)

PR_4 verwys na die resultaat van 'n tweede leesverslag wat in die gemeente gedoen is vyf jaar nadat die gemeente met sy gestuurde reis begin het. Die verslag wys daarop dat "diep transformasie" besig is om in die gemeente plaas te vind. "Ons is net nie meer 'n tipiese instandhoudings-gemeente nie. Ons, kan jy duidelik agterkom, is bésig om [die] skuif te maak na gestuurdheid." (A 4:4)

PR_2 verwys na die verslag van 'n gemeentevraelys wat in 2011 in die gemeente versprei is. Hy konkludeer: "Een ding wat definitief anders is, is die totale leierskap en, kom ons sê groot deel van die gemeente, dink glad nie meer aan gemeente-wees in terme van instandhouding nie, maar in terme van roeping en gestuurdheid. ... Die meerderheid lidmate, sewe en sewentig persent, beskou hulle daaglikse lewe as roeping en bediening." (A 2:3)

Hierdie totaal nuwe verstaan van die wese van die kerk kom tot uitdrukking in 'n nuwe taal en terminologie wat in gemeentelike diskoerse gehoor kan word en ook vir lidmaat-respondente duidelik waarneembaar is. LR_21 verwys na die vorming van 'n gestuurde taal: "En wat dit [deelname aan die proses van die SAVGG] óók met ons gedoen het, is om vir ons terminologie te gee wat nou van die vennootskap se kant af kom, jou gestuurde taal. Want ons weet mos, taalgebruik is 'n baie belangrike hulpmiddel om kultuur te help vorm en verander." (A 21:2) En LR_23 wys op 'n nuwe selfverstaan wat in die gemeente ontwikkel: "Mense begin méér verstaan dat die kerk het 'n wyer roeping... Ek dink tóg mense het tot 'n groot mate in die proses begin agterkom ... dit gaan nie nét oor Woordverkondiging nie. Die kerk het 'n roeping buite in die wêreld, in sy gemeenskap, jy weet, en so. En dat ék as 'n lidmaat moet eintlik óók so 'n rol vervul." (A 23:1)

LR_20 demonstreer hierdie transformasie in die identiteit en selfverstaan van die gemeente met 'n verhaal. "Ons het 'n predikant gehad, 'n besoekende predikant, wat kom preek het hierso. En hy het so 'n gestuurdheidspreek gehad. En hy't gevra... Ek kan nie onthou wat presies sy vraag was nie, maar die antwoord moes iets wees soos: hoeveel sendelinge julle het of so iets? En dan moes ons nou gesê het, ons het tien of twaalf of wat ook al. En onmiddellik het die hele gemeente gesê, maar ons is almal sendelinge. So dit was vir my nogal soort van 'n... Dit was 'n hele tyd gelede, maar ek kan onthou daai oggend, die ou was half... Sy

© University of Pretoria

hele preek het platgeval! Want hy't nou eintlik niks om vir hierdie mense te kom sê nie." (A 20:1)

3. Gemeentes ontwikkel 'n sterk bewussyn van God se teenwoordigheid.

Veral predikante-respondente ontdek dat gemeentes op hulle reis na gestuurdheid 'n **sterk bewussyn ontwikkel van God se teenwoordigheid**. Daar vind stelselmatig 'n klemverskuiwing in gemeentes plaas op hulle reis na gestuurdheid. Gemeentes ontdek toenemend dat die **fokus nie in die eerste plek op die kerk as instituut of lidmaatskap kan val nie, maar op God en God se sending in die wêreld.**

PR_6 verwys na 'n verskuiwing vanaf die klem op die gemeente as struktuur of organisasie na "eerder van ons is 'n beweging van God. Ek dink dáái skuif het beslis gekom. ... Ek bedoel, daar is regtig by mense, dink ek, 'n diep soeke na God. 'n Diep bewus-word van: dis die Here wat met ons 'n pad loop. Waar die klem voorheen baie sterk gelê het op lidmaatskap, en die kérk moet tot sy reg kom, en die geméénte moet tot sy reg kom, amper 'n skuif gekom, maar dit is, dit gaan oor God. En dit gaan oor, wát wil die Here vandag van ons sê? Ek dink dáái een skuif het beslis gekom." (A 6:1)

PR_18 dink die gemeente het "om dit sommer so te stel, meer geestelik geword. ... [D]aar's definitief meer van 'n duidelike bewustheid van: híér gaan dit oor God. Ons is nie net in die kerk omdat daar, omdat dit 'n goeie ding is nie. Jy weet, hier gaan dit oor God. En ek dink dit is die kern van gestuurde-gemeente wees. Baie mense het aan die begin gedink gestuurde gemeente, dit gaan nou oor 'n versterking van die aksies en projekte na buitentoe en so. Maar dit [gaan] nie dáároor nie, dit gaan oor: Wie is ons?; en: Aan wie behoort ons? ... [D]áár het definitief skuiwe begin plaasvind. Jy kan dit sien." (A 18:6) Hierdie fokus op God reflekteer duidelik in die beplanning van die eredienste. PR_18 verwys na die erediens as publieke getuienis en "die ontdekking dat mense sal graag wil kerk toe kom wanneer hulle die hoop kry dat hulle hier vir God sal ontmoet. Maar wat báie keer gebeur, is hulle kom kerk toe, en dan sien hulle eintlik maar net die gemeente en hulle besig-wees en hulle aktiwiteite. En hulle het nie die hoop dat hulle deel sal kan word daarvan nie. So, ons het nogal baie gedink in ons erediensbeplanning en al die goed oor hóé kan ons die gemeente-gerigte goed 'n bietjie uithaal en God-gerigte dinge insit? Nou, dís nog steeds 'n *battle*. Want 'n mens is maar geneig om te dink oor die gemeente as 'n organisasie. En as jy wéér sien, dan..." (A 18:24)

© University of Pretoria

PR_4 bring die bewussyn van God se teenwoordigheid in verband met die gewoonte om geloofsonderskeidend te werk. "[E]k dink dit het baie te doen met die feit van om regtig te fokus op God, om te luister na God, om geloofsonderskeidend te werk. En ons maak baie in die gemeente daarvan. Ons het byvoorbeeld nou 'n stuk simboliek van 'n kers wat ons aansteek elke Sondag om gewoon net te sê: 'Wéét dit, soos wat jy die lig sien, so is God teenwoordig.'" (A 4:4)

4. Luister en geloofsonderskeiding word deel van die gemeente-kultuur in alle fasette van die gemeentelike lewe.

PMC-NA beskryf op sy webbladsy (gelees 29 Augustus 2011) sy proses oorsigtelik as "*a journey of spiritual discernment that empowers churches worldwide to respond to God's mission*." Die verklaarde doelwit van die PMC-NA en die SAVGG is om in gemeentes en gemeentelike leierskap dié kapasiteite te skep wat nodig is vir die geestelike onderskeiding van waar hulle is, wie hulle is, wat God besig is om in hulle midde te doen, en hoe en waarheen God hulle stuur. Daar word dus dikwels oorkoepelend na die SAVGG-proses verwys as 'n "reis van geestelike- of geloofsonderskeiding."

Uit die verskillende response is dit duidelik dat **geloofsonderskeidende praktyke en gewoontes die kultuur en besluitnemingsprosesse van gemeentes diepliggend beïnvloed het**. PR_1 merk op: "...[G]eloofsonderskeiding word deel van die kultuur en ek dink die vennootskap het redelik goed daarin geslaag om by gemeentes wat rêrig wou deel wees, dít te bewerkstellig." (A 1:65) PR_16 bevestig so 'n waarneming: "So wat verander het, is die hele kwessie rondom geloofsonderskeiding. Ek dink dit het vir ons rêrig baie gehelp." (A 16:2)

PR_13 beskryf geloofsonderskeiding as die grootste wins van die gestuurde proses en wys daarop dat dit nie net alle fasette van die gemeentelike lewe getransformeer het nie, maar ook in die wyer kerkverband 'n impak gemaak het. "So dit is 'n besliste wins wat uit die vennootskap vir ons gekom het." (A 13:2)

Respondente verwys dikwels na die transformasie wat geloofsonderskeiding in gemeentes gebring het as 'n skuif "vanaf strategiese beplanning na geloofsonderskeiding". LR_21 wys daarop dat die gemeente 'n baie sterk kultuur van verslagdoening en strategiese beplanning gehad het. Besluitnemingsprosesse het egter mettertyd geskuif na geloofsonderskeiding. Eerder as om verslae te hanteer, val die fokus nou op die Godsvrae: "Waar het God gewerk? Waar het jy tekens gesien?

© University of Pretoria

En en watter droom gee die Here vir jou vir volgende jaar? Waaroor droom julle in julle bedieningsgroep? Wat sou julle graag wou sien gebeur? Waaroor kan ons saam bid? "So, daai goed het begin gebeur. En dít is fantasties as ons uit daai formele strukture kan beweeg na 'n verhouding met 'n lewende God." (A 21:8)

PR_5 onthou dat die kerkraadslede meestal middel- en seniorvlak bestuurders was wat vir groot korporasies gewerk of hulle eie besighede gehad het. "So bestuurders kontroleer en bestuurders hou nie daarvan om verras te word nie. ... Jy doen verslag en jy vergader dat die byle huil. Dírek as gevolg van die vennootskapsproses het daai hele struktuur in duie gestort. Jy weet, hy't doodgewoon getuimel en tot niet gegaan en beweeg van 'n sentraal gekoördineerde proses na 'n proses waar jy kan sê: as die Here dít vir my op die hart druk, en ek praat met medegelowiges en ons neem die inisiatief, dan doen ons dit, jy weet." (A 5:3)

PR_18 vertel dat hy by die laaste kerkraadsvergadering in die gemeente doelbewus geluister het om te onderskei wat hy hoor. "En gedúrig het mense geestelike onderskeiding toegepas. ... In alles wat op die tafel was, vra mense: Wat, hoe help die Bybel ons hierin?; Wat sê die Here?; Hoe, hoe moet ons getrou wees aan Hom? Dit kom voortdurend terug daarnatoe. Wat, daar was 'n tyd toe dit glád nie so was nie. Dat jy die gevoel gehad het, as jy 'n kerkraadsvergadering gehou het, dit was eintlik nét 'n institusionele vergadering. En nou is dit baie anders." (A 18:3)

Onderliggend aan geloofsonderskeiding is die kapasiteit om te kan **luister**. Geloofsonderskeiding is in wese 'n vier-ledige luisterproses: luister na God, luister na die Woord, luister na jou eie tradisie en na mekaar, en luister na die breër gemeenskap. Verskeie respondente wys daarop dat die gemeente en gemeentelike leierskap geleer het om anders te luister. "...[O]ns begin om ánders na God, na mekaar en die wêreld te luister. Dis maar 'n proses, stadige proses. Maar die hele ding van geloofsonderskeiding. Ons het baie reekse daaroor gehad. Dis besig om pos te vat. En ook, ons luister baie meer na mekaar. Ons ploeg nie maar net in 'n ou se nood in en dink ek het die antwoord nie. Ons het geleer om te begin luister na mekaar." (A 4:10. Verwys ook A 6:22 en 20:9)

Die kapasiteit om te kan luister word veral gekweek deur die verskillende **geloofsonderskeidende praktyke of gewoontes** wat as deelname op die SAVGG reis ingeoefen word. Die praktyk om **Godsvrae** te vra ondersteun die gewoonte om na God te luister. Die praktyk om **in die Woord te wandel** kweek die gewoonte om na die Woord en na mekaar te luister. En die

© University of Pretoria

praktyke om te **plons** of in die wêreld te wandel help gelowiges en gemeentes om na die gemeenskap te luister en te verstaan wat in die onmiddellike konteks aan die gang is. Respondente verwys dikwels na die waarde van die verskillende geloofsonderskeidende praktyke of gewoontes en die impak hiervan vir die transformasie van die gemeente.

Die één praktyk wat egter deurentyd deur almal uitgesonder word as dié enkele faktor wat die grootste bydrae in die transformasie van die gemeente gelewer het, is die dissipline om **in die Woord te wandel**. Dit is duidelik dat wandel in die Woord die een dissipline is wat in alle gemeentes gevestig is, selfs in gemeentes waarin deelname aan die reis gebrekkig was. PR_17 (A 17:6) vermeld byvoorbeeld diepliggende konflik in die gemeentelike leierskap. Alhoewel slegs geringe transformasie as gevolg hiervan in die gemeente waargeneem kan word, het wandel in die Woord nietemin in die kerkraad, bedieninge en wyke inslag gekry.

LR_22 verwys na die dissipline om in die Woord te wandel as die grootste seën wat die gemeente ontvang het. “Daar’s ’n nuwe erns met die Bybel. ... Dis één ding waarvoor die gemeente baie dankbaar is.” (A 22:1) LR_20 onderskryf dié sentiment. Sy wys daarop dat wandel in die Woord die tradisie om vergaderinge met Skriflesing te open en dan van die Woord af te stap, getransformeer het. “...[O]p daai stadium het ons, sou ons met gebed geopen het, en dan ons vergadering gehou het. Miskien sou iemand ’n stukkie gelees het, en dit was maar basies dit. En vandat ons by gestuurde gemeentes betrokke geraak het, het die Woord baie meer sentraal geraak. Ons spandeer maklik ’n derde van ons tyd van enige vergadering in wandel in die Woord.” Terselfdertyd bevorder wandel in die Woord ’n luisterkultuur in die gemeente: “...[V]eral nou in die laaste jaar het ons gesien hoe luister ’n baie sterker krag begin kry het. As ek dit so kan stel. Dat ons na mekaar begin luister en verstaan...” (A 20:2)

Wandel in die Woord het dus meer as enigiets anders die kultuur gekweek om op ’n heel nuwe manier na die Woord en terselfdertyd ook na mekaar en na ander te luister. Ons sal weer na die impak van wandel in die Woord terugkeer as ons response hanteer oor die belangrikste bydraende faktore tot die vorming van ’n missionale gemeentekultuur en –praktyk.

5. Gemeentes se vermoë om met die onmiddellike konteks te konnekteer, verbeter.

Uit die response is dit duidelik dat gemeentes as deel van die SAVGG-reis op verskillende vlakke bemagtig word tot **’n groter bewussyn van die**

© University of Pretoria

direkte omgewing en die impak van die kerk op die omgewing. PR_3 beskryf dit as 'n "transformasie van gerigtheid": "...[D]it was vir my nogal ... 'n geweldige interessante waarneming gewees – om te sien hoe kom hierdie transformasie van gerigtheid, jy weet, na die onmiddellike omgewing. Wat ook beteken het dat 'n geweldige sterk klem in die gemeente op wêreldsending met groot geloofsoffers en werkers in baie ver lande het onmiddellik begin, nie onmiddellik nie, het oor die tyd begin draai en 'n fokus begin word op die direkte gemeenskap met 'n massa gemeenskapsprojekte. Soveel so nou dat hulle eintlik een van die dominees amper voltyds losgemaak het om nou in 'n middestads, tipies klassieke "inner city mission" jy weet sendingopset tyd en energie in die gemeente daar te spandeer. So daar's beslis 'n groter bewussyn van die direkte omgewing en die impak van die kerk op die omgewing." (A 3:2) PR_1 bevestig hierdie waarneming: "Ek dink die gemeentes se vermoë om met hulle konteks te konnekteer verbeter. Daar kom 'n taal en ook praktyke wat hulle ondersteun in hulle poging om met die gemeenskap wat nie kerklik inskakel nie, te konnekteer. Nou, dis natuurlik met wisselende sukses, maar dit is een ding wat ek sien." (A 1:67)

Uit die verskillende response hieroor, is dit duidelik dat hierdie groter bewussyn van die onmiddellike omgewing gemeentes op verskillende vlakke bemagtig. Op 'n eerste vlak het gemeentes doodgewoon geleer om **veranderinge in die konteks beter te begryp en te hanteer**. PR_16 sien dat die gemeente getransformeer het in die sin "... dat ons geleer het om anders te kyk na die konteks. Jy weet, dat, daai hele kwessie maar dat ons leef in post-moderne post-Christendom era. Die kerk is nie meer die middelpunt nie. Dit dink ek tog het ook vir ons gehelp in ons groei om te besef dit is anders as wat dit was. En 'n ou het miskien 'n beter begrip gekry, want jy het nie altyd verstaan hoekom sekere goed gebeur nie." (A 16:4)

Op 'n tweede vlak ontdek gemeentes doodgewoon dat die **bestaansreg** van 'n gemeente in 'n sekere sin **verbonde is aan sy onmiddellike omgewing**. "Ek dink die gemeente het na die gemeenskap toe geswaai, wat nie vroeër noodwendig so was nie. ... [D]ie reis het die ouens se koppe en harte geswaai. In 'n sin, die bestaansreg van die gemeente. ... [O]ns is hier ter wille van die samelewing, ter wille van die gemeenskap." (A 12:1) PR_4 (A: 4:11) onthou dat die gemeente aanvanklik in die analises wat die gemeente moes doen die woord "gemeenskap" nie eers raakgesien het nie, maar nou 'n veel groter sensitiwiteit het vir die gemeenskap waarin die gemeente is. Die gevolg is dat gemeentes bewus raak van die nood en die behoeftes in die onmiddellik omgewing en verskeie respondente vermeld 'n

© University of Pretoria

verskeidenheid van spontane uitreike en bedieninge na die omliggende gemeenskappe toe. Verreweg die meeste verhale van transformasie demonstreer hierdie spontane inisiatiewe en uitreike na die onmiddellike omgewing toe. Gemeentes begin dus "... ook in die onmiddellike omgewing al hoe meer te ontdek waarheen die Here ons stuur." (A 11:4)

Op 'n derde vlak ontwikkel gemeentes 'n taal en vermoë wat hulle in staat stel om **oor-grense verhoudinge** met groepe en individue in die gemeenskap te bou. "... [E]k vermoed die gemeentes slaag daarin om kort- en medium termyn verhoudings te bou oor grense. Ons slaag nie noodwendig daarin om multikulturele gemeentes te bou nie, maar die tegniek en die metodiek wat hulle aanleer in die vennootskap help tog om in die *community* meer *sustainable* verhoudings te bou." (A 1:69) Selfs gemeentes met 'n geskiedenis van segregasie en afsondering kon daarin slaag om hierdie transformasie sonder veel klaarblyklike spanning te maak. PR_5 vertel van die transformasie van 'n welgestelde gemeente wat sy bestaan te danke het aan die gedwonge verskuiwing van gemeenskappe in die apartheidsjare. Mettertyd ontwikkel hierdie mense die behoefte om te gee en te dien. "Maar dit was baie *kockeyed*. Dit was hierdie tipiese Westerse superieure ding gewees, jy weet, ons gee, en ons doen vir julle, maar julle moet ook maak soos ons sê. Wat die vennootskapsproses gedoen het, was om hierdie ontluikende energie en die weerstand teen verandering en omgee en dien en kenosis op 'n diep teologiese manier te ondergrawe en te hervorm en te stuur in 'n nuwe rigting. Ek kon sien, deur wandel in die Woord en deur saamgesels en deur luisterprosesse hoe mense tot die oortuiging gekom het dat die Here hulle wíl gebruik om om te gee vir hulle medemens. Hulle wil gebruik om ander mense op te tel, en om ander mense te dien." (A 5:2) PR_7 se gemeente kom uit die laer sosio-ekonomiese groep. En aanvanklik was daar 'n persoon of twee wat redelik negatief of skepties was oor 'n beweging oor die kultuur- of kleurgrens. Maar mettertyd groei die besef: "Dit gaan oor God, dit gaan oor mense, dit gaan oor al God se mense of hy nou watter kleur of kultuur het, of 'n boemelaar... Daar's geweldig baie boemelaars of van hierdie ouens wat die trollies stoot met die afval, daar's geweldig baie van hulle en prostitute en sulke mense, maar hulle het begin besef dit gaan oor God. En as dit oor God gaan, en dit begin oor mense gaan, God se mense, dan's dit nie net [KERKVERBAND] skapies nie. En ek dink ons het nogal redelik maklik die sprong gedoen. Dat mense begin omgee, menswaardigheid begin beleef ook in ander mense. Of hy nou ryk of arm is, of rang het of nie rang het nie, dit gaan rêrig oor gelykes voor God. En ek dink daar was nie baie spanning, ons het rêrig nie baie spanning oor die goed gehad nie." (A 7:10)

© University of Pretoria

6. Gemeentes se vermoë om verandering met hoop te hanteer, verbeter.

Gemeentes se vermoë om interne **veranderinge** in die gemeente en eksterne veranderinge in die konteks **met hoop te hanteer**, verbeter.

Enersyds blyk dit dat gemeentes se vermoë om **interne veranderinge** in die gemeentelike sisteem en kultuur te hanteer, met deelname aan die reis verbeter het. PR_3 (A 3:1) wys daarop dat hy 'n verandering in die spiritualiteit van die gemeente waarneem. "Ek dink dit het verander in 'n transformasionele of 'n tipe spiritualiteit wat oop is vir verandering. Wat sigbaar geraak het in byvoorbeeld die gemeente se vermoë om risiko's te neem, om ooreen te kom om foute te maak, om... jy weet 'n sagte ruimte te hê waar mense mislukkings kan hanteer, maar ook suksesse kan vier soort van. So, die uitkyk van die gemeente het verander van een van jy mag glad nie foute maak nie, so soort van professionele korrektheid en geen risiko's neem, na een van risiko's neem."

Hierdie vorming van 'n "transformasionele" spiritualiteit blyk dan ook daarin dat respondente getuig dat gemeentes na hulle waarneming **meer geneë is om risiko's te neem** (A 4:12); beter in staat is om **konflik** te konfronteer en te hanteer (A 20:4; 20:5; 11:10); meer geneig is om **oor grense** te beweeg en **diversiteit** te omarm (A 23:4); en gemeentelike leierskap 'n houding inneem van "**ons-weet-nie**" eerder as die arrogante "óns wéét" waardeur gemeentelike leierskap in die verlede soms gekenmerk was (A 6:4).

PR_14 (A 14:1) demonstreer hierdie vermoë om (selfs ingrypende) interne verandering te hanteer met 'n verhaal. Hy vertel dat die gemeente voordat hulle met die SAVGG-reis begin het, 'n sterk Duitse element gehad het en van buite gesien is as 'n Duitse gemeente. As die gemeente met hulle deelname aan die SAVGG-reis tot die oortuiging kom dat hulle moet transformeer om 'n gemeente te word wat ook Engelssprekende Lutherane bedien, besluit die Duitssprekende kerkraad eenparig om 'n Engelssprekende gemeente te word. "En daar was nie 'n groot spanning of 'n debat daaroor nie. Dit was 'n besluit wat ons uit en uit geneem het omdat ons beséf het, as ons mense wil bereik, as ons 'n missionale gemeente wil word, dan moet dit, dan sal dit 'n deel van ons pad vorentoe móét wees." (A 14:11)

Dit is egter nie net gemeentes se vermoë om interne verandering te hanteer wat met deelname aan die reis verbeter nie, gemeentes is ook veel beter in

© University of Pretoria

staat om **verandering in die konteks** te hanteer. PR_1 (A 1:66) stel dit so: "Ek is verbaas oor die hoeveelheid gemeentes wat hoop ontvang. Dis asof daar 'n langtermyn..., ja, vermoë kom om die *knocks* wat die sekularisasie of so te gee, om rustig in dit in te bly Maar daar is 'n dieper teologie wat vir ons 'n *avenue* gee om tog te bly konnekteer met die gemeenskap. Ek het nou nie syfers nie, maar my indruk is dat gestuurde gemeentes sal in die tyd van versnelde sekularisasie minder ernstige getalle verliese hê... ... ...[E]k dink op die láng termyn, vanweë die faktore wat ek nou genoem het, bly daai gemeentes, is hulle vermoë om langer vitale gemeentes te bly in 'n veranderde konteks is definitief beter, ja."

Bogenoemde waarneming hang uiteraard saam met die talle response deur predikant- en lidmaat-respondente wat getuig dat predikante met hulle deelname aan die SAVGG-reis **nuwe hoop** ontvang het (A 1:90; 1:91; 7:22), **minder angstig** is oor wat in die gemeente verkeerd loop (A 18:26; 19:25), meer geneig is om **risiko's** te neem en **oor grense** te beweeg (A 23:37), minder bang is vir **konfrontasie** en **konflik** (A 20:27) en **nuwe entoesiasme** ontvang (A 10:17). Dalk vat die volgende respons dit saam: "Ek dink nou aan 'n spesifieke dominee hier in [PLEKNAAM] – baie, baie broos. Hy is soort van *down and out.* Die gemeente is nog baie broos, maar hý self het baie hoop. En hy het vuur in sy oë. Jy weet, daar's... Dis asof dit dominees help om weer te verstaan: hoe kan ons kerk-wees in die tyd waar in ons is. Daar's nie vinnige antwoordjies nie. So, daar's ook dominees vir wie dit nié gehelp het nie, want hulle het 'n antwoord gesoek. En ons kón dit nie vir hulle gee nie. Maar tóg, dié wat bly inhang het, daar't iets dieper in hulle bewussyn geskuif, wat maak dat hulle met hoop bly voortgaan met die bediening in die post-Christendom era." (A 1:91)

7. Lidmaatbemagtiging, Bybelse vorming en dissipelskap word 'n integrale deel van die lewe en bediening van die gemeente.

Dit is duidelik dat gemeentes se deelname aan die SAVGG-proses onvermydelik daartoe meewerk dat gemeentes sensitief raak vir die potensiaal wat opgesluit lê in die lidmate van die gemeente en dat die **bemagtiging van lidmate** vir deelname aan die *missio Dei*, soos wat gemeentes op die reis vorder, 'n al groter klem in die gemeentelike lewe en bediening begin kry.

Van die twee en twintig respondente vermeld twintig die bemagtiging van lidmate en transformasie van gesag direk en pertinent as 'n aspek waarin die gemeente na hulle waarneming getransformeer het. En alhoewel twee respondente die bemagtiging van lidmate nie direk in soveel woorde

© University of Pretoria

vermeld nie, is dit uit die onderhoude duidelik dat lidmate ook in hierdie gemeentes wel op verskillende vlakke vir die bediening bemagtig word. Dit is dus veilig om te sê dat in al die respondent-gemeentes diepliggende transformasie plaasvind in hoe gemeentes en gemeentelike leierskap lidmaatskap en die bediening aan en deur lidmate hanteer en benader.

Hierdie transformasie word deur verskillende respondente verskillend beskryf. PR_18 (A 18:11) en PR_6 (A 6:2) verwys na 'n skuif vanaf lidmaatskap na dissipelskap. LR_21 (A 21:4) verwys na 'n skuif vanaf 'n kultuur van bediening áán lidmate na 'n bediening déúr lidmate.

Twee respondente wys daarop dat daar binne die SAVGG-proses en in gemeentes self mettertyd bepaalde klemverskuiwinge plaasgevind het. PR_15 (A 15:26) praat van 'n "tweede siklus van gestuurdheid" waardeur nuwe momentum aan die proses verskaf is. In die eerste siklus was die klem na sy mening grootliks op sistemiese aanpassinge (strukture, bedieninge, eredienste, begroting, visievorming). In 'n tweede siklus van gestuurde kerk val die klem veel meer op geloofsvormende gewoontes waardeur mense (individue) as dissipels gevorm word om 'n verskil te kan maak by die werk en in die daaglikse lewe. PR_2 onderskei drie golwe of beweginge op hulle gemeentelike reis na gestuurdheid. Met golf een het daar "'n duisternis van bedieninge ontstaan – sommige meer, sommige minder volhoubaar. Golf twee was toe ons vir die ouens baie meer attent gemaak het op: jy hoef nie deel van 'n bediening te wees nie om 'n bediening te hê nie. Jou lewe is bediening. ... En die derde beweging is amper nóú dat ons vir onsself sê: *Right*, ons aksent is nou baie sterk op *faith-formation*, geloofsvorming, wat jou in staat stel om *wherever* geloof te leef, gestuurd leef. Jy weet, jou roeping te leef." (A 2:17,18) Naas die skuif vanaf lidmaatskap na dissipelskap, of vanaf 'n bediening aan lidmate na 'n bediening deur lidmate, vind daar dus ook 'n verskuiwing plaas vanaf 'n klem daarop om 'n bediening ín die gemeente te hê na die beklemtoning van jou lewe en werk as roeping en bediening.

Die bemagtiging van lidmate is uiteraard veelsydig en veelkantig en vind op verskillende vlakke en maniere plaas. Die volgende aspekte word deur respondente uitgelig:

- **Geloofsonderskeidende vaardighede en gewoontes.**

  Indien lidmate bemagtig word vir deelname aan die *missio Dei* in hulle daaglikse lewe en beroep, spreek dit vanself dat die vorming van geloofsonderskeidende vaardighede en praktyke belangrik is. Dat dit

© University of Pretoria

inderdaad die geval is, word deur respondente onderskryf: “Die idee dat lidmate self ook moet onderskei het baie sterk gegroei. Dat dit nie net weer is die dominee wat moet interpreteer en besluit namens die hele geloofsgemeenskap nie, maar dat die lidmate self onderskeidend is.” (A 3:5).

’n Integrale aspek hiervan is die bemagtiging van lidmate om self in die Bybel te werk en self die Bybel toe te pas op hulle daaglikse lewe. (A 3:3) Ten minste een gemeente het ’n uitgewerkte Bybellees-rooster “om die geloofsgewoonte te vestig om die Bybel op só ’n manier te lees dat Gód iets in jou lewe kan doen.” (A 2:26) Na net twee jaar het ses en dertig persent van lidmate aangedui dat hulle dié rooster volg. “En dít, wil ek nou vir ek vir jou sê, het ek nou al baie keer vir mense gesê die laaste ruk, ek is kwáád, kwáád, dat ek sestig jaar oud moes word voor iemand vir my geleer het om die Bybel só te lees. Want ek bedoel, dis net ’n ánder boek. ’n Ou beleef net in jou klein groep waar ouens dit nou só doen... Mense het nie meer boekies nie, dis die Bybel wat hulle lees. So, dít is ’n ding wat in my ’n enorme transformasie... Ja, die groeiende behoefte...” (A 2:26)

- **Bybelse vorming en dissipelskap**.

  Ons het reeds verwys na die klemverskuiwing by gemeentes vanaf lidmaatskap na dissipelskap. Verskeie respondente verwys na die beklemtoning van dissipelskap as ’n belangrike fokus in die gemeentelike bediening. (A 20:8; 6:2; 18:11; 19:6) In antwoord op die vraag waarin die gemeente getransformeer het, antwoord PR_18 (A 18:11) as volg: “...[D]ie héle gedagte van die skuif van, noem dit maar lidmaatskap na dissipelskap. Jy weet, die klem op lidmaatskap na ’n klem op dissipelskap. Dit het subtiel by-by ons begin gebeur. By, sê maar die kérnleierskap in die gemeente. Net begin verstaan, ons gaan ons nie nou meer élke keer verknies oor sê maar iets soos ’n gevoel van dalende lidmaattal of-of dáái tipe ding nie. Want dít is nie waaroor dit gaan nie. Die vraag is, is ons getrou is aan ons roeping? Bou ons dissipelskap en navolging van Christus? Is ons getrou aan Christus? Probeer ons onderskei, wat beteken dit om Christen te wees? En dáái soort van goed. En ék wens ons kon vroeër daarby uitgekom het. Want ek dink ons is nog lánk, en selfs nóú nog, ’n bietjie gevange gehou deur die gedagte van maksimum lidmaatskap. Um, [stilte] as jy as jy verstaan wat ek bedoel. ... Ons betrap onsself nog baie dat ons dat ons dat ons wil koppe tel. Jy weet, in ons in ons sê maar ons kerkraads-aksies en evaluerings en beplannings en so aan.

© University of Pretoria

En dat dit maar, jy weet, dat jy nog amper, jy wil nog máklik, amper sê, kompeteer met die ander gemeentes en daai tipe ding. Maar ek dink júís dat een van die van die wonderlike skuiwe wat plaasvind met die hele gestuurde gemeente-proses is dat dit nié in die eerste plek oor lidmaatskap gaan nie, maar dit gaan oor dissipelskap, en Bybelse vorming. En dat jy ál jou energie dáárin sit."

Hierdie dissipelskapsvorming vind in verskillende gemeentes op verskillende maniere plaas. Twee gemeentes gebruik 'n dissipelskaps-proses wat nie van gestuurde gemeentes af kom nie, maar die beginsels en geloofsgewoontes van gestuurdheid help vestig. (A 20:8; 19:6), terwyl ander gemeentes reekse uitwerk wat in eredienste en selgroepe gebruik word. (A 18:11; 8:40) Respondente vermeld dan ook dat daar na inskakeling van die SAVGG-proses 'n vermeerdering was in die aantal kleingroepe in die gemeente (A 8:40) en dat lidmate hoë waardering het vir die geestelike groei en ondersteuning wat hulle in hierdie groepe ervaar. (A 18:5)

- **Bemagtiging van lidmate om 24/7 gestuurd te lewe**.

Die refrein dat lidmate hulle eie gestuurdheid ontdek waar hulle is (A 7:44; 16:6; 10:2), toenemend aan hulle eie lewe en beroep dink as roeping en bediening (A 2:2; 4:8; 8:38), en die ervaring het dat gemeentes hulle help om gestuurd te leef waar hulle is (A 15:2), word telkens by respondente gehoor. Hierdie spontane bedieninge van lidmate neem talle vorme aan. Dit behels betrokkenheid by pastorale gemeentelike bedieninge soos hospitaalbesoek, siekebesoek en krisishantering. (A 4:15) Selgroepe ontdek nood in die gemeenskap en raak spontaan daarby betrokke. (A 4:15) Lidmate omarm die gestuurde droom om vredemakers te wees en raak pastoraal betrokke by konflikte om vrede te maak. (A 11:7; 11:11) Lidmate omarm hulle eie mondigheid en aanvaar spontaan verantwoordelikheid vir sekere bedieninge. (A 12:4; 8:39) En lidmate neem hulle gesag op in terme van die teologie en neem saam met die leraar verantwoordelikheid vir die opstel van die gemeente se kategese-materiaal. (A 8:1; 8:32)

PR_1 (A 1:70) stel dit as volg: "Ek dink daar is, altyd te min, maar daar is genoeg voorbeelde van gemeentes wat lidmate help om hulle gestuurdheid, sê maar, 24/7 te leef. Dit hoor ek baie, dat dit amper 'n spontane beweging tot gevolg gehad het. En, anders as die *attractional*-model, beteken dit nie skielik sit daar meer mense in die kerk nie. Maar in terme van koninkryksimpak is ek doodseker dat daar

© University of Pretoria

heelwat verhale is wat vertel van mense wat as gevolg hiervan...” En inderdaad vertel vele van die respondente se verhale van transformasie die stories van lidmate se spontane uitreike na en betrokkenheid by mense in nood in hulle daaglikse lewe en in die onmiddellike konteks van die gemeente: Jongmense wat vreemdelinge in die erediens innooi en lidmate wat na mekaar omsien (A 20:12); ’n Biblioteekbediening wat ’n hele gevangenis bereik (A 21:5); ’n Bord kos Sondae vir honger mense (A 22:5); ’n Geloofsgesprek soggens op die Gautrein (A 13:9); ’n Groeigroep wat ’n jong man red in sy nood (A 13:8); ’n Gemeente wat ’n gesin omarm na emigrasie; Kinders wat ’n gemeente verander (A 10:3); ’n Leesprojek vir kinders in die gemeenskap (A 11:3); Lidmate se spontane uitreike na mense in nood (A 19:8; 22:4; 22:8; 13:6); ’n Omgee-mandjie wat vir 130 gesinne per maand kos gee (A 12:2); Uitreike na kinders in ’n karavaanpark (A 13:4) of plakkerskamp (A 23:6); en ’n Vrou wat ’n bediening vir polisielede begin nadat sy self aangerand is (A 13:3).

Verskillende respondente wys daarop dat bogenoemde verskuiwinge bepaalde implikasies en risiko’s vir die bediening van gemeentes inhou en dat gemeentes die volle implikasies hiervan moet deurdink. Op ’n eerste vlak raak hierdie verskuiwinge gemeentes se vermoë om die tradisionele instandhoudingsfunksies vol te hou. PR_15 (A 15:5) wys op die implikasies hiervan vir gemeentelike befondsing. Indien lidmate direk by bedieninge buite die gemeente betrokke raak, vloei die befondsing van bedieninge ook nie meer noodwendig deur die gemeentelike kanale nie. “Jy moet op alle vlakke moet jy die dubbele inskrywing maak. Anderster plaas jy druk op die gevestigde struktuur, en jy voel soos ’n mislukking, want jy spandeer nou minder aan uitreike as die vorige jaar.” PR_3 (A 3:6) en PR_2 (A 2:4) verwys na druk wat geplaas word op gemeentes se kern-personeel en vermoë om tradisionele instandhoudingsfunksies vol te hou indien lidmate hulle lewe en beroep as wesenlike deel van die gemeentelike bediening ontdek. “...[O]ns praat konsekwent die taal dat jou bediening en roeping lê waar jy is. Waardeur jy jouself onbewustelik of doelbewustelik bietjie in die voet skiet, want jy sukkel ’n bietjie méér met, kom ons sê, jou kern-personeel hier. Maar dis vir ons okay. Die wins is groter.” (PR_2, A 2:4) En PR_15 (A 15:5) wys op die nuwe uitdaginge wat in dié verband aan die gemeentelike leierskap gestel word. Leierskap word geroep om verantwoordelikheid te neem vir die ondersteuning van lidmate in bedieninge ten einde uitbranding te voorkom (A 5:5) en volhoubaarheid te verseker. En soms selfs om lidmate te help om bedieninge toe te maak

© University of Pretoria

indien en wanneer dit nodig is. "So leierskap begin so 'n bietjie 'n ander rol kry. Jy help mense wil ek sê ook uit bedieninge uit, goed rustig toe te maak. Want dít doen gelowiges met 'n Calvinistiese agtergrond baie moeilik. Later doen hulle dit net uit plig uit, en is vir hulleself en vir almal kwaad." (PR15, A 15:5)

8. Praktyke wat God se bedoeling vir die wêreld demonstreer – onderlinge sorg vir mekaar en gasvryheid teenoor vreemdelinge.

Een van die patrone wat Barrett et al (2004:84-99) in missionale gemeentes onderskei, is die tot stand koming van praktyke wat God se bedoeling vir die wêreld demonstreer. Hierdie patroon blyk in die onderlinge sorg wat lidmate vir mekaar het en in 'n openheid vir en gasvryheid teenoor vreemdelinge.

LR_20 (A 20:13) vertel dat sy beide aspekte van hierdie patroon in die gemeente waarneem. Tydens 'n getuienisdiens waarin lidmate verhale kon deel "oor swaarkry en goed wat met hulle gebeur het, en ek vir die eerste keer in my lewe besef het – ek kom nou al so lank – dat een van ons sterk punte is dat ons sorg vir mekaar. Daar's 'n gewéldige hoeveelheid onderlinge sorg ... wat glád nie die predikante se *job* is nie, maar wat mense self net doen." Terselfdertyd vertel sy hoedat 'n groepie jongmense twee vreemdelinge wat met 'n pap wiel voor die kerk staan na die aanddiens nooi en met hulle 'n pad begin stap. En toe iemand later vra waarom hulle aanhou kom, was die antwoord: "'...[W]ant dis *real'*. En ek dink nogal, as ek wil sê, dít is die verandering wat in ons gemeente plaasgevind het, dit sal vir my lekker sal wees om dit te kan sê. Ek wil nou nie sê dis dwarsdeur so nie. Maar ten minste is daar *pockets* van *real*."

PR_11 (A 11:5) wys op langlopende konflik wat vir jare lank deel van die gemeentekultuur was. In die proses om die gestuurde roeping te onderskei, het die gemeente met 'n oorweldigende meerderheid uitgewys "dat daar 'n behoefte is om iets van die hart van God te laat sien in die gemeente. ...[O]ns het dit verwoord in om vredemakers te wees." (A 11:5) "En op 'n dieper vlak het ons net al hoe meer agtergekom: daar het tóg skuiwe gekom." (A 11:7; 11:11)

PR_12 (A 12:6) voel dat die gemeente daarin gegroei het om vreemdelinge te sien as God se gawe aan hulle, terwyl die gemeente terselfdertyd 'n gawe moet wees aan mense wat hulle pad kruis of deel is van die gemeenskap waarin hulle woon. En PR_18 (A 18:25) vertel dat hulle doelbewus gasvryheid hoog op die agenda opgeskuif het. "Dit gaan oor hoe ons oor

© University of Pretoria

onsself dink. As óns deur God hier verwelkom word, dan kan ander mense ook deur Hom verwelkom word. Dis nie 'n kerk net vir *insiders* nie. ... Dáái is nog steeds 'n *battle*, dink ek, in ons kerk. Want daar is baie mense wat darem voel, dit is óns kerk. Ek sien dit tog skuif. Dis nie meer so fél soos wat dit was nie."

9. Gemeentes ontwikkel die vermoë om aan kultuur te werk.

PR_18 (A 18:1) onthou dat hulle aanvanklik aanklank gevind het by die SAVGG-proses vanweë die klem op die gemeente as kultuur. "As ons sou dink in daai stadium aan iets soos, jy weet, sinvolle verandering, dan sou ons in die eerste plek gedink het aan organisasie. Ons sou gedink het aan hóé moet ons anders organiseer, en, jy weet, ons het strukture gedink." Hulle belewenis is dat daar op die reis wel 'n verandering van kultuur gekom het. "Dit is, dit is sínvolle betekenisvolle kultuurskuiwe wat plaasgevind het." PR_18 verwoord waarskynlik hiermee een van die belangrikste aspekte onderliggend aan al die response.

10. Vorming van 'n gebedskultuur en 'n gees van afhanklikheid.

Een respondent (PR_4, A 4:3) vermeld dat daar meer van 'n gebedskultuur en 'n gees van afhanklikheid in die gemeente teenwoordig is. Die gemeente het hierdie patroon destyds as hul swakste een gekies. "...[V]andag het jy meer van 'n gebedskultuur, en soos ek sê, 'n gees van afhanklikheid. Afhanklikheid van die Here. Afhanklikheid van die Gees."

PR_11 (A 11:6) vertel dat-dat die roeping om in kultuur van konflik vredemakers te wees, hulle met vrees vervul het. "...[D]ááruit het ons vir mekaar gesê: ... as ons bang is, as ons onseker is, dan hét ons die Here nodig. Dan is ons afhanklik van die Here."

11. 'n Herwaardering en herontdekking van die eie tradisie en identiteit vind plaas.

Die persepsie mag soms bestaan dat gemeentes op die reis na gestuurdheid van hul eie tradisie vervreem word. Die teendeel blyk egter (ten minste by sommige gemeentes) die geval te wees.

PR_18 (A 18:9) onthou dat Pat Keifert gesê het: "*Always renew the church according to your own tradition.*" En inderdaad is die lees en verstaan die eie kultuur en tradisie 'n belangrike element in die SAVGG se voorgestelde geloofsonderskeidende proses. Dis interessant dat PR_14 (A 14:2 en 14:3) die herontdekking van hulle eie identiteit as Lutherse gemeente uitwys as die belangrikste transformasie wat in die gemeente plaasgevind het.

© University of Pretoria

"...[D]ie proses van die *PMC* het ons eintlik eers weer laat besef wié ons as Lutherse kerk is. Dat ons wel 'n bydrae moet en kán lewer wat spesifiek Luthers is in die groter gemeenskap van Christene hier." Hy wys daarop dat daar soms die persepsie bestaan dat dit in die ekumeniese beweging "gaan oor die *lowest common denominator*, so 'n tipe van ons is almal maar gelyk en maak maar so. En ek het besef, deur hierdie proses, is dat dit eintlik nie 'n goeie ding is nie, want dán verloor jy die spesifieke skatte wat die gemeentes het."

En PR_15 (A 15:1; 15:2) wys daarop dat die missionale teologie in die Afrikaanse gereformeerde tradisie baie na lê aan "ons *core* verstaan van geloof". "Dit is vir my baie interessant, gestuurde teologie artikuleer vir 'n klomp mense met wat hy eintlik dink: dis hoe dit behoort te gewees het. Dit is 'n 'a-ha!' oomblik. En hoe beter die 'a-ha!', hoe gouer dink mense: nou eintlik het ons dit reeds geweet. My ervaring was van lidmate en mense, hulle dink dit is *obvious* dat dit so moet wees. En dit is in 'n sekere sin vir my die krag daarvan, jy weet."

4.4.1.2. Bydraende faktore.

Die volgende vraag aan respondente was: **Wat was, na jou mening, die belangrikste bydraende faktore tot die vorming van 'n missionale gemeente-kultuur en praktyk? Wat dink jy het julle reg (of goed) gedoen?**

Uit die response kan die volgende as bydraende faktore onderskei word. Rapportering is in die volgorde van digtheid. Faktore met die meeste response of aanhalings word eerste vermeld.

1. Leierskap.

Ek is van oordeel dat dit in die lig van die response billik is om te sê dat leierskap dié belangrikste faktor is in die vorming van 'n missionale gemeentekultuur en –praktyk. Om twee respondente aan te haal:

> "Ek dink leierskap is die héél belangrikste faktor." (A 12:7)

> "Ek sal sê leierskap. Ek kom agter, Gert, dat gemeentes wat skuif, is gemeentes waar daar sterk leiers is wat nie bang is om leiers te wees nie. Jy kan nou maar teorieë en goed en jou gereformeerdheid bring, dit werk nét waar daar 'n koalisie is van sterk leiers wat die regte hoeveelheid sosiale kapitaal het, wat 'n verbintenis maak tot die proses en beweeg in daai rigting. As dit nie daar is nie, sal dit nie werk nie." (A 5:28)

© University of Pretoria

Die inhoud van die verskillende response hieroor kan as volg saamgevat word: Missionale transformasie en -vorming slaag in gemeentes waarin daar 'n koalisie van sterk leiers is wat bereid is om leiers te wees, wat ten volle inkoop in die missionale verstaan van kerk-wees, wat self verbind is om met die proses te volhard en die gemeente daarby hou, wat oor die regte hoeveelheid sosiale kapitaal beskik ten einde geloofwaardige gespreksgenote te kan wees, en wat self die visie van gestuurdheid dra en aksies skep om dit te beliggaam.

- **'n Koalisie van sterk leiers wat bereid is om leiers te wees.**

  Respondente stel dit duidelik dat die **predikant** 'n **sleutel-leier** in die proses is.

  "...[D]ie predikante het ontsaglik baie ... 'n groot rol gespeel." (A 18:10)

  "In die eerste plek sê ek, ek dink óns predikante moet baie krediet kry vir, jy weet, vir die vordering wat die gemeente gemaak het. ...[W]ant júlle het die verantwoordelikheid geneem. ...[E]n ek dink by élke geleentheid wat julle gekry het, het julle eintlik die gedagte van gestuurdheid bevorder. So, ... sonder die predikant is hierdie eintlik 'n doodgebore baba." (A 23:20)

  "Ons het 'n leier gehad wat wyd gelees het en die proses lewend gehou het in die gemeente. Nou, die interessante is dat, in 2001 het die kerkraad eindelik gesê, ons kom tot die ontdekking dat in 'n tyd van verandering het jy sterk leierskap nodig. En ek is toe nou aangestel as leier-leraar. En hulle sien my taak primêr as die een wat die visie in stand moet hou. Nie in stand soos ons dit nou verstaan nie, maar ek is die visiedraer. Ek is die een wat wyd moet lees oor hierdie visie. Ek is die een wat die visie moet kommunikeer met die kerkraad. Ek is die ene wat moet leesstof gaan lees, of leesstof aanbied vir die kerkraad en vir my kollegas. En ek dink die feit dat ek dít goed gedoen het, was 'n groot bydraende faktor." (A 4:27)

  "Maar dit begin by die dominee. Die sakewêreld is vol voorbeelde van een, hulle noem..., *one crazy person who changed the company*. Dis die predikant." (A 10:11)

  "En dan dink ek oor die rol van die predikante het ontsaglik baie, 'n groot rol gespeel. Jy weet, dat predikante anders oor hulle eie rol

© University of Pretoria

dink. ... Daai ding wat ons geleer het van dat die predikant met 'n baie ligte linkerhand moet bestuur en met sy grootste *effort* 'n leraar moet wees. 'n *Teacher*. Dit is net, ek bedoel, dít transformeer die kultuur in 'n gemeente. ... En jou taak is om die gemeente te hou by, of die leierskapprosesse by geestelike onderskeiding te hou. Jy bepaal nie al die uitkomste nie. Jy hou die leierskap by die proses. En by die gestuurde roeping..." (A 18:10)

"En is ook skepties as net 'n lidmaat die visie gekoop het en nie die predikant ook nie. Ek dink nie daai ou het die *power* of sy het die *power* om werklik die kultuur van 'n gemeente te skuif nie. Ek sal aangenaam verras wees as dit so is. As die dominees… Dominees kan dit saboteer, hulle hoef dit nie noodwendig te lei nie, maar hul kan op 'n baie stil en subtiele manier die hele ding saboteer." (A 15:18)

Saam met die predikant is daar egter in gemeentes wat transformeer 'n **span leiers** wat **sáám verantwoordelikheid neem** vir die reis van geloofsonderskeiding.

"Dan dink ek die tweede ding wat ons goed gedoen het, ons het die gemeenteleiers, die breë groep gemeenteleiers, het ons baie goed betrek..." (A 23:8)

"Ek dink ons het 'n goeie taakspan bymekaar gesit. Dit was goeie gemeenteleiers en hulle het hulle verbínd, jy weet, om pad te loop vir drie jaar. ... So dis die eerste ding. Ons het 'n goeie taakspan gehad.

- **Wat 'n missionale bekering gehad het.**

"Ek dink van 'n klompie gemeentelede tot 'n klompie figure op die kerkraad het almal 'n soort van 'n missionale bekering gehad. So dit het verander van 'n projek van die gemeente na iets wat in die wese van die gemeente lê." (A 3:12)

"Ek dink leierskap. En daarmee bedoel ek nou nie die predikante in die eerste plek nie, hoewel hulle, jy weet, ek en my kollegas deel wás en ís daarvan. As jy 'n sterk groep leiers het wat die visie vat of begryp." (A 12:7)

"En *obviously* die vermoë om geloofsonderskeidend te dink." (A 1:73)

© University of Pretoria

- **Wat ten volle in die proses ingekoop is en daarby bly.**

  "En dan ... die erns waarmee die kerkraad saampraat en by die proses bly. ...[D]aar was 'n punt wat die kérkraad régtig na die taakspan gekyk het en gesê het, ons vertrou julle nie. Hulle het nie eers die proses vertrou nie. En vandag het ons 'n kerkraad wat régtig ingekoop het in die proses. En as leier-leraar gee ek vir hulle baie stof om te lees, en ons behandel stof. ... En ek wil ook sê dat my kollegas ingekoop het. ... So dít maak 'n baie groot verskil, die feit dat ál drie leraars en ook die kerkraad ingekoop het." (A 4:20)

  "Ons was almal ingekoop. ... Ek kan nie sien dat gestuurdheid kan werk as almal nie inkoop nie." (A 15:18)

  "...[D]is so soort van die ouens wat sê: al vergaan die hemel en aarde nou, ons glo dat die Here is met ons op hierdie pad en dan gaan ons dit doen." (A 5:28)

  "Volharding. Ons ouens gee nie op nie. [Lag] Ek het hier geskryf, politieke wil. Want ek het nie, ek het nie 'n – dis 'n wêreldse woord, maar – ek het probeer om dit te omskryf, maar ek weet nie wat dit is nie. Maar jy weet, hulle sê altyd, dit gaan nie werk nie, want die regering het nie die politieke wil nie. En ek, ek dink, daar's 'n passie, of daar..., die róéping. Die feit dat jy 'n roeping, dat jy 'n fokus het." (A 20:17)

- **wat oor die regte hoeveelheid sosiale kapitaal beskik ten einde geloofwaardige gespreksgenote te kan wees**

  "Dominees wat al uitgebak is in hulle verhoudings met gemeentes, wat nie as geloofwaardige gespreksgenote gesien word nie, dit werk net nie by hulle nie. Hierdie proses as 'n poging om fundamentele probleme in die gemeente te beredder, werk nie. Dit gaan oor leiers wat, soos ek sê die regte hoeveelheid sosiale kapitaal het." (A 5:28)

- **wat missionale gesag opneem en self die visie van gestuurdheid dra en aksies skep om dit te beliggaam**

  "Missionale leierskap, mense wat die roeping beliggaam. Die mate waarin daar sulke mense is wat leierskap neem, wat die sisteem op die regte koers hou, dis wat dit moontlik maak dat dit kan slaag." (A 5:28)

© University of Pretoria

> "...[D]an dink ek nóg 'n ding wat ons reg gedoen het, is ons het sékere leiersfigure het ons baie goed gebruik. ... Húlle was eintlik die profete van gestuurdheid wat ek dink die gemeente tot 'n groot mate laat besef het, ons is besig met iets ánders. Dis goed wat ek dink ons reg gedoen het." (A 23:14)

> "Dan die feit lat ons vróég reeds aksies van gestuurdheid geïdentifiseer het, en hulle nagevolg het..." (A 23:12)

> "Ons het die Here met die proses vertrou." (A 4:29)

> "En dan in hierdie proses van geloofsonderskeiding, het ons as leiers die kerkraad, die taakspan wat by die gestuurde gemeentes betrokke was, het ons almal begin by ons, gesê Here begin by ons, verander ons in die sin dat ons oopraak, dat ons hoor wat U sê deur wandel in die Woord, wandel in die wêreld, deur onderskeidend op te tree. En dis wonderlik hoe die Here ons saamgebind het en hierdie pad begin loop het, ek wil amper sê soos die see wat net oopgaan en dinge begin gebeur". (A 7:7)

2. Geloofsonderskeidende gewoontes en praktyke.

Naas leierskap is die beoefening van **gewoontes** die belangrikste bydraende faktor tot die vorming van 'n missionale gemeentekultuur. Na die mate waarin gemeentes daarin slaag om hulle gewoontes te verander, verander die kultuur van die gemeente.

> "...[O]ns is besig om gewoontes te verander, en na mate wat ons dít begin regkry..." (A 4:22)

Dit is duidelik uit die verskillende response dat daar 'n onlosmakende interafhanklikheid is tussen kultuur en die beoefening van sekere gewoontes of praktyke. Gewoontes en praktyke transformeer kultuur. En kultuur kom tot uitdrukking in praktyke en gewoontes. Respondente gebruik dan ook "gewoontes", "praktyke" en "kultuur" doodgewoon as wisselterme. Sommige praat van die "gewoonte" om te luister en ander van die "kultuur" om te luister. Soms word verwys na die "praktyk" om in die Woord te wandel en ander kere na die "kultuur" van wandel in die Woord.

As ons aanvaar dat die begrippe "kultuur", "gewoontes", "praktyke" en "dissiplines" in 'n sekere sin wisselterme is, word 'n missionale gemeentekultuur gevorm indien gemeentes die volgende gewoontes (of praktyke of dissiplines) deel maak van die gemeentekultuur:

© University of Pretoria

- **Die gewoonte om te luister.**

  Die proses van geloofsonderskeiding is in wese ’n vier-ledige luister-proses: luister na God, luister na die Woord, luister na mekaar en luister na die wêreld. Die vermoë om te luister is die onderliggende kapasiteit wat aan al die ander gewoontes of praktyke ten grondslag lê.

  > “...[D]ie feit dat ons ons gewoontes begin verander het, luister na God, luister na mekaar, luister na die gemeenskap.” (A 4:22)

  > “Goed wat vir ons ook gehelp het, was nou die luisterverslag. Ek dink ek het net, ek besef net dat ’n mens... Dit kom mos ook baie sterk voor ons, hoe om te luister, hoe belangrik dit is om na mekaar, na God te luister, maar ook na mekaar te luister en na die wêreld te luister.” (A 16:9)

  > “Ek dink, héél aan die begin is daar goed geluister na wie toe stuur die Here ons. ... Maar dis daai rég luister en gehoorsaam te wees, om dít te doen, en die proses het ons eintlik daarmee gehelp.” (A 11:12)

- **Die gewoonte om in die Woord te wandel.**

  Sonder uitsondering wys respondente die dissipline om in die **Woord te wandel** uit as ’n **belangrike (of dié belangrikste) bydraende faktor** tot die vorming van ’n missionale gemeentekultuur. Ek haal enkele respondente aan:

  > “...[H]ierdie *dwelling in the Word* is vir my absoluut die sentraalste ding van die proses.” (A 14:7)

  > “...[D]at mense die kultuur van wandel in die Woord aanleer en toepas. ... En ek dink dit het ook baie gehelp om daai kultuur van luister na die Woord en luister na mekaar te vestig.” (A 11:14)

  > “Ek dink dit is die direkte gevolg van wandel in die Woord as ’n praktyk. Ek dink meer as enigiets anders het dit die gemeente getransformeer.” (A 5:5)

  > “Die wandel in die Woord ... - ’n mens kan daai ding nie diep genoeg bedink nie - het ’n ongelooflike rol gespeel. Daai ding dat jy dat jy by vergaderings en by byeenkomste en by plekke waar jy kom sáám Bybel lees – maar dis iets ánders as in die verlede waar

© University of Pretoria

> iemand vir ons open en gou vir ons preek – en ons selfs dalk subtiel ’n bietjie moet beïndruk met iets wat hy of sy nou van die Here ontvang het. Hier kom jy almal uit die ontvang-rol. Dit maak jou houding anders. Dit maak die predikante se houding anders. En ek dink dit het nogal ’n groot rol gespeel in hierdie in hierdie skuif. Dit gaan hier oor Gód en sý Woord, oor ’n God wat aan die Woord kom. Wanneer ons bymekaar is as kérk, gaan dit oor God wat aan die Woord kom. So ek-ek dink dit het ’n onskatbare rol gespeel.” (A 18:8)

> ’n Lidmaatrespondent: “Dis vir my ’n vreeslike *powerful* metode, hoe dit werk. .. [E]k het dikwels in daai vergaderings gedink dit is so *amazing*, want dit skuif die gesprek amper half onder die gesag van die Heilige Gees in, op ’n *weird* manier. Ek kan dit nie lekker verduidelik nie... [lag], maar dis... ... [K]yk jy kan mos nou sit en ’n teksie opsoek wat baie lekker by jou agenda pas, en hoe beter jy die Bybel ken, hoe beter kan jy dit *obviously* doen . Maar daai gewoonte ... het vir almal van ons half in ’n posisie gesit waar jy so saggies bietjie geskuif is keer op keer.” (A 8:44)

Respondente verwys ook soms na die waarde van die dissipline om jou vir lang tye aan een teks te onderwerp. PR_5 (A 5:6) wys daarop dat die langdurige wandel in Lukas 10 daartoe lei dat Lukas 10 as’t ware die hermeneutiese bril word “waardeur ons na die Bybel kan kyk en waardeur ons voorberei is om God se beweging na die wêreld in die Bybel te leer raaksien en naderhand in ons eie konteks.” LR_20 vertel dat die gemeente as deel van ’n geloofsonderskeidende proses vir ’n jaar lank al net in Handelinge twee wandel. “Net in Handelinge twee. By elke vergadering, elke ding waar ons bymekaarkom, ensovoorts. En dit is ongelooflik om te sien, die wonders en tekens wat die Here nou eintlik in ons gemeente doen. En ek glo werklik dit kom eintlik van die gestuurde gemeente proses af.” (A 20:5)

LR_21 (A 21:15) respondeer oor die wyse waarop ’n langdurige onderwerping aan een teks die houding waarmee ons na God en sy Woord luister, transformeer: “Dís vir my ontséttend belangrik in die hele gestuurde proses: *let go, let God*. En weet jy wat help daarmee? Is hierdie wandel in die Woord metodiek. Ons weet dit mos nou almal, dat jy vir die twintigste of sewentigste keer êrens in ’n byeenkoms is waar dieselfde teksgedeelte... Ek kon dit nie kleinkry in die begin nie. Kan hulle nie by Lukas 10 verby kom nie? Daar is só ’n dik Bybel. [Lag] Die groot ding daarvan is om elke keer daarmee te sê: Here, ek

© University of Pretoria

sit al my vooropgesette idees, en als wat ek vantevore al gedink het ek weet ek sien in hierdie Skrifgedeelte. Ek sit dit neer. Kom, ek is oop vir u Heilige Gees om enigiets vanoggend onder my aandag te bring. En ek gaan luister na hierdie broer of suster hier langs my, wat U vir hom of haar te sê het. ... En vir ons almal om net stil te word en te sê: Here, ons glo dis 'n lewende ontmoeting met U. Ons glo U het vanoggend iets om ander ons aandag te bring uit hierdie selfde Skrifgedeelte uit. ... Ja, jy word leeg. Jy word weer leeg."

- **Die gewoonte om in die wêreld te wandel.**

  Wandel in die wêreld word dikwels saam met wandel in die Woord in een sin gebruik (A 3:11, A 12:31, A 12:44). Die kultuur skuif as mense eerstehands kontak maak met die nood in die gemeente en onmiddellike konteks.

  "...[D]it het maar net eenvoudig ouens se harte oopgemaak. Betrokkenheid, nê. Blootstelling aan die goed, nie net hoor van êrens [nie]" (A 16:9)

  "...[D]ie oomblik toe daai teologiese gesprek plaasvind, het jou oë oopgegaan vir die nood van die gemeenskap. Binne die gemeente, en buite die gemeente." (A 13:11)

3. 'n Deurlopende fokus op die gemeente se gestuurde roeping.

Gemeentes transformeer indien die leierskap slaag met die onderskeiding en verwoording van die gestuurde roeping (A 23:9; 16:8) en patrone van gestuurdheid (A 16:10), dit met die bediening van die gemeente integreer (A 12:9), en deurlopend daarop bly fokus (A 4:18; 4:21) en daaroor preek (A 11:13).

"...[W]at ook 'n bydraende faktor is tot die vorming van ons as gemeente is, ons ábsolute fokus op ons gestuurdheid ... So, die feit dat ons ons visie wat ons beliggaam, ons gestuurdheid, wéér en wéér en wéér onderstreep, en dat ons die patrone wéér en wéér onderstreep, dís die ding wat gemaak het dat hierdie vorming plaasvind, níks anders nie. Ek bedoel, ons het aanhou-aanhou om dit te dryf. En as jy my vra: doen ons dit suksesvol? Dan sê ek: Nog nie. Na ses sewe ag jaar nog nie. Ek bedoel, ons groei maar nog daarin, maar ons het nóóit opgehou om dit te doen nie." (A 4:19)

© University of Pretoria

> "Maar die belángrikste ding is, dink ek, die feit dat ons oor ons gestuurdheid en oor die patrone oor en oor en oor gepraat het. Die patrone verander mense se denke. En na die maat dat jy jou visie oor en oor onderstreep. En daaroor preek en reekse daaroor hou. Dis die goed wat mense se lewens verander. Onthou 'n belangrike ding. En ons moet leer by ouens soos Bill Hybels-hulle. Bill sê altyd: "*Vison leaks*." As jy nie hierdie prosesse lewend hou nie, of as jy nie hierdie proses herbesoek en wéér besoek en wéér besoek nie, dan gaan jy nie vorder nie. Want dis letterlik soos 'n ballon wat jy opblaas, en as jy maar weer sien begin hy af te blaas. En daarom is dit so belangrik dat jy jou patrone en jou visie, jou gestuurdheid, oor en oor en oor onderstreep. En dat jy aksieplanne in plek plaas, langtermyn planne in plek plaas, oor hoe jy dit gaan doen. Dít verander die gemeente." (A 4:21)

4. Gesprek as sleutel tot transformasie

Gemeentes transformeer indien die leierskap daarin slaag om **gesprek** op alle vlakke **deel van die gemeentekultuur** te maak. PR_5 (A 5:7; 5:8) is oortuig dat gesprek in 'n post-moderne kultuur die sleutel is tot transformasie.

> "Mens moet praat. Ek hou van wat Scharmer sê: daar's 'n toekoms wat wag om gebore te word, daar's 'n voorkeur- en 'n beloofde toekoms wat God vir ons wil skenk, en hóé dit gebore word, is jy moet daaroor praat. So ek is oortuig daarvan dat gesprek die manier is hoe 'n mens kerk doen in 'n postmoderne tyd. ... So ek dink die rede hoekom die proses gewerk het, en hoekom transformasie gewerk het, was omdat daar sulke gesprekke was. En omdat alles wat ons in elk geval moes doen, gesien is as só 'n gesprek." (A 5:7)

PR_5 (A 5:7; 5:8) gee 'n insiggewende verduideliking van hoe gesprek na sy mening in 'n missionale situasie gestruktureer word. Hy onderskei drie momente in die gesprek (ontvang, eksplorasie en ontplooiing) en brei op elkeen van hulle uit. Hy gee ook 'n hele aantal praktiese voorbeelde van die soort van gesprekke wat in die gemeente plaasgevind het.

Hierdie klem op gesprek as sleutel tot transformasie word ook deur ander respondente bevestig. PR_13 (A 13:10) vermeld dat die teologiese gesprek wat deur sy kollega in die gemeente begin is alreeds voordat die gemeente by die SAVGG ingeskakel het, 'n groot mate van transformasie in die

© University of Pretoria

gemeente gebring het. "...[D]aai kerkraad het boeke gelees dat dit by hulle ore uithang. Dis opgesom, dis vir hulle gegee, dis bespreek. ...[W]at die diskoers van die gemeente geword het. En dis waarom ek sê, toe ons by die vennootskap kom, het daar rééds 'n groot transformasie plaasgevind. Maar die vennootskap het dit bevestig en die geloofsonderskeidende praktyke het dit verder uitgebou." (A 13:10)

Gewoontes en ruimtes wat 'n gesprekskultuur ondersteun en vestig, is onder andere die volgende:

- **Wandel in die Woord as gesprek.**

  PR_5 (A 5:7) verwys na wandel in die Woord as voorbeeld van gesprek:

  > "So as jy nou vra faktore tot die vorming van missionale gemeente, dan sal ek sê wandel in die Woord. Agter dit 'n groot doelbewuste gesprekskultuur."

- **Wandel in die wêreld as gesprek.**

  PR_5 (A 5:7) vertel hoedat die leraars en leierskap deur die hele gemeente beweeg het en in groepe die wandel in die son as gesprek gedoen het.

  > "Ek het in my lewe selde nog by so 'n korttermynprojek betrokke gewees wat sulke enorme resultate opgelewer het. Feitlik elke aand was daar mense in trane gewees aan die einde van die aand."

- **Die erediens as gesprek.**

  Respondente (A 5:8; 15:6; 23:13) verwys na die gewoonte om lidmate hulle verhale in die eredienste te laat vertel en die impak daarvan op die transformasie van die gemeente.

  > "Ek kan nou begin dink hoedat ons mense begin laat vertel het in die erediens, jy weet, wat is die ervarings wat hulle gehad het? ... En dit was 'n *major* impak." (A 5:8. Ook A 23:13)

- **Die prediking as gesprek.**

  Respondente (A 15:6; 8:43; 6:9) wys op die rol van die prediking as bydraende faktor tot die transformasie van die gemeente. Dit wil voorkom asof al meer gemeentes daarop fokus om die prediking te skuif vanaf 'n een-rigting monoloog na 'n deelnemende dialogiese

© University of Pretoria

gesprek. Verskeie voorbeelde hiervan is deur respondente gegee. Een voorbeeld is PR_6 (A:6:9). Hy wys daarop dat die gestuurde proses 'n totaal ander benadering tot en verstaan van die prediking gebring het.

> "Ek bedoel, as ek 'n Sondag op die kansel gaan staan, of voor die kansel gaan staan, dan kan ek rêrig sê, dis nie net mý preek nie. Ek bedoel, dis 'n preek van my kollegas, ander lidmate, wat almal 'n inset gelewer het. ...[E]n op die ou einde is dit éintlik 'n preek wat gebore is vánuit die geloofgemeenskap vir die geloofsgemeenskap. Ek bedoel, dít het beslis by ons 'n ongelooflike skuif gebring. En ek dink daai sáám besig wees met God, en dan ontdek, maar dis nie die Here wat hier éénkant met my loop praat nie, maar Hy praat met ons álmal, en Hy praat met ons in ons besig-wees met mekaar. Dít het beslis, dink ek, 'n groot skuif gebring." (A 6:9)

- **Kleingroepe en selgroepe as ruimtes vir gesprek**

> "Ek dink, uh, die gebruik van selgroepe is 'n belangrike ding, want dit het die gesprek na gemeentelede toe geneem. En daar was tóg, jy weet, dis 'n lekker forum vir debat daai." (A 23:11)

- **Die gemeentelike nuusbrief en "*grapevine*" as gesprek.**

> "Ons nuusbriefie, die [NUUSBRIEF], die maandelikse nuusblad, het ons 'n bladsytjie afgestaan waar gelowiges vertel het, jy weet, hoe die Here hulle gebruik het. En dit was 'n major impak. Ja, so ek dink ... Ek kan onthou op 'n stadium het ek vir myself gedink ek gaan die *grapevine* my vriend maak. Mense skinder, daar's áltyd stories wat rondvertel word, so ek gaan hulle help om oor die regte goed te skinder. ... So ook skinder, ook die goed wat lidmate onder mekaar..., die stories wat hulle vertel, het ek besef: dis gesprék, jy weet. En waar gesprek plaasvind, moet jou ogies blink, jy weet, moet jy dít beïnvloed en mense laat praat oor goed wat regtig belangrik is. En ek moet sê, in [GEMEENTE] is dit presies wat gebeur het." (A 5:8)

5. Bemagtiging van lidmate vir die bediening

'n Vyfde bydraende faktor wat deur respondente uitgewys word, is die bemagtiging van lidmate vir hul eie bediening. Hierdie bemagtiging vind in hoofsaak op twee vlakke plaas:

© University of Pretoria

- **Organisatoriese aanpassinge op die vlak van gemeentelike bediening.**

  Kerkrade neem op 'n organisatoriese vlak doodgewoon die besluit om die bediening aan lidmate terug te gee (A 4:3; 6:26; 15:7).

  > "Die gróót verskil in die gemeente het gekom vandat die gemeente, die geméénte terug gegee het in die hande van die gemeente. Ons doen daarvan niks nie, ons hardloop géén projek van ons kant af nie." (A 4:13) "...[O]ns het gewoon besluit dat ons as kerkraad geen projekte begin doen nie, en om gewoon lidmate wat die passie het om 'n verskil te maak, te ondersteun. Ek bedoel, ons het geabdikeer as die as die groep wat projekte aanpak of inisieer in die gemeente." (A 4:30)
  >
  > "En wat baie lekker is, ons het, wat óns op die ou einde gesê het: die kérkraad se rol is nie om projekte uit te dink nie. Ek dink dis die eerste belangrike ding. Ons, die Here lê goed op sekere mense se harte, en óns help vir hulle om dit wat die Here op hulle harte lê, te doen." (A 6:26)
  >
  > "...[O]ns was baie ernstig gewees toe ons gesê het ons maak die struktuur plat. En ons skep vakume, en ons gee gesag weg. Want baie keer is mense nie ernstig as hulle dit doen nie. ... So ons het 'n kultuur geskep waar die dominees nie oor alles wil beheer hê en toestemming wil vra nie. Waar ons as sentrale kerkraad nie van kommissies dit vra nie, wil kommissies in 'n sekere sin dit ook nie van mekaar vra nie. En dit begin modelleer." (A 15:7)

  Respondente in gemeentes waar hierdie benadering gevolg word, wys daarop dat dit nie beteken dat gemeentelike leierskap "abdikeer" in die sin van "ons hoef niks meer te doen nie". Die sukses hiervan is daarvan afhanklik dat leraars en leierskap hulle nuwe rol (en gesag) in die proses deeglik begryp en opneem (Byvoorbeeld A 21:17). Gemeentes waar hierdie benadering werk, skep 'n baie sterk ondersteunings-struktuur vir lidmate in bedieninge (A 6:26; 4:13).

- **Klem op geloofsvorming en dissipelskap**

  Gemeentes plaas, soos hulle op die reis vorder, 'n al groter klem op geloofsvorming en dissipelskap (A 16:11; 16:11; 10:16). Die inoefening van geloofsvormende gewoontes sodat lidmate God in hulle daaglikse lewe en beroep kan ontdek en met Hom meewerk, word 'n sentrale fokus van die hele gemeentelike fokus en bediening.

© University of Pretoria

> "Die vierde ding is verskriklik baie klem op dat ons almal in die bediening is, en dat jou lewe en jou beroep is roeping en bediening. Daarop het ons verskriklik klem gelê. 'n Ritueel wat ek persoonlik twee keer gedoen het hiervoor, is... Ons het 'n verkleinde kerkraad, so jy het mos nou nie elke jaar noodwendig 'n kerkraadsbevestiging nie. Maar twee keer wanneer 'n ou kerkraadsbevestiging gehad het, dat ons nou die studente-leiers bekend gestel, die kerkraad bevestig, en dan het ek die héle gemeente laat opstaan en hulle bevestig in hulle bediening - as 'n ritueel." (A 2:15)

> "Ja, en dan geloofsvorming. Ek, ek, die hele kwessie rondom ook die dissiplines... [O]ok die hele proses van dissipelskap... [D]ie goed het nou saamgewerk en mekaar sterk aangevul en ook gehelp met geloofsvorming, en diepte inbou, en so aan. Rondom die verstaan, wat beteken dit om 'n volgeling te wees? So ek dink dis goed wat vir ons gehelp het." (A 16:11)

6. Die ontwikkeling van 'n missionale teologie en taal.

Verskeie respondente (A 1:68) wys die vestiging van 'n missionale taal, teologie en selfverstaan uit as een van die heel belangrikste bydraende faktore in die vorming van 'n missionale gemeentekultuur. Response hieroor is kort, kragtig en glashelder:

> "...[D]ie ontwikkeling van 'n missionale teologie en taal wat... Die hele taal skuif ... weg van die kerk na God toe." (A 1:74)

> "Die eerste is daar moet nuwe taal geskep word. As jy nie die vermoë het om dit te kan hoor of te sien of te kan verwoord nie, kan jy dit nie doen nie. En by terugskou het ons ontdek hoe belangrik dit is dat gemeentelede die taal, ... kom ons sê nou maar die taalhuis oorbou. Dat hulle anders oor die kerk dink." (A 3:9)

> "Wel een van die belangrikste goed wat ons gedoen het, is die vestiging van 'n taal. Ja, dit is iets wat ons verskriklik doelbewus gedoen het. Want kyk, ons is absoluut oortuig daarvan: taal skep werklikheid." (A 2:12)

> "Ek kan op die ou einde net sê, ek dink die herontdekking van die rol wat God as Gestuurde speel. En dat ons deel is van God se sending. Die teologiese verstaan van wie ons ís." (A 6:8)

Hierdie missionale taal en selfverstaan word veral geskep in die eredienste (A 2:12) deur:

© University of Pretoria

- **Die prediking.**

  Dit beteken nie dat elke preek gestuurdheid as tema het nie, maar eerder deur gestuurdheid in die meeste preke die konteks te maak. (A 2:13)

- **Deur stories**

  PR_2 vertel dat hulle graag aan bedieninge buite die gemeente "*airtime*" in eredienste gee. "...[D]ie *airtime* ding is 'n ding wat ons baie baie ernstig gevestig het, want ons het geweet: daarmee skep jy mos nou ook 'n sekere werklikheid, dat dit gaan nie oor ons nie, dit gaan oor die wêreld, oor wat jy buitekant doen." (A 2:11; 2:14)

  PR_7 wys op die transformerende en motiverende krag van stories van hoop. (A 26:26)

7. Kennis van en begrip vir bestaande gemeentekultuur.

Respondent PR_15:8 wys op die belangrikheid daarvan om die bestaande gemeentekultuur te lees en daarby aan te sluit. "Dit is meer 'n geval van ons het uitge*figure* hoe om binne 'n bepaalde kultuur met die kultuur sáám te werk sover as wat ons kan. Sonder om dit te beveg of eers 'n ander kultuur te wil maak." (A 15:8)

PR_18 herinner aan wat hulle by Pat Keifert geleer het: "Hy sal byvoorbeeld vir jou sê: '*Always renew the church according to your tradition*'. 'n Klein sinnetjie, maar daar sit soveel wysheid in, jy weet. Dat jy dikwels in jou beplanningsprosesse ... mekaar daaraan herinner, net weet ons moet in ag neem wie is ons en waar kom ons vandaan. Jy gaan nie sinvolle veranderinge kry as jy sommer begin wílde kaarte hier gooi nie, jy weet. Ek bedoel, dit gaan net nie wérk nie." (A 18:9)

8. Die veranderende konteks.

Respondent PR_7 wys daarop dat konteks waarbinne die kerk is in vyftien jaar totaal verander het en die leierskap tot die ontdekking gebring het dat verandering noodsaaklik is. (A 7:6)

PR_4 vertel dat hy in 'n doodloopstraat in die bediening gekom het nadat verskeie strategiese prosesse om verandering te bring, misluk het. Hierdie ervaring van "ons weet nie meer hoe nie" was egter juis 'n belangrike bydraende faktor tot die transformasie van die gemeente. "As ek 'n metafoor

© University of Pretoria

kan gebruik. Ons was soos 'n alkoholis wat besef het ons móét verander maar ons het nie 'n *cooking clue* gehad hoe ons dit gaan doen nie. En ek onthou die dag toe klomp *clusters* hier aankom, gemeentes wat ons hier aankom by ons *cluster*-ontmoeting, het ék dit ervaar dat die meeste gemeentes op daai punt was. Ons probéér, maar ons weet nie. En die ontdekking waartoe ons gekom het, is: jy moet 'n kultuur skuif. En ons het nie geweet hoe om die kultuur te skuif nie. So ek sê daar: dit was die belangrikste bydraende faktor." (A 4:23)

9. Vestiging van 'n kultuur wat oop is vir verandering.

Een respondent verwys na die vestiging van 'n kultuur wat oop is vir verandering as 'n belangrike bydraende faktor uit. "'n Kultuur wat met ander woorde gesê het: ons laat toe dat God se saad hier val en koester dit wat hier gebeur." (A 3:10)

10. Ontmoeting met die SAVGG en getroue navolging van die proses.

Een respondent wys die ontmoeting met die SAVGG (A 4:17) en die getroue navolging van die proses in al sy stadia (A 4:24; 4:26; 4:17) uit as 'n belangrike bydraende faktor tot die transformasie van hul gemeentekultuur.

4.4.1.3. Uitdaginge wat gemeentes te bowe moes kom.

Die laaste vraag aan respondente in verband met missionale gemeentevorming handel oor uitdaginge of probleme wat gemeentes op hulle reis na gestuurdheid te bowe moes kom en is as volg geformuleer: "**En die grootste uitdaginge of probleme? Wat dink jy sou julle by terugskouing dalk ander (of beter) kon doen?**"

Uit die response kan veertien uitdaginge onderskei word wat deur respondente uitgelig word. Die eerste drie (in die volgorde van vermelding) dra die grootste gewig (± vyftig persent van alle response) en is duidelik die grootste uitdaginge waarmee alle gemeentes op die reis na missionale gemeentevorming gekonfronteer word. Al drie hou verband met die *status quo* wat vir baie jare die verstekposisie ("*default*") in die kerk was, naamlik 'n gemeentelike kultuur met 'n sterk aksent op strategie en bestuur en diep gevestigde verwagtinge van die predikant as *solo* pastor.

1. Aandrang op strategie, kontrole, beheer en vinnige resultate.

Dit is duidelik dat die kerkgroei-beweging uit Amerika en die gemeentebou-beweging met sy klem op strategie en bestuur die kultuur van gemeentes in Suid-Afrika diepliggend beïnvloed het. Gemeentes met verkleinde

© University of Pretoria

kerkrade neig om vaardige en suksesvolle bestuurders uit die korporatiewe omgewing in die gemeentelike leierskap te betrek (A 10:9). Daar is dus vanuit leierskap in die kerkverband (A 14:9) en vanaf gemeentelike leierskap in die kerkraad (A 19:7) 'n voortdurende aandrang op vinnige resultate en uitkoms-gebaseerde programme, en 'n onbegrip vir en ongeduld met langtermyn-prosesse wat poog om die onderliggende gemeentekultuur te verander. Respondente rapporteer hierdie ongeduld en aandrang op prestasie en resultate een van die grootste uitdaginge wat leiers (A 14:14) en gemeentes in die proses van missionale gemeentevorming te bowe moet kom.

Die uitdaging vir gemeentes en gemeentelike leierskap is dus om die aandrang op meetbaarheid en resultate te weerstaan en om vaardige kultuurskeppers te word. Ek haal enkele respondente aan:

> "Dit is verskriklik vreemd, aanvanklik, om aan die kultuur te werk. Ons ken dit nie. Vir die leiers om vaardige kultuur-skeppers te word, is 'n groot uitdaging." (A 1:77)

> "Die gemeente het baie *gemoan* en *groan* die eerste twee jaar. ... Hulle sien niks. Daar gebeur niks nie. Maar wat hulle nie besef het nie, ons is besig om aan die fondasies, die fondament van dit alles. Maar dit was régtig 'n probleem gewees. Veral jou jou jou korporatiewe ouens wat vinnig dinge wil doen en wat gewoond was aan strategiese beplanning. Hulle wil vinnig dinge sien gebeur. Daar het niks gebeur vir twee jaar nie. En dit was nogal 'n probleem." (A 4:32)

> "...[D]ie voorsitter van die kerkraad het reguit gesê hy's 'n baie suksesvolle skoolhoof gewees. En, dit, en hoog op in die onderwys geëindig. En hy't gesê: mý skool was onder die top tien in die land. En ek wil hê die gemeente moet ook daar wees. Nou, as jy..., as dít is hoe die kerkraadsvoorsitter se kop werk, gaan jy nie skuif nie. Jy weet, dan, dan gaan dit oor suksés. En, en, dit gaan nie oor gestuurdheid nie." (A 19:7)

> "...[O]ns is nou, begin nou met 'n nuwe proses van geloofsgewoontes vestig. ... Die mense wat ons in die taakspan gehad het, van hulle was, hier teen die tweede dag was hulle uiters gefrustreerd. Hulle het 'n konsultasieproses gesoek met probleem-geöriënteerde hantering. ... En een van die leiers, die ondervoorsitter van die kerkraad, het nou die dag gesê in 'n vergadering: 'Ag, hierdie goed wat ons nou wil doen is sommer twak!' Jy weet, net so!" (A 19:3)

© University of Pretoria

"Dan, net die woord "geduld". Om te kan aanhou al lyk dit asof niks verander nie, en dan skielik is dit asof alles verander. As daai kultuur begin swaai, dan het ek dikwels ervaar dat gemeentes in drie weke begin voel hier het 'n skuif gekom en hulle het dit nie gesien gebeur nie. Daai om rustig te kan inhang in die..., is 'n uitdaging. Want ek dink daar's dikwels *project managers* of meer liniêre denkers wat net wil oorvat." (A 1:76)

"...[H]ierdie is uit en uit 'n proses waarin die mens eintlik uit die *control seat* uitgehaal word en God weer daarin geplaas word. En waar ons kan luister, en dan bloot deur te luister, weer die moed en die krag ontvang om dit te doen waarin ons, waarnatoe ons geroep is as 'n gemeente." (A 14:10)

2. Inkoop van die leraars, leierskap en gemeente.

Ongeveer vyf en twintig persent van alle response oor "gemeentelike uitdaginge" handel oor die konsep "inkoop". Die Konsultante Handleiding van die SAVGG (2008:28, Byeenkoms 1) beskryf die proses van gemeentelike transformasie as die "verspreiding van innovasie". Soos ink druppel vir druppel 'n beker water kleur, versprei die transformasie van die gemeentekultuur vanaf die taakspan na die breër leierskap en vanaf die leierskap na die gemeente; of vanaf die innoveerders na die vroeë aanpassers en die vroeë meerderheid. Dit blyk egter dat hierdie "diffusie van verandering" die grootste uitdaging is waarmee gemeentes worstel in die transformasie van gemeentekultuur. "Inkoop" blyk 'n uitdaging te wees op alle vlakke van die gemeentelike lewe.

- **Inkoop deur die leraar(s).**

  Respondente is eensgesind en duidelik: as die **leraar** of hele **leraarspan** nie ten volle ingekoop is nie, is die proses by voorbaat gedoem tot mislukking (A 10:8; 17:1; 21:9; 19:4,5; 19:2; 4:51). Net een van vele moontlike aanhalings:

  > "...[A]s jou predikante nie inkoop op die vennootskap nie, dan wil ek amper vir jou sê, vergeet dit om aan te gaan. Géén enkele lidmaat is so sterk dat hy die predikante maklik *overrule* nie." (A 4:51)

  Hierdie inkoop van die predikant(e) behels veel meer as die blote besluit om deel te word van die SAVGG-proses. As die predikant nie self "missionaal tot bekering" kom nie - wat beteken dat die predikant self hart en siel in die missionale teologie inkoop (A 17:1) en self deur

© University of Pretoria

die beoefening van sy eie geloofsdissiplines en praktyke 'n missionale leefstyl inoefen en modelleer (A 10:8; 19:2; 19:5) – kan hy nie met integriteit aan die proses deelneem nie en kan die leierskap en gemeente nie transformeer nie (A 21:9).

> "Ja, hulle het ingekoop om déél te wees van die proses, maar in hulle harte het daar nie *change* gekom nie. ... Want gestuurde gemeentes vra dat jy ... missionaal begin dink. En vir hulle is die kerk nog... Die kerk doen sending. Die kerk ís nie sending nie." (A 19:4)

> "...[D]is wéér 'n kwessie van al die dominees het nie die teologie gesnap nie, jy weet. So, dáár moet dit begin. Die dominees moet in hulle harte verander. Dis eintlik wat moet gebeur. As dít nie gebeur nie... En ek sien dit nou maar hier die in die [STAD] ook. Ek is hier saam met [NAAM&VAN] by 'n *cluster* betrokke gewees. Van die eerste dag af het ek geweet daar's een of twee gemeentes wat nie, hulle gaan dit nie maak nie. En wat ook gebeur het. Want die dominees is nie daar nie." (A 19:5)

> "...[A]s jy nie sélf verander nie, dan kan jy nie die gemeente verander nie. En as jy nie sélf verander nie, dan kan jy ook nie na die wêreld toe gaan en hulle vra om na Christus toe te kom nie. Jy weet, hulle uitnooi na Jesus toe nie. Jy kan nie dit doen nie. Jy moet sélf verander in jou hart. En die enigste manier om self te verander is om rêrig te fokus op geloofsgewoontes of geestelike dissiplines of wat jy dit ook al wil noem, jy weet." (A 19:2)

- **Inkoop deur die gemeentelike leierskap.**

Verskeie respondente rapporteer dat die verspreiding van die transformasie vanaf die taakspan na die **kerkraad** en **breër leierskap** 'n uitdaging was. Respondente rapporteer dat veral in gemeentes met sterk leierskap in die kerkraad, daar 'n mate van agterdog by die kerkraad teenoor die taakspan was (A 4:34,50; 17:2; 19:10; 8:47).

PR_13 (A 13:12) verkies om van 'n "prosesspan" eerder as "taakspan" te praat. Hy sien die taakspan wat los van die kerkraad funksioneer as 'n leemte in die proses en die beweging vanaf die taakspan na die kerkraad as een van die grootste uitdaginge:

© University of Pretoria

> "...[D]ie grootste uitdaging dink ek is om van die taakspan na die breë leierskorps van die gemeente te beweeg. Om hulle ín te koop. ... ...[E]k dink nie dit het goed genoeg by ons gewerk nie." (A 13:12)

LR_8 (A 8:47) skryf die aanvanklike suspisie van die kerkraad toe aan 'n bedreiging van gesag. Sy herinner dat 'n geruime tyd verloop het voordat die eerste terugvoering aan die kerkraad gegee is:

> "Dit laat vreeslike politiek ontstaan, nou dat ek daaraan dink. ...[I]n ons gemeente was die gevolg daarvan dat vreeslik baie van die kerkraad het bedank, van die ou kerkraad. ... Ek wonder hoekom daar ... in die begin so min kontak is. ...[J]y kan jou mos nou indink, in terme van inklusiwiteit en eksklusiwiteit, wat se dinamika dit sal uitnooi." (A 8:47)

PR_19 (A 19:11) wys dieselfde dilemma uit en wys op die noodsaak daarvan dat die taakspan en kerkraad deurentyd saam op reis is:

> "Ek dink die ander moeilike situasie is, die gestuurde gemeente taakspan is nie die kerkraad nie, en kan baie maklik deur die kerkraad beskou word as 'n groepie entoesiaste. Net soos die sendingkomitee in die ou dae. Húlle is die entoesiaste... En hulle sal met inisiatiewe kom wat ons nou net moet beoordeel en kyk, maar kan dit inpas by wie ons is en waar ons vandaan kom. So, daai *culture change* kan nét kom as daar tussen die kerkraad en die taakspan 'n ongelooflike nabyheid is en dat die taakspan en die kerkraad sáám tot bekering kom na die wêreld toe. So dink ek." (A 19:11)

- **Inkoop deur die breër gemeente.**

Respondente rapporteer ook dat die inkoop van die **breër gemeente** 'n groot uitdaging is (A 21:9; 22:10; 17:11). In gevalle waar die leraar nie ingekoop was nie, was die gemeentelike inkoop beperk tot enkele individue in die taakspan (A 17:11).

PR_16 (A 16:11,12) bedien 'n makrogemeente en vind ook die inkoop van die groter gemeente 'n groot uitdaging:

> "Kyk, vir my om die gemeente te mobiliseer en déél te maak van die proses is... Ek, dit is moeilik. ...[A]s 'n ou nou moet evalueer dan weet ek nie in hoe 'n mate 'n ou geslaag het daarin nie. ... ...[D]aai verbruikersmentaliteit, dat, daar's net mense wat nie ingekoop het [nie]..." (A 16:12)

© University of Pretoria

Dalk vat PR_13 (A 13:13) dié uitdaginge rondom “inkoop” goed saam:

> “Maar dan dink ek, die uitdaging was, wéér ŉ keer, terwyl ál hierdie goed wat ek jou vertel het in die gemeente plaasgevind het, sal ons nóóit weet hoe wyd lê dit in die gemeente nie. ... ...[E]k dink die probleem is: hoe vat jy dit van ŉ taakspan na die breër leierskorps, en van die leierskorps na die gemeente toe. ... ...[O]m, om deur te suur tot op die laagste, laaste vlak in die gemeente. Ek dink dís ŉ uitdaging.”

3. Die tradisionele verwagting wat lidmate het van die kerk en van die leraar.

Naas “inkoop” blyk die kragte van die **tradisionele model** van kerk-wees en predikant-wees ŉ reuse uitdaging te wees vir gemeentes op hulle reis na gestuurdheid. Die pastorale model van kerk-wees het oor baie eeue sy beslag gekry en is diep in die onderbewuste van lidmate en predikante ingegraveer.

Dis interessant om in dié verband predikante en lidmate se response te vergelyk. Drie predikant-respondente (A 12:10,11; 3:51; 13:25) verwys na die “kragte van instandhouding” (A 3:51) en mense se “interne weerstand teen verandering” (A 12:10) as een van die grootste uitdaginge vir gemeentes op hulle reis na gestuurdheid. PR_3 (A 3:51) onthou dat die gemeente aan die begin van die reis letterlik oorgangsmaatreëls moes tref om die geweldige spanning rondom hierdie verwagtinge te ontlont. ŉ Emeritus is aangestel om huisbesoek te doen sodat dit vir sommige lidmate steeds kan wees “*business as usual*”. PR_12 (A 12:11) sien dit eweneens as ŉ groot uitdaging om in die gemeentelike bediening ŉ balans te vind tussen die gestuurde roeping en die versorgende funksie van die gemeente. En wanneer die gemeente onder druk kom, is die neiging om terug te “*default*” baie sterk:

> “...[W]anneer gemeentes in die noute beland, gaan hulle terug na die *default* toe van *maintenance* en oorlewing. Ek sien dit selfs in ons eie gemeente. Ek, ons gaan nog baie lank vat voor ons die hárt missionaal gemaak het en nie net die praat daaroor nie.” (A 13:35. Ook A 12:10)

Uit die response van **lidmaat-respondente** is dit duidelik dat hierdie saak na hulle mening die **grootste enkele uitdaging rig aan die volhoubaarheid van die transformasie van die gemeentes** op die reis na gestuurdheid. Al ses lidmaat-respondente stel dié saak aan die orde. En verreweg die grootste deel van die onderhoude met lidmaat-

© University of Pretoria

respondente (tot meer as vyftig persent) is in verskillende fases van die gesprek aan die bespreking hiervan gewy. Dit is duidelik dat die SAVGG en gemeentes op reis na gestuurdheid intensief hieraan aandag sal moet gee.

LR_8 (A 8:33,34,35,42) stel sommer reg aan die begin van die onderhoud die saak aan die orde. Alhoewel mense skuif en gesag opneem, wil hulle terselfdertyd nie regtig afstand doen van die herder-deel van predikant-wees nie.

> "...[E]k dink daai behoefte aan versorging nê, en *containment* - as mens nou so 'n sielkundige term kan gebruik - ek dink net nie gestuurde gemeentes gee genoeg aandag daaraan nie en verstaan [genoeg] wat hulle eintlik [vra] van mense se onbewuste projeksies oor wie en wat die kerk is nie." (A 8:33)

Sy vermoed die teorie is dat die predikant op die gestuurde reis "gedensentraliseer" sal word, maar noem dit 'n "*struggle*, 'n gestuurdheid *struggle*." (A 8:35) Sy stel voor dat 'n behoorlike studie hiervan gemaak word, nie noodwendig 'n teologiese studie nie, maar eerder 'n studie vanuit die sielkunde en leierskap ten einde vas te stel wat die bewuste en onbewuste persepsies is wat mense het van wie en wat 'n predikant is. Sy vermoed dat die verwagting wat mense in hulle onderbewussyn van die predikant het, niks met die teologie te make het nie. En predikante neem onbewustelik hierdie verwagtinge van lidmate in hulle eie verstaan van hulle rol as predikant op.

> "Dit [die teologiese verwagting] is ons bewuste assosiasie met 'n predikant, maar ek dink [die] onderbewuste assosiasie met 'n predikant is dat hy verteenwoordig God. *Right*? En dis 'n *powerfull* projeksie daai. En ek dink predikante, op 'n onbewustelike manier, vat hulle dit. So, nou as jy moet gedesentraliseer raak, ek meen, dis 'n *serious business*! Verstaan? [Lag] Jy moet amper van jou "godheid", as ek dit in aanhalingstekens [kan plaas], afstand doen. Ek dink daar is baie kragtige goed wat tussen dominees en hulle gemeentes gebeur wat mense nie in hulle bewustheid in gedagte kan hou nie." (A 8:35)

Sy beskou die feit dat dominees nie genoegsaam hierop voorberei word nie, as 'n groot blokkasie op die gemeente se reis na gestuurdheid. En sy wonder tot watter mate sommige gemeentes se verlies aan lidmate dalk daarmee verband hou dat gestuurde gemeentes nie genoegsaam rekening hou met mense se onbewuste persepsies en verwagtinge van die dominee

© University of Pretoria

nie. Lidmate is self nie bewus van die persepsies wat hulle het nie en beleef dit bloot as: Die dominee doen nie meer sy werk nie. (A 8:36) Sy stem saam dat die balans tussen die gestuurde en versorgende funksie van die gemeente nie altyd genoegsaam verreken en uitgeklaar word nie.

> "Ek dink net nie gestuurde gemeentes gee genoeg aandag daaraan nie en verstaan [genoeg] wat vra hulle eintlik van mense se onbewuste projeksies oor wie en wat die kerk is nie. So ek dink daar is 'n deel van mense wat half aan daai ding wil vashou, jy weet. Die dominee moet nog kom huisbesoek doen en die dominee moet weet dat ek in die hospitaal is en... Ja, ek dink dit is nogal 'n dilemma vir mense om daai ding te bestuur. Hoe raak jy gestuurd en behou jy iets van daai versorgende rol van die kerk en van die predikant. Ek dink nie hy's lekker uitges*ort* nie." (A 8:33)

Ook LR_21 (A 21:10) verwys na invloed wat die tradisionele rolverwagting van lidmate het op die predikant se selfverstaan en op lidmaatbemagtiging. Sy verwoord haarself as volg:

> "So wat ek eintlik in gewone woorde wil sê: Die dominees moet afklim van hulle troontjies, die nog wat steeds... En daar nog baie wat nog klou aan daai toontjies, régtig. En hulle staan in die pad, nie nét van die lidmaat se ontwikkeling nie. Maar, weet jy wat, Gert, wat vir my die ergste is, is dat party dominees se rol nog so groot is - en dit is dikwels ouer dominees, ongelukkig - dat mense nie vir God raaksien nie, hulle hulle... Daai dominee staan in vir G[od], hy is eintlik God se verteenwoordiger. ... Die dominee se gestalte kan so groot wees dat hy eintlik God verduister vir sy gemeente. En hy moet uit die pad uit kom dat die mense weer vir God kan raaksien. En dat hulle nie van die dominee afhanklik is nie, maar van God." (A 21:10)

Die ander vier lidmaat-respondente word minder uitvoerig aangehaal, maar wy eweneens groot dele van die onderhoud aan hierdie saak. LR_10 (A 10:9,10) verwys na die "sisteem" wat predikante verhinder om geestelike leiers te wees in die ware sin van die woord. Met "sisteem" verwys hy na druk wat kerkrade en lidmate op predikante plaas om te voldoen aan hulle verwagtinge. LR_23 (A 23:29) verwys na balans tussen 'n eksterne fokus en 'n interne fokus as 'n belangrike uitdaging vir die predikant. LR_20 (A 20:15) wys op die druk wat mense se verwagtinge op die leraars plaas. "Ons vind die los van die lysie van goed baie moeilik". En LR_22 is passievol oor die "priesterlike rol" wat aan die predikant opgelê word en die bediening van lidmate ondermyn (A 22:14).

© University of Pretoria

In die lig van bogenoemde is dit billik om te sê dat die rolverwagting wat deur lidmate bewustelik en onbewustelik aan predikante oplê en predikante se bewustelike en onbewustelike toe-eiening daarvan een van die grootste uitdaginge is wat gemeentes op hulle reis na gestuurdheid en die bemagtiging van lidmate blokkeer.

4. Die vestiging van 'n gestuurde taal.

Vier respondente (A 16:14; 4:33; 8:41,45; 23:2) lig die vestiging van 'n gestuurde taal uit as 'n uitdaging. Die klem op die gemeente as sendeling (A 16:14) is vir lidmate verwarrend of nie altyd duidelik nie. En begrippe soos "gestuurdheid", "koninkryk", "instandhouding" en "geloofsonderskeiding" is vir lidmate wat uit die ou bedeling kom, vreemd (A 23:2,15). LR_8 (A 8:41) verwys na 'n "soort van 'n konseptuele *struggle*" wat moeilik was om te bestuur.

LR_8 (A 8:45) wys op die komplekse proses om 'n paradigmaskuif te vestig.

> "Jy hoor nuwe goeters en jy dink: 'O*kay*, *okay,* ja dis glashelder. Dis *actually* baie eenvoudig, ek verstaan heeltemal'. En dan stap jy weg van daai plek af en dan dink jy: 'Wel wat het nou eintlik? Wat was dit nou eintlik nou weer?' En nou verstaan ek glad nie meer nie."

LR_23 (A 23:15) reflekteer oor die belangrikheid van taal en woordeskat vir gemeentelike inkoop in die proses:

> "As jy nie dúídelik die definisies en die taal en die woordeskat van gestuurdheid by hulle vestig nie. [Stilte] ...[S]ónder die verstaan van die woordeskat van gestuurdheid deur die héle gemeente bly die proses die tááakspan se eiendom. ... En verlóór dit eintlik die waarde vir die res van die gemeente."

5. Kommunikasie en ruimtes vir deelnemende gesprek.

Vier respondente (PR_12, PR_4, LR_23, LR_20) sien die vermoë om te kommunikeer op só 'n wyse dat jy die gemeente kan saamvat (A 12:8,12) as 'n belangrike uitdaging. PR_4 (A 4:39) en LR_23 (A 23:16) sou graag veel vroeër in die proses veel méér met die kerkraad en gemeente wou kommunikeer. LR_20 (A 20:23) wys op die uitdaging wat nuwe lidmate aan deurlopende kommunikasie rig. En LR_23 (A 23:17,18) sou by terugskoue dalk ook leraars en lidmate uit ander gemeentes nooi om hulle gestuurde stories te vertel. En hy sou graag meer wou doen om lidmate in selgroepe te kry sodat gesprek gefasiliteer word:

© University of Pretoria

"...[A]lmal van ons moes eintlik harder daaraan gewerk het om meer selgroepe gevestig te kry. ...[E]k dink dit is die forum waarin jy ... 'n dieper gesprek kan geloods kry ... [en] dit is so 'n kritiese instrument as jy kultúúr wil verander. ...[A]s mense nie in 'n gesprék betrokke raak dat sy éie gedagtegang verander kan word nie, gaan jy nooit sy kop regtig geskuif kry nie." (A 23:18)

6. Visievorming en die belyning van die bedieninge van die gemeente.

Ons het reeds daarop gewys dat die formulering van 'n duidelike gestuurde fokus of visie 'n belangrike bydraende faktor tot die vorming van 'n missionale kultuur en praktyk was. Daarom is PR_4 van oordeel dat die SAVGG-proses aangepas moet word sodat die visie binne ses maande in plek kan wees. "Dit moet sigbaar wees, want ons gemeente het verander die moment toe ons daai visie bekend gemaak het." (A 4:42)

Die proses van visievorming was egter terselfdertyd in sy verskillende fases 'n uitdaging vir gemeentes:

"...[D]ie visievorming en... Om dit helder te formuleer en te verstaan waartoe dit gaan, het moeiliker gegaan as wat enigeen van ons vermoed het en het langer gevat. ... Daar was 'n stuk weerstand daarteen." (A 3:14)

"Maar hulle sê mos: '*vision leaks*'. So die feit dat 'n ou op 'n stadium baie sterk oor sekere goed gepreek het, en daaroor gepraat het... Die mense vergeet ook in die proses en raak weer besig met 'n klomp ander goed. En ek dink die, die tradisionele instandhoudingsmodel leef so sterk..." (A 16:13)

"...[E]k dink één ding wat vir ons nog steeds 'n uitdaging is, is die belyning van ál die bedieninge in die gemeente met die visie..." (A 11:16)

"...[D]ie grootste uitdaging wat ons gehad het in hierdie hele proses, was eintlik maar ons visie van beliggaming. Daai vyf-jaar plan, as ek dit so kan stel. Ons is nou vyf jaar later, en ons het eintlik opgehou voordat ons die plan gemaak het. ... En ek dink dit was 'n groot fout, en ons het dit eintlik eers nou agtergekom." (A 20:14,22)

7. Gemeentelike leierskap.

Respondente wys twee aspekte rondom leierskap uit as uitdaginge:

© University of Pretoria

- **Kontinuïteit en gesonde verhoudinge in die leierskap.**

  Verwisseling van leiers in die leraarspan (A 8:45) of taakspan (A 17:3) en onderlinge konflik en spanning in die gemeentelike leierskap (A 17:4,5) bemoeilik en blokkeer die voortsetting van die reis na gestuurdheid.

  PR_5 (A 5:10) wys op die enorme belang van verhoudinge binne die predikantespan.

  > "...[A]s ek terugkyk op die proses sou ek harder gewerk het aan die interpersoonlike verhoudinge."

- **Bemagtiging en vermenigvuldiging van missionale leiers.**

  PR_4 (A 4:40) voel dat hy baie meer kon maak van die bemagtiging en vorming van leiers op die taakspan. En PR_2 (A 2:20) en PR_16 (A 16:16) sien die vermenigvuldiging van missionale leiers in die gemeente as 'n uitdaging wat meer aandag en nadenke verg.

8. Geloofsvorming en dissipelskap.

Ses respondente (PR_1, PR_16, LR_21, PR_18, PR_2 en LR_8) wys op die uitdaging wat geloofsvorming en dissipelskap aan gemeentes rig.

> "Geloofsvorming, dink ek, het soos wat ons aangegaan het in die proses al hoe duideliker na vore gekom as 'n geweldige uitdaging. As ons nie die lidmate se belewenis van God se teenwoordigheid in hul lewe beïnvloed nie, kan gestuurdheid nie grond vat nie." (A 1:78)

Respondente is dit eens dat die toerusting en vorming van lidmate sodat hulle hulle gawes kan ontdek (A 21:6) en waar hulle is elke dag as gestuurdes kan leef (A 2:5; 6:24; 8:46), 'n belangrike aspek van missionale gemeentevorming is (A 16:15). Enkele van die uitdaginge waaroor gemeentes nadink is onder andere die volgende: Hoe rus ons lidmate toe om God-stories te vertel? (A 21:16); Bou ons dissipelskap en navolging of is ons nog gevange in die gedagte van maksimum lidmaatskap? (A 18:12); Hoe betrek ons besige mense by die beoefening van geloofsdissiplines? (A 18:13); Hoe help 'n gemeente vroeg-afgetredenes om oor hulle tweede loopbaan as roeping te dink en regte waarde en betekenis toe te voeg? (A 2:19)

© University of Pretoria

9. Die skepping van ’n kultuur wat oop is vir eksperimentering en verandering.

Soos met vele ander fasette van gestuurdheid is daar ook ’n sekere ambivalensie ten opsigte van gemeentes se openheid vir verandering. Aan die een kant lê die missionale teologie in die hart van geloofsgemeenskappe (in die gereformeerde tradisie) se selfverstaan.

> “Hoewel ons formeel min evangelisasie doen, het ons nog nooit gedink die kerk is net vir homself nie. ... Daar is áltyd in gemeentes daai kerngroep mense wat sê: ‘Maar *it’s beyond us*, dit moet oor meer as ons gaan.’” (A 1:101. Ook A 1:95; 1:126)

Aan die ander kant is ons kultuur diepliggend beïnvloed deur mense se vooropgesette idees oor ander mense (A 5:9; 12:3). Lidmate het nie ’n probleem daarmee om geld te gee vir sendingwerk wat ver weg gedoen word nie, maar mag soms ’n weerstand daarteen hê om grense na omliggende gemeenskappe toe oor te steek.

> “Ek kan baie stories vertel daaroor en hoe ons dit ook probeer deurbreek het met ons besoeke aan townships; die manier hoe ons gesprek ingespan het; ouer mense wat dink hulle weet hoe jonger mense se koppe werk. So die enorme uitdaging is om mense op daai punt te kry dat hulle begin eksploreer. Verkennende, eksplorerende gesprek voer.” (A 5:9)

10. Die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe.

Twee respondente verwys na die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe van uiteenlopende aard as ’n uitdaging. PR_16 (A 16:46) sien die vorming van klein groepe (“*missional communities*”) wat rondom roeping (*communitas*) groepeer, as ’n uitdaging. En PR_15 (A 15:9) wys op die onvermoë van kerke oor die algemeen om multikulturele geloofsgemeenskappe te vorm wat die diversiteit van ons samelewing reflekteer.

11. Die hantering van diversiteit.

PR_6 (A 6:12) wys kerke se vaardigheid om diversiteit binne die geloofsgemeenskap te hanteer, uit as wat hy noem “een van die grootste uitdagings van die kerk.”

> “Hoe akkommodeer jy diversiteit? En verskeidenheid? Hoe akkommodeer jy dit? ... Want dit is net so, wanneer jy missionêr begin

© University of Pretoria

dink, is daar 'n klomp goed wat skuif. Ek bedoel, en jy dink oor 'n klomp goed anders. Maar daar is ook jou sterk behoudende mense wat in jou –*gatekeepers* – wat... En en ons het van hulle verloor." (A 6:12)

12. Die volhoubaarheid van gestuurde inisiatiewe.

Ons het reeds daarop gewys dat die bemagtiging van lidmate vir 'n bediening ander uitdaginge aan gemeentelike leierskap stel. Respondente PR_15 (A 15:10) en LR_22 (A 22:11,12) wys daarop dat spontane bedieninge verwagtinge in die gemeente en gemeenskap kan skep wat nie altyd volhoubaar is nie.

13. Kontak met ander gemeentes binne die SAVGG familie.

Respondente PR_7 (A 7:9,43) en PR_4 (A 4:41) wys op die behoefte wat gemeentes het om van ander te leer en saam op reis te wees. Die uitdaging is om veel meer by mekaar uit te kom met die oog daarop om kennis en hulpbronne met mekaar te deel en om van mekaar te leer.

14. Die voortsetting van die reis na missionale gemeentevorming.

Gemeentes wat die SAVGG-reis reeds twee jaar (of langer) gelede voltooi het, wys daarop die voortsetting van die reis op meer as een vlak 'n uitdaging rig aan gemeentes (A 4:25; 16:47; 20:7; 4:77; 4:76; 4:78). Die een uitdaging is om **nuwe lidmate** wat deurentyd by kom, op die reis saam te neem (A 20:7; 4:77). Die ander uitdaging is die **voortdurende herbesinning oor gestuurdheid en die verskillende aspekte daarvan** (A 4:76). Gemeentes het dus 'n behoefte aan gesprek met ander gemeentes wat in dieselfde situasie is (A 4:25). Dalk is dit gepas om hierdie afdeling oor die transformasie van gemeentes af te sluit met die vraag van PR_4:

"...[H]oe gaan julle as julle nou sewe jaar deel is van die reis, wat gaan julle stimuleer? Wat gaan julle doen om die proses nog steeds voort te sit? Daar kom natuurlik in die proses ook 'n punt dat lidmate sê, ons is nou al 'n bietjie dik om al hierdie goed te hoor. En hoe gaan jy dit altyd núút laat hoor? So dis nogal 'n ding waaroor ek partykeer dink. Dan dink ek nie daar is genoeg navorsing daaroor gedoen nie. Met ander woorde, ... hoe gaan jy die missionale gemeente in stand hou? Miskien sou 'n beter formulering wees om te sê: hoe help jy 'n gemeente wat al sewe of tien of vyftien jaar in die proses is, om om steeds in die proses te bly, sonder dat hy stagneer in die proses? Hoe help ons mekaar? So, miskien moet 'n ou bietjie daaroor besin." (A 4:78)

© University of Pretoria

4.4.2. Die rol en funksie van die predikant in die proses van missionale gemeentevorming.

Die volgende drie afdelings fokus op die predikant as missionale leier in die proses van missionale gemeentevorming.

Miskien is dit belangrik om in dié verband te begin met twee opmerkinge. In die eerste plek is dit belangrik om te onthou dat die navorsing nie fokus op leierskapsvaardighede in die algemeen nie. Daar is algemene vaardighede wat in enige situasie van leierskap vereis word en dus eintlik ononderhandelbaar is. Leierskapsfunksies soos beplanning, organisasie, strukturering, beheer en kontrole is van belang vir enigeen in 'n leierskapsposisie. Die feit dat die predikant saam met sy gemeente op reis is na gestuurdheid, beteken nie dat dié vaardighede onbelangrik is en agterweë gelaat kan word nie, maar die fokus val nie nou daarop nie.

Tweedens is dit waarskynlik belangrik om 'n opmerking van LR_23 (A 23:53) deurgaans in gedagte te hou, naamlik dat die rol van die predikant op verskillende fases van die reis skuif en dat nie al die kapasiteite wat vir die reis vereis word, dus noodwendig deurentyd ewe belangrik is nie. Op verskillende fases van die reis sal sommige vaardighede en kapasiteite meer op die voorgrond wees as ander.

4.4.2.1. Rol en funksie van die predikant.

Die vraag aan respondente was: **Hoe sien jy jou (die) rol en funksie as (van die) predikant op hierdie reis na missionale gemeentevorming?**

Die predikant as missionale leier is in wese 'n *kultuurskepper*. (A 1:79) En die leierskapsrol wat hiervoor nodig is, lyk anders as die normale leierskap- en strategiese soort van denke en bestuur. (A 23:27) Lidmaatrespondent LR_23 stel dit as volg:

> "...[D]is nie elke ou wat 'n groep mense kan vat om 'n kopskuif te maak nie. Jy kan 'n leier wees en jy kan 'n strategiese rol speel om ouens te vat en 'n veldslag te gaan wen, jy weet. Of om 'n projek van die grond af te kry, of om dít te doen. Maar wanneer dit by kultuurskuiwe kom, dan is dáái, dáái leierskapsrol lyk eintlik ánders." (A 23:27)

Uit die response kan vier verskillende rolle of funksies van die predikant as missionale leier of kultuurskepper onderskei word.

© University of Pretoria

1. Die predikant as apostel of gestuurde.

In die eerste plek leef en modelleer die predikant as missionale leier die spiritualiteit, waardes, praktyke en gewoontes van ŉ gestuurde leefstyl.

Dit word algemeen aanvaar dat Mahatma Gandhi sou gesê het: "*You must be the change you wish to see in the world.*" En alhoewel die oorsprong en outeurskap van hierdie spreuk betwis word, vat dit waarskynlik een van die belangrikste beginsels van transformerende leierskap saam. Verskeie respondente (A 10:13; 19:17; 1:80; 20:18) wys die modellering van ŉ gestuurde leefstyl uit as die nommer een rol van die predikant op die reis na missionale gemeentevorming. Om dit met twee aanhalings te staaf:

> "Nommer een, dominee, jy moet self eers begin verander." (A 10:13)

> "Ek moet vir jou sê, ek kan nie nóú dink aan plekke waar ek gedink het dit goed gewerk het, sonder dat daar nie skuiwe in die predikant se eie persoonlike lewe gekom het nie." (A 1:80)

Respondente wys op die belangrikheid daarvan dat die predikant self die teologie snap en ŉ hartsverandering ondergaan (A 19:7), self deur ŉ gestuurde roeping en visie gedra word (A 15:13), self geloofsonderskeidend as geroepene in die teenwoordigheid van die Here lewe en dit verwoord (A 6:14), self geloofsdissiplines beoefen (A 10:13), en self in sy totale mens-wees deur die Bybel gevorm word (A 6:19).

> "En ek dink die [KERKVERBAND] het 'n pragtige gesonde Bybelse teologie. ... Maar om dit te internaliséér in jou méns-wees, om op die ou einde regtig deur die Bybel gevorm te wees in ons totale mens-wees, ek dink dáármee sukkel ons. En ek dink, ék sukkel daarmee. Ek dink ook baie van ons predikante sukkel daarmee. En ek dink die gróótste uitdaging vir óns tans in ons kerk is, hóé - as gestuurde kerk - hóé word God 'n werklikheid in ons lewens? En trek ek dit wat ek ontdék saam met God, maak ek dit regtig deel van my lewe? Dít is vir my die grootste uitdaging. En dís waar ek getransformeer het." (A 6:19)

PR_11 (A 11:23) bedien saam met sy jonger kollega ŉ diverse gemeente uit verskillende sosio-ekonomiese klasse. Dit is hulle erns om die waardes van respek, menswaardigheid, gelykheid en billikheid te leef en te demonstreer. "[I]n ons verhouding met die gemeente tóón ons respek vir mense, en gaan ons op ŉ respekvolle, waardige manier met mense om. En ons behandel almal dieselfde, eerlik en opreg. ... En dat mense dit síén, dink ek, maak ook ŉ verskil."

© University of Pretoria

Ook as span modelleer leraars in hulle onderlinge verhoudinge die waardes wat aan 'n gestuurde lewe ten grondslag lê. PR_11 (A 11:22) wys daarop dat medeleraarskappe in hulle kerkverband 'n slegte reputasie het en dat lidmate dikwels die persepsie het dat leraars een ding preek en 'n ander doen. As leraars modelleer hulle onderling die waardes van respek, waardering, onderlinge liefde en vertroue. "Ons wys 'n alternatief..." (A 11:20) Ook PR_15 bevestig die belangrikheid van die onderlinge verhoudinge binne die span:

> "Want ek dink die samewerking van die span modelleer tog eintlik alles wat ons vir mense wil leer oor die kerk. Dat ons, al is ons verskillend, kan saamwerk. En deur dieselfde visie gedra word en op dieselfde goed fokus. En [as] jy dit nie regkry [nie], het jy moeilikheid, jy weet." (A 15:16)

2. Die predikant as teoloog en taalskepper.

As teoloog en verkondiger van die Woord is die predikant by uitnemendheid die persoon wat in die prediking, lering en kommunikasie met die gemeente verantwoordelik is vir die vestiging van 'n gestuurde taal en droom op só 'n wyse dat die gemeente daarop inkoop en dit deel word van die identiteit, selfverstaan en bediening van die gemeente. Die predikant is dus, naas sy rol as apostel of gestuurde, in die tweede plek ook die skepper en beskermer van die gestuurde taal, identiteit en roeping van die gemeente.

Ons het reeds daarop gewys dat daar mettertyd 'n klemverskuiwing in die rol van die predikant plaasvind. (A 23:53) Aanvanklik is hy die belangrikste rolspeler wat verantwoordelik is vir die volgende:

- **Doen die bekendstelling van gestuurdheid aan die kerkraad.**

  > "...[Ek het] baie moeite gemaak om dit bekend te stel. Ek het vir hulle baie leeswerk gegee. Toe[ge]sien dat die kerkraad tydens élke vergadering met wandel in die Woord begin. ... Maak nie saak hoe lank die agenda nie, maak nie saak of dit begrotingsvergadering is nie, wandel in die Woord is prioriteit. Te sorg dat die kerkraad ingelig bly oor die proses." (A 4:46)

- **Vestig die taal en konsepte van gestuurdheid.**

  > "Dan, dink ek, sou 'n mens kon sê die dominee skep die taal, deur sy prediking, in die lering wat hy doen. Ek dink dit is definitief so." (A 1:84)

© University of Pretoria

> "Ek dink die tweede is die vorming van taal. Om doodgewoon deur prediking, skoling, opleiding en plekke waar jy met gemeenteleiers bymekaar is deurentyd te reflekteer, te onderskei en in 'n proses van onderskeiding die taal te vorm." (A 3:16)
>
> "[E]n hý is dan ene wat verantwoordelik is om om dan dádelik hierdie begrippe te vestig, jy weet, sodat daai definisies van gestuurde aksies vir al die lidmate duidelik word. ... So hý is die groot rolspeler in die begin." (A 23:22)

- **Verskaf die teologiese onderbou van gestuurdheid.**

  Vanuit sy opleiding en agtergrond lê die predikant die teologiese begronding ter ondersteuning van die reis. (A 7:11; 23:32; 12:15; 17:12) Hy doen dit onder andere deur 'n teologiese gesprek in die gemeente te begelei, deur leeswerk saam met die leierskap te doen, en deur die vestiging van die praktyk om in die Woord te wandel (A 13:14; 4:46). Terselfdertyd bly die predikant self student wat voortdurend bly nadink oor wat gestuurdheid is en aanmekaar nuut en vars bly dink. (A 6:17)

Respondente wys op die belangrikheid daarvan dat die predikant 'n **entoesiastiese en energieke kommunikeerder** sal wees wat in die prediking en in deur 'n missionale leefstyl die visie dryf en die taal praat **sodat daar inkoop kan wees** en hy die leierskap en gemeente op hierdie reis kan saamvat. (A 16:17; 4:47; 11:18; 13:15; 2:21)

> "...[H]y moet, hy moet mense saamvát op hierdie pad. Die boodskap moet deurgaan, ons is op 'n *journey*. En ek weet nie of die vennootskap genoeg leiding gee aan dominees om nie net vir die ouens van die reis te vertel nie, maar om hulle sáám te neem op die reis. ... [H]y [moet] in staat wees om mense interpersoonlik sáám te vat. Hy moet 'n missionale leefstyl hê wat mense op hierdie reis uitnooi om saam te gaan." (A 13:15; 13:16)
>
> "...[D]ie rol van gemeenteleiers om die visie te kry en te dryf en die taal te praat, was verskriklik belangrik. Ons het net in die visioneringsgroep baie gepraat daaroor. Die ouens wat maar aan die woord is as die gemeente bymekaar is, is die dominees. ... Hulle moet die taal skep. Hulle moet die droom lééf, en die taal skep, en die entoesiasme oordra. Ek dink dit kan nogal fout gaan, moet ek jou sê, waar jy 'n gemeente het waar jy 'n sterk leier het – nie predikants-leier – wat die proses dryf. As die predikant of predikante nie ook totaal uitverkoop is daaraan nie, dan

© University of Pretoria

> gaan jy sukkel, want jy kan maak wat jy wil, die goed gebeur in die erediens. Jy kan mos nou..., jy sal nou weet, in enige transformasie is jou geskrewe kommunikasie, móét jy heeltyd, heeltyd aanvul met persoonskommunikasie, anders beteken daai geskrewe kommunikasie baie min. En die ouens wat maar in die gemeente die persoonskommunikasie doen, is die dominee. So, ja, jy moet maar daai droom lééf. En die dominees moet daar met entoesiasme oorkom aan die anderkant." (A 2:21)

LR_23 sien dat die rol van die predikant dan mettertyd verander sodat hy net die **nuusdraer** word wat met geloofwaardigheid heeltyd die stories van gestuurdheid na die gemeente toe terug kommunikeer. "Ek dink dit bring motivering. Dit bring positiewe soort van energie in die hele proses." (A 23:24)

Sodra die leierskap en gemeente op die gestuurde roeping en identiteit van die gemeente begin inkoop, vind 'n **klemverskuiwing** plaas en neem die predikant die rol van die "**missionale gewete**" op en tree hy al meer na vore as **bewaker ("*custodian*") van die gestuurde roeping en identiteit van die gemeente.** (A 12:15) Respondente verwoord die verskillende fasette hiervan:

> "...[P]redikante moes verbete en hard werk om nie meer die goed op die ou manier te doen nie en in die *default* terug te gaan nie. Want in 'n groot gemeente soos wat [GEMEENTE] is, het jy altyd jou suksesse en goed gemeet in terme van die hoeveelheid aktiwiteite in die kerk. Letterlik, as jy Sondag die afkondigings vat, dan lyk dit soos 'n telefoonboek oor alles wat gebeur. Dit was 'n bewustelike deel van die gemeente se keuse en die leiers se keuse om te sê: maar ons is *custodians*, ons moet waak dat dit nie gebeur nie. Stop die baie goed wat ons doen. Doen minder sodat ons lidmate kan vrymaak om eindelik in die alledaagse lewe die goed te doen." (A 3:20)

> "...[D]ie rol wat ek ook in die geméénte speel, is om ook die gemeente te help en die kerkraad te begelei om ook visionêr te dink en te funksioneer. Nou, onmíddellik, ek bedoel, as ek dít sê, ek glo ook 'n visie is nie iets wat net by een persoon lê, ... 'n visie lê binne 'n geméénte. Maar iémand is nodig om daardie visie, voortdurend vir hulle te herinner aan die visie. En dis my rol. My rol is, en dit is die rol wat ek in die prosés ook gespeel het, om te sê, óns loop die pad van gestuurdheid. En ek verstáán my rol om voortdúrend die kerkraad of die kollegas of wie ook al in die gemeente te herinner, maar onthou, ons is 'n gestuurde gemeente. Dis Gód wat

© University of Pretoria

ons stuur. Ons is deel van God se sending. Kom ons gaan vertel dit. Ek is, ek wil sê, ek is die een wat mense gedurig ... aan daai proses moet herinner. En ek geniet dit. Dis vir my lékker om daai rol te speel." (A 6:16)

"Jy moet daai missionale ingesteldheid hê as jy oor die jeugsake praat, oor geldsake praat, oor die eiendomme praat. Dit is die verskil tussen 'n gemeente wat mense stuur en 'n gestuurde gemeente. Dit raak 'n *all consuming thing*, wil ek amper sê. ... Jy moet konstant vir jouself sê, álles wat ons doen moet hiermee belyn wees. ... En ek dink jou rol as dominee word konstant om daai ding net te preek, te verduidelik, te… In jou persoon, weet, na vore te bring. ... Jy artikuleer die kultuur. Onthou, dis nie 'n plan nie, dis 'n kultuur. Wie ons is. Hoe doen ons goed, gebruiklik. ... Dis wat ons gaan doen. Dit is wie ons ís. *Finish* en klaar. Iemand moet dit konstant vir hulle sê. Interessant, *people do get it*. Moenie 'n fout maak nie, maar ons hou mos daarvan om dit soms net te vergeet. So ek dink dis jou *job*." (A 15:11)

3. Die predikant as fasiliteerder en begeleier van die proses van aanpassende kultuurverandering.

As missionale leier fasiliteer en begelei die predikant in die derde plek die proses van aanpassende kultuurverandering in die gemeente. (A 13:17; 13:18; 13:19; 16:27; 20:19)

Respondente wys daarop dat die proses van missionale gemeentevorming nie gesien mag word as 'n program wat in die gemeente aangebied of bestuur moet word nie. (A 13:17) Kultuurverandering vereis 'n proses van aanpassende kultuurverandering. (A 16:27; 16:27) Alhoewel respondente steeds 'n belangrike leierskapsrol aan die predikant toeken, verskil die leierskap van die predikant in 'n missionale geloofsgemeenskap in belangrike opsigte wesenlik van die tradisionele rol wat aan die predikant toegeken word. PR_12 verwys na 'n "herdefiniëring van leierskap". (A 12:16)

Konsepte soos "fasilitering" (A 13:17; 13:19; 20:19), en "begeleiding" (A2:16; 13:17) word deurlopend deur respondente gebruik om die rol van die predikant in die proses van aanpassende kultuurverandering te beskryf. Respondent PR_13 stel dit so: "Ek dink jy moet 'n proses lei in die gemeente. ... So ek dink eerlikwaar dominees moet bemagtig wees om fasiliterende leierskap aan die dag te lê." (A 13:19) Respondente wonder soms of

© University of Pretoria

predikante genoegsaam voorberei en opgelei word vir hierdie begeleidende en fasiliterende leierskap wat vereis word. (A 13:17)

As begeleier en fasiliteerder van die proses van missionale gemeentevorming (kultuurverandering) vervul die predikant die volgende funksies:

- **Maak 'n verbintenis tot gestuurdheid en rig die uitdaging.**

  Lidmaatrespondente LR_8 en LR_23 wys daarop dat die predikant aanvanklik die belangrikste rolspeler op die reis is. Hy neem die inisiatief (A 8:48), tree op as katalisator van die hele proses (A 23:21), neem die leiding om dadelik die begrippe van gestuurdheid te vestig en sleutelfigure te identifiseer wat die reis kan voortsit (A 23:23).

  Respondente beklemtoon deurgaans die belangrikheid daarvan dat die predikant self 'n verbintenis maak tot die vorming van 'n gestuurde gemeentekultuur.

  > "[D]ie belangrike ding van die predikant is dat hy moet 'n verbintenis hê tot gestuurdheid. ...[H]ierdie transformasie van 'n gemeentekultuur, dis 'n lang proses, en die leraar se verbintenis tot die saak moet 'n bereidwilligheid toon om dit deur te voer. Ek het dit gesien in ons vennootskapsbyeenkoms. Daar's baie predikante wat gedink het hierdie is [klap twee keer met die vingers] 'n konferensietjie, en dan hierna is dinge nou afgehandel. ...[D]aai gemeentes sal in hulle lewe nie 'n kultuurskuif maak nie. Dis 'n lángtermyn verbintenis wat jy moet maak, want jy't hier te doen met 'n kultúúrverandering." (A 23:21)

  Vanuit sy eie verbintenis tot die vorming van 'n missionale gemeentekultuur is die predikant die een wat die visie artikuleer, sleutelaksies identifiseer wat voortgesette gestuurdheid ondersteun (A 23:26), die uitdaginge rig (A 11:21), en die proses deurgaans energeer en lewend hou (A 20:20; 8:48).

  > "...[J]y moet ouens *challenge*. Jy moet ouens *stretch*. So, jy moet hulle begelei, maar dis nie 'n sagte begeleiding nie. Dis ook nie 'n konfronterende begeleiding nie. Maar jy, dis heeltyd op daai mespunt van, waar ons is, en waar lê die toekoms waarheen God met ons op pad is. En daai spanning tussen-in, oor wie dit gaan, oor God of oor ons of oor die gemeenskap... ... Jy moet hulle trek,

© University of Pretoria

jy moet hulle druk, jy moet hulle motiveer, jy moet hulle troos. Dis hoe ek my rol sien." (A 12:16)

- **Bou en bemagtig 'n koalisie van leiers om saam vir die proses verantwoordelikheid te neem.**

  Een van die heel eerste funksies van die predikant as begeleier en fasiliteerder van die proses is die identifisering en bemagtiging van 'n span leiers wat saam vir die voortsetting van die reis verantwoordelikheid kan neem. Hierdie bemagtiging van leierskap vind op alle vlakke van die gemeentelike lewe plaas. PR_15 (A 15:15) wys op die belangrikheid daarvan om vir *kollegas* erkenning te gee vir die unieke en belangrike rol wat hulle in die gemeente vervul. PR_11 (A 11:19; 11:20) en PR_16 (A 16:19) sien dit as die predikate se rol om die *leier van die taakspan en die taakspan* te bemagtig om die leierskap te kan neem. PR_7 (A 7:13) het groot moeite gedoen om die *kerkraad* en *bedieningsleiers* te bemagtig om saam verantwoordelikheid en leiding vir die proses te neem.

  PR_5 beklemtoon die belangrikheid van gedeelde leierskap vir die suksesvolle deurvoering van die proses:

  > "My ervaring is, waar enkel predikante suksesvol deur transformasie gaan, is daar sterk lidmaat-leierskap. ... Jy kan dit nie op jou eie doen nie, dis onmoontlik. ...[A]s die gemeente die plek is waar jý in die bediening is, kan dit nie werk nie. Ek is absoluut oortuig daarvan. Ek het dit nog nie gesien werk nie." (A 5:11)

- **Vestig die praktyke en gewoontes met betrekking tot die vorming van 'n missionale gemeente-kultuur en praktyk.**

  PR_3 sien sy rol in die heel eerste plek as dié van "missionale spiritualiteitsvorming. ... Met ander woorde, hoe ontwikkel ons 'n missionale spiritualiteit wat liminaliteit en krisisse omhels as plekke waar God werk, wat swakheid as 'n gawe sien, wat geestelike praktyke beoefen, wat wandel in die Woord, en so. Daardie hele pakkie van spiritualiteit is baie belangrik..." (A 3:15)

  Praktyke wat bydra tot die vorming van 'n missionale spiritualiteit en kultuur is onder andere die volgende:

  Wandel in die Woord en wandel in die wêreld. "...[E]k dink ek is een van die eerste ouens wat wandel in die Woord in die erediens al 'n klomp keer gedoen het. ... En dan ook in die gemeenskap het ons

© University of Pretoria

'n klomp moeite gedoen om by leiers in die gemeenskap, by die skole, by die apteke, die drankwinkels, die motorhandelaars, Checkers, al hierdie plekke uit te kom en te hoor wat is hulle behoeftes. So, ons het gewandel in die Woord, gewandel in jou konteks, in die wêreld, en dié goed bymekaar gekry." (A 7:14; 7:12)

Oorsteek van grense. "...[M]y rol, om ouens te help en te begelei om grense oor te steek al skep dit onsekerheid. Grense te skuif en grense oor te steek." (A 12:17)

Bereidheid om risiko's te neem. "...[D]aai bereidheid om risiko's te neem. ... So dis wat ek sien hy moet hê. Leierskap, 'n bereidheid om risiko's te neem..." (A 20:21)

Verwelkoming van vreemdelinge. "En predikante..., in die transformasieproses moes hulle vreemdelinge ontvang en tuismaak. ... [D]aar's 'n ritueel in die gemeente dat nie net in die kerkraad nie, maar ook in die dagbestuur, wat soort van 'n kernbestuursfunksie het, daar altyd persone moet wees wat minder as 'n jaar in die gemeente is. Sodat ons altyd hulle insette kry. ... By bosberade van die gemeente nooi ons, jy weet, mense wat openlik nié gelowiges is nie. ... En hoe meer ons sulke mense ingenooi het, hoe meer het dit ons verras. En die leraars het 'n baie groot rol gespeel in daai fasilitering van om vreemdelinge in die prosesse in te trek." (A 3:19)

Beskerm die gesprek. "Ek dink die rol en funksie van die dominee is om die gesprek te bly beskerm, wat gaan beteken dat jy aanmekaar mag sal moet weggee. Jou mag om die Bybel professioneel uit te lê moet weggee in die hande van lidmate. Jy moet luister na wat hulle sê en bereid wees om God toe te laat om jou te verras deur die insig wat hulle aan die dag lê. As jy nie doelbewus deelnemende gesprek gaan bevorder nie, dis 'n swák punt van die vennootskapsmateriaal dat hulle nie die rol van die predikant in hierdie sin, dink ek, omskryf nie." (A 5:12)

- **Hou die leierskap by die proses en by geloofsonderskeiding**.

  PR_18 ervaar kontinuïteit en diskontinuïteit op die reis na gestuurdheid. (A 18:15) Daar's kort-kort 'n vergadering wat terug *default* na die ou manier toe of 'n nuwe persoon wat nie inkoop nie. "En jou taak is om die gemeente te hou by, of die leierskapsprosesse by geestelike onderskeiding te hou. Jy bepaal nie al die uitkomste nie.

© University of Pretoria

Jy hou die leierskap by die proses. En by die geestelike roeping, en so. Ek dink dit het geskuif in die identiteit van die predikant."

PR_4 (A 4:44; 4:49) sien dit eweneens as sy rol om te sorg dat die taakspan "met dodelike erns elke faset van die proses of reis verstaan en daarvolgens voorgaan." "Om te sorg dat ons doelgerig, tree vir tree, beweeg van instandhouding na gestuurdheid. Ek sien dit as mý rol, bedoelende: ek moet dit lewend hou." (A 4:44)

- **Sorg vir balans en integrasie.**

Lidmaatrespondent LR_23 sien dit as 'n belangrike verantwoordelikheid van die predikant om in die transformasieproses te sorg vir balans en integrasie. (A_23:29; 23:30) Met "integrasie" bedoel hy dat iemand die verantwoordelikheid moet neem om toe te sien al die verskillende bedieninge en uitreike deel vorm van die totale doelwit wat bereik moet word. Hierdie integrasie moet so gedoen word dat dit terselfdertyd duidelik is dat daar "balans" is tussen die verskillende gemeentelike bedieninge en prioriteite en dat lidmate nie die ervaring het dat die bestaande waardes en tradisies van die gemeente ten koste van gestuurdheid bedreig word nie.

> "[E]en ding wat ék dink wat die predikant se, 'n belangrike rol is dat hý moet sorg dra dat daar integrasie plaasvind. ... Hý moet die integrasie bewerkstellig. ... Want ek kan op my eie *mission* gaan. ... En die jeug kan op hulle eie *mission* gaan. Maar iewers moet iemand sê, weet jy wat, hier is 'n groter ding wat ons moet net bymekaar trek. Dat ons op die uiteinde almal besef, as 'n geméénte is ons nog steeds besig om die regte goed te doen. ... Ek het dit nou verder gevat, jy weet, na goed soos ... die aksies wat ander gemeenskappe betrek. Jy weet, om oú waardes en tradisies binne die gestuurde verband te beveilig. ...[M]ense sien, nee maar hierdie goed bedreig nou al die ou goed wat ons gehad het. Iemand moet daai goed bymekaar trek en sê: weet jy wat, dit is nie so nie. Dit bedreig jou nie. Dis waar dit inpas. Dit vorm nog steeds een van die kernwaardes van 'n gemeente." (A 23:30)

Bogenoemde waarneming moet gelees word in samehang met lidmaatrespondente se waarneming dat lidmate se tradisionele verwagting van die predikant en die kerk een van die grootste bedreiginge vir die transformasie van die gemeentekultuur is. Die predikant vervul in die proses dus na twee kante toe 'n belangrike

© University of Pretoria

funksie. Enersyds rig hy deurentyd die uitdaging van die gestuurde droom en roeping, andersyds sien hy toe dat die bestaande waardes en tradisies van die gemeente binne die gestuurde kultuur steeds gerespekteer en waardeer word. PR_12 (A 12:16) bevestig hierdie waarneming en sien die fasilitering van "daai spanning tussen-in" eweneens as die rol van die predikant. Hy verwys na 'n herdefiniëring van leierskap: "'n Dienende, maar tog uitdagende, rekkende... Ek weet nie of daar 'n mooi woord is daarvoor nie, maar jy moet die ouens op hulle tone hou, sónder om aspris te wees."

PR_15 (A 15:17) verwys in hierdie verband na die spanning wanneer 'n gemeente se inkomste byvoorbeeld daal as gevolg van lidmate se spontane betrokkenheid by gestuurde aksies in die gemeenskap. Hy sien dit dan as die rol van die predikant "om rêrig lang-termyn te dink en nie te *panic* nie. ... Om daai goed in kombinasie te hou, dink ek, is rêrig leierskap. En dit is taf. Dit is baie taf." Die predikant is dus die een wat die groter prentjie sien en mense help om te ontdek hoe die detail binne die geheel by mekaar pas. (A 15:12)

4. Die predikant as geestelike begeleier en mentor.

Die predikant as missionale leier is in die vierde plek geestelike begeleier en mentor van leiers en lidmate.

Respondente verwys meermale daarna dat die rol van die predikant in missionale kerk-wees skuif vanaf 'n "bestuurder" of "*manager*" na 'n "geestelike leier" of 'n "geestelike begeleier". (A 17:13; 14:12; 10:14) Respondente gebruik verskillende konsepte om hierdie verskuiwing in die rol van die predikant mee te beskryf. Die rol van die predikant skuif vanaf "organiseerder en pastorale bedienaar" na "geestelike leier wat kan mentor en kan help om vir mense ruimte te maak om op hulle eie geestelike bene te staan" (A21:10); of vanaf bestuurder na "*teacher*" en bedienaar van die Woord (A 18:14); of vanaf "gemeentebestuur na 'n geestelike leier" (A10:14); of vanaf die "versorger van die gemeente" na deel-wees van 'n geloofsgemeenskap wat vir mekaar omgee. (A 6:15) Konsepte soos "begeleiding" (A2:16; 13:17), "bemagtig" (A 11:19), "mentor" (A 16:18; 16:21), en "*coaching*" (A 16:28) word deurlopend deur respondente gebruik om hierdie begeleidende rol van die predikant as "geestelike leier" mee te beskryf.

Hierdie "geestelike leierskap" behels twee aspekte wat ten nouste met mekaar verweef is. Die predikant:

© University of Pretoria

- **Vestig geloofsonderskeiding as praktyk onder die leiers.**

  As geestelike leier beskik die predikant self oor die vaardigheid om te onderskei en vestig geloofsonderskeiding as praktyk onder die leiers in die gemeente.

  > "Die rol van die dominee is as geestelike leier, om geloofsonderskeiding as praktyk te vestig onder die leiers." (A 1:81)

  > "Die derde rol wat ek sien wat baie gehelp het in die transisie, is die vaardigheid om te onderskei, jy weet, hoe werk dit om te interpreteer en te wandel in die Woord en te wandel in die wêreld en dit op 'n manier wat vir gemeentelede verstaanbaar is." (A 3:17)

- **Begelei lidmate in geloofsvorming en dissipelskap.**

  As geestelike leier fokus die predikant op die geestelike afrigting en vorming van lidmate met die oog op Bybelse vorming en dissipelskap. (A 1:82)

  > "...[E]k dink my belangrikste werk is om lidmate te leer met geloofsgewoontes of geloofsvormende gewoontes. ... En uit daai geloofsgewoontes moet lidmate eintlik God se werk in hulle eie lewens ontdek, nê. ... Jy kan nie God se werk in die wêreld ontdek as jy nie God se werk eers in jou eie lewe ontdek het nie. So dink ek. ... Maar lidmate moet vrygemaak word en bemagtig word deurdat daai verandering in hulle eie lewe, transformasie in hulle eie lewe kan plaasvind. So, dis hoe ek dink ... die dominee se werk is." (A 19:18)

  > "...[D]ie gróótste skuif wat in die hele proses in my gekom het, is ék is een van die dominees wat binne die instandhoudingsmodel verstaan het, ék moet mense help om goeie lidmate van die gemeente te wees. ... [M]ý denke het hééltemal geskuif, om te sê ek wil níks anders wees, en níks anders doen as om mense te help om werklike dissipels van die Here Jesus Christus te wees en dissipels-makers te wees nie. Dís my *job*. En dís waarvoor ek met my hele wese "ja!" sê. ...[M]y eie kop het geskuif rondom hierdie goed. Om nie meer te dink in terme van lidmaatskap nie, maar te dink in terme van dissipelskap en Bybelse vorming." (A 6:18)

  Respondente wys **verskillende aspekte** van hierdie vorming uit. LR_22 lê sterk klem op die ontdekking van die **eie identiteit in Christus** en die **belydenis dat Christus die Here is** (A 22:15; 22:17;

© University of Pretoria

22:18; 22:19; 22:20; 22:21). LR_23 en LR_21 beklemtoon dat die predikant lidmate moet begelei ten einde hulle eie **unieke gawes te ontdek** met die oog daarop om 'n bydrae tot gestuurdheid te kan maak (A 23:33; 21:10). In wese gaan dit daaroor dat lidmate deur die inoefening van geloofsvormende gewoontes (A 19:18) en deur lering en onderrig vanuit die Woord (A 22:19; 18:14; 22:13) gevorm en begelei word tot 'n **bewussyn van die teenwoordigheid van God in hulle daaglikse lewe** ten einde hulle eie roeping te kan onderskei tot deelname aan God se sending in die wêreld (A 16:20; 6:5) en in hulle alledaagse lewe (A 3:18).

In sommige gemeentes het hierdie rolverskuiwing van die leraar daartoe gelei dat predikante doelbewus afsien van besluitnemingsbevoegdheid in die gemeente (A 1:83) ten einde te kan fokus op geloofsonderskeiding (A 14:12) en geloofsvorming (A 6:5) PR_14 (A 14:12) werk in 'n kerkverband waarin predikante histories alleenlopers is en neig na 'n sterk outoritêre model van leierskap. Hy het doelbewus die keuse gemaak om die rol van ekspert en bestuurder af te lê en om sélf die rol op te neem om ook te luister:

> "...[E]k het nou 'n groot renons teen al hierdie tipe kerk-metodes wat sê die leraar of die pastor moet die *manager* wees wat ... beheer oor die hele ding het en dit nou laat gebeur. ... Deur die proses het dit duidelik geword dat my hóófunksie is óók om te luister. ... [E]k het byvoorbeeld dit baie duidelik gestel ek is nié die voorsitter van die kerkraad nie. ... Ek is hier as lid van die kerkraad. En ek is hier as teoloog omdat ek sekere goed geleer het wat, wat hier miskien ter sake is. Maar ek het nie, in geen manier het ek 'n funksie wat beheer hou oor die stories nie."

PR_6 (A 6:5) vertel dat, waar al die predikante vroeër in sterk leiersrolle gestaan het, nie een predikant nou meer in 'n leiersrol is nie. Leierskap word opgeneem deur lidmate.

> "...[D]ie predikante het almal begeleiers geword wat 'n geestelike begeleiersrol speel. ... ...[O]ns wil ons lidmáte help om [hul] roeping te ontdek en dit uit te leef." (A 6:5)

Uiteraard is hierdie rolverskuiwing van die predikant 'n proses wat nie oornag kan plaasvind nie (A 21:10) en vra dit geweldige nuwe kapasiteite van die dominee om dit te kan doen. (A 21:21)

> "...[D]it vát nogal aan ons wat ánders ge*mould* is." (A 22:10)

© University of Pretoria

4.4.2.2. Unieke en belangrikste bydrae.

In die voorafgaande afdeling was die vraag aan respondente: Hoe sien jy jou rol en funksie as predikant op die reis na missionale gemeentevorming? Vier verskillende rolle vir die predikant is onderskei: die predikant as apostel (gestuurde), die predikant as teoloog en taalskepper, die predikant as fasiliteerder (fasiliterende en begeleidende leierskap), en die predikant as geestelike begeleier (mentorskap en afrigting). Die volgende vraag vra op 'n persoonlike vlak dieper hierop in: **Wat sien jy as jou (sy/haar) unieke en belangrikste bydrae tot die proses?**

Die nege en twintig response op bogenoemde vraag bevestig die viervoudige rolomskrywing van die predikant. Sewe respondente sien die predikant se eie apostelskap en reis met God as sy unieke en belangrikste bydrae. Ses respondente sien die teologiese funksie van die predikant as sy belangrikste bydrae. Vyftien respondente onderskei die predikant se fasiliterende leierskap in die proses van aanpassende verandering as sy belangrikste en unieke bydrae. Slegs een respondent vermeld mentorskap as sy unieke en belangrikste bydrae. Dit wil dus voorkom asof predikante daarin slaag om die rolverskuiwing ten opsigte van die eerste drie funksies van missionale leierskap te maak, maar steeds nie genoegsaam daarin slaag om die rol van geestelike begeleier of bemagtiger op te neem nie. Waarskynlik bevestig respondente hiermee die waarneming van lidmaatrespondente (A 21:17; 8:53; 8:56) dat predikante nie weet hoe om lidmate vanuit 'n nuwe rolomskrywing te bemagtig nie. LR_21 verwoord haar frustrasie met haar eie predikante hieroor as volg:

> "Ek verwyt hulle nie daaroor nie, want ek dink ook nie hulle weet [nie]. Hulle het nie die, hulle het nie die voorbeelde om hierdie geestelike mentor-rol te kan vervul nie. Iemand moet hulle dit leer, en ek weet nie wie nie. Maar hulle doen dit nie vanself nie. Hulle kan nie, hulle weet nie hoe nie." (A 21:17)

Lidmaatrespondent LR_8 is van oordeel dat die SAVGG 'n deeglike studie behoort te maak van die bewuste en onbewuste verwagtinge wat lidmate van die predikant het. Predikante moet gehelp word: Hoe bemagtig jy lidmate vanuit 'n nuwe rolomskrywing en gesagsposisie, op so 'n wyse dat lidmate nie ontnugter word nie? (A 8:35; 8:55)

'n Kort oorsig gee insig in die aard van response wat van respondente ontvang is:

© University of Pretoria

- **Die predikant as apostel.**

  Sewe response val binne hierdie rolomskrywing. (A 31:21; 5:14; 19:24; 7:15; 11:24; 20:24; 22:22)

  "...[S]y eie onwrikbare oortuiging in die missionale identiteit van die kerk." (A 13:21)

  "...[M]y eerste funksie is om rêrig 'n persoonlike verhouding met die lewende Here, die Drie-enige God, te hê. En dit is vir my die ... grootste prioriteit en mees belangrike saak, om in my eie lewe regtig daagliks by die Here stil te word op verskillende maniere, om rêrig luisterend op te tree in 'n gemeente en in 'n gemeenskap, om oop en leerbaar te wees en by enige iemand te leer en oop te wees." (A 7:15)

  "...[O]m net gestuurd te wees, jy weet. Om self 'n eie bediening te hê..." (A 19:24)

  "Ek dink aan die een kant nuuskierigheid. Gert, ek weet nie, miskien is dit hoe die Gees manifesteer in my lewe, ek was nog nooit tevrede net om 'n [KERKVERBAND] dominee te wees nie, ek wil altyd nog praat met die Doppers en die Anglikane en die Katolieke en die *Pentecostals*… … En die Ortodokse kerk... ... En die swartmense… ... En dan natuurlik, ek dink 'n goeie dosis nederigheid as jy oor grense gaan. ... Ek dink dit is 'n *gift* wat ek het." (A 5:14)

  "...[Om] altyd nuuskierig te wees oor wat die Hére van myself verlang. Om die regte dinge te doen. Dít is vir mý belangrik. En om dus voortdurend vir myself te vra... Ja, laat ek so sê, om die konteks, die situasie, die tyd waarin ek leef, te lees en te vra, wat is die uitdágings? Wat vra die konteks, die situasie van my? Hóé moet ek optree? Wat moet my ingesteldheid wees? Wat moet my gesindheid wees? Wat verwag die Here van my? Ek meen, dit is iets wat natuurlik en spontaan vanself by my teenwoordig is deur die genade van die Here. ... In 76 was ek een van die teologiese studente wat deelgeneem het aan die klasse boikot uit solidariteit met die swart studente in Soweto. En ek, saam met [NAAM&VAN] en 'n paar ander van die teologiese studente was geskors daai jaar. En dit was nie om politieke, by mý, om politieke motiewe nie, maar, soos ék dit verstaan het, waar moet ék staan? Kán ek aangaan met my studies in 'n land wat aan die brand is, en waar ander studente

© University of Pretoria

> links en regs deur die polisie uitmekaar uit gejaag en geslaan en doodgeskiet word nét omdat hulle 'n legitieme protesaksie loods. ... So ek sal nie noodwendig die weg van die minste weerstand gekies het nie, níé omdat ek hou van konflik nie - ek hóú nie van konflik nie [lag], ek hóú nie van baklei en veg nie, ek is nie 'n vegter nie – ek is eintlik maar 'n mens vir vrede, versoening, vir harmonie. Maar waar daar onreg was, het ek oor die járe gevind, óf waar daar 'n nood, 'n behoefte was, het ek gedink, maar ek moet 'n bydrae lewer as ek kan, en probeer doen wat ek kon." (A 11:24)

- **Die predikant as teoloog en taalskepper.**

  Ses response (A 4:53; 3:21; 8:50; 13:20; 3:23; 20:25) ondersteun die teologiese funksie van die predikant. Predikante se unieke bydrae lê daarin dat hulle wyd lees rondom gestuurdheid (A 4:53); 'n teologiese gesprek in die gemeente aan die gang kry (A 13:20; 4:53); netwerke vestig rondom missionale insigte en sodoende hulpbronne, insigte en vermoë in die gemeente ontsluit (A 3:23); en die gestuurde droom teologies verwoord in die konteks van die gemeente (A 3:21; 8:50; 20:25).

  > "Ek dink ek het gesnap waaroor dit gaan en ek het die vermoë gehad om dit teologies te verwoord in die konteks van die gemeente. Met ander woorde, ek kon missionale teologie en die gemeente teologie bymekaar uitbring. En ek kon dit op 'n manier doen wat die oorgang moontlik gelyk het. ... So ek dink die vaardigheid waarmee ek kon help was om daai prentjie van waarheen ons gaan te kon skets en konsekwent te kon deurvoer na die ganse gemeente. Om rêrig ook teologies te kon interpreteer daar. En al die diverse goed in 'n groot makro-gemeente, uiteindelik sinergie te bring sodat geleidelik alles vanuit 'n missionale oogpunt verstaan kon word." (A 3:21)

- **Die predikant as fasiliteerder.**

  Vyftien response (net meer as vyftig persent) verwys na die predikant as fasiliteerder en begeleier van die proses van aanpassende verandering. (A 16:23; 14:13; 4:52; 18:19; 12:20; 18:20; 12:19; 12:18; 19:23; 5:13; 7:17; 3:22; 15:14; 2:22; 7:16)

  Respondente sien die belangrikste bydrae wat hulleself of hulle predikant maak, as volg:

© University of Pretoria

Insig in en 'n passie vir die transformasie van die gemeente. (A 16:23; 4:52; 7:17)

> "...[D]aar's by my 'n dódelike erns, want ons móét beweeg van instandhouding na gestuurdheid. En die dodelike erns lê daarin dat ek besef die moment as ons gaan ophou om die proses te dryf, gaan ons net weer stelselmatig teruggaan na instandhouding." (A4:52)

Visionêre leierskap en implementering. (A 15:14; 2:22)

> "Ek dink my jop is, ek is 'n bietjie van 'n strategiese denker. Ek kan nogal lang-termyn dink oor wat ek wil en so. Ek dink dit is 'n belangrike *skill*." (A 15:14)

> "So, dít: die visionêre leierskap, die visiedraer en die implementeerder, sou ek sê is die twee kerngoeters." (A 2:22)

Begeleidende leierskap. (A 12:18)

> "Eerlike soeke, saam-worstel, saam-vind, saam-soek en saam-probeer. En saam dalk nié slaag nie, of slaag, op en af. ... Dis mos nou God se gemeente, dis nie jou gemeente nie. En jy is 'n déél van die leierskap, maar jy's nie dié leier nie. Dis God se roeping. Dis God se visie, dis Hý wat stuur. So, ja. En [om] op die ou end op die Heilige Gees te vertrou." (A 12:18)

Fasiliterende leierskap. (A 19:23)

> "So, ek dink my belangrikste bydrae is om die kultuurskuif te help fasiliteer. Ek doen dit deur taal... ... Ek doen dit deur die visie voor mense te hou. ... Ek doen dit deur die dissipelskap-programme... So, súlke tipe goed dink ek is seker my bydrae. Oók in die span probeer ek ook om daai rol te vervul, in ons predikantespan." (A 19:23)

Skep 'n luister- en gesprekskultuur in die gemeente. (A 14:13; 5:13)

> "...[S]odat ek, dink ek, in 'n groepsverband mense kan help om die gevoel te kry: nou luister mense na my. Of dan die mense wat nie mooi luister na ander nie, aan hulle te sê: kom ons luister nou ook weer wat het hierdie persoon te sê, en so aan. Daai proses is vir

© University of Pretoria

my iets wat... Miskien moet ek dit maar sommer so heel persoonlik sê: dis iets wat my bly maak as ek dit kan sien gebeur." (A 14:13)

"...[E]k hou van gesprek. So ek dink dit was my groot... dis om gesprek te vermenigvuldig, maar dit ook te institusionaliseer." (A 5:13)

Hou die gemeente by die roeping en visie. (A 18:19; 12:19)

"Ek dink ek ... sal in die span nogal die rol speel van die span herinner aan waar ons is en waarmee ons besig is. En dit word waardeer deur die span." (A 18:19)

Skep 'n veilige ruimte vir risiko en eksperimentering. (A 18:20; 7:16)

"...[O]m 'n koelteboom te wees. Dis nogal hoe ek dit sien. ... Om ... veiligheid te skep. Ek ... probeer dít doen, skep veiligheid vir die span, en veiligheid vir die vir mense wat sukkel en in nood is en so aan." (A 18:20)

"Ek dink wat vertoue in die gemeente geskep het, is dat ek en [NAAM&VAN] lank daar is en al twee *long-term pastors* was en vertroue deur die jare opgebou het, kon ons dit gaan, jy weet, "bank". Ons kon op die bank gaan trek. So, ek sou sê iets wat ek gehelp het daarso was om 'n kultuur te skep van waar die leierskap vertrou word met verandering." (A 3:22)

"Ek dink ook om waagmoed te hê. Ek dink dis een van die belangrikste goed, 'n ou moet bietjie *guts* hê, of domgeit, of astrantheid. Ek's 'n ou *parabat*, so dis partykeer seker stupidgeit, ek weet nie noodwendig nie. Maar jy moet bietjie *guts* hê om grense oor te steek of uitdagings aan te vat." (A 7:16)

Bewerkstellig integrasie. (A 12:20)

"Maar daarmee saam natuurlik dan geduld te hê en net bietjie daai jel te wees tussen ouens en die onsekerheid en die... Jy weet, daai vroeë ouens en die later ouens." (A 12:20)

- **Die predikant as geestelike begeleier.**

Een respondent sien mentorskap as sy unieke en belangrike bydrae.

© University of Pretoria

> "Wel ek sou wou glo, of dit so was of nie, jou mentorskap, jy weet." (A 16:22)

En PR_19 verwys ook hierna in sy beskrywing van sy rol as fasiliteerder van 'n kultuurskuif:

> "Ek doen dit deur die dissipelskap-programme... Ek doen dit deur lidmate te leer om geloofsgewoontes aan te leer. Ek het pas so vyf weke met 'n groep mense bymekaar gekom om hulle te leer om die gebed van die hart te beoefen, jy weet. So, súlke tipe goed dink ek is seker my bydrae. Oók in die span probeer ek ook om daai rol te vervul, in ons predikantespan." (A 5:13)

4.4.2.3. Grootste persoonlike uitdaginge vir predikante.

Die laaste vraag in hierdie afdeling waarin die rol en funksie van die predikant ten opsigte van missionale gemeentevorming ondersoek word, was: **Wat was vir jou persoonlik die grootste uitdaging om te bowe te kom**? Hierdie vraag is slegs aan predikantrespondente gerig, en nie aan lidmaatrespondente nie.

Een respondent (A 7:18) vermeld dat hy op persoonlike vlak moes kies tussen 'n voltydse bediening in die gemeente en of hy liewer tentmaker moes bly. Vir die res het al die response betrekking op uitdaginge wat die rolverskuiwing vanaf 'n tradisionele predikantsrol na 'n missionale leier aan die predikant rig. Dit is duidelik dat hierdie rolverskuiwing op alle vlakke groot uitdaginge aan predikante rig.

1. Die predikant as apostel.

Die eerste uitdaging vir die predikant is sy eie missionale of apostoliese vorming. Voor enigiets anders, moet daar iets in die hart van die predikant gebeur (A 13:23):

> "Hy moet eers tot bekering kom. [Lag] In terme van die roeping en identiteit van die kerk, maar dán ook van jouself." (A 13:22)

Hierdie hartverandering loop uit op 'n nuwe lewensstyl met nuwe waardes, nuwe gewoontes en 'n nuwe fokus. Op 'n **eerste vlak** is die uitdaging vir die predikant om te **skuif vanaf 'n fokus op bestuur en produksie na 'n fokus op Bybelse vorming en afrigting**:

> "...[D]ie predikantespan se belangrikste waarde in ons byeenkomste is dat ons moet eintlik die gemeente op die regte manier bestuur, nê. So

© University of Pretoria

ons byeenkomste is baie bestuursgedrewe. En daar's nie regtig 'n situasie van dat ons mekaar bedien nie. ... En ek dink dit is wat ons vir dominees moet leer. Ek dink net ons dominees is heeltemal te besig. En ons moet eintlik net baie nader aan die Here kom. En daai *change* wat Eddie Gibbs in sy boek *Church Next* gesê het, van ons moet skuif van bestuurders na *holy men*, dís wat moet gebeur." (A 19:15; 19:16)

"...[E]k was 'n oordrewe *busy* pastor. [Stilte] ... Orals dink mense ... ons het goed geslaag as ons báie bésig is. ... En só is dit ook ten opsigte van onsself as predikante. As jy met báie aksies en projekte besig is en baie dinge organiseer en baie dinge doen, dan is jy 'n suksesvolle predikant. Tot waar, ek dink die skuif het gekom – en dit was moéilik om om dit te doen – dat hier moet ek, ... ek moet báie rustiger raak en méér fokus. Dit beteken nie jy moet minder werk nie, maar jy moet meer gefokus werk. En jy moet méér doen wat sal help dat mense as dissipels gevorm word. In plaas van net as aktiewe lidmate. En daar lê 'n subtiele verskil, maar dis 'n baie gróót verskil dink ek. So dit, maar dit was dit was definitief 'n hekkie wat ek binne-in myself moes oorsteek. ... Dit is maar vir my moeilik. Maar ek dink, ek is dankbaar daaroor dat dit kon gebeur..." (A 18:21)

Op 'n **tweede vlak** word die predikant uitgedaag om sy **fokus te verbreed vanaf die gemeente na die gemeenskap**:

"...[P]redikante leef geweldige geïsoleerd. ... So ek dink ons groot uitdaging is *to put our money where our mouths is*. En te sê, dit gaan nie oor die opbou van die gemeente nie, maar die uitdra van die koninkryk. En ook vir dominees dan tyd te gee om hulle energie by goed uit te leef wat nie net die gemeente is nie. ... En dit dink ek is ons dominees se achilleshiel. Ons ken nét die kerklike struktuur..." (A 15:20)

"Télkens moet jy grense oorsteek. So, naas die dominee se eie teologiese bekering in terme van wat die roeping en identiteit van die kerk is, lê die bekering op jóú vlak daarin dat dit nie net híér is nie, maar dat dit hande en voete toe moet gaan. En dat jý iemand moet wees wat grense oorsteek. En dís nie maklik nie. Jy moet, om grense oor te steek in jou lewe beteken dat jy elke keer, jou menswees op die spel is, en ook jou geloof of die Heilige Gees jou oor hierdie grens gaan vat." (A 13:24)

2. Die predikant as teoloog en taalskepper.

Een respondent sien die **vermoë om te kan konseptualiseer en 'n nuwe taal te skep** as 'n uitdaging vir predikante. (A 1:88)

© University of Pretoria

Predikante self onthou dat die **inkoop** van kollegas (A 17:15), die leierskap (A 17:15; 7:19; 3:31; 3:24; 4:37) en die breër gemeente (A 3:24) 'n groot uitdaging was. Om een respondent aan te haal:

> "Vir my om daai insigte aan die span oor te dra, waar ek dalk op die *cutting edge* was, té ver voor, en dan in 'n gemeentespan goeters te sê waar die afstand eintlik baie groot was, was dalk baie moeilik. As ek dit nou, ek verwoord dit dalk lomp, maar ek dink jy hoor wat ek sê, dat: hoe ver voor jou mense moet jy loop of nie? En baie keer was die versoeking om te sê: 'Maar stop, ek gaan doen my eie ding waar ek die erkende...' Dit was vir my moeilike ding om net te sê: 'Maar hierdie is die mense wat die Here vir jou gee, jy moet met hulle werk'. Hierdie is die leiers wat die Here vir jou gee. Dis nie jy nie, hulle is daar. Hoe werk jy met hulle? Dan doen jy maar daardie waarderende ondersoek. Maar as daar net tien opdaag, dis die tien met wie jy moet werk. Dis nie anders nie. Die Here het besluit dis hoe Hy dit doen. Tot dit by my, jy weet... Nou's ek gemaklik. Nou omhels ek swakheid en nederigheid en marginaliteit." (A 3:31)

3. Die predikant as fasiliteerder.

Die volgende groep uitdaginge waarop respondente wys, hou verband met die fasilitering van 'n proses van aanpassende verandering in die gemeente. Response kan in die volgende kategorieë ingepas word:

- **Uitdaginge wat verband hou met die kragte van instandhouding.**

  > "...[V]ir 'n hoofstroom kerk is dit bitter moeilik om om in sy wese van instandhouding na gestuurdheid te skuif. ... Ons het met tyd ontdek, nie almal skuif ewe vinnig nie. ... ...[S]ommige sal nooit skuif nie. Nie almal is ewe opgewonde nie. Baie begin kla oor die nuwe rigting wat ingeslaan word. ... Die gemeente het baie ge*moan* en *groan* die eerste twee jaar. ... Hulle sien niks. Daar gebeur niks nie. Maar wat hulle nie besef het nie, ons is besig om aan die fondasies [te werk], die fondament van dit alles. Maar dit was régtig 'n probleem gewees. Veral jou korporatiewe ouens wat vinnig dinge wil doen en wat gewoond was aan strategiese beplanning. Hulle wil vinnig dinge sien gebeur. Daar het niks gebeur vir twee jaar nie. En dit was nogal 'n probleem" (A 4:31)

  > "Ek dink om diep gewortelde voorveronderstellings oor kerk-wees te swaai. Veral oor...., ons het eintlik die *attractional* model baie goed gedoen. ... En om dit geheel en al te groet en te sê ons gaan

© University of Pretoria

> bewustelik die risiko's neem, al sou ons tradisionele risiko's soos lidmaat verliese, of weerstand van lidmate, of ouens wat kwaad is vir jou... Maar ons het dit gekies. Dit was 'n baie moeilike ding... ... Om te sê ons gaan kies vir 'n model waar die risiko ontsaglik groot is dat ons gaan nié groei nie. Terwyl die maatstaf mos heeltyd in daai soort van denke is dit gaan goed in die gemeente as die geld inkom en as daar meer mense is. En dit is wat ge-*celebrate* word. Nou hoe verander jy dit om 'n paar jaar later te sê: wat ons nou *celebrate* is, hoeveel vreemdelinge is hierso? Of waar is ons? Wat het ons in die stad beter gemaak? Of, wat is sagter en mensliker in die omgewing? Hierdie ander goeters... Om naderhand letterlik te sê ons praat nie eers meer daaroor nie." (A 3:25)

Drie respondente (A 7:20; 12:22; 3:26) wys op die uitdaginge wat finansiële begrotingsdruk op die transformasieproses plaas. Die uitdaging om ter wille van finansiële oorlewing na die verstekposisie (*default*) terug te keer, is baie groot.

> "En ek het gevind 'n groot weerstand in die gemeente is iets soos die fondsekommissie wat 'n begroting... ... Want 'n begroting is die *ultimate* makro soort van strategiese beplanningsinstrument. En om dit dan af te takel..." (A 3:26)

- **Die uitdaging van gedeelde leierskap.**

  PR_16 (A 16:25) wys op die tradisionele verwagting dat die predikant die bestuurder en alleenversorger van die gemeente is, en dat die verskillende rolle wat in Efesiërs vier (apostels, profete, evangeliste, herders en leraars) aan die leierskap in die gemeente toegeken word, glad nie voldoende funksioneer nie.

  > "En ons sit nou met 'n probleem daarmee, jy weet. ...[O]m juis ruimte te maak binne jou leierskap ook vir die ander, die apostelamp en so aan, dat dit ook sterker na vore moet kom. So dis nogal vir my, sou ek sien as 'n uitdaging, om dit aandag te gee." (A 16:25)

- **Uitdaginge wat verband hou met liminaliteit en onsekerheid.**

  Respondente verwoord die uitdaginge wat die transformasieproses aan hulle rig om nie moedeloos te word nie (A 7:25; 4:35); geduldig te bly met en begrip te hê vir mense wat nie maklik en vinnig transformeer nie (A 5:15; 12:21; 5:16); om in afhanklikheid van die Here doelbewus sekere risiko's te neem en grense oor te steek ten spyte van die

© University of Pretoria

negatiewe gevolge wat voorsien kan word (A 7:25; 11:25; 1:85); en om die Here en die proses te bly vertrou ten spyte van 'n stadige en onsekere reis waarvan die uitkoms nie vooraf bekend is nie (A 4:54; 2:23). Twee aanhalings gee insig in die aard van die uitdaginge wat hierdie transformasieproses aan predikante rig:

> "...[I]n álles was daar risiko's gewees. Van die begin af, [stilte] ek, [stilte] ek moes 'n keuse maak elke keer, vir gehoorsaamheid aan die Here, soos ék dit verstaan het, met die risiko wat daaraan verbonde is. En die Hére te vertrou om my deur te dra, my te beskerm, my te bewaar. En selfs as ek 'n paar klappe hierdie kant kry of daardie kant, as ek platgeslaan word, dat die Here my weer sal optel. ... ...[E]k [het] elke keer besef, wel die gemeente gaan ontwrig word. En daar is báie mense wat die status quo wil handhaaf, wat gewoond is aan die maniere waarop dinge gedoen word en dit in plek wil hou. En ek het besef daar gaan wéérstand wees, ... en konflik. En weereens, ek hou nie van konflik nie. Maar het ek daai innerlike oortuiging gehad dat as ek nie gaan waag om die kerkraad, die taakspan te help en die goeters met hulle te deel en vir hulle bewus te maak van hóé ons anders kán wees en behóórt te wees nie, dan gaan die gemeente uiteindelik nie 'n mooi en 'n goeie toekoms hê nie. Ons gaan as gemeente bly kan bestaan, maar gaan ons 'n verskil maak? Gaan ons werklik die gemeente van die Here wees? As ons eendag ophou, gaan die mense ons mis? So, as jy dus vra: wat moes ek oorkom?, dan moes ek in mysélf die verlánge na harmonie en na vrede ... as't ware elke keer op die spel plaas, om risiko's te neem en wéérstand te trotseer, konflik te trotseer, om die boodskap van vernuwing, van verandering, dat die Here ons roep om iets ánders te wees, en dat die Here ons uitdaag om nuwe dinge te doen, om mense dus uit hulle *comfort zone* uit te neem en mysélf uit my *eie comfort zone* uit te neem, my eie gemak en gerief uit te neem, elke keer nuwe goeters te wil doen, en ontwrigting ... en onsekerheid binne te gaan. En nie te weet wáár jy gaan land nie, waar en hoe die dinge gaan uitloop nie. Om elke keer daai goeters, daai proses aan die gang te sit. Ek meen, dit is vir mý die grootste uitdaging wat ek moes oorkom." (A 11:25)

> "Daarmee sáám moet die gemeenteleiers, en die dominees spesifiek, *okay* wees met die hantering van verandering, met onsekerheid. Ek dink dit is een van die grootste gevare... ...

© University of Pretoria

> Gewoonlik in ŉ gemeente, en in elk geval definitief predikante, as jy ŉ plan of projek in die gemeente loots, dan wil jy met die afskop weet presies waar ons gaan uitkom. As jy dit nie onmiddellik kan afleer nie en verstaan: dis eintlik afhanklikheid van die Here nie, gaan jy nie vorder nie. ... Die teks wat verskriklik skerp die afgelope twaalf jaar met mý gewerk het, is Abraham se teks in Hebreërs elf: Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom. Ek het toe verstaan: ek het in my lewe nog nooit besef wat dit is om te glo nie, en om die Here gelowig te volg nie. Want ons kan nie dit doen nie, ons wil weet waar ons gaan uitkom. Toe het ons die táál ontwikkel om te sê: ons plavei die pad soos ons dit loop. En vir mekaar gesê: dit is *okay* om as iemand nou vir jou sê, 'maar *oraait* julle doen dít, nou waarnatoe gaan dit nou lei?', om te sê: 'ons weet nie'. As jy nie dáármee *okay* kan wees nie, dan gaan jy sukkel. En dit het te make met geestelike volwassenheid. Dit het óók te maak met persoonsvolwassenheid. En dit het te make daarmee dat sowel die geestelike, die kerkraad en die gemeente as die dominee sélf, *okay* is daarmee dat die dominee nie weet nie. Hy raak nie meer die een wat weet nie. Hy raak net ŉ medereisiger wat entoesiasties saam reis. Maar hy weet hy weet nie, en hy moenie voel hy moet weet nie, en daar moenie die verwagting wees dat hy weet nie." (A 2:23)

- **Die uitdaginge om te fokus en die proses lewend te hou.**

Twee laaste response in dié verband. Respondent PR_15 (A 15:36) wys op die uitdaging vir predikante om te leer om nie alles te wil doen nie, maar eerder drie of vier fokusareas te kies en daarop te fokus. En PR_4:36 onthou watter uitdaging dit was om die proses lewend te hou:

> "'n Ander uitdaging: om die proses léwend te hou. Ek het iets geleer van strategiese beplanning, jy beplan nie vandag en dan weer oor twee jaar verder nie. In die interim-fase moet jy die proses lewend hou, en dit was ŉ geweldige uitdaging. Om ál die pad te praat, te kommunikeer, die reekse te hou, om die proses lewend te hou." (A 4:36)

4. Die predikant as geestelike begeleier.

ŉ Laaste groep uitdaginge vir predikante hou verband met die rolverskuiwing van die predikant vanaf solo pastor of alleenversorger van die gemeente na die predikant as geestelike begeleier of bemagtiger van

© University of Pretoria

die leierskap en lidmate van die gemeente. Die volgende kategorieë kan uit die verskillende response onderskei word.

- **Uitdaginge wat voortvloei uit die tradisionele rolverwagting van die predikant.**

  Response van predikante bevestig die vorige bevinding (Hoofstuk 4.4.1.3.3) dat hierdie een van die grootste uitdaginge is wat op die reis na missionale gemeentevorming aan predikante en gemeentes gerig word, en dat die volhoubaarheid van gemeentes se transformasie oor die langtermyn afhanklik is van gemeentes en predikante se vermoë om hierdie uitdaging aan te spreek en te bowe te kom.

  Respondente vermeld dat daar deurentyd in gemeentes lidmate is wat nog ŉ verwagting van predikante het volgens die ou model (A 4:36; 20:26; 10:19; 16:37), en dat predikante soms met skuldgevoelens worstel omdat hulle nie aan hierdie verwagting kan voldoen nie (A 20:26;16:37). Gemeentes en predikante se vermoë om hierdie uitdaging te hanteer, hang waarskynlik van ŉ verskeidenheid van faktore af, onder andere die profiel van die gemeente en gemeenteskap (A 16:37), sowel as die kapasiteit van die predikant om weerstand en kritiek te kan hanteer (A 20:26). Dit wil tog voorkom of gemeentes en predikante se vermoë om hierdie uitdaging te hanteer verbeter in situasies waar predikante die moed het om doelbewus die tradisionele rolverwagting af te lê (A 22:14); predikante bereid is om die gesag van ŉ nuwe rolverwagting op te neem en met die kerkraad en gemeente hieroor in gesprek te tree (A 6:32; 20:26); en die kerkraad en predikante toesien dat prosesse in plek gestel word sodat die pastorale versorging van lidmate steeds ŉ gemeentelike prioriteit bly (A 6:32; 16:37).

  Die versoeking om nie almal tevrede te wil stel nie en steeds te fokus op die wesenlike taak van die predikant, bly egter deurlopend ŉ uitdaging:

  > “Ek dink baie van ons dominees trap in die slaggat van om almal te wil *please*. En alles vir almal te wil wees. Veral hier het [GEMEENTE] my baie gehelp, om nét by die punt te kom om te verstaan, ék kan nie vir almal alles wees wat hulle wil [hê ek moet] wees nie. Ek kan ook nie almal *please* nie. ... Ek kan op die ou einde net dit wees wat ek regtig glo die Here op my hart lê om te wees. Máár, dit ontdek ek ook saam my kollegas, saam met mense.

© University of Pretoria

Nou, ek dink daarmee het die gestuurdheid ook mý persoonlik baie gehelp. Ek dink ons moet minder gesteld wees op: 'Wat is die verwagtinge?'; en meer ingestel wees op: 'Wat is die Here in híérdie konteks, in hierdie situasie besig om vir ons te sê?' ... Maar in die eerste plek is mý werk om rêrig vir mense te help om God raak te sien, en sáám met hulle te wonder oor wie God is en wat die Here besig is te doen, en vir ons saam te doen. Dís my eerste verantwoordelikheid. En, ja, in die proses is dit belangrik om by mense te gaan sit en luister. So, maar ek dink dominees *default* baie graag na ons moet pastor wees. Ons wil graag alles vir almal wees, almal tevrede hou. En ons kan nie. Jy moet daarmee vrede maak." (A 6:32)

- **Die uitdaging om te transformeer tot geloofsonderskeidende leiers.**

Die uitdaging vir predikante is om saam met die gemeente op 'n geloofsonderskeidende reis te gaan (A 1:86); lidmate en leiers te help om saam te onderskei en te ontdek waar God besig is en wat God besig is om te doen (A 6:20; 3:27; 1:87); en te waak dat die leierskap en gemeente nie terugval op strategiese beplanningsprosesse nie (A 3:27).

"En dan 'n ander uitdaging: om die gemeente te kon leer om geloofsonderskeidend te werk. Kan ek maar vir jou sê, dis 'n moeilike joppie. Ons is nie gewoond om so te werk nie, en dit was nogal 'n uitdaging gewees." (A 4:38)

"Prakties net om te kan luister. (Lag) Jy weet, ons is verkondigers. Ons probeer mense oortuig, terwyl die skuif is: God is rééds teenwoordig in die gemeenskap. En ons *detect Divinity*. Ons luister tot ons hoor hoe God teenwoordig is by mense en sluit dan daarby aan. Ons bring God nie na mense toe nie, maar ons ontdek sáám met mense hoe God daar teenwoordig is." (A 1:87)

"Hulle [predikante] is glad nie opgelei en gevorm vir die rol wat hulle nou moet vervul nie. Hulle is akademies gevorm. ... So, ons het die vermoë om krities evaluerend na die sisteem te kyk, maar om onsself deel te maak van 'n reis waar God die beheer neem, daar's baie weerstande in onsself om dit te doen, vanweë die akademiese vorming. So, die uitdagings is om te transformeer tot geestelike,

© University of Pretoria

geloofsonderskeidende leiers, wat self geloofsdissiplines beoefen, en in die vermoë is om die gemeente daarin te lei." (A 1:86)

- **Die uitdaging om mense te help om as dissipels te leef.**

Dit is weereens opvallend dat slegs twee respondente (A 16:24; 16:26; 2:28) hierna as 'n uitdaging verwys. Om een of ander rede is die belangrike aspek van Bybelse vorming en dissipelskap nie in predikante se radar nie.

"Nou, ek wil beweer, dít wat in terme van die *global village* in mense se koppe gebeur, ... die mense wat op 'n Sondag in die erediens sit, gaan ál hoe meer vir die grootste persentasie mense wees wat ... gehelp [wil] word om as dissipels van die Here te leef. Nou, as jý as dominee nie op daai reis is nie, dan's dit *gone*. Dan is dit *gone*. En ek dink dit is die gróótste, gróótste uitdaging. Want ons dominees is méésters daarin om ánder mense van God te vertel en nie self op die reis te wees nie. Ons absoluut kunstenaars daarmee." (A 2:28)

"...[O]m 'n gemeente te kan begelei, nie soseer rondom getalle en geld nie, want ek meen, dit is mos nou maar ongelukkig die maatstaf... ...[M]aar om rêrig mense te kan begelei om navolgers te wees en 'n verskil te maak. En ook om die nuwe uitdagings te aanvaar is, is... En ons sukkel daarmee, maar om rêrig te weet maar ons het unieke geleenthede in die wêreld en dit hoef nie deur die formele strukture van die kerk te wees nie. En ek dink ons gaan al hoe meer, jy weet, nuut moet dink want ons ou geykte metodes werk net nie meer nie. So, so ek sien dit as 'n uitdaging. ...[O]m die mense te begelei in hierdie nuwe, of die gemeente te begelei dan vir die rol wat hulle het." (A 16:26)

5. Die uitdaging ten opsigte van die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe.

Twee respondente verwys na die uitdaging wat die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe aan die kerk en predikante rig. PR_15 (A 15:19) verwys na die kerk se onvermoë om regtig multikulturele geloofsgemeenskappe te vorm, en PR_6 (A 6:25) sien hoedat geloofsgemeenskappe in die toekoms al meer op 'n interkerklike grondslag sal begin vorm:

© University of Pretoria

> "...[E]k dink daai tipe goed gaan ons al hoe meer begin kry vorentoe. En ek dink dit is die uitdaging vir die kerk." (A 6:25)

Dis waarskynlik billik om te aanvaar dat die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe glad nie binne die verwysingsraamwerk van predikante in hoofstroomgemeentes val nie, maar dat hierdie uitdaging inderdaad op die pad vorentoe veel meer aandag verdien as wat tans die geval mag wees.

4.4.3. Die persoon en vorming van die leraar.

In die vorige afdeling was die fokus op die *rol en funksie* wat predikante vervul in gemeentes op reis na gestuurdheid. Die aandag verskuif nou na die aard van *die transformasie wat predikante op hierdie reis ondergaan het*. Vier vrae ondersoek hierdie transformasie van die predikant. Response word in die volgende drie afdelings saamgevat.

4.4.3.1. Die transformasie van die predikant as persoon en as leraar.

Die eerste vraag in hierdie afdeling aan predikantrespondente lui soos volg: **Hoe het deelname aan die reis vir jou as persoon en leraar getransformeer?** Of vir lidmaatrespondente: **Hoe het deelname aan die reis na gestuurdheid na jou mening julle leraar verander en gevorm?**

Die volgende kategorieë kan uit die verskillende response onderskei word:

1. Die predikant se eie reis met God.

Ses predikanterespondente (A 11:26; 1:89;16:29; 4:58; 7:21; 5:17) en drie lidmaatrespondente (A 22:23; 10:15; 10:16; 21:11; 21:12) getuig van 'n waarneembare geestelike verdieping by predikante op die reis na missionale gemeentevorming.

> "Ek dink by van die gemeentes sien ek dat die dominee self geestelik verdiep het, of sy eie identiteit in Christus baie duideliker vir hom is as vroeër. Nie 'n kerklike identiteit in die eerste plek nie, maar 'n geestelike identiteit." (A 1:89)

Predikantrespondente getuig dat hulle:

- Geleer het om in afhanklikheid van die Here te leef;

> "Ja, ek dink 'n ou het geleer om meer in afhanklikheid van die Here te leef. Want vroeër het jy die antwoorde gehad. Jy was in beheer. ... En nou dat jy besef: maar jy het nie al die antwoorde nie, jy weet.

© University of Pretoria

... So, ek dink daai hele kwessie van afhanklikheid van die Here." (A 16:29)

- Telkens op die reis deur God verras is;

  "En ek moet onmiddellik vir jou sê, en die Here het – terwyl dit nou oor die dominee gaan – wat my persoonlik betref, hierdie reis betref, oor en oor verras. Wat ek net maar net verstom gestaan het en net gesê het: "*wow*!". Ek sou nóóit, ék, as dit nou weer oor die ek gegaan het, en ek sou moes sê, oor tien jaar wil ek daar wees, sou ek nooit klomp goed wat nou gebeur het, kon uitdink nie. Want ek het nie geweet dit kan gebeur nie. En die Here verras ons absoluut net." (A 4:58)

- Bevestiging gevind het dat God aan die werk is;

  "...[V]ir my het dit net weer bevestig dit gaan oor hierdie Drie-enige God wat die sturende God is. Dit het weer bevestig dat God aan die werk was, op die oomblik aan die werk is en vir ewig aan die werk sal bly. Ek en jy moet gaan kyk hoe kan ons by God se werk inskakel waar Hy alreeds aan die werk is en dan optree as medeskeppers van 'n beter nuwe wêreld, koninkryk, dat sy koninkryk mag kom in die hemel, en sy wil geskied in die hemel, maar so ook op die aarde. So dit het dit weer bevestig en dit het my opgewonde gemaak." (A 4:58)

- En weer ontdek het dat God getrou is.

  "Ek sal sê, dink ek, die geloof, die vertroue wat ek in die Here het, is as't ware élke keer bevestig. ... [Stilte] Ek sê dikwels vir lidmate, en ek het dit in my eie lewe dus ook so ervaar, dat die Here bou 'n geskiedenis van betroubaarheid by 'n mens op. ... Maar wat my inspireer en 'n stukkie vertroue gee om wél weer nuwe dinge aan te pak, is dat die Here was, gister en eergister was die Here getrou. Wanneer die krisis op sy félste is, om dan te weet ek hoef nie paniekerig te wees nie. [Stilte] En om in dáái situasie vir ánder kalmte te gee en 'n rustigheid te bring, en mense te vestig op die Hére wat getrou is. Ek meen dit was dikwels my ról in die gemeente gewees, óók in die donkerste oomblikke..." (A 11:26)

PR_5:17 vat waarskynlik die aard van hierdie transformasie saam as hy sy eie transformasie as volg beskryf:

© University of Pretoria

> "Ja, ek dink van 'n modernis wat die Bybel uitgelê het na 'n reisgenoot saam met God wat kan luister; iemand wat nie al die antwoorde het nie, maar weet om die Here te verwag en te weet dat die hoop is eintlik op God." (A 5:17)

2. Teologiese vorming en -integrasie.

Predikante getuig dat hulle deur hulle kontak met 'n hele netwerk van nuwe gespreksgenote (A 15:22), die hele gesprek en nadenke oor die teologie (A 12:24), die saam boeke lees en dit debatteer (A 12:24), diepliggend beïnvloed is in hulle verstaan van die roeping van die kerk en van hulle eie rol binne die kerk (A 16:30; 17:16; 17:20), en dat dit vir hulle teologiese integrasie gebring het en 'n dieper verstaan gegee het van waarmee ons rêrig besig is (A 15:21). Een respondent (A 12:23) beleef die missionale teologie as gebalanseerd en bevrydend, terwyl 'n ander (A 13:25) ondervind dat sy missionale pastoraat "ongelooflik daarby gebaat het om op die gestuurde reis te gaan."

PR_15 verwoord sy ervaring van die gesprek as volg:

> "...[D]it het net wonderlike netwerke oopgemaak in die kerk. Jy weet, dat jy met ouens om tafels sit en praat en weet: ons is nie nou met 'n ringsvergadering of kommissievergadering by nie. Almal wat hier is, is hier omdat hulle eintlik net diep nadink oor die roeping van die kerk. En ... dit raak dan jou gespreksgenote in die kerk. ... En omdat jy, ek wil amper sê, met gereelde intervalle bymekaar kom en die *best practices* by mekaar leer, dis 'n stimulerende ding. ... Ek dink ook dit is die eerste keer wat ek in my bediening by mense, wat ons bymekaar kom, en dat ons teologie met mekaar praat. Nie skinder oor wie het nou wat gedoen nie, jy weet. Daar was rêrig refleksie oor bediening en teologie. En ek wil sê omgee ook. Ons was baie bly om mekaar te sien. ... Daar was nie 'n kompetisie gewees van wie is die grootste kerk gewees, wie is die vernaamste en wie is die belangrikste nie. Daar was hierdie diep eerlikheid gewees..." (A 15:22)

In een geval (A 14:15) het betrokkenheid by die missionale teologie gelei tot 'n herontdekking van sy eie teologiese tradisie en identiteit: "Ek wil sê, ek het eers deur hierdie proses ontdek wat die Lutherse teologie eintlik is."

3. Geloofsonderskeidende leierskap.

Predikante transformeer op die reis vanaf die ekspert wat al die antwoorde het en geneig is om op 'n analitiese wyse met die Skrif om te gaan, na

© University of Pretoria

geloofsonderskeidende leiers wat na ander kan luister (A 22:24), en saam met ander kan luister (A 4:56) om te hoor wat God in sy Woord vir ons sê (A 17:18). PR_14 verwoord hierdie transformasie wat hy by homself waarneem, as volg:

> "...[E]k soek nog altyd die regte woorde om dit te beskryf. En dit is hierdie dat 'n mens 'n luisterende mens word. Dat 'n mens nie 'n ou word wat alewig seine uitstuur [nie], maar wat eintlik meer seine ontvang. ... En ek het die gevoel ons in die kerk is geneig om meer te stuur as te ontvang. Of meer te sê as om te luister. En daai verandering is vir my wat ek dink my die meeste verander hét. Ek het die idee dat ek 'n ontvanger moet wees van die Woord van God, maar ook van die woord van die persoon met wie ek te doen het." (A 14:16)

4. Hantering van liminaliteit en onsekerheid.

Predikante transformeer vanaf leiers wat wil beheer en kontroleer na leiers wat onsekerheid en liminaliteit kan omhels (A 2:24), en dit met hoop (A 1:90; 1:91; 7:22) en volharding (A 1:92) kan hanteer.

> "…[P]redikante wat deur hierdie verdieping gaan, het géén probleem om beheer af te gee nie. Hulle wil nie meer die ding bestuur nie." (A 10:18)

> "'n *Control freak* wat onsekerheid moet omhels. Ek bedoel, ek kan nie vir jou sê watter skuiwe daar in my, in myself moes kom, my tipe persoonlikheid, en my pad met die Here nie. Die héél belangrikste van dié reis is die mate waarin almal in leierskap dit ervaar as 'n reis met die Here wat vir hulle bring op ander plekke as waar hulle wou gewees het. Wat mý in my kop... Die Here wat vir Petrus sê hulle sal jou bring op plekke waar jy nie wil wees nie. Jissie! Ek moes ongelooflik leer om *okay* te wees buitekant my gemaksones. Ons hou van ons gemaksones. En dit is maar amper my storie die laaste twaalf jaar. So, dit sal ek sê is iets wat ek moes leer, baie sterk." (A 2:24)

Respondente getuig dat die reis hulle vlakke van angs afgebring het, omdat hulle besef: dis nie my kerk nie, dis God se kerk (A 18:26); dat hulle vanuit die gestuurde roeping beter in staat is om kritiek vanuit die ou model te hanteer (A 18:26); en dat die nuwe stories van hoop hulle elke dag transformeer en vir hulle hoop en stamina gee vir die pad vorentoe (A 7:22).

> "Hulle het hoop. Meer hoop as die verkrummelende kerk rondom hulle. ... Ek dink nou aan 'n spesifieke dominee hier in [PLEKNAAM] – baie, baie broos. Hy is soort van *down and out*. Die gemeente is nog baie

© University of Pretoria

broos, maar hý self het baie hoop. En hy het vuur in sy oë. Jy weet, daar's... Dis asof dit dominees help om weer te verstaan: hoe kan ons kerk wees in die tyd waarin ons is. Daar's nie vinnige antwoordjies nie. So, daar's ook dominees vir wie dit nié gehelp het nie, want hulle het 'n antwoord gesoek. En ons kón dit nie vir hulle gee nie. Maar tóg, dié wat bly inhang het, daar't iets dieper in hulle bewussyn geskuif, wat maak dat hulle met hoop bly voortgaan met die bediening in die post-Christendom era." (A 1:90; 1:91)

5. Hantering van aanpassende verandering.

Predikante transformeer vanaf pastors wat die status quo bevestig en in stand hou, na fasiliteerders en begeleiers wat die vermoë ontwikkel om kultuurskeppers te word.

Respondente getuig dat die reis vir hulle insig gegee het in die aard van die verandering wat nodig is (A 17:17), en aan hulle die kundigheid gegee het om kultuur te kan transformeer (A 4:73). Dit sluit in dat predikante se houding teenoor risiko verander het (A 23:37; hulle gemakliker oor grense beweeg (A 23:37); beter in staat is om konfrontasie en kritiek vanuit die ou model te hanteer (A 20:27; 18:26); en minder senuagtig is oor foute wat gemaak word en oor goed wat skeefloop in die gemeente.

"Ek dink ek is minder *nervous* oor goed wat in die gemeente skeefloop. ... Vroeërjare het ek dit alles bed toe gevat, maar ek is regtig nie meer dáároor *nervous* nie. Want, nommer een, ek ... het geleer ... ek is 'n baie klein ratjie in die koms van die koninkryk. En God gebruik ... [wil] mos nie nét vir my gebruik nie, Hy wil álmal gebruik. En nommer twee, God weet ook, ... ek maak rêrig báie foute. ... En dis nie dat ek daarmee vrede gemaak het dat ek foute maak nie, maar wel, dit kan nou nie anders nie. Dis nou hoe dit is. Dis hoe ek voor God is. [Lag]" (A 19:25)

6. Groter begrip en sensitiwiteit vir die onmiddellike konteks.

Predikante ontwikkel 'n groter begrip vir die breër gemeenskap in die beoordeling van die kerk se roeping (A 23:35); ontwikkel 'n empatie (A 22:25) en sensitiwiteit vir nood (A 23:36); ontwikkel 'n meer praktiese en voetsoolbenadering tot die bediening (A 23:34); en ontwikkel 'n veel groter bewussyn vir God se betrokkenheid in die breër gemeenskap en vir die geleenthede en oop deure wat God vir ons skep vir deelname aan die *missio Dei* (A 23:38; 16:31).

© University of Pretoria

> "En ook die dat feit dat, hoe belangrik dit eintlik is as jy golf sou speel met 'n ou wat totaal en al niks met die Here te doen wil hê nie, is dit eintlik 'n fantastiese geleentheid. Daar was tog 'n tyd waar jy gedink het: jog!, jy moenie eintlik soveel kontak hê met daai ouens nie. ... So, sulke goed, waar jy net besef het dat jy anders kyk ook na mense in die wêreld en nie noodwendig mense afskryf nie, maar dit sien as 'n geleentheid. Ja, so dit dink ek het tog vir my persoonlik iets beteken, wat ek dan sê, om geleenthede raak te sien." (A 16:31)

> "Ek dink ook, en ek hóór dit wanneer jy Sondae jou preek afsluit, is dat jy sélf is ook heeltyd op die uitkyk vir nuwe oop deure. Wanneer jy in kontak is met iemand, dan sê jy, is dit 'n toevallige kontak? Of is hier iets méér in? Ek dink ... dis goed wat ek dink wat, wat ek sien by jou gegroei het." (A 23:38)

7. Vermoë om te fokus en korter lysies.

Predikante se vermoë om te fokus verbeter (A 16:32), en gevolglik word hulle lysie van goed wat gedoen moet word, korter (A 18:17; 18:18).

> "En ek het nogal ervaar dat my my eie lysie as dominee in die gemeente hét begin korter word. Soos wat ek dink die meer gestuurde take groter word en meer tyd begin neem, het ander goed net minder belangrik geword en kry ek nou makliker 'nee' gesê as in die verlede. Want ek sê nou 'nee', nie op grond van is ek lus of nie lus nie, of het ek 'n vae idee oor waarvoor ek kans sien en nie. Ek kan nou 'ja' en 'nee' sê in terme van roeping. Dis nog steeds nie so maklik en eenvoudig nie, maar dit het tog begín gebeur. ...[E]k kan nou onderskeiding toepas ten opsigte van my éie roeping." (A 18:18)

8. Ontdekking van die amp van die gelowige.

Twee lidmaatrespondente (A 8:51; 10:17) verwys na die impak wat lidmate se transformasie op die predikant het. LR_8 (A 8:51) onthou haar predikant se aanvanklike verbasing met die ontdekking dat lidmate in staat is om "teologie te pleeg", teenoor die huidige praktyk om lidmate te betrek met die samestelling van materiaal vir die kategese:

> "Ek meen dit is mos nou ligjare ver verwyder. Dit vertel eintlik 'n, as 'n mens dit nou so teenoor mekaar stel, 'n storie van 'n baie beduidende skuif." (A 8:51)

Dit is weereens opvallend dat slegs een predikantrespondent vermeld dat sy eie fokus ten opsigte van die bediening aan lidmate verskuiwe het:

© University of Pretoria

"...[D]it het mý verander van iemand wat vir die éérste keer verstaan hóé belangrik is geloofsgewoontes vir mens se eie geestelike reis met die Here, vir jou eie geloofsvorming. En wat vir die éérste keer verstaan: dít is eintlik die reis waarop ons lidmate moet begelei. En ons, dit is nou al 'n paar jaar wat ons dit probeer doen. ... Dit is gewéldig *fulfilling*. Maar jy moet 'n klomp kopskuiwe maak. Jy moet kopskuiwe maak na kleiner groepe toe. Jy moet kopskuiwe maak na jou toerusting - nie om almal gelukkig te hou nie, jy kan nie. Maar in mý geval het dit vir my 'n nuwe energie gegee as... Dít is my fokus: om mense te begelei in terme van *faith-formation*, geloofsvorming. Ek dink dit het my meer as enigiets anders uitgedaag *to practice what you preach*. Ek het op 'n keer vir die ouens eerlik van die kansel af gesê ek het nou al so baie oor geestelike dissiplines gepreek, ek dink ek behoort dit ook te begin doen." (A 2:25)

9. 'n Nuwe passie vir die bediening.

Ons het reeds daarop gewys dat predikante getuig dat deelname aan die reis na gestuurdheid hulle vlakke van angs afgebring en aan hulle nuwe hoop gegee het (4.4.3.1.4). Die transformerende impak wat die gestuurde reis op predikante het, word bevestig deurdat respondente getuig dat hulle kontak met die SAVGG inderdaad daartoe meegewerk het dat hulle die bediening nie uiteindelik geheel en al prys gegee het nie. PR_3 beskryf sy eie transformasie as volg:

"Joe jong! ... Die ding het oor my pad gekom op 'n tyd dat ek gedink het ek sal nie meer langer 'n dominee wees nie. Ek het hier in die laat negentigs, dit was die eerste keer dat ek... Jy't letterlik gevoel: maar jy's ontgogel. Op daardie stadium het die gemeente gegroei van 700 na 4000 lidmate en alles gaan goed en voor die wind en so aan. Maar jy weet dis nie... Ek het vir kollegas altyd gesê ek kan dit nie meer vat om Sondae te preek en te wonder: maar wat beteken hierdie preek vir die lidmate as hy môre by die werk kom nie. Ons kan nie aanhou preek oor 'doen goed vir die kerk', of 'hou 'n basaar vir die kerk'... Ek het 'n eksistensiële krisis gehad. En ek het toe ek die eerste keer aan missionale taal en literatuur... Ek het dit opgeslurp, want dit was asof ek letterlik gebede verhoor is en my eksistensie verander het. As dit nie daarvoor was nie, sou ek waarskynlik nie eers nou dosent gewees het nie. Of ek sou... Ek dink ek sou uit die kerk gewees het. Of my eie gemeente gestig het uit frustrasie. Of ek sou... Ek weet nie of ek 'n gefrustreerde dominee sou gewees het wat net wegkruip agter... Jy weet, jy het mos nou al die *bag of tricks*, en jy het maar net al die *tricks* getrek. Maar verder het jy net die sisteem aan die gang gehou. Dit het

© University of Pretoria

> ’n ongelooflike diep transformasie in my hele teologie en my uitkyk op die gemeentelewe, my eie spiritualiteit... Ek dink dit was ’n soort van ’n tweede bekering... Hoeveel bekerings het ’n mens nou? Maar dit was ’n bewustelike bekering, dink ek.” (A 3:28)

4.4.3.2. Wat moet predikante afleer of aanleer?

Die aandag is steeds op die transformasie van die persoon van die predikant op die reis na missionale gemeentevorming. Twee verdere vrae vra dieper hierop in. Die vraag aan predikant- en lidmaatrespondente was: **Watter ou kennis, houdinge, vaardighede of gewoontes moes die predikant op die gestuurde reis dalk afleer? En wat, aan die ander kant, moes hy aanleer?**

1. Wat moet predikante afleer?

In hoofstuk 3 (3.3.1) het ons aangetoon hoedat die predikantsamp histories ontwikkel het tot die hedendaagse siening van die predikant as die professionele pastor, professionele bestuurder of professionele tegnikus. Respondente is dit eens dat predikante die houdinge en gewoontes wat hierdie rol van die predikant ondersteun en in stand hou, moet afleer. Dit is opvallend hoe eenstemmig en gelykluidend response in dié verband is.

Predikante moet afleer:

- Om die kundige of ekspert te wees wat al die antwoorde het.
  (A 21:13; 10:23; 16:35: 19:36; 5:23; 6:30; 4:64; 4:61; 4:62; 4:63; 12:33; 1:105; 8:57)

  > “...[W]at ek moes afleer was die ekspert-rol. Ek dink dit is uit my hande uit geklap in die negentigerjare, in elk geval. Wat, vandag sal ek nou weer sê: dis God wat dit uit my hande uit geklap het.” (A 5:23)

  > “...[W]at ek nog steeds sal moet afleer, is die ... gevaar dat ek is die spesialis. Ek weet hoe. ... Ek trap maklik in daai slaggat. Want my kop werk ook so, ek bedoel, ek hou daarvan as ek ’n probleem sien, *okay*, wat is die uitdagings? ... En dít moes ek afleer, om nie te vinnig te kom na oplossings en antwoorde nie, maar [om] regtig die proses van geloofsonderskeiding te *engage* en te laat gebeur. Ek bedoel, ... dít dink ek is vir my een van die belangrikste aspekte.” (A 6:30)

© University of Pretoria

"'n ... [D]ing wat ons moet afleer is die tipe van 'n outoritêre styl, van: ék weet." (A 19:36)

Ja, om al die antwoorde op alles vir jou te kan gee. Té slim te kan wees. Want, jy sien, dit is nou op [DORP] 'n probleem, want hier is almal so slim dat party dominees wil nou wys hulle is darem nog die slimste. En leerbaarheid gaan daarmee saam." (A 21:13)

"...[H]ulle [moet] afleer dat hulle is nie veronderstel om die antwoord en die ekspert van alles te wees nie. [Stilte] As hy daai twee goed afleer, het hy 'n hélse ent gevorder. Dis 'n gewéldige ent om te vorder." (A 10:23)

"Dis so eenvoudig. So, as jy dit negatief wil stel: om debat te voer, om net te preek en te domineer in gesprekke, dít moet afgeleer word." (A 1:105)

"Ek dink hy moes daai ding afleer van om homself sentraal te sien. Ek dink hy moes miskien afleer om vir mense te sê en aanleer om vir mense meer te hoor." (A 8:57)

- Om alles te wil beplan, bestuur en beheer.
(A 17:19;18:35; 14:20; 15:24; 4:65)

"En om altyd in beheer te wil wees, moet jy afleer." (A 18:35)

"...[D]ie hele strategies teologiese beplanning en daai tipe van goed, wat ek moes afleer, juis omdat dit maklik vir my kom. Ek gaan baie maklik op in daai STB, doen die navorsing, doen die analise, doen die *by charts* - jy maak dit 'n meganiese besigheids-ding - om by geestelike onderskeiding te kom, waar daai prentjie van die seiljag, waar jy eintlik altyd bietjie van koers af is, maar jy gaan terug, dít was vir my 'n *big shift* gewees." (A 15:24)

"Daar's klomp maniere hoe ons dinge gedoen het, wat ek net besef het, dit werk net nie meer nie. En ek moes dit so soort van aflê en op hierdie nuwe reis begin gaan van geloofsonderskeiding en te luister na God en te luister na mekaar en te luister [na] die gemeenskap. ... Baie van die ou goed wat ons as dominees geleer het. Baie van die gemeentebou-goed. Baie van strategiese beplanning. Baie van, soos [dit in] die koöperatiewe wêreld gebeur. Want ek het my nogal gesteur aan wat doen die koöperatiewe wêreld, baie opgelees vroeër jare. Baie van dit moes ek aflê." (A 4:65)

© University of Pretoria

- Om te dink dis mý kerk waar ék in die bediening is.
(A 19:35; 18:36; 16:34; 19:37; 13:27;19:19; 10:22)

  "Om te dink dis is jóú kerk, moet jy afleer." (A 18:36)

  "Afleer? Om rêrig te besef ek is nie die bestuurder en die alleenversorger van die gemeente nie." (A 16:34)

  "Om die veronderstelling te handhaaf dat almal van jou verwag om alles te doen. ... Ek dink 'n ou moet die stang byt en die verkéérde verwagting van jou rol as predikant moet jy *face*. Maar in die tweede plek moet jy nie daai rol antisipeer omdat dit vir jou veiligheid gee nie." (A 13:27)

  "...[E]én ding wat ons moet áfleer, is om net heeltyd lidmate te troos, jy weet. En suigstokkies in hulle mond te druk..." (A 19:35)

  "Ek dink die eerste ding wat hulle moet afleer, is: hulle het te vol programme. Hulle programme is hopeloos te vol." (A 10:22)

  "...[A]s ek alles rég gedoen het, is dit nog nie te sê ek het die regte dinge gedoen nie. Want mý bediening word baie maklik bepaal deur die program van die gemeente. ... So ek kan vóltyds besig wees deur nét daai goed te doen, en dan verloor ek my visie en is ek nie daar waar God my wil gebruik nie. So om daai vaardigheid... Wel, om dit áf te leer, om nét in daai keurslyf te beland." (A 19:37)

Een respondent onthou die uitdaging verbonde aan die aflegging van die sekuriteit van die *attractional* model se suksesse:

"Wat ek moes afleer is die sekuriteit van 'n *attractional* model se suksesse. Dit was 'n geweldige gemaksone. Ek meen, as jy in 'n tyd wat meeste gemeentes in die kerk in 'n *decline* is in 'n gemeente is wat buitensporig groei... ... Ons het vir baie jare ook swaargekry tot die groei gekom het en ons uiteindelik die *attractional* model bemeester het. En dit goed gedoen het. En om daarvan ontslae te raak, en keuses te maak, en dit te verwoord in 'n kerkraadsvergadering of in 'n gemeente: ons gaan nie meer hierdie goed doen nie. Daai onsekerheid en 'n gevoel van verlies wat jy het, was nogal 'n, ek dink dit was nogal 'n faktor waarmee jy persoonlik 'n stryd het om dit van afstand te doen." (A 3:30)

© University of Pretoria

Predikante moet aanleer:

Nuwe kennis, houdinge vaardighede en gewoontes wat predikante moet aanleer, hou direk verband met die vierledige rol wat deur respondente vir die predikant as missionale leier onderskei is:

1. Die predikant as apostel (gestuurde).

'n Eerste groep response hou verband met die predikant se eie vorming as God se gestuurde.

- Om afstand te doen van mag
  (A 3:34)

  "Om afstand te doen van mag is 'n geweldige insig... Dat missionale kerk-wees is gebou in liminaliteit en in ... marginaliteit, en die verlies, en 'n inkarnasie teologie dat jy tussen mense in swakheid is. Ek dink dis vir my 'n verskriklike belangrike insig." (A 3:34)

- Die ontdekking van sy eie identiteit in Christus.
  (A 22:26)

  "Weet jy wat moet hy nog ontdek? Wie hy in Christus is!" (A 22:26)

- Eerlikheid met jouself, met ander en met God
  (A 13:28; 13:29)

  "Maar éérlik ... Eerlik te wees in jou geloofsbelewing, maar om so verskriklik eerlik te wees met wie jy ís as mens. ... ...[J]y kan nie 'n missionale *pose* hou, en as jy by die mense is dan trek jy hom aan soos 'n toga en dan trek jy hom weer daarna uit nie. Jy ís dit. 'n Mens ís mos wat jy is." (A 13:29)

- Gevorm deur die Woord en dissiplines.
  (A 6:29; 6:27; 12:35)

  "Ja, ek dink die omgang met die Here se Woord, die wandel in die Woord. ... Ek dink nogal dáái ding het 'n groter invloed gehad as wat ons dink. Kyk, ek dink ons gevaar is, ek bedoel, *okay*, ek kan maar net namens mysélf praat, om vanuit ons kognitiewe denke, besig-wees met die teologie, wil ons maar baie keer die wandel in die Woord kognitief hanteer. Maar daai van om rêrig te gaan stáán in die Woord, en ... om met die Woord om te gaan op 'n manier waar jý eers aangeraak word, en vanuit die aanraking deur die Woord verder te gaan. (A 6:29)

© University of Pretoria

"...[D]ie eerste ding wat ek moes leer, is oor die manier hoe ek teologie bedryf het. Ek bedoel, dat teologie nie gaan nie oor 'n klomp kennis nie, maar dat teologie in die eerste plek gebed is in geloofsdissiplines. Ek bedoel, dis van die eerste dinge wat ek moes leer. En op die ou einde sélf deur die Here getransformeer te word en toe te laat dat die Here met jóú 'n pad loop. Dit is vir my die eerste belangrike ding." (A 6:27)

- 'n Gebalanseerde leefstyl.
  (A 7:27)

  "Ek moes miskien weer aanleer ook om vir myself net te sê, die balans in jou eie lewe is belangrik. Ek moet balans hê met my vrou en met my kind, mense rondom my, met my eie gesondheid, my eie lyf..." (A 7:27)

2. Die predikant as teoloog en taalskepper.

   "Ek dink die taal wat die missionale beweging my gegee het, het my lewe gevul. Dit het selfs 'n akademiese loopbaan geword. Dis iets wat ek geleer het: daai soort van drie-gesprek tussen wandel in die Woord, wandel in die wêreld en die kerk, en om die kerk baie-baie minder ernstig op te neem. ... Dis die gestuurdes... Die belangrikste is, hoe verander die wêreld? Hoe kom God se koninkryk daar? Dit is vir my 'n geweldige belangrike teologiese insig, dat dit gaan daaroor. En jy moet eintlik nie bekommerd wees nie, die ander goed val self in hulle plek." (A 3:34)

   "En natuurlik die belangrike rol van 'n soort van 'n missionale spiritualiteit, afhanklikheid, om verras te wees, om die lewe na te jaag. Dit het ook my teologie geskuif ... met 'n totale teologiese heroriëntasie van: die koninkryk is iets wat hier en nou 'n werklikheid is. Jy weet, toe ek dit eers snap, dat dit gaan nie om siele vir die hemel te wen nie, maar oor lewens wat hier en nou in die koninkryk deelneem, jy weet, dan lees jy die Bybel so anderster dat dit vir my gevoel het of ek die Bybel vir die eerste keer lees. Maar daai hermeneutiese sleutel van 'n missionale kerk is mos die taalvorming. Ek dink dit is waarskynlik, om op 'n beeldryke manier taal te kan skep, is 'n geweldige belangrike vaardigheid." (A 3:36)

© University of Pretoria

3. Die predikant as fasiliteerder.

- Om (saam) te luister en (saam) te onderskei
(A 1:105; 1:106; 1:109; 14:21; 16:36; 10:20; 3:32; 4:66; 3:37; 3:35; 5:21; 12:33; 4:62; 12:34)

  "Die vaardigheid om stil te bly. Ek sien te veel predikante wie se mond droog word as hulle dink hulle moet nou stilbly. Jy weet, wat nie kán stilbly nie." (A 5:21)

  "...[O]m te wag op die Here en nie alles strategies te probeer beplan met prioriteite nie. ... Hoewel jy dit óók doen, maar om te wag en toe te laat dat die Gees, wanneer ons gereed is, ons skuif. Daai vermoë om rustig te kan wag, wat vra vir 'n dieper identiteit in Christus, wat beteken ek reageer nie uit my ego uit nie, maar ek het die emosionele volwassenheid, die vermoë om te *decentre* en te luister en jóú as geskenk te aanvaar. ... En onder dít lê emosionele volwassenheid, waar ek nie kleinserig is nie. So ek kán luister, al bring jy *disturbing evidence* na my toe." (A 1:109; 1:106)

  "Maar luister is nogal 'n interessante ding, want jy moet vaardighede aanleer sodat die persoon na wie jy luister ook kan ágterkom dat jy luister." (A 14:21)

  "...[O]m saam te luister. ... So, in 'n sin het jy 'n ander rol. Jy staan nie meer, half meer op 'n outoritêre styl of so iets nie, jy is deel van 'n span. En jy het dan die rol van geestelike begeleier en so aan. Maar jy kan nie meer alleen, dink ek, my besluite deurdruk, en dat jou leiers nie ook 'n groot sê het nie." (A 16:36)

  "Ek dink ek moes aanleer hoe om te luister. Jy weet, luistervaardighede is 'n geweldige belangrike ding." (A 3:32)

  "Ek moes aanleer om núút na God en ander in die gemeenskap te luister." (A 4:66)

  "Wel, ek het byvoorbeeld ook die ou siening - die leiers is iemand wat probleme oplos, wat sterk visie het, wat doelwitte en mylpale kan stel, wat taakgerig is en uiteindelik by sekere goeters kan uitkom - heeltemal verander na 'n leierskap uit swakheid, luister, onderskeiding, kultuurskepping, fasilitering, prosesse... ['n] Diep oortuiging oor die waarde van prosesse, van probleme soek na verwondering oor misterie, en van die gemeente benader as 'n probleem wat jy moet oplos na 'n misterie om uit te *figure*: waar werk

© University of Pretoria

die Here buitendien lankal? Dit het net, dit is net nie dieselfde nie, jy weet. Nee, ek dink dit het my hele repertoire van mens-wees verander. Ek moet sê, soos ek sê, ek dink vir my was die deel word van 'n missionale beweging 'n diep-diep eksistensiële verandering. Dit het my lewe, dit het rêrig my lewe verander, bediening, uiteindelik ook my werk, my toekoms en alles." (A 3:37)

"Ek dink 'n insig wat gegroei het, is oor hoe belangrik onderskeiding is. Dit gaan saam met luister, maar om veilige ruimtes in onderskeidingsprosesse te vertrou. ... Ek moenie die uitkoms probeer *engineer* nie. Vertrou die Here se Gees dat, as jy die ruimte veilig maak en die prosesse reg het, sal die uitkoms... Ek wou altyd die uitkoms sien... My leierskapstyl van dís waar ons wil uitkom, en *whatever* en oor wie jy loop, jy moet daar uitkom. En om dan net terug te sit en te sê: as die proses reg is en die veilige ruimte daar is om te onderskei waar die Here werk, moet jy nou maar net die Gees vertrou. So een van die belangrike goed wat ek geleer het, klink snaaks, want ek is 'n ou met sterk oortuigings, maar was om my eie oortuigings prys te gee. ... ...[E]n om te "*shut-up*" en te wag dat die gemeente die ding ontdek. Daai soort van wag op die Here. Dit was vir my 'n verskriklike belangrike reis wat ek moes onderneem om daar te kom. So ja, dis miskien... Ek dink my siening oor leierskap het heeltemal verander. Ek dink ons het ander insigte oor leierskap nodig." (A 3:35)

"En ek was in my menswees maar net mens wat, vir watter rede, kreatief goed núút wou uitdink. Ek het regtig min keer in my lewe prosesse of modelle slaafs nagevolg. ... ...[M]aar híérdie is 'n proses wat ons sáám doen. En dis 'n proses waarin ons saam luister na die Here. En kan ek net sê, waar ons meer sukses, waar ons saam geluister het na die Here en probeer inskakel het by die werk van die Here. En dis die goed wat ek maar moes leer. Dit werk beter as my eie klomp planne wat ek vroeër gehad het." (A 4:62)

- Om vir God en vir ander te vertrou.
  (A 4:55; 2:30; 4:57; 6:23; 4:68; 12:36)

  "Ek moes leer om die Hére te vertrou. Ek moes leer om die Hére te vertrou. En ek moes leer dat dit *actually* die Here se gemeente is." (A 2:30)

© University of Pretoria

"...[O]m God te vertrou in onveilige of onsekere vaarwaters - dit moes ek aanleer. ... ...[W]at betéken, om die próses ook te vertrou. God stap met ons 'n pad." (A 12:36)

"Kom ek sê, vroeër was dit baie meer oor mý. Ék moes *perform* het. Ék moes nuwe dinge uitdink. En ek moes slaag. As ek dink aan die jare van, jy weet nou, strategiese beplanning, in hierdie gemeente en die vorige gemeente. Jy is 'n dominee wat nuut in die gemeente kom en jy moet *perform*. Almal sien op en jy moet *perform*. Jy moet *perform*. Regtig, en daarom was, baie van die spanning het op my gerus. Dan sê ek net, nóú moes ek leer om Gód en ánder met die proses te vertrou." (A 4:55)

"...[E]k weet ek trap nog steeds in daai slaggat, ons wil graag in beheer bly van prosesse. En ék moes leer, en ek moet nog stéédsbly leer, maar wat beteken dit om te weet dat die Here is in beheer van die proses? Die Here is in beheer van sy kerk." (A 6:23)

- Om geduldig te wees.
(A3:33; 6:13; 7:26)

"Om baie stadiger te wag op die Here en nie... My persoonlikheidstipe is, jy weet, as ek iets snap wil ek teen daai aand dit die eerste keer al gedoen het. En om dan te verstaan wat... Die diffusie van verandering vat baie-baie langer. Met ander woorde, geduld is 'n geweldige belangrike vaardigheid..., om op die Here te wag. Ek dink die bewussyn dat my belangrike werk is om die grond om te spit en om 'n kultuur te kweek, met ander woorde, om soos 'n landbouer te wees wat die omstandighede die beste maak. Maar jy kan nie alles doen nie, veral nie in die soort van omvang en grootte van die gemeente nie." (A 3:33)

"'n Ding wat ek óók geleer het, is - en ek is meer 'n ou wat bietjie haastig is van geaardheid, ek wil graag 'n ding so gou as moontlik sien gebeur - en wat ék moes leer, is: dis 'n kultuur wat skuif. En 'n kultúúr - veral in 'n groot gemeente soos hierdie – vat, ek sou sê, 'n minimum van vyf jaar plus om te skuif. Jy weet net. Ek bedoel, die *input* wat jy nou maak, baie keer sien jy eintlik eers die resultaat daarvan oor vier, vyf of ses jaar. Jy sien dit nie dadelik nie, en 'n ou moet maar leer om geduldig te wees daarmee." (A 6:13)

© University of Pretoria

- Om God in die gemeenskap (konteks) te ontdek en energie te volg.
(A 12:38; 5:20; 5:19; 1:108)

  "Hoe om ... saam met mense die gemeenskap te lees en ouens oop te maak. ...[W]áár is God reeds aan die werk? ... God is lankal orals aan die werk en jy sien dit op baie plekke, om ouens se oë daarvoor oop te maak. Dít moes ek leer." (A 12:38)

  "...[H]oe is jy sensitief vir die konteks in die verstaansproses? Ek beleef dat predikante sukkel om die konteks te lees, sukkel om God te verwag in die goed wat rondom jou gebeur. Ek dink dit is die doodsteek ..., dat daai hermeneutiese proses van, jy weet, jy kan nie net die Bybel lees asof jy dit abstrak lees nie, jy moet die konteks lees, en jy moet die Bybel deur die konteks lees, en jy moet die konteks deur die Bybel lees. Dis 'n baie-baie belangrike vaardigheid." (A 5:20)

  "...[O]m energie te kan volg en nie noodwendig te skep nie. Met ander woorde, dis daai *floating* wat ons van gepraat het, om te kan *float* en *float* en *float,* en hier bring die Gees nou dinamika. En dan, *and then you act in an instant*. So, dis letterlik soos branderplank ry. Jy wag en jy wag, dan voel jy, hier vát die golf jou, en dan gaan jy in die golf in. Jy moet ook iets doen, dis nie net dat jy passief is nie. So aan die een kant het jy die vermoë om te kan wag, met ander woorde nie in die *action trap* te wees nie, en aan die ander kant is dit die vermoë om *in a instance* te kan *act*. Dit sien ek ook. As dit nie... Ouens begin dan wag, en dan hang hulle. Dan moet ons nou maar kyk wat gebeur. Dit is nie dit nie. Dis daai om jouself te géé in die golf." (A 1:108)

- Om risiko's te neem.
(A 4:67)

  "Ek moes aanleer om risiko's te neem. Régtig risiko's te neem." (A 4:67)

- Om weerstand, konfrontasie en kritiek te kan hanteer.
(A 20:28; 7:28)

  "...[E]k dink om konfrontasie of kritiek te hanteer. ... ...[A]s 'n mens kan léér om daai dinge te hanteer. Ek dink hulle hét geleer en dit ís beter." (A 20:28)

© University of Pretoria

4. Die predikant as begeleier en bemagtiger.

- Om terug te staan, te vertrou en ruimte te skep.
(A 21:13; 12:30; 12:32; 4:68; 19:20; 19:21)

  "Terugstaan. Daai terugstaan-ding." (A 21:13)

  "Ek dink om terug te staan en nié die spesialis te wees nie." (A 12:30)

  "Dis om mense medeverantwoordelikheid, om verantwoordelikheid te deel. ... En dit beteken om nie alles te hóéf of te wíl te doen nie. ... ...[D]is nie ék wat die gemeente moet lei nie, dis God wat sy gemeente lei deur, deur die geméénte. So dit is ook, ek dink dis tog .. iets wat ... ek moes leer verstaan." (A 12:32)

  "En dan, aanleer om te laat gaan en lidmate te vertrou. Dit is 'n *májor* ding, maar daar kan jy die woord bemagtiging inbring. Ek moes régtig leer om lidmate te vertrou. ... So, daai laat gaan. Laat gaan. Dit is wat ek sê. En dan, ek moes aanleer om God te vertrou. Regtig aanleer om God te vertrou." (A 4:68)

  "As daar 'n bediening tot stand kom, as 'n lidmaat wat na vore kom en sê: ... my visie, of my bediening ... dít... ... Dan organiseer daai lidmaat dit. Die dominee moenie dit doen nie. So ek bemagtig, ek skep ruimte vir mense." (A 19:20)

  "So dominees moet die gemeente help om vrý te kom van hierdie organisasie-sindroom, jy weet. Ons is tog 'n liggaam, en ons netwerk, en ons het gawes, jy weet. ... En as daar so 'n bietjie chaos in die gemeente is, is dit eintlik *great*, want dis net dáár waar God gaan begin werk en... [Lag] Ons moenie bang wees nie. Ons moenie bang wees daarvoor nie!" (A 19:21)

- Om te begelei, te vorm en te bemagtig
(A 10:21; 4:68; 6:28; A 12:37; 1:107; A 8:56; 12:32; 15:25)

  "...[E]k ... moes leer ... die dominee is nie die kundige, die ekspert in die gemeente nie. Ek bedoel, hy is niks anders as 'n begeleier, fasiliteerder binne die gemeente nie. ... Om lángs mense te gaan staan, maar eintlik óór te gee. Nou, dit is mos partykeer nog maar in ons aard, ons wil graag oorvat, maar om daai begeleidingsrol te bly speel, en te sien hoe die Here deur ander mense werk. En ook vir ander mense ruimte te gee. Maar ek dink, en dan die

© University of Pretoria

> belangrikheid om as dominee bínne ’n gestuurde opset mense te help om te ontdek wat dit is om kontak te maak met God, en vanuit ’n posisie te werk waar ek begin ervaar en beleef, God is aan die werk, en dat dit nie gaan oor óns vermoëns en óns bekwaamhede nie.” (A 6:28)
>
> “En dán dink ek dit is om as dominees te weet: dit gaan nie oor my nie, maar oor wat in lidmate se lewens gebeur. Om iets te kan *embrace* wat ek nie uitgedink het nie. Iets te kan *support* wat as 'n geskenk na my toe kom, wat nie deel van my beplanning is nie. Om ander te laat *shine* deur *coaching* en *mentoring*, en nie net ék wat op die kansel staan nie. Daai is 'n *massive* skuif. En daar is maar baie sterk narsisme in ons.” (A 1:107)
>
> “Ek moes aanleer om teorie in praktyke en gewoontes te vertaal. ... ...[E]k onderskat altyd tot op watter vlak jy dit moet afbreek.” (A 15:25)

4.4.3.3. Ander bydraende faktore.

’n Laaste vraag in hierdie afdeling ondersoek ander faktore wat, naas betrokkenheid by die SAVGG, bydra tot die vorming van die predikant as missionale leier. Die vraag is slegs aan predikantrespondente gerig en lui soos volg: **Ander faktore wat tot jou vorming as missionale leier bygedra het?**

Die volgende faktore word deur respondente onderskei:

1. Vorming as kinders en jong volwassenes.

Twee respondente verwys na hulle eie vorming as kinders en jong volwassenes. PR_11 (A 11:28; 11:32; 11:30) is diepliggend gevorm deur die waardes van geregtigheid, billikheid, respek, en nederigheid in sy ouerhuis en familie. “Om betrokke te raak by sosiale ongeregtigheid en verandering was dus vir my heel natuurlik, heel vanself, spontaan uit hoe ek gevorm is.” (A 11:30) PR_15 beskryf sy ouerhuis as “rand-kerklik”. “So ek weet hoe dit voel om vir die eerste keer terug te gaan kerk toe as jy amper ’n jaar se kategese gemis het.” (A 15:23). Naas hierdie vorming in die ouerhuis, vertel beide respondente van die positiewe invloed wat kategete (A 11:32), ’n geestelike mentor (A 11:30), predikante en jeugkampe (A 15:23) op hulle eie geestelike vorming en spiritualiteit gehad het.

© University of Pretoria

2. Eie reis met God.

Respondent PR_7:24 (A 7:24) vertel van sy eie spiritualiteitsvorming selfs nog voordat hy op die SAVGG reis gegaan het en die invloed daarvan op sy mens-wees. PR_2 vertel hoedat hy self diepliggend gevorm is op die ontdekkingsreis saam met lidmate en kollegas: "In die hele poging in die gemeente om te vra, hoe help ons lidmate met geloofsvorming, is één van die goed wat ons toe begin het die Bybel-oggend en later die Bybel-aand... ... En dit het 'n enórme effek op my lewe gehad, jy weet. Sáám met my kolegas." (A 2:29). En PR_19 (A 19:27) is dankbaar dat hy 'n geestelike mentor kan hê met wie hy gereeld kontak het. "En dit help my, jy weet. Dit beteken verskriklik baie vir my." (A 19:27)

3. Oor-grense betrokkenheid in die gemeenskap.

Respondente stel 'n hoë premie op hulle eie betrokkenheid by bedieninge in die breër gemeenskap en die vormende invloed daarvan op hulle lewe. Hierdie betrokkenheid behels onder andere: berading en spreekkamerwerk (A 17:22; 7:23); betrokkenheid by evangelisasie en 'n soeke na geregtigheid in die samelewing (A 11:31; 11:27); betrokkenheid by hospitaalbediening en die gevolglike blootstelling aan die kliniese wêreld en aan religieuse en kulturele diversiteit (A 13:26); en betrokkenheid by gemeenskapsprojekte saam met besighede en ander kerke (A 18:27).

Drie van bogenoemde respondente is nie voltyds in die bediening nie (PR_17, PR_13, en PR_7). PR_17 verwoord die positiewe impak hiervan as volg: "...[D]an besef 'n mens nou maar [hoe jy], as jy voltyds in die gemeente is, eintlik partykeer verswelg word deur die kerkstruktuur, ... en dat jy eintlik nie kan raaksien ... wat ouens wat buite die kerk staan of op die rand staan se behoeftes [is] nie. So, ek dink dit het ... weer vir my 'n bietjie perspektief gegee." (A 17:21)

4. Kontak met die missionale teologie en -gespreksgenote.

Respondente getuig van die impak wat leeswerk (A 12:28; 16:33; 18:28; 4:60; 11:29; 4:59) en verdere studie (A 12:26: 5:1) op hulle eie teologiese vorming het. Respondente het duidelik 'n passie om te lees.

Respondente betuig in dieselfde asem hulle waardering vir 'n netwerk van missionale gespreksgenote. Respondente het binne die SAVGG oor kerkverband heen gespreksgenote en reisgenote gevind met wie hulle vriende kon word, saam met wie hulle kon worstel en kon ontdek, en uit hierdie vriendskap en gesprekke is energie gebore (A 4:59; 5:18; 6:21).

© University of Pretoria

Ook internasionaal is bande gebind, vriendskappe gesmee en netwerke gevorm, onder andere met teoloë soos Leonard Sweet, Eddie Gibbs, Allan Hirsch, Bryan McClaren, Dallas Willard, en Pat Keifert en die span van PMC-NA. (A 3:29; 14:17; 14:18).

5. Veranderinge in die konteks en persoonlike lewe.

Eksterne veranderinge in die konteks, veranderinge in die gemeente en veranderinge in die predikant se persoonlike lewe dra in sommige gevalle by tot die vorming van die predikant. PR_5 (A 5:1) onthou hoedat 'n ontnugtering met die bestaande bedieningspraktyk hom aangespoor het om in te skryf vir 'n Meestersgraad in Bedieningspraktyk. En PR_12 onthou hoedat veranderinge in die gemeentelike bedieningsspan (A 12:29) en die oorgang na 'n nuwe lewensfase (A 12:27) tye was van refleksie, nuwe uitdaginge en groei.

6. Skuiwe en invloede vanuit die groter geloofsgemeenskap.

'n Laaste groep faktore wat bydra tot die missionale vorming van predikante hou verband met skuiwe en invloede vanuit die groter geloofsgemeenskap.

PR_1 wys op die klimaatskuif wat in die NG Kerk op sinodale vlak plaasgevind het: "...[D]aar het 'n skuif gekom van debat na *discerning* dialoog." (A 1:98; 1:100) En die missionale teologie is diep ingebed in die verskillende beleidsdokumente van die kerk. "So, dit is duidelik dat die kerk in terme van sy verstaan van homself formeel geskuif het. Ek dink dit maak 'n verskil. Ek dink dit maak 'n reuse verskil. Nie dat elke dominee nou daai goed sit en lees nie, maar tog is dit asof daar 'n nuwe raamwerk gekom het. ... Ek dink daar is 'n teologiese revolusie aan die plaasvind." (A 1:97)

Die aard van die proses van die SAVGG maak dit terselfdertyd moontlik om ander materiaal en beweginge op gemeentelike vlak in die proses te inkorporeer. Rick Warren se veertig dae materiaal het die transformasieproses in gemeentes ondersteun (A 12:25), en die Luisterseisoen in die NG Kerk het aan gemeentes 'n klomp hulpmiddels gegee wat met vrug as deel van die proses in gemeentes gebruik kon word (A 1:99).

4.4.4 Kernkapasiteite van die predikant as missionale leier.

Die navorsingsdoelwit is omskryf as: Die identifisering van die kernkapasiteite waaroor 'n predikant as missionale leier moet beskik ten einde 'n gemeente suksesvol te begelei in die vorming van 'n missionale

© University of Pretoria

gemeente-kultuur en praktyk. Die gespreksraamwerk is ontwerp met die oog daarop om toepaslike en relevante data vanuit die praktyk te genereer ten einde die navorser in staat te stel om 'n geloofwaardige antwoord op die navorsingvraag te kan gee ter bereiking van die navorsingsdoelwit.

Die navorsingsbevindinge ten opsigte van die eerste drie afdelings van die gespreksriglyn is in die vorige afdelings beskryf. Die eerste afdeling (4.4.1) handel oor *missionale gemeentevorming* en beskryf die transformasie wat respondente waarneem in gemeentes waarby hulle betrokke is as gevolg van deelname aan die proses van die SAVGG, asook faktore wat hierdie transformasie ondersteun of blokkeer. Onderliggend is die onderskeiding van die missionale ekklesiologie waarbinne missionale leierskap funksioneer. Die tweede afdeling (4.4.2) beskryf die *rol en funksie* wat respondente *vir die predikant* op die reis na missionale gemeentevorming onderskei. Afdeling drie (4.4.3) beskryf die bevinding ten opsigte van die *transformasie en vorming van die persoon van die leraar* op die reis na missionale gemeentevorming.

Die vierde (en laaste) afdeling van die gespreksraamwerk fokus direk op die onderskeiding van die *kernkapasiteite* wat respondente as wesenlik beskou vir die predikant ten einde die gemeente suksesvol te begelei in die vorming van 'n missionale gemeente-kultuur en praktyk. Die vraag aan respondente was: **Wat is na jou oordeel die kernkapasiteite (kennis, vaardighede, houdinge en gewoontes) waaroor 'n predikant moet beskik ten einde die gemeente suksesvol te begelei in die vorming van 'n missionale gemeente-kultuur en praktyk?**

Uiteraard is daar 'n direkte verband tussen die *kernkapasiteite* wat respondente vir die predikant onderskei en die *rol en funksie* wat respondente op die reis na missionale gemeentevorming aan die predikant toeken. Die benadering is dus om die navorsingsresultaat ten opsigte van die kernkapasiteite waaroor die predikant moet beskik te kategoriseer en te beskryf aan die hand van die viervoudige rol (4.4.2.1) soos deur respondente aan die predikant toegeken.

4.4.4.1. Die predikant as apostel of gestuurde.

Die eerste rol wat respondente aan die predikant toeken op die reis na missionale gemeentevorming, is: "die predikant as apostel of gestuurde". Die predikant is in die heel eerste plek, voor enigiets anders, sélf 'n gestuurde wat die spiritualiteit, waardes en gewoontes van 'n gestuurde leefstyl leef en modelleer. (4.4.2.1.1)

© University of Pretoria

In die lig van bogenoemde rol-omskrywing wys veertien van die twee en twintig respondente die **predikant se eie reis met God en sy eie apostoliese vorming** uit as die eerste of mees fundamentele kapasiteit waaroor 'n predikant moet beskik ten einde die gemeente op die reis na missionale gemeentevorming te kan begelei.

PR_2 (A 2:31) plaas die predikant se bereidheid om op 'n nuwe reis met God te gaan as die nommer een kapasiteit wat nodig is. Hy wys daarop dat mense dalk die fout kan maak om net te dink aan kapasiteite wat te make het met strategiese denke of bestuur "en sulke soort van goeters":

"En ek dink net, ouens moenie ['n] illusie hê nie. Dít wat hierdie reis aan die dominees doen, gaan wéés wat afgee op die gemeente. Jy kan op jou kóp staan... ... ...[J]y kan nié vir iemand anders iets gee wat jy nie sélf ontvang het nie. En ek dink dit is verskriklik waar van die proses. En, so, ek sou wil beweer dat die fundamentele..., een van die fundamentéle goed in dié proses, is die predikant of predikante se eie reis met God. As dáár nie skuiwe kom nie, kan jy ál die *tricks* in die boek probeer..." (A 2:27)

Respondente belig die verskillende aspekte of onderliggende boustene (kennis, vaardighede, houdinge en gewoontes) wat aan hierdie fundamentele kapasiteit ten grondslag lê:

- **'n Begronde en geïntegreerde missionale teologie en roepingsbewussyn.**

  'n Deeglike en geïnternaliseerde kennis van die missionale teologie (*missio Dei* en *missio ecclesiae*) is ononderhandelbaar. (A 5:24; 19:14;12:40; 11:34)

  > "...[E]k moes leer dat die gestuurdheid van die gemeente nie iets is wat jy moet bedryf naas die ander goed nie, maar dat dit ingetrek moet word in die wese van die gemeente." (A 5:24)

  Hierdie kennis-komponent is uiteraard veel meer as blote intellektuele instemming, en veronderstel kennis wat geïnternaliseer word en tot uitdrukking kom in 'n nuwe selfontdekking en roepingsbesef. Roeping binne die missionale paradigma is wesenlik en inhoudelik verskillend van roeping binne die tradisionele paradigma. Binne die missionale paradigma veronderstel roeping 'n deurlopende sensitiwiteit vir die beweging van die Heilige Gees en vir waar God reeds aan die werk is (A 19:40; 11:36), en die onderskeiding van die eintlike taak van die kerk en die predikant (A 15:27; 22:28).

© University of Pretoria

> "...[E]k dink één ding moet helder wees, oor wat word van jou as kerk en as predikant verwag. ... ...[A]lle predikante het 'n vae skuldgevoel: ek doen sekere goed nie. Jy moet helderheid hê, dink ek, oor wat is die *crucial* goed wat jy wragtig moet doen. ... En ek dink 'n gemeente verander op daai goed. Dit is om rêrig te sê wat is die belangrike goed op die lang duur." (A 15:27)

- **Geestelike vorming en dissipelskap.**

Persoonlike onderwerping aan Christus (A 22:27) en 'n verdiepende verhouding met die Drie-enige God is die vertrekpunt vir die predikant as missionale leier. (A 10:24)

> "[D]ie eerste kapasiteit wat jy moet skep is 'n persoonlike intieme verhouding met die Drie-enige God. In jou eie mens-wees moet ek as 'n dominee of as 'n leier 'n intieme persoonlike verhouding met die lewende Here hê." (A 7:29)

Die predikant is dus in die heel eerste plek 'n **dissipel en navolger van Christus** (A 20:32), wat sensitief is vir die bewegings van die Gees (A 19:40), en erns maak met sy eie geestelike vorming deur Woord (A 11:33) en gebed (A 19:38; 19:39) en die beoefening van persoonlike geestelike dissiplines. (A 19:30; 18:34; 1:110)

> "'n Dominee moet natúúrlik leer om geloofsgewoontes te beoefen. ... Ek dink dominees moet in 'n proses geneem word om te kyk na hulle geestelike dissiplines en te kyk wie is ek as mens sodat ek geestelike dissiplines kan kies wat by mý aanpas. En ek moet dit áánleer, en ek moet daarin gevorm word. Want, ek dink baie van ons..., baie dominees bid en lees Bybel. *But that's it*. En baie dominees bid en lees nie eers Bybel nie. Jy weet, want hulle is net te besig." (A 19:30)

> "Die *trick* is jy moet dit óók kan beoefen. [Klop op die tafel] ... Eenvoudig soos dit. [O]ns dink ons kan mense flous. ... [E]k kan regtig vir jou sê, Gert, die tye wat dit met my goed gegaan het in die bediening en wat ek dit geniet het en so, was wanneer wat ons gepraat het en wat ek gedoen het baie naby aan mekaar was. ... So ons moet vir dominees in staat stel om [in] daai *truth*-ding te bly. Daai outentieke zone te bly, outentiek te wees, van ek is rêrig hierdie persoon wat hierdie goed doen. Jy weet, as jy vir mense sê ons moet meer lees of meer Bybel lees, jy moet dit ook doen! Anderster…" (A 15:30)

© University of Pretoria

- **Persoonlike integriteit en selfkennis.**
  Respondente wys op die belang van persoonlike integriteit en selfkennis. Waardes wat as kernkapasiteite uitgelig word, is die volgende:

  "...[D]aai éérlikheid wat ek net-nou gesê het, om in *touch* te wees met jouself. Jouself te ken." (A 13:32)

  "Ek dink dit gaan rêrig oor egtheid en dan ook 'n stuk eerlikheid, deursigtigheid. Ek dink nie..., as 'n ou rêrig hierdie proses loop, dat daar sekerhede is nie. Jy moet rêrig eg en eerlik en deursigtig wees met die mense saam met wie jy 'n pad loop." (A 7:35)

  "Jy moet getrou wees. ... Ek bedoel, jy moet hard, jy moet hard werk." (A 18:33)

  "Ek bedoel, as jy nie lief is vir mense nie, hoe kan jy hulle help om die koninkryk te ontvang? ... Jy weet, 'n mens se hart moet rêrig baie, baie liefde in hom hê. So, ek dink dis 'n kérnkapasiteit." (A19:41)

4.4.4.2. Die predikant as teoloog en taalskepper.

As **teoloog** verskaf die predikant die teologiese onderbou en begronding ter ondersteuning van die reis na gestuurdheid; bly hy self student wat voortdurend oor gestuurdheid bly lees en nadink; en tree hy op as die "missionale gewete" wat die gemeente deurlopend aan sy gestuurde identiteit en roeping herinner. (4.4.2.1) Respondent PR_18 verwys hierna as 'n kernkapasiteit waaroor die predikant moet beskik:

> "Jy't 'n teologiese funksie. Jy moet [stilte] wáárlik oor die Hére dink. En dink oor wat beteken dit dat Chrístus die Verlosser is. En wat beteken dit om dáái boodskap te dra en lewend te hou in die gemeenskap van gelowiges. [Stilte] So maklik het ons in die verlede net gedink in terme van 'n funksionáris wees, jy weet. ... Maar jý is die persoon wat die gemeente by híérdie kérnvrae moet hou." (A 18:31)

As persoon wat primêr die **Woordverkondiging en persoonskommunikasie** in die gemeente doen, is die predikant - voortvloeiend vanuit sy teologiese funksie - verantwoordelik vir die vestiging van die gestuurde taal en droom op só 'n wyse dat die gemeente daarop inkoop en dit deel van die identiteit en selfverstaan van die gemeente word.

© University of Pretoria

(4.4.2.1) Die kapasiteit wat hiervoor nodig is, veronderstel drie vaardighede wat hand aan hand loop:

- **'n Missionale Bybelse hermeneutiek.**

  'n Eerste vaardigheid waaroor die predikant moet beskik is die vermoë om die Bybelse boodskap hermeneuties vanuit 'n missionale perspektief te ontsluit.

  > "En dan dink ek dominees kan gehelp word om hermeneuties te verstaan hoe die Bybel, hoe gaan ek dit nou sê, elke bladsy van die Bybel is gestuurdheid. En ek dink nie dominees verstaan dit nie. En daarmee moet hulle gehelp word. Jy weet, jy kry baie dominees wat nog dink, *okay*, ek het 'n sendingpreek, en ek het 'n preek vir dankoffers, en ek het 'n preek vir bekering, en ek... Jy weet, só. Maar, ekskuus, ál hierdie goed is gestuurdheid. En ek dink nie dominees verstaan dit goed nie. So, hulle moet daarmee gehelp word." (A 19:31)

  > "...[E]k dink 'n kernkapasiteit in terme van kennis is die vermoë om die hermeneutiek wat onderliggend aan 'n missionale beweging lê, dit moet jy onder die knie kry." (A 3:38)

- **'n Koherente missionale taal.**

  Die tweede vaardigheid wat hand aan hand met bogenoemde loop is die vaardigheid om 'n nuwe taal in die gemeente te skep (A 7:37), om hierdie missionale identiteit van die gemeente te kan verwoord. (A 14:24)

  > "... [D]ie missionale taal aanleer, want anders gaan jy dit nie ontsluit nie. Die twee loop hand aan hand. Dis die *tool* wat dit doen." (A 3:38)

  > "En dan moet die dominee 'n koherente missionale taal hê, en dalk is dit sy kragtigste wapen. Wat die skuif van die kerk na God gemaak het, en Deïsme gegroet het, en met integriteit kan praat oor 'n teenwoordige Trinitariese God." (A 1:114)

© University of Pretoria

- **Goeie, energieke en entoesiastiese kommunikasie wat mense saamvat.**

  'n Derde vaardigheid in hierdie pakkie is die vermoë om op só 'n wyse te kan kommunikeer dat die leierskap en gemeente hierop inkoop. Respondente is baie duidelik hieroor:

  "...[D]ie tweede ding: die vermoë om kollegas, die kerkraad en gemeente saam op die reis te neem. Help nie ek doen hierdie goed self nie. Jy móét jou mense saam op die reis neem." (A 4:70)

  "Ek dink 'n volgende punt gaan oor om mense opgewonde te maak, saam te vat..." (A 7:33)

  "Kommunikasie is ... belangrik ... En mense is blootgestel aan baie goeie kommunikasie. ...[M]ense het ... minder geduld met iemand wat nie kan kommunikeer nie. So, ja, ek dink dis belangrik." (A 16:42)

  "Die vermoë om 'n visiedraer te wees, 'n entoesiastiese visiedraer. Dit is ['n] gewéldig belangrike kapasiteit." (A 2:34)

  Die sterkste uitdaging word gerig deur twee lidmaatrespondente:

  "...[H]y moet 'n oorredings- en 'n oortuigingsvermoë hê. Dis 'n kernkapasiteit. Want hy moet lidmate kan oortuig..." (A 23:43)

  "...[E]k dink hy moet dit aan sy mense kan verkoop. Dit moet 'n inspirerende mens wees. ... Hy moet dit kan verkoop. 'Verkoop' is die regte woord. ... Ja, hy moet op 'n manier met hulle kan praat dat hulle kan inkoop daarin. Dat hulle kan sien maar, jy weet, ja *actually* is dit waaroor die hele Nuwe Testament gaan. Hy moet op 'n manier dit vir mense kan verkoop so." (A 8:62; 8:64)

4.4.4.3. Die predikant as fasiliteerder en begeleier van die proses van aanpassende kultuurverandering.

As missionale leier fasiliteer en begelei die predikant die proses van aanpassende kultuurverandering in die gemeente. (4.4.2.1.3) Kapasiteite wat die predikant bemagtig om 'n vaardige kultuurskepper te wees, is dus kernbelangrik.

Die proses van kultuurverandering stel uiteraard hoë eise aan die predikant en vereis besondere kapasiteite waarvoor predikante nie histories opgelei of voorberei is nie. Die hoeveelheid response wat fokus op die verskillende

© University of Pretoria

kapasiteite wat nodig is om hierdie uitdaging die hoof te bied (amper vyftig persent van response in hierdie kategorie), bevestig die uitdaging wat hierdie transformasieproses aan die predikant rig. Hierdie kapasiteite kan uiteraard nie maklik onder een noemer saamgevat word nie, maar vorm saam 'n "*cluster*" wat die predikant op verskillende vlakke bemagtig vir die komplekse reis van kultuurverandering.

In die lig van die rol-omskrywing van die predikant soos in 4.4.2.1.2, kan ons die verskillende kapasiteite wat hiermee verband hou, as volg groepeer:

1. **Die kapasiteit om onsekerheid en verandering te hanteer.**

   'n Eerste groep kapasiteite hou verband met die predikant se vermoë om onsekerheid en verandering te kan hanteer. PR_2 (A 2:26) wys daarop dat dit 'n groot fout sal wees om in dié verband uitsluitlik te fokus op funksionele kapasiteite, aangesien die geestelike en emosionele kapasiteite wat nodig is vir die suksesvolle deurvoering van hierdie transformasieproses wesenlik belangrik is. Hy reageer as volg ten opsigte van kernkapasiteite waaroor die predikant op die reis na missionale gemeentevorming moet beskik:

   > "...[E]k sal amper sê alles wat te make het met leerbaarheid, eie insekuriteit, verandering. ... ...[D]is dieper kapasiteit wat mense baie keer nié aan aandag gee nie. Mense gee baie keer net aandag aan die funksionele kapasiteite. Hierdie goed bepaal of die funksionele kapasiteite iets uitgerig kry of nie. ... So ek sou sê: géestelike kapasiteite, persoonskapasiteite, en funksionele kapasiteite - dis die drie goed. Maar in dáái volgorde. ... ...[D]aar kan géén volhoubaarheid wees met drie as een en twee nie daar is nie. Dis *impossible*." (A 2:36).

   Wat is hierdie "dieper" "geestelike" en "persoonskapasiteite" wat die predikant in staat stel om verandering te hanteer en te omarm as geleenthede waar God werk?

- **'n Diep en passievolle oortuiging en verbintenis.**

  'n Eerste kapasiteit waaroor die predikant moet beskik is 'n diep oortuiging en geloof dat die transformasie God se wil vir die gemeente is en die passie om hierdie transformasie te laat slaag. (A 4:69; 7:31; 4:71; 8:58: 8:65)

© University of Pretoria

"Ek dink eerstens moet die dominee regtig glo dat dit is wat moet gebeur. Dit moet 'n baie, baie diep en passievolle oortuiging wees, want dit is 'n baie komplekse proses." (A 8:58)

"'n Passie vir hierdie hele proses van gestuurdheid. Dis 'n passie, dis 'n passie om die gemeente neem van instandhouding na gestuurdheid. ... Dis 'n passie om 'n gemeente te help verstaan dat ons sluit aan by God se gestuurdheid. En dis 'n passie... Want want hierdie goed gebeur nie vanself nie. As jy nie 'n passie gaan hê daarvoor nie, hoe gaan jy die gemeente hierdie kultuur verander?" (A 4:69)

- **Openheid en leerbaarheid.**

In 'n atmosfeer van aanpassende verandering is leerbaarheid, openheid, die bereidheid om te verander, 'n geweldig belangrike kapasiteit wat 'n predikant behoort te hê. (A 2:32; 12:39; 16:43)

"'n Tweede geweldige belangrike kapasiteit is leerbaarheid, *teach ability*. En dis nie net híér nie, in enige beroep vandag... As jy nie leerbaar is nie, is jy *useless*." (A 12:39)

"...[J]y moet ook 'n student wees van iemand wat voortdurend lees en navorsing doen. ... Omdat die wêreld ook so verander. ... So, ek voel amper 'n ou moet regtig, jy weet, 'n goeie student wees, ook om jou konteks te kan lees en om te besef... Want wat drie jaar gelede dalk goed gewerk het, dis nie te sê dat dit nou nog goed sal werk nie." (A 16:43)

- **Volwasse hantering van konflik en kritiek.**

Kapasiteit om konflik, weerstand en kritiek op 'n volwasse manier te hanteer.

Transformasie bring dikwels konflik mee. Die vermoë om konflik op 'n volwasse manier te hanteer (A 16:41) en as groeigeleentheid te kan omhels (A 18:40) is daarom 'n belangrike kapasiteit waaroor predikante moet beskik.

"Self-define and stay in touch tipe van ding. Ek het nogal gevind dit het ons baie gehelp. Want daar was maar met tye héwige konflik gewees. En dit het dit het vir my persoonlik baie gehelp ook, want ek sal van nature eerder van die konflik wil wegstap. ... Dan't jy net

© University of Pretoria

gewéét, ek bedoel, as jy dit gaan doen, dan verloor jy. Jy móét ná die konflik toe beweeg." (A 18:40)

"Jy moenie lang tone hê nie. ... So daar sal op jou tone getrap word, en jy moenie te kleinserig wees dat dit jou elke keer uitgooi en platgooi, en oorloggies begin met individue en so nie. ... ...[D]an dryf jy die kloof dieper, en dan sal die proses van kultuurverandering nóg moeiliker." (A 17:25)

Die vermoë om konflik en kritiek te hanteer staan in nouste verband met emosionele volwassenheid (A 16:41), die oorwinning van eie onsekerheid (A 2:33), en 'n Christus-gesentreerde identiteit (A 22:14).

"Ek dink sy identiteit in Christus moet baie sterk wees. Dit hang maar saam met hy moenie liggeraak wees nie, maar... ... ...[M]y identiteit is in Christus - nié in hierdie gemeente of wat ek hier verrig het of hoe goeie predikant is ek, of hoe goed ek preek of hoe goed ek mense besoek, of enige so iets nie - maar in Christus Self." (A 22:14)

- **Geduld en volharding.**

Kapasiteit om met geduld te kan volhard.

"...[D]it gaan 'n lang proses wees. Hulle moet nie kits-antwoorde soek nie, of kits-oplossings, of kits-klaar lidmate wat sommer in hulle nuwe rol instap nie. Dis 'n lang proses. En geduld en volharding is vir my kernkapasiteite." (A 21:14)

"En hy moet eintlik, dink ek, baie uithouvermoë hê. Hy moet weerstand kan oorleef. Hy moet 'n dik vel hê [lag], rêrig." (A 8:60)

2. Die kapasiteit om kultuur te transformeer en te vestig.

Predikante is vanweë die tradisionele rol waarvoor hulle opgelei is, nie van nature vaardige kultuurskeppers nie. Die kapasiteit om kultuur te kan vestig, is dus kernbelangrik. (A 23:51; 2:35)

PR_4 (A 4:72) wys daarop dat teologiese studente baie leer oor gestuurdheid en oor hoe 'n gemeente moet lyk, maar dan in die praktyk gekonfronteer word met 'n gemeente wat in 'n instandhoudingsfase is. "...[H]y moet sekerlik die pad saam met sy gemeente loop, maar dit sal nogal help as hy weet : hóé maak jy die skuif? Wat is hierdie reis waarop jy die gemeente neem? So, is dit 'n kernkapasiteit? Ek dink so. Net om te sê, hy

© University of Pretoria

moet besef dat niks gaan gebeur as hy nie 'n kultuur gaan swaai nie. En die vraag wat hy gaan vra is, hoe swaai ek 'n kultuur? So jy moet vir hom *tools* gee sodat hy die kultuur kan swaai."

Kundigheid ten opsigte van die verskillende elemente waardeur kultuur gevorm word en die vaardigheid om kultuur te verander is dus kernbelangrik. "...[A]s jy 'n kultuurskepper is, het jy 'n *toolbox* nodig." (A 7:38)

Kapasiteite wat nodig is om kultuur te kan vestig, behels die volgende:

- **Kennis van bestaande kulture in die gemeente**

  Die vermoë om die gemeentekultuur te verstaan en te respekteer word deur verskillende respondente uitgewys as 'n kernkapasiteit vir die predikant op die reis na die vorming van 'n missionale gemeente-kultuur. (A 23:42; 19:43; 14:23; 16:43)

  > "Kennis van bestaande kulture in jou gemeente, jy weet, faksies, die vooroordele, politieke onderstrominge, al daai soort van goed. Dis 'n kernvaardigheid vóórdat jy eers dit kan oorwéég om jou gemeente te vat op 'n pad van transformasie..." (A 23:42)

  Respek vir die bestaande gemeentekultuur veronderstel vir PR_14 (A 14:23) ook kennis van die teologiese identiteit van waaruit die luister na ander voortvloei. Hy verwys na "die moed om teologies 'n identiteit te kan hê". Indien ek my eie identiteit ken, kan ek met integriteit ook na ander luister. Hy omskryf die kernkapasiteit waaroor die predikant moet beskik, as volg:

  > "...[H]y moet 'n bewuste identiteit as teoloog hê, met duidelikheid oor sy hermeneutiek, sy eie spiritualiteit én sy ekklesiologie. Want sonder so 'n duidelike identiteit sal die *PMC* net nóg 'n *tool* word in die *toolbox* van 'n ideoloog, wat in 'n spesifieke rigting net wil indruk. En dan sal dit nie 'n werklike luisterproses meer wees nie. Dan gaan dit iets wees wat ék in die hand het, nê. My *toolbox*." (A 14:23)

- **Die vaardigheid om die proses van transformasie te verstaan en te fasiliteer.**

  Die vaardighede wat nodig is vir fasilitering van 'n proses van aanpassende verandering, verskil wesenlik van die vaardighede wat die bestuur van programme vereis. Soos te verwagte wys respondente daarop dat die vermoë om die proses van aanpassende

© University of Pretoria

verandering te kan verstaan (A 8:59; 8:63) en te kan fasiliteer (A 13:33) kernbelangrik is.

> "...[E]k sou wou sien dat ons vir ouens werklik fasiliterende vaardighede bybring. Want ons val terug in 'n *mode* van *telling* – ons weet *telling* is net *selling*. En ons val terug in 'n *mode* van, ek moet drýf en bestuur om hierdie ding te laat slaag." (A 13:33)

> "En hy moet iets van daai proses verstaan. Hy moet sommer baie van daai proses verstaan. Ek dink die dominee moet 'n kapasiteit hê om te kan dink--om homself amper te kan distansioneer en te dink oor die, jy weet, om na die gemeente te kyk en te dink, wat gaan aan?" (A 8:59)

- **Kreatiwiteit en innovasie.**

Kapasiteite wat verband hou met die verbeelding of visualisering van 'n nuwe of alternatiewe toekoms is kernbelangrik.

PR_3 (A 3:43) sien die ontwikkeling van kreatiwiteit as 'n kernkapasiteit. Hy omskryf kreatiwiteit as die vermoë om te sien dat goed nie hoef aan te hou soos dit nou aanhou nie, maar om nuwe moontlikhede raak te sien. Die vraag is: hoe droom jy nuwe drome?

> "Ons het heeltemal te min goeters in beide ons opleiding en ons teologiese verstaan van *imago Dei*. ... Ek dink die sentrale ding van beeld-van-God-wees is uiteindelik om uit niks te kan skep nie. Met ander woorde, kreatief te wees. En dis die een waarmee ons in ons kerk en opvoeding baie keer die swakste doen. En ook nie koester nie. Ons geniet almal kreatiwiteit, maar kom doen dit net in die kerk, dan loop jy jou teen 'n muur van weerstand raak." (A 3:43)

> "...[H]y moet kan innoveer. ...[H]y moet 'n interpretasie kan maak van gemeenskap se behoeftes en nood en dan moet hy dit kan ómskakel soort van in 'n suksesvolle gestuurde aksie." (A 23:52)

- **Die vaardigheid om die brug tussen grense te wees en integrasie te kan bewerkstelling.**

Twee respondente (A 12:43; 12:45; 23:49) wys die belangrikheid van hierdie vaardigheid uit. Dit gaan oor die vermoë om as't ware vanuit 'n brugfunksie balans te kan handhaaf, verskillende belange en groepe by mekaar te kan hou en met mekaar te kan integreer. PR_12 gebruik die beeld van die rotatorkraag:

© University of Pretoria

> "...[J]ou rotatorkraag [is] dié ligament, spier, bondel, groep wat ook al jy dit wil noem, in jou liggaam wat 'n ontséttende [belangrike] funksie vervul. Want hy kan na alle kante toe draai en swaai, maar tóg is hy sterk, want hier kom vier of vyf spierbondels in vas. En dis wat gebeur, dink ek, met 'n predikant. In die missionale teologie, en in gestuurdheid, moet jy die rotator wees." (A 12:45)

- **Transformasie-kredietwaardigheid.**

PR_15 (A 15:28) wys op die belangrikheid van wat hy noem "transformasie-kredietwaardigheid." Predikante moet verstaan dat hulle die vertroue om belangrike aanpassinge in die gemeente te kan maak, moet "verdien".

> "As jy vir ouens wys jy is bereid om sag te wees op jou eie gesag, jou eie vergoeding, selfs waar jy te na gekom word, bou jy *goodwill* op waarmee jy verandering... Jy kan daai *goodwill trade* vir verandering in 'n gemeente."

3. Die kapasiteit om leierskap te bou en te bemagtig.

Die kapasiteit om leierskap op alle vlakke van die gemeente te bemagtig vir die geloofsonderskeidende reis van missionale gemeentevorming, is ononderhandelbaar vir die predikant. As die gemeente die plek is waar die predikant in die bediening is, kan hierdie ding nie werk nie. (A 5:11) Respondente wys verskillende aspekte van hierdie kapasiteit uit. Dit gaan onder andere oor die kapasiteit om te skuif vanaf 'n ekspert na 'n mentor of 'n afrigter of 'n bemoediger (A 10:26); die kapasiteit om ander se unieke gawes te erken en te ontwikkel en in 'n span saam te snoer (A 7:34; 20:30); die kapasiteit om self 'n entoesiastiese leier te wees en ander te bemagtig om dieselfde te kan doen (A 23:45; 12:41); en die kapasiteit om in spanverband te kan werk en te kan netwerk (A 7:32; 11:35)

> "Ek dink ook dit gaan oor netwerke en spanwerk. As jy nie in 'n span kan werk of kan netwerk of 'n groot prentjie van God se koninkryk sien en dat ek is 'n mens wat 'n verskil maak nie, dan sukkel jy." (A 7:32)

Waarskynlik hou die respons van PR_5 (A 5:24) ook hiermee verband. Hy wys op die noodsaaklikheid daarvan om iemand te hê, 'n medereisiger, met wie jy kan reflekteer.

© University of Pretoria

> "Te min dominees het dit. Ons is só bang vir kritiek. Ons is só angstig oor kritiek. Ons móét veilige ruimtes hê waar ons net oor dinge kan reflekteer en sê: kom ons dink nou net, hoekom raak die geld minder?" (A 15:31)

4. Die kapasiteit om missionale praktyke en dissiplines te vestig.

Die predikant moet oor die kapasiteit beskik om 'n missionale of transformasionele spiritualiteit in die in die gemeente te vestig. Dit sluit die volgende kapasiteite in:

- **Die kapasiteit om gewoontes te vorm en te vestig.**

> "Ek dink amper die belangrikste ding wat ek wil sê hieroor is, goed begin by gewoontes. Dis wat ek geleer het. As jy nou daai blokkie vat van kennis, houdings en gesindheid, vaardighede en gewoontes, moes ek die bekering ondergaan om te verstaan dis die gewoontes wat belangrik is, nie die kennis nie." (A 5:22)

> "...[A]s jy nou weet wat die doel van die gemeente is, moet jy dit kan vertolk na herhaalde gebruike en gewoontes wat op álle vlakke van die bediening van die gemeente lê. ... Dat daai goed verweef raak met alles wat die gemeente doen… Mense moet later dink dit is wat Christene maar moet doen. Hulle moenie dit bewustelik probeer bemeester nie, dit moet amper 'n onbewuste ding raak." (A 15:29)

- **Die kapasiteit om vreemdelinge en vreemdelingskap te omarm.**

PR_3 (A 3:42) beklemtoon die belangrikheid van 'n openheid vir die mobiliteit en vreemdelingskap van mense.

> "...[D]ie hele idee van dat vreemdelinge jou lewe verruim. En dat hulle eintlik God se engele is wat vir jou op onmoontlike tye uit hierdie reis uithelp om by nuwe plekke uit te kom, is krities." (A 3:42)

Hy wys op die belang van gewoontes of rituele van vreemdelingskap in 'n gemeente of die predikant se eie lewe ("*randomising practices*"), byvoorbeeld om in 'n boekwinkel in te stap en die eerste boek te vat en te lees, of om by konferensies doelbewus by onbekendes te gaan sit, of om 'n koerant of film te lees vanuit die oogpunt van: waar het God hier gewerk? (A 3:42)

© University of Pretoria

- **Die kapasiteit om grense oor te steek.**

  Die predikant moet oor die kapasiteit beskik om grense te kan oorsteek (A 5:27) en om ander te kan bemagtig om dieselfde te doen. (A 1:115)

  > "Ek dink mens moet waarskynlik apostelskap bysit, Gert. Die vermoë by die dominee sélf om te kan konnekteer óór die grense van die gemeente in die gemeenskap met vreemdelinge, en ja, en instansies in die gemeenskap. ... Ek dink dis 'n kapasiteit wat jy sélf moet hê, maar wat jy natuurlik ook moet vestig onder jou leiers." (A 1:115)

  Die vermoë om grense oor te steek is nie vir almal ewe maklik nie. Terwyl dit vir sommige heel natuurlik is, is dit vir ander 'n groot uitdaging. Indien die predikant kan aanhaak by lidmate wat reeds oor hierdie vermoë beskik, word die taak veel makliker.

  > "...[H]y moet grense kan oorsteek. En dit sit nie in elke ou se broek nie. Ek dink dit is baie moeilik. En dáár moet hy gebruik maak van lidmate wat die vermoë beskik om dit te doen... ... So om grense oor te steek is 'n kernkapasiteit, maar dit is iets wat jy kan maklik doen as jy by die regte mense of groepe of wat ook al aanhaak." (A 23:50)

- **Die kapasiteit om te kan eksperimenteer en risiko's te kan neem.**

  Die predikant moet die bereidheid hê om te waag en risiko's te kan neem. (A 20:31; 23:44; 3:44; 18:37; 12:42)

  > "...[D]ominees moet aanleer die vermoë om die spronge in die duister te maak. Hoe lyk risiko? En hoe verstaan ek risiko? En hoe leer ek om risiko te neem en foute te maak en nog te oorleef na dit? Want as ons nie daai eksperimentele ruimte skep nie, gaan ons nêrens die ding uit*figure* nie." (A 3:44)

4.4.4.4. Die predikant as geestelike begeleier en mentor.

As missionale leier is die predikant in die vierde plek geestelike begeleier en mentor vir lidmate en leiers. (4.4.2.1.4) Hierdie "geestelike leierskap" behels twee aspekte wat ten nouste met mekaar verweef is. 1. Die predikant beskik self oor die vaardigheid om te onderskei en vestig geloofsonderskeiding as praktyk onder die leiers in die gemeente. 2. Die predikant fokus op die geestelike afrigting en vorming van lidmate met die oog op Bybelse vorming en dissipelskap.

© University of Pretoria

1. Onderskeiding en die vestiging van geloofsonderskeidende praktyke.

Die predikant se kapasiteit om self God se wil te kan onderskei en om geloofsonderskeidende praktyke in die gemeente te kan vestig, is kernbelangrik. (A 6:22; 18:32; 13:30; 13:31)

> "Die dominee moet geloofsonderskeidende leierskap kan gee." (A 1:111)

Die proses van geloofsonderskeiding is in wese 'n luisterproses. In die heel eerste plek moet die predikant oor die **kapasiteit** beskik **om self geloofsonderskeidend te kan luister** (A 19:28; 1:87; 14:22; 3:39; 23:41):

> "[E]k dink 'n dominee moet leer luister." (A 19:28)

> "Prakties net om te kan luister. (Lag) Jy weet, ons is verkondigers. Ons probeer mense oortuig, terwyl die skuif is, God is rééds teenwoordig in die gemeenskap. En ons *detect Divinity*. Ons luister tot ons hoor hoe God teenwoordig is by mense en sluit dan daarby aan. ... So, luister is die kern-kapasiteit..." (A 1:87)

> "Ek dink in terme van vaardighede groot klem op luister... ... Ek dink dis 'n belangrike vaardigheid." (A 3:39)

Saam met die kapasiteit om self geloofsonderskeidend te kan luister, moet die predikant as missionale leier tweedens ook die **vaardigheid** bemeester **om geloofsonderskeidende prosesse in die gemeente te begelei en te vestig**.

> "Ek dink die ... kennis en vaardigheid oor hoe jy prosesse lei rondom wandel in die Woord en wandel in die wêreld. Daai twee goeters, jy weet, in die driehoek van Woord, wêreld of konteks, en die kerk is vir my in my verstaan van kernkapasiteite van leierskap absoluut 'n sleutelding." (A 3:39)

> "...[D]ie wandel met God, die wandel met die Woord, die wandel met mense of tussen mense, en dan ook die wandel met die groter gemeenskap waarin ek staan. Dít dink ek is die goed wat óns vir die mense vorentoe al hoe meer sal moet leer. ...[E]k dink dis die goed wat in óns opleiding ontbreek het..." (A 6:31)

Respondente onderskei vier bewegings in die geloofsonderskeidende proses (A 6:22; 6:31; 13:30) wat elkeen unieke luistervaardighede veronderstel:

© University of Pretoria

- **Luister na God.**

  Die eerste beweging veronderstel die kapasiteit om saam te luister en saam te onderskei hoe God teenwoordig is.

  > "…[O]m rêrig by mense te gaan sit en luister, en sáám met hulle God raak te sien, dís wat ek bedoel." (A 6:31)

  > "Ons bring God nie na mense toe nie, maar ons ontdek sáám met mense hoe God daar teenwoordig is." (A 1:87)

- **Luister na die Woord.**

  Respondente toon aan dat die tweede beweging of die dissipline om in die Woord te wandel die kapasiteit veronderstel om jouself en ander deurlopend stel onder die transformerende gesag van die Woord. (A 17:24; 6:22; 21:15)

  > "...[E]k was sélf ook skuldig daaraan, en ek trap dalk nog stééds in die slaggat, om die Bybel as 'n rewolwer te wil gebruik wat die mense skiet met 'n paar teksverse. Maar om te leer, maar die Bybel transformeer in die eerste plek vir mý. En die Bybel is nie 'n boek waarmee ek ánder mense transformeer nie, maar wat eintlik vir mý transformeer." (A 6:22)

  > "...[E]k dink die geloofsonderskeiding is 'n beheer afgee deur die hele gemeente, predikant ingesluit." (A 17:24)

  > "Hou op om self alles te wil doen. Laat God dit doen. Staan nou terug dat Hy ook 'n slag kan werk. Hy werk in elk geval, maar begin dit nou raaksien." (A 21:15)

- **Luister na mekaar.**

  Die derde beweging in die geloofsonderskeidende luisterproses veronderstel die kapasiteit om as't ware in die konteks van die gemeente te inkarneer en daarvan deel te kan word.

  > "...[E]k is daai fasiliteerder, en ek moet God verstaan, ek moet God se wil verstaan. Maar ek moet ook hierdie mense verstaan, en hierdie gemeente se storie. So, die vermoë om kontekste te lees... Maar ... dit is méér as net om dit te kan lees. Dis amper om te kan déél word daarvan. Jy weet, miskien inkarnasie is dalk 'n woord waar 'n ou hier mee kan speel... ...[A]s ek Jesus vir hulle wil wees, dan moet ek kan inkarneer in hierdie gemeenskap. En ek dink dit

© University of Pretoria

> is 'n kernkapasiteit vir 'n dominee. Want dán kan ek hulle eers begelei na gestuurdheid." (A 19:42; 19:44)

- **Luister na die gemeenskap.**

  Die laaste beweging in die geloofsonderskeidende proses veronderstel die kapasiteit om saam na die breër gemeenskap of konteks te leer luister. (A 6:22; 6:31;

  > "...[J]y moet leer dat goed met jou praat uit die konteks uit, uit die wêreld uit." (A 5:25)

  > "Ek dink jou gemeenskap, jy moet jou konteks ken. As jy nie jou konteks ken nie, ek dink dit is een van die groot hartseerstories, dat Christene baiekeer net met Christene wil kommunikeer en praat." (A 7:36)

2. Geestelike afrigting en Bybelse vorming.

As geestelike begeleier fokus die predikant op die geestelike afrigting en vorming van lidmate met die oog op Bybelse vorming en dissipelskap.

PR_16 (A 16:40) omskryf missionale leierskap soos volg: "'n Missionêre leier is iemand wat gelowiges mobiliseer om aan te sluit by God se verlossingswerk in die wêreld." Die predikant as missionale leier moet dus oor die kapasiteit beskik om leiers en lidmate te begelei en af te rig en te bemagtig vir deelname aan die *missio Dei* in hulle daaglikse lewenspraktyk.

> "'n Dominee moet leer dat, ek is ['n] fasiliteerder ... wat mense bemagtig." (A 19:29)

> "Die dominee moet kan *coach* en mentor." (A 1:112)

> "...[H]y moet besef wat sy jop is, ... om ons toe te rus vir ons diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. ... ...[H]y moet vir ons die toerusting gee." (A 22:29)

Respondente beklemtoon die uitdaging wat hierdie nuwe rol aan predikante rig. Die verskillende response ten opsigte van die kapasiteite wat nodig is vir die predikant as geestelike begeleier en mentor kan soos volg saamgevat word: As missionale leier moet die predikant oor die kapasiteit beskik om, vanuit 'n posisie van die "desentralisasie" van mag, lidmate in die totaliteit van die bediening te begelei tot Bybelse vorming en dissipelskap.

© University of Pretoria

- **Begeleiding tot Bybelse vorming en dissipelskap;**

  Predikante is tradisioneel gefokus op die rasionele oordrag van kennis. Die vermoë om vir mense nuwe gedrag aan te leer en hulle daarin in te oefen, is vreemd aan ons sisteem. "Ons kan goed verduidelik vir mense, maar ons sit nie en oefen mense ... die gedrag in nie. Ons ken dit nie." (A 1:113) LR_21 wys tereg daarop dat dít juis die punt is waarop gemeentes verander:

  > "...[D]ie oordra van kennis ... gaan nie van 'n gemeente 'n gestuurde gemeente maak nie. Vir my lê die kruks by die geloofsgewoontes wat ingeoefen moet word. En ek wil sien dat daai geloofsgewoontes by die dominee ook ingeoefen word." (A 21:16)

  Die predikant se kapasiteit om gelowiges af te rig en te vorm vir deelname aan die *missio Dei* veronderstel verskillende vaardighede.

  In die **eerste plek** moet die **predikant self die verskillende geloofsgewoontes inoefen** en dit deel maak van sy daaglikse lewenspraktyk. (A 21:16; 21:17; 16:39)

  > "Die eerste een is seker ... jy wat ook 'n dissipel moet wees, 'n navolger wat in die eerste plek in 'n verhouding met die Here leef en dit uitleef, en wat ook dan dien as 'n tipe van 'n rolmodel vir ... almal wat met jou in aanraking kom." (A 16;39)

  In die **tweede plek** moet hy **in staat** wees om, in ag genome mense se verskillende spiritualiteite (A 21:16), **ander hierin te vorm en af te rig**. (A 1:113; 3:41; 7:30; 10:25)

  > "...[M]ense wil vandag hulle geloof konkreet uitleef, dit moet grondvat. Dit kan nie meer so wees soos ons grootgemaak is [nie]. ... Ons kan [vir] almal die antwoordjies mooi uitspel, maar ons het nie gewoontes en vaardighede nie." (A 21:16)

  > "...[E]k dink ons kan dominees help om vir hulle *tools* te gee om lidmate te neem op die reis van dissipelskap. Ek dink nie die gestuurde gemeente proses gee genoeg *tools* nie." (A 19:32)

  In die **derde plek** moet die predikant oor die vermoë beskik **om lidmate se gawes raak te sien** en hulle te kan **bemagtig om daardie gawes aan te wend** in diens van die koninkryk. (A 21:16; 23:46; 19:33)

© University of Pretoria

> "...[O]ns het 'n gemeente vol potensiaal, vol talent en gawes, maar mense is nie geoefen om daai goed te gebruik nie in die koninkryk nie. Hulle weet nie hoe nie." (A 21:16)

> "Die vaardigheid om lidmate se gawes te kan raaksien, saam met hulle. ... ...[D]is iets waarmee ek self verskriklik mee sukkel. Dis vir my verskriklik moeilik om raak te sien watter gawes het ons híér nodig, en om lidmate daarmee te kan *link*. So ek dink nogal dis 'n vaardigheid wat, as ek nou kon kies, sou ek dit baie graag wou hê." (A 19:33)

- **Vanuit 'n posisie van die "desentralisasie" van mag;**

Indien die predikant afsien van die tradisionele rol wat aan hom toegeken is en die rol opneem van afrigter en begeleier, veronderstel dit dat die predikant oor die vermoë sal beskik om saam met die gemeente oor te beweeg na 'n nuwe vorm en styl van gesagsuitoefening. Respondente verwoord die twee kante hiervan.

Die **een kant** van die munt is **die vermoë om te "*let go*"**, om beheer af te gee om die ánder in die gemeente te bemagtig (A 17:23), om afstand te doen van mag en toe te laat dat lidmate se soms gebrekkige interpretasie vir jou belangrik raak (A 3:41), en om te delegeer met die oog op groter betrokkenheid van lidmate (A 23:46).

Die **ander kant** van die munt is die vermoë om juis die **gesag op te neem** om **vanuit 'n nuwe rol as begeleier of afrigter of bemagtiger** (A 16:38) lidmate te bemagtig, te ondersteun en te "*affirm*" (A 21:17) vir die nuwe rol wat hulle in die geloofsgemeenskap begin opneem. Veral twee lidmaatrespondente verwoord hierdie behoefte en uitdaging baie sterk:

> "Daar was 'n tyd ... wat daar 'n skeldwoord gebruik is ons gemeente wat op die ou end gemaak [het] dat mense uit ons gemeente uit is. Mense het gesê, die dominees ... het 'n magsblok gevorm. Jy kom nêrens met hulle nie. Hulle beheer en kontroleer. ... Máár toe ... die dominees ... die implikasies daarvan insien en probeer vure doodslaan, toe abdikeer hulle. Toe gee hulle die troon oor. Toe gaan sit hulle. Toe trek hulle passief terug. En dis ook nie wat hulle moet doen nie. ... Ek verwyt hulle nie daaroor nie, want ek dink ook nie hulle weet [nie]. Hulle het ... nie die voorbeelde om hierdie geestelike mentor-rol te kan vervul nie. Iemand moet hulle dit leer, en ek weet nie wie nie. Maar hulle doen dit nie vanself nie. Hulle

© University of Pretoria

kan nie, hulle weet nie hoe nie. Want hulle het nou gehoor hulle moet nie als doen nie, nou doen hulle nie als nie. Nou moet die lidmate die goeters doen. Nou moedig hulle mense van die kansel af aan, maar jy moet in [ŉ] persoonlike verhouding mense tree. ... Jy moet hulle aktief bemagtig. Jy kan nie sê, *okay*, loop julle nou maar nie. ... Maar ek weet nie of hulle weet [hoe] ... om daai oorgang te maak [nie]. ... Hoe bemagtig jy lidmate? ... Ek soek net [soms] ... iemand na wie ek kan opsien, wat vir my ŉ raadgewer of ŉ mentor kan wees." (A 21:17)

"En sy ... ego-kapasiteit moet so wees dat hy daai desentralisering kan vat. Want kyk, dis vreeslik pynlik wanneer die gemeente jou kruisig, maar wanneer almal die palmtakke neersit en sê: "Jy's *fabulous!*", is dit ŉ vreeslike verleidelike posisie om te hê. Jy is mos nou koning daar op jou mishopie, daar in jou gemeentetjie, en jy moet nou afstand doen van dit. En jy moet nie net bereid wees om afstand te doen nie, jy moet aktief werk om jouself te skuif uit daai posisie uit. Uit jou eie, binne-in jouself, en dis eintlik ŉ baie moeilike ding, want jy moet self daarvan afstand doen en jy moet die gemeente op ŉ manier begelei dat hulle self ook skuif in hoe hulle na jou kyk en oor jou dink. Dis baie moeilik. Ek dink nie eintlik predikante..." (A 8:61)

- **In die totaliteit van die bediening**

Ten slotte is dit ook belangrik dat predikante die vaardigheid kweek om hierdie rol as afrigter, bemagtiger, mentor op te neem in elke aspek van die bediening: in die prediking, in kleingroepe of selgroepe (A 23:47), en selfs ook in die pastoraat.

"...[L]idmate se verwagting op huisbesoek en siekebesoek is dat ek gaan getroos word en ek gaan hoor ek is *okay*… …[O]mdat dit lidmate se verwagting is, verval ek self verskriklik maklik in daai keurslyf, jy weet, om net aan hulle verwagtinge te voldoen. En dan is ons nou maar net weer by ... kliëntediens. ... Want eintlik is pastoraat ŉ ongelooflike plek om ... lidmate [te] leer in gestuurdheid. En ... dominees moet daai vaardigheid aangeleer word." (A 19:34)

4.4.5. Verdere Navorsing.

ŉ Laatste vraag aan respondente was: **Waaroor sal jy wil hê moet verdere navorsing gedoen word?** Die vraag hou nie direk verband met die navorsingsvraag of –doelwit nie, maar was eerder daarop gerig om aan

© University of Pretoria

respondente geleentheid te gee om sake te opper wat na hulle mening verdere navorsing vereis met die oog op die suksesvolle transformasie van gemeentes. Response word bloot gelys sonder verdere bespreking.

1. Begeleiding van predikante.

Respondente ag dit belangrik dat verdere navorsing gedoen word ten opsigte van die begeleiding en ondersteuning van predikante op die reis na missionale gemeentevorming. Respondente sou graag wou weet hoe predikante beter begelei kan word om: 1. Self in die proses in te koop (A 11:37); 2. Met die gemeente te kan kommunikeer op so 'n manier dat hulle die gemeente met hulle saamneem op die reis (A 16:45); 3. Hulle eie verantwoordelikheid en funksie op die reis van gemeentevorming beter te kan verstaan en op te neem (A 4:79); 4. Lidmate vanuit 'n nuwe posisie van gesag vir die bediening te bemagtig sonder om hulle te ontnugter (A 8:53; 8:54); en 5. Sy rol as geestelike begeleier te kan opneem (A 1:118).

2. Kultuur en transformasie.

Respondente sal wil sien dat verskillende aspekte wat verband hou met die transformasie van kultuur verder ondersoek word. Dit sluit in: 1. Konflikhantering (A 1:119); 2. Praktyke vir die skepping van kreatiwiteit (A 3:45); 3. Vaardighede ten opsigte van konteksanalise (A 3:47); 4. Die hantering van diversiteit (A 6:33); 5. Die verband tussen kerk en kultuur (A 15:33); en 6. Gemeentekultuur en gemeentes se openheid om te transformeer (A 17:26).

3. Lidmaatbemagtiging.

Die bemagtiging en vorming van lidmate word deur verskillende respondente vermeld vir verdere navorsing. Die volgende vrae leef in die harte van respondente: 1. Hoe bemagtig en ondersteun jy lidmate vanuit 'n nuwe rol? (A 21:19); 2. Hoe begelei en bemagtig jy lidmate om in hulle daaglikse lewe en beroep hulle roeping te ontdek en te leef? (A 2:38; 3:49); 3. Hoe kan die gawes van lidmate vir die bediening ontsluit word (A 6:34; 12:46); en 4. Praktyke vir geloofsvorming (A 1:117).

4. Kerkverband en missionale gemeentevorming.

Ses respondente sal graag wil sien dat die invloed van missionale gemeentevorming op die kerkverband verder ondersoek sal word. Respondente vra die volgende vrae: 1. Hoe kan sinodes en ringe hulle rol opneem ten einde leraars en gemeentes op die reis na missionale

© University of Pretoria

gemeentevorming te kan ondersteun? (A 10:27; 1:123; 3:46; 3:48); en 2. Hoe lyk Artikel 9 vir die missionale leraar en kerkraad? (A 1:120).

5. Nuwe geloofsgemeenskappe.

Die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe (A 4:75; 7:40; 13:34) en multikulturele gemeenskappe (A 15:32) is 'n veld wat na die mening van respondente verder nagevors behoort te word.

6. Missionale gemeentevorming en volhoubaarheid.

Gemeentes wat reeds lank op die reis is, het 'n behoefte aan groter kundigheid ten einde die volhoubaarheid van missionale gemeentevorming te ondersteun. Vrae in die harte van respondente is onder andere: 1. Hoe word nuwe lidmate deel van die reis na gestuurdheid? (A 20:35); 2. Hoe help jy 'n gemeente om na sewe of tien jaar steeds op die reis te bly? (A 4:74; 4:78); en 3. Hoe word leierskap aan 'n nuwe leraar(s) oorgegee? (A 4:78).

7. Ander sake.

'n Hele aantal aspekte vir verdere navorsing word deur individuele respondente vermeld: Hoe meet 'n gestuurde gemeente "sukses"? (A 2:37); Hoe kan die inligting van leesverslae beter ontgin en benut word? (A 7:41); Wat is die hermeneutiek onderliggend aan wandel in die Woord (A 14:19); Hoe lyk die balans tussen doen en wees? (A 20:34); Hoe kan predikante as missionale entrepreneurs gevorm word? (A 7:39); Hoe lyk missionale eredienste (A 1:121) en missionale inisiatiewe of uitreike? (A 1:122); Hoe lyk 'n missionaal-gereformeerde teologie? (A 1:116); Hoe kan die potensiaal van NGO's vir missionale gemeentes ontsluit word? (A 7:42); Wat is die wisselwerking tussen roeping en institusionalisering? (A 18:39)

Uiteraard reflekteer bogenoemde onderwerpe in sommige gevalle die persoonlike gawes en belangstellings van individue. So voorsien die Drie-enige God aan sy kerk al die gawes wat nodig is vir deelname aan die *missio Dei* in die tyd en konteks waarbinne Hy ons roep, versamel en stuur.

4.5. GELOOFWAARDIGHEID.

Hoofstuk 4 word afgesluit met 'n kritiese evaluering van die navorsingsbevinding aan die hand van Lincoln en Guba (1985) se klassieke vier kriteria vir betroubaarheid ("trustworthiness"), naamlik geloofwaar-digheid ("credibility"), oordraagbaarheid (""transferability"), betroubaarheid

© University of Pretoria

("dependability") en konformibiliteit ("conformability") (De Vos 2005:345-347).

Geloofwaardigheid evalueer vertroue in die "waarheid" van die bevindinge. Hoe geloofwaardig is die betrokke navorsingsbevindinge? Volgens watter kriteria word kan dit beoordeel word?

Die geloofwaardigheid van die navorsingsbevinding word ondersteun deur die navorser se eie betrokkenheid by missionale gemeentevorming sedert 2007 ("Prolonged engagement"); in-diepte betrokkenheid van die navorser by predikante en gemeentes as fasiliteerder van die SAVGG proses ("Persistent observation"); en deur die deurlopende ondersteuning van die navorsingsbevinding deur verskillende databronne ("Triangulation").

Oordraagbaarheid evalueer die toepaslikheid van bevindinge in ander kontekste. Hoe oordraagbaar en toepaslik is hierdie bevindinge vir ander groepe of kontekste?

Die navorsing is gedoen binne die konteks van gemeentes wat die proses van die SAVGG voltooi het en vir ten minste twee jaar daarna op hulle gestuurde roeping en visie bly fokus het. Alle moontlike stappe is geneem om te verseker dat die steekproefneming op so 'n wyse gedoen word dat die steekproef verteenwoordigend van die populasie is en ter selfder tyd in-diepte navraag ondersteun. 'n Seleksie is gedoen wat groot genoeg is ten einde te aanvaar dat die bevinding toepaslik is vir alle gemeentes binne die konteks van die ondersoek.

Betroubaarheid evalueer die konsekwentheid van die bevindinge. In watter mate kan die navorser aantoon dat 'n ander navorser in dieselfde konteks en met dieselfde deelnemers tot dieselfde gevolgtrekking sal kom?

Triangulasie ("triangulation") behels die gebruik van meervoudige databronne in 'n ondersoek. Die navorser is van oordeel dat die betroubaarheid van bevindinge ondersteun word deurdat verskillende lense in hoofstukke twee en drie deurgaans aangelê is ten einde 'n betroubare antwoord op die navorsingsvraag te kan gee. Die ontwerp van die in-diepte onderhoud ondersoek eweneens die navorsingsvraag vanuit verskillende perspektiewe en verseker dat die beskrywing van die navorsingsbevinding goed-ontwikkel, ryk en omvattend is ("Thickness") en sodoende die betroubaarheid van bevindinge ondersteun en bevestig.

Konformibiliteit evalueer die neutraliteit van die navorser. Hoe kan die navorser seker wees dat die bevindinge reg laat geskied aan die

© University of Pretoria

respondente en nie ’n skepping van die navorser of sy eie belange of vooroordele is nie?

Kwalitatiewe navorsing is uiteraard kontekstueel. In die kodering, analisering en interpretasie van data is deurgaans gepoog om rekening te hou met die kontekstuele aard van data en sodoende reg te laat geskied aan die bedoeling en interpretasie van die respondent self.

© University of Pretoria

© University of Pretoria

HOOFSTUK 5

NAVORSINGSBEVINDING

5. NAVORSINGSBEVINDING.

5.1. FOKUS EN DOELWIT.

Een laaste vraag bly oor: Watter antwoord bied die navorsing ten opsigte van die navorsingsvraag en -hipotese? Hoofstuk 5 fokus op die beskrywing van die samevattende navorsingsresultaat en die bevinding ten opsigte van die navorsingsdoelwit en -hipotese.

5.2. SAMEVATTENDE BEVINDING.

In hoofstukke 2 tot 4 is verskillende lense aangelê ten einde 'n geloofwaardige en betroubare antwoord op die navorsingsvraag te kan gee. Hoofstuk 2 ondersoek die missionale ekklesiologie wat aan die proses van die SAVGG ten grondslag lê. Hoofstuk 3 ondersoek die aard en fokus van missionale leierskap binne die SAVGG, missiologie en relevante literatuur uit ander dissiplines. Hoofstuk 4 beskryf die metodologie en resultaat van 'n kwalitatiewe ondersoek by gemeentes en predikante wat deel was van die SAVGG reis na gestuurdheid. Die fokus val deurgaans op die identifisering van die kernkapasiteite vir die predikant as missionale leier binne die konteks van die proses van die SAVGG.

Die vraag is nou: Wat is die samevattende bevinding in die lig van al die bogenoemde navorsing? Die bedoeling is uiteraard nie om in detail te verval nie (daarvoor kan hoofstukke 2 tot 4 geraadpleeg word), maar slegs die hooflyne van die bevinding ten opsigte van die navorsingsvraag en -doelwit saam te vat. Die bevinding word beskryf ten opsigte van: 1. Missionale leierskap; 2. Die predikant as missionale leier; en 3. Kernkapasiteite vir die predikant as missionale leier.

5.2.1. Missionale leierskap.

1. Leierskap is dié belangrikste bydraende faktor tot die vorming van 'n missionale gemeentekultuur en -praktyk (3.4.4.1, 4.4.1.2.1). Binne die SAVGG is die vorming van missionale leiers op alle vlakke van die

© University of Pretoria

gemeente van kritiese belang vir die vorming van missionale geloofsgemeenskappe (3.2.1.1, 3.2.4.1).

2. Leierskap binne die SAVGG funksioneer binne die paradigma van die *missio Dei* en is in wese *geloofsonderskeidend* van aard. Die fokus val nie op strategie of beplanning nie, maar op die onderskeiding van die gemeente en lidmate se gestuurde roeping met die oog op deelname aan die *missio Dei* in die onmiddellike konteks waarbinne die gemeente en gelowiges geroep, versamel en gestuur word (3.2.4.3).

3. Die uiteindelike doel van missionale leierskap is die *vorming van missionale geloofsgemeenskappe* as demonstrasie van God se voorkeurtoekoms vir die gemeente en gemeenskap (3.2.4.4). Die antwoord lê nie in die aflaai van die patrone en verstaansraamwerke vanuit die verlede nie, maar moet gevind word *vanuit God se ontluikende en aanbrekende toekoms* (3.5.1.6.1, 3.5.1.6.3).

4. Leierskap binne die SAVGG (missionale ekklesiologie) vervul 'n funksie wat radikaal verskil van die tradisionele (of kontemporêre) definisie of model van leierskap (3.2.4.2). Die kweek van 'n missionale gemeentekultuur vereis 'n nuwe paradigma van leierskap met nuwe leierskapsvaardighede en -kapasiteite (3.4.2, Roxburgh & Romanuk 2006:60).

5. 'n Missionale kultuur en -praktyk vorm in gemeentes waar 'n koalisie van leiers saam missionale gesag opneem (3.2.4.9, 4.4.1.2.1), geloofsonderskeidende gewoontes en praktyke vestig (3.2.4.7, 4.4.1.2.2), die gestuurde roeping van die gemeente verwoord en deurlopend daarop fokus (4.4.1.2.3), gesprek op alle vlakke deel maak van die gemeentekultuur (4.4.1.2.4), lidmate vorm en bemagtig vir deelname aan die *missio Dei* (3.2.4.5, 4.4.1.2.5), en 'n missionale taal en selfverstaan in die gemeente vestig (4.4.1.2.6).

6. Die vorming van die persoon en identiteit van die leier is binne die SAVGG van kritiese belang. Missionale leierskap het ewe veel te doen met "being" as met "doing". Van kritiese belang vir die leier self is dus die inoefening van geloofsvormende gewoontes en dissiplines met die oog op die vorming van 'n Bybelse identiteit en leefstyl. Die plek van die leier is aan die voorpunt van die geloofsgemeenskap – as demonstrasie van hoe gestuur-wees lyk en van wat dit in die praktyk beteken (3.2.4.6).

© University of Pretoria

5.2.2. Die predikant as missionale leier.

1. Missionale gesag setel nie in 'n individu of amp nie, maar in God Self wat aan die geloofsgemeenskap 'n gemeenskap van leiers gee om saam die missionale gesag uit te oefen vir die vorming van die geloofsgemeenskap as aankondiging en demonstrasie van God se beloofde en voorkeurtoekoms (3.2.4.9). Vanuit die amp en gesag wat kerkhistories aan die predikant in 'n gemeente toegeken word, vervul die predikant 'n unieke funksie binne die span en is hy 'n sleutelleier ten opsigte van die vorming van 'n missionale gemeentekultuur en -praktyk (3.3.1, 3.6.1, 4.4.1.2.1).

2. Die leierskapsvaardighede en -kapasiteite wat vir die predikant as missionale leier nodig is, verskil wesenlik van die vaardighede en kapasiteite wat binne die pastorale- en intrepreneursmodel van leierskap nodig is en waarvoor meeste leraars in die kerk opgelei is. Nuwe kapasiteit moet dus geskep word ten einde predikante te bemagtig vir die reis van gemeentetransformasie (3.4.4.3, 3.6.2).

3. As missionale leier is die predikant is in wese 'n kultuurskepper (4.4.2.1). Die resultaat van die kwalitatiewe ondersoek onderskei vier verskillende rolle of funksies vir die predikant as missionale leier of kultuurskepper (4.4.2.1, 4.4.2.2). Hierdie vier rolle korreleer grootliks met die resultaat van die literatuurstudie ten opsigte van die rol van die predikant binne die proses van die SAVGG (3.3.2, 3.3.3, 3.3.4, 3.3.5, 3.3.6) en kan as volg omskryf word:

   As **apostel of gestuurde** leef en modelleer die predikant(e) die spiritualiteit, waardes, praktyke en gewoontes van 'n gestuurde leefstyl (4.4.2.1.1, sien ook 3.3.3). Die vorming van die predikant as gestuurde is die vertrekpunt vir die vorming van missionale geloofsgemeenskappe (3.4.4.5, 3.6.4).

   As **teoloog en taalskepper** stel die predikant gestuurdheid bekend aan die leierskap en gemeente, vestig die taal konsepte van gestuurdheid, verskaf die teologiese onderbou vir gestuurdheid, en tree op as bewaker van die gestuurde roeping en identiteit van die gemeente (4.4.2.2.2, sien ook 3.3.4).

   As **fasiliteerder en begeleier van die proses van aanpassende kultuurverandering** maak die predikant 'n verbintenis tot gestuurdheid en rig die uitdaging, bou en bemagtig 'n koalisie van missionale leiers, hou die leierskap by die proses van

© University of Pretoria

geloofsonderskeiding, vestig missionale praktyke en gewoontes in die gemeente, en sorg vir balans en integrasie (4.4.2.2.3, sien ook 3.3.6).

As **geestelike begeleier en mentor** vestig die predikant geloofsonderskeiding as praktyk by gemeenteleiers en begelei lidmate in geloofsvorming en dissipelskap met die oog op deelname aan die *missio Dei* (4.4.2.2.4, sien ook 3.3.5).

4. Die tradisionele verwagting wat lidmate van die kerk en predikant het en predikante se bewustelike of onbewustelike toe-eiening daarvan, rig 'n geweldige uitdaging aan die vorming van die predikant as missionale leier en die volhoubaarheid van die missionale transformasie van geloofsgemeenskappe (4.4.1.3.3). Die oordrag van gesag en van die bediening vanaf die solo pastor na die geloofsgemeenskap is 'n wesenlike funksie van die predikant as missionale leier (3.3.5, Mead 1996:1-15).

5.2.3. Kernkapasiteite vir die predikant as missionale leier.

Kernkapasiteite waaroor die predikant as missionale leier moet beskik ten einde 'n gemeente suksesvol te kan begelei in die vorming van 'n missionale gemeentekultuur en -praktyk, hou verband met die verskillende rolle of funksies wat op die SAVGG reis aan die predikant toegeken word. Uit die literatuurstudie is deurlopend vanuit verskillende perspektiewe verwys na verskillende kapasiteite waaroor die predikant as missionale leier moet beskik (3.3.2, 3.3.3, 3.3.4, 3.3.5, 3.3.6, 3.3.7, 3.4.2, 3.4.3, 3.5.1.4, 3.5.1.5). Die SAVGG proses het ten doel om veral vyf kapasiteite in die leierskap van gemeentes in te bou, naamlik luister, risiko's, fokus, leer en groei, en deel en mentor (3.2.2, 3.2.4.7, 3.2.4.8). Die kwalitatiewe ondersoek onderskryf die verskillende kapasiteite soos uit die literatuurstudie en uit die SAVGG proses onderskei en identifiseer die volgende kapasiteite as kernbelangrik:

1. Die predikant as apostel of gestuurde.

Die eerste en mees fundamentele kapasiteit waaroor die predikant as missionale leier moet beskik hou verband met sy **eie apostoliese vorming as mens en as gestuurde** (4.4.4.1). Die onderliggende boustene (kennis, vaardigheid, houdinge en gewoontes) wat aan hierdie fundamentele kapasiteit ten grondslag lê, is die volgende:

- 'n Begronde en geïntegreerde **missionale teologie en roepingsbewussyn**.

© University of Pretoria

- Persoonlike **geestelike vorming en Bybelse navolging** van Christus.
- **Persoonlike integriteit en selfkennis**.

2. Die predikant as teoloog en taalskepper.

Die predikant se rol as teoloog en taalskepper veronderstel drie kapasiteite wat hand aan hand loop (4.4.4.2):

- 'n **Missionale** Bybelse **hermeneutiek**.
- 'n Koherente **missionale taal**.
- Goeie, energieke en entoesiastiese **kommunikasievaardig-hede**.

3. Die predikant as fasiliteerder en begeleier van die proses van aanpassende verandering.

'n Groep kapasiteite is nodig om die predikant as missionale leier te bemagtig ten einde die komplekse proses van aanpassende kultuurverandering te kan begelei en fasiliteer (4.4.4.3). Die volgende kapasiteite is in dié verband onderskei:

- Die kapasiteit om **onsekerheid en verandering te kan omarm en te kan hanteer as geleenthede waar God werk**, wat insluit:

  'n Diep en passievolle **oortuiging** dat **transformasie God se wil** vir die gemeente is en die wil om dit te laat slaag;
  Die kapasiteit om aanpassende verandering met **leerbaarheid**, **openheid** en 'n **bereidheid om te verander**, te kan hanteer;
  Die kapasiteit om **konflik, weerstand en kritiek** op 'n volwasse manier te hanteer;
  Die kapasiteit om met **geduld** te kan **volhard**.

- Die kapasiteit om **kultuur te kan transformeer en te kan vestig**, wat insluit:

  Die kapasiteit om **bestaande kulture** te verstaan en te respekteer;
  Die kapasiteit om die **proses van transformasie** te verstaan en te fasiliteer;
  Die kapasiteit om 'n alternatiewe toekoms te **visualiseer** en te **innoveer**;
  Die kapasiteit om **integrasie** te kan bewerkstellig;

© University of Pretoria

Die kapasiteit om **transformasie-kredietwaardigheid** te kan bou.

- Die kapasiteit om **missionale leierskap** op alle vlakke van die gemeente **te bou en vir die geloofsonderskeidende reis te bemagtig**.

- Die kapasiteit om **missionale praktyke en dissiplines te vestig**, wat insluit:

  Die kapasiteit om **gewoontes** te vorm en te vestig:
  Die kapasiteit om **vreemdelinge** en vreemdelingskap te omarm;
  Die kapasiteit om **grense** oor te steek;
  Die kapasiteit om te kan **eksperimenteer** en **risiko's** te kan neem.

4. Die predikant as geestelike begeleier en mentor.

Die predikant se rol as geestelike begeleier en mentor veronderstel twee kapasiteite wat kernbelangrik is (4.4.4.4):

- Die kapasiteit om self God se wil te kan **onderskei** en om **geloofsonderskeidende praktyke** in die gemeente te vestig.

- Die kapasiteit om gelowiges vanuit 'n nuwe rolverwagting in die totaliteit van die bediening te vorm en te begelei tot **Bybelse vorming en dissipelskap**.

5.3. BEVINDING TEN OPSIGTE VAN DIE NAVORSINGSDOELWIT EN NAVORSINGSHIPOTESE.

Die *navorsingsdoelwit* is soos volg omskryf: Die identifisering van die kernkapasiteite (*core-capacities*) waaroor 'n predikant moet beskik ten einde 'n gemeente suksesvol te begelei in die vorming van 'n missionale gemeente-kultuur en praktyk.

As navorser is ek van oordeel dat die navorsingsdoelwit bereik is en dat 'n betroubare en geloofwaardige antwoord op die navorsingsvraag gegee is. 'n Viervoudige rol is vir die predikant as missionale leier onderskei en die kernkapasiteite wat daarmee verband hou, is geïdentifiseer en beskryf.

Die sentrale *navorsingshipotese* in hierdie ondersoek is soos volg omskryf:

© University of Pretoria

1. Leierskap, en in besonder die persoon van die predikant, vervul 'n sleutelfunksie ten opsigte van die suksesvolle transformasie en vorming van 'n gemeente as 'n missionale geloofsgemeenskap.

2. Die kapasiteite waaroor die predikant as missionale leier moet beskik vir die transformasie van 'n hoofstroomgemeente na 'n missionale geloofsgemeenskap verskil wesenlik van die kapasiteite wat nodig is vir die bediening waarvoor meeste predikante opgelei is.

3. "Onderskeiding" en "vorming" is sleutelkonsepte ten opsigte van die identifisering van die kernkapasiteite wat vir hierdie proses van vorming en transformasie nodig is.

4. Die transformasie van die predikant self is die vertrekpunt vir die transformasie van die gemeente. Die transformasie van die gemeente begin by die transformasie van die predikant.

Al vier bogenoemde hipoteses is met die literatuurstudie in hoofstuk 3 deurgaans bevestig (3.2.4, 3.4.4, 3.5.1.6.5, 3.6). Die samevattende navorsingsbevinding (5.2) bevestig eweneens al vier die hipoteses. Leierskap, en in besonder die predikant, vervul inderdaad 'n sleutelfunksie ten opsigte van die suksesvolle transformasie en vorming van 'n gemeente as 'n missionale geloofsgemeenskap (Hipotese 1). Die predikant se eie vorming as apostel (gestuurde) en as missionale leier is kernbelangrik en vertrekpunt vir die missionale vorming van die gemeente (Hipotese 4). Die bevinding ten opsigte van kernkapasiteite vir die predikant as missionale leier bevestig dat rol en kapasiteite waaroor die predikant as missionale leier moet beskik, wesenlik verskil van die tradisionele rol en kapasiteite waarvoor predikante gevorm en opgelei is (Hipotese 2). Dat "onderskeiding" en "vorming" sleutelkonsepte is ten opsigte van die identifisering van die kernkapasiteite wat vir hierdie proses van vorming en transformasie nodig is, word eweneens deurgaans bevestig (Hipotese 3).

Die resultaat van die kwalitatiewe navorsing bied egter 'n belangrike verruiming ten opsigte van hipotese 3. "Onderskeiding" en "vorming" hou hoofsaaklik verband met die rol van die predikant as geestelike begeleier of mentor, en skep nie genoegsame ruimte vir die vierledige rol wat vir die predikant as missionale leier onderskei is nie. 'n Beter formulering, in die lig van die navorsingsbevinding, sal wees:

3. Die onderskeiding van die kernkapasiteite waaroor die predikant moet beskik ten einde 'n gemeente suksesvol te begelei in die vorming van 'n missionale gemeentekultuur en -praktyk hou verband met die

© University of Pretoria

vierledige rol en funksie wat vir die predikant op die reis na missionale gemeentevorming onderskei is. Kapasiteite wat die predikant bemagtig vir: 1. Sy eie vorming as apostel en gestuurde; 2. Sy rol as teoloog en taalskepper; 3. Sy rol as fasiliteerder en begeleier van die proses van aanpassende verandering; en 4. Sy rol as geestelike begeleier en mentor, is kernbelangrik en kan as "kernkapasiteite" beskryf word.

5.4. VERDERE NAVORSING.

Tydens die literatuurstudie en kwalitatiewe ondersoek is verskillende aspekte geïdentifiseer wat moontlik verdere navorsing verdien, wat insluit:

1. Leierskapsontwikkeling vanuit neurologiese perspektief (3.5.2 en 3.5.3).
2. Lidmate (en predikante) se tradisionele rolverwagting van die kerk en die predikant (4.4.1.3.3).
3. Kapasiteitsontwikkeling en begeleiding van predikante (4.4.5.1).
4. Kultuur en transformasie (4.4.5.2).
5. Geloofsvorming en lidmaatbemagtiging (4.4.5.3).
6. Kerkverband en missionale vorming (4.4.5.4. Verwys ook na Van Gelder & Zscheile 2011:157-161).
7. Die vorming van nuwe missionale geloofsgemeenskappe (4.4.5.5 en 3.3.6).
8. Die volhoubaarheid van missionale gemeentevorming oor die langer termyn (4.4.5.6).
9. Die ontwikkeling van kreatiwiteit en innovasie as kernkapasiteite in die proses van missionale gemeentevorming.

   Kreatiwiteit en innovasie is deur respondente onderskei as kernkapasiteite in die vorming van missionale geloofsgemeenskappe (4.4.4.3.2). Dit is egter na my mening 'n vraag of predikante en gemeentes in praktyk genoeg aandag gee aan aspekte wat verband hou met die vierde en vyfde beweginge van Scharmer se U-proses (3.5.1.3). Die belangrikheid van innovasie, eksperimentering en prototipering word deurlopend ook deur navorsers in die missiologie aangetoon (Byvoorbeeld: Niemandt 2007a:51,52; 2013:92-112; Hirsch & Ferguson 2011:201-224; Hirsch & Catchim 2012:182-201). Na my oordeel behoort hierdie belangrike aspek van missionale gemeentevorming (saam met 'n nuwe beklemtoning van geloofsvorming) groter prioriteit te kry binne die SAVGG proses en

© University of Pretoria

missionale gemeentevorming. Verdere nadenke en navorsing hieroor kan die proses van missionale gemeentevorming versterk en verryk.

5.5. FINALE KONKLUSIE.

As navorser is ek van oordeel dat die navorsingdoelwit bereik is en dat die navorsing as voltooi en afgehandel beskou kan word. Dit is my oortuiging dat die navorsingsbevinding belangrike nuwe inligting ontsluit wat 'n wesenlike bydrae sal lewer tot die vorming van predikante as missionale leiers en dat die vorming van geloofsgemeenskappe vir deelname aan die *missio Dei* hierdeur gedien sal word.

© University of Pretoria

Bylae A: Gespreksriglyn.

INLEIDING:

Aard & doel van gesprek

Toestemmingsvorm

Missionale gemeentevorming

Julle gemeente is deel van die Suider-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes en alreeds vir (meer as) 5 jaar op weg op die geloofsonderskleidende reis na gestuurdheid. In watter opsig, sou jy sê, verskil die gemeente vandag van die gemeente voordat julle met die reis begin het? Wat het verander?

Kan jy dalk 'n verhaal vertel wat hierdie verandering demonstreer?

Wat was, na jou mening, die belangrikste bydraende faktore tot die vorming van 'n missionale gemeente-kultuur en praktyk? Wat dink jy het julle reg (of goed) gedoen?

En die grootste uitdaginge of probleme? Wat dink jy sou julle by terugskouing dalk anders (of beter) kon doen?

Rol/funksie van die leraar

Hoe sien jy jou rol en funksie as predikant op hierdie reis na missionale gemeentevorming?

Wat sien jy as jou unieke en belangrikste bydrae tot die proses?

Wat was vir jou persoonlik die grootste uitdaging(e) om te bowe te kom?

Persoon (vorming) van die leraar

Hoe het deelname aan die reis vir jou as persoon en leraar getransformeer?

Ander faktore wat tot jou vorming as missionale leier bygedra het?

Ou kennis, vaardighede, houdinge of gewoontes wat jy dalk moes afleer?

Nuwe kennis, vaardighede, houdinge of gewoontes wat jy moes aanleer?

Kernkapasiteite

Wat is na jou oordeel die kern-kapasiteite (kennis, vaardighede, houdinge en gewoontes) waaroor 'n predikant moet beskik ten einde die gemeente suksesvol te begelei in die vorming van 'n missionale gemeente-kultuur en praktyk?

AFSLUITING:

Waaroor sal jy wil hê moet verdere navorsing gedoen word?

Samevatting van belangrikste punte gehoor

Enige ander vrae of opmerkinge?

© University of Pretoria

AANHALINGS RESPONDENTE.

Aanhalings PR_1.

All current quotations (60). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-20 11:29:37

P 1: PR_1 - 1:65 [Die tweede ding is geloofsonde..] (4:4) (Super)
Codes: [Geloofsonderskeiding: Geloofsonderskeiding word deel van die kultuur - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Die tweede ding is geloofsonderskeiding word deel van die kultuur en ek dink die vennootskap het relatief goed daarin geslaag om by die gemeentes wat rêrig wou deel wees, dit te bewerkstellig.

P 1: PR_1 - 1:66 [Ek is verbaas oor die hoeveelh..] (5:5) (Super)
Codes: [HanteringVerandering: Vermoë om veranderende konteks met hoop te hanteer verbeter - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek is verbaas oor die hoeveelheid gemeentes wat hoop ontvang. Dis asof daar 'n langtermyn..., ja, vermoë kom om die *knocks* wat die sekularisasie, of so te gee, om rustig in dit in te bly. Maar daar is 'n dieper teologie wat vir ons 'n *avenue* gee om tog te bly konnekteer met die gemeenskap. Ek het nou nie syfers nie, maar my indruk is dat gestuurde gemeentes sal in die tyd van versnelde sekularisasie minder ernstige getalle verliese hê, maar ek het nie syfers om dit te *back* nie. Ek het net 'n *gut* gevoel dat hulle, nie noodwendig dat die kerk nou..., dis mos nou nie 'n kerkgroei model nie, maar ek dink op die láng termyn, vanweë die faktore wat ek nou genoem het, bly daai gemeentes, is hulle vermoë om langer vitale gemeentes te bly in 'n veranderde konteks is definitief beter, ja.

P 1: PR_1 - 1:67 [Ek dink die gemeentes se vermo..] (3:3) (Super)
Codes: [Konteks: Vermoë om met konteks te konnekteer verbeter - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek dink die gemeentes se vermoë om met hulle konteks te konnekteer verbeter. Daar kom 'n taal en ook praktyke wat hulle ondersteun in hulle poging om met die gemeenskap wat nie kerklik inskakel nie, te konnekteer. Nou, dis natuurlik met wisselende sukses, maar dit is een ding wat ek sien.

P 1: PR_1 - 1:68 [Hier plaaslik het die [GEMEENT..] (11:11) (Super)
Codes: [06 TaalSelfverstaan: Ontwikkeling van missionale teologie en taal - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Hier plaaslik het die [GEMEENTE] die studente-bediening omarm as hulle gestuurdheid. Ek is redelik seker hulle sou gesukkel het daarmee as daar nie

© University of Pretoria

gevestigde missionale teologie onder hulle arsenaal was nie, of hulle taal nie geskuif het soontoe nie.

P 1: PR_1 - 1:69 [ek vermoed die gemeentes slaag..] (13:13) (Super)
Codes: [Konteks: Vermoë om met konteks te konnekteer verbeter - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

...[E]k vermoed die gemeentes slaag daarin om kort- en medium termyn verhoudings te bou oor grense. Ons slaag nie noodwendig daarin om multi-kulturele gemeentes te bou nie, maar die tegniek en die metodiek wat hulle aanleer in die vennootskap help tog om in die *community* meer *sustainable* verhoudings te bou. Daarvan is daar nou heelwat voorbeelde.

P 1: PR_1 - 1:70 [Ek dink daar is, altyd te min,..] (12:12) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Lidmate ontdek eie gestuurdheid - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek dink daar is, altyd te min, maar daar is genoeg voorbeelde van gemeentes wat lidmate help om hulle gestuurdheid, sê maar, 24/7 te leef. Dit hoor ek baie, dat dit amper ’n spontane beweging tot gevolg gehad het. En, anders as die *attractional* model, beteken dit nie skielik sit daar meer mense in die kerk nie. Maar in terme van koninkryksimpak is ek doodseker dat daar heelwat verhale is wat vertel van mense wat as gevolg hiervan...

P 1: PR_1 - 1:73 [En obviously die vermoë om gel..] (15:15) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Vermoe om geloofsonderskeidend te dink - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

En *obviously* die vermoë om geloofsonderskeidend te dink.

P 1: PR_1 - 1:74 [Is die ontwikkeling van missio..] (15:15) (Super)
Codes: [06 TaalSelfverstaan: Ontwikkeling van missionale teologie en taal - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Is die ontwikkeling van missionale teologie en taal, wat... Die hele taal skuif na weg van die kerk na God toe.

P 1: PR_1 - 1:75 [So, as daar ‘n taal gevestig w..] (15:15) (Super)
Codes: [05 Lidmaatbemagtiging: Vestiging van geloofsvormende praktyke by lidmate - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

So, as daar ’n taal gevestig word, leierskap geloofsonderskeidende praktyke aanvaar, en daar op lidmaatvlak geloofsvormende praktyke gevestig word om die dissiplines wat help om op God te bly fokus vestig in lidmate, skuif die *system*.

P 1: PR_1 - 1:76 [Dan, net die woord geduld. Om ..] (18:18) (Super)
Codes: [01 Projekbestuur: Geduld - om rustig te bly inhang - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Dan, net die woord "geduld". Om te kan aanhou al lyk dit asof niks verander nie, en

© University of Pretoria

dan skielik is dit asof alles verander. As daai kultuur begin swaai, dan het ek dikwels ervaar dat gemeentes in drie weke begin voel hier het 'n skuif gekom en hulle het dit nie gesien gebeur nie. Daai om rustig te kan inhang in die..., is 'n uitdaging. Want ek dink daar's dikwels *project managers* of meer liniêre denkers wat net wil oorvat.

P 1: PR_1 - 1:77 [Dit is verskriklik vreemd, aan..] (17:17) (Super)
Codes: [01 Projekbestuur: Om aan kultuur te werk - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Dit is verskriklik vreemd, aanvanklik, om aan die kultuur te werk. Ons ken dit nie. Vir die leiers om vaardige kultuur-skeppers te word, is 'n groot uitdaging.

P 1: PR_1 - 1:78 [Geloofsvorming, dink ek, het s..] (19:19) (Super)
Codes: [08 Geloofsvorming: Geloofsvorming van lidmate - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Geloofsvorming, dink ek, het soos wat ons aangegaan het in die proses al hoe duideliker na vore gekom as 'n geweldige uitdaging. As ons nie die lidmate se belewenis van God se teenwoordigheid in hul lewe beïnvloed nie, kan gestuurdheid nie grond vat nie. So, ek dink dit is iets wat gegroei het en nou in die nuwe ontwerp van die proses amper die vlagskip word om te sê, wat ons eintlik doen is ons vorm mense se geloof in 'n aktiewe teenwoordige Vader, Seun en Gees. *And the rest is history*. Jy weet, dis nou eenvoudig gestel, maar ons moes skuif van 'n strategiese proses na 'n vormende proses toe. Natuurlik is daar strategiese werk om te doen, maar oor die langtermyn was dit nie die vorming van visie wat die grootste verskil gemaak het nie. Dit was die taal en die *habits* en die geloofsvorming, dink ek.

P 1: PR_1 - 1:79 [Hy is 'n kultuur-skepper.] (21:21) (Super)
Codes: [06 TransformasieKultuur: Ds as kultuurskepper - Family: Leraar Rol]
No memos

Hy is 'n kultuur-skepper.

P 1: PR_1 - 1:80 [En, miskien meer close to the ..] (24:24) (Super)
Codes: [01 EieVorming: Eie geestelike vorming - Family: Leraar Rol]
No memos

En, miskien meer *close to the bone*, gaan dit oor die dominee se eie geestelike lewe, eie spiritualiteit. Ek moet vir jou sê, ek kan nie nóú dink aan plekke waar ek gedink het dit goed gewerk het, sonder dat daar nie skuiwe in die predikant se eie persoonlike lewe gekom het nie.

P 1: PR_1 - 1:81 [Die rol van die dominee is as ..] (22:22) (Super)
Codes: [04 Onderskeiding: Vestiging van geloofsonderskeidende praktyke by leiers - Family: Leraar Rol]
No memos

Die rol van die dominee is as geestelike leier, om geloofsonderskeiding as praktyk te vestig onder die leiers

© University of Pretoria

P 1: PR_1 - 1:82 [en dan lidmate individueel en ..] (22:22) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Geloofsvorming van lidmate - Family: Leraar Rol]
No memos

...[E]n dan lidmate individueel en in groepe as geestelike begeleier te begelei in geloofsvorming. En jy sou kon sê: dissipelskap.

P 1: PR_1 - 1:83 [Ek het dit op plekke gesien da..] (21:21) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Predikante nie meer leiers nie, maar geestelike begeleiers - Family: Leraar Rol]
No memos

Ek het dit op plekke gesien dat dominees sê: ons stel nie meer belang om besluitnemingsbevoegdheid te hê nie, ons wil net by die geloofsvormende deel betrokke wees. En dit veroorsaak dan die skuiwe. Maar dit vra geweldige nuwe kapasiteite by die dominee om dit te kan doen.

P 1: PR_1 - 1:84 [Dan, dink ek, sou 'n mens kon ..] (23:23) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Taalskepper - Family: Leraar Rol]
No memos

Dan, dink ek, sou 'n mens kon sê die dominee skep die taal, deur sy prediking, in die lering wat hy doen. Ek dink dit is definitief so.

P 1: PR_1 - 1:85 [Dan dink ek is daar rondom tra..] (27:27) (Super)
Codes: [34 Bereidheid om risiko's te neem - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Dan dink ek is daar rondom transformasie uitdagings om risiko's te neem, om só gesentreerd te wees in jou identiteit in Christus, dat jy bereid is om risiko's te neem.

P 1: PR_1 - 1:86 [Hulle is glad nie opgelei en g..] (26:26) (Super)
Codes: [42 Om te transformeer tot geestelike geloofsonderskeidende leiers - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Hulle is glad nie opgelei en gevorm vir die rol wat hulle nou moet vervul nie. Hulle is akademies gevorm. Pat beskryf dit baie goed in sy boek. So, ons het die vermoë om krities evaluerend na die sisteem te kyk, maar om onsself deel te maak van 'n reis waar God die beheer neem, daar's baie weerstande in onsself om dit te doen, vanweë die akademiese vorming. So, die uitdagings is om te transformeer tot geestelike, geloofsonderskeidende leiers, wat self geloofsdissiplines beoefen, en in die vermoë is om die gemeente daarin te lei.

P 1: PR_1 - 1:87 [Prakties net om te kan luister..] (31:31) (Super)
Codes: [41 Luister en luistersiklus - Family: Leraar Kernkapasiteite] [42 Om te kan luister - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Prakties net om te kan luister. (Lag) Jy weet, ons is verkondigers. Ons probeer mense oortuig, terwyl die skuif is: God is rééds teenwoordig in die gemeenskap. En ons *detect Divinity*. Ons luister tot ons hoor hoe God teenwoordig is by mense en sluit dan daarby aan. Ons bring God nie na mense toe nie, maar ons ontdek sáám met mense hoe God daar teenwoordig is. So, luister is die kern-kapasiteit, en dit veronderstel mos nou

© University of Pretoria

emosionele volwassenheid.

P 1: PR_1 - 1:88 [En ek dink hoë vlakke van denk..] (32:32) (Super)
Codes: [21 Konseptualisering en skepping van 'n nuwe taal - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

En ek dink hoë vlakke van denkvermoë, om te kan konseptualiseer, want dis mos nou ŉ nuwe taal wat geskep moet word.

P 1: PR_1 - 1:89 [Ek dink by van die gemeentes s..] (36:36) (Super)
Codes: [1 Geestelike verdieping en ontwikkeling van geestelike identiteit - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ek dink by van die gemeentes sien ek dat die dominee self geestelik verdiep het, of sy eie identiteit in Christus baie duideliker vir hom is as vroeër. Nie ŉ kerklike identiteit in die eerste plek nie, maar ŉ geestelike identiteit.

P 1: PR_1 - 1:90 [Hulle het hoop. Meer hoop as d..] (34:34) (Super)
Codes: [4 Hoop - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Hulle het hoop. Meer hoop as die verkrummelende kerk rondom hulle.

P 1: PR_1 - 1:91 [Ek dink nou aan ‘n spesifieke ..] (36:36) (Super)
Codes: [4 Hoop - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ek dink nou aan ‘n spesifieke dominee hier in [PLEKNAAM] – baie, baie broos. Hy is soort van *down and out*. Die gemeente is nog baie broos, maar hý self het baie hoop. En hy het vuur in sy oë. Jy weet, daar’s... Dis asof dit dominees help om weer te verstaan: hoe kan ons kerk wees in die tyd waarin ons is. Daar’s nie vinnige antwoordjies nie. So, daar’s ook dominees vir wie dit nié gehelp het nie, want hulle het ŉ antwoord gesoek. En ons kón dit nie vir hulle gee nie. Maar tóg, dié wat bly inhang het, daar’t iets dieper in hulle bewussyn geskuif, wat maak dat hulle met hoop bly voortgaan met die bediening in die post-Christendom era.

P 1: PR_1 - 1:92 [En dis asof..., wat my opval i..] (35:35) (Super)
Codes: [4 Volhoubaarheid - Family: Leraar Transformasie]
No memos

En dis asof..., wat my opval is, daar’s ŉ *tenacity* in die visie. Mense hou aan hiermee jare na... Ons was nou in [PLEKNAAM] daar by [NAAM&VAN] hulle, en daar was ŉ ouderling van [PLEKNAAM] Moedergemeente [KERKVERBAND], hulle is nou vakant. Hulle was ook deel van die reis. En ons wys toe vir hulle hoe lyk die nuwe wandel in die Woord. Ons het so bietjie veranderings daaraan gemaak. En hy spring op en hy sê: “Nee maar ons doen nog die ou wandel in die Woord. Hoekom het julle nou hier ŉ nuwe ding?” Nou, wat interessant is, hulle was van die eerste gemeentes, en dis nou sewe jaar later. Hulle dominee wat dit gelei het, is weg. En die praktyk het oorleef. En hulle het byvoorbeeld nou in ŉ vennootskap met die NG gemeente gegaan om ŉ gemeenskapsuitreik te doen So, dis interessant hoe die..., daar’s ŉ, sê maar,

© University of Pretoria

volhoubaarheid of *tenacity* aan die ding van, jy weet nie eintlik self nie, maar jy gaan aan met die goed sonder dat jy amper bewus is daarvan. Dit sien ek.

P 1: PR_1 - 1:93 [Ons was nou in [PLEKNAAM] daar..] (35:35) (Super)
Codes: [Wandel in die Woord - Family: Wandel in die Woord]
No memos

Ons was nou in [PLEKNAAM] daar by [NAAM&VAN] hulle, en daar was 'n ouderling van [PLEKNAAM] Moedergemeente [KERKVERBAND], hulle is nou vakant. Hulle was ook deel van die reis. En ons wys toe vir hulle hoe lyk die nuwe wandel in die Woord. Ons het so bietjie veranderings daaraan gemaak. En hy spring op en hy sê: "Nee maar ons doen nog die ou wandel in die Woord. Hoekom het julle nou hier 'n nuwe ding?" Nou, wat interessant is, hulle was van die eerste gemeentes, en dis nou sewe jaar later. Hulle dominee wat dit gelei het, is weg. En die praktyk het oorleef. En hulle het byvoorbeeld nou in 'n vennootskap met die [KERKVERBAND] gemeente gegaan om 'n gemeenskapsuitreik te doen So, dis interessant hoe die.., daar's 'n, sê maar, volhoubaarheid of *tenacity* aan die ding van, jy weet nie eintlik self nie, maar jy gaan aan met die goed sonder dat jy amper bewus is daarvan.

P 1: PR_1 - 1:94 [Ek onthou aan die begin het on..] (36:36) (Super)
Codes: ['n Nuwe verbeelding van die kerk in 'n post-Christendom]
No memos

Ek onthou aan die begin het ons mense moes oortuig van hoe lyk die post-Christendom. En dis nie meer nodig nie. Ons beleef dit elke dag, van die kerk wat absoluut na die rand toe geskuif het, en nou 'n nuwe *imagination* nodig het van hoe lyk geloofgemeenskap in 'n post-Christendom.

P 1: PR_1 - 1:95 [Ek dink dit is wat ek bedoel m..] (38:38) (Super)
Codes: [09 OpenheidVerandering: Missionale teologie nie vreemd vir lidmate - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ek dink dit is wat ek bedoel met geloofsonderskeiding - dat die fokus skuif van die kerk na God toe. En anders as wat ek dink ons verwag het. Dit sal interessant wees om te weet hoe die dominees hieroor praat, maar ek ervaar nie baie weerstand by lidmate as jy met hulle oor dié goed praat nie. As dit nou kom na die bestuur van die gemeente, en verandering in kerkraadsvergaderings, is daar *obviously* dan ... Maar as jy sê, maar eintlik gaan dit oor God. Eintlik gaan dit oor die Here wat ons lei deur sy Woord en sy Gees. En as jy rêrig nou dit eenvoudig wil stel, dan is die kerk 'n *community* van mense wat luister na God en na mekaar, en dít probeer..., wat hulle hoor, probeer leef. Jy weet, dan het ek baie dikwels die ervaring dat lidmate sê: jy weet, ek het ook eintlik nog altyd so gedink, maar dit het nooit só gewerk nie. So, die weerstand lê nie in die eerste plek ... Daarso is NG lidmate, as ons nou net NG praat, eintlik baie goed voorberei, want ons sit met 'n stuk evangelikale teologie nog al die jare. Dit is nóg daar.

P 1: PR_1 - 1:96 ['n Ander ding..., dis half vir..] (39:39) (Super)
Codes: [Wandel in die Woord - Family: Wandel in die Woord]
No memos

'n Ander ding..., dis half vir my moeilik om te sê wat is nou vennootskap en wat is die

© University of Pretoria

effek van die vennootskap in die *system*, want ek, daaroor..., dis nie waaroor jou studie gaan nie, maar ek dink dis absoluut massief. En dít is, gereformeerdes is op hulle beste as hulle saam die Bybel lees, hulle gló aan die Bybel. Nie fundamentalisties nie. Jy weet, maar ek meen, *deep down* glo ons dis God se stem aan ons, en deur týd sáám te spandeer in die Bybel - dít gee ontsettend *joy* en energie en vreugde vir gereformeerdes. Ek dink dit kan vir ander ook wees, maar ek ervaar dít baie beslis in ons *systems*.

P 1: PR_1 - 1:97 [Ek gaan dit 'n bietjie breër a..] (45:45) (Super)
Codes: [7 Teologiese skuif in die NG Kerk - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Ek gaan dit 'n bietjie breër antwoord, vir wat dit werd is. As jy gaan kyk na die beleidsdokumente wat die algemene sinode oor gereformeerde identiteit, oor teologiese opleiding, oor ekklesiologie, geneem het, was dit alles missionaal, of is die missionale teologie ongelooflik diep daarin. Nie die missionêre... Jy moet móói gaan kyk. Nelus het goed geskryf. Coenie en Malan het goed geskryf. Daar is baie duidelik 'n *distinction* wat daar kom. So, dit is duidelik dat die kerk in terme van sy verstaan van homself formeel geskuif het. Ek dink dit maak 'n verskil. Ek dink dit maak 'n reuse verskil. Nie dat elke dominee nou daai goed sit en lees nie, maar tog is dit asof daar 'n nuwe raamwerk gekom het. Of as ek dit ánders kan sê: om uit die neo-ortodokse Calvinisme, wat baie diep met apartheid verweef was, om dáárvan te kon loskom, was die missionale teologie absoluut 'n *gift* gewees. Ek verbáás my hoeveel mense Pat Keifert aanhaal. Party het hom nog nooit gehoor nie, maar hoor goed wat hy gesê het, en so aan. So, jy weet, mense soos hý en Bosch word nou meer gelees, en so aan. Ek dink daar is 'n teologiese revolusie aan die plaasvind.

P 1: PR_1 - 1:98 [En dan dink ek... Maar, Gert, ..] (47:47) (Super)
Codes: [7 Skuif vanaf debat na onderskeidende dialoog - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

En dan dink ek ... Wat in die sinodes gemoduleer is die afgelope paar jare - en ek praat nou Maar, Gert, dis baie baie subjektief..., maar net van waar ek nou betrokke was, in die Oos-Kaap en die Wes-Kaap, en by die algemene sinodes - het daar 'n skuif gekom van debat na *discerning* dialoog. (27:51) Ek onthou in die *gay* debat - was jy by daai sinode? - hoe hang daai baniere van die seisoen agter. Van respek, en deernis, en... *It just frank the whole conversation*. Die ou wat na wátter kant toe ook al bombasties, nie-luisterend wou wees nie, *was rejected*. Die kerk het middelgrond gesoek. Ek dink dit het ons geréd van 'n skeuring.

P 1: PR_1 - 1:99 [En kyk, die seisoen het vir on..] (49:49) (Super)
Codes: [8 Seisoen van Luister - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

En kyk, die seisoen het vir ons hulpmiddels gegee: die vrou by die put, die vergadering-goedjies, jy weet. Daar was 'n klomp hulpmiddels - die baniere, die siklus... Dis als dieselfde teologie, maar dit het vir ons hulpmiddels gegee om dit rêrig in die gemeentes in te vat.

© University of Pretoria

P 1: PR_1 - 1:100 [Daar het 'n klimaatskuif gekom..] (49:49) (Super)
Codes: [7 Teologiese skuif in die NG Kerk - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Daar het 'n klimaatskuif gekom. Ons leiers het – [... ... ...] - maar Coenie en Nelus, die res van die leierskap is mense wat missionaal dink.

P 1: PR_1 - 1:101 [Die missionale teologie bou 'n..] (45:45) (Super)
Codes: [09 OpenheidVerandering: Missionale teologie nie vreemd vir lidmate - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Die missionale teologie bou 'n *link* tussen gereformeerdheid - wat nog altyd gesê het die kerk bestaan nie ter wille van homself nie, ons het nog altyd 'n geminimaliseerde ekklesiologie gehad - en die evangelikale missionêre drifte van die kerk. So, jy weet, dit help dáái twee lyne om te *connect* met mekaar.

P 1: PR_1 - 1:102 [in 'n sogenaamde post-moderne ..] (45:45) (Super)
No codes
No memos

...[I]n 'n sogenaamde post-moderne omgewing na te dink oor God, bring die missionale teologie 'n verrassende Trinitariese teologie waarin die teenwoordigheid van God met gróter vrymoedigheid as in die verlede bely word. Want dis nou nie meer vas en dogma nie, hy is nou in *habits* en in die leefwyse van kerk ingebou.

P 1: PR_1 - 1:103 [Wat het nou die moratorium deu..] (53:53) (Super)
Codes: [Vennootskap se vermoë om kerklike kultuur en strukture te beinvleod]
No memos

Wat het nou die moratorium deurbreuk? Die VGK het nou in hulle sinode, het hulle geloofsonderskeidende praktyke gehad. Niemand... Waar kom dit vandaan? Kom uit die vennootskap uit. En niemand hoef die vennootskap te *qoute* nie. Jy weet, die vennootskap het nie 'n *bone of contention* geraak in die kerk nie. Dis die interessante ding. Hy't hier gevloei waar hy toegelaat is om te vloei. Hier en daar mense beïnvloed. En skielik het daar 'n skuif gekom. So ek, dis nou interessant, ek het nooit so daaroor gedink nie, maar ek dink nogal rêrig dis wat gebeur het. Daar't min... By julle was daar nou 'n streek wat besluit het ons wil dit doen. Maar meestal was dit maar hier 'n paar vrywilliggers. En gaan maar 'n bietjie aan, en gaan bietjie aan, en... So dit is, dit het nie die *power head-on* aangevat nie, dit het nie *structure* probeer skuif nie, dit het net die kultuur beïnvloed.

P 1: PR_1 - 1:104 [Ek dink nie mense kan iets afl..] (57:59) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer/Afleer - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Ek dink nie mense kan iets afleer nie. Ek dink 'n mens leer nuwe gedrag aan, en dan hou jy op om die ou goed te doen.
So, die klem val op die áánleer. Is dit wat jy sê?
Dis wat ek sien gebeur het. Ons het nie vir mense gesê: stop nou om dit te doen nie, ons het vir hulle nuwe opsies gegee. En hulle het dit begin doen. Hier by ons het ons mos 'n ding ontwerp wat ons noem die honderd dae van transformasie.

© University of Pretoria

P 1: PR_1 - 1:105 [Ons moet leer om te luister. D..] (64:64) (Super)
Codes: [Aanleer: Om te luister - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Ons moet leer om te luister. Dis so eenvoudig. So, as jy dit negatief wil stel: om debat te voer, om net te preek en te domineer in gesprekke, dít moet afgeleer word. Net rustig te wees en te luister.

P 1: PR_1 - 1:106 [Maar ek het die emosionele vol..] (65:65) (Super)
Codes: [Aanleer: Om te luister - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Maar ek het die emosionele volwassenheid, die vermoë om te *decentre* en te luister en jóú as geskenk te aanvaar. Ek was gister in 'n gesprek waar ons *'n* klompie mense wat in Communitas werk, kom ons sê opponerende idees gehad het... En dit was 'n fantastiese gesprek, want almal wat daar was kan luister. En onder dít lê emosionele volwassenheid, waar ek nie kleinserig is nie. So ek kán luister, al bring jy *disturbing evidence* na my toe.

P 1: PR_1 - 1:107 [En dán dink ek dit is om as do..] (67:67) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Dit gaan nie oor my nie, maar oor die ander - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

En dán dink ek dit is om as dominees te weet: dit gaan nie oor my nie, maar oor wat in lidmate se lewens gebeur. Om iets te kan *embrace* wat ek nie uitgedink het nie. Iets te kan *support* wat as 'n geskenk na my toe kom, wat nie deel van my beplanning is nie. Om ander te laat *shine* deur *coaching* en *mentoring*, en nie net ék wat op die kansel staan nie. Daai is 'n *massive* skuif. En daar is maar baie sterk narsisme in ons. Dis wat nou na my kop toe kom.

P 1: PR_1 - 1:108 [Die derde ding is om energie t..] (66:66) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Om energie te kan volg (act in a instant) - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Die derde ding is om energie te kan volg en nie noodwendig te skep nie. Met ander woorde, dis daai *floating* wat ons van gepraat het, jy weet, om te kan *float* en *float* en *float* en hier bring die Gees nou dinamika. En dan, *and then you act in an instant.* So, dis letterlik soos branderplank ry. Jy wag en jy wag, dan voel jy hier vát die golf jou, en dan gaan jy in die golf in. Jy moet ook iets doen, dis nie net dat jy passief is nie. So aan die een kant het jy die vermoë om te kan wag, met ander woorde nie in die action trap te wees nie, en aan die ander kant is dit die vermoë om in *a instance* te kan *act*. Dit sien ek ook. As dit nie... Ouens begin dan wag, en dan hang hulle. Dan moet ons nou ma kyk wat gebeur. Dit is nie dit nie. Dis daai om jouself te géé in die golf. Scharmer beskryf dit mos nou baie goed in sy ding.

© University of Pretoria

P 1: PR_1 - 1:109 [Die tweede ding is om te wag o..] (65:65) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Wag op die Gees - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Die tweede ding is om te wag op die Here en nie alles strategies, jy weet, te probeer beplan met prioriteite nie. Jy weet hoeveel keer ons dít in gemeentes gedoen het en wat daarvan gebeur het. Hoewel jy dit óók doen, maar om te wag en toe te laat dat die Gees, wanneer ons gereed is, ons skuif. Daai vermoë om rustig te kan wag, wat vra vir 'n dieper identiteit in Christus, wat beteken ek reageer nie uit my ego uit nie. Maar ek het die emosionele volwassenheid, die vermoë om te *decentre* en te luister en jóú as geskenk te aanvaar.

P 1: PR_1 - 1:110 [Die dominee moet persoonlike g..] (69:69) (Super)
Codes: [14 Geestelike volwassenheid - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Die dominee moet persoonlike geloofsdissiplines beoefen. So, hy moet geestelik volwasse wees.

P 1: PR_1 - 1:111 [Die dominee moet geloofsonders..] (69:69) (Super)
Codes: [41 Geloofsonderskeidende leierskap - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Die dominee moet geloofsonderskeidende leierskap kan gee

P 1: PR_1 - 1:112 [Die dominee moet kan coach en ..] (69:69) (Super)
Codes: [42 Geestelike vorming van lidmate - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Die dominee moet kan *coach* en mentor.

P 1: PR_1 - 1:113 [Coaching bedoel ek dat ek oor ..] (71:71) (Super)
Codes: [42 Geestelike vorming van lidmate - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Coaching bedoel ek dat ek oor die vermoë beskik om mense nuwe gedrag aan te leer, hulle stap vir stap te leer hoe om te bid. Want dit is die praktyk wat ons beoefen in die *missio Dei*. Ons bid. Ons lees natuurlik die Bybel ook, al daardie... Maar baie baie fundamenteel is die bewussyn, ek gebruik spesifiek die woord, dat God teenwoordig is. En dis in gebed wat dit beleef en ervaar word. En as mense nie net rasioneel *operate*, en nie ook toelaat dat in gebed hulle oop is vir die influistering van die Gees nie, weet ek nie hoe hulle missionale leiers gaan wees nie. Maar goed, die vermoë om mense dit aan te leer is *foreign* in ons sisteem. Ons kan goed verduidelik vir mense, maar ons sit nie en oefen mense deur die gedrag in nie. Ons ken dit nie. Dis maar waarna ek verwys.

P 1: PR_1 - 1:114 [En dan moet die dominee 'n koh..] (69:69) (Super)
Codes: [21 Koherente missionale taal - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En dan moet die dominee 'n koherente missionale taal hê, en dalk is dit sy kragtigste

© University of Pretoria

wapen. Wat van, wat die skuif van die kerk na God gemaak het, en Deïsme gegroet het, en met integriteit kan praat oor 'n teenwoordige Trinitariese God.

P 1: PR_1 - 1:115 [Ek dink mens moet waarskynlik ..] (73:77) (Super)
Codes: [33 Apostelskap - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek dink mens moet waarskynlik apostelskap bysit, Gert. Die vermoë by die dominee sélf om te kan konnekteer óór die grense van die gemeente in die gemeenskap met vreemdelinge, en ja, en instansies in die gemeenskap. Om met die stadsraad van [PLEKNAAM] of [PLEKNAAM] 'n rustige gesprek te kan voer as 'n missionaal... Ek dink dis 'n kapasiteit wat jy sélf moet hê, maar wat jy natuurlik ook moet vestig onder jou leiers.
Hoekom sou jy dit belangrik ag vir 'n dominee? Gaan dit oor die modulering? Of gaan dit...?
Dis presies die modulering. Ja, dis maar oor die modulering. Hier ís in die vennootskap dominees wat dit net natuurlik doen. In [DORPNAAM] is daar... Hy weet, daar is sulke interessante... En hulle is gewoonlik verdag in die kerk. Hulle is soos Petrus, hulle neuk na mense toe wat hulle nie behoort te neuk nie. Hulle bring, soos Pat sê, *a stranger world disrupt you*, want ek piepie op 'n ander manier as jy! En so, jy het net ouens wat gemaklik is daarmee, terwyl dominees wat nét met kerk mense kan werk en praat... Ek dink, ja...
So ek hoor jy sê dit gaan oor die modulering, maar ook oor sy eie vorming. Dit stel hom in staat om die konteks te ken en te lees.
Ja. So ons plons, jy weet. Jy moet dit maar self doen. Jy moet maar self in die dorp gaan stap en sien waar gee die Here vir jou geleentheid om te *connect* met 'n vreemdeling en net... Ons het nou, dink ek, wonderlike nuwe materiaal ontwikkel oor hoe jy só gesprek voer, in die plons nou. Jy weet, hoe luister jy na God se teenwoordigheid in daai persoon se lewe?

P 1: PR_1 - 1:116 [Die ontwikkeling van 'n missio..] (81:81) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Ontwikkeling van 'n missionaal-gereformeerde teologie - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Die ontwikkeling van 'n missionaal-gereformeerde teologie. Weet, presies hóé *connect* die gereformeerde teologie? Of ander..., ek praat uit 'n NG hoek uit met jou, daai ontwikkeling... Teologies gesproke, hoe werk vereniging met Christus. Nie geloofsekerheid nie, om verénig met Christus te lewe.

P 1: PR_1 - 1:117 [Praktyke oor geloofsvorming.] (81:81) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Praktyke oor geloofsvorming - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Praktyke oor geloofsvorming.

P 1: PR_1 - 1:118 [Die dominee as coach of geeste..] (81:81) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Ds as geestelike begeleier - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Die dominee as *coach* of geestelike begeleier.

© University of Pretoria

P 1: PR_1 - 1:119 [Die hantering van konflik in d..] (85:85) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Hantering van konflik in transformasie - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Die hantering van konflik in die proses van kultuur-transformasie.

P 1: PR_1 - 1:120 [Jy doen nou klaar die ding oor..] (85:85) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing : Uitdrukking van missionale rolle en die kerkorde - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Jy doen nou klaar die ding oor kapasiteite, maar ek dink ons moet ook dit kan uitdruk in terme van rolle, Artikel nege. Hoe lyk die artikel nege van die missionale dominee, en kerkraad?

P 1: PR_1 - 1:121 [Missionale eredienste] (85:85) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Missionale eredienste - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Missionale eredienste...

P 1: PR_1 - 1:122 [missionale inisiatiewe of klei..] (85:85) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Missionale groepe en uitreike - Family: Verdere Navorsing]
No memos

missionale inisiatiewe of kleingroepe, of.. Jy weet, hierdie kleiner bruggies in die gemeenskap wat gebou word, hoe lyk daai goed? Hoe werk dit? Wat is beter praktyke en slegter praktyke?

P 1: PR_1 - 1:123 [Die missionale dominees wat lo..] (89:89) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Missionale kerkverband - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Die missionale dominees wat loaners is, sukkel. Ek wonder hoe lyk die ondersteunings...? Hoe lyk 'n kerk waar ons mekaar onvoorwaardelik kan ondersteun in die uitleef van ons gestuurdheid, wat die dominee's ondersteun? Ons doen dit nou in die *clusters*, maar dis tydelike goed. Maar dan gaan ons terug na die ringe toe...

P 1: PR_1 - 1:124 [Ons het nou, dink ek, wonderli..] (77:79) (Super)
Codes: [Nuwe materiaal vir plonsing - Family: Nuwe Materiaal]
No memos

Ons het nou, dink ek, wonderlike nuwe materiaal ontwikkel oor hoe jy só gesprek voer, in die plons nou. Jy weet, hoe luister jy na God se teenwoordigheid in daai persoon se lewe?
Waar is die materiaal? Is dit deel van die venootskap?
Nee, dis te duur vir jou om te betaal. Nee, ons is besig om die nuwe *manual* te ontwikkel. Ons kan dit vir jou op 'n CD sommer gee, maar dis nog *untested*. Maar dit gaan daaroor dat jy luister na geloof, hoop of liefde. Wat is die Here? Waar is die Here? Kyk, dit is hierdie *massive* skuif van ons bring mos nou nie God na jou toe nie; God is mos nou klaar by jou. Ek bedoel, al het jy met die kerk niks te doen nie, die *imago Dei* is waar van jou. En êrens gaan jy sê, jy't hoop ontvang die afgelope tyd.

© University of Pretoria

En dan gaan ek vir jou sê, ek dink hoop kom van God af. As jy met 'n totale, jy weet, 'n sekulêre omgewing is waar jy God amper nie kan *pronounce* nie, dink ons die ding wat jy doen, is jy gee onvoorwaardelike belofte. Kyk, ons beloftes wat ons gee, of die hoop wat ons gee, is altyd voorwaardelik. As die arbeidsonrus net onder beheer kan kom. of as ons net n ander president kan kry, of net... Is wat óns bring vir mense, kom vanuit die onuitputlike bron. So as iemand oor hoop praat, kan ek die gesprek afsluit, as jy dit nou tegnies wil doen, om te sê, ek glo dat daai hoop is onvoorwaarlik.

P 1: PR_1 - 1:125 [Ek is sommer nuuskierig om te ..] (90:97) (Super)
Codes: [Honderd dae van geestelike transformasie - Family: Nuwe Materiaal]
No memos

Ek is sommer nuuskierig om te weet oor nuwe goed wat aan die gang is. Jy het nou klaar gepraat van die honderd dae transformasie, noem julle dit so?
Ja honderd dae van geestelike transformasie
Sou dié ding vir lidmate ook kon werk of net vir dominees?
Exactly. *Exactly*. Dis wat ons nou aan die ontwikkel is. As die vennootskap nou kom by 'n punt wat ons sê, dís nou ons gemeente roeping, dan vat ons die gemeente deur 'n proses en ons sê: nou wat is dít wat mense moet kan doen om hierdie roeping te leef? En dan identifiseer ons *disciplines*, of *habits*.
Wie is ons?
Wel, dis nou hoe die proses uiteindelik gaan lyk nou. Dan maak ons, amper soos veertig dae boekies, waar mense in sulke kleiner groepe op 'n geloofsreis kan gaan. Hy begin by die dominee, maar hy rol uit... Hy kán uitrol in die gemeente.
***Okay*. So dis die honderd dae van geestelike transformasie. Ek hoor, ek tel nou so orals op, julle is besig met 'n nuwe wandel in die Woord of geloofonderskeidende proses, ek weet nie wat noem julle dit nie.**
Ja, ons het 'n *operating system* ontwikkel vir hoe werk geloosonderskeiding, wat in vier bane funksioneer en sewe bewegings. Dit gaan ek nou vir jou gee. So, dis wandel in die Woord net so bietjie verder uitgepak met Godsvrae en goed by. So dis, jy raak so rustig, jy vat 'n dissipline, jy wandel in die Woord, jy luister diep, jy laat gaan jouself, jy wag op die Gees, jy luister is hier 'n fokus na vore kom, en jy gaan leef dit. Nou, dáái ritme het ons nou uitgepak as jy wandel in die Woord doen, as jy persoonlik met die Here besig is, as jy met individue in die gemeente kontak, of as jy met groepe in die gemeenskap kontak, pak ons hom so uit.

P 1: PR_1 - 1:126 [Want ons haal die kerklike bag..] (43:43) (Super)
Codes: [09 OpenheidVerandering: Missionale teologie nie vreemd vir lidmate - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Want ons haal die kerklike bagasie weg en gaan na die kern van die goed toe. En dan sê mense: ek het eintlik gedink dis nog altyd bedoel om só te wees. En daar ís ook ‘n... Hoewel ons formeel min evangelisasie doen, het ons nog nooit gedink die kerk is net vir homself nie. Dit het ons nog altyd gedink. Daar is áltyd in gemeentes daai kerngroep mense wat sê: maar *it’s beyond us*, dit moet oor meer as ons gaan.

© University of Pretoria

Aanhalings PR_2.

All current quotations (38). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-22 19:51:42

P 2: PR_2.docx - 2:1 [Een ding wat definitief anders..] (3:3) (Super)
Codes: [Taal/Selfverstaan: Selfverstaan skuif vanaf instandhouding na roeping en gestuurdheid - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Een ding wat definitief anders is, is die totale leierskap en, kom ons sê groot deel van die gemeente, dink glad nie meer aan gemeente-wees in terme van instandhouding nie, maar in terme van roeping en gestuurdheid.

P 2: PR_2.docx - 2:2 [En die tweede ding is, lidmate..] (4:4) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Lidmate dink toenemend aan eie lewe en beroep as roeping en bediening - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En die tweede ding is, lidmate begin toenemend oor hulle eie lewe en beroep dink as roeping en bediening.

P 2: PR_2.docx - 2:3 [as jy kyk afdeling vier, "gest..] (6:6) (Super)
Codes: [Taal/Selfverstaan: Selfverstaan skuif vanaf instandhouding na roeping en gestuurdheid - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

...[A]s jy kyk afdeling vier, "gestuurdheid en bediening", was daar nou 'n klomp vrae. Die meerderheid lidmate, sewe en sewentig persent, beskou hulle daaglikse lewe as roeping en bediening.

P 2: PR_2.docx - 2:4 [ons praat konsekwent die taal ..] (10:10) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Risiko vir Gemeente - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

...[O]ons praat konsekwent die taal dat jou bediening en roeping lê waar jy is. Waardeur jy jouself onbewustelik of doelbewustelik bietjie in die voet skiet, want jy sukkel 'n bietjie méér met, kom ons sê, jou kern-personeel hier. Maar dis vir ons *okay*. Die wins is groter.

P 2: PR_2.docx - 2:5 [En nóú gaan, nóú is al die vra..] (10:10) (Super)
Codes: [08 Geloofsvorming: Toerusting van lidmate om waar hulle is gestuurd te lewe - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

En nóú gaan, nóú is al die vrae wat ons vra, as mense die kopskuif gemaak het, in watter mate rus 'n mens hulle effektief toe om daar waar hulle is gestuurd te lewe.

© University of Pretoria

P 2: PR_2.docx - 2:6 [Die één is die [GEMEENTE] beur..] (18:18) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate bemagtig om met ondersteuningsgroepe te begin]
No memos

Die één is die [GEMEENTE] beursfonds wat lidmate, niks met die gemeente te doen nie, wat lidmate tot stand gebring het, en wat nou al 'n geweldige sterk organisasie is, wat 'n omset van omtrent tweehonderd en vyftig duisend 'n jaar het. Wat bruin en veral swart studente identifiseer wat graag verder wil studeer. Hoe die goed werk, is as hulle eers geregistreer is, dan kan hulle 'n staatsbeurs kry en al die soort van goeters. Maar dis 'n hele groep mense wat nou a. die fondse insamel, b. die kinders begelei om die regte studierigtings te kry, en vir hulle dan monitor, mentor, jy weet al daai soort van goeters. Met die *amasing*ste stories. Die verstommendste stories. Oor watter verskil dit in daai mense se lewe maak, jy weet. En dit is..., so dis ouens wat verstaan dit is waarvoor die kerk daar is, om sulke goed te doen.

P 2: PR_2.docx - 2:7 [Die ander is 'n jong outjie in..] (19:19) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate bemagtig om met ondersteuningsgroepe te begin]
No memos

Die ander is 'n jong outjie in die gemeente - jy sal dalk al êrens miskien die call 42 is... Watter nuusbriewe *is call 42* nou die dag oor... Die e-kerk se ding het 'n *call 42*. *Call 42* is 'n opname wat onder mense gedoen is, en veral besigheidsouens, oor soort van "God by die werk". En dis 'n outjie wat lidmaat van die gemeente is. Hulle het 'n groep bymekaar gekry, 'n interkerklike groep, jy weet, wat niks met die gemeente te doen het nie.

P 2: PR_2.docx - 2:8 [Die ander ding wat dink ek in ..] (20:20) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate bemagtig om met ondersteuningsgroepe te begin]
No memos

Die ander ding wat dink ek in terme van stories, is die finansbediening is baie gemaklik daarmee dat, kom ons sê 'n goeie sestig persent van die jaar se Sondae, is daar altyd iemand, een of ander instansie in die gemeenskap, wat *airtime* kry in die erediens om te sê: dit is wat ons doen; dit is ons behoeftes, aan bid, aan mense, aan geld, so aan. En dis als geld wat deur die kantoor as 'n posbus bestuur word, maar dit het niks met die begroting te doen nie. Dit hardloop heeltemal buite die begroting. En tot nog toe is die finansbediening *okay* daarmee dat die ouens wat dít doen, is ook die ouens wat vir die gemeente gaan sorg . En dit was tot nou toe so. So dis 'n doelbewuste keuse om nié, jy weet, mense so min as moontlik blootstelling te gee nie, maar so veel as moontlik.

P 2: PR_2.docx - 2:9 [Kyk, die ander stories natuurl..] (22:22) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate bemagtig om met ondersteuningsgroepe te begin]
No memos

Kyk, die ander stories natuurlik is die groot hoeveelheid lidmate wat dien op die direksies van gemeenskapaksies, en wat dit as kerk-wees beleef. Nou, dit is goed wat niks met die gemeente te doen het nie, maar, ek meen, as die voedingsaksie kom, as [OORDNAAM] kom, as [OORDNAAM] kom, as [BEDIENING], jy weet - groot bediening aan die straatmense - kom, jy weet, dan vertel hulle hulle stories en wys 'n *video clip*

© University of Pretoria

of wat ook al... En ja, ouens wie se harte geraak word, word op die een of ander manier betrokke, of dit nou finansieel is of andersins. So dit is 'n bietjie van 'n *theology of abundance* wat ons probeer leef, dat 'n mens nie... Dit hang baie baie saam met... dis gewoonlik, daar is seker 'n negentig persent korrelasie, dit is gewoonlik die aksie vir wie die deurkollekte daai Sondag is, maar met ander woorde - net seker dertig persent - ek het nou die dag met die almanak gewerk, net omtrent dertig persent van daai aksies is sinodale kollektes. Die ander is als spesiale instansies.

P 2: PR_2.docx - 2:10 [En een van die goed wat ons da..] (24:24) (Super)
No codes
No memos

En een van die goed wat ons daar baie oor praat, is die stories. Jy moet stories inbring, dan bring jy die behoeftes van die gemeenskap in die erediens in. En dit motiveer mense, jy weet.

P 2: PR_2.docx - 2:11 [En een van die goed wat ons da..] (24:24) (Super)
Codes: [06 TaalSelfverstaan: Stories motiveer mense - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

En een van die goed wat ons daar baie oor praat, is die stories. Jy moet stories inbring, dan bring jy die behoeftes van die gemeenskap in die erediens in. En dit motiveer mense, jy weet.

P 2: PR_2.docx - 2:12 [Wel een van die belangrikste g..] (26:26) (Super)
Codes: [06 TaalSelfverstaan: Ontwikkeling van missionale teologie en taal - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Wel een van die belangrikste goed wat ons gedoen het, is die vestiging van 'n taal. Ja, dit is iets wat ons verskriklik doelbewus gedoen het. Want kyk, ons is absoluut oortuig daarvan: taal skep werklikheid. Taal skep werklikheid, en daarom mekaar geweldig aangemoedig om - spesifiek in die erediens, dis maar waar jy dit kan doen - 'n gestuurde taal te praat. En baie die beelde te gebruik, jy weet - die bootjie beeld, wat ook redelik duidelike beeld vir mense is as hulle dit eers snap.

P 2: PR_2.docx - 2:13 [En dan om, eerder as om heelty..] (28:28) (Super)
Codes: [06 TaalSelfverstaan: Maak gestuurdheid die konteks van die prediking - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

En dan om, eerder as om heeltyd oor gestuurde, oor gestuurheid te preek, om amper op 'n natuurlike manier gestuurdheid in die meeste preke die konteks te maak, jy weet.

P 2: PR_2.docx - 2:14 [En dan, soos ek sê, die airtim..] (28:28) (Super)
Codes: [06 TaalSelfverstaan: Stories motiveer mense - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

En dan, soos ek sê, die *airtime* ding is 'n ding wat ons baie-baie ernstig gevestig het, want ons het geweet: daarmee skep jy mos nou ook 'n sekere werklikheid, dat dit gaan nie oor ons nie, dit gaan oor die wêreld, oor wat jy buitekant doen.

© University of Pretoria

P 2: PR_2.docx - 2:15 [Die vierde ding is verskriklik..] (28:28) (Super)
Codes: [05 Lidmaatbemagtiging: Klem op lewe en beroep as roeping en bediening - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Die vierde ding is verskriklik baie klem op dat ons almal in die bediening is, en dat jou lewe en jou beroep is roeping en bediening. Daarop het ons verskriklik klem gelê. 'n Ritueel wat ek persoonlik twee keer gedoen het hiervoor, is... Ons het 'n verkleinde kerkraad, so jy het mos nou nie elke jaar noodwendig n kerkraadsbevestiging nie. Maar twee keer wanneer 'n ou kerkraadsbevestiging gehad het, dat ons nou die studente-leiers bekend gestel, die kerkraad bevestig, en dan het ek die héle gemeente laat opstaan en hulle bevestig in hulle bediening - as 'n ritueel.

P 2: PR_2.docx - 2:16 [Maar vóór dit nog, was die hel..] (28:28) (Super)
No codes
No memos

Maar vóór dit nog, was die hele verandering van kommissies na bedieninge, en vir jare het ons die netwerk kursus aangebied - wat vir lidmate wou help om hulle roeping en passie te ondek, en dán... wáár wil die Here jou nou gebruik? So, die *mindset* van roeping, bediening in terme van jou passie en jou gawes, óók vanuit die netwerk-bediening was vir jare baie voorop, jy weet.

P 2: PR_2.docx - 2:17 [Interessant, dit is, ek bedoel..] (30:30) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Verdieping van proses - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Interessant, dit is, ek bedoel, ek sal sê dit is golf een, en daar het 'n duisternis van bedieninge ontstaan - sommige meer, sommige minder volhoubaar. Golf twee was toe ons vir die ouens baie meer attent gemaak het op: jy hoef nie deel van 'n bediening te wees nie om 'n bediening te hê nie. Jou lewe is bediening. Dit is golf twee. En dit maak ons *okay* daarmee dat... Ja, dit is nie nodig dat daar 'n duisternis bedieninge in die gemeente moet wees, wat vir jou die gevoel kry, o*rraait*, dit is 'n aktiewe gemeente nie. En jy moet ook wéér jou hele *mindset* verander. Jy méét nou aan ander goed, verstaan?

P 2: PR_2.docx - 2:18 [En die derde beweging is amper..] (34:34) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Verdieping van proses - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En die derde beweging is amper nóú dat ons vir onsself sê: *Right*, ons aksent is nou baie sterk op *faith-formation*, geloofsvorming, wat jou in staat stel om, *wherever*, geloof te leef, gestuurd leef. Jy weet, jou roeping te leef. Dit, dink ek, is die... Daarom, een van die goed waaroor ons geweldig baie dink, is wat ons nou maar noem "*God at work*". Hoe jy oor die gemeente ouens toerus om *God at work* te ervaar en te leef - watter beroep jy nou ook al het. Dit is iets waaroor ons nou baie-baie dink. Nog nie veel gedoen het wat goed is nie, maar ons voel daar is dit is 'n volgende...

© University of Pretoria

P 2: PR_2.docx - 2:19 [Ons interessant genoeg ewe ski..] (34:34) (Super)
Codes: [08 Geloofsvorming: Aksent op God at work - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ons interessant genoeg ewe skielik 'n horde relatief vroeg-afgetredenes wat nou "*from succes to signifficance*" (??? se boek), en wat baie van hulle genoeg geld het dat hulle nie noodwendig hoef te dink aan 'n inkomste nie. Maar hoe raak die gemeente vir só 'n ou, vir dié klomp ouens, 'n *resource* om hulle te help om te dink oor hulle tweede loopbaan as roeping - as iets waar ek nou regtig waarde toevoeg. Ek was nou suksesvol, wat ek gedoen het. Hoe kan ek nou *significance* toevoeg?

P 2: PR_2.docx - 2:20 [Kyk, één ding wat ek nog heelt..] (44:44) (Super)
Codes: [07 Leierskap: Verbreding van gestuurde leierskap - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Kyk, één ding wat ek nog heeltyd vir my gesê het ek dink nie ons doen hoegenaamd goed nie, is leierskapsontwikkeling. In die gestuurde-gemeente proses, weet ek, was ons baie dankbaar daaroor dat ons mense... As mense sou praat oor die leierskap van die gemeente, dan sal die mense dink aan onder andere die dominees. Toe word ons 'n span van vyf. Nou is ons 'n groot span. Nou raak dit moeiliker. Daar is nou 'n baie groter bedieningsspan en al die soort van goed. Maar, daar is nou sleutelpunte, jy weet, finansies en diensverhoudings en goed wat ouens rêrig eienaarskap vat. Maar om mense nou, om 'n kerkraad nou deurlopend eienaarskap te gee as mense wat heeltyd nadink, visionêr nadink oor die gemeente se roeping, raak moeiliker want daar is net soveel meer uitvoerders. En dit is nou 'n groot span wat heeltyd dit doen, in elk geval, jy weet. So ons doen baie moeite om die kerkraad en die kerkraadbyeenkomste of vergaderings so in te rig dat dit nié gaan hoegenaamd net om administrasie nie, maar dat dit gaan om sáám aan geloofsonderskeidend te probeer dink oor uitdagings en inisiatiewe, jy weet, en dié soort van goed. So, dit is nogal vir ons 'n ding wat nogal taamlik vóórop is, wat ek sien. En, ja, ek dink die fokus op groepleiers wat jy, soos die *charismats* sê, opwek in die gemeente. Ek dink dis 'n leemte. Ek dink dit is mý leemte wat ek nog altyd bedink.

P 2: PR_2.docx - 2:21 [die rol van gemeenteleiers om ..] (46:48) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Taalskepper - Family: Leraar Rol]
No memos

...[D]ie rol van gemeenteleiers om die visie te kry en te dryf en die taal te praat, was verskriklik belangrik. Ons het net in die visioneringsgroep baie gepraat daaroor. Die ouens wat maar aan die woord is as die gemeente bymekaar is, is die dominees.
So hulle is maar die skeppers van die taal. (28:08)
Hulle moet die taal skep. Hulle moet die droom lééf, en die taal skep, en die entoesiasme oordra. Ek dink dit kan nogal fout gaan, moet ek jou sê, waar jy 'n gemeente het waar jy 'n sterk leier het - nie predikantsleier - wat die proses dryf. As die predikant of predikante nie ook totaal uitverkoop is daaraan nie, dan gaan jy sukkel, want jy kan maak wat jy wil, die goed gebeur in die erediens. Jy kan mos nou..., jy sal nou weet, in enige transformasie is jou geskrewe kommunikasie, móét jy heeltyd, heeltyd aanvul met persoonskommunikasie, anders beteken daai geskrewe kommunikasie baie min. En die ouens wat maar in die gemeente die persoonskommunikasie doen, is die dominee. So, ja, jy moet maar daai droom lééf. En die dominees moet daar met entoesiasme oorkom aan die anderkant.

© University of Pretoria

P 2: PR_2.docx - 2:22 [Kyk in mý geval moet ek jou sê..] (50:50) (Super)
Codes: [3 Visionêre leierskap en implementering - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Kyk in mý geval moet ek jou sê... En ek en ou [NAAM] het ook baie keer gepraat, deur die Here se genade het ek die gawes om te kan implementeer. En die meeste pap val op die grond tussen die plan en die doen. So, iemand moet in die gemeente heeltyd dink oor: hoe laat ons dit gebeur? Heeltyd daaroor dink. En ek wil vir jou sê..., ek, wel in ons span is my *job description* visionêre denke en leierskap. Ek moet heeltyd visionêr nadink en lees oor die gemeente se roeping en gestuurdheid en al die soort van goeters. Maar jy móét, jy móét... En as die dominee, of van die dominees nié die gawes het van implementering nie, dan moet daar ander leiers wees, en dan moet die dominee groot genoeg wees om te sê: ek is die visiedraer, maar daar is ouens wat die heeltyd vir ons moet adviseer: hoe laat ons dié ding werk? Hoe gee ons die ding hande en voete? En moet hom heeltyd vertaal in terme van praktiese hande en voete. Nou, dáár, weereens, het die visioneringsgroep gehelp, wat hééltyd half op 'n baie ontspanne, oop manier dink van: hoe swaai ons die kultuur? Hoe maak ons dat, as hierdie gemeente weer moet beroep, dan is dit nie 'n kwessie van... Dan moet dáái ou wat kom, inval by die kultuur. Hy kan nie sy eie *culture* kom vestig nie. So, dít: die visionêre leierskap, die visiedraer en die implementeerder, sou ek sê is die twee kerngoeters.

P 2: PR_2.docx - 2:23 [Daarmee sáám moet die gemeente..] (50:50) (Super)
Codes: [34 Om verandering en onsekerheid te omarm - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Daarmee sáám moet die gemeenteleiers, en die dominees spesifiek, *okay* wees met die hantering van verandering, met onsekerheid. Ek dink dit is een van die grootste gevare... Toe ons begin het met die visie-proses - nog vóór gestuurde gemeentes - toe het ons dít vir mekaar gesê... Gewoonlik in 'n gemeente, en in elk geval definitief predikante, as jy 'n plan of projek in die gemeente loots, dan wil jy met die afskop weet presies waar ons gaan uitkom. As jy dit nie onmiddellik kan afleer nie en verstaan: dis eintlik afhanklikheid van die Here nie, gaan jy nie vorder nie. Die teks wat verskriklik skerp die afgelope twaalf jaar met mý gewerk het, is Abraham se teks in Hebreërs elf: Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom. Ek het toe verstaan: ek het in my lewe nog nooit besef wat dit is om te glo nie, en om die Here gelowig te volg nie. Want ons kan nie dit doen nie, ons wil weet waar ons gaan uitkom. Toe het ons die táál ontwikkel om te sê: ons plavei die pad soos ons dit loop. En vir mekaar gesê: dit is *okay* om as iemand nou vir jou sê, "maar *oraait* julle doen dít, nou waarnatoe gaan dit nou lei?", om te sê: "ons weet nie". As jy nie dáármee *okay* kan wees nie, dan gaan jy sukkel. En dit het te make met geestelike volwassenheid. Dit het óók te maak met persoonsvolwassenheid. En dit het te make daarmee dat sowel die geestelike, die kerkraad en die gemeente as die dominee sélf, *okay* is daarmee dat die dominee nie weet nie. Hy raak nie meer die een wat weet nie. Hy raak net 'n medereisiger wat entoesiasties saam reis. Maar hy weet hy weet nie, en hy moenie voel hy moet weet nie, en daar moenie die verwagting wees dat hy weet nie.

© University of Pretoria

P 2: PR_2.docx - 2:24 [‘n Control freak wat onsekerhe..] (56:56) (Super)
Codes: [4 Control freak wat onsekerheid omhels - Family: Leraar Transformasie]
No memos

’n *Control freak* wat onsekerheid moet omhels. Ek bedoel, ek kan nie vir jou sê watter skuiwe daar in my, in myself moes kom, my tipe persoonlikheid, en my pad met die Here nie. Die héél belangrikste van dié reis is die mate waarin almal in leierskap dit ervaar as ’n reis met die Here wat vir hulle bring op ander plekke as wat waar hulle wou gewees het. Wat mý in my kop... Die Here wat vir Petrus sê hulle sal jou bring op plekke waar jy nie wil wees nie. Jissie! Ek moes ongelooflik leer om *okay* te wees buitekant my gemaksones. Ons hou van ons gemaksones. En dit is maar amper my storie die laaste twaalf jaar. So, dit sal ek sê is iets wat ek moes leer, baie sterk.

P 2: PR_2.docx - 2:25 [Kyk, dit verander ook jou..., ..] (58:58) (Super)
Codes: [8 Verander jou hele fokus in die bediening - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Kyk, dit verander ook jou..., dit verander jou hele fokus in die bediening. Dít moet ’n mens net weet. Kyk, dit het mý verander van iemand wat vir die éérste keer verstaan hóé belangrik is geloofsgewoontes vir mens se eie geestelike reis met die Here, vir jou eie geloofsvorming. En wat vir die éérste keer verstaan: dít is eintlik die reis waarop ons lidmate moet begelei. En ons, dit is nou al ’n paar jaar wat ons dit probeer doen. En ons is verskríklik... Dit is geweldig *fulfilling*. Maar jy moet ’n klomp kopskuiwe maak. Jy moet kopskuiwe maak na kleiner groepe toe. Jy moet kopskuiwe maak na jou toerusting - nie om almal gelukkig te hou nie, jy kan nie. Maar in mý geval het dit vir my ‘n nuwe energie gegee as... Dít is my fokus: om mense te begelei in terme van *faith-formation*, geloofsvorming. Ek dink dit het my meer as enigiets anders uitgedaag *to practice what you preach.* Ek het op ’n keer vir die ouens eerlik van die kansel af gesê ek het nou al so baie oor geestelike dissiplines gepreek, ek dink ek behoort dit ook te begin doen.

P 2: PR_2.docx - 2:26 [En dan wil ek vir jou sê, as d..] (58:58) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Nuwe manier van Bybellees - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En dan wil ek vir jou sê, as deel van hierdie reis, en dis nou ons kollega [NAAM&VAN] - wat nou baie stérk is in hierdie *spiritual directing* en die soort van goeters - het óns begin met om mense te help om die Bybel te lees in terme van die *lecto divina* proses, wat eintlik mos maar beteken jy lees een teks gedeelte vir ’n week lank. En ons het so ’n hele ding begin met ’n sewe weke proses vier jaar gelede in die gemeente, dit het uitgeloop op dat ons elke... Ons het nou permanent, het ons ’n Bybellees-rooster wat ons vir ons uitwerk na aanleiding van die ???? lectionary, om die geloofsgewoonte te vestig om die Bybel op só manier te lees dat Gód iets in jou lewe kan doen. Ons is ongelooflik dankbaar dat, na net twee jaar dat ons dit begin het, ses en dertig persent van die ouens gesê hulle doen dit al. Dit is net vir ons verstómmend gewees. Helemal verstommend. Ja, die groot persentasie lidmate wat na ’n relatiewe kort tyd die gemeente se Bybel-lees rooster volg. By lidmate in klein groepe is dit vier en veertig persent. Lidmate wat die eredienste gereeld bywoon, is dit agt en dertig persent. Interessant, lidmate wat die erediens nié gereeld bywoon tien agt persent. Ons wou toets wat doen die erediens aan die héle ding, ja, jy weet. En dít, wil ek nou vir ek vir jou sê, het ek nou al baie keer vir mense gesê die laaste ruk, ek is kwáád, kwáád, dat

© University of Pretoria

ek sestig jaar oud moes word voor iemand vir my geleer het om die Bybel só te lees. Want ek bedoel, dis net 'n ánder boek. ’n Ou beleef net in jou klein groep waar ouens dit nou só doen... Mense het nie meer boekies nie, dis die Bybel wat hulle lees. So, dít is ’n ding wat in my ’n enorme transformasie... Ja, die groeiende behoefte...

P 2: PR_2.docx - 2:27 [En ek dink net, ouens moenie i..] (58:58) (Super)
Codes: [14 Ds se eie reis met God - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En ek dink net, ouens moenie illusie hê nie. Dít wat hierdie reis aan die dominees doen, gaan wéés wat afgee op die gemeente. Jy kan op jou kóp staan... Ons het nou, interessant genoeg, as kollegas nogal baie gepraat oor die stelling - jy kan nie iemand geestelik verder lei as wat jy sélf is nie. Nou, dis ’n stelling waaroor ’n mens lánk kan debatteer. In die Bybel-oggend wat ons nou verskillende boeke altyd saam gebruik, het ons, het [NAAM] nou vir ons die ding ánders geformuleer, dat die Katolieke Suster Mary, wat vir haar nou in die *spiritual directing* kursus begelei, sê dit anders, sy sê jy kan nié vir iemand anders iets gee wat jy nie sélf ontvang het nie. En ek dink dit is verskriklik waar van die proses. En, so, ek sou wil beweer dat die fundamentele..., een van die fundamentéle goed in dié proses, is die predikant of predikante se eie reis met God. As dáár nie skuiwe kom nie, kan jy ál die *tricks* in die boek probeer...

P 2: PR_2.docx - 2:28 [Nou, ek is, ek wil beweer, dít..] (60:60) (Super)
Codes: [43 Om mense te help om as dissipels te leef - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Nou, ek is, ek wil beweer, dít wat in terme van die *global village* in mense se koppe gebeur, gaan die mense wat op ’n Sondag in die erediens sit, gaan ál hoe meer vir die grootste persentasie mense wees wat daar is, wat hulle wíl gehelp word om as dissipels van die Here te leef. Nou, as jý as dominee nie op daai reis is nie, dan’s dit *gone*. Dan is dit *gone*. En ek dink dit is die gróótste, gróótste uitdaging. Want ons dominees is méésters daarin om ánder mense van God te vertel en nie self op die reis te wees nie. Ons absoluut kunstenaars daarmee.

P 2: PR_2.docx - 2:29 [Ek het nou sommer gewonder oor..] (61:62) (Super)
Codes: [2 Herontdekking van geloofsvormende gewoontes - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Ek het nou sommer gewonder oor die ánder faktore náás die vennootskap wat op jou eie vorming as persoon ’n invloed gehad het. Jy het dit nou eintlik al dit geantwoord, dink ek. Want wat ek nou gehoor het jy sê is: jou blootstelling aan Dallas Willard, aan hierdie spiritualiteitsbeweging, Willem Nicol, *ancient future*, hierdie tipe van herontdekking van mense se geloofsgewoontes wat oor jare hulle lewens gevorm het.
In die hele poging in die gemeente om te vra, hoe help ons lidmate met geloofsvorming, is één van die goed wat ons toe begin het die Bybel-oggend en later die Bybel-aand, waar ons nou sulke soort van goed saam met die lidmate lees. Ouens wat wil dieper insak. Wat... En dit het n enórme effek op my lewe gehad, jy weet. Sáám met my kolegas, jy weet. Ek bedoel, ons het een jaar Pinkster gehou oor Bryan McClaren se “*Everything must change*” en die “*Secret message of Jesus*”. So, ja, die blootstelling aan daai soort goed wat jy nou sal weet...

© University of Pretoria

P 2: PR_2.docx - 2:30 [Jy't klaar eintlik verwys... E..] (65:66) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Om die Here te vertrou - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Jy't klaar eintlik verwys... Ek het gewonder: wat moet 'n mens afleer teen opsigte van ou kennis, vaardighede, houdings en gewoontes? Jy het nou klaar verwys daarna, jy moes afleer om hierdie *control freak* wat jy was, om alles te wil beheer en om die uitkoms vooraf te weet, nê. Jy moes leer ... Wat jy nou moes aanleer is wat jy gesê het, jy moes leer om onsekerheid te omhels.
Ek moes leer om die Hére te vertrou. Ek moes leer om die Hére te vertrou. En ek moes leer dat dit *actually* die Here se gemeente is. So, ja dit moes ek afleer.

P 2: PR_2.docx - 2:31 [Maar ek sou wél in nommer een ..] (70:70) (Super)
Codes: [14 Ds se eie reis met God - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Maar ek sou wél in nommer een sit: die bereidheid om op 'n nuwe reis met God te gaan. Daaroor is daar by my geen twyfel nie. En die fóút wat mense sal maak, is om net te dink aan jy weet ander soort van kapasiteite wat te make het nou met denke en bestuur en sulke soort van goeters.

P 2: PR_2.docx - 2:32 ['n Tweede geweldige belangrike..] (70:70) (Super)
Codes: [30 Leerbaarheid - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

'n Tweede geweldige belangrike kapasiteit is leerbaarheid, *teach ability*. En dis nie net híér nie, in enige beroep vandag... As jy nie leerbaar is nie, is jy *useless*. So, leerbaarheid.

P 2: PR_2.docx - 2:33 [Ek sou sê nommer drie: die oor..] (70:70) (Super)
Codes: [30 Oorwinning van persoonsinsekuriteit - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek sou sê nommer drie: die oorwinning van persoons-insekuriteit. Want dit is persoons-insekuriteit wat maak dat mense nie leerbaar is nie, dat hulle bedreig voel.

P 2: PR_2.docx - 2:34 [Die vermoë om 'n visiedraer te..] (70:70) (Super)
Codes: [21 Vermoe om entoesiastiese visidraer te wees - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Die vermoë om 'n visiedraer te wees, 'n entoesiastiese visiedraer. Dit is gewéldig belangrike kapasiteit.

P 2: PR_2.docx - 2:35 [Ek het reeds genoem die implem..] (70:70) (Super)
Codes: [30 Vermoe om verandering te implementeer - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek het reeds genoem die implementering of jou eie kapasiteit of deel van die pakkie se kapasiteit moet wees: hoe kry ons dié goed, jy weet, op die grond? Ja, die

© University of Pretoria

veranderings-ding het ek mos nou genoem.

P 2: PR_2.docx - 2:36 [Weet jy, en ek sal amper sê al..] (76:76) (Super)
Codes: [30 Leerbaarheid/Insekuriteit - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Weet jy, en ek sal amper sê alles wat te make het met leerbaarheid, eie insekuriteit, verandering. Wat nie daar is nie, is die verandering in jou rolverwagting. Al dáái goed. Kyk, dis dieper kapasiteit wat mense baie keer nié aan aandag gee nie. Mense gee baie keer net aandag aan die funksionele kapasiteite. Hierdie goed bepaal of die funksionele kapasiteite iets uitgerig kry of nie. En as jy nie daai onderskeid maak nie en jy... So ek sou sê: géestelike kapasiteite, persoonskapasiteite, en funksionele kapasiteite - dis die drie goed. Maar in dáái volgorde. Geestelike-, persoons-, funksionele kapasiteite. En ek dink die grootste fóút wat mense maak, is hulle fokus net op drie, en hulle verstaan nie dat een en twee bepaal drie... In elk geval, op die lang termyn..., daar kan géén volhoubaarheid wees met drie as een en twee nie daar is nie. Dis *impossible*. Jy kan 'n paar *tricks* maak.

P 2: PR_2.docx - 2:37 [Ek dink daar moet navorsing ge..] (80:80) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Hoe meet jy gestuurdheid? - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Ek dink daar moet navorsing gedoen word en gedink word oor die vraag: hoe meet jy die "suksesvolheid" (in aanhalingstekens) van 'n gemeente? Hoe meet jy of die gemeente dit regkry om sy roeping te leef? Ons sal moet baie nadink oor ander maniere van meet. Kyk, ons het wél aanvanklik die indruk gekry dat as mense – wel, nie net aanvanklik nie, ons dink dit nóú nog so - as mense begin agterkom die gemeente se gesig is na buite toe gedraai, dan gee hulle maklik hulle geld ook vir die gemeente. Want mense gee nie meer vir instandhouding nie. Nou kyk, die twéé goed waaraan mense mos nou maar meet, is getalle en geld. Dit sê ek om te sê dat dit tóg wil lyk... Ja, laat ek nóg 'n ding sê. Oor begroting moet, sal mense moet verder dink en wegkom van die kategorieë besteding na binne en na besteding na buite. Wat nou áltyd mos was, ons meet of ons na buite leef deur te kyk hoeveel geld in ons begroting gaan nou na buite. Nou, binne 'n gestuurde konteks is dit absolute twak, en mense verstaan dit nog nie. Want, nou is álles na buite. As jou dominees nou hulle *job* reg doen, is die geld wat jy op húlle spandeer, besteding na buite.

P 2: PR_2.docx - 2:38 [En, dink ek, ook oor die ding ..] (82:86) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: God at work - Family: Verdere Navorsing]
No memos

En, dink ek, ook oor die ding wat ons nou mos sê ons nou eerste treë oor gee, is *God at work*. Ons was nog nooit goed daarmee nie.
Pak net hierdie *God at work* vir my bietjie uit. Wat ek nou hoor is, God is waar jy ís. Verstaan ek dit reg?
Dis méér as dit. Hoe begelei jy beroepsmense? Hoe raak die gemeente 'n plek waar beroepsmense, professionele mense, ervaar: ek word hier gehelp om God by die werk te leef in terme van uitdagings, moeilike keuses, jy weet, waardes, al daai soort van goeters - ánders as prediking. Verstaan jy? Byvoorbeeld, hoe sou jy 'n Christen-besigheidsman help om na sy maatskappy se *corporate social responsibility* te kyk

© University of Pretoria

ánders net ’n ding van *window dressing*. Na iets wat sê: *Dammit*, dis mos eintlik die verskil wat ons in die wêreld moet maak, jy weet. So, hoe help jy mense in hulle professionele lewens, in terme van hulle raamwerk dáár, om gestuurde vrae, jy weet, ‘n gestuurde *paradigm* te begin kry? Dis baie meer gespesialiseerd as ’n preek, om vir die ouens te sê: jy moet vir die Here werk, of wat ook al. So, ons weet nog nie eers hoe om dit te *define* nie, maar ek dink dit raak toenemend - as jy sê die doel van die gemeente is om mense te help om hulle doel te leef - is dit die logiese ding, soort van vrae wat jy vra.

Wat ek hóór is dat die gestuurde proses is ook besig om te verdiep in gemeentes wat op hierdie reis is. Waar dit aanvanklik was identifisering van roeping, raak dit nou eintlik oor die bemagtiging - die wérklike bemagtiging - van lidmate om die *missio Dei* te leef waar hulle is, en die vorming van mense.

Ja, die woord geloofsvorming... Want dis die ander belangrike ding... ’n Ding wat [NAAM] ook mos nou baie oor praat. Ons as dominees beoefen nie self eers geloofsgewoontes so effektief nie. Hoe de hel kan ons nog mense help of *coach* dan? Ons kan préék daaroor, nie *coach* nie. En dis ’n leemte. Ons moet sélf ge*coach* word. Ons moet mense... [NAAM] sal jou vertel van [GEMEENTE] jy weet, die mooi name wat hulle vir al die goeters gehad het, en so aan. Nou, dis ’n núwe *paradigm* vir lidmate wat ’n klomp nuwe vrae by hulle bring, ens, ens, ens. So, dit is ‘n braak veld, dink ek.

© University of Pretoria

Aanhalings PR_3.

All current quotations (50). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-22 20:10:06

P 3: PR_3.docx - 3:1 [is die veranderinge wat ek daa..] (6:6) (Super)
Codes: [HanteringVerandering: Transformasionele spiritualiteit wat oop is vir verandering - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

...[I]s die veranderinge wat ek daar gesien het eerstens in die spiritualiteit van die gemeente. Ek dink dit het verander in 'n transformasionele of 'n tipe spiritualiteit wat oop is vir verandering. Wat sigbaar geraak het in byvoorbeeld die gemeente se vermoë om risiko's te neem, om ooreen te kom om foute te maak, om... jy weet 'n sagte ruimte te hê waar mense mislukkings kan hanteer, maar ook suksesse kan vier soort van. So, die uitkyk van die gemeente het verander van een van jy mag glad nie foute maak nie, so soort van professionele korrektheid en geen risiko's neem, na een van risiko's neem.

P 3: PR_3.docx - 3:2 [Ek dink die ander transformasi..] (6:6) (Super)
Codes: [Konteks: Transformasie van gerigtheid na die onmiddelllike omgewing - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek dink die ander transformasie is baie-baie duidelik in die taal in die gemeente. Jy weet, dit het naderhand 'n baie sterk gedeelde taal geword oor jy weet dat godsdiens en geloof is iets wat jy in jou alledaagse lewe uitleef. Dit het vir my op die mooiste manier na vore gekom toe daar uiteindelik baie sterk aandrang uit die gemeente gekom het dat die manier waarop hulle dit verwoord het in 'n visie geskuif het na... uiteindelik het hulle gesê: "lewe vir die stad". "Lewe vir die stad" het die gemeente se visie geword. En dit was vir my nogal as iemand wat binne was en nou bietjie aan die kant van die gemeente staan, maar nie heeltemal 'n buitstander is nie, 'n geweldige interessante waarneming gewees – om te sien hoe kom hierdie transformasie van gerigtheid, jy weet, na die onmiddellike omgewing. Wat ook beteken het dat 'n geweldige sterk klem in die gemeente op wêreldsending met groot geloofsoffers en werkers in baie ver lande het onmiddellik begin, nie onmiddellik nie, het oor die tyd begin draai en 'n fokus begin word op die direkte gemeenskap met 'n massa gemeenskapsprojekte. Soveel so nou dat hulle eintlik een van die dominees amper voltyds losgemaak het om nou in 'n middestads- tipies klassieke "inner city mission", jy weet, sendingopset tyd en energie in die gemeente daar te spandeer. So daar's beslis 'n groter bewussyn van die direkte omgewing en die impak van die kerk op die omgewing.

P 3: PR_3.docx - 3:3 [Ek sou sê nog 'n transformasie..] (6:6) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Bemagtiging van lidmate om self Bybel te lees en toe te pas op daaglikse lewe - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek sou sê nog 'n transformasie wat daar is, is die bemagtiging van lidmate om self in

© University of Pretoria

die Bybel te werk en self die Bybel toe te pas op hulle alledaagse lewe.

P 3: PR_3.docx - 3:5 [Ek sou dit ook sê, jy weet, da..] (8:8) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Bemagtiging van lidmate om self Bybel te lees en toe te pas op daaglikse lewe - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek sou dit ook sê, jy weet, dat daar's definitief 'n ander soort manier van onderskeiding. Die idee dat lidmate self ook moet onderskei het baie sterk gegroei. Dat dit nie net weer is die dominee wat moet interpreteer en besluit namens die hele geloofsgemeenskap nie, maar dat die lidmate self onderskeidend is.

P 3: PR_3.docx - 3:6 [En dit het sekere risiko's ook..] (8:8) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Risiko vir Gemeente - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En dit het sekere risiko's ook, want ek het dit self gehoor by lidmate ook, jy weet, dat van die lidmate dan kom ons sê klassieke gemeentelike instandhoudingsgoeters laat vaar omdat hulle sê dat hulle onderskei dat hulle het 'n..., hulle belangriker werk is nou die ding wat hulle nou by die werk doen, of kom ons sê maar betrokkenheid by 'n sopkombuis daar in die arm wit gebiede... dit is wat hulle doen. En hulle kom sê ook maar soos ek die taal in die gemeente verstaan is dit wat ek hoor. Ek is nie meer beskikbaar om hierdie instandhoudingsfunksie te doen nie. So dit plaas nogal... dit het 'n klomp risiko's vir die gemeente in daardie sin

P 3: PR_3.docx - 3:7 [Die een verhaal wat vir my dal..] (10:10) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate bemagtig om met ondersteuningsgroepe te begin]
No memos

Die een verhaal wat vir my dalk die sterkste na vore kom is byvoorbeeld ons skuif na die middestad van Johannesburg toe om daar..., jy weet, hulle het nou 'n multi-verdieping gebou gehuur, geriewe ingeruim, 'n geweldige hoeveelheid fondse en energie gespandeer en lidmate betrokke gekry. En een van die maniere wat jy dit byvoorbeeld sien is dat... Dis nogal 'n interessante ding. Ons het 'n baie sterk jeuguitreik gehad Mosambiek toe. Die uitreik is nou dat die ouens in taxi's klim en middestad toe 'n uitreik het en dan Soweto toe. En dan bly by gesinne in die middestad en in Soweto. En dan terugkom van hulle uitreik af. So dis 'n baie kragtige verhaal van net hoe die transformasie van sending is iets waar jy betrokkenheid ver weg na 'n lewe waar jy die omgewing leer ken. En hulle... die projek se naam is ook *Go Jozi*. Jy weet, al die kinders praat van hierdie ding. Dat hulle leer vaardighede soos om taxi te ry wat vir wit voorstedelike kinders onbekend is. Om ietsie van die inkarnasie en van hoe dit in mense se lewens is, te ervaar. So ek sal sê dis 'n tipiese voorbeeld van een van die verhale wat vir my nogal baie sterk is.

P 3: PR_3.docx - 3:8 [n Tweede voorbeeld is die geme..] (10:10) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate bemagtig om met ondersteuningsgroepe te begin]
No memos

'n Tweede voorbeeld is die gemeente het 'n baie diep commitment met 'n nuwe multikulturele woonbuurt wat as *Cosmo City* bekend staan en het uiteindelik

© University of Pretoria

aanspreeklikheid aanvaar om nie net die infrastruktuur daar te stel sodat daar nuwe, jy weet, gemeenskapvorming kan plaasvind nie, jy weet, in wisselende fases soos wat die geleenthede hulle voorgedoen het, intens en minder intens, maar verskillende maniere betrokke geraak. Van kliniekwerk daar tot bouwerk en net bloot met die help of die geboorte gee van nuwe soort van gemeenskapsvorming wat daar plaasvind. So dis 'n bemoedigende verhaal. Dis wat ons noem die C*osmo City* verhaal daar.

P 3: PR_3.docx - 3:9 [Die eerste is daar moet nuwe t..] (14:14) (Super)
Codes: [06 TaalSelfverstaan: Ontwikkeling van missionale teologie en taal - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Die eerste is daar moet nuwe taal geskep word. As jy nie die vermoë het om dit te kan hoor of te sien of te kan verwoord nie, kan jy dit nie doen nie. En by terugskou het ons ontdek hoe belangrik dit is dat gemeentelede die taal, jy weet, letterlik... kom ons sê nou maar die taalhuis oorbou. Dat hulle anders oor die kerk dink.

P 3: PR_3.docx - 3:10 [Ek dink 'n tweede ding wat in ..] (14:14) (Super)
Codes: [09 OpenheidVerandering: Vestig kultuur wat oop is vir verandering - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek dink 'n tweede ding wat in die gemeente daar gehelp het, daar's 'n kultuur gevestig wat oop was vir verandering. 'n Kultuur wat met ander woorde gesê het: ons laat toe dat God se saad hier val en koester, jy weet, dit wat hier gebeur.

P 3: PR_3.docx - 3:11 [Daar het 'n soort van 'n, kom ..] (14:14) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: Vorming van 'n missionale spiritualiteit - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Daar het 'n soort van 'n, kom ons noem dit... ek sal sê as jy my vra wat is so 'n missionale spiritualiteit sou ek sê dis 'n baie hoë waarde heg aan die Bybel saam met ander lees en nie net toegespreek word oor die Bybel nie, 'n kultuur van gebed en 'n baie-baie sterk kultuur van wandel in die wêreld. Wat 'n geloofspraktyk in die gemeente by leierskapsfunksies en goed geword het.

P 3: PR_3.docx - 3:12 [Ek dink ook in die gemeente sp..] (14:14) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Leiers het missionale bekering - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek dink ook in die gemeente speel leierskap ook 'n rol. Ek dink van 'n klompie gemeentelede tot 'n klompie figure het op die kerkraad... het almal 'n soort van 'n missionale bekering gehad. So dit het verander van 'n projek van die gemeente na iets wat in die wese van die gemeente lê.

P 3: PR_3.docx - 3:14 [En ek dink daar was 'n fase, n..] (21:21) (Super)
Codes: [06 Visievorming: Visievorming moeiliker as aanvanklik vermoed - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

En ek dink daar was 'n fase, nou by terugskoue ook jy weet, wat die visievorming en... Om dit helder te formuleer en te verstaan waartoe dit gaan, het moeiliker gegaan as wat enigeen van ons vermoed het en het langer gevat. En die diffusie van daai visie

© University of Pretoria

het hulle deurloop. En toe het die gemeente in die eerste fase gesê..., het hulle dit eers geformuleer as V*ier en Ervaar Lewe*, maar dit het nie heeltemal lekker ge*click* nie. En toe op 'n stadium het hierdie omhelsing van die stad [STADNAAM]... Die gemeente het vir hulleself gesê, letterlik uit gemeentediskoerse, dis die grootste [KERKVERBAND] gemeente in [STAD], dis een van die grootste kerke, wat beteken dit vir die stad? Wat beteken dit vir mense as ons, jy weet, 'n gemeente met baie migrante... mense wat inkom en deurgaan... moet ons dit net as 'n gegewe beskou of beteken dit dat ons dit positief maak. So ons verstaan is dis eintlik vreeslik goed as mense trek want deur die hele Bybel is daar verhale van mense wat trek, wat beweeg, wat migrante is, wat uit die Vrystaat en ander plekke hier aankom. En die oomblik toe dit as 'n positiewe - waar God eintlik werk - ontdek is, het die draai gekom wat die... Daar was 'n stuk weerstand daarteen.

P 3: PR_3.docx - 3:15 [Wel ek sien die eerste een... ..] (29:29) (Super)
Codes: [06 TransformasieKultuur: Ontwikkeling van missionale spiritualiteit - Family: Leraar Rol]
No memos

Wel ek sien die eerste een... my eerste rol is dié van spiritualiteitsvorming. En, ek meen, saam met van my kollegas ook wat 'n sterk fokus hierop het. Met ander woorde, hoe ontwikkel ons 'n missionale spiritualiteit wat, jy weet, liminaliteit en krisisse omhels as plekke waar God werk, wat swakheid as 'n gawe sien, wat geestelike praktyke beoefen, wat wandel in die Woord, en so. Daardie hele pakkie van spiritualiteit is baie belangrik, soveel so dat selfs in die ruimtelike uitdagings wat die gemeente gehad het toe dit groter word, is daar bewustelike keuses gemaak om eerder 'n kapel te bou en 'n ruimte te bou waar hierdie goeters ook kan gestalte kry as om groter te gaan of as om net op ander maniere 'n instandhoudingsmodel uit te druk. So ek dink leierskap het 'n groot rol.

P 3: PR_3.docx - 3:16 [Ek dink die tweede is die vorm..] (30:30) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Taalskepper - Family: Leraar Rol]
No memos

Ek dink die tweede is die vorming van taal. Om doodgewoon deur prediking, skoling, opleiding en plekke waar jy met gemeenteleiers bymekaar is deurentyd, jy weet, te reflekteer, te onderskei en in 'n proses van onderskeiding, jy weet, die taal te vorm.

P 3: PR_3.docx - 3:17 [Die derde rol wat ek sien wat ..] (31:31) (Super)
Codes: [04 Onderskeiding: Vaardigheid om te onderskei - Family: Leraar Rol]
No memos

Die derde rol wat ek sien wat baie gehelp het in die transisie, is dat hierdie... die vaardigheid om te onderskei, jy weet, hoe werk dit om te interpreteer en te wandel in die Woord en te wandel in die wêreld en dit op 'n manier wat vir gemeentelede verstaanbaar is. Ek dink by ons het al die leraars uit die staanspoor sterk ingekoop. Nou goed, ons het 'n baie intieme pad... Pat Keifert het 'n pad met ons geloop. Ek dink hy het ses of sewe keer lang konsultasies met ons gehad. So ons is baie bevoorreg, dink ek. Die dominees het baie gou gesnap waaroor dit gaan, maar het ook hulle rol onderskei... daar op die voorpunt van onderskeiding.

© University of Pretoria

P 3: PR_3.docx - 3:18 [En dan dink ek ons 'n hoë prem..] (32:32) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Toerusting van gelowiges - Family: Leraar Rol]
No memos

En dan dink ek ons 'n hoë premie op toerusting... hoe om lidmate te help en toe te rus om in die alledaagse lewe gelowiges te wees. So daar was in die gemeente rituele of praktyke van toerusting, veral vir gemarginaliseerdes, jy weet,... ons het gevind dat kursusse soos byvoorbeeld *Divorce Care* en *Grief Share* vreeslik belangrike missionale toetreepunte geword het om, juis waar gemarginaliseerdes swaar kry, met hulle te werk en toe te rus dat dit 'n toetreepunt geword het.

P 3: PR_3.docx - 3:19 ['n Ander rol wat die gemeente ..] (33:33) (Super)
Codes: [06 TransformasieKultuur: Fasiliteer proses om vreemdelinge in te trek - Family: Leraar Rol]
No memos

'n Ander rol wat die gemeente ontdek het is die dinamika... die energie wat vreemdelinge bring. En predikante..., in die transformasieproses moes hulle vreemdelinge ontvang en tuismaak. Byvoorbeeld, om een storie te vertel, daar's 'n ritueel in die gemeente dat nie net in die kerkraad nie, maar ook in die dagbestuur, wat soort van 'n kernbestuursfunksie het, daar altyd persone moet wees wat minder as 'n jaar in die gemeente is. Sodat ons altyd hulle insette kry. Met ander woorde, dat... die vraag is altyd: maar as ons hierdie besluit neem, hoe sal iemand wat 'n buitestaander is of wat kort in die gemeente is, dit ervaar? Met geweldige effekte of risiko's vir ons. Want nuwe mense kom en hulle sê: wie't hierdie simpel kanselkleed geverf? Jy weet, ek meen, dis 'n simpel voorbeeld. Dis 'n tipiese voorbeeld, want jy weet dis vertroud, dis een of ander belangrike persoon in die gemeente. Waar 'n vreemdeling wat inkom, kom onbeskaamd net met 'n evangeliese... (16:30) Kyk, dis mos nou maar net mense wat hier aankom... Hulle wonder maar of iets doen... En ons het selfs... By bosberade van die gemeente nooi ons, jy weet, mense wat openlik nié gelowiges is nie. Jy kry nie altyd sulke mense nie. Hoekom sal hulle nou 'n hele Saterdag... Maar, ons het... Twee of drie keer het mense hulle vriende gebring wat letterlik buitestaanders in die geloof is. Dan sê ons ons gaan nou praat oor ons missionale bestaan, ons gaan nou praat oor julle soort mense. En Jissie, ons het agtergekom hoe ons meestal die pot missit oor hoe dink, kom ons sê, buite-kerklike of randkerklike mense oor die kerk. Want jy veronderstel dit vanuit jou eie kernfunksie. En hoe meer ons sulke mense ingenooi het, hoe meer het dit ons verras. En die leraars het 'n baie groot rol gespeel in daai fasilitering van om vreemdelinge in die prosesse in te trek.

P 3: PR_3.docx - 3:20 [Die ander ding wat ons moes do..] (36:36) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Custodians wat waak dat die gemeente nie default nie - Family: Leraar Rol]
No memos

Die ander ding wat ons moes doen was: predikante moes verbete en hard werk om nie meer die goed op die ou manier te doen nie en in die *default* terug te gaan nie. Want in 'n groot gemeente soos wat [GEMEENTE] is, het jy altyd jou suksesse en goed gemeet in terme van die hoeveelheid aktiwiteite in die kerk, jy weet. Letterlik, as jy Sondag die afkondigings vat, dan lyk dit soos 'n telefoonboek oor alles wat gebeur. Dit was 'n bewustelike deel van die gemeente se keuse en die leiers se keuse om te sê: maar ons is *custodians*, ons moet waak dat dit nie gebeur nie. Stop die baie goed wat ons doen. Doen minder sodat ons lidmate kan vrymaak om eindelik in die alledaagse lewe die goed te doen. Dis 'n moeilike ding vir 'n mens se ego. Want 'n ander ding...

© University of Pretoria

ek meen ons ouderdomsprofiel... het dit gehelp toe ons later jonger ouens gekry het. As jy 'n ouer gevestigde dominee is, is jou *default* mos jy's ongemaklik daarmee. Maar goed, toe het ons nou vir [NAAM] gekry, ons het vir [NAAM&VAN] gekry wat jonk is, en nou's daar weer 'n jonger ou. Ons het elke keer geleer hulle het nie die bagasie nie. Hulle het sommer net *de novo* detour het. Ek sou dink dit is omtrent wat ek sou sê daar 'n groot rol speel.

P 3: PR_3.docx - 3:21 [Ek dink ek het gesnap waaroor ..] (44:44) (Super)
Codes: [2 Dra en verwoord die missionale droom en toekoms - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Ek dink ek het gesnap waaroor dit gaan en ek het die vermoë gehad om dit teologies te verwoord in die konteks van die gemeente. Met ander woorde, ek kon missionale teologie en die gemeente teologie bymekaar uitbring. En ek kon dit op 'n manier doen wat die oorgang moontlik gelyk het. Jy weet, dit het nie soos 'n berg gelyk nie. Daar was heeltyd 'n diep gewortelde optimisme en hoop dat dit kán werk. Ek meen, selfs die kere dat ons gedink het ons is in 'n betonmuur..., dat ons gevoel het ons is nie... die een ding wat nooit by ons verlore gegaan het nie, was die diep oortuiging dat dit die toekoms is wat wag op die kerk. Selfs jy weet... Dis interessant, Pat Keifert het ook nogal daai opmerking gemaak. Toe ek weggaan... Omdat ek 'n *long-term pastor* was, het dit 'n baie dieper effek gehad as wat ons gedink het en het hulle vir amper twee jaar in 'n stagnasie proses ingegaan. Pat was toe nou so verlede jaar daar. Hy sê die interessante ding is, die leierskap het nie die visie dat dit die eindpunt is verloor nie. Hulle het in die bestuur en die *management* van die ding begin sukkel tot nuwe prosesse dit oopgebreek het. So ek dink die vaardigheid waarmee ek kon help was om daai prentjie van waarheen ons gaan te kon skets en konsekwent te kon deurvoer na die ganse gemeente. Om rêrig ook teologies te kon interpreteer daar. En al die diverse goed in 'n groot makro-gemeente, uiteindelik sinergie te bring sodat geleidelik alles vanuit 'n missionale oogpunt verstaan kon word.

P 3: PR_3.docx - 3:22 [Die tweede ding wat ek dink ek..] (45:45) (Super)
Codes: [3 Skep 'n kultuur waar die leierskap vertrou word met verandering - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Die tweede ding wat ek dink ek mee gehelp het, is ek het 'n... Ek kon help dat ons die soort van *early innovators* in die..., die ou se kreatief-dink aan boord kry en hou. Toe ons ook 'n dominee beroep het, toe ek weggaan en ander dominees beroep het, was dit 'n doelbewuste keuse. En ek dink omdat ek 'n aptyt vir risiko het, het dit die kerkraad gehelp. Want ons het geadverteer en gesê ons soek vir ouens wat nié instandhouding doen nie, wat... Die klassieke Kerkbode advertensie het ons letterlik uitgegooi. Ons het gesê ons soek ouens wat die plek skud. Ons het dit gekry.. Dit het baie swaar gegaan. So ek moes ook daar, toe die nuwe spanlede bykom, moes ek letterlik heeltyd *cover* en die moeilikheid gaan uitsorteer. Totdat die gemeente gesnap het: maar dis wat ons nodig het. Kyk, 'n ou soos [NAAM&VAN], wat nou 'n geweldige talente het en kreatief is... Maar die ouens sou hom waarskynlik geskiet het die eerste ses maande. Omdat hy radikaal dink oor 'n missionale bestaan in terme van rassesituasies en alles, jy weet, taal en goeters... Ek dink wat vertoue in die gemeente geskep het, is dat ek en [NAAM&VAN] lank daar is en al twee *long-term pastors* was en vertroue deur die jare opgebou het, kon ons dit gaan, jy weet, "bank". Ons kon op die bank gaan trek. So, ek sou sê iets wat ek gehelp het daarso was om 'n kultuur te skep van waar die

© University of Pretoria

leierskap vertrou word met verandering.

P 3: PR_3.docx - 3:23 [my ander besondere bydrae was ..] (47:49) (Super)
Codes: [2 Netwerk rondom missionale insigte en ontsluiting van hulpbronne - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

my ander besondere bydrae was om 'n netwerk rondom missionale insigte in stand te hou, nie net wat die vennootskap doen nie, maar na wyer netwerke. So, as ons baie keer gesukkel het, dan het ons Allan Hirsch ingekry. En hy het twee dae in die gemeente gespandeer en gepraat... En dit het partykeer net nuwe insigte en nuwe vermoë gebring. So, ek dink vir myself was die rol van netwerkvorming en die gemeente in 'n groter missionale netwerk wêreldwyd posisioneer...
[... ... ...]
So ek dink daai sin van, om hulpbronne te ontsluit - alles wat gebeur het, van die sinode, alles wat gebeur het - was ek net, ek was in 'n posisie om dit te ontsluit en dit het ons baie gehelp.

P 3: PR_3.docx - 3:24 [Ek dink in die vroeë stadium w..] (51:51) (Super)
Codes: [22 Om almal, kerkraad en leiers, aan boord te kry - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Ek dink in die vroeë stadium was dit om spanne te vorm sodat die hele plekke waar onderskeid plaasvind - soos in ons stelsel maar nou die dagbestuur in die gemeente - die kerkraad die leiers en almal inkoop op die idee. Jy weet dit is nooit 'n vanselfsprekende ding nie. So dit was altyd vir my 'n uitdaging en om op die ou end in 'n baie groot gemeente waar jou blootstelling aan die mense... Ons het nie so 'n groot kerkgebou dat die hele gemeente op een slag... Daar's op 'n Sondag vyf eredienste. Hoe kry jy die boodskap oor? Hoe vorm jy missionale taal? Dit was, dink ek, 'n geweldige uitdaging en om almal aan boord saam te kry. Miskien omdat ek glo dat missionale kerkwees is in sy wese 'n relasionele "issue". Jy kan dit nie buite verhoudings doen nie sonder dat jy... Jy moet mense kry om vrywillig saam te gaan en op grond van julle goeie verhoudings met mekaar uiteindelik iets te modelleer van die gestuurdheid. Ek dink dit was 'n redelike uitdaging.

P 3: PR_3.docx - 3:25 [Ek dink om diep gewortelde voo..] (52:52) (Super)
Codes: [31 Om diep-gewortelde voorveronderstellings oor kerk-wees te swaai - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Ek dink om diep gewortelde voorveronderstellings oor kerk-wees te swaai. Veral oor...., ons het eintlik die *attractional* model baie goed gedoen. En ons kon waarskynlik, oor baie redes van buurgemeentes wat oor ander redes ingeplof het, met groot vrug vir 'n lang tyd nog daai model gevolg het sonder dat dit bedieningsrisiko sou bring. En ons kon dit goed doen. En om dit geheel en al te groet en te sê ons gaan bewustelik die risiko's neem, al sou ons tradisionele risiko's soos lidmaat verliese, of weerstand van lidmate, of ouens wat kwaad is vir jou... Maar ons het dit gekies. Dit was 'n baie moeilike ding, om eindelik 'n ding wat werk af te takel en te sê: maar hierdie ding... Toe ons nou oorgaan, jy weet... ons het letterlik vir jare voor dit ontsaglik gegroei. Om te sê ons gaan kies vir 'n model waar die risiko ontsaglik groot is dat ons gaan nié groei nie. Terwyl die maatstaf mos heeltyd in daai soort van denke is dit gaan goed in die gemeente as die geld inkom en as daar meer mense is. En dit is wat ge-

© University of Pretoria

celebrate word. Nou hoe verander jy dit om 'n paar jaar later te sê: wat ons nou *celebrate* is, hoeveel vreemdelinge is hierso? Of waar is ons? Wat het ons in die stad beter gemaak? Of, wat is sagter en mensliker in die omgewing? Hierdie ander goeters... Om naderhand letterlik te sê ons praat nie eers meer daaroor nie.

P 3: PR_3.docx - 3:26 [En ek het gevind 'n groot weer..] (53:53) (Super)
Codes: [31 Weerstand van fondsekommissie - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

En ek het gevind 'n groot weerstand in die gemeente is iets soos die fondsekommissie wat 'n begroting... Ek het nog ernstige in my eie gemoed oor wat is die rol van byvoorbeeld 'n finansiële begroting. Nou sien ek daai nuwe Kruisgewys het ook geskryf daaroor. Want ek dink 'n begroting veronderstel 'n onderskeidingsproses wat nie noodwendig... Ons onderskei op al die plekke missionaal, maar as die begroting kom, dan werk ons rande en sente en veronderstel dit loop op 'n sekere manier. Maar ek was nog nooit by in die kerk waar, as die ouens 'n begroting het, hulle sê: maar ek begroot dat ons hierdie ding *actually* gaan regkry nie, en die inkomste gaan verdubbel nie, omdat ons missionaal is. En dis 'n *selffulfilling profecy*. Almal begroot vir vyf persent groei in die inkomste, ons sal ses persent... En dis die uitgawes. Maar wat as daar 'n groot geleentheid kom? Dan sê ons: maar dis nie op die begroting nie. Daar's dalk môre 'n geleentheid om in 'n plakkerskamp, op 'n ding in die dorp betrokke te raak. Maar dan sê ons: dis nie begroot nie. So hoe lyk befondsing van 'n gemeente waar daai styl in oorweging, nadenke en onderskeiding nié daai soort van meganiese veronderstellings... Want 'n begroting is die *ultimate* makro soort van strategiese beplanningsinstrument. En om dit dan af te takel...

P 3: PR_3.docx - 3:27 [En by ons was die ander ding o..] (54:54) (Super)
Codes: [42 Om nie na strategiese beplanning te default nie - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

En by ons was die ander ding ook, om ook... Omdat ons lank gekom het met 'n groot kultuur uit die Afrikaner gemeenskap van strategiese beplanning. En om uiteindelik hierdie leierskap wat elke keer soontoe neig te sê: ons gaan nie sterk en swak punte op hierdie manier bekyk nie en uiteindelik sewe doelwitte... Ons gaan dit nie doen nie. Ons gaan 'n openheid hê dat as die Gees nou iets oor ons pad bring, ons dit kan eien en kan toe-eien en kan gebruik. Dit was vir my baie... Ek dink die gemeente het baie gesukkel daarmee. Want hulle het dit goed gedoen. En leierskap ook op kerkraadsvlak gehad wat ongelooflik toegerus was daarmee. En nou't jy skielik hierdie wilde ding. Jy sê: maar ons gaan nie so werk nie. Ons gaan probeer soek waar's God aan die werk. En dit is dalk nie so voorspelbaar nie. Of ons al daar is, wonder ek ook. Ek dink dis nog 'n groot groeipad.

P 3: PR_3.docx - 3:28 [Joe jong! Ek meen ek het dit a..] (56:56) (Super)
Codes: [9 Dit het my eksistensie verander - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Joe jong! Ek meen ek het dit al in my boek ook gesê. Die ding het oor my pad gekom op 'n tyd dat ek gedink het ek sal nie meer langer 'n dominee wees nie. Ek het hier in die laat negentigs, dit was die eerste keer dat ek... Jy't letterlik gevoel: maar jy's ontgogel. Op daardie stadium het die gemeente gegroei van 700 na 4000 lidmate en

© University of Pretoria

alles gaan goed en voor die wind en so aan. Maar jy weet dis nie... Ek het vir kollegas altyd gesê ek kan dit nie meer vat om Sondae te preek en te wonder: maar wat beteken hierdie preek vir die lidmate as hy môre by die werk kom nie. Ons kan nie aanhou preek oor "doen goed vir die kerk", of "hou 'n basaar vir die kerk"... Ek het 'n eksistensiële krisis gehad. En ek het toe ek die eerste keer aan missionale taal en literatuur... Ek het dit opgeslurp, want dit was asof ek letterlik gebede verhoor is en my eksistensie verander het. As dit nie daarvoor was nie, sou ek waarskynlik nie eers nou dosent gewees het nie. Of ek sou... Ek dink ek sou uit die kerk gewees het. Of my eie gemeente gestig het uit frustrasie. Of ek sou... Ek weet nie of ek 'n gefrustreerde dominee sou gewees het wat net wegkruip agter... Jy weet, jy het mos nou al die *bag of tricks*, en jy het maar net al die *tricks* getrek. Maar verder het jy net die sisteem aan die gang gehou. Dit het 'n ongelooflike diep transformasie in my hele teologie en my uitkyk op die gemeentelewe, my eie spiritualiteit... Ek dink dit was 'n soort van 'n tweede bekering... Hoeveel bekerings het 'n mens nou? Maar dit was 'n bewustelike bekering, dink ek.

P 3: PR_3.docx - 3:29 [Joe jong! Ek meen ek het dit a..] (56:68) (Super)
Codes: [5 Kontak met ouens uit die emerging kerk - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Joe jong! Ek meen ek het dit al in my boek ook gesê. Die ding het oor my pad gekom op 'n tyd dat ek gedink het ek sal nie meer langer 'n dominee wees nie. Ek het hier in die laat negentigs, dit was die eerste keer dat ek... Jy't letterlik gevoel: maar jy's ontgogel. Op daardie stadium het die gemeente gegroei van 700 na 4000 lidmate en alles gaan goed en voor die wind en so aan. Maar jy weet dis nie... Ek het vir kollegas altyd gesê ek kan dit nie meer vat om Sondae te preek en te wonder: maar wat beteken hierdie preek vir die lidmate as hy môre by die werk kom nie. Ons kan nie aanhou preek oor "doen goed vir die kerk", of "hou 'n basaar vir die kerk"... Ek het 'n eksistensiële krisis gehad. En ek het toe ek die eerste keer aan missionale taal en literatuur... Ek het dit opgeslurp, want dit was asof ek letterlik gebede verhoor is en my eksistensie verander het. As dit nie daarvoor was nie, sou ek waarskynlik nie eers nou dosent gewees het nie. Of ek sou... Ek dink ek sou uit die kerk gewees het. Of my eie gemeente gestig het uit frustrasie. Of ek sou... Ek weet nie of ek 'n gefrustreerde dominee sou gewees het wat net wegkruip agter... Jy weet, jy het mos nou al die *bag of tricks*, en jy het maar net al die *tricks* getrek. Maar verder het jy net die sisteem aan die gang gehou. Dit het 'n ongelooflike diep transformasie in my hele teologie en my uitkyk op die gemeentelewe, my eie spiritualiteit... Ek dink dit was 'n soort van 'n tweede bekering... Hoeveel bekerings het 'n mens nou? Maar dit was 'n bewustelike bekering, dink ek. (31:35) Ek weet nie hoe jy dit beleef het nie, Gert?
Nee, ek kan nou lekker identifiseer met wat jy sê. Ek is nou sommer nuuskierig om te weet: hoe het jy met die missionale teologie, hoe't jou blootstelling daaraan gekom?
Dis 'n verskriklik interessante storie, eintlik. Ons het in hierdie soektog toe ons by 'n punt van liminaliteit kom in [GEMEENTE] hier in die laat negentiger jare... Ons het nét toe, dink ek, goed gevaar deur die transformasie van die politiek in Suid-Afrika en daarin geslaag om die lidmate te help om dit te doen, die skeuring in die [KERKVERBAND] en goeters. En toe was daar so 'n fase van wêreldsending en miljoene rande ingesamel en sendelinge op die snaakste plekke. Maar, met gevoel van... Jy weet, ek kon dit nooit aanvaar nie. Ek kon dit nooit verstaan... Maar, jy weet, ek was op 'n uitreik Mosambiek toe, of ons gaan op 'n uitreik jy weet waar ook al... Die

© University of Pretoria

gemeente gaan België toe, en Rusland, en ek weet nie waar alles nie. Maar op 'n manier bly die omgewing dieselfde, jy weet. En half 'n gevoel van: maar is dit rêrig die goeters? Toe's ek Willow Creek toe, omdat almal dit gedoen het daai tyd, en 'n lidmaat ons gestuur het, betaal het. Ek was binne vyf minute nie gelukkig in die kerk van Bill Hybels nie. Ek was wel geïnteresseerd in 'n merkwaardige leiersfiguur en so aan, maar die goed het my nie aangestaan nie. Ek loop in die boekwinkel 'n boek van Leonard Sweet raak, en ek begin die boek lees. Ek het letterlik amper die kursusse en goed gelos. En daar was toe 'n kursus wat hulle daai tyd onder die "*Generation X*"-bediening gedoen het. Dit was toe maar al hierdie *emerging*-kerk ouens wat ook met Willow Creek gefrustreerd geraak het, het daai kursus bygewoon. En ek gehoor, maar al hierdie ouens praat soos ek. Baie jonger as ek, maar frustrasie met goeters... Hulle is so gefrustreerd met die suksesvolste kerkmodel in die hele Amerika dat ouens, jy weet, tien duisend ouens kom kyk oor die wêreld: maar wat gaan aan? En ek sit daar saam met hulle, jy weet, maar kan... Ons kan nie hierdie Willow Creek modelletjie net so toepas nie. En toe ek nou Leonard Sweet lees en dit so half 'n missionale taal vir my gee en ek 'n bietjie in dié kringetjie van ouens kom wat vir my sê, maar jy weet:... Het jy van Jones gehoor?" En van, kom ons sê Eddie Gibbs, en so-so, jy weet. Die eerste keer... Jy sit daar, jy kan nie die boek neersit nie want jy lees skielik taal wat jy so... Jy voel hierdie ouens lê woorde in jou mond wat jy net nooit daai woorde kon vorm nie. Dit het 'n geweldige transformasie in my gebring. En toe't ek mos daai boekie geskryf van my, jy weet, wat in 'n sin so bietjie oor hierdie ervaring gepraat het. En, nou ja, toe't dit my hele lewe verander.
[... ... ...]
Ja. Nee, dit het 'n geweldige impak op my lewe... Ek dink letterlik ek sou nie hier gewees het as ek dit nie gedoen het nie. En dit gee vir my sin, want ek voel dis my missie in die kerk ook. Dis wat ek wil doen met al my studente. Ek wil daai taal vir hulle leer. En ek wil dit doen met die kerkverband waarin ek is. So dis my agenda. Dit het my *issue* geword, die bye in my broek.
Niemand van ons is net deur die vennootskap gevorm nie. Jy't nou eintlik al klaar 'n belangrike ding gesê, daai *trippie* na Willow Creek toe... So, ek is sommer geïnteresseerd in die ander faktore wat ingespeel het op jou missionale vorming.
Ja, ons het by die vennootskap beland toe [NAAM] nou 'n keer mense gesoek het om die eerste keer die ding te doen. Maar die groot invloede op my lewe was, jy weet... Ek het mos so 'n gawe, toe ek hou van Leonard Sweet, toe nooi ek hom om hier te kom praat...
Na julle gemeente toe?
Ja, maar ons het hom sommer ook hier na die sinode toe gekry.
Was jy op daardie stadium moderator van die sinode?
Ja, ja. Ek gebruik altyd dit op plekke waar ek is. En ek het toe vir Bryan McClaren leer ken persoonlik en (35:28) hom ook uitgenooi om te kom, die tweede keer. Ek het hom eers toevallig ontmoet en toe later 'n goeie vriendskapsverhouding met hom opgebou. So dit is ouens wat my baie gehelp het. Ek het Eddie Gibbs leer ken toe... Ek was op die taakspan wat hom na daai algemene predikantebyeenkoms gekry het. En toe het ek hom daarna vir 'n naweek wildtuin toe gevat. So hulle het persoonlike gespreksgenote geword. En toe't ek Allan Hirsch leer ken hier in 'n koffiewinkel in [STAD] en 'n goeie vriendskap met hom opgebou. Hulle het almal uit verskillende oorde... Bryan McClaren, Allan Hirsch, Eddie Gibbs het vriende van my geword en gespreksgenote. En toe't ek vir Pat Keifert-hulle ontmoet in die vennootskap. So, hulle het toe 'n geweldige vormende invloed... En op die ou end, jy weet, toe ek nou hier begin werk het..., die draai in Malan Nel se teologie na 'n meer missionale teologie. En

© University of Pretoria

die pad wat ek saam met [NAAM&VAN] geloop het, het geweldig baie vir my beteken. Want [NAAM] se pad kom mos al lank voor die vennootskap. Ons is maar soort van *like-minded fellows* wat aansluiting vind bymekaar. Ek sou sê dit is min of meer die soort van strominge.

P 3: PR_3.docx - 3:30 [Wat ek moes afleer is die seku..] (70:70) (Super)
Codes: [Ds_Afleer: Die sekuriteit van die attractional model se suksesse - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Wat ek moes afleer is die sekuriteit van 'n *attractional* model se suksesse. Dit was 'n geweldige gemaksone. Ek meen, as jy in 'n tyd wat meeste gemeentes in die kerk in 'n *decline* is in 'n gemeente is wat buitensporig groei... Want die gemeente het baie swaar gekry. Toe ek en [NAAM] daar gekom het, was dit 'n klein gemeente. Ons het vir baie jare ook swaargekry tot die groei gekom het en ons uiteindelik die *attractional* model bemeester het. En dit goed gedoen het. En om daarvan ontslae te raak, en keuses te maak, en dit te verwoord in 'n kerkraadsvergadering of in 'n gemeente: ons gaan nie meer hierdie goed doen nie. Daai onsekerheid en 'n gevoel van verlies wat jy het was nogal 'n, ek dink dit was nogal 'n faktor, jy weet, waarmee jy persoonlik 'n stryd het om dit van afstand te doen.

P 3: PR_3.docx - 3:31 [Dit was nie vir my moeilik om ..] (70:74) (Super)
Codes: [22 Dit was moeilik wanneer mense nie snap nie - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Dit was nie vir my moeilik om afstand te doen van die mag om net die Woord alleen te interpreteer nie. Dis snaaks, nê? Want ek dink dis wesenlik by die missionale beweging dat, jy kan nie net een dominee hê wat die enigste ene is wie se mening oor dit is dís die Here se Woord vir ons nie. Die wandel in die Woord proses, dit was nie vir my moeilik nie. Ek moet sê ek was eintlik bevry om skielik 'n klomp gespreksgenote te ontdek oor die ding.
Wat was nog moeilik in die storie? Dit was op 'n tyd vir my moeilik wanneer mense nie snap... Dit het waarskynlik te doen met wat ek nou net vir jou vertel het... Oor baie-baie redes en die aard van my persoonlikheid het ek baie gou uitgevind waar is die energie oor die missionale kerk. By wie? Ek was later saam met [NAAM&VAN] op sy studietoer..., met frustrasie ook..., want hy't meestal ou kerke besoek. Ek dink jy was ook al saam met [NAAM] se studietoere...?
Nee, ek was nie.
Hy't 'n groot klomp ou goeters... En ek het eintlik gaan smag na die nuwe *emerging missional* teologie. Ek wou by Darrel Guder uitkom, wat ons toe wel, jy weet, hy gereël het. Maar dan wil ek ook by McClaren uitkom, en by Robb Bell. Hy't uiteindelik onder my aandrang by Robb Bell uitgekom. Dis nog 'n ou wat 'n groot rol gespeel het en 'n persoonlike vriend is van my. Maar goed, in daai sin...
Nou praat ons oor weerstande en goeters wat dit vir my baie moeilik gemaak het . Ek dink ek het van die begin af die voordeel gehad dat, die leidende denkers oor hierdie skuif het ek leer ken soos hulle in die proses was om... Goed wat nou standaardwerke is, het ek in proses gesien vorm word. Ek het baie van hierdie ouens voordat hulle van hulle boeke, of net een, geskryf het. Vir my om daai insigte aan die span oor te dra, waar ek dalk op die *cutting edge* was, té ver voor, en dan in 'n gemeentespan goeters te sê waar die afstand eintlik baie groot was, was dalk baie moeilik. As ek dit nou, ek verwoord dit dalk lomp, maar ek dink jy hoor wat ek sê, dat: hoe ver voor jou

© University of Pretoria

mense moet jy loop of nie? En baie keer was die versoeking om te sê: “Maar stop, ek gaan doen my eie ding waar ek die erkende...” Dit was vir my moeilike ding om net te sê: “Maar hierdie is die mense wat die Here vir jou gee, jy moet met hulle werk”. Hierdie is die leiers wat die Here vir jou gee. Dis nie jy nie, hulle is daar. Hoe werk jy met hulle? Dan doen jy maar daardie waarderende ondersoek. Maar as daar net tien opdaag, dis die tien met wie jy moet werk. Dis nie anders nie. Die Here het besluit dis hoe Hy dit doen. Tot dit by my, jy weet... Nou’s ek gemaklik. Nou omhels ek swakheid en nederigheid en marginaliteit. Daai tyd was dit nie... Want, jy weet, jy kom van ’n situasie waar jy eintlik die golf ry.

P 3: PR_3.docx - 3:32 [Ek dink ek moes aanleer hoe om..] (76:76) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Luister - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Ek dink ek moes aanleer hoe om te luister. Jy weet, luistervaardighede is ‘n geweldige belangrike ding.

P 3: PR_3.docx - 3:33 [Om baie stadiger te wag op die..] (77:77) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Geduld - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Om baie stadiger te wag op die Here en nie... My persoonlikheidstipe is, jy weet, as ek iets snap wil ek teen daai aand dit die eerste keer al gedoen het. En om dan te verstaan wat... Die diffusie van verandering vat baie-baie langer. Met ander woorde, geduld is ’n geweldige belangrike vaardigheid..., om op die Here te wag. Ek dink die bewussyn dat my belangrike werk is om die grond om te spit en om ’n kultuur te kweek, met ander woorde, om soos ’n landbouer te wees wat die omstandighede die beste maak. Maar jy kan nie alles doen nie, veral nie in die soort van omvang en grootte van die gemeente nie.

P 3: PR_3.docx - 3:34 [Om afstand te doen van mag is ..] (78:78) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Om afstand te doen van mag - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Om afstand te doen van mag is ’n geweldige insig... Dat missionale kerk-wees is gebou in liminaliteit en in... (ek het dit net vanmôre hier in die eksamen gevra), jy weet, en marginaliteit, en die verlies, en ’n inkarnasie teologie dat jy tussen mense in swakheid is. Ek dink dis vir my ’n verskriklike belangrike insig. Ek dink die taal wat die missionale beweging my gegee het, het my lewe gevul. Dit het selfs ’n akademiese loopbaan geword. Dis iets wat ek geleer het: daai soort van drie-gesprek tussen wandel in die Woord, wandel in die wêreld en die kerk, en om die kerk baie-baie minder ernstig op te neem. En die dominante rol van die kerk en die instandhouding... Jy kan nou dink, jy weet, hier was ek al moderator van ’n streeksinode. Dis die kerk se hoogste belang. En om dan te ontdek: maar dit is nie die belangrikste deel nie. Dis maar net ’n instrument. Dis die gestuurdes... Die belangrikste is, hoe verander die wêreld? Hoe kom God se koninkryk daar? Dit is vir my ’n geweldige belangrike teologiese insig, dat dit gaan daaroor. En jy moet eintlik nie bekommerd wees nie, die ander goed val self in hulle plek.

© University of Pretoria

P 3: PR_3.docx - 3:35 [Ek dink 'n insig wat gegroei h..] (79:79) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Om veilige ruimtes van geloofsonderskeiding te vertrou - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Ek dink 'n insig wat gegroei het, is oor hoe belangrik onderskeiding is. Dit gaan saam met luister, maar om veilige ruimtes in onderskeidingsprosesse te vertrou... Ek was ook in die [STREEKSINODE] toe die hele beweging in die [KERKVERBAND] gekom het... om saam met anders ouens gedink het... maar hoe... jy weet sinodes moet anders lyk. En moenie die uitkoms probeer "engineer" nie. Vertrou die Here se Gees dat, as jy die ruimte veilig maak en die prosesse reg het, sal die uitkoms... Ek wou altyd die uitkoms sien... My leierskapstyl van dís waar ons wil uitkom, en *whatever* en oor wie jy loop, jy moet daar uitkom. En om dan net terug te sit en te sê: "uh-uh", as die proses reg is en die veilige ruimte daar is om te onderskei waar die Here werk, moet jy nou maar net die Gees vertrou. So een van die belangrike goed wat ek geleer het, klink snaaks, want ek is 'n ou met sterk oortuigings, maar was om my eie oortuigings prys te gee. As die gemeente op 'n kamp is en visievorming het, om nié... Want hier kom ek nou. Ek het blootstelling aan Eddie Gibbs, aan Pat Keifert, aan *you name it*, aan enige ou... Diep blootstelling, naweke saam met hulle *retreats* gehou en goeters, en om te "shut-up" en te wag dat die gemeente die ding ontdek. Daai soort van wag op die Here. Dit was vir my 'n verskriklike belangrike reis wat ek moes onderneem om daar te kom. So ja, dis miskien... Ek dink my siening oor leierskap het heeltemal verander. Ek dink ons het ander insigte oor leierskap nodig.

P 3: PR_3.docx - 3:36 [En natuurlik die belangrike ro..] (80:80) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Teologie her-orientasie van die teenwoordigheid van die koninkryk - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

En natuurlik die belangrike rol van 'n soort van 'n missionale spiritualiteit, afhanklikheid, om verras te wees, om die lewe na te jaag. Dit het ook my teologie geskuif van.... Ek meen, ek het EEIII gedoen. Ek voel amper ek moet gaan verskoning vra vir almal wat ek gevra het: as jy vanaand doodgaan gaan jy hemel toe? Met 'n totale teologiese heroriëntasie van: die koninkryk is iets wat hier en nou 'n werklikheid is. Jy weet, toe ek dit eers snap, dat dit gaan nie om siele vir die hemel te wen nie, maar oor lewens wat hier en nou in die koninkryk deelneem, jy weet, dan lees jy die Bybel so anderster dat dit vir my gevoel het of ek die Bybel vir die eerste keer lees. Maar daai hermeneutiese sleutel van 'n missionale kerk is mos die taalvorming. Ek dink dit is waarskynlik, om op 'n beeldryke manier taal te kan skep, is 'n geweldige belangrike vaardigheid.

P 3: PR_3.docx - 3:37 [As jy sê jou siening van leier..] (81:82) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Nuwe verstaan van leierskap - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

As jy sê jou siening van leierskap het verander... Pak hom net 'n bietjie uit. (45:41).
Wel, ek het byvoorbeeld ook die ou siening, jy weet - die leiers is iemand wat probleme oplos, wat sterk visie het, wat doelwitte en mylpale kan stel, wat jy weet taakgerig is en uiteindelik by sekere goeters kan uitkom, jy weet - heeltemal verander na 'n leierskap uit swakheid, luister, onderskeiding, kultuurskepping, fasilitering, prosesse... Diep oortuiging oor die waarde van prosesse, van probleme soek na verwondering oor misterie, en van die gemeente benader as 'n probleem wat jy moet oplos na 'n misterie

© University of Pretoria

om uit te *figure*: waar werk die Here buitendien lankal? Dit het net, dit is net nie dieselfde nie, jy weet. Nee, ek dink dit het my hele repertoire van mens-wees verander. Ek moet sê, soos ek sê, ek dink vir my was die deel word van 'n missionale beweging 'n diep-diep eksistensiële verandering. Dit het my lewe, dit het rêrig my lewe verander, bediening, uiteindelik ook my werk, my toekoms en alles.

P 3: PR_3.docx - 3:38 [Kennis dink ek sou die blootst..] (84:84) (Super)
Codes: [21 Missionale taal en hermeneutiek - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Kennis dink ek sou die blootstelling wees aan missionale taal. En dit sou ook die verskuiwing van 'n hermeneutiek wees oor hierdie Bybel-lees. Letterlik in die taal van Christopher Wright "*understanding the story where you are in*". Om die storie waarin ons ons bevind... Ek meen, dis interessant dat Pat Keifert, ek sien nou Roxburgh al hierdie ouens sê: "maar waar is jy?" "Hoe laat is dit?", gebruik Pat die woorde. Nou ek dink 'n kernkapasiteit in terme van kennis is die vermoë om die hermeneutiek wat onderliggend aan 'n missionale beweging lê, dit moet jy onder die knie kry. En tweedens moet jy ook die taal... met ander woorde die missionale taal moet jy aanleer, want anders gaan jy dit nie ontsluit nie. Die twee loop hand aan hand... Dis die *tool* wat dit doen.

P 3: PR_3.docx - 3:39 [Ek dink in terme van vaardighe..] (85:85) (Super)
Codes: [41 Luister en luistersiklus - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek dink in terme van vaardighede groot klem op luister... die hele luistersiklus soos ons dit ook in die NG Kerk leer ken het..., van 'n dialoog, gesprekvolle luister, 'n openheid om verras te word deur waar die Here werk. Die belang van stil-word, van God ontmoet, van bewus wees daarvan... Ek dink dis 'n belangrike vaardigheid. Ek dink die... beide die intellektuele vermoë... met ander woorde kennis en vaardigheid oor hoe jy prosesse lei rondom wandel in die Woord en wandel in die wêreld. Daai twee goeters, jy weet, in die driehoek van Woord, wêreld of konteks, en die kerk is vir my in my verstaan van kernkapasiteite van leierskap absoluut 'n sleutelding.

P 3: PR_3.docx - 3:40 [Daar moet 'n soort van 'n nuus..] (87:87) (Super)
Codes: [30 Kreatiwiteit - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Daar moet 'n soort van 'n nuuskierigheid wees, die vermoë om ... 'n Kernhouding dink ek is kreatiwiteit. Die vermoë om, met ander woorde, te kan sien dat goed nie hoef aan te hou soos dit nou aanhou nie, maar om nuwe moontlikhede te sien. Dis hoekom ek my boek "nuwe drome" genoem het... letterlik: hoe droom jy nuwe drome? Ek dink 'n sleutelding, wat daar in daai selfde *cluster* saam is, is die soort van heilige geduld, om te wag op wanneer die regte oomblik kom.

P 3: PR_3.docx - 3:41 [Gewoontes sou doodgewoon die k..] (89:89) (Super)
Codes: [42 Klassieke geestelike praktyke - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Gewoontes sou doodgewoon die klassieke geestelike praktyke wees van gewoontes

© University of Pretoria

om te bid, gewoontes om in die wêreld te wandel, jy weet, rituele en praktyke soos om die koerant te vat en te bid of om onderskeidend vir jou te vra: as jy in 'n omgewing is of in 'n nuwe plek, waar werk die Here hierso? Praktyke soos die *lectio divina*. Ons doen dit in die gemeente ook... Om tekste deur te werk sodat jy jou oopstel nie net vir klein seleksies nie, om langer met tekste te werk. Ek dink 'n gewoonte is om afstand te doen van mag en toe te laat dat gemeentelede se woord en se soms gebrekkige interpretasie van goeters ook vir jou belangrik raak.

P 3: PR_3.docx - 3:42 ['n Geweldige openheid vir die ..] (89:89) (Super)
Codes: [33 Openheid vir die mobiliteit en vreemdelingskap van mense - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

'n Geweldige openheid vir die mobiliteit en vreemdelingskap van mense. Ek weet nie of dit 'n gewoonte is of wat nie, maar, jy weet, die hele idee van dat vreemdelinge jou lewe verruim. En dat hulle eintlik God se engele is wat vir jou op onmoontlike tye uit hierdie reis uithelp om by nuwe plekke uit te kom, is krities. En dit het te doen met 'n houding, om afstand te doen van om mense te wil manipuleer, te beïndruk, om goed oor te kom, om te luister en net mense se welsyn hoog te ag. Nog gewoontes, dink ek sou ek sê..., 'n geestelike gewoonte of 'n dissipline om byvoorbeeld vreemdelinge te ontvang. Jy weet, rituele van vreemdelingskap in 'n gemeente en in 'n mens se eie lewe ook. Iets wat Len Sweet my geleer het wat jy waarskynlik nie by ander ouens sal optel nie, is wat hy noem *randomising practices*. Met ander woorde, hoe bring jy...? Kyk, in 'n idealistiese lewe waar alles planmatig verloop, waar jy jou hermeneuties ook net oophou vir die goed wat jy beplan... Kyk, dis mos strategiese beplanning, hoekom ek sê begroting se probleem is, jy kyk só... Want jy sê: my plan wat ek wil bereik, en hier's my sewe stappe, my begroting is so... En alles wat aan die kante gebeur, sien jy nie. So jou hermeneutiek word absoluut deur hierdie strategiese plan beheers. Terwyl, al die goeters kan hier aan die kant wees, en jy het geen manier om dit... Nou hoe kan afleer om dit te doen? En jy móét afleer want modernisme het die goed vir jou aangeleer. So, dit is meganismes soos om in 'n boekwinkel in te stap en net die eerste boek op die rak te vat en te lees. Of, waar ek nou baie kom by konferensies en goed, om doelbewus nie by bekendes te gaan sit nie, maar by iemand wat onbekend is. Dis wat Pat-hulle nou baie keer doen met die wandel in die Woord, soek die *reasonably friendly stranger*. Ek doen dit letterlik as ek nou by 'n konferensie... Ek meen, dit is nou die interessantste goed wat gebeur... As ek by 'n internasionale konferensie is, en ek sien daar's 'n tafel, dan gaan soek ek dié wat ek nie iemand ken nie. En dis 'n *practice*, dis net 'n reëling van hoe jy vreemdelingskap oefen. En nou's dit interessant, soos van my kinders wat nou al dit raaksien en oefen en gemaklik is om... Ek het partykeer nog weerstande daarteen. Ek praat moeilik in 'n supermark-tou met die mense om my. My vrou doen dit asof dit niks is in die wêreld nie. Maar van daai deel is vir my nog moeilik om daai vreemdelingskap te doen, maar soos ek sê, ek dink dis 'n praktyk wat vir jou baie kan help. Praktyke soos byvoorbeeld om 'n koerant of 'n film te lees vanuit die oogpunt van: waar het God hier gewerk? Met ander woorde, waar onderskei jy in die populêre kultuur die werk van God?

P 3: PR_3.docx - 3:43 [En, ek sou sê 'n kernkapasitei..] (91:91) (Super)
Codes: [30 Kreatiwiteit - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En, ek sou sê 'n kernkapasiteit is die ontwikkeling van kreatiwiteit. Ons het heeltemal

© University of Pretoria

te min goeters in beide ons opleiding en ons teologiese verstaan van *imago Dei*. Hoe is...? Ek dink die sentrale ding van beeld-van-God-wees is uiteindelik om uit niks te kan skep nie. Met ander woorde, kreatief te wees. En dis die een waarmee ons in ons kerk en opvoeding baie keer die swakste doen. En ook nie koester nie. Ons geniet almal kreatiwiteit, maar kom doen dit net in die kerk, dan loop jy jou teen 'n muur van weerstand raak. So, ons sal baie kreatief...

P 3: PR_3.docx - 3:44 [En dan dink ek sal ons by domi..] (91:91) (Super)
Codes: [33 Risiko's neem - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En dan dink ek sal ons by dominees moet aanleer die vermoë om die spronge in die duister te maak. Hoe lyk risiko? En hoe verstaan ek risiko? En hoe leer ek om risiko te neem en foute te maak en nog te oorleef na dit? Want as ons nie daai eksperimentele ruimte skep nie, gaan ons nêrens die ding uit*figure* nie.

P 3: PR_3.docx - 3:45 [Ek dink ons sal moet vra hoe j..] (96:96) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Hoe om praktyke van kreatiwiteit te skep - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Ek dink ons sal moet vra hoe jy praktyke van kreatiwiteit kan skep in 'n gemeente. Dis 'n groot leemte.

P 3: PR_3.docx - 3:46 [Ek dink 'n, een van die goeter..] (97:97) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Missionale kerkverband - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Ek dink 'n, een van die goeters waaroor ons sekerlik vorentoe nog verder sal moet nadink is: watter tipe veilige ruimtes of strukture is die beste vir 'n missionale kerk. Soos byvoorbeeld: Is ons presbiteriale sinodale stelsel 'n goeie stelsel vir missionale kerk?, want dis so gerig op instandhouding. Ek meen ons almal wat ouer dominees is onthou nog die dae wat jy ringsvorms... Nou nog, ek sit nou die dag by 'n ringsitting, toe dink ek: man as ons eintlik alles stroop, stel hierdie ouens net belang is daar nog genoeg geld in die gemeentes? Is daar bietjie groei in die lidmate of hoe sleg is die verlies aan lidmate? Het die dominee sy verlof gevat en hulle diensverhoudinge nagekom? Krities gesproke is ons presbiteriaal sinodale stelsel nie missionaal nie.

P 3: PR_3.docx - 3:47 [En, dink ek, sal konteks-anali..] (98:98) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Konteksanalise - Hoe lees ek kontekste? - Family: Verdere Navorsing]
No memos

En, dink ek, sal konteks-analise... Ons sal baie meer moet nadink oor: hoe lees ek kontekste? Ek dink ons verstaan hierdie nuwe postmoderne wêreld rondom ons nog baie swak. Nog baie min insig daarin.

P 3: PR_3.docx - 3:48 [Ons sal baie diep moet dink ho..] (100:100) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Missionale kerkverband - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Ons sal baie diep moet dink hoe...? 'n Denominasie het 'n invloed op gemeentes. Jy's

© University of Pretoria

in kerkverband met mekaar. Hoe kan...? Vat nou maar julle sinode wat verby is by [STREEKSINODE], hoe kan so 'n sinode lyk dat dit die missionale bestaan van gemeentes help? Want daai, 'n groot deel van daai sinode behalwe die een of twee ligpunte wat jy vir my uitgewys het, was eintlik gefokus op die instandhouding van die kerkverband en die gemeentes. Daar was min gedoen om uiteindelik... En ek meen dis nie net by [STREEKSINODE] nie. Ek sê dit net omdat dit 'n gedeelde ervaring is. So kan ek deur 'n klomp plekke gaan. Die intensie en die fokus is eintlik: hoe versterk ons die ou *attractional* instandhoudingsmodel? Ons is - in daai prentjies wat Pat teken - is ons altyd daai ouens wat om die kerk dans (59:06), om die skippie dans en net dít wil beter doen. Baie sisteme en goeters... Ek is baie bekommerd, byvoorbeeld Gert, oor..., by al ons sinodes hoor ek hierdie geweldige klem op predikanteversorging. Asof dit die mees depressiewe onversorgde, gemarginaliseerde groepie mense op aarde is. En alreeds gaan tagtig persent van ons finansiële hulpbronne in dominees in. En nou sit ons... By die plekke waar ons onderskei, gaan verskriklik baie van ons hulpbronne in om dié ouens te ondersteun om die werk te doen. En in 'n missionale kerk-wees verstaan ons mos dat die energie lê nie net daar nie. Die energie wat ontsluit moet word, lê om die lidmate as...

P 3: PR_3.docx - 3:49 [So miskien moet ek sê: 'n narv..] (100:100) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Hoe bemagtig jy die amp van die gelowige? - Family: Verdere Navorsing]
No memos

So miskien moet ek sê: 'n navorsingsterrein is oor hoe bemagtig jy eintlik die amp van die gelowige om in die alledaagse lewe die missie van God te sien en daarby aan te sluit

P 3: PR_3.docx - 3:50 [die gemeente dink ek beskik no..] (8:8) (Super)
Codes: [Taal/Selfverstaan: 'n Totaal ander verstaan van die wese van die kerk - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

...[D]ie gemeente dink ek beskik nou oor taal of vaardigheid of die vermoë om sekere goed 'n naam te gee. Soos die gemeente dink ek kon tien of vyftien jaar gelede nooit praat oor, jy weet, wat beteken die uitleef van geloof in die alledaagse as deel van die kerk se wesenlike bestaan. Die taal was toe, jy weet, jy het 'n verpligting om kerk toe te kom en die gemeente-aktiwiteit ter wille van die gemeente op te bou. Daar's nou rêrig, dink ek, na sewe jaar se reis en preke en kleingroepe in die wese van die gemeente 'n totaal ander verstaan van die wese van die kerk. Dat die kerk eintlik bestaan ter wille van mense buite die kerk. Dat die mense binne die kerk seën van die Here ontvang ter wille van mense buite die kerk. Jy hoor dit in die diskoerse. Jy hoor mense praat, jy weet, lidmate, kerkraadslede, by plekke waar gemeente onderskeidend is, praat hulle hierdie soort van taal.

P 3: PR_3.docx - 3:51 [Ek dink by terugskoue het ons ..] (20:20) (Super)
Codes: [03 KragteInstandhouding: Eis vir huisbesoek - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ek dink by terugskoue het ons ook geleer en ervaar, jy weet, daar kom 'n tyd dat die vennootskap se taal... Dat as jy in die muur in hardloop... Daar's tye dat die gemeente ernstig begin twyfel het... Veral in die vroeë fase van die transformasie, jy weet, het die kragte van instandhouding, soos om huisbesoek te doen, was daar geweldig

© University of Pretoria

spanning by die gemeente en jy weet het ons letterlik oorgangsmaatreëls getref soos om ’n emeritus dominee aan te stel wat al die bejaardes besoek het sodat hulle net kan weet dis *business as usual*, maar gee dan ten minste vir die res van die gemeente toestemming om dan op hierdie pad te gaan. So dit was ’n geweldige...

P 3: PR_3.docx - 3:52 [Ek dink ook wat by ons ‘n groo..] (36:36) (Super)
Codes: [01 EieVorming: Leierskap leef 'n missionale bestaan - Family: Leraar Rol]
No memos

Ek dink ook wat by ons ’n groot rol gespeel het, bewustelik ook, dat die kerkraad gesê het: maar leierskap moet ’n missionale bestaan leef. Jy kan nie daaroor praat en goed as jy dit nie doen nie.

© University of Pretoria

Aanhalings PR_4.

All current quotations (77). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:37:22

P 4: PR_4.docx - 4:1 [Ons ís net gewoon baie meer ge..] (3:3) (Super)
Codes: [Fokus: Gemeente baie meer gefokus - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ons ís net gewoon baie meer gefokus. Ek onthou as deel van die proses van die vennootskap is daar gesê die vennootskap help jou om te fokus. Ons is baie meer gefokus, en ek sê hier, ons fokus op die verwondes tref daadwerklik. Ons het dit hoegenaamd nie voor die tyd gehad nie, ons was nie seker, alles vir almal gewees. Baie meer gefokus.

P 4: PR_4.docx - 4:2 [En die gemeente begin om missi..] (4:4) (Super)
Codes: [Taal/Selfverstaan: Gemeente begin om missionale taal te gebruik - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En die gemeente begin om missionale taal te gebruik. En dis nie net dat ek dit agterkom nie, maar ons het mos ŉ tweede verslag ingevul vyf jaar later. En een van die duidelikste goed wat uitgekom het, is dat die gemeente begin die taal gebruik. So, voor die tyd het ons nie die taal geken nie.

P 4: PR_4.docx - 4:3 [ŉ Derde belangrike ding is da..] (7:7) (Super)
Codes: [Gebedskultuur: Gebedskultuur en gees van afhanklikheid in die gemeente teenwoordig - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

ŉ Derde belangrike ding is dat meer van gebedskultuur en ŉ gees van afhanklikheid in die gemeente is teenwoordig. Weer ŉ keer, wat ons beleef, weer ŉ keer wat die verslag gesê het, ons kom agter hier is ŉ gebedskultuur. En die interessante is, toe ons die drie patrone destyds moes kies, moes ons twee sterkes en jou swakste een kies. En ons swakste een was biddende afhanklikheid van die Gees. So, baie interessant, nê, dat daar vandág het jy meer van ŉ gebedkultuur, en soos ek sê, ŉ gees van afhanklikheid. Afhanklikheid van die Here. Afhanklikheid van die Gees.

P 4: PR_4.docx - 4:4 [Dan ŉ volgende een is, daar i..] (8:8) (Super)
Codes: [Godfokus: 'n Sterk bewussyn van God se teenwoordigheid - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Dan ŉ volgende een is, daar is ŉ sterk bewussyn van God se teenwoordigheid. Ek sou dit sê in die selle, maar dan veral ook in die eredienste. Vra my nie waar in die vennootskap dit, ek dink dit het baie te doen met die feit van om regtig te fokus op God, om te luister na God, om geloofsonderskeidend te werk. En ons maak baie in die gemeente daarvan. Ons het byvoorbeeld nou ŉ stuk simboliek van ŉ kers wat ons aansteek elke Sondag om gewoon net te sê: “Wéét dit, soos wat jy die lig sien, so is

© University of Pretoria

God teenwoordig".

P 4: PR_4.docx - 4:5 [Dán gebeur daar 'n ding wat on..] (8:8) (Super)
Codes: [Taal/Selfverstaan: Selfverstaan skuif vanaf instandhouding na roeping en gestuurdheid - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Dán gebeur daar 'n ding wat ons nie verstaan het voor die tyd nie, maar dis daai ding van dat jy besef jy is geseën om tot seën te wees, en jy is geseën om 'n seën te wees, bedoelende iets van die *being* en die *doing*. Ek bedoel, ons moes baie daarop fokus om mense te laat verstaan, in die éérste plek gaan dit oor wat met jóú gebeur, jou *being* En vanuit die *being* kom die *doing* uit. En dís 'n belangrike ding.

P 4: PR_4.docx - 4:6 [En dan sê ek: ons begin versta..] (9:9) (Super)
Codes: [Taal/Selfverstaan: Lidmate begin verstaan dat ons geroep is om aan te sluit by God se sending - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En dan sê ek: ons begin verstaan dat ons geroep word om aan te sluit by God se sending. Dit was 'n moeilike begrip, die *missio Dei*, aan die begin gewees, maar dis asof die gemeente stadig maar seker dit verstaan: ons sluit aan by Sy werk. Dieselfde met ons fokus, dit word dan ook ons visie wat ons beliggaam het in ons gestuurdheid. Ons sluit aan by wat God rééds gedoen het. En dit is redelik sigbaar in ons gemeente.

P 4: PR_4.docx - 4:7 [En dan sien ons dit, en die ve..] (10:10) (Super)
Codes: [Taal/Selfverstaan: Selfverstaan skuif vanaf instandhouding na roeping en gestuurdheid - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En dan sien ons dit, en die verslag sê dit nogal, díép transformasie is besig om in die gemeente plaas te vind. Dis nogal die woorde van die verslag, daardie diep transformasie. Ons ís net nie meer 'n tipiese instandhoudings-gemeente nie. Ons, kan jy duidelik agterkom, is bésig om skuif te maak na gestuurdheid. Ek is die eerste een wat sal sê, ons is nie daar nie, maar in 'n groot persentasie van ons lidmate, ten minste kerkgangers se harte, kan jy dit agterkom.

P 4: PR_4.docx - 4:8 [Ek dink lidmate begin verstaan..] (15:15) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Lidmate ontdek eie gestuurdheid - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek dink lidmate begin verstaan dat ons geroep en gestuur word om te wées, om te wées, let wel, én 'n verskil te maak. Dis weer die gedagte van die *being* en die *doing*.

P 4: PR_4.docx - 4:9 [Dan sê ek, die instandhoudings..] (15:15) (Super)
Codes: [Taal/Selfverstaan: Selfverstaan skuif vanaf instandhouding na roeping en gestuurdheid - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Dan sê ek, die instandhoudings-verwagting om gedien te word, daai tipiese ding van *serve me*, dien my, ek sit met my hande gevou, daai ding is besig om te skuif. Het verander na 'n gesindheid van, hoe kan ék dien of 'n verskil maak? Ons ís nie meer

© University of Pretoria

daar nie. Ons was daar gewees, sou ek sê ses sewe agt nege tien jaar terug. Ons was regtig daar. Dat óns bedien word met huisbesoek en met alles, jy weet, en nog wat. Dis nie meer daar nie. Dan, lidmate kom spontáán na vore om 'n verskil te maak. As ek so depressief raak oor die proses, en as ek so negatief raak oor die proses, dan sê ouens net vir my, maar maak jou oë oop. Ek onthou, so vier jaar terug, vyf jaar terug in 'n kerkraadsvergadering, toe sê ek, ek is nie oortuig dat die goed werk nie. En toe staan een van die ouderlinge op en sê, my dominee, maak oop jou oë. Kyk wat gebeur in die selle. Kyk wat gebeur in die gemeente. En dis gewoon waar. Ek moes dit erken. Daar is soveel goed, jy is besig om oor hierdie goed te praat, en ons is besig om die patrone te *blowtorch*, te onderstreep, en dan gebeur daar tog wonderlike goed. Daai goed gebeur.

P 4: PR_4.docx - 4:10 [En dan, ons begin om ánders na..] (15:15) (Super)
Codes: [Geloofsonderskeiding: Geloofsonderskeiding word deel van die kultuur - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En dan, ons begin om ánders na God, na mekaar en die wêreld te luister. Dis maar 'n proses, stadige proses. Maar die hele ding van geloofsonderskeiding. Ons het baie reekse daaroor gehad. Dis besig om pos te vat. En ook, ons luister baie meer na mekaar. Ons ploeg nie maar net in 'n ou se nood in en dink ek het die antwoord nie. Ons het geleer om te begin luister na mekaar.

P 4: PR_4.docx - 4:11 [Maar dis asof ons ook die geme..] (15:15) (Super)
Codes: [Konteks: Transformasie van gerigtheid na die onmiddelllike omgewing - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Maar dis asof ons ook die gemeenskap... Ek onthou by die eerste verslag was die vraag gewees, iets oor die gemeenskap. Maar dan praat almal oor die gemeente, hulle sien nie eers die woord "gemeenskap" raak nie. Ons is baie meer sensitief vir die gemeenskap waarin ons is.

P 4: PR_4.docx - 4:12 [En dan sê ek ook, ons begin om..] (16:16) (Super)
Codes: [HanteringVerandering: Gemeente begin om risiko's te neem - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En dan sê ek ook, ons begin om risiko's te neem. Lidmate wat aanvanklik te bang was om uit te beweeg of 'n verskil te maak, kom jy agter is besig om risiko's te neem. Hoe kléín ook al. En dít het gemaak uiteindelik, ek sê dit later, dat ons dit as vierde patroon bygebring het. Nou wil ons gróter risiko's begin neem.

P 4: PR_4.docx - 4:13 [Ek kan vir jou régtig 'n klómp..] (21:33) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate bemagtig om met ondersteuningsgroepe te begin]
No memos

Ek kan vir jou régtig 'n klómp stories vertel. Ek kan infokus op 'n individuele lidmaat. Maar ek gaan vir jou 'n storie vertel wat uitgekring het. Toe ons so drie jaar deel van die vennootskap was, was daar 'n juffrou by die skool, sy het rek gegee, en sy het besef sy gaan binne 'n jaar aftree. En sy was só onder die indruk gewees van 'n reeks waarmee ons besig was oor biddende afhanklikheid van die Gees van God. Ons het in daardie tyd ook baie oor roeping gepraat. En sy het regtig, op haar eie het sy dit 'n

© University of Pretoria

saak van gebed gemaak om te sê: “Here ek tree binne ‘n jaar af, waartoe roep U my? Om wat te doen? En sy het vir watter rede net ‘n geweldige passie gehad vir mense wat deur egskeiding gaan, en mense wat geliefdes aan die dood afgestaan het. En ek onthou nog dat sy na ons as kerkraad toe gekom het en gesê het, kan sy met ‘n ondersteuningsgroep begin vir elk van hierdie twee? Ons het vir haar gevra wat se materiaal gebruik sy. Toe sê sy, ‘n gemeente naby ons het Amerikaanse materiaal, ‘n video, wat hulle gebruik daarvoor. En ons het gesê, wel, wat gaan jy doen? En sy het gesê, ek gaan die kursus daar bywoon. Dan wil ek dit graag aankoop en dan wil ek begin. Ons het net vir haar gesê, gaan aan. Ons het verder nie vrae gevra nie. Ons het regtig vir haar gesê: soek jy ‘n lokaal? Ek soek ‘n lokaal. Hoe dikwels wil jy vergader? Een keer ‘n week gaan ek vergader. Gaan die twee kursusse saam hardloop? Nee, so ses maande die een, dan ses maande die ander een. En sy het begin met daai ondersteuningsgroep. En dit was letterlik asof lídmate, bewus van waarmee sý besig is, sáám met haar begin inskakel het in hierdie ondersteuningsgroep. Maar die wonderlike gebeur, dat ánder lidmate kom na vore. ‘n Lidmaat wat ‘n paar mense bymekaar kry begin met ‘n depressiegroep. Nog ‘n lidmaat wat deur kanker gegaan het - die interessante is dis júís ‘n depressielyer wat saam met ‘n paar depressielyers ‘n groep begin vir depressielyers. ‘n Man wat deur kanker gegaan het, begin met ‘n ondersteuningsgroep vir ouens wat deur kanker gaan. ‘n Lidmaat en haar man wie se kind deur dwelmafhanklikheid gaan, begin ‘n groep vir die ouers en familie van mense wat deur dwelmafhanklikheid gaan. So, ek noem hierdie lysie van wat gebeur het op daardie stadium. Ek sê gewoon net, daar’s byvoorbeeld ouers en familie van substansafhanklike, kankerpasiënte, depressielyers, persone wat geliefdes aan die dood afgestaan het, persone wat deur egskeiding gaan, ‘n ondersteuningsgroep vir enkellopendes, en dan ‘n ondersteuningsgroep vir enkelouers. Met ander woorde ouers wat sukkel, hierdie ma wat sukkel met haar kinders, dis anders as enkellopendes. So, hierdie klomp groepe is ondersteuningsgroepe wat begin het, hulle vergader week vir week, élkeen het ‘n lokaal. En die interessante is dat tussen sewentig en negentig persent van die ouens wat dit bywoon, is nié-lidmate. Waarom? Hulle adverteer in die media. So, die hele Roodepoort weet daarvan. Hier kom Engelses, Afrikaners, al die sprekers, kom woon dit by, en ons doen dit nie om daaruit te groei nie. Maar die wonderlike is tog dat van daai mense begin daaruit groei. En die enkele storie wat ek wil vertel is byvoorbeeld ‘n depressielyer. ‘n Man wat op die punt is om sy eie lewe te neem. En hy sien hierdie advertensie in die koerant, en hy sluit die volgende dag aan by die depressiegroep. En ek bedoel, hy het so kragdádiglik, ek wil nie sê “herstel” nie, maar dit het sóveel vir hom beteken, dat hy het spontaan lidmaat van die gemeente geword. En hý, saam met ‘n paar ander, dryf vandag hierdie ondersteuningsgroep. Hy het self gevra of hy kan kom getuig in die gemeente. Een hy het kom getuig wat hierdie ondersteuningsgroep vir hom beteken het. So dis wonderlik hoedat één vrou begin, bewus van waarvan ons praat, ‘n klomp ander begin met ondersteuningsgroepe. En ek dink dis een van ons mees suksesvolste verhale. Hierdie ondersteuningsgroepe en die feit dat sewentig persent plus nie van ons lidmate is nie. So ek dink dit is omtrent wat ek hier wou sê oor die verhale.

[NOEMNAAM], hene dit is ‘n mooi storie.

Dis ‘n mooi storie. Dis regtig ‘n mooi storie.

Want dit is ‘n storie wat vertel van ‘n gemeente wat nou rêrig op ‘n spontane manier waar God werk konnekteer met sy omgewing. Binne die hele gestuurde roeping, met die nood binne die omgewing.

En mag ek ‘n belangrike ding sê? Toe ons begin het met die vennootskap, het ek nie

© University of Pretoria

geweet hoe gaan hy uitkristalliseer nie. Hoe gaan hy in die praktyk lyk nie. Die lááste ding wat ons besef het, is dat ondersteuningsgroepe so ‘n gewéldige impak op die gemeente gaan hê. En ek sê ook later hierso, as gevolg van die ondersteuningsgroepe het jy mense, nou kom hulle vir hulp, óns mense wat dit aanbied het nie al die *know-how* nie. So ondertussen het ons ‘n maatskaplike werker aangestel, nie voltyds nie, maar net ter wille van berading. So sy kry ‘n salaris, en sy beraad twee dae lank. Die werk word vir haar te veel. Ons het ‘n tweede berader aangestel. En ons het nou die afgelope ses maande vir Elize Bosch aangestel as derde berader. So, van hierúít is daar drie beraders wat nou, én daar is ook ‘n geestelike berader. ‘n Lidmaat is nou ook ‘n geestelike berader. So die insiggewende is, dat ons predikante het elke Dinsdagmiddag het ons ons spreekure. Ons sien bitter min lidmate, want ons éie lidmate beraad ons eie lidmate, en natuurlik ook die ouens van buitekant af.

Het die beraders kantore hier by julle? Of hoe werk dit? (12:59)

Hulle almal werk vanuit die kantoor, ja.

So, hulle kom in vir sekere tye.

Jy’t ‘n maatskaplike werker, so sy is twee middae en aande daar in haar kantoor. En dan een van die ander middae en aande is een van die ander beraders. En een van die ander is een van die ander beraders. En dan die geestelike berader deel ook daai kantoor. En as ons te vol is, dan gee ons net vir hulle ‘n ander kantoor. Ons het drie kantore wat ons beskikbaar kán stel vir hulle, maar op hierdie stadium werk een nogal redelik goed.

So, [NOEMNAAM], wat ek nou hoor jy nou eintlik vir my sê, is hier het ‘n massiewe bemagtiging van lidmate plaasgevind. (13:31)

Absoluut. Ek bedoel, dis die één ding. Ek bedoel, die kerkraad pak geen projek meer aan nie. As ‘n lidmaat na ons kom en vra, wat gaan ons doen rondom xenofobia, dan sê ons ons gaan níks doen nie. Maar hoe lyk dit my jy het ‘n passie? Gaan vergader twee, drie, vier vyf ouens rondom jou. Bid oor die saak. Hou ‘n vergadering of drie. En begín. En as hulle vir ‘n jaar of tien aangaan en hulle wil ophou, dan hou hulle op. Ons as kerkraad gaan dit nie aan die gang hou nie. So as enige van hierdie groepe gaan termineer, dan is dit *oraait*, want ons gebruik mense met ‘n passie. Ons gaan nie vir mense vra om goed te doen nie. En vandat ons dít gedoen het, Gert, ek bedoel, dit is... Die gróót verskil in die gemeente het gekom vandat die gemeente, die geméénte terug gegee het in die hande van die gemeente. Ons doen daarvan niks nie, ons hardloop géén projek van ons kant af nie.

Daardie lidmate wat hierdie groepe dryf, hulle word nie betaal nie. Dis net die maatskaplike werkers en daai geestelike berader wat betaal word?

Hulle kry ‘n som geld, sommige van hulle kry net genoeg vir hulle vervoer. Die maatskaplike werker kry darem geld daarvoor. So op ‘n manier probeer ons hulle vergoed. Maar maar baie van hulle sal sê: man, gee net vir my ‘n vervoertoelaag. Ander sal weer sê, ek moet baie bel, kan ek net iets kry vir my selfoonrekening, en so.

P 4: PR_4.docx - 4:14 [ns spandeer maandeliks R35,000..] (37:37) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate bemagtig om met ondersteuningsgroepe te begin]
No memos

Ons spandeer maandeliks R35,000 vir kos vir honger kinders. So ons het ‘n gróót span wat spontaan die aankope doen, die verspreiding doen, by die mense kom en ook ondersteun op ‘n manier, verseker geestelik. Dis ‘n groot gedeelte van ons werk die gemeente. Ons hardloop, saam met die NG welsyn, hardloop ons twee kleuterskole. Primêr is dit ‘n kleuterskool wat begin het na ons begin het met die

© University of Pretoria

vennootskap van gestuurde gemeentes, maar ons het daar hande gevat vir NG Welsyn. So ons het lidmate wat betrokke daarby is, maar finansieel gesproke betáál ons daarvoor. So dit is meer ‘n ding waar ons onsself aan koppel.

P 4: PR_4.docx - 4:15 [En dán natuurlik hierdie hele ..] (37:37) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Lidmate ontdek eie gestuurdheid - Family: Gemeente Transformasie] [Storie: Lidmate bemagtig om met ondersteuningsgroepe te begin]
No memos

En dán natuurlik hierdie hele ding dat ons het ‘n klómp, massále hoeveelheid lidmate het wat opgelei is om hospitaalbesoek te doen, om siekebesoek te doen, om krisishantering te doen, om dan nou ook nou besoek te doen nadat iemand gesterf het, daai vyf ses sewe maande. Dít maak dit vir ons nét soveel makliker. Dat ons het regtig ons lidmate daarin bemagtig om ín te beweeg en ‘n verskil te maak. So in dáái sin begin die predikante amper onnodig te raak. Ek kom by lidmate as hy ingaan hospitaal toe een of twee keer. Ek is daar een of twee keer na iemand gesterf het. Maar hulle gaan aan, hulle volg op. Hulle hulle gaan net spontaan aan. So, dis wonderlike goed wat gebeur het in die gemeente. En dan práát ek nie eers, ek praat nie eers van die selle... En dis die wonderlike... Daar het jy al klaar selgroepe. ‘n Selgroep wat byvoorbeeld verantwoordelikheid neem van ‘n ouetehuis hier anderkant. Hier’s byvoorbeeld een wat ‘n, hy neem verantwoordelikheid vir die ouetehuis. As daar geverf moet word, hulle doen dit. Want van die selfgroeplede werk, is kontrakwerkers wat vensters skoonmaak en dan verfwerk doen. So die hele selgroep is betrokke by by by hierdie ouetehuis. En so het jy ‘n klomp selgroepe wat dan sê, óns het ons verbind hieraan of daaraan. Um, ja, dis die wonderlike.

P 4: PR_4.docx - 4:17 [‘n Ander bydraende faktor was ..] (39:39) (Super)
Codes: [10 ProsesSAVGG: Ontmoeting met die SAVGG - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

‘n Ander bydraende faktor was die ontmoeting met die SAVGG. Ek wil dit uit en uit sê. Uh, die ander faktor was dat ons regtig getrou by die proses gebly het. Ouens is nie mal om dit te doen nie. Ek’t altyd vir ou Pat Keifert gesê: *I will stay with you just to proof you wrong*. Ek bedoel, ek’t vir hom gesê, ek sal slaafs wat jy sê ons moet doen navolg, en ek moes nou so ‘n tyd terug bieg en sê: uh, ek kan jou nie verkeerd bewys nie.

P 4: PR_4.docx - 4:18 [En dan sê ek ook: ons dryf van..] (39:39) (Super)
Codes: [03 Fokus/Visie: Die dryf van ons drie patrone - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

En dan sê ek ook: ons dryf van ons drie patrone. Die feit dat ons daai drie patrone slaafs wéér en wéér en wéér gedryf het, en veral deur reekse gedryf het en ook deur ‘n ander klomp goed. Dan noem ek sommer ons patrone se name: Bybelse vorming van dissipelskap, biddende afhanklikheid van die Gees, om iets van die wil en hart van God uit te leef. En dan het ons nou hierdie vierde een bygebring: om risiko’s te neem.

© University of Pretoria

P 4: PR_4.docx - 4:19 [En dan wil ek sê, wat ook 'n b..] (39:39) (Super)
Codes: [03 Fokus/Visie: Volgehoue fokus op gestuurdheid - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

En dan wil ek sê, wat ook 'n bydraende faktor is tot die vorming van ons as gemeente is, ons ábsolute fokus op ons gestuurdheid en in ons gestuurheid is daar die volgende woorde: die Here stuur élkeen van ons na verwonde mense binne en buite die gemeente om lewens te verander en hulp en hoop te bring. So, die feit dat ons, uh, ons ons visie wat ons beliggaam, ons gestuurdheid, wéér en wéér en wéér onderstreep, en dat ons die patrone wéér en wéér onderstreep, dís die ding wat gemaak het dat hierdie vorming plaasvind, níks anders nie. Ek bedoel, ons het aanhou-aanhou om dit te dryf. En as jy my vra: doen ons dit suksesvol? Dan sê ek: Nog nie. Na ses sewe ag jaar nog nie. Ek bedoel, ons groei maar nog daarin, maar ons het nóóit opgehou om dit te doen nie.

P 4: PR_4.docx - 4:20 [En dan sê ek nog ietsie, ek sê..] (39:39) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Inkoop van die leraars en kerkraad - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

En dan sê ek nog ietsie, ek sê: die erns waarmee die kerkraad saampraat en by die proses bly. Ek mag dit later sê, maar daar was 'n punt wat die kérkraad régtig na die taakspan gekyk het en gesê het, ons vertrou julle nie. Hulle het nie eers die proses vertrou nie. En vandag het ons 'n kerkraad wat régtig ingekoop het in die proses. En as leier-leraar gee ek vir hulle baie stof om te lees, en ons behandel stof. En ons het so drie maande terug 'n beplannings-naweek gehad waar ons die héle naweek net 'n boek saam gedoen het. Um, dit is tog wonderlik. En ek wil ook sê dat my kollegas ingekoop het. Ek dink nie ek sê dit hier nie. My een kollega, my jonger kollega was aanvanklik régtig nie deel en opgewonde oor die proses nie. Hy's eenhonderd persent ingekoop. [NOEMNAAM] is weg. [NOEMNAAM] het bygekom. [NOEMNAAM]-hulle wás deel van die proses, maar net vir drie jaar, en toe het hulle nou ander probleme gehad. So, uiteindelik lyk vir my het [NOEMNAAM] ook nou weer ingekoop in die proses. So dít maak 'n baie groot verskil, die feit dat ál drie leraars en ook die kerkraad ingekoop het.

P 4: PR_4.docx - 4:21 [En jy moet nou mooi na jou vra..] (45:46) (Super)
Codes: [03 Fokus/Visie: Die dryf van ons drie patrone - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

En jy moet nou mooi na jou vraag kyk, nê. Want jou vraag vra die volgende: Wat was nou jou mening die belangrikste bydraende faktor tot die vorming van 'n missionale gemeentekultuur? Daar's 'n paar goed: dat ons ingekoop het, die fokus, ensovoorts ensovoorts. Maar die belángrikste ding is, dink ek, die feit dat ons oor ons gestuurdheid en oor die patrone oor en oor en oor gepraat het. Die patrone verander mense se denke. En na die maat dat jy jou visie oor en oor onderstreep. En daaroor preek en reekse daaroor hou. Dis die goed wat mense se lewens verander.
Onthou 'n belangrike ding. En ons moet leer by ouens soos Bill Hybels-hulle. Bill sê altyd: "*Vison leaks*." As jy nie hierdie prosesse lewend hou nie, of as jy nie hierdie proses herbesoek en wéér besoek en wéér besoek nie, dan gaan jy nie vorder nie. Want dis letterlik soos 'n ballon wat jy opblaas, en as jy maar weer sien begin hy af te blaas. En daarom is dit so belangrik dat jy jou patrone en jou visie, jou gestuurdheid, oor en oor en oor onderstreep. En dat jy aksieplanne in plek plaas, langtermyn planne

© University of Pretoria

in plek plaas, oor hoe jy dit gaan doen. Dít verander die gemeente.

P 4: PR_4.docx - 4:22 [Natúúrlik sou ek ook sê dat ge..] (46:46) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: Aanleer van gewoontes - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Natúúrlik sou ek ook sê dat gewoontes – ek dink ek het vergeet om dit te sê - die feit dat ons ons gewoontes begin verander het, luister na God, luister na mekaar, luister na die gemeenskap, en die feit dat ons begin leer het om risiko's te neem. En natuurlik die gewoonte om te fokus, maar dit is nou 'n bietjie moeiliker een om te sê. Maar, maar ons is besig om gewoontes te verander, en na mate wat ons dít begin regkry... En hoe verander ons die gewoontes? Deur ons patrone. Maar kyk die hele ding van om in biddende afhanklikheid van God te leef, het regtig ook te make met luister na God, geloofsonderskeidend te werk.

P 4: PR_4.docx - 4:23 [Ek gaan 'n storie vertel, wag ..] (39:39) (Super)
Codes: [08 VeranderdeKonteks: Ons het ontdek dat ons nie weet hoe nie - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek gaan 'n storie vertel, wag hy staan half hierso. Um, ek sê: van 1995 was daar by ons 'n dodelike erns om van instandhouding na gestuurdheid te skuif. Ons het hierdie woorde begín hoor, en daar was amper 'n móédeloosheid by ons gewees. Ek onthou dat ek sélf gesê het, as ons nét met instandhouding aangaan, ek bedoel, wat hélp dit om nog kerk te wees. So, neem kennis daarvan, daai-daai gevoel van iéts moet gebeur. Um, ons het vir 'n paar jaar probeer, maar het telkens vasgeval en tot die ontdekking gekom: ons weet nie hóé nie. Ek onthou ons het nog 'n visie gehad: Ligdraers vir Christus. Jy weet, ons wou graag 'n verskil maak. En Daai visie het vir 'n klomp jare so teen die een muur in die kerk gehang. En en ons het régtig met 'n klómp strategiese beplanning en 'n klómp strategiese op die tafel het ons probeer. En onS het élke keer by 'n doodloopstraat gekom. Dis asof jy, jy praat met die gemeente en jy praat met die gemeente, maar dis 'n kléín handjie vol wat help om iets te doen. En dit was ábsoluut 'n stuk moedeloosheid gewees. En in daai tyd, hier in 2007, toe het ons nou kennis geneem van die Vennootskap van Gestuurde gemeentes. En dit is, sou ék sê, en hier's 'n belangrike ding, jy vra die belangrikste bydraende faktor. Die belangrikste bydraende faktor was dat ons op 'n punt gekom het dat ons nié geweet het hóé nie. As ek 'n metafoor kan gebruik. Ons was soos 'n alkoholis wat besef het ons móét verander maar ons het nie 'n *cooking clue* gehad hoe ons dit gaan doen nie. En ek onthou die dag toe klomp *clusters* hier aankom, gemeentes wat ons hier aankom by ons *cluster*-ontmoeting, het-het ék dit ervaar dat die meeste gemeentes op daai punt was. Ons probéér, maar ons weet nie. En die ontdekking waartoe ons gekom het, is: jy moet 'n kultuur skuif. En ons het nie geweet hoe om die kultuur te skuif nie. So ek sê daar: dit was die belangrikste bydraende faktor. [Lees] Die belangrikste bydraende faktor was daarom dat ons nie geweet het hóé nie.

P 4: PR_4.docx - 4:24 [Ek sê net, die die vennootskap..] (50:50) (Super)
Codes: [10 ProsesSAVGG: Ons het die SAVGG proses slaafs nagevolg - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek sê net, die vennootskap-proses het ons aan die begin slaafs gevolg. Ek wil kwalifiseer waarom dit slaafs is. Ek sê, wat ons slaafs gevolg het, was die eerste drie

© University of Pretoria

jaar. Met ander woorde, wat ons gevra is om te doen, het ons gedoen. Ek moet bieg en erken dat ons het nie die patrone en die plek van patrone aanvanklik geken nie. Ek moet bieg en herken dat ons het eers in die vierde en vyfde jaar dit begin regtig hanteer. Maar toe ons begin agterkom wat dit doen aan die gemeente, het ons net meer en meer daaraan aandag gegee.

P 4: PR_4.docx - 4:25 [‘n Ander rede hoekom ek sê “aa..] (50:50) (Super)
Codes: [14 VoortsettingReis: Die voortsetting van die reis na die SAVGG - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

‘n Ander rede hoekom ek sê “aan die begin slaafs nagevolg”, jy kom op ‘n punt as gemeente dat jy eintlik besef: nou help die proses my nie meer nie, nou moet ek gaan leer by gemeentes wat op ‘n punt gekom het waar ek nou is. En daar leer ons nou maar hier en daar van mekaar. Want ons is regtig nou op ‘n punt wat ek nou... Ek het nou ander gemeentes nodig. Ons álmal ontdek nou hierdie nuwe era waarin ons is. So dís ‘n belangrike ding.

P 4: PR_4.docx - 4:26 [Ek sê verder, ons het erns gem..] (50:50) (Super)
Codes: [10 ProsesSAVGG: Ons het die SAVGG proses slaafs nagevolg - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek sê verder, ons het erns gemaak met elke stadium van die proses. Jy weet, ons gaan mos deur sulke stadiums. Baie erns gemaak.

P 4: PR_4.docx - 4:27 [Wat het ons reg of goed gedoen..] (51:51) (Super)
Codes: [01 Leierskap: 'n Leier wat as custodian vir die proses verantwoordelik is - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Wat het ons reg of goed gedoen? Ons het ‘n leier gehad wat wyd gelees het en die proses lewend gehou het in die gemeente. Nou, die interessante is dat, in 2001 het die kerkraad eindelik gesê, ons kom tot die ontdekking dat in ‘n tyd van verandering het jy sterk leierskap nodig. En ek is toe nou aangestel as leier-leraar. En hulle sien my taak primêr as die een wat die visie in stand moet hou. Nie in stand soos ons dit nou verstaan nie, maar ek is die visiedraer. Ek is die een wat wyd moet lees oor hierdie visie. Ek is die een wat die visie moet kommunikeer met die kerkraad. Ek is die ene wat moet leesstof gaan lees, of leesstof aanbied vir die kerkraad en vir my kollegas. En ek dink die feit dat ek dít goed gedoen het, was ‘n groot bydraende faktor.

P 4: PR_4.docx - 4:28 [Uh, ‘n nader ding wat ek wil s..] (52:52) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Inkoop van die leraars en kerkraad - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Uh, ‘n ander ding wat ek wil sê, is die leierskap van die gemeente het ingekoop by die proses. Dit was ‘n goeie ding gewees wat ons gedoen het. Daai ding dat hulle ingekoop het.

© University of Pretoria

P 4: PR_4.docx - 4:29 [Ons het die Here met die prose..] (52:54) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Leierskap bereid om God te vertrou met die proses - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ons het die Here met die proses vertrou. Ons het..., dis 'n régte ding wat ons gedoen het. Ek onthou ek was in die Kaap in gesprek met [NOEMNAAM].
[... ... ...]
Maar toe hierdie ou net begin voelers uitsteek oor die vennootskap, het hy een aand vir my, dáár in die Strand in 'n restaurant, het hy vir my gevra: wat gaan die uitkoms wees van julle proses? En toe sê ek, ek weet nie. En toe maak hy die volgende opmerking: En jy durf waag om die gemeente te neem op 'n pad waarvan jy nie eers seker is wat die uitkoms is nie? Toe sê ek, ja. Toe sê ek, want nommer een, ek vertrou die proses, en ek vertrou die Here in die proses. En ek daarom, daai ding dat ons regtig die Here vertrou het in die proses.

P 4: PR_4.docx - 4:30 [En dan ons het gewoon besluit ..] (54:54) (Super)
Codes: [05 LidmaatBemagtiging: Bediening teruggegee aan die lidmate - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

En dan ons het gewoon besluit dat ons as kerkraad geen projekte begin doen nie, en om gewoon lidmate wat die passie het om 'n verskil te maak, te ondersteun. Ek bedoel, ons het geabdikeer as die as die groep wat projekte aanpak of inisieer in die gemeente.

P 4: PR_4.docx - 4:31 [vir 'n hoofstroom kerk is dit ..] (56:63) (Super)
Codes: [31 Om diep-gewortelde voorveronderstellings oor kerk-wees te swaai - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

...[V]ir 'n hoofstroom kerk is dit bitter moeilik om om in sy wese van instandhouding na gestuurdheid te skuif. O, dis ek daardie.
Ja, die vraag is: wat was die grootste uitdaginge?
Wat was die grootste uitdagings? Ons het met tyd ontdek, nie almal skuif ewe vinnig nie. Dit was een van daai – dis amper nie 'n uitdaging of 'n probleem nie, maar dis tog 'n probleem. Ons het daar 'n ontdekking gemaak. Nie almal skuif ewe vinning nie. Ons het besef dat niemand, of sommige sal nooit skuif nie. Nie almal is ewe opgewonde nie. Baie begin kla oor die nuwe rigting wat ingeslaan word. O, dis probleme. Dis weer probleme wat ons ontdek het, nê. Maar die feit dat ons dit ontdek het; dat ons besef het nie almal gaan skuif nie, dat ons besef het daar is ouens wat stadiger gaan skuif. Die probleem wat daar dus was, het ons omgeswaai en gesê: ons ons neem kennis daarvan, maar dít gaan nie die proses kelder nie. So ons het die probleem wat daar was, het ons omgeswaai.
Ek wil net kyk... [Raadpleeg notas] Wag, ek noem nou 'n paar probleme hierso. Die feit dat vir die eerste twee jaar... Wag, die feit dat vir die eerste twee jaar... [stilte]
Die gemeente nog niks in die proses gesien of ervaar het nie.
O, ja. Dít was 'n probleem gewees. Die gemeente het baie *gemoan* en *groan* die eerste twee jaar.
Hm, daar gebeur niks.
Hulle sien niks. Daar gebeur niks nie. Maar wat hulle nie besef het nie, ons is besig om aan die fondasies, die fondament van dit alles. Maar dit was régtig 'n probleem gewees. Veral jou jou jou korporatiewe ouens wat vinnig dinge wil doen en wat gewoond was aan strategiese beplanning. Hulle wil vinnig dinge sien gebeur. Daar het niks gebeur vir twee jaar nie. En dit was nogal 'n probleem.

© University of Pretoria

P 4: PR_4.docx - 4:32 [Die gemeente het baie gemoan e..] (61:63) (Super)
Codes: [01 Projekbestuur: Om aan kultuur te werk - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Die gemeente het baie *gemoan* en *groan* die eerste twee jaar.
Hm, daar gebeur niks.
Hulle sien niks. Daar gebeur niks nie. Maar wat hulle nie besef het nie, ons is besig om aan die fondasies, die fondament van dit alles. Maar dit was régtig 'n probleem gewees. Veral jou jou jou korporatiewe ouens wat vinnig dinge wil doen en wat gewoond was aan strategiese beplanning. Hulle wil vinnig dinge sien gebeur. Daar het niks gebeur vir twee jaar nie. En dit was nogal 'n probleem.

P 4: PR_4.docx - 4:33 [Die nuwe taal wat ons moes aan..] (64:64) (Super)
Codes: [04 TaalKonsepte: Die nuwe taal wat ons moes aanleer - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Die nuwe taal wat ons moes aanleer, daai taal van gestuurdheid. Dit was óók nogal 'n baie, dit was nogal 'n probleem vir ons. Dis 'n taal wat jy gebruik en hulle verstaan dit nie. En aan die begin was dit 'n probleem.

P 4: PR_4.docx - 4:34 [Die kerkraad was wantrouerig o..] (65:65) (Super)
Codes: [02 InkoopLeiers: Kerkraad vertrou nie die proses nie - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Die kerkraad was wantrouerig oor die proses gewees. Dit was ook 'n probleem.

P 4: PR_4.docx - 4:35 [Om nie moedeloos te word nie. ..] (66:66) (Super)
Codes: [34 Om nie moedeloos te word nie - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Om nie moedeloos te word nie. Ek erken, vir die eerste twee jaar het ek seker ten minste drie keer op 'n punt gekom wat ek wou uitklim. As dit nie was dat ek die leier van die *cluster* was nie, kan ek jou verseker het ek uitgeklim. Dit was vir my totaal buite my aard. Ek is 'n *loaner,* ek doen goed op my eie. Ek is nie gewoond om ander ouens se goed te doen nie en hier vat ons 'n ding en besluit ons gaan dit slaafs navolg. En al lyk dit kort-kort of dit nie gaan werk nie. Want jy weet nie waarheen die proses jou vat nie. 'n Ander uitdaging was om te bly in die proses wat ons nie geweet het wat die uitkoms gaan wees nie. Ons het regtig nie geweet nie.

P 4: PR_4.docx - 4:36 ['n Ander uitdaging: om die pro..] (67:67) (Super)
Codes: [37 Om die proses lewend te hou - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

'n Ander uitdaging: om die proses léwend te hou. Ek het iets geleer van strategiese beplanning, jy beplan nie vandag en dan weer oor twee jaar verder nie. In die interim-fase moet jy die proses lewend hou, en dit was 'n geweldige uitdaging. Om ál die pad te praat, te kommunikeer, die reekse te hou, om die proses lewend te hou.

© University of Pretoria

P 4: PR_4.docx - 4:37 [Om die kerkraad daar te kon kr..] (68:68) (Super)
Codes: [22 Om almal, kerkraad en leiers, aan boord te kry - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Om die kerkraad daar te kon kry dat hy die proses begin vertrou het. Dit was ‘n geweldige uitdaging gewees. En al wat ons daar gedoen het, ons het maar net gekommunikeer en gekommunikeer. Na die maat dat die kerkraad begin sien het wat in die gemeente gebeur, het hy sélf begin verander. Ons het nooit gesê: begin verander nie. Hulle het sélf spontaan begin verander.

P 4: PR_4.docx - 4:38 [En dan ‘n ander uitdaging: om ..] (69:69) (Super)
Codes: [42 Om gemeente te leer om geloofsonderskeidend te werk - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

En dan ‘n ander uitdaging: om die gemeente te kon leer om geloofsonderskeidend te werk. Kan ek maar vir jou sê, dis ‘n moeilike *joppie*. Ons is nie gewoond om so te werk nie, en dit was nogal ‘n uitdaging gewees

P 4: PR_4.docx - 4:39 [Ons moes veel meer met die ker..] (71:71) (Super)
Codes: [05 GesprekKommunikasie: Moes veel meer met kerkraad en gemeente gepraat het - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ons moes veel meer met die kerkraad en gemeente aan die begin van die proses gepraat het. Ons was eintlik so besig as taakspan met die proses - en daar was tye wat jy opdrag gekry het om met die kerkraad en met die gemeente te kommunikeer, en ons hét dit gedoen, ons het gedoen wat hulle gevra het. Ek dink net, ons moes veel méér by die kerkraad uitgekom het, en veel meer - daai eerste twee jaar - gekommunikeer het aan die gemeente. Ons het gedoen wat hulle gesê het rondom patrone. Ons het twintig persent van die kerkgangers gekry. Ons het ons *retreat*, of ten minste ‘n geleentheid gehad met die kerkraad, maar ons kon baie meer gedoen het.

P 4: PR_4.docx - 4:40 [Die ander ene: ons moes baie m..] (72:72) (Super)
Codes: [07 Leierskap: Ons moes meer gemaak het van die taakspan - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Die ander ene: ons moes baie meer gemaak het van die taakspan en sy verantwoordelikhede. Ek sou graag wou sien dat ons taakspan in die interim-fase van *cluster* na *cluster* ons regtig baie meer saam sou bid, saam sou besin, saam ‘n klomp goed sou lees, oor hierdie goeters. Regtig, ek dink ek sou dit graag meer wou gedoen het.

P 4: PR_4.docx - 4:41 [Mekaar veel meer as vennootska..] (73:73) (Super)
Codes: [13 KontakAnderGemeentes: Meer maak van tweeling-gemeentes - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Mekaar veel meer as vennootskap gemeentes by mekaar uitgekom het. Ek bedoel, ons het ook, ons het ‘n gemeente gehad. [GEMEENTENAAM] was ons ons gemeente, ons vennootskapsgemeente. Ek dink ons het een keer by mekaar uitgekom. Ek dink in daai tyd kon ons veel méér geleer het van mekaar. Miskien al was dit net om te sê, is dit vir julle ook moeilik? Sukkel julle ok? Is daar bepaalde probleme? So ek dink

© University of Pretoria

ons sou dit nogal graag anders wou gedoen het.

P 4: PR_4.docx - 4:42 [ek sou, as 'n mens begin met d..] (73:73) (Super)
Codes: [06 Visievorming: Probeer visie binne nege maande in plek kry - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

ek sou, as 'n mens begin met die vennootskap, sou ek vir hulle sê: kom ons kyk of ons nie iets kan vestig binne nege maande wat sigbaar is nie. En byvoorbeeld, waar húlle die, nou die huidige materiaal, waar hulle die visie eers oor drie jaar bedink, sou ek sê, binne ses maande moet jy daai ding van 'n visie, moet in plek wees. Dit moet sigbaar wees, want ons gemeente het verander die moment toe ons daai visie bekend gemaak het.

P 4: PR_4.docx - 4:43 [Want ons gemeente het verander..] (73:73) (Super)
Codes: [Fokus: Gemeente baie meer gefokus - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

ant ons gemeente het verander die moment toe ons daai visie bekend gemaak het. Ons glo die Here stuur ons na verwondes. Dit was 'n *wow*! Kan ek vir jou sê, tot vandag toe is dit 'n *wow,* ook vir die buitestanders. Kan jy glo 'n gemeente maak erns met verwondes, binne en buite die gemeente!

P 4: PR_4.docx - 4:44 [Om te sorg dat ons doelgerig, ..] (75:75) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Neem verantwoordelikheid vir die proses - Family: Leraar Rol]
No memos

Om te sorg dat ons doelgerig, tree vir tree, beweeg van instandhouding na gestuurdheid. Ek sien dit as mý rol, bedoelende: ek moet dit lewend hou. Ek moet die kerkraad en my kollegas, ek moet die gemeente weer en weer herinner. [NAAM] het vir my 'n belangrike ding geleer, en dit is: gee twee treë vorentoe en staan, en laat goed vestig, en dan gee jy weer twee treë vorentoe. Anderster... Drie vorentoe, twee terug. So dís 'n belangrike ding.

P 4: PR_4.docx - 4:45 [aanvanklik te sorg dat die taa..] (76:76) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Ondersteun taakspan om verantwoordelikheid op te neem - Family: Leraar Rol]
No memos

...[A]anvanklik te sorg dat die taakspan met dodelike erns elke faset van die proses of reis verstaan en dáárvolgens voorgaan. Ek dink mens kan baie méér maak om te sê: verstaan ons dit? Verstaan ons die opdragte? Kom ons doen dit met 'n dódelike erns. Ek kan mos sien in die *clusters*, ag jy weet, volgende maand is nog... En dan kom ons by 'n *cluster*, nee, ons het nog nie die goed gedoen nie. Nee, nee, ons as taakspan. En ek moes sorg dat die taakspan dit doen, dink ek.

P 4: PR_4.docx - 4:46 [die bekendstelling van gestuur..] (77:79) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Bekendstelling aan en betrokkenheid van kerkraad - Family: Leraar Rol]
No memos

...[D]ie bekendstelling van gestuurdheid aan die kerkraad. Hoekom sê ek dit? [Lees weer die vraag]

© University of Pretoria

Ja, die rol van die predikant. (36:27) So jy moes later... Het jy die gestuurdheid se bekendstelling aan die kerkraad gehanteer. Dis wat ek hoor jy sê.
Ja. Ja. Baie moeite gemaak, baie moeite gemaak om dit bekend te stel. Ek het vir hulle baie leeswerk gegee. Toesien dat die kerkraad tydens élke vergadering met wandel in die Woord begin. En ek wil ook dit sê, vandat ons dít gedoen het, het ons nie meer met hand-opsteek begin, besluite geneem nie. Die wandel in die Woord, dit sê ek kategories, het ons kerkraadsvergaderings verander. En dit was 'n belangrike ding dat as leier, dat ons nie begin het en nie daarvan gehou het nie, maar gelos het nie, maar dat ons gesê het: halfuur élke kerkraadsvergadering ook is dit wandel in die Woord. Dís hoe ons begin. Maak nie saak hoe lank die agenda nie, maak nie saak of dit begrotingsvergadering is nie, wandel in die Woord is prioriteit. Te sorg dat die kerkraad ingelig bly oor die proses. Dis, ek sien dit as my taak om wyd te lees, boeke op te som, boeke aan te beveel, saam te praat daaroor.

P 4: PR_4.docx - 4:47 [Saam met ten minste twintig pe..] (79:80) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Kommunikasie met gemeente - Family: Leraar Rol]
No memos

Saam met ten minste twintig persent van die kerkgangers te besluit op ons drie patrone asook die beliggaming van die visie. Uh, dit was nou meer die taakspan, maar ek was die leier van die taakspan. En ek bedoel, dit was 'n belangrike ding. Ons het regtig gebly by twintig persent van die kerkgangers. Neem hulle deur die patrone, praat oor roeping, en uiteindelik praat ons oor die visie.
Rol en funksie van die predikant? Die patrone bekend te stel, reekse daaroor te hou, en voordurend te kommunikeer.

P 4: PR_4.docx - 4:49 [Nou, as ek sê, ek dóén dit, da..] (80:80) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Te sorg dat die proses lewend bly - Family: Leraar Rol]
No memos

Nou, as ek sê, ek dóén dit, dan het ek as leier van die taakspan destyds, maar as leier-leraar, en is ék die ene wat saam my kollegas sit en sê: wat is die volgende reekse wat ons gaan aanbied? En te sorg dat die goed gebeur in die gemeente. Iemand moet sorg dat dit gebeur. Uh, en ek was nou maar net in daai rol gewees.

P 4: PR_4.docx - 4:50 [Ons het 'n báie sterk kerkraad..] (88:88) (Super)
Codes: [02 InkoopLeiers: Kerkraad vertrou nie die proses nie - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ons het 'n báie sterk kerkraad gehad, met stérk leiers, wat nie die tyd gehad het om op die taakspan te dien nie. En daarom het hulle altyd soort van na die taakspan gekyk asof, wie is julle? En ons taakspan het gesê, ons wil sien dat ons predikant, wat nie voorsitter van die kerkraad is nie, maar dat ons predikant leier hier sal wees.

P 4: PR_4.docx - 4:51 [So, ek is tot vandag toe onsek..] (92:92) (Super)
Codes: [02 InkoopLeraars: Predikant nie ten volle ingekoop nie - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

So, ek is tot vandag toe onseker. Want wat ek agter gekom het by uh, by die *clusters*, en ek was betrokke by drie *clusters*, is dat na die maat dat jy 'n voorsitter uit die lidmate

© University of Pretoria

uit aanstel, dat jou predikante terugsit en dat hulle nie so ‘n aktiewe rol vervul in die vennootskap nie. En as jou predikante nie inkoop op die vennootskap nie, dan wil ek amper vir jou sê, vergeet dit om aan te gaan. Géén enkele lidmaat is so sterk dat hy die predikante maklik *overrule* nie.

P 4: PR_4.docx - 4:52 [Ek dink die erns waarmee ek sa..] (96:96) (Super)
Codes: [3 Die erns waarmee ek (ons) die proses dryf - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Ek dink die erns waarmee ek saam met my kolegas die proses dryf. Daar daar’s... Kyk, ou Gert, daar’s by my ‘n dódelike erns, want ons móét beweeg van instandhouding na gestuurdheid. En die dodelike erns lê daarin dat ek besef die moment as ons gaan ophou om die proses te dryf, gaan ons net weer stelselmatig teruggaan na instandhouding. Um, ek het persoonlik so tien jaar terug op ‘n punt gekom wat ek gesê het, ek weet nie of nog dominee wil wees van ‘n kerk wat net instandhouding hardloop nie. So daar is by my daai dodelike erns.

P 4: PR_4.docx - 4:53 [Die feit dat ek wyd lees rondo..] (96:96) (Super)
Codes: [2 Die feit dat ek wyd lees - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Die feit dat ek wyd lees rondom gestuurdheid. Ek lees régtig wyd, en ek som omtrent elke boek op wat ek lees. En ek gee dit vir my kolegas, en ek gee dit vir die kerkraad en ons bespreek dit. So, ek dink daai ding is belangrik. Die feit dat, wát ek lees, ek met my kollegas en kerkraad deel.

P 4: PR_4.docx - 4:54 [om van instandhouding na gestu..] (98:98) (Super)
Codes: [34 Om nie moedeloos te word nie - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

...[O]m van instandhouding na gestuurdheid te beweeg is ‘n stadige en aanvanklik ‘n frustrérende proses. Mý persoonlike uitdaging was om die proses genoeg te vertrou en daarop te bly op die reis wat ons begin het. Ek bedoel, ek moes aanhou vir myself sê, hierdie proses kom ‘n lang pad. Ouens het navorsing gedoen. Móénie gaan nie, al wíl ek gaan. Bly! Bly! Bly! Om te glo dat daar uiteindelik vrug gelewer sou word. Dit was ook ‘n ding, aanvanklik was ek baie onseker of dit gaan gebeur. Ek moes glo, dit was ‘n stuk geloofsworsteling (?). Ek vertrou die proses, ek gló dit sal gebeur. En dan, om nie moedeloos te word en dag vir dag voort te gaan om te doen wat gevra word. Um, dit dit sou ek sê was my persoonlike uitdagings.

P 4: PR_4.docx - 4:55 [Kom ek sê, vroe?r was was was ..] (100:100) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Dit gaan nie oor my nie, maar oor die ander - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Kom ek sê, vroeër was dit baie meer oor mý. Ék moes *perform* het. Ék moes nuwe dinge uitdink. En ek moes slaag. As ek dink aan die jare van, jy weet nou, strategiese beplanning, in hierdie gemeente en die vorige gemeente. Jy weet, jy is ‘n dominee wat nuut in die gemeente kom en jy moet *perform*. Almal sien op en jy moet *perform*. Jy moet *perform*. Regtig, en daarom was, baie van die spanning het op my gerus. Dan sê ek net, nóú moes ek leer om Gód en ánder met die proses te vertrou.

© University of Pretoria

P 4: PR_4.docx - 4:56 [ek is veel meer 'n spanspeler ..] (100:100) (Super)
Codes: [3 Veel meer van 'n spanspeler - Family: Leraar Transformasie]
No memos

...[E]k is veel meer 'n spanspeler as vroeër. So as jy die vraag vra: Waarin het ek getransformeer? Dan is dit: wég van die lig wat op mý moet val. Um, ek wat spanning kap oor gaan dit werk of gaan dit nie werk nie. Méér van, ons is nou 'n spán, en sáám luister ons na God.

P 4: PR_4.docx - 4:57 [En wat die uitkomste betref, v..] (100:100) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Om die Here te vertrou - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

En wat die uitkomste betref, vertrou ons die Here. Dis baie meer van 'n, ons vertrou die Here met hierdie proses, waar in die verlede was dit meer ék. Ja, as jy verstaan wat ek bedoel.

P 4: PR_4.docx - 4:58 [En ek moet onmiddellik vir jou..] (104:104) (Super)
Codes: [1 Nuwe ontdekking van God se getrouheid - Family: Leraar Transformasie]
No memos

En ek moet onmiddellik vir jou sê, en die Here het – terwyl dit nou oor die dominee gaan – wat my persoonlik betref, hierdie reis betref, oor en oor verras. Wat ek net maar net verstom gestaan het en net gesê het: "*wow!*". Ek sou nóóit, ék, as dit nou weer oor die ek gegaan het, en ek sou moes sê, oor tien jaar wil ek daar wees, sou ek nooit klomp goed wat nou gebeur het, kon uitdink nie. Want ek het nie geweet dit kan gebeur nie. En die Here verras ons absoluut net.

P 4: PR_4.docx - 4:59 [Ek sê, my my blootstelling op ..] (106:106) (Super)
Codes: [5 Blootstelling binne die vennootskap - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Ek sê, my my blootstelling op 'n wýe basis aan die vennootskap. En nou moet jy 'n belangrike ding onthou, die wye basis is nie net die materiaal nie. Ek was reg van die begin as af deel van die direksie gewees, so ek het méér as ander gemeentes in die Kaap gekom het. Dáár het ons self ook maar geworstel oor die vennootskap. Want, vir [NAAM] was dit so vreemd soos vir my. So, my wye blootstelling en die feit dat ek betrokke was by drie *clusters* gewees, jy weet, dat jy jy moes leer terwyl jy nog self in 'n leerproses is. Dit het persoonlik vir my, dat ek baie kon lees, maar dat ek baie kon leer, sou ek kon sê. Die blootstelling aan die wyer basis. Lees van resente boeke in hierdie verband het my regtig gevorm. Ek bedoel, ek het wyd-wyd-wyd gelees. En tálle gesprekke met gemeentes en leiers. Dis die goed wat my gevorm het.

P 4: PR_4.docx - 4:60 [Dit het persoonlik vir my, dat..] (106:106) (Super)
Codes: [4 Leeswerk - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Dit het persoonlik vir my, dat ek baie kon lees, maar dat ek baie kon leer, sou ek kon sê.

© University of Pretoria

P 4: PR_4.docx - 4:61 [Ek moes afleer om my eie kop t..] (109:109) (Super)
Codes: [Ds_Afleer: Om my eie kop te volg - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Ek moes afleer om my eie kop te volg. Jig, jy ken my nie, ek is ‘n harde kop, jong! Vra maar vir die ouens in die Kaap. Ek moes áfleer om my eie kop te volg.

P 4: PR_4.docx - 4:62 [En ek was in my méns-wees maar..] (111:111) (Super)
Codes: [Ds_Afleer: Om my eie kop te volg - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

En ek was in my ménswees maar net mens wat, vir watter rede, kreatief goed núút wou uitdink. Ek het regtig min keer in my lewe prosesse of modelle slaafs nagevolg. Dis dít wat persoonlik in my lewe verander het, dit is daai ding van uh my éie kop. Ek dink dinge werk so... En en en, tussen hakies, ek dink nie ek het sleg gedoen al die jare nie, maar maar-maar híérdie is ‘n proses wat ons sáám doen. En dis ‘n proses waarin ons saam luister na die Here. En kan ek net sê, waar ons meer sukses, waar ons saam geluister het na die Here en probeer inskakel het by die werk van die Here. En dis die goed wat ek maar moes leer. Dit werk beter as my eie klomp planne wat ek vroeër gehad het.

P 4: PR_4.docx - 4:63 [Die feit dat ons die vernootsk..] (113:113) (Super)
Codes: [Ds_Afleer: Om my eie kop te volg - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Die feit dat ons die vernootskap se proses of reis slaafs nagevolg het, wat nie in my aard is nie, is ‘n óórgee gewees.

P 4: PR_4.docx - 4:64 [‘n Ander ding wat ek sê wat ek..] (115:115) (Super)
Codes: [Ds_Afleer: Om in iemand se lewe in te storm en te dink jy het die antwoorde - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

‘n Ander ding wat ek sê wat ek moes afleer, was: ek moes afleer om in iemand se lewe in te storm en te dink ek het al die antwoorde. Dit is baie maklik om te sê, hoor hier, ek gaan vir jou kom help. Maar om te verstaan, dit is nie hoe ons kan werk nie. Ek bedoel, om letterlik stil te word by ‘n ou en saam te sit en te hoor en te luister, en saam te vra: wat is daar, goeie antwoorde. Dit is net ‘n totaal iets anderster as in die ou dae. Dis nogal ‘n ding.

P 4: PR_4.docx - 4:65 [En dan, ek moes heelwat wat ek..] (115:117) (Super)
Codes: [Ds_Afleer: Moes heelwat wat ek in die verlede geleer het, vergeet - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

En dan, ek moes heelwat wat ek geleer het in die verlede, moes ek vergeet. Daar’s klomp maniere hoe ons dinge gedoen het, wat ek net besef het, dit werk net nie meer nie. En ek moes dit so soort van aflê en op hierdie nuwe reis begin gaan van geloofsonderskeiding en te luister na God en te luister na mekaar en te luister die gemeenskap.
Verwys dit na die ou dinge wat ons as dominees geleer het?

© University of Pretoria

Baie van die ou goed wat ons as dominees geleer het. Baie van die gemeentebougoed. Baie van strategiese beplanning. Baie van, soos die koöperatiewe wêreld gebeur. Want ek het my nogal gesteur aan wat doen die koöperatiewe wêreld, baie opgelees vroeër jare. Baie van dit moes ek aflê.

P 4: PR_4.docx - 4:66 [Ek moes aanleer om núút na God..] (119:119) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Luister - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Ek moes aanleer om núút na God en ander in die gemeenskap te luister.

P 4: PR_4.docx - 4:67 [Ek moes aanleer om risiko's te..] (119:119) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Om risiko's te neem - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Ek moes aanleer om risiko's te neem. Régtig risiko's te neem.

P 4: PR_4.docx - 4:68 [En dan, aanleer om te laat gaa..] (119:119) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Om God en lidmate te vertrou - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

En dan, aanleer om te laat gaan en lidmate te vertrou. Dit is 'n *májor* ding, maar daar kan jy die woord bemagtiging inbring. Ek moes régtig leer om lidmate te vertrou. Ek bedoel, hierdie kerkraad, kan ek kan ek 'n ding sê, hierdie kerkraad besef al vir die laaste vyftien jaar dat ons moet 'n substansafhanklikheid ondersteuningsgroep begin. Maar die kerkraad het nié die *know-how* nie, en hy is te bang daarvoor. En hier kom 'n paar lidmate, twee egpare, wie se kinders hierdeur gaan en hulle sê: kan ons dit begin? En ons monde hang oop, en ons sê: "*go for it*". En ek bedoel, hulle het sóveel welslae, sukses in [STAD] met hierdie groep wat hulle hanteer. So, daai laat gaan. Laat gaan. Dit is wat ek sê. En dan, ek moes aanleer om God te vertrou. Regtig aanleer om God te vertrou.

P 4: PR_4.docx - 4:69 [Die passie om die gemeente suk..] (123:125) (Super)
Codes: [31 'n Passie vir die transformasie van die gemeente - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Die passie om die gemeente sukses... Kan ek kan ek onderstreep, Gert? Daar móét 'n passie wees by die leiers. (53:17) [Konsulteer eie notas] Die predikant wat nie 'n passie het nie gaan nie hierdie reis voltooi nie.
Dis 'n passie vir gestuur-wees. Nê?
'n Passie vir hierdie hele proses van gestuurdheid. Dis 'n passie, dis 'n passie om die gemeente neem van instandhouding na gestuurdheid. Dis 'n passie om 'n gemeente te neem van instandhouding na gestuurdheid. Dis 'n passie om 'n gemeente te help verstaan dat ons sluit aan by God se gestuurdheid. En dis 'n passie... Want want hierdie goed gebeur nie vanself nie. As jy nie 'n passie gaan hê daarvoor nie, hoe gaan jy die gemeente, hierdie kultuur verander

© University of Pretoria

P 4: PR_4.docx - 4:70 [En die tweede ding: die vermo?..] (126:126) (Super)
Codes: [21 Die vermoe an ander saam op die reis te neem - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En die tweede ding: die vermoë om kollegas, die kerkraad en gemeente saam op die reis te neem. Help nie ek doen hierdie goed self nie. Jy móét jou mense saam op die reis neem.

P 4: PR_4.docx - 4:71 [Die geloof dat dit die regte d..] (127:127) (Super)
Codes: [31 Die geloof dat dit die regte ding is om te doen - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Die geloof dat dit die regte ding is om te doen. Omdat dit 'n moeilike proses is, en omdat dit in die begin jy nie eintlik weet waarheen jy op pad is nie, was geloof in die proses 'n baie belangrike ding gewees. En onthou nou, ek hak baie sterk by vennootskap aan, en ek moet absoluut daai geloof gehad het.

P 4: PR_4.docx - 4:72 [Die kapasiteite waaroor hy sal..] (132:134) (Super)
Codes: [30 Die kundigheid om kultuur te transformeer - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Die kapasiteite waaroor hy sal moet beskik, is hóé doen jy dit? Kan ek kan ek...?
Asseblief. Brei uit.
Kan ek 'n belangrike ding vir jou sê? Ons teologiese studente leer baie oor wat die gestuurdheid, hulle leer baie oor die *missio Dei*. Dan kom hulle uit die teologiese fakulteit uit, hulle weet hoe 'n gemeente móét lyk. My eie seun studeer, en dan sê hy: Pa, al hierdie goed wat ons in Amerika geleer het, weet ek. Dit is hoe 'n gemeente moet lyk. Dan gaan hy terug na sy gemeente wat in 'n instandhoudingsfase is. Hy is nooit geleer hoe om die skuif te maak nie. So, ek weet nie of die dominee, hy moet sekerlik die pad saam met die gemeente loop, maar dit sal nogal help as hy weet: hóé maak jy die skuif? Wat is hierdie reis waarop jy die gemeente neem? So, is dit 'n kernkapasiteit? Ek dink so. Net om te sê, hy moet besef dat niks gaan gebeur as hy nie 'n kultuur gaan swaai nie. En die vraag wat hy gaan vra is, hoe swaai ek 'n kultuur? So jy moet vir hom *tools* gee sodat hy die kultuur kan swaai.

P 4: PR_4.docx - 4:73 [Ek het byvoorbeeld gedink, as ..] (136:138) (Super)
Codes: [5 Ek het die know-how om kultuur te verander - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ek het byvoorbeeld gedink, as ek nou beroep word na 'n volgende gemeente, en hulle is nie deel van die vennootskap nie, dan gaan ek hulle nie deel maak van die vennootskap se proses nie. ek as predikant – wat dink ek het die *know-how* - gaan hulle dan op hierdie reis neem, want ek weet hoe. Ek gaan hulle op die reis neem. Ek gaan bly by die reis. Ek gaan vir hulle regtig probeer help dat hulle uiteindelik hulle gewoontes verander. Ek gaan die patrone *blowtorch*. Maar ek het die *know-how* om dit te kan doen. En omdat ek *die know-how* het om dit te doen, kan ek dit doen. (57:48)
En die vennootskap het jou gehelp om daai *know-how* te kry.
Yes. *Yes*. Hulle het my gehelp. Ek het die nie gehad nie.

© University of Pretoria

P 4: PR_4.docx - 4:74 [Hoe word 'n missionale gemeent..] (139:139) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Hoe word 'n missionale kultuur in stand gehou - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Hoe word 'n missionale gemeentekultuur, nou vergewe die woord, in stand gehou? Ek sê, ons neiging [vra verskoning vir foutiewe spelling of notas] is altyd terug. Hoe keer ons dit? Uh, régtig, ek vra nou vir jou daai vraag. Want nou, sélfs ook wanneer dominees in 'n gemeente is en weggaan, hulle was miskien die *key pin* gewees, hoe keer ons dat 'n gemeente teruggaan? Jy sal in jou navorsing agterkom, gemeentes het dit gedoen, en hulle is nou weer daar.

P 4: PR_4.docx - 4:75 [Maar 'n belangrike ene miskien..] (140:140) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Maar 'n belangrike ene miskien, die hele saak van nuwe geloofsgemeenskappe. Wanneer jy erns maak met die proses, dan werk jy ook met heelwat buite-groepe, buite die kerk. Nié groepe wat wil deel word van die kerkstrukture soos ons dit vandag ken nie. En ek sal graag, want dit is vir mý, ons as gemeente, ons is nou op 'n punt wat ons eintlik nie weet hoe hanteer ons dit nie. Uh, hoe hoe vorm jy nuwe geloofstrukture, geloofsgemeenskappe? Hoe hanteer jy hulle dat dit binne die kerk, want ons is nog altyd vas aan die kerk.

P 4: PR_4.docx - 4:76 [Ek ek sou miskien 'n ander bel..] (146:146) (Super)
Codes: [14 VoortsettingReis: Hoe hou ek die proses langtermyn aan die gang? - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ek ek sou miskien 'n ander belangrike ding sê, en dit is, vir drie jaar word jy, gaan jy deur die proses. Dan is jy in 'n sekere sin op jou eie, wel vir die volgende twee jaar kan jy nog besluit om nog saam met gemeentes bymekaar te kom en gewoon net te deel. Maar nou gaan vyf jaar verby, en ses jaar gaan verby, en sewe jaar gaan verby. Wat nou? Nou, wat ek nou sê, is die goed waaraan ek dink. Dit lyk vir my dat na vyf ses sewe jaar, moet jy wéér 'n gemeenskapsanalise doen. Ek dink jy moet weer 'n wandel in die wêreld doen. En ek dink jy moet herbesin oor jou gestuurdheid, en jy moet herbesin oor jou patrone. So, na ses sewe jaar, lyk dit vir my, moet jy dit wéér 'n keer doen.

P 4: PR_4.docx - 4:77 ['n Ander belangrike ding is, i..] (147:147) (Super)
Codes: [14 VoortsettingReis: Hoe betrek ek nuwe lidmate wat inkom? - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

'n Ander belangrike ding is, in 'n gemeente soos ons s'n is daar altyd nuwe lidmate wat bykom. Ons groei steeds. Wat ons vier jaar of vyf jaar terug op gehamer het, moet maar weer en weer... Wat jy gedoen het, moet jy maar weer en weer onderstreep. Want jy moet lidmate wat nuut bykom, moet jy saam met jou neem. So, dis belangrik.

© University of Pretoria

P 4: PR_4.docx - 4:78 [Jy moet steeds aanhou lees, jy..] (148:148) (Super)
Codes: [14 VoortsettingReis: Hoe hou ek die proses langtermyn aan die gang? - Family: Gemeente Uitdaginge] [Verdere Navorsing: Hoe word 'n missionale kultuur in stand gehou - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Jy moet steeds aanhou lees, jy moet steeds aanhou praat. Want ek vra nou vir jóú, ek vra nou vir jou as gemeentedominee, hoe gaan julle as julle nou sewe jaar deel is van die reis, wat gaan julle stimuleer? Wat gaan julle doen om die proses nog steeds voort te sit? Daar kom natuurlik in die proses ook ‘n punt dat lidmate sê, ons is nou al ‘n bietjie dik om al hierdie goed te hoor. En hoe gaan jy dit altyd núút laat hoor? Núút laat hoor? So dis nogal ‘n ding waaroor ek partykeer dink. Dan dink ek nie daar is genoeg navorsing daaroor gedoen nie. Hoe, hoe sit jy...? Met ander woorde, as ek dan hier sê, hoe gaan jy die missionale gemeente in stand hou? Miskien sou ‘n beter formulering wees om te sê: hoe help jy ‘n gemeente wat al sewe of tien of vyftien jaar in die proses is, om om steeds in die proses te bly, sonder dat hy stagneer in die proses? Hoe help ons mekaar? So, miskien moet ‘n ou bietjie daaroor besin.

P 4: PR_4.docx - 4:79 [‘n Ander ding is miskien net, ..] (149:156) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Beter ondersteuning van predikante op die reis - Family: Verdere Navorsing]
No memos

‘n Ander ding is miskien net, ek dink daar kan meer gedoen word om predikante in die proses te begelei. Ons het dit gedoen in die begin van die *clusters*, maar dis asof daar nie materiaal is nie. En, wat ek agtergekom het, is dat jy jy’t ‘n gemeente wat twee of drie predikante het, en omdat een predikant nie deel is van die proses nie, val hy uit en uiteindelik is hý die primêre oorsaak dat die proses wankelend voortgaan en dat daar, die proses later nie meer vertrou word nie. En dan klim hulle later uit die proses uit. So ek dink, materiaal wat wat vir die predikante in die proses kan help. Is hulle dan belangriker taakspan? Die predikant vervul tóg ‘n belangrike rol.
‘n Ander belangrike ding wat ons nie gesê het nie is, wie moet die patrone dryf? Of anders gestel, wat is die taak van die predikant in die hele proses? Naas die leier lyk dit vir my is dit die predikant of predikante se primêre verantwoordelikheid om te sorg dat die patrone gedryf word in die gemeente. In ons gemeente werk dit so. Elkeen van ons predikante het ‘n patroon, en dis my verantwoordelikheid. Bybelse vorming en dissipelskap. Ek het ‘n span mense wat dan, wat dit en dat doen. Met ander woorde, hoe hoe op watter manier is ons besig met Bybelse vorming? ‘n Span wat dit moet doen. Dissipelskapmáking, ‘n span... Ons is juis nou besig om ‘n klomp nuwe energie daarin te stoot. Dissipelskapmaking, dissipelskapvorming, maar maar wie sit ‘n klomp energie daarin? Baie van my energie en tyd gaan in mý patroon. En ons sê as drie predikante, méér van jou tyd begin gaan in jou patroon, en minder tyd in huisbesoek en allerhande ander goed. Dis waarin ons energie instoot. Ek dink nie êrens het ons daai vraag gevra nie. (01:04:59)
Jy jy het nie die vraag gevra, waar jy ‘n gemeente het waar daar twee drie vier predikante is, in watter rigting gaan die predikante se energie?
Ek het nie so ‘n vraag gevra nie, maar as jy dink dis belangrik dat ons daaroor iets moet sê...
Nee, nee, ek sê maar net. Ek dink... Ek ek het geleer in die proses dat predikante die gemeente se energie gaan toenemend meer en meer in in die patrone in. Ek sou miskien twee dinge sê. Ek sou sê, gesámentlik dryf ons die visie, of dan die gestuurdheid. Individueel het elkeen van ons ‘n patroon wat ons dryf.
En dan ‘n ander ding wat ok nie genoem word nie, is onthou Pat Keifert het altyd

© University of Pretoria

gepraat van die *staff covenant*. Dit het vir ons as gemeente gehelp om te gaan sit en dan, júís hierdie saak, om dan te sê, goed wie is vir wat in die gemeente verantwoordelik? Ook dan nou die personeel. Maar kom ons gaan na die predikante toe. Nommer een, waarvoor is jy primêr verantwoordelik? Dis nie te sê jy gaan dit doen nie, jóú verantwoordelikheid. So ék sê, twintig na dertig persent van my tyd gaan in my patroon in. Ek wil sien dat dieselfde met my kollegas waar sal wees. Dan gaan dertig persent van my tyd gaan, sê nou maar, in leierskap en bestuur van my gemeente in. Wat [NOEMNAAM] betref, gaan dertig persent van sy tyd in die jeug in. Wat die ander een betref... So die *staff covenant* het óns gehelp om seker te maak dat ons energie stoot in die rigting wat ons wil gaan, deur te vra wie is vir wat verantwoordelik? En dit het verder gehelp, dat wanneer lidmate *moan* en *groan* dat ons nie meer die instandhoudings goed doen nie, dat ons sê: die kerkraad het gesê dat dis hoe ons pligstate of mandate nou lyk. Ons gaan nie meer daar nie, ons gaan nou hier. Om wat te doen? Om te help met die skuif. So, die-die *staff covenant* het vir ons régtig gehelp met die proses. Die die die... Wat is *staff covenant* in Afrikaans? Um, maak nie saak nie.

Ja.

Die *staff covenant* waarin jy veral leraars, hulle pligte, hulle verantwoordelikhede kon uitspel. Pat Keifert het altyd gesê, jy moenie meer as drie of vier verantwoordelikhede hê nie. Jy het miskien een groot verantwoordelikheid wat veertig persent van jou tyd vat, en dan het jy een wat twintig persent vat, en nog een wat twintig persent vat, en een wat tien vat. Spel dit uit, wie is vir wat verantwoordelik. En dán is daar natuurlik nog ‘n ding vérder wat deel is van die vennootskap, en dit is daai ding van “verantwoordbaarheid”. As ons nou gesê het, jý is verantwoordelik vir patroon twee, en jy hét nou - en dit is waar ons nou weer bietjie strategies moet dink nê - jy het langtermyn doelstellings. Dan wil ons graag sien oor ses maande, hoe het jy gevorder? Dít help dat jy konsekwent die skuif maak. So, dis interessant, ons praat maar min in die vennootskap oor die goed. En min gemeentes was ooit daar dat hulle *staff covenant* gedoen het. En daarom gebeur dit so maklik om dit te doen. So alhoewel ons geloofsonderskeidend werk, alhoewel ons die Here vertrou in die prosesse, kom hierdie reis, hierdie proses, en hy sê: níks gaan eintlik gebeur as daar nie mense is wat tog verantwoordelikheid neem om die proses te máák werk nie.

© University of Pretoria

Aanhalings PR_5.

All current quotations (28). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:38:50

P 5: PR_5.docx - 5:1 [In 2002 het ek begin met daai ..] (3:3) (Super)
Codes: [6 Ontnugtering met bestaande bedieningspraktyk - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

In 2002 het ek begin met daai M in bedieningspraktyk in Stellenbosch. Toe't ek net geweet, jy weet, ek is aan die einde van die horison. Hierdie goed soos ons kerk verstaan, werk nie.

P 5: PR_5.docx - 5:2 [Opkomende jong Afrikaners wou ..] (5:5) (Super)
Codes: [Konteks: Transformasie van gerigtheid na die onmiddelllike omgewing - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Opkomende jong Afrikaners wou natuurlik so ver as moontlik weg van die armoede af en van die swart mense af bly. En toe het daar in die sewentiger en tagtiger jare 'n ongelooflike instroming van wit mense in die suidwestelike deel van die stad, waar [GEMEENTE] is, gebeur. Wat beteken het dat die gemeente uit sy nate uit begin bars het, geweldig gegroei het as gevolg van demografiese skuiwe. En ek dink dat mense net één ding geweet het dat, finansieel werk jy hard en jy máák dit in die lewe, en jy wil gedisassosieer wees van armoede en sosiale nood en so aan. Dis spesifiek hoekom jy hier kom bly. En só was dit in 93. So ek kan onthou hoe betower was ek met goed wat Dirkie Smit geskryf het, byvoorbeeld na aanleiding van die Lukas-evangelie en sosiale nood en God wat aan die kant is van die arme, dit was letterlik 'n dekade nadat Belhar vir die eerste keer die lig gesien het, en dit was so soort van die goed wat my aandag geboei het. Ek weet een van die eerste goed wat ons gedoen het, was om 'n toer na die swart woonbuurt toe te onderneem en om vir die Here te gaan vra: Here wys ons waar moet ons hier betrokke raak. Jy kan dit nie dink nie, né, maar voorheen kón jy nie 'n swart woonbuurt besoek het nie, jy moes 'n magistraat se toestemming gekry het, jy het 'n papier nodig gehad. So dit was onmoontlik. Maar die gemeente was nie baie ten gunste daarvan nie. Ek kan onthou dat [NAAM&VAN], wat 'n senior ou in die polisie was, vir my gesê het, [NOEMNAAM] as jy nou so preek oor, hierdie goed van Dirkie Smit, dan sis die mense vir jou, het jy al gehoor die mense sis vir jou terwyl jy preek? So, dit is soort van die foto vooraf (5:56). Ons het in die vennootskapsproses agtergekom dit is regtig die mees welvarende gedeelte in die [PROVINSIE] waarin ons bly. Daar is nog plekke waar mense só ryk is, jy weet, en sulke inkomstes het, maar daar is nie ryker mense in die [PROVINSIE] as in ons area nie, nie as jy die area globaal vat nie. En daar het met tyd die behoefte by mense ontstaan om te gee en om te dien. Maar dit was baie *cockeyed*. Dit was hierdie tipiese Westerse superieure ding gewees, jy weet, ons gee, en ons doen vir julle, maar julle moet ook maak soos ons sê. Wat die vennootskapsproses gedoen het, was om hierdie ontluikende energie en die weerstand teen verandering en omgee en dien en kenosis op 'n diep teologiese manier te ondergrawe en te hervorm en te stuur in 'n nuwe rigting.

© University of Pretoria

Ek kon sien, deur wandel in die Woord en deur saamgesels en deur luisterprosesse hoe mense tot die oortuiging gekom het dat die Here hulle wíl gebruik om om te gee vir hulle medemens. Hulle wil gebruik om ander mense op te tel, en om ander mense te dien. En as ek nou 'n storie kan vertel wat dit... Daar's natuurlik baie komplekse goed wat gebeur het - ek fokus nou op die skuif van ons leef in isolasie en ons is happy daarmee en ons maak dit 'n skuif van ons is vir die gemeenskap en ons dien en ons gee om en ons raak konstruktief betrokke.

P 5: PR_5.docx - 5:3 [Die ander lyn was dit was 'n h..] (5:5) (Super)
Codes: [Geloofsonderskeiding: Skuif vanaf beplanning en bestuur na geloofsonderskeiding - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Die ander lyn was dit was 'n hóógs gekontroleerde omgewing. Die lidmate van [GEMEENTE] is almal middel- na seniorvlak bestuurders toe. Wat vir groot korporasies werk óf hulle eie werkgewers is. Jy weet, hulle het hulle eie besighede. Baie van hulle is byvoorbeeld betrokke by motorvervaardigingsprosesse. Hulle sal 'n besigheid hê wat byvoorbeeld, ek weet een ou het 'n besigheid wat allerhande plastiekmouldings maak, soos daai buffers jy weet vir karre. Of spieëltjies, die houer wat die spieëltjie in kom wat dit vashou. Of is betrokke by die vervaardiging van elektriese harnasse vir motors en sulke goed. So dis bestuurders. Dis 'n geweldige... So bestuurders kontroleer en bestuurders hou nie daarvan om verras te word nie. As jy na die notules van die kerkraad, die gemeente is in twee en sewentig gestig, as jy na daardie eerste paar jaar se notules kyk (9:00), is daar tot by die kerkraad kennis geneem van in watter wyke is daar gekollekteer en in watter wyke nie en hoeveel mense het nie gegee nie, elke wyk. Dit staan in die kerkraadsnotules, so dis gekontroleer. En ek kan onthou, in my tyd ook, elke doop is formeel op 'n kerkraadsvergadering bespreek. So daar's 'n kommissiestruktuur wat vir niks skrik nie. Jy doen verslag en jy vergader dat die byle huil. Dirék as gevolg van die vennootskapsproses het daai hele struktuur in duie gestort. Jy weet, hy't doodgewoon getuimel en tot niet gegaan en beweeg van 'n sentraal gekoördineerde proses na 'n proses waar jy kan sê: as die Here dít vir my op die hart druk, en ek praat met medegelowiges en ons neem die inisiatief, dan doen ons dit, jy weet.

P 5: PR_5.docx - 5:4 [Nou my storie nou is om te sê ..] (5:5) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate bemagtig om met ondersteuningsgroepe te begin]
No memos

Nou my storie nou is om te sê dat toe ons een aand opdaag vir 'n kommissievergadering en ons hóór dat die vorige dag het 'n Bybelstudiegroep in die kerksaal vergader, en terwyl een van die vrouens na die Bybelstudiegroep toe stap sny hulle die kerk se gras. En sy sien een van die ouens wat die gras sny is *down* en *out*. Stap na die ou toe, begin met hom te gesels. Dis 'n wit vrou, middeljare vrou, en 'n swart man, jong swart man. En hy vertel vir haar die vorige nag het sy *shack* afgebrand. Hy't niks. En hierdie vrou stap in die Bybelstudiegroep in en sy begin daar te praat met haar vennote en hulle besluit daar en dan hulle gaan hierdie ou help en hulle, na die Bybelstudiegroep begin hulle rond te bel, hulle kry planke en sinkplate en goed bymekaar. Hulle organiseer 'n bakkie, hulle vat die goed vir die ou en lewer dit vir hom af op sy plek waar sy *shack* gestaan het. Dit het hulle 'n dag gevat om 'n yskas ook gereël te kry, 'n yskas en 'n bed en alles. Agt en veertig uur later, minder as agt en veertig uur later, die aand toe ons gesels by die kommissievergadering, toe't die ou

© University of Pretoria

'n nuwe *shack* wat 'n klomp vroue sonder dat... Kyk, voorheen sou hulle die kerkkantoor gebel het, wat hulle in kontak met die voorsitter van barmhartigheidskommissie, wat as hulle gelukkig was, binne 'n maand was daar 'n vergadering. Om twee maande later vir die kerkraad terug te rapporteer daar's nie begroot daarvoor nie, so die ou.... Wat die vennootskapsproses gedoen het... Vóór dit sou 'n vrou nie eers gepraat het in die gemeente met 'n swart man nie. Of nie gedink het die lewe van hierdie geloofsgemeenskap het iets te doen met die lewe van 'n man wat alles verloor het nie. So daar was 'n bewuswordingsproses daarvan dat mense begin sê het, maar ons is hier vir die res van die stad. Ons kan nie net sê "[GEMEENTE]" nie, ons moet sê "[STAD]". Ons kan nie net sê "[STAD]" nie, ons moet sê "[PROVINSIE]". Daar was daai beweging wat gekoppel is aan 'n bevryding van organisatoriese óórkontrole wat vir mense vrygestel het om te doen wat die Here vir hulle op die hart druk. So ek dink daai storie demonstreer op 'n baie-baie kragtige manier wat gebeur het. Ek dink dit is die direkte gevolg van wandel in die Woord as 'n praktyk. Ek dink meer as enigiets anders het dit die gemeente getransformeer.

P 5: PR_5.docx - 5:5 [Ek dink dit is die direkte gev..] (5:5) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: Wandel in die Woord - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek dink dit is die direkte gevolg van wandel in die Woord as 'n praktyk. Ek dink meer as enigiets anders het dit die gemeente getransformeer. Daar was 'n spesifieke punt waar selfs die ouens wat bymekaarkom om die dataprojektor se goete te reël vir die Sondag éérs gewandel het in die Woord voordat hulle hulle werk gedoen het. By die selgroepe... sonder dat hulle aangesê is om dit te doen, jy weet, dit het net soos 'n veldbrand.

P 5: PR_5.docx - 5:6 [Ja, oor wandel in die Woord, t..] (6:6) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: Wandel in die Woord - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ja, oor wandel in die Woord, terwyl ek nou daaraan dink, ek dink daar is 'n teks wat vir elke gemeente op die hart gedruk word. Daar iewers in die gemeente se lewe is 'n teks. En daar's *clues* na daai teks, maar jy weet dit nie. Nou ons het nou toe maar begin, ons teks in die proses wat Lukas 10. En ek dink dit is goed dat ons Lukas 10 vir 'n lang tyd gelees het. Daar was baie weerstand daarteen, maar wat daai teks aan ons gedoen het, was om mettertyd ons oë oop te maak vir ons eintlike teks. Jy weet, Lukas 10 het so half 'n bril geword waardeur ons na die Bybel kan kyk en waardeur ons voorberei is om God se beweging na die wêreld in die Bybel te leer raaksien en naderhand in ons eie konteks.

P 5: PR_5.docx - 5:7 [Ek is op hierdie stadium oortu..] (8:8) (Super)
Codes: [04 Gesprek/Kommunikasie : Gesprek as sleutel tot transformasie - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek is op hierdie stadium oortuig, soos wat 'n mens nou in 'n postmoderne kultuur oortuig behoort te wees, is ek oortuig dat die sleutel tot transformasie is gesprek. Mens moet praat. Ek hou van wat Scharmer sê: daar's 'n toekoms wat wag om gebore te word, daar's 'n voorkeur- en 'n beloofde toekoms wat God vir ons wil skenk, en hóé dit gebore word, is jy moet daaroor praat. So ek is oortuig daarvan dat gesprek die manier

© University of Pretoria

is hoe ‘n mens kerk doen in ‘n postmoderne tyd. Praat oor hoe... En dis hoekom ek dink wandel in die Woord is as ‘n gestruktureerde gesprek so enorm effektief. So ‘n mens kom in ‘n gesprek... Ek vermoed ‘n gesprek loop só... En ek dink dit is die praktyk wat ‘n mens moet najaag in ‘n missionale situasie. Soos jy ontvang sekere goed in die gesprek, dan eksploreer jy dit en dan onplooi dit. So die ontvang is enige ding wat die Here vir jou op die hart druk. Ontvang kan wees ‘n ervaring wat jy gehad het toe jy vanoggend petrol ingegooi het; toe jy by die *till* gestaan het. Óf ‘n teks. Daar’s ‘n komplekse manier hoe ontvang werk in ‘n gesprek. Dan moet daar doelbewuste eksplorasie wees van dit wat jy ontvang het. En dan ontplooi dit. So. laat ek nou net sê, ek dink elke kerkraadsvergadering moet ‘n gesprek wees wat werk volgens hierdie reëls dat jy vra: Wat is daar wat die Here vir ons op die hart druk? Wat het ons geleer? Wat het ons ontvang? Wat sê hierdie teks? Wat sê daai verslae vir ons? Wat is die goed wat gebeur in die gemeente? Of wat ook al? Alles moet gaan onder die noemer van ‘n bewustelike ontvang van goed wat God ons op die hart druk. Daar’s niks toevallig in die boukommissie se verslag nie. Jy weet, daar’s niks, God is teenwoordig. Dit moet ontvang word, dit moet ge-eksploreer word op ‘n manier wat getrou is aan die Bybel, aan die tradisie, aan verantwoorde hermeneutiek en so aan, jy weet, ek dink nie dit is ‘n soort van ‘n naïewe proses nie. En dan is daar ontplooiing. En daai ontplooiing, ‘n stukkie van daai ontplooiing gaan besluite wees. Maar die mees effektiewe deel van ontplooiing is net oortuigings wat die Gees vir ons op die hart lê, jy weet. So ek het al baie gesien jy hoef nie te besluit nie. Hoe minder jy besluit hoe beter. Jy weet, daar’s net seker goed wat jy anders begin doen en anders begin leef omdat jy in groot geselskap was, en omdat jy saam met medegelowiges goed ge-eksploreer het en tendense raakgesien het, ervaring gehad het, of... Ja... So ek dink die rede hoekom die proses gewerk het, en hoekom transformasie gewerk het, was omdat daar sulke gesprekke was. En omdat alles wat ons in elk geval moes doen, gesien is as só ‘n gesprek. Nou kan ek ‘n paar voorbeelde noem. (24:29) Een van die voorbeelde dink ek is wandel in die Woord as ‘n gesprek. So as jy nou vra faktore tot die vorming van missionale gemeente, dan sal ek sê wandel in die Woord. Agter dit ‘n groot doelbewuste gesprekskultuur. En dan gaan ek náás wandel in die Woord nog ‘n voorbeeld of twee probeer noem van sulke gesprekke. Ons het ‘n wandel in die wêreld gesprek wat só werk: dis ‘n sonnetjie wat jy teken vir mense, en dan sê jy vir hulle: lys sewe kontakte wat jy die afgelope week gehad het. En dan sê jy vir hulle: omkring daar waar die vrede van God was. Jy sal dit onthou hoe dit was. En dan laat jy die mense daai stories vertel van wat is die kontak wat hulle gehad het. Nou ons het ‘n praktyk om een keer per jaar soort van deur die hele gemeente te werk met oesfees wyksbyeenkomste. En dit was nogal harde werk, want dis ‘n gemeente met meer as negentig wyke. En toe dáái jaar, die een jaar in die proses, het ons drie dominees met ál die wyke saam sulke gesprekke gehad. Letterlik nege, tien mense per gesprek. En jy gaan soos ‘n papegaai deur daai proses. Jy laat hulle daai stories vertel. Ons het ook ons selgemeentes se, en alle ander ??? wat onder lidmate se leierskap vergader... ons het hulle, daai leiers opgelei. So hulle het ook met hulle groepe deur die proses gegaan. Ons het deur die wyke gedoen. Ons het letterlik deur die ouetehuis, die sub-ekonomiese aftree-oord, daardeur beweeg. Ek bedoel, Gert, dit loop naderhand by jou ore uit, maar... So jy laat die mense die stories vertel. Dan vat jy ‘n blaaibord, dan vra jy vir hulle: kom ons kategoriseer dit nou, wat is die soort van stories wat julle vertel? Ek het in my lewe selde nog by so ‘n korttermynprojek betrokke gewees wat sulke enorme resultate opgelewer het. Feitlik elke aand was daar mense in trane gewees aan die einde van die aand. Een man het byvoorbeeld gesê, sy vrou het ‘n storie vertel hoe sy iets gegee het vir iemand, en hoe’t sy gevoel

© University of Pretoria

die Here gebruik haar daar. En aan die einde van die aand was die groep se konklusie: maar dis hoe die Here jóú gebruik. Jy weet, jy ... dis die soort van lewe wat jy moet lei. Haar man het gesê: vir die eerste keer herken ek God daar. Tot nou toe was dit 'n *major* probleem. Die vroue verdien, en ek verdien, en sy gee dit vinniger weg as wat ek dit kan verdien. Hy't gesê sy gee dit nie vir mense wat dit verdien nie. Die mense verdien dit nie vir wie sy dit gee nie, dis geld in die water gooi. En vir die eerste keer... En tóé te ontdek daar is nog 'n enorme ander klomp mense wat dit óók doen en vra: maar is dit nie wat God vir die gemeente op die hart druk nie.

P 5: PR_5.docx - 5:8 [soos ek sê, my oortuiging is g..] (8:8) (Super)
Codes: [04 Gesprek/Kommunikasie : Gesprek as sleutel tot transformasie - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

...[S]oos ek sê, my oortuiging is gesprek is die transformasie-instrument wat jy het, en ek kan wandel in die Woord en wandel in die wêreld as 'n voorbeeld noem. Ek kan nou begin dink hoedat ons mense begin laat vertel het in die erediens, jy weet, wat is die ervarings wat hulle gehad het? Ons nuusbriefie, die [NUUSBRIEF], die maandelikse nuusblad, het ons 'n bladsytjie afgestaan waar gelowiges vertel het, jy weet, hoe die Here hulle gebruik het. En dit was 'n *major* impak. Ja, so ek dink... Ek kan onthou op 'n stadium het ek vir myself gedink ek gaan die *grapevine* my vriend maak. Mense skinder, daar's áltyd stories wat rondvertel word, so ek gaan hulle help om oor die regte goed te skinder. Ek gaan so soort van sorg dat die *grapevine* met sensasionele goed gevoer bly, jy weet, sóós mense wat vierhonderdduisend rand teruggee, soos 'n vrou wat opdaag en iemand help, jy weet, 'n ou wat die gras sny, jy weet, 'n onbenullige ou wat sy kon misgekyk het. Ek kan onthou hoe baie ons oor "sien" gepraat het, die kapasiteit om rêrig te kan sien. Petrus en Johannes in Handelinge drie, wat vir die eerste keer nadat die Gees uitgestort is, síén hier sit 'n verlamde ou, (33:50) jy weet, nie net 'n bedelaar nie en daai ou konfronteer met Jesus. So ook skinder, ook die goed wat lidmate onder mekaar..., die stories wat hulle vertel, het ek besef: dis gesprék, jy weet. En waar gesprek plaasvind, moet jou ogies blink, jy weet, moet jy dít beïnvloed en mense laat praat oor goed wat regtig belangrik is. En ek moet sê, in [GEMEENTE] is dit presies wat gebeur het.

P 5: PR_5.docx - 5:9 [Ek dink die een enorme, ja wel..] (10:10) (Super)
Codes: [09 OpenheidVerandering: Bereidheid om te eksploreer - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ek dink die een enorme, ja wel, amper (generies ???) wil ek nou sê, die kapitalistiese sisteem, dis natuurlik wat ons kultuur diep beïnvloed het. Dis as jy op 'n sistemiese vlak dink. (34:57) Vooropgesette idees wat mense het oor ander mense. Ek kan baie-baie stories vertel daaroor en hoe ons dit ook probeer deurbreek het met ons besoeke aan townships; die manier hoe ons gesprek ingespan het; ouer mense wat dink hulle weet hoe jonger mense se koppe werk. So die enorme uitdaging is om mense op daai punt te kry dat hulle begin eksploreer. Verkennende, eksplorerende gesprek voer.

P 5: PR_5.docx - 5:10 [Die ander ding wat ek nou, as ..] (10:10) (Super)
Codes: [07 Leierskap: verhoudinge binne die predikantespan enorm belangrik - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Die ander ding wat ek nou, as jy nou vra uitdagings, wil ek eintlik nou met hierdie storie

© University of Pretoria

as suggereer is, die span, die predikantspan verhoudinge is enorm belangrik (40:27). Ek dink ons verhoudinge, jy weet, was goed in die sin van ons het weekliks bymekaargekom en intense gesprekke gevolg. Ek dink veral twee van ons, ek en hierdie ou wat ‘n uur laat opgedaag het, was honderd en tien persent ge*commit* aan die gemeente. En dit is die gemeenskaplike faktor tussen ons. So jy weet, ons het voortdurend met mekaar blý *engage* met ‘n gemeenskaplik doel, en dit is, wat is goed vir die lewe van hierdie geloofsgemeenskap. En dít het ons gered, want, ek bedoel, daar’s gewéldige verskille en benaderings. En ons het enorme *blindspots*, jy weet. En ek dink die heilsame impak op ons verhoudinge was dat ons geleer het ons het *blindspots*, en geleer het om deur mekaar se oë na die *blindspots* te kyk. Maar as ek terugkyk op die proses sou ek harder gewerk het aan die interpersoonlike verhoudinge.

P 5: PR_5.docx - 5:11 [My ervaring is, waar enkel pre..] (14:16) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Bou leierskapsspan - Family: Leraar Rol]
No memos

My ervaring is, waar enkel predikante suksesvol deur transformasie gaan, is daar sterk lidmaat-leierskap.
Jy’t dan wéér ‘n span.
Daar’s altyd ‘n span. Jy kan dit nie op jou eie doen nie, dis onmoontlik. As jy nie weet,... as die gemeente die plek is waar jý in die bediening is, kan dit nie werk nie. Ek is absoluut oortuig daarvan. Ek het dit nog nie gesien werk nie.

P 5: PR_5.docx - 5:12 [Ek dink die rol en funksie van..] (18:18) (Super)
Codes: [06 TransformasieKultuur: Skep ruimte vir deelnemende gesprek - Family: Leraar Rol]
No memos

Ek dink die rol en funksie van die dominee is om die gesprek te bly beskerm, wat gaan beteken dat jy aanmekaar mag sal moet weggee. Jou mag om die Bybel professioneel uit te lê moet weggee in die hande van lidmate. Jy moet luister na wat hulle sê en bereid wees om God toe te laat om jou te verras deur die insig wat hulle aan die dag lê. As jy nie doelbewus deelnemende gesprek gaan bevorder nie, dis ‘n swák punt van die vennootskapsmateriaal dat hulle nie die rol van die predikant in hierdie sin, dink ek, omskryf nie. (45:18) Ek dink om lidmate te bemagtig in die proses word predikante se rol nie genoeg uitgespel nie binne die vennootskap se materiaal. Ek wil nou nie eintlik te veel daaroor praat nie. Ja dit is..., dit werk waar dominee die tradisionele rol wat aan hulle opgedra is, verloën en met ‘n groter visie na die proses kyk.

P 5: PR_5.docx - 5:13 [Gert, ek hou van praat, so ek ..] (20:20) (Super)
Codes: [3 Om gesprek te vermenigvuldig en te institusionaliseer - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Gert, ek hou van praat, so ek hou van gesprek. So ek dink dit was my groot... dis om gesprek te vermenigvuldig, maar dit ook te institusionaliseer. Ek kan onthou ons het in daai tyd met twee eredienswerkgroepe begin. Die een was ‘n preekwerkgroep. En die een was ‘n liturgiese werkgroep. So, waar ons oor die eredienste gepraat het, en die missionale kante in die eredienste... So, ja ek dink ek het gesprek genormaliseer (?). Selfs, ons het van ‘n kerkraad beweeg na ‘n kerkraad plus ‘n bedieningsbestuur toe plus ‘n instandhoudingsdienste, of so iets, soos ons dit genoem het...

© University of Pretoria

onderhoudsdienste, bestuursdienste, admin, finansies en geboue. So dat jy nie net één gesprek het nie, maar jy het drie gesprekke. En dat jy nie een enorme gesprek het nie, maar dat jy drie meer behartigbare gesprekke het. Ek dink dit was my bydrae.

P 5: PR_5.docx - 5:14 [Ek wil jou oor jouself 'n biet..] (21:24) (Super)
Codes: [1 Om oor grense brûe te bou - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Ek wil jou oor jouself 'n bietjie invra... Ek was nou die dag in 'n werkswinkel en toe maak iemand die opmerking dat jy's eintlik iemand wat in jou mens-wees die vermoë het om gemeenskappe te bou en brûe te bou oor grense heen. Ek hoor hierdie ding van gesprek wat deurgaans en dit pas nou vir my by dit. Wat sou jy sê stel jou in staat om daai soort van brugbouer, as ek dit nou so mag noem, te wees? (47:36)
Nee, dit is so, al moet ek dit nou self sê. Ek dink aan die een kant nuuskierigheid. Gert, ek weet nie, miskien is dit hoe die Gees manifesteer in my lewe, ek was nog nooit tevrede net om 'n [KERKVERBAND] dominee te wees nie, ek wil altyd nog praat met die Doppers en die Anglikane en die Katolieke en die *Pentecostals*, en nog altyd weet hoe werk hulle koppe. En die Ortodokse kerk, jy weet, ek praat nou van die Griekse Ortodoks en so aan... Dit was nog... En die swartmense en hoe lyk dit in die *townships* en hoe... En hoe, wat gaan gebeur as mense wat totaal van mekaar verskil met mekaar praat. Ja, so gesprek werk net, dis my oortuiging. As jy uiteenlopende gespreksgenote het. En ook onder swart mense... En dan natuurlik, ek dink 'n goeie dosis nederigheid as jy oor grense gaan. Ek bedoel, as ek swart mense uitnooi na 'n ding toe, dan kom hulle, want hulle weet ek gaan my mond hou en hulle nie oordonder nie, jy weet. Of ek gaan hulle help om te... Ja, ek dink eintlik dit is meer, vra vir Picasso hoe kry hy dit reg om te teken, jy weet. Ek dink dit is 'n *gift* wat ek het.
Ja, en wat ek nou hoor, dit hang saam met hierdie goeters van die vermoë om mag weg te gee en om God toe te laat om jou te verras en om die regte klimaat te skep waarbinne gesprek kan plaasvind.
Ja, as jy byvoorbeeld met swart mense werk, dit is 'n hoë verhoudingsgedrewe kultuur, nie hoë *content* nie. So hulle sal altyd vermoed dat die leier die een is wat stilbly. So ek het dit nie eers geweet nie, ek het dit lateraan eers ontdek. Maar ek bly stil in sulke gesprekke. Ek hou my mond. Ek sit daar eenkant en ek bekyk alles. In 'n hoë *relational*-kultuur, is dit die leier se taak. Hulle bly stil, en op die ou einde sê hulle: wat nou hier gebeur het..., en wat is die prioriteite wat hierdie groep het. En dis presies wat wandel in die Woord ook is, jy hou jou mond en jy laat ander mense praat. Dis transformerende gesprek. So, aanvanklik was dit byvoorbeeld vreemd dat, as ons in 'n gesprek was, dat die sterk leiers stilbly(?), dat die ander eerste praat... En ek kon dit nooit klein gekry het nie, tot ek naderhand die teorie hieroor geleer het, maar dit is hoe gesprek werk, gesprek wanneer jy mense oor grense bymekaar kry. So ek het al wonderlike geleenthede daardeur gehad. Jy weet, toegang tot die burgermeester se kantoor op die oomblik, en sulke goeters, jy weet. Dis deur jou mond hou en luister na mense oor grense...

P 5: PR_5.docx - 5:15 [Geduld. Jy weet, om geduldig t..] (26:26) (Super)
Codes: [34 Geduld - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Geduld. Jy weet, om geduldig te wees, om te verstaan dat daar tyd moet verloop, sal

© University of Pretoria

ek sê. So, om meer geduldig te raak met die tyd was...

P 5: PR_5.docx - 5:16 [‘n Ander groot uitdaging was o..] (26:26) (Super)
Codes: [34 Oorkoming van eie woede - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

‘n Ander groot uitdaging was om my woede te oorkom. Want ek was op ‘n stadium baie kwaad vir die gemeente gewees, jy weet. Ek het gevoel dit is mense wat net vir hulleself lewe. So, om uit die aggressie uit te kom en om die gemeente lief genoeg te hê om hulle te help om te transformeer was ‘n groot uitdaging.

P 5: PR_5.docx - 5:17 [Ja, ek dink van ‘n modernis wa..] (28:28) (Super)
Codes: [1 Vanaf intellektualistiese praat oor God na reis met God - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ja, ek dink van ‘n modernis wat die Bybel uitgelê het na ‘n, jy weet, na ‘n reisgenoot saam met God wat kan luister; iemand wat nie al die antwoorde het nie, maar weet om die Here te verwag en te weet dat die hoop is eintlik op God. Kyk, as ek sê, ek dink ek het aan die begin gesê ek het aan die einde van ‘n horison gekom so half in my bediening en geweet die goed werk net nie, jy weet. Ek het hier van agt en negentig af rêrig deur ‘n diep persoonlike krisis gegaan waar ek net geweet het dit werk nie. Níks wat ek geleer het hoe dit werk, niks van hoe jy ‘n gemeente bedien, wérk nie. Jy weet, is die fout by my?, of... In daai tyd het ek nogal..., ek kan begin onthou dat ek besluit het maar ek wil verstaan hoe werk pentekostalistiese groepe, in die laat negentiger jare doelbewus na hulle toe uitgereik. Baie by die Alfa kursus betrokke geraak en dit begin doen. Dit het my baie beginne voorberei van om God te verwag en God se teenwoordigheid te verwag en die handelinge van die Heilige Gees. En om te glo dat die Here gaan nie vir my, as ek Hom toelaat om te bedien en teenwoordig te wees, die Here gaan nie vir my slange en klippe gee nie; Hy gaan brood gee. Jy weet, daai manier om te kan terugstaan en om die Gees toe te laat om te... Ek kan onthou hoe ek eendag met ‘n ou gesels het, ‘n redelik charismatiese metodis. En hy het toe gesê: Maar [NOEMNAAM], die Gees is hier in hierdie groep teenwoordig, en die Gees beweeg van mens tot mens gelyk is by almal, Hy’s gelyk by almal, en gee vir mense gawes, en gee vir mense gedagtes, en gee vir mense response. God manifester vir hulle. Wat is jou probleem? Hoekom is dit vir jou...? En hoe vréémd daai gedagte vir my was. Dis nou vyftien jaar later, ek bedoel dis nou eintlik lagwekkend om dit te dink, maar ons hét nie so gedink nie in die negentigerjare nie. Ons het gedink die Here het vir ons sy Woord gegee, en die Here het vir ons dominees gegee, en die Here het vir ons hermeneutiek gegee en ons lê dit uit en Hy werk deur sy Woord en sy Gees maar sy Gees se rol is net om... En jy weet, hoe méér geleerdheid daar is, hoe... So dit was ‘n ... Ek dink as daai onsekerheid in myself, selftwyfel, en soort van grense oorsteek en antwoorde op ander plekke begin soek en uiteindelik by God uit te kom nie in my lewe gebeur het nie sou ek nóóit oop gewees het vir die proses nie.

P 5: PR_5.docx - 5:18 [Ja, ek dink die diep diep ding..] (30:30) (Super)
Codes: [5 Blootstelling binne die vennootskap - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Ja, ek dink die diep-diep ding is vriendskap. Vriendskap. Deur om met mense, deur vriende te maak met en vriende te wees met mense in dieselfde bootjie as jy en deur

© University of Pretoria

aanmekaar die suigkrag van daai vriendskapsverhoudinge, jy weet, en daai gemeenskaplike toegeneentheid wat jy ervaar by mense, jy weet, om sensitief daarvoor te wees en om daai verhoudinge te bly versool en om vir die Here te sê: Here, gee vir iets deur hierdie vriendskap. Maar laat ek dit nou meer konkreet maak. Kyk, hierdie reis waarop ons gegaan het was ek nou bevoorreg gewees om deel te wees van die spannetjie wat die oorsig in die land oor die vennootskapsproses... En ek ek kan nie vir jou sê, Gert, hoeveel keer ek teruggegaan het na vergaderings toe en die ervaring dáár gehad het dat, ek verstaan nou vir die eerste keer waaroor die eintlik gaan. En dan volgende keer dan's dit weer 'n vergadering... Maar daai mense was nie net 'n komitee nie, dit was my vriende gewees, jy weet. Mense soos [NAAM&VAN], [NAAM], en ek kan nog 'n klomp ander ouens noem. En uit daai vriendskap uit is die energie gebore. So ek het geleer dat as daar 'n sekere toegeneentheid is teenoor iemand, dit altyd natuurlik *reciprocal* is. Ek dink dis daai Lukas tien ding van, as daar 'n man van vrede is, sal jou vrede aanvaar word. Om daai goed te vertrou en te bly in daai vriendskapsverhouding, dit het 'n geweldige transformerende impak.

P 5: PR_5.docx - 5:19 [Wel ek dink nou as 'n mens vin..] (34:34) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Hoe voer jy gesprek - Family: Leraar Aanleer/Afleer] [Ds_Aanleer: wandel in die Woord - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Wel ek dink nou as 'n mens vinnig deur daai lysie gaan is daar 'n paar vaardighede soos wandel in die Woord, hoe voer jy 'n gesprek, hoe is jy sensitief vir die konteks in die verstaansproses?

P 5: PR_5.docx - 5:20 [hoe is jy sensitief vir die ko..] (34:34) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Hoe om God in die konteks te ontdek - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

...[H]oe is jy sensitief vir die konteks in die verstaansproses? Ek beleef dat predikante sukkel om die konteks te lees, sukkel om God te verwag in die goed wat rondom jou gebeur. Ek dink dit is die doodsteek ..., dat daai hermeneutiese proses van, jy weet, jy kan nie net die Bybel lees asof jy dit abstrak lees nie, jy moet die konteks lees, en jy moet die Bybel deur die konteks lees (1:00:00), en jy moet die konteks deur die Bybel lees. Dis 'n baie-baie belangrike vaardigheid.

P 5: PR_5.docx - 5:21 [Die vaardigheid om stil te bly..] (34:34) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Vaardigheid om stil te bly - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Die vaardigheid om stil te bly. Ek sien te veel predikante wie se mond droog word as hulle dink hulle moet nou stilbly. Jy weet, wat nie kán stilbly nie. Maar nie omdat hulle slegte mense is nie, hulle is bang vir wat sal gebeur as hulle nou gaan stilbly. Bang wat sal gebeur as ek nou vir die groep sê: Wat dink julle?

© University of Pretoria

P 5: PR_5.docx - 5:22 [Ek dink amper die belangrikste..] (34:34) (Super)
Codes: [33 Belangrikheid van aanleer van gewoontes - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek dink amper die belangrikste ding wat ek wil sê hieroor is, goed begin by gewoontes. Dis wat ek geleer het. As jy nou daai blokkie vat van kennis, houdings en gesindheid, vaardighede en gewoontes, moes ek die bekering ondergaan om te verstaan dis die gewoontes wat belangrik is, nie die kennis nie. Kyk, dit is vir my baie maklik om 'n enorme klomp kennis oor iets baie vinnig bymekaar te maak en dit te gaan *share* en oulik te klink en na 'n goeie dominee wat goed voorberei is, 'n ekspert te wees. Maar dis baie moeilik om te sê ek gaan dag in en dag uit sekere gewoontes, persoonlike gewoontes, maar ook korporatiewe gewoontes... So ek gaan glo dat ons by élke kerkraadsvergadering Lukas tien lees, al loop dit by ons ore uit, al word dit naderhand die héél moeilikste ding wat daar is om te doen..., om daai teks te lees, gáán ek dit doen. Al het ek géén energie om te luister nie, en al weet ek wat die antwoord is, ek gaan nou luister en vir ander ook geleentheid gee. Dís waar die transformasie... Ja, ek dink dis absoluut, absoluut, absoluut *crucial*.

P 5: PR_5.docx - 5:23 [Ja, wat ek moes afleer was die..] (36:36) (Super)
Codes: [Ds_Afleer: Ekspert-rol - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Ja, wat ek moes afleer was die ekspert-rol. Ek dink dit is uit my hande uit geklap in die negentigerjare, in elk geval. Wat, vandag sal ek nou weer sê: dis God wat dit uit my hande uit geklap het.

P 5: PR_5.docx - 5:24 [Ek dink kennis is Trinitariese..] (38:38) (Super)
Codes: [11 Missio Dei en missio ekklesia - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek dink kennis is Trinitariese teologie (1:02:43), 'n ordentlike, begronde Trinitariese teologie, missionêre teologie. Ek weet nie lekker by watter blokkie dit nou gaan inpas nie, maar wat ek nou wil sê is: ek moes leer dat die gestuurdheid van die gemeente nie iets is wat jy moet bedryf naas die ander goed nie, maar dat dit ingetrek moet word in die wese van die gemeente. Ek het te lank die mite geglo dat die eredienste kan aangaan soos dit is. En dan het jy náás dit 'n *nice* projek wat jy vir die armes omgee en in die *township* stof trap. Dit het vir een of ander rede my lank gevat om te click, ál die probleme wat ek het is omdat 'n kultuur in stand gehou word deur die praktyke wat ons doen. Ek dink dit het te doen met die beweging van maar dis eintlik gewoontes, en nie kennis nie. Ek het gedink as ek die preek gebruik om die regte kennis te kommunikeer, sal die ander goed regkom. Ek moes leer dat die liturgie in die erediens moet die wêreld begin reflekteer. Moet 'n nederige hart, 'n hart wat sonde bely voor die Here, 'n hart wat vra: Here wat nou?, daai goed moet beliggaam word in die erediens. En ek dink dis wesenlike kennis en vaardighede waaroor ons beskik. So, hoe hou jy 'n erediens wat die missionale gestuurdheid van die gemeente moontlik maak en dien.

© University of Pretoria

P 5: PR_5.docx - 5:25 [Ek dink 'n ander stukkie kenni..] (38:42) (Super)
Codes: [41 Vermoe om die konteks te lees - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek dink 'n ander stukkie kennis is, soos wat ek gesê het, jy moet leer dat goed met jou praat uit die konteks uit, uit die wêreld uit. Ek gaan fasiliteer nou partykeer by gemeentes en dan doen ek met hulle 'n konteksanalise en ek laat hulle stories vertel. En dan kan ek sien die dominee sit daar en hy's glad nie geïnteresseerd nie. Hy dink nie dit is, hierdie is ter sake of so nie. Nou hy, ek meen jy's mos nou verduidelik voor die tyd. So hy weet rasioneel dis nou betekenisvol wat hier gebeur, maar ek kan sien die dominee dink nie dat dit nou God is wat besig is om hier te praat nie. So, soort van daai kennis, en daai houding en gesindheid by dominees is belangrik.
Ek vra nou maar net in, sou dit dalk wees omdat dominees gedislokeer is met hulle konteks?
Ja.
Hy's so in sy gemeente in, hy's eintlik los van die konteks.
Dis dit, Gert, maar daar's nog 'n probleem wat dalk dieper is, en dit is ons is in 'n platoniese idee-praktyk teorie vasgevang. So, ons dink daar's 'n idee, só lyk die ideale kerk, en nou moet jy dit net prakties toepas. So ons verstaan nie dis 'n... Daar ís nie 'n idee van hoe 'n ideale kerk lyk nie, dis altyd morsig, jy moet dit gaan doen, jy moet gaan eksperimenteer daaroor. Maar ons dink as ons die regte ekklesiologie, wat 'n platoniese idee is, en die regte teologie gaan kommunikeer en die regte soort van toepassing, jy weet soort van theory-application, dáái model dink ek maak dat dominees nie..., gedislokeer raak, soos jy tereg sê, en nie dink dat God praat uit die konteks uit nie, en nie dink dat eksperimentering en maak van foute en goed eintlik 'n heilsame manier is waarop die Gees die gemeente gaan lei op sy pad nie.

P 5: PR_5.docx - 5:26 [Ek sal sê om te glo in gesprek..] (48:48) (Super)
Codes: [33 Om te glo in gesprek - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek sal sê om te glo in gesprek ook

P 5: PR_5.docx - 5:27 [En om oor grense te gaan] (48:48) (Super)
Codes: [33 Om oor grense te gaan - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En om oor grense te gaan

P 5: PR_5.docx - 5:28 [Ek is oortuig daarvan dat dit ..] (50:54) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Sterk leierskap - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek is oortuig daarvan dat dit soort van die swak punt is in die proses soos hy op die oomblik staan. Ek sal sê leierskap. Ek kom agter, Gert, dat gemeentes wat skuif, is gemeentes waar daar sterk leiers is wat nie bang is om leiers te wees nie. Jy kan nou maar teorieë en goed en jou gereformeerdheid bring, dit werk nét waar daar 'n koalisie is van sterk leiers wat die regte hoeveelheid sosiale kapitaal het, wat 'n verbintenis maak tot die proses en beweeg in daai rigting. As dit nie daar is nie, sal dit nie werk nie. Die lollery is dominees wat nuut is op plekke, sukkel, jy weet. Dominees wat al uitgebak is in hulle verhoudings met gemeentes, wat nie as geloofwaardige

© University of Pretoria

gespreksgenote gesien word nie, dit werk net nie by hulle nie. Hierdie proses as 'n poging om fundamentele probleme in die gemeente te beredder, werk nie. Dit gaan oor leiers wat, soos ek sê die regte hoeveelheid sosiale kapitaal het. Ek dink daar's beter maniere om te sê wat ek nou wil sê, maar ek kan nie nou aan dit dink nie. So, dan sê ek dit maar so. Dis sulke leiers wat... Jy weet, dis so soort van die ouens wat sê: al vergaan die hemel en aarde nou, ons glo dat die Here is met ons op hierdie pad en dan gaan ons dit doen.

Jy het, ek sluit nou sommer hierby aan, jy het gesê jy het... Toe ek jou gebel het, het jy gesê jy het baie sterk idees oor waarom die proses in gemeentes nie werk nie. Sterk menings daaroor.

Dis hierdie... Dis nou die kern van my mening.

'n Dominee wat nie die sosiale kapitaal het, wat nie bereid is om leierskap uit te oefen nie... Of dis nie net die dominee nie?

Nie net die dominee nie. Ook ander mense. Kyk, ek kan jou 'n voorbeeld gee. Ons sit hier met 'n gemeente wat wonderlike werk doen in die gemeenskap. Nuwe dominee kom, hy begin op hierdie pad, maar hy hou nie van hierdie sterk patriargale en matriargale *figure* nie. Maar dis missionale figure. Dis nie, jy weet, *gatekeepers* nie, wat die sisteem aan die gang hou. Hy sê, nee maar wag so 'n bietjie, dit werk met kommissies en met demokratiese gesprekke en goeters, jy weet. Maar hierdie is nou 'n gemeente wat al vier jaar op die pad is. Sukkel finansieel en so aan, maar sterk verbind bly. Kry 'n groot *fight* met 'n sleutelleier. Daai leier trek uit die sisteem uit en die hele gemeente val plat. Dit word weer 'n armlastige gemeente. Die dominee sê, nou moet ek huisbesoek doen, ek moet vir my skapies omgee, en al die goed versink. So dit gaan oor die..., waarmee is ons nou weer... dis die swakheid, dis hoekom daai gemeente nou weer in 'n krisis beland, dit gaan oor die erkenning van die mense wat die Here gegee het as die leiers van daai gemeente. En om hulle leiding na te volg. Ek het nou in daai gemeente so 'n brugfunksie op 'n stadium vervul. Jy weet, daar is net sekere leiers waardeur dit werk, jy weet. En jy moet God se hand daarin erken. Ons, dink ek, is in baie gevalle... Maar jy moet nou hoor hierdie opmerking kom van iemand wat oortuig is dat gesprek, waarin luister die belangrikste vaardigheid is, baie-baie belangrik is. Maar terselfdertyd is daar leiers met 'n hand aan die stuur wat God... Daai agste patroon, ek dink ek is besig om dit te verduidelik. Missionale leierskap, mense wat die roeping beliggaam. Die mate waarin daar sulke mense is wat leierskap neem, wat die sisteem op die regte koers hou, dis wat dit moontlik maak dat dit kan slaag.

© University of Pretoria

Aanhalings PR_6.

All current quotations (34). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:40:11

P 6: PR_6.docx - 6:1 [Kyk die goed wat dáár baie ste..] (7:7) (Super)
Codes: [Godfokus: Fokus skuif vanaf kerk as instituut na God - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Kyk die goed wat dáár baie sterk na vore gekom het, is ek dink, die-die klém op die gemeente as ‘n struktuur, as ‘n organisme, en die skuif eerder van ons is ‘n beweging van God. Ek dink dáái skuif het beslis gekom. Uh, en en ek dink mens hoor dit ook baie keer in die taal, in die taal van die leiers, in die verstaan van, um.. Interessant, ek bedoel, ek het nog nóóit in my bediening... Byvoorbeeld die één kritiek wat ons baiekeer kry is juis die ding wat mense sê, maar ons is te veel soos ‘n besigheid. Ek bedoel, daar is regtig by mense, dink ek, ‘n diep soeke na God. Uh, ‘n diep bewusword van dis die Here wat met ons ‘n pad loop. Um, waar die klem voorheen baie sterk gelê het op lidmaatskap, en die kérk moet tot sy reg kom, en die geméénte moet tot sy reg kom, amper ‘n skuif gekom, maar dit is, dit gaan oor God. En dit gaan oor, wát wil die Here vandag van ons sê? Ek dink dáái een skuif het het beslis gekom. Soos ons daar by die konferensie ook mos gesê het, van van daai... Wat is die *five conversions*? Die eerste een is van *church as institute to God*.

P 6: PR_6.docx - 6:2 [Die die tweede ding wat eintli..] (13:13) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Fokus skuif vanaf lidmaatskap na dissipelskap - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Die die tweede ding wat eintlik daarmee saamhang, wat eintlik ‘n logiese uitloop is. En en ek sien dit báie duidelik hoe dit al hoe meer begin reflekteer. Kyk, ek, ons almal is mos so half opgelei, ons is mos opgelei om mense te help om goeie lidmate van die NG Kerk te wees. Ek’s op die punt dat ek al hoe meer besef, maar dit gaan meer daaroor nie. Dit gaan eintlik om mense te help om volgelinge van die Here Jesus Christus te wees. En as hy in die proses besluit om lidmaat van die gemeente te wees, *fine*! Maar die-die ábsolute klem van van lidmaatskap na dissipelskap – dit dít ervaar ons al hoe meer en meer. Um, en by baie mense is lidmaatskap eenvoudig nie eers meer ‘n, ek wil amper sê, ‘n *issue* nie. En nou sê ek, nou praat ek self as ‘n oud aktuarius, ek bedoel, ek dink net ons sal moet totáál ander vorentoe moet begin dink oor lidmaatskap. Um, oor van die feit dat ék kom behoort aan ‘n organisasie en dat ek net sekere voorregte het omdat ek aan die organisasie behoort. Dáái ding is verby. Ek bedoel, op die ou einde gaan dit oor dissipelskap, en my verstaan van wat beteken dit om volgeling van Here Jesus te wees, én en ander te help om saam met my volgelinge van die Here Jesus te wees. Nie die klem soseer op die lidmaatskap nie.

© University of Pretoria

P 6: PR_6.docx - 6:3 [Ek dink 'n derde ding is ook d..] (19:19) (Super)
Codes: [Geloofsonderskeiding: Skuif vanaf beplanning en bestuur na geloofsonderskeiding - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek dink 'n derde ding is ook die... Wat óók eintlik 'n logiese uitloop daarvan is. Ek dink nogal daar het 'n baie groter broosheid gekom, um, in ons verstaan van ons rol. Ek dink, daar was mos maar 'n stadium – en ek dink ons is self, dink ek, in daai slaggat getrap - wat dit, die gesprek het mos baie keer gegaan het oor leierskap en leierskapontwikkeling, en oor jou *performance*, moet ek amper sê. Maar mens het, dink ek, baie meer broos geword het en begin besef het, maar ons is maar niks anders as instrumente in die hand van die Here nie. Um, en op die ou einde is dit God wat werk. Dis God wat 'n pad met ons loop. Um, ek dink dáái, daai ding kom ook al hoe sterker dink ek deur. Ek vind amper by mense 'n pervérsie as jy deesdae begin praat oor léierskap asof dit net gaan oor jóú vermoëns. Maar, leierskap wat gaan om om rêrig in die Here te wees. En 'n pad met die Here te loop. Wat, ek dink, ook ánder uitdagings plaas.

P 6: PR_6.docx - 6:4 [Um, ja, en ek dink [lag] die á..] (19:19) (Super)
Codes: [HanteringVerandering: Skuif vanaf arrogansie na "ons weet nie" - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Um, ja, en ek dink [lag] die ánder ding wat vir my logies is, en ek dink ons ervaar dit báie sterk in die gemeentekultuur ook deesdae, ek dink die die kultuur van, waar ons op 'n stadium as [KERKVERBAND] amper die arrogansie gehad het, óók as gemeente, óns wéét, van ons weet nié. Ons, um, ons bly maar soek. Um, ek dink daai ding... Nou goed, as ek natuurlik nou die goed sê, verstaan jy dit, dis natuurlik nie noodwendig álmal nie. En dis, ons is mos nou maar ook met 'n proses besig, maar ...

P 6: PR_6.docx - 6:5 [Toe't ons besef, híérdie prose..] (21:29) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Predikante nie meer leiers nie, maar geestelike begeleiers - Family: Leraar Rol]
No memos

Toe't ons besef, híérdie proses het ons gehelp om met 'n meer missionêre ingesteldheid te leef. Uit dít uit het gebeur – wat nou 'n interessante ding was - waar die predikante baie sterk in léiersrolle gestaan het, staan nie één predikant nou in 'n leiersrol meer nie, maar nét lidmate. En die predikante het almal begeleiers geword wat 'n geestelike begeleiersrol speel.
Definieer jy nou leier as... Hoe hoe definieer jy daai leierskap? As jy nou sê die predikante is nie meer in 'n leier nie, maar die lidmate is nou.
Wat ek daarmee bedoel is... *Okay*, kom ons vat nou, met projek Stephanus het ons gesê, ons het die volgende bedieninge, aanbidding, onderlinge sorg, uitreik... En vir elkeen van daai bedieninge is 'n dóminee aangewys as die leier van daai bediening.
***Okay*. So hy het basies die voorsitter gewees. Die organisasie..**
Hy was die voorsitter gewees. Hy moes hy moes dit dryf. En daar's ook soort van vir die kerkraad gesê, ons kom meet die sukses van daai bediening aan jou vermoë om dit te lei.
Okay. (09:35)
Dáái ding het ons heeltemal geskuif, wat júís uit die missionêre ding uit gekom het, om te gaan sê, maar ons ons wil ons lidmáte te help om roeping te ontdek en dit uit te leef. En en géén predikant, behalwe my situasie, en ek sal dit nou verduidelik, is in 'n

© University of Pretoria

leierskaprol nie. Al die predikante um is geestelike begeleiers van hulle bepaalde bediening. Ek is die leier van die leraarspan, maar die leraarspan het ook geen besluitnemingsmagte nie. So, géén vergadering wat besluite neem in die gemeente, is ‘n predikant um leier van nie. Dis álles lidmate. Ek bedoel, ál ons projekte word gedryf deur lidmate, suiwer deur lidmate. So, dít was óók ‘n gevolg van hierdie hele proses van om missionêr te dink en spesifiék lidmate help om te ontdek waar dat die Here hulle ook wil gebruik en en wat hulle roeping is. (10:29)
So julle het eintlik die ról van die predikant, as deel van julle reis, eintlik heel anders begin herdefinieer, nê.
Héél temal. (10:36) Héél temal. Ek bedoel, die predikante het baie meer die, ek wil amper sê, die die rol van fasiliteerder, die rol van om mense bewus te maak van God, uh, hulle te help om die goed wat... Kyk, ‘n ding wat by ons, wat mý kop baie geswaai het, is die ding wat Pat Keifert mos gesê het, wat vir my baie kosbaar was. Waar hy mos aanmekaar gesê het, die Here het vir elke gemeente gegee wat daai gemeente nodig het om rerig te wees wat die Here wil hê dat dit moet doen. Dít lê in die gemeente. Um, en en trouens, ons gaan nou juis nou weer deur ‘n proses. Een van die groot, voordat ons iemand aanstel, gaan ons eers deur daai proses om te sê, maar móét ons ‘n betaalde amptenaar hê, of kán dit lidmaat of lidmate wees wat daar verantwoordelikheid dra. Ek bedoel, ons wil al hoe meer wég beweeg van ‘n situasie waar jy betaalde amptenare het, maar dat dit ménse is wat binne die gemeente is wat hulle bepaalde roeping kom uitleef.

P 6: PR_6.docx - 6:6 [Ons het juis nou die 28ste Okt..] (35:35) (Super)
Codes: [Taal/Selfverstaan: Gemeente begin om missionale taal te gebruik - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ons het juis nou die 28ste Oktober ons dankbaarheids-Sondag gehad. En wat vir my aangrypend was, nét in die manier - ons het ook ‘n DVD daarvan gemaak - in die, nét in die formulering daarvan het alréés vir my baie gesê van watter skuif in die gemeente gekom het. Ek bedoel, ons begin deur te sê, God raak mense aan, ontmoet mense, roep mense, en stuur mense. Ons glo dat ons by [GEMEENTE] ‘n netwerk van mense is wat deur God aangeraak is, wie God ontmoet het, wie verstaan dat God ons roep en ons stuur. [GEMEENTE] is dus nie ‘n plek nie, maar mense wat deel is van God se beweging na mense in ‘n wêreld in nood. Nou, vyf jaar terug, as ek hierdie selfde stuk sou geskryf het, sou ek hom anders geskryf het.

P 6: PR_6.docx - 6:7 [Um, kyk ek dink mos baie keer ..] (39:41) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate bemagtig om met ondersteuningsgroepe te begin]
No memos

Um, kyk ek dink mos baie keer het ‘n ou in die verlede amper soort van die vraag gevra, maar wát moet ons nou dóén? Maar om te kom by, maar wat is die Here besig om vir ons te sê? Um, en dáái ding het op kerkraadsvergaderings, ons kerkraadvergadering het ‘n totáál ander kleur begin kry. Gisteraand, byvoorbeeld, sit ek in ‘n kommunikasie-vergadering - want die leier van kommunikasie het vir ons gesê, hy het nou so onlangs op die kerkraad gekom - toe sê hy, hy wil net sê, dit was vir hom ‘n ongelooflike ervaring om die eerste kerkraadsvergadering hier by te woon. Hy het terug gegaan by die huis en gesê, hy wens al die lidmate kan dit beleef. Nou, jy weet self, ‘n paar jaar terug was kerkraadsvergaderings altyd ‘n *battle* gewees.
Hm, dit as ‘n ontstellende ding.

© University of Pretoria

[Lag] Dit was ‘n ontstellende ding. Jy was eintlik báng gewees om mense daaraan bloot te stel. En, ek bedoel, dit dit is al vir my ook ‘n wonderlike verhaal. Net hoe mense, dat hulle kerkraadsvergaderings toe gekom het en dit vir hulle energie gee. Ek bedoel, dat ons kerkraadsvergaderings, ek bedoel, joeg! Trouens, ons het ook ‘n ander verhaal. Ons het, toe ons oor die proses besig, toe, um, op ‘n stadium toe moes ons, ons het so beleid gehad ‘n kerkraadslede mag vir, vir op daai stadium ek dink vir drie jaar dien, en nog ‘n tweede termyn, en dan moet hy gaan. En toe, toe moes ons op die ou einde kies tussen twee mense wat toe moes gaan, en hulle wóú nie. Hulle het gesê, maar hulle wíl nie. Hulle wil áánbly. [Lag] Nou dít, dít sê vir my iets.

P 6: PR_6.docx - 6:8 [Ek kan op die ou einde net sê,..] (45:45) (Super)
Codes: [06 TaalSelfverstaan: Ontwikkeling van missionale teologie en taal - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek kan op die ou einde net sê, ek dink die herontdekking van die rol wat God as Gestuurde speel. En die, en dat ons deel is van God se sending. Die die teologiese verstaan van wie ons ís.

P 6: PR_6.docx - 6:9 [Ek, en ek dink nogal, um, rond..] (45:45) (Super)
Codes: [04 Gesprek/Kommunikasie: Prediking gebore uit die hele geloorsgemeenskap - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek, en ek dink nogal, um, rondom ons prediking, um, ek bedoel, dit het beslis ook ‘n groot invloed gehad. Uh, dis óók eintlik ‘n mooi verhaal. Uit uit hierdie héle proses uit het ons ook ‘n totale ander benadering ten opsigte van ons prediking begin kry. Ek bedoel die, um, én ook ons verstáán van die prediking. Ek bedoel, ons, ek wil amper sê, ons, uh, um... Ek, dis een van die dinge wat ek ongelooflik geniet in die gemeente. Ek bedoel, as ek ‘n Sondag op die kansel gaan staan, of voor die kansel gaan staan, dan, um, kan ek rêrig sê, dis nie net mý preek nie. Ek bedoel, dis ‘n preek van my kollegas, ander lidmate, wat almal ‘n inset gelewer het. En ek, um, en op die ou einde is dit éintlik ‘n preek wat gebore is vánuit die geloofgemeenskap vir die geloofsgemeenskap. Ek bedoel, dít het beslis by ons, um, ‘n ongelooflike skuif gebring. Um, en ek dink daai sáám besig wees met God, en en um, en en dan ontdek, van maar maar dis nie dis nie die Here wat hier éénkant met my loop praat nie, maar Hy praat met ons álmal, en Hy praat met ons in in ons besig-wees met mekaar. Dít het beslis, dink ek, ‘n groot skuif gebring.

P 6: PR_6.docx - 6:10 [Miskien moet ek jou dié storie..] (49:59) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate bemagtig om met ondersteuningsgroepe te begin]
No memos

Miskien moet ek jou dié storie vertel. Dít is eintlik ‘n baie mooi storie. Kyk, toe ons begin het met die proses [lag], nou juis rondom ons verstaan van die eredienste, toe, um... Ons het so elke jaar ‘n groot um karnaval, basaar, kermis – kyk, hy verander sy naam ook gedurig - wat ons altyd hier juis onder in die dorp gaan hou het. Nou, op daai stadium het ons nie plek gehad nie, maar ook as, eintlik as ‘n publieke getuienis, eintlik soort van ‘n gemeenskapsding gereël het met die héle gemeenskap. Nou het ons altyd begin die Vrydagaand, ons het die Saterdag klaar gewees. En dan die Vrydagaand het ons begin te een of ander kunstenaar te kry wat dan daar sing en so aan. Man, en... Nou ons ons hele beleid is, ons, die goed word deur lidmate gereël.

© University of Pretoria

En toe, toevallig was my buurman, het toe nou daai jaar die verantwoordelikheid gevat. Hy bel my op ‘n stadium. Hy sê vir my, weet jy, ek het ‘n paar kunstenaars. Het jy enige probleem as ek vir [SANGER] nooi? Nou, ek uh, op daai stadium het ek gesê. “ja!”. Maar ek dog so by myself, [SANGER] twyfel ek of hy by ‘n kerkgeleentheid sal kom optree. Ek sê, “*go for it*”. Ek bedoel, jý is die organiséérder. Jy gáán. Man, en Koos sê verassend “ja”.

O, okay.

En [lag], man en toe, toe ons nou advertéér, um, toe bárs daar ‘n bom in hierdie gemeenskap.

In in die gemeente? Of in die ...?

In die gemeenskap. Ek sal nou sê oor die gemeente. Binne die gemeenskap.

Die breër gemeenskap?

Ja, die breër gemeenskap. Soveel so dat ons gemeenskapskoerantjie, die [PLAASLIKE KOERANT], gaan plaas ‘n artikel waar hulle sê, [GEMEENTE] skuld die gemeenskap van die [WOONBUURT] ‘n verskoning dat hulle met ‘n Godloënaar soos [SANGER] um... Jis jong, en daar bárs ‘n bom in die gemeente. Soveel so dat ons ‘n spesiale kerkraadsvergadering hou en die héle kerkraadsvergadering gaan... En weet jy, wat vir my die wónderlike was, en en dáár het ek net besef waar ‘n skuif begin kom het, wat die kerkraad het, die héle kerkraad het gesê, en daar was nou mense wat ook verskil het van mening, maar gesê het, maar, joe! Ons is missionêr! Ek bedoel, ons, as ons, wie’s ons om te sê, maar ‘n ou soos Koos Kombuis is nie welkom nie. Um, en ons wil vir Koos nooi. En dis [SANGER] se verantwoordelikheid om te weet, ma wie óns is. En, en dat ons ‘n gemeenskap is. En wie jy, [SANGER], hierso so ‘n week voor die tyd, toe wil [SANGER] onttrek. Toe sê hy, nee, maar hy dink nie hy kom meer nie. Toe sê ek, nee, nee, SANGER], jy kan nie nou, jy kom. Um, en wie jy, [SANGER] tree die aand op. En dit was ‘n óngelooflike stuk...

Ja, ek kry hoendervleis nou as ek dié storie hoor, nê.

Wie jy, [SANGER] daai aand.. Trouens, [SANGER] het daai aand vir die geméénte geïllustreer wat gasvryheid is. Hy het telkens gesê, hier sou ek nou ’n vloekwoord gebruik het, maar ek, omdat ek weet julle is...

[Lag] Omdat ek weet julle vloek nie in die openbaar nie!

Ja, jy weet, hy het dit.. En die interessante was, hy het so drie maande na daai insident, het hy in die [SONDAGKOERANT] ‘n artikel geskryf. En toe sê hy hoe híérdie gebeurtenis hom ook ánders laat dink het oor die kerk. En en hoe hy dit eintlik ongelooflik waardeer het dat die kerk net gesê het, maar ons gaan jou nie *shame* nie. Ons gaan... En en dáái Sondag - ek sou nog gaan Argus ry het, en toe besluit ek, ek gaan nie eers ry nie, ek preek daai Sondag - en ek het toe net gesê, maar weet julle, dis presies wat gestuurdheid is. Gestuurdheid kom sê, ons gaan nie eise kom stel oor hoe moet die mense wees wat na ons toe kom nie. Híérdie gemeente is ‘n gemeente wat sê, hierdie erediens is ‘n publieke getuienis, wíé ook al hier inkom, of as hier ‘n Hindu inkom, of ‘n Moslem inkom, of as ‘n ou hier wil inkom en hy wil hier wees, dan is hy welkom. Dan omhels ons hom met gasvryheid, en um sonder om vir een oomblik terug te staan oor dit wat ons glo. Maar ons hanteer hom hier. En en dáái skuif, dink ek, het nogal, dáái storie het ‘n ongelooflike impak op die gemeente gehad.

P 6: PR_6.docx - 6:11 [Kyk, um... Goed, ek moet dít s..] (73:77) (Super)
Codes: [02 InkoopGemeente: Om inkoop in 'n groot gemeente te kry - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Kyk, um... Goed, ek moet dít sê, kyk, [NAAM] het op ‘n stadium dit ook gesê, en ek

© University of Pretoria

dink hy is reg. Dis soms makliker om hierdie proses te loop met ‘n kleiner gemeente as met ‘n groot makro gemeente.
Hoeveel lidmate is julle?
Ons is so vyfduisend ses honderd
So julle is rêrig ‘n groot gemeente.
Ons is ‘n groot gemeente. So die, um, [stilte] bloot eenvoudig omdat ek dink, déél van hierdie reis is... Nou kyk, ou Pat hulle werk mos met hierdie met hierdie *family*, *inside-strangers, outside-strangers* model, wat ek dink ‘n baie goeie model is. Waar hy mý baie gehelp het, is om te sê, maar is is jou *core family,* die die tien persent, as dit tussen tien na twintig persent is, dan dan loop baie goed self. Nou ‘n groot gemeente is dit altyd, ek bedoel, ek dink wat ons beslis dink ek gesukkel het mee, is om hóé...; wanneer is almal ingekoop? Of wie is almal ingekoop? Maar dis maar altyd jou krisis in ‘n gemeente van vyfduisend seshonderd lidmate. Om nou te verwag dat vyfduisend seshonderd lidmate oor dieselfde goed opgewonde gaan wees, ek wil amper sê, dit is onmoontlik. Ons het juis, ons is nou weer besig met ‘n proses van herstrukturering. Ek dink die ding wat ons in die prosés geleer het, is, um, en al hoe meer en meer net besef is, in ‘n groot gemeente soos óns is dit verskriklik belangrik dat jou leierskap um oor hierdie goed begin saam dink en blý saam dink. Um, en dis ‘n voortdurende proses. Um, máár hoe vér dit in die gemeente lê, en hoe ‘n mate álmal ingekoop is by die goed, dis natuurlik altyd ‘n uitdaging.

P 6: PR_6.docx - 6:12 [Um, en... Kyk, ‘n ding wat ons..] (78:78) (Super)
Codes: [11 Diversiteit: Die hantering van diversiteit - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Um, en... Kyk, ‘n ding wat ons óók ontdek het in in hierdie proses, is die, die um... Ek bedoel, hoe divers ons eintlik ook is. Ek dink die, ek dink dis een van die grootste uitdagings van die kerk. Hoe akkommodeer jy diversiteit? En verskeidenheid? Hoe akkommodeer jy dit? Nou ek dink die.... Want dit is net so, wanneer jy missionêr begin dink, is daar ‘n klomp goed wat skuif. Ek bedoel, en jy dink oor ‘n klomp goed anders. Um, maar daar is ook jou sterk behoudende mense wat in jou –*gatekeepers* – wat... En en ons het van hulle verloor. Um, nou partykeer is ‘n mens dankbaar, maar partykeer is jy ook hartseer oor mense wat jy verloor het in die proses. Um, ja! Dis maar altyd... Ek sit nog steeds met die vraag, hoeveel is...? Ek bedoel, ek kan nou maklik hier met jou sit en gesels, opgewonde wees oor ‘n klomp goed, maar dis altyd, weet ek, dis nie álmal noodwendig wat so voel nie. Um, en en dit bly maar ‘n uitdaging in ‘n groot gemeente. Um, om om om sáám missionêr te wees. Ek bedoel, én-én óók die woord missionêr - dis ‘n ánder ding wat ons nog moet sê - ek ek dink natuurlik ook nou baie kleintjies gekry het. Ek bedoel, op die ou einde gebruik... Ander sal sê, die woord missionêr gebruik, maar ‘n totaal ander betekenis daaraan heg as wat jy sélf daaraan heg. En so, om daai... Máár, waaroor ek blý is, Gert, ek dink dit, ten diepste gaan dit oor ‘n kultuur wat besig is om te skuif.

P 6: PR_6.docx - 6:13 [En ek dink, ek dink die... ‘n ..] (79:79) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Geduld - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

En ek dink, ek dink die... ‘n Ding wat ek óók geleer het, is, um - en ek is meer ‘n ou wat bietjie haastig is van geaardheid, ek wil graag ‘n ding, um, so gou as moontlik sien gebeur - en wat ék moes leer, is: dis ‘n kultuur wat skuif. En en ‘n kultúúr - veral in ‘n

© University of Pretoria

groot gemeente soos hierdie – vat, ek sou sê, 'n minimum van vyf jaar plus om te skuif. Jy jy weet net. Ek bedoel, die *input* wat jy nou maak, het baie keer sien jy eintlik eers die resultaat daarvan oor vier, vyf of ses jaar. Um, jy jy sien dit nie dadelik nie. Um, en 'n ou moet maar leer om geduldig te wees daarmee.

P 6: PR_6.docx - 6:14 [Ek dink dis 'n dis 'n voortdur..] (81:87) (Super)
Codes: [01 EieVorming: Eie geestelike reis met God - Family: Leraar Rol]
No memos

Ek dink dis 'n voortdurende studie nog steeds. En ons is nog steeds besig om daarmee te stoei. Kyk, ek dink in in die kultuur waarin ons werk en funksioneer gaan dit mos maar baie oor die oor die vaardighede en die gawes van jou leiers. Die ding wat ék moes leer in in gestuurdheid is, en ek is nog steeds besig om dit te leer, en ons, my kollegas, ons praat ook baie daaroor. Ek dink in jou gestuurde gemeentes ten diepste die predikant se vers..., se éie verstaan as geroepene van die Here, as iemand, as instrument van die Here, sy eie geloofsdissiplines wat hy uitleef, dit beoefen. Kyk, ons het vir mekaar as predikante in dié tyd baie vir mekaar gesê, en ons sê dit nog stéeds vir mekaar. Um, kyk ons *default* mos nou maar aanmekaar na die klomp doen-funksies toe. (30:49)
Dis mos nou hoe ons nou gemaak is. (30:51)
Ja, maar oor die wéés-funksies sukkel ons maar altyd. En ons sukkel ook om daai spanning... Kyk, dis 'n gesonde spanning. Ek dink daai spanning moet altyd daar wees. Maar om... Kyk, my een kollega, en ek is, ons is 'n baie lekker span wat saamwerk, my een kollega sê dit altyd, hy sê... Kyk, hulle vertel mos van die van die ou wat um na die na die dominees gekom het en gesê het, weet jy, vir my is daar een wesenlike verskil tussen die dominees van die protestante kerke en die en die, die van die, kom ons sê, meer jou katolieke tradisie. Toe sê hy, die dominees van die van die protestantse kerke is oor die algemeen baie goeie bestuurders. Terwyl, in die Rooms Katolieke tradisie, is hulle heiliges. Nou, ons weet ook mos nou almal, daar is ook weer ander kante aan die saak, maar ons het vir mekaar as kollegas gesê, hier by [GEMEENTE] sê ons vir mekaar, ek sal baie eerder wil hê dat lidmate na my verwys as 'n heilige as 'n goeie leier of bestuurder. Um, en dis nogal vir ons belangrik. Um, en dit het ons nogal voor 'n paar uitdagings gebring, óók in ons taal. Weet jy, um, ek dink Gert, ek bedoel, ek is darem, baie van my kollegas is darem, ons het al baie keer vir mekaar gesê, gestuurdheid het ons weer iets dáárvan gehelp. Um, kyk, ons kan mos nou baie keer maklik sê, maar ons moet dít doen. Ons dink dit is... Maar om die taal aan te leer sonder om... [Stilte] Um, nie om ég te wees nie. Maar om te sê, maar die Here het dit vir ons gewys. Um, jy weet, dis nogal 'n ding waaroor ek baie sensitief geraak het die afgelope tyd. Want, ek besef, ék het op 'n stadium baie ge-óórreageer teenoor baie van hierdie Pinkster- Charismatiese tipe van mense wat so maklik, dit voel amper asof hulle die hele tyd in gesprek is met die Here. En die Here het dit gesê, en die Here het dit gesê, en die Here het... Ek ek het eintlik daaroor téén gereageer. Maar ek besef al hoe meer, ons sou ook mense moet help, maar dat die Here 'n lewende teenwoordig is. En dat die Here sekere goed sê. En en en die Gód-vrae wat ons vra. Ek bedoel, wat is die Here besig is om vir ons te sê? Moet ons óók kan sê, maar wie julle, in my besig wees in in, besef ek net, maar dis wat die Here nou van mý vra. Dit mag dalk môre, oormôre anders wees, maar dís hoe ek dit nóú verstaan. Um, en en om dit ónbeskaamd te sê, dís wat ek glo die Here nóú van my vra. Ek dink daai daai konnektheid met God, daai om onbeskaamd te kan sê, maar dís wat ons glo, dis die pad die Here met ons loop. (33:54) Daaroor moet ons net meer duidelik praat.

© University of Pretoria

Ek ek toets of ek reg hoor. Dit is hierdie verskuiwing van die predikant as *manager* en bestuurder en leier na eintlik, mens wat met God op reis is?
Ja. Kom, daai wat hulle in die in die roepingspatrone van, praat van met ‘n roepingsgesag, met ‘n *missional authority*.
Ja. *Missional authority*
Ja. Ek dink, dáái ding sit my nogal baie aan die dink. Um en dis mos nie nou ‘n ding wat jy kan gaan leer nie, of van ‘n boek kan gaan sit en lees nie. Ek bedoel, dis op die ou einde iets wat jy ís.

P 6: PR_6.docx - 6:15 [Kyk, ‘n ding waarmee ons baie ..] (87:89) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Toerusting van gelowiges - Family: Leraar Rol]
No memos

Kyk, ‘n ding waarmee ons baie stoei... Toe ons, ons gaan nou weer deur ‘n fase wat ons stoei. Kyk, baie van ons predikante is mos nou maar opgelei, en ons, dis hoe ons dink ook, as ons is ‘n, ons het ‘n pastorale rol. Nou ek dink daarmee stoei ons nog baie. En dis een van die uitdagings wat vorentoe lê, wat jy kan ook weer aan die ander kant... Ek bedoel, die gevaar is dat jy altyd soort van, ék is die versorger van die gemeente. Ek is die een wat, as ‘n tannie ‘n probleempie het en hospitaal toe gaan, dan moet ek daar wees. Ag, en daai goed ken jy mos nou.
Dis reg.
Maar om te leer, maar ek ek is deel van ‘n g... Ek skep ‘n gemeente wat daai tannie wat hospitaal toe gegaan, ervaar maar ek is deel van ‘n van ‘n geloofsgemeenskap wat regtig omgee. En dit beteken nie noodwendig dis die dominee wat my kom besoek nie. Nou nou weet ons almal dit is mos nou makliker gesê as gedoen. [Lag]

P 6: PR_6.docx - 6:16 [In 'n mate dink ek hang dit sa..] (109:109) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Custodians wat waak dat die gemeente nie default nie - Family: Leraar Rol]
No memos

In 'n mate dink ek hang dit saam met twee goed. Dit gaan oor my rol wat ek speel spesifiek in die gemeente. Maar dit hang ook saam oor wie ek ís. Nou, ek dink die, um, nou goed, my rol – en ek weet dit is nou 'n term wat in sekere [KERKVERBAND] geledere nog 'n vloekterm is - maar ek bedoel, ek is leierleraar hier, en ek het nog nóóit verstaan dat ek nou die *main* koekie is nie. Dit gaan vir my, dit is 'n bepaalde fúnksie wat ek het, om te gaan sê ek is leier van die leraarspan. En as déél van my leierskap by die leraarspan, en die rol wat ek ook in die geméénte speel, is om ook die gemeente te help en die kerkraad te begelei om ook visionêr te dink en te funksioneer. Nou, onmíddellik, ek bedoel, as ek dít sê, ek glo ook 'n visie is nie iets wat net by een persoon lê, en 'n visie lê binne 'n geméénte. Maar iémand is nodig om daardie visie, voortdurend vir hulle te herinner aan die visie. En dis my rol. My rol is, en dit is wat ek, die rol wat ek in die prosés ook gespeel het, om te sê, óns loop die pad van gestuurdheid. En ek verstáán my rol om voortdúrend die kerkraad of die kollegas of wie ook al in die gemeente te herinner, maar onthou, ons is 'n gestuurde gemeente. Dis Gód wat ons stuur. Ons is deel van God se sending. Kom ons gaan vertel dit. Ek is, ek wil sê, ek is die een wat mense gedurig mense aan daai daai proses moet herinner. Um, en en en ek geniet dit. Dis vir my lékker om daai rol te speel. Um, en, óf ook, as ons in situasies kom, om te sou sê, maar okay, wat maak ons nou hiermee? Vanuit ons verstaan as gestuurde gemeente? 'n Goeie voorbeeld was nou juis Sondag. Ek het nou juis Sondag gepreek en toe oor hierdie onluste wat nou op die

© University of Pretoria

plase is. Gesê, goed, ons kan nou baie maklik ‘n posisie inneem van beskuldiging, watter kant ook al. Maar die vraag waarmee ons as gemeente moet worstel, is wat is die Here besig om vir ons te sê? Um, en dáái rol sien ék moet ek voortdurend speel om, hetsy die kerkraad, lidmate, myself, daaraan te herinner: Onthou, ons is 'n gestuurde gemeente, en binne 'n gestuurde opset is dít hoe ons werk. So, só sien ek my rol.

P 6: PR_6.docx - 6:17 [Um, én en natuurlik, voortdure..] (110:110) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Deurlopende nadenke oor gestuur-wees - Family: Leraar Rol]
No memos

Um, én en natuurlik, voortdurend te bly nadink oor wat wat gestuurdheid ís. Um, en, um, ek is sélf nou wéér betrokke ook by ook by die toerusting van ander gemeentes rondom die gestuurdheid. En dis vir my lékker om daarby betrokke te wees, want dit help mý ook om aanmekaar nuut en vars te bly dínk.

P 6: PR_6.docx - 6:18 [Um, wat dit aan mý gedoen het,..] (111:111) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Nie dink in terme van lidmaatskap, maar dissipelmaking - Family: Leraar Rol]
No memos

Um, wat dit aan mý gedoen het, is, weet jy, [sug] die gróótste skuif wat in die hele proses in my gekom het, is ék is een van die dominees wat binne die instandhoudingsmodel verstaan het, ék moet mense help om goeie lidmate van die gemeente te wees. Nou, daarmee is ook mos nou nie verkeerd nie. Maar die gevváár is dat jy mense baie help om soort van - dit gaan oor die organisasie, en hoe kan ek ‘n lojale lid van die organisasie wees? Ek het net, mý denke het hééltemal geskuif, om te sê ek wil níks anders wees, en níks anders doen as om mense te help om werklike dissipels van die Here Jesus Christus te wees en dissipels-makers te wees nie. Dís my *jop*. En dís waarvoor ek met my hele wese “ja!” sê. Um, en as mense in die proses lidmaat van die gemeente wil word, wonderlik! Maar dis ook, ek sal byvoorbeeld nou, ek het nou vanoggend, vroegoggend, ek het met 'n dissipelskapgroep besig, wat. daardie groep is driekwart van hulle nie lidmate van die gemeente nie. Dit pla my nie. Ek bedoel, dit is, um, ek dink, wat wat, my eie kop het geskuif rondom hierdie goed. Um, om nie meer te dink in terme van lidmaatskap nie, maar te dink in terme van dissipelskap en Bybelse vorming. Dit, dít het vir mý het het... En as daar nou één ding is, wat binne die gestuurdheid, is dit ‘n ding wat vir my gewéldig sterk uitgekom het.

P 6: PR_6.docx - 6:19 [Ek bedoel, daar’s sóveel goed...] (113:113) (Super)
Codes: [01 EieVorming: Eie geestelike reis met God - Family: Leraar Rol]
No memos

Ek bedoel, daar’s sóveel goed. Um, en om weer núút te ontdek, maar wat is die pad is wat die Here met ons wil loop? En weer nuut te ontdek, en dáárdeur sê ek, ek dink ons het 'n wónderlike teologie. En ek dank die Here dat ek kan deel wees van die [KERKVERBAND]. En ek dink die [KERKVERBAND] het 'n pragtige gesonde Bybelse teologie. Dáároor het ek géén twyfel nie. Moet my nie dáár verkeerd verstaan nie. Maar om dit te internaliséér in jou méns-wees, om om op die ou einde regtig deur die Bybel gevorm te wees in ons totale mens-wees, ek dink dáármee sukkel ons. En ek dink, ék sukkel daarmee. Ek dink ook baie van ons predikante sukkel daarmee. En en om, en ek dink die gróótste uitdaging vir óns tans in ons kerk is, hóé - as gestuurde

© University of Pretoria

kerk - hóé word God 'n werklikheid in ons lewens? En trek ek dit wat ek ontdék saam met God, maak ek dit regtig deel van my lewe? Um, dít is vir my die grootste uitdaging. En en dís waar ek getransformeer het.

P 6: PR_6.docx - 6:20 [Ja, en en om rêrig... Jy sien,..] (117:118) (Super)
Codes: [42 Om met God op weg te wees - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Ja, en om rêrig... Jy sien, en ek dink ons... Nou goed, ek daarin getrap. En ek is lief vir teologie, dis vir my lekker om oor teologie te lees. Maar dis nogal een ding om oor teologie te lees en oor na te dink, maar dis iets ánders om rêrig te begin leef en te opereer met die werklikheid dat Here aktief besig is met my en met die omstandighede rondom my.
En en daar't 'n... Ja, hoe sal ek dit uitdruk? Um, [stilte] ek dink ek het dalk in my mens-wees dalk minder arrogant geword, om te dink ek kan nou die Here, um... Hoe het ons voorheen gepraat? Ons moet die Here sigbaar maak. Ek moet die Here gaan verkondig. Ek dink die Here verkondig Homsélf. En die Here is besig om Sélf groot dinge te doen. Ek moet eerder mense help om dit raak te sien. En ek moet mysélf help, en mysélf ook dwing om raak te sien waar God besig is. En ek dink dit, in dáái opsig, het ek getransformeer. Om om rêrig te besef, die Here is bésig. Ek bedoel, mét of sónder my. Um, maar om te weet wáár God besig is en wát is God besig om te doen. En vir ander, mysélf en ander te help om dit raak te sien. Dit is my...

P 6: PR_6.docx - 6:21 [Kyk ek ek wil op die ou einde ..] (122:122) (Super)
Codes: [5 Blootstelling binne die vennootskap - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Kyk ek wil op die ou einde sê, ek dink die gestuurdheid, um, is maar, is mos maar net 'n model wat ons op die tafel, of eintlik 'n wérkswyse. Maar ín die werkswyse, in jou gesprekke met ander gemeentes, ek bedoel, dit is van die begín af, daai in-gesprek-wees met ander gemeentes, met ons *cluster*-byeenkomste, um, in gesprek ook wees met ander kerke, um, het nogal baie goed by my verander.

P 6: PR_6.docx - 6:22 [En, byvoorbeeld 'n ánder ding ..] (124:124) (Super)
Codes: [41 Geloofsonderskeidende leierskap - Family: Leraar Kernkapasiteite] [Geloofsonderskeiding: Geloofsonderskeiding word deel van die kultuur - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En, byvoorbeeld 'n ánder ding watt 'n groot skuif gekom het, ek bedoel, dit het ek nou nie eers gesê nie, alhoewel dit onderliggend lê. Maar die hele proses van geloofsonderskeiding. Trouens, ons het as kerkraad, uit hierdie proses uit, het ons, ek wil amper sê, ons het vir úre, het ons daaroor gesit en debatteer, én gepraat, én gewonder oor wát is geloofsonderskeiding nou? [Stilte] En ek dink ons het nog stéédś daar. Maar in die prosés het 'n klomp goed gebeur. Ek bedoel, die die-die goed waarmee Communitas ook nou besig is, ek bedoel, die-die... Ek dink die víér goed wat ek in die proses geleer het is, um, en en-en daar het invloede van baie kante gekom, maar die één is, jou eie wandel met God. Jou eie... En en dis waar dissipelskap, dink ek, en-en geloofsdissiplines geweldig sterk na [vore] kom. Jou eie wandel met God; jou eie verstaan van God, um, ek bedoel dit dink ek het net, um, dink ek, al hoe méér na vore gekom. Jou tweede is, jou omgang met die Bybel. Of die-die

© University of Pretoria

wandel met die Bybel. Nou die, nou, en-en die Bybel nie as ‘n – soos ou Pat Keifert, daai ding het my baie, ou Pat het vir my ongelooflik baie gehelp. Ek bedoel die, en ek dink, ek was sélf ook skuldig daaraan, en ek trap dalk nog stééds in die slaggat, om die Bybel as 'n rewolwer te wil gebruik wat die mense skiet met 'n paar teksverse. Maar om te leer, maar die Bybel transformeer in die eerste plek vir mý. En en die Bybel is nie ‘n boek waarmee ek ánder mense transformeer nie, maar wat eintlik vir mý transformeer. En in die prosés, omdat ék getransformeer ís, kom ek met 'n boodskap. Dáái ding het het nogal... En en om te blý wandel in die Woord. Ek bedoel, soveel so dat vir my is dit deesdae, ek kan dit glad hanteer as ek by 'n vergadering is, en mense sê, kom ons lees gou 'n stukkie Bybel en ons bid en dan gaan ons aan nie. Ek bedoel, ek... Dan sê ek liewers, los dit. Um, maar om vanuit die posisie van, ons wándel in-in die Woord, en vanuit daai posisie hou ons vergadering. (51:22) Die die derde ding, is die-die, en ek dink wat ook beslis ‘n groot skuif by mý ook gebring het en wat déél is van die proses, die-die luister na mense. Die die, um, en om te weet, maar die Here praat ook deur ander mense. Ek bedoel, dis nie net ek as dominee deur wie die Here praat nie. Ek bedoel, die Here... En die Here is ook met ander mense besig. En om raak te sien hoe die Here... En en, ek bedoel, hier hier’t wónderlike dinge in die gemeente gebeur rondom dit. Ek bedoel, vandat ons mense begin bemagtig het, mense verantwoordelikheid begin neem het, dis net *amazing*. Ek bedoel, ons het hierso, ek het die boekie ook vir jou. Ons het byvoorbeeld nou al drie en dertig projekte hier, um, wat álles net gedryf word deur lidmate. En en dis vir my óngelooflik om te sien... Kom ek vertel vir jou 'n mooi storie rondom dit. (53:07) Ons het nou begin van hierdie finansiële jaar gesê, oh! oh!, maar ons, uh, die ekonomie het ook maar sy invloed gehad en ons sê: Joe!. Ons sal moet bietjie herbesin. En ons het 'n klomp goed in plek gesit. En ek het 'n bietjie ‘n strategie geskryf van rentmeesterskap en wat, hoe ons rentmeesterskap moet verstaan vanuit ons gestuurdheid. En onder andere het ons, een van die riglyne wat ons gesê het, maar ons kan nie begroot vir hulp aan hulpbehoewende mense nie. Ons het net nie fondse daarvoor nie. Maar toe’t ons gesê ons gaan 'n aparte fonds skep vir mense wat sterk daaroor geroepe voel, maar hulle wil spesifiek daarvoor gee. Die interessante is, agt maande later, ons begroting, ons het verlede jaar hierdie tyd was, het ons op 'n tekort gestaan van R430 000. Ons staan nou op 'n óórskot van R450 000. En dáái fonds staan op, amper op R700 000. Van lidmate wat net gekom het en gesê het, maar die Here lê dit op my hart. Dit is wat ek wil doen. Ek wil graag... En en dan beséf jy net, baie keer lê dit in die, goed hoe jy dit kommunikeer, um, wat het vir mense energie gee. En die Here seën ons regtig met ongelooflike lidmate wat ek dink, um... So, daai luister na mense. En dan 'n ander ding wat vir my, en ons is nog met 'n proses rondom dít besig, en ek ek dink ons sukkel nog daarmee, maar ook die luister na die gemeenskap. Die die-die verstáán van wat in ons gemeenskap aan die gang is. Nou ons het begin, verlede jaar het ons vir Graham Cray van Fresh Expressions hier gehad. En hy het ons Pinkster kom hou. Joeg, en daai ou het my kop rondom... Ek bedoel, hý het 'n groot invloed op my lewe gehad. Miskien moet ek dít sê. Kyk, wat Graham Cray my gehelp het om te verstaan, waarmee ek baie gestoei het... Kyk, ek dink die gevaar in hierdie gestuurde proses is dat ons soort van dink, maar ek moet nou alles wat ons gehad het soort van áfbreek. Ons moet nou alles weer nuut ontwerp. Graham Cray het my gehelp om te verstaan, maar die tradisie lê... Um, die tradisie wat ons het, is ook kósbaar. Ons kan nie net sommer net 'n streep daardeur gaan trek nie. Ek bedoel, daar lê ook 'n stuk Goddelikheid in die tradisie - die pad wat die Here met ons geloop het. Maar om ín hierdie tradisie te staan, maar ook núút te begin dink oor goed. En en dáái ding het hy my nogal gehelp om te verstaan. Nou wat toe Graham Cray...

© University of Pretoria

En dis miskien ‘n ánder ding wat ek nog moet sê. Ekskuus, ek praat nou baie, maar...

P 6: PR_6.docx - 6:23 [En ek dink dis presies wat ons..] (126:126) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Om die Here te vertrou - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

En ek dink dis presies wat ons met gestuurde gemeentes sê. Ons, en ek weet ek trap nog steeds in daai slaggat, ons wil graag in beheer bly van prosesse. En ék moes leer, en ek moet nog stéédsbly leer, maar wat beteken dit om te weet dat die Here is in beheer van die proses? Die Here is in beheer van sy kerk.

P 6: PR_6.docx - 6:24 [Ek dink ons sal moet, um, ande..] (128:128) (Super)
Codes: [08 Geloofsvorming: Toerusting van lidmate om waar hulle is gestuurd te lewe - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ek dink ons sal moet, um, anders begin dink oor... Ek bedoel, lê ons sukses as kerk in ons getal mense wat op ‘n Sondag by erediens is? Of, en dis waar die gestuurdheid inkom, of lê ons "sukses" (en sukses tussen aanhalingstekens) om mense te help, waar hulle ook al is, en wat ek ook al doen, dáár is ek 'n gestuurde van die Here. En en hoe gaan ons mense help om dit te ontdek en te verstaan? Um, ek dink dis nogal 'n groot uitdaging vir die kerk vorentoe.

P 6: PR_6.docx - 6:25 [Um, ons byvoorbeeld, en daarom..] (128:128) (Super)
Codes: [60 Vorming van nuwe geloofsgemeenskappe - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Um, ons byvoorbeeld, en daarom die goed waarmee Graham Cray besig is, nou die French Exressions, dis eintlik ‘n fase wat ons baie sterk na wil na gaan kyk. Ek bedoel, dit ek nou vanoggend – ek is nou elke Donderdagoggend by 'n dissipelskapsgroep - dit is so 'n slotdorp (???) so buitekant Somerset Wes. Dis ‘n Fresh Expressions. Ek bedoel, dit is ‘n... Ek begin al hoe meer net besef, daai mense, daar is ván hulle ja, wat hier kerklik kom inskakel. Maar hulle is ‘n gemeenskap daar op hul eie. En dáái ouens het 'n behoefte om sáám iets van die Here te begin beleef. En hulle dink interkerklik. Ek bedoel, hulle het juis nou vir my gevra, wil ek nie Sondag daar vir hulle 'n diens kom hou nie. Toe sê ek, maar jong, ek is nou Sondag hier betrokke by die kérk. Ek moet my... Maar jy hoor al kláár. Daar’s, ek dink daai tipe goed gaan ons al hoe meer begin kry vorentoe. En en ek dink dit is die uitdaging vir die kerk.

P 6: PR_6.docx - 6:26 [Kyk, kom, wat wat ek dink as d..] (130:130) (Super)
Codes: [05 LidmaatBemagtiging: Bediening teruggegee aan die lidmate - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Kyk, kom, wat-wat ek dink as deel van die gestuurdheid, maar dit was eintlik ook al voor die gestuurdheid, maar die gestuurdheid het ons net verder gehelp daarmee. Ons het byvoorbeeld, ons het nou drie en dertig projekte, en húlle... En wat baie lekker is, ons het, wat óns op die ou einde gesê het: die kérkraad se rol is nie om projekte uit te dink nie. Ek dink dis die eerste belangrike ding. Ons, die Here lê goed op sekere mense se harte, en óns help vir hulle om dit wat die Here op hulle harte lê, te doen. Kom ek noem ‘n voorbeeld. Sê maar nou ek is nou, word as lidmaat baie bewus van hier’s ‘n klomp straatkinders. En daar word niks vir hulle gedoen nie. En nou gaan ek

© University of Pretoria

na jou toe, jy is die dominee van die gemeente. Dan sê óns, goed, die Here het dit op jou hart gelê as lidmaat. Ons, as jy sterk voel hier moet iets gedoen word, jy het die roeping gekry. Ons gaan vir jou geleentheid gee om dit in die gemeente bekend te maak. Ons gee geleentheid, jy kan daar voor die gemeente gaan staan of 'n aankondiging, of wat ook al. Of 'n PowerPoint. En sê, die Here het dit op my hart gelê. Ek wil graag uitreik. Is hier ánder mense wat saam met my dit wil kom doen? As daar mense na vore kom, dan help ons jou. Ons help vir jou om 'n projekspan te vorm, én júlle maak fondse bymekaar. Julle, dit wat die Here op julle hart lê, dit doen julle. Ons gee vir julle die struktuur. Ons sal vir julle álles gee, die ondersteuning gee om dit te kan doen. Die opleiding gee om dit te kan doen. Maar dit is júlle roeping. Júlle bestuur dit. Die kerkraad begroot nie eers geld daarvoor nie. Niks nie. Julle moet self geld bymekaar maak. Ons sal vir julle die, julle kan julle geld hier kom belê. Julle kan 'n rekening hier skep, álles. Um, en-en só het ons nou al dat ons drie en dertig projekte het wat só gaan. Ek bedoel, hulle het, daar is 'n projekleier, daai projekleiers kom gereeld bymekaar. Daar's 'n, ons het 'n, ook 'n nie-winsgewende organisasie geskep - [GEMEENTE] Uitreik – wat-wat saamgestel word deur die gemeente of deur die kerkraad word, keur dit goed. En en hulle *run* dit. En, ek bedoel, hulle het hulle eie begroting. Elke projekspan sy eie begroting. Ons het ook al geld van buite gekry, van mense wat kom sê, maar hulle wil graag belê in hierdie projekte. So, en hulle hardloop. Dit hardloop.

P 6: PR_6.docx - 6:27 [Kom ek sê, ek dink die die eer..] (140:140) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Teologie is nie kennis nie, maar gebed en geloofsdissiplines - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Kom ek sê, ek dink die-die eerste ding wat ek moes leer, um, is oor die manier hoe ek teologie bedryf het. Ek bedoel, dat-dat teologie nie gaan nie oor 'n klomp kennis nie, maar dat teologie in die eerste plek gebed is in geloofsdissiplines. Um, ek bedoel, dis van die eerste dinge wat ek moes leer. Die die, én op die ou einde, um, sélf deur die Here getransformeer te word en toe te laat dat die Here met jóú 'n pad loop. Dit-dit-dit is vir my die eerste belangrike ding.

P 6: PR_6.docx - 6:28 [Ek dink die tweede ding wat ek..] (141:141) (Super)
Codes: [Ds_Afleer: Ekspert-rol - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Ek dink die tweede ding wat ek moes leer is-is, ek bedoel, die, dat die dominee is nie die kundige, die ekspert in die gemeente nie. Ek bedoel, hy, um, ek is niks anders as 'n begeleier, fasiliteerder binne die gemeente nie. Nou, um, en ek dink wat vir mý gehelp het, en ek dink ook vir ons ook help in die gemeente, ons kom net al hoe meer en meer agter, die rol van die dominee is die fasiliteerder. As 'n begeleier. Om lángs mense te gaan staan, maar eintlik óór te gee. Nou, dit is mos partykeer nog maar in ons aard, ons wil graag oorvat, maar om daai begeleidingsrol te bly speel. Um, en-en te sien hoe die Here deur ander mense werk. En en ook vir ander mense ruimte te gee. Maar ek dink, en dan die-die belangrikheid om as dominee bínne 'n gestuurde opset mense te help om te ontdek wat dit is om kontak te maak met God, en vanuit 'n posisie te werk waar ek begin ervaar en beleef, God is aan die werk. Um, en-en dat dit nie gaan oor óns vermoëns en óns bekwaamhede nie. So, ek dink dit, dis vir my...

© University of Pretoria

P 6: PR_6.docx - 6:29 [Ja, ek dink die die omgang met..] (142:142) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Omgang met die Here se Woord - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Ja, ek dink die-die omgang met die Here se Woord, die-die wandel in die Woord. Ek moet sê, daar's juis mos volgende jaar 'n konferensie in Amerika oor die hele wandel in die Woord. Ek dink nogal dáái ding het 'n groter invloed gehad as wat ons dink. Kyk, ek dink ons gevaar is, ek bedoel, *okay*, ek kan maar net namens mysélf praat, om vanuit ons kognitiewe denke, besig-wees met die teologie, wil ons maar baie keer die wandel in die Woord kognitief hanteer. Maar daai van om rêrig te gaan stáán in die Woord, um, en en... Kyk 'n boekie wat vir my nogal, Mulholland se boekie, *Shaped by the Word*, het-het my nogal baie gehelp. Um, om met die Woord om te gaan op 'n manier waar jý eers aangeraak word. Um, en-en vanuit die aanraking deur die Woord, um, verder te gaan.

P 6: PR_6.docx - 6:30 [Kyk, die die afleer wat ek nog..] (148:148) (Super)
Codes: [Ds_Afleer: Ekspert-rol - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Kyk, die-die afleer wat ek nog steeds sal moet afleer, is-is die, die hele, van die-die gevaar dat ek is die spesialis. Ek weet hoe. Maar eerder saam mense te ontdek maar wat is die Here besig om vir ons te sê. Maar dit is partykeer so, ons... Ek ek trap maklik in daai slaggat. Want my kop werk ook so, ek bedoel, ek-ek hou daarvan as ek 'n probleem sien, *okay*, wat is die uitdagings? Maar voordat ons by die uitdagings kom, om vir mense te help om te sê, maar *okay*, dis 'n God-oomblik hierdie. Wat is die Here besig om nou vir ons te sê? En en, dít dit moes ek afleer, om nie te vinnig te kom na oplossings en antwoorde nie. Um, maar regtig, um, die die proses van geloofsonderskeiding, um, te *engage* en-en te laat gebeur. Ek bedoel, dít is-is, dít dink ek is vir my een van die belangrikste aspekte.

P 6: PR_6.docx - 6:31 [Ek dink daai vier goed wat ek ..] (150:150) (Super)
Codes: [41 Geloofsonderskeidende leierskap - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek dink daai vier goed wat ek net-nou genoem het, is vir my kernbelangrik. Nou goed, ek dink, verseker is teologiese kennis, dít moet mos daar wees. Maar die-die wandel met God, die um wandel met die Woord, die um wandel met mense, of tussen mense, en dan ook die die wandel met die groter gemeenskap waarin ek staan. Dít dink ek is goed wat óns vir mense vorentoe al hoe meer sal moet leer. Um, wat ek dink dis die goed wat-wat ons in óns opleiding ontbreek het en wat ons... En ek dink dit, dit het met mý ontbreek, dat jy later uh net sukkel met hierdie goed. Maar daai-daai geloofsdissiplines, daai wandel met God, daardie daardie um wandel met Woord, die, um, en daai, en om om tussen mense en... Maar nie net, kyk, ons koppe, of my kop altans, weet ek altyd, wat kan ek nou vir mense doen? Maar om rêrig by mense te gaan sit en luister, en-en sáám met hulle God raak te sien, ek bedoel, dís wat ek bedoel. En en ook binne die groter gemeenskap, saam met hulle God raak te sien, en-en nie net soort van met antwoorde te kom nie. Dít dink ek is die groot ding.

© University of Pretoria

P 6: PR_6.docx - 6:32 [En één ding wat wat ouens gewe..] (153:160) (Super)
Codes: [41 Die verwagtinge van lidmate tov die tradsionele rol - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

En één ding wat-wat ouens geweldig mee worstel, is-is-is hierdie ding van um die verwagtinge van mense. Een van die lidmate het vir my gesê, 'n saak waaroor die kerk moet goed nadink en predikante moet help is die-die uitgesproke en onuitgesproke verwagtinge van mense en van die dominees, en die-die skuldgevoelens wat dit by dominees veroorsaak. Maar nou, nou gister was ek by [NAAM&VAN], en ek is nou by jóú. En júlle het dit glad nie vermeld nie. En ek het nou nogal, ek het nou nogal op pad hiernatoe gewonder, wat is dit nou? Het julle die ding nou half agter gelaat? Het julle in julle mens-wees hiermee vrede gemaak? Is dit die konteks van die gemeente? Worstel julle daarmee? Worstel julle nie daarmee nie? Jy kan nou nie namens die ander [NAAM] praat nie, maar ek reflekteer nou bietjie oor 'n gesprek wat ek gehad het, en ek wil net, ek probeer eintlik verstaan. Hoekom is dit so dat party ouens, dié ding staan vreeslik voorop? [Lang stilte] Maar by ander ouens nie?
[Stilte] Jy uh vra nou 'n vraag waaroor ek báie dink, en waaroor ek uh, en ook met ons leraarspan baie oor stoei. [Stilte] Kom ek wil eers net so 'n kant-opmerking maak. Ek dink baie van ons dominees trap in die slaggat van um om almal te wil *please*. En alles vir almal te wil wees. Ek het, veral hier het [GEMEENTE] my baie gehelp, om nét by die punt te kom om te verstaan, ék kan nie vir almal alles wees wat hulle wil wees nie. Ek kan ook nie almal *please* nie. Ek kan nie..., ek kan nie. Ek kan op die ou einde net dit wees wat ek regtig glo die Here op my hart lê om te wees. Máár, dit ontdek ek ook saam my kollegas, saam met mense. Nou, ek uh, ek dink daarmee het die gestuurdheid ook mý persoonlik baie gehelp. Ek dink ons moet minder gesteld wees op: "Wat is die verwagtinge?"; en meer ingestel wees op: "Wat is die Here in híérdie konteks, in hierdie situasie besig om vir ons te sê?" En en dit... En ek dink partykeer ons dominees is, nie altyd die vrymoedigheid om dit te sê nie. En ons, soms moet ons dit sê! Ek bedoel, ek moes al vir lidmate sê, weet jy, ek wéét, ek het nou die dag vir 'n ou dit ook gesê. Toe sê hy, ja, maar hy wil, hy dink dáái tyd was dit baie goed dat die dominees huisbesoek gedoen het. Toe sê ek vir hom, hokaai!. Ek hoor wat jy sê, maar kom ek sê vir jou, ek dink 'n dominee vandag... As dít sy hoogste prioriteit op sy lys is, dan sê ek dan doen hy nie sy werk nie. Maar, en en... Toe sê hy, maar hoekom sê ek...? Toe sê ek, kom ons gesels 'n bietjie daaroor. En toe begin ek praat oor wat dink jy wat behoort die rol van 'n predikant te wees? Ek sê, wat ek wél met jou saamstem, is dat daar 'n groter behoefte is, dat mense behoefte het aan verhoudinge. Dís verseker. Maar is huisbesoek die enigste manier hoe ons dit kan doen? Ek bedoel, ek sou, byvoorbeeld, ek sou dit geniet het om élke dag agt huisbesoeke te doen soos wat... Dit was ónge..., dit was vir my verskriklik lekker om by mense te gaan sit en kuier. Maar dan dink ek doen ek nie my werk nie, want dís nie in die eerste plek my werk nie. Maar in die eerste plek is mý werk om rêrig vir mense te help om God raak te sien, en en sáám met hulle te wonder oor wie God is en wat die Here besig is te doen, en vir ons saam te doen. Dís my eerste verantwoordelikheid. En um, ja in die proses is dit belangrik om by mense te gaan sit en luister. So, maar ek dink dominees *default* baie graag na ons moet pastor wees. Ons wil graag alles vir almal wees, almal tevrede hou. En ons kan nie. Jy moet daarmee vrede maak. (01:14:12) Jy kan nie. Ek ...
***Okay*. Wat ek hoor is jy, wanneer hierdie verwagtinge, sal ek maar sê *surface*, is jy nie bang om dit op die tafel te sit en saam met lidmate daaroor te reflekteer nie.**

© University of Pretoria

Nee, glad nie. Glad nie.
Maar wat ek wat ek gewónder het, en dit sal 'n vér pad gaan, nê, om die verwagting aan te spreek. Want ek meen, eintlik vorm jy nou mense ook in daai proses. Uh, wat ek gewonder het, is of daar sekere gemeentes is wat dalk dominees beter ten opsigte hiervan ondersteun?
Verseker. Kyk wat ons... Dis 'n gereelde gesprek by ons by die kerkraad. Trouens, ons gaan jou júís weer deur so gesprek. Kyk, en ek dink dit hang ook saam met jou tye. Kyk, die interessante is, ons het 'n pad geloop wat ons amptelik gesê het ons doen nie meer sistematiese huisbesoek nie. Ek bedoel, mense kan ons bel as... En en, ek bedoel, dit 'n gebruik. As 'n ou my bel en sê, weet jy, ek het 'n behoefte om bietjie met jou te sit en gesels, dan sê ek: *right*. Kom ons maak 'n tyd. Um, verseker, wat, dit móét altyd... Daai openheid moet daar wees.
Ek bedoel, daai openheid. Toeganklikheid, nê? (01:15:15)
Dis reg. Toeganklikheid. Dis dis die regte woord. Máár ons hét deur 'n tyd, en ek die ekonomiese tyd én dit wat nou in die [STREEK] ook gebeur, en wat in ons land gebeur, beséf ek ook net, hier sit óngelooflik baie seer by mense. En, ek dink die behoefte aan pastorale versorging is besig om al hoe meer toe te neem. Trouens, ons sit ons sit nou juis in die situasie. Ons het net besef... Kyk, dis die anderkant weer, die gevaar van gestuurde gemeentes is, en ek dink dit, jy sal sien in die verslag ook wat nou gedoen is – in 2009 het dit uitgekom - dat lidmate sê, maar joeg, julle is só besig om 'n klomp goed te doen, maar óns voel afgeskeep. Nou uh, ek persoonlik sê natuurlik altyd vir mense, weet jy, mý ervaring is, um, iemand wat afgeskeep voel, moet 'n mens ook help om te verstaan, maar my vervulling lê juis om myself ook 'n bietjie weg te gee. Um, wat ek nou juis Sondag oor gepreek het. Om te sê, maar sélfvervulling, vir my in die Woord beteken om myself eintlik te verloën. En en die wonderlike is dat, in jou selfverloëning jy ook eintlik tot selfvervulling kom. En ek dink baie mense, en ons sukkel almal maar daarmee. Maar dis om dit juis te gee, vir die Here te gee, en vir mense te gee. En en daarmee moet ons as kerk mense help, om nie... En ek dink ons moet wáák daarteen om mense te versterk in hulle selfgesentreerdheid, en selfbeheptheid. Ons moet ábsoluut daarteen werk. Ek het in in my bediening, maak ek 'n báie sterk keuse daarteen, om dit hand en tand te beveg. Um, ja, ek weet nie of ek jou vraag beantwoord het nie.

P 6: PR_6.docx - 6:33 [Kyk, ek dink die grootste uitd..] (172:172) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Hantering van diversiteit - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Kyk, ek dink die grootste uitdaging wat ek net-nou vir jou gesê het, en ek-ek dink ons... Nou gaan ek dalk 'n paar sensitiewe goed aanraak, maar ons, ek dink as ons regtig missionêr wil deurdruk tot in sy werklike verstaan wat dit is, sal ons oor 'n klómp goed anders moet begin dink. Oor, die vraag is, hoe-hoe omhels ons die verskeidenheid in ons geledere? Ek bedoel, vat nou maar kwessies oor doop. Die die verskille wat daar ook oor doop is. Die, en-en ons kry, um... En ons sal... Kyk, ék is op die punt wat ek sê, ek dink 'n kerk moet 'n bepaalde standpunt hê rondom 'n bepaalde saak. Verseker. Ek het nie twyfel daaraan nie. Maar ons moet ook die ruimte vir gemeentes kan gee om te sê, hier's mense ín ons geledere, wat déél van ons is, wat ánders oor sekere goed dink. En hoe akkommodeer ons hulle binne ons geledere? Um, nou ja, ek bedoel, wat maak jy nou as 'n ouer nou na jou toe kom, soos dit nou al begin gebeur, en sê, wie jy, ek-ek het vrae oor die doop, ek is, voel tuis binne die gemeente, ek beléef die Here saam met julle, maar ek wil nie my kind laat doop nie. Ek wil my kind laat

© University of Pretoria

inseën. Dis die tipe goed wat jy begin kry. Uh, en wat jy ál hoe meer mee uitgedaag word in ons konteks, in ons missionêre konteks. En ek dink dáároor sal ons moet dink.

P 6: PR_6.docx - 6:34 [Ook oor die die rol van lidmat..] (173:173) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Hoe bemagtig jy die amp van die gelowige? - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Ook oor die-die rol van lidmate. Die-die-die benutting van lidmate. Die ???, soos ek net-nou genoem het, in prediking en in pastoraat. Ons het byboorbeeld ‘n mooi storie juis hier. Ons het ook begin met mense wat gesê het maar, júís omdat predikante baie keer sê, maar ons kom nie, ons tyd word in beslag geneem deur pastoraat. Het lidmate nou na vore gekom en gesê, maar óns wil dit begin doen vir julle. En ons het nou ‘n beradingsentrum begin en daar’s ‘n klomp mense wat dit doen.

© University of Pretoria

Aanhalings PR_7.

All current quotations (44). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:41:06

P 7: PR_7.docx - 7:1 [ons het begin sê alles gaan oo..] (12:12) (Super)
Codes: [Fokus: Gemeente ontdek dit gaan oor God - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

...[O]ns het begin sê alles gaan oor God. Dit gaan nie oor grootkoppe op die ring of die sinode of wie ook al wat sê nie... Dit gaan alles oor God in die eerste plek. Dit gaan oor God en sy koninkryk. Dit gaan oor die Drie-enige God wat as die sturende God betrokke wil raak by ‘n gemeente wat eintlik ter dood veroordeel is. En ons het begin, deur verskillende metodes, deur prediking, deur opleiding, deur die kerkraad, deur die gestuurdheid, het ons begin sê net... dit gaan oor God, en ons moet gestuurdes wees. En die mense het begin inkoop. Hulle het gesien, as ons nie inkoop nie, dan gaan die woorde waar word, of kan die woorde waar word dat ons gaan doodgaan as ‘n gemeente. En ek wil nie sê dit was ‘n oorlewingstryd in die eerste plek nie.

P 7: PR_7.docx - 7:2 [Ja, ek dink die hele storie so..] (20:20) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate bemagtig om met ondersteuningsgroepe te begin]
No memos

Ja, ek dink die hele storie soos ek sê, doodveroordeelde gemeente wat uit die dood uit, uit die as uit opstaan, platgeslaan na vooroordele van kerkleiers wat sê dit kan nie werk nie, en God se Gees begin werk en dan kom jy agter as alles weer oor God begin gaan, en nie oor mense of die kerkgebou of die leierspan nie, dan begin mense anders dink oor die rol van die kerk en van lidmate in die gemeenskap en orals waar ons lewe en werk. So, ek dink net die storie van ‘n doodveroordeelde gemeente wat nou so blom en uit sy nate bars is klaar ‘n wonderlike storie van hoop.

P 7: PR_7.docx - 7:3 [Die jeug, ons het gesukkel aan..] (20:20) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate bemagtig om met ondersteuningsgroepe te begin]
No memos

Die jeug, ons het gesukkel aanvanklik – ons het gesukkel om jongmense te betrek – hulle het begin terugkom kerk toe en ons het ook in die navorsing wat ek gedoen het, in die gesprekke met die jeug en die verskillende groepe, het ons óók agtergekom dat hierdie jongmense sê maar hier gee mense om vir mekaar, hier gaan dit oor God. Dit gaan nie oor verskille tussen leiers nie, dit gaan nie oor my wil of jou wil of kom ons maak sus of so, nee, dit gaan rêrig oor die Here... dit gaan oor omgee, en dit gaan ook om daarbuite by die skool, in die gemeenskap te lewe tot eer van die Here. En ek dink dit het die mense se koppe begin swaai dat mense sê dis lekker om kerk toe te gaan, ons wil hier wees, ons drink saam tee na kerk, ons wil saam daai verskil maak. En dit is vir my, veral wat die jeug betref, ‘n ongelooflike storie van hoop, lat jongmense kom en sê ons beleef die Here hierso. Sy liefde. Sy omgee. Sy teenwoordigheid.

© University of Pretoria

P 7: PR_7.docx - 7:4 [‘n Derde verhaal... toe hulle ..] (22:22) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate bemagtig om met ondersteuningsgroepe te begin]
No memos

‘n Derde verhaal... toe hulle my beroep gemeente toe was ‘n klomp kerkraadslede en ‘n klomp leiers se idee hulle beroep my met ‘n sestig persent pos, maar hulle wil so gou as moontlik vir my ‘n voltydse pos bied. Toe sê ek vir hullle, maar ‘n voltydse dominee is baie duur, koste-effektief, as jy daarna kyk. En toe’t ek gesê maar ek is doodtevrede met ‘n sestig persent pos. Al die jare is ek ‘n tentmaker met ‘n voltydse pastorale spreekkamer, kom ons kry ‘n student of twee of pastorale hulpe. En van die begin af het ek gesê kom ons werk met pastorale hulpe, dis baie meer koste-effektief. Waar jy my x bedrag per maand moet betaal of per uur, betaal jy vir die ou heelwat goedkoper en jy kry baie meer myle met so ‘n persoon. En so ‘n persoon het ‘n kontrak, ek het vir die persoon begelei op hierdie reis, ‘n persoon touwys maak en so ‘n persoon leer ook. Hy is deel van die span. As ons ringsvergaderings toe gaan, sinode toe of CMR, dan vat ek hierdie kollegas van my saam, die twee of drie studente... En ek dink dis die wonderlike, hulle kan nog meer spesialiseer en hierdie jong ouens koop nou al in in gestuurdheid en hulle... twee van die drie het al klaar studeer, die ander een is besig met haar doktorsgraad. En ek dink dis die wonderlike... Hierdie goed het afgesméér aan hulle. En dis die stories van hoop, hierdie mense gaan weg as gestuurde leiers en maak ‘n verskil ook weer.

P 7: PR_7.docx - 7:5 [Ja, ek dink dis lekker. Want, ..] (24:24) (Super)
Codes: [Konteks: Transformasie van gerigtheid na die onmiddelllike omgewing - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ja, ek dink dis lekker. Want, ons kan ook vir skole sê, man, ons kan vir julle open, of pastoraat doen. Jy weet, ????, my kollega, wat haar doktorsgraad nou klaarmaak in berading, sy lewe gestuurdheid, sy werk gestuurd, sy werk by hospitale, die groot hospitale in die gebied, sy werk by skole, sy werk in die gemeenskap by die ouetehuise, en dit gaan oor mense wat saam ‘n verskil maak, wat begin hoor wat die Here sê, ons is gestuurdes, hier lê ‘n hele gemeenskap binne ons eie konteks waar ons moet lewe. Ons kan eintlik daai dienste gratis lewer, alhoewel die gemeente daarvoor betaal. Dis kos ‘n skool of die ouetehuis of die hospitaal niks. Ons bied talle kursusse ook aan, vir buite-gemeentemense en gemeente, kursus om hulle juis toe te rus om gestuurd te lewe.

P 7: PR_7.docx - 7:6 [Ons het gesê nee ons wil nie b..] (26:26) (Super)
Codes: [08 VeranderdeKonteks: Veranderende konteks maak aanpassing noodsaaklik - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ons het gesê nee ons wil nie bly soos ons is nie, ons wil ons tradisie as die tweede oudste gemeente in Pretoria behou, die mooi goed troetel, máár ons moet aanbeweeg. Die konteks het totaal verander die afgelope tien vyftien jaar waarbinne ons lewe en werk as kerk, ons moet aanpas daarby, ons moet eintlik die voortou neem met grense oorsteek, bepaalde risiko’s neem en dan ook rêrig net die Here vertrou.

© University of Pretoria

P 7: PR_7.docx - 7:7 [En dan in hierdie proses van g..] (26:26) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Vermoe om geloofsonderskeidend te dink - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

En dan in hierdie proses van geloofsonderskeiding, het ons as leiers die kerkraad, die taakspan wat by die gestuurde gemeentes betrokke was, het ons almal begin by ons, gesê Here begin by ons, verander ons in die sin dat ons oopraak, dat ons hoor wat U sê deur wandel in die Woord, wandel in die wêreld, deur onderskeidend op te tree. En dis wonderlik hoe die Here ons saamgebind het en hierdie pad begin loop het, ek wil amper sê soos die see wat net oopgaan en dinge begin gebeur.

P 7: PR_7.docx - 7:8 [En ek dink dis die wonderlike,..] (26:26) (Super)
Codes: [06 TaalSelfverstaan: Stories motiveer mense - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

En ek dink dis die wonderlike, dinge het begin gebeur en as die stories van hoop vertel word gereeld van klein goedjies wat in ‘n gemeente gebeur, dan sien mense maar dié ding wat [NAAM] by die hospitaal gedoen het, hierdie ding wat [NAAM] by die skool beleef het, hierdie ding wat ek hier in die spreekkamer beleef het, daardie ding wat [NAAM] daar by daai ou tannie beleef het, al hierdie goed is stories van hoop. En nou vra jy in ‘n gemeente: is daar nog stories van hoop? En ander mense begin óók vertel: ek het vir die kassier geglimlag vandag daar by Checkers waar ek kon moeilik wees, en ek het met die *girl*tjie begin praat, hierdie swart vrou en daar’t net sekere deure oopgegaan en ‘n verhouding is gebou, en as ek weer daar kom dan praat ek en sy nou land en sand. En dit is waaroor gestuurdheid gaan, om in iemand se wêreld in te beweeg, sommer net jou *presence*, jou teenwoordigheid – ‘n teologie van teenwoordigheid – dat mense ook in die teenwoordigheid iets van die gestuurdheid belewe.

P 7: PR_7.docx - 7:9 [van ons gemeentes wat saam met..] (28:28) (Super)
Codes: [13 KontakAnderGemeentes: Klein gemeente met gebrekkige kapasiteit - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

...[V]an ons gemeentes wat saam met ons gewerk het, is gemeentes aan die Oostekant van die stad en aan die ander kant van die berg, met ander woorde ryker, groter gemeentes. Ons was eintlik al klein gemeentetjie. En ek dink, soos jy gesê het, die uniekheid van ons hele konteks en leierskap ensovoorts, en ons ek wil sê redelike beperking met fondse ensovoorts, maak ‘n verskil. Ek sou graag, as ‘n mens kon kies. dat ‘n ou miskien ‘n *cluster* kon kry waar daar ook ‘n ander klein of ‘n tweede, derde klein gemeente soos ons s’n kon wees, wat min of meer... Ek dink ‘n sekere taal praat... Ek dink nie die ouens in die Ooste van Pretoria, jy ken Pretoria nou nie so goed nie, maar soos ouens sê in die Ooste van Pretoria is die groot gemeentes en ouens met baie geld en baie professionele ouens, met ander woorde met ander kapasiteit as ons. Hulle het geld, hulle het geboue, hulle het ongelooflike klomp kundige leiers en mense, prokureurs en professionele mense wat ons nié het nie. En ek sou, veral as dit gaan oor tweeling-gemeentes en die tipe goed, sou ek méér wou gehad het, sou ‘n ou in hierdie bondel dan gebly het, en ons het, dat jy hierdie gemeentes kry, hulle hoef nie geld te gee in die eerste plek nie, maar kapasiteit. Hier’s hoeveel ou mense... daar’s susters, daar’s dokters en verpleegsters wat afgetree het, spesialiste, daar’s prokureurs, sulke mense wat ons die kapasiteit van hulle kennis en ondervinding oor jare kén gebruik. En dit gaan maar weer oor grense werk, dit is letterlik sewe tot vyftien

© University of Pretoria

kilo's wat hierdie ouens van ons af is en in Pretoria is dit nie rêrig afstand nie – dis redelik naby – ek dink ons kon meer gemaak het van die kapasiteite benut van mekaar. Ek dink as ek weer kon begin sou ek miskien gekyk het dat, sou jy saam met sulke groot gemeentes wees, dat 'n mens meer inkoop in gemeentes wat mekaar se kapasiteit, veral as die een baie meer het as die ander een, tog kan deel en op sekere manier gebruik. Dit kan vir beide, ek wil amper sê, leersaam wees, maar ook 'n waardetoevoeging aan jou mense wat elke dag op die grond leer en lewe.

P 7: PR_7.docx - 7:10 [Ja, ek dink aanvanklik, toe on..] (34:34) (Super)
Codes: [Konteks: Vermoë om met konteks te konnekteer verbeter - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ja, ek dink aanvanklik, toe ons begin het, het ouens gesê maar jy weet dit nou weer oor sending, dit gaan oor swart mense of anderskleuriges, ons wil nou 'n gemengde kerk, jy weet, met ander tale en goed... Ja, wat tien teen een 'n bedreiging kon wees, want die hele [STRAATNAAM], of 'n groot gedeelte val in ons gemeente. En tagtig persent van daai woonstelle deesdae is anderskleuriges wat daar bly. Ek het van die begin af gesê ons moet by dié mense uitkom deur 'n kleuterskool of 'n voor- of na-skool of alternatiewe dienste. Die ideaal is sekerlik een gemeenskaplike diens waar jy 'n taal of twee kan praat, maar dit wat nooit die droom gewees nie. So, aanvanklik was daar 'n persoon of twee wat redelik negatief of skepties was sou 'n ou oor die kultuur of kleurgrens beweeg, maar aan die anderkant het die meer... het hulle dadelik begin inkoop deur die prediking, deur hoe ons vergaderings hou, deur hoe ons met mekaar werk, dat dit rêrig gaan oor God. Dit gaan oor God, dit gaan oor mense, dit gaan oor al God se mense of hy nou watter kleur of kultuur het, of 'n boemelaar... Daar's geweldig baie boemelaars of van hierdie ouens wat die trollies stoot met die afval, daar's geweldig baie van hulle en prostitute en sulke mense, maar hulle het begin besef dit gaan oor God. En as dit oor God gaan, en dit begin oor mense gaan, God se mense, dan's dit nie net [KERKVERBAND] skapies nie. En ek dink ons het nogal redelik maklik die sprong gedoen. Dat mense begin omgee, menswaardigheid begin beleef ook in ander mense. Of hy nou ryk of arm is, of rang het of nie rang het nie, dit gaan rêrig oor gelykes voor God. (20:39) En ek dink daar was nie baie spanning, ons het rêrig nie baie spanning oor die goed gehad nie.

P 7: PR_7.docx - 7:11 [So ek dink persoonlik verkies ..] (36:36) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Taalskepper - Family: Leraar Rol]
No memos

So ek dink persoonlik verkies ek dat ek deel van die span is, dat ek leiding gee op 'n sekere manier, want ek is tog die opgeleide persoon, as jy so wil sê, in die teologie, ek is die ou wat die kursusse van gestuurde gemeentes bygewoon het ensovoorts. In daai opsig, teologies kan 'n ou seker op 'n sekere vlak leiding gee

P 7: PR_7.docx - 7:12 [En dan ook in die gemeenskap h..] (37:37) (Super)
Codes: [06 TransformasieKultuur: Steek grense oor na gemeenskap - Family: Leraar Rol]
No memos

En dan ook in die gemeenskap het ons 'n klomp moeite gedoen om by leiers in die gemeenskap, by die skole, by die apteke, die drankwinkels, die motorhandelaars, Checkers, al hierdie plekke uit te kom en te hoor wat is hulle behoeftes. So, ons het

© University of Pretoria

gewandel in die Woord, gewandel in jou konteks, in die wêreld, en dié goed bymekaar gekry.

P 7: PR_7.docx - 7:13 [hierdie ouens het gesê ons aan..] (37:37) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Bou leierskapsspan - Family: Leraar Rol]
No memos

...[H]ierdie ouens het gesê ons aanvaar sáám as ‘n span verantwoordelikheid vir ‘n gemeente. In die kerkraad ok, ek het baie moeite gedoen, ek dink dis die een voordele, dat ‘n ou, ek persoonlik moeite gedoen het met die kerkraad en al die bedieninge se leiers het ons ten minste vier vyf keer ‘n jaar ‘n bosberaad gehad van die hele Saterdag, en partykeer nog ‘n deel van die Sondag, en ek het nog daaroor gepreek ok, dat jy al hierdie leiers, honderd, honderd en vyftig, tweehonderd van die vyfhonderd mense daar kry, uit ‘n gemeente van vyfhonderd, en hierdie ouens begin dieselfde taal praat, hulle begin droom oor God se koninkryk wat hier op aarde gestalte moet vind, hulle begin mense raaksien om hulle in hulle konteks (23:24) Menswaardigheid wat belangrik word, en ‘n groot groep mense koop in. En ek dink dis lekker. Dis nie een ou wat heeltyd leiding neem nie. Nee, ons is ‘n span wat verantwoordelikheid aanvaar en ‘n gemeente wat begin betrokke raak.

P 7: PR_7.docx - 7:14 [En ek dink, ek wil my net uits..] (39:39) (Super)
Codes: [06 TransformasieKultuur: Skep ruimte vir deelnemende gesprek - Family: Leraar Rol]
No memos

En ek dink, ek wil my net uitsteek en sê, ek dink ek is een van die eerste ouens wat wandel in die Woord in die erediens al ‘n klomp keer gedoen het. Dat ‘n ou sê: hier’s ‘n teks, gooi hom daar teen die bord, die gemeente – as daar driehonderd mense is – lees die teks, ons lees hom ‘n tweede keer, die derde keer kyk jy, en dan twee-twee draai hulle na mekaar toe, hulle hoor mekaar. En dan vra ek: *okay*, kom ons waag. En dan vir die volgende twintig minute praat ouens, gee terugvoer oor wat hy by sy maat of die een oorkant gehoor het. En die wonderlike is dat mense agterkom, ek het ‘n stem, ek kan ook die Here se stem hoor. ‘n Gemeente kom en sê: Jo, maar ek hoef nie in die eerste plek na die dominee se preek te luister nie, nie dat ek omgee nie, maar nog steeds, ons hoor mekaar, ons hoor uit hierdie stuk wat ons wandel in die Woord oor gedoen het, hoor ons sekere dinge. Hier’s een kerngedagte wat, uit die vyftig ouens wat terugvoer gegee het uitstaan. Miskien wil die Here vir ons iets sê. En ek dink dit is nogal ‘n... ek wil ‘n bietjie verder lees en navorsing doen daaroor. Ek dink dit is ‘n handige hulpmiddel. Ek wil nie sê wat ‘n preek noodwendig vervang nie, maar dis ‘n ander tipe diens wat met wandel in die Woord en ons gestuurde tradisie miskien nog méér waarde kan toevoeg aan die hele proses.

P 7: PR_7.docx - 7:15 [dink ek my eerste funksie is o..] (43:43) (Super)
Codes: [1 Persoonlike verhouding met God - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

...[D]ink ek my eerste funksie is om rêrig ‘n persoonlike verhouding met die lewende Here, die Drie-enige God, te hê. En dit is vir my die mees grootste prioriteit en mees belangrike saak, om in my eie lewe regtig daagliks by die Here stil te word op verskillende maniere, om rêrig luisterend op te tree in ‘n gemeente en in ‘n gemeenskap, om oop en leerbaar te wees en by enige iemand te leer en oop te wees.

© University of Pretoria

P 7: PR_7.docx - 7:16 [Ek dink ook om waagmoed te hê...] (43:43) (Super)
Codes: [3 Waagmoed en vasbyt - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Ek dink ook om waagmoed te hê. Ek dink dis een van die belangrikste goed, 'n ou moet bietjie *guts* hê, of domgeit, of astrantheid. Ek's 'n ou *parabat*, so dis partykeer seker *stupid*geit, ek weet nie noodwendig nie. Maar jy moet bietjie *guts* hê om grense oor te steek of uitdagings aan te vat. En te sien uitdagings is nie noodwendig probleme nie. So daar is bepaalde risiko's wat jy moet neem as leier, jy kan 'n sekere besluit neem as span of saam met die kerkraad en agterkom sekere mense is nie saam met jou nie, en sekere kere moet jy maar vasbyt en aangaan en dan kom hulle later by...

P 7: PR_7.docx - 7:17 [En ek dink dit gaan oor passie..] (43:43) (Super)
Codes: [3 Passie en inkoop - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

En ek dink dit gaan oor passie. Ek dink enige leier of 'n groep moet passie hê. As daar nie passie vir 'n saak is en rêrig inkoop in 'n saak nie, dan gaan jy nêrens kom nie. En ek dink ek persoonlik is 'n passievolle mens. En ek dink die saak waaroor dit gaan, God se koninkryk, is mos iets waaroor ek dink enige mens behoort passievol te wees as jy dink hoe die Here is. Dit is aansteeklik, en uit dit uit kom die stories van hoop.

P 7: PR_7.docx - 7:18 [In myself dink ek moes ek vir ..] (49:49) (Super)
Codes: [50 Tentmaker of voltydse leraar? - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

In myself dink ek moes ek vir myself sê wil ek 'n voltydse dominee wees wat die gemeente se droom was vir my... En ek het net persoonlike moes gaan uitmaak met die Here en myself, is dit wat die Here wil hê dat ek 'n voltydse dominee in die gemeente moet wees en x bedrag kry, en intussen kan ek twee of drie ander kollegas wat studente is of beraders is of professionele persone betrek meer borge, ensovoorts. So, dit was nogal vir my 'n uitdaging om te sê nee ek wil nie 'n voltydse dominee wees nie. Ek hoor wat die Here sê, ek, wat ek hoor, is ek gaan maar tentmaker bly.

P 7: PR_7.docx - 7:19 ['n Ander uitdaging was dink ek..] (49:49) (Super)
Codes: [22 Leierskap het seergekry in mislukte proses van eenwording - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

'n Ander uitdaging was dink ek toe in die gemeente kom ook was die leierskap laag en het die ouens laag gelê en het seergekry met hierdie hele proses van eenwording van bo af, en was mense teleurgesteld in die sinode en ring en in strukture, en ek het teruggekom en ek kon dadelik vir hulle sê maar kom ons vergeet van die sinode en strukture. Kom ons dink wat ons mense op grondvlak wil hê, en wat die Here wil hê vir die [STREEK], en ek dink dit het, dit was 'n groot uitdaging om die mense se denke weer 'n bietjie te swaai. Jy weet, soos ek sê, vergeet van wat gebeur het, ons hét seergekry, ons hét 'n les of twee geleer, maar kom ons kyk wat het ons hieruit geleer en maak positiewe geluide en begin op grondvlak nader aan mekaar beweeg.

© University of Pretoria

P 7: PR_7.docx - 7:20 [Ek dink finansieel het mense b..] (49:49) (Super)
Codes: [31 Gebrekkige finansiële vermoë in gemeente - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Ek dink finansieel het mense begin sien in die gemeente is die [STREEK] standaard eintlik 'n ondergemiddelde gemeente. Dit gaan oor God, en as dit oor God gaan, het ons geld nodig en jy hoef nie jou arm en been te gee nie, jy kan maar net jou arm gee – 'n klein deeltjie daarvan- en betrokke raak as 'n gestuurde. En ek dink mense se koppe het begin swaai oor finansies en betrokke raak in 'n gemeenskap. Ek dink dis die wonderlike dat mense begin anders dink oor 'n medemens, maak nie saak wie die mens is nie. Anders begin dink oor geld. As dit gaan oor God se droom is daar altyd geld. So ek dink nie in die eerste plek oor geld nie, ek werk anderster, ek sê as God 'n droom het vir 'n gemeente en vir 'n gemeenskap, die geld sal kom. Kom ons lewe God se droom, se gestuurdheid, die res sal in plek val met die tyd en daar's baie geld beskikbaar daar buite. Mense gee nie om om geld te gee vir 'n goeie saak en as daar stories van hoop is, en sien ons maak daai duik in die emmer en mense se sakke is oop. Selfs die regering en buitelandse maatskappye se sakke is oop as jy verantwoordbaar optree.

P 7: PR_7.docx - 7:21 [Ek dink dis 'n klomp goed wat ..] (51:51) (Super)
Codes: [1 Nuwe ontdekking van God se getrouheid - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ek dink dis 'n klomp goed wat ek netnou vir jou gesê het in my eie mens-wees bevestig wat ek al jare glo. Ek glo al jare rêrig in die Drie-enige God. Ek dink ons het baie min in die NG Kerk en in ons gewone tradisie gemaak van die Drie-enige God. Hoeveel gebede en preke gaan net oor Jesus of net oor God en in Pinkster af en toe oor die Heilige Gees. So, vir my het dit net weer bevestig dit gaan oor hierdie Drie-enige God wat die sturende God is. Dit het weer bevestig dat God aan die werk was, op die oomblik aan die werk is en vir ewig aan die werk sal bly. Ek en jy moet gaan kyk hoe kan ons by God se werk inskakel waar Hy alreeds aan die werk is en dan optree as medeskeppers van 'n beter nuwe wêreld, koninkryk, dat sy koninkryk mag kom in die hemel, en sy wil geskied in die hemel, maar so ook op die aarde, so dit het dit weer bevestig en dit het my opgewonde gemaak.

P 7: PR_7.docx - 7:22 [Die stories van hoop transform..] (51:51) (Super)
Codes: [4 Hoop - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Die stories van hoop transformeer my elke dag in die spreekkamer, as hier 'n ou sit wat se kop raas soos myne ook maar partykeer raas, en hierdie persoon kan hier uitgaan met 'n glimlag. Of in die gemeente, daar's mense wat begin... vrede begin belewe, jongmense wat sê dis lekker om kerk toe te kom want dit gaan oor God, dit gaan nie oor die *gimmicks* of oor 'n band wat lekker speel in die eerste plek nie. Nee, ons beleef God hier, omgee deur dáár te wees. Dis goed wat my aangryp en ek dink dis wat dit lekker maak ook in 'n situasie waar jy kan sien hier's groei, hier's dinge aan die gebeur. Hierdie hele eenwordingsproses dink ek met uitsondering van een of twee persone - en dit gaan oor persoonlikhede, dit gaan nie oor die saak nie - het eintlik ongelooflik goed verloop, tussen drie gemeentes, drie verskillende kulture, drie groepe leiers kerkrade ensovoorts, so ek dink dit maak ook 'n groot verskil en dit gee vir 'n ou

© University of Pretoria

rêrig hoop en stamina vir die pad verder.

P 7: PR_7.docx - 7:23 [Ja, ek het al die jare in die ..] (53:53) (Super)
Codes: [3 Berading en spreekkamerwerk - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Ja, ek het al die jare in die narratiewe geswot ok en uit die aard van die spreekkamer, die berading... Die berading hou my altyd beskeie. Partykeer dink ek ék het 'n probleem of my kop raas en as ek hierdie ou se storie hoor dan kom ek agter ek lyk soos 'n amateur teen hom of haar. So dit het my gevorm al die jare. Ek is nog steeds 'n brose mens, ek sit gereeld hier saam met mense partykeer as ek my kom kry dan huil ek of ek kan my kop skud... Dit is net ongelooflik die storie wat 'n ou hoor.

P 7: PR_7.docx - 7:24 [In my eie mens-wees dink ek di..] (54:54) (Super)
Codes: [2 Eie geestelike reis met God - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

In my eie mens-wees dink ek die afgelope paar jaar, dit is nog voor die gestuurdheid, net weer vir my in my eie spiritualiteit gesê daar's drie goed wat vir my belangrik is. Dit gaan oor persoonlike verwondering oor hierdie grote Drie-enige God, rêrig verwonderd te wees maar ook soos daar staan van ou Moses, hy't God persoonlik geken, God was sy Vriend gewees. Ek dink ek beleef in my eie mens-wees, spiritualiteit, iets van hierdie die Drie-enige God in verwondering, maar ook as my beste Vriend met Wie ek alles kan deel, wat elke dag saam met my op reis is. As dit gebeur en 'n ou leef afhanklik van Hom in beskeidenheid dan gaan dit oor verrassing, hierdie selfde God kom en verras my elke dag deur iemand in die spreekkamer, deur 'n sms, 'n boodskap op die antwoordmasjien, 'n epos, iemand wat vir jou glimlag, hier waar ek bly teen die berg, die donderweer of die bliksemstrale wat jy daar ver sien hoe die reën aankom... Ek boer al die jare met voëls, jy weet die voëltjies, die mutasies wat jy broei... Ja God kom, daar's altyd 'n stuk verrassing, maar jy moet met geloofsoë onderskeidend ook optree om hierdie verrassing te bespeur, raak te sien en te waardeer. En ek is nog my hele lewe 'n mens wat sulke klein goedjies waardeer. En 'n derde ding ook dit gaan dink ek oor soos ek elke keer sê, oor stories van hoop. As dit oor God gaan, oor wie ek in verwondering is in hierdie persoonlike verhouding, as Hy my gereeld verras, en vir [NAAM] my vrou en vir [NAAM] my dogter en mense rondom my, dan is daar soveel stories van hoop wat vertel moet word. En ek is partykeer skaam dat ons te min uit die hoop lewe. Ek dink as Christene, ons kyk teen die hier en nou vas. En Christene, hoop gaan nie oor more nie, hoop gaan oor nou 'n verskil maak, nou daai duik in die emmer maak, nou lewe bring vernuwing bring, risiko's neem.

P 7: PR_7.docx - 7:25 [En ek raak partykeer moedeloos..] (55:55) (Super)
Codes: [34 Gebrekkige waagmoed van kerklike leierskap - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

En ek raak partykeer moedeloos met my kerk en my sinodes wat die mooiste besluite neem, en ons sinode het sewe-en-dertig miljoen op belegging, maar ek sê dit vir die moderator, my goeie vriende daar bo, ek sê maar hoekom waag ons nie net vyf miljoen in saai-kapitaal, net vyf miljoen. En binne 'n jaar of twee gaan dit dertig miljoen wees, daai saai-kapitaal. Maar ek dink nie ons is al daar nie, Ek wonder partykeer. Dit maak my partykeer moedeloos. Dat ek net sê, ek dink nie altyd as jy gestuurd lewe, in

© University of Pretoria

afhanklikheid van die Here lewe, risiko's bereid is om te neem nie, dat van die strukture en finansouens en die ouens met geboue en terreine... ek dink baie van dié ouens is nog nie reg om dieselfde stap of die risiko's te neem nie. En dit maak my partykeer half hartseer dat hulle nie die geleenthede... Ons moes nou besluit om een van die terreine te verkoop, ons kan nie drie terreine met geboue aanhou nie, dis net te duur. En ons het besluit om [GEMEENTE], ons ou gemeente, se terrein te verkoop. En ons het 'n baie goeie bedrag gekry. Die eerste wat van hierdie ouens sê is, maar belê hierdie geld en bou 'n ouetehuis. Dis seker goed en reg, maar met daai geld, as jy net 'n miljoen van daardie ses miljoen kon vat, gaan jy 'n groot verskil in die omgewing maak. Maar ek dink ons is nog nie altyd daar om daai waagstuk te neem of die sinode se ouens om te sê ons is agter julle gaan groot nie. En ek dink dit maak die Here se hart ook seer. Ek dink net ons is in 'n wêreld wat so vinnig verander en daar's bekwame mense wat hierdie goed kán bestuur, maar ons is nie bereid om risiko's te neem, grense oor te steek, rêrig as dit op die *push* kom, met ondersteuning noodwendig van ouens in die sinode of strukture of waar ook al nie. En dis partykeer sleg. Dis 'n nuwe uitdaging omdat ons maar saam moet bid en glo die Here gaan hierdie persone se koppe ook draai en laat ons daai stories van hoop kan verkondig. So, ek dink hierdie hele, in my eie menswees is dit so wonderlik om saam met hierdie mense op reis te wees, een nuwe groot gemeente te hê, deur die pyne te gaan van drie kulture, drie groep mense, verskillende liedere wat hulle sing, verskillende belewenis in die erediens, met die jeug ensovoorts. Maar ek dink die Here is besig om iets nuuts te maak na 'n jaar, dat ons opgewonde is, dat ons sê maar gebruik ons, ons gaan by CMR, by al hierdie ander plekke 'n groot verskil maak. Hier's agt en veertig skole, hoër- laerskole net in die Moot – dis meer as in baie ander groot dorpe – so ons het geweldige uitdagings, Dit maak 'n ou opgewonde, dat die Here my gebruik, 'n gemeente gebruik... Dit maak my net so opgewonde, Hy gebruik nie engele nie, brose kwesbare mense, hier is ons, en dit is maar die evangelie

P 7: PR_7.docx - 7:26 [Afleer dink ek... ja, ek kan p..] (57:57) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Geduld - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Afleer dink ek... ja, ek kan partykeer, ek kan groot droom en ek kan wyd droom en ek kan die groot prentjie sien – ek wil nie sê ek moes dit afleer nie, maar ek moes in hierdie hele proses waar dit 'n luisterproses is waar jy die Gees moet onderskei, moes ek partykeer leer om miskien nie so haastig te wees nie, nie alles vinnig en nou gedoen te hê nie, jy moet partykeer bietjie water trap, jy moet partykeer fyner luister of wéér luister. Jy moet partykeer sê goed ons klompie draf voor, ons hét hierdie roeping, ons hoor wat die Here sê. Dis maklik om 'n groep mense te kry wat voorloop of voor draf, en jy verloor die res. So 'n paar keer moes ek sê, goed kom ons maak net seker, kom in nommer een, is ons op dieselfde bladsy en jy moes die groot groep mense saamvat so ver as moontlik. Dit is partykeer moeiliker uit die aard van die aard van my geaardheid, ek hou nie noodwendig van sukkel of om water te trap nie, maar ek is altyd bereid om fyn te luister en wéér te luister en wéér te probeer. Ja, so ek het meer geduld geleer. Ek dink twee of drie jaar gelede, ek het nie baie nuwejaarsvoornemens gewoonlik nie, het ek vir die Here gesê: Here, gee my bietjie meer geduld, kom leer my bietjie meer geduld. En ja ek dink deur die hele proses het my meer geduld geleer, dat ek partykeer bietjie te haastig en net so bietjie moet stilstaan, nog 'n bietjie kampeer of wéér luister. En ek is gemaklik daarmee.

© University of Pretoria

P 7: PR_7.docx - 7:27 [Ek moes miskien weer aanleer o..] (59:59) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Persoonlike balans - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Ek moes miskien weer aanleer ook om vir myself net te sê die balans in jou eie lewe is belangrik. Ek moet balans hê met my vrou en met my kind, mense rondom my, met my eie gesondheid, my eie lyf, ons raak ouer en dikker en slegter om die middellyf. Ja, so ek moes weer aanleer om rêrig moeite te doen en ek het self besluit maar net weer om ‘n bietjie te draf. Ek moes my bietjie druk om ok te gaan ontspan, te draf en uit te kom. Ek hou van die natuur, bietjie te gaan draf. Ek dink amper dit... as gevolg van ‘n ou se werk en die *input* wat jy elke dag daar gee moes ek weer vir my sê, en dis goed om daaroor te praat, begin iets doen, so ek het weer bietjie begin draf en oefen. So dit was iets, dis op ‘n ander vlak, maar ek dink om ‘n gesonde kop te hê, en om te visioneer en ook as leier ‘n pad te loop saam met ander mense, moes ek daar ‘n bietjie ‘n aanpassing maak.

P 7: PR_7.docx - 7:28 [En ek dink, die aanpassing wat..] (60:60) (Super)
Codes: [Ds_Aanleer: Hantering van diverse menings - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

En ek dink, die aanpassing wat ek netnou gesê het was ook om te sê jy kan nie op die sinode of op die kerklike strukture vertrou nie. Aan die een kant was dit vir my ‘n persoonlike teleurstelling, want ek het dit gesien hierdie ouens is eintlik die *backup*, dis eintlik die ouens wat juis die kapasiteit behoort te gee. Ek is opgewonde aan die ander kant dat hier ‘n klomp jong leiers in [SINODE] en in die [KERKVERBAND] oor die algemeen na vore kom wat missionaal dink. Ek dink ‘n jaar of drie gelede was ek moedeloos oor ouens wat daar bo sit en strukture, uitsprake maak wat nié missionaal dink of oor die kerk of oor God nie, oor eie gewin of ander agendas. Dit dink ek moes ek leer, dis maar net mense en baie van hulle het hulle persoonlike menings gehad. Ek is positief en gee weer energie op verskillende vlakke, ‘n passie, dat hier ‘n nuwe geslag leiers kom wat anders dink en ja, waarmee ‘n ou saam in ‘n span kan trek en sê kom ons dink wyer oor God se koninkryk.

P 7: PR_7.docx - 7:29 [die eerste kapasiteit wat jy m..] (62:62) (Super)
Codes: [14 Ds se eie reis met God - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

...[D]ie eerste kapasiteit wat jy moet skep is ‘n persoonlike intieme verhouding met die Drie-enige God. In jou eie mens-wees moet ek as ‘n dominee of as ‘n leier ‘n intieme persoonlike verhouding met die lewende Here hê.

P 7: PR_7.docx - 7:30 [Die tweede dink ek wat daarmee..] (62:62) (Super)
Codes: [42 Klassieke geestelike praktyke - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Die tweede dink ek wat daarmee saamgaan, ek moet al meer om die geestelike dissiplines van stil word, wandel in die Woord, meditasie, God se stem te hoor, geestelik te onderskei, die onderskeiding toe te pas. Dis inoefening, ek dink nie dis ‘n ding waarmee jy gebore word nie. Dit gaan oor jou persoonlike verhouding met God, maar ook hierdie geestelike dissiplines moet ons as leiers meer beoefen en dit vir die

© University of Pretoria

gemeente beskikbaar stel en mense ook toerus daarmee.

P 7: PR_7.docx - 7:31 [‘n Derde ding dink ek, as ‘n o..] (62:62) (Super)
Codes: [31 'n Passie vir die transformasie van die gemeente - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

‘n Derde ding dink ek, as ‘n ou nie ‘n roeping of ‘n passie het nie, dan val alles op die grond. So, jy moet ‘n roeping en ‘n passie hê om hierdie tipe werk te doen, om saam in ‘n span of ‘n gemeente te werk. Dit gaan oor ‘n roeping en ‘n passie vir God se mense en vir God.

P 7: PR_7.docx - 7:32 [Ek dink ook dit gaan oor netwe..] (62:62) (Super)
Codes: [32 Netwerke te bou en in spanverband te werk - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek dink ook dit gaan oor netwerke en spanwerk. As jy nie in ‘n span kan werk of kan netwerk of ‘n groot prentjie van God se koninkryk sien en dat ek is ‘n mens wat ‘n verskil maak nie, dan sukkel jy.

P 7: PR_7.docx - 7:33 [Ek dink ‘n volgende punt gaan ..] (62:62) (Super)
Codes: [21 Die vermoe an ander saam op die reis te neem - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek dink ‘n volgende punt gaan oor om mense opgewonde te maak, saam te vat,

P 7: PR_7.docx - 7:34 [kapasiteit in mense se mens-we..] (62:62) (Super)
Codes: [32 Erkenning van mense se uniekheid en sterk punte - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

...[K]apasiteit in mense se mens-wees te bou, hulle uniekheid te erken. En dit gaan oor diversiteit, nie een van ons het dieselfde talente en gawes nie. Om mense se uniekheid te erken en hulle dan in hierdie diverse groep mense in ‘n gemeente of ‘n span, na hulle sterk punte toe te speel en hulle uniekheid verder te ontwikkel en dan in ‘n span saam te snoer. Ek dink dit is nogal belangrik.

P 7: PR_7.docx - 7:35 [Ek dink dit gaan rêrig oor egt..] (62:62) (Super)
Codes: [10 Egtheid, eerlikheid, deursigtigheid - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek dink dit gaan rêrig oor egtheid en dan ook ‘n stuk eerlikheid, deursigtigheid. Ek dink nie daar’s baie plek, as ‘n ou rêrig hierdie proses loop, dat daar sekerhede is nie. Jy moet rêrig eg en eerlik en deursigtig wees met die mense saam met wie jy ‘n pad loop.

P 7: PR_7.docx - 7:36 [Ek dink jou gemeenskap, jy moe..] (62:62) (Super)
Codes: [41 Vermoe om die konteks te lees - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek dink jou gemeenskap, jy moet jou konteks ken. As jy nie jou konteks ken nie, ek dink dit is een van die groot hartseerstories, dat Christene baiekeer net met Christene wil kommunikeer en praat.

© University of Pretoria

P 7: PR_7.docx - 7:37 [En dan seker een van die belan..] (62:62) (Super)
Codes: [21 Missionale taal en hermeneutiek - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En dan seker een van die belangrikste goed, ons het nie rêrig daaroor gepraat nie, gaan oor ‘n nuwe taal te skep in ‘n gemeente, in ‘n gemeenskap, in jou eie lewe met die Here. En ‘n taal skep gaan oor ‘n paar basiese goed, dit gaan oor ‘n Godstaal, dit gaan oor ‘n God wat in beheer is maar God wat ook mense gebruik as medeskeppers van ‘n hele wêreld, samelewing, kosmos. Ek dink daai nuwe taal skep is ‘n groot stuk van die kultuur, ‘n Godstaal, ‘n...

P 7: PR_7.docx - 7:38 [Ja, ek kan nie onthou wie dit ..] (64:64) (Super)
Codes: [30 Die kundigheid om kultuur te transformeer - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ja, ek kan nie onthou wie dit gesê het nie, of ek of [NAAM] of iemand dit gesê het dat as jy ‘n kultuurskepper is het jy ‘n *toolbox* nodig. En in hierdie *toolbox* is daar vier vyf goed wat belangrik is. Skep ‘n nuwe taal. Inoefening van vaardighede soos wandel in die Woord ensovoorts. Die modulering van waardes, die voorbeelde wat ons stel, met ander woorde. En dan die beoefening van die herhaalde gewoontes, jy moet dit begin oefen dat dit deel van jou wêreld raak. Ekskuus ek wil net gou hier kyk. Ja, ek dink as ek moet praat oor... Godsvrae, Godstaal (50:31). Uit van die goed dink ek Wie is God drie-enig vir jou of vir ‘n gemeente. Ek dink dis goed waaroor jy moet preek, waarby jy moet uitkom in die opleiding ok. By kerkraadsvergaderings. As ek ‘n kerkraadsvergadering hou van twee uur, dis nooit gewoonlik langer as twee uur nie, dan’s ‘n uur wat ons wandel in die Woord en ‘n geestelike gesprek, en die ander uur is letterlik goedkeuring van sake. En dan’s mense rustig, dan kom hulle agter dit gaan oor God. Waarmee is Hy God drie-enig op die oomblik besig in jou lewe, maar ook in die gemeente en in jou konteks se lewe? Aan wie behoort ons as gemeente? Ek dink dis ‘n belangrike vraag maar vir ‘n gemeente ook weer. Dis nie ons gemeente nie, dis God se gemeente. Wat is God herhaaldelik besig om vir ons te sê? Vir my te sê in hierdie konteks? Wat is God se droom vir ons gemeente? God werk nog steeds, Hy’t nie opgehou werk met die skepping en daarna nie. Waarmee is Hy besig en waar is Hy aan die werk op die oomblik hier in ons konteks, in die gemeente? Waar het ek God gesien skep en herskep die afgelope tyd? En hoe en waar is ek deur God verras? Is ek ‘n medeskepper van ‘n meer geloofwaardige wêreld? Ek dink hierdie klomp vrae oor God trigger dadelik by jou en by die mense ‘n paar goed wat weer ‘n verskil kan maak in opleiding maar ook in toerusting. En dan as jy praat oor ‘n nuwe taal het ek sommer ‘n klompie goed Dit gaan oor ‘n Godstaal, ‘n koninkrykstaal, wat die mense moet leer om in te dink of te praat. En dit was nogal interessant die nominale vraelys wat ek gebruik het met die jeug en die volwassenes in die gemeente met my M studie, het hulle juis gesê dit is wat hulle geswaai het, Godstaal. Dit gaan oor God. En selfs by jong mense was dit vir my aangrypend, nie musiek nie, nie die grappies nie, nie die oulike preek of die oulike dit nie, nee dit het oor God gegaan. Verhoudingstaal en alles gaan oor verhoudings. En dit dit gaan oor verhoudings tussen God drie-enig, oor mense en so aan. Dan naby-taal, ons gee om vir mekaar, ons is daar vir mekaar. Buitentoe-taal, dat jy uitreik oor grense, risiko’s neem. Lof-en-eer-taal, ek dink ons glimlag te min, ons praat te min, ons vier te min ons diversiteit en eenheid in Christus. Dan familietaal, familie adé, dit gaan oor ons is God se bloedfamilie, kinders van die

© University of Pretoria

lewende Here, koninkryksmense. En dan die taal van medeskepper aan ‘n geloofwaardige kosmos, nie net Christene nie, wêreldse mense ook. As jy so wil klassifiseer, alle mense, maar ook die kosmos. Ons moet medeskeppers wees en groen lewe, en ek dink dit maak ‘n verkil in die konteks waarbinne ons elke dag lewe en werk. En dis ‘n klomp, dink ek, dis magtige taal, dis Godstaal, dis Bybeltaal, dis kontekstaal, en ek dink wêreldwyd is dit die taal wat aan die orde is by kerke wat groei. En ek dink nie net in Suid-Afrika nie. As ‘n kerk wil groei vandag sal ons moet begin anders praat en anders dink en begin lewe tot eer van die Here.

P 7: PR_7.docx - 7:39 [oor missionale enterpreneurska..] (68:68) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Missionale entrepreneurskap - Family: Verdere Navorsing]
No memos

...[O]or missionale entrepreneurskap. Ek dink ons sal radikaal en baie vinnig, ek weet nie, ek dink hulle gaan ons vang met ons broek op ons knieë. Ek sit by [UNIVERSITEIT] se kuratorium by en ek is by [UNIVERSITEIT] ook nog redelik betrokke by die kuratorium en die eksamenkommissie, maar ek dink nie die akademici sien hierdie goed soos dit behoort gesien te word dink ek nie. Hulle is hane op mishope wat nog voltydse dominees wil oplei, en ek weet nie, gegewe die geld wat ‘n voltydse dominee kos om op te lei, ses jaar, dink ek... én die geld wat hy in ‘n gemeente moét verdien, en dink net die toekoms... dat ons net nie meer die mas kan opkom nie.

P 7: PR_7.docx - 7:40 [As ons nie begin kyk na gemeen..] (69:69) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Die vorming van nuwe geloofsgemeenskappe - Family: Verdere Navorsing]
No memos

As ons nie begin kyk na gemeente- of kerkplanting, ander tipe geloofsgemeenskappe oor grense heen... daar’s nog nie so ver ek weet deur die gestuurde ouens hier by ons baie navorsing daaroor gedoen nie en ons sal moet kyk. Saam met [NAAM&VAN] en [NAAM&VAN] in dié ouens, [NAAM&VAN] hulle wat op die grond werk, [NAAM&VAN] wat ‘n bietjie meer teologies werk, ons sal bietjie teologies moet kyk na hierdie goed. Ek dink dis ‘n groot *gap* wat daar nog is.

P 7: PR_7.docx - 7:41 [En dan die leesverslae dink ek..] (70:70) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Leesverslae - Family: Verdere Navorsing]
No memos

En dan die leesverslae dink ek is ‘n bron, groot klomp inligting wat daar lê wat ons iewers net moet begin benut en interpreteer en ja ek dink daai kennis iewers begin deurgee en toepas.

P 7: PR_7.docx - 7:42 [En dan die stigting... ek dink..] (71:71) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Stigting van NGO's - Family: Verdere Navorsing]
No memos

En dan die stigting... ek dink nie ons hoef die wiel van vooraf te ontwerp oor die stigting van nie-regeringsorganisasie, of NGO’s nie, maar ek dink dit is die ding vir die toekoms ok. Ons kan by die regering geld kry, van oorsee, van besighede geld kry, maar ons sal moet werk langs die kerk , ek dink nie die kerkstrukture gaan dit kry nie. Maar ek dink dis noodwendig ook goed, dat die kerk dit nie kry nie. Laat ons, ek wil nie sê dat

© University of Pretoria

ons minder Christelik is nie, die naam Christelik maatskaplike raad ek dink dit gaan net nie meer af nie, CMR ons moet ‘n ander naam kry. Nie dat ons minder Christelik gaan wees nie, maar die naam snoeker ons. ‘n Moslem kan ook geld gee vir kinders wat honger is, of swart kinders wat VIGS het, . As jy ‘n Christelik maatskaplik raad is gaan hulle nie probeer geld gee, of die regering, of oorsese ouens nie. So ons moet begin anders dink oor dié goed, dalk bietjie navorsing begin daaroor doen. (57:45), kyk hoe werk dit in die buiteland en...

P 7: PR_7.docx - 7:43 [om saam te ontdek, jy weet ook..] (74:74) (Super)
Codes: [13 KontakAnderGemeentes: Meer maak van tweeling-gemeentes - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

...[O]m saam te ontdek, jy weet ook maar ons het nie al die antwoorde nie, as leiers of as ‘n groep in die gemeente. ‘n Gestuurde gemeente is eintlik ‘n onvaste reis, jy weet nie watter rigting jy beweeg nou nie, môre beweeg jy weer terug. Oormôre staan die skippie bietjie stil want daar’s geen wind nie, dis windstilte. Ek dink die hele saam ontdek van God se plan en doel en waar God aan die werk is, hoe ons betrokke raak, ek dink ons kan meer moeite daarmee ook doen. Ek dink dis iets wat ek self...., maar dit moes leer om met minder vastighede te werk, meer grys te dink, meer grense oor te steek, bietjie meer risiko’s, die goed gaan almal saam. Maar rêrig meer in afhanklikheid van die Here te lewe. Dis jou gestuurde roeping om in afhanklikheid van die Here te lewe, nie eers te *worry* oor geld, wie gaan almal saam, of gaan jy nog gewild wees of nie. Ek dink dit gaan rêrig partykeer oor om stroom-op te wees in baie opsigte.

P 7: PR_7.docx - 7:44 [Ek dink dit gaan oor roeping. ..] (12:12) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Lidmate ontdek eie gestuurdheid - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek dink dit gaan oor roeping. Ek dink elkeen in die gemeente, of baie in die gemeentelede, die leiers het begin besef dit gaan oor ‘n roeping. God het elkeen geroep om gestuurd te lewe en te werk, binne die gemeente maar ook gemeenskap. Ek dink daar’t die swaai gekom, dit gaan oor ‘n roeping om gestuurd te lewe en ‘n verskil in die gemeenskap te maak.

© University of Pretoria

Aanhalings LR_8.

All current quotations (35). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:42:10

P 8: LR_8.docx - 8:1 [een storie wat ek kan vertel w..] (3:3) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Lidmate teologies bemagtig - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

...[E]en storie wat ek kan vertel wat vir my nogal ‘n storie van transformasie is, is dat um... die--die junior kategete [nota: gesprek oor opname weggelaat] se leiers, ja die junior kategete het saam met [NAAM], wat nou een van die predikante is wat nou daar is, het hulle--wel ek dink hulle het dit eintlik amper meer op hulle eie--hulle het hulle eie materiaal vir--vir graad een tot sewe, of *whenever* ‘n mens nou na senior kategese oorgaan, het hulle geskryf en dit is vir my nogal ‘n illustrasie van daai transformasie, jy weet wat mense hulleself op ‘n ander plek sit as waar--jy weet ek dink tien jaar gelede sou niemand gedroom het om--om jou eie Sondagskool materiaal te skryf nie, jy weet, maar ek dink mense sien hulle self um miskien ‘n bietjie op ‘n ander plek met meer--miskien meer gesag in terme van teologie.

P 8: LR_8.docx - 8:17 [Ja ek dink ‘n mens--‘n mens ka..] (89:97) (Super)
Codes: [Wandel in die Woord - Family: Wandel in die Woord]
No memos

Ja, nee ek Ja, nee ek dink dit vat dit omtrent saam.
***Okay*. Ek is nou nuuskierig om te weet, um, sou jy kon sê dat deelname aan hierdie reis die predikant op ‘n bepaalde manier verander of gevorm het?**
Ja ek dink ‘n mens--‘n mens kan nie--‘n mens kan nie die hele tyd onder die invloed van daai--jy weet as ek net dink aan daai--daai ding van woon in die Woord nê? Daai--daai hele beginsel van hoe daai metode werk. Dis vir my ‘n vreeslike *powerful* metode, hoe dit werk. Um, en wat jy--wat jy-- dis so ‘n--ek het dikwels in daai vergaderings gedink dit is so *amazing*, want dit skuif die gesprek amper half onder die gesag van die Heilige Gees in, op ‘n *weird* manier. Ek kan dit nie lekker verduidelik nie... [lag], maar dis--die nie--kyk jy kan mos nou sit en ‘n teksie opsoek wat baie lekker by jou agenda pas en hoe beter jy die Bybel ken, hoe beter kan jy dit *obviously* doen. Maar daai gewoonte--ek weet nie--was jy enigsins betrokke by so ‘n SAVGG reis?
Ja, ja nee. Ek is ‘n dominee van so ‘n gemeente en ek is ‘n fasiliteerder...
Okay, ja. Jy weet daai ding van Lukas 10, wat jy so oor en oor lees...
Ja, die wandel in die Woord?
Ja, wat het ek nou gesê? Die woon in die Woord?
Kyk, hulle sê ons het daai ding verkeerd vertaal, want dis eintlik *dwell in the Word* in Engels.
O, is dit ja. Maar in elk geval daai ding dink ek was ‘n--was ‘n--het vir almal van ons half in ‘n posisie gesit waar jy so saggies bietjie geskuif is keer op keer.

© University of Pretoria

P 8: LR_8.docx - 8:32 [daai storie is vir my 'n illus..] (8:8) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Lidmate teologies bemagtig - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

...[D]aai storie is vir my 'n illustrasie van um hoe--hoe mense soort van hulleself met meer gesag beklee. Hulle dink hulle is bemagtig om te kan--om te dink... met 'n predikant, maar om te dink, jy weet want ek dink dit is soort van half--hy was die--hy was sê nou maar die um... die leier, maar hy was--jy weet dit was--die mense het self gewerk daaraan.

P 8: LR_8.docx - 8:33 [Ek dink dis baie baie moeilik ..] (4:8) (Super)
Codes: [03 KragteInstandhouding: Tradisionele rolverwagting wat lidmate van die ds het - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ek dink dis baie--baie moeilik hierdie gestuurdheid, want ek dink daai--daai skuif--mense... daar's soveel ambivalensie, jy weet. So die gemeente skuif, of die--van die mense skuif, beklee hulle dan met gesag en die reg om kommentaar te lewer en te sê en te *what--what*... Ek dink geloof is in elk geval mos eintlik 'n publieke ding, jy weet. So mense--mense skuif en hulle neem meer daai gesag op, maar ek dink tersellertyd wil hulle nog goed hê van die dominee, jy weet. Hulle wil nie regtig afstand doen um van--van die herder-deel van--van predikant wees nie. Ek weet nie of jy daai prentjies gesien het van... um. Wat is daai [VAN] ou se naam?
[NAAM].
[NAAM], van die kerk--jy weet van hoe ons die kerk gesien het as 'n...
Daai vier prentjies?
Ja, die vulstasie en 'n klub en so en so... en ek dink daai behoefte aan versorging nê... en *containment*, as mens nou so 'n sielkundige terme kan gebruik... Ek dink net nie gestuurde gemeentes gee genoeg aandag daaraan nie en genoeg verstaan wat vra hulle eintlik van mense se onbewuste projeksies um oor wie--wie en wat die kerk is nie, jy weet. So ek dink daar is 'n deel van mense wat half aan daai ding wil vashou, jy weet. Die dominee moet nog kom huisbesoek doen en die dominee moet weet dat ek in die hospitaal is en... Ja, ek dink dit--dit--dit is nogal 'n dilemma vir mense om daai ding te bestuur. Hoe--hoe raak jy gestuurd en behou jy iets van daai versorging--versorgende rol van die kerk, jy weet, en van die predikant. Ek dink nie hy's lekker uitge*sort* nie.

P 8: LR_8.docx - 8:34 [Daar's nog-- daar is deurentyd..] (18:18) (Super)
Codes: [03 KragteInstandhouding: Tradisionele rolverwagting wat lidmate van die ds het - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Daar's nog-- daar is deurentyd klagtes in ons gemeente oor die dominee wat nie huisbesoek doen nie... Wat nie genoeg *care* nie... [lag] Ken jy dit?

P 8: LR_8.docx - 8:35 [Ja, ja die dominees het 'n bai..] (29:37) (Super)
Codes: [03 KragteInstandhouding: Tradisionele rolverwagting wat lidmate van die ds het - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ja, ja die dominees het 'n baie groot invloed. Ja. Jy kan nooit--ek dink--jy weet, ek weet nie of, hoe mens moet nou eintlik kan notas vergelyk met ander gemeentes wat in die proses--waar--hoe--wat het met hulle predikante gebeur? Jy weet? Want ek dink die--die teorie is miskien 'n bietjie dat die predikant gedesentraliseer sal word. Maar--

© University of Pretoria

maar ek dink nie--ek weet nie tot watter mate dit in die praktyk gebeur nie en ek dink wanneer dit gebeur, nou dat ek daaroor praat, as ek nou dink aan--aan mense by ons dan is dit baie swaar vir hulle om half uitgesluit te voel. Jy weet? Ek dink dis ‘n *struggle*. Ek dink dis ‘n gestuurdheid *struggle*. Ek weet nie tot watter mate is daar met die predikante gewerk rondom hierdie ding van desentralisasie en wat word van jou gesag nie. Weet jy tot watter mate daar met hulle gewerk is?
Ek dink dis nou belangrik om die *issues* te hanteer, want ek dink nie dominees is rêrig noodwendig goed voorberei vir die reis nie. Jy weet? En ek dink nie hulle verstaan aan die begin van die reis noodwendig wat die implikasies is nie, so ek wil nou juis probeer vasstel wat is die goed waaraan jy moet werk met dominees wat op die reis is, of wat op die reis gaan. Nou hoe help jy hulle?
Ek dink ‘n mens moet ‘n studie maak en dit moet nie eintlik ‘n teologiese wees nie. Dit moet ‘n studie vanuit ‘n sielkundige rigting wees en--en rondom leierskap oor wat--hoe--wat is die bewuste en die onbewuste persepsies wat mense het van wie en wat is ‘n predikant. ‘n Predikant dink ek--vir my is--is in mense se onderbewussyn--het niks met teologie uit te waai *actually* nie. Dit is ons bewuste assosiasie met ‘n predikant, maar ek dink onderbewuste assosiasie met ‘n predikant is dat hy--hy verteenwoordig God *‘right* en dis ‘n *powerfull* projeksie daai. En ek dink predikante, op ‘n onbewustelike manier vat hulle dit. Jy verstaan? So, nou as jy moet gedesentraliseer raak, ek meen dis ‘n *serious business* verstaan... [Lag]. Jy moet amper van jou godheid, as ek dit in aanhalingstekens, afstand doen. Ek dink daar is baie kragtige goed wat tussen dominees en hulle gemeentes gebeur wat mense nie in hulle bewustheid in gedagte kan hou nie. Jy weet?
Ek is bly [NAAM] het my na jou toe gestuur, hoor.
Is dit? [lag] Ek weet nie... Hoekom sê jy so?
Nee... Dankie hiervoor. Weet jy wat, ek wil nou nie te veel kommentaar lewer nie, want dan beïnvloed ek jou nou in wat jy nou dink, so kom ons praat klaar en dan... *Okay*, so ek het nou gehoor jy het gesê mense neem gesag op. Jy het gesê die sending het naby gekom. Jy sê hierdie ding desentralisasie van gesag--van ‘n dominee wat eintlik gesag aflê--is ‘n--en wat weggee is ‘n groot blokkasie.
Dis ‘n groot blokkasie, want ek dink hulle is nie voorbereid om dit te doen nie. Mense het nie in ag geneem wat--wat vra jy eintlik van ‘n predikant wat die moet doen nie. Jy weet, ek hoor selfs in ons gemeente--dan sal hulle sê: “Ag, ek verlang so na dominee [VAN], hy’s nou al dood.” Ou [NAAM&VAN]... “Jy weet, dominee [VAN]--jy het altyd geweet. Hy was reguit op die man af, maar jy het altyd geweet waar jy met hom staan.” [lag] Daar is so ‘n hunkering na die predikant, amper as die vader wat sal weet en hierdie morele rigtingwyser en die versorger. Jy weet ek dink die--die sielkundige woord is ‘n *container*. Ja, ja.
***Container* is die sin van?**
Dit *contain* my angs. Dit--dit--daai mense--sy funksie is om al hierdie angste en wroegings en skuld gemeentelede--en al hierdie goed is die dominee se werk om te *contain*. Regtens of verkeerdelik, maar ek dink dit is die projeksies van um--van gemeentelede.

P 8: LR_8.docx - 8:36 [Kyk, ons getalle daal nê, noga..] (39:45) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Risiko vir Gemeente - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Kyk, ons getalle daal nê, nogal, onrusbarend--en vandag was nou die laaste dag wat daar byvoorbeeld twee oggenddienste is. Van volgende week af is dit ‘n--is dit ‘n een

© University of Pretoria

diens situasie... en ek het nogal in my kop um--ek--dit is mos nou ‘n tendens in die kerk in elk geval met al die ander assosiasies oor hoekom dit nou so gebeur. [nota: HK verlaat kortliks die gesprek]

***Okay* die getalle daal. Sou jy sê dit hou verband met gestuurdheid?**

Wanneer ek oor hierdie goed dink wat ek nou van praat, dan wonder ek of die wel--of dit nie wel daarmee te doen het nie. Kyk, as mens nou na [GEMEENTE] byvoorbeeld kyk, waar [NAAM] is en wat getransformeer het of swart mense te akkommodeer--hoe reg of verkeerd hulle nou getransformeer het, weet mens nie--is daai gemeente het omtrent leeggeloop. Daar is baie min blankes oor. Die blankes wat oor is, is amper maar mense wat nie kan by [GEMEENTE], hulle voel nou nie hulle gaan daar pas nie, of wat ook al.

So selfs [GEMEENTE] wat nie so dramaties getransformeer het nie sou jy sê die hele ding van gestuurdheid, ondermyn dit hierdie *container* gedagte van die dominee?

Ek... Dis my teorie. Dominees is nie meer--so hulle gaan--hulle gaan na ander gemeentes waar die dominees...

...die dominee nog die *container* is?

Ja, daai werk doen wat hulle gekry het om te doen. Die Here het hulle geroep.

P 8: LR_8.docx - 8:37 [Ja. So ek dink daai ding van w..] (47:47) (Super)
Codes: [Uitklaring van lidmate se rolverwagting van die leraar - Family: Vir aandag van die SAVGG]
No memos

Ja. So ek dink daai ding van wat die mense--dit is wat gestuurde gemeentes nie gedoen het nie. Hulle werk nie met wat is die persepsies van mense, veral die onbewuste persepsie van mense vanweë wat ‘n dominee is nie, jy weet en wat word van daai--en die gemeentelede is nie bewus van daai persepsies wat hulle het nie um, en hulle beleef dit net dat “Die dominee doen nie meer sy werk nie, so wat gaan nou aan?”

P 8: LR_8.docx - 8:38 [jy weet daai hele ding van wat..] (22:22) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Lidmate ontdek, waar jy is, daar is jy gestuur - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

...[J]y weet daai hele ding van wat is sendingwerk, wat is evangelisasie en wat’s gestuurdheid dink ek--dis nogal ‘n moeilike dink om te *manage*. Um, en ek dink uiteindelik het mense gekom by daai idee [maak keel skoon] van daar waar jy is, daar is jy gestuur. Jy weet... en dat--ek dink dit is ‘n baie--oor tyd daai--het daai ding soort van half uitgekristalliseer.

P 8: LR_8.docx - 8:39 [En dan is daar twee bewegings ..] (23:25) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Organiese ontstaan van bedieninge - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En dan is daar twee bewegings in [GEMEENTE] wat soort van half organies ontstaan het. Die een is hierdie Mansgenoeg wat ek nou van gepraat het en die ander ene is um ‘n--‘n vrouebediening--daar was vir jare nie ‘n vrouebediening nie, nou het daar weer ‘n vrouebediening ontstaan. Wat ek glad nie lekker seker is--of dit nou ‘n warm broei groepies is daai twee nie en of hulle gestuurd is nie... dink hulle is--so miskien ‘n bietjie van al twee. Ja, ek dink hulle is ‘n bietjie van al twee. Hulle doen regtig daai

© University of Pretoria

Mansgenoeg wat--wat ek ‘n groot probleem met hulle teologie het, persoonlik, en hulle spirituele voorkeure ensovoorts, ensovoorts, maar ek dink hulle doen baie--baie werk om--om mense wat hulleself nie in die kerk tuis voel nie--wat ver van die Here af is... um, in hulle groep in te trek.
Is hierdie--hierdie Mansgenoeg en hierdie vrouebediening sal jy sê ‘n uitvloeisel van die gestuurdheid van daai gemeente? Om daaruit soort van gebore te raak?
Ja. Kyk, as ‘n mens sê wat is ‘n uitvloeisel van gestuurdheid--dink ek--jy kan nie--dis baie moeilik om te sê: “Dit is die uitvloeisel van gestuurdheid.” Want, gestuurdheid is juis dat jy nie uitreike en aksies en goeters loots noodwendig nie. Jy--jy--goed moet ont--moet half meer organies ontstaan. So, omdat dit nie--omdat dit nie ‘n doelgerigte “dit is hoe ons dit nou gaan doen” ding is nie, is dit--is dit ook baie moeilik om dit te *claim* en te sê: “Maar dit is eintlik-eintlik wat dit is”, jy weet? Maar ek dink tog so. Ek dink tog so.

P 8: LR_8.docx - 8:40 [Ek dink ook, behalwe nou vir d..] (49:52) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Groei van selgroepe - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek dink ook, behalwe nou vir die Mansgenoeg en die vrouebediening wat--jy weet--dink ek um... Nee ek dink ek--ek wou gepraat het oor die selgroepe wat nogal aktief is, maar--jy sien dit is weer ietse wat--wat as ‘n mens nou sterk op die definisie afgaan eintlik amper half--dis ons s’n en dis vir ons... Dis nie noodwendig--dis nie *actually* gestuur nie, maar jy--maar jy sien ek dink die kerk het ‘n taak rondom *containment*.
Verseker.
En ek dink ‘n mens moet kyk... as daai ding van die petrol stasie--die *image* van die petrol stasie of die klub--as dit deel het met die *containment* werk van die kerk, wat--wat maak ‘n mens om daai werk mee aan te gaan en nie die baba met die badwater uit te gooi nie en gestuurd te raak? Ek dink nie daai vraag is aangespreek nie.
So in [GEMEENTE] het dieselfde--terwyl ons nog op reis was, of net na ons deur die drie jaar proses van die gestuurdheid, SAVGG gegaan het, het ons ‘n--was daar ‘n beweging om selle te begin. Daar was altyd selle, maar dit was net so ‘n paartjies. Nou is daar ‘n klomp. Ek weet nie hoeveel daar is nie. Party is nou seker meer en minder--maar daai selle het ‘n baie belangrike *containing* funksie nou gekry, maar jy sien ek dink wat die probleem is--dis nie regtig--ek het nou nog nooit met [NAAM] daaroor gepraat nie, maar ek weet nie regtig tot watter mate dit gesanksioneer is deur die predikante as dit is--dit is die emosionele werk van die selle en wat--en ons sanksioneer dit dat dit die emosionele werk is van die selle nie en wat gebeur--wat is veronderstel om te gebeur wanneer mense dan versorg raak in hulle selle, jy weet? Dit klink vir my die ideaal sou dan wees--dan moet--dan moet mense baie meer gestuurd wees. En ek dink as ek nou dink aan my sel, die een wat ek aan behoort, is dit tot ‘n groot mate waar, jy weet? Mense vertel dikwels stories van--op ander plekke waar hulle werk, jy weet? Ons het in ons sel byvoorbeeld twee [KERKVERBAND]-gesinne en hulle het in hulle--hulle het ‘n ding wat hulle in hulle gemeente met arm mense werk wat hulle--ek dink uit die sel uit baie--hulle kry baie versorging wat hulle in staat stel om daai werk te doen. Daar is ‘n ander *couple* wat kinders wat baie swaar kry by hulle aan huis geneem het en ek dink--ek dink dis ook as gevolg van die sel. So, daar--daar is sulke stories, jy weet.

© University of Pretoria

P 8: LR_8.docx - 8:41 [in ons gemeente was dit 'n dil..] (22:22) (Super)
Codes: [04 TaalKonsepte: Konseptuele verwarring in die gemeente - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

...[I]n ons gemeente was dit 'n dilemma van [maak keel skoon] *okay* nou hoe lyk 'n mens as jy gestuur is, jy weet? En daar was regtig 'n soort van 'n konseptuele... um--um *struggle* oor daai hele ding van uitreik en innooi en uitreik en innooi. Jy weet--daai deel van die gestuurdheid, want dit moet 'n--dit moet 'n--dit moet 'n organiese proses wees--behoort 'n organiese proses te wees *actually*. Jy weet jy kan nie uit [GEMEENTE] uit uitreik tot in [SWART WOONBUURT] nie, want dis nie orga--dis nie--dit is amper--jy weet daai hele ding van wat is sendingwerk, wat is evangelisasie en wat's gestuurdheid dink ek--dis nogal 'n moeilike dink om te *manage*.

P 8: LR_8.docx - 8:42 [Nee ek dink ek--ek wou gepraat..] (49:52) (Super)
Codes: [03 KragteInstandhouding: Behoefte aan "containment" - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Nee ek dink ek--ek wou gepraat het oor die selgroepe wat nogal aktief is, maar--jy sien dit is weer ietse wat--wat as 'n mens nou sterk op die definisie afgaan eintlik amper half--dis ons s'n en dis vir ons... Dis nie noodwendig--dis nie *actually* gestuur nie, maar jy--maar jy sien ek dink die kerk het 'n taak rondom *containment*.
Verseker.
En ek dink 'n mens moet kyk... as daai ding van die petrol stasie--die *image* van die petrol stasie of die klub--as dit deel het met die *containment* werk van die kerk, wat--wat maak 'n mens om daai werk mee aan te gaan en nie die baba met die badwater uit te gooi nie en gestuurd te raak? Ek dink nie daai vraag is aangespreek nie.
So in [GEMEENTE] het dieselfde--terwyl ons nog op reis was, of net na ons deur die drie jaar proses van die gestuurdheid, SAVGG gegaan het, het ons 'n--was daar 'n beweging om selle te begin. Daar was altyd selle, maar dit was net so 'n paartjies. Nou is daar 'n klomp. Ek weet nie hoeveel daar is nie. Party is nou seker meer en minder--maar daai selle het 'n baie belangrike *containing* funksie nou gekry, maar jy sien ek dink wat die probleem is--dis nie regtig--ek het nou nog nooit met [NAAM] daaroor gepraat nie, maar ek weet nie regtig tot watter mate dit gesanksioneer is deur die predikante as dit is--dit is die emosionele werk van die selle en wat--en ons sanksioneer dit dat dit die emosionele werk is van die selle nie en wat gebeur--wat is veronderstel om te gebeur wanneer mense dan versorg raak in hulle selle, jy weet? Dit klink vir my die ideaal sou dan wees--dan moet--dan moet mense baie meer gestuurd wees. En ek dink as ek nou dink aan my sel, die een wat ek aan behoort, is dit tot 'n groot mate waar, jy weet? Mense vertel dikwels stories van--op ander plekke waar hulle werk, jy weet? Ons het in ons sel byvoorbeeld twee [KERKVERBAND]-gesinne en hulle het in hulle--hulle het 'n ding wat hulle in hulle gemeente met arm mense werk wat hulle--ek dink uit die sel uit baie--hulle kry baie versorging wat hulle in staat stel om daai werk te doen. Daar is 'n ander *couple* wat kinders wat baie swaar kry by hulle aan huis geneem het en ek dink--ek dink dis ook as gevolg van die sel. So, daar--daar is sulke stories, jy weet.

P 8: LR_8.docx - 8:43 [Ek dink die prediking, die pre..] (54:60) (Super)
Codes: [04 Gesprek/Kommunikasie: Visie goed gekommunikeer - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek dink die prediking, die prediking was baie goed.

© University of Pretoria

So die dominees het in die prediking gefokus op gestuurdheid?
Ja. Ja en kyk ons het ‘n nuwe visie of missie of *whatever* ‘n mens dit noem opgestel terwyl ons met die SAVGG was wat sê: “[GEMEENTE]...”
Ja, dis deel van die proses.
Ja. “[GEMEENTE] is ‘n rivier wat”... Dit kom uit--dis ‘n teks uit Efesiërs uit: “[GEMEENTE] is ‘n rivier wat wyd vloei met God se liefde en genade”, of so ietsie en ek dink daai ding is vreeslik herhaal by mense, so die--so die boodskap het baie sterk deurgegaan.
So daai gestuurde roeping wat julle geformuleer het, het sterk gefunksioneer in die gemeente nê?
Ja... ja.

P 8: LR_8.docx - 8:44 [Ja ek dink ‘n mens--‘n mens ka..] (91:97) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: Wandel in die Woord - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ja ek dink ‘n mens--‘n mens kan nie--‘n mens kan nie die hele tyd onder die invloed van daai--jy weet as ek net dink aan daai--daai ding van woon in die Woord nê? Daai--daai hele beginsel van hoe daai metode werk. Dis vir my ‘n vreeslike *powerful* metode, hoe dit werk. Um, en wat jy--wat jy-- dis so ‘n--ek het dikwels in daai vergaderings gedink dit is so *amazing*, want dit skuif die gesprek amper half onder die gesag van die Heilige Gees in, op ‘n *weird* manier. Ek kan dit nie lekker verduidelik nie... [lag], maar dis--die nie--kyk jy kan mos nou sit en ‘n teksie opsoek wat baie lekker by jou agenda pas en hoe beter jy die Bybel ken, hoe beter kan jy dit *obviously* doen. Maar daai gewoonte--ek weet nie--was jy enigsins betrokke by so ‘n SAVGG reis?
Ja, ja nee. Ek is ‘n dominee van so ‘n gemeente en ek is ‘n fasiliteerder...
Okay, ja. Jy weet daai ding van Lukas 10, wat jy so oor en oor lees...
Ja, die wandel in die Woord?
Ja, wat het ek nou gesê? Die woon in die Woord?
Kyk, hulle sê ons het daai ding verkeerd vertaal, want dis eintlik *dwell in the Word* in Engels.
O, is dit ja. Maar in elk geval daai ding dink ek was ‘n--was ‘n--het vir almal van ons half in ‘n posisie gesit waar jy so saggies bietjie geskuif is keer op keer.

P 8: LR_8.docx - 8:45 [Ek dink ook dat die ander ding..] (63:65) (Super)
Codes: [04 TaalKonsepte: Vestiging van die konsepte van gestuurdheid - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ek dink ook dat die ander ding wat--wat--ek weet nie hoekom het ons nie daaroor--ek dink die leierskap het ‘n bietjie ge*collapse* en wat gebeur het is [NAAM], die bogger nê, het toe nou net in daai tyd--is hy na die Sinode toe. En hy het ‘n baie stewige begrip gehad van wat beteken gestuurdheid. Dis ‘n *weird* ding, weet jy op ‘n manier, want ek het toe--ons was al ver met die gestuurdheid toe--toe gaan ek een keer saam met hom Stellenbosch toe vir opleiding by Frederick-hulle. Toe verstaan ek daar is baie van die konsepte van gestuurdheid wat ek nie verstaan het, voordat ek nie daar was amper nie. Nou, jy weet, min mense kry die geleentheid om oor en oor daai idees te herbesoek. So dit wat jy nie verstaan nie kan jy--ek dink dit was een van die probleme. Dis ‘n paradigma-skuif.
So die leiers het nie noodwendig die paradigma-skuif verstaan of gemaak nie, nê?

© University of Pretoria

Ja. Ja, ek dink nie hulle het dit regtig ten gronde verstaan nie, want weet jy wat--hoe werk dit met ‘n paradigma-skuif, dink ek? Of werk dit--laat ek liewers sê--of werk dit met my met--met kere wat ek op punte in my lewe gekom het, of my werk gekom het waar ek ‘n paradigma-skuif moes maak. Is... Jy hoor nuwe goeters en jy dink: "O*kay, okay,* ja dis glashelder. Dis *actually* baie eenvoudig, ek verstaan heeltemal". En dan stap jy weg van daai plek af en dan dink jy: “Wel wat--wat het nou eintlik, wat was dit nou eintlik nou weer?” En nou verstaan ek glad nie meer nie, jy verstaan? Of dis hoe dit met my werk en ek dink min mense het die geleentheid gehad om--om oor en oor daai goed--of genoeg daai goed--mense wat se koppe dan nou maar soos myne werk. En [NAAM] nê, dink ek omdat hy... seker nou maar ook is wie hy is, het ‘n baie duidelike idee gehad van wat dit is, maar toe gaan hy weg, jy verstaan?

P 8: LR_8.docx - 8:46 [ek dink een van die belangrike..] (65:65) (Super)
Codes: [08 Geloofsvorming: Toerusting van lidmate om waar hulle is gestuurd te lewe - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

...[E]k dink een van die belangrike goed van gestuurdheid is om mense toe te rus om gestuurdes te wees en ek dink daar was--het ons--jy weet met ‘n eenvoudige ding soos, hoe praat jy met mense by die werk oor God? Hoe bid jy vir iemand? Hoe nooi jy iemand--hoe nooi jy iemand in as dit nie *appropriate* is om te bid of Bybel te lees of--wat maak jy met vreemdes, vreemdelinge?

P 8: LR_8.docx - 8:47 [dit was ook ‘n problematiese d..] (77:79) (Super)
Codes: [02 InkoopLeiers: Verband tussen taakspan en kerkraad - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

...[D]it was ook ‘n problematiese ding, want toe--ek was nie op daai stadium op die kerkraad nie. Toe het [NAAM] voorgestel dat--wel ons moes toe nou ‘n voorlegging doen aan die kerkraad en die kerkraad was redelik suspisieus en so, maar ek dink dit het ook te doen met hierdie hele ding van um... die bedreiging van die gesag, jy weet? *All of the sudden* is hier ‘n--‘n vreeslike *powerful movement* wat hierso so half parallel met die Kerkraad gebeur en daar is mos nou allerande goeters ingebou in daai ding--in daai proses oor terugvoer aan die Kerkraad, maar--die proses, as ek reg onthou, gaan vir ‘n lang ruk aan voordat daai terugvoer begin ek dink nie--ek weet nie of ek dink dis ‘n goeie ding nie. Dit laat vreeslike politiek ontstaan, nou dat ek daaraan dink. Die gevolg van--in ons gemeente was die gevolg daarvan dat vreeslik baie van die kerkraad het bedank... van die ou kerkraad.
So die--wat ek hoor jy sê is die verband tussen die taakspan wat eintlik hier ‘n proses in die gemeente begin en die kerkraad is ook nie altyd goed deurdink en dalk--of dalk nie goed toegepas nie, want daar is nie genoeg kontak tussen die twee nie? Hoor ek jou reg?
Ja. Ja, dis wat ek sê. Ek wonder wat die rede hoekom daar so min--in die begin, so min kontak is. Ek weet nie wat is die rede nie, maar dit--jy kan jou mos nou indink, in terme van inklusiwiteit en eksklusiwiteit watse--watse dinamika dit sal uitnooi.

P 8: LR_8.docx - 8:48 [Ja, ek het al gemeentes gesien..] (71:71) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Totale inkoop, inisiatief en energering van proses - Family: Leraar Rol]
No memos

Ja, ek het al gemeentes gesien wat ons--waar ek saam met [NAAM] gewerk het nê?

© University of Pretoria

So, waar--waar die predikant nie--jy kan nie so ding doen sonder die predikante se--se totale inkoop nie en--en--en hulle moet die proses ook energeer. Ek dink ons sou nooit deur daai proses gekom het as dit nie vir [NAAM] was nie. Nee, nou nie vir hom as mens nie, maar as ons nie ‘n predikant op daai stadium gehad het wat volledig ingekoop het in daai ding nie. Kyk, die inisiatief het eintlik van hom af gekom. Ons het iemand--die voorsitter van die kerkraad was die leier van die taakspan gewees, maar--maar hy was--dink ek in almal se koppe was hy die--ek het nou half al vergeet dat ons ‘n voorsitter van die taakspan gehad het tot jy nou daaroor praat, jy weet? [lag] Maar ons het *actually*, ons het.

P 8: LR_8.docx - 8:50 [Um, ek weet nou nie of die vra..] (88:89) (Super)
Codes: [2 Draer van die gestuurde roeping en taal - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Um, ek weet nou nie of die vraag onnodig is nie, maar ek het gewonder wat sou die dominee in julle gemeente se unieke bydrae wees tot die proses. Jy het nou klaar gesê hy was die inisieerder, die energeerder. Die een wat die draer was van die--die skepper van die taal nê, deur die prediking. Iets anderster wat jy daar rondom--of sou jy sê dit vat dit omtrent saam?
Ja, nee ek Ja, nee ek dink dit vat dit omtrent saam.

P 8: LR_8.docx - 8:51 [Ek onthou dat [NAAM] enkeer ge..] (99:101) (Super)
Codes: [8 Ontdekking dat lidmate teologie kan pleeg - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ek onthou dat [NAAM] eenkeer gesê het--ek was so kwaad vir hom. Hy sê--toe ons dit net begin doen het nê, toe was ou Pat Keifert--die een *workshop* waar Pat Keifert was--die *cluster* was bymekaar en toe ons nou klaar die woon in die Woord of wandel in die Woord gedoen het, toe sê [NAAM]: Hy is so verras, gewone lidmate kan teologie pleeg [lag]. Ek wou vir hom sê: “Nou wat dink jy?”, maar hy was regtig verras gewees! Dit was soos, *wow*... en ek weet nie tot watter mate dit nie ook miskien bygedra het nie... As predikante begin agterkom dat lidmate kan in interaksie met die Bybel wees, verstaan? Of in interaksie met die Heilige Gees wees, en in interaksie met God wees, dan raak dit miskien vir hulle makliker. Um, ek weet nie.
***Okay,* maar dis ‘n geweldige transformasie wat in ‘n persoon plaasvind, as jy ‘n dominee is en jy het eintlik die idee gehad van die lidmate is van my afhanklik om te verstaan en jy kom agter, maar hulle kan--kan self verstaan. Dis ‘n geweldige transformasie.**
Dis ‘n verskriklike transformasie, want dit is eintlik seker op ‘n manier die kern van hoe predikante onbewustelik oor hulle-self dink.

P 8: LR_8.docx - 8:52 [Okay, so wat ek nou gehoor het..] (114:115) (Super)
Codes: [8 Ontdekking dat lidmate teologie kan pleeg - Family: Leraar Transformasie]
No memos

***Okay,* so wat ek nou gehoor het is--is die dominee van julle het tog verander in die sin dat hy nou--hy’t ontdek lidmate is bemagtigbaar as ek dit nou amper kan sê?**
Ja, wel as jy nou daardie opmerking van [NAAM], sê nou maar tien jaar gelede stel teenoor die feit dat die mense op die ou einde hulle eie kategese boekies self geskryf

© University of Pretoria

het... Ek meen dit is mos nou ligjare ver verwyder. Dit vertel eintlik ‘n, as ‘n mens dit nou so teenoor mekaar stel, ‘n storie van ‘n baie beduidende skuif.

P 8: LR_8.docx - 8:53 [Okay, maar dis ‘n geweldige tr..] (100:113) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Desentralisasie van gesag - Family: Verdere Navorsing]
No memos

***Okay,* maar dis ‘n geweldige transformasie wat in ‘n persoon plaasvind, as jy ‘n dominee is en jy het eintlik die idee gehad van die lidmate is van my afhanklik om te verstaan en jy kom agter, maar hulle kan--kan self verstaan. Dis ‘n geweldige transformasie.**
Dis ‘n verskriklike transformasie, want dit is eintlik seker op ‘n manier die kern van hoe predikante onbewustelik oor hulle-self dink. Ek het ‘n boek wat gaan spesifiek oor hierdie metode van--hierdie *group relations* mense wat ons nou--by Robbin eiland doen wat daar ‘n hoofstuk in daai--in daai boek is oor predikante wat verstaan, die projeksies van--hulle het ‘n storie oor ‘n doop-situasie waar hulle sê daai predikante het verstaan wat is die projeksies wat gemeentes op hulle plaas--die gemeente op hulle plaas en wat natuurlik jou eie onbewustelike identiteit is en hoe hulle dit reggekry het om aan daai projeksie vas te hou en nog die mense te bemagtig. Maar ek dink dat--dat miskien met gestuurdheid--ek weet nie of hulle genoeg gedink het oor wat is predikante se kern onbewustelike belewenis van wie en wat is ek nie. Wie en wat is ‘n mens as jy ‘n dominee is? En in die boek wat ek nou van praat, praat hulle spesifiek oor die feit dat gemeentes sien die predikant, bewustelik of onbewustelik, as ‘n gesant van God. En predikante moet amper daai ding opneem, eerder as om dit net soort van half van die tafel af te wil vee. Nie opneem in die sin dat--dat in ‘n opgeblaaste of wat--jy moet dit--jy moet dit dra as ‘n verantwoordelikheid.
Hoor ek vir jou reg? Wat jy sê--die gemeente projekteer eintlik na die predikant toe die ding van hy kom met die gesag van God. Soos die--soos die ou kansel-klede: “So spreek die Here”. Onbewustelik begin ek dink, maar dit is die Here wat praat as ek praat nê? Hoor ek jou nou reg? Is dit daai ding?
Ja. Ek dink nie net--dis nie net die gemeente wat daai projeksie doen nie. Dit is ‘n onbewuste identifikasie van dominees ook. Wat dink jy dink ‘n jong ou as hy besluit...
En jy dink ‘n dominee moet van daai ding bewus wees?
Ja... en aanhoudend daarmee werk.
En dan het ek jou nou reg gehoor? Hy moet daai ding dan ook eintlik amper as ‘n bemagtigings *tool* gebruik om mense te bemagtig. Het ek jou reg gehoor?
Ja. Hy moet dit beklee op ‘n manier wat hy mense bemagtig. Dat hy dit nie sommer net van mense af wegruk nie. Jy weet?
Die bemagtiging van mense?
En hulle projeksie. Jy weet, dat hy nie daai projeksie sommer net verpletter nie en sê: “Nee. Nee, *surprise--surprise, actually* nie...” [lag]
Ja, want dan bring dit ontnugtering nê?
Ja, en dan begin mense te sê: “Maar die dominee doen nie sy werk nie”.
Ja, so die hele ding van die transformasie van kultuur is ‘n--is ‘n komplekse ding, want jy kan die mat onder mense se voete uitruk. En dan bemagtig jy hulle nie. Dan ontmagtig jy dalk eerder.
En ontnugter jy hulle.

© University of Pretoria

P 8: LR_8.docx - 8:54 [Ek probeer saamvat wat die bel..] (158:171) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Desentralisasie van gesag - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Ek probeer saamvat wat die belangrikste goed is wat ek gehoor het. As ek na jou luister, hoor ek een ding heeltyd: "Gestuurdheid gaan oor die bemagtiging van mense." En die bemagtiging van mense beteken eintlik in 'n sekere sin die predikant moet hierdie vaardigheid hê om sy eie posisie te kan opneem op so 'n manier, dat hy juis die bemagtiging laat plaasvind, sonder dat dit 'n ontmagtiging word. Klink dit nou te kompleks?
Nee dit is min of meer wat dit is dink ek. Dit gaan oor die bemagtiging van mense.
Dis--dis wat ek nou deurentyd gehoor het. Dat--dat daar is 'n bewuste of 'n onbewuste verwagting 'n dominee en die dominee neem daai ding bewustelik of onbewustelik op en hy kom in die gestuurde proses en dit kan hom kelder as hy nie daai ding goed begryp en reg kan hanteer nie.
Eintlik is die idee van 'n brug miskien nogal vir my relevant. Dat--dat mens moet dink oor hoe--hoe kan daar 'n brug wees van die konvensionele manier van hoe predikante hulleself sien en gemeentes hulle sien, want ek dink--ek dink gemeentes--ek dink dit is wat 'n mens partykeer nie in ag neem nie is dat, die gemeente plaas geweldige druk op 'n predikant om te wees soos wat die gemeente wil het die predikant moet wees. So...
Hulle het *power* hoor.
Ja, oef [lag].
Hy't ook *power*, maar hulle ook.
Ja, ja. Ja dis amper om 'n brug te kan maak--te kan skep wat jy nie die een los nie en dan--en dan is jy nou net gestuurd nie. Ek dink dit is die ding wat nie lekker is nie. Ons het gedink, dink ek in [GEMEENTE], jy moet dit los en--en ek meen--ek weet nie eintlik--ek sê nou so baie goed, maar ek weet nie hoe moontlik dit is nie. Hoe moontlik is dit om 'n paradigma-skuif te maak en jy hou nog van die ou goed vas, jy weet?
Ek--ek dink nie ek weet nie, maar die voel vir my 'n paradigma-skuif, skuif van een plek na 'n ander ene. So jy kan nie die plek waar jy nou is prysgee nie. So daai element wat jy nou sê behoort eintlik natuurlik gewys deel van die proses te wees, maar alhoewel ons dalk in ons koppe dink...
Dis soos 'n sprong.
Dis soos 'n sprong. Dit kan in realiteit nie eintlik 'n sprong wees nie, dis 'n tree, maar nou as jy die verkeerde persepsie skep--ek dink nou hardop hoor--van ons maak nou 'n sprong, dan skep jy dalk juis daai onsekerheid by mense.
En weerstand.
En weerstand. Jy het vir my gesê die goed waaroor jy wil hê verdere navorsing gedoen moet word--het jy reg aan die begin vir my gesê--hierdie ding van die desentralisasie van gesag, nê?
Ja, ek dink daardie desentralisasie van gesag, as 'n mens praat oor leierskap, maar daarmee saam gaan--dis nie net 'n kwessie--dis nie maar net 'n kwessie van die gesag desentraliseer--so soort van 'n post-modernistiese manier nie. Dit gaan ook oor die geweldige--dink ek--*powerful* projeksies wat op--op predikante gemaak word. Um, en 'n mens moet--daar moet gedink word oor wat is die projeksies presies. Daai ding van--as jy dan nou namens God praat, jy weet, watter ander projeksies dra jy en wat word van daai projeksies as die gesag gedesentraliseer word?

© University of Pretoria

P 8: LR_8.docx - 8:55 [Jy het vir my gesê die goed wa..] (170:171) (Super)
Codes: [Verdere Navorsing: Desentralisasie van gesag - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Jy het vir my gesê die goed waaroor jy wil hê verdere navorsing gedoen moet word--het jy reg aan die begin vir my gesê--hierdie ding van die desentralisasie van gesag, nê?
Ja, ek dink daardie desentralisasie van gesag, as ‘n mens praat oor leierskap, maar daarmee saam gaan--dis nie net ‘n kwessie--dis nie maar net ‘n kwessie van die gesag desentraliseer--so soort van ‘n post-modernistiese manier nie. Dit gaan ook oor die geweldige--dink ek--*powerful* projeksies wat op--op predikante gemaak word. Um, en ‘n mens moet--daar moet gedink word oor wat is die projeksies presies. Daai ding van--as jy dan nou namens God praat, jy weet, watter ander projeksies dra jy en wat word van daai projeksies as die gesag gedesentraliseer word?

P 8: LR_8.docx - 8:56 [Ja ek dink daai ding is van--h..] (117:123) (Super)
Codes: [Aanleer: Hoe om met gesag om te gaan vanuit'n posisie van desentralisasie - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Ja ek dink daai ding is van--hoe hou jy aan jou gesag vas as jy ‘n--of hoe gaan jy met gesag om vanuit ‘n posisie van desentralisasie. Hoe raak jy ‘n fasiliteerder of ‘n bemagtiger--as ek nou dink [NAAM] was--ek weet nie of hy nie--ek dink hy was twee keer eintlik in Amerika met hierdie missionêre kerk ding wat ek dink daai desentralisasie van die predikant onderskryf. Wat natuurlik nou--ek meen hulle het mos nou weer ‘n--hulle is mos nou kontensieus heeltemal op hulle eie ook weer, vir baie mense.
Die Amerikaners?
Missionêre kerke.
O ja, jy bedoel ouens wat dit nou weer dit as die duiwel in die kerk beskou. Dis *new age*.
Dis--hulle sê so. Hulle sê so [lag].
So jy sou sê dit is basies die groot ding wat die dominee moet leer. Hierdie ding van hoe om gesag te hanteer in ‘n nuwe konteks. In ‘n missionale kultuur? Hoor ek jou reg?
Ja, ek dink so. Wat word van my? Dis eintlik die ding. Wat word van my? Is ek nou--raak ek dan nou *redundant*. As almal nou soort van half um... teologie kan pleeg, almal kan nou hulleself as gestuurd sien, wat word nou van my?

P 8: LR_8.docx - 8:57 [Ek dink hy moes daai ding afle..] (125:125) (Super)
Codes: [Afleer: Homself sentraal te sien en nie te luister nie - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Ek dink hy moes daai ding afleer van om homself sentraal te sien. Ek dink hy moes miskien afleer om vir mense te sê en aanleer om vir mense meer te hoor.

P 8: LR_8.docx - 8:58 [Ek dink eerstens moet die domi..] (127:127) (Super)
Codes: [31 Moet regtig glo dit is wat moet gebeur - diep en passievolle oortuiging - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek dink eerstens moet die dominee regtig glo dat dit--dat dit is wat moet gebeur. Hy moet--dit moet ‘n baie, baie diep en passievolle oortuiging wees, want dit is ‘n baie

© University of Pretoria

komplekse proses.

P 8: LR_8.docx - 8:59 [En hy moet iets van daai prose..] (128:128) (Super)
Codes: [30 Moet kan dink en die proses en gemeente verstaan - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En hy moet iets van daai proses verstaan. Hy moet sommer baie van daai proses verstaan. Ek dink die dominee moet ‘n kapasiteit hê om te kan dink--om homself amper te kan distansieer en te dink oor die--jy weet om na die gemeente te kyk en te dink, wat gaan aan? Wat is besig--wat is aan die gang?

P 8: LR_8.docx - 8:60 [En hy moet eintlik dink ek bai..] (129:129) (Super)
Codes: [30 Uithouvermoe - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En hy moet eintlik, dink ek, baie uithouvermoë hê. Hy moet weerstand kan oorleef. Hy moet ‘n dik vel hê [lag], rêrig.

P 8: LR_8.docx - 8:61 [En sy--op ‘n manier moet sy eg..] (129:131) (Super)
Codes: [42 Ego-kapasiteit om desentralisasie te kan vat - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En sy--op ‘n manier moet sy ego-kapasiteit moet so wees dat hy daai desentralisering kan vat. Want kyk, dis ‘n baie--dit is vreeslik pynlik wanneer die gemeente jou kruisig, maar wanneer almal die palmtakke neersit en sê: “Jy’s *fabulous!*”, is dit ‘n vreeslike verleidelike posisie om te hê. Jy is mos nou koning daar op jou mishopie, daar in jou gemeentetjie, en jy moet nou afstand doen van dit. En jy moet nie net bereid wees om afstand te doen nie, jy moet aktief werk om jouself te skuif uit daai posisie uit. Uit jou eie, binne-in jouself, en dis eintlik ‘n baie moeilike ding, want jy moet self daarvan afstand doen en jy moet die gemeente op ‘n manier begelei dat hulle self ook skuif in hoe hulle na jou kyk en oor jou dink. Dis baie moeilik. Ek dink nie eintlik predikante...
... kan dit doen nie. [lag]
Nee, g’n mens nie. Nie net predikante nie.

P 8: LR_8.docx - 8:62 [ek dink hy moet dit aan sy men..] (133:133) (Super)
Codes: [21 Moet gestuurdheid aan die gemeente kan verkoop - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

...[E]k dink hy moet dit aan sy mense kan verkoop. Dit moet ‘n inspirerende mens wees.

P 8: LR_8.docx - 8:63 [En dan het jy gesê hy moet din..] (142:145) (Super)
Codes: [30 Moet kan dink en die proses en gemeente verstaan - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En dan het jy gesê hy moet dink wat aangaan. Wat ek gehoor het jy sê is hy moet sy gemeente kan eksegetiseer. Hy moet sy gemeente kan verstaan, uitlê. Eksegese van die skrif is uitlê en verstaan, so hy moet--hy moet eintlik ‘n begrip het van wat gaan in die gemeente aan en wat lê in die hart van die gemeete. Dis wat ek gehoor het jy sê.
Ja, ja amper van die dinamika van daai sisteem, moet hy oor kan dink.

© University of Pretoria

So hy moet hierdie sisteem en die kontekste en verhoudinge van goeters en hoe goed in mekaar sit en wat goed maak werk moet hy kan verstaan. Soort van 'n sisteem-teorie kan hê; hy moet kan sien wat is die goed wat in die gemeente aan die gang is. Dit is wat ek gehoor het jy sê?
Ja, dit is presies wat ek sê.

P 8: LR_8.docx - 8:64 [En dan het jy nou in 'n vyfde ..] (148:151) (Super)
Codes: [21 Moet gestuurdheid aan die gemeente kan verkoop - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En dan het jy nou in 'n vyfde punt gesê hy moet 'n kommunikeerder wees. Hy moet hierdie droom--hierdie visie moet hy kan verkoop. Of nou nie verkoop nie, hy moet dit kommunikeer.
Nee, hy moet dit verkoop. Hy moet dit kan verkoop. Verkoop is die regte woord.
So mense moet inkoop op dit?
Ja, hy moet op 'n manier met hulle kan praat dat hulle kan inkoop daarin. Dat hulle kan sien maar, jy weet, ja *actually* is dit waaroor die hele Nuwe Testament gaan. Hy moet op 'n manier dit vir mense kan verkoop so.

P 8: LR_8.docx - 8:65 [Ja, maar hierdie is die--hierd..] (153:157) (Super)
Codes: [31 Moet regtig glo dit is wat moet gebeur - diep en passievolle oortuiging - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ja, maar hierdie is die--hierdie is die kern, daai eerste een dat hy moet dit--hy moet dit regtig glo, want al daai ander goeters val--sal nie kan gebeur as daai een--as hy die self daai skuif gemaak het nie en 'n diepe oortuiging het nie.
So wat daar nou waar is, is die--wat daai sinnetjie--wat ek hoor jy sê, is die transformasie van die gemeente begin by die transformasie van die dominee. As hy nie skuif nie...
Ja, dan werk die SAVGG glad nie. Dit het ek gesien gebeur in ander gemeentes.
En hy skuif dalk nie, want daar is allerande ander kragte wat hy dalk nie bedink het nie.
Exactly.

© University of Pretoria

Aanhalings LR_10.

All current quotations (28). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:43:11

P10: LR_10.docx - 10:1 [Ek dink die een is, uh, hulle ..] (25:25) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Omgang met die Here verander deur praktisering van wandel in die Woord - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek dink die een is, uh, hulle omgang met die Here het op ‘n sekere manier verander, uh, deur die praktisering van wandel in die Woord.

P10: LR_10.docx - 10:2 [En ek dink die tweede ding, uh..] (25:25) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Lidmate verstaan dat hulle moet deelneem aan die werk van die Here - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En ek dink die tweede ding, uh, wat verander het, is hulle verstáán... Ek gaan dit nou sê soos Coenie. Coenie het in sy boek geskryf – Gemeentes in die kragveld van die Gees – toe dit kom by die taak van die gemeente... toe begin hy, toe sê hy daar’s baie gemeentes wat hulleself Christelik verklaar, maar wat nóóit deelneem aan die werk van die Here nie. *Okay*. So ek dink baie lidmate sê wag ‘n bietjie, ons verstaan nóú, dat eintlik moet ons deelneem aan die werk van die Here. So ek dink dis die twee belangrike goed wat verander het. (05:46) Hulle verstaan van hulle verhouding met die Here en hulle deelname aan die werk van die Here, as ek nou Coenie se woorde mag gebruik.

P10: LR_10.docx - 10:3 [Ek gaan sommer sý gemeente sê...] (29:33) (Super)
Codes: [Storie: Kinders help die gemeente om te verander - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek gaan sommer sý gemeente sê. Hulle is deur die reis, en by die onderskeiding van na wie toe stuur die Here hulle. Toe kom hulle by die punt uit, jy weet, maar... na láng gepraat: kínders. Nou sê hulle: my liewe aarde, broer, maar jy weet, die wêreld is vól kinders.
Hm.
En na ‘n láng gepraat, toe besluit hulle: wel, hulle gaan op die skole fokus. En tóé sê een van die spanlede, maar hý..., hy dink hy kan begin brûe bou na dié skool toe, want hy werk by ‘n selfoonmaatskappy. En hý weet hoe jongmense met selfone werk. Toe gaan hy en hy sê vir die skoolhoof as jy wil, kan ek die kinders kom help om rég met ‘n selfoon te werk. En dít was die kontakpunt. En ‘n paar maande daarna het hulle kinders in die Sondagskool gegroei van twaalf na twintig na nou veertig, daar rond. So dié gemeente het regtig ‘n hart vir kinders. Nou die wonder wat nou is as gevolg daarvan, dis aansteeklik hoe die goed werk as ‘n mens net luister, hier op ‘n... [NAAM] staan voor by die deur, Sondae...
Die dominee? Is [NAAM] die dominee?

© University of Pretoria

Ja, hy's die dominee. Hy druk almal. As jy daar kom, gaan hy jou 'n druk gee. Ja, hy haak. Hy sê hy't vriend gehad wat gesterf het in 'n... En hy's spyt hy't nooit, jy weet, sê nou maar die vriend behoorlik lief gehad en gedruk en wat ever nie. Nou druk hy almal. Hy sê, magtig man, maar wie jy toe ek die iemand so druk, toe ruik ek, o blíkemmer, jy weet... [Gelag] Toe's dit nou 'n klomp bosmense. Maar die skriba het hulle ontmoet en op 'n manier begin kontak maak. En met hulle 'n láng pad begin loop en so begin begelei tot hulle begin eredienste bywoon. So die kinders het begin die gemeente help om te verander. Kyk, dis mos wat Pat gesê het. Die groep na wie toe die Here jou stuur, gaan help dat die Here die gemeentelede ook verander. Nou't die skriba uitgereik, en nou't hulle van hierdie mense wat nou inkom wat ook nou deel is van die gemeente. Dis één verhaal.

P10: LR_10.docx - 10:4 ['n Ander verhaal is hier naby,..] (34:46) (Super)
Codes: [Storie: As die kultuur nie skuif nie... - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

'n Ander verhaal is hier naby, maar dis 'n *sad* deel... 'n Ander verhaal is hierdie gemeente naby [sug] na ons nou die dag sit dat hulle die gemeenskapsanalise moet terugvoer gee... Uh, wou jy eers notas gemaak het?
Ek is doodreg.
Okay. Het hulle... Het die predikant die verslag gelees. En toe dit kom by die vraag: maar wie werk reeds daar? Toe sê hy die..., hy kon nie één van die plaaslike Christengemeentes kry wat by die areas in nood betrokke is nie. Inteendeel, daar is iets soos veertien verskillende NGO's uit die Kaap uit wat in dié dorp en in die gemeenskap werk. En, ek het, ek het nou al baie mense gesien onder stres en wat... Maar dáái man het die dag gesit en huil. Die slég is dat dit niks verander het in die gemeente nie. Op 'n manier het die boodskap nie deurgekom nie. Nou ja... Laat ek gou dink, nog areas..., um, nog stories...
Is dit nou 'n gemeente wat deel was van die vennootskap?
Nee, ons het dieselde goed met hulle gedoen. Hulle wou nie deel wees nie. Hulle wou op hulle eie wees. Maar dis dieselde beginsels. As ons...
Jy demonstreer eintlik nou 'n kontra-verhaal?
Ek weet ja. Ek wil net vir jou sê...
Dis reg. Ek toets net of ek jou reg gehoor het.
Nee, jy's honderd persent... Dis 'n kontras. Wat ek eintlik besig is om te sê, en ek bevestig wéér die punt, as jy nie die kultuur skuif nie, gaan geen planne wat jy bring werk nie.
Ja.
Om die kultuur te skuif, moet predikante éérste skuiwe.
Okay.
Dan moet hulle..., die leierskap skuiwe. Anderster gaan lidmate nóóit skuiwe nie. Daar is wat sal skuiwe, hulle gaan later die kerk verlaat. Willow Creek het mos nou bewys. Die kerk raak irrelevant vir hulle.

P10: LR_10.docx - 10:5 ['n Ander gemeente was die effe..] (47:49) (Super)
Codes: [Storie: Skuif die dominee, dan skuif die gemeente - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

'n Ander gemeente was die effek so... Die kerk, die gemeente nie werklikwaar uitgekom by die groep na wie toe die Here hulle stuur nie, maar die réís het van die

© University of Pretoria

predikante só begin skuiwe in hulle verhouding met die Here, dat hulle vandág besig is met geestelike vorming van lidmate. En al hoe meer, en al hoe meer... So jy kan sê dis 'n suksesverhaal, maar net op 'n ander manier.
So, selfs al was die proses nie na die letter voltooi nie, het die kultuur getransformeer.
Ja, daar's baie gemeentes waar die kultuur geskuif het, ás die dominee skuif. As die dominee nie skuiwe nie, bly dit dieselde.

P10: LR_10.docx - 10:6 [Wel, ek dink die belangrikste ..] (53:53) (Super)
Codes: [05 Lidmaatbemagtiging: Leierskap en Lidmate moet 'n nader verhouding met die Here hê - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Wel, ek dink die belangrikste is nommer een, beide die leierskap – predikante én lidmate - moet hulle verhouding met Jesus..., moet 'n náder verhouding..., Jakobus 4:8, 'n nader verhouding met die Here hê. Dis nommer een, want dis net die Here wat mense verander. Deur sy Gees verander Hy die mense.

P10: LR_10.docx - 10:7 [Wanneer dié mense dan begin ve..] (53:53) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewooontes: Ontdekking van gestuurde roeping in onmiddellike omgewing - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Wanneer dié mense dan begin verander, moet daar hulpmiddels wees wat hulle help wat moet hulle nou maak met hierdie verandering. En daarvoor het ons vier bane van geloofsonderskeiding om hulle te help om hulle verhouding te verbeter sodát hulle ander oortuigings het. So jy moet die twéé goed doen. Uh, begeleiding om hulle verhouding met Christus te verbeter, en dan hulpmiddels om te verstaan wat is die doel van die kerk in hierdie gemeenskap waarin ons vandag is. Dit is doodeenvoudig kultuurverslag en die gemeenskapsanalise verslag. En dan moet jy net die spul los. Dan moet jy hulle net... en sê: vra vir die Here wat... Jy doen geloofsonderskeiding. Maar die bane, die vier bane, alhoewel dit die verhouding met die Here verbeter, is terselfdertyd toerusting hoe om geloofsonderskeiding te doen. En dis net verbásend... Dis net verstommend hoe baie..., hoe die mense begin anders praat en dink, en doen. As hulle, as hulle agterkom hulle moet íéts doen, maar hulle't nie geweet hóé nie, en nou weet hulle hóé, dan verander goed.

P10: LR_10.docx - 10:8 [Die geloof van die predikante...] (69:74) (Super)
Codes: [02 InkoopLeraar: Die predikant se eie verhouding met God - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Die geloof van die predikante. [Stilte]
Pak hom bietjie vir my uit.
[Lag]
I'm listening you into free speach"! [Gelag]
As ek vir jou sê dat in die jaar 2012, minder as drie maande terug, het ek gesit in 'n erediens gesit 'n predikant sê: Ons taak as predikante is om God aan julle te verduidelik. Dan kan jy verstaan hoekom kerke verklein, minder word. En irrelevant begin raak. Want die vaderland, as één man dink, hý moet die Here aan mense wat daar sit verduidelik, terwyl daar mense sit wat nié sy geleerdheid het nie, maar wat 'n baie beter dissipel in sekere opsigte is, verstaan jy, dis hartroerend om sulke goed te

© University of Pretoria

hoor. En dit in 2012. Die nadeel van die kweekskool is, hulle gee baie teologiese kennis, maar hulle help nie dáái persoon om ‘n predikant, ‘n geestelike leier te wees in die ware sin van die woord nie. En, ek kan nou vir jou sê, Gert, álle... - Wes-Kaap een, Wes-Kaap twee en die Suid-Kaap, drie *clusters* wat ek saam met ander dominees begelei het – as dit kom by die predikante sê..., soos hulle praat oor– wat doen jy in jou verdieping met die verhouding met die Here, behalwe jou Bybelstudie – sit hulle jou laaank so en kyk. Dan..., party van hulle respondeer glád nie. So as ek praat van die geloof van die predikant, is dit om te verstaan: wat jy daar léés van die Here, is wat jy moet modelleer. Jy lewe mos coram Deo, soos alle ander gelowiges. Hoekom modelleer jy nie ‘n lewe van coram Deo nie? Wat nommer twee staan onder die heerskappy van Christus. Wat beteken jy dóén wat Hy sê. En dis wat Dallas Willard ook kom vra het. Hy sê: ek soek nog ‘n kerk waar dominees én lidmate doen wat die Here sê. En dan die derde een is, dat dít wat jy doen tot eer en verheerliking van God gaan. So as ek praat van die geloof, is om wérklik te gló dat Jesus Christus wérklik die Een is wat my lewe gaan transformeer, sodat ék ‘n geestelike leier word en nié hierdie ding moet hê van ék is die antwoord vir alles en almal in die gemeente nie.
Nou hier’s ‘n gemeente hier naby van ons..., ‘n predikant hier naby, uh, wat ek..., baiekeer moet konsentreer..., met die gemeente gewerk en baiekeer vra ek hom om sekere goed te doen. En hier op ‘n dag hoor ek hy is siek. En ek kom by hom en hy het kanker. Hy..., volgens die dokters sal hy waarskynlik nie Meimaand volgende jaar sien nie. Hy sê, ás – en daar kom mos nou baie predikante en lidmate – hy sê, maar as die predikante by my kom kuier, as hulle begin praat sê ek: moenie vir my bid vir gesondheid nie, bid vir my dat ek binne God se wil bly. Dis vir my die belangrikste ene. Maar ek wil vir jou ‘n vraag vra: glo jy die Een oor Wie jy praat? Hy sê: ek vra hulle álmal. Hy sê en jy sal verbaas wees wat se soort antwoorde ek kry. As die *predikant coram Deo* lewe, modelléér die heerskappy van Christus oor sy lewe, tot eer en verheerliking van Christus, dan gáán hy sy leierskap só beïnvloed. En as hy sy leierskap so beïnvloed, gaan hulle die lidmate so beïnvloed. Nou, as dít nie gaan gebeur nie, gaan dit moeilik raak. Dan raak dit baie moeilik. (22:54)

P10: LR_10.docx - 10:9 [Ja, en onthou nou sy hele syst..] (76:76) (Super)
Codes: [01 Projekbestuur: "Filling the gap" bestuurstyl - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ja, en onthou nou sy hele *system* help nie daarvoor nie. Die *system* help nie daarmee nie. Die *system* is eintlik inteendeel ‘n vyand, want hy het ‘n kerkraad. En die nuwe manier van kerkrade is hulle kies mos nou verkleinde kerkrade wat net..., al wat hulle doen is besluite neem en dan soek hulle nou die *smart* ouens in die besighede. Mense wat..., wat hulle inbring, is die kultuur van ek kan, ek weet ook hoe. Ek was verlede week by ‘n gemeente waar hulle sê: Ons het nou besluit ons spannetjie moet nou vir die gemeente sê waarnatoe gaan ons met die gemeente. Ek sê, wel dan kan óns julle nie help nie. Toe sê hy wat bedoel jy? Ek sê: jý kan nêrens met ‘n gemeente gaan nie, man. As jy nie verstaan die gemeente se beweging is die Gees..., dis die Here Self wat die gemeente begelei. As jy wil dáármee hulp hê, dáármee kan ons jou help. Maar met die ander ding kan julle beplan tot julle blou is, julle gaan bokkerol uitvoer. En dis die nadeel. So die arme predikant stap hier in, hier sit hierdie spul mense wat sê...

© University of Pretoria

P10: LR_10.docx - 10:10 [En dan is daar mos nou nog lid..] (77:77) (Super)
Codes: [03 KragteInstandhouding: Tradisionele rolverwagting wat lidmate van die ds het - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

En dan is daar mos nou nog lidmate met 'n horing-ou kerkbegrip wat ook sê: maar jy kom nie meer by my besoek aflê nie, só, my dankoffers raak minder. Ek weet ook nie wat jy doen nie. *By the way*, ons betaal jou salaris. Jy ken dit mos. Al hierdie rêrige klomp onnodige vals druk en verwagtings wat aan predikante gestel word. Dit maak, dit maak húlle lewe baie moeilik hoor. Rêrig. Dit maak hulle lewe baie moeilik.

P10: LR_10.docx - 10:11 [So, die, die dominee is die pr..] (86:87) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Ds transformeer om geestelike leierskap te gee - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

So, die, die dominee is die probleem, maar hy's ook weer die oplossing. (26:14) Dis wat ek nou hoor.
Hy is absolúút die oplossing. Hy's absolúút die oplossing. Géén twyfel nie. Uh, as ons daarin kan slaag om die hele NG Kerk se *system* te kan draai, dat ons predikante kan versorg en ondersteun om sy rol as 'n geestelike leier uit te lewe. Ek meen, vat Jesus se opleidingsmetodiek. Wat het Hy gedoen? Hy't twaalf geroep. Hy't hulle opgelei. Hy't tyd met hulle spandeer. Dan't Hy prakties gaan demonstreer. En dan stuur Hy die mense uit. Dan sê Hy: gaan doen. En dan kom hulle terug en sê hulle: dis wonderlik! En dan stuur Hy twee en sewentig uit. So, met ander woorde, die vermeerderingseffek. Maar dit begin by die dominee. Die sakewêreld is vol voorbeelde van een, hulle noem..., *one crazy person who changed the company*. Dis die predikant.

P10: LR_10.docx - 10:12 [Ek sien sy... Nommer een, uh, ..] (95:97) (Super)
Codes: [John P Cotter - Leading Change - Family: Boeke]
No memos

Ek sien sy... Nommer een, uh, as jy Cotter se nege, se agt stappe vat... Het ons hier by Communitas se website dit gesit, maar ons het nommer een bygevoeg. Nommer een, dominee jy moet eers self begin verander.
Wie se agt stappe het jy gesê?
Cotter. John Cotter het agt stappe geskryf vir die bestuur van verandering. *Leading change* is die boek se naam. Dis dié gesaghebbendste dokument oor die bestuur van verandering. John P Cotter.

P10: LR_10.docx - 10:13 [Nommer een, dominee jy moet ee..] (95:99) (Super)
Codes: [01 EieVorming: Die dominee moet eers self begin verander - Family: Leraar Rol]
No memos

Nommer een, dominee jy moet eers self begin verander.
Wie se agt stappe het jy gesê?
Cotter. John Cotter het agt stappe geskryf vir die bestuur van verandering. *Leading change* is die boek se naam. Dis dié gesaghebbendste dokument oor die bestuur van verandering. John P Cotter.
En hy't agt, hy't sewe stappe?
Hy't die ag stappe. In een van hulle sê hy: *you must build a coalition of leaders*. Maar hier sit mos 'n taakspan. Hier is mos 'n kerkraad. Jy hoef dit... Dit bestaan reeds.

© University of Pretoria

Ons het net gesê, ons... hierdie agt stappe klink korrek. Ons begin net nommer een deur te sê: dominee, jý moet eerstens, om nuwe gedrag te modelleer, moet jy jou verhouding met die Here verdiep. *Okay*. So, as hy dít begin doen, dis die nommer een rol.

P10: LR_10.docx - 10:14 [Die nommer twee rol is, hoe ga..] (99:99) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Begelei leierskap en lidmate tot geloofsonderskeiding en dissipelskap - Family: Leraar Rol]
No memos

Die nommer twee rol is, hoe gaan jy jou leierskap begelei om dieselfde te doen? Só, jou rol skuif van [stilte], uh, klemverskille..., 'n wat 'n gemeente – as ek nou die woord "bestuur" gebruik – van gemeentebestuur na 'n geestelike leier wat leierskap en deur leierskap lidmate begelei op hulle reis na geloofsonder..., na, na dissipelskap.

P10: LR_10.docx - 10:15 [Predikante wat inkoop in die....] (135:135) (Super)
Codes: [1 Geestelike verdieping en afhanklikheid van die Heilige Gees - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Predikante wat inkoop in die..., wat inkoop in die konsep in van, uh, geestelike verdieping, in húlle lewe sien jy, hoor jy en ervaar jy 'n geestelike verdieping. Met ander woorde, 'n groter afhanklikheid van die leiding van die Gees.

P10: LR_10.docx - 10:16 [Die tweede ding wat jy agterko..] (135:135) (Super)
Codes: [1 Taal skuiwe - Godstaal - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Die tweede ding wat jy agterkom, sy táál het begin skuiwe. Hy, uh, dis nie 'n goedkoop van: man, die Here het dit vir my gesê nie. Kyk, jy kry te veel mense wat sê: maar die Here het vir my gesê, wat goedkoop is en nie waar is nie. Ek ervaar dit nie by predikante nie. As hulle sê: die Here het vir my gesê, dan weet jy, weet jy maar dis regtig 'n égte ontmoeting waar die Here dit vir hom gesê het.

P10: LR_10.docx - 10:17 [En die derde ding, uh, wat jy ..] (135:139) (Super)
Codes: [8 Ontdekking dat lidmate verander skep nuwe entoesiasme - Family: Leraar Transformasie]
No memos

En die derde ding, uh, wat jy ervaar is, daar's..., dis asof daar 'n.... "*Okay*, ek vers..., sien dit nou..." houding by die dominee ontstaan as hy sien hoe die ander mense verander as gevolg van sy verandering. Met ander woorde, hy kry meer vennote in die skuif van die gemeente. Dis wat ek sien by predikante wat op hierdie reis gaan. (34:01)
Die ou wat sê "*Okay*, ek sien dit nou!", verwys jy na lidmate?
Ek verwys na 'n dominee wat, wat, uh, ... Sê nou maar jý is nou die predikant. En jy modelleer nou die nuwe gedrag. En hier na 'n maand kom ek by jou, en ek sê vir jou: dominee, wie jy, dáái ding wat jy my nou die dag vertel het, wie jy, ek het dit gaan doen. En wie jy watter wonderlike ding hoor ek. Maar jy hóór by my ander taal, maar jy sien ook in my ander gedrag. Nou sit jý terug en dink: "*Wow*, dis darem *great*!
Die ding wérk! (34:31)
Die ding werk. [Gelag] Iets werk! Iets werk! Iets werk! Ek moet net hiermee aanhou. Iets werk wat my...

© University of Pretoria

P10: LR_10.docx - 10:18 [Dan die laaste ding is, predik..] (139:139) (Super)
Codes: [4 Afgee van beheer - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Dan die laaste ding is, predikante wat deur hierdie verdieping gaan, het géén probleem om beheer af te gee nie. Hulle wil nie meer die ding bestuur nie. Hulle sê: laat hier maar chaos heers, dis *fine*. Jy weet, vir baie , uh, uh, sakemanne wat op die kerkraad sit, is dít chaos, as jy dit loslaat. Maar hulle't géén behoefte..., hulle sukkel nie om beheer af te gee nie.

P10: LR_10.docx - 10:19 [Omdat, omdat, ómdat al die jar..] (141:141) (Super)
Codes: [41 Tradisionele rolverwagting - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Omdat, omdat, ómdat al die jare die kerkorde die kultuur geskep het dat jy's verantwoordelik vir alles, dan... Ek dink drie kerkordes terug het nog gestaan jy's ook verantwoordelik vir die finansiële inkomste van die gemeente, en die kerkrade hou jou verantwoordelik daarvoor. Wat uh, dis mos onbybels en onbillik. So, nou draai..., omdat hulle nie verstaan hulle is almal medeskeppers saam met God nie, kyk hulle na die één ou wat die geleerdheid het en sê: maar jý word betaal, dis jóú jop om te sorg dat dit regkom. Nóú ver..., word die rol verplaas..., is kerkrade en gelowiges sáám verantwoordelik vir die beweging van die Gees..., in..., aansluit by die beweging van die Gees en om lidmate te help skuiwe. So hulle haal druk van die dominee af. So, in die verlede was die onbillike vereiste wat die *system* op die dominee gesit het: jý's die verantwoordelikste een vir alles. Ek meen, dis 'n ondraaglike flippen ... Ekskuus, ek mompel nou. [Gelag]

P10: LR_10.docx - 10:20 [So, van 'n láng vooruit plan n..] (143:143) (Super)
Codes: [Aanleer: Vaardighede om geloofsonderskeidend te kan lewe - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

So, van 'n láng vooruit plan na kom ons hoor elke dag vars wat die Here..., wat is dit wat ons moet doen. Wat, watter vaardighede vra dit? Dit vra vaardighede om geloofsonderskeidend te kan lewe. So, die kennis, vaardighede, houdinge en gewoontes... Wat moet ék doen as predikant om geloofsonderskeidend te kan lewe?

P10: LR_10.docx - 10:21 [Tweede ene is, watter kennis, ..] (143:143) (Super)
Codes: [Aanleer: Intensionele toerustig met die oog op dissipelmaking - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Tweede ene is, watter kennis, vaardighede, houdinge moet hy hê? Om dit te kan óórdra. Nou dán moet 'n mens nou terugstaan en sê: die, die, die twéédе vaardighede, as jy dít weet, is om te kan sê: hóé integreer ek dit in die lewe van die gemeente wat, wat..., sodat dit deel vorm van my eredienste, my kleingroeptoerusting, my wyktoerusting, en my pastorale versorging. As 'n voorbeeld. Ek is nie heeltemal seker, as jy vir 'n lidmaat vra, luister, uh, hoe..., op grond waarvan gaan jy hemel toe, dat hulle die mooi gereformeerde verstaan sê: dis genade van die Here!. Dis ál wat dit is. Báie sal sê, inteendeel, die slég ding is, en dis rêrig sleg,... Hulle't twee jaar terug 'n opname in die VSA gemaak, toe't hu... ongelukkig méér as vyftig persent sê: maar my

© University of Pretoria

wérke. Wat eintlik bítterlik sleg is. Of dis die een ding. So, die kénnis wat lidmate het, en hulle verstáán van Wie God is, wat God doen, wie ék is en wat ék moet doen, ek dink is in 'n sekere sin gebrekkig. En een van die sterkste hulpmiddels wat hulle het, is intensionele toerusting. Nou, uh, in die, in die... Eén ding wat mense sê, is jou moenie aanmekaar *download* om mense nie. Dis waar. Want as jy net aanmekaar *download* en *download* en *download* dan help dit nie. Maar jy moet die vaardigheid so ontwikkel om intensionele toerusting te kan gee sodat ek dit kan verstáán en kan integreer in my lewe. Om te kan verstaan, *hang a second*, uh, die dóél van die Christelike lewe ís 'n lewe van coram Deo. Is, tweede, onder die gesag van Jesus Christus. Maar wat beteken dit vir 'n lidmaat? Wat beteken dit as jy vir hom sê die gesag van Christus? Jy sal nou onthou, Pat Keifert het altyd beginne sê: Onthou nou, die mense verstaan die Here is in die hemel daar besig, en ons is hier op aarde aan ons lot oorgelaat. Kyk, alle skilderye en beelde is, dáár's die Here, en hiers óns nou. Nee, nee, nee. Hy's aktief hier..., aktief teenwoordig in my lewe. Maar ék moet onder sy heerskappy lewe. Wat beteken dit? Nou, dis die dóúlos! Maar dis nie die doulos wat ek onder 'n gehate mens lewe nie, dis 'n doulos wat in liefde saamstap met hierdie Meester van my. Ek dink nie lidmate verstaan dit... So, ék sou sê: 'n sterk element sou wees om dáái intensionele toerusting te gee wat jy gebruik by beide eredienste, kleingroepe en aparte intensionele sessies. Willow Creek het dit nou wéér bewys. As jy hulle boek *Move* lees, sê hulle vir jou, jy móét lidmate terugvat Bybel toe. En dan nie die Bybel lees sodat hulle kan sê daar's ses en sestig boeke nie, óf die langste Psalm is Ps 118 of 119, wat die nommer ook al is nie, dis nie... *By the way*, die middelste vers in die Bybel is vers nege-en-negentig van Psalm honderd... Dis, dit is nie die kennis wat transformeer nie. Maar die kennis dat ek is die doulos, van 'n liefdevolle Meester, wat tree vir tree voor my stap. Twee, wat my vrymaak, wat beteken daai vryheid? Vaderland, ons het 'n wanbegrip van wat daai vryheid beteken. Daai vryheid is om jou emosioneel gesond te maak. Dis om al hierdie flippen bagasie van jou verlede, jou te van genées. Dat jy nie onder hierdie ding stap van ek is useless, en... Kyk, mý geslag het mos groot geword: kinders word gesien en nie gehoor nie, bly stil! Verstaan? So die gevolg is, my ouderdomsgeslag het bietjie meer aggressief en passiewe aggressie in hulle. En ons maak ons kinders op 'n manier groot wat nie gesond is nie. Maar daai Christus het my kom vrymaak, is Hy maak... Hy genees my van hierdie goeters. En my afhanklikheid van, konstante afhanklikheid van om te hê en te besit en te kompeteer. Ons, ek dink nie lidmate verstaan daai Christelike lewe so nie. So, ek sou sê, daai intensionele toerusting... Maak 'n dissipel van hom. So, met ander woorde, dissipelmaking.

P10: LR_10.docx - 10:22 [Ek dink die eerste ding wat hu..] (145:145) (Super)
Codes: [Afleer: Te vol programme - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Ek dink die eerste ding wat hulle moet afleer is, hulle het 'n te vol programme. Hulle programme is hopeloos te vol.

P10: LR_10.docx - 10:23 [Ten tweede moet hulle afleer d..] (145:145) (Super)
Codes: [Afleer: Ekspert te wees met al die antwoorde - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Ten tweede moet hulle afleer dat hulle is nie veronderstel om die antwoord en die ekspert van alles te wees nie. [Stilte] As hy daai twee goed afleer, het hy 'n hélse ent

© University of Pretoria

gevorder. Dis ‘n gewéldige ent om te vorder.

P10: LR_10.docx - 10:24 [Begin by sy verdiepende verhou..] (147:147) (Super)
Codes: [14 Sy eie verdiepende verhouding met die Here - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Begin by sy verdiepende verhouding met die Here. Hy moet moeite daarmee maak.

P10: LR_10.docx - 10:25 [Ten tweede [stilte] moet hy di..] (147:147) (Super)
Codes: [42 Geloofsvorming van lidmate en leiers - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ten tweede [stilte] moet hy dit modelleer en ander begelei daarin. [stilte] En ten derde moet hy hulle bemagtig dat hulle lidmate kan begelei daarin.

P10: LR_10.docx - 10:26 [En ten vierde moet hy beskikba..] (147:147) (Super)
Codes: [32 Afrig, mentor, bemoedig - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En ten vierde moet hy beskikbaar wees. [stilte] Hy skuiwe weg van ‘n ekspert na ‘n mentor of ‘n afrigter of ‘n bemoediger, een van daai rolle, soos wat die behoefte... Sommige, sommige ouderlinge sal hy so nou en dan moet ‘n bietjie mentor en sê: jy gaan ‘n bietjie te vinnig, maar... Die ander sal hy weer moet bemoedig en sê: moenie sleg voel dat dit..., jy weet... Die ander sal hy moet afrig en sê: wie jy, as jy hierdie, uh, klem ‘n bietjie..., híér ‘n bietjie laat val en so aan... Die Barnabas, die Barnabas, uh, metodiek... Paulus en Barnabas. Vriend, mentor, afrigter, bemoediger. As die dominee daai vier goed kan doen, dink ék gaan die radikale veranderinge kom.

P10: LR_10.docx - 10:27 [Ja. Okay, ek sal, ek sal oor d..] (153:154) (Super)
Codes: [Die rol van die kerkverband in die bevordering van missionale leiers en gemeentes - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Ja. *Okay*, ek sal, ek sal oor die kerk só antwoord, en nou praat ek oor die [KERKVERBAND], sal ek sê: sinodes, gaan herbesin oor waarvoor bestaan julle? Ek dink julle het die kat aan die verkeerde kant beet... As julle oor..., as ek kyk na wat moet gebeur. Wat julle doen en wat móét gebeur. En ek ken nie alle sinodes nie. Laat ek dit sê. Ek, daar’s ‘n paar sinodes... Ek weet byvoorbeeld [SINODE], ek praat onder korreksie, ek dink [SINODE] gaan al hulle predikante nou deur die emosionele of deur ‘n geestelike volwassenheidsreis neem. Wat stap nommer een is. Nê, dis die blokkasie. Die blokkasie na om te groei in Christus, is my eie emosionele onvolwassenheid. Dit blokkeer... Jy kan maak wat jy wil. As ek hierdie diep flippen minderwaardigheid, en ek is afhanklik, is... En almal van ons het mos ‘n gesig wat ons voorhou wat nie die waarheid is nie, kan ek hoe hard probeer, my verhouding met die Here gaan nie die... Voor ek nie verstaan, as die Here sê Hy maak my vry, wat dit beteken nie. Maar om te kan vry kom, moet ek myself ontdek. Ek moet hierdie valse self wat ek is en wat ek voorhou ontdek sodat ek kan groei in my verhouding met die Here en my identiteit in Christus. Sal ek sê: herbesin oor julle bestaan. Sodat, as ons nou... Sê nou maar op ‘n manier één van die sinne in ‘n sinode sê: ons waarde-aanbieding as ‘n sinode is, byvoorbeeld, ons skep die ruimte dat predikante hulle beroep, hulle roeping as ‘n geestelike leier ten volle kan uitlewe, met watter

© University of Pretoria

konsekwensies daar ook sou kom, as dít een van die sinne gaan wees, dan gaan hulle baie goed ondertoe wat hulle vandag doen, wat bitterlik baie energie en geld vat, los en geld dáárin sit, en energie dáárin sit sodat gemeentes kan transformeer. (47:34) So, nou, ek ... dis nou met ander woorde van die algemene..., ek praat nou van die kerk oor die algemeen. (47:40]
Die tweede een is, ek dink ons moet die rol – ek is nog by die kerk – die rol van ringe moet skuiwe, radikaal skuiwe na: ons is medevennote sáám op reis met God in die diens van die koninkryk. So ons moet..., sodat hierdie onderlinge ongeskrewe en onsbesproke kompetisie tussen gemeentes kan beëindig. Dat ons as vennóte... [WOONBUURT] se [GEMEENTES VAN KERKVERBAND] moet éérs leer om saam te werk vir [WOONBUURT]. Dan moet hulle sê, maar kom ons gaan nou as, op ons knieë na ander Christelike gemeentes toe sodat ons saam kan werk vir die koninkryk in [WOONBUURT]. Dís waarvoor die Here verskillende kerke hier het. Want een man praat Engels, die ander praat Afrikaans, die ander praat Xhosa. Ons is almal saam in diens van Christus. Maar as ons kan wil 'n slag sáámwerk, dan gaan ons die wêreld radikaal verander. Waar begin dit? Dit begin by eie ontdekking, eie ondersoek. So, sinode moet herondersoek. As hulle dit doen, sê hulle: hoe moet ons hierdie een sing? Watter effek het dit? Kom ons herskrywe die rol van struktuur. Kom ons help ringe anders..., sodat ringe nie meer die *system* is wat sê, Gert, uh, ons hoor jy't nou dit en dit gedoen, dis nou..., jy weet, ek's nou jammer om te sê, maar daar kom nou regsondersoek. My liewe vader, man, dit lyk of ons dit..., die indruk is ringe is flippen poliesmanne wat net moet kyk – in stede van ondersteunende, bemoedigende, medereisigers op ons reis. Ons is almal feilbaar en vol sonde en ek verstaan dat ons kan nie 'n mens daar hê wat 'n lewe lei wat kontradik..., dit verstaan ek heeltemal. Maar ek dink nie, ek dink ringe kan radikaal anders funksioneer en predikante honderd maal beter ondersteun as ons daai rol kan verskuiwe. Predikante – dit het navorsing oor en oor bewys – predikante presteer beter as predikante as hulle baie meer tyd saam met ander predikante spandeer. Maar dán gaan dit nie om bollie te praat of om tee te drink nie, dan gaan dit, dis hoe help ons mekáár in ons verhouding as geestelike leiers in die uitlewing van ons roeping? Want ons is almal..., predikante is geroep as geestelike leiers. *Okay*, dís wat die kerk aanbetref. As die kerk daai, daai.., regtigwaar hulle gaan sit en herbesinning doen oor die bestaansdoel en die waarde-aanbieding van 'n sinode. Ek is nou..., waaroor...?

P10: LR_10.docx - 10:28 [Nee, ek dink ons moet net as o..] (160:160) (Super)
Codes: [Christus hou sy kerk in stand - Family: Laaste opmerkinge]
No memos

Nee, ek dink ons moet net as ons klaar is bely dat die kerk behoort aan die Here en Hy hou sy kerk in stand. [stilte]. Ons kan sy werk blokkeer, maar as ons wil deelneem, dan sal ons die vreugde ervaar van wat dit is om deur die Gees begelei te word. So, ek is nie negatief nie, laat ek sê, ek is nie... Die NG Kerk raak armer, minder, kleiner, so sê die sosioloë. Wat nie 'n sleg ding is nie, want ons herontdek weer 'n klomp goed nou. Dis wonderlik.

© University of Pretoria

Aanhalings PR_11.

All current quotations (37). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:43:54

P11: PR_11.docx - 11:1 [Ja. Um, kyk, ek sal daai vraag..] (11:11) (Super)
Codes: [Fokus: Duidelike visie onderskei en beliggaam - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ja. Um, kyk, ek sal daai vraag só beantwoord, um, deur, uh, te kyk na die antwoord wat ons op die vraag gegee het, na wie toe stuur die Here ons? Um, en die antwoord op daai vraag was, um, die Here stuur ons in die éérste instansie na ons eie gemeente toe. Um, om vredemakers te wees. Um, maar ons het die, die, die visie, um, om vredemakers te wees het ons, um, tot op hede, um, ten minste op drie maniere beliggaam. Ons is besig om dit nou ook, uh, soort van ‘n vierde been toe te voeg...

P11: PR_11.docx - 11:2 [En dan, uh, die vierde been is..] (15:15) (Super)
Codes: [Konteks: Vermoë om met konteks te konnekteer verbeter - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En dan, uh, die vierde been is nou – sedert die einde van verlede jaar het ons al hoe meer, um, bewus geraak van die behoefte, uh, van kinders in die gemeenskap. Um, want ons het, uh, allerlei navorsingsverslae gehoor en gelees oor die swak gehalte van die onderwys. Um, en een van die ondersoeke wat ons gelees het as taakspan was van die Universiteit van Stellenbosch, uh, hulle, een of ander navorsingsinstituut. En wat ons getref het, was, uh, ‘n opmerking in die verslag wat sê, um, dat dieselfde gemeenskappe, um, wat in apartheid benadeel was, word nog stééds benadeel. Um, en ons het net vir onsself gesê, uh, ook wanneer ons die resultate van hierdie, sê nou maar die evaluering uh, van die onderwys lees, Suid-Afrika is altyd laaste of naby laaste, um, selfs in vergelyking met die res van Afrika. Um, en toe’t ons gesê, nou maar goed, hoe, wat kan óns doen? Hoe kan ons dááraan ‘n verskil maak? Hoe kan ons dáár ‘n bydra lewer? Um, en toe het ons besluit om met ‘n leesprojek te begin.

P11: PR_11.docx - 11:3 [sedert die einde van verlede j..] (15:15) (Super)
Codes: [Storie: Leesprojeke vir kinders in die gemeenskap - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

...[S]edert die einde van verlede jaar het ons al hoe meer, um, bewus geraak van die behoefte, uh, van kinders in die gemeenskap. Um, want ons het, uh, allerlei navorsingsverslae gehoor en gelees oor die swak gehalte van die onderwys. Um, en een van die ondersoeke wat ons gelees het as taakspan was van die Universiteit van Stellenbosch, uh, hulle, een of ander navorsingsinstituut. En wat ons getref het, was, uh, ‘n opmerking in die verslag wat sê, um, dat dieselfde gemeenskappe, um, wat in apartheid benadeel was, word nog stééds benadeel. Um, en ons het net vir onsself gesê, uh, ook wanneer ons die resultate van hierdie, sê nou maar die evaluering uh, van die onderwys lees, Suid-Afrika is altyd laaste of naby laaste, um, selfs in

© University of Pretoria

vergelyking met die res van Afrika. Um, en toe't ons gesê, nou maar goed, hoe, wat kan óns doen? Hoe kan ons dááraan 'n verskil maak? Hoe kan ons dáár 'n bydra lewer? Um, en toe het ons besluit om met 'n leesprojek te begin. En dit het ons nou hierdie jaar geloods, um, vir kinders van graad, uh, een tot by graad vyf, dink ek. Ja. Um, het ons mee begin om, um, een keer 'n week, so vir 'n uur lank, het ons, uh, 'n afgetrede onderwyseres, uh, en 'n leesmoeder en 'n leesbuddy wat die kinders dan nou help, uh, met leeswerk. Ons het boeke gekry by 'n organisasie, uh, uh, Bybelverhale én ander verhale, tipiese Afrika-verhale, um, in Engels en in Afrikaans, en ons het nou daarmee begin. En dit is ook vir die, vir die kinders van die gemeenskap. Um, en, uh, ons het nou, um, twintig kinders wat dit elke week, uh, elke week bywoon. En ons hoop om dit nou uit te brei volgende jaar, meer mense by te kry. So, um, ons begín dus, uh, ook in die onmiddellike omgewing, uh, al hoe meer te ontdek waarheen die Here ons stuur...

P11: PR_11.docx - 11:4 [So, um, ons begín dus, uh, ook..] (15:17) (Super)
Codes: [Konteks: Vermoë om met konteks te konnekteer verbeter - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

So, um, ons begín dus, uh, ook in die onmiddellike omgewing, uh, al hoe meer te ontdek waarheen die Here ons stuur. Ons taakspan gaan nou by sy volgende vergadering, gaan ons kyk, um, na aanleiding van 'n besoek van biskop Cray van Fresh Expressions in Engeland, um, hy't die, hy't een oggend hier by ons gepreek in die kerk en ons, uh, het die, van ons het die kursus, of die, ja, sê maar die bekendstellingsbyeenkoms bygewoon van Fresh Expressions, en ons gaan nou kyk... Die vraag wat by ons opgekom het, um, na aanleiding van sý besoek is, um, wie is die groepe van mense wat nie deur ons bediening bereik word nie? Uh, is daar duidelik identifiseerbare groepe van mense in die, in die gemeenskap wat nie deur ons of deur die meeste ander kerke bereik word nie. En, uh, het ons ook 'n roeping ten opsigte van húlle? So, dít is waarmee, uh, ons gaan besig wees. Um, en, uh, ons dink voorlopig aan, um, veral die uitdaging van TIK, en dan, um, uh, bende, bendevorming ook in ons omgewing. Uh, ons het omtrent, uh, ja, elke maand sterf hier 'n jongman... **Sjoe.**
...[U]h, in die gemeenskap. En in ons eie gemeente het ons ten minste so twee begrafnisse elke jaar van jong mense, sê maar tussen die ouderdom van agttien en dertig, um, as gevolg van bendeverwante, uh, bedrywighede. Um, so die, die, die, uh, Fresh Expressions, uh, het ons nou weer as't ware 'n bietjie uitgedaag om, um, te kyk: is daar nie ander maniere waarop ons ook genesing, uh, heling vir die gemeenskap kan bring, en, en die visie wat ons het om vredemakers te wees, um, uh, om dit 'n bietjie uit te brei, uh, in 'n ekstra been of wat ook al by te sit nie. Maar dit is min of meer, uh, uh, um, waar ons nou is.

P11: PR_11.docx - 11:5 [As jy my dus vra: wat het gesk..] (17:17) (Super)
Codes: [GestuurdePraktyke: Kultuur van konflik skuif na kultuur van vrede - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

As jy my dus vra: wat het geskuif, wat het verander? (13:31) Um, dan sal ek nou op elkeen van dié terreine iets kan sê, um, maar dit hang nou af hoeveel tyd jy het. Maar die belángrikste is die visie om vredemakers te wees. Um, ons gemeente het 'n kultuur van konflik. En toe ons by die vennootskap aangesluit het, was daar juis 'n langlopende, uh, onverkwiklike stryd in die gemeente aan die gang tussen een wyk,

© University of Pretoria

een bepaalde wyk, en, en die kerkraad. Um, maar die konflikte kom van die begin van die, van die gemeente af aan. En, um, ons het vir mekaar gesê binne die vennootskap, binne die taakspan gevra, um, na wie toe stuur die Here ons? En, um, wat is die uitstaande behoefte, um, waaraan ons die grootste verskil kan maak, uh, in die kultuur van die gemeente? En, um, ons het deur die normale prosesse gegaan, Bybelstudie gedoen in, in, in die taakspan en in wyke. Vraelyste uitgestuur, um, aan die hand, uh, van die, uh, proses van die, van die vennootskap. Um, en toe het die oorweldigende meerderheid van die vraelyste vir ons uitgewys, um, dat daar 'n behoefte is om iets van die hart van God te laat sien in die gemeente. Um, en, um, ons het dit verwoord in om vredemakers te wees. Om dié kultuur van konflik, uh, te verander in 'n kultuur van vrede.

P11: PR_11.docx - 11:6 [En toe't ons vir mekaar ook ge..] (17:17) (Super)
Codes: [Gebedskultuur: Gebedskultuur en gees van afhanklikheid in die gemeente teenwoordig - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En toe't ons vir mekaar ook gevra, nou maar, hóé ís ons gemeente dat ons vir mekaar bang is? Watter soort gemeente is ons? En, um, dáaruit het ons, um, gesê, nou maar goed, uh, miskien is ons op die regte pad as ons nie met selfvertroue, um, en, en, en, um, met uh, braváde, uh, uhhh, sommer in 'n ding ingaan en, en dink ons kan dit doen nie. Uh, as ons bang is, uh, as ons onseker is, dan hét ons die Here nodig. Dan is ons afhanklik van die Here. Um en dit is die tweede, uh, van die, uh, agt dink ek, uh, terreine wat, wat ook uitgestaan het, is, uh, die behoefte aan gebed. Voorbidding. Uh, afhanklikheid van die leiding van die Gees...

P11: PR_11.docx - 11:7 [En op 'n, op 'n dieper vlak he..] (19:19) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Lidmate word bemagtig om vredemakers te word - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En op 'n, op 'n dieper vlak het ons net al hoe meer agtergekom: daar het tóg skuiwe gekom. Um, in die verlede as daar konflik was, um, dan sou mense rondom die konflikterende partye gaan stelling inneem het, um, en die konflik aangeblaas het, um, maar wat ons al hoe meer opgemerk het, is dat mense wat by konflikte betrokke raak, uh, voel sélf onder druk om daai konflik op te los. Um, en 'n tweede ding is dat, um, mense wat vroeër soort van die sa-sa makers gewees het, die konflik aangeblaas het, um, al hoe meer mense het nou waar daar, uh, 'n bewussyn van 'n konflik was, um, sou lidmate met daai partye gaan praat het en vir die mense gesê het: julle moet vrede maak. En hulle sal sommer gesê het, uh, vir die een of vir albei: jy's verkeerd. Waar hulle dit vroeër nié gedoen het nie. So, um, iewers het daar 'n stuk bemagtiging gekom, uh, vir die gewóne lidmate om vir mense wat by konflik raak, pastoraal met hulle te praat en te sê: uh, broer, suster, dit is nie die manier nie. Gaan maak vrede.

P11: PR_11.docx - 11:8 [En ons het toe begin om gespre..] (17:19) (Super)
Codes: [Storie: Lanklopende konflik eindig in versoening en vrede - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En ons het toe begin om gesprekke met die mense, die partye te voer.
Ja.
Um, en, maar voordat ons nog kon begin, het die kerkraad 'n brief gekry van die

© University of Pretoria

betrokke wyk waarin hulle sê, en dit was toe nou na vyf jaar of so van konflik, dat hulle het besluit om die strydbyle te begrawe. Toe wéét hulle nog nie eers ons het al klaar besluit om vredemakers te wees nie. Het hulle besluit om die vrede, die strydbyle te begrawe. En dit was vir ons half 'n bevestiging, maar ons is op koers. Dit is die pad wat die Here wil hê ons moet loop, en, uh, so ons kon toe, toe ons nou begin praat het met die mense, uh, toe't ons gevind maar, uh, daar is 'n, uh, 'n gewilligheid om vrede te maak. Maar hierdie ding het eintlik, um, 'n wonderlike loop gehad in die gemeente. Uh, van die leiers van die konflikgroep, hulle het sélf, uh, sal ek nou maar sê die, die, die vrou van die man wat nou die leier was van die groep, sý het aan die begin van 2009 bel sy vir my, en, um, toe sy 'n láng telefoongesprek met my waarin sy nie baklei nie of so, sy begin net oor haarself te praat en oor haar familie te praat en deel met my baie persoonlike, baie intieme inligting, uh, van haarself en die familie. Um en ek besef net, híér is iets anders. Uh, en ek het studieverlof gehad in 2008, dat ek nou uit die gemeente uit was. Nie studieverlof nie, opgehoopte verlof wat ek geneem het, en ek het nou wel gestudeer daai jaar ook, um, ek, uh, het op daai stadium vir vyftig persent in die gemeente gewerk, en, uh, opgehoopte verlof was genoeg om vir die, sê maar vir 'n halwe jaar, vir ses maande uit die gemeente uit te wees, uh, en ek het dus nou die hele jaar – omdat ek net in 'n halwe pos, uh, in die gemeente gewees het, kon ek die hele jaar, uh, uit die gemeente uit wees. So ek het niks kontak met die mense gehad nie. Ek het nie met hulle gepraat nie. Ek vra vir my kollega, jong wat het jy gedoen dat die mense, uh, dat ek iets merk van 'n verandering? Uh, sê hy ook, nee, maar hy't níks gedoen nie. Um, behalwe waar hy met hulle kontak gehad het, met die mense, het hy maar met hulle gepraat. Maar niks besonders nie. En, um, toe't ons besef, maar sonder dat ons sélf iets gedoen het, ons het maar net gepreek oor vrede en vergifnis en versoening en eenheid, ook die, um, uh, die, die temas van die belydenis van Belhar, uh, um, het die Here deur sy Gees self hier iets verander, uh, by een van die belangrike leiers van hiedie groep. En ek het dit opgevolg met 'n besoek, en gevind maar die Here het dié mense werklik kom verander. En die gevolg was dat ons uiteindelik 'n diens gehou het. By 'n Nagmaalsdiens, um, het ons die, die man en sy vrou wat die leiers van die groep was, genooi om by dit tafel aan te sit, uh, as 'n simbool van die versoening en die vrede wat gekom het. En dit was aangrypend gewees. Vir die gemeente ook baie beteken. Um, en... So ons het dus gesien hoedat 'n langlopende konflik dus eintlik, wil ek byna sê, sonder ons toedoen, um... Al wat ons gedoen het, was om te preek hieroor, om die saad te saai, uh, om die visie te deel met mense, um, en, uh, die Here het die verandering gebring.

P11: PR_11.docx - 11:9 [Wat ons ook ervaar het, is dat..] (19:19) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate bemagtig om konflik te hanteer en op te los - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Wat ons ook ervaar het, is dat, die feit dat ons visie vredemakers is, het nie beteken dat daar vrede was in die gemeente nie. Um, en dat daar 'n einde aan die konflik was nie. Inteendeel, ons het half érger konflik gekry, um, een geval is van 'n lidmaat met 'n paar mense rondom hom wat die kerkraad by die hooggeregshof gaan aankla het oor 'n besluit wat die kerkraad geneem het waarmee hulle nie tevrede was nie. En hulle het 'n ultimatum aan die kerkraad gerig om dit, die besluit te verander, anderster gaan hulle ons hof toe neem. En die kerkraad het, uh, vir hulle laat weet, hoor hier, ons, uh, is oortuig dis die regte ding wat ons gedoen het. Um, en vir hulle uitgenooi vir 'n gesprek. Um, en die, die leier van die groep, is eintlik die man wat die ding gedryf het, uh, die dagbestuur het 'n paar gesprekke met hom gehad, maar hy was

© University of Pretoria

onoortuigbaar. En uiteindelik hét hy die kerkraad toe hooggeregshof toe geneem. Um, en die posisie van die kerkraad was gewoon, wel, ons móét onsself verdedig. Um, maar ons gaan dus hof toe nie omdat ons daar wil wees nie, um, um, maar omdat ons nie kan toelaat dat die kerkraad gelei word deur mense, um, wat nog op die oorlogspad is nie. Ons boodskap is vrede, ons wil vrede maak. Maar dit beteken ook nou nie ons moet gaan platlê dat mense oor ons kan loop nie. Um, en ons het in 'n gees van versoening, uh, steeds 'n hand uitgereik. Um, en die interessante ding was dat die regter wat die saak moes aanhoor, um, vir die lidmaat teruggestuur het na die gemeente toe en gesê: gaan práát met die gemeente en kyk of julle nie 'n skikking kan kry buite die hof nie. Um, en ons, die dagbe..., ja eintlik die twee predikante, en, uh, die prokureur van die gemeente saam met die lidmaat se prokureur en sy advokaat en, um, twee of drie van die lidmate wat hom nou gesteun het, um, het vir so 'n gesprek bymekaar gekom. En ín die gesprek het ons nou die saak waaroor dit gaan, waaroor ons hof toe gesleep is, uh, het ons aan die, uh, prokureur en die advokaat verduidelik. En toe het die advokaat ín die gesprek vir die lidmaat wat ons aangekla het, gesê hy het geen saak nie. Um, en hy moet skik. En uiteindelik was hy nou half geforseer om te skik met ons, uh, maar hulle moes toe nou ons koste, hy moes ons koste uitbetaal. En, um, toe dít nou alles afgehandel is, het die kerkraad nog voortgegaan om vir hom uit te nooi vir gesprekke wat ons met hom gehad het as dagbestuur. En, um, dus vir hom die hand van vrede uitgereik en, uh, vir hom gesê ons wil hom nie wegjaag uit die gemeente uit nie, hy's steeds welkom, um, maar ons wil graag hê daar moet, uh, nie 'n wenner en 'n verloorder wees nie, dat ons, uh, saam die pad vorentoe kan loop. En daai proses is nou nog steeds aan die gang. Uh, dat ons met hom in gesprek is. Um, dus, wat ons dus gesien gebeur het, is dat, uh, die konflikte het nie opgehou nie, maar hóé die konflikte bestuur word, dit het verander. Nie net van die kant van die kerkraad nie, maar ook van die kant van gewone lidmate. En mense sélf wat by konflikte betrokke is, uh, is geneig om vroeër te soek na 'n oplossing, eerder as om langer vir mekaar kwaad te wees en die konflik uit te rek. So, in dié opsig het ons dus duidelik kon waarneem, en dit is nie nét ek nie, maar die taakspan, die kerkraad, um, soos ek sê gewone lidmate wat dit, wat dit sien. (27:29) Um, byvoorbeeld in die geval van die mense wat ons hooggeregshof toe geneem het, die skoonpa van hierdie lidmaat, um, het 'n afspraak met my gemaak. Hy was ook aan die kant van, van, van sy skoonseun. Um, 'n afspraak met my gemaak en kom gesels in, uh, vir my kom sê hy's eintlik jammer want hy besef hulle was verkeerd. Um, en toe vertel hy nou hoekom het hy gekom. Hy sê wel, um, die Sondag toe hy in die kerk gewees het, die Sondag voor hy nou na my toe gekom het, en ek dink dit was die Maandag gewees dat hy die afspraak gemaak het, uh, het my kollega gepreek en dit, hy sê, hy weet nou die kollega het nou nie spesifiek op hom gemik nie, maar dit was asof die Here reguit met hom gepraat het. Hy sê, hy kom uit die kerk uit, um, en 'n familielid páát met hom en sê vir hom: man, jy moet gaan regmaak. Um, en ánder mense het dit ook vir hom gesê. Um, en, en dit was nou net vir my 'n bewys, in die verlede sou mense óf geswyg het as hulle gedink het hierdie man is verkeerd sou hulle hom nie aangespreek het nie, um, um, óf hulle sal op die wa saam met hom geklim het en saam met hom gepraat het, uh, en vir hom ondersteun het: ja nee, jy's reg, en sulke soort van dinge, gaan aan. Um, maar wat déésdae gebeur, is dat mense spreek mekaar aan. En, uh, uh, moedig mekaar eintlik aan om vrede te maak. Ek meen, ons sien dit al hoe meer, uh, in die gemeente gebeur.

© University of Pretoria

P11: PR_11.docx - 11:10 [Um, dus, wat ons dus gesien ge..] (19:19) (Super)
Codes: [HanteringVerandering: Kerkraad en lidmate se vermoë om konflik te hanteer verbeter - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Um, dus, wat ons dus gesien gebeur het, is dat, uh, die konflikte het nie opgehou nie, maar hóé die konflikte bestuur word, dit het verander. Nie net van die kant van die kerkraad nie, maar ook van die kant van gewone lidmate. En mense sélf wat by konflikte betrokke is, uh, is geneig om vroeër te soek na ‘n oplossing, eerder as om langer vir mekaar kwaad te wees en die konflik uit te rek. So, in dié opsig het ons dus duidelik kon waarneem, en dit is nie nét ek nie, maar die taakspan, die kerkraad, um, soos ek sê gewone lidmate wat dit, wat dit sien.

P11: PR_11.docx - 11:11 [Um, en, en dit was nou net vir..] (19:19) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Lidmate word bemagtig om vredemakers te word - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Um, en, en dit was nou net vir my ‘n bewys, in die verlede sou mense óf geswyg het as hulle gedink het hierdie man is verkeerd sou hulle hom nie aangespreek het nie, um, um, óf hulle sal op die wa saam met hom geklim het en saam met hom gepraat het, uh, en vir hom ondersteun het: ja nee, jy’s reg, en sulke soort van dinge, gaan aan. Um, maar wat déésdae gebeur, is dat mense spreek mekaar aan. En, uh, uh, moedig mekaar eintlik aan om vrede te maak. Ek meen, ons sien dit al hoe meer, uh, in die gemeente gebeur.

P11: PR_11.docx - 11:12 [Ek dink, héél aan die begin, u..] (21:21) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: Onderskeiding van die visie deur die dissiplines van luister en gesprek - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek dink, héél aan die begin, um, is daar goed geluister, uh, na wie toe stuur die Here ons. Um, ek dink daar was ‘n, ‘n duidelike behoefte wat almal probeer wegskram het van, ‘n duidelike nood, ‘n duidelike uitdaging – die, die kultuur van konflik. Nou, weereens, in terme van die, uh, gestuurde proses het ons aanvanklik gedink aan mense buite die gemeente. So dit was vir ons, um, um, nie so eenvoudig om dit ráák te sien: die Here stuur ons na ons eie gemeente toe in eerste instansie nie. Um, en om, dit ook te omhels. Dit te aanvaar. Um, daar was allerlei vrese. Soos ek aan die begin ook genoem het daar rondom. Maar dis daai rég luister en gehoorsaam te wees, um, om, om dít te doen en, en die proses het ons eintlik daarmee gehelp. Ek meen, die, die lees van die Bybeltekste. Ons het op daai stadium, um, basies maar die Lukas-teks, uh, oor die, uh, dissipels wat uitgestuur word, uh, gelees. En, um, (30:58) die vraelyste, ons het die proses gevolg, deur die mense in die binnekring, mense aan die rand, mense, uh, wat heeltemal buitestaan, uh, al daai kategorieë van mense te ondervra. Gesprekke met hulle te voer, terugvoer te kry. So ons het dus eintlik maar net volgens die boek gewerk. Um, en omdat ons dit so goed as moontlik probeer doen het, en, uh, die proses half vertrou het om vir ons, uh, antwoorde te gee, um, en uiteindelik bereid was om risiko’s te neem, om, om, uh, daardie, uh, uhhh, antwoorde gestalte te gee, uh, die visie wat ons gehad het en wat ons, wat algaande geformuleer is en duidelik na vore gekom het en uitgekristaliseer het, uh, ek dink dit het vir ons, was die belangrike ding. Dat ons geduldig was, goed geluister het, um, met ons tweelinggemeente gepraat het, um, en húlle het eintlik vir ons gehelp toe ons vir hulle

© University of Pretoria

vertel, um, um, wat ons dink besig is om te gebeur. Um, ons het vir hulle gesê, hoor hier, um, een Saterdagoggend was ons bymekaar by een van die, um, byeenkomste wat, toerustingsbyeenkomste wat deur die, uh, vennootskap gereël was. Het ons vir hulle vertel, um, hier is hierdie geweldige kultuur van konflik, um, en die geskiedenis van konflik en, um, ons voel al hoe meer oortuig dat ons hierdie kultuur moet verander. En toe het hulle die formulering, het een van ons tweelinggemeentes se lidmate, uh, dis 'n predikant van die, van die tweelinggemeente, hý't vir ons gesê, maar dan is julle mos vredemakers. En dít het ons visie geword, uh, om vredemakers te wees. Maar dis, ons het daai proses het ons gewoon deurloop...

P11: PR_11.docx - 11:13 [toe het ons, um, binne die taa..] (21:21) (Super)
Codes: [03 Fokus/Visie: Prediking gefokus op die beliggaming van die visie - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

...[T]oe het ons, um, binne die taakspan, um, vir mekaar gevra, uh, hoe gaan ons dit nou beliggaam? Wat gaan ons alles doen? Um, en ons het gesê, goed ons moet, um, dit as 'n belangrike tema maak in die prediking in die gemeente. Um, en ons het dit self, ek en my kollega het dit self nie so ervaar nie, maar die, van die mense wat bewus geword het van die verandering sou byvoorbeeld opmerkings maak: dit is vandat die dominees oor vrede begin preek het, dat hier 'n verandering gekom het. En dit het byvoorbeeld een van die kerkraadslede, uh, sou, het, het nou al by meer as een geleentheid vir ons gesê, um, die verandering wat in háár plaasgevind het, was as gevolg van die prediking. Um, die boodskap van vrede, en dít het vir haar laat besef, maar, um, sy's eintlik óók van die mense wat stry en baklei, um, en, en sý moet verander. So, uh, een van die dinge dus ek dink wat 'n rol gespeel het sonder dat ons nou, um, verwág het dit sal so 'n impak hê, um, is net dat ons gekyk het na geleenthede in tekste, en ons volg maar die leesrooster, um, het ons gekyk na geleenthede waar daar oor vrede gepraat kan word, en het ons dit maar so getrou as moontlik probeer doen. So, ek dink dit het 'n, 'n belangrike rol gespeel.

P11: PR_11.docx - 11:14 [Um, en ja, verder, um, het ons..] (21:21) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: Skep 'n kultuur van luister na mekaar en na die Woord - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Um, en ja, verder, um, het ons by, um, die kerkraadsvergaderings, uh, ten minste en by die taakspan en, en, en dit aangemoedig in die eredienste ook dat mense die kultuur van wandel in die Woord, um, ook, uh, aanleer en, en toepas. Ons sou in die eredienste, uh, ons doen dit minder deesdae, maar aan die begin het ons dit baie meer gedoen, um, dat ons, um, die gestuurde Bybelstudie as't ware as 'n inleiding gebruik, uh, tot die prediking. Mense, um, met mekaar laat praat het in die kerk, (35:46) uh, rondom die Woord en dan ook so twee, drie mense kans gegee om, um, te deel wat hulle gehoor het. En ek dink dit het ook gehelp om daai, uh, kultuur van luister na die Woord en luister na mekaar, uh, te vestig. Um, en, en, ek dink dit het, uh, op een of ander manier ook 'n bydrae gelewer dat, dat, dat daai swaai, uh...

© University of Pretoria

P11: PR_11.docx - 11:15 [Ek dink, uh, 'n mens sou dit k..] (33:33) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: Skep van 'n luisterkultuur in kerkraadsvergaderings - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek dink, uh, 'n mens sou dit kon sê. Want ons het dit, soos ek sê, in, uhhh, in ons kerkraadsvergaderings ook ingedra. Want, uh, dit was dikwels die, die, die arena van die konflik. In die kerkraadsvergaderings sou mense, uh, bepaalde opinies, uh, bepaalde sentimente wat lééf in die gemeente índra en daaroor ook met mekaar baklei. Um, maar dit het stelselmatig, uh, die, die kultuur, uh, uh, ook van die kerkraadsvergaderings, uh, verander. Ons is nog nie heeltemal daar nie. Um, want elke keer kom daar nuwe kerkraadslede by. Um, maar ons, daar is 'n gees van verdraagsaamheid, daar is 'n gees van, uh, geduld met mekaar en luister na mekaar, uh, en uh, uh, ons, ons baklei nie met mense wat noodwendig verskil nie, ons luister mekaar uit en probeer te verstaan, um, en te akkommodeer sonder om te baklei.

P11: PR_11.docx - 11:16 [Um, ja ek dink één ding wat vi..] (35:35) (Super)
Codes: [06 Visievorming: Belyning van al die bediening met die visie - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Um, ja ek dink één ding wat vir ons nog steeds 'n uitdaging is, is die, um, belyning van ál die bedieninge in die gemeente met die visie van, uh, vredemakers wees. Um, ons kerklike struktuur, en ek kom nou net gister en eergister van 'n Communitas raadsvergadering af, waar NG Kerk en VG Kerk saamgesit het, um, bedieninge wat, um, of kommissies van die verskillende kerke wat betrekking het op die gemeentewerk en die werk met predikante was in Communitas Raad bymekaar en, uh, het ons net wéér so 'n bietjie, uh, bewus geword van die verskil in strukture tussen die twee kerke. Um, maar óns het byvoorbeeld, um, nog 'n baie ou gevestigde verenigingskultuur, uh, in die kerk. So ons het 'n, dit ís besig om te skuif na bedieninge, maar, um dit is nog maar baie op die ou bane ook. Ons het 'n Vrouediens byvoorbeeld wat hulle eie agenda het en hulle eie projekte en aktiwiteite het. Ons het 'n *CYM, Christian Youth Movement*, uh, vir die jong mense, sê maar tussen sestien en vyf en dertig, in die gemeentes. En dan het ons die kerk-jeug-brigade, um, dit is 'n organisasie, uh, wat, uh, dissipline probeer, uh, aankweek en ontwikkel by, by kinders en jongmense, waar jy dus, uh, verskillende generasies bymekaar het. (39:45) Jy het, uh, kindertjies van graad een, um, tot in matriek, én dan het jy ook volwasse mense wat leiers is, offisiere is, in die brigade, in die een, uh, organisasie. Um, en dan het ons ons kerkkore, ons het gebedsgroepe in die gemeente, um, uh, ons het natuurlik ons wyke wat soort van as selgroepe ook funksioneer. En, um, um, dan die kinder en die jeugbediening, um, ons kategese, kinderbond, ensovoorts. Um, en ek dink die één uitdaging ek dink waarmee ons sukkel en waarvan ons bewus is, um, is om dié verskillende bediening te belyn met die visie, dat, um, om vredemakers te wees déél van hulle daaglikse agenda moet wees. Uh, ek dink dit is die een ding. Uh, een area waar ons, uh, nie genoeg, uhhh, aandag aan gegee het nie en wat ons nog vorentoe, uh, ek dink, uh, daar lê nog baie werk op daai terrein vir ons voor. Ek daar kan ons baie beter doen. Uh, want ek dink op die vlak van die, van die eredienste, op die vlak van die, die kerkraad se werksaamhede, uh, uh, die kerkraad se verhoudinge met mekaar, uh, en die toerusting van die kerkraad wat die boodskap wat hulle uitdra, die kultuur wat hulle uitdra na die gemeente toe, dáár het dit goed gewerk, daar funksioneer dit. Maar om binne die verskillende bedieninge, uh, ek dink daar het ons nog nie genoeg, uh, gedoen nie.

© University of Pretoria

P11: PR_11.docx - 11:17 [ek net wil terugkom op wat ein..] (35:35) (Super)
Codes: [Storie: Twee kerkraadslede maak vrede by kerkraadskamp - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

...[E]k net wil terugkom op wat eintlik ook ‘n mooi storie is, is van ‘n kerkraadslid wat met verskillende ander kerkraadslede én lidmate allerlei lopende konflikte gehad het. En ons het verlede jaar by ons kerkraadskamp - ons hou elke jaar die laaste naweek in Janewarie hou ons ‘n kerkraadskamp - en by verlede jaar se kerkraadskamp, uh, dit is nou 2011 se kerkraadskamp, um, was daar, uh, het ons by die, by die kamp het ons ook allerlei geleenthede gehad waar mense kon nadink en praat oor die visie van die gemeente om vredemakers te wees. En, uh, op die kamp het ons belewe dat twee van die kerkraadslede, dié kerkraadslid saam met ‘n ander kerkraadslid, uh, as’t ware vóór ons oë vrede gemaak het. En, en, uh, dit was eintlik dus vir ons, um, um, net weer, uh, ‘n hóógtepunt en ‘n bevéstiging van die roeping en die visie, um, en, en, en, um, vir ons net ‘n aanmoediging. Ek meen, ons is nou al só lank op hierdie reis en dit gebeur nog steeds. Um, en, en, dit het, is vir ons ‘n inspirasie. Dus, maar op die vlak dus van die kerkraad wérk hierdie storie baie goed, síén ons die resultate daarvan. Uh, en hulle drá dit uit in hulle wyke, maar, um, in die verskillende bedienings, dáár lê die uitdaging.

P11: PR_11.docx - 11:18 [toe het ons, um, binne die taa..] (21:21) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Leraars het die visie begin preek - Family: Leraar Rol]
No memos

...[T]oe het ons, um, binne die taakspan, um, vir mekaar gevra, uh, hoe gaan ons dit nou beliggaam? Wat gaan ons alles doen? Um, en ons het gesê, goed ons moet, um, dit as ‘n belangrike tema maak in die prediking in die gemeente. Um, en ons het dit self, ek en my kollega het dit self nie so ervaar nie, maar die, van die mense wat bewus geword het van die verandering sou byvoorbeeld opmerkings maak: dit is vandat die dominees oor vrede begin preek het, dat hier ‘n verandering gekom het.

P11: PR_11.docx - 11:19 [Miskien moet ek begin by die s..] (37:37) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Bemagtig leier van die taakspan - Family: Leraar Rol]
No memos

Miskien moet ek begin by die struktuur, die taakspan. Um, ek en my kollega, [NAAM], ons is nie die voorsitters van die taakspan nie. Um, een van ons vrouelidmate, sy’s nie ‘n kerkraadslid nie, um, sy is lidmaat, sy is voorsitter van die, van die taakspan. Uh, ook iemand wat volledig ingekoop het in die visie, um, en wat ons van die begin af saam met ander geïdentifiseer het om in die taakspan te wees. So ons het ‘n vrou wat, um, ‘n gewone lidmaat is wat, wat leier is van die taakspan. En wat ons doen, is om vir haar te help, vir haar te bemagtig om die leierskap te neem.

P11: PR_11.docx - 11:20 [En wat ons doen, is om vir haa..] (37:37) (Super)
Codes: [03 Leierskap: dryf proses en dra die visie - Family: Leraar Rol]
No memos

En wat ons doen, is om vir haar te help, vir haar te bemagtig om die leierskap te neem. Um, en, uh, die taakspan, om die proses van vernuwing, van verandering, Uh, hierdie

© University of Pretoria

skuif van na binne-gekeerdheid na gestuurdheid, uh, toe, om, om dít te dryf. Um, so, ons sal, ons sal die draers wees van die visie orals waar ons gaan.

P11: PR_11.docx - 11:21 [Ook in die taakspan sal ons di..] (37:37) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Identifiseer en rig nuwe uitdaginge aan taakspan - Family: Leraar Rol]
No memos

Ook in die taakspan sal ons die taakspan gedurig uitdaag en, en vra hoe kan ons dit nog beter beliggaam om vredemakers te wees. Is daar nuwe terreine, soos ek nou net-nou genoem het, um, ook met hierdie leesprojek en die uitdaging na die, uh, jongmense of die mense wat nie in die kerk inkom nie. Ons sal altyd, uh, sê nuwe, uhhh, uitdagings op die tafel lê en vra: stuur die Here ons nie ook hiernatoe nie? Stuur die Here ons nie ook daarnatoe nie? Um, so dit is, dit is, ons rol in die taakspan. En die taakspan help dan nou die kerkraad om, uh, te sê, um, ons dink ons moet hierdie projek aanpak om ons visie nog verder, uh, gestalte te gee en te beliggaam. (45:59) So, wat, die éérste ding wat ons, dink ek, uh, probéér doen, is om déúr die taakspan, uh, nuwe uitdagings, uh, wat op die terrein van ons visie lê, te probeer identifiseer, uh, en aan te spreek.

P11: PR_11.docx - 11:22 [Um, dán, um, dink ek wat ek en..] (38:40) (Super)
Codes: [01 EieVorming: Leraars modelleer in onderlinge verhouding die waardes wat die visie beliggaam - Family: Leraar Rol]
No memos

Um, dán, um, dink ek wat ek en my kollega nou nie doelbewus doen nie, um, maar wat van die begin af baie spontaan gekom het, is dat ons, um, deur die genade van die Here baie goed by mekaar aansluit. Hy is nou tien jaar in die gemeente. Ek is al een en twintig jaar in die gemeente. Um, en in ons omgaan en ons verhouding met mekaar, um, het ons van die begin af as gelykes probeer werk. Um, en, um, mekáár probeer erken, um, byvoorbeeld, uh, die gemeente het nou mos maar die ding, die ou dominee en die jong dominee. Um, en, uh, hulle reken die ou dominee kan alles doen. Uh, as daar iets gedoen moet word, dan moet die ou dominee by wees. Um, en ék het probeer van die begin af die kerkraad, eerste instansie, maar ook die gemeente te laat verstaan dat my kollega is volledig predikant en, um, ek aanvaar hom so, ek is nie sy baas nie, ek is nie die senior leraar in die gemeente nie, um, ons werk saam en ons verdeel die werk, uh, so, uh, billik en regverdig as moontlik. As daar ‘n simpel eenvoudige ding is, uh, wat ék béter kan doen as hy, dan doen ek dit. Of wat, uh, um, só uitwerk dat ek dit moet doen, dan doen ek dit sonder om te skroom. En as daar ‘n sogenaamde belángriker, gróter ding is wat méér aandag kry, en die aandag meer op die dominee sal wees wat dit doen, um, en hý moet dit doen, dan laat ons dat hý dit doen. Um, so, as, wat, wat dikwels gebeur het aan die begin, is wanneer iemand siek word en die, um, ouderling, ek is verantwoordelik vir die pastoraat, hy was nou, en die lidmate, hy is nou vir die kinders en jeugbediening gevra, en, um, ek kon nie eerste by die mense uitkom nie, um, en ek het vir hom gevra: kyk, ek kan nie gaan nie, sal jy gaan? Uh, en hy wás by ‘n lidmaat en die, uh, ouderling bel my die volgende dag of ‘n week later en sê: dominee, die, die lidmaat kla u was nog nie, uh, daar by hulle gewees nie. Um, en dan sal ek vra: nou was ds [NAAM] al daar? Dan sê die ouderling: ja. Nou ja, dan wás daar ‘n predikant gewees. Um, uh, ons gaan nie ons werk gedaan kry nie as alles gedupliseer moet word. As één predikant moet kom doen wat die ander predikant alreeds gedoen het. Sy gebed het net soveel waarde as my gebed. En miskien is hy nog nader aan die Here as ek. Um, so, daai proses om die gemeente te laat aanvaar

© University of Pretoria

en te laat verstaan, um, dat my kollega is volledig predikant en kan alles doen, uh, dink ek daai boodskap het, um, dat ons mekaar vertrou, dat ons met mekaar saamwerk sonder probleme, uh, dink ek het ‘n belangrike rol gespeel. Ons het, uh, ‘n afspraak gemaak met mekaar dat ons élke Dinsdagoggend, um, vir so twee ure, um, tot drie ure bymekaar kom, um, vir, uh, pastorale, onderlinge pastorale versorging van mekaar, ons sal by mekaar *incheck*, um, hoe gaan dit met die een of met die ander. Um, en ons voel veilig om met mekaar, uh, dinge te deel waarmee ons worstel, um, en ons praat dan oor werk in die gemeente, uh, wat is, het gebeur in die week wat verby is? Wat lê voor? (50:24) En, op die langer termyn, wat is die goeters wat ons moet doen? Um, en deurdat die kerkraad dit weet, die gemeente weet dit, ons kom eenkeer ‘n week bymekaar, um, om, om saam te bid, saam Bybel te lees. Want dit is ook die geleentheid waar ons die leesrooster teks vir die volgende Sondag saam lees en gedagtes daaroor met mekaar deel en ons vóórbereiding vir die Sondag se preek begin dus eintlik, uh, al op die Dinsdagoggend. Um, en dat die gemeente sien ook waar ons optree, in die kerkraad, in die gemeente, uh, dat ons ‘n goeie verhouding met mekaar het, dat daar, um, respek, en, en waardering, um, en onderlinge liefde en vertroue is, um, ek dink, um, dít, um, help gewéldig baie, uh, dat mense vrede síén, dat..

Hm, want julle demonstreer ook vrede.

Ja. Ja. Hulle sien dit tussen ons. En in ons kerk, ek weet nie hoe dit in die [KERKVERBAND] is nie, um, het medeleraarskappe ‘n slegte reputasie gehad. Um, en wat die gemeente dus nou vir die afgelope tien jaar al sien in óns twee se verhouding met mekaar, is presies die teenoorgestelde. Uh, ons wys ‘n alternatief, nié omdat ons dit doelbewus doen nie, um, maar deur die genade van die Here werk ons net baie lekker met mekaar saam. Um, en, en hét ons nie, jy weet, tot dusver, uh, probleme gehad nie. Waar daar probleme kom, waar daar misverstande kom, praat ons dit op ‘n volwasse manier met mekaar uit, um, en dus, op ‘n manier lééf ons die, uh, visie uit en sien die mense dit in ons.

P11: PR_11.docx - 11:23 [Ek meen, in ons verhouding met..] (41:43) (Super)
Codes: [01 EieVorming: Leraars modelleer in diverse gemeente menswaardihgeid en respek vir almal - Family: Leraar Rol]
No memos

Ek meen, in ons verhouding met die gemeente, um, um, tóón ons respek vir mense, en, en, en gaan ons, um, op ‘n respekvolle, waardige manier met mense om. En, um, is ons, behandel ons almal dieselfde, eerlik en opreg. Um, weereens, in ons gemeentes, um, wat miskien dalk ‘n bietjie verskillend is van die [KERKVERBAND], het, um... Um, [stilte] ‘n professor van my, um, [stilte] het gesê op ‘n stadium, um, oor die gereformeerde kerke in Nederland, um, dat, um, hulle is ‘n middelklas kerk. Die arm mense, die werkersklas, het al padgegee uit die kerk uit. Um, is by ander groeperinge. Uh, óns kerk is ‘n geïntegreerde kerk wat die verskillende ekonomiese klasse akkommodeer. Um, en waar mense uit die middelklas en mense uit die werkersklas, um, gedurigdeur in mekaar se gesig is en mekaar skouers skuur, um, en dat ons, um, welvarende lidmate, of mense wat akademies, uh, ver gevorder het, um, nie ánders behandel as wat ons die eenvoudigste, um, die, um, die mense wat die eenvoudigste werk doen, behandel nie. En dat mense dit síén. Uh, dink ek, um, maak ook ‘n verskil. Um, byvoorbeeld, van die ouderlinge uit die werkersklas uit sal, wanneer ons die jaarlikse bevestiging van nuwe lidmate het, um, het ek byvoorbeeld aan die begin vir die kerkraad gesê ek kan nie by almal se huise kom nie – dis oor die honderd lidmate wat, uh, bevestig word, nuwe lidmate – um, ek gaan by ‘n paar lidmate in die verskillende woongebiede net by almal kom inloer. So, en ek het van die begin af

© University of Pretoria

gekies om by mense in die meer gegoede buurt te gaan, én ook by mense, uh, in die sub-ekonomiese behuisingskema. Um, as daar iemand in ‘n informele nedersetting is, het ons ‘n punt daarvan gemaak om daai mense nie oor te slaan nie. En sónder dat ek dit besef het, het die mense my dopgehou.
Okay.
Ek het dit agterna, hoor ek hier en daar by ‘n ouderling, um, sal die ouderling vir my vra: dominee, was, was u, uh, by dié kind in my wyk gewees? En dan sê ek: ja, ek was daar. En, um, en só het ek algaande besef, nee maar, um, die ouderlinge, veral uit die werkersklas uit, het nou aanvaar ons sal by die ánder, um, um, middelklas lidmate se kinders wees. En dit het vir hulle góéd gedoen om te hoor en te weet, hulle dominee kom by almal uit. Nou nie by almal nie, maar by al die klasse ten minste. So ek dink, uh, in daai opsig, um, was dit ook ‘n ander manier waarop ons, uh, iets gedemonstreer het van, um, die aanvaarding van alle mense, en, en dat daar nie gediskrimineer word nie. Dat dáái wáárdes by ons leef, dink ek, um, het op ‘n manier, um, uh, iets bevéstig, um, of by lidmate, of dit het, um, lidmate gehelp om vooroordele wat hulle gehad het, persepsies wat hulle gehad het, uh, oor predikante wat één ding verkondig, maar ‘n ander ding doen, um, om, om dit ‘n bietjie af te breek. En, uh, ek dink dit help om, vir óns geloofwaardigheid te gee en die boodskap wat ons ook dra, uh, geloofwaardig te maak.

P11: PR_11.docx - 11:24 [Ja, kom ek sê vir jou, um, op ..] (51:55) (Super)
Codes: [1 Sterk roepingsbewussyn en passie om deel te wees van God se heling in die onmiddellike konteks - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Ja, kom ek sê vir jou, um, op ‘n persoonlike vlak om te groei, te ontwikkel, um, en, um, altyd nuuskierig te wees oor, uh, wat die Hére van myself verlang. Om die regte dinge te doen. Dít is vir mý belangrik. Um, en, en, en, om dus voortdurend vir myself te vra, um... Ja, laat ek so sê, om die konteks, die situasie, die tyd, uh, waarin ek leef, uh, te lees en, uh, uh, te vra, wat is die uitdágings? Um, wat vra die konteks, die situasie van my? Uh, hóé moet ek optree? Wat, uh, moet my ingesteldheid wees? Uh, wat moet my gesindheid wees? Wat verwag die Here van my? Ek meen, dit is iets wat natuurlik en spontaan, uh, vanself by my teenwoordig is deur die genade van die Here. Um, um, as ek nou moet terúgkyk op my lewe, is dit, ek meen, van die begin af so, uh, dat, uh, ek ‘n oorgawe aan die Here gemaak het, was dit altyd, uh, vir my belangrik is, um, waar behoort ek te wees? Wat behoort ek te doen? Uh, wat verwag die Here van my in bepaalde kontekste, in bepaalde tye? So, um, ek, uh, wil nie te ver teruggaan nie, maar ek meen daar, uh, in die tyd, um, byvoorbeeld toe ek ‘n jong Christen was, um, in die Suidelike voorstede, uh, van [STAD], ek, uh, het as, um, uh, deel van my tienerjare het ek in [VOORSTAD] gebly, uh, ek is oorspronklik van die [STREEK], kom van [DORP] af, daar waar die, uh, probleme nou is met die plaaswerkers. Um, maar as jong Christen, byvoorbeeld, um, het ek saam met my maats vir onsself gevra: um, hoe en waar moet ons die evangelie verkondig? En ons het deel geword van, uh, die straatwerkgroep wat op Vrydae en Saterdagaande na die nagklubs toe gegaan het, uh, in ons omgewing, en die evangelie met, met mense gedeel het. Ons het by [NAAM&VAN] geleer destyds, um, hoe om straatwerk te doen en, uh, ons het dit gedoen. Um, later as student by die Universiteit van [PROVINSIE], het ek myself afgevra, maar wat vra die Here van my in, um, die konteks van ongeregtigheid? In 76, um, was ek een van die teologiese studente wat, uh, deelgeneem het aan die klasse boikot uit solidariteit met die swart studente in [VOORSTAD]. Um, en ek saam met,

© University of Pretoria

um, [NAAM&VAN] en ‘n paar ander van die teologiese studente was geskors daai jaar. Um, en dit was nie om politieke, by mý, om politieke motiewe nie, maar, um, soos ék dit verstaan het, waar moet ék staan? Um, kán ek aangaan met my studies, uh, in ‘n land wat aan die brand is en waar, uh, ander studente, um, links en regs, uh, deur die polisie uitmekaar uit gejaag en geslaan en doodgeskiet word nét omdat hulle ‘n legitieme protesaksie, uh, loods. Um, so... En in die gemeente waar ek gekom het, die eerste gemeente in [DORP], aan die [KUSSTREEK], was dit ook maar die goeters wat altyd vir mý gedryf het. Um, so ek sal nie noodwendig die weg van die minste weerstand gekies het nie, níé omdat ek hou van konflik nie - ek hóú nie van konflik nie [lag], um, ek hóú nie van baklei en veg nie, ek is nie ‘n vegter nie – ek is eintlik maar, uh, ‘n mens vir vrede, versoening, vir harmonie. Um, maar waar daar onreg was, het ek oor die járe gevind, óf waar daar ‘n nood, ‘n behoefte was, um, um, het ek gedink, maar, um, ek moet ‘n bydrae lewer as ek kan en, uh, probeer doen wat ek kon. So, uh, toe ek predikant was aan die [KUSSTREEK], het ek, uh, gehelp om te organiseer dat mense, um, uit ons gemeente, en uit die [KUSSTREEK] gemeentes, met busse na [WOONBUURT], [VOORSTAD] toe gaan, uh, vir die stigting van die UDF. Um, omdat ons oortuig was, um, dit was die tyd om protes aan te teken teen apartheid. Um, maar dwarsdeur dit alles, gelei deur ‘n diepe spiritualiteit, ‘n verhouding met die Here, uh, en, en áltyd dus op soek na, wat vra die Here van ons?
Nou hier in die post-apartheid situasie, um, was dit dus: wat kan óns gemeente doen om ‘n verskil te maak? Um, en, en, uh, ek het dus, um, was die hééltyd besig daarmee. Um, hoe kan ons op ‘n goeie manier na buitentoe beweeg? Uh, hoe kan ons nie nét op onssélf gefokus bly nie, maar., um, in die, in die wêreld ‘n verskil maak? Want, uh, ek meen ek het nou so, soos die meeste teologiese studente, van Barth en ander teoloë geleer oor, uh, wat is die kerk? En wat is ons roeping? Ons bestaan nie net vir onsself nie, ons is daar vir ander. Um, en, uh, ons roeping is nie net om binne die vier mure van die kerk, uh, te aanbid nie, maar om júís die lig vir die wêreld te wees. Um, so, um, my verstaan, my eie teologiese verstaan van die roeping van die kerk is juis om, um, ‘n alternatiewe gemeenskap te wees, um, ‘n verskil in die wêreld te maak – nie dat ons álles kan verander nie, maar óns moet die suurdeeg wees, um, ons moet die lig wees, ons moet die sout vir die aarde wees. En, um, dus toe die vennootskap, um, begin, toe ek nou hóór van Pat Keifert wat Suid-Afrika toe kom, um, en, um, wat, um, juis kom met hierdie, um, proses om gemeentes te help om te skuif van instandhouding na gestuurdheid, um, toe was dit vir my die, die ideale instrument, um, om nie op my eie te sukkel, uh, om die gemeente te skuif nie, maar om te kom luister na, na wat gaan aan? En hoe kan ons dit met mekaar saam doen? Hoe kan ons mekaar help? En, um, dit is wat vir my, was eintlik vir my ‘n antwoord, ‘n hulpmiddel gewees, en, um, ek, um, ons het, was bevoorreg dat Pat Keifert hier by ons in die gemeente, uh, kom optree het. Hy’t met die kerkraad gepraat en alles. Um, en die kerkraad was opgewonde en te vinde daarvoor dat ons inskakel. Dit was ‘n klomp geld gewees vir die kerkraad om te betaal. [Lag] Um, maar, uh, ek dink die kerkraad het, het daai visie gedeel en, uh, dit het, uh, dit vir ons maklik gemaak om deel van die proses te wees.
Ek hoor iemand wat naby die Here lewe, wat ‘n roeping van die Here ontvang het en ‘n hart vir die Here se roeping in die wêreld het.
Jy stel dit baie mooi. Ek sou dit nou nie só stel nie. [Lag]
Nee, dit is wat ek hoor. Iemand wat, wat, wat gedrewe is vanuit ‘n innerlike roeping en ‘n nabyheid aan die Here.

© University of Pretoria

P11: PR_11.docx - 11:25 [Ja, kyk, uh, in álles was daar..] (56:56) (Super)
Codes: [34 Om risiko's te neem en weerstand te trotseer twv van gehoorsaamheid en navolging - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Ja, kyk, uh, in álles was daar risiko's gewees. Um, van die begin af, um, [stilte] ek, um, [stilte] ek moes 'n keuse maak elke keer, um, vir gehoorsaamheid aan die Here, uh, soos ék dit verstaan het, um, met die, met die risiko wat daaraan verbonde is. Um, en die Hére te vertrou om, uh, my deur te dra, uh, my te beskerm, my te bewaar. En selfs as ek 'n paar, paar klappe hierdie kant kry of daardie kant, um, as ek platgeslaan word, dat die Here my weer sal optel. Um, so, um, [stilte] ek het in, in verskillende kontekste... Kom, ons beperk ons nou tot hierdie, um, vennootskap vir gestuurde gemeentes, die gestuurde reis met die gemeente. Um, het ek elke keer besef, wel die gemeente gaan ontwrig word. En daar is báie mense wat die status quo wil handhaaf. Wat gewoond is aan die maniere waarop dinge gedoen word, en, um, um, dit in plek wil hou. Um, en ek het besef daar gaan wéérstand wees, dat al hierdie soort van dinge, en konflik. En weereens, ek hou nie van konflik nie. Um, maar het ek daai innerlike oortuiging gehad dat as ek nie gaan waag om die kerkraad, die taakspan te help en die goeters met hulle te deel en vir hulle bewus te maak van hóé ons anders kán wees en behóórt te wees nie, um, dan gaan die gemeente uiteindelik nie 'n mooi en 'n goeie toekoms hê nie. Ons gaan as gemeente bly kan bestaan, maar, um, um, gaan ons 'n verskil maak? Gaan ons werklik die gemeente van die Here wees? Um, um, as ons eendag ophou, gaan die mense ons mis? Um, um, en, um, so, as jy dus vra wat moes, moes ek oorkom, dan moes ek in mysélf, um, die verlánge na harmonie en na vrede, um, moes ek as't ware elke keer op die spel plaas, um, om risiko's te neem en wéérstand te trotseer, konflik te trotseer, um, om die boodskap van vernuwing, van verandering, um, dat die Here ons roep om iets ánders te wees, um, en dat die Here ons uitdaag om nuwe dinge te doen, um, om mense dus uit hulle *comfort zone* uit te neem en mysélf uit my eie *comfort zone* uit te neem, my eie gemak en gerief uit te neem, um, elke keer, uh, nuwe goeters te wil doen. En ontwrigting, uh, binne te gaan en onsekerheid, uh, binne te gaan. En nie te weet wáár jy gaan land nie, waar en hoe die dinge gaan uitloop nie. Om elke keer daai goeters, daai, daai proses aan die gang te sit. Ek meen. dit is vir mý die grootste uitdaging wat ek moes, moes oorkom.

P11: PR_11.docx - 11:26 [Ja, ek sou sê (01:10:39) uh, e..] (58:58) (Super)
Codes: [1 Bevestiging van God se betroubaarheid - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ja, ek sou sê (01:10:39) uh, ek dink een van die belangrikste goeters is, um, dat dit [stilte]... Ja, mý wil ek... Ja, hoe sal ek dit nou stel? Ek sal sê, dink ek, die geloof, die vertroue wat ek in die Here het, uh, is as't ware élke keer bevestig. Nou weereens, dit was nie vansélf nie. Dit het nie sommer so máklik gekom nie, in die sin van, um, dit was nie *plain sailing* gewees nie. Um, daar was élke keer nuwe krisisse. Um, en [stilte] ek sê dikwels vir lidmate, en ek het dit in my eie lewe dus ook so ervaar, um, dat die Here bou 'n geskiedenis van betroubaarheid by 'n mens op. Met Israel was Hy nou maar altyd die Getroue wat altyd weer daar was, en vir hulle uitgered en verlos het, um, en deur allerlei dinge vir Israel te doen. Um, en in jou, in mý persoonlike lewe, ek ervaar dit ook so, dat die Here het my uit híérdie ding uit gered, die Here het my híérdeur gedra, um, deur my hele lewe, um, in hierdie proses ook, in die gemeente. Um, dus, ek weet nie of dit transformasie is en asof dit nou maar net bevéstiging is, uh, van wat die Here nou maar áltyd besig was om te doen nie. Maar wat my, um, inspireer en, en, en 'n stukkie vertroue gee om wél weer nuwe dinge aan te pak, is dat

© University of Pretoria

die Here was, gister en eergister was die Here getrou. Um, en, um, wanneer die krisis op sy félste is, um, om dan te weet ek hoef nie paniekerig te wees nie. Um, [stilte] en om in dáái situasie vir ánder, um, kalmte te gee en ‘n rustigheid te bring, um, uh, en, en, en mense te vestig op die Hére wat getrou is. Um, ek meen dit was dikwels my ról in die gemeente gewees, uh, óók in die donkerste oomblikke, uh, wat die kerkraad, um, stappe wou onderneem, uh, wat nie, uh, in ooreenstemming sou wees met ons roeping en ons visie nie, um, byvoorbeeld om mense wat, uhh, met wie ons in konflik was as kerkraad, die betrokke wyk, um, as hulle lasterlike dinge kwytgeraak het van die kerkraad of van myself, um, om nié hof toe te gaan en ‘n lastereis in te stel nie. Maar om vir die kerkraad te sê, um, kom ons vertrou die Here. Dit is die kerklike weg, dit is die Bybelse weg. Um, kom ons vertrou die Here dat, uh, die Here ons hierdeur gaan dra, dat ons, uh, uhhh, se name in ere herstel sal word. Uh, um, en dat die Here Hom getrou sou bewys, um, en dat, uh, ons integriteit, uh, behoue en beskerm sou bly. Kom ons doen daai ding. So, um, ek weet nie wat se transformasie daarin plaasgevind het nie [lag], eerder as om, as net ‘n bevestiging, uh, dat die Here betroubaar is, um, um, en dat Hy ‘n geskiedenis reeds by ‘n mens opgebou het. En, as Hy Hom in die verlede getrou bewys het, is daar geen rede om te twyfel, uh, in Hom, in die, in die toekoms en wanneer jy voor nuwe uitdagings staan nie.

P11: PR_11.docx - 11:27 [watter faktore bydra tot perso..] (59:62) (Super)
Codes: [3 Betrokkenheid by struggle teen apartheid - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

...[W]atter faktore bydra tot persone wat gestuurde leiers is, um, behálwe vir die vennootskap. Ek het, ek het by jou alreeds eintlik ‘n paar goed gehoor. Jy is van déstyds af iemand wat in die *struggle* betrokke was, wat in die boikotte, in die groot apartheidsjare, wat, um, betrokke was. Ek ek kan nou hoor, iemand wat Belhar geïnternaliseer het, dis deel van jou mens-wees. Um so ek, ek neem nou aan dit is goed wat jou diepliggend beïnvloed het.
Hm!
Uh, um, sou daar iets anderster wees, wat, wat jy dink, wat, wat, wat ‘n invloed op jóú het en wat jou eintlik geskik maak vandag vir hierdie roeping wat die Here vir jou het?
[Stilte] Ja, um, Gert, ek dink nie dit is wonderlike groot goeters nie. Um, jy’t nou verwys na die, um, die geskiedenis met apartheid.

P11: PR_11.docx - 11:28 [Ek meen, wat, as ek aan myself..] (62:64) (Super)
Codes: [1 Familie vestig waardes van reg, billikheid en weerstand teen onreg - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Ek meen, wat, as ek aan myself dink, en, en, en mense en dinge wat ‘n invloed in my lewe gehad het, dan dink ek aan my familie juis in die, in die [STREEK] in [DORP] waar ons groot geword het. Um, en die rol wat hulle gespeel het om my identiteit te help vorm. Um, ek meen, ons het ‘n, in ons familie was daar, ek meen, waardes soos geregtigheid. En billikheid. Wat belangrik was. En, um, dat ‘n mens doen wat jy kan om ‘n verskil te maak. Um, dat jy mense respekteer. Ons familie kom, uh, het op ‘n stadium een, ja, elke twee..., tweede jaar bymekaar gekom dat ons dan nou, um, mý generasie, dit is neefs en niggies en dan vertel ons vir mekaar verhale van ons families. Um, en één neef van my het vertel, um, in die vyftiger sestiger jare toe hy, uhhh, nog ‘n jong seuntjie was, hoedat hy met sy pa op ‘n Saterdagoggend dorp toe gegaan het

© University of Pretoria

– in [DORP] het húlle gebly – en een oggend het sy pa vir hom ‘n taai klap gegee wat nog gebruiklik was in daai jare, [lag] en nié as mishandeling beskou was nie...
Hm, dit was net dissipline.
Ja, dissipline. En waaroor sy pa hom die klap gegee het, was omdat sy pá gedink het hy ‘n swartman nie gegroet het nie. Um, en sy pa het die man gegroet, um, en sy pa het nie gesien dat hý die man groet nie. En sy pa het vir hom ‘n taai klap gegee, vertel hy. Um, en, en dit is verhale soos dáárdie dat, uh, in ‘n tyd, in die apartheidsjare toe, um, um, [stilte] die een groep minder van die ander groep gedink het, um, was daar in my familie mense gewees wat hulle kinders groot gemaak het om mense van ander etniese groepe, uh, wat as minderwaardig beskou, uh, is, menswaardig te behandel. Dáái kultuur, familiekultuur waarin ek grootgeword het, is ek vandag geweldig dankbaar voor. My pa self dink ek het, in dié opsig was hy vir my die gróótste invloed gewees. Hy was ‘n skoolhoof vir die grootste deel van sy lewe, uh, op ‘n plaasskool net buitekant [DORP]. Uh, [WOONBUURT]. En, uh, wat, uh, ek het die eerste klompie jare van my skoolloopbaan was ek by daai skool gewees. So, ek het gesíén wat my pa doen, um, en gehóór, stories van my pa wat mense vertel het. Um, hoedat hy by die plaaswerkers se huisies sou ingaan, dan is daar nie stoele nie, vrugtekissies om op te sit, uh, en hy sou éét, uh, wat die mense aanbied. Hy sou koffie drink uit hulle blikbekers uit saam met hulle. Ons het in die dorp gebly, uh, en hy’t elke dag met die motor in en uit gery. Um, so, by my pa het ek geleer, um, wat dit is om, om, om nederig te wees. Sonder om, um, áán te sit, maar om ég te wees. Um, so dié soort van waardes en, um, um om die beste te maak van wat jy kan wees selfs onder moeilike omstandighede as alles téén jou is, uh, om nié dít, jou omstandighede te laat dik..., jou te laat dikteer en bepaal, um, wie jy moet wees nie. En as dinge verkeerd is, om dit nie te aanvaar nie, maar om jou daarteen te verset. Uh, ‘n niggie, een van my oudste niggies, sy’t altyd vir my saamgevat - sy was baie ouer as ek - waar sy geloop het in die dorp. En die poskantoor het twee ingange gehad, um, en, um, die afdeling waar bruin en swart mense gewees het was baie kleiner as die afdeling waar, um, wit mense bedien was. En, um, partykeer was daai area, uh, waar die bruin mense was vol, of daar was ‘n, lang tou gewees en daar was niemand by die wit kant nie. Eén so ‘n dag kom daar ‘n, ‘n wit meisiekind in, um, en die klerk los almal aan die bruin kant en gaan help daai één meisiekind wat inkom. En my suster, ek meen my niggie, um, [stilte] het onmíddellik beswaar gemaak. En sy het, uh, geëis om die posmeester te sien. En, en, en gesê, maar dít is nie rég nie. Ons staan lánk hierso in die toue, um, daai klein meisiekind, sy moet wag tot álmal behandel is en bedien is, en dán kan sy bedien word. Nou, híérdie soort van goeters is deel van, um, um, die waardes en die, uh, stories waarmee ek groot geword het. Um, dus, dit, dit, dit het ‘n invloed op my lewe gehad.

P11: PR_11.docx - 11:29 [Boeke wat ek gelees het, um.....] (65:65) (Super)
Codes: [4 Lewe van Martin Luther King Jnr - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Boeke wat ek gelees het, um... Ja, laat ek so sê, mense soos... Uh predikánte, soos Esau Jacobs, uh, hý was lief vir Martin Luther King jnr se preke gewees. En, um, áltyd na, verwys na, na dié boek of daai boek, uh, van Martin Luther King Jnr wat hy gelees het. En dit het my geïnspireer toe ek ‘n teologiese student was, um, en ek dink één van die boeke wat ‘n groot invloed op my lewe gehad het in daai tyd was, um, *My life with Marin Luther King Junior*. Dit is geskryf deur sy vrou, Coretta Scott-King. En, um, dit het vir my dink ek ook geweldig gevorm.

© University of Pretoria

P11: PR_11.docx - 11:30 [Ek, ek was as, as jong christe..] (66:66) (Super)
Codes: [1 Mentor as jong Christen - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Ek, ek was as, as jong Christen, het ek ‘n mentor gehad, ‘n kerkraadslid daar in [WOONBUURT], um, en hy was ‘n baie vróóm persoon gewees. Um, en ek het saam met hom Bybelstudie gedoen, saam met hom gebid, um, en hy’t my geneem na verskillende gebedsbyeenkomste van interkerklike groepe, ensovoorts. Um, sy spiritualiteit was van so ‘n aard dat, uh, as hy op die sypaadjie geloop het en hy sien voor hom is ‘n kroeg, dan sou hy óórgaan na die ander kant toe om dít te vermy, um, en, um, um, alhoewel ek dus by hom baie geleer het van sy spiritualiteit, um, het ek ‘n stuk wêreldvréémdheid by hom opgemerk wat nie éie was aan myself nie. En ek het heeltyd, mý neiging was weer net die ánder kant in. Um, nié om my te onttrek aan die wêreld nie, maar hoe kan ek ín die wêreld wees maar ánders as die wêreld? Um, en, en, en ‘n getuienis wees in die wêreld. Want dít was ek van vroeg af oortuig is die plek waar ek moet wees. Um, ín die wêreld waar ‘n mens jou lig kan laat skyn, sout van die aarde kan wees. Uhhhh, ‘n verskil kan maak. (01:24:20) So, um, dus, om betrokke te raak by, um, sosiale ongeregtigheid en verandering, was vir my dus heel natuurlik, heel van, vanself, spontaan, uh, uit hoe ek gevorm is.

P11: PR_11.docx - 11:31 [Um, um, en, um, maar ook kan d..] (67:67) (Super)
Codes: [3 Betrokkenheid by evangelisasie - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Um, um, en, um, maar ook kan die ánder kant nê, om, om betrokke te wees by evangelisasie. Um, ons hier in die gemeente, ons vir baie jare, ons doen dit nou nog, ons is nou nog betrokke by die EEIII program. Uh, uh, om die, die evangelie met mense te deel. Uh, mense te help, um, om in die regte verhouding met die Here te kom. Ek meen, dit is deel van die, van die kérnwaardes waarmee, waarmee ek self dus lewe. Um so, um, dié twee dinge, om, uhhh, evangelies, um, en ‘n stuk gereformeerde spiritualiteit te hê aan die een kant, en aan die ander kant om betrokke te wees by die samelewing en die, uh, verandering en die soeke na geregtigheid wat dáár moet plaasvind. Ek meen dis twee strome wat, uh, um, wat die heeltyd by my teenwoordig was en, en kom deur die invloede van waar ek vandaan kom.

P11: PR_11.docx - 11:32 [Um, ek meen, ek was in die Son..] (67:67) (Super)
Codes: [1 Kategete en volwassenes wat liefde vir die kerk kweek - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Um, ek meen, ek was in die Sondagskool gewees tot ek in standerd nege was, um, en het daai invloede gehad van wonderlike, uh, kategete, um, wie ek, uh, oor die jare gerespekteer het. Um, wat ‘n liefde vir die kerk en vir die Here by my gekweek het en, um, waarvoor ‘n mens, waarvoor ‘n mens dankbaar wees. So, as ek moet opnoem, dan is dit te veel mense. Uh, maar daar is ‘n klomp mense dus wat gehelp het om my te vorm en my ‘n liefde vir die kerk te gee. Um, ek meen my eie ouers, um, en, en, um, hulle betrokkenheid ook oor die jare by die kerk, um, ja, dit is, dit is die dinge, um, wat, wat ‘n groot invloed op my gemaak het.

© University of Pretoria

P11: PR_11.docx - 11:33 [Ja, weet, een van die dinge wa..] (77:77) (Super)
Codes: [14 Beoefening van geestelike dissiplines - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ja, weet, een van die dinge wat, wat ék in die vennootskap geleer het, is, um, ek meen wat by my bevéstig is, um, is dat, um, jy nie die Bybel, um, dat jy die Bybel óók as predikant, ook as leier, vir jousélf moet lees. Um, so die beoefening van die geestelike dissiplines, um, is in die vennootskap bevestig. Um, jy weet aan die begin het ons baie moeite gedoen om predikante, um, bloot te stel aan die geestelike dissiplines en om hulle, um, daarin te oefen. So, um, ek dink dit is ‘n baie-baie belangrike, um, waarde en ook ‘n dissipline, um, by, by predikante.

P11: PR_11.docx - 11:34 [En dan, uh, sou ek, uh, reken ..] (81:81) (Super)
Codes: [11 Missionale teologiese raamwerk en ekklesiologie - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En dan, uh, sou ek, uh, reken wat wel belangrik is, is, um, om, ek meen, teologiese, wat jou teologies raamwerk betref, um, daai [stilte] duidelike, duidelike, wil ek byna sê, ekklesiologie, uh, te hê. Om te verstaan, um, dat die kerk nie ‘n instituut is in die samelewing, um, wat net ontwikkel en, uh, opgebou moet word nie. Maar, um, dat die kerk nie vir homself bestaan nie. En dit is nou goeters wat, um, ek veral by, by Karl Barth geleer het en, en, en, uh, uhhh, wat vir my, uh, dink ek duidelik ook gevorm het. Um, dat die kerk, um, ‘n spieëlbeeld moet wees, ‘n refleksie, uh, van Jesus Christus en dat deur die kerk ons Christus, uh, teenwoordig moet stel in die wêreld. En ons kan dit nie doen as ons ons onttrek uit die wêreld uit, as ons net aandag gee aan onsself nie. Um, ons moet juis in die wêreld inbeweeg. Ons bestaan nie vir onsself nie, maar vir die ander. Um, ek dink daai... Dus, ‘n gesonde, wil ek byna sê, gereformeerde ekklesiologie, um, dink ek is vir die predikant is belangrik. Um, in die vennootskap het ek, uh, baie meer van, van David Bosch se missiologie, um, en andere geleer, maar dit het, ek sou dink, um, dit kan ook net geweldig help as predikante ‘n bietjie meer blootgestel word, um, aan die, aan die werk van David Bosch.

P11: PR_11.docx - 11:35 [dan ook wat, wat, wat leierska..] (82:82) (Super)
Codes: [32 Saam met ander kan werk en ander bemagtig - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

...[D]an ook wat, wat, wat leierskapsontwikkeling betref, um, daai vaardigheid om te luister, om net te besef en te weet, um, jy’s nie ‘n *lone ranger* nie, maar dat jy saam met ‘n span mense in die gemeente kan luister na die Woord van die Here, um, en, en, en soek na, um, um, die, um, visie, roeping, um, dat die kerk, uhh, saam met jou as’t ware luister na, na: wie is ons?; uh, aan wie behoort ons?; en na wie toe stuur die Here vir ons? Uh, ek dink, as, um, predikante al hoe meer daarvandaan wegbeweeg. Um, dit het vir mý bevry dat ek verstaan het ek hoef nie alleen die gemeente te verander nie. Vir so ver as wat ‘n mens die gemeente kan verander. Uh, die Gees werk. uh, nou, dis die Gees wat die verandering teweeg bring. Maar dat sy sáám met ánder mense kan werk, um, en dat jy mense kan bemagtig binne die taakspan, en dat mense alreeds bepaalde kapasiteite oor beskik wat jy maar net kan ontdek, uh, en kan ontgin en kan help ontwikkel. Um, uh, dan word dit eintlik ‘n, um, ‘n stukkie bevryding as, um, daai las van jou skouers afkom en dat die taakspan die proses begelei en jy saam met die vennootskap die taakspan bemagtig om dit te doen, dat dit, uh… Ek dink as méér predikante dit besef dan sal die wéérstand om, um, ‘n proses van verandering

© University of Pretoria

te begelei in die, in die gemeente sal verkrummel, sal, sal, sal, sal, um, verminder. Uh, en óók, ek dink wat vir mý belangrik was, is dat ons dit binne die vennootskap doen saam met ‘n klompie ander gemeentes. (01:32:56) Dit, dit vir ons, dink ek het gewéldig gehelp om ‘n tweeling-gemeente te hê en om gereeld *cluster* byeenkomste te hê, um, en, en daarin getrou te werk. Um, want dit was ons ontdekking gewees, ons het vir mekaar gesê in die gemeente, dit, dit vóél vir ons asof ons niks hoef te doen nie. Um, die [stilte] gestuurde proses, um, [stilte] het vir ons so goed gehelp, dat ons geleer het om die proses so goed as moontlik te volg. Um, en, en, en dit is nie dat ons al ons vertroue in die proses plaas nie. Daar’s uiteraard werk wat ons moes gedoen het. Um, maar dit het vir ons so goed gelei dat ons baie vertroue, uhhh, in die proses ontwikkel het. Um, en dat ons dit ook met vrymoedigheid vir ander kan aanbeveel.

P11: PR_11.docx - 11:36 [die belangrike ding miskien ne..] (86:86) (Super)
Codes: [12 Die ontdekking dat God reeds werk en ons daarby kan aansluit - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

...[D]ie belangrike ding miskien net wat ek kan byvoeg wat onderliggend aan alles is, is die ontdekking dat die Here alreeds aan die werk is. En, um, dat ons maar net moet, uh, sensitief wees, um, wáár Hy aan die werk is en inskakel by daai werk. En dit kom deur daai onderskeidings, geestelike onderskeidingsproses, geloofsonderskeiding, uh, waar deel van die werk van die taakspan is. Um, wat dus, as ek terugkyk, um, [stilte] is dit die dinge wat vir my vrymoedigheid gee om die proses by ander predikante aan, aan te beveel. Uh, die bevryding, die stuk, die wete dat jý hoef nie alles te doen nie. Um, aan die begin, uh, is ‘n mens mos nou maar onder druk en jy’s gespanne. Gaan die ding slaag? Gaan dit werk? Want jy wil nie net die gemeente weer aan iets nuuts blootstel wat môre oormôre tot ‘n einde kom en waarvan daar nie, uh, volhoubare resultate is nie. Um, maar, um, die terug, as ek terugkyk, dan sê ek: jog, um, die goeters is daar in die proses, en ‘n mens kan jou, um, met vrymoedigheid daaraan blootstel en dit volg. En jý sal gevorm word en die taakspan, die mense saam met jou, sal gevorm word. En, uh, die, uhhh, Heilige Gees sal sorg dat die resultate daar is.

P11: PR_11.docx - 11:37 [Ek dink sommige gemeentes, ek ..] (88:90) (Super)
Codes: [Hoe om inkoop te kry by predikante wat nie die belangstelling of energie het nie - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Ek dink sommige gemeentes, ek meen, báie gemeentes, um, raak, wat betrokke raak by die vennootskap, dink ek raak betrokke omdat hulle predikante mense is, um, wat oop is vir groei, vir ontwikkeling, vir vernuwing, um, en, um, wat ook daai insig het, um, dat ons moet verander word van instandhouding na gestuurdheid toe. Um, en ék sou reken, um, as daar ‘n area is waar ‘n mens navorsing sou kan doen, is, omdat predikante so ‘n groot invloed het op wat in die gemeentes gebeur, uh, sou ‘n mens dalk, uh, dit kan doen, uh, om, om te kyk hóé kan jy die predikante wat, uh, nié daai insig het of daai belangstelling het, wat nie die energie het nie, um, wat te veel besware het, uh, om in te koop in hierdie proses, um, wat dit teologies of andersins nie verstaan nie, um, die gestuurdheid van die gemeente, die, uh, die missionale, uh, houding en karakter wat die gemeente behoort, uh, te hê nie. Uh, wat sou gedoen kan word om die wéérstand van sulke predikante te verlaag en sulke predikante te help, uh, om, um, in te koop, of om te skuif, uh, na, na gestuurdheid toe nie. Want, ek meen, daar is baie predikante wat swaarkry in hulle gemeentes. En die gemeentes kry swaar. Maar hulle hóú by, um, die teologie, en hulle hou by die patrone en die strukture wat nié werk nie.

© University of Pretoria

More of the same.
More of the same. Um, hulle probeer dít net beter te doen. Um, maar dit skuif nie vir hulle en die gemeente nie. So, ek dink as dáároor ‘n bietjie navorsing gedoen kan word, sal dit miskien daai gemeentes help.

© University of Pretoria

Aanhalings PR_12.

All current quotations (46). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:44:42

P12: PR_12.docx - 12:1 [Ja, ek ek dink, uh, wel ek din..] (5:5) (Super)
Codes: [Konteks: Gemeente het na die gemeenskap toe geswaai - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ja, ek-ek dink, uh, wel ek dink die reis het die méeste daarmee te doen. Dit was nou nie nét dit nie, maar... Ek dink die gemeente het na die gemeenskap toe geswaai wat nie, uh, vroeër noodwendig so was nie. Um, ek dink die gemeente was altyd lekker, jy weet, informeel, gemaklik, verhoudings belangrik, en so aan. Maar die die-die uitreik-ding - nie net sending nie, jy weet, of die ou ou verstaan van sending - om te besef ons is hier om die gemeenskap te dien in God se naam. Ek ek dink dit het dit het die, uh, die reis eintlik die ouens se koppe en harte geswaai. In ‘n sin, die bestaansreg van ‘n gemeente.

P12: PR_12.docx - 12:2 [Ek sien jy vra ‘n verhaal hier..] (5:5) (Super)
Codes: [Storie: Omgee-mandjie 130 gesinne kry elke maand kos - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek sien jy vra ‘n verhaal hierso, dis nou nie ‘n “amazing” verhaal nie. Maar, uh, ons het op ‘n stadium begin met ‘n omgee-mandjie-ding. Gemeenskapsforum ook, waarby ek betrokke is en so aan. En dit het dit het gegroei en ontwikkel dat, ons hoef dit eintlik nie meer te adverteer nie. Ouens dra by, uh, hier is mense Woensdae wat, uh, ek bedoel nou nie net geld nie, jy weet, kos, klere wat hulle ook al kan gee, Woensdae wat kom pakkies maak. Hier’s 130 gesinne wat elke maand kos kry. Jy weet, georganiseerde pakkies eintlik, kruideniersware kry uit die bydraes wat die wat die gemeente gee. Um, en-en dis nié net, of selfs in die eerste plek, um, gemeentelede wat wat swaarkry nie, dis ouens in die gemeenskap wat op een of ander manier op ons tafel beland. So, as ek dit, uh, dit as ‘n verhaal kan-kan gebruik. Die die hele bestaansreg, ons is hier ter wille van die van die samelewing, ter wille van die gemeenskap. (02:12) Dit het verander.

P12: PR_12.docx - 12:3 [Die die hele bestaansreg, ons ..] (5:5) (Super)
Codes: [Konteks: Gemeente het na die gemeenskap toe geswaai - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Die die hele bestaansreg, ons is hier ter wille van die van die samelewing, ter wille van die gemeenskap. Dit het verander.

© University of Pretoria

P12: PR_12.docx - 12:4 [Ek ek dink 'n stukkie meer mon..] (6:7) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Lidmate word mondig en neem self inisiatief en verantwoordelikheid - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek ek dink 'n stukkie meer mondigheid ook, uh, by die gemeente. Um, ons het netnou daaroor gepraat, jy weet. Oor oor lidmate, die taal wat lidmate het, die verantwoordelikheid wat lidmate neem, die insiatief. Kyk, daar het baie goed saam met dit gegaan. Ons het in hierdie tyd, uh, van die wykstelsel wegbeweeg na die na 'n omgeegroep-stelsel. Jy weet, so, omgeegroepe het 'n belangrike ding geword. Die inisiatief van-van lidmate, van mense. Die die vryheid, jy't net-nou ook dit gesê, die vryheid wat mense het en die die verstaan: "êrens kan ek, kan ons 'n verskil maak". Al is dit nie, dit hoef nie ge-orkestreer te word en jy weet, dra net hier by of wees deel van hierdie taakgroep of hierdie vergadering nie. Dis ouens wat-wat 'n nood of 'n behoefte sien en eenvoudig met die groep in die gemeente - waar hulle ook al betrokke is - sê, "kom ons kom ons doen dit". (03:07)
Ja, so 'n stuk mondigheid, 'n stuk aanvaarding van verantwoordelikheid, uh, van die roeping, die gedeelde, jy weet, roeping, visie. Uh, en die besef van die, uh, ek noem dit bestaansreg , maar eintlik die fokus van die van die kerk. Um, dat dit nié op onsself kan-kan wees nie en ís nie, en die praktiese uitleef daarvan, jy weet. Ook lidmate, individue, wat nie noodwendig in 'n groep deel is nie, blikkieskos in die kas sal sit, of hier by 'n garage iets vir iemand sal doen, en so aan. So daai-daai bewustheid van: ons is hier, ons is die kerk en ons het 'n verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap. Mondigheid, en nie meer afhanklik van leiers in daardie opsig nie.

P12: PR_12.docx - 12:5 [Ag, dit kom kom oor oor 'n lan..] (11:11) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: Konkrete blootstelling aan nood in die onmiddellike konteks - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ag, dit kom kom oor-oor 'n lang pad. Maar die die hele betrokkenheid in in ons ring ok, of by die barmhartigheid in hierdie gebied, by "Shell Tiffies". Hierso is 'n hele spul skuilings, noem ek dit nou maar, uh, party beter as ander en party slegter. Maar wat hier uit is op hierdie Warmbadpad op plotte, mense wat swaarkry. Uh, en en ons gemeente het by verskillende van die goed betrokke geraak, verskillende individue, groepe, maar ook as-as gemeente. Um, en dit het maar net eenvoudig ouens se harte oopgemaak. Betrokkenheid, nê. Blootstelling aan die goed, nie net hóór van êrens...

P12: PR_12.docx - 12:6 [Dis miskien ok nog 'n ding waa..] (12:12) (Super)
Codes: [GestuurdePraktyke: Ontdek vreemdelinge as God se gawe - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Dis miskien ok nog 'n ding waar die gemeente gegroei het, dat ek dink nie ons vra meer, um, in die éérste plek is jy 'n lidmaat van die gemeente of nie, jy weet. As 'n ou hier kom is, hy hy's welkom. Ons sien hom as 'n gawe van God, of haar. Uh, en die gemeente moet ook 'n gawe wees aan die mense wat oor ons pad kom of in wie se pad ons kom, en in in die gemeenskap waar ons bly. (06:16) So, uh, lidmaatskap is belangrik, maar dis nie dis nie die "shipoulette" van: "kom ons help eers ons eie mense, en dan help ons ander nie, jy weet.

© University of Pretoria

P12: PR_12.docx - 12:7 [Ek ek dink leierskap. Uh, en d..] (14:14) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Sterk span leiers wat visie vat en saamwerk - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek ek dink leierskap. Uh, en daarmee bedoel ek nou nie die predikante in die eerste plek nie, hoewel hulle, jy weet, ek en my kollegas deel wás en ís daarvan. Uh, as jy 'n sterk groep leiers het wat wat die visie vat of begryp. En so terloops, ek dink nie dis dis eintlik 'n nuwe, ek dink die missionale fokus is eintlik die Bybel se fokus. Ek dink maar net ons het êrens te gewoond geraak, of eng, jy weet, begin fokus. Maar as ouens dit dit snap en jy-jy-jy het 'n leiergroep wat dit snap en hier's 'n, hier's 'n, um, gestruktureerde, maar nie 'n beperkende struktuur of proses, program, uh, aksie, wat wat-wat hierdie goed belei, uh, begelei. Dan dink ek, uh, die leierskap se-se koppe en harte wat verander, en die sáám-werk en sáám-worstel, en terugvoer, jy weet, daardie "loop" elke keer, um, wat 'n ou kry. Ek dink leierskap is die is die héél belangrikste faktor.

P12: PR_12.docx - 12:8 [En dan, ek dink, die tweede di..] (15:15) (Super)
Codes: [05 GesprekKommunikasie: Kommunikasie wat mense kan saamvat - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

En dan, ek dink, die tweede ding wat ek sal sê, is kommunikasie. Dit dit wás maar altyd en is maar nog steeds, dink ek, uh, 'n uitdaging. Jy weet, hoe vat 'n ou mense saam, nê? Ons ons glo tog in die gemeenskap, as jy vyftien of twintig persent van ouens se koppe kan swaai en die gemeente, jy weet, dan-dan is daar 'n tuimel-effek. Um, maar daai kommunikasie, om ouens saam te vat, en nié nét inligting nie, nê. Dat dit dat dit ook op 'n ander vlak sal lê - 'n deelnemende- en 'n belewenis-vlak, jy weet.

P12: PR_12.docx - 12:9 [En en die derde ding wat ek so..] (16:16) (Super)
Codes: [03 Fokus/Visie: Integrasie van fokus met die hele bediening - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

En en die derde ding wat ek sou sê, is-is integrasie. En en, jy weet, hoe integreer dit met die hele bediening en fokus van die van die gemeente? Jy weet, hoe integreer dit met die eredienste? En hoe kan 'n ou die goed met mekaar laat-laat praat en-en verbind, en daai-daai lyne trek wat eintlik teologies gesproke natuurlik daar is, maar partykeer nie noodwendig so sigbaar, jy weet, altyd-altyd is nie?

P12: PR_12.docx - 12:10 [Ek ek dink die die gróót... Jy..] (18:18) (Super)
Codes: [03 KragteInstandhouding: Interne weerstand teen verandering - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ek ek dink die-die gróót... Jy vra: die grootste uitdagings of probleme? Die grootste ding, um, is, - en ek dink dis 'n menslike ding, nie net by ons gemeente nie, maar by ons gemeente het ons dit verseker, beleef ons dit nou nog soms – uh, is 'n, die interne weerstand teen verandering. Jy weet, as-as... En hoe-hoe swaarder dit gaan, en, jy weet, daai terug *default* na ter wille van oorlewing, um, en na die goeie ou-ou dae, en vroeër het dit só gewerk, en, uh... En om bietjie uit jou gemaksone uit te kom is nie 'n lekker ding nie. Jy weet, vir 'n gemeente ook. Want dit skep onsekerheid.

© University of Pretoria

P12: PR_12.docx - 12:11 [En om daai balans te handhaaf ..] (19:19) (Super)
Codes: [03 KragteInstandhouding: Balans tussen om lidmate uit te daag en ook te laat veilig voel - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

En om daai balans te handhaaf dink ek is die grootste uitdaging, van-van hoe vér moet ‘n gemeente uh ge*stretch* word half, en, jy weet, in watter mate moet hulle uh beskerm word, of, jy weet, wat, hoeveel stabiliteit moet daar wees om darem nog, jy weet, veilig te wees, uh, of te voel. (09:50) Um, so-so daai ding, en ek-ek vermoed dit is nóú nog méér so, as twee drie jaar terug. Ek dink die-die, um, ouens *default* terug soontoe, die gemeente. En en dit is eintlik vir my ‘n bekommernis, jy weet. Ek dink die twee goed, die-die een kant oorlewing, en die ander kant die *attractional* model wat nie in ons... Ons is nie ‘n vreeslike, sulke “*high polvei*” gemeente nie, wat-wat goed is en wat *nice* is, dink ek. Um, maar dit is tog eintlik maar, dis ‘n anderkant van die van dieselfde saak, jy weet. Um-um, mense moet gedien word. So of jy nou gedien word deur goed wat vir jou lekker is en of jy gedien word deur goed wat vir jou veiligheid gee, jy weet. Daai daai twee goed, dink ek. (10:35) Uh, maar die weerstand. Ek dink dit is een van die grootste uitdagings.

P12: PR_12.docx - 12:12 [En dan wat ek nou-nou ook so t..] (20:20) (Super)
Codes: [05 GesprekKommunikasie: Kommunikasie wat mense kan saamvat - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

En dan wat ek nou-nou ook so tussen die lyne gesê het: om om goed genoeg te kan kommunikeer lat jy ‘n gemeente sáám vat, in-in ‘n sin. Nou van die begin af, nê, ook ook jou leiers saamvat en dat jou proses nie predikante-gedrewe is nie, maar dan leiergroep- of kerngroep-gedrewe, nê. Bestuurspan of kernspan, taakspan, noem dit wat jy wil, gedrewe, en dan die kommunikasie in die gemeente. Um, ek weet nie wat ‘n ou anders sou kon doen nie. Ek, uh, ek dink ons kommunikasie sou beter kon-kon wees, maar ek dink nie ons sou regtig iets anders… Ek dink dit is ‘n pad wat, proses wat ou moes-moes loop. En wat jy nie altyd... Jy weet, dis op en af, jy kan nie altyd bepaal wat wat...

P12: PR_12.docx - 12:13 [Miskien kan ek nog nog iets sê..] (21:23) (Super)
Codes: [01 Projekbestuur: Om nie met ander gemeentes te vergelyk of te kompeteer nie - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Miskien kan ek nog-nog iets sê wat vir my, uh, wat ‘n besef by die gemeente - terwyl ons nou oor die gemeente praat – was, en ek dink ‘n goeie besef, is dat, maar dis ook ‘n moeilike ding, dat ons nié in kompetisie staan met ander kerke of ander gemeentes nie. Nou nou dis ‘n moeilike ding, want ‘n ou het ‘n trots, jy weet, en daai span-kohesie-ding, um, maar ons kan nie alles vir almal wees nie. En, jy weet, die oomblik as ‘n ou begin vergelyk, ons is nou, ons is ‘n redelike groot gemeente, maar ons is eintlik die kleinste gemeente in die ring. Jy weet, so ons het nie, ons kan nie kompeteer - ons hóéf ook nie, ons móét ook nie. Elke gemeente moet sy eie visie en fokus hê, maar-maar om daai ding, lat mense nie daarby vassteek en sê: maar hierdie ouens doen dit so, en, jy weet, so bietjie van ‘n van ‘n kompetisie. ‘n Gevaarlike ding aan die een kant. Aan die anderkant maak dit weer energie los, maar ek is nie altyd seker of dit ‘n goeie basis het nie, jy weet. Uh, vriendskaplike wedstryde is ‘n goeie ding, maar [lag] maar ‘n ou moet versigtig wees.
Um, sal jy dit sien as ‘n uitdaging of-of sou jy sê dit is iets wat jy dink julle reg

© University of Pretoria

gedoen het? Of of iets waaraan jy...
Ek dink ons het dit reg gedoen, maar dit bly ‘n uitdaging. Want want jou jou geneigdheid om te vergelyk, en, um … Kyk kyk aan die een kant, nê, as ons as ons glo, wat ek met my hele hart glo, dat-dat elke, dat God aan die gemeente alle gawes gee wat nodig is dat ons die gemeente kan wees wat Hy bedoel, dan beteken dit ook Hy gee aan die gemeente mense met geleenthede en ervarings, en-en elke, jy weet, of ‘n ou nou lank hier is of ‘n nuwe persoon, bring-bring energie, bring uh kennis, bring vaardigheid saam. Uh, en-en dís goed. Dis positief. Maar maar die oomblik as ons begin vásval in ‘n vergelyking, óf of begin voorwaardelik raak. Jy weet, ons het dit só gedoen, as ons dit nie só doen nie, jy weet, dan-dan gaan ek nou nie my myself gee hierso nie. Dan dán raak dit ‘n ding. So ek dink dis ‘n voortdurende uitdaging. Ek dink nie dis ‘n ding wat jy, um, wat ons... Ek sien dit tussen kérke. Ons het ‘n baie goeie verhouding met, ek bedoel nou verskillende Christelike kerke in in hierdie gebied, maar jy weet, ‘n ou hou aan die eenkant jou hart vas, want jy géé jouself. Ons is betrokke by ekumeniese projekte en goed, maar jy weet óók dat, um, dit kan gevaarlik wees. Jy weet, so daai-daai dingetjie... En dit moet mos nie eintlik so wees nie, ons moet mos gáán, jy weet. [Lag] So so, Gert, ja, ja, ek dink dit is ‘n uitdaging. Ek dink dis ‘n, dis ‘n uitdaging.

P12: PR_12.docx - 12:14 [Ek dink, uh, jy weet, in Engel..] (27:27) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Om lidmate te bemagtig - Family: Leraar Rol]
No memos

Ek dink, uh, jy weet, in Engels die woord “*enabler*”. Uh, “mentor” sou ‘n goeie woord wees, maar nié, nie mentor uit ‘n uit ‘n gesags- of ‘n mags-posisie uit nie. Um, om mense te bemagtig. Jy’t net-nou, het ons oor iets anders gepraat, toe’t jy gepraat van gemeentes of lidmate wat bemagtig word. Ek dink, dít is die rol. Bemagtiging aan die aan die een kant van, uh, om, dit vra natuurlik dat jy bietjie van jou, nie bietjie nie, dat jy jouself of jou mag of jou, uhhhhh, jy weet, weggee. Um, so bemagtiging dink ek.

P12: PR_12.docx - 12:15 [En dan motivering uit die aard..] (28:28) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Hou die gemeente by die Bybelse roeping - Family: Leraar Rol]
No memos

En dan motivering uit die aard van die saak. En ek dink ‘n teologiese begronding. Jy’s die ou op die span, uh, jy en jou kollega of kollegas, is die mense op die span wat die wat die gemeente naby die Bybelse roeping moet-moet hou en moet herinner.

P12: PR_12.docx - 12:16 [En sáám met dit, en dis nog ie..] (29:29) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Daag die gemeente uit na God se voorkeurtoekoms - Family: Leraar Rol]
No memos

En sáám met dit, en dis nog iets wat ek, en dit kan partykeer ‘n bietjie ongemak veroorsaak, is, uh, die ding van ‘n visionêr, of eintlik ‘n..., um, jy moet ouens *stretch* . Ek ek weet nie wats die, wat sal die woord wees? Um, jy moet ouens *challenge*. Jy moet ouens *stretch*. So so uh jy moet hulle begelei, maar nie, dis nie ‘n sagte begeleiding nie. Dis ook nie ‘n konfronterende begeleiding nie . Maar jy, dis heeltyd op daai mespunt van, um, jy weet, waar ons is, en waar-waar lê die toekoms waarheen God met ons op pad is. En daai spanning tussen-in, en, uh, oor wie dit gaan, oor God of oor ons of oor die gemeenskap of oor ons, of die kerk, oor... Jy weet, daai, om die

© University of Pretoria

ouens die heeltyd te *stretch* sónder om, um, afstand te-te groot afstand te hê wat jy wat jy ouens, uh, eintlik verloor of-of van die kantlyn af of van bo af of van die kantlyn... So, jy is nie heeltemal ‘n *coach* nie, jy is ‘n mede-speler. Maar jy moet daai ouens, jy-jy moet hulle druk. Jy moet hulle trek, jy moet hulle druk, jy moet hulle motiveer, jy moet hulle troos. Um, ja, dis hoe, dis hoe ek my my rol sien. Uh, um, fasiliteerder, as jy dit wil sê, uh. Ja. En om nié oor te neem nie. Om om om met ander woorde - teen die bestaande of gerieflike idee van van ‘n domineeskerk en ‘n leierskapstyl wat die predikant die goed doen, hy sê net vir ons wat ons moet doen en dan doen ons dit en dan is die saak reg. So, jy weet, ‘n herdefiniëring eintlik van leierskap, nê, jy weet. Uh-uh, ‘n dienende, maar tog ‘n uitdagende, uh-uh, rekkende... Ek weet nie of daar ‘n mooi word is daarvoor nie. Uh, maar jy moet ouens op hulle op hulle tone hou, sónder om aspris te wees. En sonder om, jy weet, te-te reageer die hééltyd. Want kyk, dit is mos nou ‘n reis dié. Ons ons ons weet God is met ons op pad, maar, uh, jy weet, die pad is nie net van A na B, en dis nie ‘n reglynige ding nie. So ons wéét ook nog nie één waarheen is God heeltemal met ons op pad nie. So om die heeltyd, uh, daai alreeds en nog-nie spanning, uh, teologies ook, nê, by... Kyk aan die een kant is ons mos nou veilig in God se hand, maar wáárheen is God met die gemeente op pad, en wat is sy-sy doel en sy-sy bedoeling.

P12: PR_12.docx - 12:17 [En hóé steek ons grense oor. D..] (30:30) (Super)
Codes: [06 TransformasieKultuur: Help en begelei gemeente om grense oor te steek - Family: Leraar Rol]
No memos

En hóé steek ons grense oor. Dis ok miskien ‘n ding wat ek sou sê as predikant, my rol, uh, om ouens te help en te begelei om grense oor te steek al skep dit onsekerheid. Grense te-te skuif en grense oor te steek. Um, ja, dis hoe ek dis hoe ek die rol sien.

P12: PR_12.docx - 12:18 [Dis ‘n moeilike vraag. Ek dink..] (32:32) (Super)
Codes: [3 Leierskap: Nie vanuit magsposie, maar deur diens - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Dis ‘n moeilike vraag. Ek dink om myself, om myself te gee en-en sáám aan die soeke-kant te wees. Jy weet, nie... Bietjie bietjie van die sekerheid, of gewaande, of verwagte sekerheid weg te gee. En en, of nie weg te gee nie, net weg te kom. En te sê, maar, um, ek weet óók nie. Jy weet, so-so my rol is eintlik om om om terug te staan in ‘n sin van, um, nie soos Moses wat-wat voorloop en die en die volk volg hom nie, jy weet. Uh, om om sáám te loop en te soek na die pad, en by tye selfs die proses te-te vertrou, áltyd die proses te vertrou, maar die proses te vertrou deur terug te staan en nie die beheer te probeer manipuleer, of vinniger, jy weet, of in ‘n skerper rigting of iets... Dat die, dat die goed uitspeel. En, um, ek-ek dink ‘n ander iets wat ek hierby sou bysê, om die om die moontlike spanning of konflik of onsekerheid dan te-te integreer of te ontlont, nie deur dit op te los nie, maar deur-deur dit sáám te dra. Jy weet, sou ek nogal... Um, so-so motivering, uh, leierskap, maar nie op ‘n op ‘n direktiewe manier nie. En ook nie op ‘n manipulerende manier nie. Nie-nie, ook nie truuks en goed nie. Eerlike soeke, um, saam-worstel, saam-vind, saam saam-soek en saam-probeer. En en saam dalk nié slaag nie, jy weet, of-of slaag, op en af, nê. Um, en-en om die leierskap van die-die, uh, die taakspan, voorsitter of groep, eintlik te volg en-en nie sélf te wil lei nie - al is jy deel daarvan. Dis ‘n moeilike ding, nê. Um, maar tog ‘n bevrydende ding, want dan kom... Dis mos nou God se gemeente, dis nie jou gemeente nie. Uh, en-en jy is ‘n déél van die leierskap, maar jy’s nie dié leier nie. Jy

© University of Pretoria

weet, dis-dis God se roeping. Dis God se visie, dis Hý wat stuur. So, um, ja. En en op die ou end op die Heilige Gees te vertrou, nê. Ek dink dit is die, uhhh... So bietjie uit mens se diepte uit, party keer, want jy, daar's nie eenvoudige en maklike antwoorde nie.

P12: PR_12.docx - 12:19 ['n Ander ding, dink ek, wat vi..] (33:33) (Super)
Codes: [3 Leierskap: Hou die groter prentjie in die oog (geloofsonderskeiding) - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

'n Ander ding, dink ek, wat vir vir my, uh… Ek het, ek het, ek is 'n redelike visionêre ou, maar nie idealis nie, jy weet, in die sin van... So-so om, jy weet, my bydrae dink ek om die, om die groter prentjie in die oog te hou die heeltyd, sonder om moed te verloor of 'n *pie in the sky* te-te soek.

P12: PR_12.docx - 12:20 [Maar daarmee saam natuurlik da..] (34:34) (Super)
Codes: [3 Jel tussen vroeë en laat aanpassers - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Maar daarmee saam natuurlik dan geduld te hê en net bietjie daai jel te wees tussen-tussen ouens en die onsekerheid en die... Jy weet, daai vroeë ouens en die later ouens. Ouens wat net wil gaan en ouens wat sê "*whoa*, jy weet, dis nou bietjie kwaai". [Lag] So, ja, so dit was, uh, ek dink, my unieke bydrae.

P12: PR_12.docx - 12:21 [Ek dink dit is vandag nog so. ..] (36:36) (Super)
Codes: [34 Om geduld te hê met mense wat nie kan of wil aanpas nie - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Ek dink dit is vandag nog so. Dit is om geduld te hê met mense wat… Nou moet ek dit móói sê, want as ek dit verkeerd sê... As ek nou aspris wil wees, kan ek sê, wat nie wíl verander nie. Maar eintlik moet ek sê, wat nie kán verander nie. En ek sit dit in aanhalings tekens. Jy weet, natuurlik kan alle mense verander, maar party verander nou mos baie moeiliker as ander. En om om begrip, begrip en geduld te hê met met, um, daai mense en nie net af te skryf nie. Daar's party ouens wat sê, uh, en ek verstaan dit, daar is sekere – ek bedoel nou dominees - wat sê, daar is sekere lidmate of ouens wat jy half in die hospitaal sit. Jy weet, jy versorg hom en so aan, maar jy steur jou nie veel aan hom nie, uh, want hulle breek die proses. Jy weet, om nié dit te doen nie, om om te besef, maar hierdie ouens, jy weet, al trek hulle bietjie die rem te styf op, um, het-het nét só 'n aandeel. So so daai ding is nog steeds, dink ek, vir my, vir my 'n moeilike... Dink ek is 'n baie geduldige mens, maar om nie die proses te laat te laat terughou nie, so dis-dis vir my persoonlik dink ek die grootste uitdaging.

P12: PR_12.docx - 12:22 [En en die ánder ene wat ál mee..] (37:37) (Super)
Codes: [31 Om nie terug te default as die ekonomie knyp nie - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

En en die ánder ene wat ál meer na vore kom, is om in-in hierdie tyd van ekonomiese oorlewingstryd, um, nie te swaai na-na eksklusivisme, self gerigtheid, um, begin eers by die gemeente self en dan miskien kan ons, jy weet, ander ouens help. Uh, om-om, of dáái ding, jy weet, nie na 'n oorlewing, instandhouding oorlewingstryd uh vas te val nie, want um *after all* hierdie ouens betaal mos nou my salaris, jy weet. En daar is

© University of Pretoria

ouens wat dit sal sê ook. So om daai-daai openheid en die-die wyse pad um en die breë prentjie in-in my kop te hou in my hart te hou, uh, terwyl die oorlewingstryd ‘n ou knel. Um, dit-dit, ja. Ag, maar jy weet waarvan ek praat. Dit sal ‘n ou dood druk. Dit sal jou... En en ek kan nie dat finansies of die gebrek aan finansies, uh, my my fokus bepaal nie. Dit móét tog God se plan en pad met ons wees wat ons fokus bepaal. Um, ja, en-en baie van die gestuurde uitdagings-goed, soos enkelouers en so aan, dis nie, uh, dis nie ‘n fokus wat-wat vinnig gaan geld inbring nie. Jy weet, uh, dis ook ‘n nuwe generasie wat jy van gepraat het. Jou nuwe generasie wat op ‘n ánder manier bydra, ás hulle bydra, of wánneer hulle bydra. Die vraag is, maar sal ons oorleef tot dan? Móét ons oorleef tot dan? Jy weet, dis daai tipe van goed wat, uh, wat vir my ‘n groot-groot uitdaging eintlik is. Jy weet, hoe sal ons dan nou nié in eksklusivisme terugval, en selfversorging, en self-sorg, en uh um geslotenheid, uh, in die tyd wat ons lewe nie? Jy weet.

P12: PR_12.docx - 12:23 [Ek dink dit was ‘n bevrydende ..] (42:42) (Super)
Codes: [2 Missionale teologie as bevrydend beleef - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ek dink dit was ‘n bevrydende ding. Want, um, ons het... Kom ek kom ‘n oomblik na die gemeente toe of na ons as kollegas toe. Ons het, ek dink, ‘n redelike balans, ek praat nou van histories al, uh, in terme van uitreik na die gemeenskap, maar ook-ook in terme van met die evangelie na Madagaskar en Mosambiek. En elkeen van ons het nou ‘n plek en ‘n rol daarop. Maar ek het nog altyd die evangelie gesien as ‘n as ‘n wýe ding. Dis nie ‘n, jy weet, gaan vertel iemand van Jesus, en jy weet, hy *happily ever live*, jy weet. So, elke vlak, soos sosiaal, en-en materieel, en-en psigies, en emosioneel, en geestelik. So vir mý was dit ‘n bevrydende ding. Um, want ek dink die missionale teologie is ‘n baie-baie gebalanseerde teologie. En die-die ding van-van die roep..., die rol van die kerk. En en daarmee saam ook natuurlik die predikant. Um, ons is nie hier ter wille van onsself nie. So, so dit was, uh-uh, bevrydend, maar ook ‘n versterkende, veredelende, um, beléwenis vir my, jy weet, as-as predikant. Waaroor gaan die kerk werklik? Uh, hoekom is ons hier? Jy weet, uh, wie bepaal, wie of wat bepaal ons roeping? Natuurlik ook nie die gemeenskap nie, nê, ek bedoel, dis God wat ons roeping bepaal. Maar ons roeping lê beslís nie in onsself nie, nê. God stuur ons tog na die wêreld toe.

P12: PR_12.docx - 12:24 [En die héle gesprek, die die n..] (43:43) (Super)
Codes: [2 Gesprek en nadenke oor teologie 'n stuk stimulasie - Family: Leraar Transformasie]
No memos

En die héle gesprek, die-die nadenke oor-oor teologie, en-en met ander ouens te praat. Die saam, uh, boeke lees en debatteer. En, dít alles, dink ek, was ‘n geweldige, uh, vir my ‘n stuk stimulasie, jy weet. En ‘n stuk groei, en nadenke, refleksie, nê. Ek bedoel, dit maak net ‘n spul goed by ‘n ou wakker, wat na baie jare in-in die bediening tog, dink ek, nódig is. Dat ons so bietjie die die-die stof afblaas. En, jy weet, die goue are net weer herontdek en die diepte daarvan ontdek, en debatteer en-en mee worstel, nê. Want dis nie so eenvoudig... Ek bedoel, die evangelie is tog eenvoudig, maar dit, maar die praktyk is nie so eenvoudig nie. So om om die kompleksiteit, maar ook die rykdom, jy weet, van dié goed, uh, daaroor teologies na te dink en te besin. En dít sáám met lidmate. Nê, jy’t net-nou ook iets daarvan gesê. Dis ‘n wónderlike ding, jy weet, uh, ons lidmate is nie pampoene nie. En daar is baie diepte in baie van hulle,

© University of Pretoria

as... En miskien het ons hulle vroeër net nie die die ruimte gegee nie, jy weet. Of het die héle kerk-opset hulle nie... Dis dalk nie so bedoel nie.

P12: PR_12.docx - 12:25 [Um, ons het die veertig dae ge..] (45:45) (Super)
Codes: [8 Rick Warren se veertig dae materiaal - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Um, ons het die veertig dae gedoen van “Doelgerigte lewe”. Toe’t ons begin met met-met die met die reis. En toe’t ons op ‘n stadium saam in die ring “Saam is ons beter “ gedoen. Ook die veertig dae, nê. Nou nou daai, ek wil amper sê toebroodjie-ding - waarvan die die-die reis die langtermyn, uh, fokus miskien die-die meeste substantief, substansieel is en was – um, was goed. Want dit het dit het ouens so bietjie gefokus met baie energie. Jy kan mos nou nooit daai energie volhou elke keer nie. En en weer sáám gevat, maar ons is deel van ‘n groter geheel wat ‘n verantwoordelikheid in die gemeenskap het. Sáám met die missionale teologie en die proses. Dit het dit het nogal ons gemeente, maar ook vir my en my kollegas dink ek gevorm.

P12: PR_12.docx - 12:26 [Wat my persoonlik gevorm het, ..] (46:46) (Super)
Codes: [4 Refleksie, nadenke en verdere studie - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Wat my persoonlik gevorm het, net so bietjie voor ons, nog voor hierdie veertig dae... Nou goed, miskien moet ek dít eers sê, ek is, uh, was nog altyd betrokke by-by jong mense en by die vraag - was op ‘n stadium vyf jaar mentor van ‘n diensjaarspan – by die vraag: hóé ontmoet die kerk die eise van die tyd? Hoe lees ons die tye? Die tyd waarin ons leef? Die gemeenskap? En hoe ontmoet ons dit? Um, ek het begin, nou moet ek dink, wanneer was dit? 2003, 2004, bietjie verder geswot in erediens. Erediens is vir my ‘n vir my ‘n belangrike ding. Uh, dis ook een van ons van ons patrone, nê. Erediens as openbare getuienis, nogal vir ons, wat ons gemeente gekies het, of ontdek het. Um, toe het ek, ek het nooit gedink ek sal verder swot nie en so aan nie, maar op ‘n manier het dit toe nou gebeur. Wat my kop weer bietjie aan die gang gesit het oor ‘n spul goed. 2003, 2004. Toe kom die-die, uh, veertig dae en die gestuurde gemeentes en die en die Doelgerigte lewe. En toe’t ek nou later verder gegaan ook. Um, so my *swotting’s* was nou eintlik van 2003, 2004 die M. En toe verdere studies 2005 tot 2008. Wat wat, waarmee ek onder andere, sáám met nou hierdie die missionale gesprekke en goed – uh, dit was ‘n deel van die studieveld – die hermeneutiek, daarmee begin worstel het, en iets daarvan probeer verstaan het, uh, en persoonlikhede wat my wat my uh vakgebied of my fokus is, prediking, liturgie, um, erediens as viering met die familie van God. Al al hierdie goed het net eenvoudig, uh, McClure dink ek praat nogal iets daarvan. Hy sê... Hy praat van die teo-simboliese kode of die teo-simboliek. En dan sê hy daar is ‘n spul goed wat bewustelik en onbewustelik ‘n invloed in jou as predikant het. Wat êrens bymekaar kom en êrens wetend of onwetend integreer of dalk nié integreer nie. Jy weet, jy kan nou daaroor praat. Nou dit het, dit alles het, en nog steeds, jy weet, ek is nog steeds betrokke by die by die gestuurde gemeente, missionale teologie, uh, bietjie by die universiteit, bietjie by klasgee, by navorsing so bietjie en so aan. So al al daai goed het net vir my… Miskien was dit ok in ‘n tyd wat ek bietjie meer ryp was om, wat ‘n ou terugkyk en ‘n stuk praktyk al agter jou het, en besef, maar-maar ons ons moet op ánder vlakke ook, die gemeentelike vlak is vir my verskriklik belangrik, maar ons moet op ánder vlakke ook, akademiese of teoretiese vlakke, um, beginsel vlakke moet ons óók oor

© University of Pretoria

hierdie goed dink. Jy weet, want hoe verander jy tog nou, of, hoe verander ‘n kerk? En ‘n kultuurverandering begin by sy wortels, nê. Nie by kosmetiese goedjies nie, jy weet, daai-daai, uh, aanpassende veranderinge wat ons nie noodwendig weet hoe om te maak nie. So daar is ‘n spul goed.

P12: PR_12.docx - 12:27 [Uh, miskien maar die tyd van m..] (47:47) (Super)
Codes: [6 Lewensfase 'n tyd vir refleksie - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Uh, miskien maar die tyd van my lewe waarin ek ook is, um, wat ‘n ou baie reflekteer, wat jy baie ontvang het en-en-en wonder wát en hóé moet jy in hierdie uitdagende tye iets teruggee. So, ja, ‘n tyd van groei, ‘n tyd van-van refleksie, ‘n tyd van soeke na integrasie. Jy sal nog [lag] nou nog… jy beleef jy dit al klaar. Maar die..., báie van die goed word eintlik outomaties so half in ‘n ou se kop, in jou wese geïntegreer, maar as ‘n mens oor die goed begin dink en praat, dan kom daar verbindingslyne en verbindingspunte en dan begin jy daai kruispunte sien uh en beleef. En en dít uh is nie net bevrydend nie, dit is uh verrykend. Dit is uh, jy weet, dan begin die goed, die groter prentjie vir jou so bietjie meer-meer sin maak.

P12: PR_12.docx - 12:28 [Bosch, nê, Dawid Bosch se miss..] (48:48) (Super)
Codes: [4 Kontak met missionale teologie - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Bosch, nê, Dawid Bosch se missionale teologie, jy weet, álles... Geweldig, daai boek het ‘n geweldige indruk op my gemaak, alhoewel dit nou nie die maklikste boek is wat ek al gelees het nie. Uh, inkulturasie, nê. ‘n Kerk se-se-se taak om áán te pas by die kultuur, die gemeenskap, maar óók dit positief te beïnvloed, nê. En waar lê die wortels van Christenskap, van die evangelie? Nê. Jy weet, al ál daai goed. Dis maar, ja, ‘n spul goed wat in my lewe gebeur het. Rýk tyd, moet ek sê. Uitputtende tyd ook. Sal jy nou nog agterkom. Um, maar dit was verseker ‘n spul goed wat in my lewe bygedra het.

P12: PR_12.docx - 12:29 [Verandering van kollegas of ‘n..] (49:49) (Super)
Codes: [6 Verandering in kollegaspan - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Verandering van kollegas of ‘n kollega-span. Wat beteken mense het ander verwagtinge, um, jy weet, kyk-kyk met ander ander oë: wat gaan ons doen? Soek méér, sterker leiding. Jy weet, vroeër was jy was jy die groentjie, maar nou’s jy nie meer, jy weet, jy is nou al lank hier. En uh, ja, jy weet, waarheen gaan ons?; waarheen is ons op pad? So, uh, já, ’n spul persoonlike goed.

P12: PR_12.docx - 12:30 [Um, ek dink die kennis, die ke..] (51:51) (Super)
Codes: [Kennis: Om nie die spesialis te wees nie - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Um, ek dink die kennis, die kennis is nie iets wat jy ooit afleer nie, maar dit is, uh, jy leer dit anders gebruik of nié gebruik nie. Ek ek dink om om om om terug te staan en nié, um, die spesialis te wees nie. Um, wat die verwagting van baie mense ís, nê.

© University of Pretoria

P12: PR_12.docx - 12:31 [Ek het nou-nou gesê ek wil iet..] (51:51) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: Wandel in die Woord en in die wêreld - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek het nou-nou gesê ek wil iets oor wandel in die Woord sê. Ek dink die twee goed wat ook in ons gemeente - jy moet dit maar daar insit as jy terugluister – wat ook in ons gemeente 'n geweldige invloed gehad het, is natuurlik die wandel in die Woord en wandel in die wêreld. Vandag nog, met baie vergaderings, kerkraadsvergaderings, taakgroepvergaderings, of sommer net in omgee-groepe het wandel in die Woord die manier geword wat ons Bybelstudie doen, God se wil soek en wat dit nie nét die dominee is, óf sélfs die dominee is, wat wat sê, dis hoe ons dit moet verstaan en dis wat dit beteken, jy weet. Uh, of wat 'n korreksie hoef aan te bring nie. So daai ding…

P12: PR_12.docx - 12:32 [houding wat ek moes afleer. Ma..] (52:52) (Super)
Codes: [Houding: Om verantwoordelikheid te deel - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

...[H]ouding wat ek moes afleer. Maar dit was ook nie vir my so moeilik nie, want dit pas, dink ek, by my persoonlikheid en styl. Dis om mense medeverantwoordelikheid, om om verantwoordelikheid te deel. Nie net leierskap nie, maar verantwoordelikheid te deel. En dit beteken om nie alles te hóéf of te wíl te doen nie. Um, uh, met die houding-houding wat ek, ja, ek sal nie sê ek het so houding gehad nie, maar-maar dis nie ék wat die gemeente moet lei nie. Um, dis God wat sy gemeente lei deur, deur die geméénte. Um, so dit is ook, ek dink dis tog 'n, dis tog iets wat 'n ou in my in my kop, wat ek moes-moes leer verstaan.

P12: PR_12.docx - 12:33 [Uh, en dan beteken dit ek moes..] (53:53) (Super)
Codes: [Nie te gou te praat nie, te luister - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Uh, en dan beteken dit ek moes áfleer, ek moet nog steeds - om te gou te praat. [Lag] Is dit nie? Kyk, dis mos maar, ek dink, as 'n predikant, maar ook as 'n ekstrovert, jy moet... (39:01) En dan natuurlik, die ánderkant daarvan, wat ek moes aanleer? Om te luister, nê. Kyk, die luister oefeninge; die luister vaardighede; luister na God se stem; luister na die Heilige Gees se wil; luister na hoe kom God aan die woord deur iemand anders; luister na die leierskap; luister na die kultuur, na na die gemeenskap, jy weet. So dit, dít is 'n ding wat ek, um … Nou goed, in terme van pastoraat, kan ek nou dink ek redelik goed luister, maar om régtig te luister en myself terug te hou, en-en, um, dóélbewus, nê. Want, die ekstrovert wil mos nou net die heeltyd... En, uh, so dis iets wat ek moes aanleer, wat ek moes afleer. Om te gou te praat. Wat ek moes aanleer. Om te luister.

P12: PR_12.docx - 12:34 [Nuwe kennis? Um, missionale te..] (54:54) (Super)
Codes: [Kennis: Missionale teologie en hermeneutiek - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Nuwe kennis? Um, missionale teologie, missionale hermeneutiek. God wat stuur, God wat seën, maar nié ter wille van ons nie, maar dat ons tot seën sal wees, nê. Jy weet, um, nuwe kennis wat eintlik nie nuwe kennis is nie, maar tog... Dat dit nie by ons begin of ophou nie, nê. En dat ons ok nie maar nét, - uh, wat's die, wat's woord?-

© University of Pretoria

kliniese kanale is waardeur God se water van lewe vloei nie, ons word déél van sy lewenswater. Jy weet, daai-daai ding, uh, um, jy-jy jy's déél daarvan, maar jy's nie jy's nie die begin of die einde nie, jy weet, ek dink.

P12: PR_12.docx - 12:35 [Um, ja, gewoontes? [Stilte] Ge..] (55:55) (Super)
Codes: [Gewoontes: wandel in die Woord sonder om die spesialis te wees - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Um, ja, gewoontes? [Stilte] Gewoontes wat ek moes aanleer, uh, om wandel in die Woord te begelei, sonder om om dit te beperk, en, uh, om om nié my eie insigte voorop te stel op 'n mooi manier en die ander ouens s'n te ignoreer nie. Maar juis daai goed, dis vir altyd my so mooi by die wandel in die Woord as as daai, want ons sê mos nou, al het 'n ou dit nou al aangeraak, dan sê jy dit mos nou weer, wat ons wil hoor, jy weet, wat wat sê die Here vir ons. Jy weet, om dáái goed te onderstreep en en saam met ouens te kan ontdek, dit moes ek dit moes ek aanleer.

P12: PR_12.docx - 12:36 [Um, om God te vertrou in in on..] (55:55) (Super)
Codes: [Om God in onveilige en onsekere vaarwaters te vertrou - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Um, om God te vertrou in in onveilige of onsekere vaarwaters - dit moes ek aanleer. Nou dit klink nou snaaks, maar jy sal nou verstaan wat ek wat ek sê, jy weet, as jy op 'n oop einde afstuur en ons, uh, en ons weet nie noodwendig... En party ouens wil mos nou wéét en, uh, dit sou lekker wees om ook te kan sê, ons ons is nou hier, maar moenie bekommerd wees nie, oor oor ses maande is ons daar. Maar nou is ons nie heeltemal so seker, want ons weet God is met ons op pad, maar ons laveer heen en weer en loop amper op die rotse, en, jy weet. Jy weet, so ek moes leer om op God te vertrou [lag], en, wat betéken, om die próses ook te vertrou. God stap met ons, uh, 'n pad.

P12: PR_12.docx - 12:37 [Um, iets wat ek moes aanleer, ..] (56:56) (Super)
Codes: [Aanleer: Ander se gawes te legitimeer - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Um, iets wat ek moes aanleer, um, om méér positief... Ek is 'n redelike positiewe mens, maar om meer positief die gawes wat God gee in die gemeente, en die pad wat hy loop met spesifieke mense, en mense se rol, úít te lig. Dit is ok miskien hoe ek onder andere my my rol sien, of-of-of leer kén het dan. Uh, spesifiek as-as motiveerder, nie net om persóónlik mense te motiveer nie, maar - wat is die woord? - te legitimeer, om-om uh positiewe terugvoer in die groter geheel um te-te-te verskaf. Terugvoer wat motiveer, terugvoer wat erkenning gee aan aan-aan mense, maar-maar wat ook die-die groter, die-die héle ding, die-die beginsel van God gee alle gawes, en dis wat ons glo, aan die gemeente wat nodig is dat die gemeente sý gemeente kan wees in die tyd wat ons leef. So so, uh, *validate*, nê. Uh, "legitimeer", ek dink dis die dis die woord. Wat dan ook motiveer, maar nie net op persoonlike vlak nie, ook in terme van die van die groep-ding.

© University of Pretoria

P12: PR_12.docx - 12:38 [Um, ja, wandel in die wêreld. ..] (57:57) (Super)
Codes: [Aanleer: wandel in die Wêreld, om te ondek God is reeds aan die werk - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Um, ja, wandel in die wêreld. Dis iets wat ek, ek-ek dink wat ons outomaties half doen, maar nie noodwendig op fokus nie. So ek moes leer om dit ook te déél, méér te deel, nê. Hoe om om om om sáám met mense, mense ook te help, maar saam met mense die gemeenskap te lees en-en ouens oop te maak. En híérdie was vir my 'n verskriklike belangrike beginsel, um, wat 'n ou besef híér, maar nie noodwendig hier nie, wáár is God reeds aan die werk? En dat ons tog nie moet dink, jy weet, dis net óns gemeente of net ek as dominee of, uh, net waar ons ámptelik besig is met jy weet dienswerk of wat ook al, en dat óns darem nou so half, uh, ek-ek stel dit, ek vergroot dit nou, maar uit die hoogte uit kom, jy weet, en iets van die gawe van God vir mense gee. God is lankal orals aan die werk en jy sien dit op baie plekke, om ouens se oë daarvoor oop te maak. Dít moes ek leer.

P12: PR_12.docx - 12:39 [ek dink die eerste ding sal we..] (68:68) (Super)
Codes: [30 Leerbaarheid en openheid vir verandering - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

...[E]k dink die eerste ding sal wees, uh, um, as jy praat oor jou as persoon, ek dink sal by die houding en die vaardighede, maar veral by die houding inkom. Dis 'n leerbare gees. Dat dat ons ons tóg maar moet... Jy weet, party ouens, um… Of die gevváár van 'n predikant-wees is dat jy verskáns word, en hoe langer jy predikant is, dat jy jouself verskans in dit wat jy glo, dit waarin jy veilig is, um, dit wat jy dink die Here die gemeente mee op pad is, waarheen. So daai leerbare gees, bereidheid om te verander, nê. Wat nou aansluit by die patrone nê, bereidheid om risiko's te neem. Maar daai bereidheid om te verander, om te leer, om oop te wees, um, vir verandering. Uh, ek dink dit is 'n kwaliteit wat 'n wat 'n predikant behoort te hê.

P12: PR_12.docx - 12:40 [Uh, die kénnis natúúrlik, ek d..] (69:69) (Super)
Codes: [11 Kennis: Missionale teologie - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Uh, die kénnis natúúrlik, ek dink die hele missionale teologie. God wat-wat stuur. Uh, wat, jy weet, Sy Seun stuur. Jy weet, die hele... - Ek dink, is dit Nicea, nê? Die geloofsbelydenis wat dit so mooi sê - En dan God die Vader en die Seun wat die Heilige Gees stuur. Die hele Triniteit, nê, Drie-eenheid. Uh, God die Heilige Gees wat óns stuur. Sturende God, gestuur deur God. Gestuur na die wêreld. Gestuur, nie as-as uh um as as 'n eindpunt nie, maar-maar as uh 'n deel van die manier waarop God werk. Die kerk, nê, instrument van van-van God. So die hele, uh, missionale teologie. Die optimistiese, of 'n stuk optimisme, um, van God géé. En gelóóf, natuurlik. God gee aan die gemeente, aan die kerk alles, alle gawes wat nodig is om gemeente te kan wees in die tyd waarin ons leef. Daai daai gelóófsbasis. Ons kyk nie vás in wat ons het en wat ons nie het nie, en wie wat beter doen en slegter doen as ons nie. Uh, in die ouderdom van ons predikante of hulle vermoëns of nie. Ons glo God dat gee alle gawes wat-wat nodig is. So, ek dink dit is 'n dit is 'n stuk kennis wat 'n ou-ou sal moet hê.

© University of Pretoria

P12: PR_12.docx - 12:41 [Vaardighede? Openheid, um, mot..] (70:70) (Super)
Codes: [32 Motivering en deel van leierskap - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Vaardighede? Openheid, um, motivering, deelname, die déél van leierskap, die déél van mag, as daar enigsins eers van, selfs van mag ter sprake is. Of van die deel van verantwoordelikheid.

P12: PR_12.docx - 12:42 [Um, bereidheid. Ja, om, so ek ..] (70:70) (Super)
Codes: [33 Vermoë om risiko's te kan neem - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Um, bereidheid. Ja, om, so ek het dit nou gesê, risiko's te neem. Die die déél ook van-van die soet en die suur, as goed werk en as dit nie-nie werk nie.

P12: PR_12.docx - 12:43 [Houdings? Ek dink jy moet, uh,..] (71:71) (Super)
Codes: [35 Moet die brug tussen grense kan wees - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Houdings? Ek dink jy moet, uh, oop wees vir God se Woord en oop vir die wêreld. Op 'n mooi manier nou. Uh, so jy jy moet 'n brug wees. Jy moet daai... Is dit Graham Codrington wat praat van, hy noem dit, uh, "Casper", uh, "knobbel", die die-die kruispunt tussen-tussen generasies. 'n Ou wat na hierdie en na daai generasie toe, jy weet, 'n brug kan kan vorm. Nou, nou, dit gaan nou nie net oor generasies nie, maar die beginsel van, uh... Dis dis 'n vaardigheid wat 'n predikant sal moet hê, of moet ontwikkel. Dat jy dat jy kruispunte kan verbind, dat jy brûe kan slaan, dat jy dat jy ouens kan help... Jy weet, jy moet op daai brug tussen grense wees, of oor-oor die grens, nê. Jy moet op niemandsland kan staan, na die kant toe en na daai kant toe. En ek bedoel dit nou, uh, onder andere, jy weet, God se roeping en-en-en die gemeenskap, maar ek bedoel dit ook in terme van verwagtinge, van-van generasies, van um mense wat wíl waag en mense wat nié wil waag nie. Van van oorlewing en visie, nê. Jy moet 'n spul brûe, kruispunte moet jy kan-kan slaan.

P12: PR_12.docx - 12:44 [Uh, gewoontes? Ek dink wandel ..] (72:72) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: Wandel in die Woord en in die wêreld - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Uh, gewoontes? Ek dink wandel in die Woord, natuurlik 'n belangrike ding. Um, wandel in-in die wêreld.

P12: PR_12.docx - 12:45 [Hm, jy moet eintlik in daai ga..] (89:95) (Super)
Codes: [35 Moet die brug tussen grense kan wees - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Hm, jy moet eintlik in daai *gap* kan staan.
...[F]ormeel en informeel. Jy moet in die *gap* staan. Dit is die kuns.
En jy moet daar ook blý staan. Nê? Dis wat ek hoor.
Ja. En jy moet *gestretch* word weerskante toe. En jy moet ouens kan saamvat. So, jy moet geduld hê met die ouens wat nie kan verander nie, maar jy moet ook die ouens wat wat-wat té maklik verander, sê, "wow, onhou net, hierdie is nie maar net verandering ter wille van verandering nie". Jy weet-weet, so jy't die heel tyd 'n... Jy

© University of Pretoria

moet daai rek-rek wees, daai kinetiese tou, uh, en jy weet nie watter oomblik gaan dit *snap* [lag] of gaan die goed na mekaar toe kom en dan't jy moeilikheid, jy weet.
Ek ek dink, ek dink die vermoë om om spanning, om om in hierdie bipolêre spanning, um, uh-uh, gegronde maar nie beperkende um fasiliteringsrol te kan-kan speel. So, uh, nie-nie voorskriftelik nie, nie afbrekend nie. Dís natuurlik nóg 'n ding, nê, wat ek dink in die hele reis... Die die die pósitiewe kyk na mense. Ons is nie daar om mense te verneder of te *shame*, óf goed énigsins teen me..., met mekaar te vergelyk nie. Dit gaan oor, om bevrýding eintlik, nê. Om om vrý te wees en te word. Om om die-die-die kerk, die leier, die gelowige te wees wat God bedoel het ons móét en weet ons kán, nê. Daai daai-daai groter prentjie. So so jý is eintlik die-die... Jy moet hierdie balans in 'n sin handhaaf, maar nie net in jou as persoon nie. Jy moet die groepe - en dis wat ek bedoel, jy moet kan *stretch* - moet jy moet jy bymekaar hou. Jy is die, jy is die... Ek, ek, die rotatorkraag, dis mos nou 'n mooi mooi woord, nê. Ek het 'n rotatorkraag operasie...

Die rotator?

Ja, jy is die rotator. Die die rotatorkraag, nê. Ek het my skouerspier of rotatorkraag geskeur. Uh, dis 'n seer storie. Die operasie was baie seer, en ek het agter gekom, die héél, die... Nog méér as jou knie, is jou rotatorkraag dié ligament, spier, bondel, groep wat ook al jy dit wil noem, in jou liggaam wat 'n ontséttende funksie vervul. Want hy kan na alle kante toe draai en swaai, maar tóg is hy sterk, want hier kom vier of vyf spierbondels in vas. En dis wat gebeur met-met, dink ek, met 'n predikant. In die missionale teologie, en in gestuurdheid, moet jy die rotator wees.

P12: PR_12.docx - 12:46 [Uh, ja, maar dit lê op 'n baie..] (108:108) (Super)
Codes: [Watter gawes en hulpbronne skenk God aan sy kerk ten hoe kan ons dit benut? - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Uh, ja, maar dit lê op 'n baie wye vlak. En, kyk, dit gaan nou oor ekklesiologie. Uh, hóé, ons ons ons gaan moet úítvind en léér hóé kan ons die hulpbronne - daarmee bedoel ek nou in missionale taal, die gawes wat God skenk aan aan-aan sy kerk, aan sy gemeente - om dít te benut en nie nét vas te steek by materiële gawes nie. Jy weet, hoe-hoe gaan ons dit maksimaal benut? Hoeveel kennis, hoeveel vaardigheid, uh, verhoudings nê, houdings, verhoudings, um, lê daar? Hoeveel rykdom lê ónontgin in die kerk? Wat wat mense, wat býdra dat mense passief is. En, um, ek wéét dis nou 'n geweldige wye ding wat ek vra, maar ek het net gedink, ons sal êrens moet kom by 'n punt wat ons sê, ons kán mos nie vaskyk... Hoeveel gemeentes het onder gegaan oor van finansies? Dit dit dis mos net... Dit kán nie so werk nie, jy weet. Dit maak net nie vir my vir my sín nie. Ons sit met 'n ánder ..., maar ons fokus nie daarop nie. Ons sit met 'n mágdom, met 'n rykdom. Ons moet, jy weet ons boor die heeltyd vir goud, maar die goud is uitgeput. Ons kyk die platinum mis, jy weet. En ons kyk die olie mis. En die steenkool. Ons ons mis daai goed, want ons soek net goud. Of ons soek net diamante. En, uh, die fosfor, en die en die goed wat moet lewe gee [lag] mís ons. Jy weet, so, so, dít sal nogal vir my 'n interessante navorsings-gebied wees. Van watse hulpbronne, búíten die materiële, hét ons? En hóé kan ons dit benut en en-en uitbou? En, as dit nou nie 'n lelike woord was nie, sou ek wou gesê het, "uitbuit", nê. Hoe kan ons dit gebruik?

© University of Pretoria

Aanhalings PR_13.

All current quotations (35). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:45:29

P13: PR_13.docx - 13:1 [Daar, dit gebeur dat lidmate s..] (11:11) (Super)
Codes: [Konteks: Spontane betrokkenheid van lidmate in die gemeenskap - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Daar, dit gebeur dat lidmate spontaan missionaal lééf. En, jy weet, bedieninge ontstaan wat partymaal nie eers amptelik aan die klok gehang word nie, maar dat goed gebeur rondom 'n missionale leefwyse wat nie noodwendig deur die dominees geïnisieer en gedryf moet word nie. Dit is, dit is so. Soos ek jou gesê het, ek dink ons gemeente se transformasie het eintlik gebeur vóór ons by die gestuurde, uh, by die vennootskap, aangesluit het. Maar die vennootskap se belangrike voordeel vir ons in daai gemeente was, is dat die goed bevestig is. En dít het gehelp dat daar, um, dat die spontane betrokkenheid om in die gemeenskap betrokke te raak gegroei het.

P13: PR_13.docx - 13:2 [En die ander ding, Gert, dis, ..] (13:13) (Super)
Codes: [Geloofsonderskeiding: Die wins van geloofsonderskeidende praktyke - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En die ander ding, Gert, dis, um, ek dink die gróótste wins, die grootste, grootste wins wat, daar was ... [Weer gesprek oor die posisie van die opnemer] Die grootste wins dink ek van die gestuurde proses is die hele ding van geloofsonderskeiding. Dít het ons gemeente, in álle fasette van die gemeentelewe, werklikwaar 'n dimensie ingedra wat... En via die gemeente, en ook betrokkenheid wyer en [NAAM] se betrokkenheid wyer, het eintlik in die [KEKRVERBAND] 'n invloed. Die hele ding van geloofsonderskeidende praktyke. So dit is 'n beslíste wins wat uit die vennootskap uit vir ons gekom het.

P13: PR_13.docx - 13:3 [ons het, uh, die vrou het ook ..] (15:15) (Super)
Codes: [Storie: Vrou begin bediening by polisie na aanranding - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

...[O]ns het, uh, die vrou het ook 'n keer of wat die vennootskapsbyeenkomste bygewoon. Hulle is die aand op hulle plot aangeval. En sy's 'n paar keer in haar gesig geskiet. En die polisie het nie hulle kant gebring nie, jy weet. Die ouens het nie vinnig uitgekom nie. En sy's van een hospitaal na 'n ander voordat hulle haar uiteindelik in 'n hospitaal gesit het – van mediese fonds en geld en so aan. En [NAAM] het wonderbaarlik herstel. Dit was absoluut 'n wonderwerk. En tóé, onder háár inisiatief, en van die vrouens van die gemeente, het daar 'n hele ding begin by die polisiestasie. Die polisiestasie wat, wat hulle *gedrop* het, het die teiken geword van die gemeente se liefdevolle omgee en sorg. En daar's geweldig baie werk gedoen. Daar's gehelp om die *counselling room* vir die verkragtingpasiënte, of *victims*, te meubileer, hulle het tuin gemaak daar, hulle het oor kersfeestyd vir die ouens kos gevat. So, ek wil amper sê

© University of Pretoria

waar daar onvergenoegdheid was, het daar in ‘n missionale betrokkenheid uitreik gekom. Dis één van die goed.

P13: PR_13.docx - 13:4 [Dan het daar tálle goed ontsta..] (16:16) (Super)
Codes: [Storie: Spontane betrokkenheid by kinders in karavaanpark - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Dan het daar tálle goed ontstaan in daai gemeente, van byvoorbeeld, um, ‘n spontane betrokkenheid - nou hierdie selde vrou nou nog - by die karavaanpark, waar daar bitter... Dit is bitter, bitter arm wit mense wat daar woon. Daar’s ook swart mense wat deel vorm van die bediening, maar dit is hoofsaaklik wit mense in daai karavaanpark. En kinders. En daai kinders, jy weet, ons dra hulle deur álles. So het daar goed ontstaan, uit dit en saam met dit, byvoorbeeld dat hulle vir kinders wat nie kan, uh, finansieel in staat is om matriekafskeid toe te gaan nie, word hulle rokke gemaak in die gemeente en daai kinders word gedra. So is daar ‘n klomp goed wat méér is as projekte – dis uitreikaksies. Ek dink die transformasie het plaasgevind van, van, uh, aksies na ‘n lewensstyl. Uh, almal in die gemeente weet nie daarvan nie. Maar wanneer daar ‘n nood is, dan raak die mense betrokke.

P13: PR_13.docx - 13:5 [Ek dink een van die grootste s..] (17:17) (Super)
Codes: [Storie: Hulp aan gesin wat terugkeer na emigrasie - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek dink een van die grootste stories is – dis nou goed dat jy daai goed vertroulik opskryf – dis ‘n ou in Amerika wat in Amerika gebly het en toe alles verloor en terugkom Suid-Afrika toe. Dis ‘n baie slég storie vir ons. Maar nou moet ons ook vra: wat is sleg? Toe het hy met die kerk sinodaal gekommunikeer en gesê hy soek hulp. Hy kom terug en hy’t niks. En hulle praat toe met die sinodale, algemene sinodale kommissie, daaroor. Nou wat maak jy nou met so ‘n ou? Toe sê [NAAM] maar ons gemeente sal hom help. En toe daai ou ‘n bietjie meer as ‘n maand later van die lughawe, van die vliegtuig afstap, toe’t die gemeente in daai maand ‘n huis gehuur, dit gemeubileer, die kaste is vol kos, die hond het ‘n hok waarin hy kan slaap, daar staan ‘n kar wat hy tydelik kan gebruik. Alles het in daai maand gebeur. Uiteindelik het daai ou sy rug op ons gedraai. Maar dis ‘n ander *sad* storie. Maar ons moes vir die ge... Ons moes teruggaan na die gemeente toe en sê, uh, die ding het nie so ‘n goeie storie nie. Ek dink amper die ou is ook uit sy vrou uit en so aan. Maar die feit van die saak is, wat ons vir die gemeente kon sê: ons doen dit nié om aan die klok gehang te word en hoe gróót ons..., wat ons als reggekry het nie. As daai ou ‘n keuse gemaak het, um, dan’t hy ‘n keuse gemaak. Uh, as dit – want baie mense het gesê: man dis nou bleddie ondankbaarheid – jy weet. Maar as dit dan is, dan’s dit sý saak. Ons saak was om vir ‘n mens ‘n heenkome te gee.

P13: PR_13.docx - 13:6 [En so is daar verskeie sulke v..] (18:18) (Super)
Codes: [Stories: Hulpverlening aan die gemeenskap - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En so is daar verskeie sulke verhale in daai gemeente. Daar was ‘n vrou wat ook in ‘n aanval, ‘n motorkaping, doodgeskiet is. En toe, toe [NAAM] nou nie meer daar is nie, toe ontdek ons... Gert, ek kan nie onthou nie, maar ek dink dit was in die twintig bediening waarby sy betrokke was waarvan ons nie eers geweet het nie. Maandae

© University of Pretoria

kry hulle by Woollies die goed van die rak af, en Woensdae by Kentucky, en Donderdae daar... En orals, daai sleepwaentjie word net gelaai, en orals gee hulle kos vir mense. En ons gemeente het, het die patroon gekry van - met ‘n visie van ‘n hawe van hulp en hoop- het hy die patroon gekry, het hy die karakter gekry van ouens kom *dump* hulle goed daar. En dan sê ek nou *dump* in ‘n positiewe sin. Uh, ‘n boer laat weet hy weet nie wat om met al die pynappels te maak nie, want die mark is oor*stock*. Dan laai hulle ‘n vrag pynappels of iets by ons af, en ons versprei dit. En klére. Daar’s ‘n koskas by die gemeente en ‘n klere... Uh, ‘n koskas en ‘n klerekas en ‘n geldkas. En, en ons gemeente staan bekend, as jy êrens iemand wil help, praat met daai gemeente. So klere, meubels... Ons hou gereeld ‘n wit olifantdag, en dan bring die ouens hulle meubels wat hulle nie meer, goeters wat hulle nie meer wil hê nie, en, en daai goed word versprei. Daar’s een ou wat ‘n wasmasjien kan regmaak, dan maak hy hom reg. Dan kry iemand ‘n wasmasjien. So, dit is... Daar is talle, talle, talle verhale.

P13: PR_13.docx - 13:7 [Maar dan ook op ‘n ander vlak ..] (19:19) (Super)
Codes: [Storie: Pastoraat deur leraarsspan aan gemeenskap - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Maar dan ook op ‘n ander vlak – in die sin van, uh, uh, pastorále uitreike. Um, ek sou graag wou hê hulle moet mý werk ook méér sien as ‘n missionale uitreik van die gemeente. Uh, jy weet, ek dink in ‘n sekere sin kan my werk ‘n bietjie daaruit gesubsidieer word amper, nê. Maar ook mý werk, en dan die pastorale werk wat [NAAM] en [NAAM] doen, uh, hulle sien hópe van mense van buite. Ons het ‘n spreekkamer-tipe bediening. Daar’s nie tradisionele huisbesoek nie. Mense maak ‘n afspraak met die dominee. Die ou vat by sy werk af om die dominee tien uur die oggend te kom sien. En hierdie ou sê vir daai ou, sê vir daai ou, sê vir daai ou. Só gebeur dit dat ons baiekeer met mense werk wat, wat glad nie betrokke is by die gemeente nie, wat nie eers kerklik betrokke is nie, maar wat pastorale versorging daar kom kry by die gemeente. Uh, op ‘n stadium, ek kan nou nie die syfers onthou nie, het ons byvoorbeeld getel. Deur net elke Sondag te sê wie’s nuut en daai ouens Maandag op te volg, um, op ‘n stadium het ons baie gegroei in die gemeente, maar daai groei het afgeplat. Ek dink dit was in ‘n tyd toe daai gemeente so soort van ‘n oase was in, tussen ander gemeente wat tradisioneel maar net *maintenance* gedoen het, het mense baie aanklank gevind by daai gemeente en van vér af deel geword van daai gemeente.

P13: PR_13.docx - 13:8 [En uit hierdie groeigroepe het..] (20:20) (Super)
Codes: [Storie: Groeigroep ondersteun seun in nood - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En uit hierdie groeigroepe het daar byvoorbeeld ‘n ding gebeur dat, uh – hierdie *fourty days* groeigroepe goeters... Soos ek sê, een is ‘n gesamentlike tema, en dan die ander twee siklusse in die jaar besluit jy jy wil praat oor die Christen en kuns, en dan bied jy ‘n ding aan. Ons help jou met materiaal of jy het dit. Of ‘n ander ou bied iets oor kinders, kinders grootmaak. ‘n Ander ou lees ‘n bepaalde Bybelboek. En die ouens skakel in waar hulle belange het by daai ding, jy weet. En dit werk goed, maar hy groei nie goed genoeg nie. Maar hy werk. En, uh, en daaruit gebeur dit... Ons probeer die bediening terugvoer daarnatoe toe. Dis eintlik klein gemeentetjies, nê. Huisgemeentes wat daaruit moet ontstaan en hy... Maar die ouens is gefokus vir sewe

© University of Pretoria

weke. In daai sewe weke moet hulle 'n diensbeurt hê by die erediens. Of selfs nou as dit nou na die sewe weke is, as daar nou meer groepe is, ons het dan 'n groeigroep wat op 'n Sondag 'n diensbeurt by die erediens neem, tee skink de lot. Dit werk nie altyd honderd persent nie, maar dis die idee. Hulle moet eenkeer 'n gesellige byeenkoms hou. Ons groeigroep het nou-nou die aand hier kom eet, jy weet. Of hulle gaan fliek saam, of so iets. En hulle moet kyk na waar hulle missionaal betrokke kan wees. En eenkeer was ons by 'n algemene sinodesitting, toe was daar nou een van die ouens – so 'n jong outjie wat baie sielkundige goeters het – en hy't toe 'n selfmoordpoging aangewend. Dáái groep het hom gaan haal waar hy in sy kar gesit het met 'n pyp, uitlaatpyp-ding. Hulle het hom dáár uitgehaal. Hulle het hom versorg. Hulle het ons nie eers gebel in [STAD] om te sê die dominees moet kom nie. Hulle het daai ou versorg, hy's deur dit, hulle het hom gevat dat hy terapie kry. Hy is, hy's een van die mees aktiewe ouens in die gemeente op die oomblik. En hy het, hy, hy het 'n, hy het bepaalde, uh, psigiatriese probleme. Hy word geakkommodeer. En hy word versorg. Súlke goeters is alles wat uit hierdie groepe kom.

P13: PR_13.docx - 13:9 [Die een ou, en dis die laaste ..] (21:21) (Super)
Codes: [Storie: Geloofsgesprek soggens op Gautrein - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Die een ou, en dis die laaste storie wat ek jou daarvan kan sê, het byvoorbeeld... Elke oggend op die Gautrein – daai minute wat hulle van [STAD] tot in die stad ry – sit die ouens mos nou maar altyd saam, het hy 'n gesprek met hulle begin aanknoop. En of dit nou Sondag se preek was en of dit die groeigroep se goed is, [NAAM] deel dit met daai ouens in die trein. En in daai x minute op 'n rit in stad toe in die oggend, vind daar 'n geloofsgesprek plaas.

P13: PR_13.docx - 13:10 [Maar die groot draai wat in da..] (23:23) (Super)
Codes: [04 Gesprek/Kommunikasie: Leraar kry teologiese gesprek in gemeente van die grond af - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Maar die groot draai wat in daai gemeente gebeur het, het begin deurdat [NAAM] die teologie ingedra het. Daar's, ál hierdie goeters wat ons gelees het, daai kerkraad het boeke gelees dat dit by hulle ore uithang. Dis opgesom, dis vir hulle gegee, dis bespreek. So daar's, 'n teologiese gesprek het ontstaan in die gemeente. Uh, wat, wat die diskoers van die gemeente geword het. En dáár het hy, toe ek, toe ek daar gekom het, toe was hy al drie jaar omtrent daarmee besig. En, en ek dink regtigwaar dit moet 'n ou vir [NAAM] ter ere gee, die teologiese diskoers wat hy van die grond af gekry het in die gemeente. En dis waarom ek sê, toe ons by die vennootskap kom, het daar rééds 'n groot transformasie plaasgevind. Maar die vennootskap het dit bevestig, en die, die geloofsonderskeidende praktyke het dit verder uitgebou.

P13: PR_13.docx - 13:11 [Daarmee saam, die oomblik toe ..] (24:24) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: Gemeente se oë gaan oop vir die nood van die gemeenskap - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Daarmee saam, die oomblik toe daai teologiese gesprek plaasvind, het jou oë oopgegaan vir die nood van die gemeenskap. Binne die gemeente, en, en buite die gemeente.

© University of Pretoria

P13: PR_13.docx - 13:12 [Dis iets wat ek dink dalk 'n l..] (26:26) (Super)
Codes: [02 InkoopLeiers: Vanaf die taakspan na die breër leierskap - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Dis iets wat ek dink dalk 'n leemte in die gestuurde proses is. Om, jy werk met 'n sogenaamde taakspan. Ek verkies om dit 'n prosesspan te noem. Want táák gaan in die ouens af: ons het 'n *jop* om te doen. In plaas daarvan ons moet 'n proses belei, uh, begelei. Um, die grootste uitdaging dink ek is om van die taakspan na die breë leierskorps van die gemeente te beweeg. Om hulle ín te koop. Jy weet, ons het daai sessies gehad waar hulle – ons gesprekke het met leiers en met, met omtrent.... in die, in die vennootskap se proses – ek dink nie dit het goed genoeg by ons gewerk nie. Behalwe, vanweë..., ook vanweë die feit dat die, dat die kultuur reeds gevestig was in die gemeente. So daai goed was nie heeltemal so nuut en opspraakwekkend soos wat dit dalk vir gemeentes wat nie kennis daarvan gehad, of ervaring daarvan gehad het nie.

P13: PR_13.docx - 13:13 [Maar dan dink ek, die uitdagin..] (27:27) (Super)
Codes: [02 InkoopGemeente: Vanaf die leierskorps na die breër gemeente - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Maar dan dink ek, die uitdaging was, wéér 'n keer, terwyl ál hierdie goed wat ek jou vertel het in die gemeente plaasgevind het, nê, uh, sal ons nóóit weet hoe wyd lê dit in die gemeente nie. Want ons het nog steeds in die gemeente 'n goeie een derde komponent wat net randkerklikes is in die gemeente. Uh, ons het nie, ons het, ons het... Daar't nie ouens gekom en gesê nou wil ons hart en siel in die kerk wees want ons síén dit nie. Dit is die een derde binnekring, sterk ouens, en dan die volgende derde gereelde lidmate wat hart en siel betrokke sal wees as jy Sondag daar afkondig jy't dit en dit nodig, dan het jy dit die volgende Sondag. Maar, u, ek, ek dink die probleem is: hoe vat jy dit van 'n taakspan na die breër leierskorps, en van die leierskorps na die gemeente toe. Dit is, dit voel vir my net, um... Maar dalk is dit maar net omdat die goed gebeur sonder dat daar 'n ophef van gemaak word. Maar ek, ek sou partymaal net graag, uh, wou, wou sien dat dit nóg meer moet gebeur. Maar goed, om, om deur te suur tot op die laagste, laaste vlak in die gemeente. Ek dink dís 'n uitdaging.

P13: PR_13.docx - 13:14 [Die eerste ding het ek reeds g..] (32:32) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Begelei teologiese gesprek in die gemeente - Family: Leraar Rol]
No memos

Die eerste ding het ek reeds gesê. Ek dink hy moet 'n teologiese gesprek begelei. Dis nie maar net 'n programmetjie wat hy moet kom aanbied nie. Hy moet begin om 'n teologiese gesprek te begelei. Uh, en dít word makliker gemaak deur onmiddellik die geloofsonderskeidende, wandel in die Woord praktyk in te sit, nê. Maar, maar ek dink in dáárdie rol het [NAAM] uitmuntend geslaag om 'n diepgaande teologiese gesprek in die gemeente te sit, aan die gang te sit.

© University of Pretoria

P13: PR_13.docx - 13:15 [Uh, hy moet, hy moet mense saa..] (33:35) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Missionale leefstyl wat mense op hierdie reis uitnooi en saamvat - Family: Leraar Rol]
No memos

Uh, hy moet, hy moet mense saamvát op hierdie pad. Die boodskap moet deurgaan, ons is op 'n *journey*. Um, en ek weet nie of die vennootskap genoeg leiding gee aan dominees om nie net vir die ouens van die reis te vertel nie, maar om hulle sáám te neem op die reis. So, ek dink die dominee moet hulle, moet, moet werklik, uh, hy, hy moet die... Ek, ek wil nie hê dit moet 'n dominee se *campaign* wees nie, dis nie wat ek bedoel nie, maar, maar die, die begeléídende rol van die dominee weet ek nie of, of álle dominees daarby kan kom nie. Ek wil nie name noem nie, maar ek weet van waar ek gefasiliteer het by gemeentes wat in die vennootskap was, en ek nou vir jou sê die goed het gesink omdat die dominees nie in hulle hart, uh, in die *mode* is om, uh... Dit, dit gaan oor jou styl van leierskap. Die dominee se maníér van leierskap dink ek is... As jy onthou daai boekie van nuut dink oor leierskap...
Jaa. Van Arnold hulle.
Dan sê hy die dominee moet 'n visionerende, 'n energerende en hy moet nabyheid - presensie, nê, hy verteenwoordig God by mense - ... En dan die hele, die dominee se hele, se eie spiritualiteit. Weereens kom ons terug na die geloofsonderskeiding. Maar die, maar as jy daai komponente vat wat in daai boekie staan, dan dink ek die dominee moet daai soort van visionerende, energerende, verteenwoordigende leier in die gemeente wees.

P13: PR_13.docx - 13:16 [in die tweede plek moet hy in ..] (42:42) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Missionale leefstyl wat mense op hierdie reis uitnooi en saamvat - Family: Leraar Rol]
No memos

...[I]n die tweede plek moet hy in staat wees om mense interpersoonlik sáám te vat. Hy moet 'n missionale leefstyl hê wat mense op hierdie reis uitnooi om saam te gaan.

P13: PR_13.docx - 13:17 [Ek dink die dominees, ons moet..] (36:36) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Begeleidende fasiliterede leierskap - Family: Leraar Rol]
No memos

Ek dink die dominees, ons moet, uh... Die dominees beskik nie... Móét, kom ek sê positief, móét oor toepaslike fasiliteringsvaardighede... Dit geld vir die ouens as hy by die vennootskap sit, en hy gaan werk in die gemeente. Ons het nie vir hulle geleer in die vennootskap om fasiliterend te werk nie. Ons het vir hulle geleer om 'n ding te gaan aanbied soos 'n kursus – dis my mening, ek mag verkeerd wees – of om 'n program met hulle te deel en te sê gaan doen dit so, of om dit hoogstens saam met die taakspan te bestuur. Maar, maar ék soek begeleidende fasiliterende leierskap.

P13: PR_13.docx - 13:18 [En in die derde plek dink ek, ..] (42:42) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Begeleidende fasiliterede leierskap - Family: Leraar Rol]
No memos

En in die derde plek dink ek, uh, moet ons, sou ék graag wou sien dat ons vir die dominees spesifiek meer, uh, bemagtig... Al moet dit 'n ekstra, al moet ons weer iets van daai kursusse terugbring... Maar fasiliterend, want dit dra by dat dit nie vasval 'n prosesmatige, bestuursmatige – ag, 'n programmatige bestuursmatige ding wat jy gaan probeer loods in die gemeente nie. Dis bietjie 'n waagstuk wat ek nou neem om

© University of Pretoria

dit vir jou te sê, maar dis my eerlike mening.

P13: PR_13.docx - 13:19 [Dís wat ek onder fassilitering..] (44:48) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Begeleidende fasiliterede leierskap - Family: Leraar Rol]
No memos

Dís wat ek onder fasilitering bedoel, dat jy die, die dinamika van 'n gemeente moet kan vat en begelei. Byvoorbeeld, die dinamika van die grootte van daai gemeente. Jy gaan nie die ouens, jy gaan nie die reis as jy nie, as die ouens nog probeer om soos 'n pastorale gemeente te funksioneer terwyl hulle eintlik al, uh, 'n korporatiewe gemeente al is nie. Want dán verwag hulle die dominee moet dit alles doen, terwyl... Jy verstaan, die dinamika? Daarom voel ek baie sterk, Gert, dat, dat 'n mens in, in die ondersteunende, of die meewerkende goed rondom die gestuurde reis, is ek verkoop aan die rol wat 'n waarderende ondersoek en aanpassende verandering en prosesbegeleiding speel in 'n gemeente. Dis wat ek met fasilitering bedoel.
En, en die dominees behoort daai vaardigheid te hê.
Ja.
Om daai proses in die gemeente te begelei.
Anderster, anderster hou die ouens op 'n Saterdag 'n beplanningsessie en 'n konsultant van een ou se werk kom, en na vyf uur het hulle 'n visie op die muur, en dan vertrek hy weer. En volgende jaar is ons nog maar net weer daar. En dan probeer ons in tussentyd bestuurstyd praktyk maak. En dan sê hulle: wat se nuwe ding is dit nou hierdie? Ek dink jy moet 'n proses lei in die gemeente. Die waarderende ondersoek skep ongelooflik energie in die gemeente. En, en, en dit maak die ouens déél daarvan en hulle neem deel aan 'n visie wat gevorm word. So ek dink eerlikwaar dominees moet bemagtig wees om fasiliterende leierskap aan die dag te lê.

P13: PR_13.docx - 13:20 [Die unieke en belangrike van d..] (49:50) (Super)
Codes: [2 Kry teologiese gesprek in die gemeente van die grond af - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Die unieke en belangrike van die dominee tot die proses. Ek dink amper jy't dit geantwoord, want jy gesê, uh, jou kollega het hierdie ding gedoen dat hy hierdie teologiese gesprek in die gemeente. Dit klink amper vir my dit was sy unieke...
Absoluut

P13: PR_13.docx - 13:21 [En sy eie, um, onwrikbare, uh,..] (52:52) (Super)
Codes: [1 Eie onwrikbare oortuiging in die missionale identiteit van die kerk - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

En sy eie, um, onwrikbare, uh, oortuiging in die missionale identiteit van die kerk.

P13: PR_13.docx - 13:22 [Hy moet eers tot bekering kom...] (56:56) (Super)
Codes: [11 Bekering in terme van roeping en identiteit van die kerk - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Hy moet eers tot bekering kom. [Lag] In terme van die roeping en identiteit van die kerk, maar dán ook van jouself.

© University of Pretoria

P13: PR_13.docx - 13:23 [Ek, ek dink daar moet iets in ..] (56:56) (Super)
Codes: [11 Bekering in terme van roeping en identiteit van die kerk - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Ek, ek dink daar moet iets in die hart van ‘n predikant gebeur, en dán, as jy die teologie en die goed bybring, en die fasiliterende goeters, dan ... Maar die uitdaging, die uitdaging vir predikant is, miskien as ek dit heel prakties kan sê, joeg, is om as jy wegry van die vennootskapsbyeenkoms af en hy kom vanaand by die huis en die omstandighede dwing hom terug om wéér die – wat noem mens dit – die tradisionele, uh, predikantsrol te speel, um, dít vra baie om nie terug te val in daai patroon nie. En, en dis waarom ek dit ‘n bekering noem, jy weet. Dit is, jy vat *punishment* daardeur. Jy weet, jy vat *punishment*.

P13: PR_13.docx - 13:24 [Télkens moet jy grense oorstee..] (56:56) (Super)
Codes: [13 Moet iemand wees wat grense kan oorsteek - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Télkens moet jy grense oorsteek. So, naas die dominee se eie teologiese bekering in terme van wat die roeping en identiteit van die kerk is, lê die bekering op jóú vlak daarin dat dit nie net híér is nie, maar dat dit hande en voete toe moet gaan. En dat jý iemand moet wees wat grense oorsteek. En dís nie maklik nie. Jy moet, om grense oor te steek in jou lewe beteken dat jy elke keer, uh, jou menswees op die spel is, en ook jou geloof of die Heilige Gees jou oor hierdie grens gaan vat.

P13: PR_13.docx - 13:25 [Maar as jy vir my vra wat dit ..] (64:64) (Super)
Codes: [2 My missionale pastoraat vind baat by die gestuurde reis - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Maar as jy vir my vra wat dit met my gemaak? Ek was bly dat ek met gestuurde gemeentes te doen gekry het, want onthou, ek’s ‘n praktiese teoloog en ek lees pastoraat. Maar, maar dáái deel van die teologie wat ‘n ou saam met [NAAM] en saam met julle almal die pad kon loop, het, het vir my my wêreld bymekaargebring. Mense vra hoe kry jy dit reg om fasilitering aan die een kant te doen wat jy geniet en by die vennootskap, ek wens ek kan voluit daar werk by die vennootskap. En aan die ander kant hierdie tipe van spirituele *pastoral care*. Wie jy, Gert, dis dieselde ding. Ek glo jy’s gestuur te help om vir mense om weer, om hoop met hulle te deel – jy kan dit nie vir hulle gee nie, jy deel dit met hulle, jy moet dit eers self hê – om hoop te deel met mense en om hulle te help, uh, om sáám met hulle op soek te gaan na betekenis in hierdie situasie. (42:29) Soms is daai mense ‘n gemeente wat vasgeval het. Of ‘n span uitgeputte ICU personeel. En soms is dit daai ou wat nou daar lê, wat eintlik nou moes dood gewees het, maar nou haal hy so ‘n klein bietjie asem, ons kan nie die masjiene stop en organe skenk nie. En, en, hy’s..., dis nou vertroulik, maar hy’s gay. En hier sit sy gay *partner* en sy ma en sy sussies. En daarom begrawe ek op die ou end sulke ouens. Jy weet. Uh, so, die vennootskap het vir my gehelp om dit wat in my hart geleef het ook op ‘n ander terrein te kan ervaar en, en... Ek sit nie in, ek wil nie ‘n doktorsgraad in gemeente, in missionale teologie hê nie, nê. Dis nie my eerste prioriteit of my eerste liefde nie. Maar, maar, my, my missionale pastoraat het ongelooflik daarby gebaat om op die gestuurde reis te gaan.

© University of Pretoria

P13: PR_13.docx - 13:26 [Die blootstelling in die klini..] (66:66) (Super)
Codes: [3 Blootstelling aan kliniese wêreld en diversiteit - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Die blootstelling in die kliniese wêreld aan kulturele en religieuse diversiteit. Die, die kliniese blootstelling aan die kliniese wêreld. Die, die, die féít van die mediese wêreld. Die kliniese konteks. En dan daarbinne die diversiteit van kultureel, um, noem dit nou maar godsdienstig, en na my mening die ontdekking dat daar, dat dit uiteindelik gaan oor om te verstaan wat is spiritualiteit.

P13: PR_13.docx - 13:27 [Om die veronderstelling te han..] (80:80) (Super)
Codes: [Afleer: Die voorveronderstelling dat almal alles van jou verwag - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Om die veronderstelling te handhaaf dat, dat almal van jou verwag om alles te doen. Mense verwag dit van die dominee, nê. Maar ons het ons ook so ingegrawe daarin, Gert, dat, ek veronderstél al dat hulle dit van my verwag. Want ás ek daaraan beantwoord, nê, dan't ek klandisiewaarde opgebou. Ek het myle gekry. So, ek is oral altyd vir alles. Aan die een kant verwag baie mense dit – 'n tipiese predikante-kerk. Maar aan die ander kant maak ons ons dit ook wyd, ons wys. En ek dink die áfleer daarin lê in wat jy deurgegaan het in jou lewe, nê. Om te kan sê, ek is nié die, die tradisionele dominee wat in 'n plattelandse model – wat nou stadsmodel geword het – ek weet nie of jy verstaan wat ek sê nie? Ek dink, ek dink 'n ou moet, 'n ou moet die stang byt en dit..., en, en die verkéérde verwagting van jou rol as predikant moet jy *face*. Maar in die tweede plek moet jy nie daai rol antisipeer omdat dit vir jou veiligheid gee nie.

P13: PR_13.docx - 13:28 [Om éérlik te wees met jouself ..] (84:84) (Super)
Codes: [Aanleer: Om eerlik te wees met jouself - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Om éérlik te wees met jouself oor jou mens-wees en jou verhouding met God en met ander. Dis vrék belangrik.

P13: PR_13.docx - 13:29 [Maar éérlik, om eerlik te wees..] (86:86) (Super)
Codes: [Aanleer: Om eerlik te wees met jouself - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Maar éérlik, om eerlik te wees met jou mens-wees. Eerlik te wees in jou, in jou geloofsbelewing, maar om so verskriklik eerlik te wees met wie jy ís as mens. Want., Gert, jy kan nie, jy kan nie 'n missionale rol speel in 'n gemeente in die sin van – jy het 'n rol om te speel, maar jy verstaan wat ek bedoel – jy kan nie 'n missionale *pose* hou, en as jy by die mense is dan trek jy hom aan soos 'n toga en dan trek jy hom weer daarna uit nie. Jy ís dit. 'n Mens ís mos wat jy is. Uh, dis waarom ek vroeër gesê het, dis 'n bekering.

P13: PR_13.docx - 13:30 [Maar die éérste ding wat ek sa..] (92:92) (Super)
Codes: [41 Leraars die ervaring te gee van 'n geloofsonderskeidende leefwyse - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Maar die éérste ding wat ek sal sê, met dit in die agtergrond, eerste ding wat ek sou

© University of Pretoria

wou sê is, is om dominees, uh, nie net te bemagtig nie, maar die, maar die erváring te gee van wérklik geloofsonderskeiding, geloofsonderskeidende, uh, uh, lewenswyse. En, en wat ons nou gedoen het daar in Stellenbosch – waar dit nie net gaan oor wandel in die Woord nie, nê – maar oor wandel met God, wandel met die Woord, wandel met mekaar en wandel met ander. Die héle ding van geloofsonderskeiding. Want dit ruk jou oop, nê.

P13: PR_13.docx - 13:31 [Uh, ek dink dit moet, die domi..] (94:94) (Super)
Codes: [41 Leraars die ervaring te gee van 'n geloofsonderskeidende leefwyse - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Uh, ek dink dit moet, die dominee moet dit érvaar en die dominee moet dit, moet dit, um, “dit bemeester” is nou nie die regte woorde nie, maar hy moet in stáát wees om dit weer met ander ouens te gaan deel.

P13: PR_13.docx - 13:32 [En dan die tweede ding is, die..] (95:95) (Super)
Codes: [10 Om jouself te ken, in touch met jouself - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En dan die tweede ding is, die tweede ding gaan oor “in *touch* met jouself” Maak nou nie saak of jy... Jy was netnou so blatant eerlik toe jy gesê het... Kyk, vir ‘n ou wat nie die konteks verstaan nie, kon geskrik het toe jy gesê het, ek is nie ‘n mens-mens nie. Hoe de hel kan ‘n ou nie ‘n mens-mens wees as jy ‘n dominee is nie? Maar ék verstaan dit. Ek dink jy’t ‘n ongelooflike aanslag met mense. Maar jy’s ‘n ánderster soort predikant as wat ‘n ou is wat, wat almal se hande vashou van die môre tot die aand. Dáárom sê ek, ek dink dis deel van daai éérlikheid wat ek net-nou gesê het, om in *touch* te wees met jouself. Jou, jouself te ken.

P13: PR_13.docx - 13:33 [En dan die derde ding sou ek r..] (96:96) (Super)
Codes: [30 Vaardighede om te fasiliteer - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En dan die derde ding sou ek régtig wou sien – en dalk kan ek en jy saam werk daaraan – maar ék sou wou sien dat ons vir ouens werklik fasiliterende vaardighede bybring. Want ons val terug in ‘n *mode* van *telling* – ons weet *telling* is net *selling*. En ons val terug in ‘n *mode* van, ek moet drýf en bestuur om hierdie ding te laat slaag, jy weet. Daai tipe van ding.

P13: PR_13.docx - 13:34 [Maar ek weet nie, of laat ek d..] (98:98) (Super)
Codes: [Vorming van nuwe of alternatiewe geloofsgemeenskappe - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Maar ek weet nie, of laat ek dit eers vra: het daar gemeentes wat goed loop met die gestuurde reis werklik daarby uitgekom om bruggemeenskappe te vorm en uiteindelik nuwe geloofsgemeenskappe te vorm? Núwe geloofsgemeenskappe. Met ander woorde, hoekom het ék dit nog nie reggekry om ‘n nuwe geloofsgemeenskap te vorm daar by die hospitaal – en ek het die wêreld se geleentheid daarvoor – ek weet net nie hoe nie. Het ons die, het ons, het ons in die proses... Ek dink dit is dáár, met daai brugbougoeters, nê, en wandel in die wêreld. Dis dáár, maar ek weet nie, uh... Hoekom, da, da, nou’t ek die vraag. Hoekom kry ons gereformeerde aanslag dit nie

© University of Pretoria

reg om, uh, of nie maklik reg, om werklik ‘n *fluid church* te wees en nuwe geloofsgemeenskappe te vestig nie. [Stilte] Numeriese groei is nie die alfa en die omega nie, nê. Dis ‘n faset van meervoudige groei. Maar, maar daar gebeur nie... Daar ge... Ons maak gemeentes toe, ons maak nie nuwe gemeentes nie. In die tyd van groei in die kerk, wat gemeentes betref, was dit van demografiese verskuiwings. So, dit is, dis vir my ‘n ding of ons regtig, uh, só missionaal is dat ons nuwe geloofsgemeenskappe vorm en, wat ék wil sê, alternatiewe geloofsgemeenskappe is.

P13: PR_13.docx - 13:35 [ek weet nog nie of ons met áll..] (104:104) (Super)
Codes: [03 KragteInstandhouding: Nie terug te default ter wille van oorlewing nie - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

...[E]k weet nog nie of ons met álles wat ons sê én doen, met die reis en al, wanneer gemeentes in, in die noute beland, gaan hulle terug na die *default* toe van *maintenance* en oorlewing. Uh, ek sien dit selfs in ons eie gemeente. Ek, ek, ons gaan nog baie lank vat voor ons die, die hárt missionaal gemaak het en nie net die praat daaroor nie.

© University of Pretoria

Aanhalings PR_14.

All current quotations (27). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernpasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:48:05

P14: PR_14.docx - 14:1 [Die gemeente was..., daar was ..] (5:5) (Super)
Codes: [HanteringVerandering: Gemeente verander spreektaal vanaf slegs Duits om Engels in te sluit - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Die gemeente was..., daar was ‘n sterk Duitse element en die gemeente is van buite gesien as ‘n Duitse gemeente. Um, en, uh, toe ek hier kom was daar maar so vier of vyf mense nog oor wat die kerkdienste bygewoon het, wat saamgekom het. En, uh, dit wat ek destyds toe al gesien as die eintlike uitdaging, om hierdie persepsie te verander. En met die transformasieproses wat ons toe met die – PMC, wat is dit nou in Afrikaans? – die vennootskap, deurgegaan het, het hierdie bewussyn eintlik by die mense eers weer begin posvat - ons moet, ons moet ‘n gemeente word wat duidelik ook Engelssprekende Lutherane bedien. En, uh, die eintlike groot verandering wat ek gesien het, is toe ons dan in die kerkraad, wat uit en uit Duitssprekend was, ons het ons kerkraadsvergadering nog in Duits gehou, maar dié Duitssprekende kerkraad besluit toe eenparig sonder enige teenstemme: ons gaan ‘n Engelse gemeente word. (03:31) En daar was nie ‘n groot spanning of ‘n debat daaroor nie. Dit was ‘n besluit wat ons uit en uit geneem het omdat ons beséf het, as ons mense wil bereik, as ons ‘n missionale gemeente wil word, dan moet dit, dan sal dit ‘n deel van ons pad vorentoe móét wees. Um, so daar was ‘n sterk verandering in dáái rigting. (03:54) Om te - die Engelse woord, te *realise* - om te begryp as ons in hierdie stad enigsins ‘n rol wil speel as ‘n Lutherse gemeente, dan kan ons dit nie in Duits alleen doen nie. So dit was die een aspek daarvan.

P14: PR_14.docx - 14:2 [Die ander aspek, um, is vir so..] (6:6) (Super)
Codes: [EieIdentiteit: Herontdekking van eie identiteit as Lutherse Kerk - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Die ander aspek, um, is vir sommige mense wat ek daaroor mee gesels, ‘n pro... – nie ‘n probleem nie, maar ‘n skok amper – dat ek vir hulle gesê het die proses van die PMC het ons eintlik eers weer laat besef wié ons as Lutherse kerk is. Um, dat ons wel ‘n bydrae moet en kán lewer wat spesifiek Luthers is in die groter gemeenskap van Christene hier.

P14: PR_14.docx - 14:3 [En dat dié twee gemeentes meka..] (6:10) (Super)
Codes: [EieIdentiteit: Herontdekking van eie identiteit as Lutherse Kerk - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En dat dié twee gemeentes mekaar dan ook besoek en kom gesels en luister na mekaar. En ons is besoek deur die gemeente hier van, hier waar [NAAM] was... **[GEMEENTE].**
[GEMEENTE]. En dan het ‘n gemeente van [DORP] ook ‘n dag by ons kom kuier. En

© University of Pretoria

húlle het vir ons, eintlik dit was die wonderlike ding daarvan, as dat hierdie luister na mekaar, dat hulle óns besoek het. En ons het hulle dan later ook gaan besoek. Maar toe hulle híérnatoe kom, luister hulle na ons in só 'n manier dat hulle vra: Wie is julle éíntlik? Wat, wat het julle wat julle eintlik in die groter geheel van die Christelike kerk as 'n spesifieke iets kan aanbied? En dan het hulle gesê: maar julle, ons het daar in die kerk gaan sit. En toe sê hulle: maar julle het 'n liturgiese kerk. Julle het 'n diep begrip van waaroor dit in die liturgie gaan. Dis nou maar deel van die Lutherse tradisie, maar... Hulle het gesê... En, en, en hulle het ons aangemoedig en gesê: gaan vínd dit weer. Want onthou, die ou wat voor my hier was, het dit eintlik maar afgeskeep. Um, ek, ek beskryf dit nou maar in 'n manier dat dit miskien op 'n baie vlak basis duidelik word wat ek bedoel. Toe ek hier kom... Ons in die Lutherse kerk het die tradisie daar's 'n altaar voor, 'n tafel, en dan is daar 'n groot kruis teen die muur. Maar óp die tafel staan óók 'n kruis met die liggaam van Christus aan die kruis, die sogenaamde *crucifix* waar die Gekruisigde nog sigbaar is. Dié ou het gesê: dis nie reg nie, dit moet wég. So dié kruis is, was weggepak. En deur hierdie proses het hierdie gemeente gesê, maar dit is déél van wie ons is. Ons het daai kruis en opstanding teologie wat ook in ons liturgiese argitektuur en hoe ons ons kerk inrig, duidelik word. En, uh, dit het byvoorbeeld dan..., En deur die mense wat besoek het, het gesê: Kyk, daar staan iets wat ons nie ken nie. En dan het hulle daaroor begin gesels. En só het ons eie mense wat betrokke was by die proses, eintlik eers..., hulle oë het oopgegaan oor wat hét ons daar in terme van iets wat ons ook kan deel met ander. En tot vandag toe is dit een van die groot raakpunte tussen ons gemeentes, dat ons liturgies, uh, gesprekke hou. Ek is genooi [GEMEENTE] toe. Ek is genooi hier [GEMEENTE] toe. En so aan. Om praatjies te hou oor hoe werk ons liturgie. Wat gebeur daar? Wat is die teologie daaragter? En so. En, so daai was, uh, uh, eintlik 'n proses wat ons hér-Lutheraniseer het [Lag] Om dit so te stel. Um, gewoonlik dink die mense dis 'n proses wat meer ekumenies, jy weet, word...

Sjoe, en dis 'n mooi storie.

En vir ons was dit eintlik nié 'n proses waar ons nou méér ekumenies, in die sin van, uh, *okay*, dis miskien 'n bietjie verkeerd om dit só te stel, maar... Daar, daar's soms in die ekumeniese beweging kry ek die gevoel, dit gaan oor die *lowest common denominator*, so 'n tipe van ons is almal maar gelyk en maak maar so. En, en ek het besef, deur hierdie proses, is dat dit eintlik nie 'n goeie ding is nie, want dán verloor jy die spesifieke skatte wat die gemeentes het. Um, en, dit was die gereformeerde kerke, die [KERKVERBAND] wat na ons toe gekom het, wat óns eintlik gesê het: luister, julle het daar iets, julle moet dit nie verloor nie. Want dit is iets wat julle as 'n skat moet, moet, uh, nie net behou nie, maar eintlik weer moet ontdek. En, uh, so het ons nou 'n kerk geword, om dit nou so te stel, 'n gemeente, deur hierdie proses het ons weer 'n gemeente geword wat 'n spesifieke Lutherse liturgie in ons diens hou. Um, en vreeslik kreatief daarmee te werk gaan deurdat ons baie musikante in die gemeente het. Ons het mense wat graag sing, ook liturgies sing. En so het ons dit herontdek daardeur. En ons het begin met vier of vyf mense, ons is nou *average* so vyftig in die diens. En dis Engelssprekendes, dis Kleurlinge, Swartes. Vyftig persent van die gemeente is óf Kleurling of Swart. En die ander is maar blanke Engelssprekende mense. Ons het twee keer 'n maand het ons nog 'n Duitse diens. Want daar is natuurlik altyd nog Duitsers wat hiernatoe kom, Volkswagen en so aan, en natuurlik van die ou garde wat ook nog daar is wat graag 'n Duitse diens wil hou so nou en dan. Máár, nou is dit weer vir my 'n wonderlike ding, ek sien dié Sondae wat daar nie 'n Duitse diens is nie, kom al die Duitsers na die Engelse diens toe. So dis nié dat hulle dan nié kerk toe kom nie. Maar hulle sê: ons wil graag twee keer per maand nog in ons eie taal bedien word.

© University of Pretoria

Um, so dit is maar, as ek dit nou kan stel, wat die proses vir ons gedoen het, is dít.

P14: PR_14.docx - 14:4 [Um, miskien moet ek een wat no..] (14:14) (Super)
Codes: [Storie: Ek voel hier tuis! - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Um, miskien moet ek een wat nou onlangs gebeur het. Ons het nou, soos ek sê, ons is ‘n liturgiese kerk, waar daar... In baie van die Lutherse kerke hier in Suid-Afrika is daar ‘n sterk beweging van wég van die liturgie – omdat die mense dink dis oudmodies, en so aan – is dit eintlik hier ‘n herontdekking daarvan. En spesifiek omdat, byvoorbeeld in die Engelse Lutherse kerk daar verskillende *settings* van die *liturgy* is. Ek moet nou maar Engels, want dis die woorde wat ons gebruik. Daar’s byvoorbeeld ‘n *setting* vir die liturgie wat uit en uit ‘n jazz-musiek *setting* is. Waar al die liturgiese gedeeltes wat in die diens voorkom, en die hele diens is maar ‘n liturgie wat nou met die twee Skriflesings en dan die preek en so aan, maar die res is eintlik ‘n Woord en antwoord liturgie, maar al daai stukke word in ‘n jazz-tipe musiek gesing. Of dan is daar een wat meer ‘n moderne, ‘n moderne, hierdie *praise and worship* styl musiek gebruik. En ons gebruik daai soort liturgie nou. Maar ons is uit en uit ‘n liturgiese kerk. Mense wat kom sê, maar hier is nie ‘n ou wat daar voor staan en die hele ding net aan die gang hou nie, en so aan, en ons is maar die ontvangers, die *consumers*, daarvan nie. Dis ‘n gevoel van ons deel, ons neem deel aan die proses. Dis ‘n fees wat ons saam vier. En, uh, nou die dag kom die ou wat nou die lughawe hier oorgeneem het, die nuwe *manager* van die lughawe in [STAD], en hy kom van daar in, vroeër was dit [PROVINSIE], van [DORP], daai area, vandaan. En, uh, hy’s Luthers. Maar hy’s ‘n Tswana. Swart man. Baie knap ou wat hierdie plek, uh, weer ‘n bietjie regmaak [Lag]. En, uh, hy kom na ons diens toe. Hy’t per toeval hier iemand anders gesoek, toe sien hy hier’s ‘n Lutherse kerk. En toe kom hy die Sondag kerk toe. En hý, ek sien so halfpad deur die diens toe ek nou op die kansel klim, hy sit daar en vee trane af. En toe praat ek later met hom en hy sê: *It was like coming home*. Ek meen, hy’s in ‘n swart Lutherse gemeente in heeltemal ‘n ander area van die land, maar hy sê die liturgiese elemente wat daar was, het hom laat voel: hier is ek tuis. Dis waar ek hoort. En, uh, ek dink as dít moontlik is vir ‘n gemeente om die liturgie so te kan *celebrate* dat dít kan gebeur, dan het ons iets beet wat ons nie moet verloor nie. Die mense wat by die musiek betrokke is, is, is gráág daarby betrokke. Mense wat orrel speel, of kitaar, ons het baskitaar. My kinders speel in die jazz-groep saam. Daar word altyd iets probeer doen, wat, wat dit nie net styl..., dis nou die Engelse woord “styl”, [Lag] dat dit maar net ‘n gewone ou ding is wat ons elke Sondag .... Natuurlik is dit dieselfde liturgie, maar ons probeer dit só vier dat... Vir ons is ‘n groot woord is *participation*. Ons, die mense, dit moet nie iets wees wat ons vír hulle bied nie. Dit moet iets wees waar hulle kan deelneem, waar húlle eintlik, uh, aktief is om dit te vier. En, uh, as ek nou so luister na die mense, dan is dit die, die ding wat hulle raaksien of ervaar as hulle hiernatoe kom. Dis ‘n plek waar ‘n mens déél is van wat gebeur en, uh, omdat dit spesifiek Luthers is, maak dit ook vir mense wat van ander plekke in die wêreld kom – of dit nou oorsese Lutherane is, Duitse, of dan hierdie ou van ‘n Tswana Lutherse gemeente – sê “ek voel hier tuis” Dis waar ek my spiritualiteit kan beleef en my geloof kan laat versterk. Dit is hoe ek dit sou beskryf.

© University of Pretoria

P14: PR_14.docx - 14:5 [Daar is nie, daar is nie, as '..] (15:15) (Super)
Codes: [Fokus: Gemeentefokus verskuif vanaf kerkgroei na roeping om verhaal van God se getrouheid te vertel - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Daar is nie, daar is nie, as 'n mens dit nou in terme van *church growth* en al daai goed kan probeer beskryf, daar is nie, uh, ná hierdie proses wat ons deurgegaan het, is daar nie in die sin dat ons kan sê ons is nou vreeslik groot gegroei, of klomp mense wat nou kom nie. Ons hét gegroei tot by so vyftig mense in die diens op 'n Sondag. Ons is honderd en vyfig lede van die hele gemeente. Maar dit is van [DORP], DORP], [DORP], in [DORP] woon van die lede. So dis nie 'n groot gemeente nie. En dit, in dáárdie sin groei ons nie. Maar miskien moet ek dit ook so sê: omdat ons juis in die proses van die PMC vir onsself gesê het dat ons, ons wil nie ons fokus plaas op groei nie – ten minste in terme van getalle nie – ons wil ons fokus plaas op wat is ons doel eintlik? Wat is ons roeping as gemeente?

P14: PR_14.docx - 14:6 [Man, vir my is, as ek dit teru..] (18:18) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: wandel in die Woord en dissiplines fokus op luister - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Man, vir my is, as ek dit terugdink nou, was die, die beoefening van hierdie *dwelling in the Word,* um, 'n baie-baie belangrike faktor gewees. Um, dat ons gedwíng is om na mekaar te luister. Want ons is, baie van ons is nog van Duitse afkoms- of herkoms – hoe noem 'n mens dit in Afrikaans? En, ons is miskien nog méér as ander geneig om, terwyl iemand anders praat, al te dink: wat gaan ek nou antwoord? En dan luister ons mos nou nie meer lekker nie. En hierdie proses van *dwelling in the Word* forséér jou mos eintlik om te luister. Want jy moet mos later dan terugvoering gee oor wat jy gehóór het. En, en deur daai, daai element daarvan, um, is ons gedwing om rerig te begin na mekaar te luister. En na ander mense te luister. Ons het baie uitgegaan na instansies, daai hele proses van ondersoek instel het ons gaan luister na ander mense. Maar ook na die *partner* gemeentes, en so aan. So ons is gedwing om van onsself weg te fokus en rerig te luister.

P14: PR_14.docx - 14:7 [Maar dit is maar wat ek sien, ..] (19:19) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: wandel in die Woord en dissiplines fokus op luister - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Maar dit is maar wat ek sien, hierdie *dwelling in the Word* is vir my absoluut die sentraalste ding van die hele proses. En omdat, dit is miskien omdat ons maar teoloë is, maak ons miskien so, ons wil dit mos nou maar die teorie begryp. Omdat, ek dink dis effektief omdat daai hermeneutiek daar aan, aan die werk kan gaan. Dat God se Woord, God se twee hande, eintlik met ons kan besig raak, as ons werklik daarna luister.

P14: PR_14.docx - 14:8 [Wat die dwelling in the Word v..] (19:19) (Super)
Codes: [Wandel in die Woord - Family: Wandel in die Woord]
No memos

Wat die *dwelling in the Word* vir my, um, iets besonders was in die proses, omdat dit,

© University of Pretoria

um, hoe kan ek dit begin verduidelik? Daar's 'n hermeneutiese ding wat ek dink in die gereformeerde tradisie ook voorkom, maar in die Lutherse kerk is dit baie sentraal, en dat ons praat van die Woord van God altyd as iets wat wet en evangelie, daai dialektiek. Um, en dat dit eintlik die twee hande van God is wat iets met ons doen. Die wet, en meer in die Lutherse as die gereformeerde tradisie is die wet die hand, die linkerhand van God wat ons eintlik beetpak en sê: luister, jy maak só!. Of; jy moenie so maak nie. Daai, daai sondebesef en die... Nê, daai soort goed. En dan die evangelie wat, wat jou dan sê: maar Ek red jou uit, uit jou eie sondigheid uit, Ek trek jou uit daai nood uit, en Ek réd jou. So, die twee hande van God, die wet en die evangelie wat in die Woord voorkom. En, ek het met Patrick Keifert destyds, van Amerika, wat die ding aan die gang gesit het hier, lank daaroor gesels. En hy sê..., hy't vir my, uh, uh, uh, dit as 'n "*secret"* genoem, hy sê die hermeneutiek van *dwelling in the Word* is wet en evangelie. Dís wat daar gebeur. Want jy word gedwing om na die ander persoon te luister, en as jy werklik geleer het om te luister, dan kan daardie ander persoon ook vir jóú die wet voorhou. Maar nou nie die wet in terme van gebod so en so wat jy nou oortree het nie, maar in terme van: dit is hoe God jou nou sien as jy nou in jou sondigheid en in jou, in jou gebrokenheid met iemand ánders te doen het wat ánders is en wat vir jou sê: luister, ek, ek, ek voel nie tuis hier nie – of wat ook al. En daai soort..., om na dít te kan luister, nê. En ek noem dit nou spesifiek, by ons was dit dat die Engelse Lutherane wat hier was - en dit was 'n kléín groepie – vir ons kon sê: maar ons voel hier nie tuis nie. Want julle is 'n klomp Duitsers. En as daar 'n halwe kans is, begin julle weer Duits praat met mekaar. Nou onthou, ek is self ook 'n Duitssprekende. Ek, ek is, uh.... So vir my was dit destyds die maklikste van die wêreld. As iemand met my Duits gepraat het in 'n groep, dan het ek Duits geantwoord. Tjoeps was dit weer, die Engelse ou was nou weer buite. Um, nê, en..., so dit was op 'n manier... Deur te luister kon ons onsself oopmaak om daardie stukkie wet van die Here te kan hoor wat vir ons sê: jy's nie oop vir dié mense nie. Jy weet, jy maak jouself toe. Jy let nie op dat dié persoon nie tuis voel nie. Daai soort goed. Maar dan ook, omdat ons nou geluister het na die Woord, dan te kan sê: maar jy word eintlik hierdeur vrygemaak, uh, óm dan, uh, uh, uh, 'n gemeente te word wat hierdie mense kan, nie nét kan akkommodeer nie... En dít is een van die dinge wat hulle ons gesê het: ons voel julle *accommodate us*. Nê, julle maak 'n plekkie hier vir ons. Maar ons is nie werklik deel van julle sisteem nie. En, uh, na daardie besluit wat ek van gepraat het, op die volgende jaarvergadering - ons het elke jaar 'n jaarvergadering van die gemeente, 'n algemene jaarvergadering, waar nuwe kerkraadslede gekies is - oor die helfte van die kerkraad het uitgetree en gesê: ons maak plek vir Engelssprekendes. [Lag] En ek meen, dit is glád nie êrens dat hulle móés uittree nie. Dit was 'n besluit wat hulle geneem het om te sê: kom ons maak nou plek vir dié mense. Want ons het beslúít ons wil nou Engels word. En, uh, daar kom hulle dan skielik rerig in die sisteem nie net êrens op 'n plekkie in, maar hulle word deel van die sisteem waar hulle werklik kan deelneem daaraan, en, uh. Joe, ek praat nou in sirkels. Maar dit is maar wat ek sien, hierdie *dwelling in the Word* is vir my absoluut die sentraalste ding van die hele proses. En omdat, dit is miskien omdat ons maar teoloë is, maak ons miskien so, ons wil dit mos nou maar die teorie begryp. Omdat, ek dink dis effektief omdat daai hermeneutiek daar aan, aan die werk kan gaan. Dat God se Woord, God se twee hande, eintlik met ons kan besig raak, as ons werklik daarna luister...

© University of Pretoria

P14: PR_14.docx - 14:9 [Um, 'n groot uitdaging wat ons..] (21:21) (Super)
Codes: [01 Projekbestuur: Druk vanuit kerkverband vir programme - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Um, 'n groot uitdaging wat ons hier ervaar het, is, uh, snaaks genoeg iets wat van, nie van ons gemeente nie, maar van buite ons gemeente in ons [KERKVERBAND] gekom het. Dit was die sterk druk wat geplaas is op die kleiner gemeentes wat aangesê is: julle moet seker maak dat julle gou groei, want andersinds kan ons julle nie meer finansieel dra nie. En, uh, van die mense in die [KERKVERBAND] in die algemeen in Suid-Afrika, is baie sterk beïnvloed deur die Willow Creek en hierdie *church growth* goeters wat daar gebeur. Waar hulle gevra het: *What are the programs you are doing? How many people have you involved in the programs?* Daai tipe vrae gevra het. En uit, vir ons was die uitdaging om nié na daai stemme te luister nie, as ek dit nou so mag stel [Lag] Om rustig te bly luister na mekaar, in die proses, en na die Woord van God te bly luister. Met die vraag: waarheen stuur God ons? Nié: wat moet ons nou doen om die gemeente gou te laat groei nie? En om dít uitmekaar te hou, die twee goed, want daar is ongelukkig baie baie sterk druk in ons kerk, as ek nou net gesels van hoe min leraars ons het. En die druk is algemeen in ons gemeentes, en in die sinode stérk, wat sê: *What is the church doing about this? You know, get going. Do something, you know*. En dan wil hulle programme hê. Wil hulle... "Meetbaarheid" is 'n gróót woord in ons kerk. En, uh, ons het in hierdie proses, dink ek, 'n groot stuk daarvan geleer om te sê: ons gaan nie meer na daai tipe woorde luister nie. Ons, ons, ons voel God roep ons nie om hierdie, hierdie druk uit te oefen of op ons te laat uitoefen nie.

P14: PR_14.docx - 14:10 [Ek dink nie dit is reg om te p..] (23:23) (Super)
Codes: [01 Projekbestuur: Druk vanuit kerkverband vir programme - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ek dink nie dit is reg om te praat van jy moet, *you must be driven by something* nie. Ek dink, dis, dis, dis, uh, uit en uit iets waar ons dan weer probeer om die hefboom in die hand te hou en ons eie "münchhausen" te wees wat ons aan ons eie hare uit die probleem kan probeer uittrek. Dit werk nie. Um, waar hierdie is uit en uit 'n proses waarin die mens eintlik uit die *control seat* uitgehaal word en God weer daarin geplaas word. En waar ons kan luister, en dan bloot deur te luister, weer die moed en die krag ontvang om dit te doen waarin ons, um, waarnatoe ons geroep is as 'n gemeente.

P14: PR_14.docx - 14:11 [Die twee goed wat ek dink werk..] (27:27) (Super)
Codes: [Fokus: Gemeentefokus verskuif vanaf kerkgroei na roeping om verhaal van God se getrouheid te vertel - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Die twee goed wat ek dink werklik die belangrikste erváring van hierdie proses was, was vir die gemeente om te leer om te luister. En, op grónd van dit wat ons dan gehoor het deur die luisterproses, dan te vra: hoe vertel ons nou die storie van God se getrouheid? So daar was daai dubbele fokus. Aan die een kant het ons baie duidelik aan die begin altyd weer gesê: ons Luthers teologie dryf ons – [Lag] en nou gebruik ek daai woord – dryf ons daartoe om altyd weer die verhaal van God se getrouheid te gaan vertel. Baie sterk fokus daarop.

© University of Pretoria

P14: PR_14.docx - 14:12 [Um, kyk daar is... Omdat ons j..] (31:45) (Super)
Codes: [04 Onderskeiding: Om ook te luister is die hooffunksie - Family: Leraar Rol]
No memos

Um, kyk daar is... Omdat ons juis gewoonlik enkellopers is in ons gemeentes, oor 'n groot gebied, is die tendens in die [KERKVERBAND] baie sterk na 'n tipe outokratiese model of outoritêre model. Ék is die ou wat weet, en júlle moet na my luister.
Hm. Die ekspert.
Nê. En daardie... Hierdie proses het ek, in hierdie proses het ek self geleer dat dit nie goed is as ons só probeer werk nie. Eerstens is dit weereens hierdie Münchhausen tipe idee. Ek is die ou wat in beheer is. Ek moet die ding laat gebeur. *The buck stops with me*. Al daai tipe lekker woorde wat die mense gebruik in die *management* sisteem en so aan. En ek het nou 'n groot renons teen al hierdie tipe kerk-metodes wat sê die, die leraar of die pastor moet die *manager* wees wat die ding nou..., ook beheer oor die hele ding het en dit nou laat gebeur. Um, vir my is, is... Deur die proses het dit duidelik geword dat, dat my hóófunksie is óók om te luister. Um, en dit druis natuurlik in teen dit wat ons elke Sondag byvoorbeeld moet doen. Want ek moet dan nog altyd gaan preek. Ek meen. Maar, maar as daai preek nie uit die luister uit kom nie, dan help dit niks. Dan, dan kom die mense na die tyd na my toe en sê: ons kan jou nie verstaan nie. Maar dit, dit... En dan kan hulle dit vir my nou al sê, in die proses wat ons nou al deurgegaan het, kan hulle vir my sê: maar ons het jou verstaan nie omdat jy nie ons verstaan nie. Julle't nie, jy't nie geluister nie. Byvoorbeeld wat ons nou doen, ek het elke week het ons 'n huiskring met verskillende gemeentes, familiegroepe in die gemeente, waar die preekteks gelees word. En nou sê ek, ek wil nou van júlle hoor: wat hoor julle in hierdie Woord. Ek wil van julle hoor wat gaan in julle lewens aan. En ek wil hoor wat hoor julle as julle die Woord nou net in julle lewens invat, wat sê dit vir julle? So die proses is, is eintlik geïnstitusionaliseer, as 'n mens dit so kan stel. [Lag] Dat ek gaan luister na die gemeente. So dis nie 'n Bybelstudie wat ék nou weer in die week vir hulle gaan sit en ek vertel wat sê die preekteks nie. Dan slaan ek hulle nog 'n keer die Sondag oor die kop met dieselde ding. [Lag] Dis mos maar baie dikwels wat gebeur het in die verlede. Uh, dat, dat, hierdie keer is dit andersom: ek is eintlik daar om te gaan luister na hulle. Ek bring die teks vir hulle, ek *print* dit uit – wat is dit in Afrikaans?
Druk dit uit, ja.
Ek druk dit uit en dan lees hulle dit saam. En dan gaan ons deur hierdie *dwelling in the Word process*, maar spesifiek dat ek nie vir hulle lang stories vertel oor wat die teks beteken nie, maar dat ek na hulle kan luister. En, dan op die Sondag kom hulle kerk toe en *check* hulle nou mooi op...
Of jý geluister het! [Lag] Ja.
En nie net dat ek nou preek wat hulle graag wil hoor nie. Dit is ook iets wat ons natuurlik deurgewerk het saam met die mense. Nee, sê hulle, dis reg. Daar's goed wat ons ook moet hóór van die Woord. Maar, uh, dit moet so gesê kan word dat, dat ons agterkom, maar die Woord praat met ons, en nie een of ander idee nie. [Lag]
[NAAM], iets wat ek hoor jy sê, is jy moet wegkom van hierdie ding van jy's die ekspert en die *manager*, um, en baie meer die funksie inneem van "ek luister". Dis 'n saam-luister.
Ja, ja.
Dis 'n geïnstitusionaliseerde luister. Die luister is baie meer as net een wat luister. Dis eintlik 'n sáám-luister. Dis wat ek hoor jy sê. En die rol van die dominee is om hierdie luister dan nou... Die ruimte te kan skep waarbinne egte luister kan plaasvind.

© University of Pretoria

Ja, dis seker die hoof, hooftaak.
Okay.
Um, kyk ek sal nie sê die ekspert is heeltemal weg nie. Daar is goed wat in die teks deur dit wat ons ge*swot* het, en die navorsing en die Grieks en die Hebreeus en so aan, wat 'n mens dan kan sê: kyk dit is wat daar einlik staan. Maar dit is 'n, dit is 'n ondergeskikte funksie of 'n dienende funksie wat eintlik net aanhelp dat ons werklik kan luister wat daar staan. Um, ja dit is wat ek sou sê.
So dis 'n herdefinisie eintlik... Dis 'n aflê van mag. Dis 'n dienskarakter. So ja, jy't sekere gawes, maar daai gawes is nie om beheer uit te oefen nie. Dis wat ek hoor jy sê.
Definitief ja. Ja, ek, ek het byvoorbeeld dit baie duidelik gestel ek is nié die voorsitter van die kerkraad nie. In baie van die [KERKVERBAND] gemeentes is die pastor die voorsitter van die kerkraad. Dis, dis heeltemal anders as in die gereformeerde tradisie waar die kerkraad eintlik die aanstellende, uh, van die leraar is. Dit is by ons nie so nie. Maar ek het bewustelik gesê ek is nié die voorsitter nie. Ek is, ek is hier as lid van die kerkraad. En ek is hier as teoloog omdat ek sekere goed geleer het wat, wat hier miskien ter sake is. Maar ek het nie, in geen manier het ek 'n funksie wat beheer hou oor die stories nie. Die enigste plek waar ek, en dit is wéér teologies iets wat ons deurgesels het in die kerkraad, en weer herhaaldelik deurgaan, is dat daar sekere, um, plekke is waar ek kan sê; maar luister, van ons teologie se kant af kan ons dit nie doen nie.

P14: PR_14.docx - 14:13 [Man ek wonder of 'n mens dit s..] (55:57) (Super)
Codes: [3 Bewaarder van die luisterkultuur - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Man ek wonder of 'n mens dit só kan stel. Maar die, die, um, [stilte] ... Ek het deur 'n, deur 'n taamlike verandering gegaan in my lewe toe ek ge*swot* het. Ek kom uit 'n baie hiërargiese stelsel – familiestelsel, kerkstelsel. En ek is in die vroeë tagtigerjare in Duitsland toe 'n tipe studentebeweging weer posgevat het wat daai anti-outoritêre, um, leefstyl, um,... Maar nou nie in die hippie sin van die woord nie [Lag]. Maar in die sin van: ons is nie, ons is nie bereid om enigsins outoritêre strukture te aanvaar nie. En, uh, ek dink een van my gawes is om, om baie gou agter te kom as, agter te kom as iemand in 'n groep probeer manipulerend of beherend opt..., beherend op te tree. En, uh, omdat ek so, uh, amper 'n allergie het teen so iets, uh, voel ek kan ek deur hierdie..., werklik om te kan luister, um, in 'n groep mense baie, baie teweeg bring. Hoe sal ek dit nou stel? Dit klink nou nie... Maar ek het nou..., nog nie geformuleer wat ek probeer sê nie. Ek weet nie of dit duidelik is wat ek probeer sê nie. Um, dat, uh, dat ek vir mense kan – deur my eie luisterwerk – vir ander mense kan laat agterkom wanneer hulle nie luister nie. Ek weet nie of dit sin maak wat ek nou sê nie.
Wat ek hoor jy sê vir my, is jy modelleer egte luister. En jy skep ook vanuit jou eie storie ruimtes vir egte luister. Dis wat ek hoor jy sê.
Ja, dit klink nou net eenvoudig weer te *fancy* amper. [Lag] Maar dis miskien wat ek probeer sê. Ja, uh, dat, uh... [Stilte] Hoe kan ek dit beskrywe miskien? Juis hierdie groepe, dis vir my vreeslik belangrik om in 'n groep, um, [Stilte] Hoe sal ek dit nou stel? Ek is van nature 'n *observer*, en ek kan vreeslik lekker in 'n groep wees sonder om enigiets by te dra, want dan is ek nou die *observer*. En ek het agtergekom dit is ook nie 'n goeie ding as ek net so van 'n distansie kyk wat gebeur nie. En toe't ek nou geleer om te sê: kom ek gebruik dit wat ek *observe* deur op die mense wat daar gesels te fokus en dan 'n spieël te word vir hulle. Ag, dis iets wat 'n mens mos ook in die

© University of Pretoria

pastorale sielkundige opleiding doen, dat ‘n mens, *he mirrors what a person says to you*. *And gives that feedback*. En, um, sodat ek, dink ek, in ‘n groepsverband mense kan help om die gevoel te kry: nou luister mense na my. Of dan die mense wat nie mooi luister na ander nie, aan hulle te sê: kom ons luister nou ook weer wat het hierdie persoon te sê het, en so aan. Daai, daai proses is vir my iets wat, um, ja. Miskien moet ek dit maar sommer so heel persoonlik sê: dis iets wat my bly maak as ek dit kan sien gebeur. Um, en ek dink soms dat ek iets daarmee te doen het dat dit gebeur. [Lag] Maar ek wil dit nie te, te sistematies nou probeer vaslê nie, want dan is dit weer iets wat ‘n mens maklik kan manipuleer.

P14: PR_14.docx - 14:14 [Um, [Stilte] ek is van nature ..] (61:63) (Super)
Codes: [01 Projekbestuur: Aflê van outoritêre styl van leierskap - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Um, [Stilte] ek is van nature ‘n persoon wat, juis omdat ek ‘n introvert is... Toe ek geléér het om ‘n pastor te wees, het die idee vóórop gestaan: jý moet sê hoe dinge gaan, hoe dinge gebeur. Jy is die ou wat geleer het. Jy is die pastor. Juis om my geïntroveerdheid te oorwin, was ek maklik geneig om ‘n baie outoritêre styl aan te, te gebruik. En, uh, vir my was dít seker die grootste probleem wat ek moes... Juis omdat ek sélf dan, um, vreeslik selfkrities was óór my eie outoritêre manier van dinge doen, um, moes ek nou sê, maar hoe doen ‘n mens dit dan anders? En, die proses het vir my eintlik dit gewys. Want al die ander programme wat ek tot dusver gesien het, was altyd weereens die ou wat *in charge* is moet die ding dryf. En hy moet seker maak die ouens doen hulle werk. *Keep tabs on everybody*, nê. Daai styl.
Kontrole. En beheer, ja.
En, uh, ook *outcome based*, nê. Jy moet nou aan die einde van die dag kan sê; dit is wat ons nou bereik het. *Chip, chip, chip, chip*. En: mooi!. [Lag] En, en, so daar’s daai twee siele in my, seker amper as ek dit so kan stel. Daar’s hierdie outoritêre, neiging tot outoritêre manier van dinge doen. Um, miskien moet ek bysê: ek was ‘n tyd lank in die weermag as ‘n kapelaan. So, [lag], dis ook miskien wat ek daai soort manier van ding doen ook nog versterk het miskien. En, uh, *obvious*..., terselfdertyd daai ander gedeelte van my siel wat sê: uh, dis nie hoe God eintlik met my wil werk nie. Dis is nie, uh... Dis nie hoe God met ons werk nie. God is ook nie ‘n outoritêre God wat, uh, soos ‘n *manager* gaan optree nie.

P14: PR_14.docx - 14:15 [Die een het my weer duidelik l..] (65:65) (Super)
Codes: [2 Ontdek wat die Lutherse teologie eintlik is - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Die een het my weer duidelik laat besef dat dit wat ons in die Lutherse teologie geleer het, al daai dogmatiek en so aan, kán – as ‘n mens dit op ‘n nuwe manier probeer uitdruk – ‘n baie-baie praktiese ding wees. Hierdie wat ek nou verduidelik het van wet en evangelie. Dat dit nie droë dogmatiek is wat ‘n mens êrens geleer het en dan pak jy dit mooi êrens in ‘n boekrak en dan bly dit nou daar. [Lag] Maar dat dit lewendig kan word. In so ‘n proses kan dit baie-baie lewendig word. So dit is een van die dinge. Ek wil sê, ek het eers deur hierdie proses werklik ontdek wat die Lutherse teologie eintlik is. Dat dit eintlik, uh, eintlik, uh, probeer beskryf wat gebeur as kerk gebeur. As die Wóórd gebeur. Nou ons praat van die kerk as die *creatio verbi*, die, die skepping van die Woord. Nou, wát is dit? Hoe gebeur dit? En, uh, dit fassineer my tot nou toe. Ek is eintlik besig om te formuleer of ek nie juis hierdie gedeelte van die *PMC* wil gaan

© University of Pretoria

navorsing doen oor. Wat is die hermeneutiek daaragter? En hoe presies lyk dit? So dis die een ding wat ek dink ek agtergekom het, dat dit is vir my betekenisvol, en, en, diepsinnig om ‘n Lutherse teoloog te wees in so ‘n proses.

P14: PR_14.docx - 14:16 [En die ander is dat dit het on..] (66:68) (Super)
Codes: [3 Dat 'n mens 'n luisterende mens word - Family: Leraar Transformasie]
No memos

En die ander is dat dit het ons nou al oor gepraat. En ek soek nog altyd die regte woorde om dit te beskryf. En dit is hierdie dat ‘n mens ‘n luisterende mens word. Dat ‘n mens nie ‘n ou word wat alewig seine uitstuur, maar wat eintlik meer seine ontvang. Dis ook weer ‘n militêre woord. Ek was by die seiners opgelei in [DORP]. Ek weet nie of jy dit ken nie?
Ek weet van hulle [Lag]
So dis, daar stuur jy mos konstant boodskappe uit. Of, jy weet, die ou *Morse code* manier, of dan op telefoon of selfoon of wat ook al deesdae. Uh, en ek het die gevoel ons in die kerk is geneig om meer te stuur as te ontvang. Of meer te sê as om te luister. En daai verandering is vir my wat ek dink my die meeste verander hét. Ek het die idee dat ek ‘n ontvanger moet wees van die Woord van God, maar ook van die woord van die persoon met wie ek te doen het.

P14: PR_14.docx - 14:17 [Hm, indirek het deur die konta..] (70:70) (Super)
Codes: [5 Kontak met Pat Keifert en crossings-community - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Hm, indirek het deur die kontak wat met Pat Keifert

P14: PR_14.docx - 14:18 [En ek dink die kombinasie van ..] (70:70) (Super)
Codes: [5 Kontak met Pat Keifert en crossings-community - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

En ek dink die kombinasie van *PMC* en my baie, um, direkte kontak met ander mense ook wat in hierdie *Seminary in Exile* teologies nog aan die gang is – hulle noem hulleself *the crossings-community* – het my gehelp om die onderbou van hierdie *PMC* te verstaan.

P14: PR_14.docx - 14:19 [Ag ek het met Pat Keifert nou ..] (72:72) (Super)
Codes: [Hermeneutiese onderbou van wandel in die Woord - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Ag ek het met Pat Keifert nou al ‘n hele tydjie gelede al gepraat of ek nie ook ‘n navorsingsprojek moet begin oor sy hermeneutiek wat hier agter is nie. Want ek weet nie of baie van ons in Suid-Afrika wat *PMC* nou doen, in Stellenbosch en Pretoria, of dit enigsins besef wat die onderbou van hierdie hele konsep is, dat dit eintlik hierdie, die werking van God se Woord, dat dit eintlik sentraal daar is. Dit is waaroor dit gaan. Dis wat God se Woord met ‘n gemeente begin doen as hulle daarna luister, nê, daai *dwelling in the Word*, as ons na dié Woord begin luister, dan gaan dié Woord iets met ons begin doen. En dit gaan ons op ‘n reis vat êrens heen. En, dís wat my fassineer.

© University of Pretoria

P14: PR_14.docx - 14:20 [Um, ek is 'n baie – hoe sal 'n..] (76:77) (Super)
Codes: [Afleer: om nie te luister nie en beheer te wil behou - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Um, ek is 'n baie – hoe sal 'n mens nou sê? – in Duits sê ons "kopfmensch", "kopmens". Um, my gedagtes is alewig op honderd en vyftig persent aan die gang. En, uh, dit is nie lekker, dit help nie eintlik juis as jy wil luister na iemand as dit die hele tyd hierbo [lag] in *overdrive* is nie. En, uh, miskien moet ek dit nog amper stérker stel, dat 'n mens is miskien geneig om 'n intellektuele snob te wees. As 'n mens, die gedagte altyd so aan die gang is. En ek moes eintlik leer om my eie gedagte nie net in toom te hou nie, maar eintlik áf te skakel om werklik te kan luister.
En dieselde ook met daai gevoel van ek moet in beheer wees. Dis iets wat uit my eie persoonlike lewe ook kom. Uh, sake het maar nie altyd lekker gegaan in die familie en so aan nie. So daai gevoel van jy moet in beheer wees, is baie, baie sterk in my. Êrens diep in my sit dit in my, daai gevoel: jy móét die dinge in beheer hê. Jy weet, *you have to have control of what's going on*. En om dit te, lós te laat – die Duitse woord "lösst zu lassen", "laat los", um, is vir my die grootste stap gewees in hierdie hele proses. Om dít te kan doen. En dis altyd wéér iets wat 'n mens moet, moet, moet... Ek moet myself daaraan herinner dat dit so is. Want die neiging is nog altyd daar. Jy wil maar, jy wil maar die dinge onder beheer hê – juis as dit finansieel en so aan in 'n gemeente 'n bietjie moeilik gaan. Dan dink 'n mens, ag, kom ons doen dit soos Willow Creek dit doen, dan gaan dit mos lekker wees en alles gaan weer reg wees.

P14: PR_14.docx - 14:21 [Waarskynlik gaan dit daarmee g..] (79:79) (Super)
Codes: [Aanleer: Om te luister - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Waarskynlik gaan dit daarmee gepaard. Die, die luister. Die... Maar luister is nogal 'n interessante ding want jy moet vaardighede aanleer sodat die persoon na wie jy luister ook kan ágterkom dat jy luister. Dit gaan van liggaamstaal tot die, die regte tempe..., *response* wat jy gee sodat die persoon kan agterkom dat jy luister werklik na hulle. Ek dink dit is waarskynlik die, sal dit saamvat.

P14: PR_14.docx - 14:22 [Ek dink al die vaardighede wat..] (81:81) (Super)
Codes: [41 Vaardighede wat gepaard gaan met luister - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek dink al die vaardighede wat gepaard gaan met luister.

P14: PR_14.docx - 14:23 [Maar terselfdertyd ook – en di..] (81:87) (Super)
Codes: [30 'n Bewuste identiteit as teoloog - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Maar terselfdertyd ook – en dit is iets wat ek hier opgeskryf het toe ek gister daaroor nagedink het weer – um, dis terselfdertyd ook die móéd om teologies 'n identiteit te kan hê. Um, ek weet nie of dit nou duidelik is wat ek daar probeer sê nie. Dat ons nie moet wegskarrel van 'n teologiese identiteit. Um, ons kan net luister na mense as dié mens wat ons ís. Um, so ons is nie 'n leë vat wat net luister nie. Wat net gevul word met al die goed wat ons hoor. Um, ons is 'n spesifieke tipe mens, persoonlik, maar ons is ook teologies, uh, het ons 'n identiteit. En as daai identiteit moet ons kan luister. As dit duidelik is wat ek probeer sê.

© University of Pretoria

Ek hoor nou dit wat jy hier sê in die konteks van dit wat jy aan die begin gesê het, dat dit het gekom tot, dit het gelei tot die herontdekking van julle identiteit as [KERKVERBAND]. Ek, ek, dis wat ek nou hier hoor. Is dit wat jy sê?
Presies ja.
So ek is nie 'n leë vat sonder 'n identiteit nie.
Ons hét 'n geskiedenis. Ons hét stories wat vir mekaar kan vertel. Ons het die, die hele storie van die Hervorming. Uh, dis deel van wie ons is. En, as, as mense wat uit hierdie storie voortkom, luister ons na mekaar.
So, ek moet eintlik die kapasiteit hê om my identiteit te ken en te kan vier en te kan respekteer.
Ja, ja. Want net as ek dit kan doen vir myself, kan ek dit eintlik rêrig ook vir ander mense doen.

P14: PR_14.docx - 14:24 [Om dit te kan verbaliseer dan ..] (91:91) (Super)
Codes: [21 Om die storie van God se getrouheid te kan verbaliseer - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Om dit te kan verbaliseer dan ook. Um, vir my is dit vreeslik belangrik – *okay*, dis weer *personality* miskien – maar vir my is dit vreeslik belangrik om alewig aan die gang te bly met teologiese boeke wat my help om my teologiese identiteit te verbaliseer. Maar in nuwe woorde, nie net die ou dogmatiek nie. Soos byvoorbeeld, die verkondiging van die evangelie, die genade van God, om dit, om die woorde te ontdek wat sê *the story of God's faithfulness*. Dis nou vir my, uh, dit was 'n hele proses van om dit te ontdek, dat dit is eintlik waaroor dit gáán. As 'n ou op die kansel staan en hy moet vir my, dis sy *jób*, om die storie van God se getrouheid vir my te vertel. Dis die *job* van die predikant. Um, as ek dit nou bietjie polémies kan stel. Hy moenie daar staan en allerhande ander deuntjies wil vertel nie. Hy is, sy taak daar is om die storie van God se getrouheid te vertel, en op só 'n manier dat ek agterkom, maar dis eintlik mý storie. Of ek is deel van hierdie storie.

P14: PR_14.docx - 14:25 [Ja, dis vir my moeilik om dit ..] (103:103) (Super)
Codes: [Stories: Onderwyser wat die storie weer moet vind - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ja, dis vir my moeilik om dit in woorde te vat, snaaks genoeg. Maar dis eintlik stories wat 'n mens moet vertel oor mense wat sukkel. Ek vertel die storie byvoorbeeld, wat juis uit hierdie prosesse kom, ons het mense in die gemeente wat werk by, wat onderwysers is. Ons een orrelis byvoorbeeld. Hy's 'n onderwyser, hy's eintlik 'n musiekonderwyser. Maar hy's ge *redeploy* deur ons *fancy government* om in 'n *township* skool wiskunde en Afrikaans te onderrig. Daar by die Noordelike voorstede en so aan. Hy kry vir sewentien maande nou nog nie sy salaris nie. Want die *education* departement is hier maar in 'n heeltemal groot probleem. En hy kom gereeld kerk toe na die dienste toe en hy sê: "*I just have to find the story again, so that I can live my story with these kids*." Sit hy daar met veertig, vyftig kinders in sy klaskamer. En dan het hulle nie boeke nie. Dan het hulle nie tafels genoeg vir almal nie. En dan het hulle niks wat nodig is om onderrig te gee nie. En hy sê hy's aan die twyfel. Hy kry nie sy geld nie. Sy vrou is gelukkig 'n verpleegster, so sy kry darem 'n salaris. Maar hóé gemaak nou? Dat hierdie... Maar hy sê, dis, dis wat my bo water hou as ek na die kerk toe kom en ek hoor die storie weer en ek kan hierdie storie weer saamvat in my lewe in om daarvan te lewe. En ek, ek het altyd die gevoel, as dít is wat hieruit gekom

© University of Pretoria

het, dan is dit goed. Dan het die, hierdie proses van wie ons is in terme van God se sending na hierdie wêreld, dan het dit vrugte gehad.

P14: PR_14.docx - 14:26 [Ek, vir my is die een deel van..] (107:111) (Super)
Codes: [Behoefte aan kritiese teologiese gesprek tussen vennote - Family: Vir aandag van die SAVGG]
No memos

Ek, vir my is die een deel van die proses, um, miskien hang dit juis saam met die ontdekking dat dit uit daai wet en evangelie hermeneutiek gekom het, die, die manier van die dinge doen. Wat vir my bietjie kortkom in die proses, is dat mense, dat dit êrens tog miskien meer aangespreek moet word hierdie teologiese identiteit. Um, ek weet daar is, daar is ‘n groep of ‘n rigting in ons kerke wat al hoe minder wil fokus op ons teologiese, spesifieke teologiese identiteit – as Lutherse of as gereformeerde Christene. Um, en dit het seker ook historiese redes in Suid-Afrika. Met die, wat gebeur het en so aan. En tóg wil ek sê, dit is, dit is nie onbelangrik nie. Dat ons ook in hierdie proses mekaar miskien moet help om te sê: maar waar kom jy teologies vandaan? Hoe werk jou spiritualiteit en jou teologie saam? En, uh, dat dit self ook vir ‘n geméénte belangrik moet wees. Um, ‘n gemeente wat nie sy eie teologie en geskiedenis in daai teologie ten minste ‘n bietjie ken nie, gaan dink ek baie maklik begin rondspartel. Swem in ‘n, in ‘n soort van algemene sop van goed wat nie duidelik genoeg is nie. Um, ek weet nie of ek duidelik is wat ek probeer sê nie. Ek dink daar’s ‘n, daar’s ‘n verskil tussen ekumeniese *partnership* wat, wat net so eenvoudig op ‘n baie breë vlak probeer saamwerk, en ons wil ook nie op mekaar se tone trap in terme van wat is jou teologie, wat is my teologie nie, en so aan, en ‘n régte *partnership* waar ons ook mekaar kan... Kom ek sê dit miskien ‘n bietjie kras – ons kan mekaar ‘n bietjie ook aanvat oor ons teologie. En sê, maar luister, as jy só daaraan dink, is dit nie miskien ‘n gevaar nie? Maak ons mekaar nie, maak jy die mense in jou gemeente nie miskien seer as jy so en so oor die goed nadink nie. Um, die aspek van die, van die teologiese kritiek wat ons eintlik aan mekaar mag of behóórt uit te oefen. Um, en ek dink juis in Suid-Afrika is dit ‘n probleem. Ons is, ons is báie versigtig om mekaar te kritiseer, omdat in Suid-Afrika in ons kultuur kritiek, uh, is nie deel van hoe ons met mekaar werk nie. Ek het dit agtergekom toe ek in Duitsland gaan *swot* het vir ‘n tyd. Die Duitsers is amper wil ek sê aan die ander kant van die perd af. [Lag] Want vir hulle is dit absoluut die belangrikste ding op Universiteit is om te kritiseer. Om ‘n ou aan te vat. En dit kan ook negatiewe gevolge hê. Maar, daar moet ‘n vaardigheid wees wat ons moet aanleer om mekaar ook te kan aanvat oor goed. Daar’s ‘n gedeelte van hierdie proses waar dit gebeur, en dit is oor daai, daar aan die einde as ‘n mens nou... Al die mense wat saamwerk in ‘n gemeente, dan daar mos nou so ‘n *retreat* en dan word daar nou so ‘n *staff covenant* – ek gebruik nou maar die Engelse woorde. Nê, daar gaan dit oor *accountability*. So daar ís ‘n element daarvan. Maar ek dink in die hele proses, miskien juis vir die teoloë wat deelneem aan die proses, kan dit miskien belangrik wees om nog méér duidelikheid te kry ook oor teologiese vraagstukke. En, en te kyk na dit, want, um, ek dink ons kan, ons kan mekaar net verryk daardeur. Dat ons ook vra: waar staan jy nou teologies op hierdie vraagstuk? Byvoorbeeld, die gebruik van die Bybel. Is ons fundamentaliste? Hoe werk ons met die Bybel? Is dit ‘n boek wat ‘n mens, uh, die ander ou oor die kop moet slaan? [Lag] Jy weet. Of is, wat is dit? En hoe werk ons daarmee?
Ek toets of ek reg gehoor het. Jy’t ‘n behoefte daaraan dat daar binne die vennootskap ‘n kritiese teologiese gesprek sal wees tussen die vennote.
Ja.

© University of Pretoria

En jy het dit nie ervaar dat dit daar was nie.
Ja, ja. Ek het dit ‘n bietjie gekry deurdat ek met Patrick Keifert ook persoonlik dan meer kontak gehad het. Um, maar oor die algemeen... Die proses het dit ook nie ingebou êrens nie. En ek dink amper ‘n mens kan dit doen. Mens kan daai... Kyk, ons het byvoorbeeld, het ons toe ons nog die proses deurgegaan het destyds as ‘n gemeente, was daar nie net die *partnering* tussen die twee gemeentes nie, maar ook die twee leraars wat saam is. En hulle is byvoorbeeld dan aangesê kom gereeld byeen om saam te bid. En, dis, dis goed. Maar ek sou amper sê dis óók belangrik om dan saam teologies met mekaar te praat. Bietjie mekaar te help om duidelikheid te kry. Nie in die sin dat die een ou nou die ander ou moet sê: “Jy’s verkeerd”; of: “Totally, you are on the wrong track.” Maar om te sê, kom ons kry duidelikheid oor waar ons staan. Teologies. Sodat ons mekaar beter kan verstaan. Waar kom jy vandaan as jy so oor die Bybel nadink? Nê, of waar kom hierdie ding vandaan? Ek het agtergekom in die vennootskap wat ons deurgegaan het as gemeente, het die ander gemeentes ons eintlik gevra: kom vertel ons waarvandaan kom julle met hierdie teologie wat julle doen. Hoekom het julle daai kruis op die altaar? Nê, daai heel naïewe vrae het ons eintlik dan amper ged..., nie gedwing is nie die regte woord nie, maar uitgelok om te sê, kom ons praat daaroor. Hoekom doen ons dit so? Hoekom is ons diens op so ‘n manier aaneen gesit dat dit so werk? Ons het hulle toe genooi. Kom neem deel aan ‘n diens, jy weet, by ons. En, uh, ek dink dit was goed, want dan kan ‘n mens daai tipe goed ook uitspreek en daaroor nadink en dis opbouend op die ou end. Sou ek sê. Ek dink ons is baie, te maklik geneig dat as ons kritiek het, of ‘n kritiese nadenke het, dan gaan dit afbrekend wees. En ek dink as ‘n mens dit kan leer hoe om dit opbouend te doen, dan kan dit help. Dan kan ‘n mens duideliker ‘n pad stap saam.

P14: PR_14.docx - 14:27 [Ek dink dit was die vraag wat ..] (115:119) (Super)
Codes: [30 'n Bewuste identiteit as teoloog - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek dink dit was die vraag wat jy gevra het, wat is na jou oordeel die kernkapasiteite, nê, waaroor ‘n predikant moet beskik? En ek het hier gesê: hy moet ‘n bewuste identiteit as teoloog hê, met duidelikheid oor sy hermeneutiek, sy eie spiritualiteit én sy ekklesiologie. Want sonder so ‘n duidelike identiteit sal die PMC net nóg ‘n *tool* word in die *toolbox* van ‘n ideoloog, wat in ‘n spesifieke rigting net wil indruk. En, uh, dan sal dit nie ‘n werklike luisterproses meer wees nie. Dan gaan dit iets wees wat ék in die hand het, nê. My *toolbox*. En, met enige program, enige konsep van so ‘n kerkbouprogram, kan ‘n program word wat jy net eenvoudig aanwend soos jy ‘n *spanner* aanwend om ‘n ding reg te maak. En ek, ek voel dit is nogal die gevaar ook van die PMC. Alhoewel hy heeltemal anders werk, en ook bedóél is om te werk, het ek nogal die gevoel dat sommige van die ouens... Die oomblik toe hulle agtergekom het dis nie ‘n *tool* nie, het hulle eintlik nie meer lus gehad om saam te werk nie. En ek is nou juis besig, ek weet nie of jy met [NAAM] gesels het nie daaroor, hier in die [PROVINSIE] ‘n *cluster* te fasiliteer met ‘n klompie...
Ek weet jy’s betrokke by die fasilitering. Ek het nou nie met [NOEMNAAM] oor dit gesels nie.
Nee, dáár’t ek agtergekom daar’s van die ouens, wat, wat, toe hulle agterkom hierdie ding is maar iets anders as ‘n program, en dit is nie maklik om hierdie ding as ‘n *tool* te misbruik nie, maar hulle wóú dit doen. [Lag]
Ja, hulle soek *kwik-fixes*. Hulle soek *tools*.
Ja. En daar dink ek moet ‘n mens ook net oplettend wees dat dit nie in daai rigting

© University of Pretoria

misbruik kan word nie. Want ek het die gevoel dis nogal maklik om dit te doen. [Stilte] Dis maar wat ek nog hier het, ja.

© University of Pretoria

Aanhalings PR_15.

All current quotations (36). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:49:20

P15: PR_15.docx - 15:1 [Want kan ek sê, Gert, my eerli..] (13:17) (Super)
Codes: [EieIdentiteit: Gelukkige huwelik tussen gestuurdheid en heersende tydsgees - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Want kan ek sê, Gert, my eerlike indruk is, as die gestuurdheid ding werk in ‘n gemeente, dan is dit in ‘n sekere sin vir hulle lidmate so *obvious*, so voor die hand liggend, dat hulle dink ons sou in élk geval daarmee besig gewees het. Hulle dink éintlik nie daar het iets anders gebeur as wat moet gebeur in ‘n gemeente nie. So dit is sy sterk punt vir my. As dit rêrig nie geforseerd nie, organies gedoen word, dan dink ek ons het uitgekom presies waar ons moet uitkom. So in terme van jou vraag, ons het in [GEMEENTE] met ‘n baie jong gemeente - en ook met ‘n jong gemeenskaps-mense, ons ouderdom was 26 gewees – die ervaring gehad…
Was die gemiddelde ouderdom 26?
Ses en twintig op daardie stadium.
Sjoe. Dis baie jonk.
Uh, het ons die ervaring gehad dat die tradisionele manier van kerk-wees -wat ‘n baie gestruktureerde, kommissie-gedrewe, besluitgedrewe, bedieningsgedrewe ding was - dat dit nie wérklik vir ouens meer gewerk het nie. Persone wil nie eers by ‘n kommissie betrokke raak, twaalf vergaderings hou en dan een uitreik hou na [WOONGEBIED] nie, of wat die geval is. En die hele gedagte van dat ons as gemeente gestuur is, maar dat ons ook ‘n kultuur van gestuurdheid moet uitleef, ‘n identiteit moet uitleef van gestuurdheid, dink ek het in ‘n sekere sin die tydsgees of die mense se, um, amper sê ek wie hulle ís, ontmoet. Dit was die idee wat se tyd ryp was om te kom. En dit het ‘n *happy marriage* gehad. Met ander woorde, as ons vir mense sê: luister, ons as gemeente moet verwelkomend wees, ons kultuur moet verander, maar ons moet ook waar ons kom en waar ons werk en daai goed missionaal leef… *I think it was an idea the time had come for it*.

P15: PR_15.docx - 15:2 [En die mense het daarin ‘n stu..] (19:19) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Lidmate bemagtig in alle fasette van hulle lewens om gestuur te leef - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En die mense het daarin ‘n stuk bevestiging beleef van wat hulle in elk geval dink. So, in plaas daarvan dat ouens éérs betrokke raak by ‘n kommissie en dán uitreik, het hulle die ervaring gehad van, die gemeente gee tóg vir my die vaardighede om geleenthede raak te sien, waar ek kan getuig en my ding kan doen. So, dit dink ek, in daai sin het dit ‘n baie positiewe effek gehad.

© University of Pretoria

P15: PR_15.docx - 15:3 [Die derde ding is, ek dink dit..] (24:32) (Super)
Codes: [Fokus: Fokus en belyning van gemeentebediening - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Die derde ding is, ek dink dit het ons gehelp om op te hou om goed te doen. Daar was baie angs in die struktuur gewees oordat ons dit nie helemaal dit regkry om soos die ander gemeentes sekere bedieninge en sekere strukture en goed gevestig te kry nie. En ín die reis het mense ontdek, maar wel, daai goed is eintlik ‘n middel tot ‘n doel. Dis nie ‘n doel op sigself nie. En as ons nog steeds die ander goed uitleef, en ons doen nie, hou nie die strukture in stand nie, dan het ons in ‘n sekere sin nie misluk nie, ons doen dit net op ‘n ander manier. En ek dink dáár was ‘n stuk bevryding gewees - om vir mense te sê ons hoéf nie al hierdie strukture en aksies en kommissies en goed staande te hou nie. Want dit het baie energie getap van mense, en weet jy, dit het nooit rêrig met hulle geresoneer nie. Dat, dis nou moeilik om te sê, maar in vergelyking met die gemeente waar ons nou is, vir ‘n ou van vyf en sestig is dit nog ‘n ding, daar’s ‘n sendingkommissie en hy’s die voorsitter daarvan. Vir ‘n outjie van ses en twintig beteken dit *sweet* niks. Sy vraag is: maak hy ‘n verskil by die kinders se skool, of waar ook al dit die geval is. So, ek dink in dáái sin het dit ons ‘n teologie gegee waaraan ons kon koppel om goed te doen. Dit klink nou snaaks as ek dit so sê, maar kyk, hy’t mos nou die ding van, jy fokus al jou goed wat jy *all over the show* het na twee of drie hoof programme.
Dis reg.
Jy het, via die plons en eksperimentering gesê, wie jy, dis wat die Here ons roep spesifiek om te doen. Daai was vir ons baie heilsame proses gewees.
Dit was vir julle…?
Heilsaam.
***Okay*.**
Om daarmee op te hou om vir die, sê maar vir die seemanne R50 te stuur, en R20 vir die een te stuur. Om te sê, maar kom ons fokus ons energie op drie of vier of vyf goed.
***Okay*, so dit het fokus ook gebring, nê?**
Fokus en belyning. Dit is natuurlik twee verskillende goed. Want belyning - ons gaan op ‘n ander plek ook nog daaroor praat - ek wil nie uit die ritme uit praat nie, maar Gert, met belyning bedoel ek, um, in die éérste siklus het ons geïdentifiseer dat ons word gestuur om spesifiek uit te reik na jong mense, bedoelende skoolgaande kinders tot geboorte. En lánk gewonder, maar is dit nie net ‘n na-binne gerigte, nog steeds nie? Ons bedien ons eie kinders. Maar later het ons besef, dit is bietjie wyer as dit. En toe ons dit kon identifiseer, kon ons sê personeelaanstellings, fasiliteit-ontwikkeling, aanwending van die begroting, dié goed moet belyn. Dit help nie jy het daai visie, maar jy spandeer nie meer energie of geld daaraan nie. Dít het ons baie gehelp op-op, in die bediening.

P15: PR_15.docx - 15:4 [Maar die gedagte was éérder ge..] (36:38) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate bemagtig om waar hulle is 'n verskil te maak. - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Maar die gedagte was éérder gewees om mense te help om waar hulle ís dinge te doen. Kan ek ‘n paar stories vertel om dit miskien te demonstreer.
Dit sal nou lekker wees om van die stories te hoor.
Een storie sal wees, ons het vir mense gesê: luister, waar jy is moet jy ‘n verskil maak. En in plaas daarvan dat jy vir ons éérs die geld gee en dán vir ons die visie gee en dan ons sal dit doen. Waar jy is, doen jy dit. Ouens het dit gekoop. Ek loop een dag in

© University of Pretoria

die Kollonade, en die vrou van die CMR sê vir my: baie dankie vir die gholfdag wat die gemeente vir hulle gereël het. Toe weet ek niks van die gholfdag nie. Toe is dit 'n omgee-groep wat met 'n paar ander pelle wat nie eers in die gemeente is nie, 'n gholfdag gereël het. Dis nou, Gert, dis nou vyf jaar terug, ses jaar terug selfs, R60 000 ingesamel het, dit vir die CMR gegee het, wel wetend dat dit onstaan het binne die gemeente. Maar die interessante is, nié nodig gehad het om toestemming te vra nie – 'n mens nou maar daaroor praat – én nie nodig gehad het dat die hoofpriester moet opdaag om dit nou op 'n manier te sanksioneer en te wys hoe oulik en *cute* hulle is nie. En ons het toenemend dít begin agterkom. In die gemeenskap loop jy die spoor van mense raak wat net spontaan, baie keer ok met skade – jy weet mos, dit gaan nie altyd goed nie - goed begin doen het sónder die gevoel dat hy eers êrens toestemming of klaring, óf vir jou moet kry om die een of ander heilige teenwoordigheid daar te kom presenteer. Dít begin agterkom. Dít was baie interessant gewees. So ek kan 'n paar, aan sulke insidente dink. Ouens wat sopkombuise begin het. Sop op Vrydagaande in [WOONGEBIED] begin uitdeel. Mense het net by die kinderhuis betrokke geraak. Um, mense wat gekies het om een Sondag in die orkes te speel, en een Sondag te gaan fietsry saam met die ouens wat nie kerk toe gaan nie. Weet, daai tipe van ding. Begín raaksien wáár in sy lewe is daar geleenthede wat hy met mense net kan omgaan. En dít het ons begin sien.

P15: PR_15.docx - 15:5 [Net die volgende: daar is ook ..] (39:47) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Implikasies van transformasie vir befondsing en leierskap - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Net die volgende: daar is ook 'n *downside* daaraan. Of nie 'n *downside* nie, gemeentes moet die volle implikasie daarvan deurdink. As ons vir mekaar sê ons soek 'n plat struktuur, nou 'n plat struktuur, Gert, het óók 'n implikasie, dis nie net 'n toestemming nie, dis ook befondsing. Die ou model was: jy gee geld vir die kerk, en die kerk voel moreel verplig meer as tien present, kom ons sê vyftig persent van sy geld na buite te spandeer. Maar ás mense hulle eie bedienings begin ondek, wat ons nou wil hê hulle moet doen, dan ontdek hulle ook later maar hulle kan die geld sommer direk daar spandeer. So hulle gee dit nie eers vir jou en vra dan weer terug vir 'n bediening nie. So, wat nou gebeur is, as jy nog steeds jouself verbind voel om twintig na dertig present van jou inkomste na buite te spandeer, dan verdeel jy 'n kleiner wordende koek na buite. So daar ís nadele, in die sin van, as jy dit nie weet nie en… Jy moet aan al twee kante van die oefening verstellings maak dan. Sodra jou struktuur begin plat raak waar mense begin goed spontaan doen, moet jy weet: dit is 'n besluitneming, 'n befondsing, 'n betrokkenheid. Jy moet op alle vlakke moet jy die dubbele inskrywing maak. Anderster plaas jy druk op die gevestigde struktuur, en jy voel soos 'n mislukking, want jy spandeer nou minder aan uitreike as die vorige jaar.
Okay.
Terwyl mense eintlik méér doen en meer spandeer. Dit het ons nogal begin sien. So eintlik, wat jy later kry, is mense befonds eintlik 'n *skeleton*, 'n baie gestroopte struktuur.
Okay.
Met baie min vet in. Maar daar gebeur nie minder nie. En jy moet dit …
So, die uitreik… Wat ek hoor jy sê, is die uitreik is baie meer organies. Mense ontdek hulle gestuurde roeping, hulle raak direk daar betrokke, en die fondse vloei direk soontoe. En jy moet dit in berekening bring.
Jy moet dit in berekening bring. En jy moet - ek weet nou nie of jy dit op 'n ander plek wil inbring nie, so kom ek sê dit nou maar hierso - en jy moet baie mooi verstaan: hulle

© University of Pretoria

gaan nou ánder uitdagings hê. Met ander woorde, 'n ou begin nou met sy bediening in [WOONGEBIED]. Dit is nou *cash* en *point*, hy maak nou elke Vrydagaand vir die ouens pasta, hy en sy omgee groep. En daar is nog 'n omgee-groep. En vier of vyf vriende van die bus. Dit is absoluut wonderlik, maar om dit vier en twintig aande, vier en twintig weke in 'n ry dit te doen, dit is 'n *tall ask*. Nou loop hy vas. Wie kan my uithelp? Nou, die gevaar is groot, want sy *commitment* styg nou eintlik, en hy's alléén verantwoordelik daarvoor, dat daai ou kan uitbrand en sê: maar nou gaan ek niks doen nie. So nou raak die struktuur se rol om te sê: as jy voel jy is besig om uit te brand of weg te raak of wat ook al, kom praat met ons. Ons sal sien of ons jou kan hulp gee. Of, ons help jou net om dit klaar te maak. Want jy sien, die lastigheid is, as elke ou spontaan sy eie bediening ontdek, wil niemand anders dit oorneem nie. So, die ou struktuur het wel die voordeel daar sal altyd iemand by die kinderhuis betrokke wees, want as daai oom bedank kies jy 'n ander voorsitter. Hier die lastigheid is, dis nou bietjie spontaan, amper bietjie chaoties nê, dat ek wil nie joune oorvat nie, die Here het my eie bediening vir my gegee. So dan moet jy ook vir die ouens kan sê: luister, vriend jy't nou die bediening gehad, jy't dit gedoen vir soveel maande, jy kan nou met vreugde en liefde ophou. En nie vir ander ouens kwaad wees as dit nie nou…
As dit nou nie voortgaan nie, ja.
So leierskap begin so 'n bietjie 'n ander rol kry. Jy help mense wil ek sê ook uit bedieninge uit, goed rustig toe te maak. Want dít doen gelowiges met 'n Calvinistiese agtergrond baie moeilik. Later doen hulle dit net uit plig uit, en is vir hulleself en vir almal kwaad.

P15: PR_15.docx - 15:6 [Kyk, wat ons rég gedoen het, o..] (49:49) (Super)
Codes: [04 Gesprek/Kommunikasie: Prediking oor gestuurdheid en stories in eredienste - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Kyk, wat ons rég gedoen het, *obviously* het ons baie daaroor gepreek en baie daaroor gepraat. En ons het voorbeelde daarvan in die eredienste dat ouens daaroor praat.

P15: PR_15.docx - 15:7 [Maar Gert, ons was baie ernsti..] (49:49) (Super)
Codes: [05 Lidmaatbemagtiging: Desentralisasie van gesag - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Maar Gert, ons was baie ernstig gewees toe ons gesê het ons maak die struktuur plat. En ons skep vakume, en ons gee gesag weg. Want baie keer is mense nie ernstig as hulle dit doen nie. Wat ek daardeur bedoel is, ons het byvoorbeeld gesê - om die kultuur te vestig - ons gee as sentrale kerkraad vir bedieninge geld. Sê maar vyftig duisend rand vir 'n kommissie. En dan het hulle volledige diskresie oor wat hulle daarmee maak. Kom ons sê, hulle kan terugrapporteer as wil en so, maar ons het nie net vir hulle gesê: julle het die geld, en elke besluit wat julle neem moet eintlik deur ons goedgekeur of gekontroleer word deur ons nie. So ons het 'n kultuur geskep waar die dominees nie oor alles wil beheer hê en toestemming wil vra nie. Waar ons as sentrale kerkraad nie van kommissies dit vra nie, wil kommissies in 'n sekere sin dit ook nie van mekaar vra nie. En dit begin modelleer.

© University of Pretoria

P15: PR_15.docx - 15:8 [Weereens, ek dink jy moet sê, ..] (49:51) (Super)
Codes: [07 BestaandeKultuur: Begrip vir en aansluiting by bestaande kultuur - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Weereens, ek dink jy moet sê, ons het waarskynlik 'n jonger kultuur ontmoet, nie geskep nie, nê. Jy weet, ek dink dit is 'n bietjie die jonger kultuur van, ek het my eie spesiale ding, ek wil nie gebind wees nie, wil nie 'n struktuur hê nie, jy weet, met ook al die die nadele wat daarmee saamgaan. So ek dink byvoorbeeld, jy sal in ander gemeentes wat 'n ouer kultuur het, dit nie kan doen nie. Dis, jy weet… Ek dink nie die styl is op sigself die antwoord nie. Dit is meer 'n geval van ons het uitge*figure* hoe om binne 'n bepaalde kultuur met die kultuur sáám te werk sover as wat ons kan. Sonder om dit te beveg of eers 'n ander kultuur te wil maak.
***Okay*, so wat julle dan ook reg gedoen het, was eintlik om die kultuur van die gemeente te lees.**
Ek dink is die groot *trick*. Dit is die groot *trick.* Waarvoor is ouens ryp en waarvoor is ouens reg en …? Um byvoorbeeld ons het, en interessant, byvoorbeeld by finansies het ons méér mense neergesit om beheer en kontrole en goed ordentlik te doen. Daai ander plekke het ons die ouens die vryheid gegee. So dit is so bietjie om uit te *figure*, wat moet jy doen dat daar vertroue in die sisteem is, en dat ouens, ja, hulle ding kan doen. So dit, ja, vir óns het dit goed gewerk.

P15: PR_15.docx - 15:9 [Die een ding is, kyk, jy moet ..] (53:57) (Super)
Codes: [10 NuweGeloofsgemeenskap: Vorming van multikulturele geloofsgemeenskappe - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Die een ding is, kyk, jy moet aan die kultuur van jou gemeenskap so verander dat dit verwelkomend vir ander mense is. En die ander een is, jy moet jou bedieninge belyn dat jy 'n bepaalde beduidende grens kan oorsteek. My een ding wat ek altyd oor *worry* en nooit lekker vrede in my eie gemoed oor het nie… Dit ís so 'n bietjie 'n verstekposisie in Suid-Afrika dat jy onmiddellik as jy dit vir mekaar sê, die vraag vra: hoe multikultureel het ons geword? Het ons rêrig daarin geslaag? Nou jy kan vrae vra of dit noodwendig is die grens… Daar's mos ander grense wat jy ook moet oorsteek. Ons het wisselende sukses gehad om rêrig daai grens oor te steek. Um, ek het altyd vrae, jy weet, uh um het ons in 'n sekere sin…? Ek dink ons het goeie sukses gehad om die generasionele grens oor te steek. Met ander woorde 'n vorm van kerk-wees te skep wat vir mense wat in baie kerke sou wegraak, 'n tuiste te skep. Jy weet, kom ons sê, twintig tot veertig, daai *twenty to forty years* het ons goed ge*cover*. Wat in sigself natuurlik nie 'n *bad* prestasie is nie. Um, om dit te doen én multikultureel te gaan kon ons nie, *we could not pull that off*. En ek kan lank daaroor praat, oor hoekom ek dink dit so is. Ek dink dit is 'n baie komplekse ding in Suid-Afrika. Dit is 'n klas-, ekonomiese-, kultuur-, ras-, *everything comes into place*, en ek dink jy kan baie moeilik álle grense gelyktydig probeer oorsteek. En mense moet ook half in 'n mate van al twee kante af wil oorsteek. Verstaan jy? So ons hét mense van kleur en kultuur in die kerk, verstaan my reg. Maar dit is vér van om te sê dit is nou 'n gedeelde multi-kulturele bediening wat die samestelling van die gemeenskap reflekteer. So daar is hierdie *token* ouens wat bywoon, en so. En selfs mense op die kerkraad, nê, van kleur. So dit, wat mens kon doen, het jy gedoen. Ek dink net nie ons het heeltemal dit gemaak tot daar nie. En ek dink, Gert, dit gaan interessant wees… Want ek dink daai ouens is juis in 'n hiërargiese gestruktureerde kerkmodel.
Jy bedoel die mense van ander kulture? Rasse?
Van van ander kulture.

© University of Pretoria

Rasse? Ander rasse?
Ja. Ja, ander rasse. Ander kulture. Ander rasse by name. Ek dink, jy weet, ons het baie by die [KERKVERBAND] gekry. Baie mense van die [KERKVERBAND] en so. Waar die dominee is nog soos die priester, tipe van ding. En daar moet baie struktuur wees, swaar liturgie, eerder as… En in ‘n poging om juis die twintig *to forty year* ouens te ontmoet het ons al daai goeters ge*deconstruct*. Wat daai ouens juis eintlik voel, dis wat ‘n kerk ‘n kerk maak. So dis ‘n baie komplekse ding daai. So kom ek sê, my eerlike indruk is, ons het nooit rêrig oor daai gaping gekom nie. Ons het op ‘n stadium gedink aan meer strategiese vennootskappe, met ander woorde net die gebou beskikbaar te stel vir mense wat dit wel doen. Dit is rêrig nie ‘n probleem gewees nie, jy weet. Om dit te doen nie. Ons het wisselende sukses ook daarmee gehad. Ek dink bitter min mense weet hoe om swart mense in ‘n voorstedelike gebied te bedien. Ek sluit nou swart mense in by hierdie ding. Ek dink nie, *I don’t think they have figured it out yet*. Die [KERKVERBAND] en daai ouens weet hoe om dit in die *townships* te doen. Ek sien bitter min suksesse in voorstedelike suburbia, waar jy die diversiteit van mense, van kleurige mense daarby het, dat daar nuwe florerende gemeentes daar ontstaan. Dis my *take* daaroor.

P15: PR_15.docx - 15:10 [Die tweede een ook by dit, is:..] (59:59) (Super)
Codes: [12 Volhoubaarheid: Volhoubaarheid van spontane bedieninge - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Die tweede een ook by dit, is: spontaneïteit en volhoubaarheid is nie altyd die… As elke ou sy eie bediening uitdink, of vind, kom ons sê maar so. Jy boet so ‘n bietjie volhoubaarheid en kontinuïteit in. En jy kan nou sê, jy moet jouself nie vir ewig verbind aan die kinderhuis nie. Dis reg, dis *once-off*. Dis hierdie tipe van ding. Maar dit ís vir mense wat gebruik, gewoond daaraan was dat die kerk langtermyn *commitments* maak met ‘n kommissie-voorsitter, en ek kan die dominee bel. Wat dan vir die mense aan die ánder kant, sê maar die kinderhuise, *whatever*, dit is vir hulle moeilik om te verstaan: ons as gemeente het nie vir julle gekies nie, lidmate van ons is by julle betrokke. Ek dink nie hulle verstaan daai *equation* nie. En jy kan dalk hulle verhouding met die kerk in totaal skade berokken. Omdat hulle ‘n verwagting van jou het. Ek bedoel, soos… Ja, dit-dit, ons moet daarvoor sensitief wees as kerk.

P15: PR_15.docx - 15:11 [Ja, ek dink die groot kopskuif..] (65:71) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Hou die gemeente by hul gestuurde identiteit - Family: Leraar Rol]
No memos

Ja, ek dink die groot kopskuif wat moet plaasvind is, is dat dit eintlik… Um, dis die ding wat mens konstant oor moet praat, en konstant mee moet besig word - nié net wanneer dit weer tyd is vir die sendingkommissie om weer te vergader nie. Jy moet daai missionale ingesteldheid hê as jy oor die jeugsake praat, oor geldsake praat, oor die eiendomme praat. Dit is die verskil tussen ‘n gemeente wat mense stuur en ‘n gestuurde gemeente. Dit raak ‘n *all consuming thing*, wil ek amper sê. Jy moet rêrig help… Jy moet konstant vir jouself sê, álles wat ons doen moet hiermee belyn wees. Ek bedoel, dit is die verskil tussen die gemeente met ‘n gasvryheidsbediening en ‘n gasvrye gemeente. Daar is ‘n *big difference* tussen die twee. En ek dink jou rol as dominee word konstant om daai ding net te preek, te verduidelik, te… In jou persoon, weet, na vore te bring. Um, ek bedoel, as dit gaan by dooptoestemming, as dit gaan by gebruik van die gebou, as dit gaan by mense vra jou vir ‘n buite-ding, is om konstant

© University of Pretoria

te sê: onthou dit is in lyn met wie ons is. Ja, ons gaan dit doen. Um, al is dit nie gewild nie. Gewild is nou 'n sterk word, maar vat byvoorbeeld nou jou koster. Jou koster wil eintlik hê die kerkgebou moet so min as moontlik gebruik word. Want dis 'n schlep om dit skoon te maak. Jou jop is om te sê: dit is wónderlik, hier kom nog mense. En nie net vir die geld nie, maar vir kontak en daai tipe van goed. En ek dink dit is jou hoofrol. Jy hou jou dit konstant voor oë. Jy, um, jy vergeet dit net nooit dat dit is eintlik wat ons mee besig is nie.

So jy is eintlik so… Die woord "gewete" kom in my kop.

Jy sien, *you keep the main thing the main thing.*

Jy is so soort van die gemeente se missionale gewete.

Ja, ja. Want die gemeente wíl eintlik nie gesteur word nie. Hul wil eintlik net *comfy* wees. Jy is die ou wat konstant vir hulle sê, ek dink nie dit kan so werk nie. Ons moet… Jy weet, onthou nou Gert, die ding is rêrig *all consuming.* Jy weet, dit is wanneer jy vir jou bedieningspan sê, luister julle het nou musiek gekies - ons het ons eie goed gesing - onthou nou vir die volgende doop, onthou daar gaan besoekers wees. Hulle gaan nie weet wat julle sing nie. Dis nie in lyn met gasvryheid en missionaliteit nie, jy weet, om ouens te verwelkom nie. Um, op al daai vlakke moet jy maar konstant daai ding net voor oë hou. Vir die ouens sê, dis nie wie ons gesê het wie ons is nie. En jy moet maar daai… Dit is soos om vir die tannies wat na 'n begrafnis begin oppak voor die familie geloop het, vir hulle te gaan sê: tannies, onthou ons het gekies om 'n verwelkomende gasvrye gemeente te wees. Ons visie was om 'n nuwe tuiste vir al God se kinders te wees. Ons het gekies om 'n nuwe tuiste te wees. So ons kan nie die broodjies, borde onder die mense se elmboë uithaal nie. Al moet ons dit daar los en vanaand die kerk vuil sluit en iemand moet dit more-oggend - die bediende kom tog vroeg in, skoonmaker - en sy moet kom skoonmaak. *Be that as it may.* Dan is dit so. Ons ontspan daaroor. As as mense ons matte gaan oploop, dan koop ons later nuwe matte as ons die geld het.

***Okay*. So jy sê dit… Wat ek hoor jy sê, is dit kom basies op die een ding neer.**

Ja, dis 'n kul… Jy artikuleer die kultuur. Onthou, dis nie 'n plan nie, dis 'n kultuur. Wie ons is. Hoe doen ons goed, gebruiklik. Ons, jy moet daai verwelkomende-, missionale-, innooiende-, *welcoming the stranger*, kultuur élke keer herinner. Want die kerk is geneig om altyd… Kan ek sommer vir jou 'n voorbeeld gebruik, um, net die jaar voor ek gekom het, twee jaar terug, toe rig die staat oornag net 'n skool op oorkant die kerk. Dan wil die ouens petisies opskryf. Dan sê jy: nee, julle verstaan nie. Dit is nie hoe dit gaan werk nie. Ons gaan vir hulle broodjies gee as hulle hulle personeel-opening het. Ons gaan ons saal aanbied voor, hulle het nog nie krag en water gehad nie, ons sal ons saal en geriewe vir hulle gratis beskikbaar stel. Ons het hulle op ons terrein laat parkeer voordat hulle hek toe is. Dis wat ons gaan doen. Dit is wie ons ís. *Finish* en klaar. Iemand moet dit konstant vir hulle sê. Interessant, *people do get it.* Moenie 'n fout maak nie, maar-maar ons hou mos daarvan om dit soms net te vergeet. So ek dink dis jou jop.

P15: PR_15.docx - 15:12 [Kan ek sê, ek dink Gert, wat w..] (75:75) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Sien en kommunikeer die groter prentjie - Family: Leraar Rol]
No memos

Kan ek sê, ek dink Gert, wat wat-wat baie min lidmate sien, lidmate sien nie die *layout of the land* nie. Die woud nie. Hulle sien die boom, nê. Ek dink die missionêre leier is die ou wat so 'n bietjie 'n breër prentjie moet hou en sê: mense onthou nou, dis hoe die goed wat inmekaar steek. Die voorbeeld van die finansies is nou, iemand moet vir

© University of Pretoria

hulle sê: luister, onthou nou, as ons hier hierdie vir mense vertel, en hulle glo ons. En hulle skuif hulle geld soontoe, moet ons dit in ag neem. Ons moet ons dit hier dophou, want hier gaan dit verander. Jy moet eintlik oor alles dink, as ek dit so kan stel. Nie alles beheer of so nie, maar jy moet vir die ou help om te verstaan as hy, um, wat sal nou 'n voorbeeld wees? Jeug. Jy's nie die jeugdominee nie, maar as hulle missionaal is en kinders word afgelaai, moet jy hulle help om te verstaan: dit is eintlik 'n goeie ding. Dit is nie 'n slegte ding nie. Jy, dit gaan oor die geheel-prentjie. En daai, én vir mense te wys waar is geleenthede, en… Ja, maar dit is nogal meer my persoonlikheid. Ek is nie 'n *micro manager* nie, ek hou bietjie daarvan om so 'n bietjie hoër te staan en te sê: ek dink ons hardloop in die regte rigting. So, kom ons hou dit so. Want mense ís geneig om in sy klein segmentjie op te gaan en nét daaroor te *worry*. Dit is so.

P15: PR_15.docx - 15:13 [En dis nou, klink nou baie vro..] (77:77) (Super)
Codes: [01 EieVorming: Dis wat my in die bediening hou - Family: Leraar Rol]
No memos

En dis nou, klink nou baie vroom om dit te sê Gert, maar weet jy, eintlik as daai goed jou nie dra nie… Kom ek sê, ek dink daar is 'n verskil om te sê: ek dra die visie. En dit is eintlik baie taf en en ek probeer dit nou aan mense verkoop. En om vir die mense te laat verstaan, weet jy, hierdie ding is vir my so 'n wonderllike ding, dit dra my eintlik. Dis wat my in die bediening hou, wat my in die kerk hou. Ek dink daai ou… Ons het altyd die term gehad van, *serious fun*. Jy moet sê: dis ernstige sake hierdie, maar weet jy, ons geniet *actually* om hierdie ding te doen. En, jy weet, as ek nou vir mense sê: dit is my jop in die kerk te wees, om argumentshalwe strukture in stand te hou, moet ek eerlik wees: dit sal my nie in die kerk hou nie. Maar hierdie ander goed is tog uitdagend. Dit is die goed wat, dit hou my *actually* in die kerk. En ook om dit vir mense te laat verstaan. Dis wat my nog, jy weet, in dit te hou.

P15: PR_15.docx - 15:14 [Ek dink my job is, ek is 'n bi..] (79:79) (Super)
Codes: [3 Strategiese langtermyn denke - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Ek dink my jop is, ek is 'n bietjie van 'n strategiese denker. Ek kan nogal lang-termyn dink oor wat ek wil en so. Ek dink dit is 'n belangrike *skill.*

P15: PR_15.docx - 15:15 [Ek dink daar is 'n skill om vi..] (80:80) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Erkenning aan kollegas vir dit wat hulle goed doen - Family: Leraar Rol]
No memos

Ek dink daar is 'n *skill* om vir mense te kommunikeer… um, hoekom wat hulle doen, belangrik is. Kyk, baie dominees kommunikeer eintlik na die verskillende kollegas toe: ek kan eintlik dit beter as jy doen, ek het net nie die tyd om dit te doen nie. Om tog vir 'n ou te laat verstaan: weet jy, jy doen die jeug op 'n besonder manier. Ek sal dit nie kan doen soos jy dit doen nie. Om vir mense daai gevoel te gee. So ek dink 'n leier se jop is deels daarvan om rêrig erkenning aan mense te gee vir wat hulle doen. En laat verstaan, hulle doen dit nie net omdat hy nie daarvoor tyd het nie, hulle doen dit omdat hulle rêrig die regte mense daarvoor is.

© University of Pretoria

P15: PR_15.docx - 15:16 [En jy is nou saam met 'n groep..] (81:81) (Super)
Codes: [01 EieVorming: Leraarspan modelleer samewerking - Family: Leraar Rol]
No memos

En jy is nou saam met 'n groep in groter spanne, 'n groot deel daarvan is net om die span bymekaar te hou, jy weet. En op koers te hê. Want ek dink die samewerking van die span modelleer tog eintlik alles wat ons vir mense wil leer oor die kerk. Dat ons, al is ons verskillend, kan saamwerk. En deur dieselfde visie gedra word en op dieselfde goed fokus. En [as] jy dit nie regkry, het jy moeilikheid, jy weet.

P15: PR_15.docx - 15:17 [Um, en 'n ander een is, hierdi..] (82:82) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Langtermyn denke - Family: Leraar Rol]
No memos

Um, en 'n ander een is, hierdie ding om rêrig lang-termyn te dink en nie te *panic* nie. Um, ons het altyd hierdie *slogan* gehad van brutale eerlikheid is gekoppel aan onblusbare hoop, jy weet. Jy kan baie maklik sê: ons geld het nie gedaal nie. Jy weet, daar is ouens baie maklik sê, ons geld het gedaal, ons is nou in ons m***. Hoe praat jy oor die werklikheid? Sê maar, die geld neem af. Mense is of minder betrokke, of mense het nie geld nie. *Okay*, wat is ons hoop? Uh, om daai goed in kombinasie te hou, dink ek, is rêrig leierskap. En dit is taf. Dit is baie taf.

P15: PR_15.docx - 15:18 [Ons was almal ingekoop. Kyk, o..] (88:88) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Inkoop van hele leraarspan - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ons was almal ingekoop. Kyk, ons het op 'n stadium – eintlik die hele periode - het ons 'n weeklikse vergadering gehad, ook saam met die administratiewe personeel. En ek dink voor dit, eers 'n predikantsvergadering, en dan 'n gesamentlike vergadering gehad. En in dit het ons rêrig vir mekaar probeer help, jy weet, om hierdie goed gefokus te hou. Nou ek kan vir jou 'n redelike grafiek teken van goeie en slegte tye in daai proses. Ek kan vir jou so sê, Gert, die beste tye wat ek in die bediening gehad het was daai tye wat jy wil die gevoel kry, jy sien uit na daai vergadering. En jy wéét ons gaan eintlik mekaar energeer. Daar's nie een ou wat óns nou eintlik moet *fix* of moet sleep of wat ook al nie. So as daai ding goed werk, as almal ingekoop is, is jy rerig op 'n … Ek dink ons het vir 'n groot deel van die tyd goeie inkoop gehad en so. Ek ek kan dit vir jou uit… Dit gaan nou oor kollegas en hier en daar het 'n ou dalk op sy eie golflengte gegaan, of so. Ek dink die versoeking is altyd in die kerk om te dink, solank mý bediening goed lyk, is dit orraait. En dis jou probleem as jy spesialiste begin aanstel. Hy is eintlik gekontrakteer om daai spesifieke bediening te laat goed lyk. En hy *worry* eintllik nie oor die hele sisteem nie. Hy laat mense verstaan, wie jy wat, dit gaan nie oor my *slice* nie. Dit gaan eintlik oor die hele bediening wat hier moet plaasvind. En hulle is mos nie los van mekaar nie, hulle moet mekaar optel, integreer en optel. Dit is nogal nie so eenvoudig nie. Ek kan nie sien dat gestuurdheid kan werk as almal nie inkoop nie. En is ook skepties as net 'n lidmaat die visie gekoop het en nie die predikant ook nie. Ek dink nie daai ou het die *power* of sy het die *power* om werklik die kultuur van 'n gemeente te skuif nie. Ek sal aangenaam verras wees as dit so is. As die dominees… Dominees kan dit saboteer, hulle hoef dit nie noodwendig te lei nie, maar hul kan op 'n baie stil en subtiele manier die hele ding saboteer. Ja, um...

© University of Pretoria

P15: PR_15.docx - 15:19 [Kan ek sê, Gert, dit gaan teru..] (90:90) (Super)
Codes: [60 Vorming van multikulturele geloofsgemeenskappe - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Kan ek sê, Gert, dit gaan terug na die gevoel van die multi-kulturele, hierdie multi-kulturele goed het nog altyd... Jy weet, ons kon nog net nooit oor daai ding kom nie. Jy weet, dit is altyd vir my 'n groot vraag: hoekom kry ons dit nie reg nie? Ons het redelik die ander goed reg gekry, om te kan inter-generasioneel, die beweging na die konteks toe, en daai goed. Maar ons kon nooit rêrig hierdie laaste bruggie oorsteek… En ek het altyd gewonder, jy weet, hang dit saam met myself? Dis 'n baie komplekse ding. Jy weet, want as ek nou eerlik is, hoeveel swart vriende het ek nou eintlik wat ek toe kon nooi na my kerk toe. Jy leef so geïsoleerd.

P15: PR_15.docx - 15:20 [Die grootste uitdaging is dan ..] (91:91) (Super)
Codes: [13 Isolasie, leraar vasgevang in die gemeente - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Die grootste uitdaging is dan daai, dat predikante leef geweldige geïsoleerd. Jy weet, as ek nou byvoorbeeld nou vir jou sê jy moet as lidmaat waar jy werk en waar jy woon spontaan goed doen, nie net in die gemeente nie, dan is dit almal waar behalwe vir my as dominee. Want waar doen ek spontaan goed met mense wat nie weet ek is 'n dominee nie, jy weet. So ek dink ons groot uitdaging *is to put our money where our mouths is*. En te sê, dit gaan nie oor die opbou van die gemeente nie, maar die uitdra van die koninkryk. En ook vir dominees dan tyd te gee om hulle energie by goed uit te leef wat nie net die gemeente is nie. Want eintlik bly jy in dieselfde model van, ek wil die gemeente gebruik om die Here te gebruik om die wêreld te verander. Maar jý bly vasgevang in die gemeente. So jy modelleer nooit werklik vir mense wat jy bedoel as jy sê: raak betrokke by x, y en z nie. Maar jy neem nie beheer of wat ook al die geval is nie. En dit as, jy weet, as ek nou iets anders van myself wou gehad het, sou dit gewees het dat ek kon sê, weet jy, ek het nog altyd goed gedoen van projekte en 'n klomp ander prosesse wat buite die gemeente is, maar ek het nog steeds 'n kerklike *label*, nê. Maar ek het nie 'n muurbalklub vir weeskinders begin nie, jy weet, tipe van ding. En dit dink ek is ons dominees se, dis ons achilleshiel. Ons ken nét die kerklike struktuur. Ons het nie plekke wat ons na kan wys… En interessant genoeg, ek het nog op 'n kol interessante gesprekke op plekke soos die gym en so gehad. Waar mense nie weet ek is 'n dominee nie, maar wat my tog die gevoel gegee het wat ek preek en wat ek doen is so half… Ek is dáár. En interessant genoeg op vliegtuie. Ek het op 'n kol baie gevlieg, en toe nogal 'n punt daarvan gemaak om te sê, jy weet, as ek nou van my mense verwag hulle moet sulke gesprekke… Nou nie noodwendig bekerings-gesprekke nie, maar kom ek sê *affirmation* gesprekke met mense voer op vliegtuie, wat mens-wees erken, hierso God ook indra. Dan moet ek kyk of ek dit ook reg kan regkry op vliegtuie. Interessant genoeg, baie-baie *nice* ervarings gehad wat dit betref. So ek het altyd die gevoel gehad, om 'n lang storie kort te maak, Gert, is daai verskil tussen wat jy vir mense sê hulle moet doen, en of ek dit *genuine* doen. En ek het al 'n baie spesifieke gedagte in my kop gehad van wanneer doen ek dit en wanneer doen ek nie. So, so, ja.

© University of Pretoria

P15: PR_15.docx - 15:21 [Um, dinge het vir my 'n teolog..] (93:93) (Super)
Codes: [2 Gestuurde teologie bring integrasie en dieper begrip - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Um, dinge het vir my 'n teologiese integrasie gegee. Ek is so, ek moet so half verstaan hoe steek die goed teologies in mekaar. Ek hou nie daarvan om aan myself te dink as 'n pragmatis nie. En ek dink die hele gestuurde teologie van Bosch af, Newbigin, Keifert se goed, van die Triniteit-goed, van die *missio Dei* goed, ál daai goed het vir my rêrig 'n dieper verstaan gegee, teologies, van waarmee ons besig is. En dít het my nogal gehelp.

P15: PR_15.docx - 15:22 ['n Ander ding is die vennootsk..] (94:94) (Super)
Codes: [2 Open nuwe netwerk van geloofs- en gespreksgenote - Family: Leraar Transformasie]
No memos

'n Ander ding is die vennootskap, jy weet, ouens soos jy wat ons nou leer ken het, en dit het net wonderlike netwerke oopgemaak in die kerk. Jy weet, dat jy met ouens om tafels sit en praat en weet: ons is nie nou met 'n ringsvergadering of kommissievergadering by nie. Almal wat hier is, is hier omdat hulle eintlik net diep nadink oor die roeping van die kerk. En dit het vir my… En wat ook dan gebeur, Gert, dit raak dan jou gespreksgenote in die kerk. En dit is mos nou half meer positiewe, kom ons probeer… Ons is nog hierdie *fight*-tipe van ouens. Maar jy kan mos nou vir jou 'n kla-gat kommissie bymekaar maak en jy kla net, jy weet. En die kerk is so dinges en so. Jy weet, ek bedoel, en ek sê rêrig, so oor sinodale grense, jy weet, met [NAAM] en met 'n klomp mense. Vir julle van die [SINODALE STREEK] en ouens van... Jy weet, net agtergekom daar is 'n enorme klomp mense in die kerk wat hulle bes probeer om die ding anders te doen. En omdat jy, ek wil amper sê, met gereelde intervalle bymekaar kom en die *best practices* by mekaar leer, dis 'n stimulerende ding. Jy't nooit die gevoel gehad van, jy kan nou opgee hierop nie. En net die sommetjie maak van hoe lank moet jy uitkolf, of jy weet, voordat alles nou in duie stort. Dit was vir my absoluut 'n baie baie *nice* ding. Jy weet, kontak met [NAAM]-hulle, ag mens kan die lysie mos nou maak, nê. Die mense wat oor jou pad gekom het. [NAAM&VAN] en daai ouens, jy weet, wat jy net sê: jy weet, um… Ek dink nogal, Gert, daar is 'n groot verskil tussen ouens wat by daai proses betrokke is, en 'n klomp ander ouens wat in 'n sekere sin – [sug] uh ek is nou hard op hulle - maar eintlik net probeer uitkolf. Ek dink nie die ouens by die vennootskap speel 'n *draw* nie. Jy weet, daar is regtig… Ons kan die *game* verloor, maar hel, ons gaan dit *try*. Jy weet, ons gaan wragtig *try*. Ja, nee, dit was vir my wonderlik gewees. Ek dink ook dit is die eerste keer wat ek in my bediening by mense, wat ons bymekaar kom, en dat ons teologie met mekaar praat. Nie skinder wie oor wie het nou wat gedoen nie, jy weet. Daar was rêrig refleksie oor bediening en teologie. En ek wil sê omgee ook. Ons was baie bly om mekaar te sien. *En something tried* met mense wat sê hoe hulle voel. En kan ek net sê, wat ook vir my interessant van die *game* was, ek bedoel, van die begin af, en dit was nie net Communitas se betrokkenheid nie, maar selfs… Daar was nie 'n kompetisie gewees van wie is die grootste kerk gewees, wie is die vernaamste en wie is die belangrikste nie. Daar was hierdie diep eerlikheid gewees, wat ons doen is flippen taf. En die feit dat dit dalk met jou goed gaan, is nie omdat jy so 'n wonderlike dominee is nie, jy weet. Maar dalk kan ek iets by jou leer. Dit is 'n *great* ding, jy weet, die *sense* wat tussen die ouens ontstaan het. En ek kan vir jou sê, nou nog as ek met mense praat, ouens wat deur daai proses is en ouens wat buite dit is, dit is twee verskillende tipe van mense. Want jy raak mos eers bewus van hoe min jy eintlik

© University of Pretoria

verstaan van waarmee jy besig is as jy in die vennootskap is. Uh, ek bedoel, as jy eers vir jouself gesê het jy gaan die kerk nie vol preek nie, wat is plan B? Nê. [Lag] Dis nie so eenvoudig nie. Jy weet, um…

P15: PR_15.docx - 15:23 [Ja, miskien kan ek net sê, uit..] (98:102) (Super)
Codes: [1 Kinderjare in gelowige maar rand-kerklike huis - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Ja, miskien kan ek net sê, uit my agtergrond uit, ek kom… Kom ons sê ons was rand-kerklik gewees, op die beste. En my ouers is geskei toe ek in sub B was. En my stiefpa is 'n [KERKVERBAND]. So ek het die interessantheid dat ek het saam my pa kerk toe gegaan in die skoolkwartaal en saam met my stiefpa met vakansies. So ek het in twee kerke groot geword. 'n Engelse kerk en 'n Afrikaanse kerk. En dit het nogal vir my diep gevorm, Gert, in die sin van: ek het nog nooit lotsverbondenheid met struktuur of die naam of die *tag* of wat ook al gehad nie. En ons praat nou van laerskool reg deur. Ek het nog altyd die gevoel gehad van daar, die *game* is 'n bietjie groter as dit. En ek dink, jy weet, later soos ek nou groot geword het, kon ek nou vir jou name daarvoor gegee: die koninkryk van God, jy weet, daai tipe van ding.
Dít, en dan is ek baie diep gevorm op 'n baie jong ouderdom deur predikante en kampe en so oor die verstaan van genade. Ek het nog altyd gevoel, jy weet, as jy genade verstaan, um… So ek het ander terme gehad vir die *missio Dei* en vir hierdie goed, jy weet, as jy verstaan wat ek bedoel? Ek dink ek het die konsep gesnap, en die *missio Dei* teologie het vir my dit net as't ware vir my belyn, en, en, en goed. Maar ek was altyd aan daai kant gewees…
Kom ons sê, ek weet hoe voel dit om die eerste keer weer terug te gaan na die kerk toe na jy amper 'n jaar se kategese gemis het. En jy weet *sweet all*. Almal lyk asof hulle weet, wat, wie was Dawid en wie was daai ouens. Dan het jy daai gevoel van: wie is hierdie mense? Jy weet, ek het my eerste Pinkster bygewoon toe ek 'n dominee is. My eerste basaar toe ek 'n dominee is. Ons het nooit ingeskakel by daai goed nie. So ek verstaan so bietjie van hoe taf dit is om as 'n buitestaander by hierdie vreeslike ingeteelde warm groep mense tuis te kom, jy weet.
So, daai-daai vorming in jou kinderjare het jou eintlik oopgemaak…
Ek dink dit het my nogal oopgemaak, ja. Ja, dit is nie vir my selfevident dat 'n ou twee keer op 'n Sondag kerk toe wil gaan nie, jy weet. Ons het dit nooit gedoen nie. Nooit 'n aanddiens bygewoon nie. In matriek het ek aanddienste bygewoon, maar ek bedoel dit was nie… Dan dan saam met vriende gegaan. Ons het nie as 'n gesin aanddienste bygewoon nie. So ek kom nie uit 'n kerklike, jy weet gelówig, maar nie diep-kerklike… Jy weet, my pa was nie 'n diaken of so iets gewees nie.

P15: PR_15.docx - 15:24 [Kyk, dit is interessant, ek he..] (104:107) (Super)
Codes: [Afleer: Strategies-teologiese beplanning en daai tipe van goed - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Kyk, dit is interessant, ek het vir Jurgens Hendriks hier gevang toe hy aangestel is, nê, waar hy gemeentebou as vak hier kom vestig het. So ek moes van gemeentebou na gestuurdheid beweeg. So, die goed is in 'n groot mate, dis net 'n verfyning en 'n dieper deurdink, dink ek, tog van dit. Gemeentebou was nog so bietjie *attractional* en 'n klomp ander goed. Dit was so bietjie modernisties, die hele strategies teologiese beplanning en daai tipe van goed. Wat ek moes afleer, juis omdat dit maklik vir my kom, is: ek gaan baie maklik op in daai STB, doen die navorsing, doen die analise, doen die *by*

© University of Pretoria

charts. Jy maak dit ‘n meganiese besigheids-ding. Om by geestelike onderskeiding te kom waar daai prentjie van die seiljag waar jy eintlik altyd bietjie van koers af is, maar jy gaan terug, dít was vir my ‘n *big shift* gewees. Ek is ‘n INTJ. Ek neig na die analise-kant toe. En feite en tegniese kant toe. Om te sê, jy weet, ons gaan nou die Bybel drie keer oorlees, en elke ou gaan ‘n opinie lewer, jy weet, daai hele proses.
Ja.
Ek was verbaas dat dit werk. [Lag] Ek kan net sê: dit het my lewe verander, jy weet. Dat geestelike onderskeiding *actually* kan werk. *I did not expect it goanna work*, jy weet.
Um, ek kan ook sê, ek hét via Jurgens se goed en ook in die plattelandse gemeente waarin ons was, ons was in [DORP] in ‘n gemeente gewees, en toe ons begin by [GEMEENTE] die eerste paar jaar en die ervaring gehad: die data op sigself, jy kan dit hoe goed doen, jy kan van huis tot huis loop sodat jy tot op die laaste komma vir mense kan sê hier is eenduisend vyfhonderd en twaalf mense, of dertien, wat nog by ons is, vanoggend nog ingeteken. Jy weet, hoe presies… Dit was my ontnugtering dat dit nie help nie. [Lag] My hele persoonlikheid sê dit behóórt te help. As jy presies weet, behoort jy mos ‘n presiese antwoord te kan kry. So, ek moes uit daai hele *mould* uit kom van… Leonard Sweet het my gehelp. Hy het gesê: baie mense dink die kerk is ‘n *toaster*. Jy kan hom uitmekaar uit haal en hom weer aanmekaar sit. Maar die kerk is soos ‘n kat. Jy kan nie dit doen nie. [Lag] Nê? Dit is ‘n lewende organisme, as ek nou dit so kan stel. It’s not for *mechanical analysis*. Jy weet, jy kan hom nie uitmekaar uit haal nie. So, toe ek dit eers begin snap, dat ons kan ‘n vergadering hê waar mense saam in die Woord, *dwelling in the Word* doen, ‘n paar idees wissel en niks neerskryf nie. Niks besluit nie. En dit ‘n paar keer doen. Dat mense rêrig verander, ek sou nie geld daarop gesit het tien jaar terug of vyftien jaar terug, hoe lank dit ook nou is nie. Dit was vir my ábsoluut verbásend gewees [lag] dat dit ‘n verskil maak. Maar die wandel in die Woord het ‘n enorme verskil gemaak.

P15: PR_15.docx - 15:25 [Wandel in die Woord moes ek aa..] (109:114) (Super)
Codes: [Aanleer: Om teorie in praktyke en gewoontes te vertaal - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Wandel in die Woord moes ek aanleer. Um, om nié… Uh, ek moes aanleer om teorie in praktyke en gewoontes te vertaal. Kyk, wandel in die Woord is net maar ‘n gewoonte, nê. En nié net in besluite en in begrotings-items nie. Oor wat is die *habits* wat ons moet aanleer? Byvoorbeeld ‘n simpel ding soos, om as mense vir jou toestemming wil vra, om vir hom te sê maar jy hoef nie vir my toestemming te vra nie. Uh, om nie te voel: *well*, hulle doen dit nou, maar ek moet darem ten minste ook net dáár wees. Dat mense kan sien die dominee is daar. Want jy is nou half bekommerd, verdien jy nie jou geld as hulle al hierdie goed spontaan doen nie? Dit is ‘n *habit* om nié te voel jy moet daar wees nie maar, wat ek mos nou doen, dit is mos nou reg en volledig en wat ook al. So, daai gewoontes aanleer was nogal vir my ‘n *thing* gewees.
Verwys jy onder andere na die gewoontes… Julle het mos julle, uh, julle het mos daai…
Daai “Leef anders” goed, ja.
Daai “Leef anders” goed. Verwys jy spesifiek na dit? Waar julle sekere uitkomste vertaal het in terme van gedrag en gewoontes?
Van gewoontes, ja. Ja, ek verwys spesifiek na dit. Jy moet dit doen, Gert. Jy moet dit doen. Kyk, kan ek sê, ek weet nie wanneer laas het ons daaroor gepraat nie, maar weet jy, ek onderskat altyd tot op watter vlak jy dit moet afbreek. Jy weet, as, as, om

© University of Pretoria

nou ‘n eenvoudige ding… ‘n Vrou het een dag vir my gesê: as ons nou vir hulle sê hulle moet stil raak en ons moet nou die gebed van die hart doen, dis *fine*. Maar kom ek sê die gebed van die hart het vier bewegings in hom, en hy is twintig minute lank. Wat sy eintlik soek is ‘n CD wat nou vir haar sê, dit is nou eerste vraag, en sy weet daar gaan nou musiek speel vir vyf minute, en as die musiek ophou gaan die tweede vraag gestel word. Dan weet sy sy doen dit reg en sy kan dit inoefen. Ek is altyd verbaas oor hoe ons dink mense weet hoe om dit te doen. En as ons eerlik is met onsself, weet ons sélf nie hoe om dit te doen nie. Ons weet self nie hoe om onsself te laat meer bid of wat ook al die geval is nie. Dit was vir my ábsoluut ‘n *eye opener*. En toe ons daai ding begin afbreek het… Daar is twee goed wat ek gesnap het. Die een is jy moet dit afbreek na *habits* toe. En twee is, ons onderskat, ons oorskat ekskuus, hoeveel mense moet verander. As jy in ‘n gemeente - kyk, Pat se ding nê, van twintig present van die erediensbywoners - as twintig present van jou erediensbywoners iets snap, skuif ‘n gemeente. Ons wil agthonderd mense skuif. Jy hoef waarskynlik honderd en tien te skuif. En as jy nou gaan dink waar hulle reeds ís - ek weet nie of jy ‘n ander plek hierso het nie - kyk ons het, daai ding…
Waar die pennie *drop* was, ons moet weet breedweg waarmee ons besig is. Wat is ons kultuur? Watter gewoontes het ons? En tóé, in ‘n tweede rondte het ons ondek, jy moet dit integreer met alles wat jy reeds doen, en nie net ‘n nuwe ding neersit nie. Byvoorbeeld, jy kan nou elke week vir die ouens sê: Woensdagaand gaan ons jou leer hoe om, sê maar, gebed van die hart te doen. Of wat ook al die geval is. Dan daag die ouens op. Maar nou het jy ‘n ding bygevoeg. Jy wil hulle leer om eenvoudiger te leef, maar jy gee vir hulle nog ‘n ding by. Dit is om te sê, maar weet jy, ons het klaar die ou mense in die oggend by die Bybelstudie. Ons het klaar die kerkraad by daai ding. Om dit dáár te integreer, liturgieë te integreer. So, in plaas daarvan dat ons byvoorbeeld daai verskillende gewoontes - ons het dit óók so gedoen - maar net as ‘n ekstra ding aan te bied, het ons dit by die bestaande Bybelskool… In plaas van ‘n uur, het ons ‘n driekwartuur oor Openbaring gepraat, dan het ons ‘n kwartier gebed van die hart gedoen. Want jy het reeds daai mense. En dit raak vir hulle so half: o, dis hoe jy dit behoort te doen, tipe van ding.

P15: PR_15.docx - 15:26 [So, kom ek sê, my indruk is da..] (115:119) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Tweede fase verskuif fokus na dissipelskap - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

So, kom ek sê, my indruk is dat in ‘n twéédе siklus van gestuurdheid, want ons het dit nie gedoen aan die begin nie, het dit vir my weer momentum in die proses gegee. So, die eerste proses, sou ek sê, was grootliks ‘n strukturele aanpassing, en grootliks ‘n erediens… Hoe die erediens funksioneer, en hoe bedieninge werk. Die tweede, amper sê ek heruitgawe van gestuurde kerk, die herdink daarvan, het ons dit baie meer afgebreek en gesê: *okay*, ons wil nou hê jy moet by jou werk ‘n verskil maak. Dit beteken gaan beteken dat mense met jou mee kan werk. Wat help die stilte aan die begin, as dit ‘n ou help? Dit, wat help dit, wat bedoel ons as ons sê jy moet stil word? Vier uit die sewe dae ‘n week. Hoe lank? Twintig minute. Wat kan ek doen? Jy kan dít doen. Jy moet hulle rêrig afbreek tot op daai vlak, jy weet. Wat ons eintlik wou gehad het, is mense moet vir jou sê: Jis, Gert jy lyk goed! Wat gebeur met jou? En dan, en dan sê jy vir hulle. Ons het nou so bietjie weg gevoer van daai proses, rondom deurvoer. Maar die jaar wat ons dit gedoen het, het ons ‘n goeie, goeie, goeie ….
Interpreteer ek reg? Dat, in die tweede fase het julle eintlik gefokus op mense en op die vorming van mense? Afrigting? Coaching?

© University of Pretoria

Ja. Ja. Jy kan dit “dissipelskap” noem.
Dissipelskap. Hoe jy dit ook al noem, maar dit gaan daaroor om mense te vorm sodat hulle in sy daaglikse bestaan doodgewoon God se gestuurde kan wees.
Abosluut. Ja. Ja. Die eerste fase was, amper sê ek, die bedieninge moet anderster lyk, die strukture, die breë visie moet anderster lyk, jy weet. Jou gróót gebruike moet anderster wees, begroting, en goed. Die tweede ding is amper ‘n individuele ding.

P15: PR_15.docx - 15:27 [Kom ons sê, um, ek dink één di..] (121:121) (Super)
Codes: [12 Helderheid oor jou roeping as predikant - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Kom ons sê, um, ek dink één ding moet helder wees, oor wat word van jou as kerk en as predikant verwag. Of as gelowige, kom ons stel dit so. En, Gert, kan ek sê, álle predikante het ‘n vae skuldgevoel: ek doen sekere goed nie. Jy moet helderheid hê, dink ek, oor wat is die *crucial* goed wat jy wragtig moet doen. Jy weet, daai ou simpel blokkie van wat is belangrik en dringend, jy ken daai ding van Covey. Ek dink die ding wat ons op die lang duur opvreet, is goed wat belangrik is, maar nie dringend nie. En ek dink ‘n gemeente verander op daai goed. Dit is om rêrig te sê wat is die belangrike goed op die lang duur.

P15: PR_15.docx - 15:28 [‘n Simpel ding soos, dit is ‘n..] (122:122) (Super)
Codes: [30 Transformasie-kredietwaardigheid - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

‘n Simpel ding soos, dit is ‘n term wat opgemaak is, ‘n ou soos ???? gebruik dit, “sosiale kapitaal” As jy vir ouens wys jy is bereid om sag te wees op jou eie gesag, jou eie vergoeding, selfs waar jy te na gekom word, bou jy *goodwill* op waarmee jy verandering... Jy kan daai *goodwill trade* vir verandering in ‘n gemeente. ‘n Goeie voorbeeld sou byvoorbeeld wees: ‘n proponent word bietjie onder skaal betaal. Ouens gee vir hom baie *goodwill*, want hy werk so hard en min betaal. Sodra hy ‘n salarisaanpassing het, het hy nie die salaris én die *goodwill* nie. Hy het net die salaris. Hy moet dit weet. Is, is, jy moet weet: wat moet jy verander? En jy moet weet wat is jou sosiale kapitaal op ‘n sekere oomblik. Jy weet, vertrou mense jou? Beleef mense jou as iemand met integriteit en ‘n klomp goed? As jy daai goed nie régstel nie, dit is amper jou… Kom ons noem dit jou transformasie-kredietwaardigheid nê. Sien julle dit in jou? Vertrou hulle jou motiewe waarmee jy dit wil doen? Jy moet baie sensitief wees vir waar is jy daar. Um, en as jy die vorige kerkraadsvergadering gebaklei het dat jy ‘n afdag kry, moet jy weet by die volgende kerkraadsvergadering gaan hulle baie sensitief wees as jy in ‘n sekere lyn praat. Want hulle dink jy’s nou besig om eintlik minder te werk.

P15: PR_15.docx - 15:29 [Dan dink ek baie, as jy nou we..] (123:123) (Super)
Codes: [33 Vertaal gemeenteroeping in terme van gebruike en gewoontes - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Dan dink ek baie, as jy nou weet wat die doel van die gemeente is, moet jy dit kan vertolk na herhaalde gebruike en gewoontes wat op álle vlakke van die bediening van die gemeente lê. Wat gebeur in die eredienste? Wat gebeur in die bestaande byeenkomste? En dan wat kan die mense individueel voor vra? Kan ek ‘n voorbeeld gebruik? Die ondersoekende gebed, *example*, jy kan hom as liturgie gebruik in plaas

© University of Pretoria

van die skuldbelydenis. Presies soos hy op die *website* is. So jy kan hom in ‘n kwartaal twee Sondae gebruik, en dan net vir die mense sê: besef julle wat ons hier gedoen het? Soos wat dit op die afkondigings is, dit is presies wat jy kan doen in die aand voordat jy gaan slaap. En dit ook doen voor sekere vergaderings, of sekere funksies. Dat daai goed verweef raak met alles wat die gemeente doen… Mense moet later dink dit is wat Christene maar moet doen. Hulle moenie dit bewustelik probeer bemeester nie, dit moet amper ‘n onbewuste ding raak.

P15: PR_15.docx - 15:30 [Die trick is jy moet dit óók k..] (124:126) (Super)
Codes: [14 Modelleer: Eie integriteit en beoefening van 'n gestuurde leefstyl en gewoontes - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Die *trick* is jy moet dit óók kan beoefen. [Klop op die tafel] As jy dit nie self doen nie, is jy in jou m*** in. Eenvoudig soos dit. En ons dink ons kan mense flous. As jy nie self stiltetyd hou nie, as jy nie self wat wat-wat nou nie… So, ek kan regtig vir jou sê, Gert, die tye wat dit met my goed gegaan het in die bediening en wat ek dit geniet het en so, was wanneer wat ons gepraat het en wat ek gedoen het baie naby aan mekaar was. En ek sê dit nou as ‘n getuie, of dit nou oor die verhouding met jou vrou is, of jou kinders, of wat ook al is, wat jy weet wat jy vir hulle vertel en waar jy presies is, is nie helemal dieselfde bladsy nie, hulle weet dit, jy weet dit, die familie weet dit, *everybody knows it*. Jy kan net sowel daar uitklim. So ons moet vir dominees in staat stel om daai *truth*-ding te bly. Daai outentieke zone te bly, outentiek te wees, van ek is rêrig hierdie persoon wat hierdie goed doen. Jy weet, as jy vir mense sê ons moet meer lees of meer Bybel lees, jy moet dit ook doen! Anderster…
Is dit nou hierdie ding van: die transformasie van die gemeente begin by die transformasie van jouself?
Ek dink hulle hardloop saam. En ek dink daar is ‘n interaksie tussen hulle, nê. Jy weet, ek dink hulle hardloop saam. Maar as jy die houding het van: julle moet verander, ek het ál hierdie goed bemeester. Ek dink nie ouens skuif saam met jou nie. Dit ís, kan ek sê Gert, dit is interessant, toe ons nou oor gewoontes met die ouens gepraat het, het ons gesê: luister ons gaan nou hierdie goed doen, maar onthou nou; ons weet nie hoe om hierdie goed te doen nie. Ons gaan dit saam met julle dit leer. Dit is vir lidmate aan die een kant *very comforting*, en aan die ander kant weet is *disconcerted*. Hoe weet julle nie hoe om dit te doen nie? Wie’s jy nou eintlik? So praktyke waarin jy volledig deelneem, vat nou byvoorbeeld wandel in die Woord, ek kan nou vir jou ‘n brief gee, gemeentes waar dit gewerk het, is waar die dominee gebly het streng by die reëls. Daar waar die dominee nog steeds die regte betekenis of interpretasie na álles gegee het, het dit nie gewerk nie. Maar waar hy of sy *genuine* kon deelneem soos wat die ander deelneem aan die gesprek, en ingenooi word daartoe, verander gemeentes. Maar ek het al sinodesittings bygewoon en goed waar… Jy gaan deur ál die *motions*, en aan die einde van die dag sê die leier vir ons éintlik wat ons moes gehoor en gesê het. Jy weet, ek praat nou in die eerste persoon. So, as jy nie daai goed werklik beoefen nie, het jy moeilikheid. Het jy moeilikheid. As jy sê: niemand van ons het antwoorde nie, en jy dink rêrig jy het die antwoorde. Mense *figure* dit uit! Dis so eenvoudig soos dit. Ons sien deur mekaar.

© University of Pretoria

P15: PR_15.docx - 15:31 [En wat [NAAM] konstant sal sê,..] (128:128) (Super)
Codes: [32 Skep veilige ruimtes waar jy kan reflekteer met 'n reisgenoot - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En wat [NAAM] konstant sal sê, is jy moet iemand hê met wie jy kan reflekteer. Kyk, dit is ek en [NAAM] se sterk punt nog altyd gewees. Ons kon sáám reflekteer het oor hierdie goed. Wat ons nou elke nou en dan doen. Net saam oor te reflekteer. Net saam oor te dink, jy weet. "Ja, ek weet nie hoekom daai ding nie gewerk het nie?" Ek praat nou die dag met 'n pel van my wat in 'n eenman gemeente is. As jy nou 'n preek gehad het en jy voel: dit het nou geen nut gehad, dit het glad nie gewerk nie. Met wie kan jy dit gaan deurpraat en net sê: *what happened here*? Te min dominees het dit. Ons is só bang vir kritiek. Ons is só angstig oor kritiek. Ons móét veilige ruimtes hê waar ons net oor dinge kan reflekteer en sê: kom ons dink nou net, hoekom raak die geld minder?

P15: PR_15.docx - 15:32 [Kyk die multi-kulturele ding, ..] (136:142) (Super)
Codes: [Hoe om multikulturele geloofsgemeenskappe te vorm - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Kyk die multi-kulturele ding, dink ek, is vir my die groot vraag. Jy weet, ek dink eerlikwaar nie ons weet hoe om dit te doen nie.
Daai ding lê diep in jou hart, nê.
Ja, ek dink nie ons weet hoe om dit te doen nie. Ek weet, selfs die woord "multikultureel" kan dalk die verkeerde woord wees, nê.
Ja, maar ons verstaan nou wat jy bedoel. Dit gaan nou nie eintlik tussen generasies nie, dit gaan… Binne die Suid-Afrikaanse konteks…
Kan ons, kan, kan ons 'n gemeente skep wat hulle kontekste, amper sê ek, reflekteer?
Ja, so ons praat van wit, bruin, Afrikaanssprekend…
Arm, ryk… Jis, Gert, ek weet nie of ons daai tipe… Ons ken nie daai ding nie. Ons weet nie daai ding nie. Uh, uh, en hulle weet ook nie, nê. Ek dink ons het meer sukses as hulle daarmee. Jy weet, hoe gaan ons daai ding in werklikheid uit*figure*?

P15: PR_15.docx - 15:33 [Ek dink ook dit sal vir my bai..] (143:145) (Super)
Codes: [Die verband tussen kerk en kultuur - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Ek dink ook dit sal vir my baie interessant wees, Gert, op die láng duur… Kyk, ons dekonstrueer nou baie sterk die tradisionele kerkmodel, nê. Deur al hierdie goed. Um, dit kan wees dat… Ek is altyd bang ons skryf baie goeie teologie vir ons eie mislukkings. Ons kan mos enigiets teologies en teoreties verklaar, jy weet. En dit sal goed klink. Wanneer hardloop ons saam met die kultuur in die grond in? En wanneer sê ons vir mekaar: jong, hier is aspekte in hierdie kultuur wat ons lewendig gaan opvreet. Vat byvoorbeeld nou jeugbediening. Ek sien dit nou. Gespesialiseerde jeugbediening. Elke ou in ons groep sê presies wat hy wil hê. Uh, *okay*, dit is *fine*, maar as jy agttien is, is jy eintlik klaar daarmee. Want niemand doen ooit weer dit vir jou nie. So ons hardloop wonderlik saam met die neiging van wat mense wil hê. Wanneer moet jy vir hulle eintlik leer: dit werk nie so nie. Jy weet, dis 'n baie flippen fyn balans daai.
Hoor ek jou reg? Dit is hierdie ding van die evangelie as kontra-kultuur nê. So, jy jy…
Ja. Wanneer moet ons kontra-kultuur gaan? Wanneer kan ons die kultuur benut?

© University of Pretoria

Kyk, ek het vir [NAAM&VAN] gesê, jy weet, ek hoor baie ouens praat, en ek het dit vir hom ook gesê, wat dit laat dit klink asof post-modernisme die ántwoord is op ons probleme. Dis net 'n konteks. Hy't ook maar probleme van sy eie. En ek dink ons moet vir mekaar sê: vandag se antwoord is môre se *worries*. Jy weet, ons, hoe gaan ons daai ding uitleef? Want interessant genoeg, ouens wat hulleself *heavy* kontra-kultureel opsit, doen ook baie goed. Ons kan nou vir onsself sê: hoe lank, en wat-wat-wat-wat? *Evidence* is, hulle doen nie so kreupel soos ons dink hulle behoort te doen nie.

P15: PR_15.docx - 15:34 [Ek dink net, die twee gemeente..] (147:147) (Super)
Codes: [EieIdentiteit: Gestuurdheid na aan ons "core" verstaan van kerkwees - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek dink net, die twee gemeentes waar ons nou is, dit ís tog so dat in die Afrikaanse gereformeerde tradisie, méér as wat mense dink, is misionaliteit eintlik baie na aan ons *core* verstaan van geloof. Jy weet, ons vertel rêrig nie vir mense iets wat hulle nie weet van ons geloof, of wat hulle eintlik nie graag wil doen nie. Dit is vir my baie interessant, gestuurde teologie artikuleer vir 'n klomp mense wat hy eintlik dink: dit is hoe dit behoort te gewees het. Dit is 'n "a-ha!" oomblik. En hoe beter die "a-ha!", hoe gouer dink mense: nou eintlik het ons dit reeds geweet. My ervaring was van lidmate en mense, hulle dink dit is net *obvious* dat dit so moet wees. En dit is vir my in 'n sekere sin die krag daarvan, jy weet.

P15: PR_15.docx - 15:35 [ek dink die lang en die kort d..] (149:149) (Super)
Codes: [Gevaar van missio Dei teologie - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

...[E]k dink die lang en die kort daarvan is, en dit is die *missio Dei* se teologiese gevaar mos nou, dat as álles die sending van God raak, waar pas die kerk in? En ék dink hoe langer ek hiermee besig is, hoe meer besef ek dat die kerk is meer *special* as wat ons dink die kerk tóg is. Jy weet, net 'n klomp mense wat op hulle eie *fluzz* hier rondfladder en hulle eie bedienings ad hoc kies, kan nie doen wat die kerk doen nie wat die kerk – wat 'n sekere mate van dissipline en kontrole aan mekaar… Jy weet, alles wat ons nou kan sê óók n rol speel. Ek dink ons moet versigtig wees om, ek praat nou vir myself hierso, te maklik en te gou te sê: maar die Here sal nog al hierdie goed doen sonder die kerk.

P15: PR_15.docx - 15:36 [Gert, kan ek sê, die grootste ..] (155:155) (Super)
Codes: [36 Om te onderskei waarop om te fokus - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Gert, kan ek sê, die grootste probleem van dominees is… Dis soos met radar, *cluttered*. Om die teikens raak te sien. En ons is baie sleg daarmee. En nie een van ons kan die probleem aanspreek en net álles doen nou nie. Interessant, ons ring het nou môre 'n gesprek wat ek net gou-gou by gaan wees. Ek sien dit by [NAAM], ek sien dit by 'n klomp ouens. Um, twintig… As jy vir lidmate vra, is daar honderd goed fout met die gemeente, wat hulle wil hê. En jy voel later: jig, ek moet al hierdie goed *fix*. Dis rêrig baie moeilik om vir jouself te sê: weet jy… En mens wil nou nie terugval na *natural church growth model* waar jy daai vaatjie het met die… Maar êrens moet jy vir jouself sê: dit is nou die tyd dat ek op drie goed my kop moet sit. Die ringe van ons

© University of Pretoria

besoek nou arme gemeentes in die Kaap. En die lastigheid daarvan is, jy kan nou elke keer as jy terugkom van ‘n gemeente net sien: [sug], ons is net nie waardig nie! Êrens *along the line* moet jy vir jouself sê: hierdie drie vier goed, kom ons fokus hierop. En ons ontspan en ons *try*.

© University of Pretoria

Aanhalings PR_16.

All current quotations (47). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:50:10

P16: PR_16.docx - 16:1 [Ek, ek dink ons het regtig geg..] (4:4) (Super)
Codes: [Geloofsonderskeiding: Kultuur skuif vanaf "wat moet ons doen?" na "waarmee is God besig?" - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek, ek dink ons het regtig gegroei in die verstaan van ons roeping. Jy weet, ook die roeping van die gemeente. Ek meen dit maak nou deel uit van die hele proses, maar dat ‘n ou moes gaan saam luister en daaroor gaan worstel rondom, waarmee is die Here besig? Jy weet, daai hele kwessie ook van Godsvrae. Ek dink dit het vir ons baie beteken. Ook al baie daarna waar ‘n mens kom met ingewikkelde *issues* wat ‘n mens nie rêrig, moet vra: maar wat?; hoe verstaan..?; wat sê God daaroor? Jy weet, dis sy gemeente en so aan. En nie soseer, wat moet ons doen? Jy weet, wat vir my ‘n klem verskuiwing is. Ek dink daai hele kwessie van ‘n kultuurverandering het, dink ek, tog het plaasgevind. Weet mos nou, kultuur skuif, verander stadig. Dit het ons ook geweet van die proses. En ek wil amper sê, ek het gedink daai tyd, jy weet, vier tot vyf jaar is lank. Ek besef, jy weet, daar’s van daai goed waar ons nog steeds in ‘n proses is. Dat ons ook miskien half gestagneer het, maar hoe weer nuwe goed, of in gesprekke met [NAAM] of met goed wat ‘n mens lees of oor praat, het jy besef: maar daar’s maar nog baie goed waaraan ‘n mens moet aandag gee.

P16: PR_16.docx - 16:2 [So, wat verander het, is die h..] (5:5) (Super)
Codes: [Geloofsonderskeiding: Skuif vanaf strategiese beplanning na geloofsonderskeiding - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

So, wat verander het, is die hele kwessie rondom geloofsonderskeiding. Ek dink dit het vir ons rêrig baie gehelp. ‘n Ou, voorheen met daai, jy weet, ons het met die strategiese beplanning en al daai tipe goed gegaan, en jy’t hierdie goed so opgestel, die *swot*-analise en al daai goed. Maar hier dat jy, ons rêrig geleer het van ons afhanklikheid van die Here. Ons het nie al die antwoorde nie. Dis ‘n kwessie ook van, jy weet, daai hele kwessie van die seilboot van ‘n ou gaan nie altyd weet nie. ‘n Ou het nie ‘n antwoord op alles nie. En om rêrig by die Here te gaan luister. En dat dit ook ‘n kwessie ook is om sáám te luister. Ja, ek sal nog later sê, jy weet, nie dat ons altyd daarin geslaag het nie, maar dit is tog iets wat gevestig geraak het by ons.

P16: PR_16.docx - 16:3 [En ek dink [NAAM] sou ook gesê..] (6:6) (Super)
Codes: [Geloofsonderskeiding: wandel in die Woord word deel van die gemeentekultuur - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En ek dink [NAAM] sou ook gesê het, die hele kwessie dan van die wandel in die Woord wat ‘n groot rol gespeel het, dink ek, en dat dit rêrig gevestig geraak het in die gemeente. En steeds na al die jare... So ek dink hierdie jaar, in die tyd waar ons so half deur ‘n krisissie gegaan het rondom sekere goed, was dit op die ou einde die teks

© University of Pretoria

wat ons die hele jaar gebruik het wat vir ons baie gehelp het hier. Ek was nie by laaste kerkraadsvergadering nie, maar waar hulle juis terugvoer gegee het hoe het oor wat het hierdie teks, hoe het hierdie teks ons gevorm. So, dit-dit vir ons baie beteken.

P16: PR_16.docx - 16:4 [Ek dink rondom wat ons verande..] (7:7) (Super)
Codes: [Konteks: Geleer om anders te kyk na die konteks - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek dink rondom wat ons verander het, is dat ons geleer het om anders te kyk na die konteks. Jy weet, dat, daai hele kwessie maar dat ons leef in post-moderne post-Christendom era. Die kerk is nie meer die middelpunt nie. Dit dink ek tog het ook vir ons gehelp in ons groei om te besef dit is anders as wat dit was. En ‘n ou het miskien ‘n beter begrip gekry, want jy het nie altyd verstaan hoekom sekere goed gebeur nie. Dit het ook ons gehelp.

P16: PR_16.docx - 16:5 [Uh, wat het verander? Dis noga..] (8:8) (Super)
Codes: [Taal/Selfverstaan: Begin verstaan dat die gemeente die sendeling is - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Uh, wat het verander? Dis nogal ‘n sterk groeiproses, maar ek dink tog dat ons begin besef het dat gestuurdheid of die sending van die kerk is nie maar net ‘n kleingroepie mense wat iewers gaan sendingwerk doen, of wat projekte doen, of so nie. Kyk, ons het ‘n geskiedenis as gemeente van redelike betrokkenheid in wêreldsending. Ons het ‘n hele aantal sendelinge orals in die wêreld, wat [NAAM], my een kollega in ‘n groot rol in gespeel het. Maar ook om dit te verstaan. Want die gevaar is nou, bly maar seker altyd ‘n gevaar dat mense sal geld gee, maar nie hulleself sien as... So dit is nogal iets wat ons tog verstaan het en wat vir my gehelp het. En ek glo ‘n gedeelte van die leiers, dink ek, verstaan dat die gemeente is die sendeling. Ag, dis baie, die meerderheid van die lidmate dink ek verstaan dit nie, maar tog binne ons leierskap, dink ek, het sekere van die lidmate besef ma-ma - so alles wat ons doen, of dit nou die eiendomsbediening is of wat, jy weet - hulle is ook deel van die hele proses van gestuurdheid. So, ek dink dit was goed wat vir ons gehelp het in ons verandering.

P16: PR_16.docx - 16:6 [Joeg, ja, jy moet maar vra nou..] (9:9) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Lidmate ontdek, waar jy is, daar is jy gestuur - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Joeg, ja, jy moet maar vra nou verder. As ek nou dink aan die hele kwessie van verandering... Ek dink ook dat ons meer ook besef het dat ..., ek dink lidmate het begin besef, ma ek kan, ek is ‘n gestuurde daar waar ek is. Ek dog... Jy vra nou oor stories, en ek het nie lekker so *striking* stories nie, maar die terugvoer ok dat mense werklik besef maar dit gee, is vir my ‘n geleentheid waar ek is - of ek nou golf speel en of ek nou werk, of wat - ek is ‘n gestuurde. En dit gee eintlik vir ‘n ou ‘n ander perspektief rondom die geleenthede wat jy het. Waar jy voorheen gedink het, jy weet, jy moenie eintlik in die algemeen met nie-Christene te doen het nie, is dit nou half om te besef maar joe, as ek besigheid doen of sport beoefen saam met ‘n ou wat nie die Here ken nie, is dit ‘n geweldige geleentheid. So, ja, ek dink ek dit is goed in die proses wat vir ons gehelp het om anders, uh, te verander en anders te wees.

© University of Pretoria

P16: PR_16.docx - 16:7 [Ja, ek dink die wandel in die ..] (11:11) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: Wandel in die Woord - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ja, ek dink die wandel in die Woord het ‘n groot rol gespeel.

P16: PR_16.docx - 16:8 [En ook die hele soeke van, na ..] (12:12) (Super)
Codes: [03 Fokus/Visie: Soeke na die gemeente se gestuurde roeping - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

En ook die hele soeke van, na God se roeping vir ons as ‘n gemeente. Dit dink ek... Omdat ‘n ou in daai hele soeke na jou gemeente se belydenis half net besef het, maar jy weet, dit gaan hier om die gestuurdheid daarvan. En dat dit half die kern moet wees van wat ons glo ons roeping is.

P16: PR_16.docx - 16:9 [Goed wat vir ons ook gehelp he..] (13:13) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: Luisterverslag en luisterproses - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Goed wat vir ons ook gehelp het, was nou die luisterverslag. Ek dink ek het net, ek besef net dat ‘n mens... Dit kom mos ook baie sterk voor ons, hoe om te luister, hoe belangrik dit is om na mekaar, na God te luister, maar ook na mekaar te luister en na die wêreld te luister. En ek, ek, ek... So, ons het nou al twee luisterverslae gehad en ook – [NAAM] doen nou sy M in missionêre leierskap, die ou wat by ons jeug is – en hy moes as deel van sy studie moes hy ook weer deur die luister-proses gaan. So ek dink dit het vir ons ook gehelp. Onder andere het ons daar besef maar ons is hopeloos te besig, ons het... Kyk, daar was mos nou ‘n era, as jy, jy moet half hierdie menu hê van goed wat jy moet bied vir gemeentelede. En in die proses dink ek het ons so ‘n wye verskeidenheid dat ons fokus het, het, het... Ons sukkel nou nog daarmee, om meer gefokus te wees as ‘n gemeente. Maar ek dink die luisterverslag vanself...

P16: PR_16.docx - 16:10 [Ek het ook, die hele kwessie r..] (14:14) (Super)
Codes: [03 Fokus/Visie: Ontdekking van gestuurde patrone en sterk punte - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek het ook, die hele kwessie rondom die patrone het mos nou maar deel gemaak... Maar, maar ek dink tog dit was... Daai, jy weet, *Treasure in Clay Jars*, was vir ons... Ons het ‘n preekreeks gehad en so daaroor, maar om rêrig te gaan kyk wat is die patrone wat voorgekom het by gemeentes wat hulle gestuurdheid verstaan het, en om selfs dan nou te sê, maar wat, waar lê ons sterkpunte. So, die, ek dink nogal dit was vir ons sinvol om, om... En een was nou Bybelse vorming en dissipelskap. Dit het op die ou einde wat vir ook in die hele proses gehelp het.

P16: PR_16.docx - 16:11 [Ja, en dan geloofsvorming. Ek,..] (15:15) (Super)
Codes: [05 Lidmaatbemagtiging: Geloofsvorming en dissipelskap - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ja, en dan geloofsvorming. Ek, ek, die hele kwessie rondom ook die dissiplines en... Dit het nou nie saamgehang met die hele kwessie van gestuurde gemeentes nie, maar ons het ook die hele proses van dissipelskap... Ek is seker [NAAM] sou ook daarna verwys het. So die goed het nou saamgewerk en mekaar sterk aangevul en ook

© University of Pretoria

gehelp met geloofsvorming, en diepte inbou, en so aan. Rondom die die verstaan; wat, wat beteken dit om ‘n volgeling te wees? So ek dink dis goed wat vir ons gehelp het.

P16: PR_16.docx - 16:12 [Kyk, vir my om, om die gemeent..] (17:17) (Super)
Codes: [02 InkoopGemeente: Inkoop van die breer gemeente - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Kyk, vir my om, om die gemeente te mobiliseer en déél te maak van die proses is, is... Ek, ek, dit is moeilik. Ek, ek, as ‘n ou nou moet evalueer dan weet ek nie in hoe ‘n mate ‘n ou geslaag het daarin nie. ‘n Ou het nou deur die proses gegaan en jou taakspan en jou leiers betrek en, jy weet, die gemeente. Maar, maar dis net so..., daai verbruikersmentaliteit, dat, daar’s net mense wat nie, jy weet, ingekoop het en nog steeds maar kerk toe gaan sien as ek kom na ‘n erediens, en daar’s sekere dienste wat gelewer word aan my en my kinders en so aan. So, so, ek voel nog dat ‘n ou, ‘n mens, ou graag dit anders wou hê. Dat, dat ‘n groter persentasie van die gemeente ingekoop het daarop.

P16: PR_16.docx - 16:13 [En dan, wat ons ook anders... ..] (18:18) (Super)
Codes: [06 Visievorming: Visionering - om die fokus te behou - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

En dan, wat ons ook anders... Ek dink rondom visionering... Ek, ek, ons is nie opgelei om rêrig dink ek as visioneerders predikante in, in... Ek weet nie of ons struktuur ons ook altyd hom leen daartoe, en ek weet nie hoe sterk dit ook ‘n gawe is nie. Maar, maar hulle sê mos: '*vision leaks*'. So die feit dat ‘n ou op ‘n stadium baie sterk oor sekere goed gepreek het, en daaroor gepraat het... Uh, uh, die mense vergeet ook in die proses en raak weer besig met ‘n klomp ander goed. En ek dink die, die tradisionele instandhoudingsmodel leef so sterk...

P16: PR_16.docx - 16:14 [En, en dan dink ek ‘n groot ui..] (21:21) (Super)
Codes: [04 TaalKonsepte: Belyning van totale bediening met die gestuurde roeping en identiteit - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

En-en dan dink ek ‘n groot uitdaging is juis dan die klem op die gemeente as die sendeling. Jy weet, om rêrig te sien dat dit wat ons doen in alles is wie ons is, en, en wat ons roeping is en om dit te verstaan, dink ek, is belangrik.

P16: PR_16.docx - 16:15 [Um, ja uitdagings, joe! Ek din..] (22:22) (Super)
Codes: [08 Geloofsvorming: Lidmate te vorm as dissipelse en volwasse gelowiges - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Um, ja uitdagings, joe! Ek dink ons, soos ek sê, weer die dissipelskapsproses het ons ook gehelp. Maar, maar dit is maar ‘n kwessie van, ‘n ou, jy strewe tog daarna om rêrig volwassenes te hê wat, jy weet, mense wat groei in volwassenheid.

© University of Pretoria

P16: PR_16.docx - 16:16 [Um, ek het net-nou gelees wat ..] (23:31) (Super)
Codes: [07 Leierskap: Vermenigvuldiging van missionale leiers - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Um, ek het net-nou gelees wat 'n ou sê ook 'n uitdaging eintlik is, is natuurlik wat hulle noem die vermenigvuldiging van leiers. Mike Breen, ek weet nie of jy al ooit van... Hy't 'n boek geskryf, *Multiplying missional leaders*, of so iets. Um, hy's 'n Brit wat ek dink nou in Amerika werk. Hy skryf baie ook oor *missional communities*. Maar hy sê ons het gegaan en, uh, uh, *volunteers* en so opgelei, en, uh, uh, jy weet, toegerus. Maar nie altyd leiers nie. En hy sê... Dis interessant, hy sê 'n *volunteer* sien hy as iemand wat 'n ander persoon se visie navolg en aangryp en so. Terwyl, hy sê, 'n leier, 'n *missional leader* is iemand wat, wat sy eie visie het. En wat, wat 'n ou eintlik, uh, dis nogal vir my interessant, wat self daai visie in hom het en dan dit uitleef en 'n verskil wil maak in die wêreld. So, so ek sal sê, ok iets wat altyd 'n uitdaging bly is om daai leierskap te vergroot, jy weet. En, ja... (15:52)
Dis 'n interessante onderskeid daai, nê. 'n Leier is dus nou iemand wat, wat self onderskei wat God se wil vir hom is en wat dit lewe, nê.
Ja.
Dis nou wat ek hoor jy sê.
Ja. Hy sê, ek kan dit gou vir jou aanhaal, hy sê: *A volunteer is someone who executes someone else's vision*. *A leader is someone with a vision of their own.*
Um. En jy't meer sulke ouens nodig.
Jy't meer sulke ouens nodig, ja. Want ek dink iewers..., anderster moet jy half die ou, uh, uh, entoesiasties hou.
Ja, Ja.
Uh, wat dit sekerlik moeiliker maak as jy... So dit hang nou baie sterk van jou af, uh, as sê nou maar predikant of so. En dit...

P16: PR_16.docx - 16:17 [En, um, jou entoesiasme is ver..] (56:56) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Entoesiastiese oordrag van die visie - Family: Leraar Rol]
No memos

En, um, jou entoesiasme is verskriklik belangrik, dink ek. Want anders sal dit dan baie moeilik wees vir 'n... Want dit het het ek 'n outjie... Jy dit ook dalk gesien. Hier en daar was daar lidmate of leiers wat opgewonde was, maar die predikant nie. En dan is dit darem verskriklik moeilik, want jy is die een wat deur die prediking en so tog die, die hele proses, jy weet, of die visie moet gee, en, en dit moet oordra ook aan die breër gemeente en so aan. Nee, so-so, ek dink daai entoesiasme, toerusting en mentorskap is baie belangrik.

P16: PR_16.docx - 16:18 [Maar ek dink jy, jy het ook 'n..] (55:55) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Mentorsrol - Family: Leraar Rol]
No memos

Maar ek dink jy, jy het ook 'n mentorsrol om te vervul. Uh, uh, en jy weet, 'n toerustingsrol.

© University of Pretoria

P16: PR_16.docx - 16:19 [Wel, kyk, ek, ek sou sê... Daa..] (58:58) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Mentorsrol ten opsigte van taakspanleier en taakspan - Family: Leraar Rol]
No memos

Wel, kyk, ek, ek sou sê... Daar, of ek nou daarin geslaag het, weet ek nie, maar ek dink ook die verhouding wat jy in die eerste plek met die taakspanleier het, is vir my baie belangrik. Dat daar nie 'n onsekerheid moet wees nie en 'n ... En, en dat 'n mens... Want sy vervul die rol. Jy wil tog nie hê sy moet net 'n, maar pion wees wat eintlik maar nou, uh, uh, maar dat so 'n persoon in eie reg rêrig dan die leier kan wees. So, ek, ek sou sê, in die eerste plek dan ook as, as 'n tipe mentor en ook dan teenoor die taakspan. Maar dan dink ek binne die, die... Ag, teenoor die taakspanleier. Maar-maar jy het ook 'n rol binne die taakspan sekerlik om te vervul, maar nie om oor te neem nie.

P16: PR_16.docx - 16:20 [En, en ek dink ook in die geme..] (59:59) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Mentor wat gelowiges toerus vir hulle taak - Family: Leraar Rol]
No memos

En, en ek dink ook in die gemeente het jy, jy weet, is daar tog, jy weet, jy... Is dit nie maar so dat, hoe ek vandag veral die rol van die predikant sien, is dat jy is eintlik 'n dissipel wat ook ander mense moet begelei in 'n regte verhouding en 'n verstaan van, jy weet, die, ons roeping in die wêreld. So, so in daai opsig is jy maar ook, uh, uh... - mense wat..., ouens praat mos ook van 'n *apprentice* - wat ander weer toerus vir hulle taak. So, in daai opsig is jy 'n mentor...

P16: PR_16.docx - 16:21 [ouens praat mos ook van 'n app..] (59:59) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Mentorsrol ten opsigte van taakspanleier en taakspan - Family: Leraar Rol]
No memos

...[O]uens praat mos ook van 'n *apprentice* - wat ander weer toerus vir hulle taak. So, in daai opsig is jy 'n mentor, maar ek dink die ideaal is dat jy ook besef dit, in die eerste plek gaan dit oor die leiers waarby jy betrokke is, liewer as in die eerste plek die gemeente.

P16: PR_16.docx - 16:22 [Uh, wel ek sou wou glo, of dit..] (61:61) (Super)
Codes: [4 Mentorskap vir leierskap en gemeente - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Uh, wel ek sou wou glo, of dit so was of nie, jou mentorskap, jy weet.

P16: PR_16.docx - 16:23 [En 'n bydrae van, 'n mate van ..] (61:61) (Super)
Codes: [3 Begeleidingsrol ten opsigte van die proses - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

En 'n bydrae van, 'n mate van jou verstaan dan van die proses en die insigte wat jy tog het. Want al is dit so dat jy nou persone gehad het wat sê maar die *clusters* kom toerus het en so, is jy die een wat die konteks van die gemeente verstaan en, en waar die gemeente wel is, en, en sodat jy in daai opsig dan 'n belangrike rol ge, 'n begeleidingsrol, jy weet, wat jy dan vervul het. So, so ek sou dit sê.

© University of Pretoria

P16: PR_16.docx - 16:24 [Uh, ek dink, uh, om juis in hi..] (65:65) (Super)
Codes: [43 Om die gemeente in 'n veranderende wêreld te begelei om 'n verskil te maak - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Uh, ek dink, uh, om juis in hierdie veranderende wêreld, jy weet, ‘n predikant te wees wat ‘n gemeente kan begelei om ‘n verskil te maak.

P16: PR_16.docx - 16:25 [Um, ja, en dan om, om, dink ek..] (66:66) (Super)
Codes: [33 Transformasie vanaf solo-leier na bemagtiging van 'n span leiers - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Um, ja, en dan om, om, dink ek, leiers wel toe te rus en te begelei, um, dink ek. Omdat, ek glo nog steeds, dáár lê die antwoord. Want op die oomblik, jy weet, ons rol as predikant van waaruit ons kom met ons opleiding, is dat jy soort van die primêre versorger van die gemeente... Jy’s die bestuurder. En, en, is dit Eugene Peterson wat gesê het ons is nie daar *to run the ch..., we’re not there to run the church*, jy weet. Hy maak mos ‘n sterk saak uit daarvoor. En ek, ‘n ou soos Allan Hirsch wat ook gesê het, hy praat nog mos van daai – Efesiërs vier, die APEST, ek weet nie of jy... - en dan wat hy sê, maar ons het rondom die versorging en die prediking was die goed wat maar die werk van die predikant was en die ander het glad nie gefunksioneer nie. En, en ons sit nou met ‘n probleem daarmee, jy weet. En nou, om, om juis ruimte te maak binne jou leierskap ook vir die ander, die apostelamp en so aan, dat dit ook sterker na vore moet kom (26:50). So dis nogal vir my, sou ek sien as ‘n uitdaging, om dit aandag te gee.

P16: PR_16.docx - 16:26 [Maar joe, ek, ek dink om, om '..] (67:67) (Super)
Codes: [43 Om die gemeente in 'n veranderende wêreld te begelei om 'n verskil te maak - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Maar joe, ek, ek dink om, om ‘n gemeente te kan begelei, nie soseer rondom getalle en geld nie, want ek meen, dit is mos nou maar ongelukkig die maatstaf wat, uh, wat hulle sê, die getalle, geld en geboue, maar om rêrig mense te kan begelei om, jy weet, navolgers te wees en ‘n verskil te maak. En ook om die nuwe uitdagings te aanvaar is, is... En ons sukkel daarmee, maar om rêrig te weet maar ons het unieke geleenthede in die wêreld en dit hoef nie deur die formele strukture van die kerk te wees nie. En ek dink ons gaan al hoe meer, jy weet, nuut moet dink want ons ou geykte metodes werk net nie meer nie. So, so ek sien dit as ‘n uitdaging. Ek kan nie onthou wat ek geskryf het nie. Maar, maar ek dink, jy weet, ek dink sterker om die mense te begelei in hierdie nuwe, of die gemeente te begelei dan vir die rol wat hulle het.

P16: PR_16.docx - 16:27 [Ja. Ek, ek dink amper dit is o..] (69:71) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Begeleiding van die proses - Family: Leraar Rol]
No memos

Ja. Ek, ek dink amper dit is ook, uh, uh, amper om te besef ons weet nie eintlik, ons het nie meer... Ons is opgelei, hier is die pad waar... Doen net dit. Nou het ons dit nie meer nie, dis..., jy weet. Ons het half ‘n ou padkaart, maar die dorp het verander, die strate se name het verander, die geboue het verander. So dis half, uh, uh, ook ‘n proses sáám met jou leiers om te sê, om rêrig te weet: ons het nie die antwoorde nie. Daarom is daai kwessie van tegniese en aanpasbare verandering vir my om te... Ons

© University of Pretoria

het voorheen gedink hier gaan... Mense kom nie meer aanddienste toe nie, *okay*, ons moet nou ‘n *band* kry, en ons moet dit en dat doen, en dan gaan dit verander. En nou weet ons, maar dit werk nie. Jy sal op ‘n dieper vlak moet werk. En ook daai kwessie ... Veral, ons het een ou in die gemeente wat, met daai *gap*-model. Hy sê, maar hier is ons nou, en hier wil ons uitkom. So, dit is wat ons...

Dis die roete.

Dis die roete. Nou, so, so ek dink dis amper om, om... Jy weet, dit is nogal anders om te sien, maar ‘n ou het nie al die antwoorde nie. En om ook te weet jy maak foute en jy doen goed verkeerd. Maar jy moet ook daai risiko’s maar loop. Want as dit dan nou nie werk nie, dan, dan is dit ook goed so. So begeleiding is daai proses en sekerlik ook... Maar, uit die aard van die saak jou eie verhouding met die Here - dat jy Hom kan hoor en eg met Hom leef mense saam met jou kan neem. Maar in die proses gaan jy ook nie al die antwoorde hê nie. Jy gaan ook moet gaan sit en sê, maar wat sê die Here vir ons nou? Of, of, of uh... En, uh, uh, ook besef, ons gaan nie dalk alles so maklik alles op skrif kan sit van die plan van hoe ons nou hierdie gemeente, van hoe ons die jeug bereik, of hoe ons ons erediensbywoning gaan..., of hoe dit gaan groei of wat ook al nie, jy weet. Jy sal maar ‘n proses saam met jou leiers moet loop. Ek meen, in daai opsig het jy dan, dink ek, ‘n rol.

P16: PR_16.docx - 16:28 [Ek dink vir my – ek verstaan m..] (72:72) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Mentorsrol ten opsigte van taakspanleier en taakspan - Family: Leraar Rol]
No memos

Ek dink vir my – ek verstaan mentorskap – maar ek, ek het nogal ook baie ge..., of meer gelees oor *coaching*, want, want ek dink... Kyk, hoe ek *coaching* verstaan is eintlik dat jy die potensiaal van mense help om dit te ontdek en dit te ontgin. Terwyl mentorskap is waar jy eintlik die kennis het en die ervaring het en wil deel. Maar, maar in sekere opsigte... Wat *coaching* vir my help is dat jy kan baie van jou leiers in ‘n toerus..., as, as afrigters... Maar jy kan nie altyd, hulle kan nie altyd mentors wees nie, want uh... So, so ek dink die hele kwessie van, van om rêrig, om mense te *coach* en, en... Dis omdat jy net vrae vra en hulle help om te ontdek en te besef waar hulle is.

P16: PR_16.docx - 16:29 [Ja, ek dink ‘n ou het geleer o..] (82:82) (Super)
Codes: [1 Geleer om meer in afhanklikheid van die Here te leef - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ja, ek dink ‘n ou het geleer om meer in afhanklikheid van die Here te leef. Want vroeër het jy die antwoorde gehad. Jy was in beheer. Jy weet, dit was... Jy’t geweet, en jy was ook die een... Jy’t mos uit ‘n posisie waar mense na jou, meer na jou geluister het en jou erken het en so. En nou dat jy besef, maar jy het nie al die antwoorde nie, jy weet. Jy, uh, uh, ... So, ek dink daai hele kwessie van afhanklikheid van die Here, uh.

P16: PR_16.docx - 16:30 [Ek dink ook my verstaan van di..] (83:83) (Super)
Codes: [2 Dieper verstaan van die roeping van die kerk - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ek dink ook my verstaan van die roeping van die kerk het ook in die proses net meer verander. Ek dink nie ek wou ooit net ‘n tradisionele model voorstaan of so nie. Maar, maar dat ‘n ou net meer besef het deur die jare, maar waar ons opgelei is dat eintlik is jy nou daar om om te sien na die mense en..., waar ons eintlik die geroepenes is wat

© University of Pretoria

na die wêreld toe moet gaan, en nie soseer dat ek betaal word om die mense nou... Nie dat ek sê 'n ou het nie 'n pastorale funksie nie, maar nie in die mate as waarvoor ek glo ek opgelei is nie. So, ek, 'n ou het net meer transformeer.

P16: PR_16.docx - 16:31 [En ook die dat feit dat, hoe b..] (84:84) (Super)
Codes: [6 Groter openheid om die geleenthede wat God skep in die alledaagse lewe skep raak te sien - Family: Leraar Transformasie]
No memos

En ook die dat feit dat, hoe belangrik dit eintlik is as jy golf sou speel met 'n ou wat totaal en al niks met die Here te doen wil hê nie, is dit eintlik 'n fantastiese geleentheid. Daar was tog 'n tyd waar jy gedink het: jog!, jy moenie eintlik soveel kontak hê met daai ouens nie. (34:08) Maar, uh, en, en toe ons destyds gaan plons het hier by [KAMPUS] wat nou die Universiteit - satellietkampus van [UNIVERSTEIT] is - die feit dat dit eintlik lekker is dat jy met jong mense kan praat en jy nie krities is oor hoe *way out* of uitgesproke hulle is nie, maar dat jy eintlik op 'n ander manier luister na hulle en, en, uh... Iets wat vir my ook baie gehelp het, maar dis maar in die, in die materiaal wat 'n ou gelees het, is een ou - John Burke - het gesê as..., ons moenie kyk vanwaar mense af kom nie, maar waarheen hulle op pad is. En baie keer het ons, jy weet, ons het 'n ou afgeskryf as ons nou gedink het hierdie ou het baie vreemde sienings of hy kom uit 'n baie, uh, uh vreemde, uh, agtergrond of lewe. En dan het ons op grond daarvan eintlik vir hom, jy weet, gekategoriseer. Maar eintlik om te sien, maar, jy weet, waar is die Here met hom op pad. So, dis nou maar 'n *stupid* voorbeeld, maar sê nou maar twee jong mense woon saam. Wat is die geneigdheid? In die eerste plek om te sê, jy weet, maar, uh, uh, en dis nie die plek waar jy dink jy moet begin nie. Maar om te sê, maar dié was 'n geval van jongmense wat rêrig... Hulle is gelowiges, maar hulle het saamgebly. Maar dat jy eerder sien waarheen is hulle op pad en, jy weet, hulle dan daarvandaan help, as wat jy hulle afskryf omdat dis waarvandaan hulle kom. So, um, dit het nogal, ek meen... So, sulke goed, waar jy net besef het dat jy anders kyk ook na mense in die wêreld en nie noodwendig mense afskryf nie, maar dit sien as 'n geleentheid. Ja, so dit dink ek het tog vir my persoonlik iets beteken, um, wat ek dan sê, om geleenthede raak te sien.

P16: PR_16.docx - 16:32 [Ek, ek, die ander ding is net...] (85:85) (Super)
Codes: [7 Vermoë om te fokus verbeter - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ek, ek, die ander ding is net... is dan, in 'n ou se persoonlike manier, is jou fokus. Uh-uh, en dis nog verskriklik moeilik, maar as jy – ek weet ook nie eintlik of dit my persoonlike, my verander – maar, maar die hele kwessie van dat ons... Uh, uh, google het nie 'n klomp goed op hulle webblad nie. Of Apple en daai ouens het 'n baie spesifieke... En dit is nogal iets, wat, wat... Ek dink ons sukkel nog, ek meen, ons gemeente, is dat ons probeer nog te veel alles vir almal wees. En dan is jou, uh, uh, die impak is net baie minder.

P16: PR_16.docx - 16:33 [Dis nogal snaaks, dit was vir ..] (87:87) (Super)
Codes: [4 Lees van missionale literatuur - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Dis nogal snaaks, dit was vir my, dis vir my 'n passie om te lees oor, jy weet, die

© University of Pretoria

kwessie van gestuurdheid en so. So, dit het ook vir ‘n ou verder gevorm en waar ‘n ou eintlik verlig was dat mense bietjie wegbeweeg het van die tradisionele... Dit was nou vir my half, uh, uh, jy weet, dat ‘n ou net half – nie ‘n onortodokse manier nie – maar ‘n ou soos Allan Hirsch en so wat eintlik nie... As jy hom nou sien en jy lees, dan dink hy net totaal anders. Maar die ou is baie passievol oor die koninkryk en so aan. En goed soos... Ek, ek het nou ouens soos Dallas Willard en so het vir nou ook baie beteken. En die hele kwessie van transformasie... Dis nou maar goed wat ‘n ou gelees het en geluister het en so aan. Maar, uh,... Ja, ek kan nie nou aan nog iets dink nie.

P16: PR_16.docx - 16:34 [Afleer, uh, uh, ek, om rêrig t..] (89:89) (Super)
Codes: [Afleer: Om te dink ek is die bestuurder en alleenversorger van die gemeente - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Afleer, uh-uh, ek, om rêrig te besef ek is nie die bestuurder en die, jy weet, die alleenversorger van die gemeente nie. Um, ek sukkel nog daarmee want my temperament is een van, uh-uh, dat ek, jy weet, dat jy nie... Dis sleg as mense nou ongelukkig is. Maar, maar daai skuif net om om... Dit, dit besef ek, uh, is iets wat ‘n ou... Ek meen, jy moet dit versigtig hanteer en so aan. Maar, maar ek kan net, dit is nie my eerste rol nie. En, uh, een ou het mos gesê as die predikante soveel aandag aan dissipelskap gegee het as wat hulle aan hulle prediking gegee het, dan sal hulle ook dalk ‘n groot verskil aan die kerk gemaak het. Nie dat ek sê prediking is nie baie belangrik nie. Maar, maar ons het sekere goed net, net verwaarloos. So, so, maar so is om..., jou, ‘n nuwe rol te verstaan van... En dit beteken dat daar goed is wat jy maar moet afleer.

P16: PR_16.docx - 16:35 [Ag en ja, ook die kwessie van ..] (90:90) (Super)
Codes: [Afleer: Ekspert te wees met al die antwoorde - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Ag en ja, ook die kwessie van ek, jy weet nie alles nie. As jy verstaan wat ek bedoel. Dat ek meen, vroeër was dit mos nou so, jy het half ‘n antwoord vir alles gehad.

P16: PR_16.docx - 16:36 [En nou is jou rol ene van, soo..] (90:90) (Super)
Codes: [Aanleer: Saam te luister as deel van 'n span - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

En nou is jou rol ene van, soos ons nou al gesê het, om saam te luister. En waar selfs die wandel in die Woord dan ook sê, maar hoor hier, dis nie my eie vooropgestelde idees nie, maar daar kom baie kere goed na vore wat ‘n ou dan sê maar dit is iets wat ons rêrig nou gehoor het en waaraan ons moet aandag gee. So, in ‘n sin het jy ‘n ander rol. Jy staan nie meer, half meer op ‘n outoritêre styl of so iets nie, jy, jy is deel van ‘n span. En jy het dan die rol van geestelike begeleier en so aan. Maar jy kan nie meer jy weet, alleen, dink ek, my besluite deurdruk en dat, dat jou leiers nie ook ‘n groot sê het nie.

P16: PR_16.docx - 16:37 [En dink dit is nog ‘n stryd, j..] (90:90) (Super)
Codes: [41 Tradisonele verwagting van die leraar as alleenversorger van die gemeente - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

En dink dit is nog ‘n stryd, jy weet, om van... Jy, uh, uh. Want jy kom uit ‘n ouer era.

© University of Pretoria

So jy sit met skuldgevoelens en jy, jy weet... En ons sit maar ook met baie ouer lidmate en en dat het ons hulle ook geleer dat dis wat die dominee doen, en, en... So dis nogal partykeer goed wat 'n ou se stres verhoog, is die feit dat jy ervaar sekere mense is nie gelukkig eintlik nie met wat die predikant doen nie. Um, um, en dis tog nie lekker om dit te beleef nie. Veral, ons is seker nog bietjie meer plattelands en so. En om dan 'n proses te kry waar die versorging meer ook deur die lidmate gedoen word.

P16: PR_16.docx - 16:38 [Jy weet, daai kwessie van 'n g..] (92:92) (Super)
Codes: [42 Geestelike begeleiding en mentorskap - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Jy weet, daai kwessie van 'n geestelike begeleier, uh, uh, wat dan 'n ou nou seker dan kan sien as 'n mentor, 'n afrigter, um,...

P16: PR_16.docx - 16:39 [Die eerste een is seker die – ..] (93:93) (Super)
Codes: [42 Navolging en dissipelskap - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Die eerste een is seker die – ek weet nie altyd hoe om dit – maar jou, jy wat ook 'n dissipel moet wees, 'n navolger wat, wat in die eerste plek in 'n verhouding met die Here leef, en, en dan dit uitleef en, en wat ook dan dien as 'n tipe van 'n rolmodel vir jou mense wat nou, almal wat met jou eintlik in aanraking kom. Um, so ek dink dit, daai kwessie van, jy weet... Eugene Peterson praat daarvan, hy sê die gemeente wil nie hoor wat jy sê van die Bybel nie, maar hulle wil hoor wat jy by die Here gehoor het. So, so, ek dink dat jy daai verantwoordelikheid het in jou verhouding met die Here as dissipel om, om... En, en wat dan daarby aansluit, is die hele kwessie rondom geloofsonderskeiding, uh, dat jy dan ook moet luister na die Here. Um, en dit... Ja, so dit dink ek is belangrik.

P16: PR_16.docx - 16:40 [Mense praat nou baie oor geest..] (94:94) (Super)
Codes: [42 Gelowiges mobiliseer om aan te sluit by God se verlossingswerk in die wêreld - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Mense praat nou baie oor geestelike leierskap, ek meen, dit is sekerlik ook... Dit ís baie belangrik, geestelike leierskap. Maar wat 'n ou seker - jy weet, dis nou jou fokusarea, so jy gaan dit seker nou beter kan definieer – en, en spesifiek rondom, wat is 'n missionêre leier? Uh, uh, ek het nou net hier sommer net-nou gou geskryf, toe sê... 'n Missionêre leier is iemand wat, jy weet, gelowiges mobiliseer om aan te sluit by, jy weet, God se verlossingswerk in die wêreld. So, so, ja, so ek dink dit, uh, daai leierskap dink ek is baie-baie belangrik ok, 'n kapasiteit. En dit is mos nou weer, dink ek, anders as wat ons geleer het. Ek weet nie of ons rêrig verstaan het wat leierskap is in ons opleiding nie.

P16: PR_16.docx - 16:41 [Maar dan daarmee saam dink ek ..] (95:95) (Super)
Codes: [30 Emosionele volwassenheid om konflik te kan hanteer - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Maar dan daarmee saam dink ek is goed soos emosionele volwassenheid. Omdat jy... Ons is mos nou baie meer blootgestel as in die ou, uh, uh, dae. Mense kan makliker, of sê goed makliker oor jou. En jy moet ook, uh, kan in situasies, konfliksituasies wees

© University of Pretoria

waar jy rêrig emosioneel volwasse moet wees.

P16: PR_16.docx - 16:42 [Ek, ek, dan het ek net, uh... ..] (96:96) (Super)
Codes: [21 Kommunikasie - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek, ek, dan het ek net, uh... Kommunikasie is sekerlik... Ek, ek, uh, is belangrik omdat – ek weet nie eintlik altyd, ek wonder baie keer nog oor die feit dat ons nou uit 'n tradisie kom waar almal preek byvoorbeeld. Kommunikasie is natuurlik baie meer as prediking, maar dit maak tog nou 'n groot deel daarvan uit. En, en mense is blootgestel aan baie goeie kommunikasie. En, en, mense het nie, dink ek, minder geduld met iemand wat nie kan kommunikeer nie. Nou, so, ja, ek dink dis belangrik.

P16: PR_16.docx - 16:43 [Ek, ek weet nie of, uh, hoe 'n..] (97:97) (Super)
Codes: [30 Student ten einde die veranderende konteks te kan lees - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek, ek weet nie of, uh, hoe 'n ou dit sal sê, of 'n kapasiteit of, maar, maar jy moet ook 'n student wees van iemand wat voortdurend lees en navorsing doen. Want jy kan nie meer net, nie ingelig wees nie, want... So dit is iets wat vir my. *Obviously* die Bybel lees, maar ek dink ook wyer as dit, want... Omdat die wêreld ook so verander. As hulle sê dat in Amerika kan die kerk veertig persent van mense nie meer bereik nie om, uit, vanuit hulle tradisionele strukture nie... Dan sê dit vir jou, maar ons kan nie... Dis mos... Wie? Ek dink amper dis Allan Hirsch wat gesê het wat ons tot hiertoe gebring het, sal ons nie verder neem nie. En baie mense voel mos nou *more of the same* gaan ons – veral die ouer mense – sê, mos, as ons net dit beter doen... Maar nou sê ons, nee, dit wat ons tot hiertoe gebring het, gaan ons nie verder... So, ek voel amper 'n ou moet regtig, jy weet, 'n goeie student wees, ook om jou konteks te kan lees en om te besef, uh, uh, want wat drie jaar gelede dalk goed gewerk het, dis nie te sê dat dit nou nog goed sal werk nie.

P16: PR_16.docx - 16:44 [Ek weet nie of jy weet... Comm..] (97:99) (Super)
Codes: [Begeleierssentrum Communitas - Family: Nuwe Materiaal]
No memos

Ek weet nie of jy weet... Communitas het mos daai begeleierssentrum van predikante. Weet jy daarvan? Wat jy dan so half deur 'n evalueringsproses, wat hulle kyk na gedragsgewoontes wat hulle geïdentifiseer het wat 'n predikant moet hê.
Ek weet hulle is besig om so iets te ontwikkel.
Ja, so ons het nou die, ons het die eerste ene, ja, ons vier predikante het dit gaan bywoon. Ons was die eerste groep wat dit gedoen het. En, uh, dan het jy so twee mense wat jou evalueer, en dan het jy mos 'n rollespel. Uh, uh, maar dit, ek moet sê dis nogal interessant. Maar dit, jy besef... Daar't ek net besef, maar, jy weet, hoe 'n verskeidenheid van goed op jou tafel kom. En, en hoe sekere goed vir jou natuurlik en maklik kom, maar ander nou dalk nie so maklik nie. Maar hoe belangrik daai gedragsgewoontes wel is. En, en, om, jy weet, jouself eintlik toe te ru..., of toegerus te word om dit te hanteer. Want dit is, soos ek sê, dis totaal anders vandag.

© University of Pretoria

P16: PR_16.docx - 16:45 [En dan die kwessie van hoe kom..] (104:108) (Super)
Codes: [Hoe vat jy die gemeente met jou saam - Family: Verdere Navorsing]
No memos

En dan die kwessie van hoe kommunikeer jy dit met die gemeente? Want dit help ook nie ons as ‘n groepie leiers en, ons verstaan ons rol, maar die gemeente verstaan dit nie. Want dan bots die goed. Want is ‘n leier nie iemand wat weet waarheen hy op pad is, maar hy is in staat om ander mense met hom saam te neem nie? So, so dit... Die, die ... Dit bly tog ook belangrik in hoe ‘n mate neem ‘n mens die, jy weet, jou gemeente saam met jou in hierdie proses. So, so ek persoonlik dink dis wonderlik. “n Belangrike onderwerp, jy weet, vir die kerk is die verstaan ook van die rol van die predikant.
En dan hierdie ander saak van hoe vat jy die gemeente saam, nê. Dis nou twee goed.
Ja. Ja, dit bly... Dis vir my absoluut kritiek. Want ons weet, jy sal ook weet, dat daar’s ouens deur die geskiedenis wat ongelooflike insig gehad het, maar hulle kon nie die gemeente... En dan het hulle hulle verloor. Dit is net, die ou het of seergekry, of die ouens het hom, [lag] jy weet... Of hy was so gefrustreerd dat hy maar, jy weet, sy entoesiasme verloor het.
Ja, want wat ek by jou hoor is, leierskap beteken nie om ‘n visie te kry en weg te stap van die mense af nie. Dit beteken om saam te stap. Nê? En hoe doen jy dit?
Ja, Ja. En ek dink dis vir my baie moeilik, want ons het nou mos mense nou baie verkeerd geleer. En die ander ding is dat ons sit met lidmate wat ek dink nie eintlik lidmate, soos wat ‘n ou die kerk verstaan, is nie. Hulle is klublede en so aan, jy weet.

P16: PR_16.docx - 16:46 [Kleingroepe was op ‘n stadium ..] (114:116) (Super)
Codes: [10 NuweGeloofsgemeenskap: Selgroepe as "missional communities - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Kleingroepe was op ‘n stadium baie sterk in ons gemeente. Of ek sal nie sê “sterk”..., maar dit het ook gekwyn, jy weet. Ons het gestagneer en begin afneem. Maar ons besef, kleingroepe is verskriklik belangrik. Dit dink ek, dit is vir ons ‘n prioriteit en ons is eintlik – ek sal nie sê teleurgesteld in onsself nie – maar ons het dit nie genoeg gevoed nie. En op ‘n stadium het dit goed verloop, en ons het dit gelos en nie rêrig daaraan aandag gegee nie. Of daai ouens nog steeds begelei en hulle gemotiveer en visie gebou en, en so nie. En van die groepe het net, dink ek, gestagneer en so aan. En, uh, ja. So, so ons het... Maar, maar so, ons voel, want hoe gaan jy mense versorg. Hoe gaan ons hulle gawes rêrig beoefen as dit nie deur die kleingroep is nie. Maar dan met ‘n sterk fokus op, jy weet, *missional*. Ek het ‘n boek... Scott Bohren (?) het ‘n boek M*issional small groups* geskryf wat nogal vir ‘n ou absoluut help. En wat vir my ook gehelp rondom... Allan Hirsch wat, wat – hy’t mos daai mDNA wat hy skryf oor wat waar is in ‘n gemeente. Een is dan *communitas*. En communitas sien hy nie as *community* nie. *Communitas* is om ‘n sentrale visie te hê, want, waar jy uitleef. Want, hy sê, dit bind jou saam in ‘n geloofsgemeenskap. Maar, maar om net ‘n *community* te wees wat na mekaar omsien, daai band is nooit so sterk nie. Maar dit is wanneer jy iets doen. En dan sal hy mos nou sê, soos ‘n, jy weet, ‘n korttermyn uitreikgroep, of... Dit kan nou selfs wees... Of ‘n groep wat baie swaar kry en ‘n gemeenskaplike doel het waarvoor hulle werk om ‘n verskil te maak buite die groep. Dit is wat... En ek dink dit is iets wat ons kort en miskien... Alhoewel ons altyd baie sterk klem gelê het op die feit dat jy moet ‘n verskil maak as ‘n groep, het dit nie... Het die ouens maar weer na

© University of Pretoria

binne gerig begin lewe, en so aan. So, so dit dink ek is iets wat ons op ons, dink ek, verwaarloos het. Maar ek weet nie hoe sterk ons in Suid-Afrika is op kleingroepe nie. Maar dis net dink ek is net baie moeiliker. Nou is daar mos die beweging wat werk na *missional communities* wat sê maar 'n klein groep is eintlik te klein...

Um, Breen. Ek dink dis Breen wat daai...

Breen. Mike Breen, ja. En wat sê, jy weet, jy moet saam... En hulle het mos baie, eintlik 'n groot verskil in Engeland gemaak met daai gemeente. Ek, ek het daai boek gelees van *missional communities* en dit het vir my baie sin gemaak. Ek, ek, en hulle het nogal rêrig... Hulle praat mos van 'n deur wat jy kry in die gemeenskap. Of uh, uh... En, en dit maak vir my sin dan om daai mense dan in te trek en so aan. Ja, ja, dit is groot uitdagings vir die kerk.

P16: PR_16.docx - 16:47 [Kyk, kyk, al wat ek kan sê is ..] (120:124) (Super)
Codes: [14 VoortsettingReis: Die voortsetting van die reis na die SAVGG - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Kyk, kyk, al wat ek kan sê is dat ek, ons het nog baie werk rondom gestuurde gemeentes. Ek dink as ek praat oor die proses, dink ek daar moet nog 'n sterker, jy weet... 'n Ou, na daai vier jaar, en ek weet nie, dis seker ons eie leemte ook, maar ons, moet ek sê, ons het vir [NAAM], ons gebruik hom baie. Jy weet, ons nooi hom, want ons wil leer. Ons besef daar's goed wat ons verkeerd doen, of wat ons nagelaat het om te doen. So, in hierdie hele proses is dit vir ons goed om hom te kry en te sê kom luister na ons. Dis waar ons nou is. En ons is nou weer deur 'n visioneringsproses waar ons weer opnuut gaan kyk het na, na... En nou maar sterk klem lê op die vier verhoudings en dit ons baie help om dan nou geloofsgewoontes by elkeen van die verhoudings te identifiseer. En dis ons visie om eintlik vir die gemeente te sê, maar dis wat ons wil hê. Jy weet, 'n eenvoudige manier, dit is wat ons dink vir elkeen van ons belangrik is, om te besef ons staan in hierdie vier verhoudings – met God, met onsself, die gelowiges en die wêreld. En dat ons nou dan daai geloofsgewoontes, so twee by elkeen, identifiseer en sê, maar dit is hoe ons wil sien hoe groei moet kom. En dat 'n ou half mense help om op 'n eenvoudige manier te sê maar dit is wat, jy weet, hoe ons glo jy 'n verskil kan maak. En dis nie so moeilik... Maar ek meen, ja, so ons is maar... So, dit help ons nou weer, want ek dink tog op 'n stadium... Ons het dit nodig gehad nou weer om nuut te dink oor dit. En ons het gevoel ons gemeentebelydenis, ons kan daarmee identifiseer en dit..., of dit sluit aan daarby en so. Maar, joe, nee, ek dink net dit is 'n... Ek is verskriklik bly jy't, want jy gaan dalk oor deur jou gesprekke en goed ook sien waar lê leemtes. Want 'n ou wil ook nie, jy weet, jy's deur hierdie proses. En baie gemeentes... Daar's tog baie belê en alles en 'n ou wil nie hê dit moet net verlore raak nie.

Natuurlik. Ja. Dit is mos so.

Dis die gevaar jy weet, dat dit kan... Ons het gevind ook met gemeentes wat uitgeval het uit die proses uit, en... Die een ding wat wel 'n leemte was, dink ek, dalk... – [NAAM] sou dit gesê het – is ons as *cluster* het nie, uh, uh... Jy weet, op die ou einde het ons verhoudinge nie... Dit was goed om saam die byeenkomste te hê, maar op die ou einde was daar nie verdere verhoudings of so nie.

En daar's 'n behoefte aan dit.

Ja, ek dink 'n ou moet saam dink oor goed. Ek meen, ons staan, dis baie van dieselfde uitdagings ook. En, ek meen dit was goed, dink ek, in die proses, maar ons het daarna..., het dit doodgeloop en so.

© University of Pretoria

Aanhalings PR_17.

All current quotations (27). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:51:08

P17: PR_17.docx - 17:1 [Ja. [Sug] Weet jy, um, [stilte..] (9:17) (Super)
Codes: [02 InkoopLeraar: Leraar koop nie in op gestuurdheid nie - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ja. [Sug] Weet jy, um, [stilte] my, my kollega wat weg is, [stilte] het nooit ten volle ingekoop op die proses nie. [Stilte] Um, die eerste ding wat ek gedoen het, um, nog voordat hy bevestig is, in die week wat hy ingetrek het, het ek en hy 'n middag gesit, en het ek baie spesifiek, um, dit vir hom, jy weet, probeer op datum bring waar ons is, um, rondom die reis. Um, hy het dit baie frustrerend gevind om as 'n jong man in sy eerste gemeente te kom – en, en dit het hy verskeie kere geformuleer – jy kom in 'n gemeente en jy't 'n klomp goed wat jy dink jy wil doen, en dan't die gemeente klaar in prosesse. Hulle is besig met goed, en hulle verwag jy moet, jy moet saam met die wa gaan. So dit [sug], ek is, ek dink ons was waarskynlik naïef om dit nie te voorsien het nie. Um, ons het in die onderhoude vir die ouens gevra oor gestuurde kerk, en ouens het almal mooi woorde gesê. Maar ek dink die teologie van gestuurde kerk... Ek het hom baie hard aangemoedig toe hy op 'n stadium wil verder studeer om die kursus op Stellenbosch te doen. Um, wat Frederick-hulle daar het. En hy hét belang gestel en toe op 'n stadium net kop uitgetrek. Ek hy't toe in Nuwe Testament, um, sy M verder gedoen. Wat ek, um, wat ek het gehoop dit sal baie help as hy die, as hy dit, uh, daardie kursus doen. Um, so, op... So dit is toe 'n situasie van, um, uh, dat die hele gestuurdheidbegrip van kerk-wees, um, nié so sterk in sy hart gelê het nie. Um, en hy was die voltydse leraar. Um, ek en die, was by die taakspan betrokke. Ons kon hom nóóit eintlik by die taakspan betrokke kry nie. Ek weet nie, ek dink hy was by één geleentheid, um, van die gestuurde kerk, een naweek, Saterdag. Maar ek kom hom nooit by die geleenthede betrokke kry nie. So, dit het, dit het verseker 'n invloed gehad, um, in ons gemeente se, um, in die diepte waarin die gestuurde-kerk-verstaan ingesak het in ons gemeente. Um, maar jou vraag was oor die veranderinge wat ek, en ek het nou eers 'n klomp agtergrond...

Ja. Um, ek wil nie interpreteer wat jy sê nie, maar hoor ek jou reg? Dit het, dat dit die proses, die, die diepgang van die proses in die gemeente nadélig beïnvloed het?

Ja.

Nê. So, daar was nie eintlik die, die diepgang wat 'n mens sóú wou hê, en wat jy waarskynlik sou gekry het as die dominee- wat nou eintlik die voltydse predikant was - voluit ingekoop was?

Ja.

So dit onderskryf eintlik die belangrikheid van die inkoop van die dominee. (09:57) As hy nie ingekoop is nie...

Absoluut. Daar's, daar's nie 'n ander manier nie.

Ja.

Um, ek is, ek dink dis heeltemal met die dat die dominee nie die leier van die taakspan

© University of Pretoria

is nie... Dis, dit is eintlik heeltemal, um, ek dink dis goed, um, en het sy waarde. Maar as die dominee sélf nie die teologie, die teologie, um, die gestuurde-kerk-teologie, um, uh kan sy eie maak nie, en, en um, dan, dan is dit... Want, want die goed word nou mos maar in prediking en in oor... Jy weet, mos nou maar al jou beplanning en al jou goed kom die goed mos nou maar, uh, na vore. So, as, as jy nie self...

P17: PR_17.docx - 17:2 [Ek, ek dink die verandering wa..] (29:29) (Super)
Codes: [02 InkoopLeiers: Breër leierskap en gemeente koop nie in op gestuurdheid nie - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ek, ek dink die verandering was méér in sekere individue. En dan nou verál taakspan-individue. Um, dit was eerder in individue se verstaan van die kerk as in die gemeente s'n. Um, dat individue, um... Een van die taakspanpersone het ná die beroep en die beswaar teen die beroep gesê, um, [stilte] het ons dan nie, kon ons dan nie hóór wat die Here vir ons sê nie? En hoekom het ons nie geluister na wat die Here vir ons sê nie? Um, wat dáái soort van denke, uh, dat, dat die Here gaan voort, en ons moet Hom volg. En Hy's al klaar aan die werk, ons moet hóór waar Hy aan die werk is en dáár inskakel, in plaas van ons eie planne. (15:02) So, ek dink tog, um, daar's 'n klompie individue wat, um, wat dit, uh... En, en ek sélf, wat tog deur die gestuurde-kerk teologie, uh geraak is en anderster dink oor, uh, uitbeweeg, en, uh... Maar die gemeente sélf, uh, het, het nié ingekoop nie.

P17: PR_17.docx - 17:3 [O, daar het ook nóg 'n ding ge..] (30:30) (Super)
Codes: [07 Leierskap: Konflik in kerkraad en taakspan - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

O, daar het ook nóg 'n ding gebeur, en dit is dat die ondervoorsitter van die taakspan - um, en dit het die taakspan, maar ook die gemeente, 'n bietjie geknou. Die ondervoorsitter van die taakspan se lewe het, ek wil sê amper oornag, verander. Um, maar, uh, binne, binne wéke... Um hy ís of wás 'n onderwyser - so ver ek weet, want hy's nou nie meer in [DORPNAAM] nie - um, maar binne weke het daar 'n klomp goed in hulle gesin gebeur. En spesifiek rondom hom. Um, wat te doen het daarmee dat hy, uh, skynbaar 'n verhouding met een van die onderwyseresse aangeknoop het en, um, sy huwelik was toe... Binne 'n jaar het sy vrou hom geskei. Hy's toe weg [DORPNAAM] toe. En daar, sover ek weet, is hy gevra om die onderwys te los na, uh, tugverhore oor drankmisbruik en so en so. Dit het uiteraard ook 'n rol gespeel. Um, vir 'n klompie mense wat so half op die kantlyn gesit het, het gesê: ja, julle taakspan nê, julle wat nou al die mooi goed sê, julle onderleier... [Lag] Nou jý... Nou, jy ken mos maar [lag] hoe, hoe groepsdinamika werk. Um, so, so dit het ook, dit het ook, um, uh, ons, ons kon destyds aanvoel dat dit die klimaat 'n bietjie aangeraak het...

P17: PR_17.docx - 17:4 [En, en toe ongelukkig, uh, het..] (17:17) (Super)
Codes: [07 Leierskap: Konflik in kerkraad en taakspan - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

En, en toe ongelukkig, uh, het daar tussen hom en van die kerkraad 'n spanning gekom wat natuurlik al die energie, um, jy weet so hoe krisisse, um of probleme trek mos 'n gemeente se energie weg. En, en toe hy weg is, was daar 'n gróót verdeeldheid, um, tussen dié wat vir hom was en die wat teen hom was. En, um, om, om miskien net die dieptepunt van, van daardie konflik, um, 'n voorbeeld te, te gee. En ek is nou met so

© University of Pretoria

'n klomp negatiewe goed besig...

P17: PR_17.docx - 17:5 [Kan ek probeer sê wat ek hoor?..] (37:42) (Super)
Codes: [07 Leierskap: Konflik in kerkraad en taakspan - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Kan ek probeer sê wat ek hoor? Dan, help my reg. Ek hoor julle dominee het nie ingekoop nie. Ek hoor daar was konflik rondom die dominee. Uh, daar was eintlik binne die taakspan ook dan nou hierdie wisseling van die onderleier. En al, al hierdie gesamentlike faktore het daartoe bygedra dat die transformasie in die gemeente eintlik nie plaasgevind het nie. Nou wél individue wat in die taakspan was en wat op die reis was, het ingekoop en uiteindelik hierdie ding van geloofsonderskeiding hulle eie gemaak. Nê? God is aan die werk, ons moet onderskei waar God werk en kyk hoe kan ons met Hom meewerk.
Ja. Ja.
So, op dáái vlak was daar 'n transformasie, maar op die breëre gemeentevlak nié.
Ja.
Dis wat ék nou gehoor het jy sê.
Dis absoluut. Jy, ek dink jy som dit goed op.

P17: PR_17.docx - 17:6 [Um, wel, ek dink tóg dat die w..] (44:46) (Super)
Codes: [Geloofsonderskeiding: wandel in die Woord in kerkraad gevestig - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Um, wel, ek dink tóg dat die wandel in die Woord is, het, het tog, um, in wyke, um, uh, 'n inslag gekry. Ook nie, ook nie in al die wyke nie. Maar, uh, daar is van die wyke wat nou nog baie, baie, uh, aandag daaraan gee. Daar wás 'n fase wat dit by ons bedieninge ook, uh, sterk, uh, was. Um, ek tel dit nie meer op nie, behalwe by ons kerkraadsvergaderings waar, um, ek maar daarmee volhou, um, deur die hele tyd wat ek nou, um, as ek voorsitter is van die vergadering. Dat ons, dat ons nog, um, genoeg tyd aan wandel en die Woord en... So die proses, um, van wandel in die Woord is redelik bekend aan, aan kerkraadslede. Ons het destyds dit met al die bedieninge ook gedoen. Um, uh, maar nou ja. Intussen het van die leierskappe mos nou weer verander.
Ja.
Maar, uh, so ek dink dit, dit funksioneer nog sterk.

P17: PR_17.docx - 17:7 [Um, ons het 'n visieformulerin..] (46:46) (Super)
Codes: [Fokus: Visie geformuleer met gedeeltelike inkoop van leiers en gemeente - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Um, ons het 'n visieformulering [sug] met – hoe wil ek sê? – haak en tak gekry. Waaroor party mense opgewonde is en party nie. [Stilte] Um, nee! [Stilte] Party opgewonde is en party neutraal staan. *So what?* En wat al verskeie kere [lag] gebruik is [stilte], um, [stilte], ek wil amper sê, um, as mense nie hulle sín kry nie.

© University of Pretoria

P17: PR_17.docx - 17:8 [Daar's 'n paar baie sterk pers..] (70:88) (Super)
Codes: [02 InkoopLeiers: Breër leierskap en gemeente koop nie in op gestuurdheid nie - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Daar's 'n paar baie sterk persone in die kerkraad wat 'n groot bydrae in die gemeente lewer. Um, uh, nou in die [KERKVERBAND] is jou, jou geletterde groep – skoolhoofde en onderwysers het 'n baie groot invloed. Um, jy kan, ek wil amper sê, ek wil amper sê ál die [KERKVERBAND] gemeentes, skoolhoofde en onderwysers, um, speel 'n baie sentrale rol. So ons het 'n paar sterk figure, waarvan die een 'n eks-skool..., afgetrede onder-skoolhoof is, 'n ander ou is ook 'n onder-skoolhoof nog steeds by 'n skool. En, um, hulle het in die beroeping 'n baie, baie sterk rol gespeel. En, 'n ánder rol as dié wat by die taakspan betrokke was.
So, húlle is nie ingekoop op gestuurdheid nie.)
Nee.
Hulle is nie deel van daai taakspangroep, daai klein getransformeerde groepie nie.)
Wel, um... Die keuse was natuurlik, wil ek ook sê, hulle s'n om nie déél te wees nie. Ek bedoel, die groep was nog van die begin af 'n oop uitnodiging aan gemeente en, uh... So, so dit is... Maar ek bedoel, hulle, dit was ook hulle keuse om nie, om nie, uh, in die taakspan of by die byeenkomste of goed, uh, in te kom nie.
Kan ek, kan ek jou net hieroor nog 'n vraag vra. Dink jy dat dit dalk 'n soort van 'n, um, hoe, ek wil nou nie sê dis 'n magspeletjie nie, maar híér is ouens in die kerkraad wat, wat groot invloed in, eintlik mág het..
Ja.
En, hulle sal 'n taakspan toelaat om daar eenkant te funksioneer, want hulle wéét: aan die einde gaan húlle die beheer uitoefen. Uh, of, of sou jy nie dink dat dit 'n faktor is nie?
Nee, ek, ek sou sê, nie, nie op 'n bewústelike manier nie, maar op 'n ónderbewustelike manier van, um, in plaas daarvan om te sê, ons kom saam en ons vra wat wil die Here hê, um, dáárdie stuk van die proses is, ummmm, ons, ons, húlle sal natuurlik daarop stáán dat jy 'n vergadering met gebed moet open. Nê, ek bedoel dít, hulle sal áánstoot neem as die vergadering nie met gebed geopen en gesluit word nie [lag], um, maar as jy hom klaar met gebed geopen het, dan, uh, [lag], dan kom die rêrige vergadering!
Hm.
Um, hulle kom by die kerkraadsvergadering, um, ons doen die, um, die wandel in die Woord in die begin – hulle kom dikwels ook laat.
O, so hulle woon nie dáái gedeelte eers by nie.
Of hulle kom so aan die einde van daardie gedeelte. Um, en niemand het nou nog direk vir my gesê nie, maar... Of, of ek bedoel, húlle het nog nie direk vir my gesê nie, maar ánder het al vir my gesê dat hulle sê ons mors te veel tyd.
Hm. Julle is daar vir besigheid. Nie vir wandel in die Woord nie. [Lag]
Ja, dis mos maar soos ons kerkrade baiekeer tradisioneel dink. Um, so, so hulle het... uh, en, en in die beroeping het hulle, um, dink ek, um, in, ag ek sê ek dínk, uhhhh, dit is eintlik seker dat die [sug] dat hulle die beroeping sterk vir 'n spesifieke persoon gestoot het.
[NAAM], nou as ons...
Ekskuus, ek antwoord nie jou vrae nie.
Nee. Maar weet jy wat, dit maak nie saak nie. Jy ántwoord my vrae hoor. Want wat ek nou hoor jy vir my sê, is dat as jou leierskap, die ouens wat eintlik in die kerkraad die, die, die wérklike leierskap is, nê, die ouens wat die besluite..., as hulle nie ingekoop is op die proses nie, dan... En, en by julle het dit nie gebeur

© University of Pretoria

nie. Dis wat ek gehoor het jy vir my gesê het.
Ja

P17: PR_17.docx - 17:9 [Ek sou dink dat ons, um, as on..] (94:100) (Super)
Codes: [Voorbereidende werk met gemeentelike leierskap voordat die reis begin - Family: Vir aandag van die SAVGG]
No memos

Ek sou dink dat ons, um, as ons nou weer van voor kan begin, um, dat 'n mens, ek wil amper sê, amper 'n ses maande of wat, um, proses met jou kerkraad moet hê. En miskien ís dit nou so – onthou nou, ons was mos nou die eerste groep...
Ja.
Um, ek [NAAM]-hulle het al redelik baie aanpassings gedoen. Ons was die eerste groep en ons én Frederick-hulle het nie [stilte] heeltemal geweet waarmee, jy weet, waarheen gaan ons nie. Dit was maar so langs die pad.
Dit was leer oppad.
Ja. So, um, um ... Maar ek sou sê dat jy – wel, mens moet miskien amper sê die jaar voor, die jaar voordat jy begin – dat 'n mens in, um, uh, in 'n proses met die kerkraad en bedieningeleiers en so het, um, selfs 'n kamp of twee om oor die goed te praat en wat dit beteken. En, um, wat dit van 'n gemeente sal vereis en so, vóórdat jy in die proses ingaan. Um, ek, dit, dit kan, dink ek tog 'n... Want wat ons, óns nou maar gedoen het, ons het, um, ek het die bietjie wat ek verstaan het, um, het ons aan die kerkraad verduidelik om die toestemming te kry. En in die gemeente te probeer verduidelik. En toe't ons gesê, die wat belangstel, kom. Um, uh, dis 'n oop uitnodiging of, uh, kom en word deel van ...
Ja.
Um, maar dit lýk vir my jy sal absoluut gedefinieerd met jou leierskap eers moet werk. As hulle daarná nie deel van die taakspan en goed is nie, is dit *okay*, maar hulle weet waaroor...

P17: PR_17.docx - 17:10 [Ons het by elke kerkraadsverga..] (102:108) (Super)
Codes: [02 InkoopLeiers: Leierskap koop nie in op gestuurdheid nie - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ons het by elke kerkraadsvergadering – ons hou eenkeer 'n maand een, ons hou tien 'n jaar – um, hét ons in die, in die tyd in die proses het ons élke keer 'n terugvoer gehad. Um, dis nie asof die taakspan, um, op sy eie funksioneer het nie. Um, jy weet, ons het 'n terugvoer aan die kerkraad gehad en, um, goed met, gepraat met die kerkraad. Ons het met die bedieninge gaan praat. Ons het in die eredienste... So dis nie asof die taakspan net op sy eie aangegaan het met die goed nie. Um, maar ek dink dit was meer die, die gevoel, uh, die res, uhhh, is nog nie dáár, of, um, ja. Dit, dit sink nie, die, die verskil sínk nie in nie.
Ja.
Teenoor, um, nie teenoor nie, maar die ou kultuur in gemeente-wees wat moet swaai nie.
So die, wat ek hoor jy sê, is die taakspan het moeite gedoen om die kerkraad in te lig en met hulle te deel wat aan die gang is, maar was nie van hulle kant af inkoop nie.
Ja.
Hulle't nou kennis geneem.
Ja.

© University of Pretoria

P17: PR_17.docx - 17:11 [Um, maar ons kon nie genoeg en..] (110:112) (Super)
Codes: [02 InkoopGemeente: Invloed van gemeentelike geskiedenis op die tranformasie van die kultuur - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Um, maar ons kon nie genoeg entoesiasme, of... Ja, of daar was ander goed wat gemaak het dat, dat geméénte nie daar is nie. Nou, ons is natuurlik, ons is die oudste, uh, VGK gemeente in die omgewing. Um, ouer as die sendingkerk. Um, die, die gemeente se eerste wortels is in 1848.
Sjoe!
En het in 1854 besluit om ‘n soort van NG gemeente te word. In 1857 gevra, by daai beroemde sinode, om deel van die NG Kerk te word. En tóé onder ‘n sendingkommissie geplaas. Um, so die gemeente het ‘n sterk tradisionele wortels. Um, ja, wat, wat natuurlik ook maar ‘n gemeente..., um, daai stuk geskiedenis beïnvloed ook hoe, um, hoe maklik ‘n gemeente skuiwe maak.

P17: PR_17.docx - 17:12 [Um, ek dink ek het in terme va..] (118:118) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Skep gestuurde taal en selfverstaan - Family: Leraar Rol]
No memos

Um, ek dink ek het in terme van lering, en tot nou toe nog, wanneer daar teologies oor goed gedink word. Die gestuurde-kerk verstaan van die roeping van die kerk, um, jy weet, elke keer as onderbou probeer weergee.

P17: PR_17.docx - 17:13 [O, ek dink die ander switch, e..] (119:121) (Super)
Codes: [04 Onderskeiding: Geestelike begeleier in plaas van bestuurder - Family: Leraar Rol]
No memos

O, ek dink die ander *switch*, en dit moet jy vir ‘n kerkraad, um, én vir die predikant, ons, ons koppe moet almal daarmee, um, uhhh, skuif. In die [KERKVERBAND] is die predikant ‘n sterk bestuurder. Onthou die meeste [KERKVERBAND] gemeentes het nie ‘n kerkkantoor nie, en die predikant is die bestuurder. Nou, in die missionale verstaan, um, is die predikant baie meer die geestelike versorger, of geestelike rol om, met die onderskeiding en so aan. Maar as kerkrade nie [stilte] goed inkoop op, op hierdie ander verwagting nie, dan skep dit uiteraard ook spanning. Um, as kerkrade verwag die predikant, um, moet alles nog bestuur, um... So, ek dink dis die een ding wat in die [KERKVERBAND] spesifiek swaar gaan. Um, ek, ek kan my voorstel dat in die [KERKVERBAND] op die platteland en so dit ook nog sterk kan funksioneer. Um, ek dink stedelike, uh, opsette waar kerkkantore en so is, is daar baie meer van die bestuursrol losgemaak, vermoed ek, in die [KERKVERBAND] Kerk. Maar, maar dis ‘n verstaan wat óns moet ontwikkel. En, en ook die kerkraad. Ja, rondom die bestuursrol.
Wat ek hoor jy sê, is die predikant moet losgemaak word van administratiewe pligte. En daai verwagtinge en eise wat aan hom gestel word, sodat hy eintlik meer kan fokus op die geestelike onderskeiding en vorming van mense. Het ek jou reg gehoor?
Ja.

© University of Pretoria

P17: PR_17.docx - 17:14 [As 'n mens, uh, uh, as 'n mens..] (123:145) (Super)
Codes: [Voorbereidende werk met gemeentelike leierskap voordat die reis begin - Family: Vir aandag van die SAVGG]
No memos

As 'n mens, uh, uh, as 'n mens 'n jaar voorbereiding het, dan kan dit miskien deel van so 'n proses wees. Al, om, om die predikant se take te her, uhhh, skryf in terme van die verwagtinge wanneer hy of sy in die proses ingaan. Um, in die [KERKVERBAND] word daar nog baie meer, dink ek, oor huisbesoek gedoen as in die [KERKVERBAND]. Um, ten spyte daarvan van die onrealistiesheid daarvan. Ons het amper sewehonderd besoekpunte.
Ja.
Um, so, um, dit is so ongeveer drie jaar om deur 'n gemeente te gaan en dan moet jy konstant ten minste...
Dan moet jy huisbesoek doen.
Dan moet jy huisbesoek doen. Um, maar, maar, so 'n mens sal daardie goed ook moet omskryf. Uh, of, um, kerkrade begelei.
Wat ek hoor jy sê vir my, is die verwagtinge wat lidmate of kerkrade van dominees het, of die persepsie wat die dominee het van die verwagtinge, dit is 'n belangrike ding wat uitgeklaar moet word vóórdat jy in die proses ingaan.
Ja.
Dis wat ek hoor jy sê.
Ja.
Nê. So jy moet hierdie goed met 'n kerkraad en met 'n predikant goed deurgesels, en eintlik hieroor tot 'n mate begin duidelikheid kry, want as jy dit nie doen nie, dan wek dit geweldige spanninge en konflik.
Ja.
Hoor ek vir jou reg?
Absoluut.
En, en waarskynlik ook nog skuldgevoelens by die dominee, nê. Want hier word verwagtinge van hom gestel en hy voel dalk hy kan nie aan die verwagtinge voldoen nie.
Ja. Ja. Nou, dit is in die proses het [NAAM&VAN] spesifiek – en hy't dit gedoen omdat hy nou nie 'n predikant is nie – maar oor, uhhh, hoe, hoe is 'n gestuurde-kerk predikant? Of, uh, hoe lyk die taak van 'n gestuurde...? So ons het dit n paar keer, ons het dit gedoen.
O, *okay*.
Maar dit was 'n ent in die proses in en ons hét daai goed na ons kerkraad toe geneem, maar dit was nou weer soort van, um, kennis neem. Um, en, en dit lyk vir my as 'n mens hieraan vóórdat jy in die proses ingaan, uh, met, met kerkrade... En dis hoekom 'n mens miskien 'n jaar nodig het, um, met leierskorps.
Want, want dit behels baie meer as van kennis neem. Dis 'n intense gesprek wat jy sal moet voer.
Dit, dis reg.
Waarvoor daar óók inkoop kom, nê.
Ja.
Want anderster, dit hélp nie jy neem daarvan kennis nie.
Nou, nou, ek verstaan Pat Keifert se ding, jy weet, jy, die kultuur is 'n ding wat stadig skuif. Um, maar dit lyk ook vir my dat as sekere skuiwe ter voorbereiding nie, nie plaasvind nie, dan, dan kan jy die ander skuiwe wat, um, wat móét kom, ook nie by uitkom nie. Daar, daar is 'n bietjie van grond, um, grond gelyk, grond gereed maak, um, voordat, voordat die proses begin. Um, omdat die proses self 'n sekere intensiteit

© University of Pretoria

het. En as daai grond nog nie gereed gemaak is nie, dan, um, dan, dan haak jy daar vas. En, en, en vloei jy nie saam met die proses nie.

P17: PR_17.docx - 17:15 [Uh, goed ek dink my, my, uh, n..] (147:151) (Super)
Codes: [22 Meer tyd aan die kollega en taakspan afstaan ter wille van groter inkoop - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Uh, goed ek dink my, my, uh, nie in die begin nie – in die begin was tyd my grootste uitdaging. En ek dink my ander uitdaging was-was toe nou maar om my kollega te laat inkoop. En, um, ja. Dit, dit, uh,... En om om die leierskap te laat inkoop, en, um, eintlik het ek al so baie gedink oor wat ek anderster kon gedoen het of anderster, um, uh, ja. Om, uh... Maar ek weet ook nie eintlik, ek weet ook nie eintlik presies wat ek eintlik anderster, uhhh, sou gedoen het nie. Um, maar ‘n mens sal jou moet losmaak van ‘n klompie ander goed. Um, ek dink toe ons in die proses was, het ek te min tyd aan die proses af, afgestaan. Um, en as ek nou sê te min tyd, um, [stilte] dan dink ek ons het die noodsaaklike gedoen – kyk, na elke bymekaar kom dan het jy mos nou...
Opdragte.
Opdragte. Ons het die noodsaaklike gedoen, maar wat waarskynlik nodig was, is dat ons, ons, um, [stilte] dat ek vir my dae moes oopmaak wat ek net oor hierdie proses moes reflekteer. En miskien as taakspan laat ons, uh, tussen, tussen, uh, byeenkomste, jy weet, ‘n naweek net reflekteer oor, uh, oor wat aan die gang is en wat ons anderster kan doen. En wat is aan die gebeur? En wat hoor ons? En hoe moet ons dit deel? En, um, uhhh, bymekaar kom – nie om ‘n taak te verrig nie...
Maar om te onderskei. En te reflekteer.
Om te onderskei. So ek, ek sou sê dit... En daarvoor moet jy soort van losgemaak word. In die [KERKVERBAND] het jy amper elke Saterdag ‘n begrafnis. Ons hou net begrafnisse op Saterdae. Um, en jou naweke is vol, jy weet. Dis, um... So, ek dink dit, dit sou miskien tog ‘n verskil gemaak het as ons, uh, van die begin af sulke periodes as taakspan gehad het. Dat ons nie gaan met die doel ons moet nou hierdie ding doen nie, maar net ‘n soort van ‘n onderskeidingsding gehad het.

P17: PR_17.docx - 17:16 [Ja. Um, ek dink, uhhh, dit het..] (153:153) (Super)
Codes: [2 Dit het aan my kerkbegrip geskaaf - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ja. Um, ek dink, uhhh, dit het ‘n bietjie, uhhh, aan my kerkbegrip, um, geskaaf.

P17: PR_17.docx - 17:17 [Um, [stilte] dit het aan my ve..] (153:157) (Super)
Codes: [5 Nuwe verstaan van transformasieproses - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Um, [stilte] dit het aan my verstaan van, um, [stilte] uhhh wat Pat Keifert die hele *gap*-model van, van um,... Dit is fout en dit is wat jy moet regmaak. Daai soort...
Die soort aanpassende trans..., aanpassende en tegniese verandering.
Veranderinge! Ons het verskeie kere met die gemeente en met die kerkraad, jy weet, oor aanpassende en tegniese veranderinge probeer praat, um...
So dit het vir jou nuwe insigte gebring.
Dit het verseker vir my, uh, nuwe insigte.

© University of Pretoria

P17: PR_17.docx - 17:18 [Ek dink die wandel in die Woor..] (157:161) (Super)
Codes: [3 Wandel in die Woord bevorder geloofsonderskeiding - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ek dink die wandel in die Woord, het, het vir ons nuwe insigte, uh, het vir ons in 'n, uhhhh, 'n *skill* in die gemeente gegee. En vir my ook. Um, uh, ek, ek self het 'n geneigdheid om te veel aandag te gee aan die uitleg, um, en te min net rustig te word rondom, rondom 'n gedeelte. Ek wil baie meer kognitief die gedeelte ontleed. En ek dink dit het tog, dit het tog daardie skuif vir my gebring. Om meer net rustig te wees oor 'n gedeelte, en, en te hoor wat sê die Here oor die gedeelte. Sonder om minder analities na gedeeltes te kyk.
Um, sou wandel in die Woord hierdie transformasie by jou teweeg gebring het?
Ja. Ja. Ek dink dit het dit wakker gemaak en die betekenis daarvan, um, um, dit het definitief, dit het definitief, um, in my eie kop oor kerkraadsvergaderings 'n skuif gebring. Um, van, van 'n vergadering wat besigheid doen tot 'n vergadering wat moet onderskei. Um, ek dink nog nie genoeg nie. Ek dink daar kan nog baie groei in daai opsig wees.
In die praktyk van die gemeente?
Ook wanneer, ek bedoel, self wanneer ek voorgaan, um, um, ja.

P17: PR_17.docx - 17:19 [Um, ja, ek, ek dink om bietjie..] (163:163) (Super)
Codes: [Aanleer: Delegeer administratiewe pligte - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Um, ja, ek, ek dink om bietjie goed prys te gee rondom die administrasie. Um, want dis nie net die kerkrade wat moet, um herdink nie, maar ons predikante moet ook maar ons rolle herdink.

P17: PR_17.docx - 17:20 [ons predikante moet ook maar o..] (163:165) (Super)
Codes: [2 Herdefinisie van eie rol as predikant - Family: Leraar Transformasie]
No memos

...[o]ns predikante moet ook maar ons rolle herdink. So, ek, ek dink, um, daar het tog in my eie kop oor my rol, um, baie meer nadenke plaasgevind, um, as, as voordat ek, ons as gemeente deur die proses gegaan het. Um, so, oor, oor wat, uh, waarom is ek in die gemeente? Um, wat doen ek?
So daar het eintlik 'n herdefinisie van jou eie rol en identiteit as predikant plaasgevind?
Ja.

P17: PR_17.docx - 17:21 [Um, wel die... Ek dink tog die..] (167:173) (Super)
Codes: [3 Die feit dat ek nie meer voltyds in die bediening is nie - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Um, wel die... Ek dink tog die feit dat ek toe mos, uh, nie voltyds meer in die gemeente was nie, het my, um, um, het my op 'n ander plek geplaas. En die ander plek, um, was dat jy nie heeltyd in jou kop net met gemeentegoed loop nie. Um, en dat daar 'n klomp ander faktore is wat jy ook mee besig is. En dit laat jou natuurlik nou weer 'n bietjie na die kerk kyk. So bietjie meer, dis effens meer van die buitekant af as wanneer jy oggend, middag en aand net met die kerk besig is.
So die Here het eintlik jou vir daai bietjie afstand gegee. [Lag]

© University of Pretoria

Wat wonderlik eintlik is. En, uh dan besef 'n mens nou maar as jy voltyds in die gemeente is, hoe, hoe jy eintlik, um, partykeer verswelg word deur die kerkstruktuur, die kerk, uh, organisme, en, en dat jy eintlik nie kan raaksien van buite af, of kan raaksien wat ouens wat buite die kerk staan of op die rand staan, um, se behoeftes en so nie. So, ek dink dit het, dit het wel, uh, weer vir my 'n bietjie perspektief gegee. En dit is op 'n manier bevestig deur die gestuurde kerk, of andersterom, ek weet nie. Maar die twee het op mekaar ingewerk. Um, die bietjie buitestaan het vir my bevestig dat gestuurde kerk se dínk oor kerkwees eintlik baie meer gesond is. Um, as, as dit waarmee ons groot geword het. Um, want, want daardie manier van kerk-wees trek eintlik nie mense aan nie. Omdat jy werk daarmee eintlik, ek is die goeie ou en ek gaan vir jóú hierdie goeie boodskap gee wat ék het. [Lag]
Hm. En jy behoort hom te kry.
En jy behoort hom te vat. [Lag] En die hele idee dat ek van jou kan leer, en dat jý vir ons iets kan bring, dat ek eintlik jou nodig het, um, uhhh, is in ons tradisionele denke oor die kerk nie... Ons, ons dink maar imperialisties oor die kerk.
Jy weet, dit is 'n geweldige transformasie wat in jouself plaasgevind het wat ek nou hoor jy beskrywe. Dit is vanaf hierdie ding van die ou model van "ek sê vir jou", na die nuwe model van "ek het nou nodig; ek leer by jou". [Stilte] Dit is 'n gewéldige ding, is dit nie? Wat met 'n mens gebeur sonder dat jy dit nou eers besef, nê?
Ja, nee dit is.

P17: PR_17.docx - 17:22 [Um, nou met, in my berading he..] (174:176) (Super)
Codes: [3 Berading bring kontak met buite-kerklike mense - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Um, nou met, in my berading het ek natuurlik ook met baie mense te doen wat die noodwendig kerklik sterk staan nie. Um, en dis nou maar jou vraag: wat is die ander goed? Um, so, so jy kry, kyk ook 'n kykie in mense se lewens wat vérder staan van die kerk af. Of glad nie met die kerk te doen het nie. Um, en, en, wat gestuurde kerk ook maar elke keer sê, die binne, die binnegroep is amper nie in stáát om die goed te doen nie. Want ons is so binne, ons, ons kan net nie die, uh, die randfigure, um, uh, aanspreek nie. Ons is so vasgevang, daai vyftig, honderd in die binnegroep.
So die kerk... Wie jy, wat ek nou hoor jy sê, is: die kerk verswelg homself eintlik. Op só 'n manier dat hy ophou om kerk te wees. Hy kán eintlik nie meer uitgee nie, want hy word deur homself en deur sy eie strukture vasgevat.
En, en dit is amper so 'n natuurlike proses, nê. As jy die heeltyd daar is, dan is dit wat gebeur. Dis in 'n sin normaal en, en dit verg, um, uh, 'n stuk radikaliteit om dit te vers..., te verstaan dat jy eintlik so besig om te doen wat jy dink jy moet doen dat jy dit nie doen nie. [lag] So, um, maar nou ja.

P17: PR_17.docx - 17:23 [Jong, ek dink dit is let go. I..] (178:182) (Super)
Codes: [42 Lidmaatbemagtiging: Om af te sien van jou tradisionele rol en ander vir die bediening te bemagtig - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Jong, ek dink dit is *let go*. Is, is, um... Dit is , uh, om beheer af te gee. Uhh, want, uhhh, [stilte] want deel van die, van mý ontdekking – ag, dis ook nie nuut nie, maar dit is bevestig – is ek is waarskynlik die slegste ou in die gemeente om die evangelie oor te dra. Um, die predikant raak so [lag], raak so kérk [Lag]. Dat, um, dat jy eintlik, uhhh,

© University of Pretoria

niemand hoor meer wat jy sê nie. En, en, en jy moet eintlik verstaan dat jy in die meeste gevalle nie die regte ou is nie. Jy het eintlik, um, jy't ánder rolle miskien om, om juis die ánder in die gemeente te bemagtig om, om dit te doen. En saam met hulle onderskeidend te beweeg. Maar jy moet *let go* van, jy en die kerk en die gemeente, moet *let go* van jou rol as die ou wat mense van buite gaan bereik. Um, wat nou maar die ou model is, uhhh, jy weet, die predikant moet die evangelie gaan bring vir die verlore wêreld. Maar dit lyk vir my ons is, ons is op die ou end die slegste ouens om dit te bring. En, uhhh, so ons moet *let go* dat ander dit waarskynlik veel beter kan doen.
Help my net om die *let go* te verstaan. *Let go*, wat ek hoor jy sê is in die sin van, um, dis hierdie ding om te dink dat, dat ek die bediening moet doen. *Let go* is eintlik om die bediening weg te gee aan ander mense. Is dit, is dit reg?
Ja. ja.
So dit gaan ook, dit sluit aan by wat jy, jy't gepraat van die bemagtiging van ander.
Ja.

P17: PR_17.docx - 17:24 [En ook, ja, behéér afgee. Is, ..] (182:200) (Super)
Codes: [41 Geloofsonderskeidende leierskap - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En ook, ja, behéér afgee. Is, uh, um, beheer afgee, um... [stilte]. Um, ek dink die geloofsonderskeiding is, is 'n beheer afgee deur die hele gemeente nê, predikant ingesluit.
Hm, dis om te onderwerp aan God.
Ja. So, so dis 'n beheer afgee wat die predikant ook moet doen, maar, maar eintlik die hele gemeente. En ek dink dit is – as ek nou oor ons beroep dink – is dit die stukkie wat ons, uh, by vasgehaak het. Um, ja, ons was so vasgevang in, wat is die kwaliteite wat ons soek, en wat, hoe, wat wil ons sien moet iemand kom doen, um, dat ons daardie, daardie geloofsonderskeiding om vir 'n oomblik net die CV's weg te sit, en net onderhoude eenkant te sit, dat ons daai stukkie net, uh, te vinnig gedoen het. Nie genoeg aandag daaraan gegee het nie, aan die geloofsonderskeiding nie. Um, [stilte] die interessante is, uh, daar het, uh, mense aansoek gedoen wat op die oog af net nie geskik nie. Nou geloofsonderskeiding, um, is die *let go*. Die ouens wat jy dink nie geskik is nie, [lag] miskien wel die persone is wat die gemeente nodig het [lag] Maar, maar dit is die *let go* wat geloofsonderskeiding vra, dat jy nie noodwendig die ou wat die meeste punte gekry het, um...
Hy's dalk die ou wat die sterkste tussen die evangelie en die gemeente sal gaan staan.
Ja, en ek, ek dink daar het ons... Nie dat ek sou sê ons moes die ander prosesse los nie, maar ons moes saam met die ander prosesse meer, meer tyd gegee het vir ons om, om net rustig en stil te word.
Wat, wat ek nou hoor jy sê is dat... Dis daai ding wat jy net-nou gesê het, die predikant het 'n geestelike rol om te speel. Hy's 'n geestelike leier Dis die eerste kwaliteit waarna jy moet soek. Nie die predikant as bestuurder of administrateur nie.
Ja.
Maar die ou wat eintlik in broosheid voor die evangelie gaan buig.
Ja. So, so dit klink, uh, ek hou van jou woord van broosheid, want dit is óók, um [stilte]... Ons praat nou van kapasiteit wat in 'n predikant... Um, daar is ook geestelike

© University of Pretoria

leiding, daar is ook maniere van geestelike leiding wat as dit, wat miskien nie noodwendig goed sal wees vir ‘n gemeente nie. Maar ek hou van die broosheid. Ek dink dit moet ‘n stuk van die kapasiteit wees. Daar kan ‘n, daar’s ‘n dominerende en manipulerende manier van geestelike leiding, uh, wat um, wat nie is wat is wat ‘n mens dan...
Wat eintlik ‘n ander manier is van mag uitoefen.
Wat, goed! Nee, jy sê dit baie mooi. Maar, maar wat, dis geestelike leiding op ‘n manier waar jy as predikant voorgaan met, jy weet, God het aan mý alles klaar gesê. Ek kom dit nou net vir julle sê. Um, en dit is nie, dit is nie die kapasiteit van, van geestelike leiding nie, maar, maar geestelike leiding om saam met ander te soek.
En te onderskei.
En te onderskei. Ja.
En soos jy net-nou gesê het, beheer aan God af te gee.
Ja. Ja.
Dis wat ek gehoor het jy sê.
Ja. Nee, dis... Nou daarin word ons nie geskool natuurlik nie. [Lag] Want, want dit is mos maar ‘n vormende ding. Jy, dis mos nou nie ‘n, um, dis mos nou nie ‘n ding wat jy vir ‘n klas sê, “hoor hier, die tipe geestelike leiding wat julle moet gee is broosheid”, nie. [Lag] Ek bedoel, dis nie ‘n, uh, dis mos maar ‘n vormende proses. Dis nie, uhh, dis nie ‘n ding waaroor jy gaan eksamen skryf nie.
Hm, dis wie jy ís, dis nie w...
Ja, of wat jy wórd.

P17: PR_17.docx - 17:25 [Um, ek wil net nog oor die kap..] (204:214) (Super)
Codes: [30 Moenie lang tone hê nie - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Um, ek wil net nog oor die kapasiteite...
Asseblief.
Die, die een, maar dit sluit aan by die ander goed, dit is nie heeltemal nuut nie. Um, maar ek het die mooi uitdrukking onlangs gehoor: Um, jy moenie lang tone hê nie. Ek het ook nog nooit voorheen die uitdrukking gehoor nie. Dit beteken jy moenie te fyngevoelig wees nie. Dit moet tog ‘n – eintlik vir álle predikante, um, vir alle predikante –uhhh, ‘n ou moet maar nie te fyngevoelig wees nie. Jy moet nie te óngevoelig wees nie, maar, um, jy moenie elke dingetjie wat op jou toon trap nie, um, uhhh, jou laat uitgooi nie en ‘n oorloggie laat begin nie. um, maar ek dink dan ook baie spesifiek met gestuurde kerk, omdat dit so bietjie teen die, ‘n bietjie teen die stróóm van kerk-wees gaan. Um, teen die stroom in die sin, as jy sê maar eintlik bestaan ons nie vir onsself nie, dis mos nou bietjie teen die stroom want die geïnstitusionaliseerde kerk, uh, jy weet, wil weet of ons geboue reg is en of al ons... So as jy sou sê maar ons, ons moet ons geboue tot beskikking van ander stel want dis nie sommer net ons s’n nie, dan gaan jy mos teen die stroom. So daar sal op jou tone getrap word, en jy moenie te kleinserig wees, um, om dit, dat dit jou elke keer uitgooi en platgooi en, en oorloggies begin met individue en so nie.
[NAAM], dankie daarvoor. Dit is, dit, dit het nou eintlik met die emosionele kapasiteit van die dominee te doen om, om op ‘n s..., om te sê, ek het onderskei dis wat God sê ek moet doen, en ek gaan dit doen, en ek weet ek gaan ‘n bietjie seerkry.
Ja. Ja.
Nê?

© University of Pretoria

Want as jy, as jy die goed ernstig..., as jy op hierdie goed, dan begin die hele taakspan, en dan begin almal, en dan raak dit nóg meer 'n ons en hulle ding. Nê, dan, dan dryf jy die kloof, um, dieper en ... Ja, en dan sal die proses van kultuurverandering nóg moeiliker.
Dis 'n ander aspek van *let go*. Dis om ook te *let go* van my "ek is tog so belangrik", nê.
Ja.
Um, ek moet altyd gemaklik wees.
Wees, ja.

P17: PR_17.docx - 17:26 [Um, ek sou nog oor kultuur en ..] (218:228) (Super)
Codes: [Watter faktore bepaal 'n bepaalde kultuur se openheid vir verandering? - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Um, ek sou nog oor kultuur en kultuurveranderinge, um, en of party kulture, uh, meer, moeiliker, of party kerk-kulture moeiliker verander, um, wat sou die fak..., of eerder: wat sou die faktore wees wat party kerk-kulture, um, moeiliker van, van kultuur laat verander? Um, want dit dink ek is, is tog hoe... As 'n groep dan ingekoop het, hoe, uh, hoe bring jy die kultuurveranderinge na die groter groep toe?
Hm, nie net, nie net die taakspan nie, maar die breër gemeenskap.
Ja Um, nou, die proses het 'n ding gehad dat hy mos nou uitbrei en uitbrei en uitbrei na die gemeente toe. Um, miskien het ons dit nie reg gedoen nie. Miskien het ons nie genoeg ingesit nie. Maar, maar ons kon nie daai uitbreiding, uitbreiding, uitbreiding, um, wat - op die ou end moes tagtig persent van die gemeente omtrent...
Ja, dit begin mos by daai vroeë aanpassers en dan tot jy later by die laat aanpassers kom.
Ons het gesukkel daarmee. Um, uh, om, om daardie, uh, groter en groter wordende groep te kry wat, wat kultuurveranderinge... Um, um, nou ek het 'n teorie dat ons, um, met al die veranderinge in Suid-Afrika – en die bruin gemeenskap gaan nogal deur moeilike veranderingsgoed. Um, uhh, ek dink daar is – dis nou maar sommer my, ek kan dit nou nie eintlik bewys of wat nie – ek dink die [KERKVERBAND] het so 'n tien of twintig jaar terug daar gewees, um, toe die neëntigs gekom het, uh, het die [KERKVERBAND] Kerk, ouens het die kerk gesien as die een ding wat nie sal verander nie. Dit, in die onsekere tye vlug jy na jou kerk toe. Die indruk wat ek het is dat daar 'n stuk beweging in baie [KEKRVERBAND] gemeentes gekom het wat verandering tans eintlik baie makliker – natuurlik sal dit nooit maklik wees nie – maar dat daar 'n, uh, 'n nuwe gees in baie [KERKVERBAND] gemeentes is wat dit nie so moeilik maak vir verandering nie. Daar's mos nou altyd 'n klompie wat... Um, maar, maar die, die aanvoeling wat ek het is dat in die [KEKRVERBAND] – en dan verwys ek nou na die bruin gemeenskap – nóú half daai vasskopplek in die kerk..., en veranderinge in die kerk op die oomblik baie swaar gaan. Um, uh, daar mag ander faktore wees wat ek mis, maar, um, daar's op die oomblik, uhhh... Ja, skop die ouens vas aan ou goed. (01:18:17) Uh, ons het nou 'n klomp gemeentes vakant hierso. En gemeentes sal sê, ons wil nie 'n predikant beroep as hy nie so en so is nie. En dan's dit gewoonlik ou tradisionele... Moet swart pak dra, moet togapak... Sulke goed.
So daar's 'n váshóú aan die tradisionele.
So dit gaan... Daar's op die oomblik 'n swaarkry in, in *let go*. Uh, of, of nuut te dink. En ek dink dis maar die onsekerheid.
Sou dit dalk daarmee – ek wonder nou, uh, [NAAM] – sou dit dalk daarmee te doen het dat die [KERKVERBAND] se mislukking is vir almal daar om te sien.

© University of Pretoria

Die [KERKVERBAND] wéét hy't misluk. So, eintlik móés die [KERKVERBAND] vir homself sê, ons moet ons broosheid omarm en ons moet soek. En die luisterseisoen en alles... Terwyl in jou [KERKVERBAND] dit dalk nie so sterk is nie.
Ja.
Um, en dis waarskynlik nie net in die [KERKVERBAND] so nie. Dis waarskynlik in baie kerke so. Wat aanvanklik die rede vir hulle bestaan in hulle geveg teen apartheid gehad het, en nou hulle éie identiteit moet herdefinieer.
Ja. En as jy dan nou... As jy dan die, as jy dan kom met verandering oor, om oor kérk anderster te dink, uh, is dit net te veel. Juis, omdat jy oor jou eie identiteit nou in so 'n onsekere fase is.

P17: PR_17.docx - 17:27 [Um, ek dink, ek dink ons einde..] (266:278) (Super)
Codes: ["Toemaak" van die proses kry nie genoeg aandag binne die SAVGG nie - Family: Vir aandag van die SAVGG]
No memos

Um, ek dink, ek dink ons einde van die proses – ek praat nou van die amptelike proses soos begelei destyds deur BUVTON – ek dink die einde van die proses was afgeskeep. Um, daardie einde van die proses, daai die laaste twee bymekaarkomplekke, -kere, um, ek dink daai einde is nie lekker toegemaak nie. Um, en dis nou makliker om kritiek te lewer as om nou voorstelle te maak [lag].
Nee, maar dis nou belangrik.
En, en ek weet [NAAM]-hulle het mos nou maar, uh, jy weet het in die pro..., het mos nou heeltyd geleer en aanpassings gedoen, um, maar ek dink die, die einde van die proses, um, moet, moet, uh... Daar was 'n, daar was 'n stuk, um, waar daar vreeslik baie ingesit is in ons gemeentes van hulle kant af, en ek dink wat gebeur het, daar't toe te veel ander *clusters* ontwikkel. Um, en die, en die kapasiteit, um, om, om aan almal die aandag te gee het waarskynlik, jy weet, die druk op, op [NAAM] en [NAAM] wat nou, um, en [NAAM], um, wat nou baie van die goed aangebied het, um, ek dink dit het die druk op hulle het hulle net so fyn gesmeer dat die proses se einde het so bietjie vinnig en haastig gekom en is nie lekker...
Hoekom sou die regte toemaak van die proses belangrik wees?
Ja, um... [Stilte] In, um, ons wéét dat in pastorale gesprekke, um, as jy nuwe goed oopmaak, um, moet jy dit op 'n manier toemaak dat daar, um, 'n stukkie [sitlte] um, afsluiting, uh, kan plaasvind sodat jy weer kan aanbeweeg.
Okay.
So, as die afsluiting nie op 'n manier is nie, dan, dan, dan maak dit dit moeiliker om die volgende fase weer te begin. So, jy moet die afsluiting, um, só hê dat, dat jy iets as't ware tóémaak, sodat jy, hiervandaan beweeg ons óór. Um, en ek dink daardie afsluiting het so half baie in die lug, lug gehang. Um, daar was minder gemeentes betrokke, gemeentes het minder gestuur. Um, uhhh, dit het van die oorspronklike amper drie dae na 'n middag – dit het sommer net al hoe korter geword, en so. En soos ek sê, ek dink dis maar die kapasiteit van Frederick-hulle op daai stadium ok gewees. Um, ek sou selfs dink dat hulle was, en, en dis, dis waarskynlik onprakties, maar dat, dat die ouens wat betrokke is, um, in die begeleiding na al die, al die gemeentes sal moet gaan en sê, hoor hier, hierdie proses laat die gemeente..., ons is nou besig om hierdie proses af te sluit. Nou is dit in júlle hande om die volgende stap te gee, ensovoorts. Nou, ek weet nie eers of dit so iets enigsins prakties hanteerbaar sal wees nie, maar my, maar daar moet, uhhh, ek dink hulle moet 'n bietjie, uh, dit sóú vir gemeentes miskien kon help as jy die afsluiting op 'n manier in die gemeente, in die

© University of Pretoria

gemeentes doen. Um, en selfs in die aparte gemeentes, elke ene, in élke een die ding gaan afsluit.
Wánt die afsluiting, wat ek hoor jy sê is, die afsluiting is ook weer die oopmaak.
Dis die oopmaak van die volgende stap.
Hm. En as jy dit nie goed doen nie, maak jy nie toe nie, maar jy maak ook nie oop nie.
Ja.
Sjoe. Dit is ‘n, dit is... Dankie, hoor. Dit is ‘n wonderlik insig.
Ja. Nou ek weet nie wat hulle op die oomblik, jy weet, um, maar ek dink hulle was ‘n bietjie dun gesmeer en hulle was hard aan die werk aan handleidings en al die goed. Um, maar nou ja.

© University of Pretoria

Aanhalings PR_18.

All current quotations (40). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:51:49

P18: PR_18.docx - 18:1 [Um, ek, [stilte] kyk, die, die..] (3:3) (Super)
Codes: [Kultuur: Fokus skuif vanaf die gemeente as organisasie na die gemeente as kultuur - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Um, ek, [stilte] kyk, die, die, daar word mos baie gepraat oor die verskil tussen die gemeente as kultuur en die gemeente as organisasie. En in die begin was dit een van die goed wat ons getrék het. Want, toe ons dit hoor, het ons net die gevoel gehad, maar, maar dít is wáár. En ons het die gevoel gehad ons was tot in daai stadium baie sterk organisatories besig. As ons sou dink in daai stadium aan iets soos, jy weet, sinvolle verandering, dan sou ons in die eerste plek gedink het aan organisasie. Ons sou gedink het aan hóé moet ons anders organiseer, en, jy weet, ons het strukture gedink. Iemand het selfs vir ons gesê, in daai stadium het ons ‘n logo geteken, dis so hier by rondom 99 of 2000, en toe hy na die logo kyk, toe sê hy: júlle is baie lief vir struktuur. Toe kon jy dit selfs in die logo sien. Die rytjies van die wingerd en die en die goed. Um, so, ek, ek sou sê waar dit aanvanklik vir ons getrek het, dink ek dat ons dit eintlik nou so beleef het dat daar’t kultuurveranderinge plaasgevind. Dit is, dit is sínvolle betekenisvolle kultuurskuiwe wat, wat plaasgevind het.

P18: PR_18.docx - 18:2 [Ek dink die ge, die gemeente h..] (4:4) (Super)
Codes: [Godfokus: Fokus skuif vanaf kerk na God - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek dink die ge, die gemeente het, om dit sommer só te stel, um, meer geestelik geword. Dit, dit is asof dit net meer, uh, in ons, in ons gesprekke oor kerk-wees en oor oor die, oor hóé jy kerk moet wees, en wat ons doen en so aan, dat dit werklik, dat dit meer gaan oor God. Ons práát baie meer oor die Here. Waar vroeër dit oor die kérk gegaan het, dink ek die... Dis ‘n dis ‘n subtiele skuif, maar hy sit tog...

P18: PR_18.docx - 18:3 [Dis ‘n dis ‘n groot skuif. (03..] (6:6) (Super)
Codes: [Geloofsonderskeiding: Geloofsonderskeiding word deel van die kultuur - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Dis ‘n dis ‘n groot skuif. Ek het byvoorbeeld by ons laaste kerkraadsvergadering dit, dóélbewus dit, daarvoor gehoor, want dis net voor ek [GEMEENTE] toe moes gaan om om om bietjie daar te gaan gesels oor die oor die proses, um, net so ‘n bietjie probeer hoor wat hoor ek by die kerkraadsvergadering. En gedúrig het mense geestelike onderskeiding toegepas. Dit was in... In alles wat op die tafel was, vra mense: wat, hoe help die Bybel ons hierin? Uh, wat sê die Here? Hoe, hoe moet ons getrou wees aan Hom? Jy weet. Dit kom voortdurend terug daarnatoe. Wat, daar was ‘n tyd toe dit glád nie so was nie. Dat jy die gevoel gehad het, as jy ‘n kerkraadsvergadering gehou het, dit was eintlik nét ‘n institusionele vergadering. En

© University of Pretoria

nou is dit, uh, baie anders.

P18: PR_18.docx - 18:4 [Ek dink byvoorbeeld ook, as ek..] (8:8) (Super)
Codes: [Fokus: Groter gerigtheid in die eredienste - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek dink byvoorbeeld ook, as ek nou sommer dink aan die die sigbare goed by ons, is nou soos jou eredienste, um, eredienste het óók, um, waar waar jy vroeër amper – ek wil amper sê *accidental churchgoers* was – uh, dis maar 'n diens op 'n Sondag en en jy doen maar wat altyd gedoen word, en die prediking was dalk sterker volksprediking, sou ek dink nou is daar doelbewus... Die term "reis" kom baie na vore, dis doelbewus die reis: Waar is ons? Waarmee is ons besig? Uh, wat is die Here besig om vir ons te leer? Jy weet, daai vrae. Daar's meer van 'n intensionaliteit, intensionele, uh, gerigtheid in die in die eredienste. In die beplanning en so aan. Ek dink dis ok 'n, dis ok 'n skuif.

P18: PR_18.docx - 18:5 [En dan sou ek, sou ek sê klein..] (9:11) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Geestelike groei en ondersteuning in kleingroepe hoog waardeer - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En dan sou ek, sou ek sê kleingroepe. Um, die belangrikheid van kleingroepe het net baie sterk na vore gekom en word op die oomblik ook in die gemeente omtrent die hoogste waardeer. Ons het so pas 'n vraelys, um, wéér gedoen in die gemeente. Dit was nou bietjie meer van 'n meganiese vraelys. Dis dieselfde een wat [NAAM&VAN]-hulle gedoen het by [GEMEENTE].
***Okay*, ek het gesien daai... Hy't vir my die resultate gegee.**
Resultaat. Ons het, ons is nou besig om daai resultaat te skryf. Of die eerste rondte daarvan. En dit is interessant dat een van die goed wat die béste daar uitgekom het, of die stérkste gewys het, is mense se waardering vir die geestelike ondersteuning in en groei wat hulle ervaar in die kleingroepe. So, ek dink in 'n groot gemeente, en jy weet soos vandag, is dit belangrik om om sulke ruimte te hê waar mense, um, weekliks met die dinge van die Here besig is.

P18: PR_18.docx - 18:6 [Ek, ek dink dit is, um, daar's..] (13:13) (Super)
Codes: [Godfokus: Fokus skuif vanaf kerk na God - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek, ek dink dit is, um, daar's daar's definitief meer van 'n, 'n dúídelike bewustheid van, híér gaan dit oor God. Ons is nie net in die kerk omdat daar, omdat dit 'n goeie ding is nie. Jy weet, hier gaan dit, hier gaan dit oor God. En ek, ek dink dit is die kern van gestuurde-gemeente wees. Baie mense het aan die begin gedink, gestuurde gemeente, dit gaan nou oor 'n versterking van die aksies en projekte na buitentoe en so. Maar, maar dit gaan nie dit gaan nie dáároor nie, dit dit gaan oor, um, oor oor, um, wie is ons? En, aan wie behoort ons? Dit is amper daai, op daai vlak, en dan dáár het definitief skuiwe begin plaasvind. Jy kan dit sien.

© University of Pretoria

P18: PR_18.docx - 18:7 [Um, een van die van die mooi v..] (21:23) (Super)
Codes: [Storie: Dis goed om net by God te wees! - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Um, een van die van die mooi verhale vir my, as ek amper sê, aan twéé episodes dink. Die die een kom uit die tyd toe ons baie, uh, met 'n, ek wil amper sê met 'n *managerial* proses besig was. Die, sê maar die ou strategies teologiese beplanning. Ons was bestuursmatig aan die gang en ons het gekóók met jy weet amper uh ons ons wou dinge rég organiseer. En ons het goed gedoen daarmee, dink ek. Ons het hárd gewerk en en en dit was nie totaal sinloos nie. Maar, maar in in dáárdie tyd sou ons byvoorbeeld bymekaarkom om dan te evalueer of te kyk waar is ons op die proses. En ek onthou ons was in die skool se personeelkamer en [NAAM] was daar om te fasiliteer en dit het vir ons gegaan... Ons ons fokus was om méér betrokkenheid in die gemeente te kry. Ons wou vir mense sê, amper sê jy weet, ons uitgangspunt was: mense is nie betrokke genoeg nie. As hulle net betrokke raak by die aksies en strukture wat óns organiseer, dan sal daar lewe kom in die gemeente en dan sal die transformasie kom en so. En dit is so bietjie deel van daai, van die denke van daai tyd. Ek weet nie of dit bietjie by die *church growth* gedagtes gepas het en so nie. Maar, um, toe't ons ook 'n vraelys of 'n ding gedoen waarin ons toe agterkom vier en sewentig persent van die gemeente is nié by aksies en strukture betrokke nie. En ons het toe spottenderwys so tussen die mense daar begin praat van die klub vier en sewentig. En sê, ag maar die mense, dis amper, die kerk is net 'n klub vir hulle. Amper neerhálend gepraat. Totdat één persoon opgestaan het en vir ons almal gesê het, jy kan nie só oor mense praat nie. En hy dink net nie dit is hoe ons moet praat nie. En Pat Keifert het gekom, en die éérste keer wat ek hom gehoor praat het, het hy gesê hy dink een van die probleme in ons kerk is dat ons ons sê die hele tyd vir mense "*you are not doing enough for the church*". So ons maak hulle lam. Deur net die heel tyd vir hulle te sê, jy doen nie genoeg vir die kerk nie. Maar dis glad nie sy behoefte, om in die kerk te kom nie. Die behoefte is om God te ontdek, te onmoet. En beter te leer ken. Maar jý sê vir hom, jy doen nie genoeg vir die kerk nie. Um, nou daai tyd het het het die gedagte begin begin deurkom by ons, dink ek, van ons moet oppas vir 'n betrokkenheidsteologie en en hierdie tipe van goed. En dit gaan dit gaan oor véél meer en dieper in in kerk-wees en gemeente-wees. Um, en hierteenoor, so 'n jaar of wat gelede het ons 'n kerkraad, um, retrait, waar ons nou, of ons kerkraad se jaarlikse beplanning – dis hierdie sélde geleentheid – waar die leierskap van die gemeente vir 'n naweek afsonder en soos altyd 'n bietjie saam Bybel lees en geestelike oefeninge saam doen ook en dan en dan fokus vir die volgende jaar en planne skryf. So dit eindig gewoonlik in blaaiborde. En dáái naweek het ons begin die Vrydagaand met Bybellees en ons het die héle naweek net dit gedoen. Want elke keer as ons na 'n volgende sessie toe moet gaan soos dit beplan is, dan sê ons net vir mekaar ons ons ons wil nie aangaan nie. Ons dink die Here is besig om vir ons dinge nou te wýs wat ons nog nie gesien het nie. En ons moet eers hier bly. En en na daai, um... 'n Kollega van my sê nou die dag hy wens ons kan wéér net teruggaan na wat ons ervaar het aan die einde van daai naweek. En net weer dít herbesoek en net eers weer vir mekaar sê hoe dit was. Want dit was vir hom 'n hoogtepunt in sy hele bedieningstyd, dat jy 'n hele naweek kon deurgaan en voel dit was die grootste sukses wat ons nog gehad het, sonder dat daar 'n enkele plan geskryf is. Sonder dat daar, um, planne van aksie teen die einde was, blaaiborde en so aan. En ek dink daar't ons daar't ons amper, uh, jy weet, regtig ondervínd dat, dit is goed om as om om as kérk net by God te wees.
Sjoe.
Dis die kérn van waaroor dit gaan. So, ja, dit is, dis één storie waaraan ek dink wat

© University of Pretoria

amper die kóntras wys van ek dink van iets van hierdie kultuurskuif. Dit dit lê 'n bietjie meer subtiel dink ek as wat 'n mens dit nou so grafies amper nou voorstel. Dit lê 'n bietjie meer subtiel en daar's baie ander kante ook. En jy't nie gearriveer nie. Um, maar ek maar ek voel tog... Jo! Dit voel vir my ons is darem net op 'n beter plek as as waar jy was. Ja.

P18: PR_18.docx - 18:8 [Die wandel in die Woord het 'n..] (26:28) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: Wandel in die Woord - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Die wandel in die Woord het 'n ongelooflike rol gespeel. En stéédS.
Dis interessant. Dis wat almal sê.
Die die die wandel in die Woord, en dít is, 'n mens kan daai ding nie diep genoeg bedink nie, het 'n ongelooflike, uh, rol gespeel. Daai ding dat jy dat jy by vergaderings en by byeenkomste en by plekke waar jy kom sáám Bybel lees – maar dis iets ánders as in die verlede waar iemand vir ons open en gou vir ons preek – en ons selfs dalk subtiel 'n bietjie moet beïndruk met iets wat hy of sy nou van die Here ontvang het. Hier kom jy almal uit die ontvang-rol. Dit maak jou houding anders. Dit maak die predikante se houding anders. Um, en ek dink dit het nogal 'n groot rol gespeel in hierdie in hierdie skuif. Dit gaan hier oor Gód en sý Woord, oor 'n God wat aan die Woord kom. Wanneer wanneer ons bymekaar is as kérk, gaan dit oor God wat aan die Woord, um, kom. So ek ek dink dit het 'n onskatbare rol gespeel.

P18: PR_18.docx - 18:9 [Um, dan is daar, daar's 'n klo..] (29:29) (Super)
Codes: [07 BestaandeKultuur: Begrip vir en aansluiting by bestaande kultuur - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Um, dan is daar, daar's 'n klomp klein goedjies. Ek bedoel, as ek sommer net dink aan goed wat wat wat ons by Pat Keifert geleer het. Hy sal byvoorbeeld vir jou sê: *always renew the church according to your tradition*. 'n Klein sinnetjie, maar daar sit soveel wysheid in, jy weet. Dat jy dat jy dikwels in jou beplanningsprosesse, as jy as jy daai ding net weer mekaar daaraan herinner, net weet ons moet in ag neem wie is ons en waar kom ons vandaan. Jy jy gaan nie sinvolle veranderinge kry as jy as jy sommer begin wílde kaarte hier gooi nie, jy weet. Ek bedoel, dit is, dit gaan net nie wérk nie. So dit was ook, um, jy weet sulke dinge wat ook gehelp het.

P18: PR_18.docx - 18:10 [En dan dink ek oor die die rol..] (30:32) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Dat predikante anders oor hulle eie rol dink. - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

En dan dink ek oor die die rol van die predikante het ontsaglik baie, uh, 'n groot rol gespeel. Jy weet, dat predikante anders oor hulle eie rol dink. Um, jy weet, waaraan ons ons tyd spandeer. Daai daai ding wat ons geleer het van dat die predikant met 'n baie ligte linkerhand moet bestuur en met sy grootste *effort* 'n leraar moet wees. 'n *Teacher*. Dit is net, ek bedoel, dít transformeer die kultuur in 'n gemeente. Want ons het so geroem eintlik op jy weet op hierdie goed wat ons aan die gang hou, en jy's só besig gewees, en jy't, dat dat jy nou net besef, maar jy raak rustiger daarin dat jou taak is om bedienaar van die Wóórd te wees. En nie téénoor mense te staan daarmee nie, maar jy weet, sáám met die gemeenskap. Maar dit is, dis die rol.
En jou taak is om die gemeente te hou by, of die leierskapprosesse by geestelike

© University of Pretoria

onderskeiding te hou. Jy bepaal nie al die uitkomste nie. Jy hou die leierskap by die proses. En by die gestuurde roeping, en so. Ek dink dit dit dit het geskuif in die identiteit van die predikant.
En, um, ek kan onthou by ‘n verantwoordelike vernuwingkonferensie so ‘n tyd terug, het het een van die sprekers daar gesê: julle as predikante sal julle, um, julle sal julle, die manier waarop julle werk moet verander. Maar dis net júlle wat dit kan doen. Julle moenie wag dat die kerkraad dit vir julle gaan doen nie. Julle sal dit self moet doen. En julle sal moet, uh, vertroue kry dat jy só móét werk. Soos wat jy dan, jy weet, jy sal nie net doen net wat van jou verwag word nie. So, dit was nogal, dit was dis nie maklik nie. Maar die die die dag as jy beduidende tyd afstaan om om mense te kan, beter te kan leer of te kan help met dit waaroor dit wérklik gaan, en en dan daarna nie voel jy het tyd gemors nie en jy moes eintlik ‘n klomp goed in hierdie tyd gereël het en klaargemaak het en so aan, dan dink ek het daar het daar positiewe goed begin gebeur. Maar dit, dit vát nogal aan ons wat ánders ge*mould* is. Dink ek.

P18: PR_18.docx - 18:11 [Ek dink, een van die, een van ..] (34:38) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Fokus skuif vanaf lidmaatskap na dissipelskap - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek dink, een van die, een van die goed wat ek nou aan dink as jy as jy dít vra, um, is is die héle gedagte van die skuif van, noem dit maar lidmaatskap na dissipelskap. Jy weet, die klem op lidmaatskap na ‘n klem op dissipelskap. Dit het subtiel by by ons begin gebeur. By, sê maar die kérnleierskap in die gemeente. Net begin verstaan, ons gaan ons nie nou meer élke keer verknies oor sê maar iets soos ‘n gevoel van dalende lidmaattal of of dáái tipe ding nie. Want dít is nie waaroor dit gaan nie. Die vraag is, is ons getrou is aan ons roeping? Bou ons dissipelskap en navolging van Christus? Is ons getrou aan Christus? Probeer ons onderskei, wat beteken dit om Christen te wees? En dáái soort van goed. En, en ék wens ons kon vroeër daarby uitgekom het. Want ek dink ons is nog lánk, en selfs nóú nog, ‘n bietjie gevange gehou deur die die die gedagte van, um, maksimum lidmaatskap. Um, [stilte] as jy as jy verstaan wat ek bedoel.
Ja, nee, baie dankie!
Ons betrap onsself nog baie dat ons dat ons dat ons wil wil koppe tel. Jy weet, in ons in ons sê maar ons kerkraadsaksies en evaluerings en beplannings en so aan. En dat dit maar, jy weet, dat jy nog amper, jy jy jy wil nog máklik, amper sê, kompeteer met die ander gemeentes en en daai tipe ding. Maar ek dink júís dat een van die van die wonderlike skuiwe wat plaasvind met die hele gestuurde gemeenteproses is dat dit nié in die eerste plek oor lidmaatskap gaan nie, maar dit gaan oor dissipelskap, en Bybelse vorming. En dat jy ál jou energie dáárin sit.
Hoe doen julle dit? Op watter manier doen julle dit?
Ons ons probeer om om nou, um, ons werk met, maar met temas. En dan gaan dáái tema gaan deur na die, na alles toe, na die kategese, na die erediens, na die omgeegroepe. Ons het elke week ‘n leiersklas vir die omgeegroepleiers. En daar praat ons hierdie goed ook baie deur. En ons beplan dan as as ons as as die predikante bymekaar kom in die week, word ook ‘n baie groot deel van die van die oggend gaan in die lees van die teks, die deurtrap en deurdink daarvan en en wat dit beteken vir ons, uh, gees..., Christelike lewe, geestelike lewe, nóú. Uh, en dan gaan dit na die erediensbeplanningsgroep. So, dit probeer om om in die héle sisteem gaan die gaan die is die is die Wóórd nou die sentrale, en die tema, en dít gaan deur na alles na alles na die besprekings toe. So ‘n beduidende klompie mense, en ons wil dit

© University of Pretoria

graag weer meer maak ook, um, was Sondag in die erediens, maar praat weer oor dieselde goed in die omgeegroepe en so. En en ons gebruik daar ook nou, um, die, die, um, stil word deur die dag. Jy weet daar's sulke, die dissiplines, ons probeer baie klem lê op die dissiplines. Waar, ons ons vraag is eintlik, maar hoe hoe kan besige mense, um, iewers in die dag net tyd maak om bietjie oor die, by die Here net stil te staan, te onthou dat hulle aan Hom behoort, wéér die teks net te lees, en dat die vorming-vorming beter kan plaasvind as wanneer dit sou wees dat jy Sondag sommer net gou kerk toe gaan en dis klaar. Net om om om, of dat dit vérder deur die week loop. So, ons ons worstel nog 'n bietjie hiermee. Ek sou dáároor, hieroor óók sê, ek wens ons kon dit ook al beter regkry. En daar is daar is weerstand, um, híérteen. Mense begin baie gou sê, dít is nie ons kultuur nie. Bring vir ons 'n lessie, amper sê, bring vir ons die lessie met die antwoorde. Voed ons en laat ons gaan. Dit is dit is nog vir mense moeilik om om om om jy weet sélf soveel verantwoordelikheid te neem soos wat ons nou eintlik begin om van hulle te vra, um...

P18: PR_18.docx - 18:12 [Die vraag is, is ons getrou is..] (34:36) (Super)
Codes: [08 Geloofsvorming: Skuif vanaf lidmaatskap na dissipelskap - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Die vraag is, is ons getrou is aan ons roeping? Bou ons dissipelskap en navolging van Christus? Is ons getrou aan Christus? Probeer ons onderskei, wat beteken dit om Christen te wees? En dáái soort van goed. En, en ék wens ons kon vroeër daarby uitgekom het. Want ek dink ons is nog lánk, en selfs nóú nog, 'n bietjie gevange gehou deur die die die gedagte van, um, maksimum lidmaatskap. Um, [stilte] as jy as jy verstaan wat ek bedoel.
Ja, nee, baie dankie!
Ons betrap onsself nog baie dat ons dat ons dat ons wil wil koppe tel. Jy weet, in ons in ons sê maar ons kerkraadsaksies en evaluerings en beplannings en so aan. En dat dit maar, jy weet, dat jy nog amper, jy jy jy wil nog máklik, amper sê, kompeteer met die ander gemeentes en en daai tipe ding. Maar ek dink júís dat een van die van die wonderlike skuiwe wat plaasvind met die hele gestuurde gemeenteproses is dat dit nié in die eerste plek oor lidmaatskap gaan nie, maar dit gaan oor dissipelskap, en Bybelse vorming. En dat jy ál jou energie dáárin sit.

P18: PR_18.docx - 18:13 [Jy weet daar's sulke, die diss..] (38:38) (Super)
Codes: [08 Geloofsvorming: Skuif vanaf lidmaatskap na dissipelskap - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Jy weet daar's sulke, die dissiplines, ons probeer baie klem lê op die dissiplines. Waar, ons ons vraag is eintlik, maar hoe hoe kan besige mense, um, iewers in die dag net tyd maak om bietjie oor die, by die Here net stil te staan, te onthou dat hulle aan Hom behoort, wéér die teks net te lees, en dat die vorming-vorming beter kan plaasvind as wanneer dit sou wees dat jy Sondag sommer net gou kerk toe gaan en dis klaar. Net om om om, of dat dit vérder deur die week loop. So, ons ons worstel nog 'n bietjie hiermee. Ek sou dáároor, hieroor óók sê, ek wens ons kon dit ook al beter regkry. En daar is daar is weerstand, um, híérteen. Mense begin baie gou sê, dít is nie ons kultuur nie. Bring vir ons 'n lessie, amper sê, bring vir ons die lessie met die antwoorde. Voed ons en laat ons gaan. Dit is dit is nog vir mense moeilik om om om om jy weet sélf soveel verantwoordelikheid te neem soos wat ons nou eintlik begin om van hulle te vra, um...

© University of Pretoria

P18: PR_18.docx - 18:14 [dat predikante anders oor hull..] (30:30) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Rol skuif vanaf bestuurder na bedienaar van die Woord - Family: Leraar Rol]
No memos

...[D]at predikante anders oor hulle eie rol dink. Um, jy weet, waaraan ons ons tyd spandeer. Daai daai ding wat ons geleer het van dat die predikant met 'n baie ligte linkerhand moet bestuur en met sy grootste *effort* 'n leraar moet wees. 'n *Teacher*. Dit is net, ek bedoel, dít transformeer die kultuur in 'n gemeente. Want ons het so geroem eintlik op jy weet op hierdie goed wat ons aan die gang hou, en jy's só besig gewees, en jy't, dat dat jy nou net besef, maar jy raak rustiger daarin dat jou taak is om bedienaar van die Wóórd te wees. En nie téénoor mense te staan daarmee nie, maar jy weet, sáám met die gemeenskap. Maar dit is, dis die rol.

P18: PR_18.docx - 18:15 [En jou taak is om die gemeente..] (31:31) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Hou leierskap by die proses en geestelike onderskeiding - Family: Leraar Rol]
No memos

En jou taak is om die gemeente te hou by, of die leierskapprosesse by geestelike onderskeiding te hou. Jy bepaal nie al die uitkomste nie. Jy hou die leierskap by die proses. En by die gestuurde roeping, en so. Ek dink dit dit dit het geskuif in die identiteit van die predikant.

P18: PR_18.docx - 18:16 [En, um, ek kan onthou by 'n ve..] (32:32) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Rol skuif vanaf bestuurder na bedienaar van die Woord - Family: Leraar Rol]
No memos

En, um, ek kan onthou by 'n verantwoordelike vernuwingkonferensie so 'n tyd terug, het het een van die sprekers daar gesê: julle as predikante sal julle, um, julle sal julle, die manier waarop julle werk moet verander. Maar dis net júlle wat dit kan doen. Julle moenie wag dat die kerkraad dit vir julle gaan doen nie. Julle sal dit self moet doen. En julle sal moet, uh, vertroue kry dat jy só móét werk. Soos wat jy dan, jy weet, jy sal nie net doen net wat van jou verwag word nie. So, dit was nogal, dit was dis nie maklik nie. Maar die die die dag as jy beduidende tyd afstaan om om mense te kan, beter te kan leer of te kan help met dit waaroor dit wérklik gaan, en en dan daarna nie voel jy het tyd gemors nie en jy moes eintlik 'n klomp goed in hierdie tyd gereël het en klaargemaak het en so aan, dan dink ek het daar het daar positiewe goed begin gebeur. Maar dit, dit vát nogal aan ons wat ánders ge*mould* is. Dink ek.

P18: PR_18.docx - 18:17 [Ek dink, dit is, was nogal vir..] (50:50) (Super)
Codes: [7 Lysie van leraarspan word korter - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ek dink, dit is, was nogal vir ons so 'n tydjie terug nogal prominent gewees toe ons toe ons weer gaan stilstaan en vra, wat het wat het ons geleer in die proses tot dusver en wat het verander? Het ons nogal as predikante gedink daar't heelwat in ons manier van predikantespan wees verander. Uh, die die gestuurde gemeente proses het aan die begin, uh, of of program, het aan die begin vir ons belowe dat ons korter lysies gaan hê. En dít, mense is nogal opgewonde daaroor. Maar mens het so half die gevoel jy jy het baie gesukkel daarmee. Jou lysie neig maar weer om lank te raak.

© University of Pretoria

Maar ek dink tog ons ons lysie het korter geword. As ons nou moet, ons kom elke Dinsdagoggend bymekaar, en dan het ons nou maar altyd die agenda gemaak vir die oggend. En daai agenda was ellelange, amper sê, 'n bestuursgeöriënteerde agenda. Met vréeslik baie detailpunte en so aan. En deesdae het dit, dit het verander. Want vandat ons nou báie groter klem sit op saam wandel in die Woord, déél met mekaar oor waar die Here met ons besig is in ons bediening, en dán praat oor die oor die praktyk, is dit baie meer 'n geestelike onderskeidende vergadering. Dit is 'n *discernment* tipe van vergadering. Um, en mét dié het ons as span se lysie definitief begin korter word. Want in die proses val 'n klomp goed net af as... Nee, man, dié kan ons op 'n ander plek gaan praat. Of dít kan 'n ander tyd gedoen word. Of dít kan jy sommer gaan doen en vir ons *email*. Of só. Ons ons tyd is nou te kosbaar om nou belangriker goed te doen. Maar waar jy voorheen daai belangriker goed nie soveel sou, soveel waarde daaraan sou heg nie, word dit nou gesien as die belangrike dinge. So die lysie word beslis korter.

P18: PR_18.docx - 18:18 [En ek het nogal ervaar dat my ..] (51:51) (Super)
Codes: [7 Lysie word korter - Family: Leraar Transformasie]
No memos

En ek het nogal ervaar dat my my eie lysie as as dominee in die gemeente hét begin korter word. Um, soos wat ek dink die meer gestuurde take groter word en meer tyd begin neem, het ander goed net minder belangrik geword en kry ek nou makliker "nee" gesê as in die verlede. Want ek sê nou "nee", nie op grond van is ek lus of nie lus nie, of het ek 'n vae idee oor waarvoor ek kans sien en nie. Ek kan nou "ja" en "nee" sê in terme van roeping. Dis nog steeds nie so maklik en eenvoudig nie, maar maar dit het tog begín gebeur. Daar't net 'n skuif begin gebeur van, um, ek kan ek kan nou onderskeiding toepas ten opsigte van my éie roeping. En ek dink dít is wat hulle vir ons aan die begin belowe het toe hulle gesê het ons gaan *shorter lists* mee eindig. Ek dink tog dit gebeur.

P18: PR_18.docx - 18:19 [My my bydrae, um, is is is um ..] (53:55) (Super)
Codes: [3 Herinner die span aan die roeping en visie - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

My my bydrae, um, is is is um dink ek redelik visionêr. [Stilte]
Pak hom bietjie vir my uit.
Ek ek dink ek is um sal in die span nogal die die rol speel van die span herinner aan waar ons is en waarmee ons besig is. En dit word waardeer deur die span. Um, so ek, dis dis nogal lekker. Dat jy kan, jy jy voel dit kom natuurlik by jou, en dit word waardeer deur die span. En dit word benut deur die span. So mense sal baie maklik sê, um, ons ons ons wil dié ding bietjie toets en, maar... So jy word betrek altyd ten opsigte van daai goed. Ek dink, ek dink só.

P18: PR_18.docx - 18:20 [En dan dink ek ook pastoraal. ..] (56:56) (Super)
Codes: [3 Koelteboom wat veiligheid skep vir span en mense wat sukkel - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

En dan dink ek ook pastoraal. Dit is maar waar my waar my gawes lê en en en my sterk punt. So, en ek kry baie kans om dit uit te leef in in in in in, om 'n koelteboom te wees. Dis nogal hoe ek dit sien. Maar óók in die span. Om 'n veilige, om veiligheid

© University of Pretoria

te skep. Ek dink dit is, ek ek ek probeer dít doen, skep veiligheid vir die span, en veiligheid vir die vir mense wat sukkel en in nood is en so aan.

P18: PR_18.docx - 18:21 [Ek kom uit 'n produksie-geörië..] (58:58) (Super)
Codes: [12 Om rustiger te raak en meer gefokus te werk - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Ek kom uit 'n produksie-geöriënteerde agtergrond. So dit het nog altyd vir my gevoel, jy moet meer produséér om suksesvol te wees. En die dominee het mos áltyd die gevoel jy weet dat jy dat jy nou juis nie genoeg daarvan doen nie. So, ek het eintlik vir die eerste deel van my bediening oordréwe, um, uh, wat, ek was 'n oordrewe *busy pastor*. [Stilte] En en ek moes agterkom dit was eintlik te... Ek was nou by die leeswerk ook betrokke by die, um, saam met [NAAM]. Daai goed. En een van die goed wat vir my uitstaan dáárvan was een van van die goed in ons kultuur, sal ek maar sê as kérk, sê maar [KERKVERBAND] kultuur, is: hoe besiger hoe beter. Dit was so 'n refrein, dwarsdeur. Orals dink dink mense hulle het, ons het goed geslaag as ons báie bésig is. En as die wêreld ons kan sien as baie besig en baie aktief met baie programme en aksies en bedrywighede, dán is ons 'n goeie gemeente. En só is dit ook ten opsigte van onsself as predikante. As jy met báie aksies en projekte besig is en baie dinge organiseer en baie dinge doen, dan is jy 'n suksesvolle predikant. Um, tot waar ek, ek dink die skuif het gekom – en dit was moéilik om om dit te doen – dat hier moet ek, hier sal ek, ek moet báie rustiger raak en méér fokus. Dit beteken nie jy moet minder werk nie, maar jy moet meer gefokus werk. En jy moet méér doen wat sal help dat mense as dissipels gevorm word. In plaas van net as aktiewe lidmate. En daar lê 'n subtiele verskil, maar dis 'n baie gróót verskil dink ek. So dit, maar dit was dit was definitief 'n hekkie wat ek binne-in myself moes oorsteek. By die punt wat ek moes sê soms, vir myself moes sê, maar as jy nou vandag só deurgebring het, um, méér tyd spandeer het met die voorbereiding vir Sondag se erediens, minder rondgehardloop het, jy weet, "nee" gesê het vir nog tien nuwe aksies en projekte, dan is dit goed. En as jy kan delegeer na mense toe wat die gawes het om dinge te organiseer, dan is dit... *To let go*, jy weet. Dit is maar vir my moeilik. Maar ek dink, ek is dankbaar daaroor dat dit kon gebeur én dat dit... Want dit kan ook net werk as as jou leierskapspan dit erken. Verstaan jy? As dit ge*value* word in die span. In die kultuur van, of in die gemeente. Want as die hele gemeente in opstand is hierteen en sê, nee, ons wil éintlik hê jy moet nog ál hierdie goed doen, dan sal dit nie werk nie. Dan gaan jy moeilikheid hê. Maar as hulle dit wáárdeer dat dat dat hier nou iets ánders gebeur, dan dink ek dan kan kan dit werk.

P18: PR_18.docx - 18:22 [Hoe kom 'n mens op daai punt w..] (59:70) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Hou leierskap by die proses en geestelike onderskeiding - Family: Leraar Rol]
No memos

Hoe kom 'n mens op daai punt waar die (30:49) die breër span dit waardeer? Hoe kom 'n mens daar? Sou jy sê. Want ek dink dis 'n ding... Ek tel op, dis 'n ding waarmee baie dominees worstel
Ja.
Die, die gemeente – of die gemeente hom nou dryf en of hy die persepsie het die gemeente dryf hom – dit wek gewéldige skuldgevoelens. So, as as jy nou sê julle het op die punt gekom waar die spán jou eintlik bemagtig ...
Ja.

© University of Pretoria

... to let go ...
Ja.
Wat sou jy sê, hoe werk daai proses om dít reg te kry? (31:21)
Ek dink, dis dis, ek weet nie, ek stel dit dalk nou nie goed genoe..., mooi nie, maar dis dis ‘n geestelike, dis ‘n pennie wat moet *drop*. Ek kan nou onthou op hierdie reis, want want dis mos nie, daar’s kontinuïteit maar daar’s ook diskontinuïteit, daar’s daar’s kort-kort weer ‘n vergadering of ‘n ding en dan voel jy jy *default* hééltemal na die ou manier toe. Of daar kom ‘n nuwe persoon in die span wat net nie inkoop nie. Of ‘n nuwe persoon op die kerkraad wat net nie inkoop nie. Maar dit voel vir my as ‘n mens, as jy ‘n paar hoekpenne ingeslaan het, en jy hóú net by daai basiese dinge – soos die wandel in die Woord – jy verduidelik dit maar weer en weer hoekom ons dit nou so doen, en jy gaan nou maar net aan daarmee. En as jy voortdurend die gestuurde vrae vra in die proses, jy bring maar net weer terug na die gestuurde vrae. En as jy in die span van predikante maar net weer en weer terugkom na waaroor gaan dit regtig, en kom ons sê weer vir mekaar waaroor gaan dit regtig. En jy hou aan en aan, met tyd skuif die, jy weet, dink ek, swaai goed tóg.
***Okay*. So jy moet ‘n bietjie vásbyt.**
Jy moet vasbyt.
Jy moet die régte goed áánhou doen.
Jy moet gló daarin. En en die regte goed aanhou doen, dink ek. Ja, die regte goed aanhou doen. Maar dan ook, jy weet, gló dat dit die regte goed is. Um, en en... Ja, ek bedoel, op die ou einde, wat is die regte goed? Dit is dit is tog ‘n sinvolle ding om te sê kom ons doen ons ons beplanning ten opsigte van kerk-wees vanuit wié Jesus Christus is. En wat sý doel met die kerk is. En kom elke keer terug dáárnatoe. Dit is tog net... Dan, dan’s jy mos reg. Op die regte pád besig.

P18: PR_18.docx - 18:23 [Wie jy, jy’t net-nou stories g..] (78:86) (Super)
Codes: [Storie: Weerstand teen vraelys -dit gaan hier oor God! - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Wie jy, jy’t net-nou stories gevra. Dis vir my nogal ‘n mooi storie, dat toe ons nou sommer die vraelys doen wat ons by by [GEMEENTE] gekry het, hoeveel wéérstand daar was in die gemeente teen die vraelys. Omdat mense gesê het, nóú wil julle maar weer vir ons ...
O *okay*.
Nou wil julle maar net weer hoor wat wil die mense hê, en dan vir hulle gee wat hulle wil hê.
Okay.
En ons...
So daai pennie hét hier ge*drop*!
Tog! Nou weer nie orals nie. Maar maar, daar was, daar was eintlik ‘n beduidende, uh, terugvoer, jy weet, van mense wat gesê het, ons ons is ongemaklik oor oor dit wat nou weer hier gebeur. Want dit móénie oor kérk-wees gaan nie. Ons wil ons wil seker wees julle is besig met ...
Sjoe!
... met die Hére en nie met die gemeente-wees nie. Dis nie ‘n gemeente-sentriese kerk nie, dit is, dit is ‘n gemeente wat gerig is op God. Want dit is dit is tog vir mense wonderlik, dink ek, as hulle ervaar, ons kom kerk toe en ons het ‘n ontmoeting met die Here. Jy weet, dís waaroor dit hier gaan.

© University of Pretoria

P18: PR_18.docx - 18:24 [Een van my persoonlik, een van..] (87:87) (Super)
Codes: [Godfokus: Eredienste fokus op God - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Een van my persoonlik, een van die mooiste goed in die in die, um, van die, in die agt patrone, was dié wat gegaan het oor die eredienste. As ‘n publieke getuienis. En en wat vir my net so mooi was daarin is dat, die die die ontdekking dat mense sal graag wil kerk toe kom wanneer hulle die hoop kry dat hulle hier vir God sal ontmoet. Maar wat báie keer gebeur, is hulle kom kerk toe, en dan sien hulle eintlik maar net die gemeente en hulle besig-wees en hulle aktiwiteite. En hulle het nie die hoop dat hulle deel sal kan word daarvan nie. So, ons het nogal baie gedink in ons erediensbeplanning en al die goed oor hóé kan ons ge..., amper sê, die gemeente-gerigte goed ‘n bietjie uithaal en God-gerigte dinge insit? Nou, dís nog steeds ‘n *battle*. Want ‘n mens is maar geneig om te dink oor die gemeente as ‘n organisasie. En as jy wéér sien, dan...

P18: PR_18.docx - 18:25 [En en ons het, uh, ons het byv..] (90:96) (Super)
Codes: [GestuurdePraktyke: Gavryheid teenoor vreemdelinge - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En en ons het, uh, ons het byvoorbeeld nie meer klein goedjies – Pat het dit ok ‘n slag vir ons gesê – aanvaar nie meer dat almal weet waar alles is nie. So ons stuur subtiel die boodskap uit dat as jy vir die éérste keer vandag hier is, dan is dit *great*. Dit, dit is fantásties. Waar ek dink jy baie maklik voorheen sou kon kommunikeer jy’s ‘n kerk vir *insiders*. ‘n Ou wat hier wat hier is wat nie wéét hoe alles wérk nie, hy is eintlik ‘n, uhhh...
Hm, hy behóórt te geweet het. [Lag]
Hy behoort te geweet het, ja. En ja jy’t... So dis daai ding, *welcoming the stranger*.
Ja. Ja.
Ons probeer nog steeds daaraan werk. Ons het, so twee jaar terug het ons gasvryheid baie hoog opgeskuif op ons op ons agenda. So ons praat by élke predikántevergadering en elke kerkraadsvergadering oor gasvryheid. En dan vra ons elke keer ook weer, wat, hoe is gasvryheid méér as om net by die deure te staan en vir mense welkom te sê. En dis baie interessant, die tipe dinge wat daarin in na vore kom. En hóé ons mekaar begin herinner, wanneer daar in die gesprek is, sê onthou dit is nie gasvry nie. Of is dit gasvry? Maar nou word gasvryheid méér as net, um, jy weet, om welkom-pakkies te gee. Dit gaan oor, um, hoe ons oor onsself dink. As óns deur God hier verwelkom word, dan kan ander mense ook deur Hom verwelkom word. Dis nie ‘n kerk net vir *insiders* nie.
Ja. Ja.
Dáái is nog steeds ‘n *battle*, dink ek, in ons kerk. Want daar is baie mense wat darem voel, dit is óns kerk. Ek sien dit tog skuif. Dis nie meer so fél soos wat dit was nie. Vroeër het ons met daai vrae in die vraelyste gehad oor die gemeente en die gemeenskap. Vroeër was hierdie [STREEK] só Afrikaans en [KERKVERBAND] soos wat jy maar kan kry. Maar ek wil sê tien vyftien jaar gelede as hier ‘n nuwe intrekker intrek, dan is die kans tagtig persent dat daai persoon aan die [KERKVERBAND] gaan behoort. Dis glád nie meer so nie. So ons begin ook al iets, ietsie ervaar van die van die post-Christendom. En dit is nie net slég nie. Dit is, dit is, um, dit is jy weet, dit dit vat van daai ou vanselfsprékendhede weg, en en ek dink mense wéét net, ons is nie meer net vanselfsprékend hierdie gemeenskap se kerk nie.

© University of Pretoria

P18: PR_18.docx - 18:26 [In 'n in 'n mate, ek weet nie ..] (102:106) (Super)
Codes: [4 Die reis het my angs afgebring - Family: Leraar Transformasie]
No memos

In 'n in 'n mate, ek weet nie of, dalk hang dit met ander goed ook saam, Gert. Maar in 'n mate het hierdie, het hierdie reis my my angs afgebring. Laer gemaak. [Stilte] Dis nie mý kerk nie, dis Gód se kerk. [Stilte] Dit maak my eintlik vry. [Stilte] En dit mag nou snaaks klink, maar maar vrýer om te doen wat ek moet doen. [Stilte] Minder angstig oor alles wat ek nié gedoen kry nie, en mense by wie ek nié uitkom nie. [Stilte] **Hm, dis 'n ongelooflike transformasie, nê. As 'n ou vrygemaak kan word. Eintlik wíl die evangelie ons mos vrymaak.**
Hm. En en en, uh, ja, vryér. Want ek dink 'n ou *battle* nog steeds daarmee, nê?
Ja. Ja.
Dit is net so. En jy, en as jy die kritiek hoor wat uit die ou model uit kom, dan... Ek vind dít nogal baie keer, dat jy kritiek hoor wat uit die ou model uit kom, dat jy net dink, wáár begin ek om nou te ... Amper te sê, myself te *cover*. Of te wat ook al. Maar dan, maar ek hóéf nie! Um, ek is verantwoordbaar in ons leierspan aan 'n roeping wat ons álmal se roeping is.

P18: PR_18.docx - 18:27 [Ek dink, ek ek is redelik betr..] (114:114) (Super)
Codes: [3 Betrokkenheid by gemeenskapsprojekte - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Ek dink, ek ek is redelik betrokke by gemeenskapsprojekte. [Stilte] Um, ek was vir 'n geruime tyd baie betrokke by 'n aksie om oudgevangenes en *gangsters* te help. Dis, ek was baie direk daarby betrokke. En dit het my ook baie, um... Dit was eintlik goed gewees om elke week oor die rivier te ry, oor die grense te kom, te voel ek word daar aanvaar en ek het 'n rol om daar te speel en om hierdie, om mense oor die grense bymekaar te bring. En ons het op die, ek is nou nog betrokke by, so so bietjie daarby. En en dan ook in ons, hier in ons eie omgewing ten opsigte van armoede en armoedeverligting en volhou..., volhoubare projekte te probeer vestig met besigheid en en ook ander kerke en so aan. Om om jong mense te help, om te bemagtig en te ontwikkel en goed. En ek vind dat dit ok vir my, um, dat dit vir my baie-baie help. So, ek sou ek sou dit noem.

P18: PR_18.docx - 18:28 [Ag en dan, G..., ek weet nie w..] (115:115) (Super)
Codes: [4 Lees van missionale literatuur - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

Ag en dan, G..., ek weet nie waaraan jy alles dink nie, Gert, maar ook goed wat ek lees. Dit is, dit is vir my belangrik om om teologie te lees. Ordéntlike teologie te bly lees. So ek probeer dit ook doen. En en my leeswerk is ook vir my, doen ook vir my baie. En, so ek sal nou byvoorbeeld saans, sal ek, uh, uhhh, gaan neerskrywe as daar goed is wat ek dink ek wil wil onthou en ek dink belangrik is, dan gaan skryf ek dit neer. Dan dan gebruik ek daai tyd. Dit vat nogal lank. Maar anders in die ver..., as ek ..., - in die verlede sou ek gevoel het, jis, dit vat te veel van my tyd! - voel ek nou: dis die béste tyd! Want dit is belangrik dat ek ook kos kry en gevorm word anders het ek niks om weer te gee nie. En en waarmee waarmee ek moet help nie.

© University of Pretoria

P18: PR_18.docx - 18:29 [So 'n tyd terug, um, was hier ..] (117:117) (Super)
Codes: [Storie: Grondeis word storie van hoop - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

So 'n tyd terug, um, was hier 'n grondeis teen uh teen 'n gebou van ons. Wat, um, dit was so aan die begin van die gestuurde gemeente of reis. En toe't ons daai grondeis het toe mooi afgeloop. So die ou, die [KERKVERBAND] gemeente het die ou kerkie teruggekry. En wat 'n simbool van verdeeldheid was, het 'n simbool van hoop geword. En versoening geword. Um, ek wens 'n mens kon beter daarop voortbou. Maar déúr daardie, deur dit wat daar gebeur het, is daar vandag goeie verhoudings tussen die [KERKVERBAND] en [KERKVERBAND] op die dorp. En ons kom nog van tyd tot tyd bymekaar. En het saam uh 'n klein nagmaaldiensie of 'n of 'n wat ook al. En en so af toe toe, hier's nou die dag een van die [KERKVERBAND] predikante nou weer gebel om te kom help met iemand wat in hulle gemeente – daar daar 'n krisis is tussen 'n uh uh plaaseienaar en 'n plaaswerker. So daai tipe van goed het het, jy weet, ek wil sê rêrig oor-grens-goed het begin gebeur en dit loop sáám met al hierdie goed.

P18: PR_18.docx - 18:30 [Hier is so 'n mooi storie. Die..] (118:118) (Super)
Codes: [Storie: Heling oor grense - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Hier is so 'n mooi storie. Die die [KERKVERBAND] predikant, hy was in die tyd van die *struggle*, um, 'n báie sterk aktivis. En en hy't toe deur dit wat hier gebeur het, het het het ons vriende geword en, um, ek het hom gevra om een Sondag by ons te kom preek. En ná die diens, nadat hy nou kom preek het, is daar nagmaal gehou. Hy't toe vir die gemeente gesê by daai diens, dit is die éérste keer dat iemand dít sê vir die gemeente, hy't gesê vir die gemeente: *When I arrived here this morming* – en hy praat Engels met hulle, en hulle aanváár dit – sê *when I arrived here this morning, I could I could feel I could sénse that the Holy Spirit is amongst you as a congregation*. Jy weet, nou, dit was nogal ongelooflik as jy dink dink aan die konteks en die agtergrond en so aan. En ná die diens, die Maandag, toe bel bel 'n oom my. Nou die oom het ek nog altyd beleef as baie konserwatief. En ek dog, toe hy nou inval en vra vir my, wie's hierdie dominee wat gister hier gepreek het, het ék gedink hy gaan nou vir my raa..., pak gee. Jy weet, oor dié stories. Want die oom het baie oor versoening gepraat en oor vergifnis en so aan. Ag, die die predikant. En toe vra hy die predikant se nommer, want die predikant het vertel hoedat sy ma ten tye van die *struggle* in polisieoptrede in sy arms dood is. En hoe hy die witmense geháát het as gevolg daarvan. En hoe die Here hom gehelp het dat daar vergifnis gekom het totdat hy vandag hier by ons kan staan. En dít kan sê. En toe't die oom gevra hy wil met die predikant praat. En hy is, hy en sy vrou is daar na die [KEKRVERBAND] predikant toe om vir hóm die storie te vertel dat húlle twee kinders vermoor is in 'n plaasmoord op hulle plaas. En hy sê: ek dink jý kan my help. En daai twee mense het 'n het 'n pad geloop van 'n jaar of twee daarna waarin daar baie, uh, trane gestort is, baie heling kon plaasvind en so.

P18: PR_18.docx - 18:31 [Ek ek dink jy moet 'n teoloog,..] (122:126) (Super)
Codes: [22 'n Teoloog wat die gemeente by die kernvrae hou - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek ek dink jy moet 'n teoloog, jy moet 'n teoloog wees. Jy moet jou, jy moet jousélf, en dit klink nou, ek bedoel dit nou pósitief...

© University of Pretoria

Okay.
Jy't 'n teologiese funksie. Jy moet [stilte] wáárlik oor die Hére dink. En dink oor wat beteken dit dat Chrístus die Verlosser is. En wat beteken dit om dáái boodskap te dra en lewend te hou in die gemeenskap van gelowiges. [Stilte] So maklik het ons in die verlede net gedink in terme van 'n funksionáris wees, jy weet.
Ja.
Maar jý is die persoon wat die gemeente by híérdie kérnvrae moet hou.

P18: PR_18.docx - 18:32 [So daarby sal ek dan, ek dink ..] (126:126) (Super)
Codes: [41 Geloofsonderskeiding en luister - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

So daarby sal ek dan, ek dink dit, dis waar geestelike onderskeiding dan waarskynlik ook inkom. Miskien is dit iets wat ons sê as ons sê *discernment*. [Stilte] Jy moet luister.

P18: PR_18.docx - 18:33 [Jy moet getrou wees. [Stilte] ..] (127:129) (Super)
Codes: [10 Gedissiplineerd (Hard werk) - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Jy moet getrou wees. [Stilte]
Pak 'n bietjie vir my "getrou" uit.
Ek dink dissiplines, jy moet hard werk. Um, 'n paar wil ek nou nie weer, jy weet. Ek bedoel, dit klink nou anders as net-nou, maar dit is, ek dink juis... Dit beteken nie dat jy nie, dat jy nou net niks moet doen nie. Ek bedoel, jy moet hard, jy moet hard werk.

P18: PR_18.docx - 18:34 [En jy moet dissi..., ook jou p..] (130:130) (Super)
Codes: [14 Persoonlike geestelike dissiplines beoefen - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En jy moet dissi..., ook jou persoonlike dissiplines. Persoonlike geestelike dissiplines beoefen. Bybellees en bid. En by die by die Here stil word en hoor.

P18: PR_18.docx - 18:35 [En om altyd in beheer te wil w..] (134:134) (Super)
Codes: [Afleer: Om altyd in beheer te wil wees - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

En om altyd in beheer te wil wees. Moet jy afleer.

P18: PR_18.docx - 18:36 [Om te dink dis is jóú kerk. (5..] (135:135) (Super)
Codes: [Afleer: Om te dink dis jou kerk - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Om te dink dis is jóú kerk. (50:09) Moet jy afleer.

P18: PR_18.docx - 18:37 [Maar die ding van risiko neem ..] (147:149) (Super)
Codes: [33 Risiko neem - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Maar die ding van risiko neem hoor ek ook nou bietjie by wat jy nou sê. Jy weet, dat

© University of Pretoria

jy teen die stroom opgaan.
Ja.
En dit is so. Dit dit dit is ‘n dit is ‘n risiko. Maar as jy, as jy rêrig glo aan die roeping, dan is jy ook nie so bang vir die, om teen die stroom te gaan nie. Ek bedoel, jy kan eintlik dan nie ánders nie, jy weet. Maar maar om dit alleen te doen, is moeilik. Maar as daar, as die leierskap van die gemeente die roeping duideliker sien – dat ons is vir Chrístus – en dit beteken nie ons is in die eerste plek vir die Afrikanerdom, sê maar, of die ou bedeling, of wat ook al. Dan dan is dit makliker.

P18: PR_18.docx - 18:38 [Ek moet sê soos wat dit gebeur..] (161:179) (Super)
Codes: [Storie: Genade vir 'n gay-egpaar wat wil doop - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek moet sê soos wat dit gebeur het, dit was vir my soos ‘n gevoel, dit was vir my so ‘n storie van genade óók, dat dit so gebeur het. Um, die tydsberekening van ‘n klomp goed was ook mooi. Ons het baie koppestamp oor die sinodebesluit gehad.
Die die *gay* besluit.
Die *gay* besluit. Was daar baie harde koppestamp in die gemeente, en ‘n paar mense het die het die kerk verlaat. Is na [GEMEENTE] toe en ander kerke. As gevolg van die sinode se besluit wat ges..., wat wat ‘n bietjie oper was. En en toe’t ons oop gesprekke in die gemeente gereël. Waar ons sê, almal wat wil praat, kom praat. En en ons het regtig laaang oop eerlike gesprekke gehad. En ons het maar, so goed as wat ‘n mens nou kon, maar nét die geleentheid gegee dát mense kán praat.
Hoe’t julle dit gedoen? Het julle mense na geleenthede toe uitgenooi?
Ja.
Het julle dit in eredienste gedoen?
Nee.
Spesiale geleenthede?
Spesiale geleenthede.
***Okay*.**
Ons het voorheen, het ons ‘n slag erediens gehou. Dat ons by eredienste en ‘n aanddiens-gespreksgeleentheid oor die hele aangeleentheid gepraat het. Maar dit was nog ‘n hele paar jaar terug.
Okay.
Maar hierdie was nou rondom die tyd van die sinodebesluit. Um, van die laaste sinodebesluit. En toe, um, met ander woorde, die die die hele gesprek het baie lug gekry. En ek dink, selfs in in ons leierskap was mense wat aanvanklik net ‘n weerstand gehad het, wat gevoel het, as ons nou sê ons vereenselwig ons met hierdie sinodebesluit, dan gaan ons téén die Woord in. En ek dink van dié mense het rustiger gevoel. En dit het veral gegaan toe ons begin stories vertel en mense vertel van hulle familie en en en, jy weet... In elk geval.
Toe, toe kom hierdie versoek van báie gerespekteerde gemeentelede wie se dogter, uh, *gay* is, en getroud is met iemand en hulle het ‘n kind. Uh, sy’t, die die een, die ander vroutjie het in vitro bevrugting gehad. En so sy’t die kind in die wêreld gebring en hulle gaan nou hierdie kind saam groot maak as ‘n ouerpaar en hulle wil graag die kind ten doop bring. En interessant, hulle versoek was nooit, was was altyd dat hulle dit, hulle wil dit graag by die huis doen. Hulle wil nie dit vir die gemeente ongemaklik maak om nou ‘n púnt te kom maak en voor die gemeente te kom staan nie. So dít was nou nogal interessant. Toe ons nou daaroor gesels, toe het toe het die kerkraad gesê, wel, in terme van die sinodebesluit sal ons nie kon sê, maar ons erken die huwelik nie.

© University of Pretoria

Want dit lyk nie of die sinode nou daar gegaan het nie. So dis nie asof ons nou die huwelik moet erken as ‘n huwelik soos tussen man en vrou of wat ook al nie. Ons hoef nie daaroor te praat nie. Dis nie op die tafel nie. Ons moet net praat oor die doop van die kind. En in die lig van die omstandighede... Ek bedoel, ons kan nie die doop van die kind weier nie, um, want dan sê ons die kind is buite Christus. Ons ons sou dit tog nóóit sê nie. En en en dan in die lig van die omstandighede – die mense het ‘n buitengewone versoek, buitengewone omstandighede – die kerkraad sê, kom ons doen dit.
En wie jy, dit was so mooi. By daai vergadering het die héél oudste lid van die vergadering - hy’s nou ‘n oom wat ‘n héle klomp jaar al afgetree is – so ‘n ou vaderfiguur in die dorp. Hy was ‘n skoolhoof en en so. En ‘n gerespekteerde man en so. Maar hy speel so ‘n pragtige rol op ons kerkraad, ‘n versoenende tipe rol. Hý was die een wat wat toe dit moeilik raak in die gesprek, dat hy die dinge ontknoop, dat hy, jy weet, ‘n ménslike storie sal vertel van déstyds toe die tug so streng was. En hy vertel ‘n storie en almal lag daaroor. En besef partykeer die absurditeit van hoe ons mense wil, met mense wil omgaan. Hy haal die ángel net uit die goed uit en so. So, ag, en op die ou einde was dit toe eintlik baie pragtige, uh, pragtige geleentheid gewees.
Wie’s voorsitter van julle kerkraad?
Is ‘n lidmaat. Hy’s ‘n, hy’s so ongeveer vyf en veertig jaar oud. Hy’s seker nou al so vier vyf jaar lank die voorsitter van die kerkraad, as dit nie al ses of sewe is nie.
En hy’s ingekoop op hierdie goeters.
Hy’s hierby ingekoop, ja. En hy, hy’s ‘n goeie leier. En ‘n goeie fasiliteerder ook, jy weet. Ek dink uit sy werk uit het hy ook daai vaardighede. Dit speel ook ‘n gróót rol, Gert. Dat jou voorsitter van die kerkraad iemand is wat... Hy loop die pad nóú met die predikante saam, al het hy nou nie so baie tyd nie. Hy doen wat hy kan. En hy, um, hy hy skép ‘n baie wonderlike atmosfeer vir die vergaderings. Waarbinne mense gerespekteer word, hulle sê kan sê. Hy hy *rush* nie deur goed nie, maar hy jaag goed ook nie af nie. Hy eintlik baie besondere vaardighede wat nie een van ons ander, wat nie een van die predikante het of iemand anders nou op die stadium nie. So dit speel ook ‘n baie groot rol.

P18: PR_18.docx - 18:39 [Daar’s vir my... Daar daar’s e..] (185:185) (Super)
Codes: [Wisselwerking tussen roeping en institusionalisering - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Daar’s vir my... Daar daar’s eintlik so veel, jy weet, ek weet nie... Daar’s eintlik so veel onderwerpe nê, wat ons selfs net nou in die gesprek aangeraak het wat ek dink, um... Ek dink die hele, die die hele, amper sê, vraag van die institusionele rondom die goed. Daar’s mos ‘n weerstand by mense teen die kerk as as instituut. As instelling. En amper die gevoel dat, as jy missionaal werk dat jy eintlik die instituut verbygaan. Meer in die bewéging is en so. Maar hoe daai ding hom uitspeel. Waar ek oortuig is dat jy, dat ek bedoel, die die die – ons ís ook liggaam. So ek het net-nou gesê, ons het die ons het die struktuurkant te stérk beklemtoon, maar hoe werk daai verband, die wisselwerking tussen roeping en institusionalisering. Ek het nou gisteraand by mense gekuier wat wat ons kerk verlaat het. En ons het lekker gesels, ons het bietjie saam gebraai en gekuier en bietjie by hulle ook gehoor hoe dit. Maar maar hulle persepsie is dat, jy weet, die kerk waar hulle nou is, is glád nie institusioneel nie en dit is nou net hoe dit moet wees. En so aan. En ek het nog steeds die gevoel dat iewers institusionaliseer jy altyd weer. Maar, so daai daai verbande, dit is... Ek dink ek dink daarbínne lê interessante onderwerpe daar verskuil.

© University of Pretoria

P18: PR_18.docx - 18:40 [Iets wat my baie gefassineer h..] (187:189) (Super)
Codes: [30 Konflikhantering - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Iets wat my baie gefassineer het is die konflikhantering ding. Um, ons het mos geleer dat jy gaan konflik kry, en dan help hulle jou bietjie dink oor, jy weet, om konflik te omhels as 'n groei-geleentheid. Ná die konflik toe beweeg. *Self-define and stay in touch* tipe van ding. Ek het nogal gevind dit het ons baie gehelp. Um, want daar was maar met tye héwige konflik gewees. En, um, dit het dit het vir my persoonlik baie gehelp ook, want ek sal van nature eerder van die konflik wil wegstap.
Ja.
Dan't jy net gewéét, ek bedoel, as jy dit gaan doen, dan verloor jy. Jy móét ná die konflik toe beweeg. *Self-define* en *stay in touch*. En, uh, ja, dis miskien nou...

© University of Pretoria

Aanhalings PR_19.

All current quotations (44). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:52:32

P19: PR_19.docx - 19:1 [Ek praat toe vanuit, uit daai ..] (12:14) (Super)
Codes: [K Gilbert: Leading change in the congregation - Family: Boeke]
No memos

Ek praat toe vanuit, uit daai boek – Carl Gilbert is sy naam [gelag]. Is daai Carl met 'n C? Nee, K, K. K Gilbert, ek weet nie waarvoor. Nee, nie Karl nie, net K. Ek dink dis soos in Kenneth of iets, maar maak nie. K Gilbert.
Leading transformation?
Leading change in the congregation. *Leading change in the congregation*. Dis 'n briljante boek.

P19: PR_19.docx - 19:2 [En [NAAM] het ons geleer, en e..] (16:16) (Super)
Codes: [02 InkoopLeraars: Leraars wat sélf nie verander nie - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

En [NAAM] het ons geleer, en ek dink dit beweeg 'n bietjie in die *scope* in van wat jy... Het ons geleer dat, um, as jy nie sélf verander nie, dan kan jy nie die gemeente verander nie. En as jy nie sélf verander nie, dan kan jy ook nie na die wêreld toe gaan en hulle vra om na Christus toe te kom nie. Jy weet, hulle uitnooi na Jesus toe nie. Jy kan nie dit doen nie. Jy moet sélf verander in jou hart. En die enigste manier om self te verander is om rêrig te fokus op geloofsgewoontes of geestelike dissiplines of wat jy dit ook al wil noem, jy weet.

P19: PR_19.docx - 19:3 [Um, so, um, ons is nou, begin ..] (17:19) (Super)
Codes: [01 Projekbestuur: Soeke na oplossingsgedrewe prosesse - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Um, so, um, ons is nou, begin nou met 'n nuwe proses van geloofsgewoontes vestig. En ons glo dat égte transformasie dan gaan plaasvind. Dit het rééds begin gebeur. Die mense wat ons in die taakspan gehad het, van hulle was, hier teen die tweede dag was hulle uiters gefrustreerd. Hulle het 'n konsultasieproses gesoek met probleem-geöriënteerde hantering.
Oplossingsgedrewe.
Oplossingsgedrewe prosesse en nuwe programme en warra, warra. En aan die einde van die proses het hulle almal gesê: jis, daar't iets met hulle gebeur. Hulle't nie geglo, daar't net nuwe goed vir oopgegaan, nuwe wêrelde, jy weet. Nou, *okay*, nie almal in die leierskap van die gemeente is so opgewonde daaroor nie, want hulle, hulle voel eintlik al's is nog *okay*, jy weet. Daar's niks wat ons moet verander nie. En een van die leiers, die ondervoorsitter van die kerkraad, het nou die dag gesê in 'n vergadering: Ág, hierdie goed wat ons nou wil doen is sommer twak!' Jy weet, net so! Dis *sad*, nê.

© University of Pretoria

P19: PR_19.docx - 19:4 [Um, ek, ek het gehoor jy sê da..] (26:29) (Super)
Codes: [02 InkoopLeraars: Leraars nie ingekoop op gestuurde teologie nie - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Um, ek, ek het gehoor jy sê dat die dominees het nie almal ingekoop nie.
Dis reg.
En dat dit 'n belangrike blokkasie was op hierdie reis.
Ja, hulle het ingekoop om déél te wees van die proses, maar in hulle harte het daar nie *change* gekom nie. Hulle, hulle, hulle het nie... Want gestuurde gemeentes vra dat jy missionêr begin dink, missionaal begin dink. En, en..., vir hulle is die kerk nog... Die kerk doen sending. Die kerk ís nie sending nie. Jy weet. En, nie vir hulle álmal nie, ek, ja. Maar, jy weet, dis, dis eintlik die punt. En, en hulle verstáán nie dit nie, jy weet. Dis nogal moeilik vir my...

P19: PR_19.docx - 19:5 [ek dink ek was so 'n jaar daar..] (37:37) (Super)
Codes: [02 InkoopLeraars: Leraars nie ingekoop op gestuurde teologie nie - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

...[E]k dink ek was so 'n jaar daar weg, toe het daai gemeente gesê: *sorry*. So dis wéér 'n kwessie van al die dominees het nie die teologie gesnap nie, jy weet. So, dáár moet dit begin. Die dominees moet in hulle harte verander. Dis eintlik wat moet gebeur. As dít nie gebeur nie... En ek sien dit nou maar hier die in die [STAD] ook. Ek is hier saam met [NAAM&VAN] by 'n *cluster* betrokke gewees. Van die eerste dag af het ek geweet daar's een of twee gemeentes wat nie, hulle gaan dit nie maak nie. En wat ook gebeur het. Want die dominees is nie daar nie.

P19: PR_19.docx - 19:6 [Ken jy [NAAM&VAN] se dissipesk..] (45:47) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Lidmate ontdek eie roeping en bediening - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ken jy [NAAM&VAN] se dissipelskapprogram?
Ek hoor baie van dit.
Jy moet nie net daarvan hoor nie. Um, [NAAM], dáái program vat jou regtig op geestelike transformasie. En ek kan nie in taal vir jou verduidelik wat in lidmate se harte gebeur het wat daai sewe modules gedoen het nie, retreats gedoen het, en so nie. So ons, en ons het nou al so honderd en twintig lidmate wat nou deel is van die proses op een of ander fase. En, um, uh, húlle is nou eintlik die klein mosterdsaadjies in die koninkryk, wat begin..., jy weet. En dit gekom omdat ons die, um, uh, ons, ons, ons, uh..., een van ons patrone is mos nou die Bybelse vorming tot dissipels, nê. Um, en, en, uh, so, so ons het gesê maar ons moet iets doen om die lidmate op te lei en toe te rus. Wat nou al, nog stéédś... Net om te sê "oplei en toerus" is nog steeds programgedrewe goed, nê. Maar, *okay*, ons het daarmee begin. En, um, so, so, ek dink dit in die eerste plek het al klaar... En daar's 'n klomp lidmate wat inkoop op die visie, wat nou nog in die ou taal betrokke raak en wat sê, maar, ons, ons sien ons roeping by die noodspens of hier by SOS – want ons het 'n wonderlike SOS bediening, dis nou na siekes, oues, en sorgbehoewendes hier in die, in die, uh, *township* – um, so, uh, jy weet daar ís lidmate wat ingekoop het en wat eintlik, uh, hulle begin al hoe meer gestuurd te leef. So, as..., die saadjies is daar. Daar hét goed gebeur. Maar, maar..., die geméénte is nog nie 'n gestuurde gemeente nie. Dis nog nie ons identiteit nie, jy weet. Maar ek droom en hoop, en ons bid en... Ag, ek dink my kollegas begin ook los te raak hierin, jy weet, en so aan.

© University of Pretoria

P19: PR_19.docx - 19:7 [In [DORP] moes ék geweet het h..] (53:53) (Super)
Codes: [01 Projekbestuur: Inkoop en transformasie 'n stadige proses - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

In [DORP] moes ék geweet het hy gaan langer vat. Want dis ‘n klomp ou mense. En hulle, hulle *change* nie maklik nie. Hulle, hulle, dit het gewerk toe ek... En ek meen, die voorsitter van die kerkraad het reguit gesê hy’s ‘n baie suksesvolle skoolhoof gewees. En, dit, en hoog op in die onderwys geëindig. En hy’t gesê: mý skool was onder die top tien in die land. En, um, ek wil hê die gemeente moet ook daar wees. Nou, as jy..., as dít is hoe die kerkraadsvoorsitter se kop werk, gaan jy nie skuif nie. Jy weet, dan, dan gaan dit oor suksés. En, en, dit gaan nie oor, um, gestuurdheid nie. So. um, uh, daar’s ‘n klómp ou mense wat, wat, wat hierdie ding nie kop nie. Maar daar, daar kóm mense deur, jy weet. Die goed gebeur. Daar is van die ander ouers, ouer mense wat die goed gekoop het. En, jy weet, wat deel geword daarvan. En wat besig is om te transformeer. So, dis nét báie stadig.

P19: PR_19.docx - 19:8 [Ja, ja. Byvoorbeeld, uh, uh, w..] (57:58) (Super)
Codes: [Storie: Lidmaat ontdek eie roeping en bediening - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ja, ja. Byvoorbeeld, uh, uh, waar gaan ek nou begin? Ek kan vertel van ‘n lidmaat wat, um, by ons barmhartigheidsbediening betrokke geraak het, um, hy’s régtig ‘n dinamiese man, báie dinamies, hy én sy vrou. Um, hy het in sy beroepslewe ook baie, ek meen, hy’t, hy’t ongelóóflik gepresteer in sy beroepslewe. En tóé het hy by die barmhartigheidsbediening betrokke geraak, hy’s gou opgeneem in die struktuur, hy het gou voorsitter geword van die barmhartigheidsbediening, en agter gekom hy bedryf ‘n program. En gesê, maar dis nie waar hy wil wees nie. En nou is hy hier by ons noodspens. Die noodspens is nou... Dit, dit is nog ‘n ding wat nie, ek sal dit nie maklik kan verander nie, so dis een van daai goed wat jy moet... Die noodspens is vir die witmense en SOS is vir die swartmense, en so, jy weet [Lag]. Dis nou ongelukkig hoe dit werk, jy weet. Dis ook vir die méér lidmate, jy weet. Jy kan aan die [KERKVERBAND]..., sal jy.., maar jy moet in die wit gebied woon, anders gaan jy nie, anders gaan jy na SOS toe verwys word. [Lag] Maar, *okay*, um, en, en, en, uh, [NAAM&VAN] is sy naam, hy het, um, hy’t daar betrokke geraak, en dis sy, dis sy bedíéning, jy weet. En hy sê God het hom geroep daarvoor. Hy wéét dit. En, en, so binne hierdie struktuur is daar mense wat, wat ‘n eie bediening...
Hier’s omgeegroepe wat, ons weet nie eers van hulle nie, wat betrokke geraak het by ‘n skool in [DORP]. En by individue, party van hulle is hier in ons *township* of hulle is in [DORP]. Of by mense in hulle wyk waar hulle woon. Jy weet, wyksgroepe wat..., dis hulle sénding, jy weet. Is om vir dáárdie mense om te gee. Hier’s byvoorbeeld twee omgeegroepe wat saam geklub het. In hulle omgewing was daar mense wat finansieel swaar getrek het. Hulle het ‘n konsert gereël en geld bymekaar gemaak om daai mense te help. Die man het sy werk verloor, jy weet, totdat die ou kan... So daar ís móói stories van hoop, jy weet, wat gestuurdheid simboliseer, jy weet. Ja, um, so ons het dít, daar...

© University of Pretoria

P19: PR_19.docx - 19:9 [In [DORP] moes ék geweet het h..] (53:53) (Super)
Codes: [02 InkoopLeiers: Leierskap koop nie in op gestuurdheid nie - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

In [DORP] moes ék geweet het hy gaan langer vat. Want dis ‘n klomp ou mense. En hulle, hulle *change* nie maklik nie. Hulle, hulle, dit het gewerk toe ek... En ek meen, die voorsitter van die kerkraad het reguit gesê hy’s ‘n baie suksesvolle skoolhoof gewees. En, dit, en hoog op in die onderwys geëindig. En hy’t gesê: mý skool was onder die top tien in die land. En, um, ek wil hê die gemeente moet ook daar wees. Nou, as jy..., as dít is hoe die kerkraadsvoorsitter se kop werk, gaan jy nie skuif nie. Jy weet, dan, dan gaan dit oor suksés. En, en, dit gaan nie oor, um, gestuurdheid nie. So. um, uh, daar’s ‘n klómp ou mense wat, wat, wat hierdie ding nie kop nie. Maar daar, daar kóm mense deur, jy weet. Die goed gebeur.

P19: PR_19.docx - 19:10 [Groot uitdaging of probleme? E..] (69:74) (Super)
Codes: [02 InkoopLeiers: Leierskap werk met transaksionele verandering - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Groot uitdaging of probleme? Ek het gehoor jy sê as die dominees nie almal ingekoop is nie...
En, en die leierskap in die kerkraad.
En die leiers... Ja, want julle het ‘n sterk leierskap.
Ja, ja, ons het ‘n baie sterk leierskap.
Ja, en as daai ouens nie ingekoop is nie, dan... Is daar ánder goed wat jy nou by terugskouing sou kon sê, my hene, dit is eintlik groot uitdaginge waarvan ‘n mens vooraf moet kennis neem?
Ek dink, ek dink ‘n mens moet... Báie keer gebeur dit, toe... Wel, in [DORP] het dit gebeur, dat daar is nuwe struktuurveranderinge gekom, en dán is dit..., die mense het gedink die nuwe struktuurveranderinge het ons op die reis gesit. Maar die struktuurverandering doen nie dit nie, jy weet.

P19: PR_19.docx - 19:11 [Ek dink die, die ander moeilik..] (75:75) (Super)
Codes: [02 InkoopLeiers: Verhouding tussen die kerkraad en die taakspan - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ek dink die, die ander moeilike situasie is, die gestuurde gemeente taakspan is nie die kerkraad nie, en kan baie maklik deur die kerkraad beskou word as ‘n groepie entoesiaste. Net soos die sendingkomitee in die ou dae. Húlle is die entoesiaste wat, sê nou maar, Transkei toe gaan, jy weet. En hulle mobiliseer mense om by hulle betrokke te raak, en so. Maar, maar, ons hoef nie... Ons is nie sending nie, jy weet, dit is hulle. En net so, ons is nie gestuurde gemeente nie, dit is daai taakspan. En hulle sal met inisiatiewe kom wat ons nou net moet beoordeel en kyk, maar kan dit inpas by wie ons is en waar ons vandaan kom. So, daai *culture change* kan nét kom as daar tussen die kerkraad en die taakspan ‘n ongelooflike nabyheid is en dat die taakspan en die kerkraad sáám tot bekering kom na die wêreld toe. So dink ek.

P19: PR_19.docx - 19:12 [Ek dink die materiaal, jy’t ge..] (81:81) (Super)
Codes: [Materiaal te ingewikkeld en te veel - Family: Vir aandag van die SAVGG]
No memos

Ek dink die materiaal, jy’t gepraat van daar is nie materiaal vir die dominees nie, ek

© University of Pretoria

dink die materiaal is hopeloos te ingewikkeld en te véél. Ek dink dit, dit *baffle* mense op die grondvlak, jy weet. Nie almal het daai tipe konsultasieagtergrond of bestuurs... – ek weet nie eintlik mooi watter woord om te gebruik nie – maar niemand het, baie min van die lidmate het daai tipe agtergrond. En, en dit kommunikeer, die nie-verbale kommunikasie is dat hierdie is 'n proses, 'n konsultasieproses of dis 'n nuwe program en ons moet net hierdie program werk, jy weet. Maar die, so, um, ek dink 'n mens sal op 'n baie nuwe, op 'n nuwe manier moet kyk na daai goed. En ek dink, die ding wat ek gepraat het van die transformasie wat in die mense se harte moet plaasvind, moet 'n baie groter rol speel in die materiaal.

P19: PR_19.docx - 19:13 [Die vennootskap het begin deur..] (83:83) (Super)
Codes: [Dominees word in die koue gelaat - Family: Vir aandag van die SAVGG]
No memos

Die vennootskap het begin deurdat hulle, héél aan die begin het die dominees die Vrydag die hele dag bymekaargekom. Vrydagaand het die taakspanlede bygekom en Saterdag die heeldag was die taakspan en die dominees ook bymekaar. En toe het daar half duplisering plaasgevind tussen wat die dominees doen en die taakspan. En daar het ook, by taakspanlede het daar die, um, nié wantroue nie, maar daar was 'n onsekerheid: wat praat die dominees wat ons nie mag weet nie. Jy weet, en, so die taakspanlede het hulleself nie heeltemal deel gevoel van die volledige proses nie. En gelukkig het BUVTON dit baie gou agtergekom, [NAAM]-hulle, en het hulle dit verander. [NAAM&VAN] was eintlik die ou dink ek wat dit sterk... Ek ráái, ek is nou nie so *into* daai goed nie. Maar hulle het dit verander en gesê, nee, ons doen dit nie meer so nie. Wat ek dink 'n goeie ding was, maar dáármee is die dominees heeltemal in die koue gelaat. En, en ek dink dat die dominees baie dóélbewus begelei moet word om gestuurde teologie, missionale teologie te..., op 'n dieper vlak as wat jy die lidmate lei. So, ek sou nie sê dat ons... Ek weet nie einlik mooi hoe om dit te doen nie, jy weet, behalwe as ons dit van die begin af rég kommunikeer na die taakspanlede toe en vir hulle sê: onthou dat ons hier met 'n baie diep kultuurskuif te doen het, en die dominees is baie *crucial*. En dís hoekom ons hulle 'n bietjie meer... En hulle het meer tyd tot hulle beskikking, so iets. Sê dit vir hulle, jy weet. Doen enige ding, maar help net om daai wantroue en daai kloof wat kan ontstaan, dat..., nét om dit te verhoed. Maar die dominees moet, die, die, ja...

P19: PR_19.docx - 19:14 [En, en ek dink dat die dominee..] (83:83) (Super)
Codes: [11 Insig in missionale teologie - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En, en ek dink dat die dominees baie dóélbewus begelei moet word om gestuurde teologie, missionale teologie te..., op 'n dieper vlak as wat jy die lidmate lei. So, ek sou nie sê dat ons... Ek weet nie eintlik mooi hoe om dit te doen nie, jy weet, behalwe as ons dit van die begin af rég kommunikeer na die taakspanlede toe en vir hulle sê: onthou dat ons hier met 'n baie diep kultuurskuif te doen het, en die dominees is baie *crucial*.

© University of Pretoria

P19: PR_19.docx - 19:15 [die situasie is nou dat, um, d..] (86:88) (Super)
Codes: [12 Byeenkomste van leraars bestuursgedrewe - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

...[D]ie situasie is nou dat, um, die dominees, die predikantespan, se belangrikste waarde in ons byeenkomste is dat ons moet eintlik die gemeente op die regte manier bestuur, nê. So ons byeenkomste is baie bestuursgedrewe. En, en, daar's nie, daar's nie regtig 'n situasie van dat ons mekaar bedien nie. En, en dat ons mekaar help en geestelik begelei op die pad na Jesus en na die koninkryk en so nie. (31:14) En, en, ag, ons het, in die verlede het ons probeer om sulke goeters in te bou, maar, um... Byvóórbeeld, wat ons gedoen het, was om daai boek van Robinson, um, hy't 'n hele klompie boeke, maar sy nuutste boek wat hy geskryf het, daai tien..., *changing the conversation* dink ek is daai boek, dis tien sulke, tien sulke goetertjies. En ons het gesê, *okay*, óm ons te help om daai skuif, kom ons bespreek hierdie boek. Maar, ek meen, dit het hóéveel... Ons het nou al laasjaar Januariemaand het ons begin om die boek te bespreek. Ek is skaam om dit te sê, maar is nou, ons het twee weke terug met hoofstuk vier klaargemaak. [Lag].
Dan verloor ook kontinuïteit, nê.
Ja, ag, jy verloor die momentum. Hééltemal, jy weet, En, *challenges* wat hy daar vir jou gee, byvoorbeeld jy moet in jou hart verander, vra ons vir mekaar. Maar *okay*, waar gaan jy verander? Kom ons kyk wat kan jy anders doen? Wie gaan jy anders wees? En, daar... Ons kry net nie antwoorde daarop nie, jy weet. Ons súkkel, daarmee. Ons súkkel regtig daarmee.

P19: PR_19.docx - 19:16 [Nou kom [NAAM] Maartmaand, nou..] (88:88) (Super)
Codes: [12 Om te skuif vanaf besige bestuurders na 'holy men" - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Nou kom [NAAM] Maartmaand, nou sê hy vir ons, uh, um, bid julle saam? Ja! Hoe bid julle saam? Nee, ons open ons vergaderings met Skriflesing en gebed. Nie eers Skriflesing nie, met gebed. Maar julle moet méér saam bid, sê [NAAM]. Ja, maar ons het nie týd nie, jy weet. *Okay*, sê [NAAM], maar julle moet nie dink die gemeente gaan getransformeer word as julle nie ten minste drie uur 'n week saambid nie. [Sug]. Dís 'n *tall order*, hoor. Nou, of [NAAM] reg is of nie, ek weet nie hoekom hy drie ure gesê het nie, ek weet nie is hy reg of nie, ek was nog nooit op daai plek nie, jy weet, wat kollegas kan drie ure saam bid nie. Ma, maar, ons bid nou 'n halfuur 'n week saam, kry ons nou reg. En ons doen dit nog steeds in ons bestuursvergadering, um, ons doen dit nie op 'n ander tyd nie, en ons het níks in ons program geskuif om dit te kan regkry nie. Terwyl, die, die..., wat [NAAM] vir ons wou leer was om te sê, lós ander goed, en bíd, jy weet. En dit het net nie gebeur nie. En ek dink dit is wat ons vir dominees moet leer. Ek dink net ons dominees is heeltemal te besig, Gert. Um, en, en ons moet eintlik net baie nader aan die Here kom. En daai *change* wat Eddie Gibbs in sy boek *Church Next* gesê het, van ons is, ons moet skuif van bestuurders na *holy men*, jy weet, dís wat moet gebeur. En ek dink gestuurde gemeentes moet dominees daarmee help. Want ons het nie op universiteit, dit het nie daar met ons gebeur nie. En waar anders gaan dit nou met jou gebeur? Die VBO puntestelsel gaan..., dít gaan dit nie bewerkstellig nie. Want ouens doen dit om punte te kry.

© University of Pretoria

P19: PR_19.docx - 19:17 [So dis wéér 'n kwessie van al ..] (37:37) (Super)
Codes: [01 EieVorming: Die dominee moet in sy hart verander - Family: Leraar Rol]
No memos

So dis wéér 'n kwessie van al die dominees het nie die teologie gesnap nie, jy weet. So, dáár moet dit begin. Die dominees moet in hulle harte verander. Dis eintlik wat moet gebeur. As dít nie gebeur nie...

P19: PR_19.docx - 19:18 [Um, wel, ek dink dit is nie ne..] (94:94) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Geloofsvormende gewoontes om God in eie lewe te ontdek - Family: Leraar Rol]
No memos

Um, wel, ek dink dit is nie net dat ek sélf moet verander en al hoe nader aan Jesus moet leef nie, en 'n *holy man* moet word nie, maar, uh, ek moet ook lidmate leer om, om dit te doen. So ek dink my belangrikste werk is om lidmate te leer, uh, met geloofsgewoontes of geloofsvormende gewoontes. Dis mos nou die woord wat die gestuurde gemeente materiaal gebruik. Maar, ek moet, ek moet dít vir lidmate aanleer, dáár moet ons begin. En uit daai geloofsgewoontes moet lidmate eintlik God se werk in hulle eie lewens ontdek, nê. En dáaruit begin groei sodat wat... Jy kan nie God se werk in die wêreld ontdek as jy nie God se werk eers in jou eie lewe ontdek het nie. So dink ek. Um, en dan, en dan… So jy leer lidmate om dit te doen, en om daai transformasie wat Jesus in my alrééds gebring het, nê, uh, want ek ís 'n nuwe mens in Christus, ekke, ek moenie dit nog wórd nie... Um, en, en, so ek moet dit net begin uitleef. En ek moenie aanhou begin teruggryp op my ego-fiksasies nie, ek moet dit begin uitleef. So, ek moet lidmate daarmee help. En dan, as dít begin gebeur, dan word ek soos Jesus, as ek dit nou so kan sê. Dan, dan kom Jesus se karakter in my uit. En, en, dít gaan my help om Jesus se werk in die wêreld raak te sien en daarvan deel te word. En ek dink dit is die... En dán kan ek begin om - wat gestuurde gemeentes briljant sê, Pat Keifert hulle - om, om nuwe geloofsgemeenskappe te vestig. En, en nuwe verhoudings te bou met mense. En, en gestaltes van die koninkryk op te rig. En al daai ander goed, dán kan dit begin gebeur. Maar lidmate moet vrýgemaak word en bemagtig word deurdat daai verandering in hulle eie lewe, transformasie in hulle eie lewe kan plaasvind. So, dis hoe ek dink, dis hoe ek dink die dominee se werk is.

P19: PR_19.docx - 19:19 [Laat my ook nog net sê, Gert, ..] (98:98) (Super)
Codes: [Afleer: Om agter strukture en vergaderinge aan te hardloop - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Laat my ook nog net sê, Gert, daar's nog 'n ander belangrike ding: die dominee móénie in organisasies opgeneem word nie. Die dominee moet... Ek was daar in my lewe. En ek het net geleer, dit maak jou léég, jy weet. Jy hardloop agter strukture aan, en jy hardloop agter vergaderings aan, en, jy weet. En mense bring nie hulle kant nie, en jý bring later nie meer jou eie kant nie, want jy't te veel hooi op jou kerfstok, en... Wat, hooi op jou "vurk", nê? Is dit nou [lag]. So, so, um, die dominee moet nie daarby...

© University of Pretoria

P19: PR_19.docx - 19:20 [En die gemeente moet ook nie n..] (99:100) (Super)
Codes: [Aanleer: Ander te bemagtig vir hulle bediening - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

En die gemeente moet ook nie nuwe goed organiseer nie. Jy weet. As daar ‘n, as daar ‘n bediening tot stand kom, as daar ‘n lidmaat wat na vore kom en sê, my, my visie, of my bediening eintlik, is binne die gemeentevisie, my bediening is dít... Sê nou maar die noodspens. Dan, dan, en... Dan organiseer daai lidmaat dit. Die dominee moenie dit doen nie. So ek bemagtig, ek skep ruimte vir mense.
En óók die ander belangrike ding, om ruimte vir mense te skep beteken ook dat die, die gemeente-leierskap hóéf nie alles goed te keur nie, jy weet. Um, um, natuurlik moet ons ook parameters daarstel vir die insameling van geld, jy weet, en al daai tipe van goed. Ons moet die, die... Maar die leierskap se werk is nét om daai parameters te stel en mense te begelei om binne dit te bly. Maar, maar om hulle bediening te gaan dóén...

P19: PR_19.docx - 19:21 [So, dít is nie, dít is nie die..] (104:104) (Super)
Codes: [Aanleer: Om nie alles te wil organiseer nie - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

So, dít is nie, dít is nie die leierskap se werk om alles mooi in kassies en raampies te pak nie, jy weet. En dan kan ons, dan het ons ‘n goeie organigram en ons het ‘n mooi struktuur, en... Dit, dit gáán nie daaroor nie, jy weet. So, so dominees moet die gemeente help om vrý te kom van, van hierdie organisasie-sindroom, jy weet. Ons is, ons is tog ‘n liggaam, en ons netwerk, en ons het gawes, jy weet. En al daai tipe van... En as daar so ‘n bietjie chaos in die gemeente is, is dit eintlik *great*, want dis net dáár waar God gaan begin werk en... [Lag] Ons moenie bang wees nie. Ons moenie bang wees daarvoor nie!

P19: PR_19.docx - 19:22 [En ek het óók gehoor, ek toets..] (119:124) (Super)
Codes: [Aanleer: Om nie alles te wil organiseer nie - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

En ek het óók gehoor, ek toets maar weer, um, hierdie ding van om aan mag te wil vashou, om beheer te wil uitoefen. Dis ‘n groot struikelblok, nê.
Ja, dit is altyd ‘n struikelblok.
Daar sit ‘n groot versoeking in. [Lag]
En dit sit in ‘n dominee. Hoekom het ek ‘n dominee geword?
Ja.
Ek is ‘n *powerful figure* in die samelewing. Jy weet.

P19: PR_19.docx - 19:23 [So, ek dink my belangrikste by..] (128:128) (Super)
Codes: [3 Om die kultuurskuif te help fasiliteer - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

So, ek dink my belangrikste bydrae is om die kultuurskuif te help fasiliteer. Ek doen dit deur taal, jy weet, die taal wat ons in die gestuurde gemeentes praat, die taal van wandel in die Woord, die taal van ons ís gestuurdes. Ek doen dit deur die visie voor mense te hou. So ek probeer, ek doen moeite om, waar ek met mense kommunikeer, die visie in te vleg in wat ek praat, jy weet. Want mense moet voortdurend bewus gemaak word van die visie. Ek doen dit deur die dissipelskap-programme, eintlik reis

© University of Pretoria

wat ons hier het. Ek doen dit deur lidmate te leer om geloofsgewoontes aan te leer. Ek het pas so vyf weke met ‘n groep mense bymekaar gekom om hulle te leer om die gebed van die hart te beoefen, jy weet. So, súlke tipe goed dink ek is, is seker my bydrae. Oók in die span probeer ek ook om daai rol te vervul, in ons predikantespan.

P19: PR_19.docx - 19:24 [En om net gestuurd te wees, jy..] (129:129) (Super)
Codes: [1 Om self gestuurd te wees en 'n eie bediening te hê - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

En om net gestuurd te wees, jy weet. Om self ‘n eie bediening te hê wat... Ek dink baie by myself daaroor. [NAAM], jý... As jy nou, sê nou maar jy was nou ‘n brandweerman, of ‘n bankbestuurder, wat sou jou bediening gewees het? Jy weet. *Obviously* sou ek daar in die kantoor waar ek was, of daar waar ek ook al werk, sou ek mos nou daar ‘n bediening gehad het. Ek het in elk geval..., my gesin is ‘n bediening. Ek, God het my geroep na my... En dis my primêre bediening. Maar, maar, ek probeer om te sê, my wérk as predikant is *obviously*, dit is nié maar net ‘n werk nie, sóós ‘n brandweerman nie. Dit lê op ‘n ander vlak. Dit is so. Maar daar is tog ook weer ooreenkomste, jy weet. En het ek ‘n bediening buite my werk? As ek buite my gemeentewerk is, is ek nog steeds Jesus vir mense? Jy weet, um, en help ek mense om Jesus se liefde te ontvang, jy weet, om self ook vir Jesus lief te wees. So, ek moet myself net voortdurend dááraan herinner. Jy weet, um, want ‘n mens kan baie maklik sê dit is my wérk om Jesus te leef, en, um, nou skakel ek af. Nou’s ek op my eie. [lag] *Solo flight*! [Lag]

P19: PR_19.docx - 19:25 [Ek dink ek is minder nervous o..] (135:137) (Super)
Codes: [5 Ek is minder "nervous" oor goed wat in die gemeente skeefloop - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ek dink ek is minder *nervous* oor goed wat in die gemeente skeefloop. En, wat, jissie want daar gebeur baie goed. Vroeërjare het ek dit alles bed toe gevat, maar ek is regtig nie meer dáároor *nervous* nie. Want, um, nommer een, ek ken, ek het geleer dat ek eintlik, um, ek is ‘n baie klein ratjie in die koms van die koninkryk. En God gebruik, God wil mos nie nét vir my gebruik nie, Hy wil álmal gebruik, jy weet. En nommer twee, God weet ook dat ek, um, ek maak rêrig báie foute. Ek, jis, ek maak baie foute. En, um, dis nie dat ek daarmee vrede gemaak het dat ek foute maak nie, maar, maar, wel, dit kan nou nie anders nie. Dis nou hoe dit is. Dis hoe ek voor God is. [Lag]

Jy probeer dit nie moedswillig doen nie!

Néé. Ek *try* rêrig... Nee, ek wil dit nie moedswillig doen nie. Maar, maar, um, ek dóén dit net. Jy weet, as ek my [vingerklap] váng, dan hét ek dit gedoen. Ja, so ek probeer om daaroor vir myself te lag, jy weet. Dis ook ‘n stukkie transformasie wat in my plaasgevind het, om myself uit te vang. Ek het die Enneagram gedoen. En in die Enneagram is dit die één groot ding, raak bewús van wie jy is, van wat jy doen en vang jouself uit daarmee. Jy weet, en, uh, kyk na nuwe groeidoelwitte in jou mens-wees en so aan.

© University of Pretoria

P19: PR_19.docx - 19:26 [Die Enneagram. Um, ek is nou n..] (139:143) (Super)
Codes: [Richard Rohr. The Enneagram. - Family: Boeke]
No memos

Die Enneagram. Um, ek is nou net besig om die boek te lees. Ek wil hom ook volgende jaar in die gemeente aanbied. Dis hierdie ... [kry boek]
Enneagram.
Ja, dit staan vir nege persoonlikheids-*levels* wat in 'n diagram funksioneer.
Van Richard Rohr.
Ja, hierdie is nou Richard Rohr. Daar's ook Riso, Hudson en Riso. Is ook... Hudson, hulle is eintlik, ek dink eintlik hulle is die beste. Maar kyk, Richard Rohr, ek weet nie... Hý is die nuwe, ek sou sê in my eie lewe en ervaring, is hy die nuwe Henry Nouwen, jy weet. Ek dink hy's net 'n bietjie meer akademies as Henry Nouwen, jy weet. Maar hy's 'n ongelóóflike teoloog. Hy's 'n..., wel *spiritual father*, jy weet. Hy, hy is dit werklik vir miljoene mense oor die wêreld met sy boeke en klomp goed wat hy doen, ja. Maar, *anyway*.

P19: PR_19.docx - 19:27 ['n Geestelike begeleier. Ek di..] (149:162) (Super)
Codes: [2 'n Geestelike begeleier - Family: Leraar Ander Faktore]
No memos

'n Geestelike begeleier. Ek dink dit is verskríklik belangrik om 'n geestelike begeleier te hê. Um, die algemene sinode se predikantebegeleiding praat nou van 'n mentor. Ek sien 'n mentor as 'n ou wat, by wie ek kan gaan sit en sê, *okay*, ek het nou hierdie pastorale gesprek so en so en so gedoen, en ek kan vir jou 'n verbatim gee en ons praat 'n bietjie daaroor. Of 'n mentor kan vir my help met my beroepsvaardighede. Jy weet, ek is 'n predikant, ek moet preek, en my mentor kan vir my help om net 'n bietjie krities na te dink oor die manier hoe ek preek en, ensovoorts. 'n Mentor gaan *obviously* 'n bietjie raak aan wie ek as mens is terwyl ek preek en wie ek..., jy weet, en so aan. Maar, maar ek dink 'n geestelike begeleier moet my baie spesifiek help om in te zoom op my verhouding met Jesus, en om Jesus se werk in my lewe te ontdek. En interessant is, die geestelike..., die, die tradisie van *spiritual direction* vra vanuit die vierde eeu uit al presies dieselfde vrae as wat ons nou in die gestuurde gemeentes, vennootskap vra. Waar is God aan die werk? Die Godsvrae. Waarmee is God besig? Hoe kan ek deel word van God se werk in my lewe? Jy weet, dis presies daai soort vrae wat in *spiritual direction* is, jy weet. So hierdie goed het net op 'n *beautiful* manier net vir my bymekaar gekom, en, en, ja wel. Kyk, elke ou raak mos entoesiasties oor sý ding en dan dink hy dít is nou die volle werklikheid, jy weet. Maar ek, as ek mág sê, dan sal ek sê álle dominees moet dít doen, jy weet. Maar ek, dis mos nou *stupid* van my om dit te wil sê. Want die Here gebruik elkeen op 'n eie manier. Maar ek dink rêrig dit help baie. Dit het vir mý ongelooflik baie gehelp.
Jy, jy help my ook nou. Want ek hoor die woord "mentorskap" en "*coaching*" dikwels nou in my gesprekke met predikante. En ek vra elke keer oor die definisie daarvan in, en jy help my nou om te sien, mentorskap kan maklik 'n ou paradigma wees.
Ja, ja.
Geestelike begeleiding is dalk meer op die klank af nuwe paradigma, nê. 'n Gestuurde paradigma. Dankie daarvoor.
Want, mentorskap, kyk, waar kom mentorskap vandaan? Um, uh, dit is in die beroepswêreld... Wel ek dínk so. Ek is ook nie heeltemal seker nie, want ek het nie daai goed behoorlik bestudeer nie. Maar, soos ék dit verstaan, kom dit uit die

© University of Pretoria

beroepswêreld waar ek as besturende direkteur van ‘n *company* sien ek, daai ou, hy hét dit...
Hm, jy’s my mentor.
En ek gaan hom..., ja, ek gaan hom mentor om my pos oor te neem.
Ek wil sy sukses dupliseer, nê.
Ja, en, en, ek meen, nou, dis nou ‘n voorbeeld nou, ons kerkraadsvoorsitter is hierdie – [NAAM&VAN] – wat nou een van die skeidsregters in die rugby is..
O!
Ja, dit is sy pa. Ten minste, [NAAM] is nou ons kerkraadsvoorsitter se seun. En nou vertel hy, voor elke wedstryd moet, [NAAM] het ‘n mentor. En ek meen hy’s nou al ‘n toetsskeidsregter, op die internasionale paneel – hy’s deel van die, ek dink, die top sewe in die wêreld, *something like that* – en, en hy moet, vóór elke wedstryd, moet hy sy mentor sien, en vir sy mentor vertel hoe’t hy voorberei vir die wedstryd. En ná die wedstryd dan kyk hy en sy mentor saam na ‘n video. Om hom te help om sy foute raak te sien sodat hy kan weet vir die toekoms. So, dit gaan absoluut..., mentor is absoluut sukses gedrewe. Jy weet. En *performance* gedrewe. En dis nie waar ons wil wees nie. Jy weet, ons wil, van binne uit wil ons getransformeer word. Jy weet, dís waar ons wil wees. Maar natuurlik, ek bedoel, ek kan mos nie, jy weet, um, want as iemand van buite nie bietjie na my prediking kyk nie, dan gáán ek in slegte gewoontes verval. Ek sál.
So mentorskap is ook weer belangrik.
Mentorskap ís belangrik. Maar, um, want dit gaan, soos ek sê, oor beroepsvaardighede. Maar, maar, ja. So ek probeer om so een maal per kwartaal, een maal in ses maande by ‘n mentor te gaan sit en so agt keer in ‘n jaar by ‘n geestelike begeleier te gaan sit, jy weet. En dit hélp my, jy weet. Dit beteken verskriklik baie vir my.

P19: PR_19.docx - 19:28 [Wel, ek dink ‘n dominee moet l..] (174:174) (Super)
Codes: [41 Leer om te luister - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Wel, ek dink ‘n dominee moet leer luister.

P19: PR_19.docx - 19:29 [‘n Dominee moet leer dat ek is..] (174:174) (Super)
Codes: [42 'n Fasiliteerder wat mense bemagtig - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

‘n Dominee moet leer dat ek is fasiliteerder, nê, wat mense bemagtig.

P19: PR_19.docx - 19:30 [‘n Dominee moet natúúrlik leer..] (174:174) (Super)
Codes: [14 Geloofsgewoontes leer beoefen - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

‘n Dominee moet natúúrlik leer om geloofsgewoontes te beoefen. En daar’s, uh, wonderlike goed. Daar’s honderde geestelike dissiplines wat ‘n dominee... Ek dink dominees moet in ‘n proses geneem word om te kyk na hulle geestelike dissiplines en te kyk wie is ek as mens sodat ek geestelike dissiplines kan kies wat by mý aanpas. En ek moet dit áánleer, en ek moet daarin gevorm word. Want, um, ek dink baie van ons..., baie dominees bid en lees Bybel. *But that’s it*. En baie dominees bid en lees nie eers Bybel nie. Jy weet, want hulle is net te besig. Maar, maar, daar ís ander

© University of Pretoria

geestelike dissiplines wat ons, wat dominees kan aanleer. Wat hulle gaan hélp om gevorm te word.

P19: PR_19.docx - 19:31 [En dan dink ek dominees kan ge..] (176:176) (Super)
Codes: [21 'n Gestuurde hermeneutiek - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En dan dink ek dominees kan gehelp word om hermeneuties te verstaan hoe die Bybel, hoe gaan ek dit nou sê, elke bladsy van die Bybel is gestuurdheid. En ek dink nie dominees verstaan dit nie. En, en daarmee moet hulle gehelp word. Jy weet, jy kry baie dominees wat nog dink, *okay*, ek het 'n sendingpreek, en ek het 'n preek vir dankoffers, en ek het 'n preek vir bekering, en ek... Jy weet, só. Maar, ekskuus, ál hierdie goed is gestuurdheid. En ek dink nie dominees verstaan dit goed nie. So, hulle moet daarmee gehelp word.

P19: PR_19.docx - 19:32 [En dan, um, die ander ding wat..] (177:177) (Super)
Codes: [42 "Tools"om lidmate op die reis van dissipelskap te neem - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En dan, um, die ander ding wat ek nou aan gedink het, wat ek wou sê, um uh. Ja, ek dink ons kan dominees help om vir hulle *tools* te gee om lidmate te neem op die reis van dissipelskap. Ek dink nie die gestuurde gemeente proses gee genoeg *tools* nie.

P19: PR_19.docx - 19:33 [Die vaardigheid om lidmate se ..] (179:179) (Super)
Codes: [42 Die vaardigheid om lidmate se gawes te kan raaksien - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Die vaardigheid om lidmate se gawes te kan raaksien, saam met hulle. En, dit gaan saam met daai bemagtiging, maar, maar... Weet jy, Gert, dis iets waarmee ek self verskriklik mee sukkel. Dis vir my verskriklik moeilik om raak te sien watter gawes het ons híér nodig, en om lidmate daarmee te kan *link*. Jy weet, so ek dink nogal dis 'n vaardigheid wat... As ek nou kon kies, sou ek dit baie graag wou hê.

P19: PR_19.docx - 19:34 [Ekskuus, daar's nog één vaardi..] (181:181) (Super)
Codes: [42 Pastoraat met 'n gestuurde fokus - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ekskuus, daar's nog één vaardigheid. As ek huisbesoek doen, en siekbesoek, om dáár ook gestuurdheid te leef. Want lidmate se verwagting op huisbesoek en siekebesoek is dat ek gaan getroos word en ek gaan hoor ek is *okay*, en die Here is lief vir my, en Hy's altyd by my. En ek bedoel, dit is rêrig belangrike goed daai. Maar, maar, en..., maar omdat dit lidmate se verwagting is, verval ek self verskriklik maklik in daai keurslyf, jy weet, om net aan hulle verwagtinge te voldoen. En dan is ons nou maar net weer by... [NAAM&VAN] sê dit baie mooi, ons is dan maar net weer by 'n, wat?, kliëntediens [Lag] Jy weet, en, en om lidmate te... Want eintlik is, pastoraat is 'n ongelooflike plek om te kan lidmate leer in gestuurdheid, jy weet. En om dít..., dominees moet daai vaardigheid aangeleer word. Want, weereens, dit is iets wat ons nie op universiteit gehad het nie, nê. Gekry het nie. Ons het, op universiteit het ons geleer, ek weet nie nou mooi wat het ons geleer in pastoraat nie.

© University of Pretoria

P19: PR_19.docx - 19:35 [Maar dis één ding wat ons moet..] (186:186) (Super)
Codes: [Afleer: Om lidmate heeltyd te troos - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Maar dis één ding wat ons moet áfleer, is om net heeltyd lidmate te troos, jy weet. En suigstokkies in hulle mond te druk, jy weet, en... 'n Vorige kollega van my het gesê hy's nou moeg om *dummys* uit te deel. [Lag] Jy weet. Nou, uh, dis een ding wat ons moet afleer.

P19: PR_19.docx - 19:36 ['n Tweede ding wat ons moet af..] (187:187) (Super)
Codes: [Afleer: Outoritere styl van "ek weet" - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

'n Tweede ding wat ons moet afleer is die tipe van 'n outoritêre styl, jy weet, van: ék weet!

P19: PR_19.docx - 19:37 [En dan ook moet ons afleer, as..] (189:189) (Super)
Codes: [Afleer: Om jou bediening deur die gemeenteprogram te laat bepaal - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

En dan ook moet ons afleer, as ek alles rég gedoen het, is dit nog nie te sê ek het die regte dinge gedoen nie. Jy weet, en, en, want, want mý bediening word baie maklik bepaal deur die program van die gemeente. En as ek jou ons almanak wys, sal jy jou morsdood skrik. Net om daai almanak te volg, maak my móég. As ek ons afkondigingsbladsy vir jou wys, dit maak jou móég, net om hom te léés, jy hoor? So ek kan vóltyds besig wees deur nét daai goed te doen, en dan verloor ek my visie. En, weet, en is ek nie daar waar God my wil gebruik nie. So om daai vaardigheid, dink ek... Wel, om dit áf te leer, om nét in daai keurslyf te beland.

P19: PR_19.docx - 19:38 [Ja, ek, ek wil sê: bid. Maar n..] (191:191) (Super)
Codes: [13 Stil word en na God te luister - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ja, ek, ek wil sê: bid. Maar nou, dis ook weer 'n vaardigheid of 'n ding wat dominees moet áfgeleer word. Want ons dink bid is om mooi te praat. En, en bid is eintlik om stil te word en na God te luister, nê. So ek het die kernkapasiteit...

P19: PR_19.docx - 19:39 [Natuurlik moet 'n dominee voor..] (197:197) (Super)
Codes: [13 Stil word en na God te luister - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Natuurlik moet 'n dominee voorbidding doen, want God wil ons ook, God wil ons gebede gebruik om in die wêreld diensbaar te wees. So ons móét voorbidding doen. En daar is so iets soos 'n openbare liturgiese vormgebed. En dit, dit, ons moet dit kan doen. Maar ons moet ook die stil word, dis 'n ander aspek daarvan. Daar's báie maniere van bid, en ek dink daai een het verwaarloos geraak.

© University of Pretoria

P19: PR_19.docx - 19:40 [Ek dink ook die ander kérnkapa..] (198:198) (Super)
Codes: [13 Sensitief te wees vir die beweginge van die Gees - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek dink ook die ander kérnkapasiteit is ek moet sensitief wees vir God, die *movements* van die Gees, van die beweging van die Gees. Ek, ons moet sensitief wees daarvoor. En dit kan jy mos nou net doen as jy rustig is en as jy, um, vanmôre eers na God geluister het, jy weet, daai, um... Daarvoor moet ons sensitief wees.

P19: PR_19.docx - 19:41 [Liefde. Is, is dit 'n kapasite..] (199:204) (Super)
Codes: [10 Om te kan liefhê - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Liefde. Is, is dit 'n kapasiteit?
Um, ja [versigtige antwoord]. Ek sou so dink.
[Lag] Om te kan liefhê! Ek, ek dink so, ek weet nie eintlik nie.
Ek sou dink dit is. Daar, daar ... Ek sou dink 'n mens kan leer om lief te hê
Ja. Ek bedoel, as jy nie lief is vir mense nie, uh, um, hoe, hoe kan jy hulle help om die koninkryk te ontvang? Dink ek? En lief vir die natuur, en ... Jy weet, 'n mens se hart moet rêrig baie, baie liefde in hom hê. So, ek, ek dink dis 'n kérnkapasiteit. [Lag]
Ek dink amper ek het dit in die Bybel ook al gelees! [Lag] Dat dit die grootste van almal is! [Lag]

P19: PR_19.docx - 19:42 [Maar is verstáán ook deel daar..] (206:208) (Super)
Codes: [41 Om mense en die gemeente se storie te kan verstaan - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Maar is verstáán ook deel daarvan? Want ek moet, ek moet hermeneuties moet ek verstaan hoekom is jy waar jy is. En hoekom is die gemeente waar die gemeente is. So, vir, vir...
Is dit die vermoë om kontekste te lees?
Kontekste te lees... Um, situasies te lees. Ja, ja. Kyk, dit is wat ek... Hennie Pieterse het dit al destyds het hy dit so mooi in sy boek oor die prediking, het hy gepraat van dat dit is daai, daai heen en weer beweeg van God se skat na die wêreld, en te ontvang en te gaan gee, en te ontvang en te gaan gee. En dis 'n intersubjektiewe proses eintlik wat plaasvind. En, en ék is daai fasiliteerder, en ek moet God verstaan, ek moet God se wil verstaan. Maar ek moet ook hierdie mense verstaan, en hierdie gemeente se storie. So, jy, jy, die vermoë om kontekste te lees... Ja, ja. Maar ek wil eintlik dit, dit is méér as net om dit te kan lees. Dis amper om te kan déél word daarvan. Jy weet, miskien inkarnasie is dalk 'n woord waar 'n ou hier mee kan speel, jy weet.

P19: PR_19.docx - 19:43 [Klein storietjie. In hierdie o..] (209:209) (Super)
Codes: [30 Storie: Begin begin om mense in sy gemeente se harte te verstaan - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Klein storietjie. In hierdie omgewing is daar 'n dominee, wat eintlik 'n *nice* ou is, rêrig. En hy's baie ernstig oor die Here. Hy's regtig lief vir die Here. En hy't, hy't... In híérdie omgewing, 'n dominee doen huisbesoek en 'n dominee neem deel aan die basaar. Hierdie mense vrék oor 'n basaar. Vra bietjie vir [NAAM], sy sal jou kan vertel van basaars! [Lag] En hierdie dominee het gesê die basaar is nie belangrik nie – van die kansel af dit gesê. En het vir mense gesê: ek wil graag by jou huisbesoek doen, maar

© University of Pretoria

dáár's my program, gaan skryf jou naam daar by 'n tyd in. Jy weet, en, um, daai spesifieke gemeente se storie was nou eintlik gewees dat, um, die vorige dominee het nie afsprake gemaak nie, hy't by mense ingeval. Hy's en van... Ek kan nie so wees nie. Jy weet, ek maak maar my afsprakies. Maar hy't by mense ingeval vir vyf minute en gekyk wat hulle vir aandete eet, of hier 'n koppie koffie gedrink en daar... Jy weet, so't hy gemaak, en hulle, hulle vrék oor hom. En hy is ook 'n baie oulike, hy's 'n *sociable* mens. Rêrig, hy't gróót werk in daai gemeente, gróót werk daar gedoen. (01:11:14) Toe kom hierdie nuwe ou in en sy huisbesoek - van die éérste dag af werk anders, en hy sê basaar is nie belangrik nie. Kan jy dink wat se konflik het hy gehad, want hy't nie die konteks gelees nie. Daar sien jy dit nou weer! En, toe hy dít ontdek gaan als goed in die gemeente. Hy't sy huisbesoeksisteem verander en hý dryf nou die basaar. En hy't goeie verhoudings gebou, en nou ... ([Lag]

P19: PR_19.docx - 19:44 [Eintlik, as ek Jesus vir hulle..] (217:217) (Super)
Codes: [41 Om mense en die gemeente se storie te kan verstaan - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Eintlik, as ek Jesus vir hulle wil wees, dan moet ek kan inkarneer in hierdie, in hierdie gemeenskap. En, en ek dink dit is 'n kernkapasiteit vir 'n dominee, want dán kan ek hulle eers begelei na gestuurdheid.

© University of Pretoria

Aanhalings LR_20.

All current quotations (35). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:53:10

P20: LR_20.docx - 20:1 [Ag, um, miskien kan ek maar be..] (3:3) (Super)
Codes: [Taal/Selfverstaan: Gemiddelde lidmaat beter begrip van gestuurdheid - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ag, um, miskien kan ek maar begin en sê, um, ek dink wat belangrik is in die eerste plek is dat die gemiddelde lidmaat meer weet wat dit beteken om gestuurd te wees. [Gesprek oor plasing van skinkbord]. En dis nogal ‘n moeilike ding om te, om te gaan meet sommer net so op die oog af, maar ek dink dit – jy’t gevra iets wat daai verandering demonstreer – en ons het ‘n predikant gehad, ‘n besoekende predikant wat kom preek het hierso, en hy het so ‘n gestuurdheidspreek gehad en hy’t gevra, um, ek kan nie onthou wat presies sy vraag was nie, maar die antwoord moes iets wees soos, um, hoeveel sendelinge julle het of so iets. En dan moes ons nou gesê het ons het tien of twaalf of wat ook al. En, um, onmiddellik het die hele gemeente gesê, maar ons is almal sendelinge. So dit was vir my nogal, um, soort van ‘n... Dit was ‘n hele tyd gelede, maar ek kan onthou daai oggend, die ou was half... Sy hele preek het platgeval [Lag]. Want hy’t nou eintlik niks om vir hierdie mense te kom sê nie. Kan nie eers onthou wie dit was nie.

P20: LR_20.docx - 20:2 [Die ander ding, dink ek, wat b..] (5:5) (Super)
Codes: [Geloofsonderskeiding: Wandel in die Woord plaas die Woord baie meer sentraal - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Die ander ding, dink ek, wat baie sterk sentraal staan is die hele gedagte van wandel in die Woord. Um, ek was nou heeltyd... Ons het aanvanklik begin hier in die negentigerjare het ons ‘n bestuurs, um, - wat sal ‘n mens dit nou noem? – wat, hulle het ‘n spesifiek naam gehad, ek kan nie meer onthou nie, maar, maar ons het soort van navorsing gaan doen oor wat doen ander gemeentes en wat gaan aan? En ons het ‘n toer Kaap toe onderneem en al die "*wow*" gemeentes daar gevat en elkeen van hulle gaan besoek en gesprek met hulle gaan voer – nie net [KERKVERBAND] gemeentes nie, enige gemeente – en, uh, dit was soort van die begin vir mý. Ek is toe nuut op daai span gewees. En toe ons terugkom van daar af, het hulle, uh, het die voorsitter van daai bediening bedank en toe het ek die voorsitter daar geword. En, so, ek was toe van daai tyd af betrokke en daarna het ons toe betrokke geraak by gestuurde gemeente. Ek kan nie, 2005 sien ek op sommige van my goeters was eintlik wanneer ons midde in die proses was. Um, en, uh, van toe af, ek bedoel, op daai stadium het ons, sou ons met gebed geopen het, en dan ons vergadering gehou het. Miskien sou iemand ‘n stukkie gelees het, en dit was maar basies dit. En vandat ons by gestuurde gemeentes betrokke geraak het, het die Woord baie meer sentraal geraak. Um, ons spandeer maklik ‘n derde van ons tyd van enige vergadering in wandel in die Woord.

© University of Pretoria

P20: LR_20.docx - 20:3 [En vandat ons by gestuurde gem..] (5:5) (Super)
Codes: [Wandel in die Woord - Family: Wandel in die Woord]
No memos

En vandat ons by gestuurde gemeentes betrokke geraak het, het die Woord baie meer sentraal geraak. Um, ons spandeer maklik ‘n derde van ons tyd van enige vergadering in wandel in die Woord.

P20: LR_20.docx - 20:4 [En dit is die ander ding wat e..] (6:6) (Super)
Codes: [HanteringVerandering: Leierskap meer bereid om konflik te hanteer - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En dit is die ander ding wat ek wou gesê het - jy’t gevra hoe’s ons gemeente getransformeer? – um, ja, dis eintlik moeilik om te verduidelik, maar, um, die... Ek dink daar was ‘n groot vrees by ons gemeente vir konfrontasie en konflik. En dit kom van die predikante af. Mense wat nie konflik wil hê nie. So hulle sal eerder dit onder die mat inskuif of ‘n ander manier probeer om dit te hanteer as om dit te *face*. Dit is, dis wat ek dink. En ek het nou gaan lees wat was ons leesverslag – toe ek nou die goed kry, toe dog ek ek moet net so bietjie teruggaan – toe sien ek in ons leesverslag, um, het hulle mos so ‘n vragie oor die konflik. En die mense met wie hulle gepraat het - die vyf en twintig mense - het almal gesê, nee, hulle weet nie eintlik van enige konflik in die gemeente nie. Terwyl ek wat ‘n bietjie nader aan die binne-ruimte was, was, weet daar was ‘n verskriklike konflik met die orrelis. Daar was, sedert hierdie tyd, baie konflik met die werkers in die kantoor. En dit moes die heeltyd hanteer word, en somtyds het ons mense van buite af gekry om ons te help. Maar ons kan net nie die probleem oplos nie. En ek dink die heeltyd is dit omdat ons mense nie wil konfronteer nie. Hulle wil nie die probleem konfronteer nie. Um, en verlede jaar hierdie tyd het die ding eintlik soort van ‘n bom-bars gehad, waar daar ‘n klomp mense is wat ‘n ou verwagting het van hoe die kerk moet wees, en, en baiekeer sal ons predikante nog steeds – en miskien skip ek nou – maar ons predikante sal nog steeds die ou modelle instandhou.. Want hulle wil nie konfronteer nie. Hulle wil nie konflik hê nie. So hulle het eintlik ‘n dubbele *jop*. Wat dit verskriklik moeilik maak. Want hulle verstáán dit. Hulle verstáán waaroor dit gaan, en hulle wíl dit graag doen. Maar aan die anderkant het ons ‘n gróót gros, um, uh, bejaarde lidmate – maklik die derde van ons gemeentetal, selfs meer, is bejaarde lidmate, daar’s ‘n aftree-oord binne ons gemeente – uh, en, en, uh, die mense is ouerwordend ook.

P20: LR_20.docx - 20:5 [net om terug te kom na die wan..] (10:12) (Super)
Codes: [Wandel in die Woord - Family: Wandel in die Woord]
No memos

net om terug te kom na die wandel in die Woord, het ons begin met Handelinge twee, en ons het in dit begin wandel. En ons wandel nou al vir ‘n jaar lank in daai, in daai teks.
Nét in Handelinge twee?
Net in Handelinge twee. By elke vergadering, elke ding waar ons bymekaarkom, ensovoorts. En, uh, dit is ongelooflik om te sien, die, die wonders en tekens wat die Here nou eintlik in ons gemeente doen. En ek, ek glo werklik dit kom eintlik van die gestuurde gemeente proses af.

© University of Pretoria

P20: LR_20.docx - 20:6 [Want, want ek gehoor het jy sê..] (15:16) (Super)
Codes: [HanteringVerandering: Leierskap meer bereid om konflik te hanteer - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Want, want ek gehoor het jy sê, is dat, uh, vroeër het hulle konflik vermy. Sou die gestuurde proses daartoe gelei het dat hulle konflik meer in die gesig kyk, of dat hulle beter *tools* het om dit op te los, of gaan ons nou-nou na dit toe terugkom?
Ja, ek dink , ek dink so. Uh, ons het nou goed gaan konfronteer wat ons tien jaar terug waarskynlik net weer sou eenkant skuif. En maar net eers weer doen wat die gemeente wil hê ons moet doen. Eerder as om te sê, maar dít is die pad, dit is wat die Here vir ons lei, uh, dit is wat ons glo die Here sê ons moet doen. En daarom doen ons dit só. En kom ons konfronteer dit. Kom ons sorteer uit. Kom ons sê, maar jy weet, um, en kry daai verandering.

P20: LR_20.docx - 20:7 [So, uh, [sug] deel van dit, de..] (16:18) (Super)
Codes: [14 VoortsettingReis: Groot hoeveelheid wisselende lidmate met ou verwagtinge - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

So, uh, [sug] deel van dit, deel van die ding is dat ons ‘n geweldige – ek neem aan by julle is dit ook maar so – um, maar daar is ‘n geweldige hoeveelheid wisselende lidmate. So daar’s gedurig nuwe mense wat inkom wat nie deur die prosesse gegaan het nie. En om húlle – en nou kom ek by uitdagings – maar..
Weer deel te maak...
Weer deel te maak is nie altyd so maklik nie, maar baiekeer kom hulle uit gemeentes met ‘n baie beperkte kerkbegrip, of wat ook al, en heeltemal ‘n ander gedagte, en nog steeds: Maar wanneer doen julle nou huisbesoek? En wanneer doen jou nou dit? En hoekom doen julle nie dat nie? Ensovoorts. So, ek dink dáárdie is nogal ‘n uitdaging, om te sorg dat mense op die blaadjie bly.

P20: LR_20.docx - 20:8 [Die ander ding wat in ons geme..] (19:29) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Dissipelskapproses vestig beginsels en gewoontes van gestuurdheid - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Die ander ding wat in ons gemeente gebeur het, is ons het begin met ‘n dissipelskapproses. Um, wat nou nie van die gestuurde gemeente afkom nie, maar wat dit definitief, die beginsels van die gestuurde gemeente help vestig. Die geloofsgewoontes wat nodig is, ensovoorts. Um, so ek dink dit is, dis nogal ‘n belangrike ding wat by ons gebeur het.
Waar het julle daai materiaal gekry? Het julle dit self opgestel? Het julle dit by iemand gekry?
Deon Loots vannnnn, ...
Somerstrand.
Ja, ons het dit, dit is sy program. En ons volg dit nou, uhhhh, seker al omtrent so ses, sewe agt jaar. So dit was so in die middel van gestuurde gemeente dat ons daarmee begin het.
Um, doen julle dit...? Op watter manier doen julle dit? Doen julle dit in groepe? Doen julle dit met die groot gemeente? Hoe...?
Nee, dit, dit het begin met een groepie, ‘n kerngroepie wat dit gedoen het, en daarna het daai groepie mense gevat en so. So, dit is so ‘n groei..., uh, proses.

© University of Pretoria

So dis 'n spontane, ek probeer net verstaan, nê. Dit is 'n spontane proses van groepe wat vermeerder? Is dit wat dit is?
Ja. Ja. Ja. Dis 'n spontane, um, of, ons glo dat dit deur die Heilige Gees gelei word en dis nie iets wat ons moet *enforce* – álmal móét nou hierdie ding doen nie.
Ja, ja.
Um, dit veroorsaak ook konflik, want daar's mense wat nie in dit is nie, en dink, maar hier's nou 'n kliekvorming, en sulke tipe van goed. Maar, op die ou end, die geestelike resultate wat jy kry, die geestelike groei deur gemeentelede, is vér bokant waarde van daai bietjie konflik. (10:30) [Lag] Um, so dit is basies die goed wat ek sou sê verandering gebring het.

P20: LR_20.docx - 20:9 [En ek wil net sê dit is natuur..] (42:42) (Super)
Codes: [Geloofsonderskeiding: Luister word sterker deel van die gemeentekultuur - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En ek wil net sê dit is natuurlik die ander element van gestuurde gemeentes – die hele luisterproses. Um, ek het dit nou nie hier genoem nie, maar daardie "ek herhaal vir jou wat jy gesê het', "verstaan ek jou reg?",... Um, en veral nou in die laaste jaar het ons gesien hoe luister 'n baie sterker, um, krag begin kry het. As ek dit so kan stel. Dat ons na mekaar begin luister en verstaan, maar mense is anders en verskil, ensovoorts.

P20: LR_20.docx - 20:10 [Dit is die wandel in die Woord..] (30:35) (Super)
Codes: [Wandel in die Woord - Family: Wandel in die Woord]
No memos

Dit is die wandel in die Woord – die Woord wat al hoe meer sentraal geword het. Het ek jou reg gehoor? Um, die, die... Sou dit die wandel in die Woord wees wat daartoe bygedra het dat die Woord meer sentraal staan? Dis wat ek ek gehoor het jy sê eintlik. Daai gewoonte het eintlik 'n nuwe kultuur en 'n nuwe omgewing in vergaderinge geskep.
Ja. Ja.
En eintlik 'n nuwe, wat ek nou - as ek nou verkeerd hoor of interpreteer, moet jy nou vir my sê - maar dit het eintlik die Woord weer sentraal geplaas.
Ja.
As gewoonte. In plaas van net 'n gebedjie, raak die Woord deel van die gesprek.
Ja, en baie baie goed. Ek bedoel, ons sal in 'n vergaderingsituasie sit en iemand sal terugverwys, sê: maar dit is wat ons nou-nou gehoor het, dis wat die Here vir ons sê. Dit, dit word al hoe meer so gedoen. So dit is geestesonderskeiding. Jy, weet. ja.

P20: LR_20.docx - 20:11 [wat belangrik is in die eerste..] (3:3) (Super)
Codes: [Storie: Ons is almal sendelinge - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

...[W]at belangrik is in die eerste plek is dat die gemiddelde lidmaat meer weet wat dit beteken om gestuurd te wees. [Gesprek oor plasing van skinkbord]. En dis nogal 'n moeilike ding om te, om te gaan meet sommer net so op die oog af, maar ek dink dit – jy't gevra iets wat daai verandering demonstreer – en ons het 'n predikant gehad, 'n besoekende predikant wat kom preek het hierso, en hy het so 'n gestuurdheidspreek gehad en hy't gevra, um, ek kan nie onthou wat presies sy vraag was nie, maar die antwoord moes iets wees soos, um, hoeveel sendelinge julle het of so iets. En dan

© University of Pretoria

moes ons nou gesê het ons het tien of twaalf of wat ook al. En, um, onmiddellik het die hele gemeente gesê, maar ons is almal sendelinge. So dit was vir my nogal, um, soort van 'n... Dit was 'n hele tyd gelede, maar ek kan onthou daai oggend, die ou was half... Sy hele preek het platgeval [Lag]. Want hy't nou eintlik niks om vir hierdie mense te kom sê nie. Kan nie eers onthou wie dit was nie.

P20: LR_20.docx - 20:12 [daar's 'n patroon wat sê: prak..] (48:51) (Super)
Codes: [Storie: "Pockets van real" - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

...[D]aar's 'n patroon wat sê: praktyke wat God se bedoeling vir die wêreld demonstreer. En hulle praat hier van mekaar dra..., sorg vir mekaar en dra mekaar se laste, ensovoorts. Um, daar's 'n storietjie, um, of 'n storie van, um, van twee ouens. Ons het so 'n aanddiens, sal ek dit nou maar noem, wat die jeugpredikant lei en wat die jeug, wat gemik is op die jeug. En, um, daar't twee ouens na dié aanddiens toe gekom, of hulle het buite gestaan en 'n pap wiel gehad, of ek weet nie wat nie. En iemand het gesê, maar kom saam in. En hulle het ingekom en hulle het dit bygewoon. En die een is Engelssprekend. Die een ou het blykbaar maar 'n bietjie geruik na alkohol, ensovoorts. Maar, um, hulle het met hom 'n gesprek beginne voer, met hulle 'n pad beginne stap. Hulle gaan besoek by die huis, en, hulle kom nou gereeld. En toe vra iemand vir hulle: nou maar hoekom kom julle hiernatoe? Toe sê hulle: want dis *real*. En en ek dink nogal, as ek wil sê, dít is die verandering wat in ons gemeente plaasgevind het, dit sal vir my lekker sal wees om dit te kan sê. Ek wil nou nie sê dis dwarsdeur so nie. Maar ten minste is daar *pockets* van *real*.
En buitestaanders wat dit raaksien.
En buitestaanders wat dit raaksien. En dit pas vir my by daai patroon, dat 'n mens kan demonstreer teenoor iemand, maar ek gee om vir jou. En ek wil graag hê jy moet hier wees. Uh, dis nou net by 'n kerk.
En ons het ook 'n, um, 'n getuienisdiens gehad waartydens mense, uh, ek kan nie onthou wat die vraag was nie, maar daar was getuienisse oor swaarkry en goed wat met hulle gebeur het, en ek vir die eerste keer in my lewe besef het – ek kom nou al so lank – dat een van ons sterk punte is dat ons sorg vir mekaar. Daar's 'n gewéldige hoeveelheid onderlinge sorg – en dis daai pastoraat waarvan jy praat – wat glád nie die predikante se *job* is nie, maar wat mense self net doen. En dit is vir my lekker om dit... Ek het dit nie so goed besef nie [lag], um, ek het eers by daai erediens, daai getuienisdiens besef, maar daarso is, hierso is 'n klomp stories hier wat vertel word.

P20: LR_20.docx - 20:13 [Ja, een van die ander, um, een..] (48:51) (Super)
Codes: [GestuurdePraktyke: Praktyke wat God se bedoeling demonstreer - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ja, een van die ander, um, een van die patrone – ek het nou die patrone gaan *print* hier, want ek kan nie nou self lekker onthou nie – maar daar's 'n patroon wat sê: praktyke wat God se bedoeling vir die wêreld demonstreer. En hulle praat hier van mekaar dra..., sorg vir mekaar en dra mekaar se laste, ensovoorts. Um, daar's 'n storietjie, um, of 'n storie van, um, van twee ouens. Ons het so 'n aanddiens, sal ek dit nou maar noem, wat die jeugpredikant lei en wat die jeug, wat gemik is op die jeug. En, um, daar't twee ouens na dié aanddiens toe gekom, of hulle het buite gestaan en 'n pap wiel gehad, of ek weet nie wat nie. En iemand het gesê, maar kom saam in. En hulle het ingekom en hulle het dit bygewoon. En die een is Engelssprekend. Die

© University of Pretoria

een ou het blykbaar maar ‘n bietjie geruik na alkohol, ensovoorts. Maar, um, hulle het met hom ‘n gesprek beginne voer, met hulle ‘n pad beginne stap. Hulle gaan besoek by die huis, en, hulle kom nou gereeld. En toe vra iemand vir hulle: nou maar hoekom kom julle hiernatoe? Toe sê hulle: want dis *real*. En en ek dink nogal, as ek wil sê, dít is die verandering wat in ons gemeente plaasgevind het, dit sal vir my lekker sal wees om dit te kan sê. Ek wil nou nie sê dis dwarsdeur so nie. Maar ten minste is daar *pockets* van *real*.
En buitestaanders wat dit raaksien.
En buitestaanders wat dit raaksien. En dit pas vir my by daai patroon, dat ‘n mens kan demonstreer teenoor iemand, maar ek gee om vir jou. En ek wil graag hê jy moet hier wees. Uh, dis nou net by ‘n kerk.
En ons het ook ‘n, um, ‘n getuienisdiens gehad waartydens mense, uh, ek kan nie onthou wat die vraag was nie, maar daar was getuienisse oor swaarkry en goed wat met hulle gebeur het, en ek vir die eerste keer in my lewe besef het – ek kom nou al so lank – dat een van ons sterk punte is dat ons sorg vir mekaar. Daar’s ‘n gewéldige hoeveelheid onderlinge sorg – en dis daai pastoraat waarvan jy praat – wat glád nie die predikante se *jop* is nie, maar wat mense self net doen. En dit is vir my lekker om dit... Ek het dit nie so goed besef nie [lag], um, ek het eers by daai erediens, daai getuienisdiens besef, maar daarso is, hierso is ‘n klomp stories hier wat vertel word.

P20: LR_20.docx - 20:14 [Die grootste uitdagings het ek..] (75:75) (Super)
Codes: [06 Visievorming: Visie van beliggaming nie aan die einde van die reis opgestel - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Die grootste uitdagings het ek nou vir jou gesê. Um, die grootste uitdaging wat ons gehad het in hierdie hele proses, was eintlik maar ons visie van beliggaming. Daai vyf-jaar plan, as ek dit so kan stel. Ons is nou vyf jaar later, en ons het eintlik opgehou voordat ons die plan gemaak het. Opgehou in die sin van ons het nie verder... Ons het gesê die proses is... Ons gaan nou maar net aan. En ek dink dit was ‘n groot fout, en ons het dit eintlik eers nou agtergekom. So ons het ons, ons is eintlik nou eers weer besig met ons visie van beliggaming. Ons noem dit nou nie dit nie, maar ek dink dit is, dit is die proses waarmee ons op die oomblik besig is.

P20: LR_20.docx - 20:15 [In ons leesverslag, daai ou le..] (77:83) (Super)
Codes: [03 KragteInstandhouding: Besige dominees agv tradisionele rolverwagting - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

In ons leesverslag, daai ou leesverslag, het dit ook gesê ons is ‘n verskriklik besige gemeente. En, en ons sukkel maar nog steeds om van daai besigheid ontslae te raak. Uh, um, daar’s nog steeds baie mense met ‘n beperkte kerkbegrip. Wat dink die erediens is die kerk. [stilte] Dis maar net sommer my op...
Hoor hier, dis ‘n ... Dit is baie belangrike goeters hierdie.
Uh, uh...
So...
Ek het hier geskryf ons vind verandering of die los van die lysie van goed baie moeilik.
Um, lysie soos huisbesoek en ... Of wat is daai lysie?
Ons het, ons het ‘n verskriklik lang lysie by ons. Van allerhande projekte en dinge wat gebeur, en aangaan, en um... Ons het byvoorbeeld, maar iets wat, um, iets positiefs - laat ek nou net die positiewe voorbeeld noem - ons het ‘n karavaanbediening wat seker omtrent al twintig jaar oud is. Dis ‘n karavaan wat op ‘n Saterdagoggend in die dorp

© University of Pretoria

getrek word, en dan deel ons traktaatjies uit, nooi mense in, bid vir hulle. Um, jy weet, dis só ‘n bediening. Dit is evangelisasiebediening. Um, en dit was baie sterk op ‘n stadium. Dis baie goed gelei deur sekere mense en die ding het nou eintlik omtrent heeltemal platgeval. Daar’t nou net ‘n klein kerngroepie, en niemand wil eintlik daarby aansluit nie. Niemand sluit eintlik daarby aan nie. Uh, dis ‘n wónderlike bediening. Dis eintlik wat ons almal móét doen. Maar niemand doen dit nie. Uh, en ek, op ‘n stadium, en daar’s ‘n klomp mense in die gemeente wat sê, maar dit is ‘n goeie ding. Hoekom doen julle predikante nie iets om dit te laat lewe kry nie? Wat hulle wél op ‘n sekere manier gedoen het, want hulle het byvoorbeeld ‘n toerustingsgeleentheid gehou en gesê mense wat belangstel kan kom, en dan kan ons hulle kan toerus, ensovoorts. Maar, hulle sélf het dit nie gevat nie. Dis eintlik ‘n baie sterk standpunt – as dit nie die gemeentelede is, as daar nie mense is wat dit dryf nie - dan gaan ons dit nie dryf nie. Hulle het werklik vasgestaan, alhoewel daar heeltyd mense was wat gesê het, maar julle móét dit doen, en soort van aanspraak op hulle wil kom maak dat húlle die ding maar moet optel en aangaan. En ek glo en hoop en ek bid dat êrens sal dit miskien dalk eendag weer opstaan met mense wat, wat die visie het. Maar dit het basies doodgeloop nou. Dit gaan nie aan nie, want daar is nie mense wat dit doen nie. Die predikante word nie gedwing om dit nou aan die lewe te hou nie. Nou wat ek daarmee wil sê, is: dit is een van die lysie goed, wat ons moeilik van ontslae raak. Dit het ons maklik nou drie jaar gevat om daai ding uit ons sisteem te kry. Want elke keer dan is daar weer iemand wat sê, maar dis ‘n goeie ding. Dit ís ‘n goeie ding. Maar dit is nie, as daar nie mense is wat dit wil doen nie, dan is dit so. Ons het op ‘n stadium, uh, vir die predikante gedwing, in aanhalingstekens, om ‘n stilword-sessie een keer ‘n week te hou. Waar hulle net bymekaarkom, en bid, en na die Here luister. Uh, sonder ‘n agenda, sonder dinge. En, uh, hulle doen dit redelik, maar hulle sukkel om daarvan ontslae te raak dat hulle nog al hierdie ander take het wat hulle moet verrig. En ek dink, groot deel daarvan is maar pastoraal. Jy weet, pastoraat wat hulle moet doen. Wat hulle nog steeds nie maklik afgee nie.

P20: LR_20.docx - 20:16 [Okay, geestesonderskeiding – w..] (95:95) (Super)
Codes: [02 GeloofonderskeidendeGewoontes: wandel in die Woord - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Okay, geestesonderskeiding – wat nou uit die wandel in die Woord kom. Dink ek, grotendeels.

P20: LR_20.docx - 20:17 [Volharding. Ons ouens gee nie ..] (96:104) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Voharding - Roepingsgedrewe - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Volharding. Ons ouens gee nie op nie. [Lag]
Wat, wat maak dat julle nie opgee nie? Wat sou jy dink lê onderliggend, grondliggend aan dit?
[Stilte] Ek dink... Die een ding is waarskynlik omdat ons sien, dit is rég, dis goed. Hierdie ding kan werk. Uh, maar ook, um, ... Ek het hier geskryf, politieke wil. Want ek het nie, ek het nie ‘n – dis ‘n wêreldse woord, maar – ek het probeer om dit te omskryf, maar ek weet nie wat dit is nie. Maar jy weet, hulle sê altyd, dit gaan nie werk nie, want die regering het nie die politieke wil nie. En ek, ek dink, um, daar’s ‘n passie, of daar..., die róéping. Die feit dat jy ‘n roeping, dat jy ‘n fokus het. En, dit het bietjie gelek, jy weet, uitgetaan omdat ons gesukkel het met die agttien tot vyf-en-dertigs en

© University of Pretoria

omdat ons visie van beliggaming nie ordentlik geformuleer was nie. Uh, maar, maar ons het nogtans gesien, maar die Here wil vir ons vat, en wil hê ons moet op 'n reis wees. En ek dink ons besef ook nou baie méér dat, um, dit gaan nie eintlik oor daar waar ons gaan nie, maar dit gaan oor waar ons ís. Oor die, oor die reis op sigself. Behalwe nou die éwige reis waarheen ons gaan, maar net die reis van die gemeente. En as die gemeente se boot sink, dan is dit ook nie die dood van die ...
Dan is dit nog nie die koninkryk wat gesink het nie!
Nee. Dan is dit nie 'n probleem nie. [Lag]
Um, so hierdie volharding, um, jy praat van "politieke wil' en van "passie" en van "roeping". Dis hierdie ding van: ons weet wat die Here wil hê ons moet doen. Hoor ek jou reg?
Ja.
Daai ding: ons het ingekoop op hierdie ding, ons glo dit is hoe God wil hê ons moet doen en, kom wat wil, ons doen dit.
Ja, ons doen dit. En, en al het ons nou al hierdie goed wat vir ons struikel, en ons het sekere goed nie reg gedoen nie... Ek dink dis die ander ding wat ons ook by gestuurde gemeente geleer het, dat 'n mens maak foute, maar jy kan uit jou foute leer en jy kan... Ek dink dis een van hulle ander goeie beginsels.

P20: LR_20.docx - 20:18 [Ja, um, ek dink hulle het self..] (116:116) (Super)
Codes: [01 EieVorming: Hulle is self met God op reis - Family: Leraar Rol]
No memos

Ja, um, ek dink hulle het self 'n kultuur van, wat is die wil van die Here? Wat, wat hoor ons by die Here? Dit is iets wat hulle rééds gehad het. Dit is nie iets wat hulle nou ontwikkel het nie. En ek dink dit speel, dit speel 'n baie, um, goeie rol. Hulle is kinders van die Here. Hulle ken die Here. Hulle, hulle spandeer tyd met Hom. En, ek dink dit maak 'n groot verskil. Ons het op daai stadium drie predikante gehad en 'n jeugwerker toe ons hiermee begin het. Ek dink amper ons het nie 'n jeugwerker op daai stadium gehad dalk eers nie. Um, ja, so dis basies die drie predikante, die ouer predikante as ek dit so kan stel nou, wat daai pad gestap het.

P20: LR_20.docx - 20:19 [[NAAM] was die fassiliteerder...] (116:120) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Een leraar tree op as fasiliteerder - Family: Leraar Rol]
No memos

[NAAM] was die fasiliteerder.
In die gemeente? Of van die groep?
Van die groep. Hy's die, ek dink hy's die ou wat die, wat die, wat die sterkste die visie gekry het. As ek dit so kan... Uh, dis nou mý waarneming, ek weet nie of dit waar is nie. Dis nie asof, dis nie asof dit só gesê is nie. Dit is iets wat ek...
Ja, maar jy sien dit. Ja, en jy sal dit rég sien, hoor.
Um, [NAAM] is die leser. Hy's die belese ou in die gemeente. Hy lees van a tot z – alles wat hy moontlik kan kry wat gaan oor kerk en, en wat ook al. En dan bring hy hierdie gedagtes.

© University of Pretoria

P20: LR_20.docx - 20:20 [Uh, die predikante het een kee..] (120:120) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Leraarspan gerenereer nuwe idees - Family: Leraar Rol]
No memos

Uh, die predikante het een keer ‘n week, uh, uh, ‘n vergadering wat hulle hou, wat hulle bymekaarkom en dan by daai vergadering praat hulle nou oor al die goeters en... Een van die, van die goed wat al baie keer gesê is in die gemeente, en wat baiekeer soort van ‘n ervaring is wat lidmate miskien het, is dat, as gevolg van dit hóór hulle goed by die Here wat hulle met mekaar deel. En dan kom daar nuwe idees. En daai, dis amper asof daar die hele tyd nuwe idees is. Nuwe idees. En toe’t ons ‘n jeugpredikant bygekry. Um, [NAAM&VAN] – ek weet nie of jy enigiets van hom weet nie. Nee?. Um, en hy was ‘n jongggg man met bitter baie energie. En dit het nou nog méér... En hy’t net ‘n, hy’s net ‘n, um, uh, uh- wat noem ‘n mens dit? – ‘n brón van idees. Hy’s nie ‘n ou wat dit gaan uitvoer nie. Hy gaan dit net uitdink. En hy’t, élke week kom hy met ‘n nuwe opgewonde ding, en dan gaan hy aan. En die jeug is natuurlik mal daaroor. Maar die res van die gemeente vind dit verskriklik, uh, uitputtend, ensovoorts.

P20: LR_20.docx - 20:21 [Ja, uh, daai bereidheid om ris..] (140:144) (Super)
Codes: [06 TransformasieKultuur: Missionale gesag - bereid om risiko's te neem - Family: Leraar Rol]
No memos

Ja, uh, daai bereidheid om risiko’s te neem. Jy vra hierso, uh, hoe sien jy die rol en die funksie? So, dis wat ek sien hy moet hê. Leierskap, ‘n bereidheid om risiko’s te neem, en, en gestuurde gesag. Dis seker eintlik politieke wil. Van, dis wat die Here vir my sê, en, ons hoor by die Here dít. En dis die pad wat ons stap.
En hy móét dit hê, nê? Dis wat jy sê. Dis belangrik dat die dominee...
Of jy moet dit aanleer in die proses. Maar as jy dit alreeds het, dan help dit baie. By ons dink ek daai bereid om risiko’s te neem het die ouens nie baie sterk gehad nie. Hulle het dit gesê, maar *when it came to the crunch*, toe wou hulle ‘n klomp ouens maar net weer *happy* hou. Um, hulle het dit nou méér. So hulle het dit aangeleer. Dis, dit hang vir my saam met hierdie vrees vir konflik. Hulle het die vrees vir konflik gehád, maar nou het hulle al geleer: as die Here so sê, dan is dit reg so.
Dan is dit *okay*. As die skip sink, maar dis die Here se wil is dit nog reg.
Dan’s dit nog reg, ja. En, en daar’s ‘n klomp ouens wat, in die gemeente, wat dit ook verstaan. Jy weet, so, uh, ja...

P20: LR_20.docx - 20:22 [Maar ek het nie sterk genoeg g..] (156:156) (Super)
Codes: [06 Visievorming: Visie van beliggaming nie aan die einde van die reis opgestel - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Maar ek het nie sterk genoeg gestaan om die visie van beliggaming deur te voer nie. Um, so dit het ook maar van hulle afgehang. En ek voel nog steeds so. Ek dink nog steeds ‘n klomp goeters, uh, en ek dink dis sterk waar ons nou staan, ons is eintlik nou op ‘n punt waar ons sê maar ons het eintlik ‘n leierpredikant nodig. Uh, dat hierdie drie ouens – daar’s nie genoeg verantwoordbaarheid nie. Uh, want ons vertrou almal mekaar en ons gaan met net so aan. Maar daar’s goed wat, pap wat deurval, en daar’s niemand wat seker maak dat dit val nie deur nie. Waar dit einlik van mý verwag word om dit te doen, of van die leierspan. Maar ons is almal eintlik te besig daarvoor.

© University of Pretoria

P20: LR_20.docx - 20:23 [Maar dit was ámper – en ek was..] (160:160) (Super)
Codes: [05 GesprekKommunikasie: Kommunikeer nie altyd goed nie - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Maar dit was ámper – en ek was baie gefrustreerd met dit – ons hét deur die proses gegaan, maar ons gaan nou weer deur. Maar daar's 'n klómp nuwe mense, 'n klomp nuwe gedagtes. En dis een van die goed, een van ons nuwe uitdagings gewees wat ons nie goed gedoen het nie. Ek het netnou geskryf hierso, een van die goed 'n mens nodig het, is kommunikasie. En ons kommunikeer nie altyd so goed nie.

P20: LR_20.docx - 20:24 [Ek sal maar weer die volhardin..] (164:164) (Super)
Codes: [1 Volharding - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Ek sal maar weer die volharding noem. Ek dink vir my is die feit dat hulle volhard.

P20: LR_20.docx - 20:25 [Hulle is die ouens wat die dro..] (168:170) (Super)
Codes: [2 Skeppers van die gestuurde taal en droom - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Hulle is die ouens wat die drome ...
Hulle is die draers van hierdie gestuurde taal.
Ja. Ek... Definitief. (38:11) Jy kan dit sê. Die belangrikste bydrae.

P20: LR_20.docx - 20:26 [Ek dink dit sal baie help – ne..] (180:182) (Super)
Codes: [41 Skuldgevoelens agv van die tradisionele rolverwagting van die predikant - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Ek dink dit sal baie help – net om terug te gaan daar na die rol van funksie van die leraar - as jy mense het wat, uh, nie so liggeraak is nie. As jy 'n predikant het wat, wat nie so liggeraak is nie. Um, want hulle het geweldige skuldgevoelens oor die ou model beginne kry. Dis wat ek dink. En hulle moes deur dit werk. En in die proses dink ek het hulle van 'n klompie van hierdie skuldgevoelens nou al ontslae geraak al. Sodat hulle nou al bereid is om risiko's te neem. [Stilte] En ek dink die belangrikste verandering is dat hulle gestuurde gesag begin beoefen het – die Here sê só. (40:00) Baie meer as aan die begin. [Stilte]
Die skuldgevoelens oor die ou raamwerk of ou paradigma, maar dis nou eintlik dat hulle voel, is – ek vra nou eintlik maar – verduidelik jý vir my. Wat bedoel jy daarmee?
Uh, die hele gedagte dat daar nog 'n klomp mense in die gemeente is wat nog 'n verwagting het van die ou model. En dan vir hulle laat skuldig voel dat hulle nie die ou model toepas nie. Soos huisbesoek, dis nou maar een ding wat ek aan dink. Um, en selfs nóú nog, sal dit in die kerkraad somtyds nog mense wees wat, wat daai, um, verwagting het. Of ek weet nie wát hulle verwag nie, maar hulle, hulle wil iemand tevrede stel. En die predikante voel dan skuldig daaroor dat hulle dit nie doen nie. Ons het lánk terug al besluit ons doen dit nie en dit werk nie en dit is nie hoe ons dit gaan doen nie ensovoorts. Maar, uh, hulle het nog skuldgevoelens daaroor. Miskien óók om daar sekere goed op hulle pad gekom het wat hulle dalk nié aandag aan gegee het nie wat hulle moes aandag gegee het. Jy weet, want sommige goed moet jy sê, nee, ek doen dit nie. Maar ander goed móét jy doen. En dan het hulle dit met mekaar verwar somtyds. En dan veroorsaak dit skuldgevoelens. Dan begin hulle dink, maar

© University of Pretoria

miskien is die ou model – dis wat die mense wil hê, miskien – ván die mense. Ek dink nie dit is 'n oorgrote meerderheid nie, maar dit is 'n, daar is ten minste 'n sterk, uh, kontingent wat nog daai verwagtinge het. Soos ek net-nou gesê het, mense wat nog dink die erediens is die kerk. Nê, is die koninkryk, is waaroor dit gaan. Maar, um, ek, ek sien al meer en meer dat hulle, dat hulle wegkom daarvan.

P20: LR_20.docx - 20:27 [So, daai transformasie is besi..] (183:184) (Super)
Codes: [4 Vrees vir konfrontasie besig om te verminder - Family: Leraar Transformasie]
No memos

So, daai transformasie is besig om plaas te vind. Hulle groei om hierdie reis.
Hm, definitief. Definitief. Um, jy't hier gevra: hoe het deelname aan die reis na jou mening julle leraar verander en gevorm? En ek het net gesê, ek, ek dínk hulle is verander. Maar hulle doen nog steeds moeilik afstand van die ou kultuur. En dit sluit aan by wat ek nou gesê het oor die skuldgevoelens. Daai bang vir konfrontasie. Want dit is 'n ding wat hulle deur járe aangeleer het, en [stilte] nou dat hulle meer en meer kon sien maar dit is nie so erg nie, dink ek verander dit hulle.

P20: LR_20.docx - 20:28 [En jy sê: Enige nuwe kennis, v..] (186:200) (Super)
Codes: [Aanleer: Om konfrontasie of kritiek te hanteer - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

En jy sê: Enige nuwe kennis, vaardighede of houdinge wat jy dink hy of sy moet aanleer? En ek dink om konfrontasie of kritiek te hanteer. Dis nou in óns gemeente. Dis nie noodwendig in al die gemeentes nie.
Ja, maar dis belangrik om kontekstueel oor die goed te praat. Um, so hierdie hele ding van om konfrontasie en, en...
Ja. Ek, ek is somtyds verskriklik verbaas as ek sien hoe liggeraak is hulle. Ek weet ek, um. Jy weet, iemand sal 'n brief skryf. En dan is hulle *up in arms* en hulle is ontsteld en hulle wil amper huil en hulle klim op hulle agterpote of wat ook al, jy weet. En dan's ek verbáás. Dan dink ek: joe! Moenie dit so persoonlik vat nie, man. Maar hulle vat dit persoonlik. En, en dis hoekom ek sê, as 'n mens kan léér om daai dinge te hanteer. Ek dink hulle hét geleer en dit ís beter. Um, maar, uh, [Stilte] En ek het hier geskryf, ou kennis, vaardighede, houdinge en gewoontes wat hulle dalk moet afleer? Nog steeds te veel aandag aan wat lidmate sê, of geïsoleerde lidmate. Dis baiekeer drie of vier of vyf ouens. Jy weet, daar was so 'n groepie ouens wat sulke briewe geskryf het [sug] Ek, hulle wil, die helfte van daai briewe was anoniem. Hulle, hulle wil nie eers sê wie hulle is nie.
Hm, hulle wil nie 'n gesprek hê nie.
Hulle wil nie eers sê wie hulle is nie. Hulle wil nie 'n gesprek hê nie. Uh, die die predikante sê, ek gaan nie daarop reageer as hulle nie vir my sê wie – of nié daarop reageer as hulle nie sê wie hulle is nie – dan wel, dan was daar 'n groepie wat sê, nee, ons móét hierop reageer want dit is waarskynlik húlle wat dit geskryf het [lag]. So, daai element. Maar dit was nie sleg vir ons nie. Dit het ons gehelp om te leer om konfrontasie te hanteer. Risiko's te neem om te sê, man, só sê die Here.
Het daai briefskrywery minder geword? Of is dit maar nog daar?
Um, dit was 'n spesifieke gebeure op 'n spesifieke tyd. Uh, dit is, dit het éénmalig gebeur. Maar dit was soort van die mense het mekaar aan die brand gesteek. Ek gaan skryf, dan skryf jy ook, en so. So vyf sulke briefies. Klagtes van julle doen nie dit nie en julle maak nie so nie julle wil nie dit doen nie en wat ook al. Wat nou deel is

© University of Pretoria

van wat ons geleer is sal gebeur. Jy weet, mense gaan, daar gaan mense wees wat ongelukkig is.
Weerstand het, ja. Ongelukkig is, ja.
Ongelukkig is, ja ensovoorts. Um, en, maar ek dink in die hele proses het dit ons eintlik gehelp, want ons het toe weer teruggegaan en gesê *let's go back to the drawing bord* en maak séker wat is ons roeping, waar staan ons en ??? *Okay*.
So, jy sal sê dit vat dit saam, nê? Die ou goed wat hulle moes afleer.
Hm.
Dis eintlik daai ding van nie so sensitief te wees nie.
Hm.
Nê? Nie so fyngevoelig te wees nie.
Ja, ja.

P20: LR_20.docx - 20:29 [Ek dink sy identiteit in Chris..] (202:206) (Super)
Codes: [30 Identiteit in Christus moet sterk wees - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek dink sy identiteit in Christus moet baie sterk wees. Dit hang maar saam met hy moenie liggeraak wees nie, maar...
Pak hom net bietjie vir my uit. Sy identiteit in Christus. Dis dis, die... Jy sê hy moet nie liggeraak wees nie.
Ja. Dit, dit beteken, um, ek is in Christus en ek, dit gaan aan in die volgende goed wat ek sê.
***Okay*.**
Maar, jy weet, gestuurde gesag. Soek na die wil van God. Onophoudelik. Onophoudelik soek na die wil van God. En, my identiteit is in Christus - nié in hierdie gemeente of wat ek hier verrig het of hoe goeie predikant is ek, of hoe goed ek preek of hoe goed ek mense besoek, of enige so iets nie - maar in Christus Self.

P20: LR_20.docx - 20:30 [Uh, en dan, dan dink ek moet d..] (207:219) (Super)
Codes: [32 Fokus op eie gawes en gestuurde roeping - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Uh, en dan, dan dink ek moet daar – en dit het ek nou nog nêrens eintlik gesê nie – maar daar moet gekonsentreer word op spesifieke gawes. Um, mense wat sekere goed op 'n sekere manier doen, ag, ag..., sekere goed goed doen, moet dit doen.
Almal moenie... Al die dominees moenie dink hulle moet alles doen nie.
Ja. Ons het by ons 'n verspreiding daarvan. Maar daar is maar sekere goed, ek bedoel, ons weet, daar is maar goed wat jy moet doen soos in elke *jop* wat jy doen in die lewe, maar goed wat jy moet doen. Jy kan nie sê, wel dis nie my gawe...
Ek hou nie daarvan nie.
Ek hou nie daarvan nie. Uh, maar, maar daar is 'n klomp goed wat hulle nie hóéf te doen nie. En daar's sekere goed wat hulle baie sterk is, en dit moet ons hulle bemagtig om te kan doen. Dat hulle dáárop konsentreer. En vir die gemeente self óók. Dis hoekom dit vir my so 'n *eye opener* was toe ek besef het maar ons gawe is dat ons na mekaar omsien. Daar is 'n baie sterk gawe van dit in die gemeente. Um, wat nié een van die patrone was wat ons gekies het nie. Dis nou sewe jaar later, en nou besef ek ewe skielik: joeg, maar hier sien ons dit nou. En ons moet dáárop konsentreer. Ons moet daar, ons moet dit sterker maak. Eerder as om te probeer om goed te kry wat ons in elk geval nie het nie, wat die Here nie vir ons gegee het nie. Wat nie doel en,

© University of Pretoria

is met ons of so nie, roeping vir ons nie. En ek dink by die predikante self ook. Um, ja, en ons gaan nou in hierdie proses waarmee ons nou besig is, gaan ons ook wéér uitkom by die rol van predikante. En dan dink ek, nou dink ek jy help my sommer nou 'n bietjie, maar dat ons moet stérk konsentreer om, om die ouens se spesifieke gawes, um, jy weet, seker te maak dat hulle... Daar's een ou by ons wat baie goed is met houtwerk en goeters regmaak en skuif en hoe moet dit hier wees en daar wees en so aan. Nou raak hy betrokke by, by die boukomitee of die watse komi... Nou's die mense kwaad vir hom, want hy meng nou in. Maar dit is eintlik sy gawe. Hy moet eintlik maar sommer die hoof wees daarvan. Want jy kán goed kap en goed regmaak en wat ook al. Al is hy nou predikant is, as dit is wat hy goed doen, hoekom kan hy nie dit doen nie? [Lag] So ek, ek..., dan gaan die mense dalk minder kwaad vir hom wees. Dan meng hy nie in nie, dan's hy déél van dit.
So, eintlik het elke dominee ook in 'n ... Ek, ek hoor nou wat jy sê, is elke dominee het ook in 'n sekere sin 'n eie unieke gestuurde roeping.
Ja.
Nê, net soos wat elke gemeente het 'n roeping.
Ja, ja.
En 'n mens moet eintlik op die sterk punte fokus.
Ja. Wel, ek dink dit is wat ons geléér het. Of ons dit regkry, is 'n ander vraag. [Lag] Ek dink ons is nog besig daarmee.
***Okay*, so jy het hierdie hele ding genoem van die identiteit in Christus moet sterk wees. Die gestuurde gesag wat die persoon moet opneem. Uh, die, die spesifieke gawes van die dominee waarop 'n mens moet konsentreer en ook versterk.**
Ja, en natuurlik ook, uh, uh, korporatief, dat 'n mens kan sê, maar hierdie is die gawes van die gemeente, daarom moet ons hierop konsentreer ook. (50:13) Jy weet, dat daai ou, daai visie – *you're not going on a frolic of his own* – uh, dit sal ook nie reg wees nie. Hy moet sy gawes kan gebruik ín hierdie gestuurde roeping van die gemeente. [Stilte] Dis eintlik wonderlik! Toemaar.

P20: LR_20.docx - 20:31 [ek dink definitief, uh, leiers..] (225:231) (Super)
Codes: [33 Bereidheid om risiko's te neem - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

...[E]k dink definitief, uh, leierskap – daai bereidheid om risiko's te neem. [Stilte]
Wat ek by jou hoor - ek interpreteer nou bietjie, maar ek toets dit nou – leierskap is vir jou 'n sterk ding van onderskeiding wat God se wil is, wat my identiteit is in Christus, en ek is bereid om daarby te staan of te val.
Hm. Ja.
Het ek reg gehoor?
Hm. Hm. Jy kan dit maar skryf so.
[Lag] [Stilte] En dit is ook wat jy eintlik bedoel met gestuurde gesag, nê?
Ja.

P20: LR_20.docx - 20:32 [ek dink daai hele besef van "v..] (234:234) (Super)
Codes: [14 Self 'n lewe van 'n dissipel lei - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

...[E]k dink daai hele besef van "verandering is nodig", en dit, dit hang saam met hierdie kapasiteite. Dat hulle sélf die lewe van 'n dissipel lei, om dit te kan – dit, ek weet nie

© University of Pretoria

of ek dit op die regte plek insit nie.

P20: LR_20.docx - 20:33 [Ek het, ek het hier 'n aanhali..] (259:273) (Super)
Codes: [Twee aanhalings uit die leesverslag - Family: Laaste opmerkinge]
No memos

Ek het, ek het hier 'n aanhalinkies, twee aanhalinkies wat ek vir jou wil gee. Dis nou uit daai leesverslag uitgehaal waar ek dit nou gister gelees het. Dis nou wat 'n lidmaat gesê het in 2005. Hy't gesê: ek ver... Hulle't vir hom gevra: wat verwag jy sal die gemeente lyk oor vyf jaar? Hy't sê, hy verwag om 'n gemeente te sien wat die pad loop- jy kan hierdie maar kry, ek sal dit vir jou gee
Okay.
Uh, van 'n liggaam wat deur mense effektiewelik bestuur word, met groot klem op wat hulle kan doen en in staat is om te doen. Baie sterk element daarvan gewees in ons gemeente van hier's verskriklik sterk leiers, predikante is sterk ouens, die mense weet wat hulle doen, elke ou is effektief in wat hy doen, ensovoorts. Of hulle dink so. Hy sê, maar ek hóóp om 'n Godgesentreerde liggaam te sien wat nié daarop fokus om dinge vir die Here te doen nie, maar Hom eerder toelaat om sy wil deur hulle te doen. Jis, hierdie ou, ek meen, hy wéét nogal.
Hei! Daai ou verstaan goeters, nê?
Ja [Lag]. En ek wil vir myself sê dat ek dink ons gemeente is nader aan hierdie laaste punt as aan daai eerste punt. Dat ons wél verander het in daardie rigting in.
Want die eerste punt is *management*, nê.
Dis ménse. Die tweede punt is God self.
Ja.
En Hý doen dit. Dit is nie ons wat dit doen nie. Um, ek dink dieselde ou het dit waarskynlik gesê, maar hulle sê nou nie wie't dit gesê nie. Betrokkenheid kan selfbedrog wees. Jesus vra ons nie om betrokke te wees nie, maar totaal en al óórgegee te wees. Uit dit vloei ware betrokkenheid, met ander woorde 'n dag tot dag verhouding met Jesus wat 'n verskil maak wáár ek ook al gaan. En dis die dissipelskap...
Dis gestuurdheid.
Dis gestuurdheid.
Om 'n verskil te maak wáár ek gaan.
Waar ek gaan. So, hierdie ou, hy verstaan nogal.
Hy't hom reg van die begin af verstaan [Lag]
Ja, so... En ek dink ons is nader aan dit as wat ons daar in 2005 was. Definitief. Net gou kyk of ek vir jou nog hier goeters kan uithaal. O nee, dis maar net die patrone wat ek gedink het ek na sal wil verwys. En ek het Lukas 10 uitgeprint, want ek het gedog, miskien wandel ons in die Woord. [Lag]

P20: LR_20.docx - 20:34 [Daardie, ug, vir my is dit in ..] (279:295) (Super)
Codes: [Hoe lyk die balans tussen "doen" en "wees"? - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Daardie, ug, vir my is dit in my persoonlik lewe ook 'n groot stryd, rondom – en dit is wat in daai aanhalings ook staan – wat God doen en wat ék doen. Ons sê, jy moet net wéés. Wees wat jy in Christus is. Dis die gestuurde, uh, beginsel. Um, maar dit is nie so eenvoudig wanneer dit kom by die *practicalities* nie, want wat moet ek nou eintlik doen? En ek dink daar's baie mense wat daarmee, uh, jy weet, as jy na hierdie ou se

© University of Pretoria

aanhaling kyk, dan, dan doen God alles. En dit is so. Ek glo dit. Um, maar om dit te kan régkry, om daai, ja... Ek weet nie of dit 'n navorsingspunt is nie. Dis maar net sommer iets wat ek, wat ek... Sondag het Charl gepreek by ons. En hy't gepreek oor daai gedeelte waar Jesus gesê het, as jy agter My wil aankom, moet jy jou kruis dra en jouself verloën en my volg. En, en daar hét tog 'n element oorgekom van, dis iets wat ek moet dóén. Terwyl dis eintlik iets wat nié moet doen nie. So, daai balans tussen daai twee goeters is nogal moeilik. Want ek het nou weer gaan kyk toe ek nou voorberei vir jou, toe... Ek dink ek het 'n hele *folder* oor gestuurde gemeentes. En daar is léésstof. En daar's sulke klomp goed wat ek nie eers gelees het nie. En ek dink ek was die meeste *into it* van enige van die lidmate. So, dis 'n verskriklik intellektuele proses. Terwyl dit is nie wat dit ís nie. Dis glád nie 'n intellektuele proses nie. Dis 'n, dis 'n oorgegéwe proses. Ek hoef mos eintlik niks te doen nie, die Here gaan dit doen.
Ek probeer verstaan. Sê jy daai baláns tussen wat God doen en wat ek moet doen...
En vir... Um, ja. Ek sê nie dit is iets waaroor daar navorsing gedoen moet word nie.
Ja, ek weet.
Ek noem dit net as iets wat ek dink baiekeer, wat baiekeer die ding laat vat. Want op die ou end gaan weer terug na, dis wat jy moet doen en dis wat jy moet doen.
O, *okay*.
Terwyl die gestuurdheid sê, nee, dis nie wat jy moet doen nie, dis wat jy moet wées.
***Okay*.**
Um, ...
Maar die doen en die wees funksie is kompleks, nê. Want, hier sit ek en jy nou, ons dóén iets.
Ja! Ja. ja.
So, uh, om te verstaan wat is dit nou wat ek moet doen, nê. Of is dit...
Ja. ja. Dit is...
Hoe doen ek dit, sodat dit binne hierdie wees-funksie, sal ons sê
Uh, uitkom.
Ja
Jy weet, dat... Ja. *Okay*. Goed, dit is die een ding waaraan ek gedink het.

P20: LR_20.docx - 20:35 [Die ander ding wat vir my noga..] (296:300) (Super)
Codes: [Hoe kan jy nuwe mense wat inkom op die wa kry? - Family: Verdere Navorsing]
No memos

Die ander ding wat vir my nogal, uh, uh, is hierdie inkommers. Om daai... Ek sê nie navorsing nie, maar ek sal graag wil hulp hê rondom dit. Is hoe kan 'n mens al die nuwe mense op die wa kry? Hoe kry jy hulle so gou as moontlik op die wa? Eintlik, as jy sterk genoeg hierdie beginsels leef, dan behoort hulle dit gou raak te sien. En ook, óf daarby aan te sluit, óf te gee pad. Maar, um, dis nie so eenvoudig nie.
Ja, want in die begin is die proses daarop gerig om die gemeente betrokke te maak, daai vyf persent en twintig persent. Maar nou, nou na vyf jaar...
Hm, nou verander daai ..
Nou verander die hele ding.
Daai syfers verander die heeltyd. En daar's 'n klomp ouens. En ons het nie dalk besef, by onsself, maar ons het hierdie ouens nie eintlik bygehou nie.

© University of Pretoria

Aanhalings LR_21.

All current quotations (19). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:54:02

P21: LR_21.docx - 21:1 [So toe ons in die vennootskap ..] (27:27) (Super)
Codes: [Fokus: SAVGG het ons gehelp om meer te fokus op ons visie - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

So toe ons in die vennootskap inkom, was daar al baie van die goed aan die gang. Maar wat die vennootskap gedoen het, en die reis wat ons onderneem het saam met die paar ander gemeentes in ons *cluster*, is om ons definitief meer te fokus op daai visie. Ons gemeente hou ook een maal ‘n jaar ‘n visiefees. En ek dink dis baie nodig. En dis baie wonderlik. Want daar is altyd van die ouer saamlopers wat begin lam raak. En daar is altyd nuwe intrekkers wat bykom, of mense wat... Mense het mos maar seisoene. En party raak meer betrokke by die gemeente as wat hulle vroeër was. Hulle kindertjies word miskien groter. So jy wil altyd weer die visie hernu. So dit het ons geweldig sterk aan ons visie gekoppel.

P21: LR_21.docx - 21:2 [En wat dit óók met ons gedoen ..] (31:31) (Super)
Codes: [Taal/Selfverstaan: Het vir ons terminologie gegee om kultuur te vorm en te verander - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En wat dit óók met ons gedoen het, is om vir ons terminologie te gee wat nou van die vennootskap se kant af kom, jou gestuurde taal. Want ons weet mos, taalgebruik is ‘n baie belangrike hulpmiddel om kultuur te help vorm en verander. ‘n Kultuur en sy taal is onlosmakend aan mekaar.

P21: LR_21.docx - 21:3 [Wat óók nou gebeur het, as gev..] (32:32) (Super)
Codes: [Fokus: Prediking meer vaartbelyn met sterk fokus op gestuurde patrone - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Wat óók nou gebeur het, as gevolg van ons fokus binne-in die taakspan en daai tyd van die reis, is dat ons begin fokus het op drie sterk punte. Soos hulle dit mos nou vir jou sê, hoe dit uit die leesverslag uit kom, moet jy nou drie goed identifiseer waarin die gemeente skynbaar reeds sterk is en dit vérder versterk, want dis waar jy is. Dís wat die Here vir jou gegee het om mee te werk. En mettertyd val die ander goed ook in plek in. Dissipelskap. Eers was erediens. Seker vir ‘n jaar lank, of twee, het ons op die eredienste gefokus. Gewéldig. En vernuwing in die erediens begin. En meer lidmate in die erediens laat deelneem. En toe nou vanjaar, die hele jaar, is ons besig met dissipelskap. Die prediking aan die hand van die leesrooster, uitgewerk. Ek moes dit eintlik vir jou kon gewys het, hoe pragtig dit is. Pamfletjie, kwartaal vir kwartaal, alles oor dissipelskap. Al die dominees gebruik die leesroosterteks en gee hom net daai invalshoek, net mooi dat dit oor dissipelskap gaan. En volgende jaar, sê een van die dominees vanoggend vir my, gaan dit voort. Volgende jaar gaan dit nou oor ander fasette, nog van dissipelskap. Ek het nou vergeet wat hy gesê het. Maar in elk geval,

© University of Pretoria

so, daai fokus en daai taalgebruik.

P21: LR_21.docx - 21:4 [Maar die vennootskap het ons o..] (34:34) (Super)
Codes: [Lidmaatbemagtiging: Skuif vanaf 'n kultuur van bediening aan lidmate na bediening deur lidmate - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Maar die vennootskap het ons ook gehelp om lidmate só te bemagtig, dat hulle, dat ons kan begin skuif van ‘n kultuur van bediening áán lidmate na ‘n bediening déúr lidmate. En daar het ál meer mense na vore gekom met spontane voorstelle van, dáár sien ek ‘n behoefte. Kan ons nie daar iets doen nie? En ek gaan nou vir jou verhaal dáárvan vertel.

P21: LR_21.docx - 21:5 [Een vrou het begin, sy is n op..] (35:43) (Super)
Codes: [Storie: Biblioteekbediening word bediening aan gevangenes - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Een vrou het begin, sy is n opgeleide bibliotekaresse, sy is geskei van haar man, en toe begin sy met ‘n biblioteek vir die gemeente. So almal wat nou geestelike boeke het, kom ons begin ‘n biblioteek. Daar kry naderhand soveel boeke, afgesien daarvan dat ons al vir jare lank ‘n florerende biblioteek-diens elke Sondagoggend het. Rondom al twee eredienste is al daai boeke uitgestal op die tafels en die mense neem en gaan aan. So jy sit hulle aan die lees. Maar toe kry sy so baie boeke, wat sê sy: my liewe aarde! Kan ons nie hierdie boeke êrens anders skenk nie? En die Here gee vir haar ‘n ingewing, glo ek nou maar, om hier by die gevangenis te gaan vra: maar het hierdie gevangenisse nie geestelike leesstof nodig nie? Nee dankie, sê [DORP] se tronk. Sy sê, maar waar is ander gevangenisse? Hulle sê, ag, probeer [GEVANGENIS], daai een waar Mnr. Mandela gevange gehou is en waar hy vrygelaat is, daai een. Nou kán jy nou glo wat se bediening nou al ontstaan het in daai gevangenis wat met die leesstoffies begin het? Want toe begin van die gevangenes briefies skryf om te sê, dankie. Een van hulle opsigters, of wat ook al, bewaarders het vir hulle gesê: skryf vir die mense van [GEMEENTE] briefies. So begin daar mense korrespondeer. Die briewe word kerkkantoor toe gestuur, maar jy kry nou jou een spesifieke gevangene vir wie jy gereeld briefies skryf. Daar begin briefwisseling. Ons begin vir hulle geskenkies gee as hulle verjaar, kaartjies stuur. Kersfees gee ons in deursigtige plastieksakkies - want daar moet nou presies gesien kan word wat is binne-in die sakkie - stuur ons vir hulle ietsies. En daar ontstaan só ‘n verhouding in van ons gemeente mense. Ek was twee keer daar, so ‘n klein groepie, ons was vyf of ses op ‘n slag, dan gaan lê ons besoek af daar. Dan gaan ons saam met die bewaarder deur en hy wys vir ons als wat gedoen word in die maksimum B groep en C groep en die dié. En daar is ‘n kerk. Kan jy glo, lat in die tyd van die ou regering is daar ‘n NG kerk geboutjie, ‘n kapel. En soos ‘n kerkie met alles daar gebou. Kerkbanke soos ons nie droom, party van ons kerke om te hê nie, waar hulle kan bymekaar kom. En daar ontstaan ‘n geestelike gemeenskap in daai gevangenis. Nie lank nie toe is daar van hulle wat by die een of ander kursus inskryf - CLF, nee, ek het nou die afkortings vergeet - en wat vra: ek wil graag hierdie kursus doen. Dis nou korrespondensie-onderrig natuurlik, om as ek uit die tronk uit kom, ander mense berading te kan gee, jy weet geestelike berading en sulke goed. En méér ook van die Bybel te leer, en als En ons begin borg van hulle, bietjie, bietjie. Ek dink daar nou al ‘n stuk van dertig van hulle. Dit kos derduisende rande, maar daar sal een persoon byvoorbeeld op ‘n slag

© University of Pretoria

'n tjek van R30.000 uitskryf, so iets. Dit gryp die mense se harte aan. Gert, en dit is nie die einde van die storie nie. Een maal 'n jaar wanneer [NAAM&VAN] verantwoordelik is vir die beharmtigheidsdiens - daar is so barmhartigheidsondag iewers in Augustus - jaar vir jaar, dan kom daai gevangenes in pragtige wit hemde met 'n dassie aan. Mooi aangetrek mét hulle bewaarders, bring hulle van daai gevangenes wat ons nou al leer ken het in die proses en kom getuig hulle. Van hulle...

In julle erediens?

Binne in die erediens. Die trane die loop, want hulle vertel hoe die Here hulle lewens hand-omkeer verander het, die een na die ander. En dit is nou al so 'n ding dat, toe die een ou moet ontslaan word ... Hulle sê ook nou, wanneer hulle uitgaan, sal hulle nou vir ons sê, hierdie ou wat julle nou jaar vir jaar hierso sien, hy moet nou uitgaan. En as daar nou mense is wat vir hom kan help met 'n bietjie klere en so en 'n sakgeldjie, of dalk weet van werk... So raak ons ook betrokke ook by hulle as hulle daaruit is. Sal een van die jong tandartse in ons gemeente - want daai ou het nie voortande nie [lag], sal jy dan nie sê, maar hoor hier, my bydrae is ek gaan vir hom 'n stel tande gee. [Lag] En hy doen dit! As die ou weer daar kom optree, dan is hy al uit die tronk. Dan staan hy met daai grote glimlag. Daar is een ou wat elke jaar kom sing. Die gevangenes... Daar is een ou wat al 'n houtwerk-raam gemaak het, en 'n tekening, en die Here Jesus wat sy arms slaan om 'n gevangene. Hy sê, dis ons daai. Dis hoe Jesus deur julle liefde ...

Is dit nie te wonderlik nie?

Aa weet jy ek kry skoon hoendervleis.

Nou kom hierdie welgestelde gemeente...

Absoluut

...en hulle begin 'n gevangenis-bediening. Deur spontane betrokkenheid van 'n enkele lidmaat.

Absoluut. Absoluut. En dis vrouens. En dis vrouens, en gewóne mense wat daai goed doen. Geen dominee het gesê: kom ons doen dit nie. Hulle het niks daarmee te doen gehad nie.

P21: LR_21.docx - 21:6 [Die gemeente het geweldig tale..] (43:43) (Super)

Codes: [08 Geloofsvorming: Om lidmate te help om self te onderskei waar God werk en hoe hulle daarby kan inskakel - Family: Gemeente Uitdaginge]

No memos

Die gemeente het geweldig talentvolle mense. Maar nou sê [NAAM&VAN] vanoggend vir my oor die telefoon, hy sê: maar weet jy wat, baie mense weet nie hoe om hulle talente in die koninkryk aan te wend nie. Hulle weet nie wat hulle met daai talente kan doen nie. So dit is nogal 'n uitdaging, om vir mense so ver te kry om te begin rondkyk, spontaan in hulle omgewing. Want ek glo vas, hoe meer spontane ongestruktureerde diens daar gelewer word in die gemeenskap, hoe groter is die impak. Ek het half 'n broertjie dood aan hierdie strukture waarin ons aksies wil loots. En waar jy mense moet soebat en druk en stoot om te kom saam meedoen. Hulle moet, daar waar hulle in die samelewing rondbeweeg, moet hulle self goed begin raaksien. En dit is aan die gebeur in ons gemeente.

© University of Pretoria

P21: LR_21.docx - 21:7 [Ons gemeente vertel nog nie ma..] (49:55) (Super)
Codes: [08 Geloofsvorming: Om lidmate te motiveer om hul God-stories te verel - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ons gemeente vertel nog nie maklik God-stories nie. Ek sê nou: God-stories, want ek hoor nou ander ouens praat van daai woord. Ou [NAAM&VAN] by [GEMEENTE] hier by [WOONBUURT] maak in sy erediens plek vir God-stories. En die mense kom vertel met vrymoedigheid wat die Here vir hulle doen. Of hoe hulle gevoel het die Here wil hulle gebruik, sonder om die fokus op die mense te laat val. Ons wil mos nou nie die fokus... Maar daar by [NAAM] het ek byvoorbeeld gehoor dat mense, hulle het sê nou maar 'n grote bak daar aan die voet van die kruis, waarin elkeen wat vir die Here wil kom dankie sê vir iets wat Hy in die week vir hulle gedoen het, daar 'n klippie kom insit. Hulle het nou klippies daar voor by die deur, mooi wit spoelklippies. Jy weet, dis is mos nou niks om daar ... En, of 'n kersie kom aansteek, doen party gemeentes. En dan mettertyd die mense aan te moedig: Wil jy nie net iets daarvan vertel vir die gemeente nie?
Wat se klippie is dit daai?
Ja! Waarvoor lê daai klippie daar?
Vertel die klippie se storie.
Wil jy vertel van die klippie? Ensovoorts. So, dít is nog in ons gemeente... Dis nie deel van ons gemeente se kultuur dat mense daar hulle stories staan en vertel nie. Want miskien is daar te veel belangrike ouens en hulle het 'n hekel aan mense wat hulleself daar staan en ophemel. Maar om nederig daar te kan staan en sê: ek wil net my dankbare erkenning vanoggend aan die Here gee vir dit of dat. My kind wat werk gekry het. Of my gebed wat verhoor is, wat ook al. Dit is nog vir mý 'n uitdaging. Ek sien hulle hét al probeer. Ek kan al dink aan mense wat verhaaltjies daar vertel het, maar dan vertel hulle hom so lank dat niemand anders daarna die vrymoedigheid het om weer 'n storie te vertel nie, want hulle s'n is nie so opspraakwekkend nie, jy weet. (27:17)
Dit is nogal 'n kuns. Maar dit is 'n uitdaging daai ding van verhale
Ja. Dit is 'n uitdaging...

P21: LR_21.docx - 21:8 [Ons het byvoorbeeld weggedoen ..] (59:65) (Super)
Codes: [Geloofsonderskeiding: Beweeg vanaf strategiese beplanning na geloofsonderskeiding - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ons het byvoorbeeld weggedoen met die hele idee van verslagdoening by vergaderings. Dit was 'n ding wat ek dink ons reg gedoen het.
Okay.
Daar was 'n tyd toe [NAAM&VAN], wat nou hier by die kweekskool is, toe hy nog in die gemeente was, het hy vir ons sulke reuse A3 velle papier vir al die leiers van bedieninge gegee en gesê: só moet jy jou doelwitte; só moet jy dit; en so moet jy dat. En wat gaan die aksiestappe wees? En tyd wat julle vir julleself gee? En, en, en, ensovoorts. Laat ons op papier kan sien wat word in hierdie gemeente gedoen. En dit was waar my binneste in opstand gekom het, en waar die hele visionering-storie toe begin het. Want ek het gesê, ek kan nie, ek kan nie saamgaan met hierdie goeters nie. Wie sê ons is op die regte koers? Moet ons nie ágter ons dit eers gaan haal nie? En kyk die SAVGG wil mos nou juis hê dat ons van strategiese beplanning moet beweeg na geloofsonderskeiding.
Dis reg.

© University of Pretoria

En daai ding het tog begin posvat in ons gemeente, hoor. Daai verslae wat jy moet indien by ‘n bestuurskomitee, of ‘n wat ook al, daai goed het weggeval.
So wat jy sê is, julle het, wat ek hoor jy sê, is die vergaderinge het begin skuif vanaf hierdie strategiese beplanningsding, verslagdoening, na geloofs...
Absoluut. Na geloofsonderskeiding. En bloot die tyd wat nou bestee word byvoorbeeld in ‘n kerkraadsvergadering om te wandel in die Woord. Om om na te dink, rustig by die Here te wees, te peins. Uhm, wat noem ons tog daai een vergadering? Man, ek sê jou, ek is nou al twee jaar uit alles uit, nou vergeet ek weer. Bedieningsvergaderings, dis nou maar al die verskillende bedieninge. Een maal ‘n maand ook nou bymekaar moet sit en sê wat hulle doen en so. En dan sal ons hulle byvoorbeeld aan die einde van die jaar kom en dan sal een wat voorsit byvoorbeeld sê, kom ons deel met mekaar net waar ons God sien werk het, in spesifiek in daai area waarmee ons vanjaar besig was. En dan sal ons spontaan... Dis mos nou anders as ‘n verslag wat jy moet gaan sit en skrywe. Jy weet, ek het mos my doel. Dis Godsvrae. Waar het God gewerk? Waar het jy tekens gesien? En en watter droom gee die Here vir jou vir volgende jaar? Waaroor droom julle in julle bedieningsgroep? Wat sou julle graag wou sien gebeur? Waaroor kan ons saam bid? So, daai goed het begin gebeur. En dít is fantasties as ons uit daai formele strukture kan beweeg na ‘n verhouding met ‘n lewende God. As die goed wat óns daar sit en beplan en nou moet óns met hulpmiddele en goeters bereik nie, jy weet. Ja dit wou ek net bysit.

P21: LR_21.docx - 21:9 [Uitdagings het ek nou hierso g..] (67:77) (Super)
Codes: [02 InkoopLeraars: Inkoop van leraars - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Uitdagings het ek nou hierso geskrywe. Um in die begin was dit moeilik, spesifiek ook om te sien of al die dominees ingekoop het in die ding. Mens het soms die indruk gekry dat party nou ingeforseer is hier in ‘n ding. Maar ek dink hulle het méér ingekoop as wat... Ek onthou ‘n vraag in ‘n kerkraadsvergadering, toe ons nou moes besluit: gaan ons nou aansluit by die vennootskap of nie? Hét - toe die vergadering nou uiteindelik begin beweeg in die rigting van “ja” - toe het iemand pértinent gevra: maar ondersteun die dominees dit? Dink hulle ons moet dit doen? Ek wil net vir jou illustreer hoeveel waarde mense nog heg aan die dominee as die leier. As hy nie inkoop in die ding nie, jy weet... En dit was nie altyd so sigbaar dat al vier hart en siel daarin was nie. Een het byvoorbeeld mettertyd glad nie meer gegaan nie, maar ek aanvaar hy het baie ander werk. [NAAM] wat ook by sinodale goeters betrokke is, nooit meer taakspanvergaderings bygewoon het nie. Nooit ons ... Dan kry jy so die gevoel, jy weet, hy staan ‘n bietjie eenkant. Maar, kyk hy sit twee stoele vol. Hy’s gemeente predikant, maar hy's ook hier by kuratorium, of waar, wat doen hy als? Ek weet nou self nie meer nie, maar in sinodale verband moet hy baie vir gemeentes rondgaan en vir hulle raad gee en goeters.
So dit het nie die proses gekelder, die feit dat die dominees nie op ‘n gelyke mate ingekoop was nie? Kom ons stel dit so.
Ek weet nie, ek dink dit het nogal. Ek dink eerlik dit het nogal bietjie. Want ons het nie daarin geslaag om die gemeente heeltemal met ons saam te kry nie. Ek weet nie of die kommunikasie tussen die taakspan en die gemeente altyd van só ‘n aard is... Jy sien, dit is ‘n enorme gemeente. Baie van ons visionering en goed het ook daaroor gegaan, hoe? Moet ons oorgaan na ‘n makro-gemeente? Hoe moet ons onsself sien? Is ons makro? Wat is ons?
Hoeveel is julle, weet jy?

© University of Pretoria

Ek weet nie. Seker twee duisend?
***Okay*, so 'n ander uitdaging is hierdie ding van om die gemeente saam te vat op die reis.**
Ja. Absoluut. Ja.
En selfs sommige van die dominees.
Ja. Ja-ja. In ander *clusters* het ek gehoor, die dominees kom ook bymekaar. Apart, sê nou maar die Vrydag. Dit het nooit in ons *cluster* gebeur nie, nooit.
En dit is belangrik.
Ek dink dit is vrék belangrik. Want weet jy, as die dominees nie met integriteit deel is van hierdie proses nie, gaan iets skipbreuk ly. Jy kan nie 'n klomp lidmate probeer bemagtig om deel te neem volwaardig in die bedieninge in die gemeente en inisiatiewe te begin neem, want hulle moet mos nou hulle gawes gebruik, jy weet. As die dominee nie leerbaar genoeg is om te kan terugstaan en ruimte te maak vir daai mense nie, verstaan jy. Daar moet 'n rolverskuiwing kom. En dit is hoekom dit so verskriklik belangrik is dat daai dominees moet kan leer om 'n ander rol in te neem. Die gemeente moet óók dit leer.

P21: LR_21.docx - 21:10 [Ek dink, van 'n organiseerder ..] (83:97) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Rol skuif vanaf organisering en bediening na lidmaatbemagtiging en mentorskap - Family: Leraar Rol]
No memos

Ek dink, van 'n organiseerder en 'n pastorale bedienaar - ag, eintlik moet hy soveel honderd stoele volsit as hy 'n dominee is, volgens die ou verwaginge, die ou rolverwagting...
Ja?
Hy moet ophou om te organiseer, want hy moet méér verantwoordelikheid begin afwentel na die lidmate toe om dinge te doen. Hy moet hy moet... Hy gaan die gevaar loop dat daar partykeer pap op die grond gaan val, as die lidmate dit moet doen.
Ja?
En hy moet die grootheid van gees hê om dit te laat val, verstaan jy? [Lag] Ja, die pap moet maar val.
Hmm.
As dít beteken dat die lidmate so moet druk en trek en stoot, jy weet, om mense betrokke te kry by hulle ietsie wat hulle nou wil doen, om nou ondersteuning te kry vir dit, laat daai ding later doodloop, dan moet hy doodloop. Want lidmate moet óók leer. Maar, joe, ek dink nog altyd die dominee is die een wat die meeste moet leer. Hy móét leerbaar wees. En hy moet leer om terug te staan. En dit is baie baie moeilik. Vir iemand wat altyd daai rol moes volstaan, van álmal verwag van my, ek moet spring as daar iemand siek is, of 'n operasie ondergaan, of dit of dat. Vroeër jare moes die dominee almal wat verjaar ook gaan geluk sê, jy weet. En dan hulle gedink die son skyn uit hom as hy darem dit alles gedoen het. Nou ons weet mos nou, géén dominee wat so groot rol volstaan, gaan dit regkry om lidmate te bemagtig om hulle ding te begin doen nie. En ek dink dis net so ontsettend belangrike ding, dat mense moét hulle gawes begin gebruik en begin kreatief raak ook in die gemeente. En daarvoor moet die dominee nederigheid hê. Hy gáán seerkry. Hy gaan op die tone getrap word, dalk. Ek weet nie. Maar ek glo vas dat die koninkryk van God kom in die gestalte van gebrokenheid, van die minste wees. Filippense 2. So wat ek eintlik in gewone woorde wil sê, die dominees moet afklim van hulle troontjies, die nog wat steeds... En daar nog baie wat nog klou aan daai troontjies, régtig. En hulle staan in die pad, nie nét van die lidmaat se ontwikkeling nie. Maar, weet jy wat, Gert, wat vir my die ergste is,

© University of Pretoria

is dat party dominees se rol nog so groot is - en dit is dikwels ouer dominees, ongelukkig - dat mense nie vir God raaksien nie, hulle hulle... Daai dominee staan in vir G..., hy is eintlik God se verteenwoordiger. Terwyl hierdie mense het direkte toegang tot God. Het ons nie? En ek onthou toe ons begin het om met die gemeente se goed te lees, het [NAAM&VAN], ons het eendag in sy huis gesit en 'n gemeente se goeters gelees. En hy het net skielik die hele gesprek gestop. Ek was so geskok tot in my tone. Hy sê, wat in hierdie gemeente aangaan, is 'n Gods-verduistering. Die dominee se gestalte kan so groot wees dat hy eintlik God verduister vir sy gemeente. En hy moet uit die pad uit kom dat die mense weer vir God kan raaksien. En dat hulle nie van die dominee afhanklik is nie, maar van God. En dit is enórme skuif wat soms moet gebeur. En hoe sê jy dit vir 'n dominee? Huh? As dit nie die Gees van God is wat dit in 'n mens kan openbaar nie, hoe gaan jy jouself ontdek? Want daar is altyd mense wat baie gerieflik, lidmate, net hier onder wil bly. Hulle wil, die dominee moet hulle kom besoek. Dominee moet nie dit, dominee moet dat. Hy moet spring, spring, spring. Die mense kan... Hulle moet gehelp word en gementor word. Die dominee moet na 'n geestelike leierskap-rol toe oorskuif, nie hierdie organisering-rol nie. Verstaan jy? Dis, sý kapasiteit moet dié wees, geestelike leier wat kan mentor en help om vir mense ruimte te maak om self op te staan, op hulle eie bene, geestelike bene.
Dis baie ingrypende goeters wat jy sê. Dankie daarvoor. Dit raak nou daai volgende punt. Kyk, die twee vragies was nou: die rol van predikant en sy unieke bydrae. Jy het nou eintlik gesê dat, wat ek gehoor het jy sê - jy kan sê jy het verkeerd gehoor -: as die dominee nie hierdie organiseerder, hierdie beplanner wat almal moet sien, wat siekes en wat... Hy moet eintlik leer om net uit die pad uit te kom, en om mense te bemagtig om die bediening op te neem. Het ek verkeerd gehoor?
Ja-nee, dis reg. Maar dit is 'n proses. Want dit gebeur nie oornag nie, hoor. Hy kan nie eensklaps van een rol oorstap in 'n ander een nie. En die lidmate kan dit ook nie doen nie. So daar is 'n tussen-fase, wat bitter moeilik is vir al twee partye. Maar die één ding wat hulle in gemeen het, is dat álbei kante éwe afhanklik saam voor die Here moet kan kom en sê: Here, hoe wil U hê ek moet in hierdie nuwe rol ingroei? So die héél belangrikste ding op die ou end is maar 'n mens se persoonlike verhouding moet die Here. En ek meen, dit is die lááste ding wat gemeentelede vir 'n dominee kan insinueer, hoor hier, ek het vraagtekens oor jou verhouding met die Here. Dit werk mos altyd anders om nê. Dis altyd meer ...
Want hier vind 'n Godsverduistering plaas.
Ja! [Lag] Oeg! Verskriklik!
Okay, maar weet jy wat ...?
Maar dis ernstige sake.
Ongelooflik ernstig.
En dis goed wat diep lê in ons lidmate se harte. Want, party dominees kan jy met 'n stok aanvoel, dit bly net hier oppervlakkig. Oppervlakkighede. Clichés. Geykte frases en terme, jy weet. En en...

P21: LR_21.docx - 21:11 [Nie almal in dieselfde mate ni..] (99:99) (Super)
Codes: [1 Geestelike verdieping en diepgang in die omgang met die Woord - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Nie almal in dieselfde mate nie, maar party wél. Waarvoor ek die Here absoluut dank. Maar nie almal in dieselfde mate nie. Maar nou ook, hul spiritualiteite verskil so, wie is ek nou om te sê? Ek dink tóg, in geheel gesien, ja, was daar transformasie, was

© University of Pretoria

daar verdieping. Um die een wie se persoonlikheid nou so is dat hy die meeste op die formele oppervlak met die goeters en met die... En wat nie diep teologiese insigte vir jou in sy prediking gee nie. Dis altyd hierdie... Seker het hy maar 'n doen-spiritualiteit, ek weet nie. 'n Hand-spiritualiteit, noem hulle dit. Maar hy is nou goed met vergaderings lei en al daai goed. En so het hy nou altyd die vergaderings gelei. As hy nou 'n kerkraadvergaderings lei, dan sal hy nou byvoorbeeld vir ons attent maak op 'n stukkie wat hy nou elke oggend in sy stiltetyd van die internet aftrek van een of ander iets, jy weet of so. Wat jou darem 'n idee gee, ma die man ís ernstig, al lyk dit nie so nie. [Lag] Verstaan? Maar mens wil tekens by 'n dominee sien dat hy met God besig is, en dat die Here met hom besig is. Een wat ek vroeër jare... Dis nou baie persoonlik, maar een dominee wat ek vroeër jare nie kon hanteer nie, omdat hy altyd aan die hardloop en altyd te haastig is, is nou op die ou end die een by wie ek in 'n Bybelstudiegroep gaan sit, elke week. En wat vir my, daar's soveel diepgang in sy omgang met die Woord. En hy breek soveel nuwe goed nog vir my oop. Ek is darem nou al gevorderd in die jare, verstaan? En ek sit al die jare ...

P21: LR_21.docx - 21:12 [Ja, Gert, daar was definitief ..] (101:101) (Super)
Codes: [1 Geestelike verdieping en diepgang in die omgang met die Woord - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ja, Gert, daar was definitief transformasie by hulle, maar dis 'n belangrike punt daai. Want jou taakspan wil dit hoor en sien. En daaroor moet hulle net so voluit deelneem aan daai wandel in die Woord daar in die taakspan, soos die ander. Want jy hoor en jy lees baie, en dit motiveer die lidmaat. En dit sê, maar as my dominee, wat so besig is, en wat so hoog geleerd is, of wat dit nou ook al mag wees, want nie almal in so 'n *grand* gemeente is daar bo nie, jy weet. Daar's is baie eenvoudige mense ook. Dan kan ek met hom identifiseer, en kan ek sy leierskap aanvaar, sy geestelike leierskap.

P21: LR_21.docx - 21:13 [Terugstaan. Daai terugstaan-di..] (103:107) (Super)
Codes: [Aanleer/Afleer: Terug te staan en nie altyd die antwoord op alles te hê nie - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Terugstaan. Daai terugstaan-ding.
Ja. So hulle moet leer om terug te staan.
Ja. Om nie altyd die antwoorde op alles te hê nie. Dit moet hulle afleer
Ja, dit is nou die volgende vraag. Wat moet hulle afleer?
Ja, om al die antwoorde op alles vir jou te kan gee. Té slim te kan wees. Want, jy sien, dit is nou op [DORP] 'n probleem, want hier is almal so slim dat party dominees wil nou wys hulle is darem nog die slimste. En leerbaarheid gaan daarmee saam.

P21: LR_21.docx - 21:14 [Ek dink hulle moet baie geduld..] (107:107) (Super)
Codes: [30 Geduld en volharding met lidmate wat in 'n groeikurwe is - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek dink hulle moet baie geduld en volharding aanleer met hierdie lidmate wat nou in 'n groeikurwe is. En dit gaan 'n lang proses wees. Hulle moet nie kits-antwoorde soek nie, of kits-oplossings, of kits-klaar lidmate wat sommer in hulle nuwe rol instap nie. Dis 'n lang proses. En geduld en volharding is vir my kernkapasiteite.

© University of Pretoria

P21: LR_21.docx - 21:15 [Ek het netnou gepraat van laat..] (115:117) (Super)
Codes: [41 Let go and let God - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek het netnou gepraat van laat maar die pap op die grond val. Maar dieselfde, daai selde houding wat die dominee teenoor sy lidmate moet hê, moet hy ook, moet ons almal ook teenoor God hê. Hou op om self alles te wil doen. Laat God dit doen. Staan nou terug dat Hy ook ‘n slag kan werk. Hy werk in elk geval, maar begin dit nou raaksien. Dís vir my ontséttend belangrik in die hele gestuurde proses: *let go, let God*. En weet jy wat help daarmee? Is hierdie wandel in die Woord metodiek. Ons weet dit mos nou almal, dat jy vir die twintigste of sewentigste keer êrens in ‘n byeenkoms is waar dieselfde teksgedeelte... Ek kon dit nie kleinkry nie in die begin nie. Kan hulle nie by Lukas 10 verby kom nie? Daar is só ‘n dik Bybel. [Lag] Die groot ding daarvan is om elke keer daarmee te sê: Here, ek sit al my vooropgesette idees, en als wat ek vantevore al gedink het ek weet ek sien in hierdie Skrifgedeelte. Ek sit dit neer. Kom, ek is oop vir u Heilige Gees om enigiets vanoggend onder my aandag te bring. En ek gaan luister na hierdie broer of suster hier langs my, wat U vir hom of haar te sê het. Ja ,is dit nie fantasties nie? Want, ons... Veral die dominees weet mos nou wat staan daar in daai gedeelte. As dit nou nie bergpredikasie of die dit is, hy weet... Hy *skip* net so... En vir ons almal om net stil te word en te sê: Here, ons glo dis ‘n lewende ontmoeting met U. Ons glo U het vanoggend iets om ander ons aandag te bring uit hierdie selfde Skrifgedeelte uit. Dis waaraan ek dink.
Ja, dis nou eintlik ‘n opskorting van jou kennis. Jy skort eintlik alles op en kom staan leeg voor die Here. Dis wat ek hoor jy sê.
Ja, jy word leeg. Jy word weer leeg.

P21: LR_21.docx - 21:16 [Ek wil oor die kennis net nog ..] (121:131) (Super)
Codes: [42 Beoefen geloofsgewoontes en rig ander daarin af - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ek wil oor die kennis net nog iets sê. Die kennis-ding, baie van ons dink mos nou, ons hele [KERKVERBAND]-agtergrond, ons hele Protestantse Calvinistiese wat-ook-al agtergrond, het mos gefokus op die rasionele, op die kennis. Um ek dink daar moet ‘n baie groter waardering kom vir mense se verskillende spiritualiteite. Mense is nie net rasioneel nie. Hulle het nie net ‘n kop nie. My man het ‘n kop-geloof. As hy uit die kerk uitkom, dan sê hy, die preek dit of dat. Dan sê ek, maar behalwe nou vir die preek, wat nou van die res...? Nee, wat bedoel ek? Nee, die preek was so. Want hy beleef dit rasioneel, en alles gaan vir hom daaroor. Ander mense vóél net. Dis *airy fairy*. Hulle voel net. Hulle sweef die hele tyd. Maar wat ek maar wil sê is, kennis is nie alles nie. So ons moet oppas wat ons nie nou omdat kennis daar staan in daai lysie, op die oordra van kennis, want dít gaan nie van ‘n gemeente ‘n gestuurde gemeente maak nie. Vir my lê die kruks by die geloofsgewoontes wat ingeoefen moet word. En ek wil sien dat daai geloofsgewoontes by die dominee ook ingeoefen word. Een van daai gewoontes, het ons nou al gesê, is om God-stories te vertel, Godsvrae te vra, ensovoorts. (50:50) [Stilte]
So daai ...
Hierdie wandel in die Woord, wat ons ook nou net oor gepraat het.
Dis wandel in die Woord, dit is Godsvrae
God-stories of Godsverhale, jy weet, getuienisse, met ander woorde. Want mense wil vandag hulle geloof konkreet uitleef, dit moet grondvat. Dit kan nie meer so wees soos ons grootgemaak is. Ons het nou al daai mooi kennis en alles. Ons kan almal die

© University of Pretoria

antwoordjies mooi uitspel, maar ons het nie gewoontes en vaardighede nie.
Eintlik word die dominee dan 'n ruimte-skepper wat vir mense ruimte skep en daai vaardighede... En ook 'n bemagtiger.
Ja, kyk dit het ek ...
Hoor ek jou nou reg? Jy het dit vroeër al gesê.
Ja, ek het dit, ons het dit gesê toe ek gesê het, ons het 'n gemeente vol potensiaal, vol talent en gawes. Maar mense is nie geoefen om daai goed te gebruik nie in die koninkryk nie. Hulle weet nie hoe nie. Hulle weet nie hoe om grense oor te steek na ander toe nie.
Weet die dominee?
Nee, ek weet nie. Ja, laat dit aan hom oor! Hy word betaal daarvoor. [Lag] So iets. [Stilte]

P21: LR_21.docx - 21:17 [Nee, definitief! Want as hy ni..] (133:167) (Super)
Codes: [42 Hoe mentor en bemagtig jy lidmate vanuit 'n nuwe rol? - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Nee, definitief! Want as hy nie, as hy nie self hierdie pad loop nie, gaan hy verniet sy span probeer motiveer. En veral in 'n makro-gemeente, 'n groot gemeente. Soos ek gesê het, ons het vier predikante. Daar was 'n tyd, voor al hierdie goed begin het, en voor ons visionering proses of in daar tyd, wat daar 'n skeldwoord gebruik is ons gemeente wat op die ou end gemaak is dat mense uit ons gemeente uit is. Mense het gesê, die dominees, die vier dominees, nou ongeag wie hulle is of was op daai stadium, het 'n magsblok gevorm. Jy kom nêrens met hulle nie. Hulle beheer en kontroleer. Dan sê die dominees, maar dit is nie waar nie. Dan sê ons, maar dis hoe die lidmate dit beleef. Dit is hoe ons dit beleef. Anders word tog, jy moet tog toestemming kry vir dit en vir dat. En ek dink dit was, daai slegte ding wat gebeur het, was 'n goeie ding, want dit het ons aan die beweeg gesit, en.. Máár, toe het die dominees, toe hulle onmiddellik die implikasies daarvan insien en probeer vure doodslaan, toe abdikeer hulle. Toe gee hulle die troon oor. Toe gaan sit hulle. Toe trek hulle passief terug. En dis ook nie wat hulle moet doen nie. Daai mentor-rol wat hulle moet begin speel om lidmate, met hulle 'n pad te stap. Huisbesoek is nou uit en af, jare al. Ek vra nie dit moet terugkom nie. Ek het nie vrymoedigheid... Nee, ek kan nie dit sê nie. Ek sal dit seker hê, maar in al die jare waarin ons gemeente nou nie meer huisbesoek het nie, het ek nog nooit die vrymoedigheid gehad om vir 'n dominee te sê, hoor hier, my geestelike lewe is op die oomblik so in die woestyn, ek het nou net 'n bietjie bemagtiging en 'n bietjie bekragtiging en bietjie aanmoediging nodig. Kom gee dit net vir my. Kom vind net uit hoe gaan dit met my. Kom vind net uit by my: hoe verwerk ek my skoonseun se dood? Hoe verwerk ek my man se kanker? Verstaan jy? Ek verwyt hulle nie daaroor nie, want ek dink ook nie hulle weet. Hulle het nie die, hulle het nie die voorbeelde om hierdie geestelike mentor-rol te kan vervul nie. Iemand moet hulle dit leer, en ek weet nie wie nie. Maar hulle doen dit nie vanself nie. Hulle kan nie, hulle weet nie hoe nie. Want hulle het nou gehoor hulle moet nie als doen nie, nou doen hulle nie als nie. Nou moet die lidmate die goeters doen. Nou moedig hulle mense van die kansel af aan, maar jy moet in persoonlike verhouding mense tree.
Help my nou net om hierdie, want hier staan nou goed teenoor mekaar. So, ek ek..
Hm. Praat.
Ja. Aan die een kant wil 'n mens hê die dominee moet uit die pad uit kom. Maar

© University of Pretoria

hy moet lidmate bemagtig.
Maar hoe bemagtig jy? Jy moet hulle aktief bemagtig. Jy kan nie sê, *okay*, loop julle nou maar nie.
***Okay*, so dis nie 'n abdikasie van gesag nie, dis 'n opneem van die régte vorm van gesag.**
Absoluut!
Nê. Hoor ek jou nou reg?
Ja-ja. Maar ek weet nie of hulle weet om lekker, om daai oorgang te maak. Hoe om hom te maak? Hoe bemagtig jy lidmate? Seker nie net deur vir hulle te sê, hoor hier, julle is nou vry. Ons gaan nie verslae van julle vra nie. En as julle ingewing kry. Maar deur te sê: [NAAM] – daai enetjie wie se bene nou al so lam word, want sy moet al die barmhartigheidsgoed in die gemeente, organiseer sy en so aan – [NAAM], kan ek met jou saam bid? Wat is dit waaraan jy die meeste behoefte het in hierdie stadium? Ensovoorts. Jy weet, net, loop, net vat net hulle hand 'n entjie. Daar sal 'n dag kom wat hulle kan aangaan, jy weet. Maar daar kom weer ander dae wat hulle net daai hand op die skouer nodig het. En ek weet nie of hulle daai rol, wel hulle het dit nog nooit teenoor my gespeel nie. En ek het 'n behoefte daaraan gehad, baie keer al. Om net terugvoer te kry. Is dit wat ek hier aan die doen is, dink julle dit is die rigting waarin die Here vir ons stuur? Of dit is hoe dit moet wees? Of gee my net raad. Of... Maar daar is nie meer daai... Ek weet nie. Party doen dit seker. Loop met jou leiersfigure... Leiersfigure kom self na vore in 'n gemeente as jy begin uit die pad uit staan. Maar daai leiers het ook leiding en geestelike ondersteuning nodig.
Jy raak 'n ding aan wat omtrent al die lidmate met wie ek nou praat, aanraak.
Is dit?
Dis die ding... Ek weet nie, ek gebruik nou sommer my eie woorde, dis die balans tussen geborgenheid en gestuurdheid.
Ja.
Aan die een kant wil jy deel wees van 'n familie waarbinne jy versorg word. Jy wil nie net heeltyd hoor, jy is gestuur nie
Nee!
Alhoewel jy gestuur word, maar nou...
Maar nee, verseker!
Hoe hoe die balans gedoen word, en hoe jy lidmate bemagtig, en hoe jy ruimte skep sodat hierdie onderlinge versorging nie skade lei nie, want dit is'n belangrike deel van gemeente-wees.
Toe ek nog my eie Bybelstudiegroep nog gehad het. Nou het ek, um, ek doen nou soveel meer in soveel minder tyd en dit vat my soveel langer om alles te vat, maar toe ek nog verlede jaar my eie bybelstudie groep gehad het wat jare al gekom het, het ek gevoel: hier's my geborgenheid. Hier's my kringetjie waar ek tuis is. Ek moes dit noodgedwonge opgee, want ek kan nie alles meer byhou nie. Dit raak te veel.
En nou mis jy dit.
Veral met die kindertjies. Nou mis ek dit, maar ek kry iets daarvan terug in daai groep. Maar nie naastenby op so 'n persoonlike vlak soos wat jy daar met jou, met mense wie jy jare aankom. Dis nou weer ander mense, en dis lekker, en ons is saam daar in die Woord, en ons is saam bly oor iets in iemand se lewe en als en als. Maar... [Sug]. Ja...
[NAAM], wat, as as... Ek weet nie, ek dink ons is deur. As daar nou nog iets is wat op jou hart lê en wat ons gemis het, dan asseblief gee dit vir my.
Al wat ek wil mis, en my laaste gedagte is... Um, dit het wéér met hierdie ding te doen. Ek het, daar is mense in die charismatiese groepe, hulle praat van die geestelike

© University of Pretoria

overseer wat jy moet hê. Ek wil nog steeds iemand hê wat daai rol in my lewe kan speel, verstaan? Ek voel partykeer, mense verwag te veel van my. In ‘n mate, in ‘n klein mate, vervul [NAAM] iets van daai rol. Want ons werk saam op dieselfde gebied en, wanneer ons nou saam ‘n kursus moet aanbied en so aan, maar dit is ook nie regtig vreeslik naby nie, jy weet. Ek het net soms... Nou sal iemand miskien sê, my man kan dit mos doen. Mens se verhouding met jou man is anders. Ek soek net iemand wat vir my soms kan ‘n bietjie... Wat wil ek sê? Nie ‘n klankbord wees nie, maar net iemand na wie ek kan opsien, wat vir my ‘n raadgewer of ‘n mentor kan wees. En ek is bevrees, almal dink ek het dit nie nodig nie. Dis nou vreeslik persoonlik, nê.

Dis is nou baie persoonlik, maar jy deel dit met my.

Dit verwoord vir my iets van die dilemma waarin party lidmate is. As die dominees nou in ‘n ander rol inskuiwe dat dat hulle amper verwag, nee wat, jy moet maar net aangaan. Klaar! Jy het mos nou gekies om dit te doen. [Lag] Verstaan? Ag nee, miskien is ek nou maar net...

Jy raak ‘n belangrike ding aan

Dis net my persoonlike ervaring.

Ek weet dit is persoonlik, maar ja, jy verwoord weer as jy sê wat ander mense sê. As ‘n mens nou vra, waaroor moet verdere navorsing gedoen word? Wat ek bly jou gehoor het, is hierdie hele ding van hoe bemagtig jy lidmate vir die bediening? Jy het ‘n opmerking gemaak, jy weet jy nie of dominees dit weet nie. En dink dominees vra dit eintlik self vir my. As daar iets is waarvoor navorsing gedoen moet word, is dit hoe help jy lidmate met hulle bediening?

Ja! Vanuit ‘n ánder rol, wat jy hulle kan ondersteun.

Ja. Nou nie van, ek sê vir jou nie.

Dis soos met kind grootmaak, man. Die kind moet ook sy tone stamp. Partykeer moet hulle jou los. Soos ek sê, die pap moet maar op die grond val. Jy moet maar jou foute maak.

Party moet seer kry ook

Daar moet altyd daai, jy het die woord geborgenheid gebruik, daar moet daai geborgenheid wees om te weet, met my mislukkings of die suksesse van hierdie ding waarmee ek besig is, kan ek net weer terugkom na ‘n ruimte waar ek veilig en onbedreig voel. En voel ek kry nuwe inspirasie.

Waar ek ook kan heel word.

Absoluut! Ek kry dit by [NAAM] elke keer as hy, hetsy in ‘n vergadering of in ‘n kursus. Ek sit graag sommer sy hele kursus deur, jaar vir jaar, net om te luister. Want, weet jy, hy het so ‘n manier om mense te *affirm*. Miskien is dit wat ek soek, *affirmation*. Dat ons besig sal wees met ‘n groep dominees wat daar voor ons sit, en dan sal een ou daar iets sê. En dan sal [NAAM] net daar stop, en dan sal hy sê, jy het nou iets ontsettend belangriks gesê. Kom ons staan vir ‘n oomblik hierby stil. Wat wil God vir ons hierdeur sê? En dan sal hy sommer vir een sê, gaan doen net ‘n gebed daar vir hom. En dan sal hy daar staan met sy hand op sy skouer. Snaaks, dit is mos gewoonlik mans, [lag] maar dit is net vir my wonderlik, want ek vind altyd in [NAAM], en van ook van die ander ouens, se teenwoordigheid daai égtheid, daai erkenning wat hulle gee dat God Is hier is, en dat God hier besig is om tussen ons deur sy Gees te beweeg. En hier vind dinge plaas, en ons moet sensitief wees daarvoor. [Stilte] Daai goed is nog altyd gesê in die kerk waarin ek groot geword en al die jare aktief betrokke was. Maar, ek weet nie, hierso beleef ek dit net baie eg. Om goeters te sê, is nog nie om dit te beleef nie. Hierdie ouens het help my oë help oopmaak, en dis een van die grootste goed waarvoor ek hulle waardeer, is hulle leerbaarheid. Ek wens, ek wens ek het meer van daai belewenis saam met my eie dominees ok gehad. Weet nie of ek

© University of Pretoria

dit ooit met ... Jaa! Mens weet nie. [Lag]

P21: LR_21.docx - 21:18 [Hou op om self alles te wil do..] (115:115) (Super)
Codes: [Wandel in die Woord - Family: Wandel in die Woord]
No memos

Hou op om self alles te wil doen. Laat God dit doen. Staan nou terug dat Hy ook 'n slag kan werk. Hy werk in elk geval, maar begin dit nou raaksien. Dís vir my ontséttend belangrik in die hele gestuurde proses: *let go, let God*. En weet jy wat help daarmee? Is hierdie wandel in die Woord metodiek. Ons weet dit mos nou almal, dat jy vir die twintigste of sewentigste keer êrens in 'n byeenkoms is waar dieselfde teksgedeelte... Ek kon dit nie kleinkry nie in die begin nie. Kan hulle nie by Lukas 10 verby kom nie? Daar is só 'n dik Bybel. [Lag] Die groot ding daarvan is om elke keer daarmee te sê: Here, ek sit al my vooropgesette idees, en als wat ek vantevore al gedink het ek weet ek sien in hierdie Skrifgedeelte. Ek sit dit neer. Kom, ek is oop vir u Heilige Gees om enigiets vanoggend onder my aandag te bring. En ek gaan luister na hierdie broer of suster hier langs my, wat U vir hom of haar te sê het. Ja ,is dit nie fantasties nie? Want, ons... Veral die dominees weet mos nou wat staan daar in daai gedeelte. As dit nou nie bergpredikasie of die dit is, hy weet... Hy *skip* net so... En vir ons almal om net stil te word en te sê: Here, ons glo dis 'n lewende ontmoeting met U. Ons glo U het vanoggend iets om ander ons aandag te bring uit hierdie selfde Skrifgedeelte uit. Dis waaraan ek dink.

P21: LR_21.docx - 21:19 [As 'n mens nou vra, waaroor mo..] (160:167) (Super)
Codes: [Hoe bemagtig jy lidmate vanuit 'n nuwe rol? - Family: Verdere Navorsing]
No memos

As 'n mens nou vra, waaroor moet verdere navorsing gedoen word? Wat ek bly jou gehoor het, is hierdie hele ding van hoe bemagtig jy lidmate vir die bediening? Jy het 'n opmerking gemaak, jy weet jy nie of dominees dit weet nie. En dink dominees vra dit eintlik self vir my. As daar iets is waarvoor navorsing gedoen moet word, is dit hoe help jy lidmate met hulle bediening?
Ja! Vanuit 'n ánder rol, wat jy hulle kan ondersteun.
Ja. Nou nie van, ek sê vir jou nie.
Dis soos met kind grootmaak, man. Die kind moet ook sy tone stamp. Partykeer moet hulle jou los. Soos ek sê, die pap moet maar op die grond val. Jy moet maar jou foute maak.
Party moet seer kry ook
Daar moet altyd daai, jy het die woord geborgenheid gebruik, daar moet daai geborgenheid wees om te weet, met my mislukkings of die suksesse van hierdie ding waarmee ek besig is, kan ek net weer terugkom na 'n ruimte waar ek veilig en onbedreig voel. En voel ek kry nuwe inspirasie.
Waar ek ook kan heel word.
Absoluut!

© University of Pretoria

Aanhalings LR_22.

All current quotations (30). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:54:48

P22: LR_22.docx - 22:1 [Uh, daar was 'n, uh, uh, uh dr..] (7:9) (Super)
Codes: [Geloofsonderskeiding: Nuwe erns met die Woord - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Uh, daar was 'n, uh, uh, uh drastiese verandering in, in, in dié sin, uh, dat die... Daar's 'n erns met die Bybel. Um, soos ek dit kan onthou, het ons voordat ons by die vennootskap aangesluit het, het ons nie die – ek het nou net vir die oomblik die die term vergeet, as 'n mens saam sit en en luister...?
Die wandel in die Woord?
Wandel in die Woord. Jy sien, ek... As daar één ding is wat die grootste seën in hierdie gemeente was, en in die [KERKVERBAND], hoor wat ek sê, die [KERKVERBAND], was daai ding van wandel in die Woord. En kyk, ons het 'n... Hoe dit in ons kerk werk tradisioneel, is die predikant, by die erediens lees hy, jy luister, en dit gaan aan. Wat nóú gebeur, is meer en meer mense het die Bybel voor hulle. En die wandel in die Woord, by élke vergadering wat in die gemeente gehou word, is dit wandel in die Woord. Daar's ook van die groepe, uh, ons het ook groepe begin vorm na, uh, die vennootskap, by die, uh, vennootskap, uh, en daar's een spesifieke groep wat nét vir daai uur nét wandel in die Woord. Níks anderster nie. Wandel in die Woord vir daai uur. Um, en dit is, dit is, uh, uh, dit dit is werklik, uh, uh, 'n sielsverrykende ding. Dis één ding waarvoor, uh, die gemeente baie dankbaar is.

P22: LR_22.docx - 22:2 [Die ander ding wat vir die, wa..] (10:10) (Super)
Codes: [Konteks: Lidmate doen uitreike na die gemeenskap - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Die ander ding wat vir die, wat ook in die... Ek ek wil dit net, alles wat ek nou sê, kom nie naby wandel in die Woord nie. Die tweede ding wat, waar daar 'n verandering gekom het, is in die, um, die missionaliteit van die gemeente. In ons gemeente, uh, ek sal dit nou nie g..., graag sê nie, maar hoe dit werk in die [KEKRVERBAND] wat ek, oor die gemeentes wat ek oor al die jare was, was jy't Sondag kerk toe gegaan, jy't jou bydrae gegee, en uh jy't gewag, as jy 'n ouderling of diaken is gaan doen jy huisbesoek. En die dominee het jou kom besoek en dit was jou betrokkenheid by die kerk. En jy't die kerkraadsvergadering en die ouderlinge vergaderinge en die diakenvergaderinge. Uh, ék self is, was glad nie bewus van enige inisiatiewe om na buite toe uit te reik nie.

P22: LR_22.docx - 22:3 [En, dis, dis die ander verande..] (14:14) (Super)
Codes: [Konteks: Lidmate doen uitreike na die gemeenskap - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En, dis, dis die ander verandering. En in ons gemeente is daar [stilte] twee formele

© University of Pretoria

inisiatiewe wat uitreik na bepaalde gemeenskappe toe. En al twee daai inisiatiewe word bedryf deur gemeentelede. Mense wat nie, um, lid, uh, uh, ouderlinge of diakens is nie.

P22: LR_22.docx - 22:4 [daardie oefening wat die gemee..] (16:16) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate doen spontaan uitreike waar hulle is - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

...[D]aardie oefening wat die gemeente doen, wat, waar elkeen betrokke is. En dit was asemrowend, en dit kan jy met dominee [VAN] uit*check*, van die honderd mense wat dit, of die hoeveelheid mense wat dit onderteken het, jy kán nie glo wáár die, um, die Woord heengaan van van [DORP] af nie. Dan is daar nog ‘n d..., net ‘n interessante ding. Met hierdie uitreik het, wéér die groepe, ek gaan een inisiatief noem, van, uh, daar’s ‘n spesifieke groep wat ek van weet, waar, uh, iemand, uh, ‘n lid van die groep geword het wat, uh, hoegenaamd nie kerklik grootgeword het nie. Daai, [stilte] uh, meisiekind is, is, het gekatkiseer by die predikant, of onder leiding van die predikant, en daai meisiekind, uh, evangeliseer in ‘n plek, uh, in die suide van Johannesburg – aan, waar, want sy kom van daar af – daai munisipale woonstelle en ding waar nou al wat leef en beef en elke..., jy verstaan? En sy evangeliseer daar. En ek het haar nou al toevallig gehoor van mense met wie sy praat, uh, en, uh, wat absoluut na die Here toe bekeer is. Uh, tientalle mense. So, dít is wat, uh, hierdie inisiatief vir ons gedoen het.

P22: LR_22.docx - 22:5 [Uh, ons het sélf in ons gemeen..] (28:32) (Super)
Codes: [Storie: Bord kos vir honger mense - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Uh, ons het sélf in ons gemeente, is daar, um, ‘n projek waar jy, uh, ‘n polistireen bakkie vat en jy maak hom vol kos Sondagmiddag. Weet jy waarvan ek praat?
Nee. (08:24) Ek weet nie.
En dan...
Gaan deel jy dit uit?
Vat jy dit soentoe, na die kerkkantoor toe. En iemand kom daar en sê hy’s honger, dan vat [NAAM] dit uit die vrieskas uit, sy dit dit in die mikro, en daar’s vir jou ‘n héérlike bord kos. Jy’t geëet wat die [VAN] Sondag geëet het. So, jy eet soos ‘n ryk man.

P22: LR_22.docx - 22:7 [Wandel in die Woord! [Klop met..] (36:46) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskeidendeGewoontes: wandel in die Woord en gebed - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Wandel in die Woord! [Klop met elke woord op die tafel]
Ek kom agter dit staan vir jou hóóg, hóóg uit, nê?
Kyk, die een ding wat, uh, mense begin besef, uh, moenie dink dat ek nou praat van, en ek is jammer om dit te sê, van honderd persent van die gemeente nie, dit is nie so nie.
Ja.
Maar, die, uh, ek kan eintlik sê, deur die inisiatief van die gestuurde gemeentes het mense in die gemeente die Woord van God ontdek en God in die Woord ontdek. (09:35) Verstaan dominee wat ek sê? So, dit was, uh, uh, en, en, dit, dit klink miskien nou vir jou baie, um, fundamentalisties, maar dit is die krág. Dit, dit, jy weet, jy praat

© University of Pretoria

van wat het dit gedemon..., die stories demonstreer dit. Maar ek dink wat dit éintlik demonstreer is die krag van die Woord. Want ek bedoel, dít is mos die krag! Die Wóórd! [Stilte]
So jy sal sê dit is die, dit is die primêre ding wat daai verandering...
Absoluut!
Dit is daai wandel in die Woord. (10:14)
Maar, maar kan ek jou net sê wat, wat... Wát gaan ook saam met wandel in die Woord? Toe, ek vra jou nou! Jy moet nou antwoord. Jy vra my al die vrae. Wat gaan saam met wandel in die Woord?
Seker gebed?
Dié gebéde! Die gebede! Want, kyk, as, as jy die Woord het, dan bíd jy mos die Woord. En dit is wat in die... Onthou, dit, dit is, dis eintlik ‘n wonderbaarlike ding om te beleef.

P22: LR_22.docx - 22:8 [Ek wil, een spes..., net weer ..] (47:49) (Super)
Codes: [Storie: Lidmate neem verantwoordelikheid vir bedieninge - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ek wil, een spes..., net weer terugkom van dié man wat hierdie inisiatief op hom geneem het om die kos bymekaar te maak. Kyk, kyk in die [KERKVERBAND] nê, jý kom nie in die konsistorie nie. Dáái man wals op ‘n Sondagoggend daar in daai konsistorie in [klap hand], verskríklike beskeie mens, ‘n wáre voorbeeld vir vir énige mens. En daar’s hy, ou maat, dis klaar, einde van die storie. En, en hy loop en daar gaan hy, Jy sien hom nooit weer nie. Jy hoor nie, uh, jy weet, uh, ék wat – sy naam is [NAAM] – doen dit aan die ander nie. Nee!, Nee! Nee! Nee! Dit dit is ‘n wónderlike ding om te aanskou. Regtig!
So die, die, die... Wat gebeur het, wat ék hoor jy sê, is hierso, lídmate het eintlik met God in kontak gekom, met die Woord in kontak gekom, en spontaan begin om deel te neem aan die Here se werk in hierdie wêreld. (11:38)
Dit, dit... Ja! En kan ek net vir jou sê, ek is ‘n bietjie, uh, uhhh, ek hou nie daarvan om dit te sê nie, maar dís nie ‘n ding wat in die [KERKVERBAND] gebeur nie. Uh, kom ek gee vir jou ‘n voorbeeld. Uh, ek sal dit nou vir iemand noem wat ek dit genoem het. Van my mede-lidmate. [Stilte] En, hulle reaksie is, ons géé dan ‘n heffing vir die, vir daai, vir welsyn. Ons géé ‘n heffing vir welsyn. Vir..., wat, wat is jou probleem? Jy weet, vir vir wat, wat wil jy nou...? Verstaan jy? Dit, dit, dis regtig ‘n [sug], uh, dit is ‘n, dit is ‘n, um, [klop op die tafel] dis ‘n wónder.

P22: LR_22.docx - 22:9 [Weet jy, uh, die, [sug] uh, uh..] (53:57) (Super)
Codes: [03 KragteInstandhouding: Lidmate voel hulle doen die leraar se werk - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Weet jy, uh, die, [sug] uh, uh, die, die grootste teleurstelling was die mense wat weggeval het. Verstaan jy?
In die sin van? Mens wat uit die gemeente uit weggegaan het? Of wat bedoel jy?
Mense ín die gemeente wat net, hulle kon net nie die sin daarin sien nie. En dan, uh, ook, uh, mense wat, um, baie betrokke daar was en gedink het, want want dis wat gebeur het, ek, ek skinder nou so bietjie, maar daar, die die persoon wat die leier was, ‘n dinámiese man, het net gevoel, kyk, hy doen nou te veel. Verstaan jy?
Hm-uh.

© University of Pretoria

Hy doen nou te veel. Hy doen nou die predikant se werk. Nee, nee, nee. Verstaan jy?

P22: LR_22.docx - 22:10 [En die ánder ding wat ook, uh,..] (62:64) (Super)
Codes: [02 InkoopGemeente: Om inkoop van die gemeente te kry - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

En die ánder ding wat ook, uh, gebeur, is dat, uh, wat ook gebeur het, is dat, uh, mense wil, wil nie regtig daarop inkoop nie. Jy verstaan wat ek bedoel?
Hm-uh.
Hulle wil nie, hulle wil dit nie regtig, jy weet? Met ander woorde, persentasiegewys is daar nie mense wat dit régtig wil doen nie.

P22: LR_22.docx - 22:11 [Kom ek, ek gee vir jou twee vo..] (68:76) (Super)
Codes: [12 Volhoubaarheid: Betrokkenheid by en volhoubaarheid van gestuurde inisiatiewe - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Kom ek, ek gee vir jou twee voorbeelde. Uit, voortvloeiend uit hierdie gestuurde gemeentes, het uit ons gemeente elke jaar, uh, 'n geleentheid gaan hou by, uh, ouetehuis. Kyk, die tradisionele Vrouefederasie ouetehuis in die middel van die dorp in, wat wat die kerk bestuur en so en so, die's mos altyd goed versorg. Nie waar nie?
Ja-a.
Maar hierdie ouetehuis is vyftien kilometer van hier af in die middel van die, van die, van nêrens. Geïnisieer deur 'n vrou wat dit blóót begin doen het.
Hm-hu.
Verstaan jy?
Hm-hu.
Um, en, uh, daar was 'n gróót uitreik elke jaar soontoe. En dit het gestop. Verstaan jy? Dan's daar ook hier, uh, hier buite...
Is dit omdat mense wéérstand gehad het teen die uitreik soontoe, of hoekom het dit gestop? (16:14)
Uh, ag, mense het nou nie regtig belang gestel nie.

P22: LR_22.docx - 22:12 [En dan het ons ook 'n uitreik ..] (80:80) (Super)
Codes: [12 Volhoubaarheid: Betrokkenheid by en volhoubaarheid van gestuurde inisiatiewe - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

En dan het ons ook 'n uitreik gehad hierso na, um, 'n plek met die naam van Vlakplaas, wat, uh, dis nie daai Vlakplaas by Pretoria nie, Uh, waar, waar iemand ook so , uh, in die middel op op 'n plot, of dis eintlik 'n klein plasie, um, na, na, uh, armlastiges begin omsien het en huise, jy weet, kwartiere vir hulle gebou het en so. Ons het, en ons het ok altyd soentoe gegaan en daai inisiatief het ook, uh, in die, in die wiele gery.

P22: LR_22.docx - 22:13 [Uhh, wat hy moet doen, is, uh,..] (122:122) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Lidmate onderrig in die Woord - Family: Leraar Rol]
No memos

Uhh, wat hy moet doen, is, uh, uh, ek's nou jammer, ek's nou nie 'n *Bible puncher* nie, maar, uh, Efesiërs 4:11. Jy moet mense onderrig.

© University of Pretoria

P22: LR_22.docx - 22:14 [Jy sien, die, die... Ons sit m..] (138:149) (Super)
Codes: [41 Transformasieproses: Transformasie onmoontlik tensy ds die priesterlike rol aflê - Family: Leraar Uitdaginge]
No memos

Jy sien, die, die... Ons sit met 'n probleem in die kerk. Uh, ek praat nou van die [KERKVERBAND]. En ek wil dit graag deurtrek na die [KERKVERBAND] en die [AFK KERKVERBAND] en daai tipe van ding óók. En dít is hierdie vreeslike ding dat daar nog, dat die Hervorming nog nie deurgevoer is in die Reformatoriese kerke nie. Want die rol van die priester, dit lyk nie vir my ons kan dáárvan ontslae raak nie. Wie jy, gaan 'n mens nou na die Algemene Kerkvergadering, gaan jy na 'n ringsvergadering toe, dan, jý's mos nou 'n ouderling. Og, jy weet, daai predikante! En die, en die eienáárdige ding daarvan [stilte], is dat dit kán nóóit die kerk wees nie. Dit, want, die, die, die, die predikant, na aanleiding van daai Efesiërs 4:11, ek hoop dis die regte vers, hy moet jóú leer [klop op die tafel]. Want kyk, ons is álmal priesters. Ekke wat hierso sit, ek is miskien 'n *mechanic*, kyk, daarso is my, uh, my naels is vol ghries, maar ek is óók 'n priester. Want dit is wat Christus gedoen het aan daai kruis. Hý is die Priester. Ek dink dit is, uh, uhhh, Hebreërs 6 iets. Nét Hý het as 'n Priester oorwin. Met die grootste liefde aan jou, nie jy nie. En, uh, weet jy, as óns daai ding kan kry.
Weet jy..., byvoorbeeld, vir mý om as 'n ouderling huisbesoek te doen, is ónmoontlik. Dit, dit het geen sin nie. Ek, en, uh... Kyk, dominee [VAN] weet dit. En, en, ék doen glad nie meer huisbesoek nie. Ek, ek weier om dit te doen. Want daai gemeentelid wil... As ek daai Bybel oopmaak, hý... En as ek bid, dit beteken vir hom niks nie. Nee, nee, die dóminee moet kom, die dominee moet kom. Byvoorbeeld, ek het iemand in in die wyk gehad. Hý wou mý nie sien nie. Hý ry na die dominee toe. Jy verstaan wat ek bedoel? En, en, en dít is wat [stilte] kyk hoe lelik is ek! Júlle predikante goed doen, want júlle is nog steeds priesters. En dit kán nié wees nie! [Klop op die tafel] Dit, daar is géén manier dat dit reg is nie. En, byvoorbeeld, die manier wat hierdie ding aangebied word, op 'n Vrydag gaan die predikante en húlle hou 'n vergadering. Nou, op 'n Saterdagoggend, nou kom ons *second hand citizens* en, um, jy weet, uhhh, 'n doom weet nou alles. Dit, dit kan nie so wees nie. Ek, ek het daai spesifiéke ding, wie's daai professor van, uh, van Amerika?...
Pat Keifert?
Ja, ek het dit met hom opgeneem. Uhhh, ek het vir hom dit, spesifiék vir hom gevra. Hy't die vraag hééltemal gemisinterpreteer. En hy het, uh, kyk, hy's 'n baie *charming* man! Hy, hy't glad nie... Kyk, kyk sy intellek iets wat, jy weet, bitter min mense hét. Maar hy't nie verstaan wat ek vir hom, wat my vraag was nie. En hy't nie verstaan wat my probleem is nie. Hy't ook nie verstaan wat die opdrag van die Bybel is nie. En ek sê dit met die grootste respek aan hom. Ek, ek sal nie omgee om om dit met hom te, te, te debatteer nie. Maar dit, dit is 'n oud..., dit is nié, dit, dit is die [KERKVERBAND], dáái ding van: óg, ek is die dominee! Of, net die dominee kan dit dat... Uh, gaan ek foute maak as ek, uh, iets sê? Natúúrlik gaan ek foute maak! Gaan, uh, maar met die grootste respek, ek het al baie gehoor van foute wat jý gemaak het! Uh, uh, verstaan jy wat ek bedoel?
Ja.
En, as, as daar één ding is wat uitreik belémmer, is dit die predikante. En hulle vréeslike houding. Jy weet, daar, uh, uh... Jy jy mag baie geaffronteer word daardeur, maar die feit dat iemand 'n BABD of 'n, uhhh, Divinitas, uhh, D het, uhhhh, [stilte]... *So?* En, en, en dít is vir my, as, as daar één ding is wat hierdie hele gestuurdheid belemmer, is dit dáái element. Die, jy sien, um, die, uhhh, ek wil net vir jou sê, ons predikant is 'n, is 'n ánder tipe van predikant. Maar, uh, uhhh, hý is hoegenaamd nie

© University of Pretoria

so nie. Jy kan, tewens, uh, uh, ek en hy, ons het nog nóóit so ‘n afspraak gemaak nie, maar ek en hy sit mínstens een keer ‘n week om hierdie tafel [klop op die tafel], en... Hy met sy verkeerde idees en ek met my regte idees. As jy verstaan wat ek bedoel?
Ja.
Jy verstaan?
Hm.
En, en óns gemeente, uh, sal iemand hóm bel en sê, dominee, dominee het Sondag so gesê, kom ons práát oor hom. Dan ry hy na daai huis toe. Dit, dit, hét nou gebeur. Dit, jy weet, is nie ‘n teoretiese ding nie.
Ja.
En dan sit jy in die... En hy sê, kyk dis hoe ek daaroor dink en so en so en so en so. Uh, en dís soos dit gebeur. Maar dit is nog nie by die gemeente nie. Jy verstaan? En, en, en dis regtig, as, as die, as die, uh, kyk, uh, die, uh, as, as die die reforma..., die [KERKVERBAND], die gereformeerde kerke, nét die Hervorming wil implementeer. Almal praat van ‘n nuwe hervorming ensovoorts. Nee, nee, as hulle nét die hervorming implementeer. Want dít is regtig die probleem.

P22: LR_22.docx - 22:15 [Kyk, dominee, as jý dít weet, ..] (161:161) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Lidmate onderrig in die Woord - Family: Leraar Rol]
No memos

Kyk, dominee, as jý dít weet, dat jý wat nou daar sit as gemeentelid, dít is wat die Seun van God vir jou gedoen het. Gaan jy nie opspring en begin werk nie? Want kan daar ‘n groter blydskap as dit wees? Met ander woorde, bemagtig die gemeentelid en sê: wie is jy in Christus? Daar’s mense wat, hiérdie man, wat drie en sestig jaar in die kerk sit, hy’t dit nog nóóit gehoor nie.

P22: LR_22.docx - 22:16 [Nou vra ek vir jou, hoeveel pr..] (165:165) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Lidmate onderrig in die Woord - Family: Leraar Rol]
No memos

Nou vra ek vir jou, hoeveel preke wil jy nou gee voor jy vir my die Efesiërs brief skryf? Jy weet, w, w, hierso staan en, uh, morele dingetjies vertel en so en so en so. En, julle moet papiertjies optel, en julle moet, uh, uh, kospakkies bring en al sulke goed. Dit, dit... Nee, nee, die krág, die Woord van God is die krag. En en die Woord ís Christus. Christus is die k... Dís die krag, is Christus. Verstaan jy?

P22: LR_22.docx - 22:17 [Jy moet dit vir my áánhou sê: ..] (181:181) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Lidmate onderrig in die Woord - Family: Leraar Rol]
No memos

Jy moet dit vir my áánhou sê: jý het die geloof ontvang. Goed, jý het die g..., die genade en vrede in oorvloed. Jy’t genade en vrede. Luister daar: ons het alles wat nodig is om te lewe en Hom te dien. En allergrootste gawe en geskenk wat Hy belowe het [Lees waarskynlik van nota’s af]. Met ander woorde... Ek wil, ek wil eintlik by iets kom... Ons kan Jesus Christus beter leer ken, dis wat Hy vir jou gedoen het. [Soek rond] Jy is van jou vroeëre sondes gereinig. Jý wat hierso sit met jou, uh, wat nie kan wag om Rapport te lees en dan op Sondag daar by die, by die, uh, daai koerantjie Sondag te gaan koop nie. Hy praat met jou, jý is van jou vroeëre sondes gereinig deur die bloed van Jesus Christus. Dís mos verlossing. Dis mos die evangelie. Dis mos

© University of Pretoria

iets om oor bly te wees. Dan wil ek net oor ‘n ding... [Soek plek] Jy kan deur jou..., bewys dat jy... Verskoon tog. Jý wat hier sit, ou [NAAM&VAN], jy’s geroep en gekies. Dís mos bevryding. En dan, toegang tot die ewige koninkryk van ons Here Je..., van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Die, die belangr... Uh, uh, ek dink daar was ses goedjies. Dís bevryding! Dís wat jou van jou bas laat opstaan en te begin doen. Maar die kardinale ding is, en ek kom... As, as jy nie, uh, uh, en dit is die ander belangrike ding wat ek daarby kom. Verstaan jy wat ek vir jou probeer sê? Of nie?

P22: LR_22.docx - 22:18 [Dat ék wat daar sit, is ‘n, is..] (191:191) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Lidmate onderrig in die Woord - Family: Leraar Rol]
No memos

Dat ék wat daar sit, is ‘n, is korrup nie. Ek wat daar sit en luister, ek is korrup. Ek is ‘n sondaar. Ek wíl dit nie hóór nie [Lê klem op elke woord]. Ek wíl nie Jesus Christus as die Here hê nie, want ék wil Here wees. Hierso sit ‘n ouderling vir járre, in die kerk, en ék is, dís wie ek is. Dit is, die verlossing is nét in Christus. Nét, uh, uh, jy kan net, en ek wéét dit klink nou vreeslik, um, uhhh, metodisties, maar jy kan daai dinge net doen, jy kan daai dinge net hoor, wat Petrus daarso sê, as jy Jesus Christus as mý Hére aanvaar. Dis die moeilikste ding wat daar op hierdie aarde is, hóór wat ek vir jou sê. Om te, om te belý, Jesus Christus is die Here [klop op die tafel]. Dis baie maklik om te sê. Ag, ek kan dit vir enigiemand sê, Jesus Christus is die Here. Uh-uh, om dit te bely en dit in jou hart te glo. Jesus Christus is mý Here. Verstaan dominee wat ek vir dominee sê? Ek, ek dink nie so nie. Dit, daar is níks moeiliker as om dít te bely nie. Dat Jesus Christus die Here is. Daar’s níks, dit, dit is die gróótste wonder as jy op jou knieë kan val...

P22: LR_22.docx - 22:19 [Dit, dit kan nét deur die Woor..] (197:197) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Lidmate onderrig in die Woord - Family: Leraar Rol]
No memos

Dit, dit kan nét deur die Woord. Dit, dit... Jy sien dominee, wat gebeur nê, dit gebeur, dit gebeur uhhh... [Stoel skuif rond] Daar’s ‘n alewige boekie, daar’s ‘n alewige boekie. En die predikant verduidelik uit die boekie uit. En dit ??? ander, ons werk deur ‘n boekie. Maar dis, dis, dis ‘n sinnelose ding. Jy moet daai ding hóór, dat iemand jou in die oë kyk, en ék bemagtig word om na iemand anders in die oë te kyk en sê, jy moet vir Jesus Christus aanvaar as die Hére. Dis kardinaal tot hierdie héle geloof, is dáái aspek. Jesus Christus is die Here. Noem my ‘n fundamentalis. Noem my énigiets. Maar daar kán nóóit iets anders wees nie. As jy dít nie doen nie, dan gaan maak dan... As jy dit nie wíl doen nie, gaan maak vir jou ‘n lewenssentrum oop, en, uh, nooi my daarna, dan kom tel ek vir jou Sondae die geld. Want ek soek eintlik ‘n jop waar ek net kan geld tel. Verstaan dominee wat ek vir jou sê? Jy, jy, jy, uhh, dís die fundamentele ding wat jy, ék moet hoor. En ek sê nou vir jou, uhhh, [stilte] kom ons klim in ons kar, in jou kar, en ons ry, hierso by, hierso na al die predikante toe, dat hý vir jou verduidelik wat beteken wedergeboorte. Toe? Wat beteken [klop op die tafel] wedergeboorte? As jy dit nie verstaan nie, man, jy mors jou tyd om na, jy mors jou tyd om Sondae kerk toe te gaan. Want, want, soos ék, vir vir twee en sestig jaar, of vir sestig jaar...

© University of Pretoria

P22: LR_22.docx - 22:20 [Jy jy, jy sien, jy wil nie, jy..] (201:201) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Lidmate onderrig in die Woord - Family: Leraar Rol]
No memos

Jy jy, jy sien, jy wil nie, jy't nie... Alles begin deur te bely dat Jesus Christus die Hére is.

P22: LR_22.docx - 22:21 [As élke mens, as elkeen van on..] (209:213) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Lidmate onderrig in die Woord - Family: Leraar Rol]
No memos

As élke mens, as elkeen van ons, hier in hierdie blokkie, dít aanvaar, dít bely... [lag] Kan ek jou sê, jy sal nie glo wat in hierdie twintig huise sal gebeur nie. Dít is, dis, dis, dit is, daar is géén manier dat daar 'n kerk kan wees sonder daai belydenis nie. Jesus Christus is die Here.
Hm, dit is, dit is die mees fundamentele belydenis van die Christelike kerk.
Maar, maar, maar...
Dit is so.
Maar nóú, nóú, hoekom preek jy dit nie? [Klop op die tafel] Ek praat nie van jou nie. Hoekom preek jy dit nie? Hoekom moet ek sestig jaar wag om dit te verstaan, en ek het dit nie eers by, by jou gehoor nie? Ek moes dalk, ek, ek, want ek weet nie wat is fout nie. Ek weet nie hoekom kan ek nie my, hoekom kan my siel nie tot rus kom nie, hoekom kan my hart nie tot rus kom nie? Tot ek agtergekom het, Jesus Christus is die Here. Weet jy wat, wat se ding is dit? Ek gló jy weet dit. Om dit nie uit jou mond uit te kan kry om te sê, Jesus Christus is die Here nie. Want jy wíl dit nie doen nie. Jy sien, álmal dink, nee, Jesus Christus is die Here. Nee! [Lag] Enigiemand kan dit sê. Maar om dit te belý, om dit, om, om Jesus Christus ís inderwáárheid my Hére. Dís fundamenteel. En, en, en [maak keel skoon] dít is wat ek wil noem, en ek wéét jy gaan vir my baie kwaad wees.

P22: LR_22.docx - 22:22 [Uh, ek gaan nou weer 'n, 'n ge..] (233:233) (Super)
Codes: [1 Werklik gestuur, empatie en nederigheid - Family: Leraar Unieke Bydrae]
No memos

Uh, ek gaan nou weer 'n, 'n geestelike antwoord gee. Jy sien, die een ding van hierdie man, um, hy is [stilte] um, hy is werklik gestuur deur die Here. En daai twee faktore wat ek jou genoem het, wat jy nie kan sien nie, nie sommer nie. Daai absolute empatie met mense en daai absolute, uhhh, nederigheid. En, want dit is, dit is in hom gesit deur die Gees. Dit is, dit ...

P22: LR_22.docx - 22:23 [Deurdat hy begin verstaan dat ..] (239:239) (Super)
Codes: [1 Begin verstaan dat Jesus die Here is - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Deurdat hy begin verstaan dat Jesus Christus die Here is. Dís hoekom ons hier sit. En op 'n Sondagmiddag sit daar 'n paar ouderlinge hierso 'n week en... Want onthou, daar is báie invloede waaraan die kerk blootgestel is. En jy weet, 'n mens kan nou sê, ja daai ouens doen dit, en daai ouens het weggebreek en daai is die verlooptes. Maar, hulle het nie sómmer geloop nie. Hulle het nie sómmer geloop nie. Uh, dit, dit, daar, daar's 'n...

© University of Pretoria

P22: LR_22.docx - 22:24 [Kan ek jou net 'n 'n 'n ander ..] (240:242) (Super)
Codes: [3 Bereidheid om te luister - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Kan ek jou net 'n 'n 'n ander ding vertel? Wat, wat ons predikant, wat dominee [VAN] het. Jy, jy kán dit nie glo nie, hy't 'n bereidheid om te luister [klop op die tafel]. Wat ongelóóflik is. Ek het dit nie eers by jou opgemerk nie. Hý sit en luister. Onthou, jy, jy weet dis een van die beginsels van die, van die, uh, ...
Vennootskap.
As daar één ou wat dit toepas in hierdie gemeente, is dit dominee [VAN]. Want hy luister jou uit [Beklemtoon elke woord].

P22: LR_22.docx - 22:25 [En, uhhh, ek dink hy's besig o..] (246:250) (Super)
Codes: [6 Ontdek sy eie empatie en nederigheid - Family: Leraar Transformasie]
No memos

En, uhhh, ek dink hy's besig om, uh, te ontdek dat hy, uh, dat hy wérklik 'n empatie met mense het. Hy's besig... En dat hy, um, [stilte]... Verstaan, verstaan dominee wat ek probeer sê? Of nie regtig nie?
[Stilte] Ek luister na wat jy sê. Of ek dit verstaan, sal ek nou nie altyd maklik kan sê nie. Ek probeer verstaan. Jy sê hy ontdek dat hy, hy ontdek dat hy werklik 'n empatie met mense het. So hy begin hierdie ding in homself leer ken.
Uh, uh, uh, absoluut. En ons wys dit vir hom uit.
Hy begin hierdie ding in homself leer ken.
Ja. En, en nederigheid. Glo my, hy's 'n... Uh, uh, hy ontdek sy eie nederigheid.

P22: LR_22.docx - 22:26 [Weet jy wat moet hy nog ontdek..] (258:258) (Super)
Codes: [Aanleer: Ontdek wie hy in Christus is - Family: Leraar Aanleer/Afleer]
No memos

Weet jy wat moet hy nog ontdek? Wie hy in Christus is! As hy dit dinges, sê ek nou vir jou, daar sal nie so 'n predikant wees nie. As hy sy geloofsvoete gekry het... Het ek 'n *cheek* om so te praat?

P22: LR_22.docx - 22:27 [Die héél eerste ding wat hy mo..] (266:266) (Super)
Codes: [11 Besef dat Jesus die Here is - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Die héél eerste ding wat hy moet doen, is hy moet besef dat Jesus Christus die Here is.

P22: LR_22.docx - 22:28 [Die tweede ding wat hy moet do..] (266:266) (Super)
Codes: [11 Besef hy is nie meer 'n priester nie - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Die tweede ding wat hy moet doen, is dat hy moet besef hy is nie meer 'n priester nie [beklemtoon elke woord].

© University of Pretoria

P22: LR_22.docx - 22:29 [En die derde ding wat hy moet ..] (266:266) (Super)
Codes: [42 Lidmate toerus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En die derde ding wat hy moet doen, hy moet besef dat wat sy jop is, [blaai in die Bybel] staan hier in die Bybel, om ons toe te rus vir ons diens vir die opbou van die liggaam van Christus. Dis inderwaarheid Efesiërs 4:12. Dis ál wat hy moet doen. Hy moenie huisbesoek doen nie. Hy mors sy tyd. Ek glo glad nie aan huisbesoek nie. Ek glo wel aan die groepe. En wat hy moet doen, is hy moet, sóós hý dit hie..., soos hy dit doen, moet hy nou sommer hier aankom en [stilte] hy begin nou sommer te gesels hier by hierdie groep. En dat die, die Dinsdagaand groep wat in vier plekke gebeur, iemand moet, dit moet, mense moet sê, ek wonder of die dominee vanaand gaan kom? Maar, dán, dán, moet hy, uhh, hy moet vir ons by daai ding doen wat jy gráág wil hoor, hy moet vir ons die toerusting gee. En hy moet nét praat... Want, kyk, ek, ons het al ‘n járre lange geredekawel oor die ding, ék sê, ekke, ekke, grootmeneer, jammer, ek bedoel dit nie so nie. Hy moet die preek vat, nê, en hy moet dit, kyk, hy, hy sal nou bietjie moet werk, en hy moet daai preek analiseer. Byvoorbeeld, um, kom ons vat ‘n b..., kom ons vat nou iets soos Efesiërs. Efesiërs 3. Uh, dit, ek noem dit maar net. Dan moet hy die, die preek gee. En dan moet hy vir die groepe, vir die indi..., nee vir die individu, géé, uh... Weet jy in Handelinge 15 staan daar hy was drie keer by daai dinges, en dis wat gebeur het. En, en, en dís wat daar gebeur het. En onthou jy op pad Troas toe, dit is nou nie so nie, het hy hulle mos laat, die gemeente weer laat, die ouderlinge laat kom. Verstaan jy? Wat, wat beteken dit? Wat beteken dit vir jou en vir my? Dit beteken die gemeenskap van die heiliges. Daai dinge daar uitlíg. Nou het ek dit hier, nê, ek, ek kry dit nou. *Right*, nou sien ek vir jou daar, daar by Checkers. Onthou dis nou, jy het nou te doen met die, nie met die..., jy’t nou te doen met die [KEKRVERBAND], waar ons net kerk toe gaan en dinges. Jy’s nou te doen met ‘n [KERKVERBAND]. En ék sê, hoor hier, het jy gelees wat die dominee daar geskryf het oor... En daar begin ons. En dan sê ons, maar kom ons praat bietjie vanaand daaroor. En uh, en so gaan dit aan. Dís wat, wat die predikant moet doen. En, en hý weet dit. En ek het dit hom ‘n honderd keer gesê. Ekke hoor, hierdie vróóm ouderling het dit vir hom... Onthou nou net, ek is nou baie sarkasties, hoor, as ek praat van dat ek so goed is. Dit is nie so nie, hoor. Dit is régtig nie so nie. Maar, uh, uh, dis, hý wat wat [NAAM&VAN] is moet dit nou nog doen. Jy kan maar vir hom sê ek het vir jou gesê hy moet dit doen.

P22: LR_22.docx - 22:30 [Ek, ek nét by een ding, nog ne..] (277:277) (Super)
Codes: [Die kerk is vir almal - Family: Laaste opmerkinge]
No memos

Ek, ek nét by een ding, nog net ‘n laaste ding noem. Die dág as ons weet ons is met die kerk van Jesus Christus dinges, dan sit daar daai bedelaar wat daar by jou kerk slaap, hy sit in daai kerk. Daai ou wat die, wat die karwag is, wat jy vyf Rand gee en sê, jy moet vir jou ‘n f***n, *job* kry ou boet, ekskuus dominee, jy moet vir jou ‘n *job* kry, jy moet jou ‘n ordentlike... As hy in daai kerk is. As hierdie *boy*, ek praat létterlik, létterlik van daai *boy* wat seer sekerlik in die loop van die middag hier gaan aankom en sê, hey my baas... Dat hý in daai kerk sit. Dís die kerk van Christus [beklemtoon elke woord]. Dán is dit die kerk. Nié die manne met die *four wheel drives* en die dit en die ou wat die, uh, vakansieplek by die kus het wat jy kan Desember gou-gou gaan leen omdat jy nou sy pel is nie. Dis, dis nie kerk nie. Die kerk is die liggaam van Christus, dis die armes en dit is, met die grootste respek, nou hoor jy dit uit ‘n

© University of Pretoria

[KERKVERBAND] se mond uit, die Belharbelydenis. Kan jy glo dat ‘n [KERKVERBAND] dit sê?

P22: LR_22.docx - 22:31 [Kan ek nou, kan ek nou die din..] (281:285) (Super)
Codes: [Verhoog Christus! - Family: Laaste opmerkinge]
No memos

Kan ek nou, kan ek nou die ding op die ander manier... Soos wat jy dit altyd doen.
Ja.
[Blaai hoorbaar] Kan ek net hierso, net dit vir jou dít wys [blaai steeds]. Wéér wys. En dan sê jy, ag man, ek weet dit toe ek tot bekering gekom het, toe ek vier jaar oud was. Dan is dit ook reg so. Dan hoor jy dit maar weer ‘n keer. [Blaai steeds]
Maar die Woord bly mos altyd vars, is dit nie?
[Stilte] En ál wat jy moet doen: “Moses het die slang in die woestyn hoog op ‘n paal gesit. Só moet die Seun van die Mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe kan hê. Gaan lees dit in Numeri 21:4-9. Jy moet nét na Hóm kyk. Níks anders nie. Al wat ek moet hoor, as ek nié dít hoor nie, al is ek, al werk... Al is ek ‘n Pigmee in in in die Kongo, en ek hóór dit, en ek gló dit, dan’s ek gered.

© University of Pretoria

Aanhalings LR_23.

All current quotations (53). Quotation-Filter: PD

HU: PredikantAsMissionaleLeier repaired
File: [C:\KernkapasiteiteLeraar\Atlas Saves\PredikantAsMissionaleLeier repaired.hpr7]
Edited by: Super
Date/Time: 2013-10-24 10:55:39

P23: LR_23.docx - 23:1 [Ja ek het nou, jy weet... Ek k..] (3:3) (Super)
Codes: [Taal/Selfverstaan: Lidmate begin verstaan die kerk het 'n wyer roeping - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Ja ek het nou, jy weet... Ek kyk nou al lankal, en uh, as ek maar met mense praat, dan praat ek maar ‘n bietjie oor dit. En veral in ons selgroep het ons nogal baie keer oor hierdie goed gepraat. So dís nou maar die, uh, soort van die terugvoer wat ék na... En dan my eie waarneming. En ek moet sê, jy weet, as ek, as ek dink, dan dink ek die veranderinge is nie báie sigbaar nie. Jy weet, dis uh, um, dis dis seker ‘n bietjie méér, meer subtiel as wat ‘n ou dink. Um, maar ek dink tóg dat, uh, daar ís ‘n verandering. Um, mense begin méér verstaan dat die kerk het ‘n wyer roeping, jy weet, as uh, as nét... En in dáái opsig dink ek is daar ‘n verandering. Dat, mense kom nie meer nét kerk toe om hier te luister na die preek, en gaat hy uit, en dan volgende Sondag dan kom hy en doen hy weer dieselfde nie. Ek dink tóg mense het tot ‘n groot mate, uh, in die proses begin agterkom dat: “Nee jy weet hier gaan bietjie meer aan.” Jy weet, dit gaan nie nét oor Woordverkondiging nie. Die kerk het ‘n roeping buite in die wêreld, in sy gemeenskap, jy weet, en so. En dat ék as ‘n lidmaat moet eintlik óók so ‘n rol vervul. So dít, daar daar is tekens daarvan.

P23: LR_23.docx - 23:2 [Um, ek dink een, een van die p..] (4:4) (Super)
Codes: [04 TaalKonsepte: Lidmate voel ongemaklik met die taal en verwagtinge van 'n nuwe model - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Um, ek dink een, een van die probleme was, jy weet, is dat, uh, die uh die begrippe was nie altyd vir die mense duidelik nie. Jy weet, ek dink uh hulle kom uit ‘n ou ou model uit. Jy weet, van wat ons nou ‘n bedieningsmodel genoem het, of ‘n instandhoudingsmodel, jy weet. En dis die model wat hy ge*laaik* het, want dit het hom eintlik in ‘n soort van in ‘n *comfort zone* geplaas. En nou ewe skielik kom ‘n ou met ‘n núwe ding, uh, wat vir hom eintlik op ‘n *spot* plaas. Wat sê: “Weet jy wat, jy moet ook ‘n rol speel.” Jy weet, in die ou dae, die sending was iets gewees wat daar buite gelê het, en hy was tevrede gewees, jy weet. Hy gooi sy munte in die sendingbussie, jy weet, en daarmee troos hy eintlik sy eie gewete dat hy ís besig darem om uh om deel te neem. Maar om sélf betrokke te raak... Ek dink dis ‘n nuwe model en dis die stereotipe wat ‘n ou moet probeer breek wat ek dink wat ons mee [sug] miskién tot ‘n mate mee begín slaag, maar ek dink nie ons het klaar geslaag nie. So dis my eerste waarneming.

© University of Pretoria

P23: LR_23.docx - 23:3 [My tweede ding wat ek, en dit ..] (5:5) (Super)
Codes: [09 OpenheidVerandering: Verset teen uitreik na "volksvreemdes" - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

My tweede ding wat ek, en dit het méér gekom uit gesprekke wat ek gehad het, uhhh, in ons selgroepe en so, is daar is báie ouens wat ook ‘n versét het teen hierdie reis op, na gestuurdheid. Jy weet hulle... En dit het baie te doen daarmee dat daar is nog ‘n bietjie van die ou oorblyfsels van die ou politieke bestel in mense, um, en uh, jy weet, hulle sien hierdie amper as ‘n soort van ‘n kruipery. Jy weet, ag, jy jy is amper half verskonend jy weet in jou aksies. Dis hoekom jy dit doen. Uh, dit, dit is een ding. So jy het, jy het ‘n bietjie van ‘n kamp óók wat sê, jy weet: “Hierdie ding is glad nie vir my nie.” Um, en en as jy met hulle praat, dan kry ek die gevoel dat as geld na die séndingveld toe gaan, dáár vér weg, jy weet of so, dan’s dit, dan’s dit goed. Maar as jy híér in ons eie gemeenskap, jy weet, begin om uh aksies te loots wat na, noem maar amper soos volksvreemde gemeenskappe toe jy weet, dan is dit verkeerd. So dis nóg iets wat ek dink uh ek opgetel het.

P23: LR_23.docx - 23:4 [Iets wat ek wél uh dink wat ve..] (6:6) (Super)
Codes: [HanteringVerandering: Groter verdraagsaamheid teenoor kinders (inkoop op gestuurde roeping) - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Iets wat ek wél uh dink wat verander het in ons gemeente, is dat uh die volwassenes het het mettertyd, soos wat ons die kinders betrek het in die erediens, dink ek het hulle ‘n groter verdraagsaamheid teenoor kinders begin kry. Wat belángrik is dáármee is dat dit beteken dat hulle ook mettertyd sal hulle um meer gevóél hê vir kinders se behoeftes, en nie net ons eie gemeente-kinders nie, maar kinders in die algemeen. En ‘n gevoel hê, jy weet, vir waar’s daar nood onder kinders en so. So ek dink dáái gedeelte is óók iets, uh, en ek koppel dit nou eintlik aan ons missiestelling. Miskien nie so seer, jy weet, aan aan aan suiwer gestuurdheid nie. Maar dáár sien ek ‘n verandering. Ek uh dink as ek met mense praat dan dan sê hulle: “Nee dis goed, jy weet, dat ons die kinders nie meer net weggestuur het, en daar géén kontak was tussen dit nie.”

P23: LR_23.docx - 23:5 [En dán ‘n waarneming wat ek dé..] (7:8) (Super)
Codes: [Taal/Selfverstaan: Leierskap koop in op kerk se gestuurde rol - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

En dán ‘n waarneming wat ek définitief dink wat gebeur het, is dat die gemeente-leiers, húlle het baie meer ‘n bewuswording van die kerk se gestuurde rol. Um, en en, jy weet, hier dink ek dat, uh, veral julle as predikante wat wat baie betrokke was, uh, en wat baie betrokke ís in die proses, um, het ‘n groot ról gespeel. Maar dat die gemeenteleiers ‘n gróter rol kan speel ook, dat ‘n ou jou hele gemeente op die uiteinde, jy weet, kan kry om daai kultuurskuif te maak.
So dis, dis wat ek sien as ek sê, jy weet, wat het verander in ons gemeente? Maar ek dink nie dit is só ooglopend en opsigtelik nie.

© University of Pretoria

P23: LR_23.docx - 23:6 [Weet jy Gert, um, ek het nou o..] (12:13) (Super)
Codes: [Storie: Vlagskip- en ander verhale - Family: Gemeente Transformasie]
No memos

Weet jy Gert, um, ek het nou ook gedink daaroor. Die..., ek dink... Onthou jy, ons het die stories vertel, en so. En ek wil nou-nou wil ek terugkom by iets oor die verhale, maar ek dink wat wat ons moet voor pasóp, is dat ons een vlágskip verhaal het, jy weet, soos Jabulani. Dit is 'n vlagskip, uh, verhaal en ek dink dit is 'n baie belangrike ene, want hy't groot sigbaarheid in die gemeenskap. En, jy weet, op grond van wat hy nou Sondag gesê het, jy weet, jy weet, wat, uh, het hy ook baie groot momentum eintlik gegee aan 'n, aan versorging van kinders, jy weet, en die skoling van kinders en daai soort van ding. So dis 'n vlagskip verhaal vir my, jy weet. Ek dink, jy weet, uh, ons moet méér sulke gestuurde aksies hê, jy weet, wat uh, wat wat bietjie van 'n langtermyn verloop het, en wat uh tot 'n mate ook 'n hoë profiel het.
Die die verhale wat ons gehóór het, uh, wat mense vertel het, jy weet - en nou dink ek jy weet, soos [NAAM], [NAAM] en, jy weet, en [NAAM]-hulle en almal en so - dis verhale van gestuurdheid, maar dit is uh dis kort-termyn, of soort van, jy weet, selfs [NAAM], jy weet, dis 'n dis 'n 'n ingryp, en *that's it*. Ek dink 'n mens moet kyk, jy weet, dat jy 'n, dis een van die goed wat ek ook sien as die rol van 'n predikant, jy weet, dat is dat hulle moet baie meer miskien probeer om om nóg hoë-profiel gestuurde aksies te kan identifiseer. So van verhale, ek het nie regtig nie. Jy jy weet die verhale wat ons maar gehoor het. Um, maar ek sien dit, jy weet, dat jy jy gaan altyd 'n vlagskip verhaal hê, maar jy kan dít ondersteun met ander verhale wat 'n láng-termyn soort van 'n betrokkenheid uh verg, jy weet. Nie net sommer kom-en-gaan nie.

P23: LR_23.docx - 23:7 [Ek dink ons het 'n goeie taaks..] (17:17) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Goeie taakspan wat verbind is tot die proses - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek dink ons het 'n goeie taakspan bymekaar gesit. Dit was goeie gemeenteleiers en, uh, hulle het hulle verbínd, jy weet, om om die pad te loop vir drie jaar. Ons het... Ja, ons het gehad wat afgeval het en nuut bygekom het en so, maar daar was goeie redes vir party mense, jy weet. As ek nou dink, [NAAM], ek sou haar lánger by ons wou gehad het, want sy het baie goeie analitiese vermoë gehad, um, jy weet, maar daar was redes hoekom, jy weet, sy nie kon bybly oor die langtermyn nie. So dis die eerste ding. Ons het 'n goeie taakspan gehad.

P23: LR_23.docx - 23:8 [Dan dink ek die tweede ding wa..] (18:18) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Breë groep gemeenteleiers goed betrek - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Dan dink ek die tweede ding wat ons goed gedoen het, ons het die gemeenteleiers, die breë groep gemeenteleiers, het ons baie goed betrek, alhoewel ons miskien mín geleenthede gehad het waarby ons hulle betrek het. Maar ons het hulle ten minste betrek, twee, drie keer 'n jaar, as as gemeenteleiers.

P23: LR_23.docx - 23:9 [Die derde ding wat ek dink wat..] (19:19) (Super)
Codes: [03 Fokus/Visie: Sterk missie-stelling verwoord en aangeneem - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Die derde ding wat ek dink wat ons reg gedoen het, is dat ons het, ín die periode het

© University of Pretoria

ons ‘n sterk missie-stelling verwoord, én ons het hom aangeneem. En dat die missie-stelling, uh, eintlik baie wyd wyd spreek.

P23: LR_23.docx - 23:10 [‘n Vierde ding wat ek dink wat..] (20:20) (Super)
Codes: [02 GeloofsonderskedendGewooontes: Wandel in die Woord as dissipline gevestig - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

‘n Vierde ding wat ek dink wat ons reg gedoen het is, ons het wandel, wandel in die Woord as ‘n dissipline, het ons gevestig gekry. Um, maar ons het dit ook as ‘n goeie dissipline gebruik om ons eie, uh, formulering van van die proses reg te kry. Jy weet, ons het dit... Dit was ook ‘n ding.

P23: LR_23.docx - 23:11 [Ek dink, uh, die gebruik van s..] (21:21) (Super)
Codes: [04 Gesprek/Kommunikasie: Selgroepe vat die gesprek na die gemeente toe - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Ek dink, uh, die gebruik van selgroepe is ‘n belangrike ding, want dit het die gesprek na gemeentelede toe geneem. Uh, en daar was tóg, jy weet, dis ‘n lekker forum vir debat daai.

P23: LR_23.docx - 23:12 [Dan die feit lat ons vróég ree..] (22:22) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Identifiseer en vestig aksies van gestuurdheid - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Dan die feit lat ons vróég reeds aksies van gestuurdheid geïdentifiseer het, en hulle nagevolg het, sóós Jabulani, jy weet, sóós die kerspakkies, uh, maar ook die verhale wat ons vertel het wat...

P23: LR_23.docx - 23:13 [Miskien is dit ‘n aparte punt,..] (23:23) (Super)
Codes: [04 Gesprek/Kommunikasie: Vertel verhale van gestuurdheid - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Miskien is dit ‘n aparte punt, jy weet, daai stories, uh, wat wat mense vertel het. Jy weet, [NAAM] se storie, en [NAAM] se storie, en [NAAM] s’ne, jy weet, en [NAAM] s’n, en al daai.

P23: LR_23.docx - 23:14 [En dán, uh, dan dink ek nóg ‘n..] (24:24) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Leiers tree op as profete van gestuurdheid - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

En dán, uh, dan dink ek nóg ‘n ding wat ons reg gedoen het, is ons het sékere leiersfigure het ons baie goed gebruik. Ek dink daar spesifiek aan [NAAM], aan jóú en aan aan [NAAM], én die jeugleiers. Jy weet, daai... Húlle was eintlik die profete van gestuurdheid wat wat ek dink die gemeente tot ‘n groot mate laat besef het, ons is besig met iets ánders. Dis goed wat ek dink ons reg gedoen het. Daar’s miskien nog ‘n klompie, maar, uh, vir my was hierdie die...

© University of Pretoria

P23: LR_23.docx - 23:15 [Die een wat ek dink, is is ons..] (34:34) (Super)
Codes: [04 TaalKonsepte: Vestiging van die konsepte van gestuurdheid - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Die een wat ek dink, is is ons moes beter kommunikeer. Ek dink die kommunikasie, jy weet, uh, ek noem dit nou die aanvánklike kommunikasie, verál ten opsigte van begrippe, soos “gestuurdheid” en “koninkryk” en “instandhouding” en “geloofsonderskeiding”. Jy weet, dis vréémde begrippe vir, uh, lidmate wat nog uit ‘n ou bedeling uit kom. Uh, wat, so jy’t nou gekry, jy weet... Dadelik was daar verwarring by hulle, jy weet, tussen sending en gestuurdheid. Jy weet, die feit lat, om ‘n gestuurde te wees, en die andere ene, jy, om iemand te stuur. Ek dink daar was verwarring. En daai verwarring het nou natuurlik gemaak lat die hele proses ‘n bietjie bietjie skade ly. Die proses, jy weet, uh... Ek dink ook daar’s nie duidelik gekommunikeer dat die kerk, uh, ‘n bepaalde roeping in die wêreld het nie. Jy weet, en dat hierdie roeping wýer strek as net Woordverkondiging. Um, want, wééreens, ek dink uit die óú bedeling uit, het ons dit nie..., ons het die kerk se roeping gesien as, uh, of sy gestuurdheid het ons amper gesien, ja, hy móét help, maar hy moet help bínne die gemeente. En weet jy wat, dis die diakens se taak om dit te doen. Jy weet, en ek dink, so... Omdat jy ‘n baie, uh, miskien ‘n ouer garde ook in jou gemeente hét, is hulle die mense wat, wat jy nie maklik kan saamvat nie. As jy nie dúídelik die definisies en die taal en die woordeskat van gestuurdheid by hulle vestig nie. [Stilte] Um, [stilte], jy weet, ek ek, wat ek hier gesê het, jy weet: sónder die verstaan van die woordeskat van gestuurdheid deur die héle gemeente bly die proses die táákspan se eiendom. Want húlle verstaan nou waaroor dit gaan en húlle lewe daarmee saam, jy weet. En verlóór dit eintlik die waarde vir die res van die gemeente. So, dis iets wat ek dink ek sou béter gedoen het.

P23: LR_23.docx - 23:16 [Die tweede ding wat ek dink on..] (38:38) (Super)
Codes: [05 GesprekKommunikasie: Moes breër gemeente vroeër betrek het - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Die tweede ding wat ek dink ons ‘n fout mee gemaak het, is dat ons moes gróter betrokkenheid van gewone lidmate gekry het. Jy weet, ons het nou die leierskorps het ons so van tyd tot tyd het ons hulle betrek. En die geméénte het ons met énkele goed betrek. Soos byvoorbeeld toe ons nou daai pa..., die patrone wou identifiseer. Toe betrek ons die gemeente op één Sondagoggend, máár ons maak staat op hulle insette sonder dat hulle die, uh, die begrippe en die, duidelik verstaan. Sonder dat hulle eintlik presies weet waaroor dit nou gaan. Jy weet, so, dit dít dink ek was ‘n was ‘n fout wat ons gemaak het. Jy weet, ons moet, uh... En ek dink ook vórentoe, uh, moet hulle wéét, jy weet, dat as jy uh, as jy die gemeente vroeër op ‘n breër basis betrek, dan hoef jy nie drie jaar te deurloop na ‘n nuwe missiestelling voordat jy sê, *okay* gemeente, nóú kan ons vir julle sê wat ons gaan doen nie. Ek dink ook die hele ding van die reis, uhh, om dit in die gemeente te sê, weet jy, ons is op reis, maar ons weet nie waar hierdie reis ons heen vat nie. As ek nou dink, as ek nie op die taakspan was nie, en ek het daar gesit en luister en hier vertel die taakspanleier vir my: jong, ons is ‘n reis met hierdie bootjie, en ons kyk nou maar waarnatoe hy ons vat. Dan sou ek dink, jóng, hierdie ouens vat ons vir ‘n *ride*. Hulle weet nie waarnatoe hulle op pad is nie. [Lag] Want, want mense wil rigting hê. Hulle wil nie hoor, ons gaan dalk ééndag by ‘n bestemming uitkom wat ons almal van gaan hou nie. So ek dink dit is ook ‘n ding wat ‘n ou moet wéét, wanneer jy met die gemeente kommunikeer, moet jy, moet jy nie gaan, uh, beelde, uh, en woorde gebruik as dit nie in die regte konteks verstaan word

© University of Pretoria

nie.

P23: LR_23.docx - 23:17 [Ek dink ook wat ons, wat ek di..] (39:39) (Super)
Codes: [05 GesprekKommunikasie: Betrek buite-leraars en lidmate om hulle stories te vertel - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

Ek dink ook wat ons, wat ek dink wat ‘n ou beter kon doen - maar dit sal kom ook soos wat méér gemeentes ek dink, um, kom ons sê maar die gestuurde proses deurloop - is ‘n ou moet gebruik maar van buite-leraars, en buite-lidmate om húlle stories te vertel. Húlle gestuurde sukses-stories, as jy dit so kan stel. Dit gaan jou help om om om gestuurde aksies, uh, miskien beter te verstaan, om jou eies in perspektief te plaas, om makliker nuwes te identifiseer, waarby jou éie gemeente kan betrokke raak. Want, as jy hoor, o *okay*, hierdie ouens het hiérdie behoefte raakgesien in húlle gemeente, maar weet jy, ons het dit eintlik in ons gemeente ook. (20:18) Om réde – ek sê jy gebruik buite-gemeentes – want in elke uh omgewing het jy mos nou goed wat wat wat uitstaan. Wat vir jóú duidelik is. So, jý weet dit moet aandag kry. Maar in ‘n ánder gemeente is die klem dalk op iets anders. Maar dit bestaan in joune ook. So ek dink dit is iets wat ‘n ou beter kan doen, jy weet. Om, uh, om eintlik lidmate toe te rus om om gestuurde, uh, om óóp deure te sien, as ek dit nou so kan stel.

P23: LR_23.docx - 23:18 [En dan ‘n laaste ene, en uh di..] (40:40) (Super)
Codes: [05 GesprekKommunikasie: Gesprek 'n kritiese instrument om kultuur te verander - Family: Gemeente Uitdaginge]
No memos

En dan ‘n laaste ene, en uh dit, dit is iets wat ek dink uh álmal van ons moes moes eintlik harder daaraan gewerk het, om meer selgroepe gevestig te kry. Um, jy weet, soos ek vir jou sê, ek dink dit is die forum waarin jy hierdie goed, soos die kerklike roeping en gestuurdheid en al daai soort van goed, eintlik uh ‘n dieper gesprek kan geloods kry. Nou ja, hoe hoe ‘n mens dit doen, en ek dink ek, weereens, ek ek sien dit nie as ‘n kritiek nie, want ons moes álmal moes harder gewerk het daaraan. Uhhh, en die rede hoekom ek dink ons moes harder gewerk het daaraan, want ek glo dit is so ‘n kritiese instrument as jy kultúúr wil verander. Um dit ís ‘n instrument om om mense meer insig in in die Bybel te gee, en meer en al so aan. Maar, as mense nie in ‘n gesprék betrokke raak dat sy éie gedagtegang verander kan word nie, gaan jy nooit sy kop regtig geskuif kry nie. En die plék waar hy die geleentheid kry om in daai gesprekke betrokke te raak, is op die uiteinde die selgroep. Want dis nié in die kerk nie, dis nié in die preek, in die biduur, dis nie by daai goed nie, jy weet.

P23: LR_23.docx - 23:19 [Ja, ek het iets hier, maar wat..] (46:50) (Super)
Codes: [Sake vir aandag van die SAVGG - Family: Vir aandag van die SAVGG]
No memos

Ja, ek het iets hier, maar wat uh, maar ek dink dit kan jy vir jouself net leer. Jy weet, ek sê, wat behoort die SAVG anders te doen? Want ek dink uh tot ‘n mate uhhh is is ons almal nog in ‘n leerproses, um, ek dink die, so ek het hierso nou, ek weet nie of ek dit maar moet noem nie.
Asseblief, ja. Noem dit.
Jy weet, ek het een, persoonlik dink ek daai steekproef wat ons gedoen het vir die gemeente-analise was te klein gewees. Jy weet, uh, hy’t nié ‘n verteenwoordigende beeld vir ons gegee nie, en, en... Maar nou’t hy uh uh ‘n soort van ‘n inligtingsbasis

© University of Pretoria

gegee wat ons moet nou gebruik om die... Want dís eintlik waar waar die hele proses afskop van daar. Uh, so ek dink dit is een ding, daai uh, daai uhh, uhhh, gemeente-analise moet meer uitgebreid wees. Dit moet 'n groter steekproef hê, en 'n meer verteenwoordigende steekproef. So, dit is een.
Die ander, die gemeenskapsanalise, dink ek, moet méér grense oorsteek. Jy weet, uh, sodat as jy jou plonsaksies doen, lat jy baie meer gefokus is om om op dáárdie stadium alrééds te sien, o, hiér is 'n toekomstige gestuurde aksie wat ek kan loods, jy weet. En nie nét, *okay*, dis wat ek gesien het, en en en so nie. Maar as, jy kan dit baie meer gefokus doen as jy rééds op daai stadium, uh, ander grense ook oorsteek. *Okay*, maar dis maar net, dis net iets.
Uh, dan dink ek die vennootskapsbyeenkomste, jy weet, het nie altyd genoeg leiding gegee vir 'n geméénte, uhh, om om hierdie proses te dryf nie. Uh, ek dink hulle het nie, jy weet, dit was amper of ons het nie geweet wat om te wagte te wees nie. En hoé moet ons dit hanteer? En ek dink ons het dit gesien in ons eie proses, jy weet. Dan doen ons só 'n oefening, dan sien ons, *okay*, maar dit vat ons nêrens heen nie, jy weet. Dan..., gelúkkig dink ek was ons gróót genoeg om te sê, weet jy wat, dan begin ons óór. As ons nie tevrede is nie, gaan ons nie, omdat ons die werk gedoen het, sê, *okay*, jy weet, kom ons gebruik... Ek dink dit was... Maar dáár dink ek kan méér leiding wees, jy weet. Uh, as ek het gesê: taakspan moes telkemale spronge in die donker gee, jy weet. En en súlke onsekerheid, lei lei daartoe dat, omdat ék nou nie seker is nie, nou wil ek nie die gemeente betrek nie. Want jy weet, nou, hulle gaan hierdie onsekerheid waarneem, en dan gaan hulle nog dink, jóú, maar, jy weet, wéét hierdie ouens wat hulle doen? So, nóú, nou begin jy al hoe mínder die gemeente betrek ook nog by jou goed. Totdat jy sê, *okay*, nee ek dink ek het nou die ding gevind. Nou deel ek dit weer met die gemeente. So, jy weet, daar's sulke goed wat ek dink uh 'n mens miskien moet net uh onthou.

P23: LR_23.docx - 23:20 [Um, Gert, in die eerste plek s..] (64:64) (Super)
Codes: [01 Leierskap: Predikante neem verantwoordelikheid op om gestuurdheid te bevorder - Family: Gemeente Bydraende Faktore]
No memos

Um, Gert, in die eerste plek sê ek, ek dink óns predikante moet baie krediet kry vir, jy weet, vir die vordering wat die gemeente gemaak het. Jy weet, want júlle het die verantwoordelikheid geneem. Um, en, en ek dink by élke geleentheid wat julle gekry het, het julle eintlik uh die gedagte van gestuurdheid bevorder. So, dit... En en en ek dink dit sluit aan by wat jy nou-nou gesê het, jy weet, sonder die predikant is hierdie eintlik 'n doodgebore baba.

P23: LR_23.docx - 23:21 [Nou ja, as ek nou sien, hoe si..] (65:65) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Katalisator van die hele proses - Family: Leraar Rol]
No memos

Nou ja, as ek nou sien, hoe sien ek die rol en funksie van 'n predikant, dan sê ek, ek dink aanvánklik is hy die belangrikste rolspeler. Aanvanklik, jy weet. Um, en hy's ook, waarskynlik ook in meeste gevalle die katalisator van die hele proses. Dit sal báie selde op 'n ander plek sy oorsprong hê.

© University of Pretoria

P23: LR_23.docx - 23:22 [Um, en hý is dan ene wat veran..] (66:66) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Vestig begrippe van gestuurdheid - Family: Leraar Rol]
No memos

Um, en hý is dan ene wat verantwoordelik is om om dan dádelik hierdie begrippe te vestig, jy weet, sodat daai definisies van gestuurde aksies vir al die lidmate duidelik word, jy weet. Uh, hý is die ene wat aanvanklik vir mense moet die verskille tussen persóónlike gestuurdheid en gemééntlike gestuurdheid moet laat verstaan, jy weet, en dat dit, ál twee moet eintlik aandag kry, jy weet. Sodat élke lidmaat eintlik sy gestúúrde roeping kan ontdek. So hý is die, hy is, hy's die groot rolspeler in in in die begin.

P23: LR_23.docx - 23:23 [Um, dan dink ek, aanvanklik, h..] (67:67) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Identifiseer sleutel-leiersfigure - Family: Leraar Rol]
No memos

Um, dan dink ek, aanvanklik, hý moet die aanvanklike léíding ook neem, jy weet. Uh, totdat daar 'n redelike wye aanvaarding is, uh, moet hý dit doen, jy weet. Hý moet in daai, in in hierdie aanvanklike leiding wat hy neem, moet hý die sleutelfigure om dié reis te kan vóórtsit, moet hý identifiseer. Hy kan hulp kry, maar jy weet, maar hý is tog die ene wat sal... Dit help nie jy gaan oom Koos betrek as oom Koos 'n remskoen gaan wees, jy weet in die proses nie. En jý sal weet of oom Koos, jy weet, 'n bydrae kan maak of nie. So hy moet daai sleutelfigure identifiseer.

P23: LR_23.docx - 23:24 [Dan méttertyd moet sy rol nou ..] (68:68) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Nuusdraer wat stories met geloofwaardigheid terug kommunikeer na die gemeente - Family: Leraar Rol]
No memos

Dan méttertyd moet sy rol nou verander, jy weet, sodat hý... Uiteindelik word hy net die, die nuusdraer. Wat vir die gemeentes vertel van, weet jy wat, ons het híérdie gestuurde aksies aan die gang, en dís wat gebeur. Ek, ek dínk dit bring motivering. Dit bring positiewe, uhhh, soort van energie in die hele proses, as iemand met geloofwaardigheid die die stories weer al die tyd kommunikeer terug na die gemeente toe.

P23: LR_23.docx - 23:25 [So, hy... En dan moet hy voort..] (69:69) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Identifiseer sleutelaksies wat voortgesette gestuurdheid ondersteun - Family: Leraar Rol]
No memos

So, hy... En dan moet hy voortdurend, na sy aanvanklike ..., moet hy ook sleutelaksies identifiseer wat vóórtgesette gestuurdheid kan ondersteun.

P23: LR_23.docx - 23:26 [Ek dink 'n mens moet kyk, jy w..] (13:13) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Identifiseer sleutelaksies wat voortgesette gestuurdheid ondersteun - Family: Leraar Rol]
No memos

Ek dink 'n mens moet kyk, jy weet, dat jy 'n, dis een van die goed wat ek ook sien as die rol van 'n predikant, jy weet, dat is dat hulle moet baie meer miskien probeer om om nóg hoë-profiel gestuurde aksies te kan identifiseer. So van verhale, ek het nie regtig nie. Jy jy weet die verhale wat ons maar gehoor het. Um, maar ek sien dit, jy weet, dat jy jy gaan altyd 'n vlagskip verhaal hê, maar jy kan dít ondersteun met ander

© University of Pretoria

verhale wat ‘n láng-termyn soort van ‘n betrokkenheid uh verg, jy weet. Nie net sommer kom-en-gaan nie.

P23: LR_23.docx - 23:27 [Okay, dan hier’s ‘n klomp obvi..] (70:80) (Super)
Codes: [06 TransformasieKultuur: Strategiese rol ten opsigte van kultuurverandering - Family: Leraar Rol]
No memos

Okay, dan hier’s ‘n klomp *obvious* goed wat ek nou nie alles genoem het nie, jy weet, want uh sy funksie is een om, uh is ‘n leierskap en ‘n strategiese rol, maar spesifiék met betrekking tot kultúúrverandering, sien ek dit. Jy weet, want, uh, dis nie elke ou wat wat ‘n groep mense kan vat om ‘n kopskuif te maak nie. Uh, jy kan ‘n leier wees en jy kan ‘n strategiese rol speel, om, uh, ouens te vat en ‘n veldslag te gaan wen, jy weet. Of om uh ‘n projek van die grond af te kry, of om dít te doen. Maar wanneer dit by kultuurskuiwe kom, dan is dáái, dáái leierskapsrol lyk eintlik ánders. En die strategiese dénke om, uhhh, kultuurverandering mee te bring, dink ek lyk ook anders as net normale leierskaps- en strategiese soort van denke. Dis ‘n bietjie van ‘n ander nuanse op dit.
Kan, kan jy dalk daai andersheid op ‘n manier omskrywe? (32:36) Op wat, in watter opsig verskil dit? (32:38)
Ek dink dis baie, dit lê baie op die uhh op die vlak van interpretasie. Van uhh wáár is ons? Moet ek vinniger? Moet ek stadiger? Jy weet, as ‘n ou, baie keer as jy moet moet leierskap, dan is daar, die pad is uitgestippel. Ek dink in hierdie geval is dit baie soos ‘n reis. Jy weet, dit, dat ons nie heeltemal... So, hý moet dit interpreteer en hý moet dan uh sê, weet jy wat, ek sit moet, moet uhhh faksies in my gemeente, of dénkgroepe in my gemeente, uhh, wat ánders is. In ‘n, in ‘n maatskappy, as jy kyk oor leierskap en strategie, dan uhh, weet jy wat, ons het ‘n *common goal*, en almal, en en die *common goal* vir vyf en negentig persent van alle maatskappye is eintlik dieselfde. So, jy weet, as jy nie die pad soontoe wil loop nie, dan raak ek ontslae van jou, en ek kry ouens wat saam met my die pad gaan loop. In ‘n gemeentelike opsig is dit ánders. Jy weet, ek kan sláág as ek my hele gemeente kan, of die grootste gedeelte van my gemeente kan kry om híérdie visie na te volg. Maar ek kan nie, ek kan nie dikteer, en ek kan nie leiding gee soos wat ek dit in ‘n normale uh, of in ‘n ander organisasie sou doen nie. Um, so ek dink dit is, uhh, dit is baie inter..., te doen met die interpretasie van van wáár staan ek in die proses, en hoe moet ek hom nou, en moet ek hom *tweek*, en moet ek dit en al daai soort van goed. [Stilte] Um, ek sal bietjie dink daaroor, ook, jy weet, presies waar lê daai verskille. Maar ek het..., my my hart sê vir my, daar’s dúídelike uh ánder prosesse, uh, in daai leierskapsrol. (34:29) Baie, wat ek daarmee probeer sê, is, dit help nie jy gaan vat ‘n handboek oor *leadership* en jy sê, jy weet, ek moet kan organiseer en delegeer, jy weet, en vir, jy weet, en al daai soort van beplanning en die hele *works*, en ek moet dit kan beheer en meet en die hele werke. Want jy sit in ‘n ander organisasie, met ander uhhh uh ander binnewerkinge.
Ja. Sou dit...? Ek wonder nou net sommer, um, leierskap, die *manager* is nou nie eintlik... Maar baie dominees is eintlik ‘n soort van ‘n *manager*. Hy sien homself as ‘n soort van ‘n *manager*, of ‘n soort van ‘n *CEO* van ‘n maatskappy. Maar dit is nou, dit is nou, daai sakemodel, nê.
Dis ‘n sakemodel. En weet jy waar dink ek, waar werk die sakemodel in ‘n kerklik opset, is wanneer ek wégbreek met vyfhonderd lidmate wat almal soos ek dink. Want nou’t ek ‘n *common goal* wat ek maklik... En ek vat hierdie mense saam. Dis my my *common goal*. En ek weet hoe om hom te dryf. Maar in ‘n, in ‘n uhhh kerkmodel of ‘n gemeentelike opset waar jy uhhh uh mense tradisioneel lidmaat ís van die

© University of Pretoria

[KERKVERBAND] het jy 'n *mix*, wat jy nie, wat jy nie kan sê, hulle is homogeen genoeg dat ek kan gewone bestuurspraktyke en beginsels toepas nie.
So hierdie hele ding van die vestiging van 'n geloofsonderskeidende soort van leierskap waar jy dan nou mense betrek om saam te luister en saam te ontdek en saam te hoor...
En kan jy dink hoe moeilike rol is dít? Maar dís jóú rol.
Ja.
Jy verstaan?
Ja.
Maar dit is 'n baie moeilike rol. Dis hoekom ek sê, jy weet, uh, 'n ou moet altyd uhhh hierdie pre.... Kerke wat baie suksesvol is, is gewoonlik wegbreekgroepe. Want, want dis maklik. Ons het 'n *common goal*! Ons is mense wat wat weggebreek het vir 'n spesifieke rede. Jy weet, ek hoef nie te *worry* oor kleindoop en oor grootdoop nie, jy weet, en oor uh, Drie-eenheid en oor dit, oor al hierdie goed nie, jy weet. Ons het gekies. Ons is mense vir die grootdoop. Kláár. Jy weet, so nou's my leierskapsrol is mos nou baie makliker as wat ek moet dít ook nog probeer balanseer binne my gemeente. Verstaan jy wat ek probeer sê?

P23: LR_23.docx - 23:28 [Orraait dan, ek dink 'n belang..] (82:82) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Vestig gestuurde waardes en dissiplines - Family: Leraar Rol]
No memos

Orraait dan, ek dink 'n belangrike ding is dat die predikant se rol is ene, hy moet die gestúúrde geestelike waardes en dissiplines moet hy in die gemeente gevestig kry. En en en dáár kan hy dit eintlik nét doen deur deur die regte prediking, óf soos ek sê, deur daai goed uhh in in selgroepe die gesprek aan die gang te kry en dit dáár te vestig. Want dit, dis dis sy manier om by die lidmaat uit te kom.

P23: LR_23.docx - 23:29 [Okay, dán, ek dink 'n baie bel..] (83:102) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Sorg vir balans tussen gemeentelike prioriteite - Family: Leraar Rol]
No memos

Okay, dán, ek dink 'n baie belangrike ding is, die predikant moet sorg dat daar balans gebring word tussen ál hierdie gemeentelike prioriteite, sónder dat hy die rol van die kerk in die wêreld verwaarloos. Met ander woorde, um, dis máklik om weer oor te hel na een kant toe. Te sê, ons is 'n gestuurde gemeente, jy weet, en nóú is ons fokus is nóú na buite toe. Jy weet, en dus en dus en dus en dit en dit. Want, uh, geloofservaringe, in in ek dink godsdiens as sulks, is, gaan nie net daaroor nie. Dit gaan oor baie meer. Dit gaan oor geestelike groei en dit gaan oor uh uhhh kérnwaarhede wat jy moet aanléér, jy weet. En dit gaan oor uh miskien..., dogmas en al sulke goed wat daar moet wees. Ek weet nie, dis hoe ek dit, dis maar my my manier. So ék sê, pasop lat 'n ou nie die balans só versteur... Want dán is jy, doen jy presies dit wat ek nou-nou oor gepraat het, jy weet, dan is jy besig om 'n, om om jou eie kerk eintlik te stig met dáárdie agenda. [Stilte] Ek weet nie. (38:58) [Stilte} Klink dit verkeerd?
Nee, uh, ek sukkel nou net om te hoor wat jy sê. Uh, bedoel jy dat, uhh, dat 'n ou jou eie identiteit ook nou nog moet behou? Ons is, ons is 'n [KERKVERBAND] en deel van 'n gereformeerde tradisie. Daar's sekere waardes en goed wat vir ons belangrik is wat óók aandag moet kry.
Ja.

© University of Pretoria

Um, en...
Jy weet, uh, ja. Wat ek probeer sê is uh Gert as mense uhhh as lidmate in die kerk inkom, dan moet hy nie nét voel hy word al dit tyd gekonfronteer daarmee om om sy gestúúrdheid te ontdek, en om sy gestúúrdheid te ontdek, en om búíte te gaan uhhh jy weet te gaan lewe en te gaan doen en te dit nie. Want hy kom tog hiernatoe ook vir vir ánder redes ook. Hy kom, hy kom om homself geestelik te versterk, jy weet. Of hy kom om om méér te leer oor oor oor die Bybel. Al wat ek probeer sê, is ek, uhhh 'n ou moet pasóp dat jy nie die balans versteur deur umm... Want as jy nou na ons ons uh missiestelling kyk... As jy na die vórige een gaan kyk, ek besef dit ook maar toe ek nou hierdie vrae leer, jy weet, toe dink ek, ons het tot 'n mate 'n versteuring gebring in die balans van van hoe ons die toekoms nou sien.
Hm-huh. Want die vorige ene was... uhhh
Hy was baie wyer. Hy hy't oor baie meer goed gegaan. Gestuurdheid was een aspek van...
Hoor ek nou vir jou... Ek ek weet nie of ek nou interpreteer nie, maar dis dis dit raak onder andere hierdie ding van um... Dit kan nie net gaan oor die wêreld daar buite en in die proses verwaarloos jy die die lidmate...
Korrek.
... homself nie. Die lidmaat moet geestelik versorg word. Hy moet geestelik opgebou word. As hy siek is, moet hy bedien word. Daar's 'n stuk bediening wat moet plaasvind.
Dis reg. Dit is, dis ander gemeentelike prioriteite.
Ja.
Wat wat wat op ons weg lê. Wat nie moet nou verwaarloos omdat ons... En en ek het, en ek het toe ek nou met hierdie vraag sit gisteraand, toe sit ek en dink, jy weet, um, ons nuwe missiestelling uh het het 'n bietjie van daai, van 'n balansversteuring gebring. Dis asóf ons nou sê, jy weet, ons is gestuur na oop deure toe. En te duiwel met al hierdie ander goed wat wat bínne die gemeente ook lê. So, dis wat ek... Verstaan jy?
Ek dink so. Um, ek dink nie ons balans is... Dink jy daar is aspekte in die balans waaraan ons moet aandag aan gee? Is is dit jou persepsie dat die balans skeef is?
[Stilte] Nee, ek dink nie so nie, maar uh jy weet, ek het, ek kom nou, ek kom nou bietjie uit 'n ander hoek uit, miskien, jy weet, so uh, ek is dalk die verkeerde ou om daai vraag te beantwoord. 'n Mens moet dalk mense wat regtig buitekant die, die uh, die gestuurde waardestelsel staan, of mense wat wat dit nie so uh sterk ervaar het soos wat ek en jy het miskien oor hierdie tydperk nie. Jy weet moet 'n ou miskien dit vra, dink jy ons hel oor? Dink jy ons gee te veel aandag aan hierdie goed? Jy weet.
***Okay*.**
Dit kom ook weer terug by wat ek in die begin gesê het, jy weet. Dat as jy nie, uhhh, as die gemeente nie verstaan dat die kerk eintlik 'n gestuurde roeping het nie, dan gaan hulle wáárneming ook wees dat jy's nou besig om die balans te versteur.
Hm. Hm. So dit uh, daai daai daai paradigma, daai denkraamwerk waarbinne, jy moet heeltyd aan dit werk. Nê, dat dat die begrippe en die betekenisse...
Vir hulle... Want hoe dúídeliker dít word, hoe duideliker daai taal, en hoe meer daai woordeskat hulle eie woordeskat word, dink ek, hoe meer sal hulle besef, maar weet jy wat, die kerk die kerk hét 'n roeping daar buite. En dit ís 'n belangrike roeping.
***Okay*. Dankie [NAAM]. Um, ons sal maar aanhou moet praat oor die goed, nê. Dit is maar eintlik wat dit is. Mens moet aanhou dink en praat oor hierdie goed.**

© University of Pretoria

P23: LR_23.docx - 23:30 [Orraait, dan een ding wat ék d..] (103:103) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Dra sorg dat integrasie plaasvind - Family: Leraar Rol]
No memos

Orraait, dan een ding wat ék dink wat die predikant se, 'n belangrike rol is dat hý moet sorg dra dat daar integrasie plaasvind. Tussen jou gestuurde aksies, die opleiding en gestuurdheid, jy weet, geestelike dissiplines, álles wat te doen het met met... Hý, hý moet die integrasie bewerkstellig. Sodat, uh, dit nie, uh, dat dit nie, uh wéghardloop goed raak nie, jy weet. En dat daar, dit nie, uhh, ek wil sê amper – nié ongekoördineerd, maar laat dit nie, uhhh [stlite] laat dit 'n déél vorm van van van die [stilte] die totale doelwit wat 'n ou wil bereik. Ek weet nie hoe om dit mooi te stel nie, jy weet, uh, uhh, maar, maar iémand moet moet die rol speel om te integreer. Want ek kan op my eie *mission* gaan. Jy weet, en [NAAM] kan op haar eie *mission* gaan. En die jeug kan op hulle eie *mission* gaan. Maar iewers moet iemand sê, weet jy wat, hier is uh, 'n groter ding wat ons moet net bymekaar trek. Dat ons op die uiteinde almal besef, as 'n geméénte is ons nog steeds besig om die regte goed te doen. Um, jy weet, daai integrasie. Ek het dit nou verder gevat, jy weet, na goed soos die selgroepmateriaal toe. Jy weet, die die aksies wat ander gemeenskappe betrek. Jy weet, uh, om, om oú waardes en tradisies binne die gestuurde verband, jy weet, te beveilig. Met ander..., jy, jy't mense wat nié, wat sien, nee maar hierdie goed bedreig nou al die ou goed wat ons gehad het, jy weet. Iemand moet daai goed bymekaar trek en sê, weet jy wat, dit is nie so nie. Dit bedreig jou nie, jy weet. Dis waar julle, waar dit inpas. Dit vorm nog steeds, uh, een van die kernwaardes van van van 'n gemeente, of wat ook al. So, die integrasie in in in daai breë sin. As jy nou, jy weet, ek, soos ek sê, ek het ook nou, ek ek dink hierdie het vir my ook weer baie stof tot denke gegee. Wat ek ook graag sal wil in my *mind* miskien nóg duideliker wil uitklaar.

P23: LR_23.docx - 23:31 [Goed, die belangrik..., belang..] (104:104) (Super)
Codes: [03 Leierskap: Moet 'n verbintenis hê tot gestuurdheid - Family: Leraar Rol]
No memos

Goed, die belangrik..., belangrike ding van uh, van uh, die uh predikant, uh, is dat hy moet 'n verbintenis hê tot gestuurdheid. Jy weet, uh, ek sê, [lees notas] hierdie transformasie van 'n gemeentekultuur, dis 'n lang proses, en die leraar se verbintenis tot die saak moet 'n bereidwilligheid toon om dit deur te voer. Um, ek het dit gesien in ons vennootskapsbyeenkoms. Daar's baie predikante wat gedink het, jy weet, hierdie is [klap twee keer met die vingers] 'n konferensietjie, en dan hierna is dinge nou afgehandel. Ek het dit regtig gesien. Weet jy, daai gemeentes sal in hulle lewe nie 'n kultuurskuif maak nie. Uhhh, dis 'n lángtermyn verbintenis wat jy moet maak, want jy't hier te doen met 'n kultúúrverandering.

P23: LR_23.docx - 23:32 [Dan dink ek nóg 'n belangrike ..] (105:105) (Super)
Codes: [02 Taal/Roeping: Woordbediening ter ondersteuning van gestuurdheid - Family: Leraar Rol]
No memos

Dan dink ek nóg 'n belangrike funksie van hom, hy, dis 'n Woordverkondiging ter ondersteuning daarvan, jy weet, van hierdie hele gemeentereis. Sy ondersteuning is belangrik aan gemeentelike én aan individuele gestuurde aksies. En ek dink tot 'n mate het julle dit baie goed gedoen, Gert. Ek, uhh, ek dink julle het, jy weet, julle het die mense, julle het dinge raakgesien, julle het hulle betrek, julle het hulle selfs hulle stories laat deel met met almal, jy weet. Sulke goed, maar dit is belangrike goed.

© University of Pretoria

P23: LR_23.docx - 23:33 [En dan dink ek – en dis nou 'n..] (106:112) (Super)
Codes: [05 Dissipelskap: Help lidmate eie gawes ontdek ten einde 'n bydrae te maak tot gestuurdheid - Family: Leraar Rol]
No memos

En dan dink ek – en dis nou 'n laaste puntjie wat ek hier geskrywe het – dat die leraar moet lidmate help om hulle gáwes te ontdek, uhh, sodat hy 'n bydrae tot gestuurdheid kan maak. Jy weet, as hy nie, as hy dít nie het nie... En nou kan jy sien hoekom sê ek, jy weet, 'n ou kan die klem maklik op verkeerde goed laat val. Uh, maar as, jy moet kom eintlik, die predikant moet eintlik hulle lei ook tot 'n mate. Op watter manier is nie altyd maklik nie, maar jy weet, ons het dit in die selgroepe gedoen toe ons oor gawes gepraat het. En en dáár ontdek mense, weet jy wat, ek is eintlik 'n ou wat nogal, ek het nogal 'n oog vir nood. Ek het nogal 'n, uh, 'n gevoel jy weet vir vir die ekologie. Of vir wát ook al. Uh, want binne ál daai, as hy dít, en dán kan hy dit koppel aan sy gestuurde roeping. Maar hy moet eers sy eie gawes kry, hy, hy moét dit verstaan, hy moet verstaan waar kan hy 'n bydrae maak en waar nie. Jy weet, ek, dis vir my, ek ek weet, as hulle my vra, maar help hier, dan sal ek reguit sê, weet jy, ek gat ek gaan 'n meeloper wees. Ek gat nie 'n kontribusie maak nie. Maar by hiérdie? Ja, ek kan hier 'n bydrae maak. Maar dit vat tyd voordat jy daar uitkom.
En volwassenheid. Dit vat volwassenheid.
Ja, dis 'n moeilike ding. Dis 'n... So, ek sê, [lees notas] álle lidmate beskik oor die een of ander gawe of opleiding waarmee hulle in die gróter konteks van gestuurdheid kan bedien. En dís ook 'n begrip wat 'n ou moet moet, jy weet, daar's 'n gróter begrip van gestuurdheid. Want gestuurdheid is eintlik maar net uh uhh onderafdeling van die groter begrip van die kerk het 'n roéping daar buite. Jy weet, ek praat nou nou... Ek vat nou die voorbeeld oor die ekologie, jy weet. Die kerk het 'n roéping teenoor die ekologie daar buite. Maar jy kan nie die woord gestuurdheid regtig gebruik om dít bymekaar te bring nie. Dis hoekom ek sê, daai woordeskat is so moeilik. Jy weet, uhh, mense mense moet, die fokus moet eerder daarop wees lat, in plek van gestuurdheid, dat die kerk het 'n bepaalde roeping in die wêreld. Waarvan gestuurdheid, soos wat ons hom nou eintlik hier gedefinieer het, eintlik net één element is. Hoor jy wat ek sê?
Ja.
Ja.
***Okay*. So ek sal amper, ek sal amper dink binne die vennootskap is gestuurdheid en roeping in 'n sekere sin wisselterme.**
Ek... Hoe langer jy daarmee saamleef, maar vir vir die lidmaat wat hier sit, as jy hom gaan vra oor gestuurdheid, dan gaan hy sê dis om te gaan help by Jabulani. Jy weet, terwyl dit eintlik gaan dat die kerk het, hy't nog 'n gróter roeping as net Woordbediening. Hy't 'n gróter roeping as net die nood van Jabulani en ander sulke gemeenskappe. Hy't 'n groter roeping, hy't 'n groter verantwoordelikheid teenoor die manier waarop die aarde se hulpbronne bestuur word. En so meer. En so meer. So, dis wééreens daai woordeskat-gedeelte wat ek van praat, Gert.

P23: LR_23.docx - 23:34 [En ek dink, as ek nou moet sê,..] (118:118) (Super)
Codes: [6 Meer praktiese voetsoolbenadering tot die bediening - Family: Leraar Transformasie]
No memos

En ek dink, as ek nou moet sê, as ek na jou éie opset kyk, dan dink ek, jy weet, ek het die gevoel gekry dat jy't 'n meer praktiese uh voetsoolbenadering begin tot die

© University of Pretoria

bediening kry. Wat wat daar, dit was miskien voorheen daar, ek dink nie, maar dit was dalk sluimerend, maar ek hierdie het jou meer dít laat doen.

P23: LR_23.docx - 23:35 [Ek dink jy't 'n groter begrip ..] (118:118) (Super)
Codes: [6 Groter begrip vir die gemeenskap in beoordeling van kerk se roeping - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ek dink jy't 'n groter begrip ontwikkel vir die breër gemeenskap se posisie in die beoordeling van die kerk se roeping.

P23: LR_23.docx - 23:36 [Ek dink jy sélf het baie meer ..] (118:118) (Super)
Codes: [6 Meer sensitief vir behoeftes en nood - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ek dink jy sélf het baie meer sensitief geword vir behoeftes en vir nood.

P23: LR_23.docx - 23:37 [Ek dink jou houding teenoor ri..] (122:122) (Super)
Codes: [5 Houding teenoor risiko het verander - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ek dink jou houding teenoor risiko het verander. Ek dink jy sélf beweeg nou makliker oor grense. Waar voorheen was grense iets wat jy sou liewerster gewag het lat hulle aan jou deur kom klop, dan sou jy met hulle gepraat het, jy weet, en so.

P23: LR_23.docx - 23:38 [Ek dink ook, en ek hóór dit wa..] (122:122) (Super)
Codes: [6 Groter bewussyn vir God se oop deure - Family: Leraar Transformasie]
No memos

Ek dink ook, en ek hóór dit wanneer jy uh Sondae jou preek afsluit, is dat jy sélf is ook heeltyd op die uitkyk vir nuwe oop deure. Wanneer jy in kontak is met iemand, dan sê jy, is dit 'n toevallige kontak? Of is hier iets méér in? Ek dink, ek dink aanvanklik was dit, dis goed wat ek dink wat, wat ek sien by jou gegroei het.

P23: LR_23.docx - 23:39 [En dan dink ek die feit dat jy..] (122:122) (Super)
Codes: [9 Erns om suksesvolle gestuurde leier te wees - Family: Leraar Transformasie]
No memos

En dan dink ek die feit dat jy jou doktorale studie doen, jy weet, uh, sê vir my jy het regtig 'n erns om om 'n suksesvolle 'n gestuurde leier te te wees. Um, want dit dit dit verg baie tyd en dínk om om hierdie goed, en dis hoekom.

P23: LR_23.docx - 23:40 [Ek dink nie jy moes eintlik ie..] (123:124) (Super)
Codes: [Groter sensitiwiteit vir integrasie en balans tussen eksterne en interne fokus]
No memos

Ek dink nie jy moes eintlik iets nuuts aanleer nie. Ek dink party goed het jy dalk net moes meer opskerp, jy weet. En goed wat ek dink wat, uh wat 'n ou moet opskerp, is is is hoé jy beter integrasie van ál die aspekte van gestuurdheid in 'n gemeente kan kan bewerkstellig. Ek dink daar moet baie meer 'n sensitiwiteit wees vir balans. Um, sodat 'n ou nie naderhand gebrandmerk word as, hy's 'n gestúúrde leier. Jy weet [lag],

© University of Pretoria

terwyl jy vir baie mense ‘n geestelike leier moet wees. Jy weet, dit, as jy hoor ..., dis nou terug by daai balans-storie, maar daar, daar’s ‘n verskil. Okay. Um, ek dink, uh, ek dink jy het goed reggekry jou toleransie teenoor ouer mense wat nie kan skuif nie, jy weet. Dit was aanvanklik vir jou ‘n frustrasie. Ek dink nie dis meer ‘n groot issue nie. Die die mobilisering van kinders om gestuurdheid in die gemeente eintlik te laat groei en en en méér sigbaar te maak. Dit het julle, dink ek, is iets wat julle goed reggekry het en wat ‘n ou báie gróter kan benut. Ek sal nou-nou as ons *off-the-record* is, miskien iets daaroor wil nog sê. Jy weet, ek dink, um, vrees vir risikoneming, om dit te oorkom is iets wat uh uh is ‘n nuwe vaardigheid wat ‘n ou moet leer. Um, ek dink iets wat ‘n ou anders na moet kyk, is hoe hoe kyk ek nóú na die ou tradisionele kerkmodel, jy weet. Het dit, het het het het uh het ek dit nou half áfgeskryf, of ek het, het ek dit in ‘n ander perspektief begin sien? Want ek glo nie alles wat in die verlede was was altyd verkeerd nie. Ek dink ‘n ou, jy weet, dit is om die, om die régte goed daaruit te haal uh en om die verkeerde goed... Soos wat ons nou híér mee besig is. Jy weet, ons haal die verkeerde goed uit wat ons sien dit is besig om om ons op die verkeerde pad te bring as ons nét dit dryf. Of as ons net só maak.
En dan dink ek iets wat, uh, ‘n núwe vaardigheid wat ‘n mens móét ontwikkel, en wat jý ook dalk moet moet verder..., is is jy’t ‘n oog na die gemeenskap ontwikkel, met ander woorde jy het nou meer ‘n ‘n eksterne gesigspunt, as wat ‘n ou ‘n interne gemeente-fokus gehad het. Wééreens is dit waar ek sê, daar moet balans wees. Jy weet, hoe ver kyk ek net na buite. En, jy weet, jy kan maklik as jy te ver na buite kyk, kan jy um, kan jy die verkeerde etiket kry. Net soos wat as jy net na binne kyk, gaan jy in élk geval die verkeerde etiket hê, want dis nie waaroor dit net gaan nie.

P23: LR_23.docx - 23:41 [Maar ek dink wat wel na, vaard..] (125:125) (Super)
Codes: [41 Geloofsonderskeidende vaardighede - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Maar ek dink wat wel na, vaardighede is luistervaardighede, waarnemingsvaardighede en geloofsonderskeiding. Jy weet, om séker te maak lat ons is besig met die régte goed. Maar om daar buite te te hoor wat gaat aan, om die regte waarnemings te maak en dan dáái waarnemings te gaan toets en te sê, weet jy wat, is dit goed wat regtig op ons pad lê? Of is dit nou net ‘n *hobby-horse* wat ons gaan gaan lekker kan dryf, jy weet, of ‘n hoë profiel gee of wat ook al. Daai soort van... So, dis dis belangrike vaardighede, kern-kapasiteite.

P23: LR_23.docx - 23:42 [Kennis van bestaande kulture i..] (126:126) (Super)
Codes: [30 Kennis van en waardering vir bestaande kulture in jou gemeente - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Kennis van bestaande kulture in jou gemeente, jy weet, faksies, die vooroordele, politieke onderstrominge, al daai soort van goed. Dis ‘n kernvaardigheid vóórdat jy eers dit kan oorwéég om jou gemeente te vat op ‘n pad van van transformasie, jy weet, moet jy moet jy dit verstaan. Um, en nou wil ek jou nóg ‘n ding sê, is dat dit is hoekom ek ook sien, jy weet, ‘n ou moet [stilte] ‘n ou moet jou nie vasstaar en blindstaar aan aan die plek en die rol wat die ou mense in jou kerk het nie. Dis báie belangrik, want hulle is die mense wat die tyd het, ongelukkig, om jou te help, jóú hande sterker te maak sodat jy nie by álles moet betrokke wees nie. Húlle kan ou mense gaan besoek. En húlle kan sop uit... En húlle kan dít doen. En húlle kan dát doen. Want hulle het die týd daarvoor, jy weet. Máár hulle is verbý die die punt waar hulle vernuwend gaan

© University of Pretoria

dink oor hoe jou kerk lyk. Um, en ek dink dit was aanvánklik miskien vreemd om daai *overrider* in te sit van “met ‘n hart vir kinders”, maar op die uiteinde is dit waar ons toekoms gaan lê. Want dit moet ons...

P23: LR_23.docx - 23:43 [Okay, so, hy moet ‘n oorreding..] (127:127) (Super)
Codes: [21 Oorredings- en oortuigingsvermoë - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Okay, so, hy moet ‘n oorredings- en ‘n oortuigingsvermoë hê. Dis ‘n kernkapasiteit. Want hy moet lidmate kan oortuig dat – *okay*, hier het ek nou gesê – [lees notas] selfbelang en selfverryking, dit gaan hulle niks baat nie, jy weet. Dit help nie ons bou hier die die modelkerk met goue geplateerde mere en al daai nie. Jy móét kan uitbeweeg. En om uit te beweeg, gaan beteken dat hy uh, hy gaat nie regtig uh iets kan wys daarvoor oor die lang duur nie. Verál nie as sy motiewe nog suiwer is nie, want dan gaan hy die werk daar doen en dit afhandel, jy weet. Maar om om om om jou eie koninkrykie te bou, uhh, mense moet verstaan dis nie waaroor dit gaan nie. Hulle moet daarvan oortuig kan word.

P23: LR_23.docx - 23:44 [Hy moet kan riskiko’s neem.] (128:128) (Super)
Codes: [33 Moet kan risiko's neem - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Hy moet kan risiko’s neem.

P23: LR_23.docx - 23:45 [Hy moet kan leiding neem, en h..] (128:128) (Super)
Codes: [32 Entoesiastiese leierskap - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Hy moet kan leiding neem, en hy moet entoesiasties kan deelneem.

P23: LR_23.docx - 23:46 [Hy moet kan delegeer, dis nou ..] (128:128) (Super)
Codes: [42 Delegeer ten einde betrokkenheid te verkry - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Hy moet kan delegeer, dis nou gewone bestuursvaardighede. Maar hy verál delegeer om groter betrokkenheid by lidmate te kry.

P23: LR_23.docx - 23:47 [Hy moet opleiding in kern gees..] (128:128) (Super)
Codes: [42 Opleiding gee in geestelike dissiplines van gestuurdheid - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Hy moet opleiding in kern geestelike dissiplines van gestuurdheid gee deur preke selgroepe en so meer.

P23: LR_23.docx - 23:48 [Hy moet uitdagings stel. Hý’s ..] (128:128) (Super)
Codes: [31 Moet uitdagings stel - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Hy moet uitdagings stel. Hý’s die ene wat uitdagings moet stel aan die gemeente. En jy weet, rondom aksies, rondom fondse, rondom wat ook al.

© University of Pretoria

P23: LR_23.docx - 23:49 [Weereens, ek is terug by hy mo..] (128:128) (Super)
Codes: [35 Moet integrasie kan bewerkstellig - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Weereens, ek is terug by hy moet integrasie kan bewerkstellig. En hier't ek dit nou op 'n ander vlak, wat ek sê, tussen ander gemeentes, tussen ander kerkgroepe, tussen politieke partye, plaaslike owerhede. Want wanneer jy met gestuurdheid uhhh te doene het en te make het, en jy begin werklik uitbeweeg in die gemeenskap, dan gaan jou éie [KERKVERBAND] eintlik niks beteken nie. Daar's te veel ander goed wat wat saam met dit geïntegreer moet word.

P23: LR_23.docx - 23:50 [Um, hy moet grense kan oorstee..] (128:128) (Super)
Codes: [33 Moet kan grense oorsteek - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Um, hy moet grense kan oorsteek. Um, en dit is nie uh dit sit nie in elke ou se broek nie. (01:02:10) Ek dink dit is baie moeilik. En dáár moet hy gebruik maak van lidmate. Jy weet, wat die vermoë beskik om dit te doen, maar wat alreeds daar ís. Jy weet, ek vat nou soos in [NAAM] se geval, jy weet. Dit was vir ons eintlik baie makliker gewees om dáái grens oor te steek omdat sý dit so maklik oorsteek, omdat sy reeds daarby betrokke is. So jy hoef net aan te hak. So om grense oor te steek is 'n kernkapasiteit, maar dit is iets wat jy kan kan maklik doen as jy by die regte mense of groepe of wat ook al aanhaak.

P23: LR_23.docx - 23:51 ['n Kernkapasiteit is dat hy mo..] (129:129) (Super)
Codes: [30 Moet kultuur kan vestig - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

'n Kernkapasiteit is dat hy moet kultuur kan véstig. En dít bring my terug na daai wat ek nou-nou gesê het van, sý manier van leierskap gee, sý manier van strategies dink uh is anders, want hy moet 'n kultúúr kan vestig. Um, die [KERKVERBAND] het 'n kultuur wat gevestig is oor baie baie baie dekades. En nóú wil jy dit verander. En nou hóé vestig jy 'n nuwe kultuur? Dis, dis nie maklik nie.

P23: LR_23.docx - 23:52 [En dan die laaste een wat ek h..] (130:130) (Super)
Codes: [30 Moet kan innoveer - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

En dan die laaste een wat ek hier gesit het, hy moet kan innoveer. Jy weet, uh, uhh, [lees notas] hy moet 'n interpretasie kan maak van gemeenskap se behoeftes en nood en dan moet hy dit kan ómskakel soort van in 'n suksesvolle gestuurde aksie. So hy moet hy moet innoverend kan kan wees rondom sulke goed.

P23: LR_23.docx - 23:53 [Ja, wat 'n mens kan sê, van hi..] (135:138) (Super)
Codes: [30 Verskillende kapasiteite nodig vir verskillende fases van die reis - Family: Leraar Kernkapasiteite]
No memos

Ja, wat 'n mens kan sê, van hierdie wat jy nou genoem het, hiérdie drie sal ek dink jy begin daarby?

© University of Pretoria

Um, nee, ek dink, ek ek... Jis, dit gaan baie moeilik wees, Gert. Want ek dink in in verskillende fases van die reis, as ek dit so kan stel, het jy verskillende kernkapasiteite nodig.
Okay.
Jy weet, dit, jy hoef nie innoverend te wees wanneer jy begin nie. Jy moet eerder ‘n kennis hê van hoe lyk my gemeente? En waaruit is hulle saamgestel? Jy weet, jy moet eerder kan kan en en wanneer jy hierdie reis begin onderneem, dan moet jy regtig kan luister en kan waarneem en sien wat daar buite aan die gang is, jy weet. So ek dink nie ek sal um... Ek ek ek, ek dink nie jy kan sê, dié een is belangriker... Op verskillende fases gaan party goed belangriker wees as ander.

© University of Pretoria

© University of Pretoria

LITERATUURVERWYSINGS.

Ackerman, J 2010. *Bly in voeling. Geloofsgewoontes om God elke dag in jou lewe raak te sien.* Wellington: Bybelkor.

Armstrong, B 2008, September. 'Risking failure... Experimenting explained', *Partners in innovation, Vol 8, Issue 2.* Gelees 29 Augustus 2011, by http://www.church-innovations.org/05_news/pii_v8_i2/pii_v8_i2_armstrong.html.

Armstrong, B 2010, December. 'Discovering God's future by discovering our partners', *Partners in innovation, Vol 10, Issue 5*. Gelees 29 Augustus 2011, by http://www.churchinnovations.org/05_news/pii_v10_i5/pii_v10_i5_armstrong.html.

Armstrong, B 2008, December. 'Bridge communities built through real relationships and partnerships with community members', *Partners in innovation, Vol 8, Issue 3*. Gelees 29 Augustus 2011, by http://www.churchinnovations.org/05_news/pii_v8_i3/pii_v8_i3_armstrong.html.

Babbie, E & Mouton, J 2001. The practice of social research. Cape Town: Oxford

Balia, D & Kim, K (ed) 2010. *Witnessing to Christ today* (Edinburgh 2010 Volume II). Oxford: Regnum.

Barrett, L Y et al 2004. *Treasure in clay jars. Patterns in missional faithfulness.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

Bosch, D J 1991. *Transforming mission: paradigm shifts in theology of mission.* New York: Orbis Books.

Breen, M & Absalom, A 2010. *Launching missional communities. A field guide*. Kindle edn. Pawleys Island: 3DM.

Brouwer, R 2009. *Geloven in gemeenschap. Het verhaal van een Protestantse geloofgemeenschap.* Kampen: Kok.

Burger, C 1995. *Gemeentes in transito. Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd*. Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C 1998. *Gemeentes in die kragveld van die Gees. Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus*. Stellenbosch: Buvton.

Burger, C 2005. *Ontmoetings met die lewende God. Hoe God ons roep, nuut maak – en stuur*. Wellington: Bybelkor.

© University of Pretoria

Burgess, R G 1984. *In the field: an introduction to field research*. London: Unwin Hyman.

Calhoun, A A 2005. *Spiritual disciplines handbook. Practices that transforms us.* Illinois: IVP Books.

Cordier, G S, Fourie J H v S, & Oliver L 2011. *In voeling. Ses gewoontes vir 'n gestuurde gemeente*. Selgroepmateriaal vir die NGK Randfontein-Noord. 2de Kwartaal 2011. Randfontein.

Cray, G, Mobsby, I & Kennedy, A 2010. *New Monasticism as fresh expressions of church.* London: Canterbury Press.

Cray, G & Mobsby, I (eds.) 2012. *Fresh expressions and the kingdom of God*. London: Canterbury Press.

Dekker, W 2011. *Marginaal en missionair. Kleine theologie voor een krimpende kerk*. Zoetermeer: Boekencentrum.

Delport, C S L & Fouché, C B 2005. The place of theory and the literature review in the qualitative approach to research, in Fouché, C B et al 2005. *Research at grass roots: for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik

De Vos, A S 2005. Qualitive data analysis and interpretation, in Fouché, C B et al 2005. *Research at grass roots: for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik.

Dreyer, W A 2011. *Praktiese ekklesiologie en bedieningspraktyk. Met verwysing na die Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Afrika*. Ongepubliseerde proefskrif vir die graad PhD. Universiteit van Pretoria.

Easum, B 2007. *Formules vir die ontluikende kerk midde-in die storm* in Joubert, S (red), *Die perfekte storm*, 207-217. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Flett, J G 2010. *The witness of God: The Trinity, missio Dei, Karl Barth and the nature of Christian community*. Kindle edn. Grand Rapids: Eerdmans.

Foster, R 2008. *Celebration of discipline. The path to spiritual growth*. London: Hodder.

Foster, R 2000. *Prayer. Finding the heart's true home*. London: Hodder.

Fouché, C B et al 2005. *Research at grass roots: for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik

© University of Pretoria

Gibbs, E & Coffey, I 2001. *Church next. Quantum changes in Christian ministry*. Leicester: Inter-Varsity Press.

Gibbs, E 2005. *LeadershipNext. Changing leaders in a changing culture*. Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press

Gibbs, E & Bolger, R 2006. *Emerging Churches: Creating Christian Community in Post-modern Cultures.* Grand Rapids: Baker Academic

God praat – leef luisterryk. Vir begeleiers. 2006. Wellington: Bybelkor.

Gous, I 2012 Maart. *"Ge-Mente-Sake".* Notas geneem tydens Wes-Transvaal Predikante Konferensie te YFC Training Centre by Hekpoort, 19 Maart 2012.

Greeff, M 2005. Information collection: interviewing, in Fouché, C B et al 2005. *Research at grass roots: for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik

Guder, D L (ed) 1998. *Missional church. A vision for the sending of the church in North America*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

Hendriks, H J 2004. *Studying congregations in Africa*. Wellington: Lux Verbi.

Hendriks, H J 2009. Trauma and conflict as prerequisites for identity transformation – lessons from the South African Partnership for Missional Churches. *Nederduits-Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 50 (1&2) 109-119.

Heitink, G 2007. *Een kerk met karakter. Tijd voor heroriëntatie*. Kampen: Kok.

Hirsch, A 2006. *The forgotten ways. +Reactivating the missional church.* Michigan: BrazosPress.

Hirsch, A & D 2010. *Untamed. Reactivating a missional form of discipleship*. Grand Rapids: Baker Books.

Hirsch, A & Ferguson, D 2011. *On the verge. A journey into the apostolic future of the church.* Grand Rapids: Zondervan.

Hirsch, A & Catchim, T 2012. *The permanent revolution. Apostolic imagination and practise for the 21st century church*. San Francisco: Jossey-Bass.

Jamieson, A 2007. Ervare seevaarders in Joubert, S (red), *Die perfekte storm*, 113-128. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Joubert, S 2011. Die regte medisyne vir die pyne van kwynende kerke. *Rapport WEEKLIKS* 6 Februarie 2011, bl ii.

© University of Pretoria

Keifert, P. *Patric Keifert explains what we mean by "missional church*. Gekyk 28 Oktober 2011, by http://www.churchinnovations.org/02_missional/mc_main.html.

Keifert, P R 1992. *Welcoming the stranger. A public theology of worship and evangelism.* Minneapolis: Fortress Press.

Keifert, P 2007. *Ons is nou hier. 'n Nuwe era van gestuur-wees. 'n Missionale ontdekkingsreis.* Wellington: Bybel-Media.

Keifert, P 2009, December. 'PMC Southern Africa at 5 years!', *Partners in innovation, Vol 9, Issue 4*. Gelees 29 Augustus 2011, by http://www.church-innovations.org/05_news/pii_v9_i4/pii_v9_i4_keifert_pmc_s_africa.html.

Keifert, P 2012 Januarie. Ongepubliseerde notas geneem tydens 'n persoonlike onderhoud te Weltevreden Park op 28 Januarie 2012.

Kritzinger, J J 2000. *Navorsing in die Fakulteit Teologie. Riglyne vir voornemende studente.* Fakulteit Teologie, UP.

Lombaard, D 2007. *Die perfekte storm laat kolk ons troebel motiewe na die oppervlak* in Joubert, S (red), *Die perfekte storm*, 147-163. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Lundin, J 2010, June. 'Overview of the partnership for missional church process', *Partners in innovation, Vol 10, Issue 3*. Gelees 29 Augustus 2011, by http://www.churchinnovations.org/05_news/pii_v10_i3/pii_v10_i3_lundin.html.

Lincoln, YS. & Guba, EG. (1985). *Naturalistic Inquiry*. Newbury Park, CA. Sage Publications.

Marais, J F 2007. *Gemeente-Ontwikkeling en die leierskapskrisis in die kerk. Redes waarom gemeentetransformasie misluk en wat ek kan doen om `'n gevestigde gemeente voor te berei vir `'n nuwe tyd en transformasie.* Ongepubliseerde artikel. NEK Konferensie Stellenberg, 28 Augustus 2007

Marais, J F 2007b. *God praat. Leef luisterryk. Vir vergaderings. Handleiding vir gemeenteleiers op soek na God se agenda vir gemeentes*. Wellington: Bybelkor.

Marais, J F 2009. *Four SAPMC convertions*. Ongepubliseerde notas. SAVGG Konferensie Helderberg Somerset-Wes, 9-11 November 2009.

© University of Pretoria

Marais, J F 2009 Januarie. *Kenosis – die gesindheid van self-ontlediging van gestuurdes*. SAVGG. 'n Reisgids vir Gestuurde Leierskap, 20-23. Stellenbosch: Communitas.

Marais, J F 2010. Luisterryke gemeentes. Handleiding vir gemeenteleiers om 'n luisterkultuur in gemeentes te ontwikkel. Ongepubliseerde werk. Stellenbosch: Communitas

Marais, J F 2010 Januarie. *Die vorming van 'n gestuurde kultuur vir Randfontein-Noord*. Ongepubliseerde werk. Leiersindaba 23,24 Januarie 2010. Randfontein.

Marais, J F. *Padlangs met gemeentes. Gemeentekultuur unpact*. Gelees 5 Oktober 2011 op webbladsy: http://www.communitas.co.za/padlangs.

McLaren, B D 2006. *The secret message of Jesus. Uncovering the truth that could change everything.* Nashville: W Publishing Group.

Mead, L B 1996. *Five Challenges for the once and future church*. New York: The Alban Institute.

Miller, B 2007, March. 'PMC from 50,000 feet', *Partners in innovation, Vol 7, Issue 3*. Gelees 29 Aug 2011, by http://www.churchinnovations.org/05_news/pii_v7_i1/pii_v7_i1_pmc.html.

Mouton, D W 2009. *To plunge or not to plunge – when congregations cross their boundaries.* Ongepubliseerde notas. SAVGG Konferensie Heldelberg Somerset-Wes, 9-11 November 2009.

Mouton, J 2009. *How to succeed in your Master's & Doctoral Studies*. 13th Impression. Pretoria: Van Schaik.

Martoia, R 2007. *Sweefstokleierskap* in Joubert, S (red), *Die perfekte storm*, 99-110. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Nederduitse Gereformeerde Kerk 2011. Agenda van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 2011.

Nel, M J 2009. *To read the Bible as a people called and send*. Ongepubliseerde notas. SAVGG Konferensie Helderberg Somerset-Wes, 9-11 November 2009.

Nel, M J 2011 Junie. Leef anders. *Kruisgewys* 11/2, 8-9.

Nicol, W 2007. *God praat. Leef luisterryk. Vir stiltetyd*. Wellington: Bybelkor.

© University of Pretoria

Niemandt, Nelus 2007a. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede. Geloofsgemeenskappe in pas met 'n postmoderne wêreld*. Wellington: Lux Verbi.BM.

Niemandt, N 2007b. *Sal die kerk van die toekoms vandag se wêreld oorleef?* in Joubert, S (red), *Die perfekte storm*, 47-62. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Niemandt, C J P 2009. 'John Calvin and the church in a time of transition', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Sep./Des. 50 nrs. 3-4 2009, p.620-633.

Niemandt, C J P 2010a. '*5 Years of missional church', Missionalia, 38 (2), p*.97-413.

Niemandt, C J P 2010b. 'Kontoere in die ontwikkeling van 'n missionêre ekklesiologie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk – 'n omvangryker vierde golf', *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Sep./Nov. 51(3-4).

Niemandt, C J P 2010c. 'Acts for today's missional church', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 66(1), 2010, Art #336. DOI: 10.4102/hts.v66i1.336.

Niemandt, C J P 2012. *Missional leadership –entering the trialogue. Missionale leierskap – in trialoog*. Intreerede as hoof van die departement Godsdiens- en Sendingwetenskap, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria. Gelees 20 Junie 2012, by http://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/18785/nniemandt_paper_2012.pdf?sequence=1.

Niemandt, C.J.P., 2012b. 'Trends in missional ecclesiology', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 68(1), Art. #1198, 9 pages. http://dx.doi.org/10.4102/hts.v68i1.1198

Niemandt, Nelus 2013. *Nuwe leiers vir nuwe werklikhede. Insigte wat nodig is om die nuwe uitdagings in die kerk en die lewe te hanteer*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Partnership for missional church. Gelees 29 Aug 2011, by http://www.church-innovations.org/01_services/pmc.html.

PMC in the words of its practitioners. 2010, June. *Partners in innovation, Vol 10, Issue 3*. Gelees 29 Augustus 2011, by http://www.churchinnovations.org/05_news/pii_v10_i3/pii_v10_i3_pmc_quotes.html.

Reinhold, B. *What is missional church. A brief introduction*. Gelees 29 Augustus 2011, by http://www.churchinnovations.org/02_missional/mc_intro.html.

© University of Pretoria

Robinson, A B 2008. Changing the conversation. A third way for congregations. Grand Rapids: Eerdmans.

Roxburgh, A J 2005. *The sky is falling!? Leaders lost in transition*. Eagle, Idaho: ACI Publishing.

Roxburgh, A J & Romanuk, F 2006. *The missional leader. Equipping your church to reach a changing world*. San Francisco: Jossey-Bass.

Roxburgh, A J & Boren, M S 2009. *Introducing the missional church. What it is, why it matters, how to become one*. Grand Rapids: Baker Books.

Roxburgh, A J, 2010. *Missional map-making. Skills for leading in times of transition*. San Francisco: Jossey-Bass.

Roxburgh, A J, 2011. *Missional. Joining God in the neighbourhood*. Grand Rapids: Baker Books.

SAVGG Konsultantehandleiding. 2008. 2e Uitg. Stellenbosch: Communitas.

SAVGG Gemeentereisgids vir hul reis van geloofsonderskeiding. 2008. 2e Uitg. Stellenbosch. Communitas.

SAVGG 'n Reisgids vir Gestuurde Leierskap. 2009. Stellenbosch: Communitas.

Scharmer, C O 2000. *Presencing: Learning from the future as it emerges*. Paper presented at the Conference on Knowledge and Innovation, May 25-26, 2000, Helsinki School of Economics, Finland, and the MIT Sloan School of Management, OSG, October 20th, 2000. Gelees 15 Mei, by http://www.otto-scharmer.com/docs/articles/2000_Presencing.pdf.

Scharmer, C O 2003 April. *The blind spot of leadership. Presencing as a Social Technology of Freedom.* Hablitation Thesis. Gelees 15 Mei 2012, by http://www.ottoscharmer.com/docs/articles/2003_TheBlindSpot.pdf.

Scharmer, C O 2009. *Theory U. Leading form the Future as it Emerges*. San Francisco: Berrett-Koehler Publishers.

Scharmer, C O n.d. *Adressing the blind spot of our time. An executive summary of the new book by Otto Scharmer Theory U: Leading from the future as it emerges*. Gelees 15 Mei 2012, by http://www.presencing.com/sites/default/files/page-files/Theory_U_Exec_Summary.pdf.

Scharmer, C O 2010 September. *The blind spot of institutional leadership: how to create deep innovation through moving from egosystem to ecosystem awareness.* Paper prepared for World Economic Forum Annual Meeting of the

© University of Pretoria

New Champions 2010 Tianjin, People's Republic of China, 13-15 September. (Revised Sept 19, 2010). Gelees 15 Mei 2012, by http://www.otto-scharmer.com/docs/articles/2010_DeepInnovation_Tianjin.pdf.

Scharmer C O 2011 November. *Leading from the emerging future. Minds for change – future of global development.* Ceremony to mark the 50th aniversary of the BMZ Federal Ministry for Economic Cooperation and Development. November 13, 2011, Berlin. Gelees 15 Mei 2012, by http://www.ottoscharmer.com/docs/articles/2011_BMZ_Forum_Scharmer.pdf.

Shenk, W R 1998. *Leslie Newbigin's Contribution to the Theology of Mission*. TransMission, Special Edition, 1998: 3-6. Gelees 22 Nov 2010, by http://www.newbigin.net/general/biography.cfm.

Smit, A (red) 1995. *Nuut gedink oor leierskap in gemeentes*. Kaapstad: Lux Verbi.

Smit, D 2000. *Son van geregtigheid*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Swart, J 2007,June. 'What is missional church?', *Partners in Innovation*, *Vol ,7 Issue 2.* Gelees 29 Augustus 2011, by http://www.churchinnovations.org/05_news/pii_v7_i2/pii_v7_i2_swart.html.

Swart, J 2007, September. 'Discovering partners on the journey of spiritual discernment. The first year in the partnership for missional church', *Partners in innovation, Vol 7, Issue 3.* Gelees 29 Aug 2011, by http://www.church-innovations.org/05_news/pii_v7_i3/pii_v7_i3_swart.html.

Swart, J 2007, December. 'Experimenting on the journey of spiritual discernment. The second year in the partnership for missional church', *Partners in innovation, Vol 7, Issue 4.* Gelees 29 Aug 2011, by http://www.churchinnovations.org/05_news/pii_v7_i4/pii_v7_i4_swart.html.

Sweet, L I 2004. *Summoned to lead*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Sweet, L 2007. *Bestorm die perfekte storm* in Joubert, S (red), Die perfekte storm, 17-44. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Sweet, L 2010. *Nudge. Awakening each other to the God who's already there*. Colorado Springs: David C Cook.

Sweet, L 2012. *I am a follower. The way, truth, and life of following Jesus*. Nashville: Thomas Nelson.

Swinton, J & Mowat, H 2006. *Practical Theology and qualitative research*. London: SCM.

© University of Pretoria

The Archbishops' Council 2004. *Mission-shaped church. Church planting and fresh expressions of church in a changing context*. London: Church House Publishing.

Van Gelder, C 2007. *The ministry of the missional chruch: A community led by the Spirit.* Grand Rapids: Baker Books.

Van Gelder, C (ed) 2009. *The missional church and leadership formation. Helping congregations develop leadership capacity.* Grand Rapids: Eerdmans.

Van Gelder, C & Zscheile, D J 2011. *The missional church in perspective. Mapping trends and shaping the conversation.* Grand Rapids: Baker Academic.

Van Kooten J & Barrett L 2004. *Missional Authority* in Barrett L Y (ed), *Treasure in clay jars. Patterns in missional faithfulness*, 139-148. Grand Rapids: Eerdmans.

Van Niekerk, M 2012 Maart. *Neuroplastisiteit.* Notas geneem tydens Wes-Transvaal Prekikante Konferensie te YFC Training Centre by Hekpoort, 20 Maart 2012.

Van Saane, J 2012. *Geloofwaardig leiderschap*. Zoetermeer: Meinema.

Van Wyk, C 2009. Verstaan jy wat jy lees? in *SAVGG 'n Reisgids vir Gestuurde Leierskap,* 7-15. Stellenbosch: Communitas.

Van Wyk, C, Marais F & Simpson, N 2009. *Die vrou by die put. Stap saam met Jesus oor grense.* Wellington: Bybelkor.

Van Wyk, C, Marais F & Simpson, N 2011. *Barnabas. 'n Nuwe manier van leef.* Wellington: Bybelkor.

Van Wyk, C 2011 Junie. Die aanleer van geloofsgewoontes. *Kruisgewys* 11/2, 3.

Venter, L J 2010. *Dans met Triniteit. Missio Dei: 'n Nuwe Ekklesiologies-hermeneutiese raamwerk vir die NG kerk in Parow.* Ongepubliseerde proefskif. Universiteit van Stellenbosch.

Venter, L 2011 Junie. Barnabas, Scharmer en geestelike leierskap in die 21ste eeu. *Kruisgewys* 11/2, 4-6.

Venter, L & Hendriks, H J 2012. *Geloofsonderskeiding – Moontlikhede van 'n interdissiplinêre reis.* Ongepubliseerde artikel. Communitas: Stellenbosch.

Volf, M 1998. *After our likeness. The church as the image of the Trinity*. Grand Rapids: Eerdmans.

© University of Pretoria

World Council of Churches (WCC). 2012, September. *Together towards life: mission and evangelism in changing contexts*. Gelees 15 Nov 2013 by http://www.oikoumene.org/en/resources/documents/wcc-commissions/mission-and-evangelism/together-towards-life-mission-and-evangelism-in-changing-landscapes?set_language=en.

Wright, N T 2011. *Simply Jesus. A new vision of who He was, what He did, and why He matters.* New York: HarperOne.

© University of Pretoria